# LEWE NA APARTHEID: LIDMATE SE NARRATIEWE VANUIT 'N LONGITUDINALE PASTORALE BETROKKENHEID

**deur**

**Leon Michael Foot**

**Voorgelê ter vervulling van die graad**

**Philosophiae Doctor**

**in die**

**Fakulteit Teologie: Departement Praktiese Teologie**

**aan die**

**Universiteit van die Vrystaat**

**Bloemfontein**

**Promotor: Prof Jan-Albert van den Berg**

**Januarie 2013**

**Verklaring**

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Philosophiae Doctor aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit / fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

**Leon Michael Foot**
**20 April 2013**

## Verklaring

Die finansiële ondersteuning van die *National Research Foundation* aan hierdie navorsing word hiermee erken. Die opinies uitgespreek hierin asook die gevolgtrekkings is dié van die outeur en nie noodwendig dié van die *National Research Foundation* nie.

## Opmerking

Die gedrukte en elektroniese weergawes van hierdie navorsingsverslag verskil van mekaar. In die gedrukte weergawe is die transkripsies van die gesprekke met die mede-navorsers (Bylae 1 – 15) en hulle skriftelike reaksies (Bylae 16 – 18) slegs in elektroniese formaat op ’n CD aangeheg. Dit beteken dat Bylae 19 – 22 direk na die Bibliografie aan die orde kom. Die Bibliografie se bladsynommers eindig op p387 en Bylaag 19 begin dan op p388. In totaal is daar dus 399 bladsye.

Die elektroniese weergawe lyk anders omdat die Bylae 1 – 18 nou as deel van die teks aangebied word. Die inhoud van die navorsingsverslag bly dieselfde, maar die bladsynommers word dramaties beïnvloed. Waar Bylaag 19 in die gedrukte weergawe direk na die Bibliografie gevolg het op p388, is dit nou Bylaag 1 – 18 wat op die Bibliografie volg. Hierdie Bylae beslaan 327 bladsye. Bylaag 19 in die elektroniese weergawe begin dus eers op p715. Die inhoudsopgawe van die elektroniese weergawe is aangepas om die impak van hierdie addisionele bladsye te weerspieël. In totaal het die elektroniese weergawe is dus 726 bladsye.

## Voorwoord

> *The South African dream is no quiet idyll. We have to dream with our eyes wide open on the roller-coaster ride… So sit tight and fasten your safety belts. But whatever you do, don't close your eyes. The Loop-de-Loop and the Big Dipper on this particular ride may be hair-raising, but they'll also be the most memorable moments. And they're the moments you'll recall when your grandchildren ask "What did you do during the struggle to create a better South Africa?"*
> *Hunt, J & Lascaris, R (1998:244).*

Soos die meeste van my tydgenote het ek nie veel gedoen in die tydperk vóór 1994 nie. Hierdie navorsing probeer opmaak daarvoor met die bede dat dit sal bydra tot 'n beter post-apartheid Suid-Afrika.

Longitudinale navorsing is *per se* 'n langtermynprojek. So lank dat mense – en soms ek ook – begin wonder het of dit ooit sou klaarkry. Daarom is ek so dankbaar vir mense wat my enduit ondersteun en aangemoedig het. Sonder hulle sou dit nie gebeur het nie.

Die belangrikste van die ondersteuners is Sarie, my vrou van meer as dertig jaar. *Dankie dat jy in my glo en dat ek op jou kan steun. Dis meer werd as wat woorde kan sê. Dankie vir jou insigte wat op meer as een plek neerslag vind in die verslag.* Aan ons drie seuns wat ook seker al gewonder het of hulle pa ooit gaan klaarkry, wil ek sê: *Leer die les: Aanhouer wen.*

My ouers het oor jare geen moeite ontsien om vir my geleenthede te skep nie. *Dankie dat julle van kleinsaf vir my gehelp het om iets raak te sien wat ek dalk nie self sou raaksien nie.* Dis so jammer dat Pa nie meer hier is om die afhandeling van die projek mee te maak nie.

Donderdae het ek en my goeie vriend en oud-kollega ds. Wim Fourie koffie gedrink en die vordering (al dan nie) van die projek bespreek. Hy het uitgevra en geluister, en soms voorstelle gemaak. *Dankie Wim, vir jou weeklikse aanmoediging. Jy is vir my 'n voorbeeld en inspirasie.*

Hierdie navorsing het aanvanklik begin onder die leiding van prof. Dirk Kotzé van die Instituut vir Terapeutiese Ontwikkeling in Pretoria. *Dankie Dirk, vir jou aandeel in my vorming en vir die afskop van hierdie projek.*

Die opvolgnavorsing en die dokumentering van die proses het geskied onder die bekwame leiding van prof. Jan-Albert van den Berg. *Dankie dat jy my onder hande geneem het en van my los gedagtes 'n proefskrif gevorm het. Die sukses hiervan is ewe veel joune as myne.*

Die grootste dankwoord moet gaan aan die anonieme mede-navorsers wat my vertrou het met hulle verhale. Aanvanklik in die groep, en later individueel, het hulle hul harte oopgemaak oor diep persoonlike sake. *Dankie vir julle vertroue en die hulp met my navorsing. Ek hoop dit was vir julle net so waardevol as vir my.*

Hierdie verhale is aanvanklik gedeel met 'n aantal mense wat kosbare insette gelewer het. Onder hulle tel twee Kweekskool-klasmaats, dr. Annes Nel en dr. Gideon Rossouw, my universiteitskamermaat Tinus Burger en my mede doktorale student ds. Johan Myburgh.

Tydens my navorsing was ek bevoorreg om my idees te kon deel in kritiese gesprekke met die volgende persone: Prof. Piet Meiring, prof. Piet Naudé, dr. Stiaan van der Merwe, dr. Lourens Erasmus. Ek herinner my ook 'n kosbare gesprek met wyle dr. Beyers Naudé. Onder my kollegas wil ek graag die naam van ds. Cassie Nel uitsonder. Voor sy dood het ons verskeie gesprekke oor my navorsing gevoer. Hy het ook 'n aantal van sy boeke tot my beskikking gestel.

Verskillende mense het gehelp met die transkripsies se vertaling en die tik daarvan.
Wat die opspoor van bronne aanbetref, was mev. Hesma van Tonder van die Vrystaatse Universiteitsbiblioteek van onskatbare waarde. Vir die taalversorging wil ek vir dr. Gideon van der Watt bedank. *Dankie Hesma. Dankie Gideon.*

'n Woord van dank aan die NG Gemeente Welkom-Suid vir die toestemming om die navorsing onder lidmate te kon doen. 'n Laaste dankie gaan aan die Vrystaat-sinode vir finansiële ondersteuning.

*Soli Deo Gloria*

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK 1**

**APARTHEID ONDER DIE LOEP GENEEM**

**('n Verhaal van aksie)**


| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **'n Apartheidsverhaal** | **1** |
| **2.** | **Inleidend** | **2** |
| **3.** | **Praktiese teologie** | **5** |
| 3.1 | Die deskriptiewe-empiriese taak | 8 |
| 3.2 | Die interpreterende taak | 9 |
| 3.3 | Die normatiewe taak | 10 |
| 3.4 | Die pragmatiese taak | 10 |
| **4.** | **Voorafgaande** | **11** |
| 4.1 | Die sosiale geheim onthul | 12 |
| 4.2 | Verskillende menings | 13 |
| 4.3 | Die uitdaging aan die kerk | 15 |
| **5.** | **Probleem-samehang** | **16** |
| **6.** | **Die (mede)-navorsers** | **17** |
| 6.1 | Aanvanklike navorsing | 20 |
| 6.2 | Opvolgnavorsing | 21 |
| 6.3 | Transkripsies | 22 |
| **7.** | **Intensie** | **24** |
| **8.** | **Verwagtinge** | **25** |
| **9.** | **Paradigma, epistemologie en metodologie** | **26** |
| 9.1 | Paradigma | 26 |

9.1.1 Die moderne era 28

9.1.2 Postmodernisme / postmoderniteit 29

9.1.3 My eie posisie 30

9.1.3.1 Subjektiewe integriteit 30

9.1.3.2 Beperktheid van taal 31

9.1.3.3 Misterie van verstaan 31

9.1.3.4 Betekenis van konteks 31

9.1.3.5 Dekonstruksie van tekste 32

9.2 Epistemologie 35

9.2.1 Sosiale konstruksie diskoers 36

9.2.2 Pastorale teorievorming 38

9.3 Metodologie 42

9.3.1 Literatuurstudie 42

9.3.2 Aanvanklike navorsing in 1998 46

9.3.3 Opvolgnavorsing in 2012 48

9.3.4 Die ABDCE-formule 49

9.3.4.1 Aksie (*action*) 50

9.3.4.2 Agtergrond (*background*) 50

9.3.4.3 Ontwikkeling (*development*) 51

9.3.4.4 Hoogtepunt (*climax*) 51

9.3.4.5 Einde (*ending*) 52

**10. Navorsingsbeperkings 53**

**11. Hoofstuk-uiteensetting 54**

**12. Samevatting 55**

**HOOFSTUK 2**

**DIE OORSPRONG VAN DIE APARTHEIDSVERHAAL**

**('n Verhaal ter agtergrond)**


| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Inleiding** | **57** |
| **2.** | **Die agtergrond en oorsprong van die beleid van apartheid** | **61** |
| 2.1 | Die voorlopers van die beleid van apartheid | 63 |
| 2.2 | Goeie bedoelings met die beleid van apartheid | 66 |
| 2.3 | Die ander kant van die munt | 68 |
| 2.4 | Agtergrond van 1998 se gesprekke | 72 |
| **3.** | **"Ek het nie meer 'n ouer nie"** | **74** |
| 3.1 | Onsekerheid | 74 |
| 3.1.1 | Wit armoede | 75 |
| 3.1.2 | Misdaad | 79 |
| 3.1.3 | Politiek | 80 |
| 3.1.4 | Dienslewering | 83 |
| 3.1.5 | Rassisme | 85 |
| 3.1.6 | Wit skuld | 88 |
| 3.1.7 | Regstellende aksie | 89 |
| 3.1.8 | Samevatting | 91 |
| 3.2 | Ontnugter | 91 |
| 3.3 | Opgewonde | 92 |
| 3.4 | Oneerlik | 93 |

**4. Die posisie van die kerk voor 1998 95**

4.1 "Die NP in gebed" 95

4.2 "Te abstrak en teoreties en daarom ook te onkrities" 100

4.3 "Sinode van versoening" 103

**5. Die posisie van die kerk sedert 1998 105**

5.1 Ou toekoms, nuwe toekoms 105

5.2 Uitdagings 106

**6. Weingarten se "Typology of Witnessing" 111**

**7. Die proses van verandering 113**

**8. Samevatting 118**

**HOOFSTUK 3**

**DIE VERHAAL OOR APARTHEID – VERLEDE TYD**

**('n Verhaal van ontwikkeling)**

**1. Inleiding 119**

**2. "Geblinddoek deur die lewe" 120**

**3. Die effek van apartheid 122**

3.1 "Twee wêrelde" 127

3.2 "Minder mens" 129

3.3 "Inkommers in apartheid" 133

3.3.1 Rassisme en emosies 134

3.3.2 Rassisme en mag 135

3.3.3 Rassisme en die instellings 136

3.3.4 Die uitwys van rassisme 136

3.4 Paternalisme 137

3.5 Groot en klein apartheid 142

**4. "Die belediging van apartheid" 144**

**5. Die onthullings voor die WVK 148**

**6. Reaksie op die onthullings 150**

6.1 "Dit is nie só nie" 150

6.2 "Die Rooi Gevaar" 154

6.3 "Ons is mislei" 159

6.4 "Dinge het tog verander" 161

6.5 "Iewers het dinge verskriklik verkeerd geloop" 163

**7. Die rol van die kerk in die tyd van apartheid 165**

7.1 "Die *backbone* van apartheid" 165

7.2 "Te lank stilgebly" 168

7.3 "Hulle begin darem seker nou Christene raak" 170

**8. 'n Herhaling van die patroon? 172**

**9. Samevatting 173**

**HOOFSTUK 4**

**DIE VERHAAL OOR APARTHEID – TEENSWOORDIGE TYD**

**('n Klimaks in die verhaal)**

**1. Inleiding 175**

**2. Die pad wat die perd geloop het 176**

**3. Metodologie 177**

**4. Herhalende temas 178**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Nogeens, die belediging van apartheid | 180 |
| 4.1.1 | “Apartheid het sin gemaak” | 180 |
| 4.1.2 | “Dis wetgewing se skuld” | 183 |
| 4.1.3 | “Dit was ’n fout” | 185 |
| 4.1.4 | “Dit was ’n fout, maar...” | 185 |
| 4.2 | “Steeds twee wêrelde” | 187 |
| 4.3 | “Ek is (nie) ’n rassis (nie), maar...” | 193 |
| 4.3.1 | Wat is rassisme? | 194 |
| 4.3.2 | Die onvermydelike van ras | 198 |
| 4.3.3 | Nie-rassisties en meer rassisties | 201 |
| 4.3.4 | Rassisme in remissie? | 209 |
| 4.4 | Skuld | 210 |
| 4.4.1 | Onbewuste werklikheid | 211 |
| 4.4.2 | Ontkenning | 213 |
| 4.4.3 | Erkenning | 216 |
| 4.4.4 | Belydenis | 219 |
| 4.4.5 | Skuld, vergifnis en versoening | 223 |
| 4.5 | Die Kerk | 226 |
| 4.5.1 | Die NG Kerk in apartheid Suid-Afrika | 228 |
| 4.5.2 | Die NG Kerk in post-apartheid Suid-Afrika | 231 |
| 4.5.3 | Die NG Kerk en kerkhereniging | 233 |
| 4.5.4 | Struikelblokke op die pad na kerkhereniging | 234 |
| 4.6 | Regstellende aksie | 235 |
| 4.7 | Die pad vorentoe | 243 |
| 4.7.1 | Gemaklik in ’n ongemaklike land | 244 |

4.7.2 Bekommerd oor die toekoms 245

4.7.3 Die rol van die kerk op pad na die toekoms 246

4.8 Nuwe Suid-Afrikaners? 248

4.9 Die jeug vir die toekoms? 250

**5. Samevatting 251**

**HOOFSTUK 5**

**DIE POST-APARTHEID VERHAAL?**

**('n Verhaal van 'n einde)**

**1. Inleiding 252**

1.1 Wat behels 'n "ending"? 253

1.2 Osmer se *ought*, en meer 254

1.3 Pastorale betrokkenheid 255

1.4 Die rit op die "*roller coaster of change*" 256

**2. Die rol van die WVK 258**

2.1 Die waarde van die WVK 259

2.2 Die tekorte van die WVK 261

2.3 Waar staan ons nou met die WVK? 262

2.4 Waarmee die WVK nie gehelp het nie 264

**3. Die hart van apartheid 266**

3.1 "*Senzeni na?*" 266

3.2 Hoe wittes apartheid (ge)sien (het) 266

3.3 Gesoek: 'n gemaklike paar mokassins 268

3.4 Aan die hand van die Evangelie 270

3.5 Die gevolge van ’n ontkenning 272

3.6 So moeilik om aan te beweeg? 273

**4. Nalatenskap van apartheid 274**

4.1 Steeds kwaad vir die Engelse, én die Boere 274

4.2 Om die vrugte te pluk 276

4.3 Om te erken jy het die vrugte gepluk 278

4.4 “Vreemdelinge, selfs vyande” 279

4.5 Wit 282

**5. Die pad van skuld en versoening 285**

5.1 Wat is versoening? 285

5.2 Die groot onwilligheid 287

5.3 “Nog baie voete oor” 288

**6. Die rol van die NG Kerk 289**

6.1 In die beskuldigdebank 289

6.2 Die kerk in ’n post-apartheid oorpak 290

6.3 Die kerk doen goed 292

6.4 Die kerk sukkel steeds 293

**7. Skulderkenning 294**

7.1 Vars stemme oor Belhar 297

7.2 Saam vorentoe 298

7.3 Lidmate en skuldbelydenis 298

**8. Versoening en vergifnis 300**

8.1 Versoening: Kerk as instituut moet voorbeeld stel 302

8.1.1 Eenheid in die NG Kerkfamilie 303

8.1.2 Begelei lidmate ten opsigte van die verlede 304

8.1.3 Begelei lidmate ten opsigte van die hede en die toekoms 305

8.2 Restitusie as deel van versoening 307

8.3 Regstellende aksie as restitusie in beginsel en praktyk 310

**9. Lewe na apartheid 314**

9.1 Die uitdaging aan die NG Kerk 314

9.2 *"Ga se lekhoa, ke motho"* 318

9.3 'n Kangaroe in die Vrystaat? 319

9.4 Hoop gesetel in volgende geslag 323

**10. "*Zaziwe*" 326**

**11. Samevatting 327**

**12. Oorsig oor die navorsing 327**

12.1 Terugskouend 328

12.2 Beperkings 329

12.3 Toekomstige temas 330

**Bibliografie 331**

**Bylae**

**1.** Gesprek 1: 30 Julie 1998 388

**2.** Gesprek 2: 13 Augustus 1998 409

**3.** Gesprek 3: 27 Augustus 1998 428

**4.** Gesprek 4: 10 September 1998 454

**5.** Gesprek 5: 6 Oktober 1998 474

**6.** Gesprek 6: 27 Oktober 1998 494

**7.** Gesprek 7: 4 November 1998 516

**8.** Gesprek 8: 19 November 1998 543

**9.** Gesprek 9: Opvolggesprek met Elsa en Frans 561

**10.** Gesprek 10: Opvolggesprek met Mike en Naomi 586

**11.** Gesprek 11: Opvolggesprek met Johan en Karin 600

**12.** Gesprek 12: Opvolggesprek met Hanlie 609

**13.** Gesprek 13: Opvolggesprek met Danie en Linda 629

**14.** Gesprek 14: Opvolggesprek met Isak 647

**15.** Gesprek 15: Opvolggesprek met George 661

**16.** Korrespondensie van Isak 681

**17.** Korrespondensie van Johan 698

**18.** Korrespondensie van Karin 705

**19.** Aanvanklike uitnodiging 715

**20.** Toestemming van mede-navorsers 717

**21.** Verkorte biografieë van mede-navorsers 718

**22.** Ingeligte toestemming (Fakulteit Teologie UV) 719

**Opsomming** **722**

**Abstract** **724**

**Kernwoorde / Key words** **726**

**HOOFSTUK 1**

**APARTHEID ONDER DIE LOEP GENEEM**

**('n Verhaal van aksie)**[1]

> *My verhaal, soos die van die meeste (alle?) mense in Suid-Afrika, is 'n apartheidsverhaal. Dit is 'n verhaal waaroor ek skaam kry, maar dit is ook 'n verhaal wat meer kompleks is as wat baie van my buitelandse luisteraars ingesien het.... Die verhaal van apartheid is 'n vernederende verhaal. Dit is 'n verhaal van* weet *en van* meerderwaardigheid *wat uiteindelik ge'backfire' het. Ons wat gedink het ons het die antwoorde en wat neergesien het op die res van die wêreld, moes uiteindelik voel hoe dit is om uitgekryt te word as die skuim van die aarde (Müller 2000a:20).*

## 1. 'n Apartheidsverhaal

Wit Afrikaners kan baie verhale oor hul onlangse geskiedenis vertel, maar as hulle eerlik wil wees moet hulle veral ook, soos Müller hierbo, 'n apartheidsverhaal vertel. Daar was uiteraard ook verhale oor die kerk[2] en kultuur, persoonlike verhale van liefde en barmhartigheid, maar in al die verhale was die beleid van apartheid die onontkombare, die alles-omvattende, alles-bepalende faktor in die lewe van alle mense in Suid-Afrika. Dit het – soos bykans geen ander saak nie – elke aspek van hul lewe geraak.

Hierdie verhaal van apartheid is soos die vele fasette van 'n goeie diamant. Om 'n diamant te kan waardeer, of selfs net te beskryf, vra dat dit van alle kante beskou moet word. Die lig moet eers van alle kante af op die diamant val voordat 'n oordeel gevel kan word. Om werklik eerlik met die verhaal van apartheid om te gaan, vra dat talle fasette gelyktydig onder oog gehou word sonder om een of twee uit te sonder, hetsy vir aanprysing óf kritiek. Ongelukkig val só 'n omvattende uitdaging buite die fokus van hierdie navorsing.

---

[1] Met verwysing na die eerste deel (*action*) van Müller, Van Deventer en Human (2001) se ABDCE-model.

[2] In hierdie navorsingsverslag word die term *kerk* gebruik om te verwys na die ekumeniese verstaan van die Christelike kerk as die totale liggaam van Christus soos wat dit sigbaar word in die lewens van individuele gelowiges. Die term *NG Kerk* of soms net *Kerk* (met 'n hoofletter) verwys na die Nederduitse Gereformeerde Kerk as denominasie.

## 2. Inleidend

In hierdie navorsingsverslag word die verhaal vertel van 'n aantal wit Afrikaans-sprekende Christene in Welkom in die Noord-Vrystaat, wat almal bande met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) het[3]. Veralgemenend beskou was die deelnemers aan hierdie navorsingsproses, wat ek graag mede-navorsers noem, die bevoordeeldes van apartheid en dikwels ook die voorstanders daarvan. Terselfdertyd was hulle ook mense wat vanuit 'n Christelike geloofsposisie geleef het met al die etiese elemente wat dit impliseer. Soos alle ander Suid-Afrikaners het hul lewe ook onherroeplik verander ná die 1994 verkiesing. Die bevoorregte posisie wat hierdie minderheidsgroep onder apartheid beklee het, het dramaties verander met die oorgang na ’n meerderheidsregering. Hierdie oorgang alleen was al moeilik, maar na die onthullings by die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) was dit vir my as wit pastor van ’n groot gemeente, wat nog altyd byna volledig bestaan het uit wit mense, duidelik dat hulle begeleiding nodig sou hê om hulle in hierdie oorgangtyd te help. Daarom is `hierdie groep beperk tot blankes`[4]`, omdat ons die mense is wat in die ou bedeling in 'n spesifieke bedeling gestaan het en nou in die nuwe bedeling moet vrede maak met ons eie verlede` [Albert 1-040][5].

Oor 'n tydperk van etlike maande word hierdie mense mede-navorsers (Epston 2004:3) in 'n projek oor hoe, gegewe hulle spesifieke verlede, wit Afrikaanse Christene leef in wat algemeen genoem is “die nuwe Suid-Afrika” (Beukes, Davies, Van der Kooy, & Van Wyk 1991; Silber 1991).

Die uitdrukking “wit Afrikaanse Christene” word nie as ’n outomatiese samevoeging gebruik, so asof die een term noodwendig die ander veronderstel nie. Daar sou geargumenteer kon word dat die begrip wel so gefunksioneer het in die tyd van apartheid. Wat waarskynlik begin het as ’n konvensie, het later ’n selfstandige konstruk

---

[3] Die navorsing fokus, soos die titel ook lui, op lidmate van die NG Kerk. Ek is egter van mening dat die temas wat aan die orde kom algemeen binne die wit Afrikaanse Christengemeenskap voorkom. Daarom word in hierdie navorsing ook uitvoerig aandag gegee aan die menings van ander wit Afrikaners.

[4] Die woord “blankes” word hier gebruik, omdat dit ’n aanhaling uit ’n gesprek is en die woord só in die gesprek gebruik is. Sien my verduideliking oor die gebruik van wit, swart, blank en so meer later in die teks.

[5] Die metode van verwysing na aanhalings uit die gesprekke word later in hierdie hoofstuk volledig bespreek.

geword waarin die een term nie los van die ander gebruik is nie. In hierdie navorsing word doelbewus op *wit* mense gefokus, omdat hulle tydens apartheid stemreg gehad het, op *Afrikaners* vanweë hulle besondere rol in die land se geskiedenis, en op *Christene* omdat die studie juis wil vra na die rol van die kerk en die lidmate van die kerk, en by name die NG Kerk. Die volgorde waarin die drie terme gebruik word, word dikwels afgewissel na gelang van die omstandighede. Daar is geen waarde-oordeel in die manier waarop dit gebruik word nie.

Die aanvanklike navorsing vind plaas in die tweede semester van 1998, in die tyd waarin die WVK se verslag gepubliseer word. Die opvolgnavorsing vind veertien jaar later plaas, aan die begin van 2012.

Die hele navorsingsverslag word gestruktureer aan die hand van Julian Müller se “apartheidsverhaal” soos hy dit in sy boek *Reis-geselskap* (2000a:20-22) vertel. Tydens 'n internasionale kongres vertel hy grepe uit sy eie lewensverhaal. Hy noem hierdie verhaal 'n “vernederende verhaal” en 'n “verhaal van *shame*”. Hy praat oor sy traagheid om nie gouer tot beter insigte te gekom het nie, en oor sy behoefte om te sê hy is jammer oor sy betrokkenheid by apartheid en sy teleurstelling met die NG Kerk.

Alhoewel ek die boek al jare gelede gelees het, was dit eers met 'n herlees tydens die opskryfproses van die navorsing dat die inhoud daarvan my diep getref het. Ek kon baie duidelike ooreenkomste sien tussen sy verhaal en myne en dié van my mede-navorsers. As hy in 1998 ’n lidmaat van die NG Gemeente Welkom-Suid was, kan ek nogal dink dat hy goed sou kon inpas by die res van die navorsingsgroep. Uiteraard kan nie almal praat van ’n “waterskeidingsmoment” (Müller 2000a:21) in hulle siening van apartheid nie en natuurlik het nie almal dieselfde ervarings gehad nie, en tog was daar wesentlike ooreenkomste wat die oog getref het. Sy worsteling oor sy bykans outomatiese baasskap oor sy swart maatjie, Daniël; die twyfel oor die regverdig-baarheid van die beleid van apartheid; sy teleurstelling in die NG Kerk oor die aanvanklike weiering om skuld oor apartheid te bely en sy persoonlike skuld, is alles aspekte wat ook in die groepsgesprekke na vore gekom het.

Müller se verhaal word in ’n bepaalde sin ’n onbedoelde eggo van die groep se verhale. Ek gebruik uittreksels uit sy verhaal om bepaalde hoofstukke en onderafdelings van die navorsingsverslag aan die orde te stel. Soms funksioneer dit aanvullend, soms kontrasterend.

Nie al die mede-navorsers sal saamstem met wat Müller sê en hoe hy hom daaroor uitdruk nie, en dit was ook nooit die bedoeling dat almal dieselfde moet dink of praat nie. Die navorsing was ook nie bedoel om 'n terapeutiese ingryp te wees nie, maar tog ook nie sonder terapeutiese waarde nie. Tydens die eerste groepsbyeenkoms stel ek dit so aan die mede-navorsers: Ek wil hê dat ons ...mekaar moet begelei om beter aan te pas, om 'n meer suksesvolle deelname aan die nuwe SA te kan hê [Albert 1-025]. Die deelnemers word eintlik mede-skrywers van die finale produk “and it is the recognition of this that can make therapy more of a collaborative learning program" (Steier 1991:170). Hierin sluit ek aan by Anderson en Goolishian (1988:381) as hulle die doel van terapie só verwoord:

> The goal of therapy is to participate in a conversation that continually loosens and opens up, rather than constricts and closes down. Through therapeutic conversations, fixed meanings and behaviours... are given room, broadened, shifted, and changed.

Die bedoeling was nooit dat die navorsing alleen maar moet uitloop in 'n verslag waarin daar dan waarde ontsluit word nie. Die aanvanklike deelnemers (mede-navorsers) moes reeds waarde put uit hulle deelname aan die proses (Müller, Van Deventer en Human 2001). Ek verduidelik dit in die eerste gesprek só aan die groep:

> ...as iemand 'n proefskrif skryf, in watter studierigting ook al, dan is die waarde waarvan gewoonlik eers na die tyd. Hy kry 'n klomp mense, hy stuur vraelyste uit, hy versamel inligting en evalueer dit en so meer. En dan publiseer hy 'n artikel of 'n proefskrif en die waarde kom eers na die tyd. Die mense met wie hy in die proses die pad geloop het, hulle het nie op daardie stadium die waarde daaruit gekry nie. En dit is wat hierdie groep anders maak. Dit is my verklaarde uitgangs-punt dat hier in hierdie groep iets moet gebeur. Dit moet vir die mense wat hier is aangenaam wees om hier te wees in die eerste plek, maar daar moet ook waarde wees om hier te wees. En ek hoop dit is wat gaan gebeur. Ek hoop werklik dat ons mekaar se hande kan vat en die pad kan makliker maak vorentoe [Albert 1-127].

Dit is my hoop dat die volgende woorde van Müller (2000a:20) ook vir ons as navorsers waar sou word: “Deur die verhaal te vertel aan simpatieke maar kritiese luisteraars, kon ek self 'n nuwe storie oor my apartheidsverlede vertel wat my toelaat om aan 'n beter toekoms te werk.” Die mate waarin dit met my en die mede-navorsers sou gebeur, sou eers jare later sigbaar word toe die aanvanklike navorsing opgevolg is deur 'n verdere studie met dieselfde groep mense. Hierin is die aanvanklike temas weer aan die orde gestel en is daar gesoek vir moontlike verandering in die posisies van die mede-navorsers.

## 3. Praktiese teologie

Suid-Afrika is tradisioneel bekend as 'n baie godsdienstige, en by name Christelike, land. Die laaste amptelike sensus[6] waarin vrae oor godsdiens gevra is, was in 2001. Tydens daardie sensus het slegs 15,1% van die bevolking aangedui dat hulle nie-godsdiens is (Statistics SA 2004:23). Hierteenoor het 75.5% hulleself tuis gevoel in een of ander Christelike kerk en onder wit mense was die syfer so hoog as 80,7% (Statistics SA 2004:24).

In die Vrystaat, waar hierdie navorsing onderneem is, is die persentasie Christene onder die algemene bevolking 89.6% en onder wit mense 'n volle 91% (Statistics SA 2005:25). Hieruit is dit duidelik dat godsdiens, en by name die Christelike godsdiens, 'n dominante faktor is om mee rekening te hou in hierdie navorsing. Van die kernsake van die Christelike geloof is die opdrag om ander mense soos jouself lief te hê (Matteus 22:39) en ook om aan ander te doen wat jy graag wil hê hulle aan jou moet doen (Matteus 7:12). Die onthullings wat by die WVK gemaak is, plaas onmiddellik hierdie uitgangspunte onder verdenking. Voor 1994 het slegs wit mense stemreg gehad waardeur hulle die politieke beleid van die land (help) bepaal het. Dit vraag kom nou onwillekeurig op oor hoe hierdie wit mense dan gedink het oor die diskriminerende beleid van apartheid in die lig van hulle godsdienstige belydenis.

Die navorsing word vanuit 'n prakties-teologiese uitgangspunt gedoen om juis die diskrepansie tussen belydenis en praktyk, tussen leer en lewe te ondersoek. In die navorsing maak ek gebruik van die insigte van talle akademici wat al hieroor geskryf het, maar ek kies doelbewus 'n drietal wat in die onlangse verlede nuwe insigte na die

[6] Die amptelike sensus in 2011 het geen vrae oor godsdiens bevat nie.

tafel gebring het. Ek verwys na Müller (2005), Osmer (2008) en Ganzevoort (2009). Müller se besondere bydrae ten opsigte van *postfoundationalism*[7] kom later volledig aan die orde, maar ek wil graag hier die bydraes van Osmer en Ganzevoort koppel aan 'n vroeëre bydrae van Müller (2000b).

Die navorsing gebruik Osmer (2008) se vier kerntake van die praktiese teologie, naamlik die deskriptief-empiriese taak, die interpretatiewe taak, die normatiewe taak en die pragmatiese taak as bril om na die problematiek van die navorsingsonderwerp te kyk. Ganzevoort (2009) se idee van teologie as “tracing the sacred” korreleer goed met aspekte van Osmer se vierdeling van praktiese teologie.

Verslagdoening oor die navorsing geskied aan die hand van die ABDCE-formule wat aanvanklik deur Lamott (1995) ontwikkel is vir die skryf van verhale. Die formule is deur Müller (2000b) en van sy kollegas verder ontwikkel (Müller, Van Deventer & Human 2001) as 'n teoretiese model vir die dokumentering van narratiewe navorsing. Die model self sal verderaan in hierdie hoofstuk meer uitvoerig beskryf en bespreek word. Op hierdie punt is dit belangrik om te wys op ooreenkomste tussen Osmer se vierdeling, Ganzevoort se “tracing the sacred” en dokumenteringsriglyne van Müller en sy kollegas. Dit is nie vreemd dat daar groot ooreenkomste tussen die modelle is nie aangesien elke navorser poog om op 'n eie manier dieselfde proses in die pastoraat te beskryf.

Ganzevoort (2009) neem sy vertrekpunt in die uitdrukking “hermeneutics of lived religion” wat vertaal word as die hermeneutiek van 'n geleefde godsdiens. Vir hom is dit 'n samevatting van waaroor die praktiese teologie gaan. Hy verduidelik dan die drie terme in sy vertrekpunt uitvoerig. Hy begin by die laaste deel van die konsep en gee eers aandag aan die woord *godsdiens*. Die woord godsdiens is sy voorkeur keuse bo geloof of spiritualiteit, omdat dit volgens hom 'n meer omvattende term is as die ander twee. Hy definieer godsdiens dan as “the transcending patterns of action and meaning embedded in and contributing to the relation with the sacred” (Ganzevoort 2009:3). Vir hom is dit belangrik om 'n uitdrukking soos “the sacred” te gebruik om so inklusief moontlik te wees in die omgewing waarin hy werk en beweeg. Vir hierdie navorsing word “the sacred” geïdentifiseer as God Drie-enig soos geopenbaar in die Bybel en in

[7] Daar is op hierdie tydstip nog geen algemeen aanvaarde Afrikaanse vertaling vir die term *postfoundational* nie. In hierdie dokument word dit in skuinsdruk gebruik om aan te dui dat dit ’n Engelse term is wat gebruik word.

die lewe van Jesus Christus van Nasaret en aan ons bevestig deur die werking van die Heilige Gees.

Ganzevoort (2009:4) definieer godsdiens verder deur die tweede term in sy beskrywing van praktiese teologie. Hy kies om te praat van 'n “lived” godsdiens. Dit sluit aan by die drie tipes materiaal waarmee teologie volgens hom werk. Die eerste noem hy “text” en daarmee bedoel hy die “textual sources of a religious tradition.” Hier probeer die teologie die teks verstaan in verhouding tot ander tekste, in verhouding tot God self en in terme van geleefde ervarings. Dit tweede tipe materiaal is die “idea” of “doctrinal structures” wat probeer om te verwoord wat ons van God kan sê of nie kan sê nie. Die derde tipe materiaal waarmee hy sê die teologie werk, is “praxis”, die handelinge of betekenisse wat aan die werk is in die manier waarop gelowiges leef, onderling op mekaar inwerk en met God omgaan.

Ganzevoort (2009:4) se derde sleutelterm in sy verstaan van praktiese teologie is hermeneutiek. Benewens die feit dat dit dui op die reëls van interpretasie in die algemeen, dui dit ook op die proses van menslike interpretasie, “thereby placing existential themes at the centre of investigation.” Hier beweeg praktiese teologie nader aan die sosiale wetenskappe. Vir die praktiese teologie beteken dit dat die lewe geïnterpreteer word deur 'n eindelose reeks gesprekke waarin ons betekenis konstrueer. As praktiese teologie hermeneuties kyk, dan is die doel om die geleefde godsdiens te verstaan “from its own characteristics and in light of its own understandings and intrinsic normativity” (Ganzevoort 2009:5). Die manier waarop hy dit verstaan, noem hy “tracing the sacred.”

Ganzevoort (2009:5) onderskei vier betekenisse van die woord “tracing” wat elkeen 'n ander aspek beklemtoon en wat hy elke keer met 'n ander woord beskryf. Hy begin met 'n antieke betekenis van “tracing”, naamlik “travelling” – om oor 'n sekere terrein te beweeg. Die tweede betekenis is “following”, wat dui op die volg van 'n stel voetspore van iemand of iets anders. Die derde betekenis is 'n meer metafories verstaan van die woord in die sin om iets in *detail* te bestudeer. “Tracing” het dus daarmee te make om kennis te rekonstrueer en te ontwikkel. Die laaste betekenis van “tracing” het volgens hom te make met tekening of na-tekening in die sin van iets te skep of te modelleer na aanleiding van 'n eksterne werklikheid. Hiervoor gebruik hy die beskrywende woord “sketching.”

In die lig van Osmer (2008) se beskrywing van praktiese teologie, wil hierdie navorsing graag aansluit by Ganzevoort se eerste betekenis van die woord “tracing” wat hy vind in die woord “travelling” of “transversing”. Ganzevoort gaan dan voort om praktiese teologie te beskryf as swerwende geleerdheid “which resembles more the roaming through a forest of explorers who enjoy the scenery.” Hiermee bedoel hy dat die versameling van kennis nie bloot kumulatief is nie, maar meer dikwels sirkulêr. “We revisit places we have seen before and repeat old questions to consider old and new answers.” Vir die ingeligte leser sal dit duidelik wees dat hierdie aspek ooreenkomste toon met wat Osmer (2008:4) noem die “descriptive-empirical task.”

### 3.1 Die deskriptiewe-empiriese taak

Osmer (2008:4) beskryf sy “descriptive-empirical task” as “Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts.” Verderaan in sy boek (2008:36) beskryf hy dit as die soeke na die antwoord op die vraag: “What is going on?” Praktiese teologie moet eers seker maak dat die aard en omvang van die probleem goed verstaan word alvorens oplossings gesoek kan word. Hierdie strewe na verstaan vind plaas deur middel van gesprekvoering.

Die primêre wyse waarop 'n gespreksruimte geskep word en 'n dialogiese proses gefasiliteer word, is deur terapeutiese vraagstelling. Vir Anderson en Goolishian (1992:28) beteken dit 'n “not-knowing” benadering. Hiermee benadruk hulle die feit dat elke persoon die kenner van sy of haar eie lewe is. Die “not-knowing” terapeut neem 'n houding in van egte nuuskierigheid. Die terapeut se houding verwoord (of ver-beeld) 'n behoefte om meer te weet van wat gesê word, eerder as om voorafopgestelde opinies en verwagtinge oor die kliënt of die probleem of die oplossing aan te bied.

Dit is duidelik dat hierdie konsep misverstaan word deur sommige skrywers. Janse van Rensburg (2000:69) gee toe dat die “not-knowing” benadering fokus op die behoorlike verstaan van die probleem en tog is sy hele betoog en afwysing van hierdie benadering nie hierop gebou nie, maar op 'n denkbeeldige “not-knowing” benadering ten opsigte van die etiese hantering van probleemsituasies. Dit kan help om volledig te luister na hoe Anderson en Goolishian (1992:28) self hulle aanpak beskryf: “the therapist exercises an expertise in asking question from a position of ‘not-knowing’ rather than asking questions that are informed by method and that demands specific answers.”

Ander skrywers stel dieselfde standpunt in ander woorde. Ganzevoort (2009:6) sluit aan by Josuttis (1996) wat die bediening beskryf as “guidance in the hidden and forbidden zone of the sacred” en dan sê hy: “The guide is not an omniscient narrator, but a fellow traveller.” Gerkin (1997:113) gebruik die konsep van 'n “interpretive guide” om die werk van die pastor te beskryf. Van die vier pastorale funksies naamlik “healing, guiding, sustaining, and reconciling” (Gerkin 1997:114) meen hy dat 'n “substantially altered” vorm van “guiding” die oorheersende rol gaan speel in die afsienbare toekoms. Die rol van die pastor as gids sal al hoe meer fokus op ondersoek en dialoog tussen die storie van die Christelike gemeenskap en die storie van die individu.

In die navorsingsverslag sal hierdie taak tuiskom en beskryf word onder die *action* aspek van Müller, Van Deventer en Human (2001) se ABDCE-model. Hierdie eerste hoofstuk word juis gewy aan die opmerking van Lamott (1995:62) waarby hulle aansluit: “You begin with action that is compelling enough to draw us in, make us want to know more.” In hierdie navorsing is daardie aksie die dramatiese verandering in politieke bedeling na 1994 en die daaropvolgende onthullings voor die WVK.

### 3.2 Die interpreterende taak

Osmer (2008:4) beskryf die tweede taak as die “interpretive task.” Die bedoeling van hierdie taak is om so goed as moontlik te probeer verstaan waarom 'n spesifieke insident plaasgevind het of waarom 'n situasie of konteks ontstaan het en / of in stand gehou word. Vir my korreleer dit met Ganzevoort (2009:6) se “studying in detail.” Die fokus van sy *detail*-studie is die bewyse of oorblyfsels van die sakrale, terwyl Osmer (2008:4) se fokus meer is op die effek wat hierdie sakrale (of die afwesigheid daarvan) het in die lewe van mense. Hy beskryf sy interpreterende taak as “Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring” (Osmer 2008:4).

Die interpreterende taak sluit aan by die ABDCE-model se tweede punt, naamlik *background*. Lamott (1995:62) sê: “Background is where you let us see and know who these people are, how they’ve come to be together, what was going on before the opening of the story.” In hierdie verslag word die *background* gewy aan die ontstaan en funksionering van apartheid en die agtergrond vanuit die pastorale teologie waarteen die lewens van hierdie wit Afrikaners afspeel.

### 3.3 Die normatiewe taak

Die normatiewe taak verwoord die soeke na 'n etiese riglyn vir die respons op dít wat in die vorige twee take ontdek en beskryf is. In sy eie woorde: “Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our responses, and learning from ‘good practice’” (Osmer 2008:4).

As Ganzevoort (2009:6) “tracing” as “following” beskryf, dan gebruik hy die woord “discipleship” en hy haal Paulus se woorde uit Filippense 3 aan waar hy sê dat hy besef dat hy nog nie alles al bereik het nie, maar dat hy hom inspan en uitstrek om dit te kan bereik. Dis hier waar die gelowige “tries to grasp what God had intended” (Ganzevoort 2009:6). By beide skrywers gaan dit dus oor die soeke na die etiese, 'n soeke na 'n beter, meer Bybelsverantwoorde manier van lewe in 'n spesifieke situasie.

In hierdie navorsingsverslag fokus die *development* aspek van die ABDCE-model op die ondersoek na die praktyk van wit Afrikaners se lewe voor die groot omwenteling in 1994. Soos Lamott (1995:62) sê: “Then you develop these people, so that we learn what they care most about. The plot – the drama, the actions, the tensions – will grow out of that.”

### 3.4 Die pragmatiese taak

Osmer (2008:4) se pragmatiese taak “Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the ‘talk back’ emerging when they are enacted” kom ooreen met Ganzevoort (2009:6) se “tracing” as “sketching.” Hy beskryf dit as “envisioning and developing a world in which we can live faithfully.” Hierdeur sê Ganzevoort in sy eie woorde dieselfde as Osmer, naamlik dat praktiese teologie ook die taak het om die wêreld te ontwikkel.

Müller, Van Deventer en Human (2001:86) se *climax* sluit aan by die pragmatiese taak. Hulle gebruik weer die woorde van Lamott (1995:62) wat die klimaks beskryf as 'n gebeure “after which things are different for the main characters...”. In hierdie navorsingsverslag korreleer dit met die longitudinale opvolg waarin gekyk sal word of enigiets verander het.

In terme van die ABDCE-model wat gekies is as struktuur vir die neerskryf van hierdie navorsingsverslag, sal die res van hierdie eerste hoofstuk besig wees met die aksie *(action)* deel van die model, dit wil sê met vrae oor wat in die huidige oomblik, die *nou* gebeur ten opsigte van die fokus van die navorsing. Met *huidige oomblik* word natuurlik bedoel die tyd van die aanvanklike navorsing, naamlik 1998. Wat gebeur wat so meeslepend is dat dit “make us want to know more” (Lamott 1995:62)? Hierdie vraag word aangespreek in die volgende afdeling onder die opskrif *Voorafgaande*.

Voordat daartoe oorgegaan kan word, moet nog net eers duidelik gemaak word wat verder in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word. In aansluiting by die *action*-vraag na die *nou,* kyk ek in die *probleemsamehang* na my persoonlike belangstelling by die onderwerp teen die agtergrond van 'n bepaalde ervaring wat ek in die NG Kerk gehad het. Hierna word die *(mede)-navorsers* voorgestel, gevolg deur 'n verduideliking van die *intensie* en *verwagtinge* van die navorsing. Die grootste deel van hoofstuk word gewy aan die *paradigma, epistemologie* en *metodologie*. Die hoofstuk sluit af met 'n bespreking van die *beperkings* van die studie en 'n beskrywing van wat in die *verdere hoofstukke* verwag kan word.

## 4. Voorafgaande

In 1994 het die lewe in Suid-Afrika dramaties verander. Na ’n bewind van meer as vyf dekades het die Nasionale Party (NP) bewind en die amptelike beleid bekend as apartheid, formeel tot ’n einde gekom met die eerste volle demokratiese verkiesing in Suid-Afrika. Op 27 April 1994, vir die eerste keer in die meer as 300 jaar sedert die begin van Europese kolonisasie, het lede van alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika die geleentheid gehad om te stem vir die party van sy of haar keuse. Die sogenaamde *nuwe Suid-Afrika* is gebore. Enige *nuwe* begin laat egter iets van die *oue* agter.

Die *ou* Suid-Afrika mag dalk dood wees, maar die verlede word nie wegwens nie; die vergrype bly spook, die geraamtes val steeds uit die kas. In die res van hierdie afdeling sal aangetoon word hoe die WVK-proses die laaste geheime van apartheid onthul het, hoe verskillende mense verskillende standpunte gehuldig het oor die toekoms van die nuwe Suid-Afrika en laastens die uitdagings aan die kerk.

## 4.1 Die sosiale geheim onthul

Reeds ten tye van die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994, skyf Armstrong (1994:32) dat gemeenskappe die verlede verskillend hanteer, maar dat niemand dit kan ignoreer nie. As mense of groepe die verlede nog wou ignoreer, was dit na die proses van die WVK beslis nie meer moontlik nie.

By die WVK was daar onthullings wat koue rillings langs mense se kollektiewe rûe af gestuur het. Vir baie Suid-Afrikaners was dit bloot die openbare proklamering van iets wat deel van hulle lewe was (Krog 1998a:45). Vir ander, veral vir die wit gemeenskap, was dit ŉ groot skok. Verhale van moorde, marteling, ontvoering en ander menseregte-vergrype is vertel (Asmal, Asmal & Roberts 1997; Krog 1998a; Meiring 1999a; James & Van de Vijver 2000). In die hoofartikel van *Die Kerkbode* van 19 Desember 1997 (Gaum 1997c:4) verwoord die redakteur waarskynlik die tipiese reaksie van die wit Afrikaner as hy, met verwysing na die gruverhale, lidmate aanhaal wat sê dat hulle nooit geweet het van, en nooit gestem het vir só 'n beleid nie.

Die “brutale werklikheid” (Campbell 1998:14) van die onthullings van mense wat in diens van die vorige regering was (De Kock & Gordin 1998), het daagliks die kokon van ontkenning verder oopgebreek. Die aanvanklike selfversekerdheid het oorgegaan in ontkenning, maar ook dit moes plek maak vir ontnugtering en ongeloof. Die sosiale geheim (Imber-Black 1993; Mason 1993) van apartheid is wreed in die openbaar uitgestal (Pauw 1997). 'n Sosiale geheim word gedefinieer as dit waarvan geweet is, of vermoed is, maar nooit oor gepraat is nie. In families of gesinne verwys dit dikwels na sosiaal onaanvaarbare optrede of gedrag, soos drankmisbruik, gesinsgeweld of bloedskande. Dit kan ook verwys na sake wat sommige as minder ernstig sal beskou, soos iemand wat sy of haar werk verloor. Wanneer sodanige geheim dan uiteindelik geopenbaar word, gaan dit gewoonlik met baie trauma gepaard.

Al gebruik Imber-Black (1993) en Mason (1993) nooit die uitdrukking *sosiale geheim van apartheid* as sodanig nie, was die onthullende verhale wat een na die ander voor die WVK vertel is, vir baie mense soos 'n sosiale geheim wat skielik aan die hele wêreld ontbloot word. Al te dikwels was dit wit Afrikaners wat as die skuldiges uitgewys is. Skielik kon die donker kant van apartheid nie meer ontken word nie

Die wit gemeenskap wat jare lank die voordeel van apartheid gesmaak het, is ontnugter. Vrae soos “was ons werklik deel hiervan?” en later “hoe leef ons nou verder in die nuwe Suid-Afrika, gegewe ons spesifieke geskiedenis?”, het in alledaagse gesprekke en tydens huisbesoeke na vore gekom en het uiteindelik aanleiding gegee tot hierdie navorsing. Krog (1998a) vat hierdie dilemma goed saam as sy haar boek opdra “aan elke slagoffer wat ’n Afrikaner van op haar lippe gehad het.”

In haar boek *Country of my skull* haal sy 'n anonieme brief, in Afrikaans, gerig aan die WVK aan wat dit goed opsom:

> Dan huil ek vir dit wat gebeur het, al kan ek niks daaraan verander nie. Dan soek ek in my binneste om te verstaan hoe is dit moontlik dat niemand eenvoudig geweet het nie, hoe is dit moontlik dat so min iets daaraan gedoen het, hoe is dit moontlik dat ek ook maar baie keer net toegekyk het. Dan wonder ek hoe is dit moontlik om met daardie skuld en skande van die binnekant te lewe... (Krog 1998a:46).

### 4.2 Verskillende menings

Baie menings oor die lewe in die sogenaamde nuwe Suid-Afrika is reeds in die tyd vóór die demokratiese oorgang gepubliseer. Vanuit verskillende gesigspunte is daar gekyk na die problematiek van die land ná die demokratiese oorgang. Ter wille van ’n oorsig noem ek net enkeles – in geen spesifieke volgorde nie.

Die teoloog Klaus Nürenberger (1994) kyk na die taak van die kerk in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Sy vertrekpunt is “that it is part of the church’s mission to address economic issues” (Nürenberger 1994:119). Hy identifiseer veertien ekonomiese knelpunte wat volgens hom net soveel aandag vra as die politieke probleme. Dit sluit onder andere in: “a relative poor economy, vast imbalances in income, wealth and infrastructure, rural poverty, dependence on migrant labour and chaotic urbanisation” (Nürenberger 1994:121-131). Sy oplossings vir hierdie probleme lê daarin dat die kerk waagmoed aan die dag moet lê in die aanspreek van die uitdagings (Nürenberger 1994:137-142).

Sosioloë het ook vanuit hulle perspektief geskryf oor die lewe in die nuwe Suid-Afrika. Mungazi (1989) pas Thomas Kuhn se teorie van die struktuur van wetenskaplike

revolusies toe op die bevrydingstryd in Suid-Afrika en Mangaliso (1994) skryf oor post-onafhanklikheid konflik en die huidige konflik-dinamika in Suid-Afrika.

Die politici het ook hulle eie idees voorgelê oor hoe die toekoms moet lyk. Adam en Moodley (1993) voer gesprekke met prominente Suid-Afrikaners en skryf dan oor "what is likely to happen in the near future." Naidoo (1991) bring 'n aantal swart skrywers bymekaar wat skryf oor sake soos die ekonomie, arbeid en veral ook die politiek. Direk na die historiese verkiesing in 1994 het hierdie stroom idees nie opgehou nie.

Freedman (1995) beskryf profetiese scenario's oor die moontlike toekoms in sy boek "Quest for blue skies – South Africa in 2004" terwyl ander (Friedman & Atkinson 1994; Murray 1994) se hoop vir die toekoms gebou word op die vreedsame aard van die verkiesing wat hulle heeltemal oorweldig het. Een kwessie word egter nie aangespreek nie.

Te midde van al hierdie publikasies is daar in die tyd voor die aanvanklike navorsing bitter min geskryf oor die wit Afrikaner. Net meer as 'n dekade later sou Davies (2009:Flapteks) steeds dieselfde skryf: "Much has been written about the African National Congress, its support base and alliance partners in the post-apartheid era, but Afrikaner politics and identity remain underexplored."[8] Die dominante diskoers van die tyd voor 1998 het gefokus op die verbetering van die lewens van swart mense. Tog was die wit Afrikaner juis belangrik in die post-apartheid Suid-Afrika. As groep het hulle 'n baie spesifieke geskiedenis; hulle was die bedrywers van apartheid, die ondersteuners of ten minste dan die bevoordeeldes van apartheid. Ek kies doelbewus vir die uitdrukking *bedrywers van apartheid* om die Engelse *perpetrators of apartheid* mee te vertaal, eerder as 'n konsep soos daders. Iemand wat iets bedryf is met baie meer besig as bloot met die pleeg van sekere dade. 'n Bedrywer is ook besig met die onderliggende filosofie van dit wat bedryf word. In die lig van die debat tydens die sesde gesprek [6-052 tot 6-100] oor die onderskeid tussen die dade van apartheid en die onderliggende uitgangspunte, is dit meer omskrywend om eerder van bedrywers as daders te praat.

[8] In die jare tussen die twee rondtes navorsing het daar wel 'n aantal boeke verskyn wat spesifiek fokus op die Afrikaner. Hier kan verwys word na die boek van Botha (2008) en die twee van Giliomee (2004 en 2012).

Wetend of onwetend het wit Afrikaners die ellende van miljoene veroorsaak, en die dood van baie (Coleman 1998). Wit Afrikaners kan hulle rol in die “ou” Suid-Afrika nie ontken of ongedaan maak nie. In dieselfde asem moet ook erken word dat hierdie groep 'n belangrike rol het om te speel in die sukses van die nuwe Suid-Afrika. Dit verklaar die destydse president Nelson Mandela se uitnodiging "for the full participation of the DRC and the Afrikaner community in the reconstruction of a just and democratic society" (Villa-Vicencio & Niehaus 1995:8).

Die voorsitter van die WVK, aartsbiskop Desmond Tutu, luister na die voorlegging van die Vryheidsfront wat praat “vanuit die perspektief van die etniese Afrikaners wat hulleself nie kan... losmaak van hulle verlede nie” (Viljoen 1997) en maak dan hierdie opmerking oor die noodsaak van versoening: "Reconciliation is a national project. Every South African who loves this country must know that this is something to which they must be committed, for which they must work" (Tutu 1997).

Sedert die aanvanklike navorsing is daar heelwat geskryf wat relevant is vir hierdie studie. Hierdie nuwer bronne word verderaan bespreek in die afdeling oor die literatuurstudie.

### 4.3 Die uitdaging aan die kerk

Wat waar is van die breë gemeenskap, is soveel te meer waar van die kerk as die gemeenskap wat God se genade sigbaar maak. Hoe kan wit Christene hulle swart broers en susters in Christus in die oë kyk op die pad wat hulle saam loop in die nuwe Suid-Afrika? Dreyer (1996:183) sê tereg dis die uitdaging van die kerk om haar lidmate die geleentheid te gee om nuwe identiteite en nuwe rolle te definieer in die nuwe bedeling. Meiring (1998:21), wat lid van die WVK was, sluit hierby aan as hy van die NG Kerk vra om genesing te bewerk deur die hou van mini-WVK’s waar mense hulle stories kan kom vertel. Die skep van nuwe rolle en die definiëring van nuwe identiteite kom egter nie oornag nie, en waar dit nog gepaard gaan met erkenning van die benadeling van ander in die verlede, is dit 'n groot prys om te betaal waarvoor nie almal kans sien nie.

Baie wit Suid-Afrikaners verkies reeds jare lank om eerder die land te verlaat om sodoende die aanpassing in die nuwe situasie vry te spring (*Rapport* 1997:23). Só

byvoorbeeld toon die Australiese sensus van 2011 dat daar reeds byna 146 000 Suid-Afrikaners in Australië woon, ongeveer 0,7% van die bevolking (Van der Westhuizen 2012). Die meerderheid wit Afrikaners kan egter nie, of wil nie die land verlaat nie. Hulle sal hierdie land moet láát werk, wat dit ook al vra. Alan Paton (1979:vii) rig jare gelede reeds 'n waarskuwing in hierdie verband: "the hard fact must be faced that the cause of black liberation and the cause of Afrikaner survival are often incompatible". As ons hierdie land wil laat werk sal ons dit wat oënskynlik "incompatible" is, moet versoen. Die voormalige president, Nelson Mandela (Mandela 1995:188), het destyds reeds die hoop uitgespreek dat deur gesprek en onderhandeling die wit Afrikaner en die swart mense van hierdie land mekaar sal vind.

## 5. Probleem-samehang

Almal wat na 1948 in Suid-Afrika gebore is, het niks anders geken as die beleid van apartheid nie. Toe hulle gebore is, was apartheid alreeds daar. Tydens een van die groepsgesprekke vertel ek van my eie ontmoeting met die verhaal van apartheid:

> Ek onthou kleintyd het ons altyd na my ouma toe gestap. Sy het aan die anderkant van die treinspoor gewoon... Soos jy oor die brug gestap het, het jy afgekyk na Ghandi se winkel, en langs hom was 'n groot motorhuis se muur, en op die muur het daar net sulke groot rooi letters gestaan 'BAN APARTHEID'. Dit was seker hier iewers in die middel-60's, daar rond, en dit is die eerste wat ek van apartheid gehoor het [Albert 1-692].

Ek onthou dat ek in my grootwordjare gedroom het daaroor dat ons as wittes eendag sou wakker word en dan is alle wit mense swart en alle swart mense wit. Al het ek dit dalk nie 'n naam gegee nie, was die besef van 'n ongelykheid en 'n onregverdigheid altyd teenwoordig. En tog was daar by wit mense klaarblyklik geen dringende behoefte om hulle aandeel of skuld aan apartheid te bely nie.

Ek onthou ook die konflik in die gemeente oor die skuldbelydenis van professor Willie Jonker by die kerkeberaad in Rustenburg in 1991. Onder leiding van 'n voormalige kollega het die kerkraad met 'n meerderheid van stemme die volgende besluit geneem:

“Die Kerkraad van die NG Gemeente Welkom-Suid distansieer hom ten volle van die skuldbelydenis wat dr. Willie Jonker namens die NG Kerk en die Afrikaner gedoen het dat apartheid in al sy vorme as sonde voor God verklaar word” (Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid 1991). 'n Aantal kerkraadslede het uit protes hulle teenstemme laat notuleer. Vier maande later is revisie toegestaan ten opsigte van die besluit en is 'n aantal ander besluite geneem. In die eerste van die nuwe besluite besluit die kerkraad “om hom te distansieer van die onkerkordelike optrede van Prof Willie Jonker toe hy tydens die Rustenburg-beraad 'n skuldbelydenis namens die NG Kerk en die Afrikaner gedoen het” (Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid 1991). 'n Verdere besluit is ook bygevoeg waarin die kerkraad “besluit om 'n beroep op lidmate te doen om hulle te vereenselwig met die skuldbelydenis wat vervat is in Kerk en Samelewing en om in die lig daarvan ook persoonlike skuldbelydenis voor God te doen” (Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid 1991). Ek weet nie wat die persoonlike reaksie van al die lidmate hierop was nie, maar ek kan my nie herinner aan enige gebed in my teenwoordigheid waar 'n lidmaat of kerkraadslid skuld oor apartheid bely het nie. Die onthullings by die WVK sou waarskynlik hierdie situasie verander.

Die gebeure van 1994 het iets van my droom waargemaak. Alle mense se velkleure was nog soos voorheen, maar die gesagsrolle het heeltemal verander. Die bekende het plek gemaak vir die onbekende. Ek het gewonder hoe wit mense[9] in die sogenaamde “nuwe” Suid-Afrika sou leef, veral na die onthullings by die WVK. Ek het verder gereken dat indien ek daaroor wonder, daar waarskynlik ook ander sou wees wat wonder hoe hulle lewe in die toekoms sou wees. Hierdie vrae was “compelling enough to draw us in” (Lamott 1995:62). Dit was hierdie vrae wat die “*this* now” (Lamott 1995:48) van die aksie-fase gevorm het en waaruit die navorsing ontstaan het.

## 6. Die (mede)-navorsers

Soos reeds hierbo vermeld, in my mede-navorsers almal wit Afrikaans-sprekende Christene wat almal bande met die NG Kerk het. Daarby kom almal uit Welkom in die Noord-Vrystaat. Dit is gepas om hier eers iets meer oor Welkom self te sê.

---

[9] Ek kies vir die gebruik van *wit mense* in plaas van *witmense* (ook so met *swart mense* en *swartmense*) om daarmee aan te dui dat die kollektief *mense* is met twee onderafdelings, eerder as twee onderskeie selfstandige groepe.

Die stad Welkom is die breinkind van sir Ernest Oppenheimer van *Anglo American* (Froise 2004:73). Hierdie naam is later verander na *AngloGold* en tans staan hulle bekend as *AngloGold Ashanti*. Met die ontdekking van goud in die Noord-Vrystaat in die 1940's is besluit om 'n nuwe dorp aan te lê vanwaar die goudmyn-aktiwiteite bedryf sou word. Op 15 April 1947 gee die Provinsiale Raad toestemming vir die totstand-koming van die dorp (Fleischer 1968:21).

Welkom is een van net 'n handjievol dorpe wêreldwyd wat eers op papier uitgelê is voordat dit gebou is. Die stadsbeplanner William Backhouse benut die oorvloed ruimte op die vlaktes van die Noord-Vrystaat en ontwerp 'n model-stad: "His vision was to build an open city that would avoid congestion" (Sparks 2003:242). Van daar Welkom se magdom beroemde verkeersirkels.

In dieselfde tyd dat die dorp aangelê word, sink *Anglo American* aanvanklik vyf mynskagte, wat kort daarna deur nog vyf opgevolg is en toe 'n verdere drie. In sy Kersboodskap in 1950 – die jaar toe die eerste skagte in produksie kom – noem Oppenheimer hierdie groot ontwikkeling "probably the biggest single enterprise in the history of our country" (Fleischer 1968:12). Die noodsaak vir so baie skagte is duidelik as in gedagte gehou word dat die goud wat hier ontdek is, ses en 'n half onse per ton erts beloop het. In metrieke mate is dit meer as 204 gram per metrieke ton. Dit was eenhonderd keer ryker as die beste resultate van die Witwatersrand (Sparks 2003:241). Die aantal skagte sou in die daaropvolgende dekades nog dramaties vermeerder, sodat Welkom in die 1970's ongeveer 35% van Suid-Afrika se goud geproduseer het (Sparks 2003:243).

Hierdie rykdom het ook neerslag gevind in die salarisse van die wit mynwerkers wat gemiddeld tussen R8000 en R9000 per maand verdien het in 'n tyd toe die rand 40% meer werd was as die VSA dollar (Sparks 2003:242). Die salaris van die gemiddelde swart werker hierteenoor was 'n skamele R35 per maand (Sparks 2003:243).

Ongelukkig het die Vrystaatse Goudvelde, en daarmee saam Welkom, se verhaal nie 'n onbelemmerde positiewe verloop nie. In 1992 het *AngloGold,* wat toe die wêreld se grootste goudprodusent was, 22 diep-vlak skagte in Welkom bedryf. Nege jaar later het hy vyf oorgehad. Sy 122 000 werknemers het verminder na 17 000 (Sparks 2003:239). Volgens die amptelike sensus was daar in 1996 ongeveer 123 000 mense werksaam in die mynbedryf in die Vrystaat, en teen 2001 slegs 44 000 (Statistics SA 2005:74).

Welkom se beste dae was verby en die effek is op alle vlakke gevoel: “Even some churches have closed” (Sparks 2003:239).

In 2003 skryf Sparks (2003:246) “Welkom’s golden age... is over and it is entering a new and much tougher economic phase...”. Dit is in hierdie tyd dat Marjorie Froise Welkom kies om haar navorsing oor Christenskap in Suid-Afrika te doen: “The City of Welkom is neither heavily urbanised nor rural and it is felt that Welkom represents a microcosm of the country of South Africa and that the research findings reflect a cross-section of the values of most South Africans” (Froise 2004:72). As Welkom dan ’n mikrokosmos van Suid-Afrika is, is dit juis ’n ideale plek om hierdie navorsing te doen.

As een van die leraars van die NG Gemeente Welkom-Suid, het ek in 1998 'n oop uitnodiging in die gemeenteblad geplaas waarin alle belangstellendes uitgenooi is om deel te word van 'n gespreksgroep oor apartheid en die lewe in die “nuwe” Suid-Afrika. 'n Afskrif van hierdie uitnodiging is ingesluit in hierdie verslag as Bylaag 19. Ek het ook 'n aantal persone in die gemeente persoonlik genader om hulle uit te nooi na die gespreksgeleenthede. Dertien persone het vir die gesprekke opgedaag. In hierdie navorsingsverslag verwys ek op verskillende maniere na hierdie mense, soms as (lede van) die groep, ander kere as deelnemers (Ebersöhn, Eloff & Ferreira 2007:8) en hoofsaaklik as mede-navorsers (Mouton 2001:63) soos die gebruik in 'n sosiaal-konstruksie benadering is. Hierdie terme word as wisselterme gebruik en geeneen het 'n waarde-voorrang bo die ander nie.

Die aanvanklike groep mede-navorsers het mans en vrouens ingesluit. In ouderdom het hulle gewissel van 37 tot 85 jaar. Die gemiddelde ouderdom was 49 jaar en die mediaanwaarde was 48 jaar. Daar was vier egpare in die groep asook twee wewenaars en een geskeide persoon. Wat beroepe aanbetref was daar – in geen spesifieke orde nie – ’n huisvrou, ’n aantal maatskaplike werkers, ’n aantal persone in die onderwys, drie uit 'n tegniese beroepsveld, ’n pensioenaris en ’n verpleegkundige. Elke deelnemer het ’n toestemmingsbrief geteken waarin toestemming gegee is dat die gesprekke opgeneem en getranskribeer mag word en vir navorsing gebruik mag word. ’n Voorbeeld van hierdie brief is as Bylaag 20 aangeheg. Beperkte biografiese inligting van elke deelnemer verskyn in Bylaag 21 sonder om hulle identiteite bekend te maak.

In 2011, toe hierdie navorsing reeds op ’n gevorderde stadium was, het die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat ’n riglyn

daargestel ten opsigte van ingeligte toestemming van deelnemers aan navorsings-projekte. Hierdie dokument is as Bylaag 22 aangeheg. Die dokument het te laat gekom vir gebruik in hierdie navorsing. Ek is egter oortuig daarvan dat Bylaag 20 volledig aan die gees en bedoeling van die Departement se riglyne voldoen, al sou dit nie in alle *detail* presies daarmee ooreenstem nie. Tydens die eerste gesprek het die mede-navorsers ook ooreengekom op ’n stel reëls vir die gesprekke. Vergelyk in hierdie verband [1-203] en verder. Saam met Bylaag 20 is daar dus voldoende beskerming aan die mede-navorsers gebied.

## 6.1 Aanvanklike navorsing

Die mede-navorsers het elkeen 'n skuilnaam gekry om hulle identiteite te beskerm. Die skuilname is toegeken in die volgorde waarin hulle aan die woord gekom het. Aangesien ek eerste gepraat het, het ek vir myself 'n skuilnaam gegee wat met die letter “A” (Albert) begin het. Die persoon wat tweede gepraat het se skuilnaam begin met 'n “B” (Ben) en so verder aan met die alfabet. Ek het vir myself ook ’n skuilnaam gegee al was dit streng gesproke nie nodig nie. Dit was ’n doelbewuste keuse om my gelyk te stel met al die ander mede-navorsers. In die transkripsies wat aan die groep uitgedeel is na elke gesprek, is alle deelnemers gelyk – almal word net aan skuilname geken en geeneen het ’n voorrang bo ’n ander nie; enige vorm van magspel is daardeur geneutraliseer. Vir die mede-navorsers was ek dus ’n gelyke vennoot en nie die dominee wat met ’n groep lidmate ’n proses deurloop nie. Die mede-navorsers kon in die transkripsies hulle vorige bydraes sien en daarop kommentaar lewer in die volgende gesprek. In die woorde van Conde-Frazier (2012:236) “People who were previously *objects* of study become active *subjects* and *participants*.”

Enkele kere word daar ook verwys na persone wat bloot met ’n voorletter aangedui word. Omdat hulle rolle beperk is tot een of moontlik twee verbygaande verwysings, word hulle nie verder gedefinieer nie.

In die transkripsies van die gesprekke is enige identifiseerbare besonderhede soos werkgewers en werkplekke verwyder ter wille van die anonimiteit van die mede-navorsers. Volledigheidshalwe word die transkripsies van die gesprekke op die ingebinde CD beskikbaar gestel in elektroniese formaat as Bylaag 1 tot 8. Die nommer van die Bylaag stem dus ooreen met die nommer van die gesprek. Dit is ook waar van

die gesprekke van die opvolgnavorsing.

## 6.2 Opvolgnavorsing

Die opvolgnavorsing is by wyse van ’n longitudinale studie gedoen. “The defining feature of longitudinal studies is that individuals are measured repeatedly through time” (Diggle, Heagerty, Liang & Zeger 2002:1). In hierdie navorsing beteken dit dat ’n groep mede-navorsers oor ’n tydperk van veertien jaar meer as een keer die geleentheid gekry het om hulle narratiewe te deel

> ...thereby allowing the direct study of change over time. The primary goal of a longitudinal study is to characterize the change in response over time and the factors that influence change. With repeated measures on individuals, one can capture within-individual change. Indeed, the assessment of within-subject changes in the response over time can only be achieved within a longitudinal study design (Fitzmaurice, Laird & Ware 2004:2).

Die aanvanklike navorsing is in groepverband gedoen. Ongelukkig was dit nie moontlik om die opvolgnavorsing ook in groepverband te doen nie. Fitzmaurice, Davidian, Verbeke en Molenberghs (2009:ix) skryf “longitudinal studies are... prone to problems of missing data and attrition.” Hierdie “attrition” word ook soms genoem “drop-out” (Hedeker & Gibbons 2006:2) en verwys na ’n mede-navorser wat uit eie keuse of vanweë omstandighede onttrek voor die einde van die studie. Dit was ook die geval met hierdie navorsing. ’n Beduidende aantal van die oorspronklike mede-navorsers het uit Welkom verhuis, die meerderheid na ander provinsies. Een persoon is sedertdien oorlede. Dit sou dus nie prakties moontlik gewees het om almal weer in 'n groep byeen te bring nie. Almal was egter steeds bereikbaar en ek het nog kontak met elkeen gehad.

Eerder as om 'n nuwe navorsingsgroep te begin, is besluit om eerder die oorspronklike mede-navorsers individueel te kontak vir die opvolgnavorsing. Ek het elkeen persoonlik gekontak en het deur middel van 'n persoonlike gesprek weer die temas van die oorspronklike navorsing aan die orde gestel. Ten einde hierdie gesprekke te voer het ek etlike duisende kilometers gery na uiteenlopende plekke soos Prieska in die Noord-Kaap en Malmesbury in Wes-Kaap. Die transkripsies van hierdie gesprekke is ook op

die ingebinde CD in elektroniese formaat aangeheg as Bylaag 9 tot 15. Soos in die transkripsies van die oorspronklike gesprekke is inligting wat die mede-navorsers sou kon identifiseer eers verwyder. Die transkripsies van beide die aanvanklike navorsing en die opvolgnavorsing – op die CD sowel as in aanhalings in hierdie verslag – is nie taalkundig versorg nie, maar word weergegee soos wat die persone gepraat het.

Van drie mede-navorsers het ek ook skriftelike korrespondensie ontvang. Hierdie korrespondensie is saam met die transkripsies in elektroniese formaat op die CD aangeheg. Soos met die transkripsies is hierdie skriftelike bydraes ook nie taalkundig versorg nie, maar onveranderd geplaas. Hierdie bydraes is genommer Bylaag 16 tot 18.

### 6.3 Transkripsies

Alle gesprekke is met die toestemming van die mede-navorsers opgeneem en later getranskribeer. Die transkripsies is nie taalkundig versorg nie. Soms lees dit ongemaklik, omdat mense hulleself onderbreek en sommige gedagtes nie volledig uitgespreek word nie. Hierin sluit ek aan by die internasionale gebruike rakende transkripsies. Die voorwoord in die transkripsies van die Universiteit van Kentucky se Mondelinge Geskiedenis-program is ook hier van toepassing: “The reader... should bear in mind that he (sic) is reading a text of the spoken word rather than the written word” (aangehaal in Allen 1982:36). In die lig van die narratiewe aard van hierdie navorsing, is dit belangrik dat die mede-navorsers se menings verbatim weergegee word al voldoen dit nie altyd aan die aanvaarde taalreëls nie.

Soms word woorde gebruik wat tans nie as geskik geag word nie. Waar hierdie woorde voorkom in aanhalings, word dit net so weergegee. “Oral history is what comes out of people’s mouths, and it has to be captured accurately on paper; or else you violate the integrity of the interviewee... and you violate the integrity of the medium” (Allen 1982:35). Die feit dat sulke woorde aangehaal word, moet nie gesien word as goedkeuring deur die navorser of ander mede-navorsers nie. Dieselfde geld ook vir die gebruik van politieke rasonderskeidende terme soos swart, wit, blank en kleurling. Vir die doel van hierdie navorsing is dit belangrik om wel daardie woorde te gebruik om 'n getroue weergawe te kry van wat die mede-navorsers bedoel het. Die gebruik van hierdie woorde impliseer nie 'n waarde-oordeel nie.

Die volledige transkripsies van alle gesprekke word aangeheg sodat enige navorser kan kontroleer dat die mede-navorsers reg en binne konteks aangehaal word. Diegene wat meer wil lees oor die mede-navorsers se menings, sal dit ook geredelik kan doen.

Pope, Ziebland en Mays (2000:114) is reg oor die hoeveelheid data wat kwalitatiewe navorsing genereer:

> Contrary to popular perception, qualitative research can produce vast amounts of data. These may include... transcribed recordings of interviews... These data are not necessarily small scale: transcribing a typical single interview takes several hours and can generate 20-40 pages of single spaced text. Transcripts and notes are the raw data of the research. They provide a descriptive record of the research...

Die transkripsies van die navorsingsgesprekke beslaan etlike honderde bladsye. Om ’n spesifieke aanhaling in so ’n omvangryke stel data te soek, kan ’n uitdagende taak wees. Die bestaande riglyne bied nie spesifieke voorskrifte wat vir hierdie navorsing bruikbaar is nie en daarom het ek ’n eie unieke sisteem ontwikkel. In aansluiting by Bournemouth Universiteit (Bowden 2012:3) se voorskrifte vir verwysings van regsdokumente waar soms na bepaalde paragrawe verwys word, en as gevolg van die omvang van die Bylae, het ek besluit om ’n meer omvattende verwysingsisteem te ontwikkel. Nou is dit nie nodig dat hele bladsye gelees moet word om ’n bepaalde verwysing op te spoor nie. Eerder as om soos die regsgeleerdes net na ’n paragraaf te verwys, het ek gekies om na ’n individuele reël te verwys om dit vir die leser makliker te maak om aanhalings op te spoor en te kontroleer. Die [a-bcd] patroon van verwysing maak dit nou moontlik dat enige aanhaling met groot akkuraatheid maklik opgespoor kan word.

Om te help om 'n spesifieke aanhaling te vind, het ek die gesprekke genommer van 1 tot 15 en die drie skriftelike bydraes as 16 tot 18. Ek het elke transkripsie en skriftelike bydrae van reëlsnommers voorsien. Wanneer ek hieruit aanhaal, gebruik ek telkens 'n verwysing in die formaat [a-bcd] waar “a” verwys na die nommer van die gesprek of bydrae en die “bcd” verwys na die betrokke reël in daardie gesprek of bydrae wat aangehaal word. Saam met elke sodanige verwysing word die naam van die mede-navorser ook genoem. As die naam nie in die teks self genoem word nie, verskyn dit – in ooreenstemming met die beginsels van die Harvard metode van verwysing – in die vierkantige hakkies saam met die nommers. Hierdie metode van verwysing sluit aan by

beginsels wat elders toegepas word, maar die spesifieke manier van verwysing is egter nuut.

Alle aanhalings van mede-navorsers word in 'n `ander lettertipe` aangebied en wel in die woorde soos die mede-navorsers dit gebruik het. Alternatiewe wyses van aanbieding is oorweeg, soos byvoorbeeld die gebruik van ŉ ander kleur. Die nadeel van so ŉ stelsel sou egter wees dat wanneer die dokument dan met ŉ gewone drukker se swart ink gedruk word, die effek daarvan verlore sou gaan. Dieselfde sou ook gebeur as die gekleurde teks gefotostateer sou word. ŉ `Alternatiewe lettertipe` blyk die eenvoudigste metode te wees om bepaalde dele van die teks te laat uitstaan.

In lyn met die riglyne van die Anglia Ruskin Universiteit (2012:32) en die Universiteit van Bournemouth (Holland 2006:elektroniese bron) is elke transkripsie voorsien van ŉ datum en soveel as moontlik inligting oor elke mede-navorsers word in Bylaag 21 verskaf, maar sonder dat hulle persoonlik geïdentifiseer kan word.

## 7. Intensie

Die onthullings by die WVK was vir die meeste wit Afrikaners, én vir die mede-navorsers, ŉ ontnugtering. Nie alleen was daar die onthullings oor sekere ongerymdhede wat plaasgevind het nie, maar sommige van hulle is vir die eerste keer direk gekonfronteer met die uitgangspunte van die beleid wat hulle lewe die voorafgaande dekades gevorm het. Nou hoor hulle, en dan nog in geen onduidelike taal nie, van die ervarings van diegene wat aan die skerp kant van apartheid gestaan het.

Die oorkoepelende doel van hierdie navorsing is om ondersoek in te stel na 'n groep wit Afrikaanse Christene wat in post-apartheid Suid-Afrika leef. Die bedoeling is “not only [to] collect data but also [to] encounter human beings ‘at faith’” (Moschella 2012:225). Die navorsing kyk na hulle sienings oor temas soos apartheid en rassisme, (moontlike) skuld aan die beleid van apartheid, hulle siening van die rol van die kerk hierin en hoe hulle dink oor versoening tussen wit en swart in Suid-Afrika in die lig van die onthullings by die WVK. Hierdie sienings word na verloop van 'n tydperk van ongeveer veertien jaar weer getoets en vergelyk met die eerste bevindings.

## 8. Verwagtinge

Met die afhandeling van hierdie navorsing beoog ek om op verskeie vlakke ’n bydrae te lewer. Ten eerste glo ek dat my werk sal bydra om die korpus van prakties teologiese navorsing in Suid-Afrika uit te brei. In die steeds-veranderende nuwe Suid-Afrika word ons gekonfronteer met nuwe uitdagings wat voortdurend nuwe antwoorde soek. Die praktiese teologie moet daarom altyddeur vernuwend kyk na die werklikheid. Ek sluit graag aan by Osmer (2008:16) se uitdrukking “web of life” om aan te dui dat dit in hierdie navorsing nie net gaan oor mense as sodanig nie, maar mense wat ingebed is 'n veranderende lewende sisteme. Apartheid en post-apartheid is sulke sisteme.

Ek wil graag vir die NG Kerk van waarde wees deur akademies-gefundeerd te verwoord hoe ’n bepaalde groep wit Afrikaanse Christene voel en dink oor hulle posisie in die sogenaamde nuwe Suid-Afrika en ook binne ’n bepaalde kerkverband in hierdie nuwe Suid-Afrika. Vanuit my posisie as leraar in die NG Kerk, is my fokus juis op lidmate van hierdie denominasie. Elkeen van die mede-navorsers het bande met die NG Kerk. Ten tye van die aanvanklike navorsing was almal, behalwe een, lidmate van die NG Kerk. Hierdie mede-navorser is ’n voormalige lidmaat van Welkom-Suid gemeente wat juis die bande verbreek het as gevolg van botsings oor die NG Kerk se standpunt oor apartheid. Teen die tyd wat die opvolgnavorsing gedoen is, was verskeie vervreemd van die NG Kerk. Enkeles het ook van gemeente verander en skakel by ander NG gemeentes in. Die verdeling in die NG Kerk familie op rassegrondslag is vir sommige onaanvaarbaar en die voortslepende debat oor hereniging bly vir hulle problematies. Ek poog om in hierdie navorsing die leiding (of gebrek daaraan) van die NG Kerk in die transformasie-proses te verwoord ten einde rigtinggewend te kan wees.

Die indruk word soms gelaat dat dit net wit Afrikaners en veral die sogenaamde susterskerke is wat betrokke was by apartheid en dat hulle alleen die volle skuld moet dra. Só 'n siening is eensydig en gee nie die volle werklikheid weer nie. Die Engels-sprekende deel van die wit gemeenskap staan ewe-eens in die beskuldigdebank. Stavrianos (1982:478) skryf “...many English-speaking whites support apartheid for economic reasons.” In die verslag van die WVK (TRC 1998b:39) oor die voorleggings van die geloofsgemeenskappe word in soortgelyke trant gesê “even though the majority of its constituents were black, the leadership of the English-speaking churches failed to express adequately their aspirations. Indeed, arguably the English-speaking churches ‘spoke for’ capital...”. Die kommissie verwys ook spesifiek na die band wat die

Engelse kerke gehad het met die welvarende deel van die gemeenskap: “In so far as apartheid was as much about protecting the material interests of whites, this ‘bias’ toward the wealthy is also a kind of legitimisation” (TRC 1998b:25). Hierdie legitimering van apartheid het gebeur omdat "the English-speaking churches have... refused to contradict the dominant social order or reject the legitimacy of the state; thus they find themselves trapped in apartheid" Villa-Vicencio (1988:6).

Met die longitudinale aard van die navorsing wil ek aantoon in watter opsigte en in watter mate die houdings van lidmate rakende ’n aantal kern-kwessies moontlik verskuif het oor die afgelope veertien jaar. Dit kan dalk ’n aanduiding gee van moontlike tendense in die toekoms. Ek wil ook aantoon watter faktore ’n rol gespeel het in die moontlike verskuiwing van posisies. Ek meen dat die dokumentering van hierdie navorsing bepaalde betekenisvolle pastoraal terapeutiese aksente na vore sal bring wat ook ’n bydrae sal lewer vir bepaalde bedieninge in die NG Kerk.

Dit was van die begin af my uitgangspunt dat die navorsingsproses nie maar bloot die dokumentering van bepaalde mense se narratiewe moes wees nie, maar dat hulle inderdaad ook uitgedaag moes word om hierdie narratiewe te ondersoek en te orden en dat die proses sou bydra om dit verder te ontwikkel.

Ten einde die leser te help om die navorsing ten beste te verstaan, word daar in die volgende afdeling aandag gegee aan die paradigma waarteen die navorsing afspeel. Daar word ook gekyk na die epistemologie en metodologie van die navorsing.

## 9. Paradigma, epistemologie en metodologie

In hierdie afdeling verduidelik ek my eie posisie ten opsigte van die paradigma waarbinne hierdie navorsing gedoen word. Die epistemologiese raamwerk word uiteengesit en ek bespreek die metodologie wat gevolg is.

### 9.1 Paradigma

Vir enigeen wat hom- of haarself wil uitlaat oor die praktiese teologie is dit inderdaad 'n bevrydende woord wat Ganzevoort (2009:1) laat hoor wanneer hy sê: “I remember

quite vividly the confusion when I started to encounter the myriads of definitions, approaches, themes, motives, and objects of study that all went under the big umbrella of practical theology." Met hierdie standpunt van Ganzevoort kan ek heelhartig identifiseer. Dit verwyder egter nie die noodsaak om hierdie studie enersyds binne die praktiese teologie en andersyds binne die vakgebied van die pastoraat te posisioneer nie. Die feit dat "others in practical theology use the same name for a whole different game" (Ganzevoort 2009:1) onderstreep die behoefte aan 'n behoorlike verantwoording ten opsigte van paradigma, epistemologie en metodologie. In die volgende afdeling word hierdie sake aan die orde gestel.

Guba en Lincoln (1994:107) gee die volgende definisie van 'n paradigma:

> A paradigm may be viewed as a set of beliefs (metaphysics) that deals with ultimates of first principles. It represents a worldview that defines for the holder, the nature of the 'world', the individual's place in it and the range of possible relationships to that world and its parts...

Die konsep *paradigma* in sy kontemporêre betekenis kan terug herlei word na die werk van Thomas Kuhn (1962). Vir hom het paradigma gedui op 'n stel gebruike wat 'n bepaalde wetenskaplike dissipline op 'n gegewe moment definieer. Hy verwys dan onder andere na wetenskaplikes soos Newton en Darwin wie se werk 'n bepaalde manier van denke en wetenskaplike ondersoek in die daaropvolgende era tot stand gebring het.

Twee dekades later munt Handa (1987) die term *sosiale paradigma* vir gebruik in die sosiale wetenskappe. Hiermee verwys hy na 'n tipe wêreldbeeld, die Duitse *Weltanschauung*, dit wil sê 'n stel ervarings, gelowe, waardes en so meer wat 'n persoon se realiteit bepaal en hoe die persoon op hierdie realiteit reageer. Tans word dit gedefinieer as "A set of assumptions, concepts, values, and practices that constitutes a way of viewing reality for the community that shares them, especially in an intellectual discipline" (The American Heritage Dictionary 2004).

'n Paradigma bepaal die navorser se werkswyse en die manier waarop sy of haar kennis van waarheid gestruktureer word. Janse van Rensburg (2000:1) sê in sy definisie dat 'n paradigma 'n persoon se denk- en verwysingsraamwerk is en dat dit ook die vertrekpunt is wat denke en dade bepaal.

Wie in 2012 wil praat oor die wetenskap – in watter gestalte ook al – sal moet rekening hou met die tydsgees. Oor die afgelope aantal dekades is daar op velerlei terreine 'n wegbeweeg van die sogenaamde “moderne” denkklimaat na wat tans losweg bekendstaan as die “post-moderne” benadering. In dié term is reeds iets opgeneem van die reaksionêre aard van die beweging. Voor die betekenis van die “post”-voorvoegsel tot die konsep se betekenis bespreek kan word, moet eers ondersoek word wat met “modern” bedoel word (Lötter 1995:37).

### 9.1.1 Die moderne era

Die moderne era verwys na die tydperk sedert die sogenaamde *Verligting* (*Aufklärung*) in Europa in die 18de eeu n.C. (Kapp, Moll, Scholtz, De Jongh & Grundlingh 1982:381). Foucault (1978) haal Immanuel Kant aan wat die *Verligting* beskryf het as “the moment when humanity is going to put its own reason to use, without subjecting itself to any authority.” Dit was dus die begin van 'n volwassewording van die mens waarin die menslike rede 'n al groter rol gespeel het. Daar is geglo dat alle sintuiglike waarnemings deur die rede vertolk, verwerk en georden word, vandaar die term rasionalisme wat ook gebruik word om na hierdie tydperk te verwys. Soos Lyon (1994:21) dit stel: “...modernity started out to conquer the world in the name of reason...”. Die een logiese uitvloeisel hiervan was die idee van 'n objektiewe wetenskap.

Met die opkoms van die wetenskap in die moderne era het die mens begin glo in 'n eie vermoë om met die verstand oplossings vir alle probleme te vind. Daarom was die wetenskap so belangrik geag. Ander dominante diskoerse in hierdie tyd was individualisme (elke mense het stemreg gekry en menseregte het belangrik begin word), integrasie ('n neiging om alles vanuit een sentrale punt te wil bestuur, onder andere in nasionale regerings met hulle burokrasieë en massa-produksie in groot industriële aanlegte) en toenemende spesialisasie (as gevolg van die kennis-ontploffing was dit al hoe moeiliker vir een persoon om alles van alles te weet) (Rossouw 1995a).

Baie mense was (en is steeds) baie entoesiasties oor die moderne era. Sommige begin egter die tekorte in die sisteem raaksien, soos dat die menslike rede op die ou end toe tog nie alle antwoorde kon voorsien of 'n hemel op aarde kon vestig nie. Die menslike rede en wetenskap was inderdaad besig om “monsters te skep wat tot... uitdelging kon

lei: die kernbom, industrialisasie, gepaardgaande ekologiese vernietiging" (Van der Walt 2006:elektroniese bron).

### 9.1.2 Postmodernisme / postmoderniteit

Diegene met 'n méér radikale sienswyse verstaan die postmodernisme as 'n "totale chronologiese en ideologiese breuk met die vorige paradigma..." (Van Aarde 2004a:1107). Uit Janse van Rensburg (2000:39ev) se kritiek op Van Aarde, Steenkamp en Dill, asook sy latere kritiek (Janse van Rensburg 2007) op Van den Berg, blyk dit dat sy kritiek gerig is op só 'n radikale verstaan van die term postmodernisme.

Meer gematigde voorstaanders voer aan dat 'n kritiese dialoog met die moderne paradigma moontlik is. "Postmodernism is in no way trans- or anti-modern... I thus interpret postmodernism as reflection on the nature, potential, shortcomings and darker sides of modernity" (Lötter 1995:37). Ook Rossouw (1995b:76) beskou dit so as hy die postmoderne kultuur noem die "critical companion" van die moderne kultuur. Hy verkies ook, nes Van Aarde (2004b:505), om eerder te praat van "postmoderniteit" as beskrywende term vir diegene met 'n meer gematigde benadering.

Postmoderniteit word gekenmerk deur 'n kritiese ingesteldheid. Niks word sonder meer aanvaar nie en alle waarheidsaansprake word bevraagteken (Van Aarde 2004b:519). Verder is die postmoderniteit baie sensitief vir die "power-conviction in any absolute truths" (Terre Blanche 1997:155).

Om die postmodernisme in sy volle omvang te aanvaar as paradigma vir die praktiese teologie sou 'n onhoudbare situasie teweegbring, soos Janse van Rensburg (2000) aantoon. As ons egter Van Aarde (2004b:505) se uitgangspunt aanvaar dat die postmoderniteit nie 'n "totale alternatiewe denksisteem" is nie, maar 'n sisteem wat "transversaal" ten opsigte van die moderniteit kan staan, maak dit baie deure oop. Dan neem dit "selektief afskeid van die slegte gewoontes en onaanvaarbare waardes van die moderne paradigma" (Van Aarde 2004b:505). Presies hoe lyk hierdie post-moderniteit as paradigma vir hierdie navorsing?

Postmoderniteit het nie net 'n enkelvoudige beeld nie en vertoon verskillende gestaltes. Die woord (en die verwante vorm postmodernisme wat dikwels as sinoniem gebruik

word) is al so baie keer verskillend gedefinieer dat Thomas Oden (aangehaal in Mohler 1995:82) sê die term “has been pounced upon and taken captive by the followers of certain... writers... who just about ruined the term for any useful purposes.” Lötter (1995:37) maak Sartre se kritiek op die gebruik van die term eksistensialisme van toepassing op die begrip postmodernisme as hy hom só aanhaal: “...the word is now so loosely applied to so many things that it no longer means anything at all.” Tereg noem Klopper (2006:1) dit 'n “betekenisgelaaide term wat onnadenkend en buite konteks gebruik word...”. Dit lyk dus noodsaaklik te wees om 'n eie definisie van hierdie term te gee soos gebruik in hierdie navorsing.

### 9.1.3 My eie posisie

Eerder as om te probeer om 'n voltooide definisie te vind om by aan te sluit, sal ek eerder in aansluiting by Van den Berg (2006), my eie bakens plant om aan te dui waarbinne ek die postmoderne paradigma wil definieer.

Van den Berg (2006:168) self kies vir vier “horison-lyne” waardeur hy sy eie pastorale teologie wil plaas binne die postmoderne raam. Die vier aspekte wat hy kies is: Subjektiewe integriteit, beperktheid van taal, misterie van verstaan en betekenis van konteks. Ek bespreek vervolgens elkeen en voeg dan ook my eie bydrae by.

#### 9.1.3.1 Subjektiewe integriteit

Een van die groot ideale van die modernisme was dié van objektiwiteit. Postmoderniteit wys dit egter af as onhaalbaar. Strauss (2002:586) verwys hierna as die “onhoudbare dilemma in die gangbare kennisleer.” Gerkin (1997:12) demonstreer hierdie konsep heel prakties wanneer hy sy lesers uitnooi, en hy homself ook daartoe verbind, om eie vorige ervarings saam te bring na die lees en skryf van die boek: “both the writer and the reader seek to form a link between their prior experiences of care, including pastoral care.” Dis eers wanneer ek my eie subjektiwiteit kan raaksien en erken dat dit 'n rol speel in my doen en dink, dat subjektiewe integriteit moontlik word. Nou kan ek myself blootstel vir die ander se unieke verstaan en dis selfs moontlik dat dit my eie verstaan kan “informeer en selfs mag wysig” (Van den Berg 2006:168).

#### 9.1.3.2 Beperktheid van taal

Die lewe word geleef en verstaan deur sosiaal gekonstrueerde narratiewe (Kotzé & Kotzé 1997) en ons gebruik gesprekke as die manier om ons werklikhede te konstrueer. Kennis is nie die objektiewe weergee van 'n eksterne realiteit nie, maar die sosiale konstruksie van mense wat poog om saam te leef in hierdie wêreld (Freedman & Combs 1996). Een van die winspunte van die postmoderniteit is juis om hierdie beperktheid van taal te erken.

In hulle strewe daarna om sin te maak van ervaring en van die lewe self, rangskik mense “their experiences of events in sequences across time in such a way as to arrive at a coherent account of themselves and the world around them... [t]his... can be referred to as a story or a self-narrative” (White & Epston 1990:10). Hierdie self-narratiewe sal ons later weer terugvind in die verhale oor apartheid wat die mede-navorsers vertel. Postmoderniteit laat ons die ruimte om alle stories as gelykwaardige selfnarratiewe te erken sonder om dit noodwendig te vergelyk met een of ander “regte” verhaal.

#### 9.1.3.3 Misterie van verstaan

Die modernisme staan op die strewe na sekerheid deur die verwerwing van wetenskaplike kennis oor alles en almal. Teenoor hierdie gewaande wete laat die postmoderniteit ruimte vir onsekerheid en meervoudige “waarhede”, dit laat ruimte vir die betekenis van misterie (Van Niekerk 2005:64). Van den Berg (2006:171) stel dit so in die outobiografiese onthulling: “Vandag kies ek om my geloof in God te bely as deel van 'n misterie. Dié uitsig het inderdaad gelei tot 'n verandering in tongval, maar die taal van die geloof bly dieselfde.”

#### 9.1.3.4 Betekenis van konteks

In 'n onderhoud met die tydskrif *Time* (1963:elektroniese bron), kort na sy aftrede, herinner die Duitse teoloog Karl Barth die kerk en leraars daaraan dat hulle nie in afsondering leef nie en daarom beide die Bybel en die koerant moet lees. Daarmee het hy aangedui – wat ook later in die postmoderniteit na vore kom – dat die konteks

waarbinne geopereer word, nooit buite rekening gelaat kan word nie. Van Huyssteen (1999:3) verwoord dit so: “It is only as individual human beings, living with other human beings in concrete situation and contexts, that we can claim some form of rationality.”

Ook vir die pastorale teologie is die betekenis van konteks belangrik. Louw (2003:49) sê dat “...pastoral theology cannot operate without the correlation between biblical texts and human contexts.”

#### 9.1.3.5 Dekonstruksie van tekste

Alhoewel ek myself kan tuis voel binne bogenoemde vier aspekte, is ek tog van mening dat 'n vyfde element moet bykom. Van den Berg laat hom waarskynlik (mis)lei deur die beeld wat hy kies om te gebruik. Portrette in ons tyd is gewoonlik reghoekig, met vier sye. Dit is heel moontlik dat die portret met vier kante hom onbewustelik beperk het tot vier horison-lyne. Ek sou 'n verdere vyfde element, waarna Van den Berg self in sy artikel verwys, as volwaardige element wou aanbied. Die aspek waarna ek verwys is postmoderniteit se inherente kritiek wat dit uitspreek op alles en nog wat. Dit sluit aan by die gebruik van die term “dekonstruksie”.

Dis nie moontlik om oor dekonstruksie te praat sonder om die naam van Jacques Derrida te noem nie – alhoewel juis dit die debat moeiliker maak. In 'n ope brief aan die universiteit van Cambridge, wat op daardie stadium oorweeg het om 'n eregraad aan Derrida toe te ken, maak 'n aantal van sy kollegas (Smith 1995:419) beswaar teen hierdie verering. Hulle voer onder andere aan dat sy werk nie aan die aanvaarde standaarde van helderheid en nougesetheid voldoen nie. Hulle gaan voort en sê “his works employ a written style that defies comprehension.” Hulle noem dit ook “little more than semi-intelligible attacks upon the values of reason, truth, and scholarship.” Ten spyte hiervan is dit tog nodig om te probeer om dekonstruksie te verwoord.

Al is Derrida die vader van die konsep, is hy self ook vaag oor 'n definisie van dekonstruksie. Hy antwoord die vraag na presies wat met dekonstruksie bedoel word, as volg: “I have no simple and formalizable response to this question. All my essays are attempts to have it out with this formidable question” (Derrida 1988a:4). Elders vertel hy van 'n joernalis wat hom vra om dekonstruksie “in a nutshell” te verduidelik. Die joernalis vind dit dan verrassend “that I found it difficult to improvise a response to

what he was asking me to do" (Derrida 1995:406). Die konsep is moeilik om te verduidelik juis omdat dekonstruksie krities kyk na die taal waarmee dit verduidelik moet word.

'n Teks word gedekonstrueer "not in order to destroy" (Derrida 1997:12), maar "to undo a number of presuppositions, prejudices and so on and so forth" (Derrida 2001:110). Dit gaan dus nie om afbreek in die sin van vernietig nie, maar eerder 'n uitmekaarhaal ten einde die teks beter te verstaan. "It does not mean... saying whatever comes into your head about the text, however absurd and ridiculous..." (Caputo 1997:79).

Oor die proses van dekonstruksie sê Derrida (2001:110) self "...there is no method but there are (sic) some methodological schema...". Die dekonstruksie van 'n teks behels die "reading of texts in terms of their marks, traces, or indecidable features, in terms of their margins, limits, or frameworks, and in terms of their self-circumscription or self-delimitations as texts" (Silverman 1989:4). 'n Teks word dus ondersoek vir wat die teks sê sowel as dit wat nie gesê word nie. Caputo (1997:77) stel dit só:

> But, for Derrida, a deconstructive reading is exceedingly close, fine-grained, meticulous, scholarly, serious, and, above all, 'responsible,' both in the sense of being able to give an account of itself in scholarly terms and in the sense of 'responding' to something in the text that tends to drop out of view.

Dekonstruksie werk met teks, maar ook met konteks. Die teks is vir Derrida meer as net 'n geskrewe teks. "The concept of a text becomes metaphorically extended to include persons, events and institutions" (Lötter 1995:96). Die dekonstruksie van 'n teks, in enige vorm, sê Silverman (1989:4)

> is concerned with offering an account of what is going on in the text – not by seeking out its meaning, or its component parts, or its systematic implications – but rather by marking off its relations to other texts, its contexts, its sub-texts. It means that deconstruction accounts for how a text's explicit formulations undermine its implicit or non-explicit aspects. It brings out what the text excludes by showing what it includes. It highlights what remains indecidable and what operates as an indecidable in the text itself.

Geen teks kan egter los van, of buite 'n konteks staan nie. Derrida (1988b:136) voer 'n lang debat oor die uitdrukking “nothing outside the text” en dan sê hy: “This is inevitable; one cannot do anything, least of all speak, without determining (in a manner that is not only theoretical, but practical and performative) a context.” Dit is hierdie onbeperkte konteks wat die leser, hoorder, dekonstrueerder so ver moontlik moet verreken in die interpretasie van die teks. Dekonstruksie het dus te make met 'n herkontekstualisering van die teks. Janse van Rensburg (2000:10) gee hierdie definisie: “Deconstruction is the general strategy that exposes, by thousand tactics, the myth of the fixed, essential, timeless, and naturally accessible structures of an independent reality that the totality of (our) intelligibility networks have ‘found out’.”

In 'n poging om dekonstruksie nog eenvoudiger te stel, haal Wolfreys (1998:9) vir Miller aan wat sê: “Deconstruction... is nothing more or less than good reading as such” waarmee hy bedoel 'n lees wat beide teks en konteks verreken. Dekonstruksie van die teks is – in die woorde van Derrida self – 'n kwessie van

> gaining access to the mode in which a system or structure, or ensemble, is constructed or constituted, historically speaking. Not to destroy it, or demolish it, nor to purify it, but in order to accede to its possibilities and its meanings; to its construction and its history (aangehaal in Mortley 1991:97).

Dekonstruksie op sigself doen niks aan die teks nie. Dit verander nie aan die teks nie, maar dit onthul net “how things are put together” (Wolfreys 1998:14). 'n Goeie lees van die teks onthul die teks se meta-narratiewe, waarhede, gesanksioneerde konstruksies en kanonieke interpretasies as blote diskoerse. Dit “ondermyn” ook die sentrale temas ten gunste van die gemarginaliseerde sodat dié ook sentraal kan kom staan in die verstaan van die teks (Myburg 2000:8).

Derrida gebruik, in aansluiting by Plato, die metafoor van weefwerk om die kompleksiteit van 'n teks en die verstaan daarvan te verduidelik:

> The web of writing is not constructed along the lines of simple hierarchies that interrelate fixed points that we call concepts and words. The woven text has a texture that stretches and shrinks, can expand, can be grafted onto, can fold, warp, and unravel. To follow the pattern and interlacing of the composition requires the weaver’s art of looping and knotting. The surface of the woven cloth dissimulates its complex

> and intricate networking... (Silverman 1989:12).

In hierdie navorsing sal die weefwerk van die mede-navorsers gerek en gekrimp, gevoel en gevou word ten einde te hoor wat nie gesê word nie, om te sien wat nie geskryf is nie. Dekonstruksie se bedoeling is om die bestaande kennis uit te daag en omver te werp. In die woorde van White (1992:136):

> He achieved this by developing deconstructive methods that: a) brought forth the hidden contradictions in texts, and rendering visible the repressed meanings – the "absent but implied" meanings, b) give prominence to those knowledges 'on the other side', those considered to be secondary, derivative and worthless.

Die navorsing sal dus besig wees met die teks, die hele teks en niks buiten die teks nie, ten einde te hoor wat dalk nie in woorde gesê is nie en te verstaan hoekom sekere dinge wel gesê word. In terme van die aard van hierdie navorsing, is dekonstruksie dus 'n belangrike grenspaal of "horison-lyn" vir die navorser se plasing binne die postmoderniteit.

## 9.2 Epistemologie

Wat is kennis? Hoe kry 'n mens kennis? En, wat maak mense met kennis? Dit is die vrae van die epistemologiese diskoers. Op die oog af eenvoudige vrae, maar die antwoorde op hierdie vrae bepaal die navorser se werk. Die epistemologie stel belang in hoe mense tot kennis kom (Dill & Kotzé 1997:3). Die navorser se epistemologie sal dus sy of haar denkraamwerk en interpretasie bepaal. Dit sal die antwoord bepaal op Müller, Van Deventer en Human (2001:93) se vraag: "How are you going to gather, compile, and report the stories...?" Janse van Rensburg (2000:2) sluit aan by sy beeld van 'n skildery en sê oor die epistemologie dat dit verwys na "how the paint should be organised on the canvas to fit the paradigm... how the knowledge should be gathered and organised."

In 'n latere artikel bevraagteken Janse van Rensburg (2007:62) die moontlikheid om 'n postmoderne epistemologie in die praktiese teologie te volg sonder om Bybelse en geloofsuitgangspunte in gedrang te bring. Hy voer aan dat 'n postmoderne epistemologie wat van 'n sosiaal-konstruksionistiese metodologie gebruik maak,

noodwendig tot relativisme sal lei. Fourie (2008:74) probeer hierdie kritiek beantwoord as hy sê: “Hierdie perspektief sou as modernisties getipeer kon word waar die waarheid tot ’n enkele model beperk word. Postmoderne perspektiewe bevraagteken nie noodwendig die Bybel of die Teologie nie.” Of dit 'n genoegsame antwoord is, is vir my 'n vraag. Hy is egter reg as hy aanvoer: “Die postmoderniteit verbreed gewoon die basis en werkswyse deur te sê dat daar meer as een model vir die hermeneutiek is. Dit geld vir die Bybel as kenbron van die praktiese teologie sowel as vir die interpretasie van mense se lewensverhale en die sosiale konteks”, maar sy beredenering van die kwessie is nie oortuigend nie. Dit sal dus nodig wees om later weer terug te keer tot die kwessie van relativisme as Müller (2005) se *postfoundationalism*-benadering tot die praktiese teologie bespreek word.

Die postmoderne epistemologie verteenwoordig 'n wegbeweeg van die modernisme af en “no longer accept(s) the story that science tells to legitimate itself...” (Vanhoozer 2003:10). Dis 'n wegbeweeg van “...the authority of universal science towards narratives of local knowledge” (Vanhoozer 2003:11). Die postmoderne navorser luister nie net na die “gewone” stemme nie, maar veral ook na die verhale van diegene wat nie tevore gehoor is nie (Dreyer 2006:1319), omdat die postmoderne epistemologie werk met 'n sosiale konstruksie diskoers.

### 9.2.1 Sosiale konstruksie diskoers

Die ontstaan van sosiaal-konstruksionisme kan teruggevoer word na die baan-brekerswerk wat Berger en Luckmann (1966) gedoen het met hulle boek *The social construction of reality*. In aansluiting hierby beskryf Gergen (1985:266) die beweging as volg: “Social constructionist inquiry is principally concerned with explaining the processes by which people come to describe, explain, or otherwise account for the world (including themselves) in which they live.”

'n Sosiaal konstruksie diskoers is 'n sisteem of stelsel waarvolgens mense struktuur en betekenis aan hulle lewe gee (De Lange 2004:38). Fourie (2008:81) brei hierop uit: “Hierdie stelsels kan bestaan uit metafore, beelde, aanbiedings, reëls, verhale en watter ander woorde of rituele ook al nodig mag wees. Diskoers verwoord die algemene praktyke waarvolgens die gemeenskap gerig word.”

Kotzé en Kotzé (1997:27) verduidelik die konsep verder as hulle sê:

> Sosiale konstruksie diskoers is ŉ postmoderne benadering wat ŉ betekenisvolle epistemologie bied vir terapieë wat gesprek gebruik as metode om mense te help. Kennis word gesien as die gevolg van ŉ sosiale konstruksieproses en nie as die objektiewe beskrywing van eksterne realiteite nie. Taal bied die parameters vir beide ons verstaan en ons ervaring.

Die sosiale werklikheid bestaan “slegs in die bewussyn van mense” (Pieterse 1993:76) en kan dus “nie los daarvan gesien word nie”. Hy gaan voort deur te sê dat hierdie werklikheid ook “voortdurend deur mense self geskep en herskep” word deur hulle “definisie van hulle situasie in terme van hulle eie konteks en ervaringe.” Die sosiale werklikheid is dus 'n mens se eie skepping, en voortdurende herskepping, in die lig van 'n steeds-veranderende omgewing.

Fourie (2008:83) verwoord die sosiale konstruksiediskoers aan die hand van Freedman en Combs (1996:27) só: “Die klem is... op die sosiale interpretasie en die intersubjektiewe invloed van taal, familie en kultuur; hoe mense optree om dit wat hulle gemeenskap as waar, werklik en betekenisvol ag, te konstrueer, te verbeter en in stand te hou.”

Mense konstrueer hulle sosiale werklikheid deur die alledaagse interaksie met mekaar. Om menslike tekste te verstaan moet dus gevra word na die onderliggende motiverings vir die betrokke teks en die diskoerse wat daaragter lê. Daarom sê Dreyer (2003:335) “Die sosiaal- konstruksionistiese model soek na die sosiale oorspronge van betekenis en fokus op diskoerse eerder as individuele eksistensie.”

Mense leef in 'n wêreld van sosiale interaksie en in hierdie interaksie word die waarheid gekonstrueer. Volgens Kogan en Gale (1997:102) is waarheid die resultaat van sosiale prosesse wat tussen mense plaasvind en in taal uitgedruk word. Freedman en Combs (1996:22) beskryf dit so: “Adopting a postmodern, narrative, social constructionist worldview offers useful ideas about how power, knowledge, and ‘truth’ are negotiated in families and larger cultural aggregations.”

Al word waarheid sosiaal gekonstrueer, impliseer dit nie 'n posisie van “anything goes” (Müller & Pienaar 2003:141) nie – 'n beswaar wat dikwels teen hierdie benadering gerig

word. Verskillende posisies word ondersoek om te bepaal wat hierdie waarheid geïnformeer het. Sosiale konstruksiediskoers moedig ons aan "...to examine our constructions and stories – how they have come to be and what their effects are on ourselves and others" (Freedman & Combs 1996:35). Uiteraard geskied hierdie ondersoek in die lig van die "not-knowing"-benadering (Anderson & Goolishian 1992) waarin erken word dat elke persoon sy of haar lewe die beste ken.

### 9.2.2 Pastorale teorievorming

Op die gebied van die praktiese teologie het daar oor die afgelope dekade of twee verskeie belangrike verskuiwings plaasgevind wat elkeen bepaalde invloede het op hierdie studie. Só sê Louw (1997:22) byvoorbeeld dat die pastoraat nie bloot van 'n individuele benadering gebruik kan maak nie, maar gedwing word om probleme kontekstueel te benader. Graham (1992:19) steun 'n psigosistemiese benadering in pastorale sorg: "The nature of the human personality is understood in contextual rather than individualistic terms."

Oor jare is baie gemaak van individue se persoonlike bronne vir probleemoplossing, eie onafhanklike prestasies en selfrealisering. Hierteenoor is daar tans 'n verskuiwing in die rigting van die psigosistemiese dinamika waar klem gelê word op die netwerk van verbintenisse en strukture binne 'n sosiale en kulturele konteks. In hierdie "ekosistemiese denke" (Louw 1997:22) word gepoog om die probleem nie net binne konteks te verstaan nie, maar om die geheel self te verstaan.

Prakties beteken dit 'n herwaardering van die kerk as liggaam van Christus as 'n geloofsnetwerk wat verantwoordelik is vir onderlinge sorg vir mekaar en 'n wedersydse positiewe invloed. Hierdie onderlinge sorg word in die Bybel aangedui met die Griekse woord *koinonia*. In die navorsingsproses het dit sigbaar geword in die mede-navorsers wat as gelowiges na mekaar omgesien het deur mekaar se stories aan te hoor, maar ook deur mekaar uit te daag in terme van hulle eie verstaan van die Bybelse boodskap.

Die tweede belangrike verskuiwing is 'n paradigmatiese verskuiwing. Paradigma verwys hier na die geheel van opvattings, waardes en tegnieke wat deur mense vanuit 'n ondersoekposisie hanteer word. Burton (1988:9) beskryf 'n paradigma as "a theoretical and working model of a world view according to which a person, group or

institution understand and operates in a normative way." Hierdie kategorieë en konsepte wat gebruik word om die waarheid te interpreteer ondergaan 'n verskuiwing. Daarom kan Louw (1997:22) sê: "Tans opereer daar ander verstaans-kategorieë in terme waarvan ook die God-mens-verhouding geïnterpreteer word."

Die verhouding God-mens word al minder in ontologiese terme beskryf. Die verskil tussen God en mens, die andersoortigheid in terme van synskategorieë wat poog om menslike probleme te verklaar, maak plek vir 'n hermeneutiese paradigma. Dit beteken dat pastoraat al minder probeer om probleme te verklaar, maar eerder fokus op verheldering en verstaan van hierdie probleme. Die hermeneutiese paradigma wil mense "die sin en betekenis van die God-mens-verhouding laat ontdek" (Louw 1997:22). Hierdie aanpak fokus dus nie op verklaar nie, maar op die ontdek van sin.

Die derde verskuiwing is weg van die sogenaamde verkondiging na vertolking en storievertelling (Louw 1997:23). Die kerugmatiese benadering neem as vertrekpunt die sonde van die mens. Die antwoord vir hierdie sonde is die genade in Jesus Christus. Die kerugmatiese pastorale sorg "konsentreer dan net op die heelmaak deur Jesus se bloed en die mens word verskraal tot 'n objek wat besig is om verlore te gaan" (Fourie 2008:161). Hierteenoor word die taak van die pastoraat nou verstaan om God só te vertolk dat geloof sin maak in reële kontekste. Die mens se verhaal en God se verhaal sluit by mekaar aan. God se verhaal moet verstaan, vertolk en geïnterpreteer word in die lig van die konkrete werklikheid waarin die mens leef en die mens se verhaal moet gelees word in die lig van God en die evangelie. In hierdie narratiewe aanpak moet daar 'n fusie kom tussen die Godsverhaal en die mensverhaal. Capps (1993:1) verwoord die taak van die pastoraat as volg: om mense te help "in locating their personal stories within the framework of the Christian story." Die vertel van narratiewe kom staan nou sentraal:

> Narrative story is not only what is holding us together: narrative is equally crucial in understanding human life for all that we are, and all what we do, and all what we think and feel is based upon stories, both our personal stories and the stories of our significant community (Webb-Mitchell 1995:215).

Die mens se verhaal moet vertel word en gehoor word binne die Bybelse verhaal van Jesus se kruis en opstanding. Die verhaal van oorwinning moet inspeel op die mens se verhaal wat dikwels met die eerste oogopslag 'n verhaal van mislukking is. Gerkin

(1986:48) noem die Bybelse verhaal aangaande God 'n “open-ended” verhaal. God se handelinge word dus in die geskiedenis voortgesit en vertel (verhaal) deur mense. Die normatiewe maatstaf om menslike stories te interpreteer bly steeds “God se Storie met die mens” (Louw 1997:25). Die inhoud van hierdie storie van God, waarby 'n pastorale hermeneutiek moet aansluit, is – soos hierbo gesê – die kruis- en opstandingsteologie. Hiersonder vervlak die pastoraat tot 'n bloot humanistiese medemenslikheid. Gerkin (1991:114) stel dit so: “Devoid of such images, pastoral presence in relationships of care is in danger of becoming presence indistinguishable from the presence of any other psychologically-minded counsellor.” Juis daarom sê Louw (1997:25) dat pastorale teologie nie as gevolg van die gesprek met die postmodernisme, skaam en sku hoef te raak vir die Bybelse taal, temas en verhale nie

Die waarde van hierdie verskuiwing in die pastoraat na 'n narratiewe benadering, lê in die sensitisering van die pastor om na mense se verhale te luister binne 'n reële en sosiale konteks. Wie só na mense se stories luister, verskaf 'n “narratiewe sin en betekenis aan mense se dikwels verwarde ervarings en gebeure” (Louw 1997:26). Pastorale terapie in 'n narratiewe benadering is dus nie 'n tegniek of stel tegnieke nie, maar eerder 'n houding of posisie-inname ten opsigte van ander en die lewe.

Die laaste belangrike verskuiwing wat Louw (1997), in aansluiting by Campbell (1985:19) voorhou, is die verskuiwing weg van 'n eensydige professionele benadering na die onderlinge versorging van gelowiges. Waar die pastoraat só met die amp van die predikant of die besondere ampte geïdentifiseer word, het lidmate self nie meer vrymoedigheid om die onderlinge versorging van mekaar te doen nie. Dan bestaan die gevaar dat die pastoraat na die domein van die opgeleide pastor skuif. Al moet die pastoraat ook vakwetenskaplik begrond word, is dit nie die bedoeling dat die pastoraat wegskuif uit die terrein van die *koinonia* nie. Al moet die wetenskap van die vak ontwikkel word, gaan dit nie in die pastorale bediening om die status, kennis of vaardighede van die pastor nie. Dit gaan dus nie om wat die pastor sê of hoe dit gesê word nie, maar oor wie die pastor vir mense is (Louw 1997:27).

Daar is 'n laaste verskuiwing wat ek aan die orde wil stel. Müller (2005) bied 'n verdere ontwikkeling aan wat hy sê nie *foundational* of *non-foundational* is nie, maar wat hy noem *post-foundational*. Hy voer aan dat hierdie benadering verby die beperkings en afgesonderde gemak van die teologiese *foundationalism* beweeg het, maar tog “it is not to be found within the sphere of relativism and the arbitrariness of anti-

foundationalism" (Müller 2005). Dit is natuurlik so dat hierdie ontwikkeling nie alleen verband hou met teorievorming in die pastoraat nie, maar ook wyer gaan. Vir die doel van hierdie navorsing word hierdie ander aspekte nie hier verder bespreek nie.

Müller (2005:73) sê dat die praktiese teologie gedurende die afgelope eeu hard gewerk het om wetenskaplike status te verwerf en as aparte akademiese dissipline erken te word. Ongelukkig het dit in die proses 'n elitistiese akademiese saak geword met te min kontak met die informele vorme van praktiese teologiese refleksie. Praktiese teologie het volgens hom verwyderd geraak van die plaaslike en informele vlakke van die vak. Juis daarom kies hy vir *postfoundationalist* praktiese teologie. Vir hom verteenwoordig dit 'n herontdekking van die basiese vorme van praktiese teologie en is dit 'n poging om verby die modernistiese grense van praktiese teologie te beweeg. Terselfdertyd is dit ook 'n poging om die relativisme van *anti-foundationalist* teorieë te ontsnap.

*Post-foundationalist* praktiese teologie kan gesien word as deel van die hermeneutiese benadering, maar beweeg verby hermeneutiek as metafoor vir die praktiese teologie (Müller 2005:75). Dit gaan verder en vra vir 'n baie spesifieke verstaan, naamlik 'n verstaan wat nie net die plaaslike konteks as een van die hermeneutiese sirkels insluit nie, maar 'n verstaan wat slegs binne en vanuit die plaaslike konteks kan ontstaan. Die "postfoundationalist approach forces us to firstly listen to the stories of people struggling in real life situation. It does not merely aim to describe a general context, but we are confronted with a specific and concrete situation" (Müller 2005:76).

In die lig van die onderwerp en die werkswyse gevolg in hierdie navorsing is hierdie *postfoundational* benadering relevant. Die verhale wat vertel word deur wit Afrikaanse Christene oor hulle ervaring van en oordeel oor die beleid van apartheid kan net reg verstaan word in die lig van die baie spesifieke konkrete situasie waarin hulle geleef het en tans steeds leef. In Müller (2009:204) se woorde: "The post-foundationalist approach forces us to firstly listen to the stories of people in real-life situations. It hasn't got the aim of merely describing a general context, but of confronting us with a specific and concrete situation."

Ter afsluiting van hierdie gedeelte oor die pastoraat wil ek graag aansluit by 'n aanhaling van Browning (1991:ix) wat in die lig van postmoderniteit sy en my posisie goed weergee as hy sê: "Although I do contrast my view with other perspectives, I do not claim that others are wrong."

## 9.3 Metodologie

Metodologie verwys na die navorser se siening oor hoe kennis oor die nagevorsde onderwerp op die beste moontlike wyse versamel kan word (Schurink 1998:240). Die metodes waarop die navorser uiteindelik besluit, word onder andere bepaal deur die onderwerp wat ondersoek word asook die paradigma en epistemologie wat die navorser kies.

In die voorafgaande paragrawe is 'n keuse gemaak vir postmoderniteit en 'n sosiale konstruksie diskoers. In die lig van hierdie benadering word 'n keuse gemaak vir kwalitatiewe navorsing wat volgens Payze (2001:271) goed geskik is vir die ondersoek van sosiale prosesse, eerder as vir 'n kwantitatiewe studie. Die fokus van die navorsing was om te bepaal hoe wit Afrikaanse Christene, gegewe hulle spesifieke verlede soos onthul voor die WVK, in die nuwe Suid-Afrika leef.

### 9.3.1 Literatuurstudie

Tradisioneel begin navorsing dikwels eers met 'n literatuurstudie, maar nie altyd nie. Hierdie navorsing begin ook nie daar nie. Soos Browning (1991) dit met sy praktyk-teorie-praktyk benadering verduidelik, het hierdie ondersoek ook begin met 'n praktiese situasie waarin die navorser en die mede-navorsers persoonlik betrokke was. Hieruit het die behoefte ontstaan om ook te wete te kom wat ander mense oor die navorsings-onderwerp skryf en geskryf het. Voor en tydens die reeks gesprekke is daar ’n uitvoerige literatuurstudie oor die sienings van wit en swart mense oor die beleid van apartheid gedoen. Dit het ingesluit die kwessies van rassisme, die vraag na wit mense se kollektiewe of individuele skuld en aanspreeklikheid, en die gepaardgaande restitusie soos uitgedruk in die beleid van regstellende aksie. Die literatuurstudie het ook gefokus op die rol van die NG Kerk in die apartheidsbedeling, van die aanvanklike teologiese regverdiging tot die ommekeer in 1986 en finaal in 1998 (Retief & Jackson 1998:1).

Die aanvanklike navorsing is in 1998 gedoen in die tyd net voor en tydens die bekendmaking van die WVK se verslag. Die gebeure van die WVK het dus ’n groot rol gespeel in die denke van die deelnemers op daardie tyd.

Sedertdien het daar meer as ’n dekade verloop – en nie sonder bepaalde storms nie. In die aanloop tot die tweede fase, die longitudinale studie, is daar ten opsigte van die literatuur veral gekyk na die groot debatte in Afrikaanse en kerklike geledere. Reeds tydens, en kort na die WVK, was daar verskeie reaksies op die proses, soos Asmal, Asmal en Roberts se *Reconciliation through truth* (1996) en James en Van de Vijver se *After the TRC* (2000).

In sy *Die nuwe toekoms* (Du Toit 1999) bekyk die skrywer die rol en posisie van die Afrikaners wat “in ’n toestand van feitlik totale verlies van politieke inspraak beland het en hoe hy met vernude selfrespek daar kan uitkom” (De Villiers 1999:8). Met etnisiteit en kultuur as belangrikste dryfkragte (Du Toit 1999:13), bekyk hy die posisie van minderhede en hulle regte in Suid-Afrika.

Tien jaar na die aanbreek van die demokratiese Suid-Afrika gee sestien meningsvormers hulle opinie van die eerste dekade en die pad vorentoe (World Economic Forum 2004). Dit sluit in ekonome, politici en gemeenskapsleiers. Op ’n heelwat ligter trant skryf ervare politikus Pieter Mulder (2008) oor sy eie ervarings in die parlement en post-apartheid Suid-Afrika in die algemeen. Rian Malan (2011), ondersoekende joernalis en sosiale kommentator, volg sy vroeëre *My traitor’s heart* op met *Resident Alien* waarin hy alles en almal ondersoek en aanspreek. Hy beweer die enigste waar woord wat hy nog oor Suid-Afrika geskryf het, is: “We yaw between terror and ecstasy. Sometimes we complete the round trip in just fifteen minutes” (Malan 2011:xii).

In die geledere van die wit Afrikaners was daar die hele *Boetman*-debat wat Chris Louw (2001a) met sy ope brief aan die gang gesit het. Hierop het ’n omvangryke reaksie van tientalle lesers wat briewe oor dieselfde onderwerp geskryf het gevolg. Die kwessie van skuld en skuldbelydenis is op die voorgrond geplaas deur oud-minister Adriaan Vlok wat eerwaarde Frank Chikane se voete gaan was het (De Lange 2006:1). Die skiet-voorval by Skielik, waar ’n jong wit man swart mense doodskiet het (Mouton 2008a:1) en die debakel oor die Reitz-video (Cloete 2008:1), het die verhouding tussen wit mense en swart mense opnuut in die kollig geplaas. Al hierdie gebeure speel af teen die agtergrond van ’n land met toenemende misdaad en geweld, swart-beheerde munisipaliteite wat al minder en minder slaag in dienslewering, grondhervormings wat op baie plekke misluk en regstellende aksie wat deur baie wit mense as omgekeerde rassisme ervaar (Hermann 2007:30) en selfs deur swart mense as diskriminerend

beskryf word (Buthelezi 2004:elektroniese bron).

Hermann (2011) skryf ook later "'n brief aan my dogters" waarin hy sy (en daarmee saam Afrikaners in die breë) se posisie in Suid-Afrika verdedig. Hy begin sy verhaal by die eerste familielid wat in 1658 reeds in die Kaap aangekom het. Dan vertel hy die verhaal van elf opeenvolgende geslagte wat geworstel het om as Afrikane 'n bestaan te maak in hulle gekose kontinent. Sy polemiek is teen 'n "verdraaide geskiedenis" (Hermann 2011:7) wat daarop gemik is "om ons Afrikaners in 'n permanente posisie van skuld te plaas."

Een van die meer onlangse bronne oor die rol en posisie van wit Afrikaners in die post-apartheid Suid-Afrika is *Knowledge in the blood* van Jansen (2009). Hierin vertel hy van sy ervarings met studente aan die Universiteit van Pretoria. Alhoewel hy primêr fokus op wat hy noem "second generation" (Jansen 2009:171) Afrikaners, is sy ontledings net so relevant vir wit Afrikaners van alle generasies.

Op kerklike terrein verskyn prof. Willie Jonker se boek *Selfs die kerk kan verander* in 1998. Hierin maak hy dit duidelik dat die NG Kerk só met die politiek vereenselwig het, dat sy nie aan "haar profetiese roeping getrou kon bly nie" (Jonker 1998:3) en dat die NG Kerk se steun vir apartheid slegs gedien het "om die bevoorregte posisie van die blanke minderheid moreel te legitimeer" (Jonker 1998:42). Hy deel sy ontnugtering toe hy vir die eerste maal besef "hoe verwerplik ons vir die swart mense van Afrika was" (Jonker 1998:153). Die debat in die NG Kerk oor kerkhereniging en lidmate se skynbare weerstand daarteen noodsaak 'n ernstige selfondersoek onder wit Afrikaners wat lidmate van die NG Kerk is. Dit is teen hierdie agtergrond dat die opvolgnavorsing gedoen word.

In 2010 stel die uitvoerende direkteur en een van die senior navorsers van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening 'n boek saam oor versoening (Du Toit & Doxtader 2010). Hierin skryf sewentien prominente Suid-Afrikaners oor die ingewikkelde en "persistent" kwessie van versoening wat sestien jaar in die post-apartheid bedeling steeds relevant bly. Hulle sluit aan by die WVK wat ons baie geleer het oor die waarde van versoening, maar "did not teach us much about how to carry on the process for ourselves" (Du Toit & Doxtader 2010:ix).

In die afgelope veertien jaar is daar nie net populêr geskryf nie, maar ook akademies is daar verskillende bydraes gelewer ten opsigte van die taak van die kerk. “Drawing on the empirical research of scholars” (Osmer 2008:41) het verskeie bydraes ’n invloed op my eie navorsing gehad. Die eerste is Liese Meiring (2000) se M.Th.-studie *Renouncing racism in a Dutch Reformed Congregation.* Sy voer 'n reeks gesprekke met lidmate van die NG Kerk waartydens Antjie Krog se boek *Country of my skull* (1998a) bespreek word. Dié boek is ook relevant in hierdie navorsing en dieselfde temas is met die mede-navorsers bespreek en vind neerslag in hierdie navorsings-verslag.

’n Tweede is Shena Hess (2003) se *A pastoral response to some of the challenges of reconciliation in South Africa following on from the truth and reconciliation Commission.* Hess werk met 'n groep vroue wat hulle mans of kinders verloor het in die apartheidjare. Na die onthullings voor die WVK werk sy ook met diegene wat die dade gepleeg het waarin die mans of kinders vermoor is. Sy poog dan om 'n veilige konteks te skep waarin hierdie oortreders verantwoordelikheid neem vir hulle dade en sodoende tot heling begelei kan word. Haar temas van skuld en verantwoordelikheid resoneer met die inhoud van hierdie navorsing.

Die doktorale studie van Neels Els (2008), waarvan ’n gedeelte in ’n populêre vorm in ’n koerantartikel (Els 2010) verskyn het, plaas belangrike sake op die tafel wat ook in hierdie navorsing aan die orde kom. Onder die opskrif *Was David Bosch reg?,* sluit Els (2010) aan by twaalf stellings wat David Bosch reeds in 1985 gemaak het oor die versoeningsproses in Suid-Afrika. Hierin wys Bosch onder andere daarop dat ware versoening nie goedkoop is nie; versoening nie gebeur sonder belydenis en vergifnis nie; en dat die ergste skuld dié is waarvan ons nie weet nie.

In die onlangse verlede het daar ook verskeie artikels verskyn wat relevant is vir hierde studie. Thesnaar (2010 en 2011) skryf oor die werk wat hy gedoen het oor die rol van herinnerings in die bevryding van die trauma van die verlede. Hierin sluit hy ook aan by die werk van die WVK en beklemtoon die belang van die gemeente as veilige plek waar hierdie trauma hanteer kan word.

Meer onlangs was daar die reeks artikels van Kruger en Hofmeyr (2009a, 2009b, 2011) oor ’n era van verandering vir die NG Kerk sedert 1990. In hierdie reeks kyk die skrywers na die “NG Kerk se erfenis van burgerlike godsdiens en apartheids-teologie,

en die verandering ten opsigte daarvan" (Kruger & Hofmeyr 2009a:138). Hulle identifiseer 'n aantal boustene vir die uitbou van die NG Kerk se identiteit in die lig van die polities-kulturele situasie en ook die verandering van wêreldbeskouings sedert 1990 (Kruger & Hofmeyr 2011).

Al hierdie bronne hierbo genoem, het die navorser geïnformeer. Nie al die bronne kom ewe direk aan die orde in die navorsingsverslag nie, maar die navorsing is daardeur gevorm en dit het mede-bepaal wat die belangrikste temas vir die gesprekke van die aanvanklike navorsing sou wees.

### 9.3.2 Aanvanklike navorsing in 1998

In die eerste fase van die navorsing is 'n reeks van agt semi-gestruktureerde ontmoetings gehou met die sentrale tema van hoe wit Afrikaners leef na apartheid, gegewe hulle verlede. Die fokus van hierdie gesprekke was hoofsaaklik om te verstaan hoe die mede-navorsers oor apartheid dink en gedink het. Synde self 'n wit Afrikaanse Christen te wees, het ek as navorser as 'n gelyke vennoot deelgeneem aan die gesprekke. Hierin was ek meer as net 'n deelnemende waarnemer. Ek het doelbewus probeer om myself in die mede-navorsers se skoene te plaas ten einde hulle "actions, decision, behavior, practices, rituals" te verstaan (Payze 2001:271). Ek was deel van elke gesprek, want "only through 'entering into' the lifeworld of the researched as an insider, could the researcher hope to gain understanding of meaning" (Dreyer 1998:5).

Ek kon met die groep identifiseer en daarom was daar nie die dikwels-teenwoordige gevaar van "tourist therapy" waar die navorser navorsing doen sonder "a qualitative appreciation and informed knowledge" (Waldegrave 1990:15) van die groep met wie gewerk word nie. Hierdie posisie het dit ook vir my makliker gemaak om die groep uit te daag om wyer te dink en uiteindelik alternatiewe stories of "re-storying" (White 1990:14) te skep.

Lede van die groep het mekaar dikwels uitgedaag oor stellings wat gemaak is. Vergelyk byvoorbeeld die skerp debat tussen Elsa en Mike oor die kern van die probleem met apartheid by [6-280]. Ook op ander plekke in die gesprekke sien ons dieselfde patroon, soos byvoorbeeld [Hanlie 2-108] en [Johan 3-633]. Robuuste debat het soms gevolg. Dit was ook van die begin af die ooreenkoms dat ek die inhoud van

die gesprekke sou deel met ander persone. Vergelyk [Albert 1-054] in hierdie verband. Hierdie debatte word nie nou in meer *detail* bespreek nie, maar dit kom wel in hoofstuk drie aan die orde.

Elke mede-navorser is ook uitgedaag om te lees wat ander persone oor die onderwerp onder bespreking sê [Albert 1-093]. Ook gesprekke met ander mense van buite die groep is aangemoedig [Albert 3-048] en [Mike 3-066]. Die resultate van hierdie informele gesprekke het neerslag gevind in die groep se gesprekke en later ook in die navorsingsverslag.

Tydens die sewende groepsbyeenkoms is drie nie-wit persone uitgenooi om hulle ervarings met ons te kom deel: ’n bruin onderwyseres, ’n swart besigheidsman en 'n swart leraar. Die interaksie tussen die groep en die besoekers het bygedra daartoe dat die mede-navorsers hulleself tydelik in die skoene van swart mense kon bevind.

Die gesprekke is met almal se toestemming op band opgeneem en later getranskribeer. Hierdie transkripsies is aan die mede-navorsers gegee om enige korreksies of wysigings aan te bring soos hulle sou wou. Die transkripsies is as bylae aangeheg as uitgebreide kwalitatiewe data, dit is “descriptive data, people's own written or spoken words and observable behaviour – which are analysed for underlying patterns or themes" (Taylor 1988:75). Hierdie bylae is bedoel om as basis gebruik te word in gesprek met ander rolspelers soos swart mense en kollegas (tydens die navorsingsproses) en akademiese literatuur (voor en tydens die skryf van die navorsingsverslag). Die doel was om saam met die mede-navorsers te reflekteer oor hulle (ons?) standpunte en hulle (ons?) as gids (Gerkin 1997:114) te begelei tot groter begrip aangaande apartheid. Dit sou hulle kon help om betekenis te gee aan die nuwe post-apartheid situasie.

Hierdie tipe navorsing sou as deelnemende aksie-navorsing beskou kan word in die sin wat Stringer (1999:9) die term gebruik. Aksie-navorsing het in onguns verval by baie akademici, omdat dit dikwels in verband gebring is met radikale politieke aktivisme. Dit is ook die rede waarom baie van hulle aksie-navorsing beskryf as 'n metode wat politieke en sosiaal-maatskaplike doelwitte in die oog het (Mouton 2001:58). Stringer (1999:9) wil die aanvanklike konsep van aksie-navorsing verder ontwikkel en praat van “community based action research” wat lede van die gemeenskap betrek as gelyke en volle vennote in die navorsing. 'n Fundamentele uitgangspunt van hierdie

gemeenskapsgebaseerde aksie-navorsing is

> that it commences with an interest in the problem of a group, a community, or an organisation. Its purpose is to assist people in extending their understanding of their situation and thus in resolving problems that confront them (Stringer 1999:10).

Die navorsing kan ook in Osmer (2008:49) se terme genoem word “applied research” wat ten doel het “to illuminate a societal concern.” In sy terme sou die navorsingsopset as 'n “formal” een beskou kan word wat ten doel het “investigating particular episodes, situations, and contexts through empirical research” (Osmer 2008:38).

### 9.3.3 Opvolgnavorsing in 2012

Die tweede fase van die navorsing was 'n longitudinale opvolg of “re-study” (Foster, Scudder, Colson & Kemper 1979:9) wat hulle beskryf as “a major initial study followed after an interval of some years by a (usually) much briefer visit.” Met die aanvanklike navorsingsdata as riglyn is opvolggesprekke gevoer met byna al die lede van die oorspronklike groep. Een lid van die aanvanklike groep is intussen oorlede en 'n beduidende aantal van hulle het verhuis wat ŉ latere en verdere groepsgesprek onmoontlik gemaak het. Ek kon al die ander mede-navorsers opspoor en daarom was dit nie nodig om nuwe persone by die navorsing te betrek nie.

Volgens Foster en andere (1979:9) is die primêre doel van so ŉ opvolg normaalweg om verandering te meet ten einde te sien of vorige voorspellings waar geword het. In hierdie navorsing fokus die opvolg op die toets van houdings in vergelyking met dit wat aanvanklik waargeneem is. Die areas waarna die navorsing kyk, is sake soos rassisme, skuld, die rol van die kerk en versoening. Hierdie sake is met die mede-navorsers getoets en daar is veral gevra na wat in die afgelope jare gebeur het wat hulle houdings kon verander het, indien dit wel verander het.

Ten einde struktuur te gee aan die navorsingsverslag is gekies om die ABDCE-model van Lamott (1995) te gebruik. Die model met sy vyf onderafdelings word vervolgens een-een bespreek.

### 9.3.4 Die ABDCE-formule

Lamott (1995) stel aanvanklik die ABDCE-formule voor as 'n riglyn vir die skryf van fiksie. Müller, Van Deventer en Human (2001) verwerk dit in 'n formule vir die doen van narratiewe navorsing. In 'n latere werk beskryf Müller en Gouws (2003:118) dit so:

> By using a developed ABDCE-formula, a space is created in which narrative-based research can be done. It develops through action stories… It provides background perspectives on aspects like language games, deconstruction, postmodernism, social constructionism and narrative therapy. As part of the climax of the research, certain conclusions are drawn…

Die ABDCE-model is in die onlangse verlede verder in ’n navorsingsagenda vir ’n *postfoundational* praktiese teologie ontwikkel (Müller 2005, 2009; Van der Westhuizen 2010). Die motivering vir die gebruik van die oorspronklike model vir hierdie navorsingsverslag word egter gevind in die narratiewe karakter van die verhaal wat gedokumenteer word.

Die onderliggende idee is dat navorsing nie net vanuit 'n probleemstelling benader moet word nie, maar dat navorsing ook vanuit 'n bepaalde aksieveld ontwikkel (Fourie 2008:55). ABDCE is 'n akroniem vir die Engelse terme *Action*, *Background*, *Development*, *Climax* en *Ending.* Dit is dan die formule waarvolgens die verhaal van die navorsing geskryf word. In aansluiting by die oorspronklike gebruik in “fiction writing” (Müller 2000b:elektroniese bron) gaan dit in hierdie formule oor die vertel van stories of narratiewe. Stories word ontdek en ontwikkel. Die doel van navorsing is nie in die eerste plek verandering nie, maar om die stories te hoor en ingetrek te word in die stories (Müller, Van Deventer en Human 2001:77). Van Niekerk (2003:109) beskryf die proses so:

> A definite goal is to conduct the research in such a way as to maintain subjective integrity and credibility: trying to listen to all the stories with subjective, not objective integrity, asking open, non-judgmental questions. This can be done by using other people to participate in the social-construction process when interpreting stories. Doing story development also entails being sensitive to new, unexpected stories.

In die volgende onderafdeling word elke aspek van die ABDCE-formule in meer besonderhede verduidelik ten einde die navorsingsverslag wat in die volgorde van ABDCE aangebied word, beter te kan verstaan.

#### 9.3.4.1 Aksie (*action*)

Die aksie waarvan Lamott (1995:62) praat is aksie “compelling enough to draw us in.” Dit gaan nie soseer oor die aksie self nie, maar oor die storie wat saam met die aksie loop. Hierdie benadering help ons om die fokus te verskuif van die probleem, na die verhaal van die aksie (Müller, Van Deventer & Human 2001:79). “The action part includes the problem …”, maar ook “… to have a good empirical look at people and the action in which they are involved” (Müller 2003:10).

Die navorser fokus op wat op 'n spesifieke oomblik aan die gebeur is. Dit bepaal die vertrekpunt van die navorsing. “The action phase of this approach is about the “now of the story” (Human 2003:43). Maar daar is ook 'n tweede aksie ter sprake, naamlik die “interaksie” tussen die navorser en die aksie wat ondersoek word (Müller, Van Deventer & Human 2001:81). Om egter te weet wat “nou” aan die gebeur is, is dit noodsaaklik om te weet wat vooraf gebeur het. Dit bring ons by *background*.

#### 9.3.4.2 Agtergrond (*background*)

Wat het met die karakters van die verhaal gebeur voordat die aksie begin het? Dis die vraag waarmee *background* gemoeid is. Nou word die agtergrond van die karakters verduidelik en vertel hoe hulle bymekaar gekom het. Wat is dit wat hulle aan mekaar bind? “The background will further be augmented by the interactive construction of historical and systematic insights between all the research partners” (Müller 2003:13). Die wederkerige gesprek tussen die mede-navorsers is 'n voortgaande spiraal (Fourie 2008:57) wat ontvou en nie 'n liniêre proses nie.

Lamott gebruik die beeld van 'n stelbouer vir 'n drama of 'n fliek wat elke kamer in *detail* beplan en beskryf. “Every room is about memory” (Lamott 1995:74). Deelnemers word genooi om te vertel van die nou, maar ook om die kamers en plekke van hul verlede te besoek. Die aksie speel nou teen 'n bepaalde agtergrond af wat ŉ lewe van assosiasie

en konnotasies uit die verlede word (Müller, Van Deventer & Human 2001:83).

Die *nou* van die aksie, en die agtergrond kom hier bymekaar en vul mekaar aan: “During this phase of the research process the ‘now’ of the story is set against the current socio-political and economic background in which the researchers and co-researchers are busy writing their own stories” (Müller, Van Deventer & Human 2001:81).

#### 9.3.4.3 Ontwikkeling (*development*)

In 'n narratiewe benadering word nie gewerk met vooraf opgestelde oplossings nie, maar met mense se verhale. Die fokus bly op die mense en nie die aksies nie. Die persone betrokke word nie navorsingsvoorwerpe nie, maar mede-navorsers. Hulle word betrek op gelyke voet met die navorser. Die navorser het 'n “not-knowing”-benadering (Anderson & Goolishian 1992) ten opsigte van die lewe van die mede-navorsers. Dit beteken nie dat sy of hy onkundig is nie. Die navorser bly die kenner van die proses, maar die mede-navorser bly die kenner van sy of haar eie lewe.

Die mede-navorsers is deel van die evolusionêre spiraal wat aan die ontvou is. “Die navorsingsproses is nie ’n proses wat bloot in ’n sirkel beweeg nie, maar het definitiewe oogmerke wat doelgerig die stories van die medereisigers rekonstrueer” (Fourie 2008:59). In die ontwikkelingsfase soek die navorser en die mede-navorsers na “unique outcomes” (White & Epston 1990) in die verhale van die betrokkenes. “The approach… is a social-constructionist approach, which involves both the researcher and the ‘characters’ in active process of story development” (Müller, Van Deventer & Human 2001:85). Hierdie proses loop uit op die klimaks.

#### 9.3.4.4 Hoogtepunt (*climax*)

Niemand weet wat of waar die hoogtepunt sal wees nie. Al wat seker is, is dat niks daarna ooit weer dieselfde sal wees nie (Lamott 1995:62). Al die lyne van die verhale kom saam in een knooppunt. Die hoogtepunt of klimaks is daar waar konsensus oor die uitkoms van die alternatiewe verhaal bereik word. Die klimaks is die eerlike resultaat, wat onafhanklik ontwikkel het, sonder inmenging of manipulasie van

enigiemand om ’n vooropgestelde uitslag te verkry (Fourie 2008:59). Müller (2003:14) trek die lyne deur na die pastorale praktyk as hy die hoogtepunt só verwoord: “Research is seeing people suffer and finding meaning therein. To be a researcher, one has to learn to be reverent. Research is more than mere technique; it is about reverence and awe.”

#### 9.3.4.5 Einde (*ending*)

Aan die einde van die proses is daar 'n nuwe “nou” waar die navorser of pastor vra: “what is our sense of who these people are now, what they are left with, what happened, and what did it mean?” (Lamott 1995:62). Die einde is nie 'n beëindiging nie. Dit is op die meeste die afsluiting van 'n fase wat onmiddellik weer die begin van 'n nuwe fase inlei. Die einde bring ’n ander perspektief, ’n perspektief wat nie noodwendig bevredigend is nie en selfs teleurstellend kan wees (Fourie 2008:60). En tog is dit volgens Müller (2003:15) ’n nuwe skrywe en nie maar ’n blote refleksie op die proses nie:

> The research process involves many of the stories of those involved: the clients; the families; the therapists; the patients; the church members. But the research process is not only a mere reflection on those stories; it is always a new writing. Research creates its own story with new possibilities. Therefore, narrative research doesn’t end with a conclusion, but with an open ending, which hopefully will stimulate a new story and new research.

Die einde gee geboorte aan 'n nuwe begin, maar dan 'n ander begin, anders as waar hierdie proses begin het. Iewers is gegroei, nuwe insigte gekry en beter stories vertel.

Elke navorsing het bepaalde tekorte en beperkings. In daardie opsig is hierdie navorsing geen uitsondering nie. Dit is inherent deel van ’n sosiaal konstruksie diskoers dat verslae soos hierdie nie aangebied word as die enigste waarheid nie. Beide navorser en leser moet hierdie feit verreken en daarom word in die volgende afdeling gekyk na die beperkings op hierdie navorsing.

## 10. Navorsingsbeperkings

Geen enkele studie kan alle antwoorde vir alle mense in alle situasies voorsien nie. Alreeds in die keuse van die navorsingsontwerp is die beperkinge reeds opgesluit. Hierdie navorsing maak geensins daarop aanspraak dat die groep mede-navorsers verteenwoordigend van al wit Afrikaanse Christene is nie. Die groep is uniek en hulle narratiewe is presies dit: *hulle* narratiewe. Die navorser is bewus dat daar ook ander verhale is wat deel van hierdie navorsing kon vorm. Hierdie ander stemme kon 'n ander karakter aan die inhoud gegee het. Die mede-navorsers verteenwoordig dus net hulleself

Die keuse vir 'n fokus op wit Afrikaanse Christene is doelbewus en berekend gemaak. Soos vroeër aangetoon is daar oor talle aspekte van die lewe in die nuwe Suid-Afrika geskryf, maar min navorsing is nog gedoen oor wit Afrikaanse Christene soos hulle in hierdie studie aan die orde kom. Sommige mense sal hierdie keuse as beperkend beskou, en ek gee toe dat dit 'n geldige siening sou kon wees. Terselfdertyd is daar genoegsame redes aangevoer waarom hierdie keuse gemaak is. Ander navorsers sou goedskiks ander groepe kon ondersoek.

Die omgewing waaruit die mede-navorsers kom, kan ook as te beperkend beskou word. Alhoewel Welkom 'n stad is, is dit nader aan 'n plattelandse gemeenskap en as sodanig waarskynlik meer konserwatief as 'n tradisionele stadsgemeenskap. Dit sou sekerlik 'n invloed op die navorsing hê, maar dan moet daar ook erken word dat dié gemeenskap nie die enigste plattelandse wit Afrikaanse Christene in die land is nie. Wat van hierdie gemeenskap waar is, sal waarskynlik ook waar wees van baie ander, al is dit dan nie van alle wit Afrikaners waar nie, en al is dit nie die bedoeling van hierdie navorsing om algemeen-geldende gevolgtrekking voor te lê nie.

Die groep kon sekerlik meer heterogeen gewees het. Veral ten opsigte van hulle ouderdom was die groep nie baie divers nie. Een lid was reeds 85 jaar oud, maar die ander was almal tussen 37 en 54. Daar was dus nie jongmense in die groep nie. Aan die ander kant is dit dalk juis hierdie ouderdomsgroep wat die meeste kon baat by hierdie navorsing. Hulle was al oud genoeg om genoeg ervaring van 'n lewe onder apartheid te gehad het, en hulle is nog jonk genoeg dat hulle vir baie jare sal moet saamleef met hulle apartheidsagtergrond. In terme van geslag was daar 'n byna gelykop verdeling met vyf vrouens en sewe mans.

Die meerderheid van die mede-navorsers kom uit 'n bogemiddelde sosiaal-maatskaplike groep. Die meeste van hulle is professionele beroepsmense. Dalk sou 'n ander groep mense se verhale dramaties anders gewees het, maar daaroor kan ek my nie uitspreek nie. Dit sou die onderwerp van 'n ander navorsingsprojek kon wees. Ook wat die aantal deelnemers aanbetref sou verdere navorsing die verhale van ŉ groter of selfs kleiner groep mede-navorsers kon versamel. ŉ Kleiner of groter groep se interaksie sou dalk ander verhale na vore laat kom het. Of die verhale in wese veel anders sou wees, kan ek nie op hierdie stadium sê nie.

Die navorsing is in terme van die beskikbare tyd beperk tot sekere kwessies. Dit beteken noodwendig dat ander uitgelaat moes word. 'n Ander navorser sou deur te fokus op ander kwessies 'n verdere bydrae tot die korpus van kennis kon maak.

Laastens moet ook gemeld word dat die navorser se eie tekorte ook kon bygedra het tot die beperkte waarde van die studie. Met meer ervaring sal beter gesprekke gevoer kan word wat dalk beter resultate sou kon lewer.

## 11. Hoofstuk-uiteensetting

Hierdie eerste hoofstuk het 'n oorsig gegee oor die probleem. In Lamott (1995) se taal was dit die aksie (*action)* wat aanleiding gegee het tot die navorsing. Dit verduidelik waarom die situasie my aangespreek het en hoe ek te werk gegaan het om dit te ondersoek. Hier is ook uitvoerig aandag gegee aan die paradigma, epistemologie en metodologie van die navorsing en 'n beskrywing van die plasing binne die praktiese teologie.

In hoofstuk twee word die agtergrond (*background)* van die navorsingsprobleem ondersoek. Die hoofstuk verduidelik “what was going on before the opening of the story” (Lamott 1995:62). Hier word gekyk na die apartheidsagtergrond waarteen die navorsing afspeel, die ontstaan en bedryf van apartheid in Suid-Afrika en die rol van die NG Kerk daarin. Daar word ook gekyk na wat reeds op die terrein van die praktiese teologie gepubliseer is oor apartheid en die nuwe Suid-Afrika. Twee belangrike fasette wat aandag kry is Weingarten (2002) se model van *(on)magtig* en *(on)bewus* en Rendle (2009) se *Roller coaster of change*.

Die derde hoofstuk sluit aan by Lamott se konsep van ontwikkeling (*development)*. Hier word die temas van apartheid en rassisme, skuld, die rol van die NG Kerk en versoening op die pad vorentoe uitvoerig bespreek soos dit uit die aanvanklike navorsing geblyk het. Die sienings van die mede-navorsers word deurlopend uitgedaag deur ander sienings van hoofsaaklik swart mense vanuit die literatuur en persoonlike gesprekke.

Hoofstuk vier verteenwoordig 'n klimaks (*climax)* in die verhaal (Lamott 1995:62) In hierdie hoofstuk word die opvolgnavorsing weergegee. Die longitudinale aard van die navorsing kom hier aan die orde sonder dat die uitkoms vooraf bepaal kan word. Soos Müller, Van Deventer en Human (2001:87) dit stel: "...researchers shouldn't know and therefore control the plot and climax of the story." Dieselfde temas as in die derde hoofstuk word hier ondersoek.

Die laaste hoofstuk, 'n verhaal van 'n einde (*ending),* is die afsluiting van die navorsingsverslag. Hier word saam met Lamott (1995:62) gevra "what happened, and what did it mean?" Die verhale van die mede-navorsers word hier vasgeknoop rondom temas soos die waarde, al dan nie, van die WVK tesame met die hart en nalatenskap van apartheid. Daar word weer gekyk na versoening en die rol wat die NG Kerk (kan) speel ten opsigte van skuldbelydenis en die begeleiding van lidmate in die post-apartheid Suid-Afrika.

Aan die einde word die navorsingsproses en -verslag in oënskou geneem. My persoonlike ervaring van die navorsing word ook ondersoek en die aktualiteit en waarde van die navorsing word oordink. Die waarde van die navorsing vir die NG Kerk kom hier na vore asook voorstelle vir verdere navorsing. Al verwys hierdie hoofstuk na 'n einde, is die proses hiermee nog nie afgehandel nie. Solank as wat daar wit Afrikaanse Christene in Suid-Afrika is, sal hulle daagliks 'n manier moet vind om te leef in hierdie land. Hierdie navorsing hou miskien hier op, maar die lewe gaan voort.

## 12. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die redes vir die ontstaan vir die navorsingsprojek verduidelik. Die groot politieke verskuiwing van 1994 is uitgelig as die oorsaak van grootskaalse transformasie in Suid-Afrika. Wit Afrikaanse Christene se lewe is omvergewerp. Hulle

wat vroeër (ten minste) die bevoordeeldes van apartheid was, het by die WVK in die beskuldigdebank beland. Hoe sou hulle, persoonlik en veral as kerklidmate, in die *nuwe* Suid-Afrika kon leef, gegewe hulle spesifieke agtergrond? Die manier waarop die navorsing gedoen is, is ook verduidelik.

In aansluiting by veral Osmer (2008) en Ganzevoort (2009) is 'n beskrywing gegee van Osmer se vier take van die praktiese teologie. Die omstandighede wat die navorsing vooraf gegaan het, is uiteengesit. Hierna is 'n beskrywing gegee van die mede-navorsers en die navorsingsproses wat gevolg is.

In die afdeling oor paradigma, epistemologie en metodologie is aandag gegee aan die postmoderniteit en die sosiale konstruksie diskoers. Die literatuurstudie, sowel as die aanvanklike en opvolgnavorsing is beskryf. Vir die opteken van die verslag is die ABDCE-formule gekies. Hierdie eerste hoofstuk het die verhaal van aksie aangespreek.

In die volgende hoofstuk – 'n verhaal ter agtergrond – sal aandag gegee word aan die agtergrond waarteen hierdie navorsing afspeel. Hierin word gefokus op die mede-navorsers se leefwêreld, beide persoonlik en as lidmate van die NG Kerk. Twee modelle word ook aangebied: Weingarten se *Typology of change* word verduidelik en dan later in die verslag gebruik om die posisies van die mede-navorsers ten opsigte van verskillende kwessies te beskryf. Laastens word daar ook gekyk na die proses van verandering soos beskryf deur Bridges en Mitchell (2000) se drie fase-model asook na Rendle (2009) se *Roller coaster of change.*

**HOOFSTUK 2**

**DIE OORSPRONG VAN DIE APARTHEIDSVERHAAL**

**('n Verhaal ter agtergrond)**[10]

> *Ek was meer as een keer in 'n situasie waarin ek probeer antwoorde gee het, maar terwyl ek gepraat het, het ek self al minder oortuig geraak. In gesprek met belangstellende buite-staanders het ek al minder geweet wat die antwoorde is. In die proses van die vertel van die verhaal het ek ontdek dat my storie al minder sin maak* (Müller 2000a:20).

## 1. Inleiding

Hoeveel sin maak die verhaal wat wit Christen Afrikaners hulleself vertel het? Hoeveel sin het dit gemaak vir ander mense wat dit gehoor het? Müller (2000a:2) onderstreep die punt dat sy eie antwoorde hom al minder oortuig het, totdat hy op dié punt in sy lewe gekom het waar sy "storie al minder sin (ge)maak" het. Vir hom as wit Christen Afrikaner het dit tot 'n "waterskeidingsmoment" gelei. Sou dit ook só wees by ander wit Christen Afrikaners? Watter verhale vertel hulle vandag, agttien jaar na die amptelike einde van apartheid, en hoe verskil hierdie verhale van dié wat hulle veertien jaar gelede vertel het? Maak hierdie verhale sin en hoe moet dit beoordeel word? Dit is die kwessies wat in hierdie navorsing aandag kry. Hierdie hoofstuk fokus op die agtergrond waarteen hierdie verhale vertel en vrae gestel word.

Soos in hoofstuk een verduidelik is, word hierdie navorsingsverslag aangebied volgens die ABDCE-model van Müller, Van Deventer en Human (2001). In hoofstuk een is die A, die verhaal van aksie (*action*) vertel. Dáár is aangetoon waarom wit Afrikaanse Christene se lewens in die nuwe Suid-Afrika die onderwerp van hierdie studie gemaak is. Gegewe hulle geskiedenis en die onthullings voor die WVK (TRC 1998a) was daar in 1998 verskeie uitdagings op hulle pad. Die gebeure die afgelope veertien jaar het eweneens 'n invloed gehad op die lewe van wit Christen Afrikaners vandag.

Die tweede deel van die model, die B-komponent, vertel 'n verhaal ter agtergrond (*background*) vir hierdie studie. Hierdie agtergrond-perspektiewe word hier in hoofstuk twee aan die orde gestel. Volgens die voorgestelde vrae wat Müller, Van Deventer en

---

[10] Met verwysing na die tweede deel (*background*) van Müller, Van Deventer en Human (2001) se ABDCE-model.

Human (2001:91) vra, is hierdie afdeling die plek om aandag te gee aan die persone en / of diskoerse wat 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die beleid van apartheid en die spesifieke situasie van die mede-navorsers. Die navorsing gee aandag aan die mede-navorsers se siening van sake soos rassisme, skuld, versoening, regstellende aksie en die rol van die kerk in hierdie sake. In die aanvanklike navorsing word gepoog om te verstaan hoe die mede-navorsers in 1998 dink oor hierdie sake en watter impak die onthullings voor die WVK op hulle sienings gehad het.

In die opvolgnavorsing word dieselfde sake in die lig van die gebeure van die voorafgaande veertien jaar weer aan die orde gestel. Hierdie gebeure sluit onder andere in die hele *Boetman*-debat wat Chris Louw (2001a) aan die gang gesit het oor 'n geslag jong mans wat voel dat hulle deur die vorige geslag misbruik en mislei is; oud-minister Adriaan Vlok (De Lange 2006:1) wat eerwaarde Frank Chikane se voete was as simboliese handeling van skuldbelydenis; die voorval by die Skielik-*township* (Mouton 2008a:1) waar 'n jong wit man lukraak op swart mense begin skiet en drie persone gedood het; en die Reitz-video debakel by die Universiteit van die Vrystaat (Cloete 2008:1). Hierdie is maar enkele van die uitstaande gebeure van die afgelope aantal jaar. Dit alles speel af teen die agtergrond van 'n land met toenemende misdaad en geweld (Pienaar 2008:2; Van der Watt, 2007:9), swart-beheerde munisipaliteite wat al minder en minder slaag in dienslewering (Steenkamp 2009:1), grondhervormings wat klaarblyklik misluk (*Beeld* 2009b; Van der Walt 2010) en regstellende aksie wat deur wit mense as omgekeerde rassisme (Hermann 2007) ervaar word. Die kwessie van wit skuld is weer in 2010 op die voorgrond geskuif met Samatha Vice (2010) se artikel *How do I live in this strange place?* en Anton van Niekerk (2011) se reaksie daarop in die Afrikaanse dagbladpers. Die daaropvolgende reaksie (vergelyk onder andere Saunders 2011) wys dat hierdie debat nog baie lewendig onder wit Afrikaners is.

Vanuit die NG Kerk se geledere skryf Jonker (1998) oor die Kerk se politieke bande wat haar "profetiese roeping" (Jonker 1998:3) in die slag laat bly het. Hy koppel ook die NG Kerk se steun aan apartheid aan 'n morele legitimering van "die bevoorregte posisie van die blanke minderheid" (Jonker 1998:42).

In 1999 publiseer die baie bekende anti-apartheid kerklike, emeritus aartsbiskop Desmond Tutu, sy boek *No future without forgiveness*. Hierin beklemtoon hy die noodsaak van vergifnis ter wille van die pad vorentoe: "we are people who know that

when someone cannot be forgiven there is no future" (Tutu 1999:117).

Sedert die aanvanklike navorsing is daar in die NG Kerk 'n voortslepende debat oor kerkhereniging. Die NG Kerk se aanvanklike "ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie" (Ned Geref Kerk 2004:elektroniese bron) en die skynbare weerstand wat mettertyd daarteen opgebou het (Coetzee 2009:2; Pienaar 2009), vorm die verdere agtergrond waarteen die opvolgnavorsing gedoen is. Ten nouste hieraan verbonde is die debat oor die aanvaarding al dan nie van die Belhar-belydenis, soos duidelik word uit enkele berigte in *Kerkbode* (2004, 2007 en 2009). Jansen (2009:35) vra ook die verdere vraag na die wit kerke se bereidheid om te verenig met kerke van ander rasse. Soos hy dit stel: "it is entirely up to these churches, once indistinguishable from the state, to decide whether and when they will change at all."

Die sienings van die mede-navorsers oor hierdie en ander sake is aanvanklik getoets in 'n reeks semi-gestruktureerde groepsgesprekke soos in hoofstuk een verduidelik is. Die opvolgnavorsing is ongeveer veertien jaar later gedoen deur een-tot-een gesprekke en korrespondensie.

Hierdie hoofstuk se onderafdelings lyk as volg: Na hierdie inleiding word daar in die tweede afdeling gekyk na die agtergrond en oorsprong van die beleid van apartheid. In aansluiting by Browning (1991) se vertrekpunt van praktyk-teorie-praktyk sal hier ook reeds aan die mede-navorsers se eie sienings saam met dié van akademici en ander skrywers aandag gegee word. Hier word ook gekyk na die denkklimaat waarin die mede-navorsers grootgeword het. Die dominante stemme en diskoerse van die apartheidstyd sal hier uitgewys word, asook die invloed wat dit op die mede-navorsers gehad het. Daar word gekyk na wat in die tyd voor die aanvanklike navorsing geskryf is oor die onderskeie temas wat aan die orde gestel word. Hierdie inligting vorm die agtergrond waarteen die verhale van die mede-navorsers gesien moet word.

Die derde afdeling sluit tematies aan by die voorafgaande. Hier word weereens na dieselfde temas as in afdeling drie gekyk, maar nou vanuit die hoek van die afgelope veertien jaar – die tussentyd tussen die aanvanklike navorsing en die opvolg-navorsing. Persone, gebeure en diskoerse wat 'n belangrike rol gespeel het in hierdie tussentyd, soos onder andere dié waarna ek reeds hierbo verwys het, kom hier aan die orde.

Hierdie navorsing word gedoen vanuit die praktiese teologie en by name die pastorale terapie. Daarom is ’n belangrike onderafdeling van die navorsing juis die vraag oor die rol van die kerk in die kwessies wat in die voorafgaande twee afdelings uiteengesit is. Wat het die kerk destyds in die apartheidsjare gesê, asook in die tydperk van 1994 tot 1998? Dit vorm die basis van afdeling vier.

Afdeling vyf handel oor wat die kerk sedert die aanvanklike navorsing gedoen en gesê het oor die situasie in Suid-Afrika. Die fokus is primêr op die NG Kerk, maar ander stemme word ook gehoor. Hier word uiteraard ook aandag gegee aan stemme van kritiek.

Die sesde deel van hierdie hoofstuk handel oor die agtergrond van die navorsing oor Weingarten se *Typology of Witnessing* (2000). Hierin voer sy aan dat almal in Suid-Afrika getuies is van wat onder apartheid gebeur het. Die wyse waarop verskillende mense hierdie getuienis verwoord, verskil egter van mekaar. Sy maak gebruik van ’n twee-as sisteem waarin *Bewus-Onbewus* gekorreleer word met *Bemagtig-Ontmagtig*. Die gevolglike vier kwadrante bepaal dan die perspektief van waaruit gekyk word na apartheid en die gevolge van die beleid (Weingarten 2002:45). Die mede-navorsers se insette sal hieraan gemeet word.

Die sewende deel van die hoofstuk kyk na die proses van verandering. Eerstens word gekyk na Bridges en Mitchell (2000) se drie-fase model van verandering en word Rendle (2009) se *roller coaster of change*-model verduidelik. Rendle gebruik hierdie model om visueel voor te stel hoe die proses van verandering lyk. Sy navorsing oor “the emotional cycle of congregations in change” (Rendle 1998:105) is relevant vir, en van toepassing op die proses waardeur baie wit Christen Afrikaners in Suid-Afrika ook kollektief gaan. In afdeling sewe word hierdie model volledig verduidelik.

Hoofstuk twee word afgesluit met 'n samevatting van die inhoud van die hoofstuk en 'n oorsig oor wat in hoofstuk drie aan die orde gestel word.

## 2. Die agtergrond en oorsprong van die beleid van apartheid

> *Natuurlik is die ontwikkeling van 'n politieke sisteem soos apartheid 'n komplekse saak. Dit word oor geslagte heen deur baie faktore gevorm* (Müller 2000a:22).

Die agtergrond en oorsprong van apartheid is hoofsaaklik bespreek tydens die eerste twee ontmoetings in die groep. Tydens hierdie byeenkomste is bespreek hoe apartheid in wit Afrikaners se lewens gekom het. Ons het ons eie ervarings bespreek en hoe ons gedink het swart mense dit ervaar het. Alhoewel die tema van die derde en vierde gespreke hoofsaaklik die ervaring van die swart mense was, onthul dit ook 'n klomp van ons eie sentimente. Dit sal duidelik wees dat daar oor sekere sake baie ooreenstemming was, terwyl ander redelike ernstige verskille van mening tot gevolg gehad het.

Die lewe in apartheid Suid-Afrika speel af teen 'n agtergrond van een groot meta-narratief. Hierdie enkele diskoers domineer elke aspek van die privaat en die openbare lewe. Gordin (1998:302) beskryf wat hy noem "apartheid's central message" in hierdie woorde: "blacks are different, other, and, of course, inferior. Ergo, their lives are cheaper." Daar is min blanke Afrikaners wat grootgeword het ná 1948 wat hierdie boodskap kon vermy. Die baie bekende opponent van apartheid Dr. Beyers Naudé (aangehaal in Villa-Vicencio & Niehaus 1995:21) sê self: "Segregation was the acceptable order of the day. Most whites saw it as the most natural way of relating to blacks."

Die praktyk van hierdie beleid word goed deur die geskiedskrywer Stavrianos (1982:478) beskryf as hy sê:

> Apartheid involves two basic policies: the exclusion of all nonwhites from any share in political life; and the confinement of Africans to separate areas known as Bantustans, or preserves for the 'Bantu,' as the Africans have been known. These Bantustans comprise only 14 percent of South Africa's land, while the Africans are 71,3 percent of South Africa's total population of 26 million (1980). The whites, by contrast, are only 16,5 percent, and the Afrikaners are a minority of two-fifths within the white minority.

Die meeste lede van die groep het ook die mening uitgespreek dat apartheid so deel van hulle lewe was, dat hulle dit nooit bevraagteken het nie:

> Ek het daarin grootgeword en ek het dit destyds nie as verkeerd beleef nie want orals waar jy gekom het, was dit die normale manier van doen en dink en tot op 'n sekere stadium het ek geen gewetenswroeging daaroor gehad [George 1-522]. Ons was so gewoond aan dit dat 'n mens dalk maar jou skouers geskud het, dis hoe dit gedoen word [Elsa 3-290]. Die ouer mense was so gewoond aan die goed dat hulle nie regtig besef het dit is verkeerd nie [Elsa 3-484]. Ons het dit gehad as standaard praktyk vir jare. Ons het dit so aanvaar. Die gemiddelde wit Afrikaner, by name die blanke Afrikaner, het dit aanvaar. Dit is reg so, dit is goed so. Niemand van ons het ooit gedink dit is verkeerd nie [Isak 3-563]. Die moontlikheid om hierdie diskoers te bevraagteken het vir die meeste mense nie eers bestaan nie. Sê jy met ander woorde Frans dat ons nie gedink het daaroor nie? [Albert 2-285]. Nee. Dit was amper 'n natuurlike uitvloeisel van die vooraf-gaande [Frans 2-287].

Daar was natuurlik ander stemme ook, maar hulle was eensame profete wat uitroep in die wildernis, wat ’n ongewilde boodskap verkondig het – ’n boodskap wat die meeste wit Afrikaners nie wou hoor nie. Apartheid het my gepas en om nou 'n leefwyse te verander, is nie maklik [Mike 2-117].

Die wêreld waarin ons groot geword het, was inderdaad ’n baie vreemde wêreld met baie inkonsekwenthede. Die vraag ontstaan dus oor waar apartheid, hierdie beleid wat later bekend gestaan het as ’n “crime against the conscience and dignity of man kind” (Boutros-Ghali 1994:153) vandaan gekom het?

## 2.1 Die voorlopers van die beleid van apartheid

Apartheid het nie in 1948 uit die bloute ontstaan nie, maar was bloot die formalisering en voortsetting van ŉ goed-gevestigde lewenswyse. “[T]he basic tenets of apartheid were developed in the context of English contact with black people" (Marais 1989:169). Hierdie ontstaansdiskoers is ook in die gesprekke uitgespreek deur van die mede-navorsers. Só verwoord Danie dit:

> Die probleem het nie begin in 1948 met die aan die bewind kom van die Nasionale Party nie. Ek het hier geskryf 1948 se sonde van apartheid is omdat dit saamgevat is in wette, verfyn is in verdere wette. Dit kom al van 1869, 1867. In 1884 is die woorde ‘lokasie wette’ al gebruik en dit is ingestel deur die koloniale regering van daardie tyd, Wet 33 van 1892. 1894 was die Glen Gray-wet, wat gehandel het oor grondbesit, dit is ingestel deur die Kaapse Eerste Minister, by name Cecil John Rhodes. In my navorsing was die draaipunt gewees, en die grondslag was gewees in die berugte Naturelle Grond-wet van 1913 [2-144].

Hierdie selfde standpunt word ook gehuldig deur Louw (1991:24) as hy sê: "...1948 marked not so much a turning point in South African history as the intensification of a process which had been going on for three hundred years." Baie van die wette wat met apartheid geassosieer is, kom uit ŉ tydperk voor die NP. Mede-navorser Danie het deeglik huiswerk gedoen hieroor:

> Die wysigingswet op Myne en Bedrywe van 1926, het werk reservering op 'n kleurbasis baie strenger gemaak. Die Fabriekswet van 1918, die minister van Arbeid, dit het gegaan oor die indiensneming van blankes teenoor nie-blankes, hier kom afsonderlike fasiliteite, toilette, ruskamers ensovoorts [Danie 2-200].

Nie alleen op sosiale gebied nie, maar ook op politieke gebied is daar wette gemaak wat later deel sou uitmaak van die beleid van apartheid. In 1936 is die Kaapse

stemreg vir swartes afgeskaf [Danie 2-206]. 'n Standpunt hieroor wat meermale gehoor is, is die volgende: Die NP het hierdie rasse-wette geërf en dit verfyn, hulle praat van hulle het dit gesistematiseer [Danie 2-183].

Segregasie was aan die orde van die dag, nie net plaaslik nie, maar ook internasionaal. Hilliard (1998) mag wel beweer dat Suid-Afrika uit pas was met die res van die wêreld in 1948, maar toe die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike in 1949 goedgekeur is, was dit ook wet in dertig Amerikaanse state (Giliomee 1998:14). Plaaslik was segregasie aan die orde van die dag. Swanepoel (1997:105) haal vir Welsh, die skrywer van *The roots of segregation: native policy in colonial Natal, 1845-1910* aan*:* "It is a myth that apartheid is the exclusive product of Afrikaner nationalism: its antecedents are to be found in Natal rather than in any of the other provinces." Dan gaan hy voort en skryf dat hy eers onlangs ontdek het dat daar was "voor die veertig jaar van apartheidsregering 'n honderd en twee jaar se imperiale en koloniale regering in KwaZulu-Natal" (1997:105). Reeds in 1848 was een kwart van die swart bevolking van KwaZulu-Natal van hulle tradisionele grond verskuif (94) en meer as een miljoen hektaar Zulu-landbougrond is vir wit boere gegee deur die Britse koloniale regering (Swanepoel 1997:91). Kinghorn (1994:149) stel dit so: "Officially apartheid came into being in 1948, but much of the legislation associated with apartheid dates back to the period before. In fact, the first segregation legislation in South Africa can be found in the previous century in Natal." Ook ander bronne ondersteun hierdie standpunt: "Die Engelse koloniste het die voorbeeld gestel in ons land" (De Klerk 2000:37).

Rassisme was nie die alleenreg van die Afrikaner nie (Villa-Vicencio & Niehaus 1995:18). Die Britse minister van Naturelle Sake word aangehaal dat hy in 1910 gesê het: "The black man is incapable of civilization" (Swanepoel 1997:90). In die groep rapporteer Danie oor sy eie navorsing rakende die militante vakbonde in die tydperk 1880 tot 1890: Daar (was) 'n Engelsman in beheer van hierdie vakbonde, in hulle geskrifte is daar gevind hierdie manne het gepraat van the dirty, evil, smelling kaffirs [Danie 2-195].

Rassisme was inderdaad 'n internasionale aangeleentheid waarteen die plaaslike bevolking nie immuun was nie. Davidson (1987:3) maak hierdie opmerking "The racism that we know was born in Europe and America from the cultural need to justify doing to black people, doing to African people, what could not morally or legally be done to

white people, and least of all to Europeans."

In die stede was daar voor 1948 aparte skole en woonbuurte en die toestromings-beheer en paswette het swart mense in die stede tot ’n minimum probeer beperk (Giliomee 1998:14). En tog beskryf Piet Cillié, oud-redakteur van *Die Burger*, dit as "’n tyd van relatiewe goeie en gemaklike rasseverhoudings" (aangehaal in Giliomee 1998:13). In daardie tyd was die onderdrukking van swart mense nie die fokus nie.

Die ondersoekende joernalis Malan (1990:23), wie se ouma se niggie met dr. D.F. Malan getroud was, beskryf dit so: "(in) the twenties and thirties, race wasn't the central issue in South African politics. Afrikaners... were less concerned about keeping the blacks in their place than tearing down the Union Jack, resurrecting the lost Boer republics, and uplifting the *volk* from its poor white penury".

’n Ander dominante faktor in die totstandkoming van die beleid van apartheid, was die Europese idee van rasse-meerderwaardigheid. Gedurende die sewentiende en agtiende eeue het die fenomeen van rassisme toegeneem in die Westerse wêreld omdat nuwe teorieë vir die regverdiging van ras-meerderwaardigheid of minderwaardigheid nodig was om te dien as basis vir kolonialisme en slawerny (Vorster 1981:17). “Mind control was used during the colonial period in Africa to advance colonial interests and to oppress people. One such tool of mental control was the myth that the white people were intellectually and even physically superior to black people” (Kasenene 1993:58). De Vos Hugo (1946:39) argumenteer op dieselfde trant as hy nog voor die tyd van apartheid sê “black people’s cultural backward position make them unqualified for equal joint authority… tutelage is the only practical possible line of conduct.”

Die idee van meerderwaardigheid as motivering is reeds te vind by die boere wat by die Groot Trek betrokke was. Uit die dagboek van Anna Steenkamp (Steenkamp 1843:elektroniese bron), ’n niggie van die Voortrekkerleier Piet Retief, leer ons dat dit nie so seer die vrymaking van die swart slawe as sulks was wat die Voortrekkers gedring het om te trek nie, maar die gelykstelling van swart voormalige slawe met die wit boere. Sy skryf van:

> De schandelike en onrechtvaardige handelwijze met betrekking tot de vrijheid onzer slaven, en nochtans heeft die vrijheid ons niet zozeer verdreven als hunne gelijkstelling met de Kristenen, strijdig met de

> wetten van God en 't natuurlik onderscheid van afkomst en geloof, zodat het onverdragelik was voor elk fatsoenlik Kristen onder zulk 'n last te buigen, waarom we dan ook ons liever verwijderden, om des te beter ons geloof en de leer in zuiverheid te behouden (Steenkamp 1843:elektroniese bron).

Dit is teen hierdie agtergrond dat die persepsies van die vroeë twintigste eeu geevalueer moet word: "...hulle is ook mense; hulle het ook regte wat hulle toekom; van gelykstelling kan daar geen sprake wees nie; vandaar die prinsiepe (sic): Segregasie, ontwikkeling in eie gebied, langs eie lyne, onder eie volk" (Van der Spuy 1929:8) en "Die Heer vra nie dat ons sal probeer om die Kaffir lief te hê nie, om dan sendingwerk te ondersteun nie. Daar is so baie lelike trekke in die Kaffir dat ons groot gevaar loop om 'n afkeer van hom te kry" (De Wet 1929:13). Apartheid het inderdaad in die woorde van Gann (1994:691) "many fathers" gehad.

## 2.2 Goeie bedoelings met die beleid van apartheid

Die spreekwoord sê die pad na die hel is geplavei met goeie bedoelings, want goeie bedoelings alleen waarborg nie goeie resultate nie. In die groep was daar 'n redelike mate van konsensus oor die goeie bedoelings van die vaders van apartheid:

> Die intensie oorspronklik daarvan was om nie ander mense seer te maak nie. dit het skeef geloop [Johan 1-576], [Verwoerd] het nie sleg bedoel met apartheid nie... die sleg het later gekom [Johan 4-500], en Ek dink nie in die begin was die idee heeltemal om mense totaal af te breek en te vernietig nie. Ek dink nie ons voorouers was almal sulke wrede mense nie, ek dink apartheid het ontstaan uit 'n idee vir aparte ontwikkeling, en dis toe misbruik deur politici en allerhande mense [Mike 6-083].

Die verkiesing van 1948 het die NP met hulle beleid van apartheid aan bewind gestel. Die verkiesingsmanifes beskryf die party se beleid as volg:

> Apartheid is gegrond op die Christelike beginsels van reg en billikheid en op die oortuiging dat aparte ontwikkeling van die blanke en die nie-

> blanke volksdele in ons land die enigste grondslag is waarop alle volksdele in waarheid met reg en billikheid behandel kan word en elk die volle kans sal kry om sy eie volksaard en -karakter te behou en te ontwikkel. Enige vorm van onderdrukking word dus verwerp as verkeerd, volkskadelik vir beide blankes en nie-blanke en in stryd met die beleid van apartheid (aangehaal in Giliomee 1998:16).

Gegewe hulle agtergrond is dit verstaanbaar dat die wit Afrikaners, wat waarskynlik die meerderheid van die steun vir die NP uitgemaak het, alles in hulle vermoë sou doen om hulle eie lewenskwaliteit te verbeter. Die droogte van die 1930's het groot getalle plattelandse boere na die stede gedryf op soek na werk, gewoonlik vir 'n minimum betaling (Geldenhuys 1982:17). Die meeste van hulle was Engels nie goed magtig nie en gedoem tot armoede. Malan (1990:6) vertel: "we became a backward peasantry, despised by our British bosses and betters." Dikwels moes hierdie verplante boere kompeteer met goedkoop swart arbeid (Lombard 1981:254), 'n situasie wat gedeeltelik verlig is deur die Wysigingswet op Myne en Bedrywe van 1926 [vergelyk Danie 2-200].

In hierdie selfde tyd huldig die wit Afrikaners die idee dat hulle 'n uitverkore volk is (Helberg 1984:7). Hulle sien hulle self as 'n volk met die verantwoordelikheid om die Christelike boodskap aan die onbeskaafde swart hordes van Afrika te bring (Geldenhuys 1982:20). Toe die NP in 1948 wen, was dit vir hulle die geleentheid om hulleself uit die modder op te trek. "Dit was 'n oorwinning waarvoor meer as een Afrikaanse predikant openlik die Here gedank het" (Geldenhuys 1982:24).

"Apartheid in sy mees grandiose voorstelling was 'n plan waarvolgens die Afrikaners hul roeping sou vervul om al die ander volke te help om hul eie roeping te erken en uit te leef" (Giliomee 1999:elektroniese bron). Apartheid was vir die behoud van Suid-Afrikaner gewees wat self deur die tweede vryheidsoorlog is, wat deur die depressie is, wat gewerk het vir wat hy geword het. Wat nie *hand-outs* gevra het nie [Johan 4-501].

In 'n brief aan *Kerkbode* (Ovrendhal 1998:5) skryf 'n leser in sy tagtigerjare dat die geskiedenis dit duidelik uitspel dat die wit Afrikaners God se uitverkore mense was en steeds is. Alhoewel Serfontein (1982:85) hierdie siening "a rotten interpretation of history" noem, was dit tog hoe baie wit Afrikaners hulleself gesien het. Dit word duidelik geïllustreer deur 'n opmerking van De Vos Hugo (1946:40) as hy sê "Indiërs is nie

Christene nie, daarom mag hulle nie stem nie." Hierteenoor sou die veronderstelling dan waarskynlik wees dat wit mense outomaties gelyk gestel is aan Christen-wees.

Wanneer Rian Malan (1990:19) oor sy pa skryf, sê hy: "He would have told you that his faith lay in something called grand apartheid, the overarching ideology that promised to make South Africans and all their nine subject African tribes "separate but equal" in separate nation-states." Baie wit Afrikaners het die idee gehad dat apartheid die probleme sou oplos van die interaksie tussen die verskillende rasse in een land, maar wat uiteindelik gebeur het, was waarskynlik nie wat hulle in gedagte gehad het nie. Van der Walt (1997:elektroniese bron) is waarskynlik korrek as hy sê: "Hoewel baie blankes goeie bedoelings met die apartheidsbeleid gehad het, was die toepassing daarvan verkeerd en onbybels."

## 2.3 Die ander kant van die munt

Hoe goed die bedoelings ook al was – daar was ook 'n ander kant van die munt. Agter die skerms was daar ook ander faktore wat die rassebeleid help vorm het in die jare voor 1948. Soos gewoonlik het ook hierdie saak twee kante.

Wit mense in die algemeen vertel dat hulle ouers hulle geleer het om respek te hê vir ander mense, insluitende swart mense. Ben vertel: Destyds moes ek met baie eerbied met ouer swartes omgaan, mooi met hulle praat. Ek moes sê 'outa Elias' [Ben 1-157]. Iets was vir my baie belangrik is, is respek vir mekaar, maak nie saak van watter velkleur of watter etniese groep jy is, of selfs geslag nie [Danie 1-671]. Ben [1-165] sê ook hy het besef dat hy swart mense nie as kaffers nie maar as verantwoordelike mense moet beskou, hulle het ook gevoel dat ek glo hulle is nie nikswerd goed nie [Ben 1-175].

Malan (1990:31) vertel hoe sy pa – 'n stoere ondersteuner van groot apartheid – "forbade the use of the word 'kaffir' in our house, and instructed my brother and I always to say 'please' when issuing orders to the servants." Eugene de Kock (De Kock & Gordin 1998:49) beskryf sy familie as 'n tipiese wit Afrikaner familie: "My father had a moderate attitude towards black people. He told us that, although there existed a cultural difference between the white and black races, the black man was also a human

being and, as with white people, there were good and bad ones. He repeatedly told us to apply the principle of right and wrong, not white or black or right of left." Dit is ook vanuit so ’n huishouding dat Frans opmerk: my pa (het) in die aande die swarte wat in daai klein kamertjie bly wat Ben van gepraat het, ingenooi as hulle daar was om saam met ons huisgodsdiens te hou [Frans 1-442].

Maar dit was in hierdie selfde huishoudings waar

> most whites were so afraid of Africans that they never went anywhere near the townships ... They crossed the road when they saw Africans coming, or locked the doors of their cars. They were so scared that they wouldn't even attend professional soccer matches in the secure heart of white Johannesburg because they knew blacks would be present in large numbers (Malan 1990:144).

Elsa sluit aan by hierdie stereotipiese siening van swart mense. Sy sê:

> die geskiedenis wat ons in die skool geleer het, het ons geleer swartmense is barbare. Die Zoeloes het die babatjies se koppies teen die wawiele stukkend geslaan. *We were brainwashed*. Baie van die witmense vandag nog, is bang vir swartmense want dit is hoe ons grootgeword het. Ons het van kleins af gedink swartmense is barbare. Daar bestaan nog steeds 'n soort van 'n vrees by baie witmense [Elsa 7-330].

Terselfdertyd, en desondanks die respek wat wit mense beweer hulle vir swart mense gehad het, blyk dit in orde te wees om swart mense as minderwaardig te behandel, omdat hulle dikwels so gesien is. Swanepoel (1997:26) vertel van ’n KwaZulu-Natalse boer se raad: "I must give knives to the black people so that they can kill each other. Kaffirs are not people, they are animals." Selfs kerkleiers was baie negatief in hulle assessering van swart mense in Suid-Afrika. Die Afrikaanse digter en kerkman Totius (Du Toit 1955:11) praat oor Suid-Afrika as “...ons swart wêreld-deel waar die mees algemene barbaarsheid sy hoogste triomfe gevier het.”

Elsa herinner dieselfde houding uit haar vroeë kinderjare: want dit is so in ons ingeteel, in ons kele afgedruk van kleins af dat swart mense

sleg is [Elsa 1-394]. Sy het op ’n stadium vir haar ma daarna gevra sonder om ’n bevredigende antwoord te kry: hulle het op daardie stadium gesê die swartes is slegter. En ek het met daardie idee grootgeword [Elsa 1-428].

Dit was ook hierdie siening wat Verwoerd beweeg het om in 1954 te verklaar dat dit absurd is om wiskunde aan swart kinders te leer en dat daar geen plek vir ’n swart mens bo ’n bepaalde vlak van arbeid nie (Giliomee 1998:16). Hierdie verklaring was die inleiding tot "een van die geskiedenis se gemeenste intellektuele onderdrukkings van ander mense” (Swanepoel 1997:89).

Die groot ideaal was ’n Suid-Afrika sonder enige swart burgers (Giliomee 1998:12). “In the 1948 election, and for years thereafter, apartheid involved a crude exploitation of racial prejudice and white fear of black majority rule” (Serfontein 1982:7). Tydens een van die gesprekke sluit Johan hierby aan as hy sê:

> Die hele rede waarom apartheid op die wetboeke gekom het, was bedreiging: die witman het bedreig gevoel dat hy nie meer geleenthede in hierdie stuk grondgebied gaan hê nie. Dit het 'n lang aanloop gehad, maar ons was bedreig en daarom het hulle gesê liewers ons op ons eie [Johan 4-286].

Hierdie vrees vir swart mense, saam met die geleentheid om te regeer, was ’n groot faktor in die vorming van die beleid van apartheid deur die wit Afrikaners. Nou was dit moontlik om wetlik ’n beleid daar te stel wat die wit Afrikaner kon beskerm. Swart mense is gesien as goedkoop arbeid [Albert 4-489] en as ’n arbeids-instrument [Albert 3-181] en hulle is ontmoedig om te hoog te mik in die lewe.

Selfs in die NG Kerk is soortgelyke klanke gehoor. Terwyl Blignaut (1929:14) sê die “Naturel is die Inboorling van die land en die teenwoordige geslag van blanke Afrikaners is eweëens (sic) hier gebore” sê die voorsitter van die Manne Sending Bond, J.P. van der Spuy (1929:8) “die naturelle, die heidene, is hier in ons land...”. Suid-Afrika is duidelik beskou as behorende aan die wit mense. Volgens Johan het Albert Lethuli destyds vir dr. D.F. Malan versoek om die land op te deel, maar sy antwoord was: hierdie land is die blankes s’n [Johan 4-517]. Die vrees was altyd daar dat ons Westerse beskawing in SA oorspoel sou word deur

swart mense [Albert 4-491].

Vanuit 'n nie-wit oogpunt is apartheid duidelik raakgesien as wit bevoorregting. Carolus (aangehaal in Villa-Vicencio 1993:49) sê apartheid “was specifically designed to improve the lot of the whites…” Selfs die gerespekteerde, maar dikwels uitgerangeerde teoloog Willie Jonker (1998:42) stem saam; die groot idee van apartheid was “slegs om blankes se bevoorregte posisie te behou.” Hulle sienings word gedeel deur Alden (1996:12) wanneer hy sê dat die instelling van apartheid net was vir “further entrenching white power and privilege – particularly Afrikaner power and privilege…”.

’n Baie goeie voorbeeld van hoe die beleid van apartheid misbruik is vir persoonlike belang, is die Wet op die Verbod op gemengde huwelike. Hierdie wet het huwelike en seksuele verkeer tussen verskillende rasse verbied, maar net in gevalle waar die een party wit was (Serfontein 1982:144). Vir Groenewald (1986:27) is dit ’n duidelike aanduiding van die ware betekenis en doel van die apartheidswette, naamlik die beskerming van die persoonlike belang van wit mense.

Dit was die wittes se bevoorregte posisie wat apartheid aan die lewe gehou het. In Elsa [4-481] se woorde:

> Jy wil weet wat daar agter sit, Albert, en dat ons elkeen ook ons eie denke gehad het. Maar ek dink dit is maar ons mense se inherente gierigheid, of boosheid of wat ook al. Ek meen as jy in 'n bevoorregte posisie is staan jy dit nie sommer so maklik af vir iemand anders nie. Ons het in ons agterkoppe geweet dit is verkeerd, maar ons het die bevoorregte posisie gehad. Ons het lekker gelewe, en dié mense het vir ons al die werk gedoen, en al die voorregte wat daarmee gepaard gaan, hoekom sal ons dit nou wil afstel dan? Hoekom sal ons dan wil prysgee wat ons het?

Wit mense het dit, in verhouding tot swart mense, maklik gehad onder apartheid. Voeg daarby die paternalistiese houding van sorg vir die swart mense en die tafel was gedek vir die volheid van die beleid van apartheid. Wat vir sommige begin het as ’n poging tot ’n billike bestel vir almal, het al te gou skeefgeloop: “Gaandeweg het ons onsself egter

as 'n heersersvolk gesien. Die Israel-beeld het rassetrekke begin kry. Die algemene onreg teenoor miljoene en die growwe skendings van menslikheid wat nou stuk vir stuk uitkom, is teen dié agtergrond vergoelik" (Loader 1997:14).

In die voorafgaande paragrawe is aandag gegee aan die ontstaan van apartheid, aan die positiewe en die negatiewe kant daarvan. Dit is die leefwêreld wat deur hierdie beleid geskep is, en die eerste paar jaar van die nuwe bedeling, wat in die aanvanklike navorsing aan die orde kom.

## 2.4 Agtergrond van 1998 se gesprekke

Die aanvanklike navorsing in 1998 is in 'n tydperk van wydverspreide optimisme gedoen. Slegs vier jaar vroeër is die eerste demokratiese verkiesing in die land gehou, sonder dat dit tot die bloedbad gelei het waarvoor daar gevrees is. As in gedagte gehou word dat dit in dieselfde tyd gebeur het as die menseslagting in Rwanda, is die algemene gees van positiwiteit wat in daardie tyd geheers het, verstaanbaar.

In 1994, toe Suid-Afrika die oorgang na 'n demokratiese bestel gemaak het, was toestande nie so vreedsaam in die res van Afrika nie. Rwanda is 'n klein land in die ooste van Sentraal-Afrika. Die bevolking van sewe miljoen het bestaan uit meer as 85% Hutu's en ongeveer 15% Tutsi's. Die meerderheid van die bevolking is Katolieke Christene. In dieselfde maand waarin Suid-Afrikaners na die stembus gegaan het vir die eerste ten volle demokratiese verkiesing, April 1994, het daar 'n volksmoord in Rwanda uitgebreek.

In 'n tydperk van ongeveer een honderd dae ná 6 April 1994 is ongeveer 800 000 mans, vroue en kinders in etniese geweld vermoor. Die meerderheidsgroep, die Hutu's, het ongeveer driekwart van die Tutsi-bevolking uitgewis (United Human Rights Council 2009:elektroniese bron). Terselfde tyd is duisende Hutu's doodgemaak omdat hulle die moorde teegestaan het, of as Tutsi simpatiseerders beskou is.

In Suid-Afrika is min kennis geneem van die gebeure in Rwanda. Suid-Afrikaners was te vasgevang in die "miraculous events" (Wallis 1994:elektroniese bron) van hulle eie land. 'n Groot deel van hierdie wonderwerk kan toegeskryf word aan die gesindheid van die eerste swart president Nelson Mandela. Hy het 'n groot bydrae gelewer om vrese

van vergelding te besweer. Sy benadering was primêr gefokus op versoening tussen die verskillende rasse in die land. Sekere simboliese dade, soos sy besoek aan die weduwee van dr. Verwoerd (Nieman 1995:3) en sy dra van die Springbokrugbytrui tydens die Springbokke se verowering van die Rugby Wêreldbeker in 1995 (Pienaar 1999:148), het in 'n groot mate die gees van die tyd bepaal. Van die kant van wit Suid-Afrikaners was daar 'n merkbare positiewe gesindheid.

Aan die einde van die sewende groepsessie – toe ons drie swart persone by die byeenkoms gehad het – het Johan sy siening oor die toekoms so uitgedruk: Ek het baie mooi dinge gehoor, wat vir my hoop gee. As ons in hierdie klein forumpie kon gesels het, dan hoop ek ons kan mekaar in die groter groep vorentoe ook mekaar vind [Johan 7-863]. Tydens die laaste byeenkoms het Frans [8-526] hierby aangesluit toe hy sê: Ons is met 'n proses besig. Ons het nog skaars die onderpunt van die leer bereik, maar ek dink daar is hoop aan die einde van die tonnel. Ook Isak [8-541] verwoord sy positiewe gesindheid ten opsigte van die toekoms: Ek dink daar is hoop, as al die mense in die land mekaar kan behandel met dieselfde menswaardigheid as wat ek verwag waarmee hy my moet behandel. Dis al wat vir my lekker is in die nuwe SA, daai persoon is op dieselfde vlak as jy, omdat hy verdien om daar te wees.

Aan die ander kant was die tydperk net voor die navorsing in 1998 gekenmerk deur 'n radikaal nuwe politieke bestel met 'n swart meerderheidsregering in die plek van die bekende apartheidsregering. Op byna alle terreine van die samelewing was daar dramatiese veranderinge waaraan gewoond geraak moes word. Benewens hierdie veranderinge was daar ook amper drie jaar se onthullings voor die WVK. Vir maande lank was die koerante vol van die een onthulling na die ander van misdade wat gepleeg is in die naam van die beleid van apartheid (vergelyk onder andere Burger 1997:1 en Van Staden 1998:4). Veral vir die wit inwoners van die land was dit 'n tyd van groot ontnugtering. Beide hierdie gesindhede sou inspeel op die eerste reeks gesprekke.

In die veertien jaar na die aanvanklike navorsing en voor die opvolgnavorsing het daar egter baie dinge gebeur wat in 1998 nog nie op die tafel was nie.

## 3. “Ek het nie meer ’n ouer nie”

Wat het in die tydperk van 1998 tot 2012 gebeur wat ’n invloed kon hê op die houdings en sienings van wit Afrikaanse Christene? Dit is die vraag wat in hierdie afdeling aan die orde gestel word. In hoofsaak word aandag gegee aan die situasie in 2012 en daarna word kortliks terugskouend gekyk na die tydperk sedert 1998. Al die sake kom aan die orde onder die opskrifte: onseker, ontnugter, opgewonde en oneerlik.

Die opvolgnavorsing van 2012 speel in ’n heel ander milieu af as die aanvanklike navorsing in 1998. Die euforie van die eerste jare van hierdie nie-rassige demokrasie het plek gemaak vir ’n groter realisme en selfs vir ’n ontnugtering in sekere gevalle. As hulle eerlik is, sal meer wit Afrikaners saam met Elsa [9-037] moet sê dat hulle `lewe nie dramaties geraak[is] deur die nuwe regering` nie, of in die woorde van George [15-500]: `Ek is nie bekommerd nie, ek meen ek het nou al hoeveel, agtien, negentien jaar se praktiese ondervinding van hierdie nuwe bedeling en dit het my nog nie nadelig geraak nie`. In ’n groot mate gaan die lewe vir baie onveranderd aan. Nie een van die mede-navorsers se persoonlike lewe is dramaties geaffekteer deur die oorgang na ’n post-apartheid Suid-Afrika nie. Enkeles het hulle wel sterk uitgespreek oor regstellende aksie wat hulle loopbaan-moontlikhede benadeel het, maar vir die meerderheid was daar geen grootskaalse veranderinge nie.

Alhoewel die meeste mede-navorsers se lewens nie ingrypend verander het nie, is daar tog ’n aantal faktore wat erg kommerwekkend is en op ’n direkte of indirekte wyse elke burger in Suid-Afrika affekteer. In die volgende aantal paragrawe lig ek enkeles hiervan uit wat in die gesprekke telkens na vore gekom het.

### 3.1 Onseker

Een woord wat die tyd tussen die aanvanklike navorsing in 1998 en die opvolgnavorsing in 2012 kenmerk, is onsekerheid. Soos ’n lidmaat onlangs oor die tyd sedert 1994 opgemerk het: “Ek het nie meer ’n ouer om vir my te sorg nie.” Hierdie onsekerheid bring baie bekommernis oor die toekoms. In dié verband kom die voorbeeld van Zimbabwe dikwels in gesprekke na vore. Hierdie land, “once considered the breadbasket of Africa” (CNN 2008:elektroniese bron), het sedert die chaotiese

beslaglegging op wit kommersiële boere se plase 'n ekonomiese ineenstorting gehad. Hierdie regeringsplan, en ander ondeurdagte optredes, het die land se inflasiekoers die hoogte in laat opskiet, soveel so dat die BBC (2008b:elektroniese bron) daarna verwys as "the highest inflation ever recorded." Die *Cato Institute* van Amerika bereken die inflasie op 14 November 2008 as 89 700 triljoen persent per jaar oftewel 89,7 maal 10 tot die mag 21 (Hanke 2010:elektroniese bron).

Dit is veral die lot van bejaardes in Zimbabwe wat dikwels wit Afrikaners bekommerd maak. Baie van hierdie mense het na die beste van hulle vermoë probeer voorsiening maak vir hulle aftrede. Ongelukkig kon hulle nie die hiperinflasie voorsien of hulle daarteen verskans nie. Die gevolg was dat hulle spaargeld alle koopkrag verloor het en hulle voorsiening dus van geen waarde is nie. Baie van hulle "leef van die aalmoese van familielede en weldoeners in Amerika en Europa" (Pelser 2009:elektroniese bron). Reeds in 2006 skryf die *New York Times* (Wines 2006:elektroniese bron) "bread, margarine, meat, even the once ubiquitous morning cup of tea – have become unimaginable luxuries." Die vrees wat uitgespreek word, is dat Suid-Afrika dieselfde pad sal loop as sy noordelike buurman. Wit Afrikaners het 'n vrees dat wat in Zimbabwe gebeur het – "foreign investors fled, manufacturing ground to a halt, goods and foreign currency needed to buy imports fell into short supply and prices shot up" (Wines 2006:elektroniese bron) – ook hier plaaslik kan gebeur. Die herhalende negatiewe boodskappe wat uit Afrika kom (Guest 2004) boesem nie juis vertroue in nie. Saam met hierdie Zimbabwe-bekommernis was daar ook die kommer oor die groter-wordende groep arm wit Afrikaners.

### 3.1.1 Wit armoede

Adjunk-president Mbeki (1998:elektroniese bron) het na Suid-Afrika verwys as "a country of two nations", een wit en ryk, die ander een swart en arm. Kommentators en koerante het na hierdie beskrywing as "simplistic and dangerously populist" (Mulholland 1998:elektroniese bron) verwys. Só 'n beskrywing mag miskien simplisties wees, maar dit is nie sonder 'n groot element van waarheid nie. Die gemiddelde wit persoon in Suid-Afrika is ekonomies heelwat beter daaraan toe as die gemiddelde swart persoon. En tog is dit nie die enigste wat hieroor gesê kan word nie. Die armoede-speelveld het dramaties verander die afgelope jare.

Waar armoede in die apartheidstyd hoofsaaklik geassosieer is met swart mense, is daar tans al hoe meer wit mense wat ook as arm beskryf kan word. Volgens statistieke saamgestel deur die demograaf prof. Flip Smit het wit armoede sedert “1994 met meer as 150% toegeneem” (aangehaal in Dommissie 2011:elektroniese bron). Na raming is daar tans ongeveer 430 wit plakkerskampe waar ongeveer 600 000 wit mense in chroniese armoede leef, dit wil sê minder as R4000 vir ’n ouerpaar met twee kinders (Dommissie 2011:elektroniese bron). Hieroor verklaar Langer (aangehaal in Dykema 2010:elektroniese bron) van die vakbond *Solidariteit* se Helpende Hand afdeling: “Daar heers steeds ’n persepsie in Suid-Afrika en wêreldwyd dat wit mense in die land ryk en swart mense arm is, afgesien van die feit dat nagenoeg 600 000 Afrikaners in Suid-Afrika besig is om in armoede te verval.”

Hierdie wit mense se armoede kan waarskynlik beskryf word as “relatiewe armoede” (Schuermans & Visser 2005:39) omdat hulle in terme van swart armoede eintlik nie arm is nie, maar in vergelyking met ander wit mense wel arm is. Na hierdie groep mense kan verwys word as die “working poor” (Schuermans & Visser 2005:23), omdat hulle inkomste sodanig is dat hulle nie uit hulle armoede kan uitstyg nie.

In Suid-Afrika is selfs armoede ras-bepaald. Wit armoede is anders as swart armoede. Hierdie onderskeid hang saam met wit mense se siening van hulleself en hoe hulle na swart mense kyk. Swart mense doen sekere dinge wat wit mense nie doen nie, omdat dit as benede hulle waardigheid beskou word. Dit sluit in om net pap te eet en om ’n taxi te gebruik om iewers te kom (Schuermans & Visser 2005:40). As jy arm is, is dit egter wat jy doen. Wit mense se armoede vra dus nie net na geld nie, maar veral na ’n kopskuif.

Krog (2005:122) bevestig hierdie standpunt as sy vertel van ’n maatskaplike werker wat met haar praat oor wit armoede in Kroonstad:

> ‘Ontsettende armoede onder wittes,’ sê die maatskaplike werkster. ‘En dis byna asof hulle degenereer van die armoede. Jy weet, asof hulle onmenslik raak. Daar is veel groter armoede onder die swartes, maar sulke ongelooflike ondersteuningstrukture: iemand staan altyd iemand by, iemand stuur ’n geldjie, of gee meel, of ’n trui. Hoewel mense uit die ashope ’n bestaan maak, bly daar ’n soort menslikheid staan. Ek weet nie hoe dit is nie. Maar die vlakke van ontmensliking onder arm wittes het ek nog nie by die swartes teëgekom nie’.

In die afdeling hierbo is aangetoon dat wit mense dikwels hulle situasie van armoede toeskryf aan regstellende aksie. Hoewel dit so is dat sommige wit mense hulle werk verloor en daarom in armoede beland het, is daar twee faktore wat in hierdie verband in ag geneem moet word. Die eerste is die algehele agteruitgang in die ekonomie in Suid-Afrika oor die afgelope aantal jare wat ook saamhang met die wêreldwye resessie (Van Rooyen 2012:elektroniese bron). Baie wit mense – en saam met hulle 'n nog groter groep swart mense – verloor dus hulle werk bloot as gevolg van ekonomiese faktore wat geensins aan ras gekoppel kan word nie.

Die tweede faktor om in ag te neem is dat swart ekonomiese bemagtiging juis poog om 'n regstelling te wees van 'n sisteem wat vir dekades reeds skeefgetrek was ten gunste van wit mense. Reeds in die aanvanklike onderhoude het die mede-navorsers dit al raakgesien. Danie [2-200] sê `Die Wysigingswet op Myne en Bedrywe van 1926, het werkreservering op 'n kleurbasis baie strenger gemaak` en Isak [5-577] praat van `baie blankes wat voorheen net kon instap en maklik werk kry, kry dit nie meer so maklik nie...` Soos Puttergill (2008:77) dit saamvat: "Affirmative action threatens institutionalised privileges whites accept as natural."

Wilson (2011:11) sluit aan by hierdie tema van werkreservering vir wit werkers ten koste van swarte werkers: "already in the 1870s, black workers were treated differently from whites." Dit was egter in die tydperk ná die Anglo-Boere-oorlog waar "a systematic list of jobs to be reserved for whites was negotiated by the skilled (all-white) trade unions." Sy gaan dan voort:

> "It is not necessary to repeat here the long woeful record of systematic discrimination against black workers, men and women, in the years and decades that followed. This took many forms and was organised sometimes by white workers, sometimes by white government, sometimes by white management – and often by some combination of the three. Job reservation on the mines, 'civilised labour' policy on the railways, pass law restrictions on mobility and a myriad of other laws and customs prevented black South Africans from gaining experience and higher incomes in an expanding industrial economy in the way that their white compatriots were able to do through the century" (Wilson 2011:11).

Isak [8-345] tel hierdie lyn weer op as hy in ’n latere gesprek vertel van hoe maklik wit matrikulante destyds werk gekry het:

> Toe ons, toe ek matriek gemaak het en my ouer broers matriek gemaak het, het jy nie 'n probleem gehad om werk te kry nie. Toe my broer matriek geskryf het, het ons gaan vakansie hou in die Kaap en na drie weke toe sê hy hy wil tekenaar doen, hy weet net nie waar hy moet gaan aansoek doen nie, by die poskantoor of die spoorweë, of waar ook al. Hy het aansoek gedoen by die poskantoor. Hy het Vrydag aansoek gedoen en Maandag bel hulle hom en sê jy het die werk gekry. Ek het net so maklik werk gekry, ons kinders kry nie so maklik werk nie, want die speelveld is nou gelyk gemaak. Dieselfde frustrasie wat die swartmense al die jare gehad het om toegang te kry tot werk te kry, het ons kinders ook nou. Ek dink die saak daar is nou reggestel, die deursnee blankes kinders is nou dieselfde bootjie as die swartmense.

Dit was dan ook juis in die staatsdiens waar wit mense se werke die meeste in die gedrang was. “Between 1994 and 1997 the number of whites in government services dropped from 87 percent to 21 percent... [a] lot of whites employed at local, provincial or national authorities and in parastatals, such as the railways and the post office, lost their jobs” (Schuermans & Visser 2005:23).

Al sien baie van die mede-navorsers, en wit Afrikaners in die algemeen, dit nie raak nie, maak Mamphela Ramphele (2008:148–150, 246–247) die opmerking dat wit Suid-Afrikaners nie juis kan kla as die demokratiese regering regstellende aksie as regeringsbeleid kies nie. Om die beleid te beoordeel moet in gedagte gehou word hoeveel wit mans dwarsdeur die hele 20ste eeu onregmatig bevoordeel is deur wat sy noem ’n vorm van “affirmative action provided for white males.”

Een van die min mede-navorsers wat dit wel so raaksien, is Elsa. Sy noem die saak by die naam as sy praat van `die Afrikaner` se eie `regstellende aksie` nadat die NP aan bewind gekom het:

> Ons het vir die Afrikaner werk geskep in die staatsdiens en orals. Ek meen toe was dit goed, want dit was tot ons voordeel, ek is seker as mens sou praat met die meer Engelsgesinde regime van daardie tyd, sou hulle voel soos wat ons nou voel, want hierdie boere weet niks nie, hulle is nie behoorlik opgelei, hulle kry nou al hierdie poste. Ons praat nog steeds vanuit 'n bevoorregte posisie. Ons praat so omdat ons nie regtig graag iets wil afstaan nie, maar as ons in die swart mense se posisie was, sou ons heel anders gevoel het, want dan was ons in die ontvangposisie Elsa [5-651].

Saam met wit armoede gaan ook die kommer oor grondhervorming. Wit boere se plase is opgekoop en aan swart boere oorgedra wat aanspraak op die grond gemaak het, omdat hulle voorouers daar gewoon het. Hierdie oordragte het dikwels misluk. Volgens ŉ berig in *Beeld* (Van der Walt 2010) het die minister van landelike ontwikkeling en grondsake, “erken die regering se institusionele vermoë skiet tekort om grond-hervorming suksesvol deur te voer”. Benewens die probleem met ŉ tekort aan opgeleide personeel om die proses te bestuur, het hy ook erken dat baie min plase wat oorgedra is, “suksesvol” was en “ná oordrag produktief gebly” het. Die dramatiese afname in produktiewe plase bedreig die land en sy burgers se voedselsekerheid.

### 3.1.2 Misdaad

Die enkele grootste knelpunt wat onsekerheid in die post-apartheid Suid-Afrika veroorsaak, is die klaarblyklike onkeerbare vlaag van misdaad wat oor die land spoel. Daar is ŉ “toename in wrede en sinlose geweld, die misdaad wat al hoe meer mense aan eie lyf voel” (Van der Watt 2007:9). Selfs in skole is daar ŉ toename in geweld (Pienaar 2008:2). Uit wit mense se emosionele reaksie op geweld, veral iets soos plaasmoorde, wil dit voorkom asof hulle glo dat geweld net gerig is op die wit gemeenskap. Hierteenoor sê die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge dat misdaad juis die een saak is wat alle Suid-Afrikaners kan verenig (Van Wyk 2012:elektroniese bron), omdat dit almal ewe veel raak. Wat egter kommerwekkend is, is dat volgens die onafhanklike klagtesdirektoraat se 2009-10-verslag “net 1,2% van

klagtes ingedien tot ’n skuldigbevinding gelei” (Van Wyk 2012:elektroniese bron) het.

Isak [16-161] en Johan [17-023] maak albei in hulle skriftelike korrespondensie melding hiervan. Van Wyk (2012:elektroniese bron) skryf “Die meeste swart en wit Suid-Afrikaners het direkte of indirekte ervarings van misdaad en is bekommerd daaroor.” Ook die Welkom-omgewing is hierin nie gespaar nie. Op 9 Maart 2009 rapporteer *Volksblad* soos volg oor ’n voorval op die buurdorp Allanridge: “’n Man op borgtog nadat hy vroeër weens moord in hegtenis geneem is, is agter tralies weens die grusame en wreedaardige aanval op ’n bejaarde vrou en haar dogter Vrydagnag op die dorp. Mev. Alice Lotter (78) is kort ná die aanval aan haar beserings dood” (De Wet 2009:1).

In reaksie op die moord, en misdaad in die algemeen, het Roy Jankielsohn, Vrystaatse leier van die DA gesê:

> Die aanval en moord is weereens bewys dat die regering versuim in sy plig om Suid-Afrikaners te beskerm. Misdaad is buite beheer omdat die meeste misdadigers verseker is dat hulle daarmee gaan wegkom. Hulle weet dat die meeste misdadigers nooit gevang word nie en al word hulle gevang, is die vervolgingsyfer van ons howe net 11% (aangehaal in Phillips 2009a:1).

In onlangse navorsing is bevind dat ’n persoon ’n een uit drie kans het dat sy noodoproep na die Suid-Afrikaanse Polisiediens nie beantwoord sal word nie. ’n Onafhanklike navorser Gareth van Onselen (2012:elektroniese bron) het elke polisiestasie in die land gebel op die nommer wat op die SAPD se amptelike webblad verskyn. Van die 1116 nommers op die lys was 388 verkeerde nommers of is dit nie geantwoord na vyftien luie nie. ’n Misdaadslagoffer wat die polisie skakel, het dus ’n 35% kans om nie by die polisie uit te kom nie.

### 3.1.3 Politiek

Die politieke situasie het ook nie daarin geslaag om die onsekerheid te besweer nie. “South Africa’s early years as a democracy have not been easy. The euphoria that most South Africans felt under the presidency of Nelson Mandela has given way to confusion and tension under his successor, Thabo Mbeki” (Guest 2004:22). Mandela se styl van leierskap was duidelik een van inklusiwiteit en versoening. Hy het uit sy pad

gegaan om veral die Afrikaanse gemeenskap te betrek by die nuwe Suid-Afrika. “He was acutely sensitive not to trample on Afrikaner symbols” (Sparks 2003:129). Hierdie situasie het handomkeer verander met die koms van Mbeki. Teenoor Mandela se versoenende benadering, is Mbeki beleef as sou hy telkens fokus op die verskille tussen die rasse. Swarns (2001:elektroniese bron) skryf oor die belewenis van wit besigheidmense en sê: “Many have felt alienated by Mr. Mbeki, who has focused more on rooting out racism and racial disparities than on promoting reconciliation.”

Vroeg in sy termyn was daar positiewe opmerkings oor wit mense. In sy staatsrede van 9 Februarie 2001 reik hy doelbewus uit na wit mense wat meegewerk het aan die opheffing van swart mede-Suid-Afrikaners. “These include Afrikaner farmers and professionals and historically white schools who have voluntarily decided to devote time and resources to the development of the disadvantaged sections of our population” (Mbeki 2001:elektroniese bron).

Hy openbaar egter ’n ander gesindheid teenoor sy mede-landgenote wanneer hy tydens ’n staatsbesoek in Uganda na die wit mense van Suid-Afrika verwys as ’n spesiale groep kolonialiste (Mbeki 2005:elektroniese bron). Die oud-joernalis en tans politieke kommentator Max du Preez (2009:elektroniese bron) stel dit só:

> When Thabo Mbeki took over as president, all pretence went out the window. Like most insecure men, he had an obsession with race. He didn’t like white people much, – especially Afrikaners. He called them “colonialists of a special kind”. In his mind you were either a “settler” or a “native.

Dit is juis in die lig hiervan dat sy “stille diplomasie” met betrekking tot Zimbabwe se besetting van wit boere se plase, groot skade berokken het aan sy beeld, veral onder die wit mense van die land. Hieroor skryf *Beeld* (2004:elektroniese bron) na vier jaar se stille diplomasie dat “pres. Thabo Mbeki se beleid van stille diplomasie tot dusver nie 'n blou duit verskil in dié buurland gemaak het nie.” Drie jaar verder lewer *Volksblad* (2007:elektroniese bron) die volgende kommentaar: “Suider-Afrika betaal ’n reusagtige prys vir die Mbeki-bewind se stille diplomasie terwyl miljoene Zimbabwiërs ly in ons sterwende buurland.” Die politieke joernalis, voormalige ANC lid en voormalige direkteur van die Helen Suzman Stigting, R.W. Johnson (2009:619) sê Mbeki se presidensie “ended in failure on every front.”

Na die omwentelinge in die ANC tydens hulle Polokwane konferensie in 2008 waar Mbeki as partyleier uitgestem is, is hy vervang is deur die tussentydse president Kgalema Motlanthe. Dié se termyn was slegs ongeveer agt maande waarna hy op sy beurt weer vervang is deur die allemansvriend Jacob Zuma (Roodt 2007) oor wie se kop die swaard van beweerde korrupsie hang. Die Nasionale Vervolgingsgesag het in 2009 besluit om alle klagtes teen Zuma te laat vaar (Mail & Guardian 2009:elektroniese bron) ten spyte daarvan dat die staat reeds aangedui het dat 218 getuies teen hom ingespan sal word (Van der Westhuizen 2008:2). In die onlangse verlede het die appèlhof egter beslis dat die redes vir hierdie besluit bekendgemaak moet word (Joubert 2012:1), wat die moontlikheid open dat die saak teen hom weer aanhangig gemaak kan word.

Zuma is reeds twee jaar voor sy verkiesing as president beskryf as 'n "gemoedelike populis" (Roodt 2007:elektroniese bron) na aanleiding van sy gesellige vleisbraai saam met Afrikaanse kunstenaars in Houghton. Later sou dit dikwels beweer word dat Zuma sy uitsprake aanpas by die gehoor (Johnson, R.W. 2009:640). Regse groepe noem hom 'n manteldraaier (Van de Graaf 2009:elektroniese bron) en wys graag daarop dat in 'n meningspeiling onder *Beeld* (2009a:elektroniese bron) se aanlyn-lesers, 97% *nee* gestem het op die vraag: Is mnr. Jacob Zuma eerlik met die Afrikaners?

In 2005 het Zuma in die hof verskyn op 'n aanklag van verkragting (*Rapport* 2005:elektroniese bron). Na 'n uitgerekte hofsaak waarin baie privaat aspekte van sy lewe geopenaar is, is hy onskuldig bevind. In 'n hoofartikel skryf *Volksblad* dat "sy optrede en moraliteit van so 'n aard is dat dit nie met die hoë standaarde versoen kan word wat van die nasionale leierskap verwag word nie." Hy word verder beskryf as "iemand met 'n gevaarlike gebrek aan gesonde oordeelsvermoë. Dit is haas ondenkbaar dat hy teen daardie agtergrond met 'n openbare leierskapsposisie vertrou kan word" (*Volksblad* 2006:elektroniese bron).

Die hofsaak het nie alleen 'n ernstige vraagteken oor die president se geskiktheid as leier laat ontstaan nie, maar het ook aanleiding gegee tot 'n gespot met die president se seksuele moraal wat duidelik uitkom in Zapiro[11] se tekeninge van die president met 'n ingeboude stortkop bokant sy kop[12]. Die president se leefstyl versterk die beeld van 'n

[11] Zapiro is die kunstenaarsnaam van Jonathan Shapiro die spotprenttekenaar van *Mail & Guardian, The Times* en ook *Sunday Times* aldus sy webblad http://www.zapiro.com/about/About_Zapiro/

[12] In die verkragting-hofsaak is Zuma gevra of hy voorsorg getref het teen moontlike MIV infeksie. Hierop

seksueel-losbandige persoon. Hy was ook reeds ses keer getroud en het tans vier vroue. Daarby word beraam dat hy twintig kinders by tien verskillende vroue het (Laing 2012:elektroniese bron). Hierdie patroon maak hom die teiken van verskillende kunstenaars. Só hou die Goodman Galery in Johannesburg in Mei 2012 'n eenman-uitstalling van Brett Murray met die titel *Hail to the Thief II* waarin die skilder sosiale kritiek lewer op die ANC. Die aandag word veral getrek deur die skildery *The Spear* waarin Zuma met ontblote geslagsdele uitgebeeld word en die skilder spot met Zuma se seksuele lewe (Blignaut 2012:elektroniese bron).

Dit is nie alleen die president van die land wat dinge doen wat die wit kiesers omkrap nie; die ANC se jeugliga is voortdurend in die nuus oor uitsprake wat as onverantwoordelik beskryf kan word. Die president van die Jeugliga Julius Malema is reeds etlike jare in die nuus oor sy oproep tot nasionalisering van die land se myne en banke. Hy het openlik "ekonomiese oorlog" teen die "wit minderheid" verklaar (*News24* 2011:elektroniese bron). Dít tesame met sy gebruik van die slagspreuk *Kill the Boer* – wat die Gelykheidshof (Lamont 2011) as haatspraak uitgewys het – maak hom tans baie ongewild onder wit Afrikaners. Hy is sedertdien geskors as lid van die ANC (Quintal 2012:elektroniese bron), maar daar is voortdurend stemme wat opgaan om sy skorsing ongedaan te maak.

### 3.1.4 Dienslewering

Die bestuur van die land se infrastruktuur bly voortdurend onder druk. In 2008 erken die regering dat hulle swak beplanning gelei het tot die wanbalans tussen aanvraag en voorsiening in elektrisiteit deur Eskom (Suid-Afrika se energiekrisis 2009:elektroniese bron). Ook die damme en riviere is jarelank reeds onder druk as gevolg van swak bestuur (Tempelhoff 2008 en 2012). Op plaaslike vlak boesem die politici nie veel meer vertroue in nie. Swart-beheerde munisipaliteite slaag al minder en minder in dienslewering (Steenkamp 2009:1) en sienderoë gaan infrastruktuur en munisipale "regspleging en orde" (Green 2011:1) agteruit. In een van Welkom se buurdorpe, Odendaalsrus, is dit nie vreemd om beeste en varke in die nywerheidsgebied te sien rondloop nie. Die meeste van dié diere "behoort aan onderwysers, polisielede en selfs boere" (Green 2011:1). Selfs 'n gerespekteerde politieke ontleder soos Moeletsi Mbeki

---

het hy geantwoord dat hy, nadat hy gemeenskap gehad het met die klaagster, gestort het om hom teen die MI-virus te beskerm.

is bekommerd oor Suid-Afrika se “kleiner wordende pastei”. As gevolg van die land se “deïndustrialisering” sluit fabrieke en verval die vervoerstelsel. “Ons ekonomie kwyn en almal baklei oor snye van die kleiner wordende pastei. Ons is op pad na moeilikheid” (aangehaal in Retief 2011:elektroniese bron).

In die opvolgonderhoude kom die kwessie van die agteruitgang van dienslewering in Suid-Afrika ook keer op keer na vore. In hierdie verband is Welkom ook nie uitgesluit nie. Elsa [9-046] vat dit goed raak as sy sê wit mense `was gewoond aan 'n sisteem wat die grootste gedeelte van die geld op die blanke mense gespandeer het`. Dit is dus te verstane dat nie alle dienste onveranderd kan aangaan soos in die verlede nie. Die omvang van die agteruitgang is egter van so 'n aard dat dit op geen manier geïgnoreer kan word nie. Twee plaaslike voorbeeld word hieronder bespreek.

Frans [9-668] verwys na die agteruitgang van Welkom se rioolwerke waarby hy self betrokke was toe hy nog aktief in die politiek was. In 'n koerantberig hieroor skryf Phillips (2009b:elektroniese bron): “[a]gt voormalige munisipale bestuurders en waarnemende munisipale bestuurders van die Matjhabeng-munisipaliteit het gister in die hof op Welkom verskyn op aanklagte van die oortreding van die Waterwet... die rioolaanleg by Odendaalsrus werk al bykans twee jaar glad nie, Witpan in Welkom staan al 'n jaar lank stil en riool loop al langer as 'n jaar by Virginia in die Sandrivier in.”

'n Jaar later skryf dieselfde joernalis (Phillips 2010:elektroniese bron) dat die rioolprobleem “besig om sulke ernstige afmetings aan te neem dat dit mense se lewens kan eis... [v]andeesweek het rou riool uit minstens drie mangate in Powerweg in die nywerheidsgebied van Welkom geborrel...” en dit ondanks 'n “hangende hofsaak” teen die munisipaliteit. Dit is dus te verstane dat hierdie tipe saak dikwels met ontsteltenis in die onderhoude te berde gebring is.

As die klagtes oor swak dienslewering gelei het tot verbeterde diens, sou inwoners dalk minder ongelukkig gewees het daaroor, maar dit gebeur dikwels nie. In opvolg van die twee genoemde berigte, skryf die plaaslike gemeenskapskoerant *Vista* (2012a:1) op 31 Mei 2012 die volgende: “Welkom se rioolprobleme, wat reeds in die hof gedraai het, het nou so handuit geruk dat dit ernstige gesondheidsprobleme vir inwoners inhou. Die Demokratiese Alliansie (DA)[13] oorweeg dit sterk om 'n verdere strafregtelike klag teen

[13] Die Demokratiese Alliansie is die amptelike opposisieparty in die Parlement.

die Matjhabeng-munisipaliteit in te dien."

In dieselfde uitgawe van *Vista* word vertel van 'n hoofweg in Thabong – die tradisioneel swart woonbuurt – wat na drie verskillende kontrakteurs en agt jaar se gesukkel uiteindelik deur 'n ander kontrakteur in net vier maande voltooi is. "Vista het vertroulik verneem dat die kontrakteurs wat deur die munisipaliteit aangestel is, nie genoegsame opleiding gehad het om die taak suksesvol af te handel nie" (Vista 2012b:1). Selfs beloftes wat die voormalige minister in die presidensie Essop Pahad vyf jaar gelede al gemaak het om die pad binne vyf maande te laat herstel, het nie gerealiseer nie.

Diensleweringsbetogings het alledaags geword in byna al die provinsies van die land.

> According to data produced by Municipal IQ, an independent agency that collects government data, there were 402 'major' service delivery protests in South Africa between 2004 and 2011. Since 2004, there has been a steady increase in service delivery protests, peaking in 2010 with 111 occurrences. Last year, that figure dropped to 81 (Rondganger 2012:elektroniese bron).

Volgens die SABC (2012:elektroniese bron) se data

> 101 service delivery protests were reported from January 1 to May 31 this year. This is an average of 20.2 protests a month; 11 houses belonging to councillors (sic) or otherwise were attacked and / or damaged and 18 buildings (municipal and otherwise) were attacked / damaged / burnt to the ground.

Al hoe meer mense, veral uit armer gemeenskappe, wend hulle tot betogings – dikwels gewelddadig – omdat hulle meen dat dit die enigste manier is om dienste te kry waarop hulle geregtig is, of wat aan hulle beloof is. "Most commonly, the protests are rooted in informal settlements that have sprung up near urban areas, where the poor who do not receive government services rub up against the poor who do" (Bearak 2009:A4).

### 3.1.5 Rassisme

Tesame met bogenoemde eksterne faktore is daar ook bepaalde interne kwessies wat die lewe vir wit Afrikaners moeilik maak. Die een groot probleem is dat hulle nog nie 'n

sensitiwiteit vir rassisme aangekweek het nie. Rassisme is vir baie steeds deel van hulle lewe. Die insident hy die Reitz-kamerwonings op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat waar swart werkers aan die hand van vier wit studente 'n ontgroeningsritueel deurloop het (Cloete 2008:1), is tekenend van hierdie probleem. Vyf swart skoonmakers is deur 'n aantal wit studente, waarvan vier later geïdentifiseer en geskors is, gedwing om aan allerlei aktiwiteite deel te neem en om 'n brousel waarin 'n student na bewering geürineer het, te eet. Die verontwaardiging oor hierdie vernedering het vir weke lank neerslag gevind in die briewekolomme van koerante. Ongelukkig was daar ook heelwat briewe wat ongekwalifiseerde steun aan die studente toegesê het sonder om enigsins sensitiwiteit te toon vir diegene aan die ontvangkant van hierdie rassistiese ritueel.

Rassisme het waarskynlik ook 'n rol gespeel in die voorval by die *township* Skielik in Januarie 2008 toe 'n sewentienjarige seun met sy pa se geweer drie swart mense koelbloedig doodgeskiet en sewe geword het (Mouton 2008a:1). 'n Woordvoerder van die SAPD het dit "an apparent race-related attack" genoem (*News24* 2008:elektroniese bron). Soos so dikwels by die geringste provokasie gebeur, was die vakverbond Cosatu gou by om dit "racist murders" te noem terwyl die woordvoerder van die DA die swart burgemeester beskuldig het dat sy rassisme en massahisterie aanhits (*News24* 2008:elektroniese bron). Hierdie en soortgelyke voorvalle tussen wit en swart gee telkens aanleiding tot erge rassistiese reaksies soos gesien word in die briewekolomme van koerante.

Rassespanning word tans baie meer aan die groot klok gehang. Veral in berigte oor misdaad word die rassekaart baie gereeld gespeel. Dit wil voorkom of wit mense tans meer openlik rassisties is as tydens apartheid. Dit is veral die misdaad en gebrekkige dienslewering wat as verskoning aangebied word vir die blatante rassisme van sommige uitlatings. Keer op keer word in die strik getrap om die misdadiger of korrupte amptenaar en ras gelyk te stel. Die onvermydelike gevolg is 'n voortsetting van die stereotipering van alle swart mense as krimineel of korrup. In hierdie trant skryf ene *Kardoesie5*[14] (skuilnaam) in reaksie op Breytenbach (2011:elektroniese bron): "hoe tree mens in gesprek met 'leiers' soos Zuma en Malema en vele ander, wat geen benul van beskawing het nie? Hulle is so na aan barbare as wat kan kom. Moor en steel is vir hulle soos skryf vir jou is."

[14] In alle gevalle (hier en verderaan) waar aanlyn-reaksies op koerantartikels aangehaal word, kan die betrokke reaksie gelees word deur die verwysing na die oorspronklike artikel te volg.

Al hierdie faktore hierbo genoem, veroorsaak dat al meer mense die land verlaat. Dit is dikwels die jongmense (Naidoo 2010:elektroniese bron) en die goed-gekwalifiseerdes wat emigreer. Volgens ’n berig in *Newsweek* (Johnson, S. 2009:elektroniese bron) beraam die SA Instituut vir Rasse-aangeleenthede dat ongeveer 800 000 wit mense, uit ’n totaal van ongeveer 4 miljoen, die land reeds sedert 1995 verlaat het. Die redes wat hulle aangevoer is hoofsaaklik vrees vir misdaad soos moord en verkragting. Voortdurende plaasaanvalle, regstellende aksie en die politieke onsekerheid word ook as redes aangebied. Verskillende organisasies, soos Afri-Forum se *Kom Huis Toe Veldtog* (Bailey 2007:elektroniese bron) en die onafhanklike nie-winsgewende organisasie *Homecoming revolution* (Jones 2003:elektroniese bron), probeer om hierdie, dikwels hoogsgeskoolde, mense terug te lok na Suid-Afrika. Terselfdertyd is die aantal emigrante blykbaar nie ’n probleem vir die regerende party nie. Die ANC-woordvoerder, Jackson Mthembu, het gesê die mense wat die land wil verlaat, moet maar gaan. “Ek verstaan eintlik nie hoekom mense die land sal wil verlaat nie” (Pretorius 2011:elektroniese bron).

Nie almal wat ongelukkig is, verlaat die land nie. Vir baie is dit nie moontlik om te emigreer nie, al sou hulle wou. Baie ander wil eenvoudig nie hulle geboorteland verruil vir ’n ander nie. Baie van hierdie groep emigreer egter na binne en onttrek hulle vir alle praktiese doeleindes aan die samelewing.

Onder diegene wat nie die land verlaat het nie, is daar steeds ’n groep wat glo dat apartheid “nie so erg” was nie. Van die gebruiklike “ja, maar” voorstanders is daar baie. Ander gaan selfs verder. In reaksie op ’n brief van Barnard-Naudé (2011a:elektroniese bron) in *Rapport* skryf iemand as volg onder die skuilnaam *Fillistyn*: “Ek is 'n apartheid bevoordeelde en trots daarop. Die ander volke in SA het 'n morele plig om vir die afrikaner (sic) dankie te se (sic) vir wat hy vir hulle gedoen het oor jare en ook jammer dat hulle hom nou sy selfbeskikkingsreg ontse (sic).”

Ander probeer steeds ’n saak daarvoor uitmaak dat apartheid “sin gemaak” het (Du Toit 2010:elektroniese bron). In ’n lang, uitvoerige artikel probeer hy bewys dat die beleid van apartheid bloot gaan oor die sterkste groep wat vir sy eie voortbestaan sorg. Hy vergelyk dit dan met, onder andere, honde wat baklei om ’n been. Die politieke beleid was dan bloot die gevolg van die sterkste hond wat die grootste been gekry het. Hierdie beleid het dan ook groot voordeel ingehou vir die ander inwoners van die land. Oor die effek van die beleid op swart mense en die ontwikkeling van die swart volke in

Suid-Afrika rep hy nie ’n woord nie.

### 3.1.6 Wit skuld

Daar is egter een kwessie wat meer as enige ander die emosies van wit mense op loop sit en tot hewige, en soms onsmaaklike, briewewisseling en debatvoering in die dagblaaie lei. Die vraag na wit skuld al dan nie bring ’n weerstand en aggressie na vore soos min ander sake kan. Van Niekerk (2011:elektroniese bron) stel sy standpunt onomwonde: “As wit mense sit ons met enorme skuld ten opsigte van die verlede.” Hy verwys ook na Naudé wat op sy beurt weer ’n opvolgartikel skryf (Naudé 2011:elektroniese bron) waarin hy Van Niekerk beskuldig van veralgemenings en steeds enige moontlike skuld ontken. Die reaksie wat hierdie twee se artikels oor wit skuld tot gevolg gehad het, spreek boekdele.

In die reaksies op die artikels in die koerante, was daar nie ’n enkele persoon wat onomwonde erken het dat wit Afrikaners skuld het aan apartheid nie! Die naaste daaraan is *Stufflé* (skuilnaam) wat reageer op Naudé (2011:elektroniese bron) deur te sê: “Dit beteken nie apartheid was reg nie. Maar miskien beteken beteken (sic) dit dat apartheid reg was vir sy tyd.” Kotze (2011:elektroniese bron) se vertrekpunt is weer dat daar “weinig onskuldiges” is. Sy skulderkenning verwoord hy so tussen die veront-skuldigings: “Apartheid was verkeerd. Tydens segregasie in die VSA is swart mense ge’lynch’. Die ANC se struggle was uiters wreed en het die dood van baie van hulle eie mense gekos. Die ANC se onbeholpe kaders is huidiglik (sic) besig om Suid-Afrika te vernietig.”

Aan die ander kant van die spektrum was die reaksie baie uitgesproke. Benewens die algemene “kom ons beweeg aan” was daar ook diegene wat steeds oortuig was dat apartheid ’n goeie beleid was. So verklaar *Henning* (skuilnaam) in sy reaksie op Naudé (2011:elektroniese bron): “Apartheid was toe after-all (sic) nie net 'n slegte ding nie. Op die ou-end het dit meer goed as sleg ingehou vir AL (sic) die burgers van Suid Afrika. So waaroor op dees aarde moet ek skuldig voel... Huu?”

Die weerstand teen die idee van wit mense wat skuldig moet voel oor apartheid was nie beperk tot woorde in koerante nie. Op 14 Julie 2011 het Abel Malan, ’n sakeman van Nelspruit en ’n kandidaat van die Volksraad-verkiesingskommissie (VVK) vir

professor Van Niekerk in sy kantoor op Stellenbosch “fisiek aangerand” (Gerber, J. 2011:elektroniese bron).

Een van die jonger geslag reageer met verontwaardiging op die idee dat hy en sy geslag skuldig moet voel vir iets waaraan hulle geen aandeel gehad het nie. Ene *corne.schutte* (skuilnaam) vra, in reaksie op ’n nuusberig oor die aanval op Van Niekerk van Stellenbosch (Gerber, J. 2011:elektroniese bron): “waarom moet Afrikaners aanhou om die skuld te dra vir wat Prof Anton se generasie skynbaar veroorsaak het?” Sy gebruik van die word “skynbaar” laat die vraag ontstaan of hy werklik dink dat daar iets is om oor skuldig te voel.

Benewens bogenoemde reaksie op die berig, was waar ook diegene wat hulle nie kon weerhou van die banale nie. So reken *jan petoors* (skuilnaam) “hy moes sy keel af gesny het”, *Andrew Larson* (skuilnaam) meen “Malan moes hom dood gebliksem het” en *Bump* (skuilnaam) is van mening “[h]y moes harder gemoer gewees het” want “[d]aar is nie pille vir domgeit (sic) nie jy (sic) poepol (sic).”

Die punt van kommer in al die kommentaar oor die skuldkwessie, is dat byna niemand verwys na die werklike probleem met die beleid van apartheid, naamlik dat dit mense hul menswaardigheid ontneem het, nie. Telkens is die fokus op die positiewe wat vir die land en sy inwoners gekom het, of daar word blatant ontken dat enigeen benadeel is deur apartheid. Oor die dekades-lange bevoordeling van wit mense ten koste van swart mense word daar bykans nooit iets gesê nie.

### 3.1.7 Regstellende aksie

Die laaste saak wat ek hier wil aanraak oor die onsekerheid ten opsigte van die toekoms, is regstellende aksie. Hierdie saak kom ook herhaaldelik voor in die opvolgnavorsing. Vir baie wit mense, en veral wit mans, is regstellende aksie niks anders as omgekeerde rassisme nie. Baie wit mense het skielik ’n plafon bereik in hulle loopbane en moet sien hoe ander mense wat dikwels minder bekwaam is en minder ondervinding het bo hulle bevorder word. Hierdie tipe optrede lei tot gebrekkige motivering en baie aanvaar by die eerste-beste geleentheid ’n pakket sodat hulle uit ’n onhoudbare situasie kan wegkom. Wanneer wit Afrikaners praat oor wat in die afgelope veertien jaar in hulle lewens gebeur het wat hulle toekoms die meeste affekteer, is

regstellende aksie byna altyd deel van die gesprek.

Al sê George [15-328] dat dit hom nie meer raak nie, omdat hy `nou... die verpligte aftree-ouderdom bereik` het, is daar van die ander, soos Danie [13-096] en Isak [14-022] vir wie regstellende aksie 'n pynlike ervaring was en steeds is. Vir sommige is die fokus meer op `ons wit kinders [wat] nie werk kry nie` [Elsa 9-639].

In koerantbriewe en braaivleisgesprekke is dit algemeen dat frustrasie oor regstellende aksie verwoord word. Só skryf Dommissie (2011:elektroniese bron) na aanleiding van 'n televisieprogram oor arm, wit mense: "Van die armblankes wat in die dokumentêr aangehaal word, sê regstellende aksie het hulle verarm of dat daar deur swart mynbase teen hulle diskrimineer word." 'n Ma skryf oor haar seun se lot omdat hy nie matriek het nie en nie 'n behoorlike werk kan kry nie. Haar gevolgtrekking hieroor is duidelik: "Hierdie omgekeerde rassisme benadeel my seun van 28 en ander jong wittes" (Smit 2004:elektroniese bron).

Ook vanuit die buiteland word soortgelyke stemme gehoor. As Scholtz (2011:elektroniese bron) skryf oor die vakbond *Solidariteit* se poging om buitelandse druk op die ANC regering te probeer plaas, dan sê hy reguit die regering "diskrimineer teen wittes en bruines deur die manier waarop hy regstellende aksie toepas."

In 2005 skryf 'n "Anonieme groep wit polisiebeamptes" in 'n brief aan *Beeld* oor hulle frustrasies met bevorderings in die SAPD wat volgens hulle net aan swart lede gaan. Volgens hulle is daar verskillende stelle kriteria wat gebruik word en al die lede van die bevorderingspaneel is self ook swart. Hulle eindig hulle brief só: "Ons het te doen met omgekeerde rassisme, nie regstellende aksie of transformasie nie" (*Beeld* 2005:elektroniese bron). Selfs Sihle Zikalala, die provinsiale sekretaris van die ANC in KwaZulu-Natal, het onlangs "toegegee dat regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging as omgekeerde diskriminasie beskou word" (Liebenberg 2012:elektroniese bron).

Navorsing van die Helen Suzman Stigting het bevind dat alhoewel daar in afname was in wit Afrikaanssprekendes se weerstand teen regstellende aksie, die meerderheid steeds daarteen gekant is. Hulle gebruik selfs die woorde "remain hostile." In 1996 was 83% gekant teen regstellende aksie terwyl die syfer in 2000 afgekom het na 56%. "In

practice whites have learnt to live with a degree of affirmative action and now, however grudgingly, see it as normal in the workplace" (Johnson, S. 2000:elektroniese bron).

### 3.1.8 Samevatting

Oorsese koerantopskrifte soos *Darkness in the Rainbow Nation, Crying for the Beloved Country* en *Is there a future for the white tribe of Africa?* (aangehaal in Smith 2006:36) gee iets weer van die bekommernis waarmee baie Suid-Afrikaners saamleef. Op 'n *blog* stel iemand met die Afrikaanse naam van Anton Barnard (2010:elektroniese bron) sy frustrasie so ten toon:

> I am sure that the large majority of whites, Afrikaans or English-speaking, would agree that South Africa under ANC rule has become a nightmarish, third-world hell-hole, replete with uneducated tin-pot megalomaniacs screaming down the roads in blue-light convoys, often mowing down innocent pedestrians, corruption, anarchy, decaying infrastructure, rubbish in the streets, heretofore unknown levels of violent crime, as well as the quasi-religion of state racism, known as transformation (a.k.a. ethnic cleansing) aimed against whites in the form of affirmative action and BEE.

Of almal heeltemal so ver sal gaan om dit te stel soos Barnard hierbo, is te betwyfel. Wat wel waar is, is dat ten minste sommige wit mense begin twyfel aan die woorde van Nelson Mandela (1994:elektroniese bron) in sy inhuldigingstoespraak in 1994:

> We enter into a covenant that we shall build a society in which all South Africans, both black and white, will be able to walk tall, without any fear in their hearts, assured of their inalienable right to human dignity – a rainbow nation at peace with itself and the world.

## 3.2 Ontnugter

As *onseke*r die woord oor die toekoms is, dan is *ontnugter* die woord oor die verlede. Vroeg in Mei 2001 skryf Chris Louw 'n ope brief in *Beeld* aan Willem de Klerk in reaksie op De Klerk (2000) se boek *Afrikaners: Kroes, kras, kordaat.* Waar De Klerk hom rig tot die "jong Afrikaners" om hulle "te naelstring in Afrikanerwees" (De Klerk 2000:6),

beskuldig Louw hom pertinent daarvan dat sy boek ruik na “die oneerlikheid van selfregverdiging” (Louw 2001a:13). Niemand kon waarskynlik die reaksie op die brief voorsien het nie. Die diskoers het ook ’n eienaam gekry: die Boetman-debat.

Die koerante is oorval met ’n stortvloed ondersteunende en kritiserende reaksies in die briewekolomme, nie net van alledaagse burgers (Du Pré 2000:elektroniese bron) nie, maar selfs van akademici (Boshoff 2000:elektroniese bron; Pieterse 2000:elektroniese bron). Die dramaturg Pieter Fourie het die debat in ’n toneelstuk verwerk en dit is later daardie jaar by die Aardklop kunstefees in Potchefstroom opgevoer (Nieuwoudt 2000:elektroniese bron). Ook vroue het hulle stemme gevoeg by dié van Boetman. Volgens Pepler (2000a:11) is daar 152 briewe, berigte en rubrieke tot en met 30 Julie 2000 in *Beeld*, 93 in *Die Burger* en 50 in *Volksblad* geplaas. Op die ou end het die debat aanleiding gegee tot Louw (2001b) se boek *Boetman en die swanesang van die verligtes*. Soos een ontleder dit gestel het: “Met die Boetman-debat het die Afrikaanse pers die demokrasie kans gegee om te praat. En gepraat hét hulle in beeldryke taal met gelade gemoedere” (Pepler 2000b:13).

### 3.3 Opgewonde

Dit sou oneerlik wees om die tydperk tussen 1998 en 2012 net in negatiewe terme te beskryf. Suid-Afrika is ’n nuwe land, ’n ander land. Ten minste wat wetgewing aanbetref is alle mense gelyk en word almal as gelykwaardig behandel.

Vir swart mense is die verbeterde toegang tot dienste seker die grootste sigbare verskil in post-apartheid Suid-Afrika. Al hoe meer swart mense het toegang tot behoorlike behuising (Tsheolo & Sebola 2012:239; Ndinda, Uzodike & Winaar 2011:762) met lopende water en elektrisiteit. Die agterstand wat uit die vorige bedeling kom, sal egter nog baie jare neem om in te haal.

Wat wit mense aanbetref is die grootste positiewe verandering sekerlik die blootstelling aan swart mense op baie meer terreine van die lewe. Tydens apartheid was die kontak tussen verskillende rasse dikwels beperk tot ’n werkgewer-werknemer verhouding. In die post-apartheid Suid-Afrika is die kontak meermale dié van gelykes. Die velkleur-gebaseerde voorregte, en onderdrukking, van die verlede is verby. En van die beste en mees simboliese gebeure wat hierdie verandering onderstreep, was die eerste

internasionale rugbywedstryd wat in ’n swart *township* gespeel is. Op 22 Mei 2010 het die *Blou Bulle* teen die *Crusaders* in ’n semi-finaal van die Super-14 rugbytoernooi in die Orlando stadium is Soweto te staan gekom (Morgan 2010:elektroniese bron). ’n Week later was dit die Kaapse span, die *Stormers*, wat kragte gemeet het teen die *Blou Bulle* in dieselfde stadion. Die positiewe ervaring van wit toeskouers wat vriendelik in Soweto ontvang is, spreek boekdele van die waarde van hierdie geleentheid (Potelwa 2010:elektroniese bron).

Die een groot uitdaging in die post-apartheid Suid-Afrika is die versoening tussen wit en swart. In sommige gevalle, soos hierbo beskryf, gebeur dit heel spontaan. Ander kere weer gebeur dit glad nie. Soms is dit nodig om geleenthede vir versoening te skep. Een so ’n geleentheid was die oud-minister Adriaan Vlok se besoek aan eerwaarde Frank Chikane. In die ou bedeling was Vlok die minister van Wet en Orde en Chikane was die sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. In die jare tagtig was daar ’n byna-suksesvolle poging om Chikane te vermoor deur gif in sy klere te sit.

Vlok het Chikane in sy kantoor gaan besoek en nadat hy vergifnis gevra het vir wat hy gedoen het, water gevra en toe Chikane se voete gewas Oor die betekenis van die voetewas het Vlok later (De Lange 2006) gesê: “Dit beteken ek gee myself prys. Ek gee my trots prys, my eie ek, my meerderwaardigheid, my hoogmoed, my liefdeloosheid en my selfsug.”

### 3.4 Oneerlik

In baie gesprekke oor toestande in die sogenaamde nuwe Suid-Afrika is daar ’n hunkering na die vorige bedeling, ’n verlange na die tyd van apartheid. Dis nie noodwendig ter wille van die diskriminasie nie, maar dis ’n heimwee na die sogenaamde goeie ou dae, na ’n tyd toe toestande in die wit woonbuurte baie anders was as nou. Wit mense se lewens was verwyderd van die lewe in die *townships*. In wit buurte was daar wet en orde, die paaie was heel en die water- en kragtoevoere was betroubaar. Die mense met wie wit mense normaalweg in aanraking gekom het, was waarskynlik ook wit. Dit wat in swart mense se lewens gebeur het, kon buite die wit wêreld gehou word deur net sekere koerante te lees (indien enige) en net na televisie-kanale te kyk wat die wit wêreld weergee. Dit was asof wit Suid-Afrika in ’n veilige

Westerse enklawe in donker Afrika gebly het.

Al hierdie sentimente is ŉ verlange na iets wat nooit werklik bestaan het nie. Benewens die afsondering waarin die verskillende volke geleef het, het mense ook baie selektiewe geheues. In sy koerantartikel tydens die eeuwisseling kyk Venter (2000b:elektroniese bron) terug na 1986 en herinner die lesers aan die werklikheid wat toe geheers het. Ek haal vryelik aan uit sy artikel: Dit was ŉ tyd van noodtoestande en verpligte militêre diensplig, meer as 64 000 swart mense is daardie jaar verskuif uit sogenaamde wit kolle en in die plakkerskampe *Crossroads* en *KTC* op die Kaapse Vlakte het ŉ oorlogsituasie geheers waarin 60 mense dood is en 7000 dakloos gelaat is. Meer as 220 gevalle van terreur is aangemeld, 3 989 mense is om politieke redes sonder verhoor aangehou en 1 290 het in politieke geweld gesterf. Agente van die staat, soos die Coetzees en De Kocks en andere het “politieke staatsmoord” gepleeg.

In terme van Suid-Afrika se verhoudings na buite het dit nie veel beter gegaan nie. Daar was olie- en sportboikotte en reisbeperkings op Suid-afrikaners. Die Amerikaners het omvattende handelsanksies ingestel en agt-en-veertig Amerikaanse maatskappye het reeds uit Suid-Afrika gedisinvesteer. Die uitvoer van Krugerrande na Europa en die VSA is verbied en die VN het verpligte wapensanksies teen die land gehandhaaf. In 1986 alleen het Suid-Afrika 6 717 kundiges deur emigrasie verloor.

Die misdaadtoneel was skokkend. Venter (2000b:elektroniese bron) sê:

> Ondanks hardhandige strawwe waar 121 mense opgehang is vir halsmisdade en 40 288 mense lyfstraf gekry het, het geweldmisdaad hoogty gevier. In daardie jaar [1986] is 8 959 moorde gepleeg, 39 302 rooftogte uitgevoer, daar was 16 000 verkragtings, 166 000 huisbrake, 123 000 ernstige aanrandings en 48 000 motors is oraloor gesteel. Hierdie syfers sluit nie eens die ou TBVC-lande in nie.

Mense wat terugverlang na die “goeie ou dae” sal weer moet gaan kyk na presies wat dit is waarna hulle verlang. Dalk is die hunkering na iets wat nooit werklik bestaan het nie, maar kunsmatig aan die wit bevolking voorgehou is. Die situasie binnelands was duidelik nie een van voorspoed en vrede nie en die buitelandse voorbeeld moet as waarskuwing dien vir wat ook hier plaaslik kon gebeur het. Die nuwe, post-apartheid Suid-Afrika is duidelik nie so sleg as wat dit kon wees nie.

## 4. Die posisie van die NG Kerk voor 1998

In hierdie afdeling word die NG Kerk beskryf soos aan die mede-navorsers bekend ten tye van die aanvanklike navorsing. Die fokus is veral op die NG Kerk se geskiedenis ten opsigte van apartheid en die rassekwessie in Suid-Afrika.

### 4.1 "Die NP in gebed"

Dit is nie sonder rede dat na die NG Kerk verwys is as "die Nasionale Party in gebed" (Giliomee 1979:240; Serfontein 1979:163) nie. Serfontein (1982:1) voer vier redes aan vir die hegte verband wat onstaan het tussen die NG Kerk en die politieke party: Eerstens is die NG Kerk die grootste kerk onder die lede van die wit heersersklas, tweedens speel die NG Kerk 'n spesiale rol in die politieke, sosiale en kulturele lewe van wit Afrikaanse Christene, derdens is godsdiens baie belangrik vir die Afrikaners en dit is ingeweef in hulle alledaagse lewe en laastens was Suid-Afrika volgens die grondwet van die apartheidsera 'n Christelike staat. Die NG Kerk erken self die baie hegte verhouding met die regering van die dag: "Die Kerk is intiem betrokke by die staatkundige ontwikkelinge van ons land" (Ned Geref Kerk 1975:3). Op 'n stadium het die NG Kerk selfs geheime fondse van die regering aanvaar, al is dit afgemaak as "niks onreëlmatigs" (Geldenhuys 1982:74) nie. Loader (1985:276) sê die NG Kerk is "reputed to be the most influential church in South Africa...". Rose [7-555], een van die swart deelnemers aan die aanvanklike gesprekke, voer aan dat die rede waarom die NG Kerk-familie so sukkel om te verenig is omdat `die NG Kerk spesifiek, al die jare die backbone was van apartheid.`

Kruger en Hofmeyr (2009a:138) beskryf die ontstaan van die NG Kerk as volkskerk van die Afrikaners met spesifieke verwysing na die rol van die NG Kerk na die Tweede Vryheidsoorlog en die Afrikaners se verarmde situasie in die dekades daarna. Dit was logies dat "die kerk in sy sorg aan die verarmde Afrikaners 'n kerk-vir-die-volk" sou word. Hulle verwys vervolgens na die Calvinistiese gedagte van "kollektiewe individualisme" wat beteken dat "'n individu tegelyk vrywillig behoort en onderdanig is aan 'n Christelike gemeenskap en aan 'n aardse outoriteit (wat aan God onderdanig is)." Hulle totale lewensbestel was dus "in wese godsdienstig" met staat en kerk as organe waardeur God regeer. Dan voeg hulle by: "Die gemiddelde Afrikaner het hierdie verstaan van die werklikheid as 'n gegewe aanvaar (Kruger & Hofmeyr 2009a:139).

Die hegte verhouding tussen die NG Kerk en die staat het dus ’n natuurlike ontwikkeling gehad. Die staatkundige ontwikkeling van die verskillende volke in die land het parallelle aandag geniet in staat en Kerk. Dit was die Afrikaner se verstaan van hierdie “burgerlike godsdiens” (Kruger & Hofmeyr 2009a:139) wat die teologiese denke oor rasseverhoudinge bepaal het. Dit het in 1974 uitgeloop op die dokument *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* (Ned Geref Kerk 1975). Hierin word uitgegaan van ’n “Godgegewe verskeidenheid” (Kinghorn 1986b:132) in die veelheid van volke. Hierdeur het wit mense se selfafsondering ’n godsdienstige basis gekry “wat haas onuitroeibaar was” (Durand 2002:29).

Tientalle boeke is al geskryf oor die ontstaan en geskiedenis van die apartheidsteologie. Vir die doel van hierdie studie is dit nie nodig om in *detail* hierop in te gaan nie. Enkele relevante gebeure sal wel uitgelig word. In terme van wat geskryf is, kan verwys word na byvoorbeeld Van Jaarsveld (1979) se *Die evolusie van apartheid*, Kinghorn (1986a) se *Die NG Kerk en apartheid* en Gaum (1997a) se *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid*. Daar was oor die jare ook verskeie boeke wat baie meer krities gekyk het na apartheid en iets verwoord het van die debat wat in en rondom die Kerk gewoed het. So was daar Smith, Geldenhuys en Meiring (1981) se *Storm-kompas* wat kort daarna opgevolg is deur Geldenhuys (1982) se outobiografiese *In die stroom-versnelling* en ’n paar jaar later Loubser (1987) se *The apartheid Bible: A critical review of racial theology in South Africa*.

Na binne het die NG Kerk ook oor die jare haar eie worsteling met verskillende insidente gehad. Dit sou onbillik wees om te beweer dat die NG Kerk oor al die jare met een stem gepraat het oor apartheid. By verskeie geleenthede was daar stemme van weerstand teen besluite van die NG Kerk en daar was van die vroegste tyd af stemme roepende in die woestyn, profetiese stemme wat die NG Kerk opgeroep het om vinniger weg te beweeg van steun aan die diskriminerende beleid van apartheid. Soos die geskiedenis egter aandui, is daar nie graag na hierdie stemme geluister nie.

Nog voor die ontstaan van die Algemene Sinode in 1962 was daar in 1960 die veelbesproke Cottesloe-kerkeberaad wat gevolg het op die ongelukkige Sharpeville voorval waarin die polisie nege-en-sestig swart mense doodgeskiet het (Lückhoff 1978). Op die voorblad van Lückhoff se boek word die beraad beskryf as ’n “dinamiese poging van wit Christene om oor taal- en rassegrense heen ’n uitweg uit die impasse in rasseverhoudings in Suid-Afrika se bewerkstellig.” Na hierdie beskrywing gaan die teks

op die voorblad voort met hierdie betekenisvolle opmerking: “Die oorgrote meerderheid Afrikaanse predikante en lidmate was egter nie ryp vir die ingrypende veranderinge wat die aanvaarding van die bevindinge sou meebring nie.” Hoe waar hierdie stelling is, sou later deur die geskiedenis bevestig word toe die NG Kerk self besluite geneem het wat aansluit by die Cottesloe-besluite, soos byvoorbeeld dat daar geen Skriftuurlike gronde is vir die verbod op gemengde huwelike nie.

Uit die reaksies van die Sinodes van Kaapland en Transvaal blyk dit dat die NG Kerk op daardie stadium oortuig was “die beleid van differensiasie Skriftuurlik gegrond is, die enigste realistiese oplossing vir die probleme van rasseverhoudinge in die land aanbied en daarom die belange van alle bevolkingsgroepe die beste dien” (aangehaal in Gaum 1997a:16). Of die NG Kerk hierdie besluite uit eie oortuiging geneem het en of die Afrikaner-Broederbond sy “aansienlike invloed laat geld” (Naudé 1995:56) het deur “sy omsendbriewe aan die afdelings” (Geldenhuys 1982:58), sal niemand seker weet nie.

Die NG Kerk het ook verder gegaan en die Cottesloe-verklaring verwerp omdat “dit die beleid van afsonderlike ontwikkeling aantas en ondermyn” (Gaum 1997a:16). Die NG Kerk se motivering was dus baie duidelik primêr ’n politieke en nie ’n teologiese een nie. In die memorandum van die Kaaplandse NG Kerk word duidelik gestel dat die NG Kerk by ’n “kruispad” gekom het “ten opsigte waarvan hy sonder versuim ’n besliste keuse moet maak” (aangehaal in Lückhoff 1978:60). Die keuse wat die NG Kerk gemaak het, was vir afsonderlikheid.

Die nadraai van Cottesloe was dat die Kaapse en Transvaalse NG Kerke uit die Wêreldraad van Kerke bedank het en ook nie deel geword het van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke nie. Hiermee het die NG Kerk hom op ’n “pad van byna volkome kerklike en ekumeniese isolasie, binne en ook buite Suid-Afrika geplaas” (Naudé 1995:59). Daar het inderdaad ’n “diep kloof” (Gaum 1997a:19) tussen die NG Kerk en ander, ook Protestantse, kerke gekom. Die woorde van prof. Ben Engelbrecht bly ’n ontstellende profetiese vermaning: “Dit sal altyd ’n verbysterende raaisel bly dat politieke magte daarin kon slaag om ná Cottesloe die wig so diep tussen kerke en Christene in ons land in te drywe” (Engelbrecht 1982:25).

In die tyd na Cottesloe was daar ’n aantal lidmate wat die gees van Cottesloe probeer lewend hou het met die maandblad *Pro Veritate* met Beyers Naudé as eindredakteur. Verskeie prominente leraars was medewerkers van die blad. Toe die Vrystaatse

Sinode hom egter in 1964 sterk uitspreek teen die blad en “ampsdraers en lidmate vra om hulle van die blad te distansieer” (Gaum 1997a:21) was dit die begin van die einde. Die *Christelike Instituut* – ’n “poging om Christene saam te laat besin, spreek en bid en om hulle eenheid te demonstreer” (Gaum 1997a:21) – is in 1963 gestig, maar die Algemene Sinode van 1966 het dit as dwaalleer verdoem en daarmee ook sy invloed in die NG Kerk beëindig. Dit was duidelik dat die NG Kerk vir apartheid gekies het en nie enigiets anders wou hoor nie.

Of daar werklik veel besinning oor rassesake in die NG Kerk in die tyd na Cottesloe tot en met die verskyning van *Ras, volk en nasie* in 1974 was, is te betwyfel. Bloot die feit dat Gaum (1997a) slegs twaalf reëls wy aan meer as ’n dekade van die NG Kerk se reis met apartheid, is genoeg aanduiding daarvan. Wat in daardie tyd gebeur het, was waarskynlik maar net ’n voortsetting van die gevestigde praktyk. Die NG Kerk was op daardie stadium klaarblyklik heel tevrede met sy standpunt oor rassekwessies ten spyte van vele stemme wat opgegaan het vir ’n verandering.

In 1979 en veral in die jare tagtig was daar uit verskeie oorde druk op die NG Kerk om sy steun vir apartheid te heroorweeg. Soos jare later weer die geval sou wees, die keer met die Belydenis van Belhar, is dit die Sinode van Wes-Kaapland wat die eerste is om die manmoedige tree te gee en te besluit “dat alle rassediskriminasie... strydig met die Bybelboodskap is” (aangehaal in Gaum 1997a:28). ’n Jaar later skryf die NG Sendingkerk in sy amptelike lyfblad, *Die Ligdraer*, dat al dink die NG Kerk dat apartheid die enigste oplossing vir die land is, dit deur swart en bruin lidmate “by al die voordele wat dit gebring het, as uiters verdrukkend ervaar word” (aangehaal in Gaum 1997a:29).

Later in 1980 publiseer agt prominente teoloë hulle *Hervormingsdag-getuienis* (*Die Kerkbode* 1980:605) wat “solidariteit met almal wat deur onregverdige sosiale praktyke, ekonomiese wanverhoudinge en die lyding as gevolg van politieke maatreëls geraak is, bepleit” (Kruger & Hofmeyr 2009a:139). Hierdie getuienis word ’n paar maande later opgevolg deur *Storm-kompas* (Smith, Geldenhuys & Meiring 1981) “wat die NG Kerk se onverskilligheid teenoor duisende swart mense se ellende uitgewys het” (Kruger & Hofmeyr 2009a:139). Van die uitsprake in die boek, soos “Die handelinge van die Suid-Afrikaanse regering met betrekking tot bevolkings-verhoudinge gedurende die afgelope twee en dertig jaar moet in groot mate op *die rekening van die Afrikaner en sy kerk* [hulle kursivering] geplaas word” (Smith, Geldenhuys & Meiring 1981:139), het bygedra tot die storm wat die boek ontketen het.

Die jaar 1982 was "in bepaalde opsigte 'n beslissende jaar" (Gaum 1997a:33). Eers is dit die *Ope brief aan die NG Kerk* wat deur 123 persone onderteken is en in *Die Kerkbode* verskyn het. Later dieselfde jaar is dit die Sinode van die NG Sendingkerk wat sy besluit van 1978 herbevestig dat apartheid sonde en die volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God 'n teologiese kettery is. Die NG Sendingkerk het op grond van hierdie besluit, asook die NG Kerk se voortgesette steun aan apartheid, verklaar dat 'n punt van *status confessionis*[15] bereik is. Volgens die NG Sendingkerk plaas die NG Kerk se steun aan apartheid die Christelike evangelie op die spel (Cloete & Smit 1984:22). Hierdie selfde sinode aanvaar ook 'n konsepbelydenis wat vier jaar later as die *Belydenis van Belhar* aanvaar sou word.

Die skriftelike antwoord van die Breë Moderatuur in Maart 1984 verdedig die NG Kerk se posisie dat hy "alle rassisme as sonde verwerp", dat afsonderlike ontwikkeling, toegepas volgens die beginsels van naasteliefde en sosiale geregtigheid "volgens ons nie in botsing met die eise van die Skrif" is nie. Die Breë Moderatuur meen verder dat "daar nie net negatief" geoordeel moet word nie en dat daar "ook goeie en positiewe dinge" in Suid-Afrika tot stand gekom het (Gaum 1997a:35). Hierdie totale gebrek aan insig oor wat die beleid van apartheid aan swart en bruin mense gedoen het, sou jare later steeds aan die orde wees. In die slotwoorde van die Breë Moderatuur se antwoord dat hulle "met nadruk verklaar dat u indringend moet besin of u met hierdie nuwe belydenis wil voortgaan", klink iets van vorige dekades se voogdyskap weer helder, so asof die Sendingkerk nie sonder die goedkeuring van die *moederkerk* so 'n stap mag neem nie. Hierdie antwoord was die begin van 'n lang en onverkwiklike, sommige sal selfs sê onproduktiewe, debat tussen die twee kerke.

Ten spyte van 'n onbevredigende antwoord, was daar tog dinge aan die gebeur in die NG Kerk. By die Algemene Sinode van 1986 is die beleidstuk *Ras, volk en nasie* wat reeds deur die tyd agterhaal is, grondig hersien en vervang met 'n nuwe dokument *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk*. Hierin erken die NG Kerk dat apartheid nie as 'n "voorskrif uit die Bybel" afgelees kan word nie, dat die Kerk nie geroep is om 'n politieke beleid aan die owerheid voor te skryf nie, en dat enige politieke model aan "die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid" getoets moet word (Ned Geref Kerk 1986:52).

---

[15] 'n *Status confessionis*, of te wel 'n staat van belydenis beteken "niks anders nie as dat Christene of 'n kerk oordeel dat "n oomblik van waarheid' aangebreek het, dat 'n situasie ontstaan het waarin die evangelie op die spel staan" (Cloete & Smit 1984:6).

Die paragraaf wat na my mening die mees ingrypende was, was paragraaf 306 (Ned Geref Kerk 1986:52):

> Die Ned Geref Kerk is oortuig dat die hantering van apartheid as politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aantas.

Dit blyk egter dat dit veral paragraaf 270 en 273 was wat die grootste reaksie ontlok het. In hierdie twee paragrawe word gesê dat "lidmaatskap van die Ned Geref Kerk oop" is en dat eredienste en ander byeenkomste vir "alle besoekers" toeganklik is (Ned Geref Kerk 1986:46). Dit is duidelik dat baie lidmate steeds die NG Kerk as volkskerk vir wit Afrikaners beskou het. Hierdie lidmate se besware het uiteindelik in 1987 sigbare gestalte aangeneem in die stigting van die *Afrikaanse Protestantse Kerk (APK)*. Sowat 'n honderd predikante en ongeveer 40 000 lidmate het die NG Kerk en ander kerke verlaat (Gaum 1997a:45). Strauss (2011:511) dui egter die aantal lidmate van die NG Kerk wat na die APK oorgegaan, as slegs 7 751 aan.

### 4.2 "Te abstrak en teoreties en daarom ook te onkrities"

Ten spyte van die hartseer van kerkskeuring het die NG Kerk voortgegaan met sy besinning oor die Kerk se rol in die samelewing. By die Algemene Sinode van 1990 is 'n gewysigde beleidstuk *Kerk en Samelewing 1990* aanvaar. Hierin erken die NG Kerk onder andere – in paragraaf 282 – "dat hy te lank die beleid van apartheid... te abstrak en teoreties en daarom ook te onkrities, beoordeel het" (Ned Geref Kerk 1990:39). In paragraaf 284 erken die NG Kerk verder:

> Eers gaandeweg het dit vir die Ned Geref Kerk duidelik geword dat die beleid van apartheid as politieke sisteem in die praktyk veel verder gaan as die erkenning van die reg en vryheid van alle mense en kulturele groepe om aan hulle eie waardes getrou te mag bly. Apartheid het op so 'n wyse begin funksioneer dat die grootste deel van die landsbevolking dit ervaar het as 'n onderdrukkende sisteem wat deur gedwonge skeiding tussen mense in werklikheid een groep onregmatig bo die ander bevoordeel het. So het dit die mens-

> waardigheid van die medemens aangetas en in stryd gekom met die beginsels van liefde en geregtigheid.

Die besluite van die Algemene Sinode het blykbaar stil-stil by mense verbygegaan – óf hulle het nie kennis geneem van die besluite nie, óf hulle het nie besef wat die NG Kerk besluit het nie. ’n Maand later, in November 1990, vind die *Konferensie van Kerke* op Rustenburg plaas. Verteenwoordigers van tagtig kerke het die geleentheid bygewoon (Gaum 1997a:54). Aan die einde van sy toespraak het Willie Jonker van die Kweekskool op Stellenbosch die volgende “totaal onverwagte verklaring” (Gaum 2006:elektroniese bron) in Engels gemaak:

> Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek dit om dit ook namens die Ned Geref Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid om dit te doen, want die Ned Geref Kerk het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode tot sonde verklaar en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie.

In reaksie op hierdie belydenis het Desmond Tutu, wat op daardie stadium die aartsbiskop van Kaapstad was, opgestaan “na die kateder stap en [ge]sê dat hy die skuldbelydenis aanvaar en nie aan die opregtheid daarvan twyfel nie” (Gaum 2006:elektroniese bron). In die vergadersaal was daar aanvanklik ’n doodse stilte; jy kon ’n speld hoor val, en toe was daar ’n toejuiging. “Almal het geweet: Dit is ’n groot oomblik, dis geskiedenis wat gemaak is” (Gaum 2006:elektroniese bron). Dit is daarom heel te verstane dat wanneer hy skryf oor die eenhonderd bakens in die geskiedenis van die NG Kerk, Gaum (2002:218) na hierdie gebeure verwys as ’n “merkwaardige oomblik van belydenis, vergifnis en versoening”.

Geskiedenis word egter nooit sonder teenstand gemaak nie. Van verskillende kante is daar beswaar gemaak teen Jonker se skuldbelydenis. Dikwels is hierdie kritiek verpak in die verskoning dat hy nie ’n amptelik opdrag daartoe gehad het om skuld namens die NG Kerk te bely nie. Die feit dat hy bloot herhaal het wat die Algemene Sinode skaars ’n maand vroeër gesê het, en dat die amptelike afvaardiging hom ondersteun het, was vir die beswaarmakers irrelevant. Die trant van baie van die reaksies skep die indruk

dat dit nie gaan oor wie, of waar, of hoe dit bely is nie, maar dat iemand dit enigsins waag om te sê dat daar fout is met apartheid. Hierdie selfde kritiek sou ook by die kerkraad van Welkom-Suid Gemeente ter sprake kom soos reeds in hoofstuk een aangedui is (Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid 1991).

Aangesien Jonker se belydenis nie vooraf uitgeklaar is met die amptelike afgevaardigdes van die NG Kerk nie, het hulle koppe bymekaar gesit en toe 'n verklaring voorberei wat aan die begin van die volgende dag se sessie voorgelees is (Gaum 2006:elektroniese bron). Dit het so gelui:

> Die amptelike afvaardiging van die NG Kerk wil dit onomwonde stel dat ons ons volledig vereenselwig met die verklaring van prof. Jonker oor die posisie van hierdie kerk. Hy het op stuk van sake die besluite van ons algemene sinode weergegee. Ons wil graag die besluite van die sinode as die basis van versoening met alle mense en alle kerke beskou.

Oor hierdie verklaring is daar net soveel stof opgeskop. Ontstoke lidmate en leraars wat niks gesê het oor die besluite van die Algemene Sinode nie, het nou hewige kritiek geuiter. Selfs oud-president PW Botha het Pieter Potgieter twee keer vanaf sy strandhuis in die Wildernis gebel om hom te roskam oor die verklaring (Gaum 2006:elektroniese bron). Die NG Kerk se eie Algemene Sinodale Kommissie het 'n middernagtelike vergadering gehou en probeer koue water gooi op die Rustenburgse gebeure (Gaum 2006:elektroniese bron).

Ook Tutu moes kritiek verduur omdat hy die NG Kerk se skuldbelydenis aanvaar het. Sy verweer was eenvoudig: As skuld bely word, vergewe die Here – en so moet Christene mekaar ook vergewe. Tot sewentig maal sewe keer, het die Here Jesus gesê (Gaum 2006:elektroniese bron).

Vanuit die geledere van die NGKA en die Sendingkerk was daar ook besware teen die aanvaarding van die NG Kerk se skuldbelydenis. Die moderator van die Sendingkerk, ds. Apollis, se uitlating dat die NG Kerk nie werklik bedoel wat hulle sê nie en "meesters is van die kuns om met woorde te speel" sou nie alleen baie publisiteit ontvang nie (Gaum 1997a:55), maar sou jare later dikwels weer gehoor word.

Ten spyte van die kritiek was dit tog duidelik dat iets aan die gebeur was in die NG Kerk. Iets van hierdie verandering word sigbaar as die rol van die NG Kerk agter die skerms raakgesien word. Kort na die Rustenburg-beraad was kerkleiers, onder andere Johan Heyns, betrokke by die proses wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die ondertekening van die *Vredesverdrag* tussen al die verskillende politieke partye in die land (Chapman & Wrighton 2004:37).

Na die gebeure by Rustenburg was daar groot ongelukkigheid by baie lidmate. 'n Groot saamtrek is in Pretoria gehou en 'n "voortsettingskomitee" is aangewys om verder met die NG Kerk te praat oor die Kerk se afwysing van apartheid. Die prominensie wat die gebeure in die openbare media gekry, het verseker dat die hele land geweet het dat die NG Kerk sy skuld aan apartheid uiteindelik bely het. Die hoofartikel van *Die Kerkbode* (1990:4) vat dit baie goed saam:

> Vir die Ned Geref Kerk is die skuldbelydenis van die Algemene Sinode van 1990 en die oordra daarvan aan die Rustenburgse Kerkeberaad 'n oomblik van bevryding.
>
> Nou weet almal wat moet weet: die amptelike Ned Geref Kerk erken dat apartheid sonde is en bely sy aandeel in die toepassing en handhawing daarvan as verkeerd.
>
> Skuldbelydenis is nooit maklik nie: nie teenoor God nie, nie teenoor jou man of vrou of kind nie, nie teenoor 'n ander volk of 'n ander kerk nie. Maar as dit eers in die Naam van Christus gedoen is, is daar altyd by God vir jou vergifnis en, gelukkig, dikwels ook by ander mense – selfs by ander kerke.
>
> Die Ned Geref Kerk weet dat belydenis van skuld onvermydelik moet lei tot restitusie – die regmaak van wat verkeerd gedoen is. Daaraan het die kerk reeds met sommige besluite tydens die Algemene Sinode van 1990 aandag begin gee. Dit sal in die toekoms voortgesit word.

### 4.3 "Sinode van versoening"

Woorde van belydenis moet hande en voete van restitusie kry. Die Algemene Sinode van 1994 was duidelike tekenend hiervan en het daarom ook die benaming "Sinode van versoening" gekry. Die sitting het in Oktober plaasgevind, ses maande na die vreedsame eerste algemene verkiesing in Suid-Afrika se geskiedenis. Tydens die

sitting het die president van die land Nelson Mandela die byeenkoms bygewoon en die afgevaardigdes toegespreek. Hierdie daad van versoening is opgevolg deur uitnodigings aan mense wat in die verlede 'n koue skouer van die NG Kerk gekry het, by name Ben Marais en Beyers Naudé.

Die Algemene Sinode het kennis geneem van die stigting van die VGKSA vroeër in die jaar en neem ook besluite oor die "daarstelling van een kerkverband" vir die familie van NG Kerke (Ned Geref Kerk 1994:442). Ten opsigte van maatskaplike ontwikkeling is dit die NG Kerk se "begeerte dat daar op 'n dinamiese wyse gewerk moet word aan 'n radikale verbetering van die lewensomstandighede en toekomsgeleenthede van mense wat vir baie jare soveel moes ontbeer in Suid-Afrika" (Ned Geref Kerk 1994:443). Die NG Kerk "besef dat Suid-Afrika 'n program van opbou en ontwikkeling nodig het" en bied sy samewerking daarvoor aan (Ned Geref Kerk 1994:466).

'n Soortgelyke gesindheid heers ook tydens die Algemene Sinode van 1998. Oor kerkeenheid is die sinode steeds verbind om "een kerkverband tot stand te bring" al erken die sinode "sy frustrasie met die stadige tempo waarop ons vorder op die weg na kerk-eenheid met die ander lede van ons NG Kerkfamilie" (Ned Geref Kerk 1998:422). Oor die Belydenis van Belhar besluit die sinode: "Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie" (Ned Geref Kerk 1998:422).

Teen die tyd van die aanvanklike navorsing het die NG Kerk gedeel in die algemene positiewe gevoel wat in die land geheers het. Die NG Kerk het amptelik sy aandeel aan apartheid bely en 'n pad van versoening begin stap. Die NG Kerk het ook ernstig begin praat oor kerkhereniging. Of hierdie amptelik standpunt van die NG Kerk ook die standpunt van die lidmate was, is egter 'n ander saak.

Te midde van al die sake hierbo wat tot onsekerheid aanleiding gegee het, was die NG Kerk steeds vir wit Afrikaners die vaste anker. Dit sou egter naïef wees om te dink dat al die veranderings ongemerk by die NG Kerk sou verbygaan.

## 5. Die posisie van die NG Kerk sedert 1998

In hierdie afdeling word kortliks gekyk na wat gebeur het in die NG Kerk sedert die aanvanklike navorsing in 1998. Uiteraard is daar baie meer waarna verwys kan word, maar hier word gefokus op dié sake wat spesifiek betrekking het op hierdie navorsingsprojek.

### 5.1 Ou toekoms, nuwe toekoms

Wie oor die NG Kerk wil skryf, kom gou agter dat die NG Kerk nie 'n eenvormige entiteit is nie. Daar was waarskynlik 'n tyd in die NG Kerk se verlede toe alles baie meer eenvorming was. In 2012 is dit beslis nie meer die geval nie. Diversiteit is baie meer aan die orde van die dag. Die NG Kerk het dan selfs 'n *Diversiteitsforum*[16]*.*

Op die oog af lyk dit of daar twee uiteenlopende ontwikkelings in die NG Kerk is, met waarskynlik 'n hele spektrum tussen-in. Dit lyk of daar gemeentes is wat 'n 'ou toekoms' het. Aan die een kant lyk hulle lidmate, en waarskynlik hulle toekoms, nes hulle verlede. Wie 'n erediens daar bywoon sou kon wonder of die jaartal nie dalk 1972 of selfs 1962 is nie. Hier lyk die kleredrag nog dieselfde, behalwe dat die vrouens nie meer hoede dra nie; die mans sweet egter nog in hulle pakke. Die liturgie is nog nes altyd; al gebruik hulle die *Liedboek van die kerk* wat in 2001 verskyn het, klink dit maar nog soos in die vorige eeu. Sommige dominees klink ook nog soos destyds. Die mense lyk ook dieselfde as vier, vyf dekades gelede, om die waarheid te sê, dit ís dieselfde mense as wat vier, vyf dekades gelede in die Kerk gesit het. Hulle is vandag net soveel ouer. En as jy die moeite sou doen om te kyk na die gemeenteprogram en die Kerkraad se notule sal dit ook nie lyk of veel verander het nie. Sulke gemeentes het 'n 'ou toekoms', en hulle gaan al ouer word totdat die gemeente saam met die laaste lidmaat uitsterf.

Aan die ander kant van die spektrum is daar egter gemeentes wat transformasie omarm het en daarop floreer. Hierdie tipe benadering kan dikwels gesien word in NG gemeentes wat selfs hulle name verander om iets van hulle transformasie te weerspieël. So word daar al meer gehoor van *gemeenskapskerk* of *familiekerk* of *kerk*

[16] Die NG Kerk se Diversiteitsforum is vroeg in 2012 gesluit vanweë verskillende probleme. Die nuutste inligting is beskikbaar by http://www.ngkerk.org.za/as/gespreksforum.asp

*sonder mure*. Dikwels is hierdie kerke te vinde in die groter stedelike gebiede waar die transformasie van die breë gemeenskap ook al verder gevorder het as elders. Hierdie kerke het ’n ‘nuwe toekoms’.

In dieselfde asem moet genoem word dat daar ook op kleiner plattelandse dorpe soortgelyke ontwikkeling is wat dikwels eerder uit noodsaak as oortuiging gebore is. Afname in lidmaatgetalle, verminderde finansies, onbekostigbaarheid van leraars en dergelike sake maak dat gemeentes, ook oor rassegrense, hande vat om saam die beste van die saak te maak. Spontaan ontstaan daar dan ’n nuwe gemeenskap wat gelowiges anders laat kyk na mekaar en na die samelewing.

Vir hierdie gemeentes is daar inderdaad ’n ‘nuwe toekoms’, niks is meer presies soos dit in die ou Suid-Afrika was nie. Die pad is nie noodwendig duidelik uitgelê nie, maar word in geloof geloop. So rapporteer Jackson (2011:elektroniese bron) oor die sinode van die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland: “Een van die jong afgevaardigdes het gesê hy is nie altyd seker waarheen die kerk op pad is nie, maar dis vir hom baie duidelik vir Wie die kerk volg.”

## 5.2 Uitdagings

Sedert 1994 het honderdduisende wit Afrikaners, van wie die meeste waarskynlik lidmate van die NG Kerk was, Suid-Afrika verlaat. In 2011 is daar berig dat die NG Kerk in een jaar meer as 10 500 lidmate verloor het (De Villiers 2011:elektroniese bron) en onlangs is daar weer berig dat die NG Kerk 20 718 lidmate verloor het (De Villiers 2012:elektroniese bron). Die meeste van hierdie verliese word aan emigrasie toegeskryf. Die kinders wat hierdie mense sou hê en dus as dooplidmate van die NG Kerk getel sou kon word, vererger die afname in getalle. Daar is ook lidmate wat na ander kerke gaan, maar dié getal word as onbeduidend afgemaak (Leonard 2012:elektroniese bron).

Wat egter nie as onbeduidend afgemaak kan word nie, is dat die NG Kerk sukkel om jongmense te behou. Kerkleiers gee toe dat dit “bowenal die gevolg van ’n snelle sekularisering onder verstedelike Afrikaanssprekendes” is (De Villiers 2012:elektroniese bron). Saam met hierdie sekularisasie is daar ook die probleem met die bagasie wat die NG Kerk saamdra. Jean Oosthuizen, nuusredakteur van *Kerkbode*

beweer: “The Afrikaans churches' support for apartheid is now costing them a lot. Many people feel cheated and want to know, if the church lied to them about apartheid, what else it is lying about?” (Leonard 2012:elektroniese bron). Die situasie is volgens sommige so ernstig dat Leonard (2012:elektroniese bron) byvoorbeeld praat van “The slow and steady death of the Dutch Reformed Church.”

Die NG Kerk sukkel ook met diversiteit, of dit nou ras of geslag of seksuele oriëntasie of teologie is. Die jarelange debat oor die rol van die vrou in die amp, wat genadiglik in die NG Kerk verby is, woed nog fel in van die ander gereformeerde kerke. Die NG Kerk het sy eie debat oor homoseksualiteit en die raskwessie. Daarmee saam is daar ook in die afgelope paar jaar die debat oor teologie en geloof in ’n post-moderne wêreld terwyl dit lyk of sommige nog vanuit ’n pre-moderne posisie opereer.

Oor hierdie debatte is sommige baie uitgesproke. Die godsdiensverslaggewer Johannes de Villiers sê: die NG Kerk "failed the test of diversity miserably. People live and work these days in diverse environments and then feel weird to be in a church that is hetero-normatively exclusivist" (Leonard 2012:elektroniese bron). Oosthuizen stem hiermee saam: "Just as the church had to apologise years later because it excluded black people and women, they will one day have to apologise to gay people as well for excluding them for so long" (Leonard 2012:elektroniese bron).

Die temas met die grootste belang vir hierdie navorsing is die vraagstukke rondom kerkhereniging, rassisme en versoening. Al drie het al op verskeie platforms aandag gekry, maar al drie is steeds problematiese en onafgehandelde sake.

Daar bestaan geen twyfel daaroor dat die NG Kerk amptelik strewe na hereniging met die VGKSA en die NGKA en die RCA nie. Die NG Kerk het in 1986 en weer in 1990 by monde van die beleidstuk *Kerk en Samelewing* afskeid geneem van apartheid (Ned Geref Kerk 1986 en 1990). Kort hierna het professor Willie Jonker in die openbaar bely wat die Algemene Sinode in privaatheid besluit het (*Beeld* 1990:6). Nou was die NG Kerk gereed om voluit te werk aan hereniging van die sogenaamde moeder- en dogterkerke van die NG Kerk-familie.

Oor die saak van kerkhereniging is reeds by die Algemene Sinode van 1994 duidelikheid gegee (Ned Geref Kerk 1994:443). Ongelukkig moes die NG Kerk in 2002 erken dat daar nog min vordering gemaak is (Kruger & Hofmeyr 2009a:140). Tydens

die sitting van die Algemene Sinode in 2004 word vir ’n “ruim huis” benadering gepleit “waarin plek gemaak word vir almal in die familie ten spyte van die verskille wat bestaan” (Kruger & Hofmeyr 2009a:140). Tydens die skryf van hierdie verslag staan die huis egter steeds leeg al is daar al baie gedoen om die huis leefbaar en aantreklik te maak.

Die groot probleem rondom eenwording, of dan die hereniging van die kerke van die NG Kerk familie, is primêr die aanvaarding al dan nie van die Belydenis van Belhar. Hierdie belydenisskrif is in 1982 in konsepformaat, en in 1986 in finale vorm as amptelike belydenis saam met die ander die Formuliere van Eenheid aanvaar deur die Sinode van die destydse NG Sendingkerk. Dit vorm ook deel van die belydenis-grondslag van die VGKSA. Die Belydenis van Belhar (Ned Geref Sendingkerk 1986) bestaan uit vyf onderafdeling, maar die aandag word gewoonlik gevestig op die middelste drie temas, naamlik “die eenheid van die kerk in Jesus Christus” as “gawe en opdrag”, die “boodskap van versoening in en deur Jesus Christus” en “geregtigheid en vrede onder mense”. Die eerste deel oor geloof in die drie-enige God “wat deur sy Woord en Gees sy kerk versamel, beskerm en versorg” en die laaste deel oor “gehoorsaamheid aan Jesus Christus as enigste Hoof” moet saam met die ander dele gelees word (Cloete & Smit 1984).

Die Algemene Sinode besluit in 1998 (Ned Geref Kerk 1998:422) dat “die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die Drie Formuliere van Enigheid in stryd is nie”. Tog blyk dit dat (die lidmate van) die NG Kerk nog nie gereed is om Belhar as belydenisskrif te aanvaar nie. Sedert die besluit van 1998 was daar uit verskeie oorde besware geopper. Vanuit ’n meer populêre perspektief is dit gewoonlik die ontstaansgeskiedenis wat onder die loep kom. So skryf Raubenheimer (2008:17) dat sommige “buitelandse kerke, jonger lidmate en selfs jong predikante van die NG Kerk” dalk die belydenis mag ondersteun, maar “[d]it moet egter óók begryp word dat die Belydenis van Belhar nie aanvaarbaar is vir die meerderheid NG lidmate wat bekend is met die ontstaansgeskiedenis van en die ‘slae’ wat dié belydenis hulle toegedien het nie”. Van Wyk (2009:elektroniese bron) sluit hierby aan as hy sê dat die Belydenis van Belhar “nie net polities geïnspireerd is nie, maar ook deur die Verenigende Geref Kerk (VGK) gebruik word as ’n stok om die NG Kerk mee by te kom.” Hierteenoor skryf ander, soos Botha (2008:elektroniese bron), dat die belydenis nie “met die etiket van Bevrydingsteologie afgemaak word” sonder om die hand van die Here daarin te verreken nie.

Vanuit 'n akademiese perspektief argumenteer Strauss (2005:560) dat die Belhar belydenis nie gaan oor "kernwaarhede van die Bybel" nie, maar slegs oor "periferiese morele waardes". Dames (2012:31) reageer hierop deur te sê dat hierdie argument van Strauss die outentieke belewenis van apartheid van die lidmate van die NGSK en die VGK afmaak as onbelangrike randsake: "Strauss' (2005:572-573) remark, that the Confession occupies itself with peripheral issues and not with central faith issues, totalised the DRMS/URCSA's pre- and post-1994 authentic experience into moral and peripheral issues" (Dames 2012:31).

Hartney (2011:elektroniese bron) reageer ook op Strauss (2005) met sy "Eksegeties-teologiese ondersteuning van die Belydenis van Belhar." Hierin voer hy aan dat die drie temas waaraan Belhar aandag gee, naamlik eenheid, versoening en geregtigheid wel kernsake van die Skrif is en nie net randsake nie. Hy kyk na beide die Ou- en Nuwe Testament en gee veral aandag aan Paulus se briewe. Die slotsom waartoe hy kom is dít:

> 'n Belydenis, alhoewel dit "quia" *is*, kan nooit soos die Skrif die laaste woord spreek nie en is daarom nooit afgesluit nie maar het altyd 'n oop einde.
>
> 'n Belydenis is egter meer as *etiese uitsprake* van die kerk. Uit voormelde ontledings, is ons gevolgtrekking, dat die Belydenis van Belhar is na sy inhoud werklik 'n belydenis (sic) ("marturein" en "homologein").
>
> Die Belydenis van Belhar handel soos blyk uit hierdie studie, nie oor *periferiese morele waardes* nie, maar wel met *kernwaarhede van die Skrif* (Hartney 2011:103).

Intussen het die NG Kerk in 2007 besluit om lidmate op 'n informele basis te toets oor kerkhereniging en die aanvaarding al dan nie van die Belydenis van Belhar. Die resultaat van hierdie kwalitatiewe ondersoek het volgens Strauss (2010:138) aangedui "...dat daar groot weerstand teen Belhar in NG Gemeentes bestaan. 'n Weerstand wat die aanvaarding van Belhar in die NG Kerk vir die huidige onmoontlik maak."

Die volgende dramatiese skuif hieroor het gekom van die leierskap van die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap. Die moderatuur het by die sinode aanbeveel dat die Belydenis van Belhar aanvaar moet word. Tydens die sinodesitting in Mei 2011 het hulle toe met 544 stemme teen 124 die volgende besluit geneem:

> Die sinode is oortuig dat die Bybelse eis vir geregtigheid vir alle mense, versoening tussen alle mense en die eenheid van die kerk tot die kern van die evangelie behoort. Die Belydenis van Belhar verwoord hierdie evangeliese eis om geregtigheid, versoening en eenheid op 'n ander wyse as die ander belydenisskrifte van die kerk. Die sinode aanvaar as kerkvergadering die Belydenis van Belhar en daarom versoek hierdie vergadering die Algemene Sinode om die Belydenis van Belhar op 'n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisgrondslag te maak (Ned Geref Kerk Wes- en Suid-Kaap 2011:elektroniese bron).

Hierdie besluit word na die Algemene Sinode deurgegee en na jare se debatte en onsekerheid neem die NG Kerk se Algemene Sinode later in 2011 die volgende besluit rakende die Belydenis van Belhar: “Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel” (Ned Geref Kerk 2011a:elektroniese bron). Uiteindelik het die NG Kerk verder gegaan as om net sê dat die inhoud van Belhar nie in stryd is met die Bybel nie, maar dat dit selfs as ’n belydenisskrif aanvaar sou kon word. Die kerkordelike proses is egter steeds nie afgehandel nie en ’n stryd lê waarskynlik nog voor om die nodige twee-derde meerderheid by al die gemeentes en streeksinodes te kry.

Die eerste sinode om te vergader na die Algemene Sinode, was dié van die Oos-Kaap. Hulle besluit oor Belhar lui so: “Die sinode ontvang die Belydenis van Belhar as ’n geskenk uit God se hand vir ons stukkende land” (Ned Geref Kerk Oos-Kaapland 2012). Dit lyk tog of die gesindheid teenoor Belhar in die kerklike strukture aan die verander is. Of dit egter aanvaar sal word in plaaslike gemeentes, bly steeds ’n vraag. Dikwels is die houding eerder een van “moenie hier verander nie”. Alles verander buite die NG Kerk, hier wil ons dit hou soos dit altyd was. Ek weet dit is nog moeilik, want baie mense sien die kerk nog as my kerk. Daarbuite is die swarte baas, maar hier in my kerk, dit is my kerk hierdie jy weet. Ek wil jou nie in my kerk hê nie... [Isak 14-344].

Die NG Kerk se wiele draai stadig. Besluite word gewoonlik eers in streeksverband bespreek en aanvaar en daarna aan die sitting van die Algemene Sinode voorgelê vir goedkeuring. Ten spyte van hierdie langdradige proses is daar duidelik vordering in die

posisie wat die NG Kerk inneem ten opsigte van relevante sake. So het die NG Kerk oor ’n tydperk beweeg van steun aan apartheid tot ’n teoretiese afwysing daarvan tot ’n skuldbelydenis oor haar aandeel daarin. So was dit ook met die Belydenis van Belhar oor die laaste aantal jare. Dit is nie korrek om die NG Kerk uit te beeld as sou die Kerk steeds die posisie van dekades gelede beklee soos wat deur Jennifer Nelson (2003:69) gesuggereer word nie.

Wat op amptelike gebied gebeur, stem egter nie noodwendig ooreen met wat in plaaslike gemeentes gebeur nie. Met die afskeiding van die APK in 1987 is daar beweer dat die NG Kerk nou van sy rassistiese lidmate ontslae geraak het (Du Toit et al 2002:161). Of dit so eenvoudig is, is nie seker nie. Selfs die resultate van *Kerkspieël* wil suggereer dat die NG Kerk nie die kwessie van rassisme as baie belangrik beskou nie. So meld Schoeman (2010) dat van die sewe groot kwessies in Suid-Afrika wat deur *The South African Christian Leadership Assembly* geïdentifiseer is (Bisschoff 2008:10), rassisme die tweede minste aandag in gemeentes kry. Dit is net seksisme wat nog minder aandag kry. Dit is te betwyfel of hierdie toedrag van sake die gevolg is daarvan dat rassisme en seksisme nie voorkom in gemeentes nie, en of dit nie dalk eerder moeilike kwessies is wat gerieflikheidshalwe oorgesien word nie.

In die volgende twee afdelings word gekyk na twee modelle wat gebruik kan word as lense waardeur na mense se posisie ten opsigte van die verlede en verandering gekyk kan word. Eerstens word gekyk na Weingarten se uitdaging aan vertellers van narratiewe. Tweedens word daar gekyk na die proses van verandering en hoe mense daarop reageer.

## 6. Weingarten se “Typology of Witnessing”

Alhoewel Weingarten (2000:396) se “Typology of Witnessing” nooit in die gesprekke te sprake gekom het nie, bied dit tog 'n handige skema waardeur na die inhoud van die navorsing gekyk kan word. Die wyse waarop sy kyk na hoe narratiewe vertel word, bied nuwe moontlikhede om tydens die gesprek die vertellers uit te daag om weer te besin oor hulle verhale.

Weingarten gebruik die konsep van “witnessing” of getuienislewering as die sleutel vir haar “understanding of the dilemmas faced pre- and post-Apartheid" (Weingarten

2002:45). Volgens haar is 'n getuie iemand wat iets waarneem of beleef en dan later daarvan vertel. In die apartheidskonteks, soos in hierdie navorsing bedoel, sê sy 'n "witness is created... when a person observes the actions of a perpetrator (or a system) on a victim" (Weingarten 2002:45). In terme van hierdie definisie is elke mens in Suid-Afrika 'n getuie, elk vanuit 'n eie perspektief. Die mede-navorsers voldoen uiteraard volledig aan hierdie definisie.

Weingarten voer aan dat alle getuienis gelewer word in 'n konteks van *mag* en *kennis* of die gebrek daaraan. 'n Persoon kan getuig met of sonder kennis of *bewustheid*, en in 'n *bemagtigde* of *ontmagtigde* situasie ten opsigte van die saak waaroor getuig word. Sy karteer dan alle getuies op die twee asse van kennis en mag. Skematiese stel sy dit voor met 'n blok met vier kwadrante rondom die kruispunt van hierdie twee asse. Elke kwadrant verteenwoordig 'n ander posisie waarin die getuies hulleself sou kon bevind op verskillende tye en in verskillende situasies. 'n Persoon kan ook oor tyd van een kwadrant na 'n ander skuif ten opsigte van dieselfde situasie.

Die kwadrant links bo verteenwoordig die getuie wat *bewus* en *bemagtig* is. In die skets hieronder is hierdie blok nie ingekleur nie. Die kwadrant links onder verteenwoordig die getuie wat wel *bewus* was, maar *ontmagtig*. In die skets word dit voorgestel deur die blok wat met skuinsstrepe na onder ingekleur is. Die kwadrant regs bo (in die skets aangedui deur die blok wat met skuinsstrepe na bo ingekleur is) verteenwoordig die *bemagtigde*, maar *onbewuste* getuie. Die laaste kwadrant, regs onder, verteenwoordig die *onbewuste* en *ontmagtigde* getuie en word voorgestel deur oorkruis skuinsstrepe. In die skets gebruik ek verskillende kruisstrepe om die verskillende kwadrante mee te identifiseer terwyl Weingarten gebruik maak van die kleure van 'n verkeerslig in haar benoeming van die kwadrante: Links bo is groen, links onder is geel en regs bo is rooi. Die laaste kwadrant regs onder is swart.

Weingarten se "topology of witnessing" kan grafies as volg voorgestel word:

| | **Bewus** | **Onbewus** |
|---|---|---|
| **Bemagtig** | **- Groen -** | **- Rooi -** |
| **Ontmagtig** | **- Geel -** | **- Swart -** |

Weingarten gebruik aanvanklik hierdie twee-by-twee rooster om haar eie situasie as kind in die huis te beskryf. Haar ma was terminaal siek aan kanker en haar pa en die dokter het besluit om nie vir haar ma te vertel hoe ernstig die situasie was nie. Sy beskryf dan haar ma as een wat vasgevang is in die swart kwadrant. Sy was *onbewus* van die erns van die siekte en boonop *ontmagtig* om enigiets aan die saak te doen.

Sy beskryf haarself as synde in die geel blok: deeglik *bewus* van die situasie, maar *ontmagtig* deur die keuse van haar pa en die kenner, die dokter. Hierdie twee was beide *bemagtig* en *bewus* (die groen blok), maar sy het hulle gesien as *bemagtig* maar *onbewus* (die rooi blok) van die impak van hulle keuse. Hulle bly *bemagtig*, “creating the most painful circumstances of my adult life to that point" (Weingarten 2000:396).

Die getuie-posisie wat elke persoon inneem word dus bepaal deur die persoon se eie belewenis van *mag* en *kennis* met betrekking tot 'n spesifieke situasie. Elke sodanige posisie skep gevolge vir die individu, die familie en die gemeenskap (Weingarten 2000:397). Elke persoon se mate van *kennis* en *mag* vra na 'n bepaalde reaksie of gedrag. Dis hierdie reaksies by wit Afrikaanse Christene wat in hierdie navorsing onder die soeklig kom. Hoeveel het die mede-navorsers werklik geweet van (die effek van) apartheid en wat was hulle by magte om daaraan te doen? En wat het hulle destyds gedoen en wat doen hulle tans?

Die laaste afdeling van hoofstuk twee word aan verandering gewy. Eers kyk ons na Bridges en Mitchell (2000) se drie-fase model en daarna na Rendle (2007) se voorstelling van die proses waardeur mense gaan tydens verandering.

## 7. Die proses van verandering

> *Ten spyte van hierdie betrokkenheid by en goeie gesindheid teenoor swart mense, het ek jare lank nooit die sosiaal-politieke sisteem bevraagteken nie* (Müller 2000a:23).

Die nuwe Suid-Afrika is 'n veranderde situasie. Die ou bekende wêreld van apartheid-Suid-Afrika is vir altyd verby. Dis asof die hele wêreld verander het en die uitdaging is vir almal in die land om hierby aan te pas. Die verandering is 'n gegewe waarby wit Afrikaanse Christene sal moet aanpas. Die wyse waarop hulle dit doen, is deel van die

fokus van hierdie navorsing. In hierdie onderafdeling beskryf ek 'n moontlike bril waardeur na verandering, en aanpassing by hierdie verandering, gekyk kan word. Ek staan hoofsaaklik stil by Bridges en Mitchell (2000) se verduidelikings van verandering en by Rendle (1998 en 2007) se "roller coaster of change."

Bridges en Mitchell (2000:elektroniese bron) skryf oor leierskap en die proses van verandering. In hulle beskrywing tref hulle 'n belangrike onderskeid tussen *verandering* en *aanpassing*: "The change is external... while transition is internal (a psychological reorientation that people have to go through before the change can work)." In terme van hierdie navorsing is hierdie onderskeid belangrik, omdat die ondersoek juis handel oor mense se reaksie op die verandering en nie oor die aard van verandering as sodanig nie. Die verandering in politieke beleid en alles wat daarmee saamgaan, het plaasgevind en teen wil en dank moes almal bepaalde aanpassings maak om hierdie veranderings te akkommodeer, ook diegene wat sê: `as ons nie gedwing word om te verander nie, sal ons nie verander nie` [Elsa 5-612].

Volgens Bridges en Mitchell (2000) vind hierdie aanpassing in drie fases plaas. In hulle onderskeidende beskrywing van *verandering* en *aanpassing* maak hulle die punt dat leiers soms aanvaar dat omdat daar verandering in die sisteem was, die mense daarby betrokke ook noodwendig sou aanpas by die verandering. Hierdie aanname is nie noodwendig waar nie. Soos Hanlie [2-578] dit stel: `Vir party mense is dit makliker om vinniger te verander, ander gaan 'n langer tyd nodig hê`. Aanpassing vind dikwels heelwat stadiger plaas as die verandering, omdat mense deur drie afsonderlike prosesse moet gaan voordat aanpassing kan plaasvind.

Die eerste proses is afskeid neem, of soos hulle dit stel *saying goodbye*. Hierdie eerste vereiste is dat mense "have to let go of the way things – and, worse, the way that they themselves – used to be" (Bridges & Mitchell 2000). Mense moet afskeid neem van hulle bestaande posisies voordat hulle daaraan kan dink om aan te beweeg. Volgens Bridges en Mitchell (2000) is dit vir sommige mense so moeilik om afskeid te neem omdat hulle "have spent their whole lives standing on first base." Die rede waarom dit vir mense so moeilik is om afskeid te neem, is omdat dit van hulle vra "to let go of what feels to them like their whole world of experience, their sense of identity, even 'reality' itself." Soos dit in die gesprekke verwoord is: `Later van tyd het ons gedink dat as ons sou ingee of verander, dan verloor ons dit wat ons het` [Albert 4-493].

Nadat afskeid geneem is, maar voordat aanbeweeg kan word na die derde proses, bevind mense hulle in die sogenaamde *neutral zone*. Hierdie is 'n tussen-in posisie vol onsekerheid en verwarring. Bridges (1991:18) noem dit ook 'n fase van “lostness”. Bloot om hier te oorleef neem dikwels al mense se energie op. Hierdie posisie is so ongemaklik dat “people are driven to get out.” Mike [8-571] praat oor die dreigende regstellende aksie as hy sê: As ek 'n ambisieuse mens is, en jy hou my terug, gaan ek die land verlaat. Ek gaan definitief nie hier bly nie, ek wil groei, en as ek nie in die land kan groei nie, gaan groei ek op ’n ander plek.

Terwyl sommige mense so gou moontlik uit die neutrale sone wil wegkom, hanteer ander dit weer deur 'n hunkering na die verlede: hulle hou ten alle koste vas en hulle leef ten alle koste asof ons nog in die ou SA leef met alles soos wat dit tien jaar terug was. Asof niks nog verander het nie [Albert 7-347]. 'n Suksesvolle oorgang vra egter dat mense genoeg tyd in die neutrale sone spandeer. Die tyd wat hier spandeer word “is not wasted, for that is where the creativity and energy of transition are found and the real transformation takes place” (Bridges & Mitchell 2000).

Die laaste fase van die drie oorgangsprosesse is *moving forward*. Volgens Bridges en Mitchell (2000:elektroniese bron) misluk mense dikwels in hulle oorgang, omdat hulle nie die ou patrone kan laat staan en 'n einde daaraan kan maak nie. Ander misluk omdat hulle “frightened and confused” raak en nie die ongemak van die neutrale sone lank genoeg kan hanteer sodat dit 'n verandering in hulle kan bewerk nie. Sommige mense kom wel deur die eerste twee prosesse, maar val dan vas wanneer hulle 'n nuwe begin moet maak. Die probleem is dat aanbeweeg nuwe gedrag vra en dat hierdie risiko vir sommige net te groot is. Soos Mike [2-118] sê om nou 'n leefwyse te verander, is nie maklik nie.

In 'n gids aan werknemers sluit die Universiteit van Salford aan by die gedagte dat persone in 'n oorgangsituasie mag vasval. Hulle neem die bekende “grief cycle” van Kübler-Ross as vertrekpunt en pas dit dan aan vir die proses waardeur mense tydens verandering gaan. Die eerste twee fases noem hulle “denial” en “defence” en maak dan hierdie opmerking: “Many people facing radical change... can get locked in a cyclical process going through the first two stages” (University of Salford 2010:9).

'n Handige lens waardeur gekyk kan word na die proses van verandering en oorgang is Rendle (2007) se “roller coaster of change”. Elders (Rendle 1998:105) noem hy dit “the emotional cycle of congregations in change.” Hierdie model kyk nie net na die verandering self nie, maar veral na die emosionele reaksie van die mense wat deur die verandering geraak word. 'n Aangepaste en vertaalde weergawe van sy skematiese voorstelling verskyn hieronder.

Rendle (2007) bied sy “roller coaster” aan as 'n model “that identifies a natural sequence of feelings and relationships that are part of change.” Sy vertrekpunt is dat alle verandering soortgelyke reaksies tot gevolg het. Hy verduidelik dit aan die hand van 'n enkele golf van 'n tipiese sinuskurwe. Soos hy dit voorstel (soos in die skets hieronder) het hierdie golf aanvanklik 'n kort opwaartse kurwe wat dan deur 'n langer afwaartse kurwe gevolg word. Ná 'n onderste draaipunt is die beweging weer opwaarts tot 'n nuwe hoogtepunt weer bereik word. Hy is die eerste om te erken dat die model nie allesomvattend is nie en nie alles sê wat moontlik oor die onderwerp gesê kan word nie. Tog bied dit 'n werkbare hulpmiddel vir hierdie navorsing.



Die aanvanklike aankondiging van verandering veroorsaak 'n toename in energie en positiewe gevoelens. Anders as sommige sisteme wat eers slegter moet word voordat dit beter kan word, is die effek van verandering eers 'n positiewe opwelling en daarna 'n negatiewe tydperk voordat dit (hopelik) weer positief draai (Rendle 1998:111). 'n Relevante voorbeeld van hierdie aanvanklike positiewe opwelling sou in die konteks van hierdie navorsing kon wees die euforie oor die vrylating van Nelson Mandela en die onverwagse goeie gesindheid tydens die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika in 1994. Die Springbok rugbyspan se verowering van die Rugby Wêreldbeker in 1995 dra verder by tot hierdie euforie. Weldra maak hierdie aanvanklike euforie plek vir ander, ook meer negatiewe, gevoelens.

Rendle (1998:114) kombineer sy sinusgolfmodel met Bridges (1991) se drie-fase proses van verandering. Wanneer 'n vertikale lyn deur die onderste draaipunt van die golf getrek word, word twee onderskeibare helftes sigbaar. Links van die lyn is die afskeidneem-fase met al die negatiewe emosies wat gewoonlik daarmee saam gaan. Dit sluit onder andere emosies in soos skok, rou, disoriëntasie, verlange na die “ou dae”, skuld, aggressie en woede. Dit kan ook lei tot onttrekking aan ander mense en afsydigheid ten opsigte van die proses van verandering.

Regs van die vertikale lyn lê die emosies van hoop. Hier is reeds 'n besluit geneem om deel te neem aan die verandering. Nou kom kreatiewe probleem-oplossende gedrag na vore. Die emosies is ook meer positief en hoopvol.

Onder, op die draaipunt van die kurwe, lê 'n kritiese area. Iewers in die proses van verandering moet elkeen daarby betrokke, 'n doelbewuste keuse maak om óf deel te wees van die verandering, óf om te onttrek uit die proses. In Frans [1-471] se woorde: `Dit voel net vir my dat ons by 'n punt moet kom… dat ons hierdie goed moet afsluit en moet aangaan in die nuwe SA`. Die keuse om eerder te onttrek aan die verandering loop daarop uit dat 'n persoon byvoorbeeld sy werk bedank as gevolg van die verandering in sy werksomstandighede. Isak [8-128] vertel van mense met dekades se diens wat 'n skeidingspakket aanvaar, want `hulle kon net nie die druk en verandering aanvaar nie`**.** Ander kies eerder om die land te verlaat en hulle heil elders – gewoonlik in 'n sogenaamde ontwikkelde land – te gaan soek. Nie almal se onttrekking is egter so dramaties soos om te bedank of te emigreer nie. Sommige mense emigreer intern. Hulle maak hulleself los van die buitewêreld en leef hoofsaaklik na binne. Dit is veral in hoofstuk vier waar hierdie

temas weer aan die orde sal kom.

## 8. Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die agtergrond waarteen die navorsing afspeel. In terme van die ABDCE-model is hierdie hoofstuk ’n verhaal ter agtergrond, oftewel die *background*. Eers is daar gekyk na die apartheidswêreld waarin die mede-navorsers geleef en grootgeword het.

Die agtergrond en oorsprong van die politieke beleid van apartheid is ondersoek. Daar is gekyk na die voorlopers van die beleid wat herlei kan word na die tyd van slawerny en kolonialisme. Die rasse-meerderwaardigheid van die Britte is uitgewys asook die wette wat reeds sedert die tyd van die Britse oorheersing aan die orde van die dag was.

Die goeie bedoelings met die beleid van apartheid en die aanvanklike oogmerke daarmee is in die woorde van die mede-navorsers weergegee. Ongelukkig het die beste bedoeling ook onvoorsiene gevolge en die tyd het die beleid ingehaal totdat dit nie meer houdbaar was nie.

Die ontwikkeling in post-apartheid Suid-Afrika, in die samelewing en die Kerk, is ondersoek om te verstaan teen watter agtergrond die opvolgnavorsing gedoen is. ’n Aantal relevante aspekte van die verandering sedert 1994 word beskryf onder die opskrifte van onsekerheid, ontnugter, opgewonde en oneerlik.

Ten slotte is Weingarten se tipologie van getuienislewering verduidelik en is daar aandag gegee aan die proses van verandering soos beskryf deur Bridges en Mitchell se drie fase-model en Rendle se *roller coaster of change*-model.

In hoofstuk drie kom die mede-navorsers self aan die woord. Dié hoofstuk is ’n verhaal van ontwikkeling en word gewy aan die aanvanklike navorsing wat in 1998 gedoen is. Hier word die stemme van die mede-navorsers self gehoor soos hulle hul eie narratiewe oor die tydperk van apartheid vertel.

**HOOFSTUK 3**

**DIE VERHAAL OOR APARTHEID – VERLEDE TYD**

**('n Verhaal van ontwikkeling)**[17]

> *As jong dominee was ek meer in gesprek met my eie mense as met lede van die swart gemeenskap of selfs die nie-Afrikaanse gemeenskap. Ek het lid geword van die Afrikaner Broederbond en ek onthou hoe ek in vele gesprekke die saak van die Afrikaner en die morele regverdigbaarheid van apartheid vurig verdedig het* (Müller 2000a:21).

## 1. Inleiding

Soos reeds in hoofstuk een verduidelik, volg hierdie navorsingsverslag die ABDCE-model van Müller, Van Deventer en Human (2001). Hierdie derde hoofstuk fokus dus op die aspek van ontwikkeling (*development*) van die navorsing. Die kern van die navorsing word hier deur verskillende narratiewe byeengebring. Die apartheidsverhale soos vertel deur die mede-navorsers word deurlopend getoets aan die literatuur en aan swart stemme wat uiteraard 'n ander siening van apartheid huldig. Die navorsing poog om alle stemme wat relevant is vir hierdie studie te hoor.

In lyn met die aard van narratiewe navorsing word die self-narratiewe van die mede-navorsers, sowel as die insette van die navorser self, as gelykwaardig aan die ander geskrewe bronne wat benut word, beskou. Die menings uitgespreek deur die lede van die groep dra dus, vir die doel van hierdie verslag, net so veel gewig as die ander bronne.

Die mede-navorsers het ook geleentheid gekry om op mekaar se standpunte te reflekteer en kritiese vrae te vra. Na elke gesprek het die mede-navorsers 'n transkripsie ontvang van die vorige gesprek. Hulle kon dan daarop reflekteer en verder met mekaar in gesprek tree oor die temas wat aangeraak is. Ek het ook die transkripsies met ander persone gedeel wat dan daarop gereageer het. Hierdie reaksies het ek dan saamgeneem na die volgende groepsgesprek waar dit soms direk te sprake gekom het. As navorser het ek self ook, na aanleiding van die transkripsies, kritiese opmerkings gemaak oor wat in sommige gesprekke gesê is.

---

[17] Met verwysing na die derde deel (*development*) van Müller, Van Deventer en Human (2001) se ABDCE-model.

## 2. "Geblinddoek deur die lewe"[18]

Apartheid was baie "suksesvol" ten opsigte van die primêre doelwit naamlik om die verskillende rasse apart te hou. Dit is daarom te verstane dat daar (ten minste) twee perspektiewe op apartheid sal wees. In hierdie hoofstuk word gekyk na die wit, Afrikaanse, post-apartheid perspektief op hierdie fenomeen wat ons as apartheid ken. Hierdie opinies is soos dit in 1998 uitgepreek is deur 'n groep wit Afrikaanse Christene, ongeveer vier jaar na die formele beëindiging van die apartheidsera. As sodanig is dit terugskouend. Aangesien die tydsverloop nog redelik kort is, veronderstel ek dat die menings uitgespreek waarskynlik baie dieselfde is as die menings wat gehuldig is gedurende die tyd van apartheid.

Die wit Afrikaner se perspektief op apartheid, soos dit in hierdie navorsingsverslag na vore kom, sal waarskynlik aanduidend wees van hoe meer wit Afrikaners gedink het en miskien nog steeds dink oor die politieke beleid van die NP van byna vyf dekades. Die bedoeling is nie om te beweer dat alle wit Afrikaanse Christene so dink of gedink het nie.

Die verslag sal kyk na die opinies wat die mede-navorsers in die gesprekke uitgespreek het, asook die geskrifte van ander en die wisselwerking tussen hierdie twee. Dit ondersoek 'n wit Afrikaanse perspektief op apartheid van beide ondersteuners en teenstanders van die beleid. Die menings uitgespreek deur mede-navorsers sal ondersteun en uitgedaag word deur 'n oorvloed literatuur wat oor hierdie onderwerp beskikbaar is, uit wit en swart geledere. In hierdie hoofstuk beperk ek myself hoofsaaklik tot die literatuur wat beskikbaar was ten tye van die oorpronklike gesprekke en die opskryf van die proses.

Die definisies wat van apartheid gegee word en die verstaan van die implikasies daarvan sal ondersoek word in die lig van veral die afgryslike onthullings by die WVK. Die bedoeling is nie, en was ook nooit, om dit krities te evalueer of om dit op elke punt uit te daag nie. Hierdie hoofstuk beskryf hoe die mede-navorsers, ongeveer vier jaar na die einde van apartheid, apartheid gekonstrukteer het in hul eie gedagtes. Die WVK onthullings wat reeds bekend is aan die mede-navorsers, dien alreeds as 'n uitdaging van hulle bestaande posisies. Dit is hierdie onthullings wat medebepalend sal wees vir

---

[18] Hierdie beskrywing verwys na 'n opmerking van Frans [1-462] `dit voel vir my ons het geblinddoek deur die lewe gegaan`.

die vlak van aanspreeklikheid of skuld wat wit Afrikaners (behoort te) aanvaar in die huidige post-apartheid situasie.

Die wit Afrikaner standpunt sal deurgaans uitgedaag word deur alternatiewe stemme, hoofsaaklik die mening van swart mense. Met die term *swart* word in hierdie verslag verwys na alle mense wat nie in die apartheidsjare as wit beskou sou word nie. Dit word dus as 'n omvattende term gebruik vir almal wat onder die apartheidsbedeling as *nie-blank* geklassifiseer is of sou wees. Dit sluit dus ook diegene in wat as *kleurling*[19] of *Indiër* geklassifiseer is en nie net swart Afrikane nie.

Die swart perspektief verskil grootliks van die mening uitgespreek deur die lede van die groep. Hierdie hoofstuk is daarom noodsaaklike vir die bepaling van skuld en die implikasie daarvan vir die pad vorentoe in terme van sake soos regstellende aksie en versoening. Hierdie kwessies sal later aangespreek word.

> Dwarsdeur die hoofstuk sal ek van raampies soos hierdie gebruikmaak. In hierdie raampies sal alternatiewe stemme gehoor word. Dit is gewoonlik, maar nie altyd nie, swart stemme wat reflekteer oor die onderwerp van die omringende paragrawe. Soms reflekteer dit die posisie van wit Afrikaners buite die hoofstroom. Die inhoud van hierdie raampies sal beperk word tot opmerkings en opinies uitgespreek ten tye van die oorspronklike gesprekke. Dit is met ander woorde menings wat die groep sou gehoor het of kon hoor in die tyd voor of tydens die groepbesprekings. Sommige van hierdie opinies is ingewerk tydens die gesprekke self, terwyl ander eers later bygekom het. Waar dit deel van die oorspronklike gesprek is, sal dit in die normale vloei van die hoofstuk na vore kom. Soms is 'n belangrike mening onbekend aan, of geïgnoreer deur die groep en dan sal dit in soortgelyke raampie soos hierdie aan die orde gestel word.
>
> Uiteraard is hierdie tipe raampies nog nie vroeër in die verslag gebruik nie, omdat die alternatiewe stemme eers in hierdie hoofstuk pertinent aan die orde gestel word. In hierdie hoofstuk, en ook die volgende twee, sal daar uitvoerig van hierdie raampies gebruik gemaak word.

[19] Die terme *swart, kleurling* en *Indiër* verwys hier na die etikette wat in die apartheidstyd aan mense toegeken is. In hierdie verslag word die term *bruin mense* gebruik eerder as die term *kleurling*.

## 3. Die effek van apartheid

Apartheid-Suid-Afrika het mense verban en ingeperk, noodtoestande afgekondig en aanhouding sonder verhoor – waarvan ten minste 96% in vrylating of kwytskelding geëindig het (Coleman 1998:15) – gewettig. Ek kan goed onthou hoe omgekrap ek as jong student was om in 'n voetnota van die Nobelpryswenner Aleksandr Solzhenitsyn se boek *The Gulag Archipelago* (1973:290) te lees:

> In the Republic of South Africa, terror has gone to such lengths in recent years that every *suspicious* (SOE (sic) – Socially Dangerous Element) black can be arrested and held for three *months* without investigation or trial. Anyone can see immediately the flimsiness of this: why not from three to ten years? [deurgaans sy beklemtoning].

As baie naïewe jong, wit Afrikaner het dit my diep ontstel dat mense sulke dinge oor my land kon skryf. Daar het duidelik baie dinge gebeur waarvan ek niks (wou) geweet het nie. Maar, ek was blykbaar nie al een wat so gevoel het nie. Ben [6-089], die oudste van die mede-navorsers, erken: `Daar was darem vreeslik baie wreedhede, wat ons as gewone mense nie van geweet het nie, verskriklike ongeregtigheid`.

> Selfs al was wit mense versigtig om die volle impak van apartheid duidelik te verwoord, het swart mense dit in ondubbelsinnige taal gedoen: "This history of brutality, murder, dispossession, oppression, exploitation, of the dehumanizing, violent system of Apartheid, which through history has caused untold suffering, pain, misery and death to many black South Africans..." (Chikane 1989:15).

Om nie te weet van misbruike nie, laat dit nie verdwyn nie. Dit het gebeur. Soos die sestienjarige SWAPO-soldaat wat verdwyn het: "The Recces had taken him up in a chopper – and then kicked him out over Angola at a height of 10 000 feet" (De Kock & Gordin 1998:73). Of die verbranding van 'n slagoffer se liggaam tot as: "It was just another job to be done. We would have our own little *braai* (next to the burning body) and just keep on drinking... Hell, we didn't care. It wasn't as if we had killed human beings" (Pauw 1997:18).

Dit was egter nie die enigste tipe vergrype nie. Daar was ook die alledaagse anomalieë. Ben [1-135], wat grootgemaak is om respek te hê vir swart mense, het twee reisende verkoopsmanne gehad wat by hom oornag het. Die een was wit en die ander een swart. Ben het ’n probleem daarmee gehad om albei in sy huis te laat slaap. Op die ou end het die swart man in die bussie waarmee hulle gereis het, geslaap [Ben 1-170]. Hanlie [2-306] vertel twee stories uit haar kinderjare: Toe ek nog verskriklik klein was, het ek in 'n bloekombos gestap op die plaas, en een van die plaaswerkers het my daar gekry en my teruggevat huis toe, hand aan hand. Toe een van haar ooms dit sien, het hy die swart man in die skuur geneem en hom geweldig geslaan met ’n riem. Sy moes staan en kyk. By ’n ander geleentheid was daar ’n plaaswerker wat een of ander bevel nie uitgevoer het nie hulle het hom in ’n sak gesit het en die sak toegebind en so rondom hom in die grond geskiet het. As die ou daarbinne hom dan nou self natmaak of iets van die aard, was dit ’n groot grap gewees. En dit was vir my verskriklik erg [Hanlie 2-318]. Dit was blykbaar in orde om sulke dinge aan swart mense te doen.

Hierdie soort gedrag is nie beperk tot die verlede nie. Dit blyk dat, ten spyte van die demokratiese verandering in Suid-Afrika, die houding van baie wit mense nog steeds dieselfde is. Hanlie [2-532] vertel:

> ek (het) lankal terug met Mandela se verjaarsdag 'n foto van hom bestel en ek het dit laat raam... En ek stap uit en daar sit wit mans in 'n motor en hulle sien my, en die een sê wat het jy daar, en ek wys en hy sê is dit vir jouself, en ek dog hy bedoel dis oulik, dis mooi, laat ek sien, en ek gaan wys dit vir hom en ek sê nee, dis vir die skool. Hy sê ‘ja grappig nè, in Amerika is dit Clinton en by ons is dit 'n kaffer.’ Nou hier staan ek met die foto....

Ander mede-navorsers het soortgelyke ervarings gehad om te vertel.

> Ek het tot die slotsom gekom dat die meeste witmense nog die swartmense haat, na wat ek gehoor het. Ek het verskriklike goed gehoor, mense wat vertel het van 'n swartman wat hulle gekry het wat in die water-drein gebly het. Die hond het daar gestaan en

> blaf, toe kry hulle nou die swartman wat daar onder bly met sy primus en sy slaapgoed en alles. Toe sê die een vrou: 'n mens moet sommer een van hierdie groot vragmotors met grond kry en hom begrawe daar onder. Ek was verskriklik geskok daaroor. 'n Vooraanstaande vrou wat by die bestuur van 'n groot vroue-organisasie betrokke is, het gesê sy wens sy kan 'n geweer vat en al die straatkinders doodskiet [Elsa 4-016].

Die indruk wat hierdie tipe opmerkings laat, is dat swart mense nie veel werd is nie; dat 'n swart lewe nie vreeslik belangrik is nie. Die volgende voorval gee op 'n vreemde manier uitdrukking daarvan.

> Op 25 Augustus 1993 is Amy Biehl, 'n Amerikaanse *Fulbright* student wat in Suid-Afrika teen apartheid gewerk het, aangerand en doodgesteek in 'n swart woonbuurt naby Kaapstad. In 1998 het die vier jong mans wat skuldig bevind is aan haar moord, amnestie ontvang van die WVK nadat hulle vyf jaar van hulle vonnis uitgedien het (Biehl & Nofemela 2007).
>
> Na Amy se dood skryf Sindiwe Magona (1998:87) 'n boek "Mother to mother" waarin sy weeklag: "(she) pays the price for the sins of the fathers and the mothers who did not do their part to see that my son had a life that was worth living."

Die effek van jare se apartheidsdenke op die psige van die swart mense was sodanig dat Amy se moordenaars klaarblyklik nie twee keer gedink het oor wat hulle doen nie. Hulle eie lewens was oënskynlik so min werd dat hulle dit maklik op die spel plaas; dit was blykbaar in elk geval nie "worth living" nie.

Die verskriklike ironie is dat wit mense wat hierdie soort ding doen, blykbaar nie in staat is om te sien dat dit verkeerd is nie. Hulle dink nie twee keer daaraan nie. In hulle eie gemoed doen hulle niks verkeerd nie. Wit Afrikaners het onsensitief geword vir die effek wat hulle gedrag op swart mense het. Hulle het hulleself oortuig hulle het swart mense reg behandel. Die ideologie van wit meerderwaardigheid het hulle hele lewe

deurdring, ons het niks anders geken nie [Albert 2-211]. Op die vraag oor hoe apartheid in ons lewe in ingekom het, antwoord Mike [2-283] so: Dit het nie in ons lewe ingekom nie, maar ons het in apartheid ingekom.

> Selfs die swart bewussynsaktivis Steve Biko (1987:132) gee toe dat dit so is: “In other words a white child does not have to choose whether or not he wants to live with the white, he is born into it. He is brought up within white schools, institutions, and the whole process of racism somehow greets with him at various levels and he attempts to have an attitude against blacks, so whites are together around the privileges that they hold, and they monopolise this away from black society.”

Ook ander mede-navorsers bevestig dat wit mense die lewe so kom kry het, so geskei tussen wit en swart. Isak [2-218] bevestig dit wanneer hy sê: Ons het niks anders geken as apartheid nie.

> Dit mag dalk waar wees dat hulle niks anders as apartheid geken het nie [Isak 2-218], maar wou wit mense enigiets anders weet? Cassidy (1986:2) beskryf ’n soortgelyke baie toepaslike situasie in die Verenigde State van Amerika: “We need to gather the Body of Christ across our land to stir them to wakefulness and action. Martin Luther King once preached a sermon called, 'Sleeping through a Revolution'. I have mentioned that many times to white audiences over the last six to eight years, because I actually believe it is not just now we are in a revolution, but we have actually been in one for six to eight years. Most people in the white community have been unaware of this and have been asleep. Revolution is now spilling out into the streets. But it has been there in the hearts and minds of people for a long time. We have not wanted to see it. And now – I suppose especially true of the white Church – we are caught napping, surprised and bewildered. As the Civil Rights Movement began in the mid 1950s, Carl Ellis, a black writer in America, said in his book, Beyond Liberation, 'Too many whites in the South who thought that their blacks were happy with the status quo and well cared for, a Civil Rights Movement was incomprehensible. It caught them completely off guard. Many whites expressed bewilderment at the transformation of blacks, as they became caught up with the new

> Southern winds that were beginning to blow down the mighty citadels of segregation. They were caught off guard and bewildered and asleep.'"

Malan (1990:37), verlangse familie van dr. D.F. Malan, praat oor sy pa: "He truly believed apartheid's central lie, its promise to create a world in which blacks and whites were separate but equal, and he was incapable of seeing the suffering it was inflicting meanwhile." Dit was waarskynlik waar van meer wit Afrikaners. Ons het die leuen geglo. Ons was gemaklik binne die leuen terwyl ons "torn apart families, uprooted communities, made discriminating laws and enforced them with harshness… The gulf of mis-apprehensions, fear and hatred between white and black has reached alarming dimensions…" (Nicol, aangehaal in Bosch 1988:99).

> Teenoor die wit Afrikaner se gemak binne die leuen, stel Klaaste (1995:16) wat die redakteur van die *Sowetan* koerant van 1988 tot 2002 was, dit in hierdie woorde: "The first thing that you must understand is that black people are weakened; that in most cases their structures regarding the family, finances, language, education and health was totally destroyed by apartheid."

Die politieke kommentator Willem De Klerk (2000:31) verwys na die sewe sondes van apartheid, of die areas waar die beleid misluk het. Hy noem dit: ordelikheid (die orde wat apartheid wou bring, het misluk), rekenkunde (hoe kan jy 37 miljoen mense in 30% van die grondgebied probeer huisves terwyl jy tien miljoen wit mense op die oorblywende 70% vestig?), balansstate (die beleid het astronomiese bedrae gekos), immoraliteit (die leuen dat apartheid aan ander gee wat jy aan jouself gun), rassisme (wit is gelyk gestel aan rassemeerderwaardigheid en swart aan rasseminder-waardigheid), nasionalisme (die vryheidsdrang van swart nasionalisme het apartheid die deur gewys) en ingewikkeldheid (wat verraai het dat 'n onheilige geknoeiery aan die gang is).

Uit die reaksies van die mede-navorsers sou ek die effek van apartheid wou beskryf in terme van vyf breë areas: twee leefwêrelde, die verlies van menswaardigheid, rassisme, paternalisme en die kwessie van groot en klein apartheid. Hierdie vyf temas is in die gesprekke genoem en het algemeen onder byna al die mede-navorsers voorgekom.

## 3.1 "Twee wêrelde"[20]

> *Dit was nie een van ons se skuld dat ons gebore is in die rolle van "baas" en "klaas" nie. Maar ek kan nooit onskuldig pleit op die aanklag dat ek te lank ongevoelig was vir die posisie waarin hy en sy groep hulle bevind het nie. Ek het my bevoorregte posisie te maklik as vanselfsprekend aanvaar en my nie ingeleef in hulle situasie nie* (Müller 2000a:22).

Apartheid het twee wêrelde in een Suid-Afrika geskep. Dit was asof wit en swart in twee verskillende en aparte wêrelde geleef het, terwyl die wit wêreld totaal onbewus was van die swart wêreld.

Dit is duidelik dat die swart gemeenskap raakgesien het dat wit mense nie hulle wêreld geken het nie. Sello (1998:15) skryf: "Een van die tragiese erflatings van apartheid is dat dit die wit gemeenskap van die res van Suid-Afrika geïsoleer het en dat daar baie wit mense is wat nie verby wit en swart kan sien nie."

In die groep is soortgelyke idees uitgespreek:

> Ek het nie saam met swartmense grootgeword nie, die kennis wat ek van swartmense gehad het was die enkele kere wat my ma – sy het gewoonlik haar huiswerk self gedoen – 'n bediende gehad het. Dit is die kontak wat ek met swart mense gehad het. Ek het nooit aan hulle gedink as iets anders as 'n werker nie, dit het gister skielik by my opgekom, ek het iets op die TV gesien van 'n swart man en vrou wat liefdevol teenoor mekaar optree. Ek het nooit gedink aan swartmense as "mense" wat opgroei, trou, liefde maak, kinders het en weet wat lewe soos ons nie. Ek het hulle gesien as daai swart persoon wat daar by jou kom werk [Elsa 2-341].

[20] Hierdie opskrif verwys na 'n opmerking van Isak [1-609] Ek het so wit grootgeword, hierdie mense is absoluut twee wêrelde van mekaar.

Hierdie sentiment word geëggo deur Isak [1-609] as hy sê: Ek het so wit grootgeword, hierdie mense is absoluut twee wêrelde van mekaar af. Dit is ook dié uitdrukking wat gebruik is as opskrif vir hierdie onder-afdeling.

Die ongebalanseerdheid van hierdie saak kom uit in Elsa [7-337] se woorde: die swartmense weet meer van ons witmense, omdat hulle in ons woongebiede gewerk het en in ons kantore, maar ons witmense weet nie regtig veel van swartmense af nie. Hierdie standpunt word bevestig deur die woorde van Raubenheimer (1998:6): “Daar het dinge in ons geskiedenis gebeur wat veroorsaak het dat baie mense in ons land vandag vir mekaar vreemdelinge is, en in sommige gevalle selfs vyande.”

Botha (1990:96) sê dat swart mense in 1948 “amptelik verklaar is tot vyande van die staat. ’n Beleid het ontwikkel wat dié mense nie aansien as gelyke, medeburgers nie; wat hulle skadeloos maak met wette wat hulle uit die oog kon verwyder en geleidelik ook uit die hart.”

> In sy gesprek met Piet Meiring (1975:9) sê dominee Sam Buti: “Waarom kan ons nie ook die goeie dinge van die land geniet nie? Waarom kan ons nie van die regte wat die land vir mense van buite af gee, kry nie?” In antwoord op die vraag na stedelike swart mense se grootste nood, antwoord hy: “Om as ’n mede-Suid-Afrikaner aanvaar te word.”

Die hartseer van die situasie is dat wit mense nie eers weet dat hulle nie weet van die lewens van swart mense nie. Die sosiale kommentator Rian Malan (1990:81) beskryf hoe hy hierdie twee wêrelde – wat hy die “paradox” noem – ervaar het tydens sy tyd as koerant-joernalis: "I did not learn about the paradox by living in South Africa's white suburbs; I learned about it on the police beat."

In die tyd waarvan hy hier skryf (1985), was ek en my klasmaats in ons finale jaar in die Kweekskool – en ons het niks hiervan geweet nie! Hierdie deel van die nalatenskap sal ons nog lank met ons saamdra.

## 3.2 "Minder mens"[21]

Die een onderliggende beginsel aan apartheid was die idee van 'n inherente meerderwaardigheid van wit mense en 'n gepaardgaande inherente minderwaardigheid van swart mense. Soos Elsa [1-394] dit stel: dit is... in ons kele afgedruk van kleins af dat swart mense sleg is, dat dit baie moeilik is om daarvan ontslae te raak.

> 'n Soortgelyke punt word gemaak deur Bengheza in sy gesprek met Meiring (1975:135) as hy sê: "'n Engelsman leer altyd sy seun en dogter dat hulle beter en slimmer is as enigiemand anders. Beter as die swart man."

Aangesien dit die gedagtegang van wit mense was, is dit te verstane dat swart mense "in white eyes, inferior and backward" (Van Wyk 1991:42) was. Daarom kan Elsa [4-034] sê: So ek het tot die slotsom gekom: die meeste witmense met wie ek die afgelope tyd in aanraking was, sien nog steeds nie die swartes as mense nie. En elders: die trekarbeid-stelsel het dan ook bygedra dat ons selde swartes gesien het in terme van gesinne, jy het 'n klomp swart mans gesien wat in 'n hostel bly, hierso op die myn byvoorbeeld, hulle het waarskynlik iewers vroue maar ons dink nie daaroor nie [Albert 2-356].

> Weary (1994:9) gaan terug na die dae van slawerny: "To justify slavery, white people had to make black people less than human beings." Soortgelyke sienings is by die WVK-verhore uitgespreek. Krog (1998a:44) beskryf hoe "ordinary people" wat voor die WVK verskyn hulle ervarings verwoord: "We were treated like garbage: worse even than dogs. Even ants were treated better than us" en "How could we lose our humanity like that?"

Daar is sekere gebruike wat hierdie meerderwaardige houding van wit mense teenoor swart mense duidelik illustreer. 'n Herhalende storie is die een van die swart man, die hond en die bakkie.

---

[21] Hierdie opskrif verwys na 'n opmerking van Elsa [6-275] die feit dat ons gemaak het asof hulle minder mens is as ons.

Mnr X vertel my, as hy 'n wit man sien rondry in 'n bakkie, met 'n hond wat langs hom sit, dis een van die goed wat hulle die seerste maak, hy moes agterop gesit het, die hond mag voor sit. Met ander woorde, A + B = C, die hond is beter, is meer werd as hy as swartmens. Vir ons klink dit miskien belaglik, dit was hulle belewenis gewees daarvan [Albert 6-295]. Farisani (1990:60) vertel dieselfde storie van 'n bakkie, 'n man en 'n hond. En ons hoor dit weer by Naicker (1994:97): "I once met a woman who told me that her dream was to be treated like a dog owned by a white person because such dogs get food, comfortable shelter, health care and have an anti-cruelty organisation to step in when things go wrong. When the dog finally dies it is buried with dignity. If the owner dies then the dog inherits the owners (sic) wealth."

Die sosiale struktuur van stereotipering word deur Du Preez (1997:12) beskryf as hy sê:

> Most white people grew up with a mental picture of black people resembling something along the following lines: Black people break everything they touch… they destroy everything… they understand nothing… they lie… they steal… they are corrupt… they are always late… they will rather toyi-toyi in the sun than work… they can't drive properly… they are extremely lazy.

Wit mense se wêreld was so afgesonder van dié van swart mense dat hulle nooit regtig gedink het oor die leefwêreld van hulle bediendes of tuinhulpe nie. Aan hulle behoeftes of aspirasies is selde, indien ooit, gedink.

Qwelane (1998:22) skryf "whites' belief in their own racial superiority grew... they never stopped to think about Samson and Betty – and black people as a whole – as ordinary human beings with the same needs, desires and aspirations as white people." Die volgende aanhaling uit Serfontein (1982:167) uit die petisie van die "People of the Nyanga Bush" gee ons 'n gedeeltelike blik op die vernedering van swart mense deur apartheid: "Our families have been forcefully separated. We women are forced to live apart from our husbands. We were even

separated from our children during the deportation we were subjected to recently. We were forced to live in places where we find no work and have witnessed the death of our children through starvation. We find our return to such places impossible. It is now in our utter desperation and suffering that we implore you in the name of God: Stop the continued separation of our families. Stop the humiliation we suffer as a consequence of constant hounding like animals and criminals. Prevent our removal to areas of starvation. Enable us to live as a loving Christian family free from oppression and fear; and for your courage and strength to make this a reality. Your brothers and sisters in Christ, the Nyanga Bush People."

Van Wyk (1991:80) is reg as hy sê: "Apartheid, both in its grand design and daily pettiness, degraded blacks to the level of semi-humans in the land of their birth...". Groenewald (1986:42) noem dit die "belediging van apartheid." Baie meer as die uiterlike, sigbare diskriminasie, was hierdie miskenning van swart mense se menswaardigheid die eintlike probleem met apartheid. Ek stel dit in een van die gesprekke só:

> Dit gaan nie oor goed wat ons aan mekaar gedoen het nie, dis sekondêr. Dit gaan vir my, en dit kom elke keer uit my gesprekke met die swartmense, ons hier, in my gesprekke met al die mense, in die goed wat ek lees, ons mis die uitgangspunt wat al verkeerd neig, ons vertrek van 'n bepaalde punt wat mense in kategorieë sit, van wit en al die ander, en dan kan jy ook maar sê van beter en slegter, dit is hoe ons gedink het daaroor [Albert 6-221].

Die ander kant van hierdie munt is natuurlik dat wit mense in hulle eie oë goeie mense was:

> En wat ek verder van die swartes geweet het was wat ek in die geskiedenis geleer het. Ons het geleer die boere was hierdie heilige mense wat nooit iets verkeerd gedoen het nie, en die swartes was hierdie barbare wat babatjies se koppies teen die wawiele stukkend geslaan het. Dis die persepsie wat ek gehad

> het van swartmense. Ek was half bang vir hulle, totdat ek groter geword het en agtergekom het dis nie rêrig so nie [Elsa 2-349].

Die effek van hierdie wêreldbeskouing op swart mense sal ons moeilik kan begryp. Soms het daar in die bespreking iets hieroor na vore gekom.

> Ek dink apartheid het die swartmense heeltemal ver-"ontmens" – ek weet nie of daar so 'n woord bestaan nie. Ek persoonlik dink die swartmense in ons land sit met 'n geweldige minderwaardigheidsgevoel. Ons het hulle so afgekraak en so sleg behandel dat hulle oor hulleself niks gedink het nie [Elsa 3-145]. Ek dink nie ons het besef hierdie mense het ook emosies nie, hulle het ook gevoel, hulle ervaar ook dinge [Isak 3-162].

Die werk van Adam Small word tydens een van die gesprekke aangehaal om hierdie punt te onderstreep:

> 'My blanke broer, kan jy jouself indink in die plek van 'n bruin of 'n swart man wat deur die volgende ervaring geraak is. Hy en sy vrou wat ses maande swanger is, het die sonnige middag by die see deurgebring en ondanks alles was dit aangenaam… ondanks alles, want die bewussyn van deurleefde vernederings bly immer lewe, ook in weerwil van, of miskien juis omrede, al die mooi dinge van die sintuie, soos ook die ope blou rus van die see…' [Albert 3-275].

In terme van die apartheid-wêreldbeeld, lê 'n swart persoon se waarde daarin opgesluit dat hy of sy arbeid kan verskaf: Is ons nie maar só gemaklik in daai *comfort zone* gewees, want jy het goedkoop arbeid in die huis, in die myne, jy het alles wat jy wil hê. Die wêreld is vir ons gemaak [Albert 3-584].

Hierdie standpunt word verklap deur ’n verklaring van die Nederduitse Hervormde Kerk (Lombard 1981:221) waarin aangedui word dat hulle geen beswaar het teen apartheidswette nie, solank dit op so ’n manier toegepas word dat mense se menswaardigheid behou word. Waarom sou dit nodig wees om so ’n voorwaarde te stel? Tensy hulle besef het dat die wette juis mense se menswaardigheid bedreig het.

Elsa [3-730] is baie uitgesproke oor die huidige stand van geweld en misdaad in die land as sy sê:

> daar word elke dag honderde swartmense doodgemaak, ook deur kriminele. My bediende sê vir my in Thabong word daar elke naweek omtrent drie of vier mense doodgemaak. Ons steur ons net nie daaraan nie, dit pla ons nie. Maar dat daar nou ’n wit boer doodgeskiet word, of ’n wit mens doodgemaak word, dan is dit op die voorblaaie van die koerante vir weke lank en dis op die nuus elke dag. So die mense beleef nog steeds die storie dat ons onsself sien as superieur.

Die idee van superioriteit lê nie in die eerste plek in die dade nie, maar in die gedagte wat die dade voorafgaan. En hierdie gedagtes is rassistiese gedagtes.

## 3.3 Inkommers in apartheid[22]

Rassisme is in hoofstuk twee aangedui as een van die oorsake van die politieke beleid van apartheid. Vir diegene wat in apartheid ingekom [Mike 2-283] het, met ander woorde hulle wat grootgeword het in die tyd van apartheid, was dit terselfdertyd ook 'n gevolg van die politieke beleid. De Klerk (2000:33) noem dit dan ook een van die sewe sondes van apartheid.

In die groep was daar ’n hewige debat oor presies wat rassisme is. Elsa [3-749] sê: Ons bly dink in terme van wit en swart. Ons dink nie aan mense nie. [R]assisties beteken net jy heg sekere rasse-eienskappe aan

[22] Hierdie opskrif verwys na ’n opmerking van Mike [2-283] Dit het nie in ons lewe ingekom nie, maar ons het in apartheid ingekom.

sekere groepe mense [Hanlie 3-798], waarop Johan [3-805] reageer met Jou definisie kom iets kort. Jou definisie kom daai emosie kort van haat of liefhê. Rassisme is gekoppel aan emosie.

### 3.3.1 Rassisme en emosies

Dat erge emosies, soos haat, soms wel deel van rassisme kan wees, is duidelik uit die woorde van Pistorius (1992:174) wat aanspraak maak op 'n Goddelike opdrag om swart mense dood te maak. Hierdie vreemde opvatting baseer hy op sy verstaan van Eksodus 2:12 waar Moses die Egiptenaar doodgeslaan het. Pistorius se argument is dat God vir Moses daarna so geseën het, dat ons kan sê dat God hom heeltemal vergewe het en ook vir ons beveel om iemand "wat afgode aanbid... soos die swartes" dood te maak. Sulke blatante rassisme is egter net 'n uiterste vorm van 'n gesindheid wat in meer matige vorm baie meer voorkom as wat algemeen erken word. Die onderliggende uitgangspunt vir al hierdie vorme van rassisme is 'n gevoel van meerderwaardigheid teenoor ander mense.

Die idee dat een ras meer werd is, of beter is as 'n ander, is nie 'n nuwe idee nie. In die tyd van wettige slawerny en kolonialisme was die gangbare idee dat Afrika onbeskaafd en ongekultiveerd en daarom minderwaardig teenoor die Weste is (Kasenene 1993:55).

> Hy skryf verder hieroor: "The racism that we know was born in Europe and America from the cultural need to justify doing to black people, doing to African people, what could not morally or legally be done to white people, and least of all to Europeans" (Kasenene 1993:58). Hierdie posisie word ook ingeneem deur Weary (1994:9) as hy sê: "To justify slavery, whites people had to make black people less than human beings."
>
> Steve Biko (1987:88) skryf dat "white people on the whole have come to believe in the inferiority of the black man." Hy sê die rede hiervoor is "so that the whites could enjoy privileges at the expense of blacks and still feel free to give a moral justification for the obvious exploitation…" In sy boek *Deafening silence* laat Miles (1996:274) een van sy karakters dit

> so stel: "a black man has no rights if his rights clash with the self-interest of the whites."

Hoe waar hierdie opmerking is, is byvoorbeeld duidelik uit die implikasies van die Ontugwet. Hierdie wet, wat seksuele verkeer tussen verskillende rasse verbied, is by nadere ondersoek baie meer spesifiek. Die wet verbied enige seksuele verkeer tussen wit en swart mense, maar nie enigsins seksuele verkeer tussen enige van die ander rasgroepe in die land nie (Groenewald 1986:27). Dit is dus duidelik dat die rassisme in apartheid net die voordeel van die wit mense bevorder het, selfs ten koste van swart mense. "While blacks were treated as inferiors and lived in a culture of marginalisation and insecurity, whites believed that they had established a peaceful and just society by the establishment of homogenous black nations and states" (Kinghorn 1990:68).

Rassisme is volgens Biko (1987:88) nie bloot die uitsluiting van een rasgroep deur 'n ander nie, "it always presupposes that the exclusion is for the purposes of subjugation." En dit is die vraag: Het rassisme altyd te doen met mag en die misbruik daarvan?

### 3.3.2 Rassisme en mag

Oor die kwessie van misbruik van mag skryf Biko (1987:25) elders soos volg:

> "Those who know, define racism as discrimination by a group against another for the purposes of subjugation or maintaining subjugation. In other words one cannot be a racist unless he has the power to subjugate."

Dit is ooglopend dat rassisme dikwels met mag en magsmisbruik te make het. Terry (1975:2) se omvattende definisie van rassisme sluit hierby aan:

> Racism exists when one race/color group intentionally or unintentionally refuses to share power, distributes resources inequitably, maintains unresponsive and inflexible institutional policies, procedures, and practices, and imposes ethnocentric culture on any other race/color group for its supposed benefit, and justifies its actions by blaming the other race/color group.

Hierdie tipe gedrag was kenmerkend van apartheid. Selfs die armste wit mense kon diskrimineer teen die rykste swart mense, omdat hulle die staatsmag se wette aan hulle kant gehad het. Al het hulle self nie enige mag gehad nie, was die sisteem in plek om hulle te bemagtig. Dit is egter nie die volle verhaal nie. In die nuwe Suid-Afrika het wit mense nie meer dieselfde sisteem om hulle te steun nie, maar dit keer baie mense nie om steeds rassisties op te tree nie. Hier wil dit lyk of rassisme nie in die eerste plek of in alle gevalle met mag te make het nie, maar eerder met idees van meerder- en minderwaardigheid. Hierdie diskoers word weer later in die verslag aan die orde gestel.

### 3.3.3 Rassisme en die instellings

Rassisme is 'n fenomeen wat nie net op interpersoonlike vlak opereer nie. Rassediskriminasie kan ook geïnstitusionaliseerde vorms aanneem. Apartheid was so 'n vorm van rassisme. Villa-Vicencio (1993:133) verwys daarna as die "institutionalised racism of apartheid." Biko (1987:88) verwoord dit so: "The racism we meet does not only exist on an individual basis; it is also institutionalised to make it look like the South African way of life." Rassisme was inderdaad so geïnstitusionaliseer in alledaagse apartheid-Suid-Afrika dat min wit mense dit bevraagteken het. Soos Isak [3-562] sê: Ons het dit gehad as standaard praktyk vir jare. Ons het dit so aanvaar. Die gemiddelde wit Afrikaner, by name die blanke Afrikaner, het dit aanvaar. Dit is reg so, dit is goed so. Niemand van ons het ooit gedink dit is verkeerd nie.

### 3.3.4 Die uitwys van rassisme

Daar was tog gereeld stemme wat opgegaan om wit mense bewus te maak van wat rassisme besig was om aan swart mense te doen. Vanuit die NG Kerk was daar, om maar net een te noem, die sogenaamde *Hervormingsdag-getuienis*. Hierdie dokument is so genoem, omdat die getuienis van agt teoloë van die NG Kerk op 5 November 1980 – net na Hervormingsondag – in *Die Kerkbode* gepubliseer is (*Die Kerkbode* 1980:605). Die *Getuienis* het die NG Kerk aangespreek en onder andere "gepleit vir die uitskakeling van liefdelose en rassistiese gesindhede, vir solidariteit van Christelike liefde met almal wat deur sosiale praktyke, ekonomiese wanverhoudinge en politieke maatreëls in lyding gedompel is." Die reaksie was hewig en uiteenlopend. Baie

predikante en lidmate het die agt teoloë gesteun, maar veral van die amptelike kerkstrukture was daar weerstand. Van der Merwe (2010:10) vat dit goed saam as hy sê: “Die koor van kritiek teen die getuienis het duidelik getoon dat die kerk nog nie bereid was om oor die sake wat in die *Getuienis* geopper is, in gesprek te tree nie.”

### 3.4 Paternalisme

ŉ Vierde gevolg van die sisteem van apartheid was paternalisme. Paternalisme is die gedrag van ŉ dominante klas teenoor die ondergeskiktes of gekoloniseerde mense, soortgelyk aan die van ŉ pa teenoor sy kind, maar dan ŉ kind met beperkte of geen eie vryheid of regte nie. Alhoewel paternalisme ook ŉ belangrike rol gespeel het in die ontstaan van die beleid van apartheid, was dit – nes rassisme – vir diegene wat groot geword het onder apartheid een van die gevolge van die beleid.

Hierdie houding word duidelik geïllustreer deur die volgende narratief. Ben [1-157], die oudste van die mede-navorsers vertel van sy kinderjare: Ek is op ŉ plaas gebore. Destyds moes ek met baie eerbied met ouer swartes omgaan, mooi met hulle praat. Ek moes sê ‘outa Elias’. Nou dat hy oud is, is hierdie houding so deel van sy lewe dat hy dit uit gewoonte steeds doen:

> Nou nog as ek gaan loop – dit is skemer as ek gaan – dan groet ek elke swartman. As jy net jou hand op steek – jy hoef nie ŉ woord te sê nie, dit is vir hulle genoeg. Dit is die belangrikste ding, dat jy jou hand opsteek. En nou die huurmotors, as hulle verbykom, as ek die huurmotor nie sien nie, dan "pohp-pohp" hy en waai hulle die hand. En al die swart mense, en ek wil nou traktaatjies kry en elke keer as ek by een van die mense verby gaan, ŉ traktaatjie vir hulle kan gee. Soos ek sê: vir my is dit nou nie so moeilik nie. Ek het saam met hulle grootgeword. Saam met hulle as kinders gespeel [Ben 1-178].

Elsa [4-033] vertel van ŉ voorval toe ŉ graad elf seun ŉ dief gevang het: Toe is sy ma so trots op hom dat hy nie die swartman verskriklik geslaan

het nie, om daardeur te wys hoe goed is hulle teenoor die swartes.

In die literatuur word soortgelyke boodskappe oorgedra. Rian Malan (1990:32) vertel van sy ma: "They'd still be in mud huts if it weren't for us," she'd snap. "What did they do to build this country? Just dug where we said dig." En terselfde tyd is dit die mense wat geleer is om respek te hê vir swart mense, om “asseblief” en “dankie” te sê, en om nie die woord “kaffir” te gebruik nie.

Frans [1-452] vertel van ’n goedbedoelde handeling wat hierdie houding van wit mense teenoor swart mense weerspieël:

> My pa het Sondagskool gehou. Ons was daar in die lokasies gewees, skoolvakansies het ons gaan help daar. Kersvakansies het ek my ma gehelp, ons het koekies gebak, kerspakkies opgemaak met ballonne en vir hierdie outjies en dit gaan uitdeel. So, ons het hulle jammer gekry.

Die terrein van die godsdiens is waar paternalisme veral baie sigbaar was. Frans [1-440] onthou:

> Ek het nie rassisties grootgeword nie, maar daar was tog ook die situasie gewees van hulle het hulle eie beker en hulle het hulle eie koppie en so aan. Maar tog het my pa in die aande die swarte wat in daai klein kamertjie bly wat Ben van gepraat het, ingenooi as hulle daar was om saam met ons huisgodsdiens te hou. Ek onthou dit asof dit gister was.

De Klerk (2000:17) lewer kommentaar op hierdie gebruik wat redelik algemeen was: “Ja, in sommige gevalle is die plaasvolk ingeroep om tydens huisgodsdiens ’n sitplekkie op die vloer in te neem. Miskien is dit ook ’n onderdeel van die paternalistiese eis dat baas van sy klaas verwag om te glo soos baas glo.”

’n Soortgelyke probleem is deur swart mense in georganiseerde godsdiens ervaar. Dominee Sam Buti (in Meiring 1975:4), eertyds skriba

van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika stel dit so: “Baie van die wit sendelinge het nie daarvan gehou dat die swart manne al hoe meer hulle eie gedagtes begin koester oor dinge nie; hulle wou nog graag vir die swart mense voorskryf hoe dinge in die kerk gedoen behoort te word.” Hy gaan voort om te sê “dat tot nog sewe jaar gelede die Kerkorde van die Vrystaatse sinode van ons kerk bepaal het dat die voorsitter en die skriba van ’n ring noodwendig ’n wit sendeling moet wees!” (Meiring 1975:5).

Een van Meiring (1975:105): se ander gespreksgenote stel dit so: "Die ergste van alles is dat ons so min te sê het oor ons eie lot. Ander mense besluit vir ons oor ons lot en ons toekoms. Daarteen kom waarskynlik die meeste swart mense in opstand. Ons wil sélf besluit."

Die manier waarop wit mense na swart mense verwys is nog ’n duidelike bewys van hierdie (soms subtiele) paternalisme. Die meeste swart mense het benewens hulle regte naam ook nog ’n sogenaamde wit of Europese naam.

Gedurende die tyd van ons groepsbesprekings het ek ook gesprekke gevoer met swart mense. Tydens so ’n bespreking met ’n kerkgroep het die volgende na vore gekom. Ek deel dit met die mede-navorsers tydens die derde gespreksessie: Die eerste ou met wie ek gesels... ek vra hom wat is sy naam. Hy sê Michael. En onmiddellik gaan hy aan en praat met my oor wat sy naam beteken. Sy naam is eintlik Mokake. Dis sy naam. Maar kleintyd het hulle hom gedoop Michael, want die wit mense kon nie sy swart naam sê nie. Vat sy ma hom dokter toe, want hy is siek, dan vra die dokter wat is sy naam? Mokake. Nee heng ek kan nie daai naam sê nie. Jy is Michael. En wat dit aan daai jong man doen. Dit is ’n outjie so ’n paar jaar jonger as ek. Hy het seker ’n goeie twee, drie, vier minute gepraat oor sy naam. Hy wil nie Michael wees nie, want hy is nie Michael nie. Hy is Mokake [Albert 3-853]. Hy is gewoond dat almal hom Michael noem, en tog is sy lang gesprek oor die betekenis van sy eintlike naam ’n aanduiding van die belang daarvan vir hom.

> Hierdie name word gewoonlik deur wit mense gekies en gegee. Hierdie "wit" naam word nie normaalweg saam met die persoon se van gebruik nie, ten spyte van die geweldige waarde wat swart mense heg aan hulle vanne. Soos Du Preez (1997:67) sê: "Addressing a person by his name is a form of acknowledgement and African people in particular are proud of their surnames."

Op 'n dieper vlak is daar ook die kwessie van verwysing na swart mense as 'n kollektiewe geheel. Vir wit mense was dit algemene praktyk om met die term *nie-blankes* te verwys na alle ander groepe mense wat nie wit mense was nie. Hierdie gebruik neem wit-wees as die norm en alle sogenaamde *ander* mense word dus geklassifiseer as sou hulle nie behoort tot of, per implikasie, voldoen aan die vereistes van hierdie norm nie.

> Toe hy gevra word hoe Afrikaners na sy mense moet verwys, antwoord, Tsebe (in Meiring 1975:76) so: "Sê maar *swartmense*. Veral nooit *nie-blankes* nie! Dit is 'n negatiewe begrip. Dit sê wat ons *nie* is nie. Ons wil wees wat ons *is*."
>
> In my persoonlike gesprek met 'n ouderling van die NGKA, gebruik hy dieselfde woorde. Hy sê `apartheid het twee groepe mense geskep, mense en minder mense, mense en nie-mense` [Albert 6-074].
>
> 'n Soortgelyke posisie word ingeneem deur Buthelezi (in Meiring 1975:148): "Die feit dat 'Africans', Indiërs, Kleurlinge, almal gesamentlik as "nie-blankes" geklassifiseer word, bewys dat aan hulle die identiteit van "nie-mense" – mense wat eintlik maar net in die skaduwee van die wit mense mag leef – toegeken word."
>
> Buthelezi gaan dan voort: "Teologies gesien beteken dit dat hulle eintlik nie na die beeld van God geskape is nie, maar na die beeld van die wit man." Meiring antwoord dan daarop: "Ek dink nie mense wat van nie-blankes gepraat het, het ooit daaraan gedink nie! Hulle het dit nie so bedoel nie...". Waarop Buthelezi dan hierdie belangrike antwoord gee: "Dit kan wees. Maar op my mense het dit 'n geweldige invloed gehad.

> ...Ons moet vir die swart man leer dat hy wel 'n mens is, dat hy ook na die beeld van God geskape is."
>
> Wanneer Stavrianos (1982:478) praat oor die opkoms van ’n swart bewussyn, sê hy “One manifestation is their rejection of the term ‘nonwhite’ hitherto applied to them. In its place they substitute the term ‘black’ as a positive assertion of worth.” Steve Biko (1987:49), die groot voorstaander van swart bewussyn praat ook van die *wit* norm en ander se definiëring in terme van hierdie norm: “Briefly defined therefore, Black Consciousness is in essence the realisation by the black man of the need to rally together with his brothers around the cause of their operation – the blackness of their skin – and to operate as a group in order to rid themselves of the shackles that bind them to perpetual servitude. It seeks to demonstrate the lie that black is an aberration from the ‘normal’ which is white.”

Die gebruik van die term *anderskleurige* is soortgelyk aan die gebruik van die term *nie-blanke*. Albei terme neem 'n bepaalde basis as vertrekpunt en vergelyk alles daarmee. Hierdie basis word nou die norm met die implikasie dat die norm positief of reg is. Dit word die voorkeurterm. In die geval van hierdie twee terme is die basis die politieke klassifikasie *wit*. Alle mense wat nie aan hierdie klassifikasie voldoen nie, word nou beskryf as *nie* of *anders*. Dit impliseer dat sodanige mense nie voldoen aan die vereiste wat vir die basisterm gestel word nie en per implikasie dan *minder* is as die vereiste vir die norm. Hulle is dus *minder* mens as diegene wat wel aan die norm voldoen.

Teenoor bogenoemde gebruik van *anderskleurige*, staan die gebruik van die term *anderkleurige*. Hierdie term is neutraal wat gelykheid veronderstel tussen hulle wat vergelyk word. Hier is nie sprake van 'n onderliggende positief-gewaardeerde norm waaraan gemeet word nie. Hier is die groepe bloot anders, verskillend, sonder om 'n voorrang te impliseer.

Dat dit ’n probleem kan wees, is blykbaar moeilik vir sommige wit mense om te verstaan. Toe die kwessie in die groep ter sprake gekom het, was die baie naïewe reaksie tekenend daarvan dat van die mede-navorsers glad nie die probleem kon insien nie. So antwoord Mike [6-116] byvoorbeeld:

Ek dink die verskil tussen anderskleuriges en

> anderkleuriges is wie dit gebruik. As ek praat van anderskleuriges of anderkleuriges het ek nie eintlik gepraat vanuit 'n blanke oogpunt, want jy praat van al die ander wat nie dieselfde kleur as jy is nie. Maar ek dink as ek swart was, het ek ook van die anderskleuriges gepraat, met ander woorde almal wat nie swart is nie, ek dink dit is *semantics*.

Ek wonder of wit mense genoeg begryp wat die impak was wat apartheid op die waardigheid van swart mense gehad het. Vir baie was dit blykbaar bloot 'n kwessie dat alle "nie-blankes" anders behandel is, omdat hulle anders is. Dat hierdie anderste behandeling minderwaardig was omdat dié mense as minderwaardig beskou is, was nie 'n gedagte waarmee te veel wit mense hulle besig gehou het nie.

### 3.5 Groot en klein apartheid

Die finale effek van apartheid was die skepping van 'n beperkte en oppervlakkige siening van die beleid in die gedagtes van wit Afrikaners. Wanneer die groep apartheid bespreek het, was dit gewoonlik in terme van wat genoem word "klein apartheid." Dit was sake soos aparte geriewe wat voorop in die gedagtes van die mede-navorsers was: dit is soos julle sál – julle mag daar sit en nie daar nie en julle moet hierdie toilette gebruik en nie daardie nie [Mike 2-265], hulle het hulle eie beker... in daai klein kamertjie [ge]bly [Frans 1-441] en Ons bediende het byvoorbeeld swart koffie gekry uit 'n blikbeker uit, en my ma het nie botter op haar brood gesmeer nie, net konfyt [Elsa 1-425].

Van Wyk (1991:82) speur die oorsprong hiervan terug na die tyd ná 1959:

> It was in these years that we Nats started to differentiate between grand apartheid and petty apartheid. Grand apartheid which denied blacks any say in the affairs of the whites provided the broad structure for their 'separate development' in their own rural states-in-the-making, and urban group areas with their own schools, churches, universities, sporting facilities, political institutions, etc. Petty apartheid was the way the grand design found gratuitous expression daily in a variety of

> measures which prescribed for black separate taxis, buses, trains, lifts, toilets, park benches, shop counters and entrances to public places, denying them admission to 'white' restaurants, hotels, cinemas, beaches, swimming pools, sporting clubs and other facilities.

Die wit perspektief begin altyd hier, en eindig gewoonlik ook net hier. Die beleid van apartheid word telkens geëvalueer in terme van alledaagse dinge wat wit mense gehad het of kon doen, maar wat swart mense nie gehad het of kon doen nie. Dit is asof die diskriminasie verwyder kon word deur bloot dieselfde toilette te gebruik!

Wanneer Frans [1-441] vertel van die werkers wat elkeen sy eie beker gehad het en in die klein kamer gebly het, gaan hy voort deur te sê dat sy pa die werker genooi het om in te sit by aandgodsdiens [Frans 1-443]. So asof dié uitnodiging alle diskriminasie ongedaan sou maak.

'n Soortgelyke sentiment word uitgespreek deur Malan (1990:132) wanneer hy sy pa aanhaal wat sê: "'By the time Nelson Mandela gets out of jail,' said my father, 'there will be nothing left for him to do.'" Hy brei uit: "It was a sweet sentiment, but rather naive. Like an American, my father thought that dismantling apartheid was mostly a question of allowing blacks to move to the front of the bus, use the drinking fountains, and sit alongside whites at lunch counters."

Selfs wanneer Willem De Klerk (2000:39), politieke kommentator en oud-predikant, krities skryf oor die verkeerdhede van apartheid en hy sommige voorbeelde noem, fokus hy uitsluitlik op sogenaamde klein apartheid: "Gedwonge verskuiwings… kerkdeure gesluit… derdeklastreinwaens… 'net blankes'-bordjies… aparte ingange… blankes-alleen sportspanne…"

In die groepsbesprekings was daar 'n hewige debat oor hierdie twee aspekte, groot en klein apartheid. Tydens 'n poging om die gesprek te stuur na 'n kritiese kyk na apartheid se onderliggende uitgangspunte, bly Mike vasklou daaraan dat daar nie fout was met die sisteem nie, maar dat dit net die dade was wat verkeerd was: `Ek dink om te sê dat jy die punt mis, en verby die dade moet kyk en net kyk na die stelsel, dán mis 'n ou die punt…` [Mike 6-235]. Sy fokus bly dus op klein apartheid sonder om 'n oog te hê vir die impak van groot apartheid waar die onderliggende uitgangspunt duideliker gesien kan word. As Elsa [6-272] hom dan

vra: Is dit nou nie juis die beleid wat dan die sonde is nie? en voortgaan deur te sê dat dit wat swart mense die seerste gemaak het, is die feit dat ons gemaak het asof hulle minder mens is as ons [Elsa 6-275], is Mike [6-278] se reaksie: dan is jy weer by die dade. Na 'n verdere rondte kommentaar volstaan Mike [6-283] met: Dis hoe ons opgetree het, dit is nie apartheid nie. So dit is nie die sisteem nie. Ten spyte van 'n halfhartige erkenning dat die sisteem toe nie heeltemal sonder foute is nie, is hy 'n paar oomblikke later weer by sy ou standpunt: Presies. Dit is hoe ons opgetree het, dis nie die beleid nie [Mike 6-306].

Die ware tragedie in hierdie verhaal, gedurende die tyd van apartheid en nou nog, is dat baie – indien nie die meeste nie – wit Afrikaners nie in staat blyk te wees om die beleid op prinsipiële gronde te evalueer nie. Soos Mike kyk hulle bloot in die dade vas en vind regverdiging vir hierdie dade sonder om ooit die onderliggende motiewe te beoordeel.

## 4. "Die belediging van apartheid"[23]

In die bespreking en evaluering van die groep se sienings van die beleid van apartheid is verskillende aspekte ondersoek en gedissekteer. Die een aspek wat in afwesigheid geskitter het, is wat apartheid gedoen het aan die menswaardigheid van die swart inwoners van Suid-Afrika.

> Soos iemand aan die ontvangkant van apartheid dit stel: "...daar is 'n ander apartheid as dié van twee deure en twee treine en al daardie dinge. Dit is die apartheid in die gesindheid van mense. Baie mense behandel blankes op een manier en nie-blankes op 'n totaal ander manier. Hulle het apartheid in hulle harte" (Buys, in Meiring 1975:32).

Baie wit Afrikaners het 'n baie oppervlakkige siening van apartheid. Soos Mike [2-658] sê: Ek voel nie skuldig as 'n rassis nie, want ek het hulle nooit gehaat of benadeel nie. Johan verwys na mense wat aanvoer dat hulle nie skuldig is nie omdat hulle nie bewus was van die moorde en menseregte

[23] Hierdie opskrif verwys na 'n opmerking van Groenewald (1986:42).

skendings en dat hulle afsonderlike ontwikkeling ondersteun het, en nie moord nie [Johan 6-208]. Hulle argument is dat as jy nie persoonlik swart mense sleg behandel het nie, jy niks het om oor skuldig te voel nie.

Dit lyk of daar van die mede-navorsers is wat oortuig is dat apartheid nie so sleg was nie. Johan [4-500] verwys na die voormalige eerste minister, dr. H.F. Verwoerd en sê: Daai man het nie sleg bedoel met apartheid nie, nêrens is daar gesê hulle is so sleg of so nie. Mike [6-057] maak 'n soortgelyke opmerking: die slegte gedeelte van apartheid, ...dit is wel sonde. Dan gaan hy voort om te sê: Ek dink nie in die begin was die idee heeltemal om mense totaal af te breek en te vernietig nie. Ek dink nie ons voorouers was almal sulke wrede mense nie, ek dink apartheid het ontstaan uit 'n idee vir aparte ontwikkeling, en dis toe misbruik deur politici en allerhande mense [Mike 6-083]. Heelwat later in die gesprek sê hy dan: ek voel nie sleg omdat ek daai swarte so behandel het nie [Mike 6-262].

Ten spyte van hierdie menings uitgespreek deur twee lede van die groep, het die meeste hulleself gesien as in opposisie teen apartheid en amper elkeen het 'n regverdiging gehad vir sy of haar aksies tydens die apartheidsera. Of dit eerlik was of dalk 'n poging is om hulleself te bluf, sou net hulle kon sê. Danie was in sy studentedae baie aktief in die NP. Hy sê dat hy gekies het om in die party te bly sodat ek kon gebruik maak van die NP om hierdie hele proses te probeer omdraai [Danie 2-421]. As hy hom dan vergelyk met 'n familielid wat saam met dr. Beyers Naudé gewerk het, dan eindig hy deur te beweer: aan die einde van die dag... het ons tog in 'n rigting saamgewerk [Danie 2-428].

Dit was Elsa en Hanlie wat weer 'n bepaalde nugterheid in die gesprek gebring het: Was ons mense dalk te bang om regtig standpunt in te neem? [Elsa 2-440] en Dit was te maklik en gerieflik om te bly waar jy is [Hanlie 2-442]. En tog, ten spyte hiervan, is kritiek beantwoord met opmerkings soos: Maar hoekom is daar dan verskillende mense gemaak? Hoekom is daar verskillende rasse? Hoekom is daar verskillende tale? [Johan 4-356] en Was die Moabiete nie ook 'n donker vel nie? [Danie 4-373]. In reaksie op kritiek teen hierdie manier van redeneer was die antwoord: Dit moet tog 'n rol speel ook, dat ons kan apart wees in 'n sin [Johan 4-361]. Vir sommige

van die mede-navorsers was die uiterlike verskille genoeg rede om 'n beleid van rassediskriminasie te regverdig, alhoewel hulle by ander geleenthede opposisie teen hierdie praktyk uitgespreek het.

> Chikane (1989:15) skryf krities oor die enkele wit mense wat hulleself teen apartheid uitgespreek het: "...even these good isolated voices were concerned with excesses and the crude manifestations of evils of the system rather than the fundamental injustices of that system."

Net wanneer jy dink dat die lig deurgebreek het in die groep, val selfs iemand soos Elsa [2-238] wat gewoonlik baie krities en onbevooroordeeld is met haar voorbeelde weer in die slaggat van klein apartheid: 'n Mens sou net dink, dat soos die mens meer beskaaf of slimmer raak, dat 'n mens sou agterkom – jy kan nie 'n ander mens so behandel nie. Apart sit, en hy mag nie dit en dat nie. Dit blyk oneindig moeilik te wees om verby klein apartheid te kyk en die onderliggende uitgangspunte van die beleid raak te sien.

> Vir swart mense is dit anders. Mense aan die ontvangkant weet baie beter wat apartheid aan hulle gedoen het. Toe Meiring (1975:76) vir Tsebe vra hoe wit mense teenoor hulle swart huiswerkers moet optree, spreek sy antwoord nie aparte geriewe of ander klein apartheid sake aan nie. Hy sê: "Die heel eerste ding wat ek vir die dames sal vra, is om julle bediendes as mense te aanvaar. Nie as masjiene nie."
>
> 'n Swart joernalis by die WVK sê dat versoening net sal plaasvind wanneer swart mense se menswaardigheid herstel is (Krog 1998a:45). Klaaste (1995:16) beskryf die effek van apartheid as die verswakking van swart mense ten opsigte van hulle families, finansies, taal, opvoeding en gesondheid.

By sommige wit mense hoor ons dieselfde kritiek. Van Wyk (1991:85) beskryf apartheid as die "denial of basic human dignity" en Meiring (1996:10) praat van die vernedering wat swart mense gely het. As König (1996:9) praat oor die NG Kerk en die WVK dan sê hy dat die wit mense, swart mense verneder het, en nie net een of twee nie, maar hele gemeenskappe, en nie net vir 'n jaar of twee nie, maar vir dekades. En die priester Michael Lapsley (aangehaal in Worsnip 1996:15) wat van sy ledemate verloor het in 'n

briefbom-ontploffing, sê die “struggle” was vir die “dignity of people.”

Om te erken dat die beleid van apartheid enigsins verkeerd was, bly vir wit mense baie moeilik. Die menings wat hieroor uitgespreek is in die groep varieer van Mike [6-265] wat sê: `Ou Dingaan het daar in sy kraal gebly, hy het geen blankes gehad wat in sy kraal gebly het nie, so hy het apartheid gehad` tot Isak [2-470] wat sê dat dit `nie vir die mense maklik gemaak [is] om ’n ander stem te wees nie`. Die onderliggende motief vir hierdie soort reaksie blyk self-regverdiging te wees. Dit is soortgelyk aan die houding van ’n groep wit polisiemanne waarvan Malan (1990:58) vertel: "Next to rugby and rain, the subject they most loved to discuss was the unfair and hypocritical way in which the rest of the world was ganging up on us over apartheid." ’n Brief in ’n soortgelyke trant verskyn in *Time*: “Australia's beleaguered and oppressed Aboriginal minority has always been a forgotten people, victimized by the same smug white Aussies who pointed fingers at those who offended their sense of ‘racial equity’, including South Africa” (Theron 1996:8). Almal en alles word blameer en die vinger word na ander gewys – solank wit Afrikaners nie (alleen) in die beskuldigde bank hoef te staan nie.

Soos wat maar dikwels in groepe gebeur, was dit nie lank voordat iemand gepoog het om die wit gemeenskap te verskoon nie. Danie [1-405] voer aan: `rassisme bestaan wêreldwyd. Dit was altyd daar, dit is daar en dit sal altyd daar wees` en voeg dan by `in ander lande... in Amerika... steek (hulle) dit mooi onder die kombers weg` [Danie 1-414].

Ongeag die argumente wat aangevoer word, blyk dit duidelik dat by baie van die groepslede daar weinig begrip is vir wat apartheid aan swart mense gedoen het en dat hulle ’n keuse gehad het in die saak. Mike [3-682] se argument oor of ’n swart vrou uit die kerk gegooi is omdat sy `stink` of omdat dit die wet van die kerk was wat haar verbied het om daar te wees, wys ’n geslotenheid van denke ten opsigte van persoonlike keuses. Later sou hy [Mike 6-269] ’n soortgelyke argument aanvoer.

> Die poging tot verontskuldiging is natuurlik nie geldig nie. Ons het meer as genoeg voorbeelde van wit mense wat ’n keuse gemaak het teenoor die gangbare standpunte. Mona (1998:21) is reg as hy sê: “Dis naïef om te dink dat ’n mens slegs optree volgens die manier waarop hy of sy gesosialiseer is, met geen onafhanklike denke of gewete nie.” John

> Matshikiza (2000:187) skryf: “It is probably true to say that a white person can never truly understand the effect that apartheid… has had on the minds of and bodies of black people… You have to be inside the experience to really feel it.”

Ek dink Matshikiza is reg en dit is onrealisties om te verwag dat die wit gemeenskap apartheid moet kan beoordeel in terme van wat dit aan swart mense gedoen het om die eenvoudige rede dat ons `nie regtig geweet [het] wat doen hierdie apartheid aan mense nie` [Elsa 2-475]. Soos Malan (1990:185) dit stel: “Our eyes are sealed by cataracts against which our white brain project their chosen preconceptions of Africa and Africans. Some whites see danger, some see savagery, some see victims, and some see revolutionary heroes. Very few of us see clearly." Die onthullings voor die WVK sou egter baie wit mense se oë oopmaak.

## 5. Die onthullings voor die WVK

Vir baie van die apartheidsjare kon wit Afrikaners onkunde aanvoer oor die erns van die situasie in Suid-Afrika. Hulle kon argumenteer dat die probleme veroorsaak word deur ’n klein groepie ontevrede jong swart mense en dat swart mense in die algemeen heel tevrede was met hulle situasie. Vir hulle was daar geen dwingende rede om die Suid-Afrikaanse manier van lewe te verander nie.

En toe kom die WVK soos voorsien deur die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening (Wet 34 van 1995) (Meiring 1999a:12). Die doel van die WVK was, soos die naam van die wet lui, die bevordering van nasionale eenheid en versoening in Suid-Afrika. Ten einde so verteenwoordigend as moontlik te wees, is lede van al die verskillende gemeenskappe ingesluit op die verskillende komitees van die WVK.

Volgens die destydse minister van Justisie, Mnr. Dullah Omar, was die WVK se taak:

> …(to) establishing as complete a picture as possible of the causes, nature and extent of the gross violations of human rights which were committed during the period from 1 March 1960 to the cut-off date including the antecedents, circumstances, factors and context of such violations, as well as the perspectives of the victims and the motives

> and perspectives of the persons responsible for the commission of the violations, by conducting investigations and holding hearings (Meiring 1999a:13).

Die verklaarde doelwit van die WVK was dus om alles wat in die naam van apartheid gedoen is, te ontbloot. Elke geheime wandaad sou uitgewys word. As dit ’n menseregte-vergryp was, sou die hele wêreld daarvan hoor, en ook die naam van die skuldige party. Alles in die openbaar, dikwels vir die heel eerste keer.

Swart mense het begin om hulle stories in die openbaar te vertel en dit is wêreldwyd uitgesaai. Die reaksie wat dit veroorsaak het, kon skaars voorgestel word. “The black people in the audience are seldom upset. They have known the truth for years. The whites are often disconcerted: they didn't realize the magnitude of the outrage, the ‘depth of depravity’ as Tutu calls it” (Krog 1998a:45). Elders sê Tutu dat Afrikaners geskok is, “juis nie deur die leuens nie, maar oor soveel waarheid, soveel aaklighede. Hulle wil dit eerder nie weet nie, eerder glo dis leuens” (Retief 1998:15).

Dit sou onrealisties wees om te verwag dat almal opgewonde moes wees oor die WVK, of selfs dat al die verhale wat daar vertel is, geglo sou word. Selfs die mooi ideaal van versoening deur die vertel van persoonlike verhale, was seker meer wensdenkery as realiteit. Die een ding wat die WVK wel gedoen het, was om die apartheidsgeheim aan die wye wêreld bekend te maak. Dit wat vermoed was, waarvan agter geslote deure gepraat is, waaroor saggies gefluister is, was nou in die openbare domein. Dit op sigself was al ’n groot prestasie – nie altyd aangenaam nie – maar nogtans ’n prestasie. Die implikasies hiervan word só deur Krog (1998a:89) verwoord: “Because of these narratives, people can no longer indulge in their separate dynasties of denial.”

Krog (1998a:144) wy ’n hoofstuk in haar boek aan briewe wat sy oor die WVK ontvang het. Sy verwys na ’n brief van ’n ene Tim waarin hy sy beproewing as negentienjarige jong man beskryf toe hy uit die weermag gedros het en deur die SA Polisie aangekeer en gemartel is. Hy vertel van die waarde wat die WVK-proses vir hom gehad het om met homself vrede te maak. Hy waardeer die einde wat gemaak is aan die stilte as hy sê: “...we are no longer living under the tyranny of silence”.

Oor en oor vertel swart mense dieselfde verhaal aan die lede van die WVK: ’n verhaal van teistering, van marteling, van verdwynings, van moord. Hulle vertel verhale van

mense wat deur ander mense soos diere behandel word. En die hartseerste deel van hierdie hoofstuk in ons geskiedenis is die name wat keer op keer opduik in die verhale, wit name, hoofsaaklik Afrikaanse name: Basson, Barnard, Groenewald, Nieuwoudt, Van der Merwe en Van Zyl. Die boek wat Krog skryf oor haar werk as joernalis by die WVK, dra sy op aan “every victim who had an Afrikaner surname on her lips.”

Die mede-navorsers het ook vanne gehad soos Basson, Barnard, Nieuwoudt en so meer. Die WVK-onthulling sou nie by hulle kon verbygaan nie. Soos die res van die samelewing het hulle ook gereageer op dit wat hulle by die WVK gehoor het. Die volgende afdeling gee hieraan aandag.

## 6. Reaksie op die onthullings

Soos te wagte was die lede van die wit gemeenskap – die bevoordeeldes van apartheid – nie baie gelukkig om hierdie verhale te hoor nie. Baie beskuldigings van ongetoetste bewyse en bewerings (Krog 1998a:162) is gerig aan die WVK, maar hoe ongetoets dit ook al mag wees, die donker sy van apartheid was ontbloot en die wêreld het gereageer op dit wat hulle gehoor het.

In die groep was daar ’n wye reeks van reaksies op die WVK, van aanvaarding tot totale verwerping. In die volgende vyf afdelings bespreek ek van die belangrikste reaksies van die mede-navorsers. Hierdie vyf diskoerse kom net so uit die gesprekke van die mede-navorsers en was ook by almal teenwoordig. Saam gee dié vyf ’n goeie oorsig oor die sentimente van die groep.

### 6.1 “Dit is nie só nie”

Die reaksie van die mede-navorsers op die onthulling by die WVK verskil, maar toon tog ’n bepaalde ooreenkoms. Die eerste drie reaksies is variasies van Weingarten se vierde (swart) kwadrant soos in hoofstuk twee verduidelik is. Die mede-navorsers beskou hulleself as beide *onbewus* en *ontmagtig*. Hulle beweer dat hulle nie geweet het nie, en selfs al sou hulle geweet het van die negatiewe impak van apartheid, was hulle nie by magte om iets daaraan te doen nie. Kaliski (aangehaal in Krog 1998a:162) noem sulke mense “pedestrians,” bloot “passers-by” wat beweer hulle het nie geweet

wat aan die gebeur was nie.

Die eerste reaksie van die groep, en van mense van buite, is die een van ontkenning. Hierdie reaksie neem verskillende vorme aan: Enersyds is daar ’n volledige ontkenning dat enigiets verkeerds ooit gebeur het. Andersyds is daar diegene wat wel ruimte laat vir ’n beperkte erkenning, maar dit word onmiddellik teengewerk met argumente oor die voordele van apartheid vir die swart inwoners van Suid-Afrika. Voorstaanders van hierdie eerste posisie, naamlik dat apartheid nie so erg was nie, bestaan binne die navorsingsgroep, maar ook in die breë gemeenskap.

Reeds in 1985 skryf oud-predikant en koerantman Willem De Klerk (1985:90) ’n evaluering van die destydse politieke situasie. Hy lys vyf groot Bybelse beginsels waaraan enige politieke sisteem beoordeel moet word, naamlik liefde, regverdigheid, vryheid, ordelikheid, vrede. Hy gaan dan voort om te sê dat ’n saak uitgemaak kan word dat hierdie vyf beginsels die basis van die beleid van aparte ontwikkeling uitmaak. Hy gee toe dat daar bepaalde foute in ons politieke houdings en gesindhede is en dat dit moet verander. Hiervoor moet wit mense kollektiewe skuld aanvaar. Sy volgende woorde sou nog baie gehoor word in die tyd van die WVK: “*Natuurlik* [sy beklemtoning] is daar ook ’n hoop skuld op die skouers van gekleurdes” (De Klerk 1985:91).

Tydens die tweede groepsgesprek vra ek die vraag: `Wat maak Suid-Afrika dan nou so sleg? As julle dan nou sê dit gebeur orals, hoekom hierdie hengse klomp stof oor ons?` [Albert 2-103]. Isak [2-106] se antwoord is nogal onthullend: `Ons was naïef, en ons was eerlik`. Dis asof hy daarmee wil sê dat wit mense maar kon diskrimineer solank dit net nie amptelike beleid was nie. Hierdie posisie word bevestig deur Hanlie [2-108] wat sê `dis omdat dit op die wetboeke was`. Dit is ’n argument wat ek ook kleintyd in my ouerhuis gehoor het.

Tydens die vierde gesprek keer Johan [4-497] terug na hierdie tema en veral die oorsprong van apartheid. Hy voer aan dat Verwoerd geen slegte bedoelings met apartheid gehad het nie, dit het eers later gekom. In ’n latere gesprek sou Mike [6-057] sê: `die slegte gedeelte van apartheid... dit is wel sonde`. Die implikasie is duidelik: apartheid was nie so sleg soos daar gesê is nie.

In ’n koerant se briewekolom word ’n soortgelyke saak aangeraak. Iemand vra "So how bad could Apartheid have been?" (Krog 1998a:3). Tydens die besigheidsektor se

voorlegging aan die WVK maak Nigel Bruce, die destydse redakteur van *Finance Week* selfs die opmerking: "We English have never been advantaged by Apartheid" (Krog 1998a:241). Dit is duidelik dat baie mense totaal uit voeling is met die effek van apartheid. Hulle posisie is amper so absurd soos dié van P.W. Botha wat in 1986 teenoor die leier van die amptelike opposisie beweer het dat die meerderheid swart mense hom steun (Slabbert 1999:27).

Daar is ook 'n ander tipe ontkenning wat sê dat alhoewel apartheid verkeerd was, dit nie nét verkeerd was nie, maar dat daar tog baie goed uit gekom het (Giliomee 1998:12). Dit is die standpunt wat lui dat as gevolg van apartheid "RSA is on the whole a great deal better off than any other country in black Africa" (Cross 1991:29).

Die een area wat gewoonlik aangedui word as bewys dat die swart mense onder apartheid soveel beter af is as baie ander Afrikalande, is die skoolstelsel. Daar word beweer dat swart mense toegang gehad het tot skole wat deur die apartheidsregering voorsien is, dikwels opgevolg deur 'n opmerking oor die swart jeug, wat skole afgebrand [het] [Frans 7-633].

> In reaksie op hierdie posisie plaas Rose 'n ander perspektief op die tafel. Rose beskryf haarself as 'n kleurlingvrou wat Afrikaans gee by 'n hoërskool in die plaaslike kleurling-woonbuurt. Vir haar word apartheid gedefinieer deur die woord "minder", minder mens, minder werker, wat jy ook al aan minder kan sit, dit is apartheid [Rose 7-133]. Sy beskryf haar skool: Ons het 'n ding wat veronderstel is om 'n laboratorium te wees. Al wat daarin is, is 'n glaskas en wasbakke met die krane. Dis 'n laboratorium by 'n kleurlingskool. Dis waar ek praat van die minder [Rose 7-135]. Selfs die onderwysers se salarisse was minder: Tot en met 1983 was 'n kleuring onderwyser, swart onderwyser se salaris nog minder, bykans die helfte minder as 'n wit onderwyser s'n [Rose 7-137]. Later in die gesprek verduidelik sy dat die regering bereid was om 'n persoon met net twee jaar post-matriek opleiding in 'n kleurlingskool aan te stel, maar vir die wit skole was die vereiste ten minste drie of vier jaar opleiding. Maar selfs die bruin ou met matriek en vier jaar het nog steeds minder gekry as

> die wit ou met matriek en vier jaar [Rose 7-150]. Selfs die eksamens bevoordeel die wit skole. Die vraestelle vir die kleurling skole is moeiliker as soortgelyke vraestelle vir die wit skole. Vergelyk jy 'n standerd agt Raad van Verteenwoordiger-vraestel (die bruin vraestel), is die gelykstaande aan 'n wit matriek vraestel [Rose 7-155].
>
> Dit is dus 'n vraag of swart en bruin Suid-Afrikaners ten opsigte van onderwys werklik so baie gehad het om oor bly te wees soos hierbo beweer word.

In 'n ander aspek van ontkenning verskoon van die mede-navorsers hulleself so: ek het nooit gepraat van 'n "kaffer" nie, ek het nooit sleg gepraat van die ander persoon, van die anderskleurige nie [Danie 4-062] of elders Ek voel nie skuldig as 'n rassis nie, want ek het nooit hulle gehaat of benadeel nie [Mike 2-658]. Die rasionaal hieragter is blykbaar dat indien jy nie self swart mense anders behandel as wit mense nie, daar nie 'n probleem met apartheid is nie – in elk geval nie wat jouself aanbetref nie.

> Jonker (1998:210) weerlê hierdie posisie baie goed wanneer hy aanvoer dat swart mense se bitterheid niks te make het met die manier waarop ons as individue teenoor hulle opgetree het nie, maar oor die opset in die land wat ons bevoordeel en hulle benadeel het. 'n Ander wit waarnemer, Nicol (1989:67), stem saam dat die probleem nie gesetel is in individuele handelinge nie, want "many of the agents of the Apartheid ideology were and are not bad people with personal hate for blacks, but they built a social system which was based on the fact that whites do not like blacks to be close to them and which damages the prospect of blacks. This is hate. This is a direct contradiction of the will of God."

Watter argumente die wit gemeenskap ook al aanvoer ter ontkenning van die impak van apartheid, dit sal nie die verhale van diegene aan die ontvangkant van apartheid, soos dit aan die WVK vertel is, ongedaan kan maak nie. Geen argument kan aangevoer word dat apartheid nie die swart mense van Suid-Afrika nadelig geraak het nie. Hoeveel goed daar ook al gedoen is in die apartheidsera, dit is gedoen met die

goedkoop arbeid van swart mense en ten koste van hulle menswaardigheid. Hoeveel dit ook al mag waar wees dat ’n wit individu nie swart mense anders behandel het as wit mense nie, bly dit ’n feit dat die apartheid stelsel swart mense fundamenteel anders behandel het as wit mense.

## 6.2 “Die Rooi Gevaar”

Daar is ook ’n tweede reaksie wat, nes hierbo, “pedestrian”-status (Krog 1998a:162) opeis ten opsigte van die bevindings van die WVK. Dit is naamlik dat mense hulleself ten opsigte van apartheid bloot as onbetrokke toeskouers sien. Volgens Weingarten se skema beskou hierdie mense hulleself ook as beide *onbewus* en *ontmagtig*, soos die ontkenners hierbo. In hierdie geval is die groot verskoning die eksterne bedreiging van kommunisme. “...South Africa now faces to the north the Marxist regimes in Angola, Zimbabwe and Mozambique” (Stavrianos 1982:478). Ook die destydse minister van buitelandse sake, Pik Botha, sluit hierby aan as hy reageer op kritiek op die NP se 1983-grondwet. Hy sê: "Hulle bedoel dit seker goed, maar hulle val maklik in die hande van Moskou. Die basiese stukrag in alle teenstand kom van Moskou af" (aangehaal in Meiring 1985:37).

In die groep was sommige lede baie uitgesproke oor die onthullings voor die WVK en het beweer dat hulle nie bewus was van die moorde en menseregte skendings [Johan 6-208] nie. Asook dat hulle afsonderlike ontwikkeling ondersteun het, en nie moord nie [Johan 6-209]. En dan word aangevoer dat kommunisme die rede agter die wreedhede was: Al hierdie dinge wat ons nou hoor voor die WVK, wreedhede, dit is nie alles as gevolg van apartheid gepleeg nie. Daai ouens het uitgerafel omdat hulle iets anders verdedig het as apartheid. Ons het laas ook oor die kommunistiese bedreiging gepraat... [Johan 6-211].

Tydens ’n ander gesprek het Johan wéér oor kommunisme gepraat. Die implikasie van sy woorde is duidelik, naamlik dat ons die impak en implikasies van kommunisme totaal onderskat: het iemand al ooit... die invloed van die kommunisme op ons beeld van dat apartheid so sleg is, gaan bepaal [Johan 4-504]. Hy impliseer dat die wêreldwye veroordeling van apartheid nie so prominent sou gewees het as dit nie vir die kommunistiese propaganda was nie. ’n

Soortgelyke aanspraak word ook gemaak deur Adendorff (1987:1) wanneer hy die Suid-Afrikaanse situasie eksklusief evalueer in terme van die kommunistiese aanslag.

Ek vra die vraag: Hoekom het die swartes aanklank gevind by kommunisme? [Albert 4-606]. Twee opponerende menings is hieroor uitgespreek. Elsa [4-609] wonder of hierdie kommunisme nie vir die swartmense 'n rytuig was, 'n sisteem om hulle te help met hulle vryheidstryd nie? Hierteenoor stel Johan [4-614] die kommunistiese ekspansionisme idee: Ek sê juis die teenoorgestelde, die kommuniste het apartheid gebruik om 'n atmosfeer in hierdie land te skep. Ek meen, wat was hulle beleid gewees? Dit was ekspansionisme, hulle wou hierdie land vat vir sy grondstowwe.

Gegewe die agtergrond van sensorskap [Hanlie 2-460], disinformasie (De Kock & Gordin 1998:119) en breinspoeling [Danie 2-405] gedurende die apartheidsjare, is dit te verstane dat wit mense so 'n vaste geloof gehad het in die sogenaamde *Rooi Gevaar* (die verwysing na die bedreiging wat die kommunistiese ekspansionisme vir Suid-Afrika inhou) en die ander PW Botha konsep van die *Totale Aanslag*. In 1977 het Botha hierdie begrip gebruik om daarmee aan te dui dat Suid-Afrika op verskillende terreine bedreig is "by communists backed, or even coordinated, by Russia" (Boddy-Evans 2008). Elsa [4-550] se stelling dat kommunisme die Antichris [was] wat ons moes beveg, wat ons Christendom bedreig, was destyds wyd aanvaar. Human (2006:196) praat van 'n "Blanke Suid-Afrikaanse mentaliteit" wat reeds in die vroeë jare sestig bestaan "dat die staat en die samelewing bedreig is deur kommunisme."

'n Magdom literatuur het oor baie jare verskyn oor die bedreiging van die kommunisme. In sy boek *The Red Trap* poog Vermaas (1966) om 'n kort geskiedenis van die Kommunistiese Party en dié liggaam se vertakkings te gee. Hy doen dit deur grafiese beskrywings van swart op wit geweld wat hy alles toeskryf aan militante kommunisme. Geweld wat in die Transkei tuisland uitbreek teen 'n rehabilitasie-skema van die regering, skryf hy toe aan "Communist agitators" (Vermaas 1966:105).

'n Ander boek oor hierdie tema is die NG Sendingpers se *Kommunistiese vrede of Christelike stryd* (Du Plessis 1978). Hierin kontrasteer Du Plessis kommunisme met Christenskap en hou hy dit voor as 'n godsdiens met 'n eie plan van verlossing. Hy

gaan dan voort om te sê dat dit die kommunistiese propaganda is wat die wit regerings van Suider-Afrika voorhou as die onderdrukkers van die swart mense. Uitvoerige aandag word gegee aan die slegte prestasies van die kommunistiese state en Sowjet imperialisme wat as die finale doelwit het die beheer oor die Kaapse seeroete. Du Plessis argumenteer dat bevrydingsbewegings 'n belangrike rol speel in die Sowjet doelwit van wêreldwye kommunisme. In Suid-Afrika, argumenteer hy, beteken dit dat die Sowjet-Unie, as die groot voorstander van kommunisme, die bevrydingsbewegings soos die African National Congress (ANC) gebruik om "onrus" in Suid-Afrika aan te blaas.

Dit is duidelik waarom wit Suid-Afrikaners oortuig was van die kommunistiese bedreiging. De Kock en Gordin (1998:49) onderstreep dit wanneer hulle sê dat De Kock grootgemaak is "to be strongly anti-Communist." Hanlie [4-569] sê

> [kommunisme] het net een *label* gehad in SA, of net twee: dit was goddeloos of die monster wat ons land gaan oorneem, dit was waaroor baie van ons jong seuns en manne op die grens gaan veg het, terwyl hulle nie eers geweet het wat kommunisme regtig is nie.

Dit korreleer goed met De Kock en Gordin (1998:100) se beskrywing van die situasie in die land ten tye van die sogenaamde *Totale Aanslag*. Wat hulle sê is waarskynlik waar van die meeste wit Afrikaners in daardie tyd: "We were told that the communists were responsible for instigating social and labour unrest, civil disobedience, attacks by terrorists on the country's infrastructure, and the intimidation of black leaders and members of the security forces" (De Kock & Gordin 1998:100). Hierdie standpunt is wyd aanvaar en nie deur die meerderheid wit mense bevraagteken nie. Ek herinner my hoe hierdie tema in die laat jare sewentig gereeld op die agenda was van die FAK[24] se jeugleiers-konferensies.

Volgens wit mense se verstaan van die *Totale Aanslag,* het Suid-Afrika nie interne probleme gehad behalwe dit wat deur die aanslag van die ANC en ander teenstanders van apartheid as "Soviet Union's trojan horses" (De Kock & Gordin 1998:91) veroorsaak is nie. Wanneer swart mense egter skryf oor kommunisme, het hulle 'n

[24] Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) het in daardie tyd jaarlikse byeenkomste vir Afrikaanse skole se jeugleiers (soos prefekte of leerlingraadslede) aangebied.

totaal ander perspektief. Vir hulle was kommunisme 'n vennoot in hulle stryd teen onreg en verdrukking wat hulle elke dag ervaar het.

> Villa-Vicencio (1993:156) rapporteer 'n onderhoud wat hy met Nelson Mandela gehad het. Hy het hom onder andere uitgevra oor die alliansie tussen die ANC en die SA Kommunistiese Party. Mandela se antwoord was: "During World War II Roosevelt, Churchill and De Gaulle established an alliance with Stalin in order to fight fascism. That alliance changed the course of history. On the same basis the ANC made an alliance with the SACP to fight racism and white domination."
>
> In sy biografie van Mandela haal Meredith (1997:132) vir Albert Lethuli aan wat gesê het: "I shall work with all who are prepared to stand with me in the struggle for liberation of our country." Mandela (aangehaal in Meredith 1997:133) self het 'n soortgelyke standpunt oor die verhouding tussen die ANC en die kommuniste: "Theoretical differences amongst those fighting against oppression is a luxury we cannot afford…"
>
> Ook 'n ander rolspeler in die vryheidstryd, Govan Mbeki, sien die Kommunistiese Party as 'n beweging wat veg vir die armes en die werkers, teen die ryk en die welaf, op 'n manier waarop die kerk dit nie naastenby gedoen het nie (Villa-Vicencio 1993:168).
>
> Terwyl baie wit Suid-Afrikaners die kommuniste beskou het as die grootste openbare vyand, was hulle vir die swart gemeenskap 'n vennoot teen verdrukking.

In sy voorlegging aan die WVK verwys die leier van die *Vryheidsfront*, Generaal Constand Viljoen (1997:elektroniese bron) na "the Soviet Union as the main supporter of the ANC" en dat sake in Suid-Afrika anders sou verloop het as dit nie vir die kommunistiese steun aan swart mense was nie. Giliomee (1996:9) se reaksie hierop in sy kolom in die *Beeld* is insiggewend. Hy sê dat swart mense met dieselfde ywer sou veg selfs al het hulle nie kommunistiese steun gehad nie.

Die kommunistiese bedreiging het 'n baie handige "vyand" daargestel waarteen die apartheidsregering wit mense kon saamsnoer. Die vermeende bedreiging van hulle

godsdiens, hulle land en hulle manier van leef was genoeg om hulle blind te maak vir die onderliggende ontevredenheid van swart mense wat gemaak het dat hulle hulp van enigeen gesoek het, selfs van die kommuniste. Wit Suid-Afrikaners was so behep met die bevegting van kommunisme dat hulle `die legitieme besware van swartmense... teen die stelsel... van die tafel afgevee` [Albert 4-592] het. Toe Treurnicht (1985:5) die beleid van apartheid teen die Nasionale Instituut vir Versoening verdedig het, het hy sy hele verdediging gebaseer op die bedreiging van kommunisme. Vir die geregverdigde besware en behoeftes van swart mense het hy geen begrip getoon nie.

> Tydens die Rivonia-verhoor sê Nelson Mandela (1964) “At the outset, I want to say that the suggestion made by the State in its opening that the struggle in South Africa is under the influence of foreigners or communists is wholly incorrect… It is true that there has often been close co-operation between the ANC and the Communist Party. But co-operation is merely proof of a common goal – in this case the removal of white supremacy…”
>
> Hy motiveer hierdie standpunt van hom later as hy verwys na lande soos Maleisië, Algerië en Indonesië wat elkeen ook ’n bevrydingstryd gehad het waarin die kommuniste ’n rol gespeel het, sonder dat die lande uiteindelik kommunisties geword het. Hy verwys ook na die Sjinese generaal Chiang Kai-Sjek “today one of the bitterest enemies of communism” wat saam met die kommuniste geveg het teen die heersersklas in ’n stryd wat gelei het tot die verkryging van mag in die 1930’s.

Die presiese omvang van die kommunistiese bedreiging en die invloed van Moskou op die swart weerstand teen apartheid val buite die omvang van hierdie studie. Wat wel uit die gesprekke met die mede-navorsers en uit die algemene literatuur vasgestel kan word, is dat wit mense oortuig was van hierdie bedreiging en geglo het dat dit die rede vir swart mense se verset teen apartheid was.

## 6.3 “Ons is mislei”

’n Derde reaksie op die WVK-onthullings is soortgelyk aan die vorige een, maar tog in ’n belangrike opsig anders. Weereens word beweer dat wit mense nie in ’n posisie was om te weet van die impak van apartheid nie, en selfs al was hulle, sou hulle niks daaraan kon doen nie. Hierdie keer is die verweer dat dit eksterne faktore was wat wit mense in Weingarten (2000:396) se *onbewus* en *ontmagtig* kwadrant ingedwing het. Die basis vir hierdie aanspraak is dat die regering die inwoners – lees wit mense – mislei het deur die mag wat hulle uitgeoefen het oor die media asook deur direkte intervensies soos die noodtoestande en doelbewuste leuens aan die publiek.

Dit is algemeen bekend en word so aanvaar dat wit Afrikaners uit ’n baie godsdienstige agtergrond kom, hoofsaaklik Calvinisties Protestants. In hierdie omgewing word groot klem geplaas op die respek verskuldig aan ouers en leiers. Dit het onder andere beteken dat hulle vertrou moes word sonder om hulle te bevraagteken of teen te gaan. Afrikaners het dikwels ’n blinde lojaliteit teenoor die kerk, politieke leiers en kultuurorganisasies (Gunning 1998:1).

In die gesprekke is hierdie sentiment dikwels uitgespreek: `Ek is nou nog so verstom dat die Afrikaners so ’n onwrikbare geloof in ons kerkleiers gehad het, en ook ons politieke leiers` [Isak 1-612]. Hulle word beskryf as `nasionale helde` [Isak 1-615] wat nie bevraagteken is nie. Oor die beleid van apartheid en die gehoorsaamheid daaraan sê Mike [6-236]: `apartheid was ’n beleid wat gevorm was deur ’n party en ons het blindelings saamgeloop`.

Ander was meer krities oor die leiers in hulle beoordeling van apartheid. Danie [2-404] gebruik woorde soos `indoktrinering, persepsies vorm... brein-spoeling` wanneer hy van die rol van politieke leiers praat. Naudé (1995:101) verwys ook na die idee van breinspoeling terwyl (De Kock & Gordin 1998:28) sê "... the South African public – doubtless including staunch supporters of the National Party – were cruelly misled."

In 1990 word regter Louis Harms aangestel as die hoof van die *Kommissie van Ondersoek na Sekere Beweerde Moorde* wat in daardie jaar gepleeg is. Wanneer De Kock en Gordin (1998:188) die leuens beskryf wat Eugene De Kock en ander aan die

Harms Kommissie vertel het, stel hulle dit so: “in the world inhabited by Harms and most other white South Africans, there *was* [hulle beklemtoning] no reason to doubt forms produced by the police.” Nie alleen die burgers van die land nie, maar ook die regstelsel is mislei. Wit Suid-Afrikaners was so goedgelowig dat dit nooit by hulle opgekom het om die situasie in die land te bevraagteken nie. Ons is grootgemaak om nie te bevraagteken nie, maar te gehoorsaam (Swanepoel 1997:15).

Een van die redes vir hier nie-bevraagtekening was die gevaar van etikette. Persone wat gewaag het om die bestaande orde te bevraagteken of om te vriendelik te wees met swart mense, is gou-gou `uitgekryt as kafferboeties en kommuniste` [Isak 1-616]. Isak vertel hoe hy in ’n plattelandse dorpie gery het met ’n swart vroulike kollega langs hom in die motor. Dan sê hy: `Jy moet kyk hoe kyk daai boere in hulle bakkies my aan. Hier is ’n groot liberalis, kommunis` [Isak 3-507]. Selfs swart mense getuig van die negatiewe effek wat so ’n etiket op ’n swart mens in ’n wit wêreld gehad het vir jou werksekuriteit en bevorderingsmoontlikhede [Quincy 7-079].

> Teen hierdie agtergrond is dit nie verrassend nie dat oud-president Nelson Mandela (aangehaal in Murphy 1997:92) na bewering gesê het: “The Afrikaners are decent people who have been misled by their leaders.”
>
> Toe hierdie misleiding ontdek is – individueel of kollektief – was dit asof die mat onder hulle uitgetrek is. Ackerman (1996:34) vertel van ’n jong wit Afrikaanse student wat vir haar sê: “My parents lied to me, my school lied to me, our leaders lied to me and the church lied to me. I don’t even know the truth about God.”

Almal kan saamstem dat die mense van die land mislei is. Almal kan saamstem dat die waarheid vir die meeste Suid-Afrikaners weggesteek was. Maar almal moet ook saamstem met Worsnip (1996:149) dat *iemand* iets moes geweet het. Selfs Chris de Jager, voormalige parlementslid vir die Konserwatiewe Party en Vryheidsfront asook stigterslid van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) en later lid van die WVK het die indruk gekry dat selfs politici in die parlement gekies het om anderpad te kyk (Brynard 1998:21).

> Villa-Vicencio (1993:86) sit sy vinger op die probleem as hy jare terug al sê: The problem is that most whites are simply unexposed to the lot of black people in this country. They are fed each day on propaganda, told what to believe and brainwashed into believing that the poor have brought their poverty onto themselves."

Dit is daarom te verstane dat wit mense nie weet van die lyding of bekommernisse van swart mense nie. Dis maklik om te beweer dat jy mislei is, maar is dit die volle verhaal? Is daar nie meer aan nie? Ek is van mening dat Bosch (1992:3) dalk reg is wanneer hy skryf: "Our most terrible guilt is that of which we are 'unaware.' We pretend not to see, not to know, but there is no excuse – it is this pseudo-innocence that sends us into eternal punishment."

### 6.4 "Dinge het tog verander"

Die vierde groep besware teen die onthullings van die WVK handel oor die idee dat dinge in Suid-Afrika tog baie verander het oor die afgelope aantal jare. By die mede-navorsers is daar 'n (soms onuitgesproke) erkenning dat baie dinge nie reg was in die tyd van apartheid nie, maar dat dit uitgekanselleer word deur die goeie wat die wit regering teweeggebring het.

Volgens Weingarten (2000) se verdeling is hier sprake van 'n matige verskuiwing uit die swart blok. Wit mense het teësinnig erken dat apartheid dalk nie 'n volmaakte stelsel is nie. En terselfdertyd het hulle ook erken dat hulle wel mag het om dit te verander deur hulle stemreg. Hulle voer aan dat die beleid wel oor tyd geskuif het en meer toegewings aan die ander bevolkingsgroepe gemaak het.

So beweer Johan [3-708] byvoorbeeld in een van die gesprekke: `Al het jy Nasionaal gestem, het jy nie elke keer vir dieselfde ding gestem nie`. Hy voer aan dat elke vier of vyf jaar wat die wit mense kans gehad het om te `stem jy gedink [het] ons is op die regte pad daarom stem ek weer vir hulle` [Johan 3-710]. Daar was blykbaar genoeg vooruitgang in die beleid van die regerende party om telkens weer vir hulle te stem.

Terwyl sommige Afrikaanse kommentators die regering se inisiatiewe, soos P.W. Botha se 1979 twaalfpunt-plan, as positief beskryf (Viljoen 1981:53), en die 1983-referendum en gevolglike driekamer-parlement (Booysen & Van Wyk 1984) ten minste as “a starting point” beskou (Van Wyk 1991:96), meen ander dit was maar net “more of the same” (Serfontein 1982:54). In die groep is ook na hierdie tipe verandering verwys as sou dit *window dressing* [wees] vir alle praktiese doeleindes [Albert 2-505]. ’n Gesaghebbende akademikus soos Sampie Terreblanche (1990:116) praat selfs van "die algehele ontoereikendheid van die NP-regering se sogenaamde hervormings-beleid...”. Hierdie beswaar kom omdat hervorming gepropageer word (De Klerk 1985:93), maar niks gedoen word om die menswaardigheid van die swart inwoners van die land te bevorder nie. Dit is hoekom Serfontein (1982:195) verwys na die NP se hervormingsinisiatiewe as “no change, only movement.”

> Professor Njabulo Ndebele (1989:104) vergelyk die verandering in Suid-Afrika met ’n vuurwerkvertoning en noem dit dan “a tragic make belief.” Vir hom wys dit na “a dead past and memories of its glory, rather than something alive, feeding the unfolding future.” Hy sien “no heroism” in die tipe verandering wat die regering oor jare voorgestel het nie.
>
> Alden (1996:275) is reg as hy beweer die meerderheid swart mense in Suid-Afrika en die internasionale gemeenskap beskou die Botha-administrasie se pogings tot politieke verandering bloot as skyn-pogings tot verandering “…without fundamentally jeopardizing white power and interests.” Alle sodanige pogings tot hervorming slaag alleenlik daarin om die wêreld te oortuig van ’n “singular reluctance to tackle the root racialist assumptions which underlaid these policies” (Alden 1996:276). Dit is daarom verstaanbaar wanneer Qwelane (1998:22) sê die houding van wit Suid-Afrikaners “had not changed and black dignity was still not respected.”

Dit mag so wees dat baie wit mense positief was oor die verskillende veranderings wat geïmplementeer is deur die regering op verskillende tye, maar fundamenteel was dit van geen waarde nie. Dit was die spreekwoordelike rondskuif van stoele op die dek van 'n sinkende skip.

> Stavrianos (1982:478) stel dit so: “It is generally agreed that apartheid is not a viable program, either economically or politically.” Hy noem 'n paar ekonomiese redes, maar skryf dan oor swart mense wat aandring om deel te wees van een verenigde Suid-Afrika en nie burgers van kunsmatige tuislande nie: “Most important of all, the great majority of Africans have no desire to be isolated as separate “tribal” entities. Instead, they demand a fair share in the united South Africa of which they are an integral part. In this demand they are backed by the growing power of African nationalism in the rest of the continent.”

Die 1983-grondwet wat baie wit mense beskou het as ’n tree in die regte rigting, was vir swart Suid-Afrikaners “the final insult” (Malan 1990:151). Vir die swart bevolking was dit 'n verdere ontkenning van hulle posisie in Suid-Afrika. Kotzé (1990:58) beskou die aanvaarding van die 1983-grondwet as “een van die belangrikste redes vir die massamobilisasie van 1983/1984 wat tot groot geweld gelei het.” Wit Suid-Afrikaners kon nie verstaan dat om voor in die bus te sit of dieselfde toilette te gebruik, nie die kernsaak was nie. Hulle kon nie verstaan dat die uitdaging baie dieper gelê het nie. Vir hulle was die beleid ten goede aan die verander.

## 6.5 “lewers het dinge verskriklik verkeerd geloop”[25]

Net soos wat dit oor die algemeen moeilik is om die sonde in jou lewe raak te sien en te erken, is dit baie moeilik vir wit Suid-Afrikaners om te erken dat apartheid verkeerd was en dat hulle ’n aandeel daarin het. Deur al die gesprekke was daar altyd iemand wat wou ontken dat apartheid ooit verkeerd was of dat hulle iets te make gehad het daarmee. In terme van Weingarten (2000) se model word die mate van verskuiwing na ’n *bewuste* posisie weer ongedaan gemaak deur die ontkenning van enige probleme met apartheid.

Elsa [3-485] probeer om die bejaardes te verskoon wanneer sy sê: `Die ouer mense was so gewoond aan dié goed dat hulle nie regtig besef het dit is verkeerd nie`. Sy erken dat `daar nog steeds mense [is] wat so dink` [Elsa 3-486]. Frans [2-279] se verskoning is dat ons apartheid `geërf` het en hy

[25] Hierdie opskrif verwys na ’n opmerking van Tutu tydens die WVK se ondersoek na die optrede van Winnie Mandela (Krog1998:259).

volstaan daarmee dat net die slegte gedeelte van apartheid [Frans 6-057] verkeerd was, soos om hulle nie toelaat om deel te hê aan die dinge wat vir ons almal geskenk was van Bo af [Frans 6-058] nie.

Ben [6-671] is heel eerlik as hy sê: Hier is nog baie mense in ons gemeente wat nie gelukkig is om te sê dit was verkeerd nie. Isak [1-622] sê: Oor apartheid het ek redelik vrede in my hart en gaan dan voort om te sê: ...ek besef dit was nooit reg nie, maar... jy kon sê dit was al manier waarop ons kon oorleef [Isak 1-622]. Frans [2-447] is tog gewillig om te erken ons was bang vir die verwerping... jy wil liewers in jou *comfort zone* bly. Dit lyk of wit Afrikaners steeds – nes kort na 1948 – bang is om die prys te betaal vir 'n politieke sisteem anders as apartheid (Malan 1990:19).

Ten spyte van wat baie wit Suid-Afrikaners gedink en gesê het, was die onthullings voor die WVK net te verdoemend, te oorweldigend om te ignoreer. In die woorde van die psigiater Kaliski (aangehaal in Krog 1998a:129) "The TRC is where the reality of this country is hitting home and hitting home very hard."

Uiteindelik het sommige erken dat apartheid verkeerd was en dat wit Afrikaners steeds ten minste gedeeltelik te blameer is. Maar dit is moeilik om te erken dat dit wat vir jare voorgestaan is, verkeerd was. In hierdie sin was dit nie anders as in ander lande nie. Uit Amerika skryf Terry (1975:44) dat wit mense nodig het om "intimately conversant" te raak met hulle rassistiese verlede. "Many whites, however, when confronted by the racism in American history, refuses to deal with it. The usual response is: 'We aren't responsible for the past. We are not slaveowners (sic). We didn't do all that'" (Terry 1975:44).

Waar die erkennings wel gekom het, was dit huiwerig en dikwels gekwalifiseerd: En ek het met daardie idee grootgeword en dit het van kleinsaf my gepla. Dit was nie reg nie [Elsa 1-428], in 'n sekere mate is dit 'n onregverdige bedeling [George 1-539] en ons het geweet in ons agterkoppe, dit was verkeerd, maar dit was gerieflik en gemaklik vir ons [Elsa 3-711].

Uiteindelik het een van die mede-navorsers, Elsa [6-096], die moed gehad om dit hardop te sê: Ons het die mense basiese menseregte ontneem in

hierdie land, hulle het geen sê gehad in hierdie land nie, en as dit nie sonde is nie...

Die een oorweldigende indruk wat ek uit die gesprekke in die groep asook uit lesersbriewe aan koerante en in algemene gesprekke gekry het, is dat wit Afrikaners graag die boeke oor apartheid sou wou toemaak, om te vergeet wat gebeur het en om oor te begin. Dit voel net vir my dat ons by 'n punt moet kom soos wat jy gesê het dat ons hierdie goed moet afsluit en moet aangaan in die nuwe SA [Frans 1-469]. Op 'n soortgelyke trant praat Terry (1975:44) oor die Amerikaanse situasie: "We aren't responsible for the past… We didn't do all that. We want to start over. Forget the past and think about the future."

## 7. Die rol van die NG Kerk in die tyd van apartheid

In die tyd van die ontstaan van die Algemene Sinode van die NG Kerk vyftig jaar gelede in 1962, het die beleid van apartheid die steun van die NG Kerk geniet. Van daardie tyd tot in 1994 het die posisie van die NG Kerk dramaties verander. In die volgende afdeling word aan hierdie verskuiwing aandag gegee.

### 7.1 "Die *backbone* van apartheid"

'n Kritiese buitestaander kan verstaan dat lidmate groot probleme met die NG Kerk het [vergelyk Hanlie 1-557]. Die NG Kerk het tydens apartheid 'n posisie ingeneem waarin die belange van die lidmate bo dié van die Koninkryk van God gestel is. Volgens die kritiek van die Sendingkerk was apartheid se uitgangspunt die onversoenbaarheid van mense en daarom moes hulle apart gehou word – ook in die kerk: "Die politieke en kerklike bestel van Suid-Afrika is 'n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word" (NG Sendingkerk 1982:elektroniese bron).

Ook uit eie geledere het die NG Kerk oor jare die boodskap teen die teologiese begronding van rasseskeiding gehoor. Verskillende mense het oor die jare hieroor uitsprake gemaak, onder ander Marais (1952) en Naudé (1995:79; 86). In 1986 skryf Borchardt (1986:85): "Dit is jammer dat die NGK nie bly weerstand bied het teen die groeiende neiging tot geskeidenheid tussen wit en swart in die kerk nie. Die kerk is

immers 'n unieke gemeenskap, te wete die kerk van *God* [sy beklemtoning]".

In die eerste gesprek verwoord Frans [1-444] sy probleem met die NG Kerk so:

> My groot dilemma vandag, dink ek, is die... rol wat die kerk gespeel het in hierdie hele apartheid-psigose. Want ons het so grootgeword... maar wat van 1948 gebeur het, waar die regering ons geïndoktrineer het, waar in ek groot geword het en wat die kerk, veral die drie susterkerke 'n groot leidende rol in gespeel het, kerkleiers wat op die ou end in die politiek beland het. En dit voel vir my, en ek sê dit tussen aanhalingstekens, asof ons amper 'n geestelike rat voor die oë gedraai is, want dit [apartheid] is wat reg is, dit is soos dit moet wees.

Frans en van die ander mede-navorsers sou kon identifiseer met die standpunt van Meyer en Naudé (1994:169) wanneer hulle die NG Kerk beskuldig van 'n dualistiese Christenskap: "The white DRC maintained a dualistic Christianity which place the Kingdom of God outside history. It stressed personal salvation to the exclusion of social justice and saw its task as extending charity at the expense of justice, equality and unity." Die fokus was amper eensydig op die gelowige se verhouding met God en die implikasies wat dit het vir die leefwêreld van die gelowiges is, nie verreken nie. Later sou die NG Kerk erken dit was té lank té teoreties besig met die apartheidskwessie.

Die volgende dien as goeie voorbeeld van so 'n teoretiese besigwees: In 1988 skryf Potgieter en Smit 'n boekie getiteld *Vernuwing of Konfrontasie* waarin hulle die teologie van bevryding bespreek. Na 'n bespreking van die Marxistiese en neo-Marxistiese milieu en die teologiese onderbou en ander sake, wy hulle 'n hoofstuk aan die situasie in Suid-Afrika. Hierin word die teologie van Boesak en Tutu uitvoerig bespreek. Wanneer hulle egter in 'n volgende hoofstuk praat oor die kerk in die samelewing, word uitvoerig aandag gegee aan die wese van die kerk aan die hand van die Bybelse beeld van die kerk as 'n liggaam (Potgieter & Smit 1988:65). Die hartseer is dat saam met al die waar en mooi dinge wat gesê word, daar niks konkreets gesê word oor die liggaam van Christus in Suid-Afrika waarvan een deel seerkry nie. Die konsep van *As een lid ly, ly die hele liggaam* (1 Korintiërs 12:26) kon nêrens ter sprake nie. Dit bly 'n teoretiese

en nie-konkrete studie. Lidmate kan met reg vra oor die leiding wat aan die kerk gegee is.

Frans [1-456] sê elders tog het ek grootgeword dat iewers moet hulle eenkant wees en ek is eenkant. Die kerk het so gesê en die regering het so gesê. In die woorde van Joubert (1991:47): "'n Mens wonder vandag hoedat 'n mens, 'n volk homself so lank oor so iets kon laat mislei." Gegewe die Afrikaners [se] 'n onwrikbare geloof in ons kerkleiers [Isak 1-613] is dit egter te verstane dat Afrikaners nie sommer die beleid van die tyd bevraagteken het nie.

Hierdie rol wat die NG Kerk in die verlede gespeel het, affekteer ook die rol wat die NG Kerk in die toekoms sou kon speel. Eers het die NG Kerk die beleid van apartheid goedgekeur, dit sterk Skriftuurlik gefundeer [George 1-519] en nou voel dit vir my die kerk het 'n 180 grade draai gemaak. En alles gefundeer uit die Woord van God uit. En dit is my dilemma ek kan eenvoudig nie die kloutjie by die oor kry nie [Frans 1-459].

> In haar gesprek met die mede-navorsers stel Rose [7-555], 'n bruin vrou wat as besoeker deelgeneem het aan een van die groepsgesprekke, dit onomwonde: Waarom dit seker moeilik is om in die kerk 'n eenheid te vorm, is dat die NG Kerk spesifiek, al die jare die *backbone* was van apartheid. Die NG Kerk het apartheid op Bybelse gronde geskoei, m.a.w. hy het teksies uit die Bybel uitgevat, en apartheid is daarmee geregverdig... Ek het 'n persoonlike vriend wat gevra het, as God 'n God is van regverdigheid en geregtigheid, waar is hy as hy apartheid toelaat?.

In een van die gesprekke vertel ek van 'n argument wat ek met 'n ouer kollega gehad het. Sy standpunt was eenvoudig dat die NG Kerk nog nooit apartheid gesteun het nie. In reaksie hierop is Elsa [6-354] gou om te sê: Nee, ek kan nie met hom saamstem nie. Die onthullende is egter die reaksie van Mike [6-356] as hy daarop reageer met: Ek dink tog in 'n mate is dit baie wyd om te sê die NG Kerk... Nou, dit is baie gevaarlik om te sê die NG Kerk het dit nie gedoen nie. Ons moet liewers sê sommige dominees en sommige

gemeentelede van die NG Kerk het dit of dat gedoen. Dis asof hy in die sesde gesprek steeds nie verstaan wat apartheid se eintlike probleem was nie. Sy fokus is steeds op wie wat gedoen het. Oor die onderliggende sisteem en uitgangspunte is hy geensins besorgd nie.

### 7.2 "Te lank stilgebly"

As soveel mense dan oor so 'n lang tyd hulle stemme teen rasseskeiding laat hoor het, waarom het die NG Kerk dan so lank geneem om te reageer? Danie [4-466] antwoord hierdie vraag deur reguit te sê dat die NG Kerk aan die slaap is, nie net oor die dinge van die verlede nie, maar ook oor die dinge van die hede. Die kerk is vir my op baie, baie terreine vas aan die slaap en dan noem hy sake soos aborsie en pornografie as voorbeelde. Die kerk skrik telkens te laat wakker [Danie 4-470].

Volgens Loader (1985:294) het die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1973 apartheid beskryf as "a permanent, unchanging ruling which is scripturally founded." Meer mense het waarskynlik so daaroor gedink. Loader gaan verder en maak die stelling "teen 1985 het niks van die kontroversiële goed in die kerk nog verander nie."

In 'n hoofartikel in *Die Kerkbode* van 15 Mei 1985 antwoord Gaum (1985:4) sy eie vraag: Doen die NG Kerk niks? Hy sê die NG Kerk word beskuldig "dat die Kerk niks doen nie en rustig slaap" te midde van die "vlaag van onrus en terreur in swart woonbuurtes". Hy gaan dan voort om hierdie aantygings te probeer weerlê. Die ironie is dat die antwoorde wat hy gee nie die kern van die probleem aanspraak nie. Hy praat van oproepe tot gebed, gesprekke met die regering oor "loonstrukture en werkreservering", "toelaes vir swart bejaardes en ongeskiktheidstoelaes" en die "posisie van die stedelike swarte." Oor die dieperliggende oorsake vir die onrus rep hy nie 'n woord nie al het Geldenhuys (1982:141) al jare vroeër geskryf:

> My probleem as Christen lê by die feit dat een groep (die blanke – en in besonder: die blanke Afrikaner, of meer nog: die blanke Afrikanerlidmate van die NG Kerk en ander oorwegend Afrikaanse kerke) vir hulleself die reg opgeëis het om te beslis waar en hoe die verskillende groepe hulle bestaan en identiteit as groep sal beoefen.

Ook swart Christene vra die NG Kerk "must not only declare racism a sin but must reject Apartheid... They must then commit themselves to dismantle this system." (Chikane 1989:17). Hy praat ook oor die enkele stemme wat opgaan teen die beleid van apartheid as hy sê "even these good isolated voices were concerned with excesses and the crude manifestations of evils of the system rather than the fundamental injustices of that system."

Hierdie toedrag van onveranderlikheid word ook weerspieël in Hanlie se frustrasie met die NG Kerk. Sy het alle bande met die NG Kerk verbreek, ek het totale kontak met my kerk verloor [Hanlie 6-407]. Sy vertel dat sy een aand 'n persoon gaan besoek het wat ook lidmaat van die NG Kerk is. Daar gekom maak sy 'n opmerking dat sy sien hulle het ook M-Net[26], waarop die lidmaat haar antwoord:

> 'ja want ek kan die bleddie kafferprogramme nie kyk nie', dis 'n persoon wat gereeld by ons in die kerk sit. Albert weet van baie dinge, ek kan al jare nie meer daar kom sit en hoor hoe pragtig sing die mense en hoor hoe wonderlik doen mense baie dinge vir barmhartigheid wat ek nie eers doen nie, en ek weet dieselfde mense kyk met 'n ander oog na hulle bediendes [Hanlie 6-413].

Later vertel sy verder:

> Ek wil net graag sê, lank terug het ek baie gesprekke gehad oor moet ek nie weg uit hierdie kerk van Welkom-Suid nie, en toe het ek gesê nee ek wil 'n verskil maak. Ek het met geweldig baie mense gepraat en baie dinge gedoen maar jy kan net, ek kan tog nie in die middel van die kerk opstaan en 'n *speech* afsteek nie, asseblief nie. Nou as ek met die dominees praat en hulle sê vir my die tyd is nog nie reg nie, briewe rig aan die kerkraad en geen antwoord daarop kry nie. Watter tree moet ek tree? Toe gee ek my tree terug [Hanlie 6-444].

[26] M-Net was die eerste TV betaalkanaal in Suid-Afrika.

Die beskuldigings word waarskynlik met reg gemaak teen die Kerk. So sê Joubert (1991:48) byvoorbeeld: "Ek neem die kerk kwalik dat hy ons nie op ons dwalinge gewys het nie. Die kerk het ons in ons half-wees Christenskap versterk." Verwoerd (1996:33), kleinseun van die argitek van apartheid, haal aan uit sy dagboek waarin hy in 1986 reeds skryf: “En hoekom het die NGK nie vroeër geluister na die kritiek op Apartheid nie?" Selfs Johan Heyns se mening is: "Die kerk behoort eintlik lankal verder te wees as wat hy vandag is" (aangehaal in Meiring 1985:144). Uiteindelik skryf Raubenheimer (1998:6) in alle eerlikheid: “Ons moet erken dat ons as kerk in die verlede nie altyd sensitief genoeg was vir die getuienis van ander gelowiges in ons land en ook in die buiteland, toe hulle met ons oor hierdie dinge wou praat nie.”

### 7.3 “Hulle begin darem seker nou Christene raak”

In *Kerk en Samelewing 1990* (Ned Geref Kerk 1990:39) erken die NG Kerk onder andere dat hy te lank die beleid van apartheid “te abstrak en teoreties, en daarom ook te onkrities beoordeel het.” Die NG Kerk erken verder “die reg en vryheid tot eie kulturele erfenis” is “tot ’n politieke ideologie van apartheid uitgebou as ’n sisteem vir die beskerming van die eie belange van die blanke minderheid ten koste van dié van andere.” Die NG Kerk het nog nooit vantevore so ver gegaan in die beoordeling van apartheid nie. Hieroor skryf Gaum (1997b:6): “Die NG Kerk het in 1990 op die duidelikste manier nóg afskeid geneem van apartheid en by implikasie vir 'n nuwe bedeling gekies... Oor apartheid en die ongeregtighede wat uit dié stelsel voortgevloei het, het die NG Kerk te lank stilgebly.”

Die NG Kerk het wel skuld bely, maar lidmate identifiseer nie noodwendig daarmee nie. `Steeds is dit nog nie almal in die NG Kerk... [wat] voel... soos wat hier staan nie` [Elsa 6-533]. Skielik is daar blykbaar niemand wat ooit vir die NP gestem het nie. "Suddenly, there are no racists left in South Africa, only ‘proud ethnic nations and patriots’" (Horn 1994:28).

Tydens een van die gesprekke vertel ek van ’n gebeurtenis wat in daardie tyd in ons gemeente afgespeel het, wat duidelik wys dat nie alle lidmate dieselfde voel oor die NG Kerk se skuldbelydenis nie. Ons het selde bruin mense gehad wat die eredienste bygewoon het. Een oggend het Rose, ’n bruin onderwyseres, en haar man die erediens bygewoon. Ek het hulle pas die vorige week as nuwe intrekkers tydens huisbesoek

ontmoet. Ek stap na die diens na hulle om hulle te verwelkom en om haar te vra oor haar deelname aan die navorsingsprojek. Dit was egter nie die einde van die saak nie:

> later deur die week het 'n kerkraadslid my kom sien, en hy was onder andere baie ongelukkig daaroor gewees, hy en 'n klompie van die ander kerkraads-lede, dat ek afgegaan het en hulle met die hand gaan groet het en verwelkom het in die kerk [Albert 6-628].

In reaksie op die verhaal sê Ben [6-671] dit reguit: Hier is nog baie mense in ons gemeente wat nie gelukkig is om te sê dit was verkeerd nie, hulle het allerhande redenasies en die Bybel, hulle praat nou meer van die Ou Testament. Aan die einde van die aanvanklike navorsing, in die laaste gesprek, vra ek steeds die vraag: Ek wonder hoeveel van ons lidmate gaan hulle daarmee identifiseer [Albert 8-485].

Horn (1994:28) kan nou wel sê dat daar niemand is wat steun aan apartheid sal erken nie, maar hy hou duidelik nie rekening met mense soos Gertenbach nie. Jare vroeër reeds het Gertenbach (1985:5) ontken dat daar enigsins ’n probleem is waaroor skuld bely moet word nie. Jare later sou hy wel effens toegee dat daar wel moontlik “individuele lidmate” kon wees wat tereggewys moet word, “wat gefouteer het, al was dit in goeie trou... Maar vir gemeentes, ringe en sinodes om kollektief op te tree en namens onskuldiges belydenis te doen? Nooit!” (Gertenbach 1998:5). In hierdie standpunt sluit Gertenbach aan by Pieter Potgieter (1995:6) wat beklemtoon dat die kerk “nie namens ander skuld bely nie,” elkeen moet maar vir homself skuld bely.

Sodra skuldbelydenis gepaardgaan met ’n verduideliking, kom die belydenis self in gedrang. Elsa [6-489] sê: As mens nou hierdie stukkie lees oor die kerk, dan kry ek die idee, hulle sê nou hier hulle is jammer oor goeters, maar daar kom elke keer die "maar" by. Hierdie selfde gedagte vorm ook die basis vir Retief (1998:15) se artikel met die beskrywende titel: As mens sê hy's jammer, dan is daar geen 'ja, máár...' nie.

> Rose [7-583] se reaksie op die NG Kerk se skuldbelydenis is eenvoudig: dis nou hoog tyd. Ek gaan nou baie eerlik wees: Dit is hoog tyd, hulle begin darem seker nou Christene raak.

Om skuld te bely is een ding, maar dan moet jy glo dat daar iets is om te bely. Van sommige lidmate van die NG Kerk is dit waar, maar beslis nie van almal nie. Daar is diegene wat steeds volhard dat daar geen fout was met apartheid nie.

**8. 'n Herhaling van die patroon?**

Ten spyte van hulle mede-Afrikaners wat erken dat apartheid verkeerd was en baie skade aan swart mense gedoen het, is daar steeds diegene wat glo daar was niks verkeerd met die vorige bedeling nie. Al verbloem hulle hul uitsprake op allerlei maniere, sê hulle eintlik maar nog steeds net die slegte gedeelte van apartheid... dit is wel sonde [Mike 6-057].

Selfs al sê hulle dit nie in soveel woorde nie, tree hulle op soos in die ou bedeling… [Mike 2-520]. Mike [2-524] sê hy sien dit daagliks in die manier waarop wit ouers hulle kinders leer om met swart mense te praat. Hanlie herroep twee voorvalle van blatante rassisme uit die voorafgaande week. Dan sê sy: Dis wat ek bedoel as ek sê *apartheid is still alive and well in South-Africa* [Hanlie 2-530]. In beide gevalle het wit mense steeds na swart mense verwys as "kaffirs".

By sommige van die mede-navorsers was die idee van identifisering met 'n groep baie sterk. So kla Johan [3-627] die groep daarvan aan dat hulle ontken dat afsonderlike groepe bestaan, elkeen met sy eie kultuur, taal en gebruike. Hy kry steun van Mike [3-664] as dié sê selfgekose apartheid, is my eie keuse. As ek wil nie saam met jou kuier nie, is dit my keuse. Alhoewel Mike [3-665] verder gaan en sê: dit gaan nie oor of jy swart of wit is nie, is dit tog 'n vraag of dit nie presies is wat hy bedoel nie.

Tydens die sesde gesprek vra Hanlie [6-154] 'n vraag oor die implementering van aparte ontwikkeling met naasteliefde en regverdigheid soos sommige aanvoer. Sy meen dat baie wit Afrikaners so 'n bedeling sou steun in die nuwe Suid-Afrika. Johan [6-187] erken dat hy een van daardie groep wit Afrikaners is:

> Ek praat nie van verpligte segregasie nie, waar die een minder geleenthede het as die ander een nie, ek praat van, gun my die geleentheid om in Afrikaans skool te gaan, gun my die geleentheid om in

> Afrikaans kerk toe te gaan, dit is my taal, dit gaan nie oor swart en wit nie... Dit gaan oor die kultuur. Ek is nie 'n Zoeloe nie, wat wil ek met Zoeloe kultuur maak? Gun my om 'n Westerse opera in die Staatsteater te gaan kyk, moet dit nie wil wegvat net omdat ek die minderheid in SA is nie.

Terwyl die behoefte aan kulturele ruimte waardeer kan word, maak dit tog weer die deur oop vir 'n vorm van neo-apartheid waar taal en kultuur ge(mis)bruik word vir voorkeurbehandeling en bevordering, weereens tot die nadeel van hulle wat nie deel uitmaak van die aangewese groep nie. Die groot vraag in post-apartheid Suid-Afrika is "whether we are able to accept those who are different from us in community with us" (Villa-Vicencio & Niehaus 1995:154).

## 9. Samevatting

Hierdie hoofstuk verwoord die ontwikkeling (*development*) aspek van Müller, Van Deventer en Human (2001) se ABDCE-model, naamlik die verhaal van ontwikkeling. Aandag is dus gegee aan die stemme van die mede-navorsers in die aanvanklike navorsing in 1998. Hulle menings is ondersteun of bevraagteken deur allerlei ander bronne wat deurlopend in aparte raampies aangebied is.

Daar is begin met 'n oorsig oor apartheid en die vyfvoudige effek wat dit op wit Afrikaners gehad het. Hierdie vyf is die twee leefwêrelde in een land, die verlies van swart mense se menswaardigheid, rassisme, paternalisme en die vraag of wit mense verby klein apartheid kan kyk om die werklike probleem raak te sien.

Die "belediging van apartheid", naamlik dat apartheid ten diepste gegaan het oor swart mense se menswaardigheid, vorm die draaipunt van hierdie hoofstuk. Hierna is aangedui hoe die WVK alle moontlike ontkenning van die tafel gevee het en die sosiale geheim van apartheid aan die wêreld ontbloot het.

Die mede-navorsers se reaksie op die WVK-onthullings vorm die laaste groot deel van die hoofstuk. Hierdie reaksies sluit alles in van totale ontkenning, 'n beroep op misleiding, die gevaar van kommunisme tot 'n poging om aan te dui dat dinge tog oor

tyd verander, en laastens ’n skoorvoetende erkenning dat alles nie reg was met die beleid van apartheid nie. In hoofstuk vier kom dieselfde gespreksgenote weer aan die woord. Dieselfde onderwerpe word weer aangeraak, maar nou veertien jaar later, in 2012.

**HOOFSTUK 4**

**DIE VERHAAL OOR APARTHEID – TEENSWOORDIGE TYD**

**('n Klimaks in die verhaal)**[27]

> *My spiritualiteit was heeltemal te veel op die persoonlike vroomheid ingestel. Ek was te lank blind vir die verskriklike magtelose en uitsiglose toestand waarin soveel mense in Suid-Afrika moet leef en werk. Daaroor voel ek skuldig (Müller 2000a:23).*

## 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk kom die resultate van die opvolgnavorsing aan die orde. Veertien jaar na die aanvanklike navorsing waaroor in hoofstuk drie verslag gedoen is, is dieselfde mede-navorsers weer uitgevra oor dieselfde temas as vroeër. Hierdie hoofstuk rapporteer die resultate van hierdie longitudinale studie waarin die twee ondersoeke met mekaar vergelyk is. Die titel van die hoofstuk *Die verhaal oor apartheid* gee dan ook te kenne dat hier 'n verhaal vertel word van mense wat van buite na die fenomeen van apartheid kyk. Hierdie hoofstuk gee ook nie voor om *die klimaks* van die verhaal te wees nie, bloot net *'n klimaks in die verhaal*. Ander apartheidsnarratiewe kan ander klimakse hê wat nie hierdie perspektief ongeldig of irrelevant maak nie.

Soos in die vorige hoofstuk word bepaalde aspekte van die lewe van wit Afrikaanse Christene in 'n post-apartheid Suid-Afrika in hierdie hoofstuk gekarteer. Die mede-navorsers se narratiewe word hier byeengebring en volgens soortgelyke temas as in die vorige hoofstuk aangebied. Hierdie narratiewe word weereens gemeet aan en vergelyk met ander plaaslik en internasionaal gepubliseerde bronne, en van rolspelers van verskillende rasse. Aangesien Suid-Afrika 'n land in oorgang is – van 'n bedeling van geïnstitusionaliseerde rassisme en rassediskriminasie na 'n vrye demokrasie – is die klem in die navorsing op die verhouding tussen swart en wit. Die temas konsentreer op aspekte wat hierdie rasseverhoudings affekteer; die oorhoofse tema is een van versoening met die gepaardgaande aspekte van rassisme, skuld en die rol van die kerk. Hieruit spruit ook die ondersoek na skuldbelydenis en regstellende aksie.

---

[27] Met verwysing na die vierde deel (*climax*) van Müller, Van Deventer en Human (2001) se ABDCE-model.

## 2. Die pad wat die perd geloop het

Die ABDCE-model van Müller, Van Deventer en Human (2001) is gekies om struktuur aan hierdie navorsingsverslag te gee. In die eerste drie hoofstukke is onderskeidelik aan die verhale van aksie (*action*), agtergrond (*background*) en ontwikkeling (*development*) aandag gegee. In hierdie hoofstuk kom die vierde deel, 'n verhaal van klimaks (*climax*) aan die orde.

In die ABDCE-model word die vierde komponent, klimaks, verstaan as die hoogtepunt van die verhaal van die navorsing. "Die klimaks is die eerlike resultaat, wat op sy eie ontwikkel het, sonder inmenging of manipulasie van enigiemand om 'n vooropgestelde uitslag te verkry" (Fourie 2008:59). Die besondere ondekking(s) van die navorsing kom hier na vore. Die bydrae wat die navorsing maak tot die vakwetenskaplike kennis, lê waarskynlik ook grootliks in hierdie en die laaste hoofstuk.

In 'n poging om *klimaks* te verduidelik, gebruik Lamott (1995:114) 'n baie mooi beeld: "If you're lost in the forest, let the horse find the way home. *You* have to stop directing, because you will only get in the way." Hiermee wil sy aandui dat die klimaks 'n proses is wat vanself gebeur sonder inmenging van die navorser. Dit is dan ook hierdie beeld wat aanleiding gee tot die opskrif van hierdie afdeling. Sy beskryf hierdie proses verder: "You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters, different in some real way" (Lamott 1995:62).

In terme van die longitudinale aard van die studie, behoort hierdie hoofstuk te onthul watter, indien enige, verandering daar oor die afgelope veertien jaar by die mede-navorsers plaasgevind het en ook die redes daarvoor (Foster et al 1997:9). Die klimaks lê daarin dat die twee stelle data met mekaar vergelyk kan word en bepaalde perspektiewe dan uitgelig kan word. Die navorsing is gedoen sonder dat 'n spesifieke verandering geantisipeer is. Die waarde sal juis bepaal word deur enige moontlike verandering te dokumenteer. In die lig van ander eietydse bronne sou daar bepaalde verwagtinge kon wees oor die aard van veranderings in die siening van die mede-navorsers, sonder om die ondersoek in daardie rigting te manipuleer. Deur middel van die gebruik van oop vrae word die mede-navorsers die geleentheid gegee om self hulle standpunte oor die aangewese kwessies te stel. Oor die aard en omvang van die klimaks sal eers aan die einde geoordeel kan word.

## 3. Metodologie

Soos in hoofstuk een verduidelik is, is die navorsing gebou op onderhoude met ’n groep wit Afrikaanse Christene in Welkom. Die aanvanklike navorsing is in 1998 gedoen en wel in groepsverband. ’n Reeks van agt groepsgesprekke is gevoer waarby die meeste van die mede-navorsers elke keer teenwoordig was. Die resultate van daardie navorsing is in hoofstuk drie aan die orde gestel.

Die ideaal sou wees om ook vir die opvolgnavorsing in 2012 só ’n reeks groeps-gesprekke te kon hou. Bepaalde praktiese faktore het dit onmoontlik gemaak. Die grootste hiervan is dat ’n beduidende aantal van die mede-navorsers nie meer in Welkom woon nie. Die oudste van die groep, Ben, is ook sedertdien oorlede. In plaas van groepsgesprekke is daar besluit om ’n reeks persoonlike gesprekke te voer. Die meeste mede-navorsers het as egpare aan die aanvanklike rondte deelgeneem en daarom is die opvolggesprekke met hulle as egpare gevoer. Met drie van die mede-navorsers (Hanlie, Isak en George) is die gesprekke in ’n een-tot-een situasie gevoer. Op een uitsondering na is almal in hulle huise ontmoet vir die gesprekke. Die een uitsondering (George) het van Odendaalsrus gekom en my tuis kom sien. Ten einde by almal uit te kom, het ek tydens my vakansie tyd ingeruim om Elsa en Frans in Malmesbury te gaan besoek. Ek het ook een naweek spesiaal Prieska toe gery om met Mike en Naomi te gaan praat.

Soos met die aanvanklike navorsing is die gesprekke met die toestemming van die mede-navorsers opgeneem en later getranskribeer. Hierdie sewe transkripsies word as Bylaag 9 tot 15 in elektroniese formaat by hierdie navorsingsverslag aangeheg.

Ek het ook ’n oop uitnodiging gerig aan die mede-navorsers om hulle reaksies op bepaalde vrae op skrif te sit. Drie van hulle (Isak, Johan en Karin) het daarop gereageer. Hierdie drie skriftelike bydraes word as Bylaag 16 tot 18 ook in elektroniese formaat aangeheg.

Alle aanhalings uit die mede-navorsers se bydraes word weereens in ’n `ander lettertipe` aangedui. Alle aanhalings is voorsien van die gebruiklike verwysing in vierkantige hakkies, byvoorbeeld [Frans 9-123]. Die gebruik van hierdie verwysings is in hoofstuk een verduidelik.

> Stilisties word weer van raampies soos hierdie gebruik gemaak om die alternatiewe stemme aan die woord te stel. Hierdie stemme kom uit verskillende rigtings en agtergronde. Dikwels is dit die stemme van swart Suid-Afrikaners, maar soms is dit ook wit stemme wat 'n ander standpunt voorstaan. Ek gebruik ook hierdie styl om my eie stem en mening, dikwels in kontras met die mede-navorsers, te laat hoor.

**4. Herhalende temas**

Een van die gevolgtrekking van die aanvanklike navorsing was dat nie alle wit Afrikaanse Christene verstaan waaroor die weerstand teen apartheid gegaan het nie. 'n Algemene opvatting was dat apartheid nie so erg was nie en dat die demokratiese oorgang en die herroeping van bepaalde diskriminerende wette genoeg sou wees om Suid-Afrika te herstel na 'n *normale* land.

> Op so 'n simplistiese benadering antwoord 'n voormalige adjunk sekretaris-generaal van die ANC Jeugliga Febe Potgieter in 'n beredenering van die wenslikheid van die WVK as volg: "...the hurt of the past should be recognised... It is not good enough to simply say that the emergence of a new South Africa is sufficient in itself..." (Potgieter, F. 1995:22).

Só 'n siening, naamlik dat die blote koms van demokrasie die onreg van die verlede sal uitwis, is gebou op 'n baie beperkte verstaan van apartheid. In die 1998 navorsing was dit duidelik dat baie van die mede-navorsers apartheid bloot aan die hand van die sigbare uitdrukking daarvan beoordeel het. Apartheid is gemeet aan sogenaamde *klein* apartheid, dit wil sê die praktiese uitdrukking van die beleid in bepaalde wette wat hoofsaaklik gehandel het oor aparte geriewe. Daar was baie min begrip vir die onderliggende uitgangspunte, die sogenaamde *grand* apartheid, wat tot die wette aanleiding gegee het.

> Die woorde van Biko is so anders as die standpunte van wit mense. Dekades gelede skryf Biko (1987:28) al: "Apartheid – both petty and grand – is obviously evil. Nothing can justify the arrogant assumption that a clique of foreigners has the right to decide on the lives of a

majority... The logic behind white domination is to prepare the black man for the subservient role in this country."

Bell (2001:16) skryf dat teen die einde van 1960 die skeidslyn in die sand getrek was "...there could no longer be any blurring of the distinction between beneficiaries and victims. Behind a facade of parliamentary democracy, the white community was corralled, cushioned by affluence and the trappings of power. This community would supervise, police and otherwise support the social, economic and political fabric while the majority of the population, which supplied the bulk of the labour in the country, became the object of a great design steered by a coterie of often bickering lobbyists, academics and ideologues."

In my gesprek met Elsa en Frans druk hulle hul vinger presies op die seerplek van apartheid, naamlik die miskenning van swart mense se menswaardigheid. Dit het nie gegaan oor stemreg of regeer hulle die land nie; die kern was dat swart mense absoluut as niks beskou is [Elsa 9-242]. Ek [Albert 9-279] deel met hulle my ervaring tydens die her-luister van die aanvanklike navorsing:

> ...nou luister ek weer na die gesprekke en dit is net vir my so ontstellend opvallend hoeveel van die ouens nie sou sê wat julle nou gesê het nie. Vir hulle het apartheid gegaan oor 'hy mag nie voor in die bus gesit het nie' en al hierdie klein apartheid reëltjies, jy weet die reëls wat gesê het hy is swart en hy mag nie hier swem nie. In plaas daarvan om raak te sien dat agter dit sit daar 'n onderliggende beginsel wat sê ek is beter as jy en daarom mag jy nie hier sit nie, of daar swem nie, mag jy nie dit doen nie en mag jy nie dat doen nie. Maar dat ons absoluut oogklappe aan het om daai dinge raak te sien.

Die feit dat wit mense 'n posisie van meerderwaardigheid teenoor swart mense ingeneem het, hulle menswaardigheid aangetas het en alle selfbeskikking in hulle geboorteland ontneem het, is doelbewus of onwetend geïgnoreer. Die opvolg-

navorsing wys dat hierdie standpunt weinig verander het in die afgelope veertien jaar.

### 4.1 Nogeens, die belediging van apartheid

Tydens die opvolgnavorsing is hierdie vraag pertinent gevra, beide skriftelike en in die gesprekke: Wat was volgens jou die probleem met (of die hart van) Apartheid? Wat was die "fout" van Apartheid? Waarom het die beleid soveel weerstand ontlok? [Albert 16-157]. Die direkte antwoord hierop, asook antwoorde uit ander dele van die gesprekke, het bevestig dat die mede-navorsers steeds 'n baie beperkte verstaan van apartheid het. Die blootstelling aan die menings van die mede-navorsers en die gebeure van die afgelope veertien jaar het weinig indruk gemaak. In die volgende paragrawe word vier reaksies bespreek soos dit uit die gesprekke met die mede-navorsers na vore gekom het.

#### 4.1.1 "Apartheid het sin gemaak"

Daar is van die mede-navorsers wat standpunte inneem wat heel ekstreem voorkom. Op die vraag of hy nou anders dink oor apartheid as veertien jaar gelede was Johan [17-043] se nadruklike antwoord Nee, inteendeel... Hy staan steeds afsonderlike ontwikkeling voor wat hy as iets heel anders as apartheid sien. Laasgenoemde beskryf hy as daardie kwetsende, diskriminerende maatreëls waar een bevoordeel was bo 'n ander bloot op grond van sy velkleur. Dit was verkeerd en moes baie seergemaak het [Johan 17-047].

Vir Johan [17-061] was die fout van apartheid

> Omdat dit mense be(ver)oordeel het op grond van velkleur. Kwetsende maatreëls van klein apartheid het tot in die diepste deel van mense se siele seergemaak, omdat die een groep nie die ander gegun het wat hy homself gegun het nie. Om mense deelname aan die regering van die dag te ontsê op grond van velkleur, het net haat laat ontstaan. Die sosiale eksperiment van aparte ontwikkeling het ontaard in apartheid. As dit by aparte ontwikkeling met

> gelykwaardige geleenthede gebly het, het dit dalk nooit so seergemaak nie.

Johan sien nie raak dat sy standpunt alreeds die kiem van sy eie ondergang dra nie. Dit bly 'n vraag of een groep sulke besluite oor 'n ander groep kan neem sonder om per implikasie daarmee 'n meerderwaardige houding teenoor 'n minderwaardige in te neem?

Die standpunt wat Johan hier stel, klink net soveel anders as die woorde van Thabo Mbeki (1996:elektroniese bron) se bekende *I am an African* toespraak tydens die aanvaarding van Suid-Afrika se grondwet:

"I have seen what happens when one person has superiority of force over another, when the stronger appropriate to themselves the prerogative even to annul the injunction that God created all men and women in His image.

I know what it signifies when race and colour are used to determine who is human and who, sub-human.

I have seen the destruction of all sense of self-esteem, the consequent striving to be what one is not, simply to acquire some of the benefits which those who had improved themselves as masters had ensured that they enjoy.

I have experience of the situation in which race and colour is used to enrich some and impoverish the rest."

Van die aantasting van selfbeeld en mensewaardigheid, die misbruik van ras en kleur, en die miskenning van God se beeld in ander is in Johan se standpunt nie sprake nie.

Johan is egter nie alleen in hierdie posisie nie. Sommige van die voorstaanders van apartheid gaan selfs verder. Só skryf Ludolf Du Toit (2010:elektroniese bron) 'n artikel op die Pro-Afrikaanse Aksiegroep (PRAAG) se webblad met die opskrif "*Apartheid het sin gemaak*." Hy gebruik 'n aantal beelde om aan te toon dat elkeen so goed as

moontlik vir homself sal sorg: honde wat baklei om 'n paar murgbene, seuntjies wat stry om die beste karretjies te kry, Swazi-seuns wat baklei om die paar lekkers wat vir hulle gegooi word en laastens tarentale wat baklei vir die meeste mieliepitte. Dit is dan vir hom genoeg rede om te argumenteer apartheid is net "[*l*]*ogiese menslike gedrag… om na jou eie om te sien"* [sy beklemtoning]. Hy werk duidelik hier met 'n baie beperkte verstaan van apartheid.

Dieselfde redenasie vind 'n mens terug by Mike in die 1998 navorsing. Mike [6-265] se argument was: `Ou Dingaan het daar in sy kraal gebly, hy het geen blankes gehad wat in sy kraal gebly het nie, so hy het apartheid gehad`. Du Toit (2010:elektroniese bron) redeneer soortgelyk:

> Die blote feit dat daar so 'n verskeidenheid van swart stamme was wat elk sy eie grondgebied bewoon het, 'n eie taal gebesig het, kenmerkende kleredrag, hooftooisels en huisversierings gehad het en nie met mekaar wou meng nie is ook maar ten diepste 'n manifestasie van 'apartheid.'

Hierby voeg Du Toit nog die argument van die ontwikkeling van die land wat baie beter lyk as die res van Afrika. Hy noem dit 'n "[u]iters prysenswaardige stap." Hy sluit sy artikel af met "[d]ie konsep is verdedigbaar. Die uitvoering het plek-plek skeefgeloop. Sekere reëls, bepalings, regulasies en wette het nie sin gemaak..." en dan – met 'n implisiete selfregverdiging – spring hy onmiddellik na vandag en sluit sy sin af met "...net soos sekere dinge vandag nie sin maak in die huidige bestel nie."

So 'n beperkte verstaan van apartheid laat nie reg geskied aan die beoordeling van die beleid nie. Apartheid was baie meer as mense wat bloot hulle eie soort opsoek en na hulle eie belange omgesien het. Om so oor apartheid te redeneer, is om een aspek ten koste van al die ander aspekte uit te lig.

> Die Stellenbosse filosoof Anton van Niekerk (2011:elektroniese bron) skryf oor die neiging van wit mense, soos Du Toit hierbo, om apartheid in baie positiewe terme te probeer beskryf. Hy reageer op twee artikels oor die musiekblyspel *Tree Aan!* wat handel oor die grensoorlog in die 1970's en 1980's. Hy het dit veral oor die mening dat die grensoorlog heeltemal geregverdig was. Hy skryf: "Het die feit dat die implikasies van die nuwe Suid-Afrika uiteindelik tot sommige besonder verbale

> Afrikaner-intellektuele begin deurdring het, werklik begin meebring dat hulle hulself begin wysmaak dat apartheid glad nie so sleg was nie en dat wit mense en Afrikaners – wat steeds verreweg die hoogste lewenstandaard in Suid-Afrika handhaaf – hulself aan hul skoenrieme opgetrek het?" Hy gaan dan verder en reageer op diegene wat aanvoer dat hulle "niks aan enigiemand te danke het nie." Hy wys op die voorregte wat apartheid vir wit mense gebring het. "Apartheid was 'n stelsel van staatsosialisme wat feitlik volledig afgestem was op die bevoorregting van Afrikaners. Ook die ouers en voorouers van jong wit mense wat geen aantoonbare aandeel in die vestiging en bestendiging van hierdie stelsel gehad het nie, het dit wel gehad, en hulle is dus 'n produk daarvan."

Daar is ook ander Du Toit's wat anders dink oor apartheid. Een van hulle is Fanie du Toit, die Uitvoerende Direkteur van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening. Hy beskryf apartheid soos volg: "Apartheid denied the human dignity of black South Africans in the way it failed, as a system, to recognise political, economic and social rights for all. For this reason the United Nations declared apartheid a crime against humanity" (Du Toit 2011:elektroniese bron).

In terme van Weingarten se kwadrante – soos verduidelik in hoofstuk twee – verkeer al bogenoemdes in die swart kwadrant. Hulle is *onbewus* van enige negatiewe impak wat apartheid op enigeen sou hê. Die vraag oor hulle vermoë om iets aan die stelsel te verander, kom nie eers by hulle op nie. In die volgende afdeling word nog 'n standpunt bespreek wat ook in die swart kwadrant lê. Hier word, behalwe vir die ontkenning van enige negatiewe gevolg van apartheid, ook geredeneer dat wit Afrikaners *onmagtig* was om iets daaraan te verander.

### 4.1.2 "Dis wetgewing se skuld"

In 1998 blameer Mike [2-265] die `wetgewing` wat bestaande gebruike verpligtend gemaak het. In 2012 herhaal hy hierdie standpunt as hy praat oor die beleid van apartheid: `Dit was in elk geval daar; ons het net 'n wet daarvan gemaak en toe is almal ongelukkig daaroor` [Mike 10-248] en dan bevestig hy dit met `jy kon nie teen die wet optree nie` [Mike 10-260]. Wanneer hy

dan voorbeelde gee van wat hy dink apartheid behels het, is dit sake soos dat 'n blanke man en 'n anderskleurige vrou mag nie saam voor in 'n bakkie gery het nie [Mike 10-245] en Ek kon nie in die dorp in gaan en daar staan *slegs blankes* en ek vat swart mannetjie aan die hand en sê kom saam hier in nie... [Mike10-267].

Mike [15-165] is nie alleen in hierdie siening van sake nie. George [15-165] neem 'n soortgelyke posisie in as hy sê:

> Ek dink die feit dat dit op die wetboek gestaan het, dat dit 'n soort van 'n ding was wat op die wet gestaan het, dit moet so gedoen word. Daar is aparte geriewe, daar is aparte banke en daar is aparte ingange en daar is dit en dat... Dat jy ook nie... ek meen daar was 'n wet teen gemengde huwelike, die ontugwet en al sulke tipe dinge.

Later sou George [15-175] praat oor sy hengse jammer gevoel vir mense wat gedwonge verskuiwings moes ondergaan, maar hy volstaan met die probleem was omdat dit verpligtend was, omdat dit op die wetboek gestaan het [George 15-578]. Ook Karin [18-066] steun hierdie standpunt.

Daar kan begrip wees vir hierdie siening van wit mense dat die enigste probleem met apartheid was dat dit op die wetboek gestaan het. Die uitgangspunt hier is duidelik een wat redeneer dat diskriminasie in elk geval gebeur het en nog steeds gebeur; Suid-Afrika het dit bloot 'n wet gemaak. Bell (2001:13) voer apartheid se oorsprong terug na "the age of slavery" en koppel dit dan ook aan "the South Africa Act of 1909" waarin wit dominansie in Suid-Afrika verseker is. Hy gaan voort: "When the National Party assumed parliamentary control of South Africa in 1948, it had only to refine and further codify a practice of racial discrimination that was already entrenched."

Hierdie beperkte siening van wat apartheid behels het, het groot implikasies vir die vraag na skuld en regstelling. Wanneer daar later na skuld gekyk word, word die implikasie van hierdie standpunt verder ondersoek.

### 4.1.3 "Dit was 'n fout"

Alhoewel daar mede-navorsers is wat met 'n baie beperkte definisie van apartheid werk, is daar egter ook van die mede-navorsers wat anders na die saak kyk. Hier is dit veral drie persone wat uitstaan in hulle mening, naamlik Elsa, Hanlie en Isak. Hulle het die naaste kom aan Weingarten se geel, of selfs groen, kwadrant. Elsa [3-145] het in 1998 reeds gesê Ek dink apartheid het die swartmense heeltemal ver-"ontmens" en in die 2012 navorsing gebruik sy steeds hierdie woord: Ek dink apartheid... het mense heeltemal ontmens. Dit het van mense diere gemaak, of goed. Hulle was nie mense nie. Ek dink dit is die verskriklikste ding... [Elsa 9-238].

Hanlie het ook al destyds 'n ruimer siening van apartheid gehad as die meeste van die ander mede-navorsers. In die opvolggesprek praat ons oor afsonderlike ontwikkeling waar een groep sy regte hier uitoefen en die ander groep dáár, waarop sy antwoord: Dit is nie demokrasie nie, dit is nie demokraties nie. Dit is vir my die grootste. Almal moet dieselfde regte hê en dieselfde geleenthede hê en dieselfde moontlikhede hê [Hanlie 12-638].

Isak was die enigste man wat in die aanvanklike navorsing sterk uitgekom het met 'n omvattende siening van apartheid. Niemand was ten gunste van apartheid nie, maar almal se siening daarvan was maar eg beperk. In ons gesprek stel Isak [14-201] dit duidelik: Daar is nie 'n manier hoe jy mense kan behandel soos ons met die swart mense gemaak het nie. In sy geskrewe antwoord brei hy uit oor sy verstaan van apartheid as hy praat oor die wegneem van jou mens-waardigheid ("dignity"), die tweedeklas burgerskap, die diskri-minasie op grond van my ras/velkleur... [Isak 16-164].

### 4.1.4 "Dit was 'n fout, maar..."

Sommige sê die regte woorde, maar of dit konsekwent so bedoel word, is 'n ope vraag. Karin [18-086] skryf:

> Apartheid het die vooruitsig ("hoop") op algehele ontwikkeling, veral vir die kinders beperk en in sommige gevalle selfs uitgesluit. Dit het aanleiding

> gegee tot ongelukkigheid, aggressie en moedeloosheid, vir die onregverdige benadeling. Voorts is stemreg aan bande gelê wat die waardigheid aangetas het, weens afwesigheid van deelname in die land. Bogenoemde het aanleiding gegee tot gevoelens van onderdrukking en uitsluiting.

En dan gaan sy voort en beskryf swart mense se onderwyssituasie: Vanweë swak skolastiese agtergrond was hul aangewese om die laagste vlak van arbeid, nl. ongeskoolde arbeid terwyl sommige veel meer potensiaal gehad het [Karin 18-091]. Dat wit en swart skole in die apartheidsjare geensins met mekaar vergelyk kon word nie, word nie in berekening gebring nie. In die voorafgaande paragrawe het sy haar uitgespreek ten gunste van afsonderlike ontwikkeling: Daar is in beide wit swart en ander rasse voorsiening gemaak vir die bou van skole en sub-ekonomiese behuising deur onderskeie Munisipaliteite. Selfs bruin en swart mense verklaar tans dat hulle beter af was in die apartheidsdae [Karin 18-077]. Op hierdie argument reageer Isak [16-142] só: Die redenasies dat apartheid nie net sleg was nie, soos dat ons nou ŉ land het met infrastruktuur en so meer, hou seker water. Maar nie genoeg om die negatiewe te kanselleer nie. Karin [18-174] skryf: As kind het ek nie werklik die omvang daarvan besef nie. Dit blyk dat haar begrip van wat apartheid eintlik aan swart mense gedoen het, sedertdien nie dramaties verbeter het nie.

Smith (2010a:16) gaan selfs verder en voer aan dat daar ten tye van die skryf van sy boek “nog talle Afrikaners [is] wat glo dat apartheid nie so sleg was nie en dat die stelsel wel vir die gekleurdes tot voordeel was.” En dan gaan hy voort: “Erger nog is die feit dat hulle met leedvermaak hoop en bid dat apartheid weer ingestel sal kan word om al die post-apartheidsprobleme op te los en die land na ‘normaal’ te laat terugkeer.”

Die voorstaanders van hierdie standpunt plaas hulleself onmiddellik weer in die swart kwadrant. Hulle *ontken* enige negatiewe effek van apartheid en hulle wil glad nie daaraan verander nie, selfs al sou hulle *bemagtig* wees om dit te kan doen.

Die verskillende maniere waarop wit Afrikaners na apartheid kyk sal uiteindelik bepaal in hoe ŉ mate hulle hulself as skuldig beskou. Hierdie vlak van skuld sal dan weer die

bereidheid tot skuldbelydenis en restitusie bepaal. Op hierdie sake sal teruggekom word.

Wat ook al die onderliggende redes vir apartheid was, dit het bepaalde sigbare gestaltes aangeneem. Een van hierdie gestaltes wat in hoofstuk drie beskryf is, is dat die beleid wit en swart in twee verskillende wêrelde laat leef het. In 2012 is hierdie twee wêrelde steeds duidelik sigbaar.

### 4.2 "Steeds twee wêrelde"

Soos in hoofstuk drie aangedui, was apartheid suksesvol om die verskillende rasse uitmekaar te hou. Dit was asof wit en swart in twee wêrelde, wat eintlik niks met mekaar te make gehad het nie, gewoon het (Sello 1998:15). Die kontak was grootliks beperk tot die werksituasie waar dit gewoonlik die swart persoon was wat 'n ondergeskikte posisie ingeneem het.

Volgens Mike en Naomi [10-099] het dinge nog nie veel verander op die platteland waar hulle woon nie. Die verhouding is steeds een van werkgewer-werknemer. Ook die kerk het nie veel verander nie. Hanlie behoort tans aan 'n onafhanklike kerk, maar sê daar is maar baie min swart mense wat eredienste daar bywoon. Sy `weet nie of taal en die kultuur tog 'n baie groot rol speel nie` [Hanlie 12-040]. Op die ou end leef wit en swart tog nog in 'n groot mate in twee verkillende wêrelde [Hanlie 12-110].

Hierdie twee wêrelde is deels die gevolg van 'n keuse wat uitgeoefen word. Tydens die apartheidsjare het die regering met byvoorbeeld die wette oor afsonderlike woonbuurte en geriewe die verskillende rasse uitmekaar gehou. In die post-apartheid Suid-Afrika het die bedeling nie oornag verander nie. Alhoewel aparte geriewe iets van die verlede is, is woonbuurte steeds oorweldigend op ras gebaseer terwyl al hoe meer middel- en hoër klas swart mense in tradisioneel wit woonbuurte intrek (Mischke & Mafetu 2000:14).

Volgens die 2011 SA Versoeningsbarometer is Suid-Afrikaners steeds geskei op grond van taal, etnisiteit en ras, al sê die Nasionale Beplanningskommissie (NPC 2011:elektroniese bron) dat rassisme en vooroordeel verminder het. Op 'n gewone

weeksdag praat 42% van alle mense nooit of selde met iemand van ’n ander ras en 59% van die bevolking sosialiseer selde of nooit met iemand van ’n ander ras nie. “This is perhaps to be expected, given the lasting spacial legacy of apartheid. As long as South Africans continue to live and work in realtively homogenous communities, these patterns will be difficult to change” (Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia 2011:30).

Die homogene gemeenskappe hou bevolkingsgroepe uitmekaar, maar dit lyk ook of sommige mense dit nog altyd so verkies het. Van der Westhuizen (2007:302) vertel dat daar ná die uitspraak van minister Jimmy Kruger oor Steve Biko se dood, ’n geskarrel in die NP kongres was omdat selfs van die parlementslede nie geweet het wie Biko was nie. Sy vertel ook dat die Britse Gemenebes se *Eminent Persons Group* wat Suid-Afrika in 1986 besoek het, verslag gedoen het dat “even the most enlightened ministers whom we met seemed out of touch with the mood in the black townships” (Van der Westhuizen 2007:307).

Hierdie houding van afsondering het ook op ’n persoonlike vlak uitgespeel. Smith (2010a:45) vertel van ’n wit man wat hom gebel het oor sy swart tuinwerker wat gesterf het. Die man het nie geweet wat om nou te doen nie, omdat hy niks van die swart man se agtergrond geweet of sy familie geken het nie. By verdere navraag blyk dit toe dat die tuinwerker al veertig jaar daar werk sonder dat sy werkgewer enigiets van hom weet. ’n Paar bladsye verder vertel hy ’n soortgelyke verhaal van ’n swart huiswerker wat ook sterf na vyf-en-dertig jaar se diens. Ten spyte daarvan dat sy al die gesin se kinders grootgemaak het en daagliks vir hulle kos gekook het, het hulle niks meer van haar geweet as bloot haar naam nie (Smith 2010a:48).

’n Groot faktor wat rasse steeds uitmekaar hou, is die feit dat die meeste wit mense dikwels nie ’n swart Afrikataal kan praat nie. Hierdie onvermoë beperk hulle blootstelling aan die leefwêreld van swart mense en maak hulle in ’n sekere sin `vreemdelinge in hierdie land` [Albert 12-155]. Vir Hanlie [12-090] is hierdie gebrek aan ’n Afrikataal ’n groot probleem wat dringend in die skole aandag moet kry.

Deels as gevolg van die taalprobleem, maar ook uit vrye keuse, word gekies om sekere boeke te lees, om sekere TV programme te kyk en met sekere mense te meng. Hierdie boeke, programme en mense is gewoonlik dié waarmee wit mense maklik kan identifiseer. Die gevolg is dat die twee wêrelde nie nader aan mekaar beweeg nie. In

hierdie verband het die TV-reeks *7de laan*[28] waarskynlik meer gedoen as baie ander om die verskillende rasse aan mekaar bekend te stel.

> Al is apartheid as beleid iets van die verlede, is dit beslis nie dood nie. Hieroor skryf die Christen-joernalis Linda Martindale amper tien jaar gelede: "Apartheid, the legal system, fell. Yet the spirit of apartheid, and its consequences, still lives on. The struggle continues for equality, dignity, and economic justice – not only in the halls of parliament, but on the streets of the townships where the aftershocks of decades of injustice and exploitation are still felt on a daily basis" (Martindale 2003:elektroniese bron). Sommige mense leef in 2012 steeds asof 1994 nooit gebeur het nie.

Hanlie [12-479] maak 'n punt daarvan dat wit mense meer moeite moet doen `om die twee wêrelde nader aan mekaar te bring` en meer moet waag `ter wille van ons kinders` [Hanlie 12-430]. En tog erken sy: `Ek was nog seker net drie keer in Thabong in my lewe en dit was saam met ander onderwysers om vergaderings daar by te woon of begrafnis daar te gaan bywoon. Ek was nog nooit op my eie daar nie` [Hanlie 12-438]. Sonder 'n doelbewuste poging gaan hierdie soort blootstelling nie gebeur nie.

Wat wel gebeur is dat die blootstelling by die werk en in die openbare lewe dramaties vermeerder het. Deur die bank vertel die mede-navorsers dat hulle nou nog meer as in 1998 skouers skuur met swart kollegas en amptenare. Hierdie kontak word oorwegend as positief aangeteken. George [15-037] vertel van sy swart kollegas wat geleidelik deel van sy werkswêreld geword het. Ten tye van sy aftrede het hy `oorwegend met swart skole` [George 15-018] gewerk. George [15-077] vertel dat hy goeie verhoudings het met swart kollegas, selfs met `die skoonmaker`, iets wat in die `ou bedeling` nie sou gebeur het nie [George 15-099]. Die beste van alle sê hy: `Dit is 'n ding wat spontaan gebeur het, dit was nie gedwonge nie` [George 15-107].

---

[28] *7de laan* is 'n Afrikaanse TV-sepie wat reeds sedert 4 April 2000 uitgesaai word. Die program met akteurs van verskillende rasse is oorwegend Afrikaans, maar Engels en van die Afrikatale word ook gebruik saam met vertaalde onderskrifte. Die program word gekenmerk deur die gemaklike interaksie tussen persone van verskillende rasse. In 2007 het 60% van Afrikaanssprekendes ingeskakel op die program. Ongeveer 42% van die kykers is swart (Blaauw 2007).

Die ander mede-navorsers het soortgelyke verhale te vertel. Elsa [9-058] vertel:

> Ek persoonlik het op 'n meer persoonlike vlak by die bruin en swart mense betrokke geraak as gevolg van 'n interkerklike vroue groep... by wie ek aangesluit het toe ek hier aangekom het. En dit was die eerste mense wat na my toe uitgereik het. En daar is geen diskriminasie van ras of stam of wat ook al nie. So of jy nou kleurling is of pikswart is almal omhels mekaar en gee mekaar 'n drukkie en so. Dit het ek op 'n baie persoonlike manier beleef.

Hanlie [12-126] vertel dat haar een kleinseun se beste maat 'n swart seun is wat saam met hom in die skool is. Hulle twee slaap oor en weer by mekaar en hy was al saam met hulle op vakansie. Vir hulle is die verskil in velkleur totaal niks snaaks nie.

Die grootste blootstelling aan ander rasse vind deesdae sekerlik by die werksplek plaas. Saldaňa (2003:161) vra die vraag: "What contextual and intervening conditions appear to influence and affect participant changes through time?" Die blootstelling aan ander rasse by die werkplek speel 'n groot rol om bestaande stereotipes af te breek. [E]k wil tog sê ek dink daar is tog 'n verandering aan die gebeur in die sin dat daar genoeg mense is wat sê, of wat ondervind dat die omstandighede waarin hulle werk byvoorbeeld hulle kollegas en so aan, dat daar wel mense is wat briljant is en wat goed opgelei is [Hanlie 12-309]. As deel van Isak se werk reël hy jaarliks 'n padwedloop tussen twee kampusse van 'n plaaslike VOO[29] kollege, bekend as die *Campus 2 Campus* wedloop. Hieroor skryf hy:

> Ons het geweldige positiewe terugvoer van die atlete gekry. Van die atlete was vir die eerste keer in Thabong, en het vir ons gesê dat dit 'n goeie ervaring was en dat baie van hulle persepsies verkeerd was. Die Thabong gemeenskap het die wedloop ten volle ondersteun, en wit en swart atlete is ondersteun... Ek dink dit is miskien nie groot nie, maar 'n betekenisvolle brug wat gebou word tussen die

[29] Kollege vir Verdere Onderwys en Opleiding. Dikwels meer bekend in sy Engels benaming: *Further Education and Training (FET) College*.

> twee gemeenskappe. Heel ekstreem gestel, ek dink van ons mense kon sien dat dit net gewone mense is wat in Thabong bly, en dat daar nie net "*gangsters*" en misdadigers is nie [Isak 16-552].

Nie dat hierdie verandering noodwendig maklik was nie. Johan [11-031] vertel dat hulle deesdae by die werk baie meer kontak met swart kollegas het. Dit het noodwendig daartoe gelei dat hulle onder andere toilette begin deel het wat twintig jaar terug... jy nie eens aan gedink het nie [Johan 11-034].

Op 'n meer persoonlike vlak was die noue kontak met ander rasse ook nie altyd so maklik nie. Frans [9-072] vertel van sy geskeide dogter wat 'n vriend by die werk ontmoet het. Hulle het aanvanklik nie veel van hierdie man geweet nie en toe hulle hom wel ontmoet, ontdek hulle hy is 'n bruin man. Ten spyte daarvan dat ek ons kinders ek dink ek het dit die vorige keer ook gesê redelike liberaal grootgemaak het om mense te respekteer. Maar skielik toe dit naby aan my bas kom, toe is dit 'n ander storie. Elsa het dit makliker aanvaar as ek. Hierdie selfde sentiment word ook deur Karin [18-170] verwoord as sy sê: Inherent het ek seker 'n stukkie apartheid in myself; ek kan myself byvoorbeeld nie indink dat een van my kinders met iemand van 'n ander ras of kultuur trou nie.

Ten spyte van hierdie uitdagings wil dit tog lyk of die mede-navorsers dit eens is dat die twee wêrelde tog nader aan mekaar beweeg. Selfs iemand soos Karin [18-160] wat erken dat sy nog 'n stukkie apartheid in haar het, sê mense wat nie blootstelling geniet nie, sal stadiger aanpas. Elders stel sy dit só: Eers wanneer mense betrokke raak, breek dit voor oordele en agterdog af, maar dan voeg sy ook by: Daar is nog ongelooflik ruimte vir groei [Karin 18-062].

Die grootste wins van die blootstelling aan swart mense is dat hulle gesien en beleef word as egte *mense* en niks anders nie. Ek dink daar is 'n klomp sulke voorbeelde in Suid-Afrika van hierdie skuif wat gekom het waar mense mekaar as mense aanvaar ongeag van jou velkleur, ongeag jou kultuur, maar dat ons as medemens by mekaar uitkom [Albert 15-626]. Isak [14-105] verwoord sy ervaring hiervan: Jy sien die mense se

hart, jy sien die mense se gesindheid, jy sien die mens se intellek en jy sien nie meer die kleur raak nie. Na sy jarelange blootstelling aan die swart gemeenskap in sy werk, maar ook onder andere deur middel van die ontwikkeling van skolehokkie by skole van verskillende rasse, kan hy getuig: Maar vir my, wat dit aanbetref het die wit/swart verdwyn. En ek sê dit nie net om dit te sê nie. Ek sal met daai mense enige tyd assosieer [Isak 14-125]. Ook George [15-141] se blootstelling aan swart kollegas en swart skole het by hom 'n groot skuif laat kom oor wit en swart: dis nie meer belangrik nie.

Die groter blootstelling aan swart mense oor die afgelope dekade of wat het egter ook 'n ander aspek na vore gebring. Nie almal het hierdie blootstelling as positief beleef nie. Op die platteland waar daar nie so baie winkels is nie en almal eintlik maar by dieselfde plek moet koop, voel wit mense vertrap, aldus Mike [10-079]. Hy sê die boeregemeenskap vind dit baie moeilik om te verander [Mike 10-090], omdat hulle nie gewoond [was] daaraan om te meng nie [Mike 10-200].

Johan [17-017] beskryf sy ervaring met swart mense by die werk:

> Werk daagliks saam en met en onder hulle. Weer onder die indruk gekom hoe rustig hulle die lewe vat en dat daar nie veel dringendheid is in vergelyking met die westerlinge nie. A.g.v. die eienskap kan ek nie sien hoe hulle alleen bv. die ekonomie kan bedryf nie. Tog beleef ek dat hulle baie eise stel en baie dinge as 'n reg beskou, sonder om veel in ruil daarvoor terug te gee.

Later verduidelik Johan [17-021] sy houding teenoor sy swart kollegas:

> Ek dink vanaf 1994 het my houding deur 'n kurwe gegaan: aanvanklik 'n "kom laat ons kyk wat gebeur" houding; daarna een van matige positiwiteit en daarna weer baie afwaarts as gevolg van misdaad en veral korrupsie. Dit wil lyk asof korrupsie, omkopery ens. maar inherent is aan hulle en van bo af is daar altyd regverdiging vir dade.

Karin [18-046] voer aan daar het in baie opsigte meer betrokkenheid van die Blankes se kant gekom maar alles is nie altyd met ope arms deur ander rasse en kulture ontvang nie. Sy verwoord ook 'n frustrasie wat dikwels in die gesprekke en ook in koerante en elders na vore kom:

> Voorts het swak dienslewering en onbevoegde bestuursvaardighede en die gevolge daarvan aanleiding gegee tot wantroue deur alle rasse. Sommige swart en kleurling mense is van mening dat hulle beter af was in die apartheidsjare as nou. Aan die ander kant raak blankes moeg vir swak dienslewering, korrupsie en onbevoegde hantering van sake [Karin 18-049].

Die blootstelling van die verskillende rasse aan mekaar was 'n noodwendigheid na die 1994 oorgang. Die nuwe leefwêreld is egter nie oral ewe gemaklik aanvaar nie. Dit was veral die wit Afrikaner wat gewoond was aan 'n bepaalde lewenstyl en magsbasis omdat hulle die oor van die regering gehad het, wat groot aanpassings moes maak. Maar ons moet besef ons is die minderheid in die land. Ja. En die land kan nie net gevorm word vir die Afrikaanssprekende persoon nie [Hanlie 12-160]. Een van die knelpunte wat in hoofstuk drie uitgewys is en direk deur hierdie groter blootstelling geraak word, is die kwessie van rassisme.

### 4.3 "Ek is (nie) 'n rassis (nie), maar..."[30]

> *Ek was meer as een keer in 'n situasie waarin ek probeer antwoorde gee het, maar terwyl ek gepraat het, het ek self al minder oortuig geraak. In gesprek met belangstellende buite-staanders het ek al minder geweet wat die antwoorde is. In die proses van die vertel van die verhaal het ek ontdek dat my storie al minder sin maak (Müller 2000a:23).*

Die meeste mede-navorsers sal, soos waarskynlike die meeste ander mense ook, sê dat hulle nie rassiste is, of ten minste nie wíl wees nie. Ek sou sê ek is minder rassisties as vroeër [Isak 16-190] of Dit is net nog 'n mens [Frans

[30] Na aanleiding van Fisher (2007:3) se opmerking oor mense wat hulle rassisme ontken en dan tog rassisties optree en Mnguni (2012:) se opmerking oor wit en swart mense wat erken dat hulle rassiste is.

9-093] en dan voeg hy by wit mense raak gewoond aan swart mense wat nuus lees [Frans 9-621]. Gewoonlik gaan hierdie nie-rassistiese posisie gepaard met 'n doelbewuste keuse. Isak [16-182] sê Ek wil my medemens met respek behandel en daarom het hy die doelbewuste keuse [gemaak] om nie k-woord te gebruik nie [Isak 16-206]. Karin [18-150], wat ook aanspraak maak om nie-rassisties te wees, gee toe Ek het al uit woede, frustrasies en teleurstelling die woord gebruik.

Die saak is egter nie so eenvoudig nie. Om bloot jouself as nie-rassisties te verklaar, beteken nie dat dit in die praktyk so is nie.

### 4.3.1 Wat is rassisme?

Wanneer daar gevra word na die definisie van rassisme is daar soveel menings as mense. Saam hiermee is daar ook nog heelwat verwarring oor wat rassisme is en wat dit nie is nie. So vra Johan [17-076] die vraag: Hoekom is dit rassisme as 'n mens besef en erken dat daar verskille is solank die een homself net nie beter as die ander beskou nie?

Ten spyte van die verwarring is daar tog 'n aantal duidelike lyne wat in hierdie diskoers sigbaar word. Definisies van rassisme sluit telkens weer aan by die temas van mag en menswaardigheid. Fisher (2007:1) begin sy boek deur te sê: "Most South Africans used to believe that black people were not capable of being racist, because this implied a sense of power and the ability to act on one's beliefs." Die veronderstelling is dus dat iemand wat nie oor enige mag beskik nie, nie 'n rassis kan wees nie. In hierdie standpunt word hy ondersteun deur die *Cape Argus* joernalis Trevor Oosterwyk:

> My understanding is that the primary form of racism is the one related to power relations – having the power to be racist. You can call somebody this or that, and this would not amount to racism if you didn't have the power to take action. I don't agree that you can be racist if you do not have the ability to act against people on the basis of their race, or when you cannot negatively impact their life. If I call you a Kaffir, but I did not have the ability to act on my notion of you being a Kaffir – for instance, if I could not deny you a job or arrest you on the basis of that notion – then that is not racism (aangehaal in Fisher 2007:87).

Hierdie standpunt van Oosterwyk is egter nie ongekwalifiseerd houdbaar nie. Alhoewel dit waar is dat baie rassistiese optredes vanuit ’n posisie van mag gebeur, is dit nie altyd die geval nie. Selfs ’n ondergeskikte kan rassisties optree teenoor sy meerdere.

Sonder om spesifieke redes vir sy standpunt te gee, huldig Fisher (2007:86) later ook die standpunt dat rassisme nie alleen net met mag te make het nie:

> Under apartheid, we often argued that it was impossible for black people to be racist, because they were powerless to act on their racism, unlike whites who had political and economic power. Recently, however, I have come to believe that it is in fact possible for black people to be racist, and that you can be racist even if you do not have the power to act on your beliefs.

Die rede vir Fisher se verandering van standpunt het waarskynlik te make met die ander aspek van rassisme. Rassevooroordeel en rassisme het ook alles te make met menswaardigheid, en wel soos dit neerslag vind in veronderstelde rassemeerder-waardigheid en –minderwaardigheid.

Rassisme het alles te make met hoe ’n mens jouself sien ten opsigte van ander rondom jou. Die DA se skadu-minister van Basiese Onderwys en voormalige akademikus Wilmot James beskryf rassisme as “a presumption of inferiority or superiority or consequential difference based merely on appearance, principally skin colour” (aangehaal in Fisher 2007:94). Elders in dieselfde boek verklaar hy:

> There is a sense of cultural superiority in some people that are just offensive. This is something that you find a lot among English-speaking whites who take for granted a sense of superiority as a result of a civilised European heritage. I don’t know what to do about it. Multiculturalism is fine but when it comes to a sense of superiority because of ethnic chauvinism, then it becomes a problem (Fisher 2007:65).

Hierdie houding was reeds sigbaar in die tyd van die Engelse kolonialisme. Sparks (1990:45) haal vir Cecil John Rhodes aan wat sou sê:

> I contend that we are the finest race in the world, and that the more of the world we inhabit, the better it is for the human race. Just fancy, those parts that are at present inhabited by the most despicable spec-

> imens of human beings, what an alteration there would be if they were brought under Anglo-Saxon influence.

Dit was egter nie net die Engelse wat so 'n houding ingeneem het nie. "We know that the Dutch held such views [oor rassemeerderwaardigheid] in Batavia and they seem to have had an even more contemptuous attitude toward the indigenous inhabitants of Africa from the day they landed (Sparks 1990:29). Hy gaan dan voort en verwys na 'n ene Wouter Schouten wat in 1665 oor die "Khoikhoi" skryf:

> Although descended from our father Adam, [the Khoikhoi] yet show so little of humanity that truly they more resemble the unreasonable beasts than reasonable man... having no knowledge of God nor of what leads to their salvation. Miserable folk, how lamentable is your pitiful condition! And oh Christians, how blessed is ours! (aangehaal in Sparks 1990:29).

Dat rassisme, soos dit in Suid-Afrika neerslag gevind het in apartheid, alles met menswaardigheid te make gehad het, is onontkenbaar. Wanneer swart mense skryf oor hulle ervaring onder apartheid, is dit telkens die aantasting van hulle menswaardig wat voorop staan.

Ewald van Rensburg (2009:181) haal vir emeritus aartsbiskop Desmond Tutu aan wat pleit: "Genugtig, sal hulle hoor, sal wit mense hoor wat ons probeer sê? Asseblief, al wat ons julle vra om te doen, is om ons as medemense raak te sien." Gobodo-Madikizela (2004:34) vertel van 'n sekere besoek aan Eugene de Kock in die gevangenis. Op pad huis toe oorweldig die ervaring haar en sy begin huil: "My tears were for all those years being denied the right to share a sense of pride about being South African, and being relegated to a second-class citizen, even a foreigner, in the country of my birth, and my parents' and their parents' birth. I felt a deep sense of loss about this."

Sy verwys ook na 'n insident tydens 'n internasionale konferensie van psigoanaliste in Kaapstad in 1998 waar sy gevra is of Eugene de Kock nie dalk besig is om haar te manipuleer nie. Voordat sy kon antwoord, reageer die konstitusionelehof-regter Albie Sachs. "Sachs spoke about how important it was 'to see these men's humanity,' and how much our

> hope as South Africans depended on reaching out to such glimpses of humanity in a spirit of compassion instead of revenge." Na jare van die ontkenning van sommige groepe se menswaardigheid, was dit vir hom die primêre kwessie om raak te sien (Gobodo-Madikizela 2004:45).
>
> Ook Nico Smith, die wit dominee van die swart gemeente Mamelodi, verwys telkens na die kwessie van menswaardigheid. Só beskryf hy die "onsigbare" swart werkers wat in wit woonbuurte mag gewoon het op voorwaarde dat hulle hulself in diens van die wittes moet stel. "Hulle was dus nog sigbaar teenwoordig in die gebiede wat vir die wittes geproklameer is, maar slegs om 'n bepaalde funksie in die wit gebiede te vervul. En wanneer *menswees* vervang word met *funksie-wees*, is mense nie meer mense nie maar implemente. Met implemente kan jy doen soos jy goeddink. Dis soos 'n implement in jou huis of tuin" (Smith 2010a:24). Om hierdie rede noem hy Suid-Afrika 'n "swartmens-onvriendelike land."

'n Politieke beleid wat gebou word op mag en die ontkenning van menswaardigheid, loop uit op dit wat die voormalige lid van die Menseregtekommissaris Rhoda Kadalie noem "a system that privileges people on the basis of race" (aangehaal in Fisher 2007:92). So het apartheid, rassisme in werksklere, 'n sisteem geword wat mense bevoordeel of benadeel het op grond van 'n onveranderlike faktor soos velkleur.

'n Sisteem moet egter in stand gehou word. So was dit ook met apartheid. Die sukses van die beleid het afgehang van die steun wat wit mense daaraan gegee het om die NP politici aan bewind te hou. Danie [13-087] mag dalk reg wees as hy aanvoer dat rassisme nie net die sonde van die Afrikaner is nie: `Jy kry rasisme onder swartes, jy kry dit onder Indiërs, jy kry dit onder kleurlinge. Rassisme is wêreldwyd`, maar in Suid-Afrika was dit die wit kiesers wat die beleid in stand gehou het. Ten spyte van die verweer van *onmag* wat hulle in die onderste twee kwadrante van Weingarten (2000) sou plaas, was wit kiesers oor dekades by magte om apartheid by die stembus te beëindig. Frans [9-246] is heel eerlik as hy hieroor praat: `as jy gaan stil sit en mooi oor al hierdie goeters gaan dink, dan kan ek nie glo dat ek so naïef was, so dat ek dit op 'n stadium ook gesteun het nie.`

In my opvolggesprek met Hanlie vra ek pertinent die vraag: My vraag is of individuele mense op 'n punt al gekom het om te sê maar weet jy dit wat ons gehad het was verkeerd. Ek kry so 'n idée dat ouens wil daardie stappie spring en sê man kom ons vergeet dit wat verby is, kom ons gaan nou net aan [Albert 12-550]. Dis asof wit Afrikaners die impak van die rassistiese bestel bloot wil wegwens. Wanneer ek met Frans praat, praat ons oor rugby en spesifiek ook oor regstellende aksie in sport. Sy reaksie was: Dit voel vir my ons behoort nou by dit verby te wees [Frans 9-676].

### 4.3.2 Die onvermydelike van ras

Hoeveel wit mense die impak van rassisme ook al wil wegwens, kan dit nie gebeur nie. Suid-Afrika het 'n geskiedenis hieroor wat nie vanself sal weggaan nie. Vanuit 'n Amerikaanse konteks skryf Nathan McCall, 'n swart Amerikaner, oor sy eie onvermoë om weg te kom van ras:

> I told Danny I did not have a choice in the matter. "You can sit around and intellectualize about race when you want to, and when you get tired of it you can set it aside and go surfing or hang-gliding and forget about it. But I can't. Race affects every facet of my life, man. I can't get past race because white folks won't let me get past it. They remind me of it everywhere I go. Every time I step into an elevator and a white woman bunches up in the corner like she thinks I wanna rape her, I'm forced to think about it. Every time I walk into the stores, the suspicious looks in white shopkeepers' eyes make me think about it. Every time I walk past whites sitting in their cars, I hear the door locks clicking and I think about it. I can't get away from it, man. I stay so mad all the time because I am forced to spend so much time and energy reacting to race. I hate it. It wearies me. But there is no escape, man. No escape (McCall 1994:346).

Die Stellenbosse teoloog Nico Koopman werk met 'n bruikbare definisie van rassisme wat 'n goeie samevatting van die konsepte van mag en menswaardigheid bied. Hy haal die Nederlandse geleerdes Opschoor en Witvliet hieroor aan: Rassisme is "...the specific ideology that organises and regulates the exploitation and dependence of a

specific ‘race’ on the basis of the assumed cultural and/or logical inferiority of that ‘race’. In this way actual differences in power are maintained and intensified” (Koopman 2008:160). Hierdie definisie onderstreep dat daar in rassisme ’n onderliggende idee van meerder- / minderwaardigheid is. Hierdie houding is gekoppel aan die persoon se ras.

Die konsep “ras” mag dalk ’n uitgediende begrip wees, maar dit neem nie die gebruik daarvan weg nie. So meld Alexander (2010:elektroniese bron) dat die gebruik daarvan steeds deel van die werklikheid is:

> Vandag aanvaar die wetenskap dat “ras” nie ’n geldige biologiese entiteit is nie. Dit beteken egter nie dat ons die sosiale werklikheid daarvan moet ontken nie. Ontkenning is geen oplossing vir enige sosiale siekte nie, hetsy dit oor iets soos Vigs hetsy oor rassistiese vooroordele gaan. Die meeste Suid-Afrikaners dink nog altyd in terme van sulke kategorieë, omdat hulle gekondisioneer is om hul werklikheid te aanvaar. Hulle bekyk die wêreld nog altyd deur brille wat deur ’n uitgeleefde konsep van “ras” besmet is.

Hy verwys na Montagu wat reeds in 1943 met sy boek *Man’s Most Dangerous Myth: The Fallacy of Race,* die konsep van ras as ‘n mite afgemaak het. En dan gaan hy voort:

> Na die gruwelikhede van die transatlantiese slawehandel in ’n vroeëre periode en in Nazi-Duitsland, die voormalige Joego-Slawië, Rwanda en in so baie ander plekke in die laaste eeu, kan niemand meer twyfel dat “ras” inderdaad een van die vuurhoutjies is wat die briljantste prestasies van die menslike gees kan verwoes nie (Alexander 2010:elektroniese bron).

Rassisme misbruik dus ’n uitgediende konsep van ras om mense te klassifiseer as persone met meer of minder waarde. Op grond van stereotipering en kondisionering word hierdie vooroordeel bevestig en versterk. Isak [14-168] verwys na ’n tipiese voorval van gevestigde stereotipering waarmee hy te doen gehad het:

> jy kom by ’n plek en jy parkeer en die klomp staan en gesels en hier kom ’n swart ou aan en groet en die wit ou vra *o, kom jy ons kar oppas?* Hy sê *nee, ek is nie ’n sekuriteitswag nie, ek werk hier*. So jy het nog altyd daar persepsies, daai stereotipering.

Saam met hierdie sienings oor menswaardigheid is daar ook die aspek van mag. Grondwetkenner Pierre de Vos (2009:elektroniese bron) voer aan dat rassisme beperk is tot wit mense. Wanneer swart mense optree in 'n rassistiese wyse noem hy dit "black prejudice and bigotry", maar nie rassisme nie. Hy reageer op 'n opmerking van McKaiser (2009:elektroniese bron) wat sê dit is "actually disrespectful to suggest that we [swart mense] cannot be racist." De Vos voer aan "McKaiser misses the point of the academic debate around racism" – en wat volgens hom alles met mag te doen het:

> Racism, for this group, is also about institutional and, more broadly, structural power and outcomes that systematically benefit one group to the disadvantage of another or other groups. One can therefore only be racist if you belong to the powerful group… (De Vos 2009:elektroniese bron).

Alhoewel De Vos se standpunt meer algemeen voorkom, soos hierbo aangetoon, is dit nie noodwendig waar nie. Ek is eerder geneig om met McKaiser (in De Vos 2009:elektroniese bron) saam te stem dat so 'n argument 'n verkeerde uitgangspunt gebruik. McKaiser noem twee teen-argumente. Die eerste is dat daar volgens hierdie mag-argument twee groepe mense is wat dan uitgesluit is van die moontlikheid om rassisties te wees: arm wit mense wat geen mag het nie en swart middelklas mense met ekonomiese mag. In die tweede plek sê hy "racism is prejudice based on morphological traits. Simple."

De Vos (2009:elektroniese bron) volstaan egter met sy posisie waar hy onderskei tussen wit rassisme en swart vooroordeel en skynheiligheid. Hy sê:

> This distinction seems important to me… because it acknowledges… the structural, institutional and discursive "reality" in our late capitalist, post-colonial, globalised world. In this world, the culture associated with whiteness is assumed naturally to be superior to any other and this is embedded in the way the world is structured, the way we (all of us) talk and think and do.

Ek reken dat McKaiser reg is dat rassisme by alle rasse voorkom. Ek meen egter dat De Vos 'n geldige punt het in soverre hy mag koppel aan rassistiese gedrag. Hierdie mag wat funksioneer in rassisme is egter nie geleë in die persoonlike mag om byvoorbeeld vir iemand 'n werk te gee of nie te gee nie, soos Oosterwyk (aangehaal in Fisher 2007:87) hierbo redeneer nie. Dis ook nie geleë in politieke mag nie, soos De

Vos (2009:elektroniese bron) beweer nie. Dit is te beperkend om net so oor mag te dink. Die magspel van rassisme is eerder geleë in die abstrakte. Dit funksioneer binne die klimaat wat geskep word deur die idee van meerderwaardigheid van die persoon wat rassisties optree. Hierdie houding verleen mag aan die provokateur. In die gedagtewêreld van so 'n persoon is hy of sy magtiger as die een op wie hy of sy neersien en teenoor wie dan rassisties opgetree word.

Die wit persoon wat rassisties optree in die post-apartheid Suid-Afrika kan dit nie meer doen vanuit 'n posisie van mag nie, beslis nie meer politieke mag nie en ook weinig ander vorme van mag. En tog keer dit nie rassistiese optrede nie. Die swart persoon wat in die apartheidsera rassisties opgetree het teenoor 'n wit persoon, kon dit eweeens ook nie doen vanuit 'n posisie van sigbare mag nie, en tog het dit gebeur. Beide persone se rassisme is gesetel in 'n inherente idee van meerderwaardigheid en die mag wat dit aan 'n persoon verleen om rassisties teenoor *die ander* op te tree. Dit sou dan ook 'n verklaring bied vir die voorvalle van xenofobie wat die afgelope paar jaar dikwels in Suid-Afrika voorgekom het.

### 4.3.3 Nie-rassisties en meer rassisties

Al was rassisme deel van die vorige bedeling, is daar al meer getuienis dat ten minste sommige mense doelbewus daarna strewe om nie meer rassisties te wees in hulle optrede nie. Karin [18-029] verklaar: `Ek sien alle mense ongeag van ras of geslag as mensekinders wat deur God geskape is.` Elsa [9-436] sê `met my hele diepste wese wil ek nie 'n rassis wees nie` en ook Isak [16-174] se voorneme is duidelik: `Ek het doelbewus besluit om my gedagtes en denke nie deur rassisme te laat oorheers nie.`

En tog is dit so moeilik om by hierdie voorneme te hou. Sommige van dieselfde medenavorsers waarna hierbo verwys is, erken ruiterlik dat hulle sukkel om konsekwent nierassisties op te tree. Karin [18-171] bely `Inherent het ek seker 'n stukkie apartheid in myself; ek kan myself byvoorbeeld nie indink dat een van my kinders met iemand van 'n ander ras of kultuur trou nie.` Isak [16-174] sê `Ek sou genoeg redes kon vind om rassisties te wees, en om meer rassisties te word.` In 'n onbewaakte oomblik verwys Frans [9-350] na `die klein meidjie` en sy vrou Elsa [9-601] erken `as ek lees`

van 'n groot ongeluk en hulle het nou 'n lys name wat daarby is. As ek sien dit is swart name wat daar is, dan lees ek dit nie.

Op die vraag hoekom sekere mense klaarblyklik tans meer rassisties is as vroeër antwoord Isak [16-194] so: Ons sien die effek van misdaad, korrupsie, swak dienslewering, politici se uitsprake. Die plaasboere is onder bedreiging en onveilig. Regstellende aksie. Van die rääksien van hierdie probleme is dit dan 'n kort sprong om 'n rassistiese kleur daaraan te gee. Isak [16-183] is nugter genoeg om raak te sien Swak dienslewering, korrupsie en misdaad is nie 'n ras probleem nie, dit is 'n politieke of werksetiek of bestuursprobleme. Want hierdie dinge is nie net beperk tot 'n sekere ras nie.

Dalk is daar 'n eenvoudiger antwoord oor waarom dit lyk of mense tans meer rassisties as vroeër is. Dalk was dit in die ou bedeling nie nodig om so uitgesproke rassisties te wees nie, maar dit beteken nie dat rassisme nie ten minste onderliggend teenwoordig was nie. In die tyd tussen die aanvanklike en die opvolgnavorsing, was daar verskeie praktiese voorbeelde van openlike rassisme in Suid-Afrika. Dit is uiteraard nie moontlik om na almal te verwys nie, daarom word volstaan met 'n aantal uit die onlangse verlede.

Die rassistiese gebruik van die sosiale netwerk *Twitter*[31] het twee skoonheidmodelle diep in die moeilikheid gehad. Vroeg in Mei 2012 het die FHM[32] model van die jaar 2011, Jessica Leandra dos Santos, die wêreld aan die gons gehad met 'n *tweet* wat lui: "Just, well took on an arrogant and disrespectful kaffir inside Spar. Should have punched him, should have" (John 2012:elektroniese bron). Volgens ander bronne het sy al vantevore 'n soortgelyke boodskap ge-*tweet*: "Highlight of my weekend? Almost punching an #Engen petrol assistant. No tolerance for rude African monkeys whatsoever!" (Mnguni 2012:elektroniese bron). Dit het nie lank geneem vir die reaksies om in te kom nie. 'n Ander model Tshidi Thamana het gereageer met "Dear Mr Peter Mokaba... I wish All White People were killed when you sang 'Kill the Boer' we wouldn't be experiencing @JessicaLeanda's racism right now *☺*"

---

[31] *Twitter* is 'n aanlyn sosiale netwerk diens en mikro-blog diens wat gebruikers in staat stel om teksgebaseerde boodskappe van tot 140 karakters, bekend as *tweets* te stuur.

[32] 'n Glanstydskrif vir mans. Volgens hulle webblad (www.fhm.com) "we provide you with the very best in men's lifestyle with just about everything you would ever need to know or want to look at."

Op *Facebook*[33] was daar ook 'n hewige reaksie op 'n *status update* van Ken Sinclair waarin sy frustrasie met die gedrag van sy medestudente aan die Kaapstadse Tegnikon oorkook in erge rassistiese taal:

> Seriously, seriously, seriously, had enough of the blacks in this country. Arrogant f***ing swines, and I will make it my facebook status because I want them all to know. You are all f**k all without whites, you would still be in your little mud huts. Go on as if we owe you everything, we owe you shit! Expect everything for nothing and have the biggest attitudes I have ever come across (Mnguni 2012:elektroniese bron).

Dit het 'n hele ruk geneem voordat iemand vir Sinclair aangespreek het oor sy veralgemenings en rassistiese taalgebruik. 'n Hele aantal van sy vriende het eers ondersteunend gereageer op sy aanvanklike opmerking. Die twee modelle het ook ondersteuners sowel as teenstaanders gehad. Dit laat die vraag ontstaan of hulle werklik die uitsonderings was. Is hulle dalk bloot uitgevang terwyl daar baie ander is wat soortgelyke standpunte huldig? Is rassisme nie dalk meer algemeen nie? Op hierdie vraag antwoord die assistent-afrigter van die nasionale krieketspan Vincent Barnes as volg:

> The majority of South Africans are living their lives in much the same way as they did under apartheid. White people still refuse to share the things they had under apartheid. At least things are easier with the younger generation. They are brought up together... They go to school together and the play sport together. But the adults remain racist (Fisher 2007:96).

Laat in 2010 was daar 'n groot gefladder in die duiwehok na 'n onderhoud wat Hanlie Retief van *Rapport* met die Afrikaanse skrywer Annelie Botes gevoer het. Tydens die onderhoud het Botes gesê "Ek hou nie van swart mense nie" en "Ek verstáán hulle nie!" (Retief 2010:elektroniese bron). Hierdie uitsprake het reaksie van verskillende kante af ontlok. Sommige het haar volledig gesteun terwyl ander haar veroordeel het. Een van die eerste reaksies op *Rapport* se webblad was dié van *vlooi* (skuilnaam) wat skryf:

> Heng, die tannie mag maar namens my praat. Dankie Annelie Botes, dat jy uiteindelik opstaan en sê wat al lankal gesê moes word. Jy het meer guts as al ons leiers tesame, verlede en hede, wit en swart. Wil jy

[33] *Facebook* is 'n sosiale netwerk diens wat sedert 2004 bedryf word. Gebruikers registreer en skep 'n persoonlike profiel waarna hulle boodskappe en foto's met vriende kan uitruil.

> nie maar ons ou doodgewone-in-die-middel groep se leier word nie? Jy VERSTAAN dinge (in Retief 2010:elektroniese bron).

Alhoewel die meeste kommentare op die webblad ondersteunend was vir Botes, was daar ook ’n aantal wat skerp kritiek gelewer het. Só skryf ene *alidamvdm* (skuilnaam):

> Soos jy sê: So is jy maar. En dit vat presies saam wat skeel by sekere wit Suid-Afrikaners wat deel van die gif in ons samelewing uitmaak. Jy besef glad nie hoe disrespekvol (sic) jy is nie. Onder die dekmantel van eerlikheid en snaakswees, is jy aanstootlik, liefdeloos en uiters onregverdig teenoor jou mede-landsburgers. Hoe gouer jy emigreer, hoe beter vir almal (in Retief 2010:elektroniese bron).

Uit die voorbeeld hierbo genoem is dis duidelik dat rassisme nog ’n groot diskoers in die post-apartheid Suid-Afrika is. Miskien is Fisher (2007:1) reg as hy beweer: “I believe that most people in South Africa are racists.” Onder wit mense, skryf Smith (2010a:16), is daar nog steeds “mense wat glo apartheid was nie so sleg nie, tot voordeel van swartes, [wat] bid vir herstel van apartheid sodat alles weer ‘normaal’ kan wees.” Hierdie rassisme kom nie net van wit mense se kant nie. Mnguni (2012:elektroniese bron) voer aan “Many black people in our little corners will admit that they hate white people and want them as far away as possible, equally many white people in their little corners admit to this, too (about blacks).”

Sekere voorvalle en uitsprake wat as rassisties aangedui word, kan teruggevoer word na ’n houding van paternalisme waar die sogenaamde “meerderes” hulleself beskou as die voogde van die sogenaamde “minderes.” Dit sou dan onder meer insluit dat vír die “minderes” besluite geneem en keuses gemaak moet word. In die apartheidstyd was dit een van die uitgangspunte van die beleid dat wit mense namens swart mense besluite moes neem, omdat hulle kwansuis nie self daartoe in staat sou wees nie. In haar boek oor wit mag en die NP skryf Van der Westhuizen (2007:99) “the Afrikaners insisted that they knew what black people – ‘their’ Africans – wanted.”

Smith (2010a:44) skryf dat hy Verwoerd se beleid van apartheid kan verstaan in die lig van die wetenskap van daardie tyd, maar dan gaan hy voort:

> Die pyn wat sodanige skeiding in ’n samelewing teweeg sou bring, was nie ter sprake nie. Ons, die wittes, weet wat beskaafde standaarde en Christelike norme is. Ons sou aan elke etniese groep ’n eie woonplek

> (vaderland) gee en hierdie essensiële waardes aan hulle oordra om in hulle eie gemeenskappe te handhaaf.

Hierdie houding van meerderwaardigheid – en die gepaardgaande paternalisme – is steeds, moontlik onbewus, deel van sommige wit mense se gedragspatrone. Onder die mede-navorsers was dit veral Karin [18-029] wat tekens hiervan getoon het, ten spyte van haar aanspraak dat sy `alle mense ongeag van ras of geslag [sien] as mensekinders wat deur God geskape is` en `ek probeer elke mens menswaardig te laat voel en ek dink dit kom deur` [Karin 11-139]. In die opvolggesprek sê sy byvoorbeeld `Ek beleef hulle as hulle kyk op na my` [Karin 11-094] en wanneer ek haar uitvra oor wit mense wat nog namens swart mense besluite wil maak, dan antwoord sy: `Eintlik is dit *sweet*. Hulle het daai nederigheid en daai minderwaardigheid` [Karin 11-132].

Daar is ook ander redes wat aangevoer word vir die meer openlike rassisme van sommige wit mense in die onlangse verlede. In my gesprek met Frans stem hy met Elsa [9-417] saam `dat die mense is net meer uitgesproke` omdat hulle nou meer blootgestel is aan mense van ander rasse. Ek [Albert 9-424] probeer dit so saamvat:

> `Swart mense het dáár gebly en ons het hier gebly. In ŉ sekere sin het hulle hul eie winkels gehad en in hulle eie wêreld geleef. Ons het in ons wêreld geleef en hulle in hulle wêreld en nou is daai twee wêrelde een. Nou het ons net baie meer swart mense om ons as wat ons nog in ons lewe gehad het. Ek wonder nogal daaroor. Want ŉ mens hoor dikwels mense sê ek was nooit ŉ rassis nie maar... Dan is my vraag altyd is dit reg, was jy rêrig nooit ŉ rassis nie of was dit net nie ŉ kwessie gewees nie?`

Ek reken dat my vraag aan Frans en Elsa nog net so relevant is: Was diegene wat nou in post-apartheid Suid-Afrika so rassisties optree nie ook maar in die ou bedeling rassisties nie? [vergelyk Albert 9-384]. Dalk was dit net nooit nodig om uiting te gee daaraan nie. Uit die opvolgnavorsing was dit duidelik dat die meeste mede-navorsers raaksien dat wit mense tydens apartheid geopereer het vanuit ŉ rassistiese vertrekpunt. Enkele voorbeelde uit die gesprekke sal dit illustreer. Elsa [9-189] sê `daar`

is oppervlakkig 'n bietjie vordering, maar onderlangs is mense maar nog steeds rassisties. Johan [11-158] verklaar eerlik: Ons is rassisties want dit is hoe ons is en Mike [10-222] sê dat 'n groot gedeelte van mense nog so is. Later erken hy dat daar selfs mense is wat hoop dit gaan weer so word [Mike 10-133] soos in die tyd van apartheid. Die laaste voorbeelde hieroor kom van Isak [14-171]: Ek dink daar is 'n seksie ouens wat nog vol rassisme is, wat daar bly, wat nog glad nie geskuif het nie of nie gaan skuif nie, want hulle wil nie skuif nie en Danie [13-018] wat selfs sê: Ek dink mense wat nie rassisties was nie, het rassisties geword.

Blatante rassisme en 'n hunkering na apartheid kom steeds dikwels voor. As voorbeeld hiervan kan gewys word op 'n brief wat op verskillende webblaaie en blogs in verskille variasies en tale verskyn het. Op die webblad van Die Boervolk het ene *Rooi Jan* (skuilnaam), wat homself as die Hoofkommandant van die Boerevryheid Bestuur beskryf, 'n lang brief geskryf wat met hierdie woorde begin:

> Ons is jammer as die honderde duisende huise wat ons in Soweto en elders gebou het 'n bietjie klein was. Dis al wat ons kon bekostig. Ons is ook ontsettend jammer, so verskriklik jammer dat die goed nog steeds staan. Ons weet dit is eintlik simbole van die verwerplike apartheidstelsel maar ons het nie geweet hoe om huise te bou waarvan die mure binne twee jaar kraak nie (Boerevryheid 2008:elektroniese bron).

Die brief gaan voort in dieselfde rassistiese toon en is deurspek met stereotipes en veralgemenings wat alle wit mense voorhou as alles wat goed en eerbaar en reg is, en die swart mense as alles wat sleg en onontwikkeld is. Uit hierdie brief is dit duidelik dat sekere wit mense nie verstaan wat die effek van apartheid op swart mense was nie. Vir die skrywer van die brief is dit duidelik genoeg om aan te voer dat die wit mense, en die beleid van apartheid, materiële vooruitgang gebring het vir die inwoners van Suid-Afrika. Die prys wat daarvoor betaal is, word geheel en al buite rekening gelaat.

Hierdie onbegrip word goed verwoord deur Jansen wanneer hy praat oor die jong wit studente wat by die Reitz-video voorval betrokke was: "They asked me with tears what they had done wrong" (aangehaal in Johns 2009:1). Wit mense sien eenvoudig nie hulle eie rassisme raak nie.

Aan die ander kant van die spektrum het die impak van die jarelang dehumanisering van swart mense baie duidelik na vore gekom in die hofsaak oor Brett Murray se skildery *The Spear*. Hierdie skildery was deel van 'n groter uitstalling oor sosiale kritiek op die ANC-regering. *The Spear*, gebaseer op die uitbeelding van Lenin in 'n Sowjet-era propaganda poster, beeld president Zuma uit met sy geslagsdele wat uithang.

Alhoewel baie geskryf en gesê is oor vryheid van spraak en dergelike sake versus die privaatheid van die president (Haffajee 2012:elektroniese bron), was daar in baie van die kritiek 'n spesifieke verwysing na die apartheid-verlede. Dit is veral twee verwante sake wat ter sprake kom: "The ANC secretary-general, Gwede Mantashe, argued that the painting proved black people were still regarded as objects in South Africa. 'We have not outgrown racism in our 18 years [of democracy],' he said." (Smith 2012:elektroniese bron). Dit gaan dus nie oor eenvoudige rassisme *per se* nie, maar rassisme as menswaardigheidskending. In president Zuma se beëdigde verklaring aan die hof voer hy ook aan die skildery "has the effect of impugning my dignity in the eyes of all who see it" (Ng 2012:elektroniese bron). Die kwessies wat weereens na vore kom, is rassisme soos uitgedruk in die aantasting van menswaardigheid. In die hofsaak het Zuma se advokaat Gcina Malindi erken die saak gaan nie oor rassisme nie, maar oor waardigheid (Keogh 2012a:elektroniese bron).

Die voorval wat die diepte van die vernedering wat swart mense tydens apartheid ervaar het die beste uitgebeeld het, was toe advokaat Malindi hardop in trane uitgebars het tydens die hofsaak. Hy het aan die regters van die hof gevra: "Selfs diegene wat die ergste misdade pleeg, moordenaars en verkragters, word met waardigheid behandel. Hoekom dan nie die president van die land nie?" (Keogh 2012b:elektroniese bron). Ongeag die saak wat uitgemaak kan word vir vryheid van spraak en uitdrukking, is hier 'n beginsel wat in die lig van Suid-Afrika se rasse-geskiedenis nie geïgnoreer kan word nie.

'n Voormalige lid van die WVK, Ntsiki Sandi (2012:elektroniese bron) skryf na aanleiding van die rasse-geskiedenis dat ons moet waak teen "opening the wounds of the past." Hy gaan voort:

> The right not to be stripped naked or half naked, even artistically, but to be treated with respect and dignity is the inherent right of all human beings. It is a right that belongs to them not because of their cultural affinity or the pigmentation of their skin. The mere fact we are humans

> enjoins everyone to treat us with concern and consideration. This entitlement has nothing to do with race and culture. The right is so intrinsic and self-evident that other nations in the world have not included this particular right in their constitutions. But here it was a historical necessity that our constitution should entrench the right to human dignity as an inherent right.

Die skildery het egter nie lank genoeg gehang vir die hofsaak om afgehandel te word nie. Twee mans Barend la Grange en Louis Mabokela het onafhanklik van mekaar die skildery met verf besmeer. Mabokela, wat al die pad van Tzaneen[34] af gereis het om die skildery te sien, het as motivering aangevoer: "It's an insult. He is a parent" (Knoetze & Maphumulo 2012:elektroniese bron). La Grange het in 'n onderhoud gesê: "Toe hy en sy kinders sê die skildery verneder hom moes die galery-eienaars en Murray die insig gehad het om dit te verwyder. Hulle't mos klaar hul punt gemaak" (Retief 2012:elektroniese bron). Hy beskryf sy daad verder: "Ek het dit nié namens wit mense gedoen nie, maar as Afrikanerman het ek geroepe gevoel. Ons, gestereotipeer as die groot rassiste, het 'n verantwoordelikheid om daardie persepsie om te keer... So dit was die régte ding dat 'n wit man van die skildery ontslae raak." Hier was 'n man wat opgetree het vanuit die oortuiging dat hierdie saak oor baie meer as net 'n skildery gaan.

Teenoor die optrede van La Grange en die trane van advokaat Malindi – wat elk op sy eie manier besef het dat rassisme saamgaan met die aantasting van menswaardigheid – is daar uit die opvolgnavorsing dié reaksie van Johan. In antwoord op die vraag of wit mense kan wegkom daarvan om alles deur 'n ras-bril te bekyk, antwoord hy met 'n teenvraag: `Het die Skepper dit dan verkeerd gehad?` [Johan 17-098]. Die kernvraag is egter nie waarom mense as wit en swart gemaak is nie, maar of daar by die velkleur verbygekyk kan word. Johan blyk onwillig of nie in staat om raak te sien dat in Suid-Afrika ras nog nooit 'n neutrale begrip was nie, maar dat swart mense (d.w.s. alle nie-wit mense) deur wit mense benadeel en uitgebuit is nie.

'n Verswarende faktor is dat wit mense nie graag praat oor ras en die implikasies daarvan nie. Wit mense erken nie maklik die voordele wat hulle het as gevolg van apartheid nie.

> Most white people in South Africa feel uncomfortable when one raises

[34] Tzaneen is ongeveer 350km noord-oos van Pretoria.

> the topic of racism. Maybe it has to do with guilt over what happened under apartheid, or perhaps it is a genuine attempt at forgetting the past. Yet it is difficult to forget the past when its legacies still loom very large in our society. But the greater effects of our racist past can be seen every day in the many townships where black people continue to live the same miserable lives they lived under apartheid and where our democratic government is building worse houses for poor people than those built by the apartheid government (Fisher 2007:5).

### 4.3.4 Rassisme in remissie?

Dit sal waarskynlik nog baie lank wees voordat die meerderheid wit mense in Suid-Afrika die woorde van Fisher (2007:1) sal kan eggo: “I believe that I am a racist because my entire life I have been groomed to become one.” Die lys van twaalf bewyse wat hy dan aanvoer vir hierdie stelling is ewe waar vir alle bevolkingsgroepe. Daar is niemand wat onder apartheid grootgeword het, wat kan ontken dat hulle die merk van daardie beleid dra nie. “I grew up in South Africa, where race and racism has dominated our society for much of the last century and continues to dominate our society today” (Fisher 2007:1). ’n Paar bladsye verder gaan hy voort met sy verduideliking oor waarom hy homself steeds as ’n rassis beskou: “I grew up in the era of apartheid and the stigma of that era will probably stay with me forever. To this day, I still find myself having preconceived notions of Africans, whites, Indians or coloured people, who form the major race groups in South Africa. It is because of this that I say that I am a racist” (Fisher 2007:3).

Dit is belangrik om raak te sien dat Fisher nie hierdie verduideliking aanbied as ’n verskoning vir rassistiese optrede nie, maar bloot as ’n erkenning van sy posisie. Hy is geen passiewe slagoffer nie, maar erken bloot die effek wat apartheid op hom gehad het en nog steeds het. Volgens Weingarten (2000) se patroon bevind hy homself in die groen kwadrant: *bewus* en *bemagtig*.

Dit is in hierdie selfde lig dat Jonathan Jansen erken dat hy nie kan sê dat hy nie ’n rassis is nie:

> I try every single day of my life to be generous, to be honest, to be equitable, to live my life for all my fellow brothers and sisters, black and

> white, but I can't guarantee you that I don't sometimes think thoughts that I'm ashamed of. I can't guarantee you that I don't sometimes have hatred towards white people for what happened in my family history (aangehaal in Johns 2009:1).

Daar is geen sin daarin om te probeer ontken dat almal wat in apartheid grootgeword het, op een of ander manier daardeur geaffekteer is nie. Ras-bewustheid, en selfs ras-beheptheid, is met moedersmelk ingegee. Al waarop gehoop kan word, is 'n doelbewuste daaglikse keuse om hierdie toestand, welwetende dat dit soos 'n hardnekkige siekte maklik weer sy kop kan uitsteek, te onderdruk. Wat Hill (2008:vi) skryf oor Amerika, meer as vyftig jaar na die afskaffing van segregasie, moet plaaslik dien as waarskuwing: "...every serious study shows that White racism continues to be a deadening and oppressive fact of life for the vast majority of people of colour in the United states."

In die debat oor rassisme in Suid-Afrika kan almal maar net saamstem met die hoop wat Fisher (2007:245) uitspreek: "Race and racism are not simple issues and there are no ready-made and easy answers... And while we are searching for answers, I hope that we will continue to talk about this very important issue."

### 4.4 Skuld

> *'n Verhaal wat met oortuiging vertel is om luisteraars te oorreed tot dieselfde insigte, het plek gemaak vir 'n verhaal van* shame *wat bely moes word. Dit was 'n pynlike proses, maar tegelyk ook 'n bevrydende proses (Müller 2000a:23).*

Dit was vir my opvallend dat hierdie deel van die gesprekke wat oor skuld gehandel het, aansienlik moeiliker gevloei het as die res van die gesprekke. Waar dit nog moontlik is om abstrak en teoreties oor die ander aspekte soos rassisme of die kerk te praat, kom die vraag oor skuld naby aan die lyf van beide navorser en mede-navorsers.

### 4.4.1 Onbewuste werklikheid

Dit is my oortuiging dat baie, selfs dalk die meeste, wit mense nie besef wat apartheid aan swart mense gedoen het nie. Vroeër is aangetoon dat apartheid die rasse in verskillende wêrelde verdeel het en dat daar bitter min oor en weer kontak was. Selfs in die post-apartheid Suid-Afrika is die kontak oor die kleurgrens steeds net beperk tot bepaalde situasies. Steeds weet baie wit Afrikaners nie wat die impak van vorige politieke beleid op die swart inwoners van die land was nie. Skuldbelydenis oor wat apartheid aan ander gedoen het, is onmoontlik Omdat ons eintlik nie geweet het nie [Hanlie 12-274].

Terwyl sommige mede-navorsers, soos Hanlie hierbo, bereid is om te erken dat daar fout was (al het almal nie noodwendig daarvan geweet nie), is daar ander soos Danie wat nie eers wil praat oor wat fout was met apartheid nie. Hy wil net sorg dat die blaam op Verwoerd [Danie 13-552] val, of op Van Riebeeck en die Engelse [Danie 13-488].

Karin [18-174] erken ruiterlik: As kind het ek nie werklik die omvang daarvan besef nie. Wanneer sy skriftelik reageer op die vraag *Hoe dink jy nou oor jou skuld aan Apartheid?* Begin sy so: Met hierdie vraag moet ek mooi dink wat was my aandeel om Apartheid daar te stel en/of in stand te hou? [Karin 18-183]. En wanneer sy dan wel die vraag antwoord, is dit asof sy ten alle koste ook die ander rasse moet betrek by dinge wat dalk verkeerd was in die verlede. So asof ander se moontlike skuld enige eie skuld sou kon ophef:

> Ek dink daar het verskeie vergrype in die verlede van verskeie kulture en rasse teenoor mekaar plaas gevind. Indien ons mekaar die hand wil gee, is dit nodig dat almal hulself teenoor die Here veroot-moedig en onvergifnis (sic) vra vir hul eie sondes, asook die sondes van hul voorvaders [Karin 18-191].

Hierdie standpunt, naamlik dat ander óók skuld het wat verreken moet word, is meer algemeen. Gertenbach (1998:5) vaar uit teen ’n skuldbelydenis van die NG Gemeente Lynnwood en dan is sy brief vol uitdrukkings soos “Natuurlik word daar in 'n volskaalse oorlog deur al die strydende partye foute gemaak...” en “Waarom die optrede teen die vyand plaasgevind het, word vergeet...”. Die bedoeling is duidelik een van verontskuldiging van eie optrede in die lig van die “vyand” se optrede. Dit is nog ’n

voorbeeld van ’n “ja, maar...” standpunt.

> In reaksie op die Australiese regering se verskoning aan die Aborigines (BBC 2008a:elektroniese bron), skryf Ay'esha Kassiem die volgende: "One would have hoped that that kind of apology – where there was no excuse in terms of saying they didn't know or that it was just a bunch of loose cannons – would have been offered (in SA) at the appropriate time (Kassiem 2008:1). Sy skryf verder hieroor: "In South Africa, reconciliation has been given a restricted meaning. It was just a case of move on and not dwell on the past."

In Suid-Afrika het dit egter nie gebeur nie. Soos Karin hierbo, is ander se sondes bygetrek om die eie las ligter te maak, of die vinger is na individue gewys. Toerien (2011:elektroniese bron) voer aan “Apartheid was die fout van enkelinge.” Dit is soortgelyk as die standpunt wat Johan [6-208] in 1998 gehuldig het toe hy sê dat wit mense `afsonderlike ontwikkeling ondersteun het, en nie moord nie`. Beide hierdie standpunte maak ’n fundamentele fout in die beoordeling van apartheid. Dit gaan nie in apartheid in die eerste plek oor die vergrype van individuele mense nie, maar oor die onderliggende rassistiese uitgangspunt van rassemeerderwaardigheid en die gevolglike aantasting van mense se menswaardigheid. Omdat hierdie onderskeid nie raakgesien word nie, is dit vir sommige wit mense baie moeilik om enigsins wit skuld aan apartheid raak te sien of te erken.

> As voorbeeld kan verwys word na Carl Niehaus en Mary Burton se *Home for all campaign* wat hulle loods op Versoeningsdag 2000. Niehaus is as student toegesluit vir verraad en het later as ANC-lid ambassadeur in Nederland geword; Burton was die voormalige leier van die *Black Sash*-beweging en ook later ’n assessor by die WVK (Hawthorne 2001:elektroniese bron). In hierdie veldtog roep hulle wit Suid-Afrikaners op om ’n dokument te onderteken om daardeur te erken dat hulle bevoorreg is deur apartheid en om te onderneem om deel te neem aan die omkeer van die foute van die verlede. Soos Niehaus skryf in die veldtog se Kersboodskap: "To be able to face the reality that whites, regardless of whether we supported the apartheid system or not, benefited from that systematic, all-embracing racial discrimination, can be the beginning of a more mature process of taking joint responsibility

for the future of our country" (Hawthorne 2001:elektroniese bron).

Die veldtog het nie op veel uitgeloop nie. Alhoewel ongeveer vyf honderd wit ANC-ondersteuners dit geteken het, is dit uit verskillende oorde gekritiseer. Marthinus van Schalkwyk, voormalige hoofleier van die (Nuwe) NP sê die veldtog “engineers collective white guilt as a form of permanent psychological enslavement” (Manyapelo 2001:elektroniese bron). Een slotsom waartoe gekom kan word, is dat wit mense nie juis skuldig voel oor hulle aandeel aan apartheid en die voordele wat hulle as lede van die wit gemeenskap in Suid-Afrika geniet het en steeds geniet, nie.

### 4.4.2 Ontkenning

Nie alleen is daar ’n onbegrip oor die effek van apartheid nie, maar daar is ook ’n blatante ontkenning dat wit mense enige rede het om skuldig te wees oor enige aspek van apartheid. Die mees onlangse voorbeeld hiervan was ’n pamflet wat ná Jeugdag (16 Junie 2012) deur die Herstigte Nasionale Party versprei is. Dit bevat ’n mediaverklaring van die Hoofsekretaris van die party:

> Die HNP se Hoofbestuur het op die sogenaamde Jeugdag met afkeer kennis geneem van die verdraaiing van die geskiedenis, en die voortdurende pogings om die Afrikaners onder ’n skuldgevoel te hou. Die HNP stel dit onomwonde dat die Afrikaners geen deel het aan die sogenaamde Jeugdag nie, en ook nie nodig het om enige skuldgevoel te hê oor die gebeure in 1976 in Soweto nie (Van der Schyff 2012).

Hierdie sentiment was ook volop in die opvolggesprekke. Danie [13-502] stel dit pertinent `ek voel geensins skuldig in enige sin vir apartheid nie`. Ook George [15-568] eggo hierdie woorde `Ek voel nie ek het skuld aan apartheid nie`.

Dit is veral Johan [6-208] wat ’n interessante siening hieroor huldig. Soos reeds hierbo aangedui, het hy in die aanvanklike navorsing sy standpunt gestel dat hy afsonderlike ontwikkeling steun en niks anders nie. Hieroor het sy standpunt nog nie verander nie:

> `As ’n mens praat van skuld dan impliseer dit dat apartheid ’n sonde was (die woord apartheid is misbruik en het ’n vloekwoord geword - ek praat`

> liewers van afsonderlike ontwikkeling). Ek sal nooit erken en daarom nooit bely dat afsonderlike ontwikkeling 'n sonde was nie en daarom het ek nie skuld nie [Johan 17-112].

Vanuit hierdie standpunt antwoord Johan [17-123] die vraag oor vergifnis so:

> Vergifnis van wie? As dit van die Here is ja, as ek bereid is om my skuld te bely soos ons geleer word. As dit teenoor 'n persoon is vir iets wat ek hom aangedoen het, ja. Ek kan hom egter nie verplig om my te vergewe nie. Maar daar kan nie verwag word dat ek moet vergifnis vra vir wat bv. Dr Verwoerd gedoen het nie. Ek kan hoogstens erken dat dit 'n fout was net soos wat 'n Duitser kan erken dat Hitler verkeerd was. Hy kan tog nie daarvoor skuldig staan nie. Net soos Tshabalala wat saam met my werk nie verantwoordelik gehou kan word omdat Shaka 'n moordenaar was nie. Te veel skuldgevoelens is by ons mens gefabriseer en geskep. Dit moet ophou.

Johan se vrou Karin sluit aan by sy argumente in haar eie skriftelike bydrae. Vir haar is dit belangrik dat wat gebeur het in die verlede in die verlede moet bly. Hoeveel keer en deur wie moet daar almal boetedoening wees? Wanneer stop dit, sodat daar aan die toekoms gebou kan word? [Karin 18-231]. Vir haar sou dit goed wees as die foute vir goed weggesteek kan word: Voorts kan ek net sê dis jammer alles wat sleg en lelik was gedurende die apartheidjare word aan die groot klok gehang [Karin 18-248]. Soos so dikwels gebeur is die volgende argument dan dat daar nie net slegte dinge tydens apartheid gebeur het nie: Wat van baie sulke positiewe voorvalle waarvan daar nooit gehoor word nie. Geen wonder daar is sulke verwronge idees van "die Boere/die Witmense" nie [Karin 18-256]. Wanneer sy dan moet antwoord op die vraag of dit reg was dat die NG Kerk apartheid as sonde moes bely, is haar antwoord ook baie gekwalifiseerd: Ja, die onderdrukking en ander vergrype wat gepaard gegaan het met apartheid was sonde. Te midde van apartheid was daar ook positiewe gebeurtenisse [Karin 18-278]. Dit is blykbaar onmoontlik om 'n

ongekwalifiseerde erkenning te kry dat apartheid verkeerd was en mense benadeel het. Soos Hanlie [12-700] dit stel: Dit is vir my tragies.

Isak [16-265] se standpunt oor skuld lyk aanvanklik ook na ’n ontkenning. Hy skryf:

> Ek het nie apartheid uitgedink en ingestel nie, ek het daarin grootgeword en is geleer dat dit reg is. Ek is op 17 jarige ouderdom opgeroep om weermag diensplig te doen. Daar is ons geleer dat die kommuniste en die terroriste ons land bedreig. Ek is opgelei om ons land te verdedig.

Dit klink baie dieselfde as wat Buys (2011:elektroniese bron) sê wanneer hy praat by die opening van die toneelstuk *Tree aan!* wat handel oor die grensoorlog tussen die destydse Suidwes-Afrika en Angola. Buys regverdig die grensoorlog as ’n stryd teen die kommunisme en maak dit heeltemal los van die groter politieke prentjie met die woorde: “Dit is immers nie die offisiere en soldate se skuld dat die politici nie daarin kon slaag om ons opofferings en oorwinnings om te sit in ’n billike en regverdige bedeling vir almal in die land nie” (Buys 2011:elektroniese bron).

Isak is egter meer gebalanseerd in sy uitspreek. Hy erken dat die kommunistiese bedreiging net ’n deel van die totale beeld is:

> Ek het toe reeds stemreg gehad, en vir die regerende party gestem. Ek het dieselfde minagting vir die organisasies wat teen die regering se beleid, diensplig ens. was, gehuldig. Ek het sekerlik ook apartheids- en rassistiese dade gepleeg. So, ek het skuld aan apartheid, kollektief en individueel [Isak 16-274].

Dit wat aanvanklik lyk na ’n blote ontkenning is by nadere ondersoek baie meer genuanseerd. Isak [14-218] sê wel die tyd van skuldig voel en skuldig wees is verby. Tyd vir bely is verby maar dan gaan dit vir hom nie daaroor om oë toe te maak vir die verlede nie, maar juis om nie te verval in wat ek [Albert 14-234] ’n verlammende skuld noem nie. [S]olank as die blankes gaan skuldig voel en skuldig bly en al hoe meer in jou dop kruip... [Isak 14-219] kan jy nie deel wees van ’n positiewe toekoms nie. Daarom

skryf hy in sy geskrewe bydrae:

> Maar ek glo die tyd het aangebreek dat ons, blankes en swartes, apartheid en die negatiewe daarvan agter ons sit en saamwerk na die "*Better life for all*" gebaseer op die beginsels van ons veel gerespekteerde Grondwet. En seker maak dat die foute van die verlede nie herhaal word, en dat ons omgekeerde apartheid en diskriminasie toepas nie [Isak 16-151].

Isak [16-318] onderstreep hierdie standpunt van hom as hy dit later herhaal: Ek dink die tyd van belydenis en boetedoening is verby. Dit is nou tyd om aan te beweeg en die regte dinge te doen, hetsy ek as individu, die politici, die regering, die kerk.

### 4.4.3 Erkenning

Wanneer dit kom by die belydenis van skuld ten opsigte van apartheid is die vraag altyd wat en teenoor wie moet ek skuld bely? [Isak 16-286]. Massie (1993:24) druk sy vinger op die probleemarea as hy sê: "For forgiveness and reconciliation to be durable, there must be genuine acknowledgement of the pain which one person's actions have caused another, in other words, a form of repentance." Soos reeds aangetoon hierbo is hierdie "genuine acknowledgement of the pain" nie algemeen onder die mede-navorsers nie en daarom is die behoefte aan 'n skulderkenning ook nie algemeen nie.

Hierbo is reeds aandag gegee aan Johan, Karin en George se ontkenning, asook aan Isak se meer genuanseerde standpunt. Hierdie vier se posisies tydens die opvolgnavorsing stem grootliks ooreen met hulle aanvanklike posisies veertien jaar vantevore.

Danie handhaaf steeds die posisie wat hy tydens die aanvanklike navorsing ingeneem het. Hy verplaas alles skuld op die Engelse wat volgens hom apartheid begin het, of dan enigeen anders wat in die verlede aandadig was in die wetgewing rondom apartheid.

Danie is in 1998 uitgesproke daaroor dat ras nie vir hom en Linda 'n probleem is nie. Hy noem byvoorbeeld dat hulle hul swart tuinwerker saam met hulle aan tafel ontbyt laat eet [Danie 1-673]. Oor sy werksituasie sê hy: My hoof is 'n regstellende man, en hierdie swart dames en mans, ons kom uitstekend oor die weg [Danie 4-070]. Later beklemtoon hy sy nie-rassige uitkyk op die lewe: Ek dink ons sit met mense, ons moet ophou om in kleur vas te kyk. Dit is vir my belangrik [Danie 4-074].

Wanneer hy egter in 2012 praat, is daar 'n ander kwaliteit in sy verhoudinge met swart mense. Hy praat steeds van my swart kollegas wat jy uitstekend mee saam werk [Danie 13-043], maar hy sê ook reguit: Ek dink mense wat nie rassisties was nie, het rassisties geword [Danie 13-018]. Dit skryf hy toe aan die omgekeerde diskriminasie wat nou baie sleg is. Ek ervaar dit in my werksituasie omdat ek baie met die vakbonde ook te doen kry. Die vakbonde wil niks... hulle gun vir die blanke niks nie. Dit regtig baie erg hoor [Danie 13-022].

Hy staan steeds daarop dat jy die man wat in die tuin werk 'n billike loon moet betaal en hom menswaardig begin behandel, as 'n gelyke [Danie 13-309], maar wanneer Linda [13-204] praat oor swart kinders wat sonder pa's grootword, dan maak hy die onthullende opmerking: Dit skryf hulle ook aan apartheid toe. Ook hier ontbreek die insig in die langtermyneffek wat apartheid op swart mense gehad het, en daarom is hy onwillig om persoonlike skuld daarvoor te aanvaar.

Sommige mede-navorsers het alreeds vanaf die eerste gesprekke raakgesien dat wit mense swart mense in die ou bedeling erg benadeel het. Hieroor het hulle standpunte nie wesentlik verander nie. Hanlie [5-326] sê byvoorbeeld in die aanvanklike navorsing: Ek voel skuldig oor die dinge wat ek nie gedoen het nie en vroeër is reeds daarop gewys dat sy steeds dink dit is tragies [Hanlie 12-699] dat wit mense nie skuld wil bely oor apartheid nie. Ook Elsa [5-353] deel in hierdie standpunt: By my is daar geen twyfel dat elkeen van ons skuld het nie. Of ons nou iets probeer doen het of nie. Ons is almal op 'n manier skuldig.

Naomi se erkenning van skuld in 1998 het gekom nadat ons in een van die gesprekke gepraat het oor Jaspers[35] se kategorieë van skuld. Sy sê: Persoonlik voel ek ek

[35] In sy boek *Die Schuldfrage* gebruik Jaspers (1946) vier kategorieë van skuld: *Kriminele* skuld (die

was ook skuldig. As ek myself moet beoordeel volgens Jaspers, val ek onder die morele skuld [Naomi 5-317]. In die opvolgnavorsing kom die tema van skuld net indirek aan die orde: As jy sê ek is 'n kind van God en ek is gehoorsaam aan die wette van God, maar... ek ken my plek en hy moet sy plek ken. Dan het jy nog nie jou verhouding met God reggemaak nie, want God het ons nie geskape met die idee van jy moet kleur raaksien nie. Hy het ons almal dieselfde gemaak... [Naomi 10-294].

Hierdie gesprek oor Jaspers se skuldkategorieë (aangehaal in Krog 1998a:97) het ook vir Johan so ver gekry om die naaste te kom aan 'n erkenning van skuld. Ingebed in 'n groter gesprek oor die ANC wat nie tevrede sal wees voor hulle die laaste stukkie bloed uit ons as blankes of Afrikaners uitgetap het nie [Johan 5-521] en van jou gemiddelde swartman wat nou al amper jammer begin voel vir ons blankes omdat ons so gery word [Johan 5-523] kom sy huiwerige erkenning: dit is net bloot die aanvaarding van ons skuld, dit wat ons moreel skuldig voel, ons as groep – want ek dink nie een van ons het iets doelbewus gedoen nie, 'n mes uitgehaal en iemand gesteek nie, en daai tipe goed, so morele skuld...

In 'n opvolggesprek praat hy weer oor die skuld aan apartheid en dan steek hy steeds vas by die vergrype van sommige individue sonder om apartheid se algemene impak te verreken:

> ...party mense voer aan dat hulle nie bewus was van die moorde en menseregte skendings en dat hulle afsonderlike ontwikkeling ondersteun het, en nie moord nie. Die destydse gebeure moet gesien word teen die agtergrond van 'n burgeroorlog. Al hierdie dinge wat ons nou hoor voor die WVK, wreedhede, dit is nie alles as gevolg van apartheid gepleeg nie. Daai ouens het uitgerafel omdat hulle iets ander

---

oortreding van ondubbelsinnige wette wat objektief in 'n hof bewys kan word); *politieke skuld* (die landsburgers se instemming of gelatenheid ten opsigte van die politieke party se beleid); *morele skuld* (die morele aanspreeklikheid vir alle dade, al was dit in opdrag van ander uitgevoer) en *metafisiese skuld* (die universeel-gedeelde verantwoordelikheid van hulle wat die oorlog oorleef het terwyl miljoene ander gesterf het). Later in die verslag word weer hierna verwys.

verdedig het as apartheid [Johan 6-208].

Hierbo is reeds aangetoon dat dit steeds Johan se standpunt in 2012 is. Hy sê reguit: Ek sal nooit erken en daarom nooit bely dat afsonderlike ontwikkeling 'n sonde was nie en daarom het ek nie skuld nie [Johan 17-114].

Mike [2-568] sluit by hierdie eensydige en oppervlakkige siening aan as hy praat oor die kwessie van skuld: Ek voel nie skuldig as 'n rassis nie, want ek het hulle nooit gehaat of benadeel nie. Maar ek was deel van die apartheidstorie, maar dit is nie vir my rassisme nie. Later, in 'n gesprek oor die NG Kerk se skuldbelydenis, reageer hy op 'n soortgelyke wyse en fokus bloot op die misdaad aspek: Mense wat skuldig was aan een of ander misdryf, wat ek met hom saamstem, as ek nie aan 'n misdryf skuldig was nie was ek dalk skuldig as ek deel was van 'n sisteem, en *sorry* as daai sisteem nou nie reg was vir ander mense nie, dan is ek ook jammer [Mike 6-520]. In die opvolgnavorsing was dit ook die verste wat Mike wou gaan: as iemand persoonlik iets sleg aan 'n ander gedoen het, kon hy skuldig voel en skuld bely, anders nie.

Linda praat nie oor skuld in die eerste gesprekke nie. Die naaste wat sy daaraan kom, is om te sê dat ons van ons posisies moet vergeet en mekaar as gewone mense moet sien [Linda 7-499]. In 2012 is haar standpunt soortgelyk as sy sê: Kom ek sê vir jou, jy kan bely... Maar waarna kyk die jong mense elke dag? Hulle kyk na wat ons doen [Linda 13-348]. As ek aar later uitvra oor versoening, antwoord sy: Ek dink ons moet ophou versoen. Ek dink ons moet begin om lig te wees [Linda 13-439].

Dit is duidelik dat daar by die meerderheid mede-navorsers nie 'n dringende behoefte aan skulderkenning of belydenis is nie. Slegs enkeles verwys direk na skuldbelydenis.

### 4.4.4 Belydenis

Dit was opvallend dat daar in die groep slegs twee mede-navorsers was wat na God verwys het in die gesprek oor skuld. Frans [5-378] sê:

> Ek as persoon is moreel skuldig. Dit is nie altemit nie. Maar ek het op ŉ punt in my lewe gekom waar ek dit voor God bely het en gesê het dit is sonde gewees en ek erken dit. Vir my aandeel. Al was dit dan nou net ŉ indirekte of morele aanspreeklikheid wat ek gehad het, ek het daarvoor vergifnis gevra.

Isak [5-294] sluit by hierdie posisie aan as hy ook sy vrae oor skuldbelydenis verwoord:

> Moet ek teenoor God bely ek het skuld? Teen wie? Waar moet ek gaan staan om te bely? Teenoor wie moet ek dit nog erken en bely om my deel skoon te kry? Moes ons almal gaan toustaan by die WVK? Vir my is dit, ek moet aanvaar ek was deel daarvan, ek het ’n deel gehad daaraan. Al was dan nou net omdat ek aanhou stem het vir die Nasionale Party. Maar vandat daai oorgang gekom het, lewe jy mos vorentoe. Ek weet nie, hoe gaan ons van die skuld ontslae raak, op watter manier gaan jy kan sê maar nou is dit verby? As gelowige gaan jy en jy bely jou skuld voor God en jy word vergewe.

In die opvolgnavorsing is dit net in die gesprek met Danie en Linda dat belydenis voor God aan die orde kom. Ek sê nou 2000 jaar terug het die Here vir my gesterf aan die kruis en wat ek gedoen... en wat ek gekry het, dit is vergifnis. En as jy vergifnis gekry het, dan het jy mos nou vergifnis [Linda 13-506].

Ek verwoord my twyfel oor hierdie proses aan hulle: En dit is my vraag of wit mense oor die algemeen wel op daai punt gekom het dat hulle iewers gesê het en dalk by die Here gaan skuld bely het en gesê het maar op ŉ manier het ek dalk deel gehad in ŉ sisteem wat mense benadeel het en so aan en dan nou die vergifnis waarvan jy nou praat vir hulle self toegeëien het. En of hulle bloot net sê maar ons praat nie daaroor nie, of ons... [Albert 13-520]. Behalwe vir die twee mede-navorsers

> hierbo genoem, het ek by geeneen gehoor van skuldbelydenis oor apartheid nie. Sommige praat wel in die verbygaan daaroor [Johan 5-516] maar of daar bewustelik daarby uitgekom is, bly 'n vraag.

Linda [13-526] is reg as sy aanvoer dat skuldbelydenis 'n hartsaak is. Dit is 'n persoonlike saak tussen God en elke individu [Karin 18-199]. Dit is maklik om daaroor te praat, maar as dit nog nie werklik gebeur het dat 'n wit Afrikaanse Christen op daardie punt van persoonlike belydenis gekom het nie, aanvaar hy of sy nog nie werklik verantwoordelikheid vir wat tydens apartheid verkeerd geloop het nie. Soos Isak [14-202] dit stel: Solank ons gestem het daarvoor, en nie aktiviste was teen dit nie, was ons skuldig en sonder belydenis van skuld, is versoening nie moontlik nie. Reeds in 1992, nog voor die einde van die apartheidsera, argumenteer die teoloog Wolfram Kistner vir hierdie standpunt: "No reconciliation is possible... without justice, without total dismantling of apartheid... What this means in practice is that no reconciliation, no forgiveness and no negotiation are possible without repentance" (aangehaal in Enquist 1995:300).

Vroeër is reeds verwys na die vraag wat gevra word oor waar, of teenoor wie, belydenis gedoen moet word [Hanlie 12-566 en Isak 14-266]. In 2006 gaan die voormalige apartheidsminister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, na eerwaarde Frank Chikane om hom om vergifnis te vra. By hierdie geleentheid was Vlok ook Chikane se voete as teken van berou (BBC 2006:elektroniese bron).

Hierdie simboliese handelinge as skuldbelydenis is ook nie sonder kontrovers nie. Dit is goed so, as dit hom bevryding van sy skuld oor sy aandeel aan apartheidsdade bring. Maar dit is 'n baie persoonlike ding om te doen [Isak 16-344]. By 'n ander geleentheid sou Isak [14-293] ook sê openbare skuldbelydenis [is] onnodig as mense dit in jou gedrag kan sien.

> Uit die geledere van die slagoffers van apartheid is dié daad gekritiseer: "Former activist Shirley Gunn, who was detained with her baby son for more than two months, described the foot-washing gesture as 'provocative and insensitive'. 'I still haven't got the truth out of (Mr Vlok) about what happened to me,' Ms Gunn said. 'He can't just wash Frank Chikane's feet and think that that is the end of it ... he needs to apologise to his victims directly'" (BBC 2006:elektroniese bron).

Die kritiek teen die voetewas-episode was nie soseer gerig op die wassery self nie, dié is selfs deur Thabo Mbeki as 'n buitengewone en roerende gebaar van versoening bestempel (De Lange 2006:1). Die kritiek – soos hierbo aangetoon – het gehandel oor wat nog gesê moes word. Soos Nico Smith (2010a:103) dit stel: "...daar bly nog baie voete oor...".

> In my opvolggesprek met Hanlie praat ons oor Vlok se optrede. Daar herhaal ek die vraag in my gemoed oor skuldbelydenis: Ek het 'n vraag oor hoeveel mense, wit Afrikaanse Christene, het nou werklik nou al skuld bely het, as ek daai word moet gebruik. Om op 'n punt van hulle lewe te kom en te sê as ek nou kyk na wat gebeur het in die vorige bedeling dan besef ek ons het mense te na gekom. Wat net intellektueel vir hulle op daardie stadium net hardop gesê het. Ek wonder hoeveel mense dit regtig doen. Baie mense sê vir jou ons het klaar bely oor apartheid en dan bedoel hy nie hy het bely nie... [Albert 12-451]. My vraag is of individuele mense op 'n punt al gekom het om te sê maar weet jy dit wat ons gehad het, was verkeerd. Ek kry so 'n idee dat ouens wil daardie stappie spring en sê man kom ons vergeet dit wat verby is, kom ons gaan nou net aan [Albert 12-550].

Dit blyk dat dit nie net ek is wat hieroor wonder en waag om dit te verwoord nie. Thomas Smith (2009b:elektroniese bron) beskryf homself as "a white boy born in South Africa in 1975. My home language is Afrikaans. I have spent most of my adult life in predominantly white Afrikaans speaking churches. I am a beneficiary of Apartheid." In sy blog (Smith 2009a:elektroniese bron) waag hy dit om vrae te vra oor 'n net-wit Afrikaanse kerk. Later reageer hy op die terugvoer van sy lesers en skryf onder andere oor die kwessie van vergifnis.

> "…it has been pointed out rightly that we have to deal with forgiveness. We have to ask God's forgiveness and forgive ourselves. But what about asking forgiveness of those who have been oppressed? I regularly ask black people in our country whether a white person has asked

> forgiveness for the atrocities of apartheid. You can guess the answer to that. I also ask whites who tell me that they 'are tired of saying sorry' if they can tell me a story of when they asked a black person for forgiveness. You can also guess the answer to that" (Smith 2009b:elektroniese bron).

Benewens die terughoudendheid ten opsigte van persoonlike skuldbelydenis, is daar ook 'n ongemak met 'n kollektiewe belydenis. Johan [17-112], wat weier om skuldig te voel oor apartheid, sê:

> Niemand het ook die reg om namens my skuld te bely nie. Afsonderlike ontwikkeling was 'n eerlike poging om 'n samelewing te skik. In *hind sight* het dit egter heeltemal misluk en baie sonde is in die proses gepleeg (liefdeloosheid). Daarvoor moet elkeen van ons wat hom aan liefdeloosheid skuldig gemaak het individueel sy eie skuld bely.

Hierdie standpunte van Johan dat ander nie namens hom kan bely nie omdat hy moontlik onskuldig kan wees, word ook gehoor in Gertenbach (1998:5) se argument dat gemeentes, ringe en sinodes nie kollektief kan optree om namens "onskuldiges" skuld te bely nie. Hierin sluit hy aan by 'n teologiese beredenering van P.C. Potgieter (1995:6) wat aanvoer dat die kerk nie namens ander kan skuld bely nie.

### 4.4.5 Skuld, vergifnis en versoening

In die lig van wat in die voorafgaande afdeling aangetoon is, bly dit 'n vraag of wit Afrikaanse Christene werklik vergifnis wil hê vir apartheid. Dit blyk dat 'n skuldbesef nie algemeen is nie en daarom is daar ook nie 'n sterk behoefte aan belydenis en vergifnis nie.

Danie blyk heel onwillig te wees om in die openbaar te erken dat daar fout was met apartheid. Vir hom is dit dan net om `vir die ander groep 'n stok gegee om mee te slaan` [Danie 13-534]. Ook Isak [14-399] verwys na die skuld oor apartheid as 'n `slaanstok` wat die `politici` gryp om mee te slaan.

In my gesprek met Isak verwoord ek my bekommernis oor skuld in hierdie woorde: Ek dink rondom die skuld is daar vir my twee gevare. Die een is wat jy ook nou noem, so 'n verlammende skuld dat ons vir die res van ons lewe met geboë skouers moet loop en 'n kop wat hang en hande wat jy wring oor ons is nou so skuldig oor wat ons verkeerd gedoen het. Dit is die een uiterste wat ek dink nog 'n groot probleem kan wees omdat dit verlammend inwerk. Die ander gevaar vir my is dat mense bloot net sê maar dit is nou verby, kom ons beweeg aan, sonder dat hulle self op 'n punt gekom het om vir hulle – self al is dit nie voor iemand anders nie – vir hulleself te herken daar was iets fout met apartheid [Albert 14-233].

Dit is asof wit Christene nog nie geleer het oor die bevryding wat vergifnis bring nie. Danie [13-554] haal Romeine 8:1 aan wat lui dat: *Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie*. Sy vrou Linda [13-507] ondersteun hom hierin: En as jy vergifnis gekry het, dan het jy mos nou vergifnis... Ek moet vergifnis van God kry. Dit is die belangrikste en later as jy voor God vergifnis gevra dan is dit mos nou klaar [Linda 13-517]. En tog stel dit hulle nie in staat om openlik te bely dat apartheid sonde was nie.

Suid-Afrika het gekies om die WVK-pad te loop, om kwytskelding te verleen in ruil vir die waarheid. En daar was inderdaad verskeie voorbeelde van buitengewone vergifnis. Piet Meiring (1999a:126), self betrokke by die WVK, vertel die verhaal van Matthew Goniwe se seun wat die voormalige polisie-beampte Eric Taylor omhels en sê: "You murdered our father. But we forgive you!" En Ewald van Rensburg (2009:43) vertel 'n soortgelyke verhaal van 'n sewentigjarige vrou wat 'n polisie-beampte, die moordenaar van haar man en seun, vergewe – en dan val die polisieman flou.

Sommige sal reken dat die WVK dus alle wit mense kwytgeskeld het van enige skuld oor apartheid. Dit is egter ver van die waarheid. As Jooste en Oosthuizen (1998:28) skryf oor die tragedie van die Anglo-Boere-oorlog en die strewe na versoening tussen Boer en Brit na die oorlog, is hulle gevolgtrekking dit: "Slegs één les is daar wel te leer uit een van die tragiese hoofstukke in ons geskiedenis, en dit is dat die weg na

versoening nie deur die blootlegging van sogenaamde ‘waarheid’ loop nie, maar dat versoening slegs deur vergifnis bereik kan word.”

Die inwoners van die sogenaamde nuwe Suid-Afrika sal moet leer dat versoening nie gebou kan word op ontkenning van die verlede nie, maar net op erkenning en die aanvaarding van aanspreeklikheid. Emeritus aartsbiskop Tutu (1999) noem sy boek nie verniet *No future without forgiveness* nie. Daarby sal wit Afrikaners moet leer om hulleself te vergewe vir wat tydens apartheid aan ander gedoen is. Maar om dit te kan doen, sal daar eers erken moet word dat daar iets verkeerd was met die vorige beleid.

Die einddoel is versoening. Daar kan wel gevra word van watter soort versoening gepraat word. Die aard van die versoening word primêr bepaal deur die aard van die voorafgaande oortreding. ’n Dief wat wil versoen, moet teruggee wat gesteel is, na die voorbeeld van die tollenaar Saggeus in Lukas 19.

In Namibië was die probleem die jarelange oorlog. Daarom beskryf Geingob (aangehaal in Enquist 1995:300) versoening in Namibië in terme van die oorlog: "Reconciliation for us is to heal the wounds of war... restitution should be seen as an attempt at making amend for the past inequity." In Suid-Afrika was die probleem die beleid van apartheid, daarom moet versoening beskryf word in terme van wat apartheid aan mense gedoen het.

Uit die gesprekke met die mede-navorsers en die briewekolomme van Afrikaanse koerante, is dit duidelik dat baie wit Afrikaanse Christene bloot fokus op die vertikale dimensie van vergifnis. Hulle voer aan dat hulle vergifnis met God uitgesorteer moet word en niks met ander mense te doen het nie. As hulle dus (beweer dat hulle) hulle sonde voor God bely het, reken hulle is die saak daarmee afgehandel. So maklik kan die vertikale dimensie nie ontsnap word nie.

In sy Bybelstudie oor versoening, vertel Piet Meiring (2010:26) die verhaal van ’n jong man wat sy werkgewer se pen steel. Na ’n ruk pla sy gewete hom so dat hy gaan bieg en om vergifnis vra. Sy werkgewer vergewe hom, maar moet nogtans agter die jongman aanloop om sy pen terug te vra. Die vra van vergifnis impliseer ook die regstelling van die oortreding sover dit moontlik is. In Suid-Afrika beteken dit dat die onregte van apartheid nie maar vergeet kan word asof dit nooit gebeur het nie. Dit sal sover moontlik reggestel moet word. En dit kan nie die bevoordeeldes van apartheid

wees wat versoening definieer nie en wil voorskryf wat reggestel moet word nie. Daar sal na die slagoffers van apartheid geluister moet word: “Overall, 46% of South Africans agree that reconciliation is ‘impossible’ while people who were disadvantaged under apartheid continue to be poor. A further 33% were uncertain or did not know, while only 17% feel reconcilition is possible under these circumstances” (Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia 2011:31).

Die vraag wat egter gevra moet word, is of die Kerk vir sy lidmate hierin ’n voorbeeld stel? Loop die Kerk voor in belangrike sake, soos skulderkenning en belydenis en versoening, en indien wel, volg die lidmate die Kerk hierin?

### 4.5 Die Kerk

> *Ek het ’n pleitbesorger daarvoor geword dat die Ned Geref Kerk sy skuld aan die apartheidsbestel onomwonde moet bely en ook die forum van die Waarheids-en-Versoeningskommissie daarvoor moes benut. Ek het meer as een van my rubrieke (“Kerk en Media”) in* Die Kerkbode *gebruik om hierdie standpunt te stel. Toe die Algemene Sinodale Kommissie nie so ’n besluit wou neem nie, was ek diep teleurgesteld en het ek besluit om die Ope Brief wat onder predikante gesirkuleer het, te teken. Daarmee het ek uiting gegee aan my diepgevoelde behoefte om my skuld aan die apartheidsideologie te bely (Müller 2000a:23).*

Na die dood van die diktator Idi Amin in Uganda, het kerkleiers in die buurstaat, Kenia, die volgende verklaring opgestel: “Ons bely dat ons te dikwels stilgebly het toe ons eerder met die lydende en vervolgde mense op die kontinent van Afrika en spesifiek in Uganda moet vereenselwig het. Al wat nodig is om boosheid te laat floreer, is dat goeie mense moet stilbly” (aangehaal in Van Rensburg 2009:61). Dit is ook die woorde van *Kerk en Samelewing 1990*: “Die Ned Geref Kerk erken egter dat hy te lank die beleid van apartheid op grond van bogenoemde oorwegings te abstrak en teoreties, en daarom ook te onkrities beoordeel het” (Ned Geref Kerk 1990:39).

Piet Meiring vertel van ’n besoek van die Rwandese ministers in Januarie 1997 om uit te vind oor die WVK. In Rwanda, na die slagting in 1994, “was alles aan skerwe. Geraamtes het oor die vlaktes gelê.” Volgens alle bronne is dit ’n besonder Christelike land, met 85% van die bevolking wat aan ’n kerk behoort. Teen hierdie agtergrond vra Meiring dan vir die minister van justisie: “Watter rol het die kerke gespeel terwyl dit alles

gebeur het... Het die kerke ’n bydrae tot versoening gelewer?” (Meiring 2010:14).

“‘Die kerke?’ het die minister uitgebars. ‘Hulle het géén rol gespeel nie. Nee, dis erger: Die Christene was deel van die probleem. Van die predikante en priesters en nonne, die gemeentelede, was net so skuldig as al die ander.’”

In Suid-Afrika is na die NG Kerk verwys as die NP in gebed. Sommige van die mees prominente politici, soos die leier van die Konserwatiewe Party dr. Andries Treurnicht, was ’n voormalige leraar van die NG Kerk. Die NG Kerk het amptelik die beleid van apartheid gesteun en selfs teologies regverdig. Eerwaarde Frank Chikane (Goodman 1999:26) vertel selfs dat een van die polisielede wat hom gemartel het, ’n diaken in een van die wit buurgemeentes was. Dit waarvan die kerke in Rwanda beskuldig word, is klaarblyklik net so waar van kerke in Suid-Afrika.

> Die verhaal van Rwanda eindig egter nie soos hierbo vertel is nie: “Met aandete was Minister Ntesilyao al afgekoel. Terwyl ons op die kelner gewag het, het hy met ’n skewe glimlaggie na my gedraai. ‘Dis mos jy wat die vraag oor die kerke gestel het. Ek het vir jou ook een. Suid-Afrika, so hoor ek, is ook een van die mees Christelike lande op aarde. Daar is miljoene gelowiges in die land. Oraloor sien ons kerke staan. Sê my tog, met al die dinge wat in *julle* verlede gebeur het, al die onreg en die pyn, het die Christene enige rol gespeel? Het die kerke die mense se nood ernstig opgeneem, hulle gehelp om versoen te raak? Meer nog, met die probleme wat julle *vandag* in die gesig staar – maak dit ’n verskil dat daar Christene in die land is?’” (Meiring 2010:14).

Dit is inderdaad die vraag wat elke Christen in Suid-Afrika moet antwoord: Maak dit ’n verskil in post-apartheid Suid-Afrika dat die oorweldigende meerderheid van die land Christene is? Meer relevant vir hierdie navorsing is die vraag na die rol wat wit Afrikaanse Christene speel: Is hierdie groep deel van die versoening, of nie? In die Algemene Sinode se roepingsverklarings van 2007 en 2011 word die belang van versoening beklemtoon (Ned Geref Kerk 2011b:elektroniese bron). Ongelukkig opereer die NG Kerk met bepaalde bagasie wat sy invloed op lidmate aansienlike inkort.

### 4.5.1 Die NG Kerk in apartheid Suid-Afrika

In die heel eerste gesprek het Frans [1-459] sy frustrasie met die NG Kerk uitgespreek oor die verandering van standpunt oor apartheid:

> ...nou voel dit vir my die kerk het 'n 180 grade draai gemaak. En alles gefundeer uit die Woord van God uit. En dit is my dilemma ek kan eenvoudig nie die kloutjie by die oor kry nie. 'n Mens is nie *stupid* nie, jy lees en jy hoor al hierdie goeters, maar dit voel vir my ons het geblinddoek deur die lewe gegaan.

In die opvolgnavorsing het die NG Kerk nie veel beter gevaar nie. Frans [9-771] is steeds van mening dat die Kerk nie ’n positiewe rol speel nie. Elsa [9-782] noem dit ’n klub waaraan sekere groepe mense behoort wat graag soontoe wil gaan. Danie [13-323] is selfs nog meer sinies oor die Kerk: Ag weet jy ek dink die kerk het nie ’n rol gespeel in die tye van apartheid nie en die kerk speel nie ’n rol...

Op die vraag of hulle dink dat apartheid ’n kettery was, antwoord Johan [17-203] Nee, maar Elsa [9-825] sê: Ek dink verseker so en dan voeg sy by: Ek het dit nie van die kansel af gehoor nie [Elsa 9-777]. Frans [9-844] plaas die fokus op die noue verhouding met die staat wat verhoed [het] dat die evangelie suiwer bedien kan word. Isak [16-426] trek die lyne van die kritiek op die NG Kerk saam as hy sê: Ek wil egter glo dat apartheid die kerk in ’n integriteits- en geloofwaardigheidskrisis gedompel het.

Waarnemers kan die NG Kerk se skuldbelydenis oor apartheid sien as die rede vir die geloofwaardigheidskrisis, maar juis daarin lê die Kerk se soeke na die waarheid van die Woord. Wat in 1986 en weer in 1990 bely is, moes al lankal gebeur het in ’n instansie wat volgens die Woord van God leef. Gaum (1997a:53) antwoord die kritiek dat die NG Kerk bloot die regering napraat só: “Dit is wel so dat daar in die breë gisting van gedagtes oor samelewingsake ’n gelyklopendheid was, ook ’n wisselwerking, en dat op verskillende vlakke in die Afrikaanse gemeenskap min of meer gelyktydig tot bepaalde oortuigings gekom is.” Hy voer ook aan dat die NG Kerk die beleidstuk *Kerk en Samelewing* reeds op 6 November 1989 gefinaliseer het, amper drie maande voor

president De Klerk se 2 Februarie 1990 toespraak waarin die ANC ontban en Mandela vrygelaat is.

Dit was noodsaaklik dat die NG Kerk moes sê dat apartheid – soos die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke dit definieer as “the forced separation of people of differing races denying the fundamental biblical teaching that all humanity is equally created in the image of God” (Ned Geref Kerk 1998:7) – sonde was. “Die Bybelse legitimiteit wat die NG Kerk aan wittes verleen het om die beeld van God in swartes te minag en hulle menswaardigheid in die naam van hulle God te ontneem...” (Smith 2010a:43), moes weggeneem en omgekeer word. Hierin moes die NG Kerk ook vir die lidmate ’n voorbeeld stel. `Ek dink destyds was dit ’n goeie ding` [Isak 14-306] al was daar waarskynlik baie lidmate wat `nie saamgestem het` nie [Isak 14-313].

Daar was beslis lidmate wat nie saamgestem het nie. Die dokument *Geloof en Protes* (Voortsettingskomitee 1987) is ’n sprekende voorbeeld hiervan. Juis hieroor maak Jonker (1994:179) hierdie belangrike waarneming. Hy sê dat die argumente wat *Geloof en Protes* aanvoer, dieselfde argumente is wat die NG Kerk oor jare aangevoer het om apartheid te regverdig. Wanneer die NG Kerk dan *Geloof en Protes* afwys, is hy besig om sy eie sagte vleis te sny...

> deurgaans bewus van self ook skuld te hê aan die verkeerde teologiese posisies wat in *Geloof en Protes* verdedig word. Maar juis daarom kan die Ned Geref Kerk dit met soveel meer oortuiging doen, omdat daar tussen die eertydse standpunte en die huidige ’n stuk teologiese bekering lê wat nie weer ongedaan gemaak kan word nie.

Of hierdie teologies bekering ook by lidmate plaasgevind het, is ’n ope vraag. Twee jaar na die politieke oorgang skryf Botman en Petersen (1996:121): “We know that many white people still cannot understand that apartheid was wrong and harmful – not to mention sinful.” Vroeër in hierdie navorsingsverslag is daar reeds gewys op die ambivalente reaksies van die mede-navorsers, in 1998 én in 2012 oor hierdie saak. Van ’n diepgaande teologiese evaluering van apartheid was daar nie sprake nie, om van Smit (2005:360) se woorde “that the heart of the Reformed faith and tradition itself was at stake in the struggle against apartheid and the ideology undergirding apartheid” nie eers te praat nie.

Oor hierdie onwilligheid en terughoudendheid om oor apartheid te bely, skryf kerkleiers (Du Toit, Hofmeyr, Strauss & Van der Merwe 2002:109):

> Dit was duidelik dat baie lidmate van die NG Kerk nog nie by die punt gekom het waar hulle hulle van apartheid kon losmaak nie. Die rede is waarskynlik die feit dat apartheid hulle in 'n bevoorregte posisie geplaas het en dat hulle nooit werklik met die seer kant van die beleid van die regering te doen gekry het nie. Die skuldbelydenis oor apartheid wat by Rustenburg gedoen is, was daarom vir baie lidmate van die kerk 'n steen des aanstoots.

Die skuldbelydenis van die kerkleiding in *Kerk en Samelewing* was goed en nodig, maar die NG Kerk se houding teenoor, en die voorlegging aan die WVK het nie bygedra om lidmate te oortuig nie. Die NG Kerk se aanvanklike weiering om voor die WVK te verskyn (Ned Geref Kerk 1986:316) en sy latere instemming, het onsekerheid gelaat in die harte van lidmate. Wanneer ds. Freek Swanepoel (1999:elektroniese bron) dan wel namens die Algemene Sinodale Kommissie 'n voorlegging maak sonder dat die ASK die getuienis vooraf goedgekeur het, "het dít vir die kerk die agterdeur oopgelaat indien sake verkeerd sou loop" (Du Toit et al 2002:123). Terwyl sommige reken dat die NG Kerk "korrek" opgetree het met sy voorlegging, is Piet Naudé van mening: "...NG Kerk het 'n goeie kans verspeel om die erns van sy skuldbelydenis te toon" (*Beeld* 1998b:2). Hierdie mening word deur Kuperus (2011:10) gedeel as sy skryf oor die NG Kerk se huiwering ten opsigte van die WVK: "Thus the church missed an important chance to participate in the reconciliation experiment."

Enkele dae later prys dieselfde koerant weer die NG Kerk, maar rig terselfdertyd 'n waarskuwing: "Met hierdie besluit neem die NG Kerk finaal afskeid van apartheid. Hy sal egter in sy optrede moet sorg dat alle oorblyfsels daarvan in die praktyk verdwyn en dat dit tot op gemeentevlak nie herleef nie" (*Beeld* 1998c:14).

Hoeveel van die NG Kerk se gesindheid deurgewerk het tot op gemeentevlak is debatteerbaar. Vir Mike [10-137] is dit baie eenvoudig: `Ons het gesê *sorry*, nou *worry* ons nie verder daaroor nie en gaan aan.` In sy verdere verduideliking van sy standpunt is hy terug by sy eie beperkte verstaan van apartheid: `Om die gemeenskap te kry om te sê luister ons is jammer vir wat ons gedoen het... die breë gemeenskap gaan sê maar ek het hulle nooit skade aangedoen nie` [Mike 10-341].

Oor die rol van die NG Kerk, destyds en nou, was daar by die mede-navorsers oorwegend ŉ negatiewe houding. Selfs diegene wat positief was oor die NG Kerk, het hulle bedenkinge uitgespreek.

### 4.5.2 Die NG Kerk in post-apartheid Suid-Afrika

Ná die verskyning van *Kerk en Samelewing* het die NG Kerk die morele verpligting (Botman & Petersen 1996:124) gehad om sy lidmate op te roep om te bely. Die mede-navorsers was egter van mening dat dit nie juis gebeur het nie. Danie [13-339] se mening is Ek dink die kerk speel geen rol nie en later ek sien niks nie [Danie 13-367]. Isak [14-360] is van mening die kerk het op ŉ manier ŉ groot geleentheid laat verbygaan dalk om regtigwaar ŉ verskil te kan maak.

George praat oor die NG Kerk se gebrek aan leiding aan lidmate oor hoe om in die nuwe situasie in Suid-Afrika te leef. Hy het nie ŉ probleem met die NG Kerk se amptelike skuldbelydenis en onderneming om positief deel van die toekoms te wees nie, maar soos hy sê:

> die aksie om daai versoening te bewerkstellig is nie daar nie. Ek meen soos jy tereg sê as ek nou die regte woord daarvoor het, die beleid wat die kerk daaroor wil het, dit is daar. Die sinode het besluit, die sinode het kommissies en dies meer, so dit is in plek, maar die praktiese deur na my vlak toe dit gebeur nie, daar is nie voldoende leiding in die verband nie [George 15-471]

Johan [17-190] is dit eens dat die beleid nog nie op grondvlak uitgekom het nie en daarby het hy ook ernstige bedenkinge oor sommige van die NG Kerk se leiers: Kerk se rol in versoening: Nie veel het gebeur, behalwe lippetaal, tensy dit op individuele gemeentevlak gebeur het nie. Daar sal ook nie veel gebeur as ons woordspelers soos X [naam van ŉ prominente kerkleier verwyder ter wille van sensitiwiteit] in leiersposisies het nie.

Wanneer Kuperus (2011:7) verwys na die NG Kerk se rol in die nuwe Suid-Afrika, beskryf sy dit as "Inconsequential, but not absent." Oor die stem van die NG Kerk gebruik sy woorde soos "muted," "reluctant" en "more divided" (Kuperus 2011:9). Ten spyte van die NG Kerk se her-verbintenis tot die Afrika kontinent en ekumeniese betrekkinge met ander kerke, reken sy "it appears as though the NGK's public engagement may be shifting back to a position as 'defender of its flock'" (Kuperus 2011:11). Hierdie posisie word ondersteun deur Cilliers (2011:elektroniese bron) as hy, met verwysing na die antropoloog Mary Douglas se sosiale kontekste, aantoon dat daar tekens is dat die NG Kerk weer besig is om 'n nuwe enklawe van afsondering te skep.

Vir Kuperus (2011:11) is die NG Kerk se sukkelpad in die hereniging met die VGK en die ander kerke van die NG Kerk-familie die grootste teken van hierdie terugtrek-aksie: "The NGK's reluctance to pursue church unification is the most obvious sign of the NGK's most recent shift, but other evidence exists...". Hieroor vra Mike [10-308] die voor die handliggende vraag: "Hoekom is daar in ons kerk net blanke mense?"

### 4.5.3 Die NG Kerk en kerkhereniging

Dat die belydenis van Belhar in die gedagtes van lidmate die kernkwessie oor kerkhereniging is, is duidelik: Die Gereformeerde kerke – NG Kerk – spook steeds met die Belhar belydenis en die kerkeenheid. Ek dink dit is jammer [Isak 16-390] en Soos wat die NG Kerk gekom het met baie goeters oor jare... hak hulle vas by die belydenis van Belhar [Frans 9-758]. Ons lees die Kerkbode en al wat ek daar sien en wat ek al so *fed-up* is, is die Belhar belydenis. Hulle mors die tyd om siele te wen met die Belhar beleid [Danie 13-328].

Die inhoud van die Belhar belydenis dra vir verskillende mense verskillende gewig. Danie [13-562] distansieer homself geheel en al van die belydenis: Hulle moet dit los, dit is 'n afgeforseer belydenis wat vir my niks beteken nie terwyl dit vir Linda [13-571] bloot mensewerk is – asof die ander belydenisskrifte nie ook mensewerk is nie: Dit is 'n belydenis wat deur mense geskryf is en ons bely 'n lewende God. Verstaan jy? En dit is die punt. Ons wil

mekaar tevrede stel en dan kry ons dit nie reg nie. Isak [14-330] beskou Belhar as 'n sweep om NGK mee te slaan wat besig is om 'n wig in te druk wat onnodig is [Isak 14-318]. Teenoor hierdie afwysende houdings vra Hanlie [12-691] reguit: wat is daar in Belhar om nie te aanvaar nie?

Laat in 2011 het die Fakulteit Teologie aan die Vrystaatse Universiteit 'n bespreking oor die belang van Belhar en *Kerk en Samelewing* aangebied. Dirkie Smit, jarelange dosent in dogmatiek aan die Universiteite van Wes-Kaapland en Stellenbosch en direk betrokke by die opstel van die belydenis, het tydens hierdie byeenkoms gereageer op die Algemene Sinode van die NG Kerk se oproep dat Belhar deel van die Kerk se belydenisgrondslag gemaak moet word. Hy het gesê: "Die belydenis van Belhar is soos alle belydenisskrifte nie net 'n dokument wat aanvaar moet word nie, maar met sy teologiese inhoud omarm moet word en in die kerk doelgerig uitgeleef moet word" (aangehaal in Van der Merwe 2011:elektroniese bron). Die boodskap was duidelik dat dit nie maar net gaan oor woorde nie, maar dat die inhoud van Belhar deel van die NG Kerk se leefwyse moet word.

Na die Algemene Sinode se besluit om die Kerk te vra om Belhar deel van die Kerk se belydenisgrondslag te maak, skryf Dawie (2011:elektroniese bron) in 'n artikel in *Die Burger* die volgende: "Die aanvaarding... is 'n reusestap wat dié kerk gegee het onderweg terug na wat hy, ooreenkomstig sy bestaansrede, moet wees: 'n getuie van Christus op aarde." Hy skryf dat dit vir die NG Kerk, nes vir ander kerke elders in die wêreld, 'n groot versoeking was om Bybelse regverdiging vir politieke en sosiaal-ekonomiese ontwikkelings te soek. Met die koersverandering sal die NG Kerk "ekstra moeite" moet doen met "minderheid [wat] nie beïndruk is deur die rigting wat die kerk inslaan nie." Hy sluit sy rubriek af met 'n oproep op hierdie minderheid:

> Dié minderheid kan egter gerus die moeite doen om die Belydenis goed te bestudeer. Dit belig weliswaar 'n aspek van menswees – maatskaplike geregtigheid – wat tevore in Suid-Afrika teologies verwaarloos is, maar dit wyk nie intrinsiek af van die reformatoriese teologie nie; inteendeel.

### 4.5.4 Struikelblokke op die pad na kerkhereniging

In 2009 het Anton Pienaar (2009:elektroniese bron) oor *Kerkhereniging se struikelblokke* geskryf. Hierin voer hy onder ander ’n aantal redes aan waarom kerkhereniging so sloer. Sy argument dat rassisme nie meer ’n rol speel in die NG Kerk se optrede nie, mag waar wees van die leierskap, maar op grondvlak, soos onder andere gesien in hierdie navorsing, speel dit tog nog ’n rol. Hy is waarskynlik reg as hy sê dat vrees – en veral oor taal – ’n groter rol speel. Sy belangrikste opmerking is egter gerig aan die NG Kerk self:

> Het die NG Kerk toe maar geluister, ook na sy eie profete. Strukturele eenwording van die NG Kerk-familie in die 1980's sou die weg kon baan vir selfs ’n beter nuwe Suid-Afrika as wat ons nou het. Die NG Kerk het egter tot sy ewige verleentheid nie die insig of die moed gehad nie (Pienaar 2009:elektroniese bron).

In die gesprek met Isak verwoord ek my eie bekommernis oor die herenigingsproses en ek sluit by Pienaar se standpunt hierbo aan: `Ek dink ons het in Mandela se tyd ’n baie sterker kans gehad om kerkeenheid te laat gebeur, op strukturele vlak praat ek nou, van as ooit daarna. Ek dink daai tyd is verby. Ek het self groot vrae of ons kerk hereniging gou gaan regkry en of ons dit nie maar moet los vir die volgende geslag om dit te doen nie` [Albert 14-476].

Die mede-navorsers verwoord ook die verskillende vrese van lidmate oor die moontlike vereniging met kerke van ander rasse. Hierdie vrese is vanuit ’n Bybelse perspektief oor die kerk as gemeenskap van gelowiges oor alles grense heen (Galasiërs 3:28) onrealisties, maar verstaanbaar in die lig van die apartheidstyd se denke. Isak [14-485] vra vrae oor wie vir die uitgawes gaan betaal as swart mense die `kerke oorneem`, en watter taal gesing [Isak 14-385] gaan word. Hy gee waarskynlik self deel van die antwoord as hy sê dat swart mense `nog steeds daai behoefte om op hulle eie manier kerk te hou` [Isak 14-496].

Dalk verwoord Isak [14-344] die mening van meer lidmate van die NG Kerk met hierdie woorde: `...baie mense sien die kerk nog as *my* kerk. Daarbuite is`

die swarte baas, maar hier in *my* kerk, dit is *my* kerk hierdie jy weet. Ek wil jou nie in my kerk hê nie, maar dit is eintlik nie my kerk nie... Die oorgang van 'n kerk eksklusief vir wit mense na 'n kerk na die patroon van die kerk in Handelinge, sal waarskynlik 'n moeilike skuif wees.

Jonathan Jansen (2009:35) skryf oor die Afrikaanse kerke – ook die NG Kerk – as een van drie laaste ruimtes

> in which Afrikaners can be left alone to be white and Afrikaans without interference; they remain the only arena that is, in many cases, still all-white and all-Afrikaans in the new South Africa; true, there is external pressure to change from the broad church community, and there are voices of conscience within the mainstream Afrikaner churches pressing for a broader sense of mission and for recognition by world bodies that once ejected them from the international faith community; but it is entirely up to these churches, once indistinguishable from the state, to decide whether and when they will change.

In aansluiting by hierdie standpunt van Jansen sê ek vir Isak: Ek stem met jou saam daar is nog baie daarvan in die kerk, daai ding van orals verander dinge, kom ons los dit in die kerk, kom ons verander nie by die kerk nie. Dit is so half 'n laaste bastion waar ek kan terugtrek uit 'n wêreld wat dalk nie meer so gemaklik is nie, maar by die kerk is dit darem nog ons mense [Albert 14-348].

### 4.6 Regstellende aksie

Vanuit 'n politieke hoek is aangevoer dat die onregte van die verlede aangespreek en reggestel moet word. Verskillende metodes word hiervoor aangewend onder die benaming regstellende aksie. Hierdie beskrywende woord – baie meer as die Engelse *affirmative action* – vertel presies wat met al hierdie metodes beoog word: op 'n manier moet die benadeling van die verlede ongedaan gemaak word. Vanuit die oogpunt van erkenning dat apartheid swart mense benadeel het, is dit onvermydelik dat so 'n aksie wel moes gebeur. Onder die mede-navorsers is dit egter nie 'n eenvoudige saak nie.

Tydens die aanvanklike navorsing sê Elsa [5-353]:

> By my is daar geen twyfel dat elkeen van ons skuld het nie. Of ons nou iets probeer doen het of nie. Ons is almal op 'n manier skuldig. Maar my gevoel is, en dit het met my geaardheid te make, dat 'n mens half iets moet doen, of iets moet afstaan om daai skuld van jou los te koop. Ek weet dit is seker onbybels, die Here straf ons nie vir wat ons verkeerd gedoen het nie.

Sy is heel filosofies daaroor as sy sê:

> ...dit voel vir my nog steeds ek moet op 'n manier boete doen. En ek dink as dit op die ou end werklik van my gevra word, gee jou huis af, of gee een van jou motors, of so iets, dan sal ek dalk anders voel daaroor. Frans sê vir my as daar nou regstellende aksie is en hy word afbetaal en hulle stel 'n swart persoon in sy plek aan, hoe sal ek dan daaroor voel? Vir seker sal dit nie vir my lekker wees nie. Maar ek voel ons moet iets teruggee [Elsa 5-361].

Ander mede-navorsers is heel uitgesproke daarteen. Johan [5-635] glo nie aan die waarde van regstellende aksie nie: Regstellende aksie behoort op meriete gebaseer te word. In antwoord op die vraag wat die verskil tussen regstellende aksie en omgekeerde rassisme is, is sy antwoord: Met ons wetgewing is daar geen verskil nie, dit is nie gebaseer op meriete nie, dis gebaseer op ras [Johan 5-668]. Isak [5-589] is ook skepties oor die waarde van sulke aksies: Op die korttermyn kan ons 'n paar sake regstel, maar op die langtermyn gaan niemand daarby baat nie. 'n Rukkie later vra hy die vraag: Wie kry die voordeel uit hierdie regstellende aksie? [Isak 5-594].

In 'n gesprek oor rugby kom die onderwerp van kwotas ter sprake. Elsa [5-609] sê:

> Ek is oortuig daarvan dat as dit nie vir regstellende aksie was nie, was daai man tot vandag toe nog nie in die span nie. So gaan dit by die

> werke ook wees. Ons sal die mense daar uit hou solank ons die hef in die hand het, as ons nie gedwing word om te verander nie, sal ons nie verander nie.

Regstellende aksie is nie nuut in Suid-Afrika nie. Van die mede-navorsers het dit raakgesien: die eerste groot regstellende aksie het in '48 begin [Isak 5-683]. Elsa [5-651] bevestig dit: As ons 'n paar jare teruggaan toe die Afrikaner aan bewind gekom het hier in ons land, het daar ook regstellende aksie plaasgevind. Ons het vir die Afrikaner werk geskep in die staatsdiens en orals.

Of wit mense dit vandag raaksien of wil erken, verander niks daaraan dat wit mense bevoordeel is op 'n manier wat niks anders as regstellende aksie was nie. Die argitek van apartheid Hendrik Verwoerd (Kenney 1980:26) het hieroor gesê:

> When some of the economic proposals contain a discrimination in favour of the white worker it must be realized that it was not only what was beneficial to our problem group – the white poor – that was considered, but to the country! Where, for instance, a certain privilege for the white poor causes a difficulty – but a removable one – for the non-whites, it was chosen without hesitation.

Sy biograaf skryf verder dat Verwoerd oortuig was van "what was good for the Afrikaner was good for South Africa" (Kenney 1980:26). Destyds is daar nie twee keer gedink oor die beleid nie. Binne die raamwerk van apartheid was dit die regte ding om te doen.

Ook Mamphela Ramphele (2008:148-150, 246-247) merk op dat wit Suid-Afrikaners nie juis kan kla oor regstellende aksie as regerings-beleid nie. Vir die grootste deel van die 20ste eeu was daar 'n vorm van regstellende aksie vir wit mans, veral ook in die landelike omgewing.

Die ANC se James Ngculu (aangehaal in Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia 2011:26) herinner aan hierdie beleid van die vorige regering: "Many South Africans today have embraced a collective amnesia, believing that apartheid respected merit in the workplace more than the

> current system and that government orchestrated a systemic purge of the public service to make room for postapartheid appointees after 1994. In fact, during the negotiated transition the 'Sunset Clauses' crafted by Joe Slovo meant that apartheid-regime civil servants – black and white – were able to work out their contracts and stay on in the new government if appointed by vocation. Members of the 'old guard' who left of their own volition received handsome severance packages. These 'golden handshakes' appear to have been quickly forgotten."

Dit is een ding om te praat oor iets soos regstellende aksie, maar as dit jou aan die lyf raak, begin jy anders daaroor dink. In 1998 was dit veral Danie en Isak wat gepraat het oor die effek van regstellende aksie in hulle werksomgewing. Danie [1-767] voer aan dat sy werkgewer, 'n semi-staatsinstelling, reeds vir jare besig was met regstellende aksie: Die regstellende aksies het my ook reggesien, dit was vir my 'n geweldige traumatiese ervaring gewees.... Later vertel hy dat sy hoof 'n regstellende man is met wie hy uitstekend oor die weg kom [Danie 4-068]. Sy filosofie hieroor verwoord hy so:

> Ek dink ons sit met mense, ons moet ophou om in kleur vas te kyk. Dit is vir my belangrik. As ons daardie bruggie kan oorkom, dan dink ek gaan ons baie ver kom met mekaar. Dit het met ons gebeur. Ek werk nou al van 1976 saam met anderskleuriges, ek is nou al gewoond daaraan om hom of haar as jou gelyke te sien [Danie 4-074].

In die veertien jaar voor die opvolgnavorsing het Danie se gesindheid hieroor dramaties verander. In sy vertelling slaan 'n bitterheid deur wat nie daar was in 1998 nie. Dit kom in verskillende dele van die gesprek na vore. Hy aanvaar byvoorbeeld daar is geen bevorderingsmoontlikhede vir die blankes nie [Danie 13-116]. Sedert 1996 het hy nog nooit weer bevordering gekry nie ten spyte van sy genoegsame kwalifikasies [13-105]. Hy vertel dat sy werk 'n kwessie van oorlewing is [13-042] en dat die swart mense die wit mense niks gun nie [13-024]. Vir hom is die hele saak bloot een van omgekeerde diskriminasie [13-022]. Hy vat dit saam: Ons sit hier met van my kollegas wat dit baie moeilik maak, jy weet. Dit is baie sleg [Danie 13-126].

Isak se verhaal is een van twee kolleges wat in die tydperk ná 1994 moet saamsmelt onder een bestuur. Hy was die prinsipaal by sy kollege, maar die gesamentlike kolleges moes ŉ nuwe hoof kry. Ten spyte van sy kwalifikasies is hy nie in ag geneem by die aanstelling nie. In ŉ gesprek ook regstellende aksie spreek hy sy mening uit:

> Dit kan die vergeldingsgevoel – en ek sê dit nie negatief nie – regstel, aanspreek in 'n mate, Maar jy kan nie op grond daarvan vorentoe 'n samelewing bou nie, jy kan regstellende aksie hê en baie mense wat nie voorheen werk gehad het nie, het nou werk. En baie blankes wat voorheen net kon instap en maklik werk kry, kry dit nie meer so maklik nie – dit is reg, ons kan dit doen. Maar ons kan nie 'n samelewing vorentoe bou wat vir swart, blank en Indiër in hierdie land welvaart gaan skep, waar ons almal materieel goed kan lewe nie. Want welvaart is nie iets wat jy kan uitdeel nie [Isak 5-574].

Veertien jaar later beskryf hy die samesmeltingsproses as baie traumaties [Isak 14-018]. Hy skryf so oor regstellende aksie: Dit is ŉ realiteit en ŉ gegewe in die NSA. Teen die agtergrond van apartheid is regstellende aksie ŉ logiese (hoewel steeds diskriminerende) praktyk [Isak 16-301]. Hy vertel dat hy steeds nie bevordering gekry het nie [Isak 14-032] en verskeie kere sy kantoor moes ontruim vir nuwe aanstellings [Isak 14-040]. In die samesmelting is ŉ wit vrou wat die prinsipaal van een van die kolleges was, aangestel as gesamentlike prinsipaal. Oor die ander senior personeel skryf hy:

> Die twee vise prinsipale wat aangestel is, is ŉ swart man en swart vrou wat effektief hulle loopbane by die kollege onder my prinsipaalskap begin het. Ek rapporteer nou aan hulle aangesien ek nie vir een van die twee vise prinsipaalsposte oorweeg is nie [Isak 16-044].

Isak [14-085] beskyf homself as ŉ voorbeeld van iemand wat getransformeer is en geprosesseer is, maar hy getuig ook: Maar weet jy Albert die Here het vir my genade gegee om my vry te maak daarvan. Ek het geen bitterheid daaroor nie. Ek is vir niemand

kwaad nie [Isak 14-061]. My getuienis is die Here het my vrygemaak daarvan [Isak 14-088].

Op hierdie stadium is sy ongelukkigheid oor regstellende aksie nie meer gefokus op sy eie loopbaan nie [Isak 14-058]. Sy frustrasies is met onderwys wat nie op standaard [Isak 16-070] is nie en wat kinders met potensiaal hulle kanse ontneem; met [o]nderwysers en staatsamptenare wat (volgens ons ou Suid Afrika se persepsies en maatstawwe) nie toegewyd is of bekwaam is nie [Isak 16-071]; en die frustrasie as die regering en staatsdepartemente nie altyd aan die verwagtinge voldoen nie [Isak 16-086].

Van die begin af was dit duidelik dat regstellende aksie wit mense gaan affekteer. My gewete sê vir my daar moet regstellende aksie wees, en tog maak dit mens seer ook, ek meen jou kinders en kleinkinders en jyself kom in gedrang [Elsa 8-030]. My gevoel is ja, dit is vergelding wat gebeur het. Dit laat my glad nie goed voel nie. Dit laat die meeste Afrikaner wit mans wat nog ver van aftrede is, geweldig bekommerd word [Johan 8-100]

In 2012 is daar van die mede-navorsers wat ongeskonde deur regstellende aksie gekom het, soos Naomi [10-454]. Ander, soos George, het vanweë hulle ouderdom regstellende aksie vrygespring [George 15-330]. Sommige, soos Danie en Isak na wie reeds verwys is, is midde-in die stryd en sien dit nou maar deur tot aftreetyd. Die een groot bekommernis is egter die effek van hierdie beleid op die volgende geslag, asook die groot getal wit mense wat eerder emigreer: Dit is wat ons as blankes die meeste raak in hierdie land dat ons kinders veral nie werk kry nie en baie mense die land uitgaan [Elsa 9-648].

> Oor die relatiewe sukses van regstellende aksie ten opsigte van die verskillende rasse, verklaar Wicomb (aangehaal in Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia 2011:25): “Sixty-four percent of top senior management positions are filled by our white compatriots. These data confirm, first, that transformation has not yet been achieved, and further, that current employment practices have not translated into discrimination against minority groups.” Daar is nie rede om sy syfers te bevraagteken nie,

> maar dit maak nie wit ongemak met regstellende aksie minder nie. Die probleem is dat wit mense aan iets anders gewoond was.
>
> Ten opsigte van die bekommernis van wit mense oor kinders wat nie kan werk kry nie, sê die ANC se James Ngculu (aangehaal in Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia 2011:25): "In the past, the colonial and apartheid regimes operated on institutionalised inequality in South Africa, specifically by race. For us within the African National Congress (ANC), the need for measures to reverse the consequences of these policies and encourage greater equality were self-evident."

Of die regering se regstellende beleid die gewensde uitwerking het, bly 'n ope vraag. Die mede-navorsers reken dat dit onrealistiese verwagtinge by baie swart mense geskep het wat nie waar geword het nie [George 15-368]. Karin [18-134] noem dit 'n `suksesvolle mislukking` as gevolg van die onbevoegde persone wat aangestel word. Hierdie standpunt word ondersteun deur Kadalie (aangehaal in Fisher 2007:107): "When we appoint blacks, we set them up for failure. We do not train them...".

Die ander groot bekommernis van die mede-navorsers is dat slegs sommige swart mense bevoordeel word deur regstellende aksie en dat dit dikwels misbruik word om sommige enkelinge te bevoordeel. Uit swart geledere blyk daar 'n koor van protesstemme te wees, juis teen hiérdie aspek van regstellende aksie. Een van hierdie stemme is Phatekile Holomisa, die president van Contralesa[36] wat die volgende sê:

> When you talk about black empowerment, this refers to a few individuals who have benefited and become like whites. They don't change that environment to ensure that as many of our people as possible can share from the wealth that they have (aangehaal in Fisher 2007:108).

In sy boek *Fault lines* skryf die bekroonde joernalis en outeur van sewe boeke David Goodman (1999:350) dat niks wesenlik verander het nie. Daar is wel 'n groter swart elite, maar niks het verander aan armoede nie. "The most dramatic and visible economic changes in South Africa have been confined to the top strata of society. A black elite is taking root under the guise of 'black economic empowerment.'" Dan gaan

[36] Contralesa = Congress of Traditional Leaders of South Africa.

hy voort en vertel van sy eerstehandse ervaring van die gesindheid van persoonlike gewin onder sommige swart bevoordeeldes:

> One day a black judge gave me a lift home in the gleaming Mercedes that was a perk of his new government position. I casually expressed surprise that a civil servant would be entitled to such luxurious fringe benefits. He replied brusquely that he and his family had suffered under apartheid and he had no qualms about assuming the privileges of power that his white predecessors had enjoyed. His attitude highlighted the growing rift between the new elite and the people who elected them (Goodman 1999:350).

Ian Ollis, parlementslid van die DA, vertel van 'n swart passasier wat langs hom in die vliegtuig gesit het. Hy was die vise-voorsitter van 'n groot onafhanklik myn in Suid-Afrika. Sy siening oor regstellende aksie is: "All we are achieving with [Employment Equity legislation] is changing shares between companies, from one privileged group to another. We are not doing anything about the large numbers of unemployed people, many of them black, who don't have jobs" (aangehaal in Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia 2011:26).

Vanuit Afrikaner geledere is daar baie stemme wat opgaan teen die wyse waarom regstellende aksie in Suid-Afrika toegepas word. So byvoorbeeld wys Afriforum – 'n afdeling van die vakbond *Solidariteit* – se Ernst Roets (aangehaal in Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia 2011:27) op die geval van Renate Barnard. Sy is 'n lid van die SAPD wat reeds twee maal oorgesien is vir 'n pos bloot omdat sy wit is. Haar kwalifikasie en geskiktheid was telkens omtrent 20% beter as die tweede kandidaat. Sy is telkens aanbeveel vir die pos, maar sy is nooit aangestel nie. Die saak dien tans voor die Grondwethof.

*Solidariteit* se adjunk sekretaris-generaal Dirk Hermann (2006) het sy doktorale navorsing gedoen oor die effek van regstellende aksie op die nie-aangewese groep in Suid-Afrika. Hy bevind dat die nie-aangewese groep – wit mans – as gevolg van regstellende aksie gevoelens van magteloosheid, betekenisloosheid, normloosheid en isolasie ervaar wat onafwendbaar tot selfaliënasie lei (Hermann 2006:304). Sy navorsing het neerslag gevind in die boek *Die keiser is kaal* (2007). Dié boek se subtitel maak sy standpunt hieroor klokhelder: *Waarom regstellende aksie misluk het.*

Die feitelike situasie in Suid-Afrika is dat die meeste arm mense swart is en dat wit mense oor die algemeen, onder andere as gevolg van apartheid, meer welvarend is. Daarmee saam is die oneweredige verspreiding van welvaart soos gemeet met die Gini-koëffisiënt die tweede grootste in die wêreld. So 'n situasie is nie oor die langtermyn houdbaar nie.

Is Naledi Pandor (aangehaal in Fisher 2007:111) dalk reg as sy beweer dat Suid-Afrika se grootste probleem is dat die meeste armes swart is en dat wittes nie sien dat hulle 'n aandeel het in die oplos van die situasie nie? Hoe hierdie kwessie van regstellende aksie gaan uitspeel, sal bepaal moet word op die pad vorentoe.

## 4.7 Die pad vorentoe

As jy voel dat jy op pad vorentoe is, maar jou gesindheid bly nog wat dit in die apartheidsjare was, dan is jy mos nie op pad vorentoe nie [Naomi 5-314]. Hierdie woord van Naomi is dalk meer waar as wat sy besef. Die uitdaging vir wit Afrikaanse Christene is om sinvol te leef in 'n totaal ander wêreld as dié van voor 1994. Daar is tans 'n geslag jongmense wat die volwasse lewe betree wat weinig of selfs niks weet van apartheid nie. Op 'n manier moet hulle egter ook die prys betaal vir die sondes van die vaders. Hulle is egter nie die primêre fokus van hierdie studie nie.

Die groep mede-navorsers is almal mense wat grootgeword het tydens die beleid van apartheid. Hulle het niks anders geken nie. Vir hulle is die aanpassing baie meer dramaties. Hulle is die een generasie wat tydens en ná apartheid geleef het (Jansen 2009:1). Hierdie feit bring unieke uitdagings wat oorkom moet word. In hierdie afdeling word die mede-navorsers se sienings oor hierdie sake gedeel.

Ten tye van die aanvanklike navorsing skryf die redakteur van *Die Kerkbode* in 'n hoofartikel die volgende: "Moderne Afrikaners... het in sommige gevalle probleme met hulle verlede, is in baie gevalle ontevrede met hulle hede en is in die meeste gevalle onseker oor hulle toekoms. As daar 'n tyd was dat Afrikaners diep en ernstig oor hulleself moes nadink, is dit seker nóú..." (Gaum 1998:4). En nadink doen hulle, soms doelbewus, soms genoodsaak deur omstandighede. Oorwegend is hulle positief oor die toekoms.

### 4.7.1 Gemaklik in ’n ongemaklike land[37]

Die meeste van die mede-navorsers gebruik woorde soos positief [Frans 9-850], hoop [Elsa 9-895], ons probeer [Johan 11-212] en ons vorder [Isak 14-401] wanneer hulle praat oor die toekoms van Suid-Afrika. Dit beteken nie dat hulle nie hulle bekommernisse uitspreek oor die toekoms nie. Wanneer ek met Hanlie praat oor die Afrikaners wat oor die algemeen nie ’n Afrikataal kan praat nie, en dikwels ook nie moeite doen om dit aan te leer nie, gebruik sy die uitdrukking dat dit nog te gemaklik [is] in die land wat vir ons so ongemaklik is [Hanlie 12-204]. Dalk verwoord sy daarmee meer as wat sy self besef.

Sedert 1994 het die optimisme oor die toekoms baie gewissel [Johan 17-210]. Daar was die tyd van euforie net na die 1994-verkiesing wat ’n potensiële bloedbad voorkom het. Skaars ’n jaar later is dit die Rugby Wêreldbeker wat plaaslik gewen word. Die Sokker Wêreldbeker van 2010 het weer mense saamgesnoer. Ongelukkig was daar tussen-in die voortdurende berigte van leiers wat die land besteel met oneerlike transaksies [Hanlie 12-579], die hoë vlakke van misdaad en gebrekkige dienslewering – om maar net drie te noem – wat knaag aan die optimisme.

Johan [17-029] is dalk die eerlikste as hy sê dat hy die veranderings as onvermydelik aanvaar en daarby probeer aanpas. Elsa [9-898] verraai tog, te midde van baie optimisme oor die toekoms, ’n stukkie nostalgie as sy sê: “Sal miskien nooit weer heeltemal wees soos in die tyd toe die blankes regeer het nie.

’n Saak wat by verskillende van die mede-navorsers uitgekom het, is die belydenis dat God in beheer is [Karin 11-311]. Linda [13-298] verklaar dat sy glo dat God hier in Suid-Afrika en in Welkom nog groot dinge gaan laat gebeur. Hierin sluit sy by haar man aan wat sê: Ek glo dat ons hier in die Suidpunt van Afrika geplaas is, dat hier geestelik groot dinge gaan gebeur. Ek dink net die blanke het sy geestelike taak versaak [Danie 13-280].

Al is die blik op die toekoms positief, weerhou dit nie die mede-navorsers om hulle kommer oor die toekoms te verwoord nie. Dit is ook te verstane dat hierdie bekommernisse by die meeste van hulle dieselfde is.

---

[37] Na aanleiding van ’n opmerking van Hanlie [12-204].

### 4.7.2 Bekommerd oor die toekoms

Deur die bank het die mede-navorsers hulle uitgespreek oor kwessies wat hulle meen dit vir hulle moeilik maak om positief te bly oor die toekoms van Suid-Afrika. George [15-588] vertel van die oorweldigende armoede wat hy in die swart *townships* teëkom. Hy voel magteloos hieroor omdat hy persoonlik niks kan doen om dit om te keer nie.

Vir Karin [18-315] is daar talle voorbeelde van uiters patetiese diens, arrogansie en Babelse verwarring. Johan is bekommerd oor die vertroue tussen wit en swart. Hy sê reguit dat die twee groepe mekaar nooit sal vertrou solank daar nog Malemas rondloop nie [Johan 17-219]. Hy verwys natuurlik na die voormalige president van die ANC Jeugliga Julius Malema wat berug geraak het vir sy uitsprake wat sommige as haatspraak beleef.

Ten spyte van Danie [13-292] se geloof dat God nog 'n taak vir die wit mense hier het, klink hy tog heel sinies as hy praat oor Suid-Afrika: Ons sit met korrupsie, die hoogste in die wêreld, ons sit met moord en doodslag, die hoogste in die wêreld. Korrupsie speel ook by van die ander 'n rol: Ek begin mense wantrou vanweë die geweldig baie bedrog. Van mense wat in vertrouensposisies is [Karin 11-246]. In haar geskrewe reaksie verwoord sy haar kommer so:

> Wanneer mens al die verval in die wit, bruin en swart gemeenskappe sien en gedurig gekonfronteer word met die grusaamste misdade, korrupsie en verval, kan mens nie anders as om te wonder wat die toekoms werklik vir ons inhou nie. Veral wanneer mens nou naby jou aftree-ouderdom kom en die chaos om jou groei lustig voort [Karin 18-306].

'n Laaste saak wat ook aangespreek word, is die grondkwessie wat opgelos moet word [Hanlie 12-320]. Dit is presies hierdie laaste twee sake wat die moderator van die Wes-Kaapse sinode aanspreek na sy besoek aan Malawi. Braam Hanekom (2011b:elektroniese bron) skryf sy ervarings daar het hom geleer van die belang van goeie leierskap en die sinvolle benutting van landbougrond – juis van die sake waaraan Suid-Afrika tans 'n gebrek het.

Isak [14-451] praat oor versoening tussen wit en swart wat onmoontlik gemaak word deur daai diep gewortelde vooroordele. Hy gaan verder:

> Solank as die wit mense bedreig gaan voel, solank as wat daar gevoel word daar word gediskrimineer, solank as wat jy voel dat regstellende aksie en ons plase gaan gevat word, jy weet, ek nou wil hulle kom met hierdie *wealth tax* nè, dat hulle ook die wit mense... die veronderstelling is as jy wit is, het jy geld. Solank dit nog daar is gaan jy nooit werklik versoening kry nie [Isak 14-457]

Vir Johan [17-140] is sy sterk groepsgevoel die saak wat die belangrikste is as hy praat oor die pad vorentoe:

> Ek het aanvaar dat baie dinge verkeerd was. Hoe langer die NSA egter aangaan onstaan die vraag dikwels hoekom voel dit asof daar net van my en mense soos ek verwag word om aan te pas en toegewings te maak terwyl die ander net wil hê en eise stel nie. Hoekom word ons niks gegun nie?

### 4.7.3 Die rol van die NG Kerk op pad na die toekoms

In die 1998 navorsing was daar veral twee kwessies rondom die NG Kerk wat sterk na vore getree het. Die een was dat die NG Kerk vir jare lidmate mislei het deur die beleid van apartheid teologies te regverdig [Frans 1-456]. Die tweede was dat die NG Kerk aan die slaap was vir soveel jare [Danie 4-466] en nooit die onreg, die spreekwoordelike olifant in die kamer, raakgesien het nie.

> Dit was nie net die mede-navorsers se menings nie, maar ook dié van ander persone. Tydens die derde gesprek haal ek aan uit ’n brief van Peter, ’n swart predikant van die NGKA. Ek het hom gevra om sy gedagtes oor apartheid op skrif te stel: *Gelowiges het die Woord van God gelees maar nie geluister nie. Liefde was nie daarso nie. Apartheid het die blankes verblind. Hulle het dit 'n norm vir hulle lewe gemaak in plaas van*

> *die woord van God. Hulle het volgens die wil van apartheid geleef, nie volgens die Woord van God nie. Die Bybel is gedraai om net apartheid te verdedig* [Albert 3-877].

In die lig van hierdie beskuldigings moet die rol van die NG Kerk op pad na die toekoms beoordeel word. Tesame met dit wat reeds hierbo oor die NG Kerk gesê is, is daar veral twee sake wat relevant is vir die NG Kerk vir die toekoms. Die eerste is die rol wat die NG Kerk speel in post-apartheid Suid-Afrika, en die tweede is hoe die NG Kerk lidmate begelei om te lewe in die veranderde situasie in die land.

Dit is veral Elsa en Frans wat baie negatief is oor die rol van die NG Kerk. Ek wil net sê dat die twee mense wat hier sit, wat jy in hele ander hoedanigheid geken het, gaan glad nie meer kerk toe nie. Nee, ons gaan glad nie meer kerk toe nie [Frans 9-747]. Beide van hulle was op 'n stadium kerkraadslede wat baie betrokke was in die werksaamhede van die NG Kerk. Die rede vir hulle standpunt is duidelik uit hulle antwoorde op die vraag of die NG Kerk 'n rol speel in versoening: Nee hulle doen nie [Frans 9-754] en Ek glo nie regtig so nie [Elsa 9-756]. Sy beskryf die Kerk as 'n klub waar jy nie hoor dat apartheid 'n euwel was nie. Dis asof niks daar verander het nie. Die NG Kerk is "oop" maar daar is steeds nie bruin of swart mense daar nie, die gesindheid is nog nie oop nie [Elsa 9-786]. Oor versoening sê Frans [9-760]: En as die kerk nie voor loop nie, en die mense wat nog in die kerk glo wat nog gaan, en gelyk maak nie... So ek glo nie die kerk speel 'n rol nie. Ek dink die kerk trap water.

Hanlie het jare gelede reeds haar bande met die NG Kerk verbreek. Isak, Danie en Linda het 'n meer charismatiese gemeente opgesoek waar daar volgens Danie [13-422] nie dieselfde blatante rassisme is as in Welkom-Suid Gemeente nie. Dis tog ironies dat wanneer hy vertel van die natgereënde swart boemelaar wat in die erediens instap, hy sê die oorgrote meerderheid van die mense het gemaak dat hulle wegkom... [hulle wil] tog net nie betrokke wees nie [Danie 13-394].

Oor presies hoe die onreg van die verlede reggestel moet word, is daar oor geen duidelike antwoord nie. Mike [10-359] verwoord dit so: omdat die dominees gesê

het ons is jammer moet ons nou meer uitreik. Twee probleme kom na vore: Eerstens sien hy die sinode wat bely het dat apartheid verkeerd is, as 'n groep dominees. Vir hom is dit nie die Kerk nie. En tweedens identifiseer hy ook nie met die belydenis nie. Vir die NG Kerk om relevant te bly, sal die lidmate begelei moet word om die belydenis van die Algemene Sinode te onderskryf.

'n Tweede saak wat ook met die rol van die Kerk te make het, is hoe die Kerk lidmate moet begelei om op te tree in hierdie post-apartheid samelewing. George [15-495] vra: Wat beteken dit as ek nie rassisties sou wou optree nie? Hoe moet ek dit konkreet doen? En ek wonder of die kerk genoeg daaroor met mense praat?.

Die NG Kerk sal – hoe jammerlik dit ook al klink om dit so te moet sê – begin deur die lidmate te leer dat alle mense menswaardig behandel moet word ongeag van kleur. Dit is ontstellend dat in vier van die gesprekke die NG Kerk se versoeningsrol ten opsigte van swart mense beskryf is met die woord uitreike [Mike 10-356; Danie 13-368; Isak 14-339; George 15-406]. Natuurlik is daar 'n taak vir die Kerk in die verligting van maatskaplike nood, maar dit is asof wit mense steeds nie in staat is om die dieperliggende kwessie van menswaardigheid raak te sien nie. Solank die Kerk maar net uitreik na mense in nood, selfs al is dit op 'n paternalistiese manier, is dit blykbaar in orde.

### 4.8 Nuwe Suid-Afrikaners?

In 'n toespraak by die jaarkongres van die FAK vra Theuns Eloff (2007:119), die Visekanselier van die Noordwes-Universiteit of daar "nuwe Afrikaners" vir die "nuwe Suid-Afrika" is. Dit is dieselfde vraag as wat die *Helen Suzman Foundation* (2010) vra. Eloff plaas "ruimte vir diversiteit" in 'n matriks met die "noodsaaklikheid van eenheid". Hy haal vir Bobby Godsell aan wat blykbaar gesê het dat 'n mens in die Suid-Afrikaanse politiek net twee dinge moet onthou: "Die eerste is dat meer as 75% van die mense in die land swart (*Africans*) is; die tweede is dat indien die oorblywende 25% nie ook by die toekoms betrokke is nie, is die land, sagkens gestel, in sy dinges in. En die Afrikaner en Afrikaanses is deel van hierdie 25%" (Eloff 2007:125).

Hierdie matriks is sekerlik nie die enigste manier om die situasie in Suid-Afrika te

beskryf nie. Wat egter wel waar is, is dat daar 'n "nuwe Afrikaner" nodig is. Dit is net nie moontlik om voort te leef asof niks in die land verander het nie.

Dit is asof ek by mense hoor maar niks het nog verander nie, ons kan nog hier leef soos ons voor 1994 geleef het [Albert 12-359]. Waarop Hanlie [12-363] antwoord met: Ja dit is 'n totale *denial*, absolute *denial*. Dit is ook nie wenslik om soos Johan te redeneer nie. Hy beweer: ons geslag is amper verby [Johan 11-254]. Onttrekking uit die samelewing is nie 'n oplossing vir die uitdagings nie. Alles kan nie maar net oorgelaat word aan die volgende geslag nie. Danie [13-579] sê: Ek is 'n Afrikaner... ek is 'n Afrikaan. My wortels, my geboortereg is in hierdie grond. Ook Johan [11-269] beskou homself as van Afrika. Presies wat dit beteken, sal ondersoek met word.

Sparks (1990:xvi) se beskrywing van die wêreld van wit Suid-Afrika laat die vraag ontstaan of wit Afrikaners werklik van Afrika is, of wil wees:

> Today, three-and-a-half centuries later, Europe still survives in this southern part of Africa in defiance of the rest of the world... Africa, with its stirring millions, is kept at a distance, out of sight in rural reserves and urban ghettos. The bitter-almond hedge lives on, institutionalized in a thousand laws to exclude the dark-skinned indigenous people and preserve the illusion that South Africa is really a 'white' country.

Later gaan hy voort op hierdie tema:

> White South Africans are not evil, as much of the world believes. But they are blind – blinded by the illusion they have created for themselves that they live in a white country in Africa, that it belongs to them by right and to no others, and by the self-centredness this has induced (Sparks 1990:xvii).

Sal wit Afrikaners in staat wees om hierdie illusie te deurbreek en raak te sien dat Suid-Afrika deel is van die kontinent van Afrika en nie 'n enklawe van Europa soos dit dikwels voorgehou is nie? Swanepoel (1997:3) beskuldig die Afrikaners dat hulle dikwels nie deel wíl wees van Afrika nie: "Miskien is dit ons Afrikaners se grootste sonde, groter selfs as apartheid, dat ons – die linkses net soveel as die regses – nie werklik belang stel in Afrika nie." Om waarlik deel te wees van die "nuwe" Suid-Afrika

sal wit Afrikaners hieraan sigbare gestalte moet gee ten spyte van Johan [11-255] se vrees: Ek is maar net hoopvol dat die nuwe geslag, wit kinders en swart kinders gaan mekaar vind, kan saamwerk en dat ons nie soos die res van Afrika gaan word nie.

### 4.9 Die jeug vir die toekoms?

Danie praat baie negatief oor die jeug. Hy vertel van sy kollegas wat sy lewe vir hom moeilik maak en voeg dan by met jou jonger garde is dit tien maal erger [Danie 13-133]. Hy praat van 'n gebrek aan respek by jongeres [13-145] en skielik het dit net lelik geraak [13-158]. Linda [13-188] sluit by hom aan en verwys ook na die jeug wat nie dissipline en respek het nie.

Aan die ander kant is daar 'n baie groter positiwiteit by die meeste ander mede-navorsers oor die rol van die jeug. Selfs Linda [13-256], ten spyte van die aanhaling hierbo, sê Ek dink ons jeug gaan opstaan en sê genoeg is genoeg. Mike [10-137] reken die verandering gaan meer geslagsgebonde wees waarmee hy bedoel dat die volgende geslag deel van die oplossing sal wees. Hy verwys na sy seun wat in 'n gemengde rugbyspan speel [10-144] en sê ook ons geslag vind dit makliker as die geslag bo ons [Mike 10-150]. Johan [11-043] stem saam: Terwyl die nuwe geslag wat nou deurkom... hopelik sal hulle dit makliker kan doen.

Tog is dit dieselfde Johan [17-035] wat, saam met sy hoop oor die jeug, sy bekommernis verwoord:

> Gelukkig lyk dit of die jonger geslag makliker daarby aanpas en kan 'n mens maar net hoop dat hulle geleenthede sal gegun word om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van ons mooi land. Indien nie is hierdie maar net nog 'n snuifgetrapte Afrikaland in die toekoms.

## 5. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die menings van die mede-navorsers soos uitgedruk in 2012 weergegee. Sommige daarvan is hoopvol, terwyl daar ook ’n beduidende bekommernis oor die toekoms van Suid-Afrika is. Volgens die gekose ABDCE-skema is hierdie hoofstuk gewy aan ’n verhaal van die klimaks. Hiervolgens moes hierdie hoofstuk die hoogtepunt van die navorsing gewees het. Of dit wel ’n klimaks, of dalk ’n antiklimaks is, sal die leser maar self moet oordeel.

Die mede-navorsers kom weereens aan die woord oor die temas wat in die vorige hoofstuk bespreek is. Hulle gee hulle menings oor apartheid as beleid, oor die twee wêrelde waarin Suid-Afrikaners steeds leef en oor die onvermydelike kwessie van ras en rassisme. Die vraag oor wit skuld, die rol van die NG Kerk, regstellende aksie en die uitdagings op die pad vorentoe, word bespreek.

In die laaste hoofstuk, ’n verhaal van ’n einde, sal gekyk word na wat die rol en pad van wit Afrikaanse Christene in hierdie post-apartheid Suid-Afrika sal moet wees om deel te wees van die toekoms van hierdie land.

**HOOFSTUK 5**

**DIE POST-APARTHEID VERHAAL?**

**('n Verhaal van 'n einde)**[38]

> *In my eie apartheidsverhaal kon ek ervaar hoe ek met verloop van tyd vorder van* storytelling *tot* storymaking*. Deur die verhaal te vertel aan simpatieke maar kritiese luisteraars, kon ek self 'n nuwe storie oor my apartheidsverlede vertel wat my toelaat om aan 'n beter toekoms te werk... Ek het vroeër reeds met my verstand besef dat ons foute gemaak het en dat daar verandering moes kom. Maar as deel van daardie groep Christene in 'n vreemde land het dit 'n emosionele belydenis geword wat ek ook in 'n groepgesprek uitgespreek het. Ek glo dit was 'n waterskeidingsmoment in my eie houding en siening van die situasie in ons land (Müller 2000a:20,21).*

## 1. Inleiding

Hoeveel "waterskeidingsmomente" daar in die lewe van die mede-navorsers en ander wit Afrikaners oor die afgelope paar jaar was, bly 'n ope vraag. Dit is hierdie onsekerheid wat maak dat die titel van die hoofstuk doelbewus eindig met 'n vraagteken. Hierdie hoofstuk is inderdaad bloot net *'n verhaal van 'n einde* en geensins *dié verhaal van 'n einde* nie. Ander groepe sal ander post-apartheid verhale kan skryf en jare van nou af gaan die betrokkenes hopelik 'n beter verhaal oor die nalatenskap van apartheid skryf. Beter, in die sin dat daar meer begrip is vir wat apartheid aan swart mense gedoen het; die nalatenskap van daardie tyd met meer insig hanteer is, en dit goed gaan met die versoening tussen swart en wit.

Hopelik sal elke betrokkene daagliks 'n beter *ending*-verhaal skryf, want daar gebeur daagliks dinge wat 'n impak het op die interaksie tussen wit en swart mense. Juis omdat die verhaal van post-apartheid Suid-Afrika 'n voortgaande verhaal is, was dit nodig om 'n afsnypunt te kies vir hier die navorsing. Die jaar 2012 is gekies omdat dit saamval met die vyftigste bestaansjaar van die NG Kerk se Algemene Sinode. Gesien in die lig van die onderwerp van hierdie studie, is 2012 dus 'n baie betekenisvolle datum. Dit kom ook in die verslag aan die orde wanneer gekyk word na die jongste besluite van die Algemene Sinode. Dit was ook nodig om vanuit 'n pragmatiese hoek 'n afsnypunt te kies ter wille van die afhandeling van die verslag. Die datum wat hiervoor gekies is, is die

---

[38] Met verwysing na die vyfde deel (*ending*) van Müller, Van Deventer en Human (2001) se ABDCE-model.

einde van Junie 2012. Enige gebeure na hierdie datum moes ongelukkig buite rekening gelaat word, soos byvoorbeeld die boek *Belhar geweeg* (Theron 2012). In hierdie verband sou énige afsnypunt kunsmatig wees omdat, in aansluiting by die narratiewe aard van hierdie navorsing, *ending* eintlik geen einde is nie; *ending* dui net op die verslag en nie op die lewe self nie.

### 1.1 Wat behels ’n “ending”?

Oor *ending* skryf Lamott (1995:62):

> You move them [the characters] along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters, different in some real way. And then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?

Dit is waar hierdie verslag nou is. Die karakters, die mede-navorsers, se verhale is vertel, twee keer; eers die verhaal van 1998 en daarna die verhaal van 2012. In die vorige hoofstuk is die klimaks bereik; die siening van die mede-navorsers is op skrif gestel in die lig van ander rolspelers se posisies. Wat oorbly is om te vra waar hulle nou is, wat met hulle gebeur het en wat die betekenis daarvan is (Müller, Van Deventer & Human 2001:94). Hierdie hoofstuk sluit dus weer aan by hoofstuk een waar die navorsingsprobleem gestel is: Hoe leef wit Afrikaanse Christene in die post-apartheid Suid-Afrika, gegewe hulle spesifieke verlede ten opsigte van apartheid? Aan die einde van die navorsing is die vraag onvermydelik of daar enige waarde in die proses was, of daar by die mede-navorsers bepaalde skuiwe gekom het of nie. Hieroor skryf Müller (2000b:elektroniese bron):

> Therapy is like any other story, bound to have an ending somewhere. Hopefully the end will be happy, but in any case, there will be an end that’s different from the beginning. In that sense the end will always be better than the start. It provides a new, although not always pleasant, perspective.

Enige terapeut wil graag hê dat die kliënt aan die einde op ’n beter plek moet wees as aan die begin. In ’n navorsingsprojek soos hierdie is dit dieselfde. As daar nie sigbare vordering is nie, laat dit heelwat vrae. Lamott (1995:178) verduidelik dit so: “The

problem is acceptance, which is something we're taught not to do. We're taught to improve incompatible situations, to change things, alleviate unpleasant feelings." Müller (2000b:elektroniese bron) skryf ook oor hierdie probleem dat die terapeut 'n eie idee het waar die kliënt moet uitkom:

> After our involvement with people in a therapeutic situation, and after we have waited for our *characters* to develop within their own plot into their own climax, we have to accept the ending that is appropriate for them. We have to allow them to draw us into their story and to make us part of their lives. We must be able to imagine with them and within their boundaries. The narrative approach wants to teach us to sacrifice our own created endings and to be happy with our *character*'s imaginative endings.

In hulle artikel oor die ABDCE-model vra Müller, Van Deventer en Human (2001:94) onder andere hierdie vraag: "Why would the ending be worth the while for you, even if you might not reach any new breakthrough, or even in the event of a disappointing conclusion?" Aan die einde van 'n navorsingsprojek is dit nogal 'n ongemaklike vraag om te antwoord. Vir hierdie projek sou die antwoord opgesluit wees in die ontdekking van die posisie van die mede-navorsers oor die verskillende sake wat aan die orde gestel word. Soos aan die begin vermeld, was daar nooit spesifieke uitkomste wat nagestreef is nie. Die waarde lê onder andere daarin dat hierdie posisies op skrif gestel is. Nou kan navorsers hierop reageer en die NG Kerk kan beplan aan die hand van die nuwe kennis wat blootgelê is.

Vir die waarde wat die navorsing vir die mede-navorsers gehad het en die effek daarvan op hulle lewens, kan net hulle verantwoordelikheid neem. Of dit hulle gaan help of reeds gehelp het om beter te leef in die post-apartheid Suid-Afrika, is 'n vraag wat hulle self met hulle lewens moet beantwoord.

### 1.2 Osmer se *ought*, en meer

In hoofstuk een is verwys na Osmer (2008) se vier take van die praktiese teologie, naamlik die deskriptiewe-empiriese, die interpreterende, die normatiewe en die pragmatiese taak. In hierdie navorsingsverslag is hoofstukke twee, drie en vier hoofsaaklik gewy aan die eerste twee take. Uit die aard van die navorsing is hier 'n

deskriptiewe-empiriese uiteensetting gegee van die oorsprong van apartheid en daarna die twee stelle data oor hoe wit Afrikaanse Christene oor apartheid en die verwante sake dink. In hierdie hoofstukke is daar – tipies van die interpreterende taak – ook gepoog "to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring" (Osmer 2008:4).

In hierdie laaste hoofstuk sal iets van die interpreterende taak steeds na vore kom, maar die klem sal veral wees op die normatiewe taak – "*What ought to be going on?*" (Osmer 2008:4) – en in mindere mate ook die pragmatiese taak. Osmer (2008:4) beskryf hierdie pragmatiese taak as "Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable...". Dit kan immers nie anders nie as dat 'n studie soos hierdie ook aandag sal gee aan die vraag "*How might we respond?*" (Osmer 2008:4).

Die normatiewe en pragmatiese taak van die pastor kom in die volgende afdeling aan die orde. Die titel van die verslag praat van 'n "pastorale betrokkenheid" by lidmate. Dit is hierdie saak wat vervolgens bespreek word.

### 1.3 Pastorale betrokkenheid

Vroeg in die heel eerste gesprek verduidelik ek vir die mede-navorsers dat ons `mekaar moet begelei om beter aan te pas, om 'n meer suksesvolle deelname aan die nuwe SA te kan hê` [Albert 1-025]. In aansluiting by Steier (1991:170) wou hierdie navorsingsprojek 'n "collaborative learning program" wees. Die bedoeling was dat die mede-navorsers uit die navorsing self 'n waarde sou put [Albert 1-127] en nie net diegene wat die navorsingsverslag na die tyd lees nie. In die gesprekke sou ons mekaar kon uitdaag ten einde self 'n "nuwe storie" (Müller 2000a:20) te kan skryf. 'n Belangrike aspek hiervan is natuurlik "locating their personal stories within the framework of the Christian story" (Capps 1993:1).

Die beeld wat die beste verwoord hoe ek my betrokkenheid by die mede-navorsers sien, is dié van die Ganzevoort (2009:6) wat sê die gids wat begelei, "is not an omniscient narrator, but a fellow traveller." As gids is my taak "guidance in the hidden and forbidden zone of the sacred." Dis nie net die mede-navorsers wat sin moet maak in post-apartheid Suid-Afrika nie; as navorser staan ek en hulle in dieselfde skoene.

Die uitdaging wat hulle moet aanpak, is ook my eie uitdagings.

Hierdie taak begin by die “descriptive-empirical task” wat Osmer (2008:4) beskryf as die versameling van inligting “that helps us discern patterns and dynamics”, maar sluit ook die interpreterende funksie in: “Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring” (Osmer 2008:4). Dit word onder andere in die volgende afdeling hieronder gedoen. Die normatiewe taak van “constructing ethical norms” (Osmer 2008:4) vind deurlopend in die gesprekke plaas waar mede-navorsers mekaar uitdaag en hierdie laaste hoofstuk kom die pragmatiese taak meer aan die orde.

Die mede-navorsers het in die gesprekke mekaar se narratiewe gedekonstrueer. In hierdie proses het mede-navorsers die geleentheid gekry om, soos Dreyer (1996:183) vra, nuwe identiteite en nuwe rolle te definieer vir die nuwe bedeling waarin hulle leef.

### 1.4 Die rit op die *“roller coaster of change”*

In hoofstuk twee is volledig verduidelik hoe Bridges en Mitchell (2000) mense se aanpassing by verandering beskryf. Hulle verdeel dit in drie fases, naamlik afskeid neem, die neutrale sone en wat hulle noem “moving forward”. Daarmee saam is daar ook gekyk na Rendle (2007) se “roller coaster of change” waarmee hy die emosionele siklus van verandering in gemeentes beskryf.

In hoofstuk vier is uitvoerig gerapporteer oor die posisie van die mede-navorsers in 2012 in vergelyking met hulle posisies in 1998 wat in hoofstuk drie aangebied is. In hierdie onderafdeling wil ek oorsigtelik kyk na die mate van transformasie wat by die mede-navorsers plaasgevind het.

In die self-narratiewe van die mede-navorsers is die elemente van beide modelle sigbaar. In terme van die drie fase-model is dit duidelik dat nie alle mede-navorsers ewe vinnig beweeg op die pad van verandering nie. Daar is ook ’n onderskeid sigbaar in verskillende aspekte van die veranderingsproses, sommige vind vinniger plaas as ander.

Teen wil en dank moes almal in Suid-Afrika in 1994 afskeid neem van die bekende apartheidsdae. Die bekende leefwêreld het onherroeplik verander en plek gemaak vir ŉ nuwe, onseker een. Hierdie verandering het nie noodwendig saamgegaan met ŉ innerlike transformasie nie. Van die mede-navorsers bevind hulle in die neutrale sone met ŉ hunkering na die verlede, ŉ tema wat ook in koerantbriewe na vore kom. Sommige gee blykbaar moed op. Só sê Johan [11-251] `ons geslag is amper verby`. Daar is ook diegene wat wel aanbeweeg na die derde fase. Christa [9-058] vertel dat sy `op ŉ meer persoonlike vlak by die bruin en swart mense betrokke geraak` het. Sy, en ander, het die ou patrone van die apartheidstyd gelos.

As ons deur die bril van Rendle se siklus na dieselfde transformasieproses kyk, word soortgelyke patrone opgemerk. In hoofstuk twee is daar gewys op die aanvanklike opwinding wat die verandering in Suid-Afrika gekenmerk het. Die opwinding het stelselmatig plek gemaak vir onsekerheid en selfs ontnugtering by sommige.

Sommige individue en gemeentes het deurgedruk en die uitdagings op kreatiewe wyse aangegryp om aan te beweeg in die post-apartheid Suid-Afrika. Ongelukkig is daar ook individue en gemeentes wat gekies het om ten alle koste die *status quo* soos dit voor 1994 was, te behou.

Die NG Kerk sal deeglik rekening moet hou met die fases waardeur lidmate gaan. ŉ Sensitiwiteit hiervoor sal beter leiding tot gevolg hê. Soos in die res van die hoofstuk aangetoon sal word, sukkel baie nog om afskeid te neem van apartheid. Skuldbesef en skuldbelydenis kom vir baie wit Afrikaanse Christene nie maklik nie. Die NG Kerk sal hulle hierin moet begelei en ook self die voorbeeld stel deur die amptelike skuldbelydenis konkrete gestalte te gee.

Die vraag wat Ariel Dorfman (1994:49) na aanleiding van Chili se Rettig-kommissie[39] vra, is ook die vraag waarmee in die post-apartheid Suid-Afrika geworstel word: “How can those who tortured and those who were tortured co-exist in the same land?” In hierdie navorsing word die vraag uitgebrei om ook te vra na meer as net “those who tortured”. Die groter vraag, wat vir baie meer mense relevant is, is: Hoe kan bevoordeeldes en benadeeldes van apartheid in een land saam leef? Óf jy moet jou oë sluit vir die werklikheid, óf jy moet die werklikheid erken en die gevolge dra. Hiermee

[39] Die Rettig-kommissie was die algemene naam vir Chili se Nasionale Kommissie vir Waarheid en Versoening.

saam gaan ook sy vraag: “How can we keep the past alive without becoming its prisoner? How do we forget it without risking its repetition in the future?” (Dorfman 1994:49). In die res van hierdie hoofstuk word aan hierdie sake aandag gegee.

In die eerste jare na die demokratiese oorgang was die WVK die een proses waarop mense hulle hoop vir versoening gevestig het. Volgens sommige was dit ’n sukses, terwyl ander dit sien as ’n mislukking. In hierdie navorsing het die WVK ook telkens aan die orde gekom. In die volgende afdeling word die WVK onder die vergrootglas geplaas. Daar word gekyk na die waarde van die proses, asook die tekorte. Die vraag word ook gevra waarmee die WVK gehelp het, en waarmee nie.

## 2. Die rol van die WVK

Die WVK is in 1995 deur ’n wet van die Suid-Afrikaanse Parlement in die lewe geroep, naamlik die *Promotion of National Unity and Reconciliation Act 34 of 1995*. Ten einde hierdie nasionale eenheid en versoening te bewerk, het die kommissie die volgende mandaat ontvang:

> Briefly stated, the Commission was given four major tasks in order to achieve the overall objectives of promoting national unity and reconciliation. These were:
> a. analysing and describing the “causes, nature and extent” of gross violations of human rights that occurred between 1 March 1960 and 10 May 1994, including the identification of the individuals and organisations responsible for such violations;
> b. making recommendations to the President on measures to prevent future violations of human rights;
> c. the restoration of the human and civil dignity of victims of gross human rights violations through testimony and recommendations to the President concerning reparations for victims;
> d. granting amnesty to persons who made full disclosure of relevant facts relating to acts associated with a political objective (TRC 1998a:60)

Dié mandaat is belangrik in hierdie navorsing omdat dit die basis vorm waarteen enigeen die sukses al dan nie van die kommissie behoort te meet. Ander navorsers het

reeds die kommissie hieraan gemeet, met verskillende gevolgtrekkings. Sommige is so beïndruk dat as die WVK met ander soortgelyke liggame vergelyk word, Volf (2006:217) noem dit “the best of them all.” Ander is sensitief vir die onvolmaaktheid van die proses en verwys daarna as “this imperfect but undeniably productive, transformative institution” (Alexander, Batchelor, Durand & Savage 2005:25). Selfs vanuit die buurland Namibië word die waarde van die WVK-proses raakgesien en kom die versugting "Namibia would have been better off if we had had some kind of truth commission...” (Lister, aangehaal in Enquist 1995:301).

In die volgende onderafdeling word spesifiek gekyk na die WVK. Eerstens word gevra na die waarde van die kommissie, en dan na die tekorte van die proses. Hierna word die nalatenskap van die WVK bekyk en laastens word gekyk na die implikasies van die WVK vir hierdie navorsing.

### 2.1 Die waarde van die WVK

Baie kan gesê word oor die waarde van die WVK, maar niks kom by Susan VanZanten Gallagher se beskrywing van die rituele van die kommissie nie. Hierdie Amerikaanse professor in Engels vertel hoe die slagoffers wat hulle stories kom vertel, deur die kommissarisse met die hand gegroet en verwelkom word: “Many of the victims were already sobbing, overcome by the mere fact that an official government representative was showing them respect” (VanZanten Gallagher 1998:23). Net dít is al ‘n bewys dat die WVK *iets* reggekry het; die menseregte van voorheen-benadeeldes is erken. Of dit genoeg is om die proses sukesvol te verklaar moet nog gesien word.

Die een fokusarea van die WVK was die klem op die openbaarmaking van die waarheid aangaande apartheid. Hierdie strewe na die waarheid is vanuit verskillende oorde positief beoordeel. Eerwaarde Chikane, wat self ’n moordaanslag op sy lewe oorleef het, sê: "Healing can’t be complete until you know the truth. But if somebody could come up tomorrow and say, 'I did it and this is how we did it and that's it,' then it’s over. You can forgive him and pass the matter" (aangehaal in Goodman 1999:61).

Ten opsigte van die onthulling van wat tydens apartheid gebeur het, was die WVK “extraordinarily successful” in soverre dit “uncovered detailed evidence of what happened under specific circumstances” (Gibson 2006:83). Vir sommige was dit ’n

probleem, omdat die soeke na waarheid volgens hulle die soeke na geregtigheid ongedaan gemaak het. Die Biko-familie se hofaansoek om die toestaan van amnestie aan sy moordenaars te keer, is tekenend van hierdie houding (Saunders 1996:elektroniese bron). Oor die keuse tussen waarheid en geregtigheid huldig Goodman (1999:356) 'n nugtere houding: "If international experience in places like Rwanda and Yugoslavia is any guide, the choice facing South Africa was not really amnesty versus justice, as critics often insisted. It was a choice between getting some truth or getting nothing at all." Hierdie standpunt word ondersteun deur Barry (2006:694) wanneer hy verwys na die ondersoeke in die Tsjeggiese Republiek wat eintlik nie geslaagd was nie, omdat dit uitgeloop het op "No truth! No justice! No reconciliation!"

In 'n onderhoud met *Volksblad* (Steyn 2012:elektroniese bron) erken die voormalige minister Roelf Meyer dat die WVK nie 100% suksesvol was nie "omdat daar steeds onopgeloste vrae is", maar dan gaan hy só voort: "Kyk 'n mens egter na soortgelyke modelle as die WVK elders in die wêreld, was daar 'n 80% suksessyfer vir die WVK, wat baie hoog is."

Ten spyte van die positiewe uitsprake oor die waarde van die WVK, was nie alle Suid-Afrikaners ewe ingenome met die proses nie. Hieroor word in die volgende afdeling geskryf. Goodman (1999:69) beklemtoon egter 'n belangrike feit as hy skryf dat "most white South Africans" die getuienis oor apartheid voor die WVK bloot geïgnoreer het "just as they did under apartheid". Dan gaan hy voort:

> But it would be misleading to say that the attitudes of white South Africans have not also changed in important ways. Today, whites have been disabused of their ignorance about the past. The daily news reports about the TRC have worked like water on a stone: slowly but surely, a rough historical consensus has emerged about the injustices that were perpetrated under apartheid.

Met verwysing na 'n WVK-proses in Argentinië sluit Michael Ignatieff (1996:113) aan by hierdie gedagte: "All that a truth commission can achieve is to reduce the number of lies that can be circulated unchallenged in public discourse." In reaksie hierop lig Boraine (2000:289) 'n belangrike waarde van die WVK uit: "It follows that in the South African context it is no longer possible for so many people to claim that 'they did not know'". In hoofstuk drie is aangetoon hoe belangrik hierdie verweer ook by van die

mede-navorsers was.

Verskillende kommentators oordeel verskillend, maar daar is ’n redelike mate van eenstemmigheid dat die WVK ten minste daarin geslaag het om ’n debat aan die gang te sit oor wat tydens apartheid gebeur het. Dit is egter nie (al) waarvoor die WVK tot stand gekom het nie.

**2.2 Die tekorte van die WVK**

Ten spyte van die positiewe waarde van die WVK, is daar tog een sleutelarea waar die proses misluk het. Verskillende skrywers het met verskillende grade van sukses probeer aantoon waarom die WVK nie geloofwaardig of betroubaar is nie. Verdoolaege (2008:19) bied ’n opsomming van die kritiek: Die politieke partye soos die NP en die IVP het aangevoer die WVK is partydig; slagoffergroepe het beweer die proses is onregverdig omdat amnestie die slagoffers ontneem van die kans om die oortreder hof toe te neem; ander kritiek het gehandel oor die mate van waarheid en versoening wat uit die proses sou kom. Daar was ook ’n groep mense wat teleurgestel was met die gebrek aan materiële verandering wat die WVK gebring het. Sy kom uiteindelik tot ’n gebalanseerde gevolgtrekking: “...it is important to realise that it is very difficult to be unambiguously positive or negative about the TRC. We could tentatively argue that it was a praiseworthy undertaking, necessary for the future of South Africa (Verdoolaege 2008:21).

Waar Verdoolaege se doktorale studie haar bring by ’n gebalanseerde mening oor die WVK, is Anthea Jeffery (1999) se boek baie meer uitgesproke negatief oor die proses. In die boek se voorwoord skryf John Kane-Berman oor die waarheid wat die WVK moes onthul en dan gebruik hy woorde soos: “some of the truth, but far from all of the truth”, “omitted, without explanation”, “done as much to distort, as to disclose the truth” (aangehaal in Jeffery 1999:2). Dit kritiek het veral te make met die metodes wat die WVK gebruik het en die aspekte van die geweld wat uitgelaat is. Elkeen van hierdie besware mag in ’n mindere of meerdere mate waar wees. Dit ontbreek egter nie aan ondersteuners van elke beswaar nie.

Dit was veral uit die geledere van wit Afrikaners dat daar kritiek teen die WVK gekom het. Dit was veral die verweer dat die WVK eensydig is, wat baie aandag gekry het (De

Villiers 1996:141). Ander het by herhaling gesê dat hulle nie van die vergrype geweet het nie en nog ander wou net vergeet en aangaan met die lewe (Sparks 2003:135). Meiring (2002:65) wat self deel van die WVK-proses was, voer aan dat "most black and brown South Africans – the people who were mostly at the receiving end of apartheid – were grateful for and satisfied with the work of the TRC." Dieselfde kan egter nie vir die wit gemeenskap gesê word nie:

> While some did enter into the spirit of the process and identified with it and were indeed also heeled by the process, others remained aloof and even critical. Being exposed to the horrible past, and having to acknowledge one's own responsibility and complicity – by commission or by omission – does not come easily (Meiring 2002:65).

Johan [6-478] verklap iets van hierdie houding wanneer hy praat oor die publikasie van die verslag van die WVK: `Ons gaan sien hoe jammer gaan ons Donderdag wees as die WVK se verslag kom. Dan gaan ons sien hoe jammer is ons omdat ons wit is.`

'n Ander algemene kritiek was dat op die verkeerde mense gekonsentreer is. Maluleke (1997:64) voer 'n argument aan wat meermale gehoor is, naamlik dat die WVK net op die "foot soldiers" fokus en nie op die leiers wat die bevele gegee het nie. Selfs die leier van die NP [De Klerk] plaas al die blaam op die voetsoldate: "I will not take the blame for people who acted like barbarians, who ignored the parameters of their duty. They are criminals and they ought to be punished" (Krog 1998a:98). Onder die mede-navorsers is dit weer Johan [6-221] wat hierby aansluit: `Al hierdie dinge wat ons nou hoor voor die WVK, wreedhede, dit is nie alles as gevolg van apartheid gepleeg nie. Daai ouens het uitgerafel omdat hulle iets ander verdedig het as apartheid.`

### 2.3 Waar staan ons nou met die WVK?

Die argument dat die verkeerde mense aangespreek is deur die WVK, hou water, maar dan nie in die wyse waarop dit tot dusver aangebied is nie. Die WVK-proses het op 'n strategiese punt misluk en die skuld daarvoor lê voor die deur van die mandaat van die kommissie. Die opdrag was om te kyk na "gross violations of human rights" (SA Parliament 1995:elektroniese bron).

Om growwe skendings van menseregte te ondersoek was *per se* nie ’n probleem nie. Die onvoorsiene effek hiervan is egter dat die meerderheid wit Afrikaners hulle van die proses kan losmaak deur die verweer dat hulle nie die oortreders was nie. Die meeste van hulle was nie skuldig aan growwe skending van ander se regte nie. En daarmee is die saak vir hulle afgehandel. Dis waarna Mike [byvoorbeeld 3-597 en 6-262] verwys as hy homself telkens verskoon deur daarop te hamer dat hy swart mense nie sleg behandel het nie

Die probleem hang saam met die taalgebruik. Die WVK bly praat van “perpetrators” en die meeste Afrikaners was nie “perpetrators” in die sin wat die WVK die woord gebruik nie. Dit is – ten minste vir die doel van hierdie navorsing – beter om te praat van die “beneficiaries”, oftewel die bevoordeeldes van apartheid. Dit sluit elke wit persoon in hierdie land in. En niemand kan dit ontken nie – sommige probeer wel, maar dit oortuig nie.

Terry Bell (2001:1) kom die naaste aan hierdie waarheid as hy skryf oor die tekortkominge van die werk van die WVK:

> Most importantly, no serious examination was made of the system that gave rise to some of the most horrific, racist social engineering of modern times. Instead, there was a concentration on a proportion of the individual victims who came forward and on their immediate torturers, killers and persecutors. The narrowly focussed litany of bloodshed and brutality often obscures more than it revealed. Apartheid was presented as a caricature summed up by police assassin and torturer Jeff Benzien demonstrating his ‘wet bag’ torture technique during his application for amnesty...

Die ironie is dat hy sy eie insig nie opvolg nie. In die res van die boek skryf hy en Dumisa Ntsebeza oor “the secret projects”, “the murderous activities of the South African force and their surrogates in Transkei” en “those criminals who still remain in positions of power.” Dis asof hy self nie raaksien wat hy sê nie. Die waarheid aangaande die mislukking van die WVK is nie gesetel in die insidente van menseregte-vergrype nie, maar in die “system that gave rise to some of the most horrific, racist social engineering of modern times” (Bell 2001:1).

Stevens (2006:302) kom tot dieselfde gevolgtrekking as Bell in sy beoordeling van die WVK. Hy wys uit dat “apartheid as a systemic form of oppression and human rights violations were not addresses overtly” en “the foundations of the apartheid system received no overt attention from the TRC.” Die gevolg hiervan was dat sekere persone en groepe hulle hierdeur kon verontskuldig van enige skuld aan apartheid.

Die grootste tekort van die WVK lê myns insiens daarin dat dit nie die onderliggende vertrekpunte van rassemeerderwaardigheid en die gevolglike aantasting van menswaardigheid uitlig as die skuld van wit inwoners van die land nie. Deurdat dit nie gedoen is nie, het wit mense ’n agterdeur ontdek waardeur hulle op slinkse wyse skuldloos uit apartheid probeer ontsnap.

In haar boek oor haar ervaring van die WVK, haal Krog (1998a:95) die psigiater Kaliski aan wat praat oor hierdie “disservice done by the Truth Commission.” Hy beskryf dit verder: "Some individuals are targeted as the scapegoats for past atrocities. And that allows other citizens to deny any complicity." Wanneer Krog (1998b:13) skryf oor die rituele van die WVK, praat sy oor hierdie subtiele “scapegoat” ritueel: Niemand erken dat hulle in die minste mate skuldig was nie, dis altyd iemand anders se skuld. Sy skryf verder:

> We have reached the stage where people like Verwoerd and P.W. Botha have been demonised as the *sole* sources of evil in the past. They were responsible for *all* the ugly events of the past, while we are not. Because they are evil or bad, it is self-evident that we are good. They are the devils and we the angels (Krog 1998b:14).

Krog se *devils* en *angels* het op ’n meta-vlak waar geword. Dit was nie alleen binne die WVK-proses waar hierdie ritueel beoefen is nie, maar ook deur diegene van buite. Vir hulle was die *devils* duidelik. Dit was diegene wat voor die WVK moes gaan bieg oor ’n wandaad uit hulle verlede. En as hulle die *devils* was, is dit voor die hand liggend dat diegene wat nie hoef te gaan bieg het nie, die *angels* moet wees.

### 2.4 Waarmee die WVK nie gehelp het nie

’n Ander persoon wat raakgesien het dat die WVK net met sommige sake gehelp het, maar met ander nie, is Thabo Mbeki. In sy parlementêre toespraak oor die WVK praat

hy van die “perpetrators”, “the programmed killers who have spoken... of the terrible things they did, to ensure the safety of the proverbial enclave of 'European civilization' perched precariously at the Cape of Good Hope” (Mbeki 1999:elektroniese bron). Dit gaan egter nie net oor hierdie mense nie en daarom gaan Mbeki voort: “Any attempt to insulate or isolate the more narrowly defined work of the TRC from this larger setting will inevitably defeat the very purposes for which the TRC was established.” In hierdie belangrike stelling beklemtoon hy dat die WVK eintlik gedoem was tot mislukking wat die meerderheid wit mense aanbetref juis omdat dit so skerp afgestem was op die menseregte vergrype en nie die algemene klimaat en denke waarbinne dit plaasgevind het nie. Neville Alexander (aangehaal in Hamilton, Huntley, Alexander, Guimaraes & James 2001:478) erken die WVK het ’n stem aan die “voiceless masses” gegee, maar wat hy noem die “deep level issues”, was “hardly touched.”

Gerloff (1998:35) skryf oor haar besoek aan Suid-Afrika ten tye van die WVK-ondersoek en van haar gesprekke “with whites entirely ignorant, if not demeaning, of the plight of their fellow-citizens.” Sy haal ook studente aan wat in 1996 die land besoek het: “One of the biggest problems is that the white people don’t think they’ve done anything wrong” en “They are totally disconnected from history. They make the assumption that everyone is equal as of this moment; so policies should be set that assume we’re all on the same plane” (Gerloff 1998:36). Krog (1998a:3) onderstreep hierdie standpunt as sy skryf oor “Afrikaner intellectuals” wat oor die WVK debatteer en dan vra: “So how bad could Apartheid have been?”

’n Dekade later word presies dieselfde diskoers nog gevoer. In hoofstuk vier is reeds as voorbeeld hiervan gewys op die rassistiese briewe wat wit mense voorhou as alles wat goed en eerbaar en reg is, en die swart mense as alles wat sleg en onontwikkeld is (Boerevryheid 2008:elektroniese bron). Ook Jansen (Johns 2009:1) verwys hierna as hy vertel van die Reitz-vier: “They asked me with tears what they had done wrong.” Ook die krieketafrigter Vincent Barnes (aangehaal in Fisher 2007:97) verwys hierna as hy sê “The majority of South Africans are living their lives in much the same way as they did under apartheid.”

Die voorsitter van die Menseregte-kommissie, Jody Kollapen verwys na die WVK-proses wat bepaalde "fundamental faults" in sy werk gehad het: "The TRC did not create sufficient space for the ordinary South African to reflect...” (aangehaal in Kassiem 2008:1). Die WVK, en alles wat sedert 1994 in Suid-Afrika gebeur het, het

steeds nie daarin geslaag om die meerderheid wit mense te oortuig van die onreg wat deur apartheid aan die menswaardigheid van swart Suid-Afrikaners gedoen het, of die gevolge daarvan nie.

## 3. Die hart van apartheid

Dit is belangrik om duidelikheid te kry oor wat presies die fout van apartheid was. In hoofstukke drie en vier is uitgewys dat die mede-navorsers oor die algemeen vaskyk teen klein apartheid, die praktiese reëls wat die daaglikse lewe van swart mense bepaal het, byvoorbeeld aparte geriewe vir die verskillende rasse. Daar was min begrip vir die onderliggende uitgangspunte van rassisme of die aantasting van menswaardigheid. Oor die algemeen het die mede-navorsers baie oppervlakkig na die verlede gekyk en byna nêrens het hulle dit teologies probeer beoordeel nie.

### 3.1 Senzeni na?

Tydens die WVK se ondersoek na die dood van die sogenaamde *Cradock Vier*, hervat die voorsitter, aartsbiskop Tutu, die verrigtinge na ’n onderbreking met die lied wat begin met *Senzeni na?- Isono sethu bubumnyama* (Krog 1998a:43). Dit is ’n bekende *struggle*-lied (Tutu 1999:17) wat in Afrikaans lui: *Wat het ons gedoen? Ons sonde is dat ons swart is*. Vir die beleid van apartheid was ’n swart vel egter genoeg; vir wit mense het dit blykbaar sin gemaak, vir swart mense nie. Hoe lank voor alle wit mense hierdie lied sal verstaan en deur hulle erkenning die menswaardigheid van swart mense herstel?

### 3.2 Hoe wittes apartheid (ge)sien (het)

“Apartheid was die fout van enkelinge” skryf Toerien (2011:elektroniese bron). Hy vertel ook van ’n jong dr. Niel Barnard – die latere hoof van die SA Intelligensie-diens – wat hom jare gelede só reggehelp het: “vergeet van die storie van die Christelike beleid van apartheid versus die humanistiese beleid van gelykstelling. Want as apartheid nie gelykheid bring nie, kan dit nie regverdig wees en dus Christelik wees nie.” Die ironie is dat wanneer Toerien dit skryf, hy dit geensins repudieer nie; hy aanvaar dit as die

waarheid dat apartheid gelykheid sou bring. Hierdie standpunt is tipies van ’n groep wit Afrikaners wat glo dat apartheid self geensins sleg was nie, dis maar net enkele individue wat hulle vergryp het. “Nog talle Afrikaners wat glo dat apartheid nie so sleg was nie en dat die stelsel wel vir die gekleurdes mense tot voordeel was” (Smith 2010a:16). Van hulle hoop selfs dat apartheid weer ingestel word sodat alles weer ‘normaal’ kan wees. Hulle sal beslis nie saamstem met Slabbert (1999:17) wat praat van die “waansin van apartheid” nie.

Dit is vanselfsprekend dat hierdie groep geensins skuld aanvaar vir apartheid nie. Vir hulle lê die skuld elders. Hulle verplaas die skuld na die `Engelse` [Danie 2-149], `politici` [Mike 6-086] of na die feit dat die beleid van rasseskeiding in `wetgewing` opgeneem is [Mike 10-253 en George 15-165].

> Selfs uit eie geledere is hierdie siening egter jare lank reeds bevraagteken: "While blacks were treated as inferiors and lived in a culture of marginalisation and insecurity, whites believed that they had established a peaceful and just society by the establishment of homogenous black nations and states" (Kinghorn 1990:68). Hierop vra Smith (2010a:80) die vraag: “Wie het aan ons as wittes die reg gegee om so geheel en al beheer oor die lewens van swartes oor te neem?”

Vice (2010:324) argumenteer dat wit mense se bevoorregte posisie in Suid-Afrika op ’n onontkenbare wyse te make het met die sistematiese bevoorregting wat hulle en hulle voorsate oor dekades en eeue ten koste van swart Suid-Afrikaners gehad het. Ook dit is nie ’n gewilde tema onder wit Afrikaners nie. Van Niekerk (2011:elektroniese bron) redeneer:

> Apartheid was ’n stelsel van staatsosialisme wat feitlik volledig afgestem was op die bevoorregting van Afrikaners. Ook die ouers en voorouers van jong wit mense wat geen aantoonbare aandeel in die vestiging en bestendiging van hierdie stelsel gehad het nie, het dit wel gehad, en hulle is dus ’n produk daarvan.

Soos ander mense kyk wit Afrikaners ook na hul medemens met ’n bepaalde ideologies-bepaalde bril. Sekere voorveronderstellings bepaal wat raakgesien word en hoe dit geïnterpreteer word. Mense uit die eie groep word verskoon terwyl *die ander* uitgewys en veralgemeen word. Hierdie waarneming versterk oor tyd die stereotipes

wat mense van mekaar het.

Die direkteur van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening, dr. Fanie du Toit (2011:elektroniese bron), mag wel sê “Apartheid denied the human dignity of black South Africans in the way it failed, as a system, to recognise political, economic and social rights for all. For this reason the United Nations declared apartheid a crime against humanity”, maar dit oortuig nie vir almal nie. Vir sommige is dit steeds die fout van enkelinge, die paar vrot appels [vergelyk Johan 1-580]; vir hulle was swart mense nog altyd tevrede met apartheid. Vir hulle was apartheid slegs ’n aantal reëls wat die lewe van almal in Suid-Afrika georden het. Om te erken dat apartheid inherent verkeerd was, dat wit mense bevoordeel is ten koste van swart mense, en dat swart mense se menswaardigheid misken is, is blykbaar nie vir hulle moontlik nie.

> Die waarskuwing wat Villa-Vicencio (1993:86) byna twee dekades gelede reeds gerig het, is blykbaar steeds waar: “The problem is that most whites are simply unexposed to the lot of black people in this country. They are fed each day on propaganda, told what to believe and brainwashed into believing that the poor have brought their poverty onto themselves… We do not know what other people are suffering or what their concerns are. While this ignorance prevails we will not be moved to do anything about the situation...”. Smith (2010a:88) sluit hierby aan as hy verwys na die wit geweld wat swart mense in die townships ingedwing het, maar waarvan wit mense “onbewus” was.

Smith (2010a:87) herinner ons aan “...hoe doeltreffend die apartheidstelsel sy slagoffers verberg het.” Om dus werklik te verstaan hoe apartheid swart mense geraak het, sal dit nodig wees om daarna te kyk vanuit ’n swart perspektief. Wit mense sal moet hoor wat swart mense se eie belewing van apartheid was.

### 3.3 Gesoek: ’n gemaklike paar mokassins

Die Amerikaanse Indiane het ’n spreuk wat lui dat al jy iemand anders wil verstaan, jy eers twee weke in sy skoene moet loop. Dis duidelik dat wit Suid-Afrikaners nog baie

mokassins[40] gaan nodig hê voordat hulle die swart ervaring van apartheid sal kan begryp. Hulle sal blykbaar nog baie myle in ander se skoene moet loop voordat hulle genoeg sal verstaan oor die effek van apartheid op swart mense.

Ten spyte van die verskeidenheid reaksies vanuit wit geledere op apartheid, is daar by swart mense eintlik net een deurlopend lyn in alle kritiek. Vir swart mense gaan apartheid in die eerste plek oor die aantasting van hulle menswaardigheid en die gevolge daarvan. Tutu (2011:31) praat van politieke leiers wat vir dekades in die tronk sit "for having the audacity to say they are human."

Dit is egter nie net swart mense se menswaardigheid wat aangetas is nie. Dikwels kom dit ook na vore dat swart mense meen dat wit mense se eie menswaardigheid aangetas is deur die dade wat hulle gepleeg het. So praat Gobodo-Madikizela (2003:14) oor een van Eugene de Kock se slagoffers wat huil: "not only tears for our husbands, but tears for him as well." Sy huil "tears not only for her loss but also, it seemed, for the loss of de Kock's moral humanity" (Gobodo-Madikizela 2003:15). Ook Tutu (2011:30) vertel van die gebed van Malusi Mpumlwana vir die polisie wat hom aangehou en aangerand het: "...to help them to recover the humanity they are losing."

Hierdie tema is ook nie nuut nie. Reeds dertig jaar gelede skryf Van Niekerk (1982:35) oor sekere herhalende temas in swart mense se biografieë, onder andere "the need to escape from South Africa in order to preserve one's integrity as a person or as an artist." In hierdie verband haal hy ook 'n gedig van die swart skrywer-digter Wally Seroto aan:

> Teach me to forgive
> Teach me to forget the deeds of those men
> Who have debased me
> Taught me to see people as tribes

Apartheid was Suid-Afrika se sosiale geheim: almal het daarvan geweet, maar niemand het hardop en openlik daaroor gepraat nie. "Killing apartheid's opponents became South Africa's dirty little family secret that everyone could see but no one openly talked about for fear that the house of cards called apartheid might come

[40] Mokassins is die tradisionele skoene van die Amerikaanse Indiane. Dit word gewoonlik gemaak van een stuk vel wat bo die voet aanmekaar gestik word. Die sole is gemaklik sag en die bokante word dikwels kunstig versier.

crashing down" (Gobodo-Madikizela 2003:66). Die vorige regering het ook gesorg dat dit 'n geheim bly. Selfs diegene wat iets vermoed het, is effektief in 'n aparte wêreld – en die duister – gehou: "Through a combination of patronage and *kragdadige* repression of democratic and egalitarian views and ideologies, the NP made its policies the only game in town. NP supporters would not hear anything else. Years later they would claim: 'We did not know'" (Van der Westhuizen 2007:107).

Selfs in 2011 voer Tutu (Steyn 2011:elektroniese bron) aan dat swart mense steeds minderwaardig voel en sommige wit mense steeds dink hulle is beter en superieur. Die denkpatrone van destyds steek steeds vas. Oor hierdie denkpatrone skryf Van der Westhuizen (2007:107) hierdie ontstellende sin: "DF Malan's sidekick Paul Sauer called black people 'barbarous and semi-barbarous' at a time when the ANC's Albert Lethuli was awarded the Nobel Peace Prize." Soos in hoofstuk vier aangedui, was die ontsteltenis oor die skildery *The Spear* tekenend van die diepte van die seer van die aantasting van swart mense se menswaardigheid. In die woorde van Van der Westhuizen (2007:107): "What made apartheid particularly abominable was the foolhardy denial of black people's humanity."

Die hartseer in hierdie verhaal is nie alleen die feit dat swart mense in Suid-Afrika gekoloniseer is nie, maar dat ook hulle denke gekoloniseer is (Kasenene 1993). Nie net hulle vryheid as mense is aangetas nie, maar ook hulle vryheid van denke. "Wat die wittes die swartes wysgemaak het, het die swartes geglo" (Smith 2010a:88).

In 'n land met 'n oorwegend Christelike bevolking, en in die Kerk, sou die apartheids-beleid tog nie ongetoets kon verbygaan nie. Waar hoog opgegee word oor die Bybel, moet die Bybel tog sekerlik meespreek oor hierdie saak.

### 3.4 Aan die hand van die evangelie

Volgens die teologie van die Afrikaner, soos dit onder andere neerslag gevind het in die NG Kerk, was die wit Afrikaners God se uitverkore volk hier in Afrika. Hulle opdrag was om "as voogde aan die swartes leiding te gee oor wat vir hulle die beste was" (Smith 2010a:81). In die gemiddelde wit omgewing is dit nie bevraagteken nie. Dit wil egter nie sê dat daar nie wel ander was wat vrae gevra het nie.

Russel Botman (2012:elektroniese bron) vertel hoe prof. Jaap Durand hulle in 1978 laat dink het oor die fout van apartheid:

> Die eerste maand het ons voorleggings gekonsentreer op die praktyke van apartheid. Ons het toe nog gemeen dat apartheid verwerplik is omdat dit menseregte skaad, die waardigheid van die huwelik aantas, die arbeidsregte en menswaardigheid van mense vertrap. Ons het gemeen dat dit die praktyke van apartheid is wat die probleem is.

Dit is eers na baie nadenke dat die studente begin verstaan het “dat die idee van apartheid op sigself anti-evangelies is... Dit doen nie net sonde in sy praktyke nie, dit ís die sonde self” (Botman 2012:elektroniese bron). Hy verduidelik hierdie standpunt verder:

> Aan die kern hiervan is die verkose vertrekpunt dat mense van verskillende rasse en etniese groepe onversoenbaar is... Apartheid het dus die teenoorgestelde uitgangspunt geneem as dit wat in die hart van die Evangelie staan, naamlik die versoening en versoenbaarheid van alle mense ongeag hul etnisiteit, taal, kultuur en ander identiteite (Botman 2012:elektroniese bron).

Die NG Sendingkerk het ten tye van die opstel van die Belydenis van Belhar verwys na die Suid-Afrikaanse politieke en kerklike bestel “waarin onversoenbaarheid tot ŉ samelewingsbeginsel verhef word” (NG Sendingkerk 1982:1). Hierdie teologiese posisie ten opsigte van apartheid was vir baie jare onaanvaarbaar vir die wit kerkgemeenskap. Toe die NG Kerk in 1986 in hierdie rigting begin praat, skeur die Kerk. Hierdie navorsing het in hoofstuk vier aangetoon dat daar steeds lidmate in die NG Kerk is wat nie hierdie standpunt ondersteun nie. Die posisie in die ander Afrikaanse gereformeerde kerke is waarskynlik nie veel anders nie. Vyf teoloë van die Hervormde Kerk het dit byvoorbeeld nodig geag om so onlangs as drie jaar gelede in die openbaar apartheid “as sonde, inherent mens-onterend en boosheid” te verwerp. Hulle sê: “Die aantasting van mense se menswaardigheid kan op geen manier Bybels, teologies en moreel geregverdig word nie” (Jackson 2009:elektroniese bron). Hierby sluit Smith (2010a:43) aan as hy praat van “Die Bybelse legitimiteit wat die NG Kerk aan wittes verleen het om die beeld van God in swartes te minag en hulle menswaardigheid in die naam van hulle God te ontneem...”.

Tydens die 2003 *South African Christian Leadership Assembly* word sewe sogenaamde reuse geïdentifiseer. Dit is aktuele kwessies wat die Suid-Afrikaanse samelewing uitdaag en selfs afbreek. Een hiervan is rassisme. Die *Kerkspieël*-opname van 2006 toets die NG Kerk se houding ten opsigte van hierdie sewe sake. Die opvallende is dat, behalwe vir seksisme, rassisme die minste aandag in die NG Kerk kry (Bisschoff 2008:10). Blykbaar sien die wit gemeenskap nie "rassisme en seksisme as 'n probleem" nie (Bisschoff 2008:11). Benewens die kulturele verskille aangaande hierdie sake is dit veral "die vrees vir die reaksie van wit lidmate dat rassisme weer eens genoem word" en die teologiese rede dat die politieke belang vir 'n lang tyd "teologies gewettig" is (Bisschoff 2008:11). Dit is duidelik dat selfs onder wit Afrikaanse Christene die ware inpak en kernprobleem van apartheid steeds nie raakgesien word nie. Hierdie situasie het 'n direkte impak op die transformasie en die proses van versoening in post-apartheid Suid-Afrika.

### 3.5 Die gevolge van 'n ontkenning

So lank as wat wit Afrikaanse Christene weier om te erken dat apartheid hulle bevoordeel het ten koste van swart Suid-Afrikaners, en solank hulle nie die noodsaak van herstel raaksien nie, sal transformasie en versoening nie na wense vorder nie.

Wit Afrikaanse Christene, wat my en die mede-navorsers insluit, was ook slagoffers van apartheid. Nie in die sin waarin dit aangebied is in die gesprekke, naamlik dat ons ly as gevolg van iets wat ons voorouers gedoen het nie [Danie 1-674 en Albert 1-703], maar omdat ons ook iets van ons menswaardigheid verloor het deur dit wat ons aan ons swart medemense gedoen het. Slagofferskap lê nie in die gevolge van regstellende aksie nie, maar in die selftoegediende wonde van vooroordele. Hierdie wonde genees eers wanneer die (groter) wonde van ander erken word. Die erkenning herstel die ander se waardigheid en maak die ontmensliking ongedaan. Solank hierdie erkenning nog ontkenning is, kan die genesing nie begin nie.

Benewens hierdie na-binne gevolge, is daar ook 'n magdom na-buite gevolge wat die lewe in post-apartheid Suid-Afrika uitdagend maak. Die gesprekke met die mede-navorsers het uitgewys dat 'n groot aantal van hulle nog steeds nie heeltemal verstaan wat apartheid aan swart mense gedoen het nie. Sommige van die redes hiervoor kan gevind word in die effektiwiteit van apartheid om die verskillende rasse van mekaar

geskei te hou in twee aparte wêrelde. Dit maak dat daar min begrip vir swart mense se ervarings is. Daar is egter ook ’n onwilligheid en klaarblyklike onvermoë om afstand te doen van beskouings van meerderwaardigheid wat oor jare gekweek is.

Solank skuld, vooroordele en bevoorregting nie erken en hanteer word nie, solank die aparte wêrelde van apartheid nie oorkom word nie, is dit ’n los draad wat enige tyd weer kan uitrafel, soos wanneer daar oor regstellende aksie gepraat word. Dieselfde draad rafel ook uit as daar oor die toekomstige rol van die NG Kerk of die Belydenis van Belhar gepraat word. Diegene wat met los drade die toekoms wil aanpak, loop die gevaar om gepootjie te word. In die res van hierdie hoofstuk sal die los drade keer op keer na vore kom.

### 3.6 So moeilik om aan te beweeg?

Gedurende die afgelope paar jaar was daar verskeie voorvalle waar die los draadjie mense gepootjie het. In hoofstuk vier is verwys na die twee modelle se ongelukkige *Twitter*-tirades (Hartley & Germaner 2012:elektroniese bron) en die gefrustreerde student se *Facebook*-fiasko (John 2012:elektroniese bron).

In dieselfde hoofstuk is ook verwys na Annelie Botes wat praat oor swart mense:

> In my grootwordjare op Uniondale was daar geen swart mense nie. As daar een rondloop, was dit ’n bandiet wat dros. En dan moet jy hárdloop, want hy gaan jou vang, nè... Ek wéét hulle’s net sulke mense soos ek. Ek wéét hulle’t dieselfde regte as ek. Maar ek verstáán hulle nie. En dan… hou ek nie van hulle nie. Ek vermy hulle, want ek’s bang vir hulle (Retief 2010:elektroniese bron).

Dit is duidelik dat die los draad van apartheid se twee wêrelde vir Botes gepootjie het, sonder dat sy dit eers besef het. Haar apartheidsjare-ervaring is steeds normatief vir haar omgang met swart mense.

Daar is egter ook ander voorbeelde waar die los draadjie netjies vasgeknoop is. Dawie, ’n rubriekskrywer van *Die Burger*, skryf op 24 Mei 2008 ’n artikel oor xenofobie – die vrees vir “Die Ander”. Die ironie is dat die woord xenofobie ewe goed deur die woord apartheid vervang sou kon word. Dawie (2008:18) skryf:

> Xenofobie ontstaan wanneer ons dít van onsself wat in Die Ander is, misken. Dit gebeur wanneer ons ons verskille beklemtoon ten koste van ons ooreenkomste. Van daar is dit maar 'n klein stappie om die verskille só te oorbeklemtoon dat ons later meen Die Ander is heeltemal verskillend van ons. En dit is die pad na die miskenning of geringskatting van Die Ander se letterlike menswaardigheid – die redusering van Die Ander se menslike tot 'n blote mededinger om hulpbronne, 'n weinig meer as 'n dierlike wese, 'n onwenslikheid; 'n geldige teiken.

Miskien is daar meer transformasie aan die gebeur as wat uit my gesprekke geblyk het. Daar is waarskynlik meer mense wat verby die vrees vir "Die Ander" beweeg het ten opsigte van die verskillende rasse in Suid-Afrika. Selfs al sou alle Suid-Afrikaners dit doen, sal dit egter steeds nie die nalatenskap van apartheid wegneem nie.

## 4. Nalatenskap van apartheid

Alhoewel hier reeds in die paragrawe hierbo aandag gegee is aan sekere aspekte van apartheid wat steeds deel van die Suid-Afrikaanse samelewing is, word in hierdie afdeling bepaalde relevante kwessies uitgelig. Elkeen hiervan het 'n direkte invloed op die post-apartheid interaksie tussen die verskillende rasse.

### 4.1 Steeds kwaad vir die Engelse, én die Boere[41]

Ek onthou dat ek ten tye van hierdie navorsingsprojek 'n aantal boeke oor die Anglo-Boereoorlog gelees het. Hieronder tel Jooste en Oosthuizen (1998) se boek oor die teregstellings van Kaapse rebelle en republikeinse burgers, en Alberts, Changuion en Jacobs (2003) se fotografiese getuienis van die lyding tydens die oorlog. Dit was veral Moolman (2011) se *The Boer Whore* wat uitwys hoe die onderdrukker die onderdruktes se menswaardigheid minag.

[41] Die woord "Boere" verwys hier beide na die Afrikaners wat in die Anglo Boere-oorlog teen die Engelse geveg het en "Boere" genoem is, asook na die skeldnaam wat swart mense soms vir wit mense gebruik (het).

Ten spyte daarvan dat die oorlog reeds meer as ’n honderd jaar gelede geveg is, en ten spyte daarvan dat geeneen van my voorouers in die oorlog betrokke was nie – hulle het destyds in die Kolonie gebly – kan ek die wrewel herroep wat ek teenoor die Engelse ervaar het. Die gevoel het niks te make gehad met mense wat ek geken het of enigiets persoonliks nie; dit was bloot op die vlak van menslikheid wat dit my aangegryp het.

Hierin is ek ook nie alleen nie. Tydens een van die gesprekke vertel ek van ’n bejaarde lidmaat – reeds diep in die sewentigs – wat steeds kwaad is vir die Engelse oor die oorlog [Albert 6-387]. Vir sewe dekades al dra hy die wrok. De Beer (2009:144) vertel die verhaal van ’n boere-gesin van Virginia, so twintig kilometer van Welkom af. Die oudste seun word as jong man in die oorlog gewond. Na die oorlog kom hy terug na die afgebrande plaas toe: “Hy sit op die huis se rommel en staar in die niet. Daar is nie meer trane oor om te huil oor dinge van gister nie. Gister is verby en hy moet vooruit kyk na dit wat moet kom.”

Net so min as wat die jong man in die verhaal bloot sy oë kan sluit vir die verlede en aangaan asof niks gebeur het nie, net so min kan wit Afrikaners van swart mense verwag dat hulle alles `moet afsluit en moet aangaan in die nuwe Suid-Afrika` [Frans 1-471]. Ook Isak [14-199] se idee `Ek dink ons moet dit nou los, dit is verby` is in die lig van die voorafgaande paragrawe onhaalbaar. Dit sal ’n bo-menslike poging verg om bloot die verlede te ignoreer. Soos sommige Afrikaners nog sukkel met die Engelse, gaan swart mense waarskynlik nog lank sukkel met die “Boere”.

Lester Venter (2001:146) gebruik twee baie beskrywende beelde om die post-apartheid situasie in Suid-Afrika te beskryf. In die eerste beeld verseker wit mense dat swart mense stewig vasgeketting is voordat hulle toesak op die bankettafel van hulpbronne en geleenthede. Wanneer hulle hulself deeglik gehelp het, maak hulle die swart mense los en nooi hulle om te kom deel in wat oor is. Wanneer die swart mense dan kla, vra die wit mense bloot om verskoning en aanvaar dan dat alles nou reggestel is. Venter vergelyk ook die Suid-Afrikaanse situasie met iemand wat resies wil hardloop teen ’n opponent wie se been hy so pas gebreek het. Die agterstand wat swart mense tydens apartheid opgebou het ten opsigte van hulpbronne, geleenthede en selfvertroue kan nie onderskat word nie. Oor die uitwerking van apartheid op swart mense dink wit Afrikaners selde na: “Hierin het die ‘sukses’ van apartheid dan ook gelê, naamlik dat dit

die wêreld van hulle op wie apartheid toegepas is, onsigbaar gemaak het vir die wittes" (Smith 2010a:12).

> Mamphela Ramphele (2001:63) sluit aan by die tema van swart mense se wrewel oor apartheid: "South Africans have yet to face up to the depth of the superiority and inferiority complexes that are part of the legacy of 350 years of racism. There is a deep-seated, and sometimes not so deep-seated, view held by a significant proportion of white South African that black people have an inherent intellectual inferiority. This belief is shared by racist all over the world. But in the South African context, where there was an active national agenda to make black people fail, the everyday encounters between white and black people reinforced this view"

Oor presies hoe wit Afrikaners by apartheid gebaat het, is steeds 'n debat. Die deelnemers aan hierdie debat strek van die een uiterste tot die ander.

### 4.2 Om die vrugte te pluk

Wat Rieger (2004:221) oor 'n ietwat ander terrein skryf is net so waar van die debat oor wit bevoorregting: "(B)efore we can become part of the solution, we need to develop a self-critical attitude that helps us reflect on how we have come to be (and still are) part of the problem." Die versoeking om in 'n nie-weet of selfs 'n nie-wil-weet gemaksone te bly, is altyd teenwoordig. Om egter eg te leef in post-apartheid Suid-Afrika vra 'n eerlike kyk na die werklikheid. Dit vra om uit die wit enklawe te tree en meer van swart Suid-Afrika te leer ken as wat by die werk en in amptelike omstandighede gebeur.

In 'n omvattende artikel oor die historiese wortels van ongelykheid in Suid-Afrika, beskryf Wilson (2011) presies wat alles direk of indirek aanleiding gegee het tot die wit voorsprong tydens apartheid. Hy begin by die Hollandse nedersetters wat hulle in 1652 hier in Suid-Afrika kom vestig het en nie net aangedoen het nie. Hulle bring hulle "guns, germs and steel" (Diamond 1997) en so begin 'n oorheersingsproses wat steeds nie einde gekry het nie – miskien wel op die wetboeke, maar nog nie heeltemal in mense se harte nie. Wilson verwys na die ontdekking van goud en diamante en die gevolglike akkumulering van rykdom deur gebruik te maak van politieke mag (om byvoorbeeld

grondeise te onderdruk en spoorlynroetes te bepaal) en finansiële mag (om byvoorbeeld klein delwers uit te koop). Gewoonlik was dit wit mense wat hierdie mag gehad het.

Later sou die trekarbeidstelsel bykom. Hierdie stelsel het die normale verstedeliking wat in die res van die wêreld gebeur stopsit vir swart mense. Omdat vroue en kinders nie die mans na die stede kon volg nie, het dit veroorsaak dat die werker ’n groot deel van sy salaris moes afstaan vir onderhoud aan sy gesin. Hierteenoor kon wit gesinne mekaar in moeilike omstandighede ondersteun om so ’n basis vir vooruitgang te skep (Wilson 2011:7). Dieselfde proses wat vir wit mense welvaart geskep het, het swart mense daarvan weerhou.

Saam met die trekarbeidstelsel was daar ook nog die gedifferensieerde onderwys wat vir swart leerders die minimum geleer het; net genoeg om die laagste vlakke van werk te kan doen. In sekere dele van die Vrystaat was skoolplig vir wit kinders in die 1890’s ingestel. Vir swart kinders was dit eers byna ’n honderd jaar later, in 1994 (Wilson 2011:9). Later sou werkreservering volg wat die beste beroepe tot wit mense beperk het. Wilson (2011:13) sluit sy artikel af met: “In South Africa the sharp inequality between black and white and the widening gulf between rich and poor have roots which go deeply into our past.” In die lig van Wilson se argumente is dit te verstane as Van Niekerk (2011:elektroniese bron) sê “As wit mense sit ons met enorme skuld ten opsigte van die verlede.”

Oor die kwessie van wit bevoorregting skryf die ekonoom Sampie Terreblanche dat hy begrip het vir veral jong wit mense wat aanvoer dat hulle geen aandeel in apartheid gehad het nie en daarom nie aanspreeklik gehou kan word vir enige bevoordeling nie.

> However, they clearly do not understand the systemic character of colonialism, segregation, and apartheid, and their collective responsibility for what has happened… what these whites fail to realise is that these ‘benefits’ are ‘contaminated’, because they were largely accumulated by means of systematic exploitation. It is rather hypocritical of whites to claim these benefits with greedy self-righteousness but decline any responsibility (directly or indirectly) for the evil of colonialism and its ugly consequences (Terreblanche 2002:5).

Dis egter een ding om die feite rondom wit bevoordeling te erken. Dis iets heeltemal anders om te erken dat jy deur apartheid bevoordeel is.

### 4.3 Om te erken jy het die vrugte gepluk

In reaksie op Van Niekerk (2011) hierbo wat skryf dat wit mense sit met "enorme skuld ten opsigte van die verlede", skryf 'n ene *vannermerwe* (skuilnaam) die volgende: "Die man het nie in die minste 'n begrip van die Afrikaner se geskiedenis nie, veral omdat hy beweer die Afrikaner is vir eeue bevoordeel. Jingos en sikofante soos hy miskien, maar beslis nie die gemiddelde Afrikaner nie." (Republiek van Bravoland 2012:elektroniese bron). Hierin is hy nie alleen nie. In hoofstuk vier is reeds gewys op die mede-navorsers wat 'n soortgelyke standpunt huldig.

Hierteenoor is daar ook ander – ook van die mede-navorsers – wat insien en erken dat hulle bevoordeeldes is, maar nie sonder teenstand nie. Jaco Barnard-Naudé (2011b:elektroniese bron) reageer op kommentaar op van sy vorige bloginskrywings waarop 'n ene *Cathy* (skuilnaam) skryf dat sy idee oor "apartheidskuld" 'n "figment of the imagination" is. Hy antwoord só:

> Is this person really and seriously arguing that there is no such thing as responsibility and guilt for apartheid? That thousands upon thousands of people were not deprived and left destitute for the sake of privileging the white Afrikaner. The irony of her commenting from a computer with an internet connection is clearly lost on her.

Hy haal ook ander voorbeelde aan van wit mense wat ten sterkste ontken dat hulle enige skuld het oor voordele wat hulle uit apartheid gekry het. Van hulle is selfs trots om hulself "apartheid bevoordeeldes" te noem. Dit noodsaak Barnard-Naudé (2011b:elektroniese bron) om die volgende te sê:

> But let me acknowledge once more, loud and clear: I am an apartheid beneficiary. I am not proud of it. I am ashamed of the fact that gross human-rights violations were perpetrated in the name of my volk, that some of my fellow Afrikaners have shown absolutely no remorse, no humility with respect to the privileges they have enjoyed and still enjoy in post-apartheid South Africa.

Johan Swarts (2012:elektroniese bron) vat dit goed saam as hy sy artikel oor Afrikaner-wees afsluit met hierdie woorde: “Jy kan nie jouself losmaak van iets waaruit jy steeds baat nie.” En Barnard-Naudé (2011b:elektroniese bron) skryf: “As ons ophou om so met ’n witbroodbakkery onder die arm te kla sal die derduisende apartheid-benadeeldes dalk minder die bliksem in wees vir ons; rede het hulle wel.”

### 4.4 “Vreemdelinge, selfs vyande”

Apartheid se nalatenskap lê nie net op die terrein van die materiële soos hierbo bespreek nie. Die denkraamwerke van apartheid het nie in 1994 spontaan opgehou bestaan nie. Die een kernsaak is hoe Suid-Afrikaners na mekaar kyk: Is dit al moontlik om dit sonder die ras-bril te doen?

Raubenheimer (1998:6) skryf: “Daar het dinge in ons geskiedenis gebeur wat veroorsaak het dat baie mense in ons land vandag vir mekaar vreemdelinge is, en in sommige gevalle selfs vyande.” Hierbo is gewys op Annelie Botes wat steeds swart mense as vreemdelinge ervaar. Genadiglik het die “racialised civil conflicts and bloodbaths” soos in Rwanda nie hier gebeur nie, maar “South African society today remains profoundly racialised, even though not legally so” (Stevens, Swart & Franchi 2006:9).

Die probleem met rassisme is dat dit wat raakgesien word, dikwels bloot die oortjies van die seekoei is; onderliggend is daar baie meer rassisme as wat besef word. So ontken Danie [4-062] enige rassisme van sy kant: `ek het nooit gepraat van ’n "kaffer" nie, ek het nooit sleg gepraat van die ander persoon, van die anderskleurige nie.` Mike [2-658] sê hieroor `Ek voel nie skuldig as ’n rassis nie, want ek het nooit hulle gehaat of benadeel nie.` Die rasionaal hieragter is blykbaar dat indien jy nie self swart mense anders behandel as wit mense nie, is jy nie ’n rassis nie.

Voorbeelde van blatante rassisme is volop. Hanlie [2-530] herroep twee voorvalle in een week waarby sy betrokke was. Veral in die kommentare op elektroniese koerant-berigte word erge rassistiese opmerkings agter skuilname versteek. So reageer *Albertus* (skuilnaam) op ’n berig van Pretorius (2011:elektroniese bron) en verwys na die ANC-woordvoerder meneer Jackson Mthembu as ’n “tuinjong” wat niks van “politiek

en ekonomie" weet nie en *Masterjack* (skuilnaam) sê "Dis wanneer jy jou rug op God draai, dan word K4 baas...".

Dikwels is die rassisme baie meer verskuil as bogenoemde voorbeelde. Temming (2012:elektroniese bron) skryf oor hoe wit Afrikaners verskillend reageer op moorde op plase as op moorde in townships. Sy verwys ook na soortgelyke reaksies ten opsigte van motorongelukke: "As vyftien pendelaars in 'n minibus op pad werk toe in 'n botsing in Soweto sterf, is die meeste lesers nie gepla nie. Maar laat 'n driejarige seun met blou oë in 'n Pajero[42] ná 'n luukse wegbreeknaweek in 'n ongeluk sterf...". Hierdie selfde tema is ook deur die mede-navorsers [Elsa 9-601 en Hanlie 12-402] aangeraak. Ook hulle betrap hulself dat hulle in rasterme dink oor motorongelukke.

Krog (2005:25) skryf oor mense wat genoem word "wedergebore rassiste": "Mense het gedink as ons net die swartes goed behandel, sal ons reg wees." Gouws (2012:elektroniese bron) skryf na aanleiding van 'n inbel radioprogram waaraan sy deelgeneem het. Sy skryf inbellers "luister met ideologiese gehoorstukke en bevestig presies die rassisme waarvan ons gepraat het. Hulle praat uit 'n posisie van wit meerderwaardigheid...". As verdere voorbeelde verwys sy na 'n "plek wat swart mense onwelkom laat voel" en "hoe wit mense ruimtes bewoon en ander op hul voorwaardes toelaat. Die meeste van die tyd is dié wat wit is, nie eens daarvan bewus dat hul optrede aanstoot gee nie" (Gouws 2012:elektroniese bron). Meer nog as rassistiese dade, is die onderliggende houding van rassisme.

Die grondwetkenner en akademikus Pierre de Vos (2012:elektroniese bron) skryf op sy *blog* oor hoe diep rassisme in wit Afrikaners ingebrand is:

> One of the most deeply problematic aspects of life in post-apartheid South Africa is that so many white South Africans continue to deny this fact and seem incapable of confronting their own deeply ingrained sense that as white people they are generally intellectually, culturally and morally superior to most black people – although they think that by making an exception for Nelson Mandela and Archbishop Desmond Tutu they have overcome the racism within them.

De Vos se menings het egter nie ongesiens verbygegaan nie. In agt dae het hy 379 reaksies gekry, sommige ondersteunend, ander skerp veroordelend. Krog (2005:282)

[42] 'n Mitsubishi Pajero is 'n gewilde luukse 4x4 sport-nutsvoertuig.

het hierdie selfde tema aangeraak as sy vertel van haar vriendin wat met haar praat oor Mandela:

> Hy het in versoening uitgereik na wittes, hy het uit sy pad gegaan om te vergewe – en wat kry hy? Mense aanvaar slegs hóm, sien slegs na hóm op, terwyl sy mense verontagsaam word. Mandela wil vir die wêreld dit benadruk dat hy nie 'n uitsondering is nie: Ek is deel van my mense ek is soos hulle. As julle beïndruk is deur my, moet julle ook deur hulle beïndruk wees. As ek uitsonderlik is, is hulle ook. Maar wittes prys voortdurend vir Mandela, terwyl hulle swartes behandel soos voorheen.

Die uitdaging vir wit Afrikaanse Christene is om verby die hoëprofiel swart mense – met wie hulle nooit skouers skuur nie – te kyk en swart mense met wie hulle daaglike kontak het as gelyke te beskou. Sommige, soos Elsa, het reeds so 'n besluit geneem toe sy sê `ek wil nie 'n rassis wees nie` [2-556]. Baie ander mense het nog nie daardie wilsbesluit geneem nie [Hanlie 2-566].

'n Tipiese voorbeeld van iemand wat reeds so 'n keuse gemaak het en daarop reageer, is Barend la Grange, een van die sogenaamde "Dulux-3" (Retief 2012:elektroniese bron). Dit is 'n term wat Hanlie Retief gemunt het waarmee sy verwys na die drie manne wat al drie met verf hulle beswaar teen *The Spear* wou uitdruk. In die plaaslike konteks is dit duidelik herkenbaar as 'n parodie op soortgelyke name uit die apartheidsera soos die *Pepco Drie* (TRC 1996:elektroniese bron) en die *Cradock Vier* (Forbes 2010:elektroniese bron).

La Grange is die man wat die skildery *The Spear* met rooi verf toegetakel het. Hy verduidelik sy optrede: "...as Afrikanerman het ek geroepe gevoel. Ons, gestereotipeer as die groot rassiste, het 'n verantwoordelikheid om daardie persepsie om te keer." Self al sou die hof oor die skildery oordeel, sê hy, "dan gaan swart mense steeds sê: 'Die wittes respekteer ons nie.' So dit was die régte ding dat 'n wit man van die skildery ontslae raak" (Retief 2012:elektroniese bron).

**4.5 Wit**

'n Verdere nalatenskap wat wit Afrikaanse Christene moet hanteer is die kwessie van wit-wees in post-apartheid Suid-Afrika. Wit-wees is nie maar net 'n neutrale beskrywing nie. Vroeër is dit, dalk onbewustelik, geassosieer met mag en bevoorregting.

> Krog (2005:299) se swart vriendin Ghangha van Bloemfontein gee 'n helder definisie: "Ek praat nie net van vel nie: 'wit' is 'n ingesteldheid, 'n lewesbeskouing. Witheid is deurlopend: dis nie maar net in die manier waarop jy loop en beduie nie, in jou woorde en gedagtes nie, dit het ook te make met selfvertroue, met waar jy begin. Met uitsluiting. Met die veronderstelling dat jou manier om 'n land te regeer die beste is, dat jou definisie van 'n stad, en wat jy nodig het om gelukkig te wees in 'n stad om dit jou stad te noem, die enigste is."

Na 1994 het hierdie posisie dramaties verander. Wit Afrikaners kan nie as post-apartheid Suid-Afrikaners leef en steeds vasklou aan 'n vergange tyd nie. Verskillende navorsers het die saak al uit verskillende hoeke benader. Davies (2007:353) wys op navorsing wat praat van "a bleak future for Afrikanerdom subjugated beneath a state dominated by the ANC government and broadly aligned against Afrikaner interests." Puttergill (2008) se ondersoek kom tot die gevolgtrekking dat ras nog steeds 'n kernfaktor in die bepaling van identiteit is, terwyl Wicomb (2008) poog om met dekonstruksie van die verlede 'n nuwe toekoms vir die Afrikaner te bou. Truscott (2011:102) praat van die "national melancholia" onder wit mense en sê: "The loss of apartheid as an ideal was, for Afrikaners, a narcissistic blow."

Oor die ongemaklikheid van selfondersoek skryf Snyman (2008:423):

> The challenge of white identity in Africa is to become aware of the role of whiteness in terms of the use of power, or, to become attentive as to how race functions ... Nonetheless, to look whiteness squarely in the eyes is an extremely embarrassing and uncomfortable process when whiteness is equated with a perpetrator culture.

'n Gesprek oor wit wees in post-apartheid Suid-Afrika is 'n gesprek oor die "unacknowledged elephant in the room" (Vice 2010:324). Dis 'n onvermydelike ongemaklikheid; iewers moet individue en gemeenskappe hieroor praat. Daar is reeds

op gewys dat die WVK sommige wit mense laat wegkom sonder enige skuld, maar selfs diegene wat nie skuldig is aan enige blatante diskriminasie of wreedheid nie, is wel op ander vlakke skuldig. Daar is “still obvious vices like indifference or callousness, cowardice and dishonesty, the failure of imagination and empathy or just plain laziness” (Vice 2010:327).

Vice (2010:326) voer hierdie argument na ’n dieper vlak as sy probeer aantoon dat wit-wees in die ou Suid-Afrika, soos in die res van die Westerse wêreld, die “unacknowledged norm” is waaraan alles gemeet word. Sy toon aan dat wit mense se “bevoorregte posisie in Suid-Afrika op ’n onontkenbare wyse te make het met die sistematiese bevoorregting wat ons en ons voorsate oor dekades en eeue ten koste van swart Suid-Afrikaners gehad het” (Van Niekerk 2011:elektroniese bron). Dit is hierdie “white privilege” wat volgens haar behoort aanleiding te gee tot gevoelens van skuld en skaamte. Hierin sluit sy aan by Steyn (2001:xxvi):

> As the privileged group, whites have tended to take their identity as the standard by which everyone else is measured. This makes white identity invisible, “even to the extent that many whites do not consciously think about the profound effect being white has on their everyday lives” … In sum, because the racialness of their own lives is edited out, white people have been able to ignore the manner in which the notion of race has structured people’s life opportunities in society as a whole.

Hoe waar Steyn se woorde oor die onsigbaarheid van wit identiteit is, is duidelik uit die tipe reaksies wat Vice ontlok het. So skryf ’n ene *Anton B* (skuilnaam) (2011:elektroniese bron): “So intens is hierdie verdwaalde siel se haat vir blankes en dus ook vir haarself, dat blankes se blote bestaan volgens haar aanstoot gee…” Of *Jan Rap* (skuilnaam) (2011:elektroniese bron) wat aanvoer sy bou haar “10 000 woorde diskoers op ’n vals basis, naamlik die onderdrukking van swartes deur die Afrikaner.”

Daar is egter ook ander kommentators wat (gedeeltelik) met haar saamstem. So noem Van Niekerk (2011:elektroniese bron) Vice se artikel ’n “fyn beredeneerde bespreking… van die onomstootlike morele predikament verbonde aan wit-wees in Suid-Afrika.” Hierdie saamstem met haar ontleding beteken egter nie instemming met haar gevolgtrekkings oor wat wit mense nou te doen staan nie.

Vice (2010:335) reken wat wit mense moet doen is “to make themselves invisible and unheard” omdat hulle geen morele grond sou hê om ’n bydrae tot die post-apartheid Suid-Afrika te maak nie. Hulle moet terugtrek in “humility and silence” omdat alles wat hulle sou kon sê “tainted” sou wees deur hulle “whiteliness” (Vice 2010:340). Hiermee stem die meeste kommentators egter nie saam nie.

Thamm (2011:elektroniese bron) haal haar swart gespreksgenoot aan wat sê “least white South Africans could do, is acknowledge that my/our ‘good’ childhood memories, our (white people’s) so called successes were gained at a terrible and tragic cost to fellow South Africans.” Dan gaan sy egter voort: “But for white South Africans particularly, withdrawing from the debate, retreating into denial, self-indulgent victimhood or belligerent defensiveness will keep us running on the same emotional and political spot.” Thamm se kritiek word onderstreep deur dié van Eusebius McKaiser (2011:35). Hy prys Vice se eerlikheid, “an honesty often culpably missing from the lives of too many white people”, maar reken ook dat wit mense juis moet deelneem aan die gesprek “but be mindful of how your whiteness still benefits you and gives you unearned privileges.” Hy nooi wit mense om saam te stap op die pad: “The journey will be worth it. But it requires discomforting honesty. We owe it to ourselves as a nation in the making” (McKaiser 2011:35).

Alhoewel Van Niekerk (2011:elektroniese bron) wel erken “as wit mense het ons geen onwrikbare morele locus standi van waar ons links en regs oor ander kan oordeel nie” is hy tog van mening dat “die stilte wat sy [Vice] bepleit, nie ’n passiewe oorgawe is nie, maar ’n aktiewe luister en ’n stille werksaamheid om reg te stel waar moontlik.” Comestor (2011:elektoniese bron) voer aan dat wit mense ’n “onontbeerlike bate” in die nuwe Suid-Afrika is. ’n Sinvolle betrokkenheid by die gesprek sal van wit mense vra om eers hulle eie wit-wees te verreken voordat hulle – losgemaak van hierdie posisie – kan deelneem. Die dae van ’n meerderwaardige, paternalistiese ons-weet-alles houding is verby, maar dit beteken nie dat wit mense nie ’n positiewe bydrae te lewer het nie.

Truscott (2011:92) sluit by die grondwet aan as hy positief oor hierdie standpunt skryf:

> The preamble to the South African constitution begins, ‘We, the people of South Africa, recognise the injustices of our past’. It is a collective recognition of the apartheid past as an injustice that has constituted the post-apartheid nation. The commandment of the post-apartheid nation, in other words, is to live against, be affectively opposed to, apartheid...

> At a moral level, one must have an anti-apartheid conscience to be an authentic post-apartheid South African.

## 5. Die pad van skuld en versoening

In hierdie verslag is reeds gewys op die baie stemme van beskuldiging teen wit Afrikaanse Christene, ten spyte van die ontkennings van die mede-navorsers en ander. Wanneer hulle as groep aan die vier skuldkategorieë van Jaspers (1946) gemeet word, is daar beslis ŉ saak uit te maak vir een of ander vorm van skuld. *Kriminele skuld* sou beperk wees tot diegene wat dade gepleeg het waaroor hulle voor die WVK sou verskyn het. Die *metafisiese skuld* is nie hier van toepassing nie, maar wit Afrikaners het *politieke skuld*, omdat dit hulle stemme was wat die politici aan bewind gehou het, en *morele skuld* omdat hulle nie genoeg gedoen het om die onreg van apartheid teë te staan nie. Al ontken baie dit, pas wit Afrikaanse Christene volgens Weingarten (2000) se model in die groen kwadrant: beide *bemagtig*, omdat hulle kon stem, en *bewus* omdat hulle geweet het wat apartheid aan swart mense doen. Uiteraard sou daar bepaalde individue wees wat hulle lewe lank vanuit die groen kwadrant geleef het en hulle gewy het aan die weerstand teen apartheid, soos byvoorbeeld Beyers Naudé en Nico Smith.

Baie mense het hulle hoop op versoening op die WVK geplaas, maar die WVK was “van die begin af gedoem tot ŉ opdraande stryd as ŉ instrument van versoening” (Slabbert 1999:109), omdat die skuldbelydenis van wit mense uitgebly het. “The TRC had left SA citizens with unfinished business and it was now the task for everyone to become involved in the construction of a new SA... The TRC had left no legacy of reconciliation or unity” (Pityana 1999:2). Jeffery (1999:6) beweer die WVK “failed” in sy taak om versoening te bewerk.

### 5.1 Wat is versoening?

Oor presies wat versoening behels is daar ook groot verskil van mening. Ek meen dat die destydse leier van die Vryheidsfront, generaal Constant Viljoen, in die voorlegging aan die WVK die kern van versoening in Suid-Afrika korrek uitgewys het: "We all know that the ultimate reconciliation should be between Afrikaner and African" (aangehaal in

Krog 1998a:3). Die beleid van apartheid, en die onreg wat daarmee saamgegaan het, was die breinkind van die Afrikaner. Daarom is dit ook net reg dat versoening ook direk die Afrikaner sal betrek.

Krog (1998a:45) haal ’n swart kollega aan wat versoening so beskryf: “Reconciliation will only be possible when the dignity of black people has been restored and when whites become compassionate.” Omdat die onreg van apartheid die menswaardigheid van swart mense aangetas het, sal versoening ook by menswaardigheid moet begin. Daar is bedenkinge oor hierdie moontlikheid. Nico Smith (aangehaal in Oosthuizen 2010:15) wonder: “As mense vir só lank in ’n staat van onversoendheid geleef het, is daar dan enige hoop dat hulle tóg eendag op ’n wonderbaarlike wyse tot versoening sal kom?”

Vir sommige is die oplossing eenvoudig: los net die verlede en gaan aan. Dis gewoonlik wit mense wat so praat. Kollapen (aangehaal in Kassiem 2008:1) sê: "In South Africa, reconciliation has been given a restricted meaning. It was just a case of move on and not dwell on the past." So ’n benadering doen egter die waarheid en die slagoffers se ervarings geweld aan.

In die Suid-Afrikaanse konteks het Asmal, Asmal en Roberts (1997:46) die volgende oor versoening geskryf:

> it is the facing of unwelcome truths in order to harmonise incommensurable world views so that inevitable and continuing conflicts and differences stand at least within a single universe of comprehensibility... Reconciliation is as shared and painful ethical voyage from wrong to right, and also a settling of moral and political indebtedness.

Gibson (2006:88) dink wyer as net die menseregtevergrype en wil alle bevoordeeldes van apartheid insluit in sy definisie van versoening: “Reconciliation may therefore be thought of as a continuum describing the relationship between those who were masters and slaves under the old apartheid system, not just those who were victims or perpetrators of gross human rights violations.” In die lig van die fokus van hierdie navorsing, is hierdie definisie belangrik.

Boraine (2000:353) haal uit die verslag van die WVK die woorde van ’n slagoffer aan as sy praat oor versoening. Cynthia Ngewu se seun is doodgeskiet as een van die sogenaamde Guguletu Sewe. Sy “explained to the Commission that reconciliation, in her view, involved the healing of perpetrators as well as victims: ‘What we are hoping for when we embrace the notion of reconciliation is that we restore the humanity to those who were perpetrators. We do not want to return evil by another evil. We simply want to ensure that the perpetrators are returned to humanity.’” Versoening het dus te make met die herstel van menswaardigheid van die slagoffers, maar ook van die apartheidsagente en die bevoordeeldes.

## 5.2 Die groot onwilligheid

’n Enkele voorbeeld of twee sal die onwilligheid om skuld te erken, onderstreep. Tydens die WVK-proses is ’n *Register of Reconciliation* bekendgestel. Almal is genooi om hierin te kom skryf as teken van berou oor hulle aandeel aan apartheid. In die tydperk van 15 Desember 1997 tot 29 Desember 2000 was daar maar slegs 176 handtekeninge van Suid-Afrikaners aangebring asook ’n verdere 74 vanuit die buiteland. Volgens die vanne van hierdie groep uit die buiteland, is hulle Afrikaners wat die land tydelik of permanent verlaat het (TRC 1997:elektroniese bron). Alhoewel daar ook ander redes sou kon wees waarom mense nie die register wou teken nie – soos die invloed van die post-moderne tydsgees – bly dit ’n uiters lae getal mense wat wel geteken het. ’n Soortgelyke veldtog, *Home for all*, wat in 2000 deur Niehaus en Burton geloots is, het ewe-eens misluk, waarskynlik om dieselfde rede (Hawthorne 2001:elektroniese bron).

Hierdie onwilligheid van die bevoordeeldes van apartheid om skuld te erken word ’n groot hindernis vir die pad van versoening. Jansen (2009:63) sê: “This incapacity to acknowledge the terrible past is a treat to the long-term prospects for democracy and stability in South Africa.” Die politieke ontleder Albert Venter (2012:elektroniese bron) vra: “Hoekom weier soveel Afrikaners 18 jaar ná die koms van demokrasie steeds om onomwonde te erken: apartheid was verkeerd; onverskoonbaar?” Hy stel dit onomwonde: “Die meerderheid Afrikaners het tussen 1960 en 1990 uit hierdie politieke teologie voordeel getrek.” Om nou hierdie voordeel te erken, sal allerlei implikasies hê. Daarom is dit blykbaar vir baie mense voordelig om hulle, volgens Weingarten se tipologie, te beroep op *onkunde* en *onmag* eerder as om te erken dat hulle wel (iets) geweet het, en tog iets daaraan kon gedoen het. Die spreekwoord is weereens waar

dat daar niemand so doof is as diegene wat nie wil hoor nie.

### 5.3 "Nog baie voete oor"

Enkele uitsonderings is daar wel. So het oud-minister Vlok eerwaarde Chikane se voete gaan was. Alhoewel daar ook hewige kritiek was, is dit deur baie gesien as 'n besondere daad van skulderkenning, "maar daar bly nog baie voete oor..." (Smith 2010a:103).

Om te herstel wat apartheid swart mense aangedoen het, gaan egter meer vra as om mekaar se voete te was. Versoening sluit ook die aspek van regstelling of restitusie in. Hieroor skryf Asmal, Asmal en Roberts (1997:47):

> Genuine reconciliation involves moral and political restitution in the sense of the German term *wiedergutmachung* which means to 'make good again'. We cannot really enter upon the process of making good the history of South Africa unless we acknowledge precisely what bad there is to undo.

In die Suid-Afrikaanse konteks sal hierdie regstelling ook 'n ekonomiese aspek moet bevat. Verskillende skrywers onderstreep ook hierdie belangrike aspek van versoening. Boraine (2000:377) skryf: "A sure and certain test for reconciliation is whether it is accompanied by, or at least points to, the need for economic justice." En August (2005:21) wys daarop dat versoening nie losgemaak kan word van rekonstruksie nie: "Critical to the process [of national reconciliation] is the realisation that reconciliation and reconstruction are flip sides of the same coin."

Nou raak dit duidelik dat hier die gevaar van 'n kettingreaksie is. Solank as wat wit Afrikaners nie wil erken dat hulle skuldig is ten opsigte van apartheid nie, en solank hulle nie wil erken dat hulle bevoordeel was en steeds is nie, sal daar nie gevorder kan word met versoening nie. Enige poging om hierdie versoening konkrete gestalte te gee, soos byvoorbeeld regstellende aksie, sal daarom ook by voorbaat gedoem wees. In hierdie verband sal die kerk 'n groter rol moet speel. "Die godsdienstige gemeenskap kan en moet 'n groter rol in die gesprekke oor versoening speel", meen Boesak (2011:3). Hy reken versoening is te lank aan politici oorgelaat.

Dis juis omdat versoening so ‘n uitdagende proses is, dat dit nie aan ander oorgelaat kan word nie. Die kerke is by uitstek in staat om mense hiermee te help omdat versoening immers die kernboodskap van die evangelie is. Hieroor skryf Loubser (1987:188) al ‘n kwart eeu gelede:

> The prerequisites for recolciliation are not easy to comply with: it would require true Christian humility and self-denial from both Black and White Christians, who must be prepared to bear the cross of Christ to the end, challenging the idols, bridging divisions, and upholding one another’s rights to the point of self-hate. But then it should be remembered that Christianity was not founded on cheap grace.

## 6. Die rol van die NG Kerk

In hierdie afdeling word na die NG Kerk in die beskuldigdebank gekyk, maar ook na die NG Kerk aan die werk. Daar word aandag gegee aan positiewe, maar ook aan die negatiewe in die NG Kerk se rol.

### 6.1 In die beskuldigdebank

Die nie lekker om te hoor dat die kerk waarvan jy ’n lidmaat is, in die beskuldigdebank gesit word nie. Vir my is dit sleg om gereeld aan my kerk se sondige verlede herinner te word. Ek glo dieselfde is waar van alle lidmate van die NG Kerk. Deel van die pastorale taak van die kerk is om met “wise judgment” en “prophetic discernment” (Osmer 2008:29) lidmate te begelei om te kan aanbeweeg uit die verlede na ’n positiewe toekoms. Hierdie navorsing is deel van so ’n proses.

Die beskuldigings teen die kerk in die algemeen is dikwels bloot skuld deur assosiasie: “*All* apartheid presidents except F.W. de Klerk belonged to the Afrikaans Church, that is, the Dutch Reformed Church” (Gobodo-Madikizela 2004:69). Soms is dit baie meer direk: “Of course it is true that there were many, particularly in the Dutch Reformed Church, who used religion to support the pernicious doctrine of apartheid and all its attendant horrors” (Boraine 2000:267). Soms is dit seer omdat die kwesbaarste swakpunt raakgesteek word:

> Die onvermoë van die NG Kerk om enigsins te erken wat apartheid

> gedoen het aan mense, blank en swart, aan kerk, aan die evangelie, en die volgehoue weiering om te erken dat berou en bekering nodig het, is nie net verstommend nie, maar ontneem ook alle grond aan die verwagtings oor versoening (Boesak, aangehaal in Du Toit et al 2002:82).

Ook vanuit die WVK was daar vingerwysings na die NG Kerk: “there was also disappointment with whites in general, Afrkaners and English – and the DRC in particular – for remaining aloof, for not using the opportunities given to them, for not entering into the spirit of truth and reconciliation” (Meiring 2003a:254).

Nog ander aanklaers sê lidmate loop weg uit die NG Kerk aangesien “the white churches no longer made it possible for people to live their ordinary daily lives according to their consciences, the church made it difficult to do the right thing in a country haunted by injustice” (Krog 2003:246).

In ’n onderhoud met Charles Leonard (2012:elektroniese bron) van die *Mail & Guardian* maak Jean Oosthuizen van *Kerkbode* hierdie opmerking: "The Afrikaans churches' support for apartheid is now costing them a lot. Many people feel cheated and want to know, if the church lied to them about apartheid, what else it is lying about?" Dat die NG Kerk sy tradisionele rol verloor het, is duidelik. ’n Enkele voorbeeld is voldoende: Twee jaar gelede verskyn daar ’n boek oor versoening in Suid-Afrika (Du Toit & Doxtader 2010). Uit die negentien medewerkers is daar nie een NG Kerk leier nie. Voor 1994 sou so iets ondenkbaar wees.

### 6.2 Die Kerk in ’n post-apartheid oorpak

Die taak van die kerk het sekerlik vele fasette, maar die een taak wat onvermydelik noodsaaklik is, is om betrokke te raak by die versoeningsproses in die land. In die lig van 2 Korintiërs 5:18 (“*Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou”*) en Romeine 12:18 (“*leef in vrede met alle mense”*) is dit gebiedend dat dit juis die Christene, die kerke, moet wees wat hierin die voortou neem. “The church, by definition, should have taken the lead in the search for truth and reconciliation” (Meiring 1999a:20).

Hierdie versoening begin uiteraard met ’n vertikale verhouding, maar het baie beslis ook ’n horisontale komponent. ’n Leser sou kon dink Flip Theron skryf in 2012 as hy sê:

> Indien die geïnstitueerde kerk nie ook alles in die stryd werp in ’n poging om maatskaplike versoening te bewerkstellig in ’n land wat dreig om uitmekaar te val nie, maar dit oorlaat aan politici, joernaliste en sportadministrateurs, laat hy daardie stukkie van die wêreld waar God hom geroep het om die sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees, skromelik in die steek” (Theron 1986:195).

Dit lyk egter nie of die kerk en lidmate konstruktief en sinvol met hierdie versoeningstaak besig is nie. Inteendeel, dit lyk eerder of die kerk al meer irrelevant raak. “Mense is nie teen die kerk nie, hulle gee net nie om nie. Die kerk tel nie meer vir hulle nie, hulle verwag niks meer van die kerk nie” (Smit 2008:elektroniese bron). Vir die moderator van die Wes-Kaap se sinode is dit selfs erger: “Ek sien wit mense wat moed opgee met swart mense en swart mense wat moed opgee met wit mense. Ek sien te veel gelowiges wat moed opgee met die toekoms van die land en die kerk” (Hanekom 2011a:8). Landman (aangehaal in Leonard 2012:elektroniese bron) stel dit nog sterker dat die lidmate vasklou aan die kerk en nie juis opgewonde raak oor versoening en hereniging nie: “So the last fortress people feel that they have, the church, they feel must be Afrikaans and it must be reformed. So when they talk about unification, people feel that 'they'll take my church and I will have nothing left'. It is those obstacles we'll still have to overcome.”

Die vraag van die eerste rondte gesprekke oor die rol van die kerk as normgewer in die gemeenskap [Albert 6-586] het geword `ek glo nie die kerk speel ’n rol nie. Ek dink die kerk trap water. Die NG Kerk trap water` [Frans 9-761] en `Ek dink die kerk speel geen rol nie. Ek weet nie wat hulle doen nie` [Danie 13-339].

Die transformasie van die eksterne gemeenskap het ’n groot invloed op die kerk, maar net so ook dit wat binne die kerk self aan die gebeur is. “Transformasie in die NG Kerk is egter nie alleen op politieke-kulturele gebied nie, maar hou ook verband met die interne kerklike situasie soos die kerk se identiteit, sy teologisering, sy rol in die samelewing eietydse kerkwees en so meer” (Kruger & Hofmeyr 2009a:144). Hieroor skryf Willem Jordaan (2012:elektroniese bron) dat die kerk wegbeweeg van ’n “verburgerlikte godsdiens” waarin volksbelange en kerkbelange verstrengel is na ’n

"belewenis van 'n diep gesetelde Christelike spiritualiteit." Hy gaan voort:

> Vir sommige ouer mense was dié verandering te drasties. Hulle voel nie meer tuis in die kerk nie. Alles het 'volksvreemd' geword en die 'tradisie' word verloën. Baie van hulle het al die kerk verlaat en nog meer sál. Vir veral jonger mense is die kerk se historiese, patriargale politieke bagasie verstikkend. Boonop is die veranderinge hierbo net nie ingrypend genoeg om hulle aktief aan die kerklike lewe te laat deelneem nie.

Dit is dus duidelik dat die uitdaging wat aan die NG Kerk gestel is, groot is. Aan die een kant is daar die meerderheid van die Kerk se lidmate wat reeds oor die ouderdom van 60 jaar is (Oosthuizen, aangehaal in Leonard 2012:elektroniese bron) en wat in apartheid grootgeword het. Aan die ander kant is daar die tieners en skoolverlaters, selfs jong volwassenes, wat post-apartheid leef. En dan is daar ook die ongemaklike tussen-in groep. Aan al hierdie lidmate moet die NG Kerk leiding gee oor die lewe in hierdie *nuwe* Suid-Afrika.

### 6.3 Die Kerk doen goed

Die indruk word soms geskep dat die NG Kerk net probleme het en nie ook suksesverhale nie. Dit sou egter onwaar wees. Die Kerk vermag baie meer as wat algemeen besef word, maar dis gewoonlik in stilte agter die skerms. So byvoorbeeld vertel Danie Mouton (2008b:12) van die sukses van die NG Kerk Port Elizabeth Sentraal wat hande gevat het met 'n Ghanese pastoor en nou 'n weeklikse erediens vir Wes-Afrikane aanbied. Barnard Steyn (2008:14) vertel die suksesverhaal van "die klein-plattelandse dorpie, Pearston" waar gelowiges oor die kleurgrens heen mekaar se hande vat om mekaar se nood te verlig. Die gedwonge skeiding van apartheid het plek gemaak vir 'n nuwe "multi-kulturaliteit".

In die meer onlangse verlede was dit die leraar van Delmas wat opgestaan het teen 'n groep verregse mense wat in die dorp betoog het. Hulle betoging het gevolg na die moord op 'n baba en 'n dagmoeder in die dorp (Pretorius & Matipa 2012:elektroniese bron). Ds. Snyman (2012:elektroniese bron) sê die betogers het die "droom van 'n Delmas waar regverdigheid en geregtigheid heers en verskillende groepe mekaar respekteer en lewensruimte gun", kom vertrap. Verskillende mense, ook kerkleiers

(Büchner 2012:elektroniese bron), het positief hierop gereageer. In ’n onderhoud met Gaum (2011:18) beskryf die koerantredakteur Tim du Plessis die rol van die kerk só:

> Die Afrikaanse kerke doen nie meer politiek soos in die ou dae nie. Hulle is nou terug by die kernrol wat kerke in die samelewing moet vervul, en dit it reg. As die Afrikaanse kerke hulle geroepe voel om ’n profetiese stem te laat hoor, doen hulle dit saam met die breë religieuse gemeenskap. Soos dit hoort. In die breë Afrikaanse gemeenskap is die Afrikaanse kerke moreelbouers en ankerpunte vir stabiliteit en moraliteit in ’n wêreld in beroering.

Ongelukkig is die Kerk ook deel van hierdie gebroke werklikheid. Die patrone van die verlede word nie so gou ontglip nie. Een hiervan is rassisme.

### 6.4 Die Kerk sukkel steeds

Uit die navorsing is dit duidelik dat ’n groot aantal van die mede-navorsers – en ander wit mense – hulself nie as rassisties beskou nie. Dit is egter ewe waar dat baie opmerkings en uitdrukkings ’n onderliggende rassisme verklap. Hieroor tree Nico Smith (2010b:14) met *Kerkbode* se redakteur, Anton Pienaar, in gesprek. Pienaar (2010a:9) vra waarom die VGK die NGK as rassisties beskou. Smith antwoord deur te vertel van ’n ondersoek wat hy in die Vrystaat gedoen het oor die skeuring in VGK gemeentes. “In die 14 gemeentes wat ek besoek het, was in al die gemeentes van die VGK die plaaslike NG gemeentes aangewys as medeverantwoordelik vir die skeuring.” Hy wys ook op die houding van NG Kerk leiers wat as paternalisties en neerbuigend beleef is.

Pienaar (2010b:14) antwoord die besware deur aan te voer dat dit nie sy “gewaarwording” is dat die kerk “nog rassisties is nie” en “dat die kerk rassisme agtergelaat het, en dat die kerk spyt is oor sy onderskrywing van die rassisties gebaseerde politieke bestel van apartheid.” Hy gee egter toe dat daar “nog rassiste in die NG Kerk is, en in die VG Kerk.”

Hieroor sou Weingarten (2000) waarskynlik aanvoer dat wit mense wel *bewus* is van die voortgaande rassisme en dat hulle *in staat* is om iets daaraan te doen. Hulle is dus volledig in die groen kwadrant. Die pogings tot ontkenning van hierdie rassisme plaas hulle egter in die rooi kwadrant waar hulle aanvoer dat hulle *nie bewus* is van so iets

nie. Na die WVK proses is sodanige ontkenning nie meer moontlik nie. Wat wel waar is, is dat wit mense nou *bemagtig* is om iets daaromtrent te doen. Mike [10-253] se verweer dat wetgewing hom beperk het in sy optrede teenoor swart mense is nou nie meer geldig nie. Dis egter 'n ope vraag of sy gedrag gaan verander.

As die NG Kerk 'n positiewe bydrae wil lewer tot versoening in die land, sal 'n paar dinge moet gebeur. Die NG Kerk sal ten alle koste moet vermy om weer laer te trek in 'n eksklusiewe wit enklawe (Cilliers 2011:elektroniese bron). Daarby sal die NG Kerk die teoretiese skuldbelydenisse van die verlede, soos in *Kerk en Samelewing*, konkrete gestalte moet gee in die lewens van lidmate. 'n Belangrike aspek hiervan is om wit lidmate te oortuig van hulle bevoordeling in die ou bedeling en om hulle te help om korrek hierop te reageer. Vir Christene wat leef vanuit God se vergifnis in Jesus Christus, behoort dit nie 'n probleem te wees om hieroor skuld te bely nie.

**7. Skulderkenning**

Dit het die NG Kerk baie lank geneem om te erken dat die beleid van apartheid, wat die Kerk teologies gesteun het, verkeerd was. Dit was eers in 1986 en 1990 dat die NG Kerk die moed gehad het om dit amptelik te bely. 'n Groot aantal lidmate was dit egter nie eens met die Algemene Sinode nie en het die NG Kerk verlaat, of agtergebly en in stilte onttrek. In sy beoordeling van *Kerk en Samelewing 1986* skryf Strauss (2011:517) dat die negatiewe daarvan "sy onvermoë [was] om die hele NG Kerk met hom saam te neem."

Sedert 1986 het die NG Kerk nie genoeg gedoen om lidmate te oortuig dat apartheid verkeerd is nie. Krog (2003:247) beweer die NG Kerk was "consumed by problems of survival" eerder as om lidmate te begelei oor skuld oor apartheid:

> Was there debates in the church about the extend of accountability, of collective guilt, of shame? Was there discussions about what forgiveness entails, reconciliation? If indeed it happened, the country heard very little of it in public. The language of accountability and forgiveness was not formed in such a way that church members could learn to take it on their tongues.

Wanneer Krog (2003:248) praat oor gesamentlike dienste en gemengde kers-opvoerings, is een dominee se eerlike antwoord: “Then we can close up shop.” Sy reageer: “My counter question is: can this country afford that ten years down the line of democracy more than 80% black people has never shared a piece of bread with a white person?” (Krog 2003:248).

Dit sal die Kerk baat om dieselfde les as Nico Smith se vrou Ellen te leer:

> In my ouerhuis is die politiek altyd as ‘onchristelik’ beskou. Nico het my egter gehelp om te verstaan dat die evangelie van Christene optrede verwag – ons moet teen ongeregtigheid opstaan veral waar daar op mense se regte inbreuk gemaak word (Jones 2012a:15).

Die een kwessie wat die saak van praktiese erkenning van skuld op die spits dryf, is die debat rondom die Belydenis van Belhar. Hierdie saak is reeds in hoofstuk vier aangeraak. As die NG Kerk ernstig is oor die skuldbelydenis oor apartheid en die strewe na hereniging, sal die kwessie rondom Belhar spoedig opgeklaar moet word deur die amptelike vergaderings van die Kerk, maar ook deur die lidmate. Hieroor sê Kobus Gerber (2011:3) die Algemene Sekretaris van die NG Kerk: “Die kerke van die NG Kerkfamilie is dit aan die land en die wêreld verskuldig om hande te vat” Isak [16-390] skryf hieroor:

> Die Gereformeerde kerke – NG Kerk – spook steeds met die Belhar belydenis en die kerkeenheid. Ek dink dit is jammer. Steek die kerk, wat by uitstek die boodskap van versoening, vergifnis ens. moet uitdra, nie ’n bietjie af teen ander instellings en strukture in ons land nie?

Die Belydenis van Belhar met sy klem op eenheid, geregtigheid en versoening praat oor temas wat tydens apartheid nie baie aandag gekry het in die NG Kerk nie. Daarom is dit te verstane dat hierdie temas vir sommige ongemaklik is, maar tog het die Algemene Sinode reeds gesê dat die NG Kerk die inhoud van die belydenis kan onderskryf. Blykbaar stem lidmate nie hiermee saam nie. Pienaar (2010a:9) praat van die “massa NG lidmate wat op kerkhereniging die rug gedraai het.” Schoeman (2010:148) wys daarop dat net 18% van lidmate die Belydenis van Belhar persoonlik aanvaar teenoor 82% wat of onseker is, of daarteen gekant is.

Verskillende redes word aangevoer vir die verwerping van Belhar. In hoofstuk vier is reeds gewys op Strauss (2005:560) wat aanvoer dat Belhar nie gaan oor "kernwaarhede van die Bybel" nie, maar slegs oor "periferiese morele waardes". Daar is ook aangetoon hoedat Hartney (2011:elektroniese bron) hierdie standpunt weerlê.

Ongeag die standpunte van die akademici, is die beswaar van lidmate veral gekonsentreer op die sogenaamde politieke bagasie van Belhar. Wanneer oud-generaal Johan van der Merwe, gewese polisiekommissaris, 'n vyftien bladsy lange memorandum aan die dagbestuur van die moderamen van die NG Kerk se Algemene Sinode stuur, is sy beswaar nie teologies nie, maar voer hy aan dat die belydenis gehelp het "om die geweld en terreur, asook kerkleiers se betrokkenheid daarby, te regverdig" (Jackson 2012a:elektroniese bron). Van der Merwe ondersoek nie die meriete van Belhar nie, maar bevraagteken die motiewe van diegene wat 'n rol gespeel het in die ontstaan van die belydenis. "Volgens hom het Boesak met verborge agendas gewerk en kerklike vergaderings gemanipuleer om apartheid tot sonde te verklaar, waarna Belhar opgestel en aanvaar is" (Jackson 2012a:elektroniese bron). Hierop antwoord Botman (aangehaal in Jackson 2012b:elektroniese bron): "as Belhar politieke bagasie gehad het, sou gereformeerde kerke in die VSA en Europa dit nie kon aanvaar nie." Nog 'n prominente figuur uit die apartheidsdae, oud-generaal Constant Viljoen, waarsku dat Belhar tot skeuring in die NG Kerk kan lei en dat die NG Kerk baie goeie lidmate gaan verloor, want die leierskorps is besig om onder die lidmate "uit te hardloop" (Ley 2012:elektroniese bron).

Dit wil vir my voorkom asof die NG Kerk in 1982 en 1986 so onkant betrap is met die *status confessionis* van die destydse NG Sendingkerk dat 'n tipe "knee jurk" reaksie plaasgevind het. In die proses is die Belydenis verdag gemaak deur dit te koppel aan persone wat in die wit gemeenskap ongewild was vanweë hulle anti-apartheid uitsprake. Hier dink ek veral aan iemand soos dr. Allan Boesak. Met verloop van tyd het daar 'n nugterheid ingetree en kon die NG Kerk aanvanklik die inhoud van Belhar goedkeur en by die afgelope 2011 Algemene Sinode ook besluit om die kerkordelike pad te loop om die Belydenis amptelik deel van die Kerk se belydenisgrondslag te maak. Die probleem is nou egter dat die verdagmakery van die Belhar Belydenis in lidmate se gedagtes vassteek. Hieroor berig Van der Merwe (2011:elektroniese bron):

> Prof. Fanie Snyman, dosent in Ou- Testamentiese wetenskap aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), het in sy kommentaar op die

> besprekings gesê dat die NG Kerk vandag die slagoffer van sy eie propaganda teen die Belydenis van Belhar is. ‘Ons pluk vandag die bitter vrugte van ons teenkanting.’

## 7.1 Vars stemme oor Belhar

In die onlangse verlede is daar ook ander, meer positiewe, stemme oor die Belydenis van Belhar gehoor. Die eerste amptelike liggaam wat ’n rol gespeel het in hierdie ontluikende verhaal, was die sinode van die Wes-Kaap. Tydens hulle sitting in 2011 neem hulle met ’n oorweldigende meerderheid die volgende besluit:

> Die sinode is oortuig dat die Bybelse eis vir geregtigheid vir alle mense, versoening tussen alle mense en die eenheid van die kerk tot die kern van die evangelie behoort. Die Belydenis van Belhar verwoord hierdie evangeliese eis om geregtigheid, versoening en eenheid op 'n ander wyse as die ander belydenisskrifte van die kerk. Die sinode aanvaar as kerkvergadering die Belydenis van Belhar en daarom versoek hierdie vergadering die Algemene Sinode om die Belydenis van Belhar op 'n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisgrondslag te maak (Ned Geref Kerk Wes-en-Suid-Kaap 2011:elektroniese bron).

Teen die einde van 2011 besluit die Algemene Sinode “om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te tel” (Ned Geref Kerk 2011a:elektroniese bron). Die reaksies hierop was uiteenlopend. Aan die een kant is daar Dawid Kuyler (2011:elektroniese bron) skriba van die Algemene Sinode van die VGKSA wat dit as “an awesome moment” beskryf en die Oos-Kaap sinode (2012) wat dit ’n “instrument vir diensbaarheid” noem. Hierteenoor is daar die NG Gemeente Kroonstad-Môrewag wat selfs nog voor die Algemene Sinode se besluit teen Belhar uitgevaar het as ’n “ketterse dokument” (*Kerkbode* 2011:6).

### 7.2 Saam vorentoe

Op die pad vorentoe sal die NG Kerk hande moet vat met ander lede van die NG Kerk-familie. Uit dit wat reeds gesê is, is dit duidelik dat nie almal in die NG Kerk weet wat apartheid aan swart medegelowiges gedoen het nie. As daarvoor meer begrip was, sou daar ook meer begrip vir die aandrang op Belhar gewees het.

In 1998 skryf Gerloff (1998:48) wat vanuit 'n Duitse perspektief na Suid-Afrika kyk die volgende:

> Only when Christians begin to break through... racial barriers, when they start listening to the insights, perspectives, joys and sufferings of those outside their own walls, some emotional identification and comfort will happen. Only costly exposure can bring forgiveness! ... What I observed in South African 'mainline' churches, is, with rare exceptions, the opposite. In particular, many white Christians do not see any need to 'socialise' with others differently than before. In united functions, they look rather disconnected to black or coloured participants. Worse, I met those who now underplayed cultural differences, as if these were no longer real.

Die versoek van Meiring (1998:21 en 2003b:119) wat in hoofstuk een genoem is, naamlik dat die NG Kerk mini-WVK sittings moet hou om mekaar se storie te kan hoor en verstaan, blyk na al die jare nog net so relevant te wees. Hieraan het die Kerk nog nie (genoeg) aandag gegee nie. Dit sou deel van die verklaring kon wees oor hoekom NG Kerk lidmate so sukkel om skuld te bely oor apartheid.

### 7.3 Lidmate en skuldbelydenis

Ten tye van die aanvanklike navorsing was daar 'n storie in omloop dat die onmoontlik was om iemand te kry wat apartheid gesteun het. Dit kom ook in van die gesprekke na vore: `daar was niemand wat nog ooit vir die Nasionale Party gestem het nie, dis die gangbare ding. Toe ek hierdie transkripsie deurlees, toe dink ek ook – as dit waar is, hoe het dit gebeur dat daar 'n beleid was wat ons as apartheid geken het...` [Albert 2-070]. Ook onder die mede-navorsers was dit so. Heelparty het aanspraak gemaak

om een of ander vorm van verset teen apartheid. Mike [3-704] twyfel of hy `ooit gestem het` voor 1994 en Johan [3-707] beweer hy het `nie elke keer vir dieselfde ding gestem nie` omdat die party ook beweeg het in sy beleid. Danie [2-422] beweer selfs `ek kon gebruik maak van die NP om hierdie hele proses te probeer omdraai`. Dalk was Wim Dreyer, die redakteur van die *Hervormer* (Dreyer 1998:2) die eerlikste toe hy sê "dat Afrikaanssprekendes doodgewoon nie skuldig voel oor apartheid nie." Hy skryf verder dit is "sinneloos om van kollektiewe skuld en skuldbelydenis te praat. Mense het doodgewoon nie 'n skuldgevoel nie." Dreyer se argument dat "ons in Jesus Christus ook vergifnis ontvang het en verlos is van *alle* skuld" (Dreyer 1998:2) hou egter nie water nie. Vergifnis moet immers gepaard gaan met sondebesef. In 'n hoofartikel reageer *Beeld* (1998a:elektroniese bron) so:

> Ons sou ten minste verwag dat al die weersinwekkende dinge wat in die naam van apartheid gepleeg is deur die blad veroordeel sou word. Skuldvergifnis beteken tog seker nie 'n mens kan maar lustig voortgaan met verkeerde dinge en dat jy oor niks skuldig hoef te voel nie.

Sommige mede-navorsers [Linda 13-506] maak dieselfde sprong as die *Hervormer*: omdat ons in Christus vergewe word, hoef ons nie meer skuldbelydenis te doen oor apartheid nie. Vir my lyk dit al te veel na 'n ontduiking van die verantwoordelikheid van skulderkenning. Die Kerk het die taak om lidmate daarin te begelei, maar die Kerk deins klaarblyklik weg daarvan. Ek het reeds gewys op die sewe sogenaamde reuse wat deur SACLA geïdentifiseer is (Bisschoff 2008:10). Behalwe vir seksisme, is rassisme die "reus" wat die minste aandag kry in die NG Kerk. Een van die redes wat dan daarvoor aangevoer word, is "vrees vir reaksie van wit lidmate dat rassisme weer genoem word" (Bisschoff 2008:11) as gevolg van 'n skuldgevoel en 'n begeerte dat die verlede nou agtegelaat moet word.

Voordat die verlede egter agtergelaat kan word, moet dit eers hanteer word. Volgens Gous (2008:5) het die NG Kerk 'n ernstige behoefte aan interkulturele intelligensie, "the ability to deal with all the differences we encounter in life". Ten opsigte van die Kerk gaan dit spesifiek oor ras-verskille. Dan sal wit lidmate van die Kerk kan wegkom van hulle dikwels meerderwaardige houding teenoor medegelowiges. Ten einde hierdie versoening te bewerk, sal dit nodig wees vir die wit Afrikaanse Christene om eers hand in eie boesem te steek. Versoening loop die pad van belydenis en vergifnis. In die

volgende afdeling word versoening vanuit verskillende kante bekyk.

## 8. Versoening en vergifnis

Versoening in Suid-Afrika het alles te make vir die verhouding tussen verskillende rasgroepe. Die WVK het hierin 'n belangrike rol gespeel, maar nie alles vir Suid-Afrikaners gedoen nie. Coetzee (2004:333) sê "Even the TRC did not succeed in its goal to achieve reconciliation." Hy is nie die enigste een nie wat hierdie mening toegedaan is nie. Ook die voorsitter van die WVK, aartsbiskop Desmond Tutu (1998:6) herinner daaraan

> that the TRC is expected to promote, not to achieve, reconciliation. Reconciliation has to be the responsibility of all South Africans, a national project – and we hope that the churches and other faith communities will be in the forefront of this healing process which is possibly going to go on for decades.

Die taak van voortgaande versoening lê vierkantig binne die terrein van die kerk se verantwoordelikheid. Dit is egter nie iets wat op 'n voorafbepaalde manier gedoen kan word nie. Elke konteks van versoening is uniek en vra 'n eie benadering. Daarom praat Barry (2006:709) eerder van die "dynamics... of social reconciliation" as van modelle.

Barry (2006:702) sê dat die WVK die land daaraan herinner het dat versoening beide 'n doelwit en 'n proses is. Dan gaan hy voort:

> This reconciliation is not just a goal and a process; it is an intentional goal and process. In Christian terms it involves metanoia, repentance, a turning away from and a turning towards. It may also include reparation or restitution (Barry 2006:708).

Hierdie doelbewuste "turning away", die belydenis van sonde en oortreding is onontbeerlik, maar moeilik. Piet Meiring (1999b:243) se woorde hieroor is na meer as 'n dekade steeds net so waar: "For many – especially white – South Africans, it was and still is extremely difficult to face the past, to acknowledge their responsibility, and to confess their guilt. But without that, there is still little chance of reconciliation." Hy beklemtoon die belangrikheid van 'n erkenning van skuld en die belydenis daarvan. Podles (2010:elektroniese bron) gaan verder en skryf ook oor berou as deel van die

proses:

> For the offending party (or anyone else) to ask for forgiveness of an offense without repentance is the sin of presumption. In fact, it is worse than presumption, because it is asking a mere mortal to do something that is unbecoming to God. It is the 'cheap grace' that Dietrich Bonhoeffer denounced the Church for preaching – forgiveness without repentance.

Dit is na hierdie selfde "cheap grace" wat Tutu (1998:5) verwys as hy sê dat die WVK by sommige ongewild is, omdat hulle 'n goedkoop genade wil hê wat geen konfrontasie insluit nie. Ware versoening sluit egter in "an acknowledgment in word and deed" (Podles 2010:elektroniese bron) van die ware toedrag van sake.

Podles (2010:elektroniese bron) gaan dan verder en vertel van 'n dief wat skuld bely, maar wat weier om die gesteelde goedere terug te gee. Só iemand, sê hy, is in "a false situation." Die skuldige erken dat daar benadeling was deur die aanvaarding van die verdiende loon en deur die gewilligheid tot restitusie. "To be truly repentant, the offender must not only acknowledge the truth of the situation, but also accept any punishment due him and will to make all the restitution that is possible." Barry (2006:708) sluit hierby aan as hy sê versoening "may also include reparation or restitution. Indeed, it may also include living with the consequences of one's choices, but this redemptively."

'n Belangrike insig wat Podles uitlig is dat enige doelbewuste "injury" op twee vlakke seermaak. Eerstens is daar die spesifieke daad self en tweedens is daar die minagting wat daarmee saamgaan. "This contempt is often more painful to bear than the injury itself. When a person does us an injury, he tells us: I am somebody, you are nobody; I am important, you are unimportant" (Podles 2010:elektroniese bron). Hieroor skryf hy verder:

> The offender must recognize that his offense has given the victim power over him; the positions are reversed. The offender, who regarded the victim as less important than himself, must now recognize that he is less important than the victim; he must humble himself before the victim and ask for forgiveness. This repentance, if sincere, must include a willingness to suffer punishment and a will to make restitution. A victim can then forgive the offender (Podles 2010:elektroniese bron).

In die apartheid-konteks is hierdie ’n belangrike insig. Die benadeling van swart mense het nie net te make gehad met ekonomiese en ander diskriminasie nie, maar dit het (veral) ook gelê op die vlak van minagting van die benadeelde as persoon. In die versoeningsproses sal beslis hieraan aandag gegee moet word.

Die proses van versoening is primêr ’n taak van die kerk. In die lig van 2 Korintiërs 5:19 (“*Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou”*) het die kerk as instituut die uitdaging om die versoening met God wat reeds bewerk is, ook sigbaar te maak tussen gelowiges. In hierdie sigbaarmaking van die versoening moet die kerk ’n voorbeeld stel. Hieronder word ’n aantal aspekte daarvan uitgelig. Die kerk sal ook die boodskap van restitusie as deel van versoening aan lidmate moet verkondig.

### 8.1 Versoening: Kerk as instituut moet voorbeeld stel

Die NG Kerk as instituut het reeds skuld bely oor apartheid. Die uitdaging is nou om die lidmate saam te neem op die pad na konkretisering van hierdie belydenis. Sonder dade sou, soos Jakobus sou sê, hierdie belydenis leë woorde wees. “The DRC evidently found it difficult to really and wholeheartedly confront its apartheid past” (Meiring 2003a:254).

Die WVK se verslag verwys ook na die kerke se unieke posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing en die geleentheid wat dit skep vir versoening:

> Faith communities enjoy a unique and privileged position in South African society. They are widely respected and have far-reaching moral influence. As such, they should play a key role in healing and reconciliation initiatives (TRC 1998a:316).

Wanneer gekyk word na die rol van die NG Kerk, is daar veral drie aspekte wat aangespreek moet word. Die NG Kerk as instituut moet as konkretisering van versoening die eenheidsproses met die ander lede van die NG Kerkfamilie finaliseer; die Kerk moet die lidmate pastoraal begelei ten opsigte van sake uit die verlede en die Kerk moet die lidmate begelei op die pad vorentoe.

### 8.1.1 Eenheid in die NG Kerkfamilie

Die NG Kerk het oor dekades die politieke beleid van apartheid teologies gesteun en het dit ook in die Kerk geïmplementeer met aparte kerke vir verskillende rasse. Vir so ŉ kerk kan daar geen duideliker demonstrasie van die afskeid van apartheid wees as om te herenig met die ander lede van die NG Kerkfamilie nie. “There is no living unity amongst believers without real reconciliation, addressing the painful legacies from the past, healing the wounds of bronkenness and separation” (Smit 2005:363). Geen ander enkele aksie sal aan lidmate en die breë geloofsgemeenskap soveel sigbare uitdrukking gee van die erns van die NG Kerk se skuldbelydenis nie.

Die voortgaande proses van gesprekvoering tussen die verskillende kerke in die familie is van die allergrootste belang. Daar is geen ander manier waarop die eenheid gevind sal word nie. Meer as ŉ kwart eeu gelede het Flip Theron hierdie tydlose stelling oor hierdie proses gemaak:

> Die gepaste struktuur wat in ons situasie uitdrukking sal gee aan die *sola gratia*, kan alleen gevind word wanneer die ‘familie’ saam soek. Juis in die *saamsoek* kom die eenheid na vore wat vrug is van die nederigheid van ŉ lewe van genade. Vir die blanke kerk, wat altyd gemeen het hy weet die beste, en vir die jonger kerke, wat tans taamlik oortuig is dat húlle die beste weet, sal dit sekerlik nie maklik wees nie. Alleen ŉ innerlike verbryseling kan dit bewerkstellig” (aangehaal in Du Toit et al 2002:179).

Vroeër in die verslag is reeds gewys op die rol wat die Belydenis van Belhar in hierdie herenigingsproses speel. Daar is op gewys hoe die mede-navorsers daaroor voel asook die menings uit die breër kerkgemeenskap. Dalk is dit tyd dat die NG Kerk die belydenis losmaak van die ontstaanskonteks en op die inhoud alleen begin konsentreer. Dirkie Smit (2005:363) help hiermee as hy sê: “Apartheid is very deliberately never mentioned, precisely because a Reformed confession is necessitated by historical context, but its truth should extend further that the moment and the false teaching.”

### 8.1.2 Begelei lidmate ten opsigte van die verlede

Die WVK het hard gewerk om die verhale van die wreedheid van apartheid aan die land se inwoners te vertel. Oortreders en slagoffers kon hulle verhale kom vertel. Vroeër is reeds aangetoon dat die fokus op die oortreders en die slagoffers nie genoeg is nie. Vanuit sy betrokkenheid by die WVK skryf Piet Meiring juis oor die sukses van die luister na die slagoffer- en oortreder-verhale, maar hy vra ook na meer: “Maar die *nasie* het dit net so nodig gehad om na die waarheid te luister, om daarmee gekonfronteer te word, beskaam te word, daarmee te worstel – en uiteindelik om te ervaar hoe die waarheid ’n mens vry kan maak” (Meiring 2003b:121). Dis nodig dat “gewone” mense – in die lig van hierdie navorsing, “gewone” *wit* mense – die verhale moes hoor.

Ook gewone wit Afrikaanse Christene moes hierdie verhale hoor. Lidmate van die NG Kerk sou al gehoor het dat die Kerk apartheid as sonde bely het, maar wat presies is dit wat verkeerd was? Smith (2010a:13) stel dit baie sterk:

> Maar nêrens, nee nêrens, het die kerk ooit uitgespel wat die aard van die sonde was en waarom die Bybelse regverdiging daarvan ’n kettery was nie. Allermins is vergifnis gevra van hulle wat onder apartheid gely het. Só min het die NG Kerk geweet van die onderdrukkende lyding wat die gekleurde mense onder apartheid moes verduur.

Lidmate moet begelei word om raak te sien wat jare gelede in die naam van apartheid aan ander Suid-Afrikaners, en medegelowiges, gedoen is. Eers wanneer dit raakgesien en erken word, kan vergifnis gevra en verkry word. Om skuld te bely, is egter nooit maklik nie. Meiring (2003b:120) skryf hieroor:

> ...dit moet van die kerk se kant duidelik gestel word dat ware versoening nie kan plaasvind as die oortreders – ook hele gemeenskappe wat ander verontreg het – nie bereid is om openlik voor God en voor mekaar hulle skuld te bely en om vergifnis te vra nie. Sou die NG Kerk sy lidmate deur sy prediking en sy pastoraat op dié pad – wat dikwels ’n eensame en traumatiese pad is – kon begelei?

Hoe traumaties dit ook al mag wees, kan hierdie aspek – erkenning van die verlede – nie oorgeslaan word nie.

> Reconciliation is a gift from God, true. But reconciliation also asks for

> human participation. Reconciliation is not possible without the quest for *truth*, even finding the most painful truth. For reconciliation is not synonymous with amnesia. It is built on truth, the truth that eventually sets one free (Meiring 2003a:255).

Meiring (2003a:255) vergelyk die proses waardeur wit mense gaan met die rouproses soos beskryf deur Kübler-Ross (1970). Hy sê dat as leraars maar net kon vasstel in watter fase die lidmate is, "the DRC would have been able to guide them to the mature stage of acceptance, and peace, reaching out towards reconciliation." Hierdie rouproses is steeds nie verby nie en die uitdaging aan die NG Kerk is byna 'n dekade later nog net so groot. Ten opsigte van die verlede worstel lidmate, en leraars, onder andere met 'n verlies aan status, invloed en geleenthede. Ten opsigte van die hede en die toekoms is dit dieselfde sake wat aandag vra. Hiermee sal die NG Kerk die lidmate moet help.

### 8.1.3 Begelei lidmate ten opsigte van die hede en die toekoms

Net soos wat lidmate pastorale begeleiding nodig het ten opsigte van die apartheids-verlede, so het hulle dit ook nodig ten opsigte van die hede en die toekoms. Verskillende take lê op die terrein van die kerk, sommige daarvan makliker as ander. Daar is reeds gewys op Meiring (2003b:119) se versoek dat die NG Kerk sogenaamde mini-WVK sittings moet hou om lidmate bloot te stel aan die narratiewe van *die ander*.

Vir Smit (2005:361) is daar 'n diepliggende probleem wat die NG Kerk sal moet aanspreek: "This is indeed one of the lasting legacies of apartheid that many have lost their confidence and trust regarding claims about the Bible, its truth, and its message...". Die NG Kerk sal uiters waaksaam moet wees in die gebruik van die Bybel om standpunte mee te motiveer. Dit sal waarskynlik 'n tydsame proses wees om weer die NG Kerk se geloofwaardigheid op te bou.

Koopman (2008:163) skryf oor die versoening waarna Belhar verwys. Hy koppel dit aan die twee dimensies van versoening soos dit in Paulus se teologie na vore kom, naamlik *hilasmos* en *katalassoo*. Die term *hilasmos* verwys na boetedoening terwyl versoening as *katalassoo* verwys na die harmonieuse verhouding met *die ander*. Hierin sluit hy aan by Volf (1996) se konsep van *embrace*:

> the embrace of different races, tribes, nationalities, socio-economic groups, genders, sexual orientations, age groups, 'normal' and disabled people. To this list one could add the embrace of humans and nature.

Die uitdaging vir die NG Kerk is dus om weg te beweeg van 'n eksklusiewe benadering waar lidmaatskap en bywoning van die erediens beperk was deur rasgroep of enige ander arbitrêre voorwaarde. Ter wille van geloofwaardigheid sal die NG Kerk getrou aan die Bybelse riglyne (onder andere 1 Korintiërs 12:12,13) moet (begin) leef.

Om versoening te bewerk, is nie eenvoudig nie, en ook nie goedkoop nie. In aansluiting by die tweede woord vir versoening sê Koopman (2008:163): "Reconciliation as *hilasmos* has to do with the expiation of wrongs and stumbling blocks to atonement (at-one-ment)." Versoening het alles te make met geregtigheid; dit is twee kante van dieselfde muntstuk. Om dus te praat van versoening beteken dat ook gepraat moet word oor geregtigheid. Met 'n agtergrond van (rasse)diskriminasie, sal Suid-Afrikaners met mekaar moet praat oor 'n regstelling van daardie ongelykheid. Meiring (2003a:255) sê:

> To speak of reconciliation means to speak out against injustice, missing issues of affluence and poverty, of unemployment and Aids, discussing highly emotive issues of land, of affirmative action, of restorative justice and reparation. Not everyone is overly enthusiastic about these issues... But the issues are ignored at our peril.

Hiermee stem August (2005:21) volmondig saam: "Critical to the process is the fact that reconciliation and reconstruction or transformation are flip sides of the same coin." Hierin word hy ondersteun deur Smit (2005:363) wat sê "There is... no real reconciliation without addressing the blatant and crying social and economic divisions and injustices in society – and vice versa."

Oor hierdie kwessie van die koste van versoening vertel Meiring 'n onthullende verhaal. Een aand nadat hy opgetree het by 'n gemeente waar hy oor versoening gepraat het, is hy en 'n vriend op pad huis toe. Sy vriend sê: "Piet, of course we want reconciliation. Who in his right mind does not want reconciliation in South Africa? But then, please, at the lowest possible price. *Uitverkopingsprys*!" (Meiring 2003a:255). In reaksie hierop skryf Meiring dan, met verwysing na die Duitse teoloog: "what we need in South Africa

is a rewriting of Dietrich Bonhoeffer's theology – not a theology of Costly Grace, but a theology of Costly Reconciliation." Versoening is inderdaad 'n duur onderneming, omdat dit restitusie van die oortreders en bevoordeeldes vra.

### 8.2 Restitusie as deel van versoening

Bloot vanuit 'n pragmatiese oogpunt beskou, is dit belangrik dat Suid-Afrika 'n ekonomiese herstel sal kry. Alexander (2001:475) is reg as hy sê: "The real situation is that hardly any change has taken place in the realtions of economic power and control." Jones (2012b:elektroniese bron) skryf oor die ongelyke verdeling van rykdom in Suid-Afrika waar die rykste 20% van die bevolking ongeveer 57% van die totale inkomste verdien. Dan skryf hy:

> Dis tog duidelik dat daar net vrede, versoening en sukses sal wees as die speelveld vir almal gelyker word. As ons die armes nie lig en bemagtig nie, gaan ons 'n revolusie hê. En hoe langer ons dit 'kunsmatig' uitstel hoe intenser gaan dit wees (Jones 2012b:elektroniese bron).

Hierin sluit hy aan by 'n uitspraak van Beyers Naudé van jare gelede: "true reconciliation was only possible when we bridge the economic gulf, for you can't build a society of justice on the increasing gap between rich and poor" (aangehaal in Murray & Garrido 1997:8). Die motivering vir diensleweringsbetogings is volgens Rondganger (2012:elektroniese bron) hierdie gaping tussen ryk en arm: "Now they have taken a stance; and violence and looting are the only way they believe will get the government's attention." Vir hom is dit die "people's anger at the government's failure to deliver." Jones (2012b:elektroniese bron) is heeltemal reg as hy hieroor skryf: "Suid-Afrika is 'n betreklike ryk land. Ons het genoeg hulpbronne sodat mense nie saans honger hoef te gaan slaap nie." Die algehele uitwissing van armoede is waarskynlik nie haalbaar in die afsienbare toekoms nie, maar

> In 'n land waarin een deel van die bevolking ryk is en 'n ander deel nie weet waar vanaand se kos vandaan gaan kom nie, kan 'n mens nie oor versoening praat sonder om ook oor armoede, vereensaming en magteloosheid te praat nie (Meiring 2003b:119).

Dit is by Krog (1998a:109) waar ek die eerste keer die storie van die gesteelde fiets gehoor het. Sy dig dit toe aan Vader Mxolisi Mpambani wat dit tydens ’n etensuur byeenkoms vertel. ’n Seun steel ’n ander een se fiets. ’n Jaar later gaan die dief na die ander seun en vra vir versoening. Hulle moet wat agter lê vergeet en aanbeweeg. “And what about the bicycle?” vra die seun, waarop die dief antwoord: “No, I am not talking about the bicycle. I am talking about reconciliation.” Hierdie eenvoudige verhaal illustreer die absurditeit van so ’n situasie. Versoening sonder die herstel van die onreg is ondenkbaar en geen ware versoening nie.

Versoening vir Christene is meer as net die praktiese nood; daar is ook ’n teologiese dimensie daaraan. Daarom sê Kgatla (2011:elektroniese bron) “It is a grievous [sin] mistake to try to short-circuit the process of lasting reconciliation by skipping restitution… The road to authentic reconciliation goes via restitution – reversal of unjust enrichment.”

Vir Christene moet enige poging tot herstellende geregtigheid begin by God se onverklaarbare genade. Hieroor skryf Naudé (2003:141) “*Any talk of restorative justice must therefore begin in the proclamation of God’s gracious non-retributive justice in Christ who carried South Africa’s past injustices while we were still helpless and wicked* [sy beklemtoning] (Rom 5:6).”

Naudé (2003:142) skryf uitvoerig oor die aard van God se vergifnis en die mens se reaksie daarop. Hy vertrek van die objektiewe aard van God se vergifnis en dan skryf hy oor die “impossible possibility” dat ’n mens God se genade en bevrydende geregtigheid ontvang het “and then close your heart to structural injustice and to talk easily about love without deed (*ergos*) or truth (*aletheia).”*

Hy antwoord potensiële besware teen sy argument deur aan te sluit by die Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 64 wat vra of so ’n onverdiende regverdiging nie sal lei tot onverskilligheid en roekeloosheid nie. Die antwoord van die kategismus is “Nee, want dit is onmoontlik dat ’n mens wat deur ’n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.” (Ned Geref Kerk 1983:147).

Met verwysing na Hebreërs en 1 Johannes voer hy aan “*it is from an understanding of God’s reconciliation in Christ and the Spirit, exemplified in the church, that calls for*

*(restorative) justice flow"* [sy beklemtoning] (Naudé 2003:143). Hy maak dan 'n sterk saak daarvoor uit dat hierdie vorm van geregtigheid nie as 'n suiwer politieke diskoers beskou moet word nie. Indien dit gebeur, sê hy:

> restorative justice becomes – theologically speaking – a law of the old covenant, no matter whether motivated by liberal human rights values, quotations from Scripture, or feelings of either vengeance or guilt.

Hy argumenteer dan verder dat dit belangrik is om by geregtigheid te begin. As jy by die wet, die verpligting begin, sal jy nooit genoeg kan doen nie. In so 'n geval is herstellende geregtigheid 'n plig wat op elkeen rus. Hierteenoor staan die vertrekpunt vanuit God se geregtigheid wat die oortreder vergewe "toe ons nog magteloos was" (Romeine 5:6). Nou kan die oortreder herstellende geregtigheid toepas, nie as plig nie, maar as teken van dankbaarheid.

In die lig van bogenoemde argument staan die vraag: As God dan só vergewe, waarom is sommige wit Afrikaanse Christene so bang om skuld aan apartheid te bely? Daar sou uiteraard verskillende moontlike antwoorde kan wees. Die ergste sou wees as Christene nie glo wat hulle bely nie. 'n Ander moontlikheid wat al in hierdie verslag uitgelig is, is dat sekere mense geen rede sien om enigiets oor apartheid te bely nie. 'n Derde moontlikheid sou wees dat hulle bang is vir die gevolge van so 'n belydenis. As jy een maal bely het, kan jy dit nie ongedaan maak nie, en watter prys sal daar dan van jou gevra kan word?

Die doel van herstellende geregtigheid is nie om individuele persone te bevoordeel nie. Dit fokus is eerder op die kollektiewe groep wat benadeel is. Verdoolaege (2008:18) skryf: "The basic idea behind this kind of justice is not to achieve individual satisfaction or compensation, but to establish equality, humanity and respect among members of a society."

Gesprekke word ongemaklik wanneer gepraat word oor regstellende aksie, herverdeling van landbougrond en welvaartsbelasting. As Suid-Afrikaners egter ernstig is oor versoening, sal hierdie gesprekke gevoer móét word. Die gevaar is dat die kerke hierdie gesprekke oorlaat aan die politici wat dikwels die teenoorgestelde reaksie by die verskillende bevolkingsgroepe ontlok. Die politieke debat bring dikwels nog meer verdeeldheid eerder as versoening. Die NG Kerk kan hierin 'n rol speel deur 'n teologiese debat oor hierdie sake te bevorder. Meiring (2003b:119) vra:

> Sien die NG Kerk kans om sy lidmate op dié pad te begelei? Om self die pad te loop? Om die hand in eie boesem te steek, om sy eie bevoorregte posisie te heroorweeg, om sy eiendomme so aan te wend dat almal in die samelewing die voordeel daarvan trek? Om sy lidmate aan te moedig om hulle hande ter wille van reparasie en restitusie diep in hulle sakke te steek?

Die NG Kerk sal lidmate vanuit ’n geloofsperspektief hieroor moet aanspreek en begelei. Dit mag nie maar ’n blote politieke debat wees nie. Naudé (2003:145) onderstreep ook die punt dat die debat ’n teologiese een moet wees. Só ’n debat kan volgens hom net een uitkoms hê:

> We as Reformed theologians can and must therefore insist on restorative justice in a moral and material sense... If theological reflection does not enable restorative justice, such reflection is – in the South African context – interesting, but worthless. If there were ever a test case for *sola gratia*, this is it.

Hoe moet restitusie in die praktyk lyk? Een van die vorme waarin die regering probeer om herstellende geregtigheid te verpak, is regstellende aksie. Selfs al sou die beginsel reg wees, word dit nie deur alle mense verwelkom nie.

### 8.3 Regstellende aksie as restitusie in beginsel en praktyk

In ’n omvattende artikel oor nasiebou, skryf Neville Alexander (2010:elektroniese bron): “Die feit dat die apartheidregering nie [geweldadig] omvergegooi was nie, is die eintlike rede vir die strategie van regstellende aksie.” Juis die feit dat gekies is vir ’n ordelike oorgang sonder geweld, noodsaak die proses van regstellende aksie. Die herverdeling van rykdom wat in ’n oorlogsituasie met geweld gepaard gaan, moet in post-apartheid Suid-Afrika onderhandel en bestuur word. Hierdie tema kom wel van tyd tot tyd na vore in die kerkgemeenskap.

’n Groep kerkleiers reik ’n verklaring uit na aanleiding van die ANC se eeufeesvieringe. Hierin spreek hulle die behoefte uit vir “closing the gap between the richest and the poorest in South Africa.” Hulle skryf:

> We have started some initiatives in this regard, where we will urge

> those who have “said sorry” and who have begun to implement some initiatives to give effect to this, to also begin to “do sorry”, but to do so as a national project together with all South Africans who have much more than they need (Kairos SA 2011:elektroniese bron).

Vroeër in hierdie verslag is reeds aangetoon watter strukturele voordele wit mense in Suid-Afrika geniet het, en in baie gevalle steeds geniet. Die beginsel van ’n regstelling van die historiese onreg is gesond, maar dit is dikwels die wyse van implementering wat van alle kante kritiek kry.

Reeds van die begin af was daar bedenkinge oor die manier waarop swart ekonomiese bemagtiging as onderafdeling van regstellende aksie bedryf is. Die kritiek is telkens uitgespreek dat slegs enkelinge bevoordeel word en nie die meerderheid swart mense nie. Slabbert (1999:132) was self by die eerste poging betrokke. Hy skryf dat dit groot propagandawaarde gehad het, “maar ek is nou nog nie seker hoeveel bemagtiging dit bewerkstellig het nie. Dat dit wel ’n paar mense sonder moeite baie gou baie ryk gemaak het, is nie te betwyfel nie” (Slabbert 1999:132). Hieroor sê die moderator van die Algemene Sinode van die VGKSA, professor Thias Kgatla (aangehaal in Oosthuizen 2009:1): “Dit help nie slegs enkele individue baat by regstellende aksie en dit lei tot omgekeerde diskriminasie nie.”

Guest (2004) voer aan dat sekere aspekte van swart ekonomiese bemagtiging juis die teenoorgestelde uitwerking het. Omdat die regering net sake doen met besighede wat swart vennote het, betaal die regering dikwels meer as wat normaalweg nodig sou wees. Daarom kan minder huise gebou en minder dienste gelewer word as wat ’n ander kontrakteur vir dieselfde geld sou kon. “In effect ‘affirmative procurement’ is a transfer of wealth from the poor to the well-off” (Guest 2004:141).

Wanneer Johnson (2000) die steun aan regstellende aksie oor ’n vier jaar tydperk ontleed, kom hy tot verrassende gevolgtrekkings. Die aantal swart mense wat gekant is teen regstellende aksie en eerder aanstellings op meriete verkies, het gegroei van 41% na 51%. Daarteenoor het wit mense, wat steeds oorwegend teen regstellende aksie gekant is, se klem op meriete alleen afgeneem van 83% tot 56%. “In practice whites have learnt to live with a degree of affirmative action and now, however grudgingly, see it as normal in the workplace” (Johnson 2000:elektroniese bron).

Met verloop van tyd het daar al meer ’n aandrang gekom dat regstellende aksie aangepas moet word. Jongbloed (2012:elektroniese bron) vra vir ’n nuwe nadenke oor regstellende aksie vanweë die “skade wat die proses toenemend aan onderlinge verhoudinge aanrig”. Sy skryf verder:

> Die ANC moet weer ’n slag dink oor die manier waarop kaderontplooiing in die naam van regstellende aksie bevorder word deur mense in onvanpaste posisies aan te stel en dikwels in poste waarvoor hulle nie gekwalifiseer is nie en waarin hulle nie die mas kan opkom nie.

Sy raak die kern van die probleem aan as sy sê dat die goeie bedoelings van die beleid “besoedel” word deur “baantjies vir boeties” en die “oorhaastige aanstelling van onbekwame mense in poste waarvoor hulle nie gekwalifiseer is nie en waarvoor hulle boonop ook nie die potensiaal het nie” (Jongbloed 2012:elektroniese bron).

Vanuit Afrikaner geledere skryf Hermann (2007) ’n boek oor regstellende aksie. Die boek se subtitel – *Waarom regstellende aksie misluk het* – gee alreeds sy standpunt weer. Gebaseer op sy doktorale navorsing, skryf Hermann (2007:13) oor wat hy noem “die vierde nalatenskap” van oud-president Mbeki: “Dit is ’n rasse-ideologie wat die Suid-Afrikaanse samelewing diep verdeel.” Hy bekyk die proses van verskillende kante en vergelyk dit met wat in ander lande soos Maleisië, Sri Lanka en Amerika, gebeur. “Die boek vra... nie dat regstelling beëindig moet word nie, maar staan krities teenoor die regstellende instrumente wat tans in Suid-Afrika gebruik word” (Hermann 2007:15).

Uit die swart gemeenskap, wat die meeste te wen het met regstellende aksie, is daar ook kritiese stemme. So skryf Ncayiyana (2011) die redakteur van die Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif oor die kriteria wat gebruik word vir toelating tot mediese skole. Alhoewel hy begrip het vir die noodsaak van bevordering van agtergeblewenes, is hy van mening dat so ’n beleid net enkelinge bevoordeel en nie die breë gemeenskap nie, en dat ras nie noodwendig meer ’n geldige aanduiding van benadeling is nie: “the use of race as a proxy for disadvantage will become increasingly inappropriate” (Ncayiyana 2011:elektroniese bron). Strauss (aangehaal in Oosthuizen 2009:1) sluit by hierdie tema aan as hy sekere “onregte” van regstellende aksie uitwys, soos: “Growwe rasgebaseerde veralgemenings wat terme soos ‘agtergeblewene’, ‘arm’ en ‘minderbevoorreg’ outomaties aan swart mense van die land koppel.”

Die kwessie van regstellende aksie is nie ’n eenvoudige een nie. Aan die een kant is daar die baie oortuigende redes waarom so ’n beleid noodsaaklik is in post-apartheid Suid-Afrika. Aan die ander kant is daar stemme uit verkillende rigtings, van wit én swart, wat ontevrede raak met die wyse waarop die beleid toegepas word. Verskeie van die mede-navorsers [onder andere Danie 13-022 en Isak 14-022] het gewys op die negatiewe gevolge wat die beleid persoonlik op hulle het.

’n Ene *andries.pretorius* (skuilnaam) reageer op Jongbloed (2012) se artikel. Sy samevatting is waarskynlik die mening van meer mense as net hyself:

> My persoonlike slotsom is dat die korrekte toepassing van Regstellende Aksie geregverdig en aanvaarbaar is om bepaalde regstellings in die Suid-Afrikaanse gemeenskap te maak. Maar, soos wat Regstellende Aksie tans verkeerdelik toegepas word, is dit tog niks anders as ’n vorm van institusionele rassisme nie.

Die kerk sal uiteraard ook moet saampraat wanneer die beleid so toegepas word dat die oorgaan in ’n nuwe vorm van rassisme. Wat egter van ewe veel belang is, is die pastorale versorging van lidmate wat deur regstellende aksie geraak word. Pieterse (2009:267) skryf oor mense wat deur regstellende aksie geaffekteer word:

> Indien ’n mens nie in ’n geestelik-geoefende persoonlike verhouding met God staan nie, kan dit gebeur dat God se hoedanighede soos sy liefde, goedheid en almag, wat op ’n redelike abstrakte wyse geglo is, nie meer sin maak nie.

Pieterse (2009:270) vra die vraag of die prediking “in hierdie veranderende konteks regtig die nood van hierdie mense aanspreek”. Hy gaan selfs verder: “Nog ’n vraag is of ons predikers die erns van die situasie begryp” (Pieterse 2009:270). Hy sluit sy artikel af met ’n uitdaging aan die kerk:

> Die vaderlike sorg van God vir sy kinders volgens die Skrif sal ook vir die persoonlike omstandighede van mense geïnterpreteer en geaktualiseer moet word vir die prediking in ons konteks van regstellende aksie (Pieterse 2009:271).

Die kerk sal lidmate moet help om sinvol te leef in post-apartheid Suid-Afrika. Hier word nie net verwys na die impak van regstellende aksie nie, maar veral na ’n lewe van versoening in die algemeen.

## 9. Lewe na apartheid

Post-apartheid Suid-Afrika se inwoners word op vele wyses uitgedaag. In die kort agtien jaar sedert die koms van demokrasie was daar transformasie op byna alle terreine van die samelewing. In hierdie afdeling bespreek ek die uitdaging wat post-apartheid Suid-Afrika aan wit Afrikaanse Christene stel. Die insigte verkry uit die longitudinale studie saam met die mede-navorsers en ander bronne, kristalliseer hier in ŉ paar fokusareas. Ek gee aandag aan die NG Kerk se uitdagings, die strewe na menswaardigheid, ŉ keuse vir Afrika en die hoop op die volgende geslag.

### 9.1 Die uitdaging aan die NG Kerk

Die tipe leierskap wat van die NG Kerk gevra word, is wat Osmer (2008:177) “trans-forming leadership” noem. Hy beskryf dit so: “It is leading an organization through a process in which its identity, mission, culture, and operating procedures are fundamentally altered” (Osmer 2008:177). Dit is presies die proses waardeur die NG Kerk tans gaan. Cilliers (2011:elektroniese bron) toon oortuigend aan hoe die NG Kerk geraak is deur die politieke veranderinge in die land. Die politieke sekerhede van die verlede het plek gemaak vir ŉ nuwe bedeling waarin diegene wat vroeër as “vyande” bestempel is, nou deel van die regering uitmaak.

Een van die eerste take van die NG Kerk is om sy geslotenheid te deurbreek. Die NG Kerk het oor jare geopereer vanuit ŉ *ons-hulle* paradigma. Getrou aan die Woord sal die NG Kerk se fokus wyer moet wees as net die enkel rasgroep wat tans (hoofsaaklik) deur die NG Kerk bedien word. Schoeman (2008:7) skryf oor die rasseskeiding in die NG Kerk en dan sê hy: “Die kritiese vraag is: Het van die ‘ander’ groepe lid van die ‘wit’ Kerk geword?” Ek oordeel dat dit dalk nie die beste vraag is om te vra nie. Woonbuurte wat in ŉ groot mate nog volgens ras saamgestel is, maak inskakeling by ŉ ‘wit’ NG Kerk vir baie ‘ander’ moeilik. In bepaalde middestadsgemeentes waar die bevolkingsamestelling baie meer geïntegreerd is, sou sy vraag geldig wees, maar nie in die meer voorstedelike en plattelandse gemeentes nie. ŉ Beter toets sou waarskynlik wees om te kyk waar die ‘wit’ gemeentelede betrokke raak. In die verlede was die betrokkenheid hoofsaaklik binne die gemeente met bepaalde, dikwels paternalistiese, “uitreike” na swart mense.

Dit was opvallend hoe dikwels die idee van ’n “uitreik” na vore gekom het in die opvolgnavorsing. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld na [Mike10-356, Danie 13-368, Isak 14-339 en George 15-406]. Dis asof lidmate nie weet hoe om met mede-Christene van ander rasse om te gaan nie. In die lig hiervan is dit jammer dat die jaarlikse gesamentlike Pinksterfees wat in die verlede in Welkom gehou is, die laaste paar jaar nie meer plaasvind nie. Ook die kwartaallikse byeenkoms van die Getuienisraad – vroeër bekend as die Raad vir Sending en Samewerking – het skipbreuk gely as gevolg van ’n gebrek aan belangstelling van die kant van die leraars van die ring. Oor hierdie kwessie skryf Krog (2003:249):

> ...if the church could provide the space for fellow Christians to meet one another and live with one another, it would send shock waves through the calcified moral artery system of this country. It would enable a country currently living off a set of artificial machines, to wake up with a transplanted heart which beats warm and strong with the mercy of God for all its people.

Ten spyte van die opmerkings in die vorige paragraaf moet ek met Schoeman (2008:9) saamstem as hy sê: “Daar is besliste tekens van groeiende positiewe gesindhede binne die NG Kerk teenoor lidmate van die NG Kerkfamilie. Dit is miskien nog nie genoeg nie, maar dié ‘sosiale kapitaal’ moet benut en gebruik word om tot aksie en handelinge oor te gaan.” Die verbetering in gesindheid is ten minste van sommige lidmate waar. Hier kan byvoorbeeld gekyk word na Frans [9-612] se opmerking oor TV nuuslesers wat nie wit is nie. Die Kerk se uitdaging is om hierdie verbeterende gesindheid te benut om nouer bande met swart Christene te smee.

Cilliers (2011:elektroniese bron) skryf dat wit mense se identiteite dikwels op ’n baie fundamentalistiese manier gedefinieer word. Dit vind weer neerslag in die prediking, maar veral in die gebrek aan vordering met eenheid in die NG Kerk. Hierdie gebrek aan eenheid ontneem die Kerk van ’n profetiese stem teen sosiale euwels. “It is as if the myth of separation between “us” and “them”, so integral to the ideology of apartheid, has come back to haunt us” (Cilliers 2011:elektroniese bron). Hierteen sal die Kerk met alle mag moet stry.

’n Tweede taak van die NG Kerk hang juis saam met hierdie profetiese stem. In sy beskrywing van die situasie in die NG Kerk, verwys Cilliers (2011:elektroniese bron) ook na die prediking. Sy ontleding van die homiletiese en liturgiese praktyke wys dit is

"fundamentally *introversive.*" Hy verwys na die groot aantal (meestal wit) Suid-Afrikaners wat geëmigreer het. Die res, sê hy, "seem to be *emigrating inwardly*" en dit vind neerslag in die prediking waar die klem al meer val op die persoonlike belewing van die lidmaat. Hier word 'n patroon van die verlede herhaal. Navorsing oor preke sover terug as 1987 wys "a type of alien-to-daily-life, non-existential appeal on the grounds of pietistic potential." Nie een van die algemeenste probleme van die tyd is in die prediking aangespreek nie. Daar is tekens dat dit weer gebeur. Die gevaar wat hy hierin sien is die "avoidance of the harsh realities of the South African context" (Cilliers 2011:elektroniese bron). Die uitdaging aan die NG Kerk is om lidmate toe te rus om in die werklikheid van post-apartheid Suid-Afrika te funksioneer as gelowiges. Hiervoor sal onder andere in die opleiding van nuwe leraars voorsiening gemaak moet word.

Die NG Kerk moet weer 'n plek van heling word waar mense die laste van die lewe kan verruil vir 'n ligte las. Boshoff (2012:1) skryf oor 'n rouproses wat "waarskynlik algemeen in die hele Afrikaanse gemeenskap" voorkom. Sy antwoord hiervoor is dat gemeentes lidmate moet "help groei deur intensionele rou, as 'n bediening van hoop" (Boshoff 2012:8). Thesnaar (2010:266) vertel van die *healing of memory* werkswinkels waarby hy al betrokke was. Hier word die effek van die apartheidsjare op emosionele, psigologiese en geestelike vlak hanteer in die teenwoordigheid van mense van verskillende rasse. Dan vra hy waarom dit nodig is vir lidmate om hierdie veilige ruimte buite die NG Kerk te gaan soek. Dit is 'n aanklag teen die Kerk dat die Kerk nie daarin slaag om hierdie veilige ruimtes te bied nie. Die NG Kerk behoort juis die plek te wees waar mini-WVK sessies (Meiring 2003b:119) gehou kan word, maar solank as wat die NG Kerk-familie se lidmate nog op rassegronde geskei word, sal dit baie moeilik kan gebeur. Thesnaar (2010:272) skryf verder:

> Creating spaces for healing within the congregation as the body of Christ is nothing new. It essentially belongs to the *being* of the church. If we are true to being church we will realize that we are broken and on a journey towards healing and reconciliation.

In samehang met bogenoemde is daar die Kerk se (gebrek aan) omgee vir hulle in nood. Daar was 'n tyd in die NG Kerk se geskiedenis dat die armblanke vraagstuk bo-aan die agenda van die Kerk was. Dit is nie meer so nie. "Die realiteit van armoede is soos 'n finale bewys dat ons samelewing ondanks baie kerke en kerkmense siek is" (Hendriks 2009:elektroniese bron). Hy verwys ook na die Sentrale Metodistekerk in Johannesburg waar weerlose Zimbabwiërs 'n tuiste kon vind en sê dat die Here

“glimlag” oor wat daar gebeur het. In ’n land met soveel armoede en swaarkry, sal die NG Kerk – benewens die bestaande formele barmhartigheidswerk – op grondvlak ’n kultuur van omgee moet skep. Dit is betekenisvol dat wanneer Dames (2008:62) skryf oor die uitdagings van die kerke in “disadvantaged communities”, hy dit “poverty issues” noem. Vir hom is die belangrikste vraag: “What has the church done to engage the Gospel and culture in South Africa?” (Dames 2008:62).

Die vierde taak waaraan die NG Kerk sal moet aandag gee, is die rassisme wat nog vry algemeen onder lidmate voorkom. Uit die navorsing het dit geblyk dat rassisme steeds ’n faktor in die alledaagse lewe van gelowiges is. Müller (2011:61) skryf oor die hoopvolle verhale van interkulturele kommunikasie wat hy raakloop op ander plekke, maar “[d]aarteenoor lyk dit vir my soms asof my eie NG Kerk inderdaad die laaste bastion van apartheid is wat elke Sondag weer opstaan.”

In hoofstuk vier is aandag gegee aan die voortgaande probleem van rassisme. Ek het aangedui dat wit Afrikaners eerder moet praat van rassisme wat in “remissie” is as dat rassisme oorwin is. Müller (2011:67) verwys na ’n Amerikaanse kollega wat homself ’n “recovering racist” noem “omdat hy aanvaar het rassisme is so diep deel van sy grein dat hy nie na homself as ‘recovered’ kan verwys nie maar slegs as ‘recovering’”

Dit is tyd dat die NG Kerk openlik en eerlik erken dat rassisme nog deel is van die denkpatroon van baie lidmate en selfs van die leiers. Vir mense wat in apartheid grootgeword het, is dit bykans onmoontlik om nie iets daarvan oor te hou nie. Die uitdaging aan gelowiges is om ook daardie deel van die lewe onder die beheer van die Gees van God te stel.

’n Laaste taak van die NG Kerk het alles te make met die leiers. Die meerderheid huidige leraars kom nog uit die tydperk van voor 1994 en “wanneer jy Sondag kerk toe gaan, is dit asof jy 30 jaar terugbeweeg” (Müller 2011:62). Die NG Kerk het visionêre leierskap nodig: “It involves projecting a vision of what the congregation might become and mobilizing followers who are committed to this vision” (Osmer 2008:177), maar in plaas daarvan is dit dikwels “*business as usual*” (Müller 2011:63) terwyl die Kerk “veronderstel is om ’n voorloper te wees en die samelewing uit te daag tot ’n alternartiewe leefstyl” gebaseer op “die eenheid wat daar in Christus is” (Müller 2011:62). Hy skryf verder:

> Die kerk sit met ’n erfenis en ’n konkrete situasie waarin dit nie

> noodwendig maklik is om ŉ alternatiewe werklikheid te skep nie. Die vraag is of dit ons hoegenaamd pla... Vertoon ons iets van die radikale andersheid wat ons in Christus behoort te hê?

Pla hierdie situasie die Kerk enigsins? Pla dit die leiers? As die kerkleiding ernstig is oor die besluite wat die NG Kerk reeds geneem het ten opsigte van eenheid, sal daar baie meer besliste leiding aan die Kerk gegee moet word.

ŉ Ander saak waaroor aan die lidmate leiding gegee moet word, is die manier waarop wit gelowiges in post-apartheid Suid-Afrika moet leef gegewe die spesifieke verlede van diskriminasie.

### 9.2 "*Ga se lekhoa, ke motho*"

Apartheid se diepste probleem was die ontkenning van sekere groepe mense se menswaardigheid. Dit is daarom gepas dat enige poging tot versoening juis dit as vertrekpunt sal neem. Om versoenend te lewe beteken in Suid-Afrika om die menswaardigheid van alle mense ernstig op te neem.

Krog (2009:59) beskryf swart mense se gebruik om na wit mense te verwys as ŉ *lekhoa*, wat sy verduidelik as "a disrespectful person, someone who is part of a class of people who lack respect for other human beings." Dan gaan sy voort en sê dat wanneer ŉ persoon menslik optree, "contrary to the white stereotype", van so ŉ persoon gesê word: "*Ga se lekhoa, ke motho*" wat beteken "He/she is not white, he/she is a human being" (Krog 2009:59).

Meer as ŉ kwart eeu gelede al skryf die swartbewussyn skrywer Steve Biko (1987:30) "The first step therefore is to make the black man come to himself... infuse him with pride and dignity...". Vir die wit gehoor van destyds was dit onaangenaam om te hoor. Hopelik het die gemeenskap sodanig getransformeer dat die waarheid van sy uitspraak waardeer kan word. Daar sal min waarde in die demokrasie en die verandering van beleide wees as die basiese mensewaardigheid van alle mense nie erken word nie. Ramphele (2001:506) is reg as sy sê: "Both black and white people will have to be prepared to adopt new ways of looking at difference without enshrining it is essentialist notions."

Blatante sistemiese rassisme is vervang met ’n oop demokrasie waarin die grondwet gelykheid van alle mense waarborg. Op grondvlak is dit egter nie so maklik om hierdie diepgewortelde patrone te deurbreek nie. Indien wit Christene egter Bybel-getrou wil leef, sal die erkenning van die waardigheid van swart mense ’n voorvereiste wees. Uit die navorsing, en bloot uit die lees van die aanlyn koerante, is dit duidelik dat daar nog ’n groot uitdaging wag. Nie alleen sal wit Christene ’n keuse moet maak téén rassisme nie, hulle sal ook nie langer “veilige ruimtes” (Delport 2008:14) kan wees vir ander mense se rassistiese grappies of teksboodskappe nie. Die leiding wat die Kerk hierin moet gee, kan nie onderskat word nie.

### 9.3 ’n Kangaroe in die Vrystaat?

Krog (2005:300) vertel van ’n gesprek met twee van haar swart vriende. Die gesprek handel oor wit mense in Afrika. Die een sê: “Die oomblik wanneer jy leer om die swart lewe van risiko te leef, sal jy een van ons wees.” Hierop reageer die ander een deur te sê Krog, as wit persoon, sal altyd ’n buitestaander wees, ’n kangaroe (met verwysing na ’n Max du Preez opmerking). In haar gedagtes verbeel Krog haar: “Ek is verstom. Van alle dinge! ’n Donnerse kangaroe wat in die Vrystaat rondhop.”

Is wit mense deel van Afrika? Meer nog, wil wit mense deel wees van Afrika? Vir sommige is dit nie eers ’n vraag nie. Dirk Hermann (2011) sê: “*Basta! Ons voetspore lê in Afrika*.” Soos in hoofstuk vier aangedui, was dit vir sommige van die mede-navorsers [Danie 13-579] ook nie ’n kwessie nie en Johan [11-266] wil homself ook graag as van Afrika sien, maar erken ook `[o]ns is verplaasde Europeërs.`

Hanlie [12-180] reken ook wit Afrikaners is nog Europees in gewoonte en denke. Dit is dus te verstane dat Jansen (2005:elektroniese bron) die vreemde term “Eurokaan” gebruik as ’n moontlike beskrywing van die wit Afrikaner. Hierteenoor skryf Smith (2010a:15) dat die apartheidsterm “Europeans” daarna verwys dat die wit inwoners hulleself as “behorende tot Europa” beskou. Later skryf Smith (2010a:207) oor wat hy “die tragedie van die Suid-Afrikaanse samelewing” noem:

> ...die tragedie van ’n groep mense wat hulle vanuit die Westerse kultuurwêreld in Suid-Afrika gevestig en hier vir hulle ’n eie wêreld geskep het. Hulle het daarin geslaag om deur die ideologie van apartheid gekleurde mense uit hulle wêreld uit te sluit. Sodoende het

> hulle die ‘hemel’ wat hulle vir hulleself geskep het, uiteindelik omskep in die ‘hel’ waarin hulle hulleself in die jaar 2010 bevind.

Die dae van uitsluiting is verby. Die enigste manier om uit hierdie “hel” te kom is om inklusief te begin dink. Wit Afrikaners sal moet besluit of hulle Europeërs of Afrikane wil wees, want om al twee te wees, lyk nie na ’n moontlikheid nie. Die stadsklerk van Moqhaka munisipaliteit (aangehaal in Krog 2005:69) sê: “Ons, die swartes, kan nie en hoef nie meer in die wit droom in te pas nie. Hulle wat in ‘n dorp lewe waarin die meerderheid swart is, moet in ons drome inpas.” In terme van Weingarten se tipologie is dit ’n kwadrant een situasie: Wit Afrikaners is ten volle *bewus* wat Suid-Afrikanerskap van hulle vra én hulle is *by magte* om die keuse te maak. As hulle wil.

’n Keuse vír Afrika is nie so eenvoudig as om dit bloot maar net te sê nie. In die tyd vóór die 1994-oorgang sê die nobelprys-wenner Nadine Gordimer (aangehaal in Villa-Vicencio 1993:105):

> To call yourself a white African means you really have to identify first of all with the black struggle. You have to show you are ready and waiting to opt out of class and race. You cannot simply say 'I am against apartheid', you have to live it in your life as far as you can.

Müller (2011:53) skryf dat hy “telkens weer ’n keuse vir Afrika” maak. Tydens die apartheidsjare was baie keuses vír hom gemaak. “Geleidelik het dinge verander en vandag voel ek dat ek meer op grond van keuse as gegewe aan Afrika behoort.” Die uitdaging aan wit mense wat deel van post-apartheid Suid-Afrika wil wees, is om hierdie keuse bewustelik te maak. Die maak van hierdie keuse sal uiteraard ’n groot aantal implikasies inhou.

Ek is nie gemaklik met Buys (2011:elektroniese bron) se ontleding waarin dit lyk of hy meen die ANC regering is in ’n doelbewuste stryd teen die Afrikaner gewikkel nie. Wat wel gebeur is dat die wit Afrikaner nou op gelyke veld met al die ander (lees swart) inwoners van die land moet kompeteer. Natuurlik sal sekere dinge moeiliker wees, soos om werk te kry, want die aanbod is nou soveel groter. Daar is nie ’n geskiedenis wat in Buys se woorde “teruggevat” moet word nie, daar is eerder ’n toekoms wat saam gebou moet word. Ons taak is nie om omstandighede te skep “waarin ons as Westerlinge blywend suksesvol kan voortbestaan in Suid-Afrika” nie. Die uitdaging van wit Afrikane is om saam met donkerder Afrikane in Afrika voort te bestaan.

Krog (2005:387) skryf oor ’n besoek aan Umtata in die Oos-Kaap. Hier vra sy uit na wit mense wat daar woon. Haar gids antwoord: “‘Die wittes in Umtata besef hulle is nie meer die deurslaggewende faktor nie,’ sê mnr. Sodo. ‘Nie besef nie, hulle aanváár dat hulle nie die deurslag gee nie. Dis ’n opgee van mag, sonder om jouself terug te trek. Dis ’n aktiewe deelname aan ’n omgewing waarvan jy ’n onbelangrike en onmagtige minderheid is.’” Hierop reageer ’n ander: “‘Ek weet nie of dit juis dit is nie,’ sê mnr. Zakade. ‘Dis meer dat hulle in pas lewe met ons. Hulle is finansieel nie beter af as ons nie, baie van hulle kan Xhosa praat, hulle eet umngqusho.’”

Uit die antwoorde op Krog se vraag is baie te leer van ’n suksesvolle veelrassige gemeenskap: Daar is nie ’n groot verskil in ekonomiese stand nie, die wit mense beskou hulleself as deel van die groter gemeenskap en hulle kan die taal van die omgewing praat. Taal is ’n tema wat in die navorsing ook na vore gekom het. Vir Hanlie [12-090] is die onvermoë van baie wit mense om ’n Afrikataal te praat, ’n groot probleem. Die politieke ontleder Albert Venter (2000a:elektroniese bron) het ook hierby aangesluit toe hy, in ’n resensie van die boek van ZB du Toit (1999), gesê het dat

> Afrikaners nie bereid is om die praktiese prys van die gelyke regte van Afrikaans teenoor Afrikatale te betaal nie. Die prys is natuurlik dat hulle aan die Afrikatale erkenning moet gee deur dit te leer praat en gebruik. Dis vir Afrikaners veel geriefliker en makliker om in hul tweede taal, Engels, oor die weg te kom as die drietaligheidsroete: Afrikaans, ’n Afrikataal en Engels.

Oor die afgelope agtien jaar het daar baie verandering in Suid-Afrika plaasgevind. Hoeveel transformasie daarmee saamgegaan het, bly ’n vraag. Krog (2005:135) doen navorsing oor die betekenis van die woord “transformasie” in teenstelling met blote verandering. Verandering is beperk tot die uiterlike terwyl transformasie na ’n “innerlike verandering” verwys. Sy skryf: “In sy diepste vorm dus beteken die woord ‘transformasie’ om die anderkant te vorm, om waarheen jy op pad is, te begin skep.” Die uitdaging aan wit Afrikaanse Christene is om hierdie toekoms in Suid-Afrika vir hulleself te begin skep, om ’n plek te skep waarvan hulle deel kán en wíl wees, om nie so ontuis soos ’n kangaroe in die Vrystaat rond te hop nie.

As ek luister na die mede-navorsers, ontbreek die regte omstandighede dikwels vir wit Afrikaners om deel te wil word van die post-apartheid Suid-Afrika. Die verskillende redes wat hulle aanvoer, kom ook in ander bronne na vore. Dit sal die leierskap op

verskillende vlakke goed doen om hierdie knelpunte behoorlik aan te spreek.

Onder die sambreelterm Afro-pessimisme word menige probleem ingedruk. Afrika het nie ’n goeie geskiedenis as dit kom by die bestuur van die onderskeie lande ná onafhanklikheid nie. Dit is gewoonlik hierdie mislukkings wat aangevoer word as redes waarom mense bekommerd is oor die toekoms in Suid-Afrika. Dit is veral sake soos nasionalisering, die herverdeling van landbougrond [vergelyk Isak 14-439] en die voorbeeld van die buurland Zimbabwe [vergelyk Karin 11-320] wat wit Suid-Afrikaners bekommerd maak. In reaksie op ’n koerantberig dat die ANC nie verstaan waarom sommige mense die land wil verlaat nie (Pretorius 2011:elektroniese bron), skryf ’n ene *Yolande Kruger* (skuilnaam): “Natuurlik is ons bang, kyk waar het Zim geëindig... alle harde werk van Boere en die mense se plase wat hy [Julius Malema] wil onteien en ook banke nasionaliseer? Wat sal met ons ekonomie gebeur?” Haar woorde word verskeie male deur ander lesers beaam. Dit blyk ’n kommer te wees wat wyd algemeen voorkom.

Hiermee saam is daar ook groot kommer oor die ondermyning van die regstelsel. Vroeër is daar reeds gewys op die vervolging van president Zuma wat gestaak is op ’n manier wat baie vrae laat ontstaan het oor die onafhanklikheid van die vervolgingsgesag. Kommer word dikwels uitgespreek oor die waarde wat aan die voorskrifte van die Grondwet gegee word. In hierdie verband is die woorde van Reuel Khoza, voorsitter van Nedbank insiggewend: “Suid-Afrika word wyd erken vir sy liberale en verligte Grondwet, tog sien ons die opkoms van ’n vreemde tipe leierskorps wat vasberade is om die oppergesag van die reg te ondermyn en die Grondwet te omseil” (Lamprecht 2012:elektroniese bron). Nog ’n gesaghebbende wat ’n soortgelyke uitspraak maak, is Dr. Mamphela Ramphele. In April 2012 sê sy onder andere: "South Africans have much to worry about… The tide towards a closed, unaccountable and corrupt state is too strong for the few who dare to stand up to be counted. Strength in numbers is needed" (Ntsaluba 2012:elektroniese bron). Dit is hierdie tipe uitsprake wat wit Afrikaners laat wonder oor hulle toekoms in Suid-Afrika; en nie net hulle s’n nie, maar ook dié van die volgende geslag.

## 9.4 Hoop gesetel in die volgende geslag

Alexander (2010:elektroniese bron) raak 'n belangrike punt aan as hy oor die rol van ouer mense ten opsigte van die jeug in die post-apartheid opset skryf:

> Die stryd vir die verwesenliking van 'n nierassistiese (sic), nieseksistiese (sic) en demokratiese Suid-Afrika sal geslagte eerder as dekades duur. Die politieke en kulturele leierskap van ons land, die mense wat rolmodelle vir ons jeug is, het 'n groot verantwoordelikheid om te help om die omstandighede te skep om hierdie doelwitte te bereik.

Van die kant van jonger mense – jonger as ekself en jonger as die mede-navorsers – hoor ek bemoedigende klanke oor die toekoms. Snyman (2010:elektroniese bron) skryf oor 'n toer wat hy meegemaak het met mense wat meestal ouer as hy was. Na aanleiding van 'n insident oor apartheid en wit mense se skuld skryf hy:

> Ek word tot vandag toe nog en sal die res van my lewe, bevoordeel word deur apartheid. Ek skuld 'n hele paar verskonings. Ek het nooit vir die nasionale party (sic) gestem nie, ek was van standerd 6 af in 'n geïntegreerde skool, ek gaan waarskynlik nie dieselfde voorregte as my medetoerlede op my aftreedag geniet nie omdat die koek baie meer gelyk gaan gesny word.

Oor die behoefte aan belydenis is hy eerlik as hy skryf: "Een van die toerlede het toe ons wegstap gebrom: 'Hoeveel keer gaan ons nog moet onverskoning (sic) vra vir apartheid?' Ek het gewonder of ons dit al ooit eenkeer regtig gedoen het" (Snyman 2010:elektroniese bron). Hy gaan voort: "Of ons besef nie wat apartheid gedoen het nie of ons dink dit was geregverdig om dit aan ander te doen. Ek stem saam... Ons moet hieroor praat."

Om te praat oor die kwessies wat pla, is vir die jonger geslag blykbaar makliker as vir ouer mense. Wat Van Wyngaard (2010a:elektroniese bron) skryf, hoor jy nie dikwels by ouer mense nie:

> Ek wil eerlik kan sê dat dit my lyk asof Apartheid my ongelooflik bevoordeel het omdat ek wit is. En dat ek sukkel om te verstaan wat ek daarmee moet maak. Hoe ek daarop moet reageer. Hoe regstellende aksie en swart bemagtiging nie altyd vir my so wit en swart (no pun

intended) is nie.

Die NG Kerk skram dikwels weg van hierdie kwessie (soos ons gesien het oor die reuse) omdat dit klaarblyklik vir veral die ouer lidmate ’n ongemaklike tema is. Die jeug is egter blykbaar gereed en begerig om oor die nalatenskap van apartheid te praat: “the first generation of post-Apartheid children is facing unique challenges, which in youth ministry we will need to reflect on… it remain relevant for the children of the perpetrators, even though they were not responsible for the past which bestowed this upon them” (Van Wyngaard 2011:elektroniese bron).

Alexander se opmerking aan die begin van hierdie afdeling dat die leiers ’n groot taak het ten opsigte van die volgende geslag word beaam deur Van Wyngaard (2010a:elektroniese bron) as hy wonder of die NG Kerk nie meer geleenthede moet bied vir jongmense om te praat oor die verlede nie.

> Ek wil oor Apartheid praat. En as ek wil, dan wonder ek wie nog wil. En ek wonder of ’n deel van jeugbediening in die NG Kerk nie moet wees om ’n nuwe generasie te help om eerlik te kan praat oor Apartheid nie. Sonder belangrike stemme wat vir hulle sê: “los die verlede in die verlede”. Sonder belangrike stemme wat sê hulle (ons) mag nie herinterpreteer nie. Maar saam met die belangrike stemme wat vir ons sê: “bring ’n eie verstaan van ons verlede na die tafel toe, al was julle nie daar nie”. Ek wil. Mag ek maar?

Ook buite die NG Kerk is daar positiewe klanke te hoor van die jeug se kant. Die fotograaf Roelof Petrus van Wyk (aangehaal in Cloete 2012:elektroniese bron) begin ’n fotoprojek “oor hoe dit is om wit te wees in Afrika. Hoe om ’n wit ‘African’ te wees met die geskiedenis van die Afrikaner as jou bagasie.” En anders as van die mede-navorsers en ouer lidmate van die NG Kerk sê hy dan: “...ek het agtergekom dat mense op ’n baie positiewe manier daarmee begin deal (sic).”

As Van Wyk oor jong Afrikaners praat, “gaan dit nie net oor tieners of twintig-jariges nie. Dit gaan oor ons groep mense – die jongste generasie van 360 jaar se hier-wees.” Oor homself en oor hierdie groep skryf hy (aangehaal in Cloete 2012:elektroniese bron):

> Ek sê altyd vir mense: I’m not African. I’m an African. Met ander woorde, ek is in Suid-Afrika, 12 generasies hier begrawe, ek behoort

> aan Afrika. Ek is nie African in die genetiese sin nie. Maar ek is ook nie ’n Europeër nie. So ek is ’n Afrikaan. Daar is soveel verskillende groepe en almal is African. Afrikaners hóórt hier en ons is nader aan die ander kulturele groepe in Suid-Afrika as wat ons dikwels dink. Maar as jy jouself afsonder, sterf jy.

Daar is duidelike tekens dat ten minste sommige van die volgende geslag wit Afrikaanse Christene anders begin dink oor hulle posisie in Suid-Afrika. Hierin lê die hoop vir die toekoms opgesluit. Die ouer mense sê dikwels dat dit makliker sal gaan vir die volgende geslag [vergelyk Mike 10-132, Johan 11-043 en Hanlie 12-188]. Hulle vertel stories van kinders wat nie meer so ingestel is op ras as hulle ouers nie (Fisher 2007:210). Hy haal een van sy gespreksgenote aan wat sê: “I even love Afrikaners. What I love most about them is that their children do not want to be the same as them” (Fisher 2007:241).

Dit mag so wees dat hulle ’n ander blootstelling as hulle ouers het wat hulle ook ’n ander kyk op die lewe sal gee, maar Van Wyngaard (2010b:elektronise bron) vra hieroor twee belangrike vrae. Die eerste is bloot eenvoudig: “is it true?” maar dan vra hy ’n tweede vraag:

> Or is colour-blind a myth created by the white liberals, used to be politically correct? A trend towards ignoring race in a attempt at sidestepping forms of racism had been identified in white studies all over the world. Would this comment on our children be part of that?

Sy bekommernis is dat ouer mense hierdie mite gebruik om hulle eie verantwoordelikheid tot versoening af te skuif op die niksvermoedende volgende geslag, sonder om selfs iets daartoe by te dra. Deur bloot die mite oor te vertel sonder om self te versoen met ander sal geen waarde hê nie en op die lang duur geen bydrae tot versoening maak nie.

Daar is egter ook ’n ander gevaar. Johan [11-252] wys daarop dat die volgende geslag uitgelewer is aan die huidige geslag. As ouers nie met woord en daad die voorbeeld van versoening stel nie, sal die kinders die ouers se patrone herhaal. Ouers sal te alle tye ’n wag voor die mond moet hê.

Daar is inderdaad hoopvolle tekens dat daar onder die jongmense 'n verandering van denke begin plaasvind. Dit kan net goed wees vir die land. Ongelukkig vir die NG Kerk moet ook gesê word dat dit juis hierdie geslag, met hulle nuwe denke, is wat stelselmatig die Kerk verlaat. Juis hulle op wie die Kerk sy hoop vir die toekoms vestig, is besig om die Kerk te verlaat.

## 10. "*Zaziwe"*

Jomo Kenyatta, die groot leier van Kenia, het gesê: "Ons kinders kan leer van die helde van die verlede, maar ons taak is om onsself argitekte van die toekoms te maak" (aangehaal in Van Rensburg 2009:123). Die post-apartheid toekoms gaan nie vanself gebeur nie, dit sal doelbewus gebou moet word deur diegene wat 'n keuse vír Suid-Afrika gemaak het. Hieroor is daar gelukkig baie bemoedigende verhale te vertel.

Büchner (2012:elektroniese bron) skryf oor Gawie Snyman, die dominee van Delmas na wie reeds vroeër verwys is:

> Sy mobilisering van 'n stukkende gemeenskap het kerke oor die land heen bewus gemaak van die unieke posisie waarin hulle is: Kerke is geposisioneer om in elke gemeenskap, dorp en stad stukkende gemeenskappe te help praat, emosies te ontlont, nuwe gesprekke te stimuleer en opbouende aksies aan die gang te kry.

Ek glo dat die NG Kerk reg is om die uitdaging te aanvaar. Die NG Kerk kan 'n instrument van vernuwing wees, mits die Kerk luister en die regte besluite neem.

Ek wil graag hierdie navorsingsverslag afsluit met 'n verhaal wat Ewald van Rensburg (2009:33) vertel oor oud-president Nelson Mandela se tyd in die tronk. In sy veertiende jaar het hy toestemming gekry dat sy dogter hom kon kom besoek. Van Rensburg vertel:

> Sy het na hom toe gehardloop en hom omhels. Hy het haar as jong dogter laas gesien en nou was sy 'n getroude vrou. By haar was haar baba.
>
> Sy het die kind in Nelson se arms neergelê. Om sy kleinkind te kon vashou, het vir hom oneindige vreugde gebring.
>
> Volgens die Xhosa-tradisie is dit die oupa se voorreg om vir die

nuweling 'n naam te kies. Nelson het verskeie name oorweeg, maar besluit op *Zaziwe*. Dit beteken 'hoop'.

## 11. Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n verhaal van 'n einde aangebied. Aan die begin is gepraat van "waterskeidingsmomente" wat gebeur (Müller 2000a:21). Oor die afgelope agtien jaar was daar verskeie sulke momente in die lewe van wit Afrikaanse Christene. Die aankondiging van 2 Februarie 1990[43] het die politieke speelveld totaal omgekeer. Die daaropvolgende verkiesing in 1994 het die proses voortgesit en die WVK het dit selfs verder geneem.

In die kerk was daar soortgelyke momente. Die VGKSA se aanvaarding van die Belhar Belydenis in konsepvorm in 1982 en die NG Kerk se skuldbelydenis van 1986 en 1990 was vir baie lidmate ook waterskeidingsmomente. Sommige het gekies om te bly en te transformeer, ander het net gebly, en nog ander het die NG Kerk verlaat.

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die nalatenskap van apartheid soos dit onder andere by die WVK na vore gekom het. Daar is gepraat oor die rol van die NG Kerk ten opsigte van skuldbelydenis en versoening van lidmate, maar ook van die NG Kerk as instituut.

Die afgelope twee dekades het verskeie waterskeidingsmomente in die leefwêreld van wit Afrikaanse Christene opgelewer. Of dit ook op persoonlike vlak gebeur het, sal elkeen self moet antwoord. Waar dit wel gebeur, is daar hoop vir die toekoms.

## 12. Oorsig oor die navorsing

Aan die einde van hierdie navorsingsverslag is dit gepas om die hele proses weer in oënskou te neem. In hierdie laaste afdeling word gekyk na wat beoog was met die navorsing en wat wel gebeur het; daar word aandag gegee aan die beperkings van die navorsing; en laastens word gekyk na die bydrae van die navorsing asook enige

[43] 2 Februarie 1990 was die datum waarop die destydse staatspresident, F.W. de Klerk die ontbanning van sekere politieke partye aangekondig het, asook die vrylating van Nelson Mandela.

beperkings en verdere moontlikhede.

## 12.1 Terugskouend

Die bedoeling van die navorsing was om ondersoek in te stel en te rapporteer hoe wit Afrikaanse Christene in die post-apartheid Suid-Afrika leef, gegewe hulle aandeel aan die vorige bedeling. Die primêre fokus was op lidmate van die NG Kerk. Al het die navorsing dus gefokus op lidmate van die NG Kerk van 'n bepaalde gemeente in Welkom, is daar tog bepaalde temas wat binne die wit Afrikaanse Christengemeenskap verteenwoordig word. Die aanvanklike navorsing is veertien jaar later opgevolg deur ’n tweede rondte navorsing.

Dit wil voorkom asof daar min verandering plaasgevind het in die verloop van veertien jaar. Die mede-navorsers se aanvanklike posisies is grootliks behou. Die enigste verandering het saamgeval met groter blootstelling aan swart mense op ’n gelyke voet, byvoorbeeld as kollegas en nie net as ondergeskiktes nie.

Dit was duidelik dat die meerderheid van die mede-navorsers nie besef het, en steeds nie besef, wat apartheid aan die swart mense van Suid-Afrika gedoen het nie. Daarom is daar min begrip vir die behoefte aan skulderkenning en skuldbelydenis. Hierdie posisie is ’n belangrike belemmering op die pad na versoening op persoonlike vlak, maar ook binne die Kerk.

Die NG Kerk sal die skuldbelydenis konkrete gestalte moet gee ten einde die lidmate hierin te begelei. Die aanvaarding van die Belydenis van Belhar sal hierin ’n belangrike rol speel. Dit blyk egter dat juis die aanvaarding van Belhar, wat die NG Kerk se skuldbelydenis sal bevestig, vir ’n groot deel van die Kerk juis ’n probleem gaan wees. Dit rede hiervoor kan juis weer terug herlei word na die gebrekkige besef van die impak van apartheid.

Die navorsing lewer ’n besondere bydrae om die konsep *apartheid* te dekonstrueer vir wit Afrikaanse Christene. Dit is duidelik dat die verhaal wat die mede-navorsers oor apartheid vertel het, nie die enigste verhaal is nie. Apartheid is anders as wat die mede-navorsers gemeen het. Beide vanuit ander wit mense se perspektief, maar veral vanuit ’n swart perspektief, kom daar heel ander verhale na vore. Juis om hierdie rede

is dié navorsing van groot waarde vir die praktiese teologie.

Hierdie navorsing kan vir die NG Kerk van waarde wees. Die gebrek aan insig in die effek van apartheid, moet vir die Kerk 'n kritiese element wees vir die strategiese bedieningspraktyk. Die NG Kerk loop die risiko dat sy amptelike besluite al hoe verder verwyderd kan raak van die lidmate. Om dit teë te werk, sal lidmate al meer betrokke gemaak moet word by van die besluite van die Kerk.

My eie bydrae aan die NG Kerk sou kon wees in die vorm van 'n akademiese artikel waarin hierdie navorsing aan 'n breër leserspubliek bekendgestel word. Van selfs nog meer praktiese waarde sou 'n aantal populêre artikels wees in tydskrifte of koerante wat deur die lidmate van die Kerk gelees word.

### 12.2 Beperkings

Geen navorsing van hierdie omvang is sonder tekorte nie. Ter wille van deursigtigheid en ter wille van toekomstige navorsers, word 'n aantal faktore kortlike uitgelig.

Die samestelling van die groep bepaal uiteraard wat gedoen kan word. Die mede-navorsers vir hierdie studie was almal van 'n bepaalde ouderdom en uit 'n sekere sosiale vlak. Dit was 'n doelbewuste keuse, maar ander groepe sou dalk ander narratiewe gelewer het. So sou 'n soortgelyke ondersoek met baie jonger mede-navorsers 'n heel ander stel verhale op tafel plaas. Hiermee saam kan ook gevra word of die opvolgnavorsing nie meer effektief sou gewees het as dit in groepsverband plaasgevind het nie.

Die keuse vir die tydperk van veertien jaar sou ook anders gekies kon word. 'n Soortgelyke studie sou byvoorbeeld na die volgende Algemene Sinode gedoen kon word waarin die volgende rondte oor Belhar verreken sou kon word. Die sogenaamde *nuwe* Suid-Afrika is nie eenduidig nie. Daar is verskillende fases waardeur die land al gegaan het, en nog sal gaan. Op 'n politieke vlak kan verwys word na die tydperke van die verskillende presidente. Op kerklike terrein vermoed ek sal die rol van Belydenis van Belhar ook nog duidelike tydperke aandui. Daar sou moontlik in die toekoms ook ander dramatiese gebeure kon wees wat sinvolle afsnydatums vir verdere navorsing sou kon bied.

In terme van die inhoud van die gesprekke sou die mede-navorsers dalk meer uitgedaag kon word om hulle posisies rakende apartheid meer indringend te ondersoek. Hiermee saam sou die temas ook meer indringend bespreek kon word. Soms was die ongestruktureerde gesprekke dalk net te ongestruktureerd om die maksimum bydrae te lewer.

### 12.3 Toekomstige temas

Hierdie verhaal van 'n einde is geensins 'n einde nie. Na regte moet die navorsings-verslag eindig met 'n punt, maar eintlik sou 'n kommapunt meer gepas wees. In 'n sekere sin bied hierdie navorsing net 'n wegspring vir verdere studie.

Verdere navorsers sou waarskynlik baie stof kon vind vir verdere studie. Benewens die beperkings hierbo genoem, sou 'n volgende navorser in meer diepte kan gaan kyk na die rol van die NG Kerk in die begeleiding van lidmate in die post-apartheid Suid-Afrika. Die tema van versoening verdien ook 'n meer in-diepte ondersoek.

Saam met dit wat so pas gesê is, moet ook genoem word dat die stryd rondom Belhar in 'n sin reeds verouderd is, al is dit iets wat die NG Kerk tog nog sal moet hanteer. 'n Groter probleem is die kwessie van relatiewe armoede en welvaart. Die NG Kerk sal al meer as God se verteenwoordigers op aarde hierby betrokke moet raak.

Hierdie verslag eindig hier, maar skep terselfde tyd 'n nuwe *nou* vir die volgende navorser; ....

.-.. -- ..-.

**BIBLIOGRAFIE**


ACKERMAN, D. 1996. Engaging freedom: a contextual feminist theology of praxis. *Journal of theology for Southern Africa* 94:32-49.

ADAM, H. & MOODLEY, K. 1993. *The negotiated revolution: Society and politics in post apartheid South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball.

ADENDORFF, M.C. 1987. *Die waarheid struikel: Die rol van die leuen in die kommunistiese aanslag op die NG Kerk in Suid-Afrika*. Windhoek: Eros Uitgewers.

ALBERTS, P., CHANGUION, L. & JACOBS, F. 2003. *Suffering of War: A photographic portrayal of the suffering in the Anglo-Boer War emphasising the universal elements of all wars.* Bloemfontein: Kraal Publishers for War Museum of Boer Republic (South Africa).

ALDEN, A. 1996. *Apartheid's last stand: The rise and fall of the South African security state*. London: MacMillan.

ALEXANDER, K., BATCHELOR, D., DURAND, A. & SAVAGE, T. 2005. Truth commissions and transitional justice: Update on a select bibliography on the South African Truth and Reconciliation Commission debate. *Journal of law and religion* 20(2):525-565.

ALEXANDER, N.E. 2001. Prospects of a nonracial future for South Africa. In: Hamilton, C.V. et al, *Beyond racism: Race and equality in Brazil, South Africa, and the United States* (Boulder: Lynne Reinner), pp. 471-501.

2010. *Nasiebou en subnasionale identiteite in Suid-Afrika na 1994.* Bekom op 16 Julie 2011 by: http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=91141&cat_id=163

ALLEN, S.E. 1982. Resisting the editorial ego. Editing oral history. *Oral history review* 10:36-45.

ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H.A. 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implication for clinical theory. *Family Process* 27:371-393.

1992. The client as the expert: a not-knowing approach to therapy. In: McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds.), *Therapy as social construction* (London: Sage), pp. 25-39.

ANGLIA RUSKIN UNIVERSITY 2012. Guide to the Harvard Style of Referencing. 4th ed. Bekom op 14 September 2012 by: http://libweb.anglia.ac.uk/referencing/files/Harvard_referencing_2012.pdf

ANTON B 2011. *Samantha Vice, die Calvinis van 'n spesiale soort (vir Johannes Comestor).* Bekom op 16 Julie 2011 by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=106970

ARMSTRONG, S. 1994. How apartheid's violence lives on. *New Scientist* 22 October, p. 32-37.

ASMAL, K., ASMAL, L. & ROBERTS, R.S. 1997. *Reconciliation through truth: A reckoning of apartheid's criminal governance.* 2nd ed. Claremont: David Philips.

AUGUST, K.T. 2005. Reconciliation in SA political context: challenge to the church. *Scriptura* 88:14-29.

BAILEY, A. 2007. *Kom Huistoe-Veldtog kondig plan aan om buitelandse lewensmaats in SA te bemagtig*. Bekom op 25 Mei 2012 by: http://www.afriforum.co.za/kom-huistoe-veldtog-kondig-plan-aan-om-buitelandse-lewensmaats-in-sa-te-bemagtig/

BARNARD, A. 2010. What place for English-speaking whites in Afrikaners' self-determination? Accessed on 30 May 2012 at: http://southafricanews.wordpress.com/2010/01/31/what-place-for-english-speaking-whites-in-afrikaners-self-determination/

BARNARD-NAUDÉ, J. 2011a. Ouma Heese allermins ingelig. *Rapport* 19 November. Bekom op 7 Februarie 2012 by: http://www.rapport.co.za/MyRapport/Briewe/Ouma-Heese-allermins-ingelig-20111119

2011b. I am an apartheid beneficiary. I am not proud of it. Accessed on 7 February 2012 at: http://www.thoughtleader.co.za/jacobarnardnaude/2011/11/24/i-am-an-apartheid-beneficiary-i-am-not-proud-of-it/

BARRY, S. 2006. Reconciliation: The South African Truth and Reconciliation Commission's contribution to dealing with the past, reconciling and building the nation. In die Skriflig 40(4):691-714.

*BBC* 2006. Feet washed in apartheid apology. *BBC News* 28 August. Accessed on 2 August 2012 at: http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/5292302.stm

2008a. Australia apology to Aborigines. *BBC News* 13 February. Accessed on 2 August 2012 at: http://news.bbc.co.uk/go/pr/fr/-/2/hi/asia-pacific/7241965.stm

2008b. Zimbabwe's 'highest ever inflation'. *BBC News* 18 December. Accessed on 17 April 2012 at: http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/7791016.stm

BEARAK, B. 2009. Renewing a tradition of protest: South Africa's poor demand basic services. *The New York Times* 7 September, p. A4.

*BEELD* 1998a. *G'n skuld?* 9 Oktober. Bekom op 20 April 2011 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1998/10/9/10/1.html

1998b. *Kerk tree 'korrek' op met WVK-voorlegging.* 13 Oktober, p. 2.

1998c. *NGK se sonde*. 15 Oktober, p. 14.

1990. *Apartheid-skuld bely*. 7 November. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1990/11/7/6/3.html

2004. *Stille diplomasie*. 1 November. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.beeld.com/Opinie/HoofArtikels/Stille-diplomasie-20100617

2005. *Dis omgekeerde rassisme in SAPD*. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.beeld.com/Opinie/Nog/Dis-omgekeerde-rassisme-in-SAPD-20100617

2009a. *Is mnr. Jacob Zuma eerlik met Afrikaners? Meningspeiling*. Bekom op 31 Mei 2012 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2009/04/04/B1/2/ink12.html

2009b. *Geval Kgabo 'n studie in mislukking 2009-12-23*. Bekom op 20 April 2011 by: http://www.beeld.com/Opinie/HoofArtikels/Geval-Kgabo-n-studie-in-mislukking-20091223

BELL, T. 2001. *Unfinished business: South Africa, apartheid and truth*. Observatory: RedWorks.

BERGER, P.L. & LUCKMANN, T. 1966. *The social construction of reality: A treatise in the sociology of knowledge*. New York: Anchor Books.

BEUKES, E.P., DAVIES, W.J., VAN DER KOOY, R.J.W. & VAN WYK, L.A. (EDS.) 1991. *Development, employment and the new South Africa.* Innesdale: Development Society of Southern Africa.

BIEHL, L. & NOFEMELA, E. 2007. *Linda Biehl & Easy Nofemela (South Africa).* Accessed on 16 August 2007 at: http://www.theforgivenessproject.com/stories/linda-biehl-easy-nofemela

BIKO, S. 1987. *I write what I like: Steve Biko. A selection of his writings*, ed. by A. Stubbs. Oxford: Heinemann.

BISSCHOFF, J. 2008. Sewe 'reuse' en die NG Kerk: 'n turksvy …? *Kruisgewys* 8(2):10-12.

BLAAUW, D. 2007. *7de Laan saai vandag 1 500ste episode uit*. Bekom op 20 Julie 2012 by: http://www.volksblad.com/Suid-Afrika/Nuus/7de-Laan-saai-vandag-1-500ste-episode-uit-20100616

BLIGNAUT, C. 2012. R136 000 for Zuma's jewels. *City Press* 12 May. Accessed on 18 June 2012 at: http://www.citypress.co.za/Entertainment/News/R136-000-for-Zumas-jewels-20120512

BLIGNAUT, F. 1929. Ons verhouding tot en verantwoordelikheid teenoor die naturel. In: NGK in die O.V.S., *N.G. Kerk in die O.V.S en die naturellevraagstuk* (Bloemfontein: Nasionale Pers), pp. 14-18.

BODDY-EVANS, A. 2008. *Biography of PW Botha, Apartheid era president*. Accessed on 25 May 2008 at: http://africanhistory.about.com/od/biography/a/BioPWBotha_2.htm

BOEREVRYHEID 2008. *"Ons is jammer..."* 27 Mei. Bekom op1 Januarie 2009 by: http://www.boerevryheid.co.za/forum/showthread.php?t=12952

BOESAK, A. 2011. Versoening vir te lank aan politici oorgelaat. *Kerkbode* 5 Augustus, p. 3.

BOOYSEN, H. & VAN WYK, D.H. 1984. *Die '83-grondwet*. Kaapstad: Juta.

BORAINE, A. 2000. *A country unmasked*. New York: Oxford University Press.

BORCHARDT, C. 1986. Die "swakheid van sommige" en die sending. In: Kinghorn, J. (red.), *Die NG Kerk en Apartheid* (Johannesburg: Macmillan), pp. 70-85.

BOSCH, D. 1988. Processes of reconciliation and demands of obedience – twelve theses. In: Nürnberger, K. & Tooke, J. (eds.), *The cost of reconciliation in South Africa* (Cape Town: Methodist Publishing House), pp. 98-112.

1992. In his own words. *National Initiative for Reconciliation, David Bosch* (Johannesburg: NIR), p. 3.

BOSHOFF, H. 2000. Hele geslag wat sal moet afskeid neem, skoonmaak. *Beeld* 18 Mei, p. 10.

BOSHOFF, W.S. 2012. Gemeentes as begeleiers van kollektiewe rouprosesse. *Verbum et Ecclesia* 33(1):1-9.

BOTHA, B. 2008. *The Afrikaner's emancipation: Freeing South Africans from their apartheid mindset*. Bloomington: iUniverse.

BOTHA, D. 1990. My oupa?. In: Lategan, B. & Müller, H. (reds.), *Afrikaners tussen tye* (Kaapstad: Taurus), pp. 90-98.

BOTHA, D. 2008. Belhar nie vrug van Bevrydingsteologie. *Kerkbode* 5 Desember. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://kerkbode.co.za.mytempurl.zadns.co.za/archive_briewe.asp?id=817

BOTMAN, H.R. 2012. Doen dit vir Nelson Mandela. *Volksblad* 24 Mei. Bekom op 29 Mei 2012 by: http://www.volksblad.com/Suid-Afrika/Nuus/Doen-dit-vir-Nelson-Mandela-20120523

BOTMAN, H.R. & PETERSEN, R.M. (EDS.) 1996. *To remember and to heal: Theological and psychological reflections on truth and reconciliation*. Cape Town: Human & Rousseau.

BOUTROS-GHALI, B. 1994. *The United Nations and Apartheid*. New York: Department of Public Information, UN.

BOWDEN, M. 2012. *Bournemouth University: Citing references: Law*. Accessed on 14 September 2012 at: http://www.bournemouth.ac.uk/library/local-assets/how-to/docs/citing-refs-law.pdf

BREYTENBACH, B. 2011. Aanval op US betreur, maar apologete bly olie op vuur gooi. *Die Burger* 16 Julie. Bekom op 16 Julie 2011 by: http://www.dieburger.com/MyDieBurger/Briewe/Aanval-op-US-betreur-maar-apologete-bly-olie-op-vuur-gooi-20110716

BRIDGES, W. 1991. *Managing transitions: Making the most of change*. New York: Perseus.

BRIDGES, W. & MITCHELL, S. 2000. *Leading transition: A new model for change*. Accessed on 30 April 2011 at: http://www.pfdf.org/knowledgecenter/journal.aspx?ArticleID=

BROWNING, D.S. 1991. *A fundamental practical theology: Descriptive and strategic proposals*. Minneapolis: Fortress.

BRYNARD, K. 1996. Viva Calvyn! *De Kat* Julie, p. 72-77.

BÜCHNER, E. 2012. Maak my deel van heling, Here. *Beeld* 24 Junie. Bekom op 25 Junie 2012 by: http://www.beeld.com/Rubrieke/Gasrubriekskrywers/Maak-my-deel-van-heling-Here-20120624

BURGER, M. 1997. Goniwe killers seek amnesty. *Sunday Times* 19 January, p. 1.

BURTON, L.A. 1988. *Pastoral paradigms: Christian ministry in a pluralistic culture*. Washington: Alban.

BUTHELEZI, M. 2004. *IFP, Solidarity agree on AA*. 2 March. Accessed on 1 August 2010 at: http://solidariteitinstituut.co.za/rabib/index.php?title=IFP,_Solidarity_agree_on_AA

BUYS, F. 2011. Afrikaner, vat jou verlede terug! *Beeld* 22 Junie. Bekom op 16 Julie 2012 by: http://www.beeld.com/In-Diepte/Nuus/Afrikaner-vat-jou-verlede-terug-20110622

CAMPBELL, A.V. 1985. *Professionalism and pastoral care*. Philadelphia: Fortress.

CAMPBELL, C. 1998. PW and the Afrikaner. Whose guilt is it anyway? *Cape Argus* 5 June, p. 14.

CAPPS, D. 1993. *The poet's gift: Toward the renewal of pastoral care*. Louisville: Westminister.

CAPUTO, J.D. (ED.) 1997. *Deconstruction in a nutshell: A conversation with Jacques Derrida*. New York: Fordham University Press.

CASSIDY, M. 1986. Initiative for reconciliation in South Africa. *Transformation* 3(1):1-4.

CHAPMAN, B. & WRIGHTON, P. 2004. The role of business and the churches in facilitating the transition. In: *World Economic Forum: South Africa at 10* (Cape Town: Human & Rousseau), pp. 29-44.

CHIKANE, F. 1989. A Faith of Confession. In: Masemola, S, et al (eds.), *Confessing guilt in South Africa: the responsibility of churches and individual Christians* (S l: SACC), pp. 13-17.

CILLIERS, J. 2011. *Seeking a safe haven: The Dutch Reformed Church: a case in point.* Accessed on 23 September 2012 at: http://communitas.co.za/preekstudies-mobile/360-verder-geluister/2473-verder-geluister-joh-3-1-16?lang=

CLOETE, E. 2012. Moderne Maniere: Die gesig van die jong Afrikaner. *Rapport* 24 Junie. Bekom op 29 Junie 2012 by: http://www.rapport.co.za/MyTyd/Nuus/Moderne-Maniere-Die-gesig-van-die-jong-Afrikaner-20120622

CLOETE, H. 2008. Video-bom: Swart UV-studente is woedend. *Volksblad* 27 Februarie, p. 1.

CLOETE, G.D. & SMIT, D.J. 1984. *'n Oomblik van waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n* status confessionis *en die opstel van 'n konsepbelydenis.* Kaapstad: Tafelberg.

*CNN* 2008. Zimbabwe inflation hits 11,200,000 percent. *CNN International*, 19 August. Accessed on 17 April 2012 from: http://edition.cnn.com/2008/BUSINESS/08/19/zimbabwe.inflation/index.html

COETZEE, C.F.C. 2004. Violence in post-apartheid South Africa and the role of the church and theology. *In die Skriflig* 38(2):333-348.

COETZEE, S. 2009. Groeiende diversiteit in NGK. *Volksblad* 22 Oktober. Bekom op 30 April 2011 by: http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2009/10/22/VB/2/scsinode.html

COLEMAN, M. (ED.) 1998. *A crime against humanity: Analysing the repression of the apartheid state*. Johannesburg: Human Rights Committee of South Africa.

COMESTOR, J. 2011. *Samatha Vice: Deel 2: Rehabilitasie*. Bekom op 16 Julie 2011 by: http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=106935&cat_id=0

CONDE-FRAZIER, E. 2012. Participatory action research. In: Miller-McLemore, B.J. (ed.), *The Wiley-Blackwell companion to practical theology* (Blackwell: Chichester), pp. 234-243.

CROSS, S. 1991. Post-apartheid South Africa: lessons from Africa. In: Beukes, E.P. et al (eds.), *Development, employment and the new South Africa* (Innesdale: Development Society of Southern Africa), pp. 25-40.

DAMES, G. 2008. Missional encounter of the gospel engaging cultural edges as agents of adaptive change. *Practical Theology in South Africa* 23(1):55-79.

2012. The relevance of pedagogical narrative maps: The Confession of Belhar as a practical theological narrative searching for a pedagogic-therapeutic methodology. *NGTT* 53(1&2):25-38.

DAVIDSON, B. 1987. The ancient world and Africa: whose roots? *Race and Class* 29(2):1-15.

DAVIES, R. 2007. Rebuilding the Future or Revisiting the Past? Post-apartheid Afrikaner Politics. *Review of African Political Economy* 34(112):353-370.

2009. *Afrikaners in the new South Africa: Identity politics in a globalised economy*. London: Taurus.

DAWIE 2008. Dié prys te hoog vir vrees vir “Die Ander.” *Die Burger* 24 Mei, p. 18.

2011. Belhar ’n groot stap op die pad na hereniging. *Die Burger* 14 Oktober. Bekom op 17 Oktober 2012 by: http://www.dieburger.com/Rubrieke/Dawie/Belhar-n-groot-stap-op-die-pad-na-hereniging-20111014

DE BEER, J.A. 2009. *Die dooies drink ook hier*. Ongepubliseerde manuskrip.

DE KLERK, W.J. 1985. Verandering. In: Van Wyk, J.H. & Vorster, J.M. (reds.), *Altyd reformeer: besinning oor politiek en godsdiens* (Braamfontein: Boekhandel De Jong), pp. 89-93.

2000. *Afrikaners: Kroes, kras, kordaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.

DE KOCK, E. & GORDIN, J. 1998. *A long night's damage: Working for the Apartheid state*. Johannesburg: Contra Press.

DE LANGE, F. 2004. Modern life course as ‘choice biography’. A theme in practical theology ethics. In: Ganzevoort, R.R. & Heyen, H.K. (eds.), *Weal and woe. Practical-theological explorations of salvation and evil in biography* (Münster: LIT Verlag), pp. 34-49.

DE LANGE, L. 2006. Ek het myself prysgegee, sê Vlok. *Volksblad* 28 Augustus, p. 1.

DE VILLIERS, E. 1996. The challenge of the Afrikaans churches. In: Botman, H.R. & Petersen, R.M. *To remember and to heal* (Cape Town: Human & Rousseau), pp. 140-153.

DE VILLIERS, I. 1999. Voorwoord. In: Du Toit, Z.B. *Die nuwe toekoms: ’n perspektief op die Afrikaner by die eeuwisseling* (Pretoria: J.P. van der Walt), pp. 7-9.

DE VILLIERS, J. 2011. NG Kerk verloor 10 588 in ’n jaar. *Rapport*, 6 November. Bekom op 27 April 2012 by: http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/NG-Kerk-verloor-10-588-in-n-jaar-20101106

2012. NGK-lidmate 20 000 minder in een jaar. *Rapport*, 18 Februarie. Bekom op 27 April 2012 by: http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/NGK-lidmate-20-000-minder-in-een-jaar-20120218

DE VOS, P. 2009. *Black racism or black prejudice and bigotry?* 14 August. Accessed on 30 May 2012 from: http://constitutionallyspeaking.co.za/black-racism-or-black-prejudice-and-bigotry/

2012. *FW de Klerk reveals dark underbelly of white South Africa*. 11 May. Accessed on 27 May 2012 from: http://constitutionallyspeaking.co.za/fw-de-klerk-reveals-dark-underbelly-of-white-south-africa/

DE VOS HUGO, G.F. 1946. *Die huidige boodskap van die Calvinisme op staatkundige en politieke terrein in Suid-Afrika*. Bloemfontein: Calvinistiese Studiekring.

DE WET, H.C. 1929. Die Heilige Gees werk die liefde in ons en dring ons tot Christus en tot siele. In: NGK in die O.V.S., *N.G. Kerk in die O.V.S en die naturellevraagstuk* (Bloemfontein: Nasionale Pers), pp. 14-18.

DE WET, T. 2009. Vroue wreed aangerand: Bejaarde ma sterf biddend*. Volksblad* 11 Maart. Bekom op 30 Mei 2012 by: http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2009/03/11/VB/1/wemoor-V2-02.html

DELPORT, P. 2008. Rassisme: ‘n lidmaat se perspektief. *Kruisgewys* 8(3):14-15.

DERRIDA, J. 1988a. *Letter to A Japanese Friend.* Translated by D. Wood & A. Benjamin). In: Wood, D. & Bernasconi, R. (eds.) *Derrida and Différance* (Evanston: Northwestern University Press), pp. 1-5.

1988b. *Limited Inc.* Evanston, Illinois: Northwestern University Press.

1995. *Honoris causa*: “This is *also* extremely funny.” Translated by M. Hobson & C. Johnson). In: Derrida, J. *Points... Interviews, 1974-1994* (ed. by E. Weber) (Stanford: Stanford University Press), pp. 399-421.

1997. The Villanova Roundtable. A conversation with Jacques Derrida. In: Caputo, J.D. (ed.) *Deconstruction in a nutshell: A conversation with Jacques Derrida* (New York: Fordham University Press), pp. 3-28.

2001. *Deconstruction engaged. The Sydney seminars*, ed. by P. Patton & T. Smith. Sydney: Power Publications.

DIAMOND, J.M. 1997. *Guns, germs, and steel: The fates of human societies*. New York: Norton.

*DIE KERKBODE* 1980. Getuienis, 31 Oktober 1980. 5 November, p. 605.

1990. Skuldbelydenis. 16 November, p. 4.

DIGGLE, P.J., HEAGERTY, P., LIANG, K. & ZEGER, S.L. 2002. *Analysis of longitudinal data*. 2nd ed. Oxford: Oxford University Press.

DILL, J. & KOTZÉ, D.J. 1997. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie. *Acta Theologica* 17(1):1-26.

DOMMISSIE, J. 2011. “Wit armoede styg sedert 1994 meer as 150%”. *News24* 22 Junie. Bekom op 12 Junie 2012 by: http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Wit-armoede-styg-sedert-1994-meer-as-150-20110622

DORFMAN, A. 1994. *Death and the maiden.* 2nd ed. London: Nick Hern Books.

DREYER, J.S. 1998. *The researcher and the researched: Methodological challenges for practical theology*. Paper presented at the Werkgemeenskap vir praktiese teologie. Pretoria.

DREYER, T.F.J. 1996. Praktiese kerkwees in die nuwe Suid-Afrika. *Hervormde Teologiese Studies* 52(1):179-189.

DREYER, W. 1998. Om te bely of nie. *Die Hervormer*, 1 Oktober, p. 2.

DREYER, Y. 2003. Luister na die storie van die kerk: Riglyne vanuit ’n narratief-hermeneutiese perspektief. *Hervormde Teologiese Studies* 59(2):333-352.

2006. Postmoderne kerk-wees in die lig van publieke teologie – eenheid en verskeidenheid. *Hervormde Teologiese Studies* 62(4):1311-1331.

DU PLESSIS, J. 1978. *Kommunistiese vrede of Christelike stryd*. Bloemfontein: NG Sendinguitgewers.

DU PRÉ, M. 2000. Dié Boetman ook die bliksem in. *Beeld* 8 Mei. Bekom op 24 Mei 2010 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2000/05/08/7/4.html

DU PREEZ, H. 1997. *Meet the rainbow nation*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

DU PREEZ, M. 2009. Non-racialism is dead. Long live racial solidarity. *City Press* 11 September. Accessed on 30 May 2012 at: http://www.citypress.co.za/Columnists/MaxduPreez/Non-racialism-is-dead-Long-live-racial-solidarity-20090911

DU TOIT, J.D. 1955. Die godsdienstige grondslag van ons rassebeleid (Referaat gelewer op die "Volkskongres oor die rassebeleid" 1944). In: Du Toit, J.D. & Du Toit, S. (reds.), *Die Afrikaanse rassebeleid en die Skrif* (Potchefstroom: Pro Rege-Pers), pp. 5-21.

DU TOIT, F. 2011. *Apartheid denied human dignity*. *Institute for Justice and Reconciliation*. 15 August. Accessed on 7 February 2012 at: http://restitution.org.za/2011/08/apartheid-denied-human-dignity-dr-fanie-du-toit-executive-director-institute-for-justice-and-reconciliation/

DU TOIT, L. 2010. *Apartheid het sin gemaak*. 6 Januarie. Bekom op 28 Junie 2012 by: http://www.praag.co.za/feuilleton-magazine-386/opstelle-magazine-389/6903-apartheid-het-sin-gemaak.html

DU TOIT, Z.B. 1999*. Die nuwe toekoms: 'n Perspektief op die Afrikaner by die eeuwisseling.* Pretoria: J.P. van der Walt.

DU TOIT, F. & DOXTADER, E. (EDS.) 2010. *In the balance: South Africans debate reconciliation*. Auckland Park: Jakana Media.

DU TOIT, F., HOFMEYR, H., STRAUSS, P. & VAN DER MERWE, J. 2002. *Moeisame pad na vernuwing: die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie 1974 – 2002*. Bloemfontein: Barnabas.

DURAND, J. 2002. *Ontluisterende wêreld: Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika*. Wellington: Lux Verbi.BM.

DYKEMA, R. 2010. *Oorsese kunstenaars beeld wit armoede uit in beeld en klank*. 4 November. Bekom op 16 Junie 2012 by: http://www.solidariteit-blog.co.za/oorsese-kunstenaars-beeld-wit-armoede-uit-in-beeld-en-klank/

EBERSÖHN, L., ELOFF, I. & FERREIRA, R. 2007. First steps in action research. In: Maree, K. (ed.) *First steps in research.* (Pretoria: Van Schaik), pp. 124-143.

ELOFF, T. 2007. Is daar 'n "nuwe Afrikaner" vir die "nuwe Suid-Afrika"? Toespraak by die Algemene Jaarkongres van die FAK 21 September, Potchefstroom. *Koers 72(1):119-126.*

ELS, C.W. 2008. *Reconciliation in South Africa: The Role of the Afrikaans Churches – A Historical and Analytical Study of the Contributions of the Afrikaans Churches to the Process of Reconciliation in Southern Africa, with Special Reference to their Response to the Work of the Truth and Reconciliation Commission.* Ph.D. thesis, Universiteit van Pretoria.

2010. Was David Bosch reg? *Die Burger* 12 Maart. Bekom op 30 Augustus 2010 by: http://www.dieburger.com/By/Nuus/Was-David-Bosch-reg-20100312

ENGELBRECHT, B.J. 1982. *Ter wille van hierdie wêreld: Politiek en Christelike heilsbelewing in Suid-Afrika.* Kaapstad: Tafelberg.

ENQUIST, R.J. 1995. Politics of reconciliation, Namibian style. *The Christian Century* 112(9):300-301.

EPSTON, D. 2004. *Co-research: the making of alternative knowledge*. Accessed on 15 January 2011 at: http://www.dulwichcentre.com.au/co-research-david-epston.html

FARISANI, T.S. 1990. *In transit: between the image of God and the image of man*. Grand Rapids: Eerdmans.

FISHER, R. 2007. *Race.* Auckland Park: Jacana Media.

FITZMAURICE, G.M., DAVIDIAN, M., VERBEKE, G. & MOLENBERGHS, G. (EDS.) 2009. *Longitudinal data analysis*. Boca Raton, Florida: Chapman & Hall/CRC.

FITZMAURICE, G.M., LAIRD, N.M. & WARE, J.H. 2004. *Applied longitudinal analysis*. Hoboken, New Jersey: Wiley-Interscience.

FLEISCHER, M. 1968. *Welkom, hoofstad van die Oranje Vrystaat Goudveld / capital of the Free State Goldfields*. Johannesburg: Felstar Publishers.

FORBES, D. 2010. *The Cradock Four*. Accessed on 27 November 2011 at: http://www.thecradockfour.co.za/Home.html

FOSTER, G.M., SCUDDER, T., COLSON, E. & KEMPER, R.V. (EDS.) 1979. *Long-term field research in social anthropology*. New York: Academic Press.

FOUCAULT, M. 1978. *What is Enlightenment?* Translated by M. Henson 1992. Accessed on 18 July 2012 at: http://philosophy.eserver.org/foucault/what-is-enlightenment.html

FOURIE, J. 2008. *Publieke pastorale sorg aan persone geïnfekteer met of geaffekteer deur MIV en/of VIGS in die bruin gemeenskap van Oudshoorn*. Ph.D. tesis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

FREEDMAN, M. 1995. *Quest for blue skies: South Africa in 2004*. Johannesburg: Zebra Publishers.

FREEDMAN, J. & COMBS, G. 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities.* New York: Norton.

FRIEDMAN, S. & ATKINSON, D. (EDS.) 1994. *The small miracle: South Africa's negotiated settlement*. Johannesburg: Raven Press.

FROISE, M. 2004. *Is Christianity in South Africa a label or a spiritual and ethnical value system? A study of Christian adherence in the city of Welkom.* D.Th. thesis. University of South Africa. Pretoria.

GANN, L.H. 1994. Beyond apartheid: South Africa's hazy future (Book review). *Orbis* 38(4):679-687.

GANZEVOORT, R.R. 2009. *Forks in the road when tracing the sacred. Practical theology as hermeneutics of lived religions.* Presidential address: Ninth Conference of the International Academy of Practical Theology. Chicago.

GAUM, F.M. 1985. Doen die NG Kerk niks? *Die Kerkbode* 15 Mei, p. 4

1997a. *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid 1960 – 1994.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

1997b. Afrikaners vir ander mense. *Die Kerkbode* 19 Desember, p. 4.

1997c. Nie na die mond praat nie. *Die Kerkbode* 7 Maart, p. 6.

1998. Terug...? *Die Kerkbode* 17 Julie, p. 4.

2002. 1990. Belydenis, vergifnis en versoening by Rustenburg. In: Hofmeyr, G. (red.), *NG Kerk 350 - Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*. (Wellington: Lux Verbi.BM), pp. 218-219.

2006. Willie Jonker bely, Desmond Tutu vergewe – Rustenburg 1990. *Die Burger, By* 2 September. Bekom op 26 April 2012 by: http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2006/09/02/BY/12/FritsGaum.html

2011. 10 vrae aan Tim du Plessis. *Kerkbode* 5 Augustus, p. 18,19.

GELDENHUYS, F.E.O'B. 1982. *In die stroomversnellings: Vyftig jaar van die NG Kerk*. Kaapstad: Tafelberg.

GERBER, J. 2011. Stellenbosch skarrel ná aanval op prof. *News24*15 Julie. Bekom op 16 Julie 2011 by: http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Stellenbosch-skarrel-na-aanval-op-prof-20110715

GERBER, K. 2011. Hereniging: Tyd loop vinnig uit. *Kerkbode* 21 Januarie, p. 3.

GERGEN, K.J. 1985. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist* 40(3):266-275.

GERKIN, C.V. 1986. *Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society.* Philadelphia: Westminister.

1991. *Prophetic pastoral practice*. Nashville: Abingdon.
1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon.

GERLOFF, R. 1998. Truth, a new society and reconciliation: The Truth and Reconciliation Commission in South Africa from a German perspective. *Missionalia* 26(1):17-53.

GERTENBACH, M.P. 1985. Die kerk en skuld. *Die Kerkbode* 23 Oktober, p. 5.

1998. "Tug Lynnwood oor belydenis!" *Die Kerkbode* 3 Julie, p. 5.

GIBSON, J.L. 2006. Overcoming apartheid: Can truth reconcile a divided nation? *Annals of the American Academy of Political and Social Science* 603:82-110.

GILIOMEE, H. 1979. Afrikaner politics: How the system works. In: Adam, H. & Giliomee, H. (eds.), *The rise and crisis of Afrikaner power*. (Cape Town: David Philip), pp. 196-257.

1996. Die las van die verlede: 'ons moet verby apartheid kyk.' *Beeld* 26 Maart, p. 9.

1998. Die bitter én soet van apartheid. *Insig* Mei, p. 12-21.

1999. Laat vaar al die skuldgevoel én slagofferskap. *Rapport* 4 Julie. Bekom op 22 Julie 2009 by: http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/1999/07/4/13/5.html

2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie.* Kaapstad: Tafelberg.

2012. *Die laaste Afrikanerleiers*. Kaapstad: Tafelberg.

GOBODO-MADIKIZELA, P. 2003. *A human being died that night: A South African woman confronts the legacy of apartheid*. Boston: Mariner Books.

GOODMAN, D. [1999] 2001. *Fault lines: Journeys into the new South Africa*. Paperback. Berkeley: Univesity of California Press.

GORDIN, J. 1998. Co-writer's afterword. In: De Kock, E. & Gordin, J. *A long night's damage: Working for the Apartheid state* (Saxonwol: Contra), pp. 285-303.

GOUS. G. 2008. Ugently needed in church relationships: intercultural intelligence. *Kruisgewys* 8(5):5-6.

GOUWS, A. 2012. Hulle blameer eerder swartes. *Volksblad* 13 Maart. Bekom op 14 Maart 2012 by: http://www.volksblad.com/Rubrieke/Brandpunt/Hulle-blameer-eerder-swartes-20120313

GRAHAM, L.K. 1992. *Care of persons, care of worlds: A psychosystems approach to pastoral care and counselling*. Nashville: Abingdon.

GREEN, M. 2011. Sakelui op dorp keelvol: Nywerheidsgebied steier weens rondlopervee, plunderaars. *Vista* 29 September, p. 1.

GROENEWALD, J. 1986. Die uitwerking van apartheid: Sosiologiese aspekte. In: Kinghorn, J. (red.), *Die NG Kerk en Apartheid* (Johannesburg: MacMillan), pp. 18-43.

GUBA, E.G. & LINCOLN, Y. S. 1994. Competing paradigms in qualitative research. In: Denzin, N.K. & Lincoln Y.S. (eds.), *Handbook of qualitative research* (Thousand Oaks: Sage), pp. 105-117.

GUEST, R. 2004. *The shackled continent: Africa's past, present and future.* Macmillan: London.

GUNNING, E. 1998. Dr. Rina is nou by DP. *Rapport* 15 Maart, p. 1.

HAFFAJEE, F. 2012. The spear of the nation stays up. *News24* 18 May. Accessed on 20 May 2012 at: http://www.news24.com/Columnists/Ferial-Haffajee/The-spear-of-the-nation-stays-up-20120518-3

HAMILTON, C.V., HUNTLEY, L., ALEXANDER, N., GUIMARAES, A.S.A. & JAMES, W. 2001. *Beyond racism: Race and equality in Brazil, South Africa, and the United States*. Boulder: Lynne Reinner.

HANDA, M.L. 1987. *"Peace Paradigm: Transcending Liberal and Marxian Paradigms."* Paper presented at International Symposium on Science, Technology and Development, New Delhi, India, March 20–25.

HANEKOM, B. 2011a. As ŉ kerk hoop verloor. *Kerkbode* 5 Augustus, p. 8.

2011b. Die krisis in Malawi en wat Suid-Afrika daaruit moet leer. *Vrydagnuus* 28 Oktober. Epos nuusbrief van Sentrum vir Kommunikasie van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika.

HANKE, S.H. 2010. *R.I.P. Zimbabwe dollar*. Accessed on 17 April 2012 at: http://www.cato.org/zimbabwe

HARTLEY, A. & GERMANER, S. 2012. All a twitter in wake of racist tweets. *Pretoria News* 8 May. Accessed on 22 May 2012 at: http://www.iol.co.za/pretoria-news/all-a-twitter-in-wake-of-racist-tweets-1.1291927

HARTNEY, J.N.M. 2011. Eksegeties-teologiese ondersteuning van die Belydenis van Belhar. *NGTT* 52(1 & 2):94-104.

HAWTHORNE, P. 2001. "The Trouble with “‘Sorry.’" *Time* 15 January. Accessed on 28 June 2012 at: http://www.time.com/time/world/article/0,8599,2048073,00.html

HEDEKER, D. & GIBBONS, R.D. 2006. *Longitudinal data analysis*. Hoboken: Wiley-Interscience.

HELBERG J.L. 1984. *Afrikanerskap in Bybelse lig*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

HELEN SUZMAN FOUNDATION. 2010. *Identity: Are There Any South Africans? Fourteenth Quarterly Roundtable*. Johannesburg: Helen Suzman Foundation.

HENDRIKS, J. 2009. Is ons land Christelik? *Beeld* 20 November. Bekom op 23 September 2011 by: http://www.beeld.com/By/Nuus/Is-ons-land-Christelik-20091120

HERMANN, D.J. 2006. *Regstellende aksie, aliënasie en die nie-aangewese groep*. Ph.D. tesis, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

2007. *Die keiser is kaal: Waarom regstellende aksie misluk het*. Pretoria: Protea Boekhuis.
2011. *Basta, ons voetspore is in Afrika!* Pretoria: Kraal-Uitgewers.

HESS, S.B. 2006. *A pastoral response to some of the challenges of reconciliation in South Africa following on from the truth and reconciliation commission.* D.Th. thesis, University of South Africa, Pretoria.

HILL, J.H. 2008. *The everyday language of white racism.* Blackwell: Chichester.

HILLIARD, V.G. 1998. Die nuwe diskriminasie. *Volksblad* 23 Maart, p. 6.

HOLLAND, M. 2006. *Bournemouth University guide to citation in the Harvard style.* Accessed on 31 May 2009 at: http://www.bournemouth.ac.uk/library/citing_references/docs/ Citing_Refs.pdf

HORN, J.N. 1994. After apartheid: Reflections on church mission in the changing social and political context of South Africa. *Transformation* 11:25-28.

HUMAN, J. 2006. *Suid-Afrikaanse persepsies van 'n kommunistiese bedreiging soos oorgedra deur koerantberigte opgeweeg teenoor die betekenisgewing en betekenisweiering van die USSR buitelandse beleid, 1957 tot 1964*. D.Litt. et Phil. tesis, Universiteit van Johannesburg.

HUMAN, L. 2003. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. *Practical Theology in SA* 18(3):40-58.

HUNT, J. & LASCARIS, R. 1998. *The South African dream*. Halfway House: Zebra Press.

IGNATIEFF, M. 1996. Articles of faith. *Index of Censorship* 25(5):110-122.

IMBER-BLACK, E. 1993. Secrets in families and family therapy: an overview. In: Imber-Black, E. (ed.), *Secrets in families and family therapy* (New York: Norton), pp. 3-28.

JACKSON, N. 2009. Voorste teoloë verwerp apartheid. *Beeld* 13 Maart. Bekom op 27 April 2012 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2009/03/13/B1/3/tnjhervorm1.html

2011. 'NGK aan die verander'. *Volksblad* 13 Mei. Bekom op 27 April 2012 by: http://www.volksblad.com/Suid-Afrika/Nuus/NGK-aan-die-verander-20110513

2012a. 'Belhar help terro's in 80's.' *Beeld* 1 Februarie. Bekom op 3 Februarie 2012 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Belhar-help-terros-in-80s-20120201

2012b. Kan die NGK die kern van Belhar aanvaar? *Beeld* 29 April. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Kan-die-NGK-die-kern-van-Belhar-aanvaar-20120429

JAMES, W. & VAN DE VIJVER, L. 2000. *After the TRC: Reflections on truth and reconciliation in South-Africa*. Claremont: David Philips.

JAN RAP 2011. *Samantha Vice, Max du Preez en "koos sas".* Bekom op 16 Julie 2011 by: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=106633&cat_id=160

JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. *The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology*. Pretoria: Van Schaik.

2007. Voortsetting van die epistemologiese diskoers in die praktiese teologie: In gesprek met J-A van den Berg. *Praktiese Teologie in SA* 22(2):61-80.

JANSEN, J.D. 2005. *Die probleem met die Afrikaner.* 12 September. Bekom op 3 Mei 2012 by: http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/jansen.asp

2009. *Knowledge in the blood: confronting race and the apartheid past*. Stanford: Stanfond University Press.

JASPERS, K. 1946. Die Schuldfrage: Ein Beitrag zur deutschen Frage. Zürich: Artemis-Verlag.

JEFFERY, A. 1999. *The truth about the Truth Commission*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

JOHN, V. 2012. Heads roll as racism boils over on Facebook and Twitter*. Mail & Guardian*10 May. Accessed on 13 May 2012 at: http://mg.co.za/article/2012-05-10-heads-roll-as-racism-boils-over-on-facebook-and-twitter/

JOHNS, L. 2009. Jansen blames racism on NGK: makes calls for 'honest, open conversations'. *Cape Argus* 14 November, p. 1.

JOHNSON, R.W. 2000. *The strange unpopularity of affirmative action: RW Johnson analyses the latest survey data on employment equity*. Accessed on 29 May 2012 at: http://www.hsf.org.za/resource-centre/focus/issues-11-20/issue-19-third-quarter-2000/the-strange-unpopularity-of-affirmative-action

2009. *South Africa's Brave New World: The beloved country since the end of apartheid*. London: Allen Lane.

JOHNSON, S. 2009. Fleeing from South Africa*. Newsweek* 13 February. Accessed on 19 April 2012 at: http://www.thedailybeast.com/newsweek/2009/02/13/fleeing-from-south-africa.html

JONES, A. 2003. About us. Accessed on 25 May 2012 at: http://www.homecomingrevolution.co.za/index.php/home-page/about-us

JONES, C. 2012a. Tee saam met Nico Smith se Ellen. *Kerkbode* 16 Maart, p. 15.

2012b. SA kort effektiewe herverdelingsbeleid. *Rapport* 16 Junie. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.rapport.co.za/Weekliks/Nuus/SA-kort-effektiewe-herverdelingsbeleid-20120616

JONGBLOED, Z. 2012. Kyk tog weer na regstelling. *Rapport* 14 April. Bekom op 15 April 2012 by: http://www.rapport.co.za/Rubrieke/ZeldaJongbloed/Kyk-tog-weer-na-regstelling-20120414

JONKER, W. 1994. *Bevrydende waarheid: Die karakter van die gereformeerde belydenis*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

1998. *Selfs die kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.

JOOSTE, G. & OOSTHUIZEN, A.V. 1998. *So het hulle gesterf: gedenkboek van teregstellings van Kaapse rebelle en republikeinse burgers tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Pretoria: Van der Walt.

JORDAAN, W. 2012. Wins en verlies in die kerk se nou straatjies. *Beeld* 17 April. Bekom op 17 April 2012 by: http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Wins-en-verlies-in-die-kerk-se-nou-straatjies-20120417

JOSUTTIS, M. 1996. *Die Einführung in das Leben. Pastoraltheologie zwischen Phänomonologie und Spiritualität.* Gütersloh: Kaiser.

JOUBERT, E. 1991. Die uitdaging vir 'n Christen in die veranderende S.A. In: Alberts, L. (red.), *Veranderende Suid-Afrika: 'n Uitdaging aan Christene* (Bloemfontein: Credo), pp. 47-50.

JOUBERT, J. 2012. Valbyl oor Zuma: NVG móét sê waarom klagte laat vaar is. *Volksblad* 21 Maart, p. 1.

KAIROS SOUTHERN AFRICA 2011. *Theological and ethical reflections on the 2012 centenary celebrations of the African National Congress. 28 December 2011*. Accessed on15 April 2012 at: http://www.benkhumalo-seegelken.de/dokumente/KAIROS-2012.pdf

KAPP, P.H., MOLL, J.C., SCHOLTZ, P.L., DE JONGH, P.S. & GRUNDLINGH, L.W.F. 1982. *Geskiednis van die Westerse beskawing: Deel 1 Oorsprong tot Intellektuele rewolusie.* Pretoria: HAUM.

KASENENE, P. 1993. Response: Human dignity, identity and decolonising the mind. In: Waijaki, M., Turaki, Y., Van der Walt, B.J. & Kasenene, P. (eds.), *Visions of man and freedom in Africa* (Potchefstroom: IRS), pp. 53-63.

KASSIEM, A. 2008. 'It's not too late, say sorry for apartheid.' *Cape Times* 28 February, p. 1.

KENNEY, H. 1980. *Architect of Apartheid: HF Verwoerd: An Appraisal*. Johannesburg: Jonathan Ball.

KEOGH, J. 2012a. Spear-saak gaan oor waardigheid, sê Malindi. *Beeld* 24 Mei. Bekom op 27 Mei 2012 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Spear-saak-gaan-oor-waardigheid-se-Malindi-20120524

2012b. Trane in die hof. *Die Burger*, 25 Mei. Bekom op 27 Mei 2012 by: http://www.dieburger.com/Suid-Afrika/Nuus/Trane-in-die-hof-20120525

*KERKBODE* 2004. *Kaaplandse NG familie aanvaar Belhar*. 4 Julie. Bekom op 10 April 2012 by: http://www.kerkbode.co.za/archive_berigte.asp?id=266

2007. *Belhar bly probleem, maar kerkeenheid is in orde.* 26 Oktober. Bekom op 10 April 2012 by: http://www.kerkbode.co.za/archive_berigte.asp?id=818

2009. *Sê nóú oor Belhar*. 3 April. Bekom op 10 April 2012 by: http://www.kerkbode.co.za/archive_berigte.asp?id=1008

2011. *Vrystaat-gemeente sê Belhar is kettery*. 19 Augustus, p. 6.

KGATLA, T. 2011. Restitution, reconciliation and forgiveness. 12 August. Accessed on 14 August 2012 by: http://restitution.org.za/2011/08/restitution-reconciliation-and-forgiveness-prof-thias-kgatla-faculty-of-theology-university-of-pretoria/

KINGHORN, J. 1986b. Konsolidasie, rasionalisasie en dogmatisering. In: Kinghorn, J. (red.) *Die NG Kerk en Apartheid* (Johannesburg: Macmillan), pp. 117-143.

1990. The theology of seperate equality: A critical outline of the DRC's position on apartheid. In: Prozesky, M. (ed.), *Christianity in South Africa (SA Edition)* (Bergvlei: Southern), pp. 57-80.

1994. The churches against apartheid. In: Liebenberg, I. et al (eds.), *The long march: The story of struggle for liberation in South Africa* (Pretoria: HAUM), pp. 149-153.

KINGHORN, J. (RED.) 1986a. *Die NG Kerk en Apartheid*. Johannesburg: Macmillan.

KLAASTE, A. 1995. Net sterk swartes kan land opbou. *Insig* Julie, p. 16.

KLOPPER, F. 2006. *Alles is voorlopig: oor modernisme en postmodernisme*. Bekom op 12 Maart 2011 by: http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=285

KNOETZE, D. & MAPHUMULO, S. 2012. Why we defaced The Spear. *IOL News* 24 May. Accessed on 27 May 2012 at: http://www.iol.co.za/news/crime-courts/why-we-defaced-the-spear-1.1303573

KOGAN, S.M. & GALE, J.E. 1997. Decentering therapy: Textual analysis of narrative therapy session. *Family Process* 36(2):101-126.

KÖNIG, A. 1996. 'n Belydenis met trane van ons gebrokenheid – NG Kerk se biegredes pas nog nie by die sonde. *Beeld* 22 Oktober, p. 9.

KOOPMAN, N. 2008. On violence the Belhar Confessions and human dignity. *NGTT* 49(3 & 4):159-166.

KOTZE, C.F. 2011. Reaksie op Naudé, C. Skuldpraatjies vervreem en polariseer, los eerder. *Beeld*, 10 Julie. Bekom op 23 April 2012 by: http://www.beeld.com/MyBeeld/Briewe/Skuldpraatjies-vervreem-en-polariseer-los-eerder-20110710

KOTZÉ, H. 1990. Die steunbasis van die ANC: mite of werklikheid. In: Esterhuyse, W. & Nel, P. (reds.). *Die ANC* (Kaapstad: Tabelberg), pp. 58-74.

KOTZÉ, E. & KOTZÉ, D.J. 1997. Social construction as postmodern discourse: an epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica* 17(1):27-50.

KROG, A. 1998a. *Country of my skull*. Johannesburg: Random House.

1998b. TRC – a national ritual. *Missionalia* 26(1):5-16.

2003: The Truth-Commission: Public debate and the role of religious bodies (Afrikaner / DRC). *Scriptura* 83:245-249.

2005. *'n Ander tongval*. Kaapstad: Tafelberg.
2009. *Begging to be black*. Cape Town: Random House Struik.

KRUGER, P. & HOFMEYR, J.W. 2009a. 'n Era van verandering vir die NG Kerk en Suid-Afrika sedert 1990 (Deel I). *NGTT* 50(1 & 2):135-147.

2009b. Die NG Kerk en die era van verandering sedert 1990: Betekenis vir die NG Kerk se identiteit (Deel II). *NGTT* 50(3 & 4):384-395.

2011. Boustene vir die toekoms van die NG Kerk (Deel III). *NGTT* 52(1 & 2):118-127.

KÜBLER-ROSS, E. 1970. *On death and dying*. London: Tavistock.

KUHN, T.S. [1962] 1996. *The Structure of Scientific Revolutions.* 3rd ed. Chicago: University of Chicago Press.

KUPERUS, T. 2011. The political role and democratic contribution of churches in post-apartheid South Africa. *Journal of Church and State* 53(2):1-29.

KUYLER, D. 2011. *Pastoral letter to URCSA congregations on the decision of the Dutch Reformed Church General Synod's acceptance of the Belhar Confession. 20 October.* Accessed on 18 June 2012 at: http://www.ngkerk.org.za/documents/2012-02-29_%20Brief_NGK_VGKSA.pdf

LAING, A. 2012. *"Jacob Zuma faces losing £1.2 million support for four wives". London Telegraph*, 20 June. Accessed on 20 June 2012 at: http://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/africaandindianocean/southafrica/9344916/Jacob-Zuma-faces-losing-1.2-million-support-for-four-wives.html

LAMONT, C.G. 2011. *Uitspraak van die gelykheidshof in saak nommer 20968/2010: Afriforum and another v Malema and another 2011* (6) SA 240 (EqC).

LAMOTT, A. 1995. *Bird by Bird: Some Instructions on writing and life.* New York: Anchor Books.

LAMPRECHT, M. 2012. SA leiers 'ondermyn oppergesag van reg.' *News24* 3 April. Bekom op 11 April 2012 by: http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/SA-leiers-ondermyn-oppergesag-van-reg-20120403-2

LEFKO-EVERETT, K., NYOKA, A. & TISCORNIA, L. 2011. *SA Reconciliation Barometer Survey: 2011 report*. Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation.

LEONARD, C. 2012. The slow and steady death of the Dutch Reformed Church. *Mail & Guardian*, 5 May. Accessed on 11 April 2012 at: http://mg.co.za/article/2012-04-05-the-slow-and-steady-death-of-dutch-reformed-church

LEY, M. 2012. "Belhar kan tot ramp vir kerk lei." *Beeld* 20 Maart. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Belhar-kan-tot-ramp-vir-kerk-lei-20120320

LIEBENBERG, D. 2012. ANC wil wittes met dienste lok. *News24* 30 Maart. Bekom op 30 Maart 2012 by: http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/ANC-wil-wittes-met-dienste-lok-20120330

LIEBENBERG, I., LORTAN, F., NEL, B. & VAN DER WESTHUIZEN, G. (EDS.) 1994. *The long march: The story of struggle for liberation in South Africa.* Pretoria: HAUM.

LOADER, J.A. 1985. Church, theology and change in South Africa. In: Van Vuuren, D.J., Wiehahn, N.E. Lombard, J.A. & Rhoodie, N.J. (eds.), *South Africa: a plural society in transition* (Durban, Butterworth), pp. 272-302.

1997. Die 'volk van God' – Vlek soos Israel, hele verlede oop. *Beeld* 15 Mei, p. 14.

LOMBARD, R.T.J. 1981. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en rassepolitiek, met spesifieke verwysing na die jare 1948 – 1961.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

LÖTTER, H.P.P. 1995. Modernity, postmodernism and politics (in places like South Africa). In: Rossouw, G.J. (ed.), *Life in a postmodern culture* (Pretoria: HSRC Publishers), pp. 35-61.

LOUBSER, J.A. 1987. *The apartheid Bible: A critical review of racial theology in South Africa*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

LOUW, C. 2001a. Boetman is die bliksem in, *Beeld* 5 Mei, p. 13.

2001b. *Boetman en die swanesang van die verligtes*. Kaapstad: Human & Rousseau.

LOUW, D.J. 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Kaapstad: Lux Verbi.

2003. The paradigmatic revolution in practical and pastoral theology: from metaphysics (sub-stantial thinking) to empirism (experential thinking); from theism to theopaschitism (hermeneutical thinking). *Practical Theology in SA* 18(2):33-58.

LOUW, L.R. 1991. Apartheid, poverty, social transformation: A pilgrimage to a non-racial democracy challenges social work in South Africa. *Social work* 27(1):22-27.

LÜCKHOFF. A.H. 1978. *Cottesloe*. Kaapstad: Tafelberg.

LYON, D. 1994. *Postmodernity. Concepts in the social sciences*. Buckingham: Open University Press.

MAGONA, S. 1998. Mother tot mother. *Sarie* 26 Augustus, p. 86-87.

*MAIL & GUARDIAN* 2009. *NPA drops corruption charges against Zuma*. 6 April. Accessed on 28 May 2012 at: http://mg.co.za/article/2009-04-06-npa-drops-corruption-charges-against-zuma

MALAN, R. 1990. *My traitor's heart*. London: The Bodley Head.

2011. *Resident alien*. Johannesburg: Jonathan Ball.

MALULEKE, T.S. 1997. National unity and reconciliation in South Africa: Aspects of the emerging agenda. *Missionalia* 25(1):59-86.

MANDELA, N.R. 1964. *"I am prepared to die." Nelson Mandela's statement at the opening of the defense (sic) case in the Rivonia Trial (Pretoria Supreme Court, 20 April 1964).* Accessed on 3 April 2012 at: http://law2.umkc.edu/faculty/projects/ftrials/mandela/mandelaspeech.html

1994. *Statement of The President of The African National Congress, Nelson Mandela, at his inauguration as President of The Democratic Republic of South Africa, Union Buildings, Pretoria, 10 May 1994*. Accessed on 30 May 2012 at: http://www.info.gov.za/speeches/1994/990319514p1006.htm

1995. Inleidende opmerkings deur president Nelson Mandela by 'n ontmoeting met Afrikaner-meningsvormers. In: Naudé, C.F.B., *My land van hoop* (Kaapstad: Human & Rousseau), pp. 185-188.

MANGALISO, N.A. 1994. *The South African mosaic: A sociological analysis of post apartheid conflict*. New York: University Press of America.

MANYAPELO, J. 2001. South Africa: 'Home For All' Campaign Propagates White Guilt As A Form Of Psychological Enslavement - Van Schalkwyk. *WOZA* 8 March. Accessed on 28 June 2012 at: http://allafrica.com/stories/200103080205.html

MARAIS, B.J. 1952. *Die Kleurkrisis in die Weste: 'n Studie i.s. kleur en kleurverhoudings in die Amerikas*. Johannesburg: Goeie Hoop.

MARAIS, D. 1989. Foreign relations of post-apartheid South Africa with the first world. In: Wainwright, E, Archibald, D & Wakabayashi, B (eds.), *Post-Apartheid South Africa* (Johannesburg: Professor's Worlds Peace Academy), pp. 150-172.

MARTINDALE, L. 2003. *In the wake of a miracle: Being 'real Christians' in the post apartheid era.* Accessed on 16 June 2012 at: http://archive.sojo.net/index.cfm?action=magazine.article&issue=soj0311&article=031141c

MASEMOLA, S., MABUZA, W., FINCA, B. & BOTHA, J. (EDS.) 1989. *Confessing guilt in South Africa: the responsibility of churches and individual Christians*. Johannesburg: SACC.

MASON, M. 1993. Shame: reservoir for family secrets. In: Imber-Black, E. (ed.), *Secrets in families and family therapy* (New York: Norton), pp. 29-48.

MASSIE, R.K. 1993. Local churches in the new South Africa: Centres of racial reconciliation or of ecclesial apartheid? *Journal of theology for Southern Africa* 49(85):19-28.

MATSHIKIZA, J. 2000. *With the lid off: South African insights from home and abroad 1959 - 2000*. Johannesburg: M & G Books.

MBEKI, T.M. 1996. *Statement of Deputy President TM Mbeki, on behalf of the ANC, on the occasion of the adoption by the Constitutional Assembly of The Republic of South Africa Constitution Bill 1996, 8 May*. Accessed on 14 June 2012 at: http://www.info.gov.za/aboutgovt/orders/new2002_mbeki.htm

1998. *Statement of Deputy President Thabo Mbeki at the Opening of the Debate in the National Assembly, on "Reconciliation and Nation Building", National Assembly Cape Town, 29 May*. Accessed on 16 June 2012 at: http://www.dfa.gov.za/docs/speeches/1998/mbek0529.htm

1999. *Statement on the Report of the TRC. Joint Sitting of the Houses of Parliament Cape Town*, 25 February, Accessed on 16 June 2012 at: http://www.dfa.gov.za/docs/speeches/1999/mbek0225.htm

2001. *The State of the Nation address of the President of South Africa, Thabo Mbeki, at the National Assembly Chamber, Cape Town, 9 February 2001.* Accessed on 30 May 2012 at: http://www.info.gov.za/speeches/2001/0102131223p1001.htm

2005. *Address of by President of South Africa, Thabo Mbeki, to the Parliament of the Republic of Uganda, Kampala, 13 December 2005*. Accessed on 4 June 2012 at: http://www.dfa.gov.za/docs/speeches/2005/mbek1213a.htm

MCCALL, N. 1994. *Makes me wanna holler: A young black man in America.* New York: Vintage Books.

MCKAISER, E. 2009. Why Hlophe needs to be held accountable for his racist jibe. *Business Day* 14 August, p. 13.

2011. Confronting whiteness. *Mail & Guardian* 7 July, p. 35.

MEIRING, L.F. 2000. *Renouncing racism in a Dutch Reformed Congregation.* M.Th. thesis, University of South Africa, Pretoria.

MEIRING, P.G.J. 1975. *Stemme uit die swart kerk: Gesprekke met dertien geestelike leiers*. Kaapstad: Tafelberg.

1985. *Waagmoed beloon: 50 menings oor PW-plan.* Johannesburg: Perskor.

1996. Om rustig te slaap: Genesing agter trane by WVK. *Beeld* 27 Augustus, p. 10.

1998. Einde van die WVK: begin van heling? *Insig* November, p. 21.

1999a. *Chronicle of the truth commission: A journey through the past and present – into the future of South Africa*. Vanderbijl Park: Carpe Diem.

1999b. “Reconciliation: Dream or reality?” *Missionalia* 27(3):243-244.

2002. Unshackling the ghosts of the past: Reflecting on the truth and reconciliation process in South Africa. *Missionalia* 30(1):56-69.

2003a. The Dutch Reformed Church and the Truth and Reconciliation Commission. *Scriptura* 83:250-257.

2003b Versoening in Suid-Afrika ná die Waarheids- en-Versoeningskommissie: die rol van die NG Kerk. *NGTT* 44(1 & 2):112-121.

2010. *Geseënd is die vredemakers: ’n Bybelstudie oor versoening en genesing in ons land*. Wellington: Christelike Lektuurfonds.

MEREDITH, M. 1997. *Nelson Mandela, a biography*. London: Penquin Books.

MEYER, R. & NAUDÉ, B. 1994. The Christian Institute of South Africa: a short history of a quest for Christian liberation. In: Liebenberg, I. et al (eds), *The long march: The story of struggle for liberation in South Africa* (Pretoria: HAUM), pp. 164-172.

MILES, J. 1996. *Deafening silence.* Cape Town: Human & Rousseau.

MISCHKE, A. & MAFETU, M. 2000. *Nuwe bure, nuwe kulture: Saambestaan in woonbuurte is 'n uitdaging. Rapport* 9 April. Bekom op 19 Junie 2012 by: http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2000/04/9/1/14.html

MNGUNI, L. 2012. *The big read: Beyond mere tolerance.* Accessed on 16 June 2012 at: http://www.timeslive.co.za/opinion/commentary/2012/05/08/the-big-read-beyond-mere-tolerance

MOHLER, R.A. 1995. The integrity of the evangelical tradition and the challenge of the postmodern paradigm. In: Dockery, D.S. (eds.), *The challenge of post-modernism – an evangelical engagement* (Wheaton, Victory Books), pp. 67-88.

MONA, V. 1998. Ek het met rassisme saamgeleef. *Insig* September, p. 21.

MOOLMAN, N. 2011. *The Boer whore*. Meyerton: PCN Printers.

MORGAN, B. 2010. *Historic rugby match for Soweto*. Accessed on 24 April 2012 at: http://www.southafrica.info/news/sport/rugby-super14-1805010.htm

MORTLEY, R. 1991. *French philosophers in conversation*. London: Routledge.

MOSCHELLA, M.A. 2012. Ethnography. In: Miller-McLemore, B.J. (ed.), *The Wiley-Blackwell companion to practical theology* (Blackwell: Chichester), pp. 224-233.

MOUTON, C. 2008a. Jong man los bloedspoor: In hegtenis ná 3 mense se dood. *Volksblad* 17 Januarie, p. 1.

MOUTON, D. 2008b. Ghanese prediker se onwaarskynlike middestadvennoot. *Kruisgewys* 8(3):12-13.

MOUTON, J. 2001. Methodological paradigms in social research. In: Babbie, E. & Mouton, J. *The practice of social research (South African Edition)* (Oxford: Oxford University Press), pp. 47-68.

MULDER, P. 2008. *Kan Afrikaners toyi-toyi?* Pretoria: Protea Hoekhuis.

MULHOLLAND, S. 1998. Mbeki's simplistic vision of democracy a sick mirage. *Business Times* 7 June. Accessed on 16 June 2012 at: http://www.btimes.co.za/98/0607/columns/columns2.htm

MÜLLER, J.C. 2000a. *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gespreksvoering*. Wellington: Lux Verbi.BM.

2000b. *Therapy as fiction writing*. Accessed on 26 December 2008 at: www.julianmuller.co.za/Download.../15-Therapy-as-fiction-writing.html

2003. Unheard stories of people infected and affected by HIV/AIDS about care and the lack of care: The research story of the project. *Practical Theology in SA* 18(3):1-19.

2005. Postfoundationalist, HIV-positive practical theology. *Practical Theology in SA* 20(2):72-88.

2009. Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and AIDS as a case study. *Practical Theology in SA* 24(2):199-228.

2011. *Om te mag twyfel: 'n Gelowige se reis*. Kaapstad: Tafelberg.

MÜLLER, J.C. & GOUWS, J.C. 2003.'n Postmoderne, pastoraal-narratiewe perspektief op seksueel-verwante gesinsgeheime. *Praktiese Teologie in SA* 18(1):118-149.

MÜLLER, J.C. & PIENAAR, H.E. 2003. A Social-constructionist, narrative understanding of the Church's morality on sex. *Verbum et Ecclesia* 24(1):137-155.

MÜLLER, J.C., VAN DEVENTER, W. & HUMAN, L. 2001. Fiction writing as metaphor for research: a narrative approach. *Practical Theology in SA* 16(2):76-94.

MUNGAZI, D.A. 1989. *The struggle for social change in Southern Africa: Visions of liberty*. New York: Crane Russak.

MURPHY, D. 1997. *South of the Limpopo: travels through South Africa.* London: Flamingo.

MURRAY, M.J. 1994. *The revolution deferred: The painful birth of post apartheid South Arica*. London: Verso.

MURRAY, N. & GARRIDO, M. 1997. Somewhere over the rainbow: a journey to the new South Africa. *Race and Class* 38(3):1-24.

MYBURG, J.L. 2000. Deconstructing identity in a landscape of ideology, culture, belief and power. D.Th. thesis, University of South Africa, Pretoria.

NAICKER, A. 1994. Women in the struggle against apartheid in South Africa. In: Besha, R.M. (ed.), *African women: Our burdens and struggles* (Johannesburg: Institute for African Alternatives), pp. 97-101.

NAIDOO, G. (ED.) 1991. *Reform and revolution. South Africa in the nineties.* Johannesburg: Skotaville Publishers.

NAIDOO, S. 2010. Even the young want to flee. *Sunday Times* 25 April. Accessed on 6 May 2011 at: http://www.timeslive.co.za/sundaytimes/article418947.ece/Even-the-young-want-to-flee

NAUDÉ, C. 2011. Skuldpraatjies vervreem en polariseer, los eerder. *Beeld* 10 Julie. Bekom op 23 April 2012 by: http://www.beeld.com/MyBeeld/Briewe/Skuldpraatjies-vervreem-en-polariseer-los-eerder-20110710

NAUDÉ, C.F.B. 1995. *My land van hoop: die lewe van Beyers Naudé*. Kaapstad: Human & Rousseau.

NAUDÉ, P. 2003. ‘We cannot just continue as if nothing has happened between us”: *Sola gratia* and restorative justice. *Scriptura* 82:139-146.

NCAYIYANA, D.J. 2012. The vexed question of race-based admission to medical school. *South African Medical Journal* 102(4):193.

NDEBELE, N. 1989. The brilliant trick. *Leadership SA* 8(1):102-104.

NDINDA, C., UZODIKE, N.O. & WINAAR, L. 2011. From informal settlements to brick structures: housing trends in post-apartheid South Africa. *Journal of public administration* 46(1.1):746-781.

NED GEREF GEMEENTE WELKOM-SUID 1991. *Kerkraadsnotule 21 Maart*, p. 2.

NED GEREF KERK 1975. *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

1983. Die kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

1986. *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk 1986*. Bloemfontein: Algemene Sinodale Kommissie.

1990. *Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk 1990.* Bloemfontein: Algemene Sinodale Kommissie.

1994. *Handelinge van die Algemene Sinode.*

1998. *Handelinge van die Algemene Sinode.*

2004. *Besluiteregister van die Algemene Sinode*. Bekom op 5 Julie 2011 by: http://www.ngkerk.org.za/besluitregister/2004%20Besluiteregister.rtf

2011a. *Besluit rondom die Belydenis van Belhar*. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://www.ngkerk.org.za/documents/BESLUIT%20BELYDENIS%20VAN%20BELHAR%202011-10-13.doc

2011b. *Roepingsverklaring van die Algemene Sinode*. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://www.ngkerk.org.za/index.asp?bodyType=roeping

NED GEREF KERK OOS-KAAPLAND 2012. *Handelinge. Derde Sittingsdag.*

NED GEREF KERK WES-EN-SUID-KAAP 2011. *Uit die moderatuur: Sinodebesluite Mei 2011*. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://www.ngkerk.org.za/wesensuidkaap/documents/UIT%20DIE%20MODERATUUR%20Mei%202011.doc

NED GEREF SENDINGKERK 1982. Die NG Sendingkerk en apartheid: 'n prinsipiële besinning. Bekom op 7 Mei 2012 by: http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-04012009-233502/unrestricted/07back.pdf

1986. Belydenis van Belhar en begeleidende brief. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://belydenisvanbelhar.co.za/wp-content/uploads/2011/11/Belydenis-van-Belhar.pdf

NELSON, J. 2003. The Role the Dutch Reformed Church Played in the Rise and Fall of Apartheid. *Journal of hate studies* (1):63-71.

*NEWS24* 2008. *Farmer's son up for rampage*. 16 January. Accessed on 15 February 2009 at: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Farmers-son-up-for-rampage-20080116

2011. *Malema verklaar 'ekonomiese oorlog' teen wittes*. 10 September. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Malema-verklaar-ekonomiese-oorlog-teen-wittes-20110910

NG, D. 2012. South Africa's President Jacob Zuma sues over a painting of him. *Los Angeles Times* May 21. Accessed on 28 May 2012 at: *http://www.latimes.com/entertainment/arts/culture/la-et-cm-south-africa-jacob-zuma-spear-20120521,0,7679937.story*

NGK IN DIE O.V.S. 1929. *N.G. Kerk in die O.V.S en die naturellevraagstuk.* Bloemfontein: Nasionale Pers.

NICOL, W. 1989. Guilt, confession and forgiveness in die New Testament. In: Masemola, S, et al (eds.), *Confessing guilt in South Africa: the responsibility of churches and individual Christians* (Johannesburg: SACC), pp. 58-69.

NIEMAN, N. 1995. Orania gooi sy deure oop vir die president. *Volksblad* 16 Augustus, p. 3.

NIEUWOUDT, S. 2000. Cobus Rossouw speel De Klerk in 'Boetman'. *Beeld* 23 Augustus. Bekom op 19 April 2012 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2000/08/23/3/4.html

NPC 2011. *National Planning Commission: Diagnostic Overview*. Accessed on 16 July 2912 at: http://www.npconline.co.za/MediaLib/Downloads/Home/Tabs/Diagnostic/Diagnostic%20Overview.pdf

NTSALUBA, G. 2012. SA drifting dangerously: Ramphele. *Daily News* 12 April. Accessed on 27 September 2012 at: http://www.iol.co.za/dailynews/news/sa-drifting-dangerously-ramphele-1.1274578?ot=inmsa.ArticlePrintPageLayout.ot

NÜRENBERGER, K. 1994. *An economic vision for South Africa: The task of the church in the post apartheid economy*. Pietermaritzburg: Encounter Publication.

OOSTHUIZEN, J. 2009. Regstellende aksie mis doel. *Kerkbode* 11 September, p. 1.

2010. Die versoener wat nie "good riddance" wou wees nie. *Kerkbode* 16 Julie, p. 15.

OSMER, R.R. 2008. *Practical Theology: An introduction.* Grand Rapids: Eerdmans.

OVRENDHAL, A. 1998. Afrikaners ís by God. *Die Kerkbode* 17 Julie, p. 5.

PATON, A. 1979. Foreword. In: De Gruchy, J.W. (ed.), *The church struggle in South Africa* (Cape Town: David Philip), pp. vii-xii.

PAUW, J. 1997. *Into the heart of darkness: Confessions of Apartheid's assassins*. Johannesburg: Jonathan Ball.

PAYZE, C. 2001. Qualitative studies. In Babbie, E. & Mouton, J. (eds.), *The practice of social research*. *South African edition* (Cape Town: Oxford), pp. 269-311.

PELSER, W. 2009. SA gemeentes stuur konvooi met kos na bejaardes in Zimbabwe. *Rapport* 27 September. Bekom op 17 April 2012 by: http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/SA-gemeentes-stuur-konvooi-met-kos-na-bejaardes-in-Zimbabwe-20090926

PEPLER, E. 2000a. Boetman-tot-oppie-been: Hoekom het debat so ’n storm ontketen en wie het deelgeneem? *Beeld* 16 Augustus. Bekom op 19 April 2012 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2000/08/16/11/4.html

2000b. Boetman Afrikaner se WVK: ‘Afrikaanse pers het geleentheid gebied om gemoed skoon te maak' *Beeld* 23 Augustus. Bekom op 19 April 2012 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2000/08/23/13/2.html

PHILLIPS, M. *2009a. Politieke partye veroordeel moord op Allanridge: ‘Misdadigers weet die stelsel is aan hul kant’.* Volksblad *10 Maart. Bekom op 30 Mei 2012 by: http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2009/03/10/VB/8/weacdp.html*

2009b. 8 munisipale bestuurders vervolg oor riool-besoedeling. *Beeld* 19 Augustus. Bekom op 29 Mei 2012 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/8-munisipale-bestuurders-vervolg-oor-riool-besoedeling-20090818

2010. Riool kan lewens kos. *News24* 30 Julie. Bekom op 29 Mei 2012 by: http://m.news24.com/volksblad/Suid-Afrika/Nuus/Riool-kan-menselewens-kos-20100730

PIENAAR, A. 2008. Geweld: Handleiding wil skoolhoofde help. *Volksblad* 27 Augustus. Bekom op 5 Julie 2012 by: http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2008/08/27/VB/2/tapsocclus_1703.html

2009. Kerkhereniging se struikelblokke. *Beeld* 18 Februarie. Bekom op 16 Julie 2012 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2009/02/18/B1/15/antonkerk.html

2010a. Maak die gesprek oor kerkhereniging oop. *Kerkbode* 5 Maart, p. 9.

2010b. Is dit onbillik om te vra vir vriendskap? *Kerkbode* 16 April, p. 14.

PIENAAR, F. 1999. *Aan die einde van die reënboog*. Kaapstad: Human & Rousseau.

PIETERSE, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

2009. Prediking wat God ter sprake bring in die Suid-Afrikaanse konteks van regstellende aksie. In: Immink, G. & Vos, C.J.A. *God in 'n kantelende wêreld* (Pretoria: Protea Boekhuis), pp. 250-273.

PIETERSE, H.J. 2000. Politiek korrekte skoothondjies. *Beeld* 28 Mei. Bekom op 19 April 2012 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2000/05/08/7/2.html

PISTORIUS, J. 1992. *Die versteekte verse*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

PITYANA, B. 1999. Rebuild SA. *The Star* 17 July, p. 2.

PODLES, L.J. 2010. There Is Forgiveness, But There Are No Shortcuts on the Road to Reconciliation. *Touchstone: A journal of mere Christianity* 23(2). Accessed on 19 April 2012 at: http://www.touchstonemag.com/archives/article.php?id=23-02-020-f

POPE, C., ZIEBLAND, S. & MAYS, N. 2000. Qualitative research in health care: Analysing qualitative data. *British Medical Journal* 320(7227):114-116.

POTELWA, X. 2010. South Africans unite in Soweto rugby final. *Mail & Guardian* 30 May. Accessed on 24 April 2012 at: http://mg.co.za/article/2010-05-30-south-africans-unite-in-soweto-rugby-final

POTGIETER, F. 1995. The weight of the past. In: Boraine, A. & Levy, J. (eds.), *The healing of a nation?* (Cape Town: Justice in Transition), pp. 21-23.

POTGIETER, P.C. 1995. Nederduitse Gereformeerde Kerk en skuldbelydenis. *Die Kerkbode* 29 Mei, p. 6.

POTGIETER, P.C. & SMIT, J.H. 1988. *Vernuwing of Konfrontasie.* Kaapstad: Lux Verbi.

PRETORIUS, G. 2011. Party sien nie rede dat mense SA wil verlaat nie. *Beeld* 24 Junie. Bekom op 25 Augustus 2011 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Party-sien-nie-rede-dat-mense-SA-wil-verlaat-nie-20110624

PRETORIUS, G. & MATIPA, P. 2012. Babamoord skok. *Beeld* 23 Mei. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Babamoord-skok-20120523

PUTTERGILL, C.H. 2008. Discourse on identity: conversations with 'white' South Africans. Ph.D. thesis, University of Stellenbosch.

QUINTAL, G. 2012. ANC 'closes chapter' on Malema matter. *News24* 18 June. Accessed on 18 June 2012 at: http://www.news24.com/printArticle.aspx?iframe&aid=1f9a243b-9d4c-4e93-9c8c-32aa73... 6/18/2012

QWELANE, J. 1998. The 'boy' and 'girl' have come of age. *Cape Argus* 23 May, p. 22.

RAMPHELE, M. 2001. Combating racism in South Africa: Redress/remedies. In: Hamilton, C.V. et al *Beyond racism: Race and equality in Brazil, South Africa, and the United States* (Boulder: Lynne Reinner), pp. 63-83.

2008. *Laying ghosts to rest: dilemmas in the transformation of South Africa*. Cape Town: Tafelberg.

*RAPPORT* 1997. Talle Afrikaners pak nou hul goed en verlaat die land. 12 Junie, p. 23.

2005. Zuma dalk dié week voor oor 'verkragting'. *Rapport* 26 November. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/Zuma-dalk-die-week-voor-oor-verkragting-20051126

RAUBENHEIMER, O. 1998. Nie die ander een nie, jy moet vrede maak. *Kerkbode* 3 Julie, p. 6.

2008. Belhar moet eers te ruste gelê word. Kerkbode 7 November, p. 17.

RENDLE, G.R. 1998. *Leading change in the congregation: Spiritual and organizational tools for leaders.* Herndon, Virginia: Alban Institute.
2009. *The roller coaster of change.* Accessed on 30 April 2011 at: http://www.alban.org/conversation.aspx?id=3670

REPUBLIEK VAN BRAVOLAND 2012. *Wittes het baie skuld*. Bekom op 27 Mei 2012 by: http://www.bravoland.co.za/forum/index.php/topic,5964.msg76867.html?PHPSESSID=9026b368c2305bc7ed430fd23c725bb7#msg76867

RETIEF, H. 1998. As mens sê hy's jammer, dan is daar geen `ja, máár...' nie. *Rapport* 23 Augustus, p. 15.

2010. Hanlie gesels met Annelie Botes. *Rapport* 21 November. Bekom op 25 Augustus 2011 by: http://www.rapport.co.za/Rubrieke/HanlieRetief/Hanlie-gesels-met-Annelie-Botes-20101120

2011. Hanlie gesels met Moeletsi Mbeki. *Rapport* 2 Junie. Bekom op 25 Augustus 2011 by: http://www.rapport.co.za/Rubrieke/HanlieRetief/Hanlie-gesels-met-Moeletsi-Mbeki-20110702

2012. Hanlie gesels met Barend La Grange. *Rapport* 26 Mei. Bekom op 27 Mei 2012 by: http://www.rapport.co.za/Rubrieke/HanlieRetief/Hanlie-gesels-met-Barend-La-Grange-20120526

RETIEF, J. & JACKSON, N. 1998. Apartheid ís sonde, besluit NG sinode. *Beeld* 14 Oktober, p. 1.

RIEGER, J. 2004. Theology and mission between neocolonialism and postcolonialism. *Mission Studies* 21(2):201-227.

RONDGANGER, L. 2012. Riots last resort of poor. *Daily News* 11 April. Accessed on 3 June 2012 at: http://www.iol.co.za/dailynews/opinion/riots-last-resort-of-poor-1.1273269?ot=inmsa.ArticlePrintPageLayout.ot

ROODT, D. 2007. Zuma en Afrikaners braai vleis in Houghton. 27 Maart. Bekom op 30 Mei 2012 by: http://www.praag.co.za/nuus-magazine-402/afrikaanse-nuus-magazine-401/277-zuma-en-afrikaners-braai-vleis-in-houghton.html

ROSSOUW, G.J. (ED.) 1995a. *Life in a postmodern culture*. Pretoria: HSRC Publishers.

1995b. Theology in a postmodern culture: ten challenges. In: Rossouw, G.J. (ed.), *Life in a postmodern culture* (Pretoria: HSRC Publishers), pp. 75-93.

SA PARLIAMENT 1995. *Promotion of National Unity and Reconciliation Act, No. 34 of 1995*. Accessed on 26 July 2011 at: http://www.info.gov.za/acts/1995/a34-95.pdf

*SABC* 2012. *Meeting held to discuss service delivery protests in N West*. Accessed on 31 May 2012 at: http://www.sabc.co.za/news/a/0d3ba7004b724b338832ad78893a5284/Meeting-held-to-discuss-service-delivery-protests-in-N-West--20120531

SALDAŇA, J. 2003. *Longitudinal qualitative research: Analyzing change through time*. Walnut Creek: Alta Mira Press.

SANDI, N. 2012. Still long, difficult way to go on human rights views. *Daily Dispatch* 18 June. Accessed on 19 June 2012 at: http://www.dispatch.co.za/news/article/3552

SAUNDERS, C. 2011. Slanery wys hoe groot frustrasie is. *Beeld*, 15 Julie. Bekom op 16 Julie 2011 by: http://www.beeld.com/MyBeeld/Briewe/Slanery-wys-hoe-groot-frustrasie-is-20110715

SAUNDERS, J. 1996. Biko family lose battle over S.Africa truth body. *Reuter* 26 July. Accessed on 24 August 2012 at: http://www.hartford-hwp.com/archives/37a/020.html

SCHOEMAN, W.J. 2008: ‘Sunday morning at eleven the week’s most segregated hour’ *Kruisgewys* 8(3):7

2010. The racial discourse and the Dutch Reformed Church: looking through a descriptive-empirical lens… towards a normative task. *Acta Theologica* 30(2):130-151.

SCHOLTZ, L. 2011. Die regering moet net die Grondwet nakom. *Die* Burger 1 Julie. Bekom op 16 Julie 2011 by: http://www.dieburger.com/Rubrieke/LeopoldScholtz/Die-regering-moet-net-die-Grondwet-nakom-20110701

SCHUERMANS, N. & VISSER, G. 2005. *Unvoiced and invisible: reflections on white poverty in post-apartheid South-Africa.* Bloemfontein: Department of Geography, University of the Free State.

SCHURINK, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In: De Vos, A.S. (ed.), *Research at grass roots. A primer for the caring professions* (Pretoria: Van Schaik), pp. 239-251.

SELLO, S. 1998. Ons moet verby wit en swart kyk. *Rapport* 22 Maart, p. 15.

SERFONTEIN, J.H.P. 1979. *Brotherhood of power: An exposé of the secret Afrikaner Broederbond.* London: Rex Collings.

1982. *Apartheid, change and the NG Kerk*. Emmarentia: Taurus.

SILBER, G. 1991. *It takes two to toyi-toyi: A survival guide to the new South Africa*, London: Penguin.

SILVERMAN, H.J. (ED.) 1989. *Derrida and deconstruction*. New York: Routledge.

SLABBERT, F.V.Z. 1999. *Afrikaner Afrikaan: Anekdotes en analise*. Kaapstad: Tafelberg.

SMIT, D.J. 2005. Reformed faith, justice and the struggle against apartheid. *Reformed World* 55(4):355-367.

2008. Wêreld se verwagting van kerk kwyn. *Kerkbode* 7 November. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://kerkbode.co.za.mytempurl.zadns.co.za/archive_berigte.asp?id=958

SMIT, W. 2004. Bitter oor omgekeerde rassisme. *Beeld* 29 November. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.beeld.com/Opinie/Nog/Bitter-oor-omgekeerde-rassisme-20100617

SMITH, B. 2006. After the Fall: Reevaluating Whiteness in J.M. Coetzee's Disgrace. *Elements* Spring:29-36

SMITH, B. (RED.) 1995. Derrida degree a matter of honour. Letter in *Times* (London) Saturday May 9, 1992. In: Derrida, J. *Points... Interviews, 1974-1994* (Edited by E. Weber) (Stanford: Stanford University Press), pp. 399-421.

SMITH, D. 2012. Fallout over Jacob Zuma penis painting exposes ANC's increasingly thin skin. *The Guardian* 24 May. Accessed on 18 June 2012 at: http://www.guardian.co.uk/world/2012/may/24/jacob-zuma-spear-painting-anc?INTCMP=SRCH

SMITH, N.J. 2010a. *Die dood van die God van my vaders: Hoe die lewe in die township Mamelodi my godsbeskouing verander het*. Kaapstad: Griffel Media.

2010b. Dit is rassisme wat ons uitmekaar hou. *Kerkbode* 16 April, p. 14.

SMITH, T. 2009a. *All-white churches in the New South Africa?* 25 August. Accessed on 22 July 2012 at: http://kleipotgemeente.typepad.com/soulgardeners/2009/08/allwhite-churches-in-the-new-south-africa.html

2009b. *White Afrikaans churches – a response and another question...* 1 September. Accessed on 22 July 2012 at: http://kleipotgemeente.typepad.com/soulgardeners/2009/09/white-afrikaans-churches-a-response-and-another-question-.html

SMITH, N.J., GELDENHUYS, F.E.O'B, & MEIRING, P. 1981.*Stormkompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig.* Kaapstad: Tafelberg.

SNYMAN, G. 2010. Redaksie. *Jonk Nuusbrief* Mei 2010. Epos-nuusbrief: Jeugkommissie van die Algemene Sinode.

2012. Verregse groepe skuld dorp 'n ekskuus, *Beeld* 3 Junie. Bekom op 4 Junie 2012 by: http://www.beeld.com/MyBeeld/Briewe/Verregse-groepe-skuld-dorp-n-ekskuus-20120603

SNYMAN, G.F. 2008. 'Is it not Sufficient to Be a Human Being?' Memory, Christianity and White Identity in Africa. *Religion & Theology* 15(3 & 4):395-426.

SOLZHENITSYN, A.I. 1973. *The Gulag Archipelago 1918 – 1956. An experiment in literary investigation*. Translated by T.P. Whitney (ed.). New York: Harper & Row.

SPARKS. A.H. 1990. *The mind of South Africa: the story of the rise and fall of apartheid.* London: Heinemann.

2003. *Beyond the miracle: Inside the new South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball.

STATISTICS SA 2004. *Census 2001 Primary tables South Africa*. Accessed on 21 March 2011 at: http://www.statssa.gov.za/census01/html/RSAPrimary.pdf

2005. *Census 2001 Primary tables Free State*. Accessed on 21 March 2011 at: http://www.statssa.gov.za/census01/html/FSPrimary.pdf

STAVRIANOS, L.S. 1982. *The world since 1500. A global history.* 4th ed. New Jersey: Prentice-Hall.

STEENKAMP, A. 1843. *Die Groot Trek*. Bekom op 11 Maart 2008 by: http://www.groottrek.za.cx/anna_01.htm

STEENKAMP, L. 2009. ‘ANC se plasing van kaders laat rade misluk’. *Beeld* 22 Oktober. Bekom op 12 Maart 2012 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/ANC-se-plasing-van-kaders-laat-rade-misluk-20091022

STEIER, F. 1991. Reflexivity and methodology. An ecological constructionism. In: Steier, F. (ed.), *Research and reflexivity* (London: Sage), pp. 163-185.

STEVENS, G. 2006. Truth, reconciliation, reparation and deracialisation in post-apartheid South Africa: fact or fiction? In: Stevens, G., Franchi, V. & Swart, T. (eds.) *A race against time: Psychology and challenges to deracialisation in South Africa* (Pretoria: University of South Africa), pp. 293-316.

STEVENS, G., FRANCHI, V. & SWART, T. (EDS.) 2006. *A race against time: psychology and challenges to deracialisation in South Africa*. Pretoria: University of South Africa Press.

STEVENS, G., SWART, T. & FRANCHI, V. 2006. Changing contexts of race and racism: problematics, polemics and perspectives. In: Stevens, G., Franchi, V. & Swart T. (eds.) *A race against time: psychology and challenges to deracialisation in South Africa* (Pretoria: University of South Africa Press), p. 3-27.

STEYN, B. 2008. Multi-kulturaliteit: ’n plattelandse perspektief. *Kruisgewys* 8(5):14-16.

STEYN, M. 2001. *“Whiteness just isn’t what it used to be”: white identity in a changing South Africa*. Albany: State University of New York Press.

STEYN, P. 2011. ‘Wit en swart in SA slagoffers van apartheid’. *Volksblad* 28 Januarie. Bekom op 28 Februarie 2012 by: http://www.volksblad.com/Suid-Afrika/Nuus/Wit-en-swart-in-SA-slagoffers-van-apartheid-20110128

2012. Dit was tien minute van hel, sê Roelf. *Volksblad* 2 Junie. Bekom op 15 Junie 2012 by: http://www.volksblad.com/Rubrieke/WatsJouStorie/Dit-was-tien-minute-van-hel-se-Roelf-20120601

STRAUSS, D.F.M. 2002. Voorvrae rondom die geloofwaardigheid van die Bybel in 'n “postmoderne tyd”. *NGTT* 43(3 & 4):570-592.

STRAUSS, P.J. 2005. Belydenis, kerkverband en Belhar. *NGTT* 46(3 & 4):560-575.

2010. Eenheid in die NG Kerkfamilie: Waar staan die NG Kerk? *NGTT* 51(3 & 4):135-141.

2011. Kerk en Samelewing in die dokumente “Kerk en Samelewing” na 25 jaar. *NGTT* 52(3 & 4):511-520.

STRINGER, E.T. 1999. *Action research*. 2nd ed. Thousand Oaks, California: Sage Publications.

SUID-AFRIKA SE ENERGIEKRISIS 2009. *Suid-Afrika se energiekrisis*. Bekom op 19 April 2012 by: http://myfundi.co.za/a/Suid-Afrika_se_energiekrisis

SWANEPOEL, F. 1999. *Dutch Reformed Church. Testimony before the Truth and Reconciliation Commission, East London, 18 November 1999*. Accessed on 11 June 2012 at: http://web.uct.ac.za/depts/ricsa/commiss/trc/drctest.htm

SWANEPOEL, T. 1997. *My hart wil Afrika*. Kaapstad: Queillerie.

SWARNS, R.L. 2001. Mbeki Strongly Urges Racial Reconciliation in South Africa. *The New York Times* 10 February. Accessed on 19 April 2012 at: http://www.nytimes.com/2001/02/10/world/mbeki-strongly-urges-racial-reconciliation-in-south-africa.html

SWARTS, J. 2012. Afrikaner sal jy blý, meneer. *News24* 9 Mei. Bekom op 27 Mei 2012 by: http://afrikaans.news24.com/Rubrieke/JohanSwarts/Afrikaner-sal-jy-bl-meneer-20120509

TAYLOR, S.J. 1988. Preface to generations of hope. *Journal of the Association for Persons with Severe Handicaps* 13(3):177-198.

TEMMINGH, L. 2012. Moord is moord ongeag jou velkleur. *News24* 18 Mei. Bekom op 3 Junie 2012 by: http://afrikaans.news24.com/Rubrieke/LiezlTemmingh/Moord-is-moord-ongeag-jou-velkleur-20120518

TEMPELHOFF, E. 2008. LUR gryp in oor wanbestuur, Vaalrivier-besoedeling. *Beeld* 13 April. Bekom op 23 April 2012 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/LUR-gryp-in-oor-wanbestuur-Vaalrivier-besoedeling-20100617

2012. Vaalrivier glo erg besoedel. *Volksblad* 22 Februarie. Bekom op 23 April 2012 by: http://www.volksblad.com/Suid-Afrika/Nuus/Vaalrivier-glo-erg-besoedel-20120222

TERRE BLANCHE, M. 1997. 'The knowledge that one seeks to disinter': psychiatry and the discourse of discourse analysis. In: Levett, A., Kottler, A., Burman, E. & Parker, I. (eds.), *Culture, power and difference: discourse analysis in South Africa* (Cape Town: University of Cape Town Press), pp. 139-158.

TERREBLANCHE, S.J. 1990. My Stellenbosse sprong na vryheid. In: Lategan, B. & Müller, H. (eds.), *Afrikaners tussen tye* (Kaapstad: Taurus), pp. 112-125.

2002. *A history of inequality in South Africa, 1652-2002*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

TERRY, R.W. 1975. *For whites only*. Rev ed. Grand Rapids: Eerdmans.

THAMM, M. 2011. *The white thing to do*. 3 July. Accessed on 16 July 2012 at: http://mariannethamm.wordpress.com/2011/07/03/the-white-thing-to-do/

THE AMERICAN HERITAGE DICTIONARY 2004. 4th ed (21st Century Reference). Boston: Houghton Mifflin Company.

THERON, F. 1996. The forgotten people. *Time* 30 December, p. 8.

THERON, P. (RED.) 2012. *Belhar geweeg*. Pretoria: Kraal Uitgewers.

THERON, P.F. 1986. Kerklike eenheid en natuurlike verskeidenheid. In: Kinghorn, J. (red.), *Die NG Kerk en apartheid* (Braamfontein: Macmillan South Africa), pp. 194-210.

THESNAAR, C. 2010. The pastoral church as a space for healing and reconciliation. *NGTT* 51(3 & 4):266-273.

2011. Memories liberate the past. *NGTT* 52(3 & 4):531-541.

*TIME* 1963. Barth in retirement. 31 May. Accessed on 18 July 2010 at: http://www.time.com/time/magazine/article/0,9171,896838,00.html

TOERIEN, H. 2011. *Afrikanerskap: Ekskuus dat ek leef?* 10 Junie. Bekom op 10 Oktober 2011 by: http://www.koerant.co.za/?p=4845

TRC 1996. *Truth and Reconciliation Commission: Human rights violations. Case EC0080/96: Nyameka Goniwe*. 17 April. Accessed on 27 November 2012 at: http://www.justice.gov.za/trc/hrvtrans/hrvel1/goniwe.htm

1997. *Register of reconciliation*. Accessed on 30 April 2011 at: http://www.justice.gov.za/trc/ror/index.htm

1998a. *Truth and Reconciliation Commission of South Africa: Final report*. Accessed on 19 April 2003 at: http://www.justice.gov.za/trc/report/

1998b. *Truth and Reconciliation Commission of South Africa: Faith Communities report*. Accessed on 12 July 1998 at: http://web.uct.ac.za/depts/ricsa/commiss/trc/trc_rpt.rtf

TREURNICHT, A.P. 1985. Besorgdheid oor NIV-besluite. *Die Kerkbode* 23 Oktober, p. 5.

TRUSCOTT, R. 2011. National melancholia and Afrikaner self-parody in post-apartheid South Africa. *Psychoanalysis, Culture & Society* 16(1):90-106.

TSHEOLO, J.P & SEBOLA, M.P. 2012. Post-apartheid public service delivery and the dilemmas of state capitalism in South Africa,1996-2009. *Journal of public administration* 47(1.1):228-250.

TUTU, D. 1997. Remarks after Freedom Front submission. In: TRC, *Political party submissions: Freedom Front.* Accessed on 17 May 1999 at: http://www.truth.org.za/hrvtrans/party2/ffrecall.htm

1998. The Truth and Reconciliation Commission. In: Du Toit, C.W. (ed.), *Confession and reconciliation* (Pretoria: Research Unit for Theology and Religion, University of South Africa), pp. 4-6.

1999. *No future without forgiveness*. London: Rider.

2011. *God is not a Christian: Speaking truth in times of crisis*. London: Rider.

UNITED HUMAN RIGHTS COUNCIL 2009. *The genocide in Rwanda*. Accessed on 24 April 2012 at: http://www.unitedhumanrights.org/2009/05/the-genocide-in-rwanda

UNIVERSITY OF SALFORD 2010. *Keeping balance: coping through periods of change*. Accessed on 30 April 2011 at: http://staff.salford.ac.uk/documents/hr/employee_support_guide_ver1_nov2010.pdf

VAN AARDE, A. 2004a. Postmoderne epistemologie en postkoloniale hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies* 60(3):1105-1125.

2004b. Skrifbeskouing in die lig van postmoderniteit. *Hervormde Teologiese Studies* 60(1 & 2):503-532.

VAN DE GRAAF, H. 2009. *Afrikanerfront mediaverklaring – 6 April 2009*. Bekom op 31 Mei 2012 by: http://www.boerevryheid.co.za/forums/showthread.php?17738-Afrikanerfront-mediaverklaring-6-April

VAN DEN BERG, J.A. 2006. 'n Verandering in Tongval...? 'n Verwoord-(-beeld)ing van pastoraal-teologiese perspektiewe. *Praktiese Teologie in SA* 21(2):164-181.

VAN DER MERWE, J. 2010. Die Hervormingsdaggetuienis – 30 jaar later: Die 'visarendjie' moet weer gehoor word! *Kerkbode* 5 November, p. 10.

2011. Belhar gaan oor meer as blote aanvaarding'. *Volksblad* 31 Oktober. Bekom op 16 Julie 2012 by: http://www.volksblad.com/Suid-Afrika/Nuus/Belhar-gaan-oor-meer-as-blote-aanvaarding-20111031

VAN DER SCHYFF, L. 2012. Mediaverklaring van die Hoofbestuur van die Herstigte Nasionale Party insake Jeugdag.

VAN DER SPUY, J.P. 1929. Opening Sendingkongres Kroonstad. In: NGK in die O.V.S., *N.G. Kerk in die O.V.S en die naturellevraagstuk* (Bloemfontein: Nasionale Pers), pp. 7-10.

VAN DER WALT, B. 2007. SA mense sluit hulself in kas toe, wonder dan oor donker: `Saam praat ons mekaar moedeloos'. *Beeld* 4 April. Bekom op 16 Junie 1998 by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1997/04/4/11/7.html

VAN DER WALT, N. 2006. *Postmodernisme*. Bekom op 12 Maart 2011by: http://www.reformed.org.za/afrikaanse-literatuur/artikels/289-ta0012-postmodernisme.html

VAN DER WALT, S. 2010. Grond: 'Ons het misluk'. *Beeld* 7 Oktober. Bekom op 12 Maart 2010 by: http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Grond-Ons-het-misluk-20101007

VAN DER WATT, G. 2007. Kerke moet opstaan teen geweld, sê leraar. *Volksblad* 10 Februarie. Bekom op 12 Maart 2011 by: http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2007/02/10/VB/9/gideon.html

VAN DER WESTHUIZEN, C. 2007. *White power and the rise and fall of the National Party.* Cape Town: Zebra Press.

VAN DER WESTHUIZEN, C. 2012. 145 683 van SA bly nou in Oz. *Rapport* 14 Julie. Bekom op 22 Julie 2012 by: http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/145-683-van-SA-bly-nou-in-Oz-20120714

VAN DER WESTHUIZEN, T. 2008. Staat wil 218 getuies teen Jacob Zuma inspan. *Volksblad* 3 Januarie, p. 2.

VAN DER WESTHUIZEN, Z. 2010. Transversality and interdisciplinary discussion in postfoundational practical theology – reflecting on Julian Müller's interdisciplinary guidelines. *HTS Theological Studies* 66(2):1-5.

VAN HUYSSTEEN, J.W. 1999. *The shaping of rationality: Toward interdisciplinary in theology and science*. Grand Rapids: Eerdmans.

VAN JAARSVELD, F.A. 1979. *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle.* Kaapstad: Tafelberg.

VAN NIEKERK, A.A. 2005. *Geloof sonder sekerhede: Besinning vir eietydse gelowiges.* Wellington: Lux Verbi.BM.

2011. Moenie apartheid vergoeilik nie. *Volksblad* 14 Julie. Bekom op 16 Julie 2011 by: http://www.volksblad.com/Rubrieke/Kenmerk/Moenie-apartheid-vergoeilik-nie-20110714-2

VAN NIEKERK, A.S. 1982. *Dominee, are you listening to the drums?* Cape Town: Tafelberg.

VAN NIEKERK, M. 2003. The unheard stories of adolescents infected and affected by HIV/AIDS about care and/or the lack of care. *Practical Theology in SA* 18(3):109-133.

VAN ONSELEN, G. 2012. *More than 1 in 3 calls to SAPS police stations go unanswered.* Accessed on 29 May 2012 at: http://inside-politics.org/2012/05/28/more-than-1-in-3-calls-to-saps-police-stations-go-unanswered/#more-2076

VAN RENSBURG, E. 2009. *God seën Afrika: Stories, gebed en wyshede*. Wellington: Lux Verbi.BM.

VAN ROOYEN, F. 2012. Land “herstel goed van resessie”. *Die Burger* 27 April. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.dieburger.com/Suid-Afrika/Nuus/Land-herstel-goed-van-resessie-20120427

VAN STADEN, C. 1998. Guguletu 7: “vier was onskuldig, onopgelei” *Die Burger* 6 Februarie, p. 4.

VAN WYK, A. 2012. Almal is gelyk as dit kom by misdaad. *Beeld* 17 April. Bekom op 19 April 2012 by: http://www.beeld.com/In-Diepte/Nuus/Almal-is-gelyk-as-dit-kom-by-misdaad-20120417

VAN WYK, A.T. 1991. *The birth of a new Afrikaner*. Cape Town: Human & Rousseau.

VAN WYK, P.J.A. 2009. Belhar-ondersteuners moet VGK toe skuif. *Kerkbode* 15 Mei. Bekom op 1 Mei 2012 by: http://kerkbode.co.za.mytempurl.zadns.co.za/archive_briewe.asp?id=859

VAN WYNGAARD, C. 2010a. Ek wil oor Apartheid praat. *Jonk Nuusbrief* Mei 2010. Epos-nuusbrief: Jeugkommissie van die Algemene Sinode.

2010b. *The myth of the colour-blind children*. August 16. Accessed on 7 October 2010 at: http://mycontemplations.wordpress.com/

2011. *Youth ministry as the formation of public theologians in a post-Apartheid South Africa: challenges faced within the Dutch Reformed church. Presented at the 2011 conference of the International Association for the Study of Youth Ministry.* Accessed on 31 August 2012 at: http://unisouthafr.academia.edu/CobusvanWyngaard/Talks/32203/Youth_ministry_as_the_formation_of_public_theologians_in_a_post-_Apartheid_South_Africa_challenges_faced_within_the_Dutch_Reformed_church

VANHOOER, K.J. 2003. Theology and the condition of postmodernity: a report on knowledge (of God). In: Vanhoozen, K.J. (ed.), *The Cambridge companion to postmodern theology* (Cambridge: Cambridge University Press), pp. 3-25.

VAN ZANTEN GALLAER, S. 1998. Cry with the beloved country: restoring human dignity to the victims of apartheid. *Christianity Today* 42(2):23.

VENTER, A. 2000a. Argumente oor Afrikaner het tog ook tekortkominge. *Rapport* 23 Januarie. Bekom op 22 Julie 2012 by: http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2000/01/23/20/21.html

2000b. Ons het PW-td oorleef, ons kan wéér. *Rapport* 29 Oktober. Bekom op 22 Julie 2012 by: http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/2000/10/29/4/2.html

2012. Verskonings vir die onverskoonbare. *Beeld* 1 Junie. Bekom op 2 Junie 2012 by: http://www.beeld.com/By/Nuus/Verskonings-vir-die-onverskoonbare-20120601

VENTER, L. 2001. *In the shadow of the rainbow*. Johannesburg: Heinemann.

VERDOOLAEGE, A. 2008. *Reconciliaion discourse: The case of the Truth and Reconciliation Commission.* Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

VERMAAS, C. 1966. *The red trap: Communism and violence in South Africa*. Johannesburg: A.P.B. Publishers.

VERWOERD, W. 1996. *Viva Verwoerd? Kroniek van 'n keuse*. Kaapstad: Human & Rousseau.

VICE, S. 2010. How Do I Live in This Strange Place? *Journal of Social Philosophy* 41(3):323-342.

VILJOEN, C. 1997. Submission of the Freedom Front. In: *TRC, Political party submissions: Freedom Front.* Accessed on 17 May 1999 at: http://www.truth.org.za/hrvtrans/party2/ffrecall.htm

VILJOEN, C.L. 1981. Suid-Afrika se antwoord en optrede. In: Sentrum vir Internasionale Politiek, *Terrorisme, dié strydmetode van ons tyd* (Potchefstroom: Sentrum vir Internasionale Politiek, PUCHO), pp. 48-66.

VILLA-VICENCIO, C. 1988. *Trapped in Apartheid. A socio-theological history of the English-speaking churches*. Cape Town: David Philip.

1993. *The spirit of hope: Conversations on religions*. Johannesburg: Skotaville Publishers.

VILLA-VICENCIO, C. & NIEHAUS, C. (EDS.) 1995. *Many cultures, one nation: Festschrift for Beyers Naudé*. Cape Town: Human & Rousseau.

*VISTA* 2012a. Nog klagte kan volg oor rioolprobleem. 31 Mei, p. 1.

2012b. Joe Slovo-rylaan voltooi. 31 Mei, p. 1.

VOLF, M. 1996. *Exclusion and embrace: a theological exploration of identity, otherness, and reconciliation*. Nashville: Abingdon Press.

2006. *The end of memory: Remembering rightly in a violent world*. Grand Rapids: Eerdmans.

*VOLKSBLAD* 2006. Zuma-uitspraak. 8 Mei. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.volksblad.com/Opinie/Hoofartikels/Zuma-uitspraak-20100616

2007. Stille diplomasie selfs wyl Zimbabwe sterf. 10 Julie. Bekom op 18 Junie 2012 by: http://www.volksblad.com/Opinie/Hoofartikels/Stille-diplomasie-selfs-wyl-Zimbabwe-sterf-20100616

VOORTSETTINGSKOMITEE 1987. *Geloof en Protes: 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van Kerk en Samelewing*. Pretoria: Die Voortsettingskomitee.

VORSTER, J.M. 1981. *Die kerk en die kleurvraagstuk vandag*. Johannesburg: Boekhandel De Jong.

WALDEGRAVE, C.T. 1990. “Just therapy”. *Dulwich Centre Newsletter* 1:5-46.

WALLIS, J. 1994. The Miracle of South Africa. *Sojourners*, July 1994. Accessed on 17 May 1999 at: http://sojo.net/magazine/1994/07/miracle-south-africa

WEARY, D. 1994. Race and reconciliation from an African American's perspective. *Urban Missions* 12(2):4-13.

WEBB-MITCHELL, B. 1995. The importance of stories in the act of caring. *Pastoral Psychology* 43(3):215-225.

WEINGARTEN, K. 2000. Witnessing, wonder, and hope. *Family Process* 39(4):389-402.

2002. Immersed in America: Life after a trip to South Africa. In: Kotzé, D.J., Myburg, J., Roux, J. & Associates, *Ethical ways of being* (Pretoria: Ethics Alive), pp. 35-52.

WHITE, M. 1990. Story, knowledge and power. In: White, M. & Epston, D. (eds.), *Narrative means to therapeutic ends* (New York: Norton), pp. 1-37.

1992. Deconstruction and therapy. In: Epston, D. & White M. (eds.), *Experience, contradiction, narrative & imagination: selected papers of David Epston and Michael White 1989-1991* (Dulwich: Dulwich Centre Publications), pp. 109-151.

WHITE, M. & EPSTON, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.

WICOMB, W. 2008. *The complexity of identity: the Afrikaner in a changing South Africa*. M.A. thesis, University of Stellenbosch.

WILSON, F. 2011. Historical Roots of Inequality in South Africa. *Economic History of Developing Regions* 26(1):1-15.

WINES, M. 2006. How Bad Is Inflation in Zimbabwe? *New York Times* 2 May. Accessed on 17 April 2012 at: http://www.nytimes.com/2006/05/02/world/africa/02zimbabwe.html?pagewanted=all

WOLFREYS, J. 1998. *Deconstruction: Derrida*. Basingstoke: Macmillan.

WORLD ECONOMIC FORUM 2004. *South Africa at 10*. Cape Town: Human & Rousseau.

WORSNIP, M. 1996. *Priest and partisan: A South African journey*. Melbourne: Ocean Press.

.-.. -- ..-.

**Lewe na apartheid –** Gesprek 1: 30 Julie 1998

Albert: Welkom, ek is baie bly oor elkeen wat hier is. Daar is sommige mense wat verskoning gemaak het, twee persone kan nie vanaand hier wees nie, maar hulle het gesê hulle sal wel by ons volgende geleentheid inskakel. Daar is ook ander mense wat aangedui het dat hulle gaan in skakel, ek sien hulle nog nie hier nie. Miskien kom hulle nog, miskien het hulle intussen besluit hulle gaan die nie maak nie. Maar baie welkom in elk geval vir elkeen wat tog hier is.

Ek het met sommige van julle al persoonlik gepraat oor wat die doel van hierdie byeenkomste is, maar ter wille van volledigheid en ter wille van die ander met wie ek nog nie daaroor gepraat het nie, wil ek maar weer daar deur gaan. Ek het ook 'n inligtingstuk wat beskikbaar is – Ben weet ek het dit nou nog nie gekry nie, Charlie jy ook nie. (Ek deel aan hulle die stuk uit.)

Dit groot probleem waarmee almal van ons sit, as blankes, op hierdie stadium, is om as blankes in hierdie post-apartheid SA aan te pas en om hier vrede te maak, veral met ons verlede. Julle het net nou gespot oor die WVK, maar die goed wat daar uitgekom het, en veral dan by die amnestie kommissie, is goed wat ons as blankes se hare laat rys het. En dan sê die mense, ek het nie daarvan geweet nie, of dit is nie waarvoor ek gestem het destyds nie. Nou ek sê nie ons het almal vir die regering van destyds gestem nie, maar ons was die mense wat die stemreg gehad het. En nou moet ons leef in die nuwe SA – en dit is waaroor ons gaan praat. Maar nou met 'n baie spesifieke klem.

Ek het twee doelwitte met hierdie byeenkomste. Eerstens terapeuties. Ek wil hê dat ons mekaar begelei – hoor wat ek sê – mekaar moet begelei om beter aan te pas, om 'n meer suksesvolle deelname aan die nuwe SA te kan hê. Dis die een doelwit: die terapeutiese waarde. Die ander een is dat ek hierdie goed alles op band opneem en dit gaan transkribeer en dit gaan dan die basis vorm van my navorsing vir my proefskrif verder aan. So dit is deel van daardie proses ook.

Waarna ek veral wil kyk – en ek is daarvan oortuig dat as ons in die nuwe SA 'n sukses wil maak, sal ons eers ordentlik moet afhandel met die ou SA: Ek wil veral dat ons in hierdie agt geleenthede wat ons by mekaar sal wees, gaan fokus op apartheid. Wat die term beteken, wat die inhoud daarvan was, ens. Baie wyd in 'n sekere sin, maar ook baie beperk tot wat was ons aandeel daarin. Dan gaan ons uiteraard praat oor

vraagstukke soos skuld. U sal sien dat ons niemand hier by ons het wat nie blank is nie; daar is 'n spesifieke rede voor. Daar is byvoorbeeld kleurlinge uit die gemeente wat aangedui het dat hulle belangstel om deel te neem aan die groep, maar ek het spesifiek vir hulle gesê ek wil hierdie groep beperk tot blankes, omdat ons die mense is wat in die ou bedeling in 'n spesifieke bedeling gestaan het en nou in die nuwe bedeling moet vrede maak met ons eie verlede.

Wat ons gaan doen, is dat ons hier met mekaar gaan praat, ek gaan dit op band neem, ek gaan huis toe na die tyd en ek transkribeer dit en dan gaan ek dit met julle toestemming deel met ander persone. Ek moet miskien sommer op hierdie punt sê: wanneer ek dit oortik, sal geen name genoem word nie. Elkeen gaan 'n skuilnaam kry: Albert, Ben, Charlie, Danie, Elsa en so meer. Daarvolgens sal die gesprek dan getranskribeer word. Geen persoon wat dit lees, selfs al sou dit iemand in die gemeente wees, sal geen manier hê om 'n persoon se woorde te koppel aan 'n spesifieke persoon in die groep nie. Absolute vertroulikheid is vir my baie belangrik en dit is vir julle ook baie belangrik. Dit gaan maak dat 'n mens baie makliker ook kan praat.

Dan gaan ek hierdie goed deel met ander persone, onder ander my studieleier wat in Pretoria sit, prof Dirk Kotzé. Hy was vroeë by Bloemfontein se Teologiese Fakulteit. Daar is van die ouens wat saam met my in die studiegroep is, die doktorale groep, wat aangedui het dat hulle ook belangstel om insette te lewer. Hier is mense in Welkom wat nie blankes is nie, wat ek gaan betrek (wat ook al die polities korrekte term is). Ek gaan kleurlinge en swart mense betrek. Vanuit die kerk, maar ook van buite om. En die idee is dat hulle gaan reageer op dit wat ons hier doen en ek kom met daardie reaksies terug na die volgende byeenkoms en sê: maar verlede week het ons dit en dit gesê, maar die mense met wie ek buitentoe gereflekteer het sê: wat hiervan en hiervan? Mis julle nie doelbewus hierdie ding nie? Wil julle hom nie aanspreek nie? En so meer. En met hierdie meervoudige reflektering oor apartheid en al sy goeters gaan ons dan besig wees oor die volgende agt geleenthede. Daarna is dit klaar en dan hoop ek om deur die loop van volgende jaar die goeters finaal op skrif te stel in 'n proefskrif en so meer. Ek sal deurlopend as ek iets skryf dit terugvoer na julle toe. As julle belangstel kan ek elke keer die vorige sessie wat ek getranskribeer het, vir julle op skrif gee sodat julle self weer daarna kan gaan kyk.

Ek het op die brief gesit dat ons byeenkomste elke tweede week gaan wees. Vanaand en dan oor twee weke en dan elke twee week vandaar tensy die groep besluit om dit

anders te maak: dat ons op 'n ander aand moet kom, of vroeër of later of hoe ook al – dan is ons oop om ook daaroor te praat.

Wat die res van die aand aanbetref wil ek hê dat ons nou kans moet gee vir vrae en so voorts en dan gaan ons 'n paar reëls vasstel vir ons gesprekke. Ek dink dit is belangrik dat ons veilig voel het. Dan 'n mens nie moet sê: ek wil eintlik nie sê wat ek dink nie, net nou hou iemand dit teen my, of wat ook al. En dan gaan ons die res van die tyd spandeer om mekaar beter te leer ken. Bloot net te weet wie eis ek en waar staan ek in die nuwe SA: Wat is my besondere dilemmas, in my werksituasie, by my huis, met my buurman. Sodat ons mekaar net kan plaas en sê dat as Charlie praat, dan weet ek Charlie is die ou wat sukkel met sy buurman oorkant die staat. Of Hanlie is die een wat by die werk hierdie of daardie probleem het. En dan, afhangende van hoe ons tyd dan loop, kan ons maar begin praat oor waar apartheid in ons lewens gekom hert. Waar het ons heel eerste bewus geraak van apartheid, kleintyd en ook nie so klein nie. Wat onthou ek? wat is my indrukke daarvan? En van daar af sal ons dit dan verder vat. Aan die einde van die sessie sal ek elke keer sê wat ons gaan bespreek by die volgende sessie – net in breë trekke. En dan wil ek u uitnooi om óf u gedagtes op skrif te sit as u wil. U is meer as welkom. As u vir my iets op skrif wil sit, sal dit heel waarskynlik deel vorm van die proefskrif op die ou end. Dit sal waarskynlik ingesluit word daarby, miskien in 'n anonieme vorm. Maar ek sal graag ook wil hê dat julle tussendeur 'n bietjie huiswerk sal doen. Miskien gaan dink, of gaan lees. Gaan kyk watter boeke is op u boekrak. Of gaan stap in die biblioteek rond – kyk wat is geskrywe. Gaan dink oor die tema, kry inligting en bring dit saam en sit dit op die tafel en ons praat daaroor met mekaar.

Nou het ek al baie gesê. Is daar enige vrae op hierdie stadium? Voordat ons die reëls vir die gesprek vasstel.

Charlie: (Charlie se bydraes is verwyder omdat hy gekies het om nie verder deel te neem aan die proses nie).

Albert: Ja, soos ek dit nou verduidelik het en soos ek dit ook destyds met die Dagbestuur verduidelik het, is my doel om dit wat ek in my proefskrif gaan doen late – ek is in elke geval daarmee besig – ek wil dit sinvol maak vir die mense waarmee ek tans werk. Daarom het ek dit op die Suiderlig geadverteer dat persone wat op die oomblik in hierdie situasie sit, moet kom saampraat. In my gesprekke met van die persone hier, het ek agtergekom ons het op die ou end maar baie soortgelyke vrae. En

daar is 'n klomp ander lidmate wat ook soortgelyke vrae het. En ek is oortuig daarvan dat ons baie van die vrae wat ons nou het, beter gaan kan hanteer as ons eers 'n bietjie terugkyk en dan vorentoe kyk. Ons gaan hier na die einde toe ook spesifiek aandag gee aan spesifieke dilemmas wat ons nou het, soos regstellende aksie. Wat dink ons daaroor en so meer. Ek dink jy moet miskien ter wille van jou eie rustigheid net vergeet dat ek dit opneem en dat ek later daarop gaan reageer in terme van 'n proefskrif. Kom ons beskou dit hier as 'n groep waar ons mekaar gaan help om aan te pas in die nuwe SA: Gegewe 'n bepaalde agtergrond wat ons almal het. Ek dink soos ons hier sit, verskil ons dalk baie van mekaar in terme van agtergrond. Maar dit sal uitkom so in die loop van die gesprekke.

Danie: Ek wil miskien net sê dat ek dieselfde gevoel as Charlie oor die proefskrif gehad het. En toe het die wysheid van my vrou deurgekom toe sy vir my gesê het: Moenie dink aan die proefskrif nie, dink wat kan ons uit hierdie situasie uitkry. En dit het vir my geweldig baie beteken. Dit is vir my belangrik dat ek ook hier iets moet uit kry wat vir my van toepassing is.

Albert: Ek is bly jy sê dit Danie want in die verlede het dit so gewerk dat as iemand 'n proefskrif skryf, in watter studierigting ook al, dan is die waarde waarvan gewoonlik eers na die tyd. Hy kry 'n klomp mense, hy stuur vraelyste uit, hy versamel inligting en evalueer dit en so meer. En dan publiseer hy 'n artikel of 'n proefskrif en die waarde kom eers na die tyd. Die mense met wie hy in die proses die pad geloop het, hulle het nie op daardie stadium die waarde daaruit gekry nie. En dit is wat hier die groep ander maak. Dit is my verklaarde uitgangspunt dat hier in hierdie groep iets moet gebeur. Dit moet vir die mense wat hier is aangenaam wees om hier te wees in die eerste plek, maar daar moet ook waarde wees om hier te wees. En ek hoop dit is wat gaan gebeur. Ek hoop werklik dat ons mekaar se hande kan vat en die pad kan makliker maak vorentoe.

Elsa: Ek wil net ook graag sê dat toe ek jou uitnodiging gekry het, die rede hoekom ek hier is, is omdat ek in myself soveel konflik het oor al hierdie goed, oor die verlede en die situasie waarin ons nou is, dat ek dit graag vir myself sal wil oplos. Of my gevoelens wil weergee, probeer sin maak uit al hierdie goed.

Albert: Dit is wat ek dink almal van ons beleef op een of ander stadium. Party mense sê dit in soveel woord vir hulle, ander sukkel net eenvoudig daarmee. Maar as 'n mens hoor wat Eugene de Kock by die WVK sê hoe hulle gemaak het om Kgotso-huis op te

blaas, dan skuld jy jou kop. Dan wonder jy: maar hoekom? En dit is deel van ons blankes se bagasie. En ons gaan vir jare nog sukkel met ons bagasie. Dit is so. En ander mense gaan dit teen ons hou. Dit gaan aanmekaar teen ons koppe gegooi word: maar apartheid; onthou julle; dis apartheid se skuld. Daai dink. En ons moet op 'n manier daarmee vorentoe. Ons moet dit kan hanteer sodat ons dit toekoms kan in gaan en dat ons nie vir die res van ons lewe in sak en as in skuld gaan sit nie. Of na die nader heel uiterste: sê ja maar ek het geen aandeel daaraan gehad nie en daarom gaan ek nou maar net aan. Ek dink dit wat jy beleef Elsa, is wat 'n klomp ander mense hier in die gemeente ook beleef.

Ben: Ek is op 'n plaas gebore. Destyds moes ek met baie eerbied met ouer swartes omgaan, mooi met hulle praat. Ek moes sê "outa Elias". Ek en die kleintjies het saam gespeel en haas gevang. Dan braai en eet ons die haas. Ek het hulle taal net so goed as hulle geken. Gevolglik het ek met hulle grootgeword. Ons ou Elias het 7 en 6 'n maand gekry en 'n sak meel. Nee, hy het 'n rand gekry en sy vrou wat in die huis gewerk het, het sewe en ses gekry. Maar vir 10 sent kon sy drie jaarts materiaal koop om vir haar 'n rok te maak. Gevolglik toe ek nou hier begin het ek uiteindelik 49 swart busbestuurders gehad. En omdat hulle bestuur het en ook kaartjies verkoop het, het ek gevoel dat ek moet hulle nie as kaffers (beskou) nie maar as verantwoordelike mense, van die begin af vir hulle wys ek glo hulle het waarde, hulle het 'n verantwoordelikheid. En deur die 28 jaar het hulle nooit 'n ongeluk gemaak, nooit 'n bus omgegooi of iemand doodgery nie. Want ek het probeer vir hulle indruk dat hulle baie verantwoordelikheid het, dat hulle nie kaffers is nie, dat hulle mense met verantwoordelikheid is. En dit het my vreeslik deur die jare gehelp. As daar 'n begrafnis is, een van hulle familie wat naby is, dan het ek geweet ek moet daar wees, want dit is vir hulle een van die belangrikste dinge onder die son dat ek daar moet wees. Gevolglik kon ek 'n goeie gesindheid al die jare met hulle oprig en naweke is daar 10, 12 busse Lesotho toe, en wildtuin toe, orals oor die land. En dis net een man – hy dryf al die pad. Daar is nie soos vandag waar daar twee mense is nie. Hulle het die verantwoordelikheid besef en hulle het ook gevoel dat ek glo hulle is nie nikswerd goed nie. Dit is baie belangrik.

Nou nog as ek gaan loop – dit is skemer as ek gaan – dan groet ek elke swartman. As jy net jou hand op steek – jy hoef nie 'n woord te sê nie, dit is vir hulle genoeg. Dit is die belangrikste ding, dat jy jou hand opsteek. En nou die huurmotors, as hulle verbykom, as ek die huurmotor nie sien nie, dan "pohp-pohp" hy en waai hulle die hand. En al die swart mense, en ek wil nou traktaatjies kry en elke keer as ek by een van die mense

verby gaan, 'n traktaatjie vir hulle kan gee. Soos ek sê: vir my is dit nou nie so moeilik nie. Ek het saam met hulle grootgeword. Saam met hulle as kinders gespeel.

Albert: Dis die tipe goed wat gaan uitkom in die gesprekke.

Ben: Maar nou 'n rukkie terug het die Kankervereniging iemand gekry om 'n uitstalling te hou van skilderye. Hy het vreeslik baie gebring. En toe vra hulle my of ek vir die man slaapplek sal gee, die blanke. Maar toe hy daar kom, toe het hy 'n swartman met 'n mooi pak klere saam met hom. Toe sê hy ek moet nou nie snaaks (dink) nie, maar ek moet nou vir dié swartman ook 'n bed gee. Lateraan praat ons toe, want die voertuig van hulle het dosyne skilderye, duisende rande s'n. Ek sê toe ek dink hy moet liewer in die kombi slaap, want hulle kan dalk die goed steel. Hy was bietjie teësinnig dat die outa…, maar in elk geval, ek oortuig hulle lateraan en hy slaap toe in … Die môre, hy sê dat ons toe laat die outa saam met ons ontbyt kom vat. Maar ek gee toe vir hom vinnig 'n kossie net toe hy wakker word buitekant. Maar hy het toe kom stort en skeer by my. Maar my probleem is as my bediende nou sien ek gee 'n swartman 'n bed daarso. As haar mense uit Bloemfontein kom kuier moet haar mense saam met haat in daai klein vertrekkie slaap. As sy nou sien ek laat 'n vreemde man op my beddens slaap, my stort en my badkamer gebruik... Jy weet, dit is nog probleme op die oomblik.

Albert: Dit is alles deel van die dilemmas waarmee ons sit, nè Ben. Kom ons kyk gou na 'n paar reëls vir die gesprekke. Tensy daar nog enige spesifieke vrae is? Wat sou ons moet ooreenkom, wat gaan nodig wees dat hierdie gesprekke kan loop, dat ons eerlik met mekaar kan praat sonder dat ons bang is om te sê wat ons wil sê? Wat gaan vir u belangrik wees?

Elsa: Ek sou sê elke mens is geregtig op sy eie opinie. Ons kan nie mekaar aanval as een ou nie dieselfde voel as jy nie.

Albert: Jy is geregtig op jou opinie. (Ek skryf dit op 'n blaaibord neer). En as jy van 'n ander een verskil, dan is dit goed en wel, jy mag maar verskil, maar jy hoef nie die ander een te oortuig nie. Hy hoef nie soos jy te dink nie.

Frans: Ek dink ook onderlinge vertrou in hierdie groep, want dit sal sleg wees as ons 'n paadjie loop en dan môre oormôre lê daar buite stories rond, daai Frans het so gesê. Ek dink 'n mate van vertroue in die groep.

Albert: Die gedagte van vertroulikheid. As ek iets hier sê, dan bly dit hier binne. Ek dink ons sou almal kon saamstem daarmee. Nog?

George: Ek wil aansluit by wat Elsa gesê het oor eie opinie. Ek dink nie 'n mens moet huiwer om jou gevoel rondom iets wat sy nou sou ophaal ook te opper nie, want in dié proses kan ons ook die een by die ander leer. So ek dink nie ons moet enige inhibisies daaroor hê nie om van die ander een te verskil nie. Dit hoef nie noodwendig nie... dit gaan nie op 'n konflik uitloop nie. Ek weet nie of ek myself nou reg oordra nie.

Albert: Ek hoor wat jy sê: dat as iemand sê dit is so en jy dink dit is anders, dan moet jy nou nie dink, nee maar net nou maar is ek weer dwars nie. Sê wat jy dink. Ek dink dit is belangrik. Ons dink nie almal presies dieselfde oor dinge nie, maar as ek eerlik sê wat in my hart aangaan, al is ek al een wat so dink, dan mag ek dit sê. Ek dink dit sluit aan by die eerste punt: niemand mag dit teen jou hou as jy 'n standpunt inneem wat anders is as die ander s'n nie. Miskien moet ek dit gou tussen hakkies sê: Ek weet dat dit 'n vrees kan wees wat van u dalk kan hê. My bedoeling is nie dat u aan die einde van hierdie ag byeenkomste op 'n sekere manier moet dink oor hierdie goeters nie. Ek het nie 'n uitgewerkte plan, of selfs 'n nie-uitgewerkte plan oor waartoe ek met u op pad wil wees nie. Dit is nie waaroor dit vir my gaan nie. Ons hoef nie almal dieselfde te dink aan die einde van hierdie agt byeenkomste nie. Ons moet net met mekaar 'n pad loop, mekaar se hane neem en mekaar help om beter, suksesvoller mense te wees in die nuwe SA: As ons dit regkry, dan dink ek het ons geslaag. Maar ek het nie 'n agenda wat iewers hier agter in my kop is dat ek julle na 'n kant toe wil vat en sê aan die einde gaan almal so dink nie. Regtig nie. Nog? Watter goed is nog belangrik?

Danie: As ek net daar kan byvoeg by eerlik, met respek teenoor mekaar se opinies en persepsies.

Albert: Goed, respek hê vir mekaar se opinies.

Ben: As ek van my ou busdrywers in die straat kry, dat vat hulle my hand. Hulle vat jou mos so en so (hy beduie) en dan groet hulle jou. Nouja, dit pla my nie. Maar ek is 'n bietjie bekommerd die ou kom nou, ek weet nie wanneer nie, met die skilderye, en as daardie man nou werklik… hy gaan verwag ek moet vir hom slaapplek gee.

Albert: Dit lyk my ons sal vir Ben moet help met hierdie praktiese goeters.

Frans: Stuur hom na die dominee toe…

Danie: Ja, hy het mos baie kamers; dis 'n groot huis.

Ben: As dit nie was vir my bediende nie. Sy woon in Botshabelo in Bloemfontein, maar sy werk al jare by my. Maar haar mense kom vir haar kuier, partykeer twee, dan moet hulle in daai huisie van haar, daai kamer moet hulle almal slaap. Dis vir my bietjie 'n kwelling wat ek nie weet hoe om te maak nie.

Albert: Ons sal kyk hope ons vir Ben 'n antwoord kan uitwerk oor die volgende agt sessies. Nog? Hanlie?

Hanlie: Ek het nou net gedink, omdat ek hierdie probleem het om almal in die rede te val. In hoe 'n mate gaan jy as gespreksleier dalk aandui, of gee ons vir jou 'n aanduiding? Gestel sy sê iets en ek wil daarop kommentaar lewer, maar hy wil ook en sy wil ook. Omdat die groep tot groter is as 'n gewone gesels groep. Wat gaan ons doen om 'n aanduiding te gee? Gaan ons effens soos 'n informele vergadering werk, of hoe gaan ons dit doen?

Albert: Ek sy kyk hoe dit gaan. Ek sal probeer om tred te hou met die draad van die storie. As iemand 'n saak het en mense begin daarop uitbrei en daarvan afdwaal, dan sal ek probeer om weer terug te kom na die lyn waarmee ons besig is. Maar ons moet maar met mekaar praat. Dit is 'n oop gesprek en as iemand iets sê en jy het goeie rede om hom in die rede te val… Wag net dat hy 'n punt sit by sy sin en dan sê jy maar. Ek dink ons moet maar praat. Goed, ons sal maar sien hoe dit gaan. Ons is 'n bietjie baie, maar so 'n aanduiding of iets – ek sal dit hopelik raak sien en vir almal 'n geleentheid gee. En as iemand niks sê nie, gaan ek op 'n stadium ook vra wat sê julle hiervan. Jy gaan nie verplig wees om iets te sê as jy niks wil sê nie. Ek gaan niemand forseer om oor 'n onderwerp iets te sê nie, maar tog dat almal 'n geleentheid sal kry. Ons kan maar praat met mekaar. As iemand te veel die ander in die rede val, behou ek my darem die reg voor om te sê: kom ons hoor net gou wat hy of sy te sê het.

Isak: Ons is almal ordentlike, stigtelike mense…

Albert: Ja ek verwag nie moeilikheid van almal van julle nie (gelag). Net van sommige…

?: Hoor wat sê hy.

Isak: Dis soos die studente sal sê *you hijack the floor again*.

Danie: Vandag in die parlement is daar so 'n onderonsie waar die een vir die ander een gesê het *shut-up*. So miskien kan dit ook werk.

Albert: As die mense in die parlement so kan praat, wie is ons…

Ben: Daar is nou dinge wat ons vreeslik kwel deesdae. As 'n mens dink aan die vier direkteure wat die stadsraad wil aanstel…

Frans: Geen kommentaar… (Gelag van die groep)

Danie: Ek weet nie of ons hier daaraan iets kan doen in die groep nie.

Albert: Nee, ons kan waarskynlik nie. Ek wil 'n laaste reël hier noem, een wat ek hier neergeskryf het. En dit sluit aan by geregtig op jou opinie en so aan, en dit is dat ons moet oppas vir etikette. Ons moet mekaar nie wil etiketteer en sê Albert is verkramp en Ben is oorbelig (of wat is daai woord wat hulle op Stellenbosch gebruik het jare gelede). Dat ons nie vir mekaar probeer etikette omhang en in 'n kassie druk nie, want ons is mense en mense kan nie in kassies gedruk word nie. Daarvan is ek oortuig. So, geen etikette nie.

Frans: 'n Mens moet ook seker maak jy verval nie in 'n politieke debat nie. Dit kan maklik gebeur en ek glo nie dit is die doel, of behoort die doel van die gesprek te wees nie.

Albert : Nee, en ek is bly jy noem dit. Hierdie gesprek is nie 'n politieke gesprek nie. Dit is 'n gesprek oor gewone mense en pertinent Christene – en dit gaan spesifiek nog uitkom vorentoe. Ons gaan praat oor die rol van die kerk en godsdiens en ek as Christen. Hoe is ek daarby betrokke? Nee, dit is nie 'n politieke gesprekke nie en ons moet regtig probeer om dit nie in daai rigting te vat nie. Dit is baie moeilik om oor apartheid te praat en oor die ou en die nuwe SA sonder dat politiek 'n rol speel, maar as die fokus is ons is Christene wat in die nuwe SA 'n sukses van ons lewe wil maak, dan dink ek is ons veilig. En as iemand voel nou loop die ding so 'n bietjie skeef na 'n

kant toe, dan is u welkom, sê vir my. Dan kyk ons en stuur hom 'n bietjie na 'n ander rigting as die groep so voel.

Johan: Ek aanvaar Frans praat van partypolitiek. Die hele onderwerp is politiek.

Frans: Nee, nee, nee, dit is wat ek bedoel. Ek dink die eerste een (reël) dat elkeen geregtig is op 'n eie opinie en eerlikheid en respek vir mekaar , spreek amper al klaar aan dat ons polities, partypolitiek, wel van mekaar kan verskil, maar ek dink nie ons moet mekaar probeer oortuig nie. Dit is moeilik om te definieer op hierdie stadium.

Danie: Ek sou ook graag wou het dat ons moet hou by die tyd asseblief.

Albert: Ja, daarom het ek gevra. Ek het op die brief gevra dat ons miskien kwart voor sewe moet probeer bymekaar kom. Kwart voor vir sewe uur. Dan kan ons ons koppie koffie vat en as dit nodig is so 'n eet dingetjie en dan kom sit ons rustig hier sodat wanneer die sewe-uur is, ek die knoppie kan druk op die bandmasjien sodat ons kan begin sodat ons by agtuur se kant kan klaarmaak. Ek kan voorsien dat dit kan gebeur dat ons by agtuur kom en dan sê maar kom ons gee nog so tien minute dat ons hierdie ding net gou klaarmaak. Ek wil tog daai ruimte laat. Ons hou so ver moontlik by 'n uur, maar ons laat vir onsself tog daai bietjie ruimte: so tien minute, meer as dit moet. Maar nou nie dat ons na twee ure se kant toe gaan nie, regtig nie. 'n Uur en 'n half is ook al hopeloos te lank.

'n Ander ding wat wel op die brief staan wat ek dalk weer moet sê: ek wil aan die einde van vanaand se sessie vir elkeen 'n vorm gee – dit is 'n toestemmingsvorm. Ter wille van myself, en ter wille van die proefskrif gedeel te ook het ek u toestemming nodig om dit op band op te neem. As u nie wil hê dit moet op band opgeneem word nie, dan gaan dit sake vir my nogal moeilik maak. Maar u moet kyk daarna en dan moet u dit asseblief vir my teken sodat ek die inligting mag gebruik as ek iets verder daaroor wil skryf. Weereens op die basis dat geeneen persoonlik geïdentifiseer kan word nie. Dit bly anoniem vir die lesers daarvan. Ek sal vir u die vorm aan die einde gee. As u voel u wil dit nie teken nie, as u voel u wil nie deelneem aan so 'n groep nie, is u welkom. Dit sal nie teen enigeen gehou word nie, maar dit is maar die pad wat ons moet loop as ek dit vorentoe wil gebruik.

Nog iets? Goed. Kom ons volstaan dan eers daarmee. Kom ons hou dit in gedagte dat ons dit vir mekaar kan maklik maak om te kan deelneem en ook lekker maak om deel

te neem. Waar gaan ons begin? Wie wil vir ons eerste sê wie hy is en wat hy doen en so aan. Ons ken mekaar se gesigte ten minste, maar name ken ons nie noodwendig altyd goed nie. En 'n bietjie meer van jou omstandighede. Wat werk jy? En wat is jou kwelling. Elsa het nou hier gesê – miskien moet ons nou sommer by jou begin. En net vir ons meer verwoord wat jou swaarkry op die oomblik is rondom hierdie post-apartheid SA en so meer.

Elsa: Ek het 'n verskriklike skuldgevoel oor die verlede wat ek sukkel om te verwerk. En dit veroorsaak dat ek oorkompenseer: my bediendes en ander swartmense met wie ek in aanraking kom – ek is te goed vir hulle.

Albert: Uit skuldgevoelens?

Elsa: Uit skuldgevoelens. Jy weet, dis nie noodwendig net uit skuldgevoelens nie, dis ook deel van my geaardheid. Maar ek maak vir hulle verskoning. Ons tuinhulp, byvoorbeeld, wat nou seker al vyf tien jaar by ons werk. Hy leef onder baie slegte omstandighede in 'n plakkerskamp en hy sorg vir sy ouers en 'n klomp kinders. En hy het in die laaste tyd begin drink wat allerhande probleme veroorsaak. En ek maak vir Benjamin gedurig verskoning. Ek sê net aanmekaar vir Frans, as ek in sy omstandighede moet bly, sou ek ook gedrink het, sou ek tien teen een ook so gemaak het. So dit is die een kant, en tog aan die ander kant, ek probeer regtig, in die diepste van my wese probeer ek om nie rassisties te wees nie…

Albert: Maar daai gedagte van die stuk skuld wat tog iewers in jou agterkop sit.

Elsa: Maar gebeur dit tog dat ek my vervies vir 'n swarte en dan sê: "Jou bleddie kaffer." En ek voel sleg daaroor, maar ek weet nie hoe om daarvan ontslae te raak nie, want dit is so in ons ingeteel, in ons kele afgedruk van kleins af dat swart mense sleg is, dat dit baie moeilik is om daarvan ontslae te raak.

Albert: En skielik is jy weer terug in die ou SA.

Elsa: Ja, veral nadat hulle my kar ook nog gesteel het.

?: Dis net 'n kontribusie tot die RDP.

Danie: Kan ek net iets noem, net 'n opmerking maak. Die een ding is dit hang baie van 'n mens se persoonlikheid af. Hoe jy dit vir jou verwerk gaan kry. Dit ander ding wat ek lankal vir myself uitgemaak het, is rassisme bestaan wêreldwyd. Dit was altyd daar, dit is daar en dit sal altyd daar wees. In hierdie lande wat ook so in oorlog met mekaar verkeer, is dit blank teen blank rassisme. So die punt wat ek net wil maak is dat rassisme ís, was en sal altyd wees.

Albert: Ons het net 'n baie spesifieke toepassing daarvan by ons gehad. Maar na daai punt gaan ons terug kom op 'n stadium, Danie. Hier by die middelste gesprekke voorsien ek dat ons daaroor sal praat.

Danie: Ekskuus, ek wil nie so lank hieroor praat nie, maar in ander lande, is mense... , in Amerika, maar hulle steek dit mooi onder die kombers weg.

Albert: 'n Mens kan die voorbeeld van Australië ook noem. Hoeveel van hulle Aborigenes is oor? Daai argument sal ons moet aanspreek as ons vra wat is my skuld? Wat is ons as blankes se kollektiewe skuld aan apartheid. Ek dink dit is 'n baie geldige punt en ons sal 'n bietjie moet gaan dink oor daai punt.

Goed, Elsa, nog iets van jou?

Elsa: Ek wil net sê die eerste keer toe ek van apartheid bewus geraak het was in my eie ouerhuis toe ek 'n klein dogtertjie was. Ons bediende het byvoorbeeld swart koffie gekry uit 'n blikbeker uit, en my ma het nie botter op haar brood gesmeer nie, net konfyt. En ek onthou dat ek my ma gevra het daaroor – ek kan nie meer onthou wat sy geantwoord het nie, maar hulle het op daardie stadium gesê die swartes is slegter. En ek het met daardie idee grootgeword en dit het van kleinsaf my gepla. Dit was nie reg nie.

Albert: Sy moes ten minste vir jou 'n antwoord gegee het wat jou bevredig het op daai stadium. Iets wat 'n genoegsame antwoord was.

Elsa: Maar ek weet ek het van kleinsaf die gevoel gehad dat dit nie regverdig of reg is dat hulle so maak nie.

Albert: Daai gedagte van regverdigbaarheid is relevant vir ons gesprek.

Frans: Ek het nie rassisties grootgeword nie, maar daar was tog ook die situasie gewees van hulle het hulle eie beker en hulle het hulle eie koppie en so aan. Maar tog het my pa in die aande die swarte wat in daai klein kamertjie bly wat Ben van gepraat het, ingenooi as hulle daar was om saam met ons huisgodsdiens te hou. Ek onthou dit asof dit gister was. My groot dilemma vandag, dink ek, is die – ek het 'n pyn daaroor – is die rol wat die kerk gespeel het in hierdie hele apartheid-psigose. Want ons het so grootgeword (en nou sê ek self wat ek nie… dit is nie 'n politieke debat nie), maar wat van 1948 gebeur het, waar die regering ons geïndoktrineer het, waar in ek groot geword het en wat die kerk, veral die drie susterkerke 'n groot leidende rol in gespeel het, kerkleiers wat op die ou end in die politiek beland het. En dit voel vir my, en ek sê dit tussen aanhalingstekens, asof ons amper 'n geestelike rat voor die oë gedraai is, want dit is wat reg is, dit is soos dit moet wees. Daar is aparte ontwikkeling, segregasie, apartheid – hierdie groot woord. Ek het so grootgeword. My pa het Sondagskool gehou. Ons was daar in die lokasies gewees, skoolvakansies het ons gaan help daar. Kersvakansies het ek my ma gehelp, ons het koekies gebak, kerspakkies opgemaak met ballonne en vir hierdie outjies en dit gaan uitdeel. So, ons het hulle jammer gekry. Maar tog het ek grootgeword dat iewers moet hulle eenkant wees en ek is eenkant. Die kerk het so gesê en die regering het so gesê.

Tot nou die dag wanneer, nou voel dit vir my die kerk het 'n 180 grade draai gemaak. En alles gefundeer uit die Woord van God uit. En dit is my dilemma ek kan eenvoudig nie die kloutjie by die oor kry nie. 'n Mens is nie *stupid* nie, jy lees en jy hoor al hierdie goeters, maar dit voel vir my ons het geblinddoek deur die lewe gegaan. En toe het die regering ook natuurlik 'n draai gemaak... ek dink dit was 'n... As jy gaan kyk na die Broederbond en as jy kyk waar baie van daardie mense vandaan gekom het, dan dink ek het die kerk op 'n groot manier hierdie land regeer. En ek sukkel om met daai ding vrede te maak. Meer ek self, in my eie wese, ek het ook 'n kleintjie daaraan dood dat… ek wil nie elke dag om verskoning vra vir apartheid nie. Ek as persoon het al op 'n punt gekom en gesê vir die liewe Vader waar ek aandeel gehad het daaraan... ek het die sonde bely van apartheid. Dit het ek al gedoen. Ek hou nie daarvan om elke dag… Dit voel net vir my dat ons by 'n punt moet kom soos wat jy gesê het dat ons hierdie goed moet afsluit en moet aangaan in die nuwe Suid-Afrika.

Albert: Ja, ons sal moet. Miskien net gou: ons het elkeen ongeveer so twee minute. Frans, net iets oor jou agtergrond asseblief.

Frans: Die huidige situasie?

Albert: Ja, en ook verder terug.

Frans: O. Wel ek werk vir _____ . Ek is al 28 jaar by hulle. Ek ry baie rond. Ek was vandag byvoorbeeld in die Kalahari gewees. Maar goed, ek is dan nou sedert 1988 betrokke by die plaaslik regering hierso. En ek is deur 'n redelike groot smeltkroes wat dit ook aanbetref. Ons het uit 'n era gekom waar dit uitsluitlik 'n wit raad was en ons het by 'n punt gekom waar ons eers kleurlinge betrek het op die raad want dit was vir ons die regte, logiese ding om te doen op daardie stadium. En daaroor het ons ook baie *flak* gekry. En toe nou deur die hele proses tot waar ons vandag staan in 'n raad waar die meerderheid swart lede is en die minderheid is wit raadslede. Dit was 'n hele transformasie gewees.

Albert: Goed, baie dankie. Ben, u is nou by verre die oudste hier onder ons.

Ben: Wat vir my moeilik is, is my bediende. Kyk, ons eet nie saam nie, maar sy het vandag haar eie borde, messe en vurke wat sy gebruik. Sy eet nie met lepels nie en drink nie uit dit of dat koffie nie. Maar sy het haar goedjies apart. Sy was dit nou wel waar sy myne was.

Sy was haar goed in dieselfde wasbak as waarin sy myne was, maar sy het haar eie goedjies waaruit sy eet. Dit sal nou moeilik wees as daar 'n tyd kom wat 'n mens nou saam moet eet. 'n Mens sal sekerlik daaraan moet gewoond word.

Albert: Dit was nie deel van jou agtergrond om dit te doen nie.

Ben: Ek wonder of daar al iemand is wat dit al reeds doen dat die bediende saam aan tafel eet. (Laggie)

Albert: Dit is deel van ons uitdagings in die nuwe SA –daardie soort van goed. Goed, baie dankie Ben. George? Miskien moet jy eers sê wie jy is en wat jy doen sodat ons weet…

George: Ek is George. Ek werk vir _____ ook al die afgelope 28, 29 jaar. Eers by _____ onderwys gegee vir tien en 'n half jaar – lieflike lekker jare gewees. Sedert 1981 by die saam met Hanlie se man begin, ook lekker jare, tot nou toe nog lekker. Daar het so 'n bietjie verandering ten opsigte van die werkswyse plaasgevind, die

personeelsamestelling en so meer. Ons is tans nege sogenaamde professioneel ouens waarvan 'n derde swartes is, wat ook maar sy aanpassings geverg het. Ons is nog steeds besig met die aanpassings wat as jy saam met iemand werk het jy tog ook maar jou eie agtergrond en kultuur wat jy inbring. So dit is in kort dit. En in aansluiting by wat Frans netnou gesê het: Hy het gesê iewers in die onlangse verlede het die kerk 'n 180 grade rotasie gemaak en alles Skrifgefundeer. Maar die ou bedeling, die apartheidsbedeling, was ook – en ek sê nie Frans het dit nie gesê of miskien misken nie – maar selfs dit was ook dit sterk Skriftuurlik gefundeer – die ou bedeling. Ek is 'n jaar voor die ou bedeling gebore. Ek het daarin grootgeword en ek het dit destyds nie as verkeerd beleef nie want orals waar jy gekom het, was dit die normale manier van doen en dink en tot op 'n sekere stadium het ek geen gewetenswroeging daaroor gehad. Maar later het 'n mens besef dat daar verandering moet kom. Nie omdat dit van buite op jou afgedwing word nie, maar omdat jy self tot die oortuiging kom. Ek meen, onlangs was ek en twee van die swart kollegas na 'n skool in Thabong. Dit is redelike jong manne, die een is 23, hy is 'n kliniese sielkundige en die ander is so 22, ook 'n sielkundige daar by ons. En toe ons daar uit Thabong uit terug ry – nou die eerste keer toe ek daar ingegaan het, ek weet nie wie van julle gaan gereeld daar in nie – as jy hier met Constantiaweg inry, dan gaan jy daar verby daai eerste vier-rigting stop en dan lyk dit vir my is daar so 'n lang reeks geboue wat 'n koshuise is. En daarso is bitter min heel vensters en as 'n mens sommer net kyk na die algemene opset, hoe verwaarloos dit is en hoe alles maar net verder verval, ek meen dit is die indruk wat ek kry, want ek sien nie dat dit verbeter word nie. Toe ons terugkom, sê die een vir my: *Have you noticed the poverty here?* Toe sê ek vir hom: *Yes, I have noticed it*. Hy sê vir my: *I haven't noticed it, because I am used to it. I was born and raised here.* En dit het nogal 'n geweldige indruk op my gemaak. En toe dink ek maar net in 'n sekere mate, dit het my toe getref, in 'n sekere mate is dit 'n onregverdige bedeling, want ons is aan 'n hoër standaard as hulle gewoond, en dadelik toe verplaas ek my terug na my eie huislike opset. Jou bediende wat elke dag van haar omgewing af inkom, na joune toe. Dis ook mense met 'n gevoel, dis ook mense met 'n strewe na beter en hoër. Dink dan net watter wrewel, wroeging, opstandigheid moet hulle miskien in hulleself ervaar, teenoor u. Ek dink as mens 'n paar vraelyste kan opstel en dit na hulle deurgee – om hul gevoel ook gereflekteer te kry, 'n breër siening kry as net ons s'n.

Albert: Hanlie?

Hanlie: Baie van dieselfde gevoelens het ek ook al ondervind, maar deur die omstandighede reeds baie anders tog. Ek weet nie hoe jy wil hê 'n mens moet

teruggaan nie. Ons is nou al klaar by hoe apartheid in jou lewe gekom het. Ek het geen probleem met die aanvaarding van enige persoon, maak nie saak wat sy kleur is nie. Ek het geen probleem met saam eet, 'n tafel deel of iemand in 'n bed laat slaap nie waar ek die vorige nag in geslaap het of so iets nie. As dit nou moet baie kort wees om te sê waar ek staan.

Ek het wel ook groot probleme met die kerk deur die tydstip gehad, waarvan ek dink jy ook kennis dra. My groot slegvoel, is dat ek gedink het dat ons met die nuwe bedeling dan aanvaar sou word en dat ek op die oomblik die gevoel het dat apartheid soveel kwaad gedoen het, dat dit baie lank gaan vat voordat 'n blanke werklik aanvaar sal word deur ons swart landgenote. En dat ons géén kennis dra van hulle werklike gevoelens teenoor ons nie, en dat ons dink dat om saam te werk, of om vriendelik te groet, die oplossing is. Maar dat dit nie eers 'n merkie op die oppervlakte laat nie.

Albert: Goed. Baie dankie. Charlie?

Charlie: (verwyder omdat hy nie wou deelneen aan die proses nie)

Albert: Baie dankie, Charlie. Johan?

Johan: Ek is die oudste van 'n reeks _____ hier in 'n ry. Ek werk nou in die personeelafdeling in _____. Ek stem met Charlie en met Hanlie saam oor die siening van swartes huidiglik. Vir my is dit 'n mens met waardes soos enige ander mens, maar hier is heelwat dinge wat my pla: die gedurige skuldgevoelens wat ons gevra word om te hê. Ons het nou gepraat van die beleid van apartheid, vir my was dit 'n sosio-politieke proefneming gewees. Die intensie oorspronklik daarvan was om nie ander mense seer te maak nie. Dit het skeef geloop. Dit is my siening daarvan so almal kan weet waar staan ek daaroor in die gesprek vorentoe. Die Waarheids- en Versoeningskommissie, dieselfde storie, ek dink alles word nou aan die klok van apartheid gehang. Ek dink nie die De Kock-e en die Bosmans is noodwendig apartheidslagoffers gewees nie, dit was *plain* misdadigers, dit nie te sê omdat hulle sulke dinge gedoen het was die sosio-politieke poging van apartheid noodwendig so verkeerd nie. Dit is my siening daarvan. Ek stem ook saam met Danie, rassisme sal altyd bly, ook die mite van ons, die reënboog nasie, sal nooit werk nie – die toekoms sal dit nog leer. Ek weet nie hoe die geskiedenis boeke oor 200 jaar sal lyk nie, ons moet aanvaar ons is mense wat verskillend is, maar op een of ander manier sal ons dit in hierdie land moet regkry.

Albert: Karin?

Karin: Ek werk by die _____ van alle rasse, en kom in Kutlwanong en Thabong baie gereeld, ek ry baie keer alleen daar, ek ry baie keer saam met my hulpwerker daar, ons werk onder al die gemeenskappe. Ek het ook die ervaring, alhoewel ek (onduidelik) gedoop is, raak hulle maar vir my ook kwaad raak, en hou hulle glad nie van my nie veral as dinge nie loop na hulle sin nie. Ek glo ook dat apartheid altyd in 'n sekere mate daar sal bly, hulle vereenselwig nie heeltemal daarmee dat daar 'n mengery is nie, en my ervaring is dat my swart kollegas wat saam met my werk, word van tyd tot tyd beskuldig dat hulle saam met die wit “legoa” eet. Dis 'n sêding om te sê dat ons staan saam teen die gemeenskappe wat nog buite staan. Daar is uitsonderings, ek het baie positiewe belewenisse al daar gehad, ek het nog nooit traumatiese ervarings in die swart gemeenskappe gehad nie. Hulle het my nog nooit sleg behandel nie, maar daar is maar baie onderstrominge en konflik situasies. Ek raak partykeer baie kwaad, baie moedeloos, so dis 'n mengsel van alles.

Albert: Dankie. Isak?

Isak: Ek werk van '87 af. Ek en George het goeie jare gedeel by _____. Daarna het ek 'n draai by _____ gemaak vir een jaar in die personeelafdeling. Daar het ek vir die eerste keer met swart mense te doen gehad; agtergekom dit is egter 'n faktor. Ek het so wit grootgeword, hierdie mense is absoluut twee wêrelde van mekaar af. Tot ek nou in '87 reg midde in Thabong geland het. Wat weer 'n hele geskiedenis op sy eie is. Ek het in 'n huis grootgeword wat 'n apartheidshuis was. Ek is nou nog so verstom dat die Afrikaners so 'n onwrikbare geloof in ons kerkleiers gehad het, en ook ons politieke leiers. Dit was 'n groot prestasie as kind om al die ministers se name te kon opnoem. Dit was nasionale helde. Die wit mense wat daardie beleid bevraagteken het, is uitgekryt as kafferboeties en kommuniste. In so 'n mate… Ek sê nie ek is onskuldig nie. Totdat jy begin om die ander deel van die wêreld te sien. Van '87 en '88 af het ek baie trauma ervaar, ek was al in die nag en dag deur Thabong wees, ek was in die mense se huise gewees, ek ken die mooi en die lelik, ek ken die hartseer, ek ken die emosie, ek het dit ervaar.

Oor apartheid het ek redelik vrede in my hart, ek besef dit was nooit reg nie, maar jy kan verskeie argumente aanhaal – jy kon sê dit was al manier waarop ons kon oorleef. Ongelukkig is die Afrikaner kultuur so ingebed by die geskiedenis van apartheid, dat dit

baie moeilik vir my is om te sê ek wil vreeslik graag my Afrikaner kultuur bewaar en beleef, want dit is ingebed in dit wat ons ervaar het. So daarom het ek begin voel ek het 'n wêreld burger geword. My ervaring aan die nader kant in die werk waar ek is. Ek is by die _____ in Thabong. Ek het geweldig baie blootstelling op redelik baie vlakke. Jy kom by die *launching* van 'n projek hier in Kwa-Kwa, dan kom die Direkteur-Generaal, of die Acting Director General en hulle kry punte as hulle met hulle mense praat, hy kry regmerkies as hy begin uitbrei oor die wit mans, die blanke mans, wat altyd gedink het dat hulle so wonderlik goed is. Dan word daar eintlik met jou gespot, dis hoe ek dit ervaar, ons is 'n bedreigde spesie. Tot jy op 'n stadium kom wat jy sê maak klaar met hierdie formaliteit – dat ek kan aangaan met my werk. Dit is eintlik omgekeerde diskriminasie. Dit is my ervaring, in my beroep is ek afgesny. Ek het so ver gekom as wat ek kan kom. Die Wet op gelyke geleenthede sê jy staan nou agter in die ry, as jy die kortlys haal. Jy moet vrede maak daarmee. In die werksituasie: *If you can't beat them, you must outlive them.* So ek het die studente oorleef. Hulle het my gedoop *Father of the house* wat ek as 'n groot voorreg beskou. Daai deel het ek by die kollege gewen. Nou het SADOU, die swart onderwys vakbond besluit die kollege is die *battlefield*. Jy leer om met dit saam te leef. Ek het geleer in Thabong, jy kan vir jou 'n koninkryk bou, jy kan dink jy is sterk, maar dit word net so onder jou uitgeruk, ek dink dit is wat die meeste van ons ervaar in die nuwe Suid-Afrika. Uiteindelik weet jy jy gaan vanoggend werk toe; as jy vanmiddag terugkom van die werk af, sê jy “Here, dankie”.

Albert: Isak, baie dankie. Linda?

Linda: Ek is Linda ook 'n _____. Ek was gelukkig om in 'n pastorie groot te word. Ons het nie in ons huis 'n probleem met apartheid gehad nie. In my huidige werk ook het ek nie 'n probleem nie, want ek het 'n persoonlike siening dat geen mens kom op jou pad waaruit jy nie kan leer nie. Ek het self ervaar dat mense uit Thabong, al is hulle eenvoudig, al doen hulle 'n eenvoudige werk, is hulle gesiene persone in hulle gemeenskap wat gerespekteer word en hulle sit met 'n geweldige mensekennis wat jy regtig by hulle kan leer, terwyl jy gedink het jy is een wat vir hulle kon leer. So daar het redelik verandering gekom. Ons het eergister vergadering gehou in Bloemfontein, Albert was ook daar. Ek kon net nie glo dat ek in hierdie nuwe SA, in 'n kerkorgaan sit waar daar sulke besluite geneem word nie. Dit is nou 'n heel ander raamwerk waaruit jy dinge doen en besluit, wat vir my soms baie moeilik is, maar mens moet maar kyk of jy nie hulle metodes ook kan gebruik nie, hulle s’n is nie altyd verkeerd nie, dit was net jou raamwerk waarbinne dit vir jou verkeerd gelyk het. Daar is definitief baie aanpassings, maar ek geniet baie keer hierdie uitdagings.

Albert: Baie dankie Linda. Danie, jy het die laaste woord.

Danie: Ek is Danie, ek is werksaam by _____. Ek is hoof van die _____ van die Goudvelde. Ek het die voorreg gehad om ook in 'n huis groot te word waar ek kon identifiseer met baie van dit wat vanaand hier gesê is. Daar het veral baie Kleurlinge en Indiërs by ons aan huis gekom om by my pa te kom kuier, so vir my was dit nooit iets snaaks nie. Ek het netnou hier in my boekie gekyk. Die eerste referendum wat ek bevoorreg was om my persoonlike stempel op af te druk, was in 1983, ek was geweldig in die politiek betrokke. Iets was vir my baie belangrik is, is respek vir mekaar, maak nie saak van watter velkleur of watter etniese groep jy is, of selfs geslag nie. So hierdie dinge was vir my maklik om te aanvaar, selfs om jou tuinjong saam met jou te laat ontbyt eet is nie vir ons 'n probleem nie. Maar ek beskou myself tog ook as 'n slagoffer van my tyd, want die ouens wat primêr vir hierdie situasie verantwoordelik is, is nie vanaand hier nie – daardie spesifieke ouderdomsgroep. Die regstellende aksies het my ook reggesien, dit was vir my 'n geweldige traumatiese ervaring gewees, 'n skok, maar ek sien ons gaan later daaroor praat.

Albert: Ek wil laastens net iets oor myself sê. Ek kan identifiseer met baie wat hier gesê is. Die groot ding wat vir my uitstaan, is die idee van twee wêrelde. Ek dink nie ons het besef hoe ver van mekaar die twee wêrelde verwyder is waarin ons grootgeword het nie. Daar waar ek grootgeword het, was dit letterlik 'n kwessie van ons het aan die westekant van die treinspoor gewoon, en aan die oostekant van die treinspoor was die kleurlingarea, soos ons gesê het die Hotnots en die Slamse het daar gewoon. Die stukke wat soos op die nuus was gister en vanoggend, Wetton, waar die bomontploffing was en Lansdowne, is waar ek grootgeword het, en die Kleurlinge was deel van die wêreld waarin ons geleef het. Ons het by 'n “koeliewinkel” goeters gekoop, dit was die winkel waar ons gekoop het, die ou se naam was Ghandi gewees. Maar dit was al, dit was ons kontak met daai wêreld, verder niks.

Ek onthou kleintyd het ons altyd na my ouma toe gestap. Sy het aan die anderkant van die treinspoor gewoon, maar daar was nog 'n skeiding, aan die linkerkant, die noordekant was die kleurlinge en die regterkant… Ja, dit was waarskynlik gemeng gewees op daardie stadium, ons het op 'n stadium daar gebly, maar ek weet daar het ook kleurlinge gebly. My ouma het daar gebly. Soos jy oor die brug gestap het, het jy afgekyk na Ghandi se winkel, en langs hom was 'n groot motorhuis se muur, en op die muur het daar net sulke groot rooi letters gestaan ‘BAN APARTHEID”. Dit was seker

hier in die jaar ’63, ’64, ’65, daar rond, en dit is die eerste wat ek van apartheid gehoor het. En vir jare het daai ding teen die muur gestaan, totdat iemand dit op 'n stadium gaan doodverf het. Dit onthou ek.

Ek deel met Danie die siening, dat ons ook in 'n mate maar slagoffers was van apartheid, weliswaar 'n bevoorregte slagoffer, ons kan nie ontken dat ons nie besonder bevoorreg was nie, maar die situasie waarin ons nou sit, het ons ook in 'n sin geërf, dis nie net ons handewerk nie en veral ons kinders en die mense wat jonger as ons is, hulle het iets geërf waarin hulle miskien glad nie 'n aandeel het nie, dit gaan vir hulle lank vat voordat hulle hulle voete gaan vind, in die nuwe post-apartheid Suid-Afrika, en dis hoekom ons hierdie groep het. Dit is vir my belangrik dat ons hierdie post-apartheid Suid-Afrika laat werk, hy móét werk. As ons hom nie gaan laat werk nie, dan is daar nie 'n toekoms nie. Ons is die mense wat hierdie ding moet laat werk, vir ons maar veral vir ons kinders. En dit is my sê.

Laaste opmerking voor ons afsluit?

Ben: Toe ons by die kinderhuis was, was daar 26 swartetjies daar, saam met die 116. Toe het die dame daar gesê, daar is geen probleme nie, die blankes aanvaar daai swartetjies en daai swartetjies is gehoorsamer as die blankes. Hier by Toronto Place, is daar 'n klomp kleuterskole, daar is omtrent die helfte swartetjies daar, as hulle in hulle rye staan of so, is dit nie een ry swart en een ry wit nie, dit staan langs mekaar en deurmekaar en doen als saam, eet saam, dieselfde goed. So vir hulle gaan dit baie makliker wees.

Albert: Ek dink Ben is reg, die kinders wat nou nog deur die skool fase moet gaan, hulle gaan dit makliker hê. Ons is in die moeilike posisie, ons wat nou nog halfpad met ons voet in die ou bedeling gestaan het en met ons voet in die nuwe bedeling.

Danie: Net 'n laaste opmerking oor iets wat Ben vroeër vanaand gesê het: oor die kerk, maar ook oor die media. My kinders het in my huis groot geword, dat hulle sê vir die swartman en swart vrou, oom en tannie, wat vir baie mense onaanvaarbaar is. Totdat hulle ook op 'n stadium blootgestel is deur die media dat dit 'n oom of 'n tannie is, dit is ook vir my 'n interessante blootstelling waaraan ons almal onderwerp word, ons moet nie die mag in media onderskat nie.

Albert: Nouja, daaroor sal ons volgende week gesels.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid** – Gesprek 2: 13 Augustus 1998

Albert: Ons gaan lekker gesels, ek het laas week gesê Naomi en Mike gaan nie hier wees nie, nou is hulle hier. As julle daar wil invul: Albert is ekself. Ek sal volgende keer as ek vir julle die transkripsie gee, een gee wat die name by het. Maar ons moet nou daaroor praat. Vir wanneer ek dit vir ander persone gee, wat ek vir hulle kan gee. Ben is Ben. Ek het nou maar net gevat soos wat ouens gepraat het verlede week. Die wat eerste gepraat het was Albert, toe Ben en so aan. Ons sal sien wie Mike en Naomi is, afhangende van wie eerste praat van Mike of Naomi. Die ou wat eerste praat is Mike. Julle twee, ons het van julle nog toestemmingsbriewe nodig. Ek het nog nie almal se toestemmingsbriewe gekry nie, die wat nog nie geteken het nie moet tog vir my laat kry asseblief.

Ek het nou 'n mooi uitdruk gemaak van my beplanning van vanaand, ek is mooi georganiseerd. Nou blyk dit by die huis te wees. Oor die transkripsies net die volgende: ek het probeer om in daardie transkripsie net die name uit te haal, maar ek het nou na die tyd toe ek hom weer deurgelees het, gedink 'n mens moet dalk ook herkenbare gegewens uithaal. As Danie byvoorbeeld sê hy werk by _____, dan moet mens dit uithaal, vir wanneer ek dit vir ander mense gee. Vir ons is dit nou uiteraard nie 'n probleem nie. Ek is jammer as daar nog mense se name in is, ek het probeer om almal uit te haal. Ek sal dit uithaal en dan alle ander gegewens wat mens kan identifiseer.

Ons het laas die reëls vasgestel vir die vergadering, julle sou dit gelees het in die transkripsie, dat ons maar eerlik ons menings kan gee en dat ons nie ons standpunt hoef te verdedig nie. As dit jou mening is, is dit jou mening en jy is geregtig daarop, niemand gaan met jou stry daaroor nie, ons gaan met mekaar debatteer maar nie met die doel om mekaar te oortuig nie. So al verskil jy van al die ander ouens, geen probleem.

Toe Johan verskoning gemaak het, het ek 'n stuk op skrif by hom gekry waaroor ons vanaand gaan praat. Dit is vir my baie interessant, ek gaan dit nie lees nie, dit gaan te veel tyd vat, maar ons temas vir vanaand – ek het mos vir elkeen so 'n briefie gegee met die temas. Ek wil weer sê wat ek laas gesê het: ons moenie dink aan hierdie temas wat ek in die begin noem as vrae nie. Ons moet dit nie soos vraag en antwoord behandel nie. Ons moet praat oor apartheid en spesifiek rondom hierdie temas: Hoe het apartheid in jou lewe gekom (daaroor het ons laas keer so 'n ent gevorder), watter

rol het dit in jou lewe gespeel?, hoe het ons oor apartheid gedink?, wat was die dominante diskoerse of dominante stemme in die apartheidstyd?, wat het die stemme gesê, en daarmee saam wat is nie gesê nie, en dan miskien in terme van beelde waarmee ons apartheid sou wou beskryf. Dit is maar min of meer wat ek in gedagte het, maar ek sê weer: Die bedoeling is nie dat dit 'n vraag en antwoord styl moet wees nie, ons moet mekaar in gesprek gaan.

Miskien kan ek net ter inligting sê, vir die beplanning vorentoe het ek gedink dat ons by die derde sessie meer gaan fokus op die swart siening van apartheid, hoe het hulle dit gesien, wat was die effek daarvan op die swartmense gewees. Die vierde sessie gaan ons praat oor die kerk en die rol van godsdiens spesifiek, die vyfde sessie gaan ons aan daarmee en gaan ons praat spesifiek oor skuld, was apartheid inherent boos gewees, of was dit 'n goeie ding wat skeef geloop het, 'n fout, die rol van die WVK. By die sesde sessie gaan ons aan met skuld en dan ook die lyn probeer deurtrek om dit persoonlik te maak. Die sewende ene gaan dan nou wees ons reaksie op skuld, hoe gaan ons dit vorentoe hanteer. Dan kom iets soos regstellende aksie in, en ons laaste byeenkoms op 5 November gaan ons praat oor die pad vorentoe. Iewers langs die pad, moet ons Nazi-Duitsland inbring. Persoonlik sien ek heelwat parallelle tussen ons situasie en dit wat tydens die tweede wêreldoorlog in Duitsland gebeur het. Ek sou graag 'n paar gedagtes daaroor wou deel. Goed, wie wil nou die bal aan die rol sit?

Elsa: Ek wil graag 'n opmerking maak oor verlede week, dis net 'n stelling wat ek wil maak. As ek nou so geluister het na ons almal, en wat ons gevoel is oor apartheid en vir ons almal nog altyd was, is dit vir my bitter snaaks dat daar ooit apartheid in ons land was.

Hanlie: Ek wil daarop reageer. Wat vir my nou weer getref het toe ek deurgelees het, was dit vir my opvallend hoeveel mense gesê het "ek is nie rassisties grootgemaak nie" of "ek is nie 'n rassis nie", maar direk daarna in die volgende sinnetjie sê ons dan iets wat absoluut rassisties klink. Ek wou graag vanaand gesê het, moet ons nie miskien as terugblik op verlede week, net eers vir onsself almal hier duidelikheid kry oor wat bedoel ons as ons praat van rassisme nie. Miskien sien ons dit almal dieselfde nie.

Albert: Ek dink dit is 'n baie geldige punt wat jy maak, ek het dit ook opgetel, dit was ook my vraag. Die spottery: daar was niemand wat nog ooit vir die Nasionale Party gestem het nie, dis die gangbare ding. Toe ek hierdie transkripsie deurlees, toe dink ek ook – as dit waar is, hoe het dit gebeur dat daar 'n beleid was wat ons as apartheid

geken het, met al sy uitwasse, al sy negatiwiteite sonder dat ons daarop gereageer het. Of is ons nou van die wa af?

Hanlie: Of is elke mense in sy wese 'n rassis?

Isak: Ek dink wat Hanlie sê, is dat elke mens in sy wese 'n rassis is. Ek dink miskien in 'n mate, uit ervaring toe ons dogter die eerste keer in Frankryk kom. Hulle seun het hierdie meisie uit Afrika uit. Toe sy begin om die mense te ontmoet, was daar onmiddellik hierdie vrae oor apartheid, nou begin mens verduidelik – nog deur tolke ook – die ding van net blankes mag op hierdie bankie sit, en net blankes mag in hierdie parkie sit en verskillende rye en almal het ge-oe en ge-aa daaroor. En toe sy die een ouma ontmoet was haar eerste reaksie toe sy met haar praat, weet jy, ek is verlig om te sien jy is darem nie swart nie. Almal het hierdie vreeslike persepsie oor apartheid; jy mag net nie rassisties wees nie, en tog "ek is so bly jy is nie swart nie".

Albert: Iemand het laas week gesê, dit 'n ding wat dwarsoor die wêreld gebeur, en 'n ding wat gaan bly.

Danie: Die gedagte is apartheid was, is en sal altyd wees.

Frans: Ek wil net sê, in die res van die wêreld word dit dalk net nie apartheid genoem nie, dis klasse verskille of stand verskille of status of rykdom. Ek het nou al die voorreg gehad om 'n paar keer te kon gaan rond te beweeg oorsee. 'n Mens kom dit tog agter. Ons noem dit apartheid want dit is swart en wit wat uitmekaar gehou word, maar in die ander dele van die wêreld gaan dit oor klasse of stand verskil.

Elsa: Nie noodwendig nie, daar is gewoonlik kleur by. Jy kan maar gaan kyk in party van die Amerikaanse State, werk die, wat hulle noem, Latino's. Dis mense met 'n effense bruin kleur. Dit gaan gewoonlik met kleur gepaard.

Albert: Wat maak Suid-Afrika dan nou so sleg? As julle dan nou sê dit gebeur orals, hoekom hierdie hengse klomp stof oor ons?

Isak: Ons was naïef, en ons was eerlik.

Hanlie: Nee, omdat dit op die wetboeke was, in die meeste ander land was dit…, wel ná Amerika se groot…, na Luther King is dit afgehaal, maar Suid-Afrika s'n het op die wetboeke gebly, daarom het ons in die kollig van die wêreld gestaan.

Mike: Ek dink dit is wel waar dat dit wetgewing was daardie tyd, daar was tog 'n tydperk wat wetgewing het my nie verhoed om een van hulle te nooi om saam met my te eet nie, met ander woorde indirek was die wetgewing dalk 'n verskoning vir ons, ons het niks anders geken nie. Dit het vir ons toe 'n leefwyse geword, hier in die vroeg 50, 60 jare was dit vir ons hoe ons grootgeword het, dit was 'n leefwyse. Dit het nie vir my gegaan of dit 'n politieke besluit was, of die regering dit besluit het nie, dit het my gepas en om nou 'n leefwyse te verander, is nie maklik, en daarom moet wetgewing iets daaromtrent doen. Maar daai leefwyse is waarmee ons nou moet sukkel, om ons leefwyse te verander. As mense sê: ons was nou wel nie rassisties nie, maar ons het ook gestem vir daai mense, dan is dit waar dan is dit ook nie noodwendig so verkeerd nie, want as jy lewe volgens hoe jy grootgeword het, is dit verkeerd aan die een kant as jy mense benadeel, maar as jy nie weet nie van beter nie, hoe kan jy dan glo daai tyd dis verkeerd? So ek dink dis die leefwyse waarvolgens ons grootgeword het, dis nie noodwendig ….

Hanlie: Ek het net bedoel die wetgewing ten opsigte van waarom Suid-Afrika dan nou in die kollig van die wêreld gaan staan het, al het ons erken dat in die meeste lande bestaan 'n tipe rassisme en elke ou dink dikwels omdat hy daardie spesifieke ras is, is hy beter as die ander.

Mike: As daar nie rassisme was nie, sou dit dalk ook gebeur het, maar niemand sou daaroor bekommerd gewees het nie.

Danie: Ek dink wat sy sê is reg, en ek kan dit bewys. Ek dink in elke tydvak gebeur daar dinge wat verkeerd is of reg is, die volgende groep sien verkeerd daarin en so skuif dit aan. Ons kinders sal weer iets sien wat ons verkeerd gedoen het, selfs in vandag om te verander, en so skuif hierdie ding aan en aan en aan. Kan ek miskien net iets sê, ek probeer altyd na 'n probleem of situasie baie wyer kyk as wat normaalweg nodig. Ek het bietjie navorsing gedoen, ten opsigte van dit wat jy gesê het. Waar kom apartheid vandaan? Ek het op baie interessante feite afgekom. Ek het so 'n klompie inligting wat ek wil noem hier.

Die probleem het nie begin in 1948 met die aan die bewind kom van die Nasionale Party nie. Ek het hier geskryf 1948 se sonde van apartheid is omdat dit saamgevat is in wette, verfyn is in verdere wette. Dit kom al van 1869, 1867. In 1884 is die woorde "lokasie wette" al gebruik en dit is ingestel deur die koloniale regering van daardie tyd, Wet 33 van 1892. 1894 was die Glen Gray-wet, wat gehandel het oor grondbesit, dit is ingestel deur die Kaapse Eerste Minister, by name Cecil John Rhodes. In my navorsing was die draaipunt gewees, en die grondslag was gewees in die berugte Naturelle grond-wet van 1913. Die van u wat kan onthou, op 6 April 1652 het 'n groep hier aan die Kaap aangekom en 8 jaar later is die eerste apartheidswet ingestel. In 1660 is 'n heining geplant van Bitter-amandel bome om die Kaapse Vlakte van die binneland af te sny, en dit het gegaan om die Khoi-Khoi en die blankes op daardie stadium uit mekaar te hou. Hier is spesifieke groepe wat 'n baie sterk invloed gehad het op al hierdie wetgewing. Die VOC, dan die Britse Imperialisme, die oorheersing wat daar plaasgevind het, die 1820 Setlaars wat aan die Kaap aangekom het en dan natuurlik ook binne die konsep van die Anglo-Boereoorlog.

Albert: Kan ek gou iets daarop sê? As mens nou teruggaan na die Britte toe, kry jy die idee dat hulle manier van dink was "ons is beter as die ouens wat ons koloniseer". As mens byvoorbeeld die fliek Ghandi kyk, hoe hulle in Indië aangegaan het, hoe hulle daai klomp ouens daar in die plein bymekaar jaag en met masjiengewere doodskiet, letterlik by die honderde. Nou kan mens in 'n sekere sin sê dat jy dit kan verstaan dat hulle dit hier by ons gedoen het, ons blankes se behoud in 'n sekere sin, tot 'n sekere mate, was dat ons deels van Europese oorsprong was. In die tweede Vryheidsoorlog kan mens ook sien, dat die Britte het ook ons as die blanke inwoners van Suid-Afrika beskou as minder. Presies dieselfde ding.

Danie: As mens nou kyk na die aandeel van die oorlog, jy praat van Ghandi. In Natal het op daardie stadium die Indiër-Immigrasie-Wet, wat op daardie stadium ingestel is, was Ghandi een van die voorlopers van die protes optogte in daardie tyd, en dit het daartoe gelei en die gevolg van 'n versagtingswet op die Indiër Immigrasie Wet, want die Indiërs het toe die blanke bevolking oorheers wat getal betref in Natal. Ek noem nog graag die volgende: Europese Filosowe, Amerikaanse Revolusie en natuurlik die Groot Trek ook. Hier is 'n 150 jaar van absolute swak bestuur deur die Kompanjie. Boere was op hulleself aangewese en so meer, en so meer. U kan gaan kyk na die geskiedenis en die omstandighede van Slagtersnek, baie interessant. 1663, aparte skole vir swartes. 1678, die VOC verbied veelrassige saamleef, die straf: drie jaar op Robbeneiland. 1680 het die VOC partytjies met swart vroue verbied, dieselfde tyd –

geslagsverkeer word verbied tussen blankes en Khoi-Khois. 1685 – die wet verbied huwelike tussen blank en swart. Kan u hoor watter datums is dit? Dit is wat ons gesê het, die NP het hierdie rasse wette geërf en dit verfyn, hulle praat van hulle het dit gesistematiseer. So kan ek aangaan, die van u wat vir Lord Milner onthou, hy was die hoë Kommissaris van Brits-Suid-Afrika, die goewerneur van Kolonies, hy was baie sterk gekant teen politieke mag vir swartes. Die Vrede van Vereniging wat gesluit was, Artikel 8 het gelui dat blanke meerderheid 'n voorwaarde was vir swart stemreg. Die Naturelle sake kommissie wat in 1903 aangestel was deur Milner, het gekyk na gebied skeiding, 1903, blank-swart ten opsigte van verblyf en grondbesit en ook beoog die vestiging van lokasies vir stedelike swartes. Dan ook onder die Naturelle sake kommissie, die blankes verteenwoordig swartes in die regering. Dan was daar 'n Ordonnansie 5/1876 wat grondbesit in die Vrystaat verbied het vir anderskleuriges. Die ANC protesteer teen die Naturelle grond wet van 1913, die swartes maak beswaar teen die bepalings van die grondbesit en nie teen gebiedskeiding nie. Militante vakbonde in die tydperk 1880 – 1890... was daar 'n Engelsman in beheer van hierdie vakbonde, in hulle geskrifte is daar gevind hierdie manne het gepraat van *the dirty, evil, smelling kaffirs*. Dan was daar 'n slagspreuk *Workers of the world, fight and unite for white South-Africa*. Genl. Hertzog, die nuwe eerste minister van daardie tyd het die arbeidswetgewing ingestel en onderskeid tussen beskaafde arbeid en onbeskaafde arbeid. Die Wysigingswet op Myne en Bedrywe van 1926, het werkreservering op 'n kleurbasis baie strenger gemaak. Die Fabriekswet van 1918, die minister van Arbeid, dit het gegaan oor die indiensneming van blankes teenoor nie-blankes, hier kom afsonderlike fasiliteite, toilette, ruskamers ensovoorts. Dit is waar dit begin het. Die Nywerheidsversoeningswet van 1924 is hier onderhandel oor indiensnemings-voorwaardes en slegs die blankes, die kleurlinge en die Indiërs kon onderhandel, maar nie die swartes nie. In 1936 is die Kaapse stemreg vir swartes afgeskaf, dis hoekom ek sê dat 1948 was nie die beginpunt van apartheid nie.

Albert: Sal jy dit op 'n stadium vir ons op skrif sit, daar is 'n klomp goed op jou aantekeninge wat jy nie gesê het nie. Hier kom nou twee goeters uit. Dit is wat ons geken het, ons het niks anders geken nie, daarom het ons so opgetree. Toe jy nou sê van werkreservering in terme van kleur, toe dink ek onmiddellik aan ons werkreservering op hierdie stadium in terme van geslagte. Daar was nou die dag vir die eerste keer 'n vrou wat 'n onsetter geword het, of 'n banksman. Op hierdie stadium dink ons dit is 'n sinvolle reëlings om te sê 'n vrou mag nie ondergronds gaan werk nie en ons kinders gaan waarskynlik terugkyk en sê "hoe kon julle so seksisties gewees het".

Isak: Ons het niks anders geken as apartheid nie. Nou kan mens maklik terugkyk en sê al hierdie agtergrond wat ons nou gekry het, dis gegewe feite. Maar ons kan sê in 1948 het die regering wel 'n keuse gehad, of ons kan dit verfyn of ons kan die ander pad loop.

Albert: Maar was daar nie ook ander stemme nie?

Danie: Met hierdie verfyning, of andersheid dink ek moet ons begrip hê vir hoekom dit gedoen is. Ewe skielik is die Afrikaner aan bewind, en wat doen hy nou, dit gaan nou om oorlewing, om dit waarvoor hy soveel jare geveg het, ewe skielik is hy in beheer, wat gaan hy nou doen? Wat is die mees moontlike wat nou gaan gebeur?

Albert: *Charity begins at home*.

Hanlie: Ek dink dit is deel van die mens se sonde. Die oomblik wat enige persoon, maak nie saak watter kleur of ras hy is nie, die mag in die hande kry, dan misbruik hy dit. Dan noem hy dit ook oorlewing vir sy groep, en dan sê ek kan ons baie verder teruggaan as George van Riebeeck en ons kan na baie ander wêrelddele ook kyk, gaan jy dit oral kry. Die groep wat die mag in die hande het, misbruik dit.

Elsa: 'n Mens sou net dink, dat soos die mens meer beskaaf of slimmer raak, dat 'n mens sou agterkom – jy kan nie 'n ander mens so behandel nie. Apart sit, en hy mag nie dit en dat nie.

Albert: Is dit wat met ons gebeur het? Dat ons op 'n punt gekom het wat ons besef het, jy kan nie… Ons het nou gehoor van 'n klompie stemme, die geskiedenis praat hard as mens so grootgeword het maak jy maar so jou ma en pa en ouma en oupa gemaak het. Daar was tog ook ander stemme wat ons koppe geswaai het.

Hanlie: Wat vir my moeilik is in hierdie gesprekke, jy het gesê ons moenie hou by die ding nie, maar nou gaan ons al by was daar ander stemme, terwyl ek nog wil praat oor hoe het apartheid in jou lewe gekom. Mag ek nou teruggaan na dit toe?

Albert: Ja jy mag teruggaan.

Mike: Ek dink vir my wat gebeur het, ons het die andersheid, – ek wil 'n ander woord vir apartheid gebruik – dit was daar gewees, en ek dink die regering het 'n kleur daarby

gesit. In ons jong dae hoe het ons mekaar, as ons praat van die Rooinekke en die souties en die Dutchman en daai goed, daar was net so 'n vete en feitlik 'n apartheid tussen die Engelssprekendes en die Afrikaanssprekendes in die klein dorpies. Ons het mekaar vermy soos pes. As die regering nou gekom het en gesê het, Engels en Afrikaans is nou apart, die boere is dommer so hulle moet nou onderdanig aan die Engelse wees, dan het presies dieselfde gebeur. Ek dink die 1948 se wet het meer 'n klem op die kleurskeiding gelê as wat ons as mense self gedoen het. Ons het outomaties gekies met wie ons wou assosieer, die wetgewing het eintlik vir ons dan nou voorgeskryf met wie ons mag assosieer. Ek dink die enigste verskil, waar apartheid vir my ingekom het, dit was altyd daar, maar ek het dit gesien as andersheid, maar die wetgewing het dit nou verander na: dit is soos julle sál – julle mag daar sit en nie daar nie en julle moet hierdie toilette gebruik en nie daardie nie. Dis waar apartheid ingekom het, daai geskrewe wetgewing wat vir my sê hoe moet ek dit hanteer, en ons aanvaar die wet, ons is wet-liefhebbende burgers van die land. So as 'n wet geskryf is, dan gaan ek volgens die wet. Van my beste maats wat saam met my groot geword het, wat saam met my gespeel het…. Maar hy sou nie saam met my dinge gedoen het nie, want dit was nie reg nie…. Baie moeilik.

Ben: Voor 1930 het daar nege-uur in die aand 'n klok gelui, as jy dan 'n swartman kry het hy 'n maand tronkstraf gekry.

Mike: Dit was amper in die sestigerjare nog so gewees.

Frans: Na aanleiding van wat Danie nou daar gesê het (dit was baie interessant). Die antwoord is basies – ons het dit geërf, die geskiedenis, die hele aanloop van omstandighede. En in 1948 het daai regering dit toe geërf en hy het dit verfyn op die wetboeke.

Mike: Dit het nie in ons lewe ingekom nie, maar ons het in apartheid ingekom.

Albert: Sê jy met ander woorde Frans dat ons nie gedink het daaroor nie?

Frans: Nee. Dit was amper 'n natuurlike uitvloeisel van die voorafgaande. Dit was amper die logiese ding wat die regering van die dag moes doen om dit iewers te konstrueer.

Hanlie: Ek dink tog dat daar baie mense was wat daaroor gedink het. As ek nou terugdink aan my kinderjare, dan het ek so 'n paar flitse wat terugkom, dan moet ek sê my ouers was Sappe en ek het onder Genl. Smuts se portret grootgeword. Toe het ek al klaar gevoel ek is anders as baie van my maats by die skool. Daardie tyd op stemdag het die kinders geel strikkies skool toe gedra, en as jy 'n Sap was het jy 'n rooi strikke gedra, en toe al het ek nie by die gemeenskap ingepas nie. En dit het al my al klaar gepla, as jy by vergaderings gekom het – my ouers het my baie min na politieke vergaderings geneem – maar een van die flitse wat ek kan onthou is 'n toespraak waar die spreker sê "sien jy hierdie pragtige blondekoppies hier voor sit, jy kan vergeet van hulle in die toekoms as julle nie vir die NP stem nie, Kafferboeties, dis wat julle almal is". En dit is 'n flits wat ek uit 'n byna voorskoolse tyd onthou. En wat my dus toe al reeds anders laat dink het. Dat ek toe alreeds gedink het ek pas nie in nie, en dat ek nie saamstem met wat gedoen word in die land nie.

En dan is daar nog ander dinge wat my vandag nog so bybly dat ek partykeer… ek kan nie sê ek kry nagmerries daaroor nie, maar dit kom voor my op. En die een is toe ek nog verskriklik klein was, het ek in 'n bloekombos gestap op die plaas, en een van die plaaswerkers het my daar gekry en my teruggevat huis toe, hand aan hand. En toe ons by die huis kom was my oom daar en hy het die swartman in die stal ingevat en hom met 'n riem geweldig geslaan. En ek moes staan en kyk, hulle het my daar gehou, want ek moes kyk – want hy mag nie met 'n wit kind gaan stap nie, en dit kon ek glad nie verstaan nie, want hy het regtig niks aan my gedoen nie. Ek neem aan dit was maar 'n vrees ook gewees dat hy iets aan my gedoen het en dat hy dit nie sou erken nie of dat ek dit nie sou weet nie. Ek onthou nog sy voete, dit trap in die mis wat in die stal was.

Dit is die een baie slegte ding wat ek onthou. En die ander ding is toe ek al groter was het 'n maat van my wat sy pa help boer het en 'n kleurling – in die Kaap was daar daai tyd mos nie eintlik swartes gewees nie – wat ook een of ander bevel nie uitgevoer het nie, in 'n sak gesit het en die sak toegebind en so rondom hom in die grond geskiet het. As die ou daarbinne hom dan nou self natmaak of iets van die aard, was dit 'n groot grap gewees. En dit was vir my verskriklik erg.

Maar dan moet ek darem ook bysê ek dink die Sappe was maar net so apartheidsbewus gewees. Hulle het die ding dalk net effens op 'n ander manier gesien. Ek onthou van ons vriende wat dan nou ook Sappe was. Dan kom iemand werk soek… Die kleurlinge was lief daarvoor om iemand by wie hulle gewerk het se van aan te neem. En die man het kom werk soek en sê nou maar sy naam was Piet en sy van sê

nou maar xxx, want ek wil nou nie die man se van hier noem nie. Hy is dan nou Piet xxx. En toe het die man vir hom gesê ek gaan vir tien minute weg en as ek terugkom en jou van is nog xxx, dan kry jy nie werk by my nie. Dit hele idee is maar, jy kan nie my van hê nie, ons kan nie onder dieselfde van bekendstaan nie.

Daarom wil ek net sê, ek het tog van kleins af het ek geweet wat aan die gebeur is, is verkeerd was. Ek kan nie vandag as verskoning gebruik "dit is op my afgedwing", of "dit is deur die regering op my afgedwing" en ek was nie bewus daarvan nie.

Frans: Vertel ons iets van die geweld wat by politieke vergaderings plaasgevind het. Die gooi van stoele, tamaties…

Elsa: Wat Hanlie nou vertel het, sulke goed ontstel my verskriklik, in my wese is ek 'n humanis, en ek kan nie hierdie wrede goed… kan ek nie hanteer nie. Ek het nie saam met swartmense grootgeword nie, die kennis wat ek van swartmense gehad het was die enkele kere wat my ma – sy het gewoonlik haar huiswerk self gedoen – 'n bediende gehad het. Dit is die kontak wat ek met swart mense gehad het. Ek het nooit aan hulle gedink as iets anders as 'n werker nie, dit het gister skielik by my opgekom, ek het iets op die TV gesien van 'n swart man en vrou wat liefdevol teenoor mekaar optree. Ek het nooit gedink aan swartmense as “mense” wat opgroei, trou, liefde maak, kinders het en weet wat lewe soos ons nie. Ek het hulle gesien as daai swart persoon wat daar by jou kom werk. En wat ek verder van die swartes geweet het was wat ek in die geskiedenis geleer het. Ons het geleer die boere was hierdie heilige mense wat nooit iets verkeerd gedoen het nie, en die swartes was hierdie barbare wat babatjies se koppies teen die wawiele stukkend geslaan het. Dis die persepsie wat ek gehad het van swartmense. Ek was half bang vir hulle, totdat ek groter geword het en agtergekom het dis nie rêrig so nie.

Albert: Die hele gedagte van die trekarbeid-stelsel het dan ook bygedra dat ons selde swartes gesien het in terme van gesinne, jy het 'n klomp swart mans gesien wat in 'n hostel bly, hierso op die myn byvoorbeeld, hulle het waarskynlik iewers vroue maar ons dink nie daaroor nie.

Naomi: Ek wil graag by Hanlie aansluit. Ek het 'n aanknopingspunt daarso. Ek het ook as 'n Sap grootgeword, ek was nog in die Laerskool toe het Sir de Villiers Graaff Prieska toe gekom, waar ek grootgeword het, en dit was 'n verskriklike optog gewees, want die groot slagspreker kom Prieska toe! En toe is die Nasionale Party, dis daai tyd

wat die skeuring gekom het tussen Nasionale Party en Sap. Toe het die Nasionale Party aan die bewind gekom en so het Sir de Villiers Graaff verdwyn, en so het ek ook gevoel dat ons politieke party verdwyn het en so het my belangstelling in die politiek begin verdwyn want die Sappe het verdwyn. En so is ons grootgemaak, en nou sit ek in die situasie waar ek is 'n Sap, ek het NP saam met my, ek het ANC saam met my (my broer is 'n ANC speaker in _____), en alles gevolg van goed wat verkeerd geloop het daardie tyd al. As ek nou moet sê of daar rassisme was, kan ek nie sê dit is rassisme nie, want die manier, hy kom op vir die swartes, hy is 'n speaker vir hulle, en die manier waarop hy sy swart – nie swart nie, maar kleurlinge – werkers hanteer op die plaas, hy sal sommer met 'n sambok inspring en begin links en regs slaan. Waar kom dit vandaan?

Mike: Hier wil ek nou graag iets byvoeg. As 'n mens sê jy is anderste omdat jy vir 'n ander party stem, omdat jy wil anderste lyk, maar intussen behandel jy die mense erger. Dan is dit nie meer politiek nie. Dis hoekom ek sê, die politiek van daardie tyd het ons nie so aangegaan nie, die leefwyse wat ons aangeleer was, was vir ons meer van belang. Ek verkies liewerste om polities *moderate* te wil bly, as wat ek geweldig polities na een rigting toe dryf, maar ek behandel mense erger as wat die ver-regses dit doen. En hierdie is 'n tipiese geval.

Hanlie: Maar kom Christenskap nie hier tot 'n groot mate ter sprake nie?

Mike: Daarom dat ek wil sê, daardie tyd van die Sappe en Nasionaliste. Ons eet saam, ons bid saam, doen alles saam en ons is almal Christene, en ons is gelukkig getroud. Maar wat maak jou anderste as ek omdat jy voel 'n ding is verkeerd, en daarom stem jy anderste. Ek voel dinge is verkeerd maar ek het geleer, dis hoe ek grootgeword het. Vir my gaan dit nou nie meer oor die politieke situasie nie, dit gaan oor hoe ek as 'n mens 'n situasie hanteer, ek sien dit daagliks gebeur. Mens kan nie glo dat mense op TV sê, die blankes het hierdie land se swartes so sleg behandel, en dan gaan hy terug plaas toe en die eerste een wat hy kry dam hy sommer met die vuis by dat hy op sy agterend gaan sit. As ons begin politiek sien as hoe ons moet glo mense moet behandel word, dan het ek 'n groot probleem daarmee.

Albert: So wat jy eintlik sê, is dit gaan nie oor die politieke party nie, maak nie saak wie aan bewind sou wees nie, al het die NP nie in 1948 gewen nie, sou ons waarskynlik 'n soortgelyke stelsel gehad het op die boeke. Die beginsel daaragter, die onderliggende meerderwaardigheid of minderwaardigheid sou nog deurgekom het op 'n manier.

Danie: Iets wat vir my ontsettend interessant is, is die dinamika van groepsvorming. Dink 'n bietjie hieroor, ek praat van indoktrinering, persepsies vorm, maar wat alles hierin val en wat ook na Hitler se tyd toe verwys, ek dink die hele breinspoeling maak baie groot deel uit hiervan.

Albert: Ek praat gister met iemand wat soos alle blanke mans van 'n sekere ouderdom wat diensplig gedoen het, en in ons gesprek gebruik hy toe die woord indoktrinasie, hy sê hy wil dit nie so noem nie, maar dalk is dit maar wat dit was. Daai leefwyse wat absoluut by ons ingeprent is, daar is nie 'n ander manier nie, en tog was daar blankes wat baie, baie in opstand gekom het teen die politiek van die tyd en ek dink byvoorbeeld aan iemand soos Beyers Naudé, of Helen Josephs. Wat het hulle dan anders gemaak as ons? Beyers Naudé was tog 'n stoere Afrikaner Nasionalis, so veel soos enige ander van ons.

Danie: Linda se broer, ek weet sy sal my nie kwalik neem as ek dit sê nie, was in hierdie Harare deklarasie wat daar opgestel was, betrokke. Hy was vir 8 jaar in Zambië gewees voor hy teruggekom het. Hy was Beyers Naudé se regterhand gewees. Hy praat baie oor die TV en die radio, dr. T. Wat vir my altyd baie interessant was met hom, ek het myself beskou dat in die NP, want ander groepe was vir my Engels, ek het nie daar ingepas nie, en ek kon gebruik maak van die NP om hierdie hele proses te probeer omdraai en ek het gewerk in die politiek, geweldig baie. Ek het mense van standerd 9 af aangery stembusse toe. Wat ek net wou sê oor dr. Tomas: Hy het in 'n stoere Afrikaner pastorie huis grootgeword, en toe het hy op Stellenbosch omgedraai, totaal en al, en hy is verwerp deur sy mede-Afrikaners, hy was absoluut 'n uitgeworpene gewees. Ons het as ons bymekaar gekom het, mekaar se standpunte gerespekteer, en tog aan die einde van die dag, noudat ons kan praat daaroor – het ons tog in 'n rigting saamgewerk. So by so dat my kinders, as ons petrolpomp stilgehou het, het hulle vir die swartman gesê oom en vir die swart vrou – tannie. Dit was nie iets snaaks in ons huis nie. Maar ek is 'n Afrikaner en NP, en daarmee saam was ek op Afrikaner kultuur organisasies baie erg betrokke gewees, maar die draai van die Beyers Naudé, Breyten Breytenbach, André P Brink, Van Zyl Slabbert, hierdie mense, die draai en aan die einde van die dag was daar soveel raakpunte, as ons dit net wou raaksien.

Hanlie: Solank as wat ons dieselfde taal praat, en die dieselfde kultuur het, sal dieselfde raakpunte bly.

Elsa: Was ons mense dalk te bang om regtig standpunt in te neem?

Hanlie: Dit was te maklik en gerieflik om te bly waar jy is.

Frans: Daai ouens het die moed van hulle oortuiging gehad. Miskien was hulle dalk voortydig gewees, maar hulle het daai tyd al die moed van hulle oortuiging gehad. Iemand het netnou gesê hulle is verwerp. Miskien was daar meer as een ou wat so gedink het, maar ons was bang vir die verwerping. Soos Isak sê, jy wil liewers in jou *comfort zone* bly.

Hanlie: In die moderne tyd… hy word nou nog verwerp. Wat is sy naam tog… Max du Preez, ook uit 'n stoere christelike huis, as jy wil NP huis, dit sal geweldig interessant wees om te sien wat hy daai tyd in die Vrye Weekblad geskryf het en wat nou in werklikheid waar geword het.

Albert: Daar was iets soos Vrye Weekblad, wanneer het hy uitgekom, iewers in die 1980's. Maar voor dit was daar darem al baie ander, goed soos die *Weekly Mail, Mail & Guardian*, hierdie klas van koerante en tydskrifte en stemme van ander kante af wat ons tog ook gehoor het.

Hanlie: Daar is baie goed ook doodgesmoor. Baie goed wat net gesê is jy nie mag publiseer nie. Ek dink in die rol van die media is daar geweldig groot skuld.

Albert: Ek het op 'n stadium na 'n oorsese stasie geluister, die BBC, en toe vertel hulle van 'n optog wat in Pretoria plaasgevind het, dit was 'n AWB optog van ver-regses wat teen die regering beswaar gemaak het. Ek het tot vandag toe nog, niks daarvan op Suid-Afrikaanse radio of TV gehoor nie. Dit is net eenvoudig nie vermeld nie, maar dit was 'n groot berig by die BBC byvoorbeeld. Nou wonder mens net hoeveel ander daar is wat nie gesê is nie.

Isak: Dit was nie vir die mense maklik gemaak om 'n ander stem te wees nie. Daar was selfs op 'n stadium wette gewees wat die hele pers, vryheid van spraak beperk het.

Elsa: As daar nie so 'n beperking was op die media nie, sou baie meer mense dalk in opstand gekom het. Baie van ons het dit miskien in ons agterkop geweet, maar jy het

dit nie regtig geweet wat doen hierdie apartheid aan mense nie. Daar is goed wat mens nie gesien het nie, of van geweet het nie.

Albert: Miskien wou ons nie. Watter koerante het ons byvoorbeeld gelees?

Hanlie: Dit kom weer terug na een van die vorige sprekers. Jy lees wat in jou ouerhuis gekoop en gelees is, die kind word daarmee groot en lees dit, en as hy nie in sy universiteitsjare 'n besluit neem nie, sit hy gewoonlik vas waar hy sit en hy bly daar.

Frans: Ek wil iets sê oor wat nie gesê is nie. Die regering het 'n demper daarop geplaas, deur die mediaraad. Hy was dalk bang gewees, ek wil nie sê vir massahisterie nie, maar dat Jan Publiek te veel hoor, gaan hoor. En miskien het daai ouens daai tyd al geweet, van daai ouens wat daar binnekant sit, geweet ons doen verkeerd, maar die tyd fase was dalk nie reg nie.

Danie: Hoekom op 'n sekere stadium, op 'n sekere tydvak, deur FW de Klerk, hoekom het daardie draaiing in die totale geskiedenis plaasgevind?

Elsa: Dit was as gevolg van druk. As jy dink die sanksies van daardie tyd, die druk van die swartmense af, hy het nie regtig 'n keuse gehad nie, hy moes dit doen. Dit was omstandighede. Ek glo nie hy was hierdie wonderlike mens wat nou hierdie dinge uitgedink het en besluit het hy moet dit nou afskaf nie. Hy het net eenvoudig geswig onder die druk.

Danie: Ek stuur miskien nou die gesprek in 'n verkeerde rigting, maar as jy gaan lees van die omstandighede waarin die plaasgevind het, dan het bitter min ander mense geweet van sy toespraak. Hy het nog vir sy vrou gesê sy toespraak gaan verreikende gevolge vir SA hê. Ek wil baie graag vir hom baie van die eer gee.

Albert: Hy was die eerste ou wat regtig op die punt kon kom om te sê nou moet hier iets gebeur en dit toe gedoen het. By die vorige ouens was dit *window dressing* vir alle praktiese doeleindes, PW en van John Vorster praat ons nie eers nie.

Hanlie: Ek stem saam, ek bedoel Shakespeare het al gesê *some are born great, and some have greatness thrust upon them*.

Elsa: Ek dink FW was maar net die regte ou in die regte plek.

Mike: Dit kom maar weer terug na die feit dat baie mense bedryf politiek, sommige mense doen wat hulle beginsels vir hulle sê. As FW nie gevoel het in sy binneste hy moet iets doen daaromtrent nie, en hy wou polities sterk gebly het, dan sou hy daai besluit nooit geneem het nie. (Baie tussenin gepraat. Band moeilik om te ontsyfer) Ek kon as Sap of Nasionalis daai jare besluit het of wil ek 'n swarte 'n klap gee wat voor my inloop of wil ek maar om hom stap. Dit is 'n besluit wat 'n mens neem en dit bekommer my vandag, dat ek dink daar is soveel mense wat baie bly is oor die nuwe bedeling en tog tree hulle op soos in die ou bedeling…

Hanlie: Geweldig baie. O, kan ek met julle iets daaroor deel…

Mike: Ek sien dit daagliks, mense wat hul kleintjies leer, soos byvoorbeeld dan stop hulle by die petrolpomp en dan draai hy die venster af en dan sê die laitie: "Maak vol, kaffer". Dan dink ek by myself, daai outjie weet mos nie wat dit beteken nie. Waar leer hulle dit, by sy ouers, 'n leefwyse, en hy moet later van tyd vir homself besluit, is dit hoe ek wil lewe of nie.

Hanlie: Dis wat ek bedoel as ek sê *apartheid is still alive and well in South-Africa*. Hierdie week wat verby is was vir my 'n verskriklike week gewees. Eerstens het ek lankal terug met Mandela se verjaarsdag 'n foto van hom bestel en ek het dit laat raam by Picture Frame. En ek stap uit en daar sit blanke mans in 'n motor en hulle sien my, en die een sê wat het jy daar, en ek wys en hy sê is dit vir jouself, en ek dog hy bedoel dis oulik, dis mooi, laat ek sien, en ek gaan wys dit vir hom en ek sê nee, dis vir die skool. Hy sê "ja grappig nè, in Amerika is dit Clinton en by ons is dit 'n kaffer." Nou hier staan ek met die foto en ek vat hom dadelik aan, maar jy voel so 'n gek want ha-ha, die ou vroutjie…

En die ander ding is by die skool kom daar 'n man wat sekere goed verkoop, en ek staan met hom en praat en dit was die dag van SATU se vergaderings wat hulle weer weggebly het van die skool af, hy draai om na sy maat toe en sê "het jy gehoor die kaffers bly weer weg van die skool af." En op daai oomblik sê ek vir hom, ek wil nie meer verder met jou besigheid doen nie, noem jy jouself 'n christen. En hy sê ja. En ek vra hom, maar hoekom gebruik jy woorde wat ander mense seermaak? En ek is bevrees dit het my hierdie week vreeslik ontstel, omdat dit twee keer in twee dae se tyd met my gebeur het. Wat ek toe voel is, wat sit ons nou eintlik hier en doen vanaand by jou, wat kom probeer ons eintlik doen, want buite kant hierdie mure, al sou ons nou

almal sê ons is nou christene, ons wil nie meer die woorde gebruik nie, dan sal ons moet begin om soos 'n Beyers Naudé en soos 'n Max du Preez en 'n FW de Klerk en wat ook al, sal ons baie sterker standpunt moet inneem as ons iets wil laat gebeur in hierdie land, anders sal hy bly en hy sal erger en erger word.

Elsa: Ek besef dat dit vir jou sleg was, maar nou moet jy besef dat as 'n mens vir 50 jaar van jou lewe op 'n sekere manier gebreinspoel is, al wil jy graag anders dink, en al wil jy graag anders optree, voor die Here sê ek ek wil nie 'n rassis wees nie, maar ek tree nog rassisties op, omdat dit so deel van my wese al is. Ek probeer nie mense doelbewus afkraak of so nie, maar ek doen nog sekere goed wat rassisties is. Ek besef dit as ek dit gedoen het, maar dis nie so maklik nie. Jy is nie vandag 'n rassis en môre nie meer nie. Dis 'n groei proses.

Hanlie: Maar jy het êrens 'n wilsbesluit geneem

Elsa: Maar dit sal geslagte lank neem om dit te doen.

Hanlie: Maar geweldig baie mense het nie daai wilsbesluit geneem nie.

Albert: Ons moet daaroor spesifiek praat, oor wat bring dan die verandering?

George: Kan 'n ou sê jy neem die besluit op 'n spesifieke dag, of is dit iets wat van binne af in jou groei, dat jy tot daai oortuiging kom. Of gebeur dit op 'n spesifieke dag, vandag sluit ek hierdie fase af. Ek het nie op 'n punt gekom waar ek besluit het ek dink nou anders nie, dis 'n geleidelike proses wat jy deurgegaan het. 'n Groeiproses. Dan kom jy agter, as ek nou terugkyk nou hoe ek nou dink en hoe ek nou voel, dan weet ek dat dit nou anders is as wat dit in die verlede was. In aansluiting by wat Mike gesê het, dit is 'n leefwyse waarbinne jy gekom het. Dis nie iets wat in jou gekom het nie.

Hanlie: Vir party mense is dit makliker om vinniger te verander, ander gaan 'n langer tyd nodig hê.

George: In aansluiting by wat Hanlie gevra het, of die man nie 'n christen is nie, 'n gedagte wat nou hierdie afgelope by my gestoei het, ten opsigte van die hele totale opset in die land – geweld, misdaad, alles wat daarmee saamgaan, geldverduistering, korrupsie. Ons roem daarom dat 70% van ons bevolking christene is. Nou as 70% van ons volk oortuigde christene is, dan gaan dit nie lyk soos wat dit nou lyk nie. Daar mee

sluit ek apartheid en al die gebeure in, want 70% christene moet 'n hengse verskil maak.

Naomi: Op 'n stadium, hier in 1987, 1988 toe die jeug begin het met hulle opstande, het 'n swart vrou saam met wie ek gewerk het in die kliniek, het sy gesê dat hulle kan nie verstaan en dink waar kom hierdie groep vandaan wat al hierdie probleme veroorsaak nie, om dit te verander sal hulle hierdie nuwe jeug moet uitwis en 'n nuwe een moet begin. En dit was 'n swart ma wat dit gesê het.

Hanlie: Dit is weer die magsposisie aan die leiers van die ANC wat weereens die massa gebruik het om die doel te bereik het, en hulle teiken op die jeug.

Isak: Wat vir my goed is, saam met al die emosies en skuldgevoelens en goed, van alles wat ons ervaar, skielik het ons nou die geleentheid om die swartmense, bruinmense, Indiërs, kleurlinge op gelyke vlak te hanteer. Waar ek met hulle werk is jy nie meer 'n baas en klaas verhouding nie, dit is nou ek en jy. Ek is meneer en jy is meneer op sekere vlakke en jy kan van hulle verwag om nou dieselfde verantwoordelikheid te aanvaar. Dis 'n hele stuk bevryding, daar is 'n stuk humor ook in wat jy moet waardeer. Ek was verlede week in Midrand gewees vir 'n konferensie gewees, 'n swart man het saam met my gery het is Afrikaans en Engels. Toe is daar sit was daar verskeie voordragte, een was 'n bruin vrou van die Kaap, op die program is sy aangedui as *miss Papier* maar sy word toe voorgestel as *miss Joy Papyer*. En die man langs my sê "dis papier man, dis my mense, ek weet mos, watse *Papyer* is dit". Tussen ons is daar geen ras meer nie, geen verskil nie, ons kommunikeer met mekaar, ons is op dieselfde vlak. In dit alles sien ek 'n hele klomp bevryding. Dis nie nodig vir my om sensitief te wees nie, want ons ervaar dieselfde. Ek kan teenoor hom optree soos teenoor enige ander mens.

Albert: Jy kan teenoor hom optree soos teenoor enige ander mens.

Isak: En daar is baie ander swart mense ook. Dis miskien die mees positiewe van die hele omswaai.

Ben: Die naweek in Bloemfontein vertel 'n vrou vir my, haar ma bly in Winburg, daar is vreeslik ongelukkigheid daar gewees, in die kinderhuis was daar toe 'n swartetjie, toe gaan vra die kinderhuis vir die dominee of kan hulle dié swartetjies kerk toe stuur vir die Sondagskool en die kerk. Toe sê die dominee ja, en hulle doen dit toe, en daar is

toe 'n klomp boere wat dadelik afstig. Dié wat Brandfort se kant toe bly gaan daar kerk toe, party gaan na die AGS toe, nou is daar vreeslike ongelukkigheid daaroor. Omdat die dominee nie toestemming by die kerkraad gevra het nie.

Albert: Nou is ons weer by die Nat en Sap kerk van destyds.

Naomi: Ek wil net graag aansluit by Isak, wat hy gesê het van die verantwoordelikheidsin as mens op dieselfde vlak is. Op hierdie stadium is Distriksgesondheidsdienste heeltemal so uitgefaseer, dat almal wat in 'n hoë posisie sit, is almal swart. En myself kon ek nog nie so ver gekry het om iemand wat in 'n posisie hoër as ek is, op sy naam te noem nie. En hoeveel keer is ek nou al oor die vingers gehaal omdat ek vir die dame, wat dan nou my hoof is bly mevrou sê, en sy bly vir my sê om haar op haar naam te noem, maar ek myself net nie sover kry om dit te doen nie, en dit is nie omdat ek voel ek wil dit nie doen nie, ek respekteer haar vir haar posisie waarin sy is. Ek het net daai selfde gevoel teenoor dominee Albert, ek kan nie net sê Albert nie, dit pas net nie vir my nie, dis hoe ek grootgeword het. Iemand wat in die posisie bokant jou is, of dit 'n man of vrou is wat ouer as jy is, sê jy tannie, so as die persoon dan sit in 'n posisie bokant my, dan respekteer ek hom daarvoor en spreek ek hom aan as mnr of mev of dominee. Vandag word dit van jou verwag om informeel te wees in formaliteit uit te skakel.

George: Sondagaand het dokter Anton Prinsloo oor RSG, 'n besprekingsprogram gehad oor die hoflikheidsvorm van aanspreekwyse. Toe het die spesifiek gegaan oor die aanspreekvorm van dominee, as die ou jonger as jy is en jy ken hom goed, noem jy hom op sy naam of spreek jy hom nog aan as dominee? En ek het al lankal 'n probleem daarmee, dat ampte, amptelike ampte word vervlak. Hulle lees nuus, dan sê hulle, die minister van Arbeid, Tito Mboweni, hulle sê nie meneer nie. Die eerste minister, of die president, Bill Clinton, as is die ou wat die amp beklee, nie altyd eer waardig nie, dan moet die amp nog altyd gerespekteer word. Dit net so terloops.

Mike: Daar is baie mense wat praat van skuldgevoelens, en christendom, ek wil graag my opinie lig. Ek sien rassisme en apartheid as twee totale *issues*. Apartheid was miskien 'n regeringsbeleid wat jy deur wetgewing kan wegvat of nie wegvat nie, maar dit was 'n vrye keuse. Rassisme is 'n ingebore karaktertrek. As jy iemand haat, jy is 'n rassis, ek haat iemand van 'n ander ras, het dit niks met apartheid te doen nie, en ek dink baie mense ken nie die skeiding nie. Ek voel nie skuldig as 'n rassis nie, want ek het hulle nooit gehaat of benadeel nie. Maar ek was deel van die apartheidstorie, maar

dit is nie vir my rassisme nie. Ek dink in my eie gemoed, as ek daai twee kan skei, dan maak dit dinge vir my soveel makliker. Soos ek sê, rassisme is nie iets wat 'n regering my leer of 'n politieke party my leer of enige iemand nie, rassisme kom van binne.

Albert: Ons gaan daai saak weer aanspreek as ons praat oor die rol van die kerk, godsdiens, skuld en die tipe van goeters. Enige laaste opmerkings?

Danie: Die ontstaan van die naam Afrikaner, die inligting wat ek kon bekom is dat dit die eerste keer gebruik is vir mense wat besluit het dat hulle bly in die Kaap, hulle het hulleself Afrikaners genoem.

George: Net in aansluiting by die aanmerking dat dit 'n leefwyse is. 'n Leefwyse is nie 'n ding wat binne 'n paar maande of paar jaar gaan regkom nie. As hy nou sê 'n leefwyse, dan sien ek daar is reeds by my kinders, as ons praat oor die verlede toe ek 'n kind was, dan sê hulle, maar kan 'n mens so wees. So hulle is klaar is klaar gekondisioneer, hulle is reeds in hierdie nuwe fase, vir party mense is dit moeiliker om daai aanpassing te maak en deel van die nuwe SA te wees, terwyl daardie word in hierdie nuwe era groot, dit is nie vir hulle 'n gedwonge ding nie, dit is vir hulle normaal, hulle het nie nodig om van iets afskeid te neem, en na 'n nuwe era oor te gaan nie.

Danie: Ons praat van die paradigma skuif.

Albert: Ons het nou vanaand rond en bont gesels. Ek wil graag hê ons moet volgende week spesifiek aandag gee, aan hoe ons dink swartmense apartheid beleef het, watter ervarings ons daarvan beleef het, miskien eerstehandse ervarings, of miskien om dalk iets te gaan lees wat swartmense geskryf het, daar is heelwat boeke wat geskryf is deur swart Suid-Afrikaners van hulle belewenisse van apartheid. Dis waaroor ons volgende week moet praat, die effek van apartheid op swart mense, hoe ons gedink het, hulle dit beleef het. Hier is nou twee kante: hoe ons gedink het hulle dit beleef het en hoe hulle dit self ook beleef het in terme van wat hulle geskryf het. Ek dink nou aan 'n boekie wat ek onlangs gelees het van Simon Farisani wat vir my aangrypend was. 'n Ou kan net nie glo nie, soos jou dogter gevra het – kan 'n mens sulke goeters doen? Gaan dink 'n bietjie daaroor en gaan lees daaroor en dan praat ons volgende keer verder.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid** – Gesprek 3: 27 Augustus 1998

Baie welkom hier. Julle het nou elkeen Paasweek se goed gekry. Johan, dankie vir die goed wat jy laas vir my geskryf het. Dit was baie sinvol, maar ek het dit nie in die groep gelees nie omdat ons nie die tyd daarvoor gehad het nie. Hanlie het 'n klomp werk gedoen, sy het vir ons gaan kyk na wat mense al gesê het oor apartheid. (Deel die dokumente uit) Ek het gisteraand 'n baie interessante gesprek gehad. Ek het gaan praat met 'n klompie swartmense, nou hoor ek dit is ook nie die regte aanspreekvorm nie. Dit was mense van die NG Kerk in Afrika, by ds. P, ek het met hulle so 'n halfuur lank gepraat oor hulle ervaring van apartheid. Die slegste is dat my opname nie gewerk het nie, die band was leeg toe ek by die huis kom. Ek het darem gelukkig so 'n paar notas gemaak, die ouens het sinvolle goed gesê. Ons moet hoor wat hulle sê.

Vanaand gaan ons praat oor hoe het swartmense apartheid gesien en wat het hulleself daarvan gesê. Miskien moet ek net eers sê: Ek het afskrifte van ons transkripsies, sonder name, vir verskillende mense gegee. Daar is die groep by ds. P, vyf van hulle. By een van die gemeentes in Thabong is daar ook 'n groepie van wie ek vroeg volgende week terugvoer sal kry; hier in die gemeente is mense en van die predikante in Welkom kyk ook hierna. Ek het vir 'n kollega in die Noord-Kaap een gestuur en ook 'n vriend by die Universiteit van Namibië; ook aan 'n kliniese sielkundige in Johannesburg. Daar is ook 'n ou in Oos-Londen. Sodra ek terugvoering gekry het sal ek dit aan julle voorlê.

Hanlie: Is die idee om al die gesprekke aan dieselfde mense te gee?

Albert: Ja, dit is baie leeswerk vir hulle, maar die terugvoer wat ek tot dusver gekry het, is baie positief. Ek wil hê hulle moet die hele proses saam met ons deurloop. En dan hulle stemme ook laat hoor.

Hanlie: Ek het ook die week gesels met een van my kollegas. Daarom stel ek heel belang in die terugvoer wat jy gekry het van ds. P en sy groep af. Ek vind dat mense moeilik praat, ek wil dit amper vergelyk met, ek het altyd die gevoel gehad toe ek jonger was, dat die mense wat werklik in 'n oorlog betrokke was, as ons dit bietjie nader bring, 'n ou wat regtig op die grens was en wat werklik iets deurgemaak het daar, praat nie so maklik oor wat gebeur het nie, verkies om nie so baie daaroor te praat nie. Ek het amper die gevoel opgetel in my gesprekke dat dit moeiliker is om daaroor te

praat, of dat hulle (swartmense en kleurlinge) verkies om nie daaroor te praat nie. Ek kan 'n paar gedagtes van hulle ook weergee.

Albert: Dit is vir my interessant. Ek wonder wat is julle ervaring daarvan?

Johan: Ek wonder of hier nie nou 'n afkoeltydperk ingetree het nie, van 1994 – eintlik van 1990 af. Hulle het ook begin dink in 8 jaar se tyd wat het hier aangegaan? Hulle emosies is dalk nie meer so sterk daaroor nie.

Albert: Johan, dit sou een antwoord kon wees – en ek dink daar is waarheid daarin, daar het darem al 'n paar jaar verloop van 1994 af. Maar daar is 'n ander ding, in watter mate is ons nog steeds by vóór 1994, in watter mate het die gedagte van blank / nie-blank, die minderwaardigheid / meerderwaardigheid element, speel dit nie ook dalk 'n rol daarin nie? Toe ek gisteraand met die mense daar anderkant gepraat het, hulle is vreemdes en hulle het eerlik en openlik met my gepraat oor hierdie goeters, en die hartroerendste verhale. Maar ek het ook vir hulle gevra om eerlik te wees. Ek wonder of daai ding nie tog ook 'n rol speel nie.

Naomi: Ek wonder of dit nie ook vir hulle makliker is om in groepsverband, as hulle die ondersteuning van mekaar het, opinies te kan lug, as wat dit is om enkel mense daaroor uit te vra nie.

Elsa: Ek weet nie of die swartmense ons regtig so vertrou met hulle emosies en hulle gevoelens, dat hulle dit met ons kan deel nie, want jy moet iemand vertrou voordat jy vir hom seer goed van jou lewe vertel. Ek glo nie ons kan naastenby begin besef regtig wat die swartmense deurgemaak het nie.

Mike: Dit is wel waar wat sy netnou genoem het, mense wat op die grens was wat nie maklik daaroor praat nie – is wel so totdat jy 'n paar kry wat op die grens was. En hulle sit en gesels, dan gesels hulle te lekker oor die grensdae, en ek dink dieselfde geld hier, hulle praat nie daaroor nie, want hulle weet ons weet nie hoe hulle voel daaromtrent nie. Ek het van my werkmense met wie ek oor die jare al gesels het, 'n bietjie oor hierdie onderwerp uitgevra. Die oueres onder hulle se gevoel was basies soos wat ons nou die aand gepraat het dat, hulle het so grootgeword, dit was vir hulle 'n lewenswyse, hulle het niks anders geken nie. Die jonger geslag, wat groot geword het waar die media sterker was, die TV het uitgekom, koerante het vryer spraak gehad. Hulle het dinge gehoor, gelees en gesien en hulle het begin sê hoekom, hulle het begin

vrae vra. So ek dink daar is ook weer twee groepe daar wat heeltemal anders gevoel het oor apartheid. Ek dink die jonger geslag is die wat uiteindelik die ding nou verder gevat het en gesê het tot hier toe en nie verder nie.

Hanlie: Ek dink jy is absoluut korrek. Een van my kollegas het vir my gesê dat ongeletterdheid het 'n geweldige groot rol gespeel in die houding van die mense, en natuurlik toe die media ook nog bygekom het. En dit was die enkelinge wat wel geletterd was, as ons nou ver genoeg teruggaan, dat dit die dominees kon gewees het, skoolhoofde, of die paar, soos wat hulle een vir een uitgeskiet het, wat wel kennis gedra het van wat alles gebeur het, wat toe begin het om stadigaan tot die ander mense deur te dring.

Isak: My ervaring is dat in die groepe waar ek werk, sal dit vir my baie moeilik wees, is dit vir my baie moeilik, ek het dit nog nie eers probeer nie, om vir 'n persoon te sê "hoe het jy oor apartheid gevoel. Die ou sit op my raad en het 'n redelik hoë profiel in die swart gemeenskap. Ek kry soms die gevoel dat ons op 'n gelyke vlak is, totdat jy begin idees gebruik, die oomblik as jy in 'n gesprek daardie tipe meerderwaardige houding begin inneem gebruik, veral dan mense rondom jou wat nie so sensitief is nie, dan kom die emosies net so uit. Maar in 'n normale gesprek… Ons was nou vir twee dae by 'n seminaar in Durban waar die voorsitter van my raad saam was – wat 'n redelike hoë politieke profiel het, ek meen in 1991 was hy 'n absolute riller. Daar was net twee swart persone, dit was hy en dan 'n swart vrou uit die Durban omgewing. Die aanbieder is 'n erg Afrikaanse ou en ons ander is almal blankes. Dit het gegaan uit *Labour relations* en die ouens is baie uitgesproke. As hulle van die punt af gaan, dan val hulle die ANC aan, dan val hulle die regering aan, dan val hulle COSATU aan. En hierdie persoon is 'n groot unie-man gewees, 'n groot ANC man gewees. Toe ons terug ry gistermiddag vra ek vir hom "hoe het jy dít ervaar?" Toe sê hy hy het nou geleer, as hy tot die debat toegetree het en sy opinie gelig dan het die ander mense onttrek en dan het die hele seminaar platgeval, omdat hy baie vurig sou wees. So dit lyk vir my, dit wat ek kan waarneem, hulle verkies om nie dit op so 'n vlak te hou waar ek nie my emosies met julle moet deel nie.

Albert: Hulle praat nie maklik daaroor nie.

Isak: Hulle sal nie maklik daaroor praat nie. Hulle sal eerder probeer sê "ek is 'n mens en jy is 'n mens", ek is nou nie meer wit en swart nie.

Albert: Maar jy sê tog, dit sit daar agter. As jy hom op die verkeerde plek druk gaan daai goed tog uitkom. Het een van julle die fliek op M-Net gesien "Bopha". Elsa het hom vir my opgeneem. (Niemand het nie) Dit is 'n interessante storie, die storie van 'n swart polisieman wat tydens die onluste daar in die Oos-Kaap, dan het hy seun wat so in st. 9, Matriek rond is wat dan nou een van die leiers word van die studente-opstande. En dan nou die stryd tussen pa en seun, pa wat nou half in die apartheidsisteem staan en wet en orde probeer handhaaf en die seun wat sê maar pa dit waarvoor jy staan is nie vir my aanvaarbaar nie. Daar het mens 'n kykie gekry in hoe die swartmense werklik geleef het.

Hanlie: Is dit B-o-p-a?

Albert: B-o-p-h-a. Bopha is 'n die Xhosa woord vir arresteer.

Hanlie: Is die fliek in Engels?

Elsa: Ja, die fliek is in Engels. Marius Weyers speel ook daarin.

Hanlie: Ek het net nie M-Net nie, maar ek sou graag die band wou leen en die fliek kyk.

Ben: Ek sal 'n bietjie met daardie hoërskool onderwyser reg oorkant my diaken gaan gesels. Hy is 'n baie aangename mens, maar hy sê hy behoort nie aan die ANC nie. Maar ek sal met hom gaan gesels.

Albert: Praat 'n bietjie, Ben, dan hoor ons.

Ben: Hy was nou 'n ruk in Amerika gewees. Maar is hy is baie vriendelik om mee te gesels.

Albert: Nou wat sê julle. Hoe dink julle het swartmense apartheid ervaar? Ons het nou die afgelope twee sessies redelik, ek wil amper sê, baie eenstemmig geklink dat ons nooit rassisties was nie, nooit NP gestem het nie… Wat is die term wat hulle destyds gebruik het? *Lilly-white* Ons was amper sondeloos gewees rondom apartheid, en tog was daar apartheid. Hoe dink julle het die swartmense apartheid beleef? Hoe rym dit met wat hulle sê of destyds gesê het?

Elsa: Ek dink apartheid het die swartmense heeltemal ver-"ontmens" – ek weet nie of daar so 'n woord bestaan nie. Ek persoonlik dink die swartmense in ons land sit met 'n geweldige minderwaardigheidsgevoel. Ons het hulle so afgekraak en so sleg behandel dat hulle oor hulleself niks gedink het nie en ek is oortuig daarvan dat die swartmense moet 'n verskriklike wrok of haat teenoor ons mense nog hê, wat vir geslagte lank nog so gaan bly voordat dit uitgewoed is. Ons kry nou nog Afrikanermense, veral van die ouer mense, wat die Engelse haat oor wat hulle aan ons gedoen het. Ek kan nie dink dat die swartmense ons kan wíl vergewe of kan wíl aanvaar na alles wat gebeur het nie.

Albert: Ek het laas week huisbesoek gedoen by 'n omie wat vir my in detail vertel het oor wat hy van die Engelse dink, juis oor wat hulle kleintyd aan hulle gedoen het. En hy trek nou al naby die 70, dis darem al 'n paar jaar terug.

Isak: Ek dink nie ons het … Miskien die afgelope tyd wat die verandering begin kom het, het ons besef hier is die swart leiers, hier is swart mense wat prominent kan wees. Maar in my grootwordtyd, ek dink nie ons het ooit besef dat… Ek dink nie ons het hulle ooit 'n kans gegee nie om … Wat wil ek sê? Ek dink nie ons het besef hierdie mense het ook emosies nie, hulle het ook gevoel, hulle ervaar ook dinge. (Band onduidelik)

Ek wil elke keer teruggaan na my ervaring toe. Die dag toe Mandela vrygelaat is, het ek in die skoolsaal gesit. Ek het 'n ouervergadering gehad nadat ons vir twee weke toi-toi's en daai goed gehad het. Ek het in daai saal gesit en daar het swartmense opgestaan wat kon aanhaal oor wat Verwoerd gesê het, oor die onderwys en dat daar nie verwagtinge vir hulle moet wees om dit en dit te kan word nie, en al daai dinge … Ek net het besef dat hierdie mense hulle al die jare al besef het ons is net eenvoudig as minderwaardige burgers beskou. En toe daai klomp mense daar opstaan en sê nou gaan ons huis toe, en hulle sing julle Nkosi Sikelele, wat ek die eerste keer gehoor het, en skielik sien ek hier staan ou swart vrouens voor my – in ou terme sou ons gesê het hierdie ou meid wat in die strate loop – en hier staan hulle en hulle sing hierdie lied. Ek verstaan nou nog nie al die woord nie. Dan skielik besef mens – hierdie mense het ook emosie, hulle het ook al die tyd 'n ervaring gehad. Ek dink nie ons het ooit – en dit is maar net my eie waarneming – ons kon ooit dink dat hierdie mense het werklikwaar ook 'n gevoel hieroor nie. Hulle moes dit mos net aanvaar – dit is soos dit is.

Albert: Gisteraand sê een van die manne daar hy was in die oë van dit witmens net 'n arbeider. Arbeider is nog 'n te mooi woord. 'n arbeidsinstrument, hy was net iets om te

werk, dit was wat hy was, hy was niks meer as dit nie. 'n Vrou vertel daar haar pa het op die plaas gewerk en 'n bees het hom getrap, die boer het hom net by sy huis afgelaai en gelos. Hy kon nie roer nie, hy kon nie opstaan nie, sy kinders was klein en hulle kon hom nie help nie, maar die boer het nie 'n saak daarmee gehad nie. Hierdie man was net 'n werkinstrument vir hom en as hy nie kan werk nie dan sit jy hom op die rak tot hy reggemaak is eendag. Dit is wat sy gesê het, en van die mans ook. Hy is net daar om te werk, sy hele menswaardigheid… Dit wat jy gesê het Elsa, die woord "ontmens" dis wat hulle beleef.

Hanlie: Ek dink die witman is ook dikwels gebruik om kinders mee bang te maak, deur swart ouers, en dit het dus ook gemaak dat daar 'n vrees was en totale. Dit bestaan ook nog vandag, maar dit was vroeër baie erger. 'n Totale wantroue in 'n wit persoon, 'n vrees, as jy hom sien moet jy hardloop want hy gaan vir jou klap of hy gaan jou skop, of hy gaan jou skiet, jy het geleer om baie fyn te lieg en presies geweet hóé om te lieg. Jy het geleer om te kruip en om humorsin te gebruik, veral die kleurlinge in die Kaap: "ja natuurlik my basie" en "nes die baas sê". Hy is darem so 'n oulike hotnot daai, nè, jy kan met hom werk. So jy het geleer om te manipuleer vanuit die ondergeskikte posisie.

Albert: Dit was maar 'n manier om te oorleef, om dit te hanteer.

Hanlie: Sy manier om dit te verwerk. Maar ek dink wat julle almal netnou genoem het is vir my baie belangrik: die groot gaping wat daar tog was tussen die ouer, ongeletterde swartman … Maar dan wil ek net iets sê oor die boer, dit is waar, maar dit is ook waar dat daar in geweldig baie gevalle die werkgewer amper gesien het as 'n ma of 'n pa, wat vir hulle gesorg het en wat juis vir hulle in so 'n geval sou dokter toe geneem het, en sou medisyne gegee het. Soos wat ons gebreinspoel was, is hulle ook gebreinspoel en was dit vir hulle aanvaarbaar, en daarom nou nog die man wat langs my in die tuin werk by my buurman, as ek met hom gesels dan sê hy "mies". En ek voel nou al heel ongemaklik as hy dit vir my sê. En as hy net vra hoe gaan dit of iets sê soos "sjoe maar dit het skielik koud geword" dan sê hy "ja mies, dankie mies". Elke keer. Elke keer. Na elke sinnetjie. Hy maak sy sinnetjie klaar en hy sê "dankie mies", agterna. Dan dink ek dit het jy êrens geleer toe jy verskriklik klein was as jy met hierdie wit vrouens praat dan moet jy elke sê "dankie mies" dan was jy goed en reg en mooi, anders hoekom sê hy dit. Vir guns wen of iets. En dit pla my. En dan ook as jy nou met die kinders praat of selfs met die ouers, dan sal hulle weer sê hulle kinders sien op hulle neer dáárom, want die kind sal sê waarom doen jy dit nog, ons het geveg vir vryheid, moenie jy nou vir my sê hoe ek moet leer of hoe ek moet maak nie. Jy het niks gedoen nie, hoekom

het jy niks gedoen nie. En dat dit nou tussen hulle, tussen die ouers en die kinders ook 'n groot ding word.

Ben: Ons was so selde in aanraking met mense wie se families ons nou hoor, vreeslik mishandel is, doodgeslaan is. Ons was so min in aanraking met die families van daai mense, as ons was sou ons hulle bitterheid agtergekom het. Ek weet in 1976 is 'n klompie by die Munisipaliteit afbetaal en hulle het nie 'n unie gehad destyds nie, en daar was bitterheid daar, want hulle was onwettig afbetaal, maar hulle kon daar niks aan doen nie.

Mike: Wat ek kan agterkom, ons weet tog dat elke mens deur fases van sy lewe gaan, die eerste een is om sy basiese behoeftes te bevredig, dan sy emosionele behoeftes en dan gaan hy na sy geestelike behoeftes toe. Ek dink wat gebeur het in 'n groot mate, is daai mense het by fase een vasgesteek vir baie jare, omdat sy basiese behoeftes nooit bevredig was nie. As jy niks het nie, kan jy nie vorder na die volgende stap van emosionele bevrediging nie. Of hulle dan nou weerhou is van die basiese behoeftes deur die blankes, en of hy dan nou nooit die geleentheid gehad het om in homself die basiese besitting en behoeftes te verbeter, dit geld vandag so, hulle wys dit tot onder blanke mense wat basies min besit, in 'n mate so hard besig is om te werk om sy eie basies behoeftes te verbeter dat hy nie tyd kry, of dink verder aan groei emosioneel nie, en daai mense het vir baie jare daar vasgesteek.

Hanlie: Of aan politieke ontwikkeling of sulke goed dink hy nie. Ek stem.

Mike: Dis reg. En nou kom dit dat in 'n nuwe bedeling… Dis hoekom hulle spot en sê die yskaste gaan uit die hemel uitval, dit gaan nie vir hulle hoe hulle gaan vorder in die samelewing nie, dit gaan oor hulle basiese behoeftes. Vir baie jare het hulle daar vasgesteek.

Albert: As jy nie die basiese behoeftes het nie, sal jy verseker eers daaraan aandag wil gee. Maar hoe reageer ons op sulke goeters? Hoe het ons destyds daarop gereageer? Ek dink nou hier aan 'n gedig van Adam Small wat ons op skool gedoen het en ek is seker almal het hom op 'n stadium gedoen. Daai gedig wat hy praat van die witman met jou aeroplane motorkar en jou skottels vol aartappels… Wat het ons destyds daarmee gemaak? Ek onthou ons het dit op skool gelees op 'n stadium, en ek kan nie eers dink hoe ons gereageer op daardie stadium nie. Hoe het ons gereageer op sulke

goed? Hierso byvoorbeeld skryf hy die storie van die ses maande swanger vrou op die bus. Ek weet nie of dit is waarna jy wil verwys nie.

Hanlie: Nie net dit nie. Ek wou eintlik gesê het dat baie van die goed, terwyl ons nou praat, dat dit pas by waaroor ons praat, en dit wat ons nou net van gepraat het, van die twee groepe, ek weet nie wie van julle het Judas Bok van Dalene Matthee al gelees nie. Nou heel agter aan hom is 'n stukkie uit hom uit wat absoluut dit wat ek nou gesê het demonstreer. Dit gaan oor ou Bet wat op die plaas gewerk het nog al die jare en haar seun wat grootgeword het daar, en wat nou gestudeer het en nou terugkom plaas toe en ook vir Bet vertel dat hy met 'n witvrou gaan trou. Sy reaksie en haar reaksie en hulle twee se saampraat; ek wil so ver gaan om te sê dat dit vir ons heelwat sou beteken om dit te lees hier vanaand.

Mike: Die vraag is hoe het ons dit hanteer, daai tipe van ding. Ek dink nie dit was ooit blootgestel aan die deurslag mense nie. Ek kan onthou toe ek grootgeword het in daai jare, die 50, 60er jare, was sulke leesstof nie vrylik bekombaar nie, jou ouers sou dit nie vir jou gegee het om te lees nie. Ons was nie blootgestel daaraan nie.

Albert: Ek sal dit aanvaar Mike, maar hierdie ding van Adam Small, ek wil net 'n stukkie lees “My blanke broer, kan jy jouself indink in die plek van 'n bruin of 'n swart man wat deur die volgende ervaring geraak is. Hy en sy vrou wat ses maande swanger is, het die sonnige middag by die see deurgebring en ondanks alles was dit aangenaam… ondanks alles, want die bewussyn van deurleefde vernederings bly immer lewe, ook in weerwil van, of miskien juis omrede, al die mooi dinge van die sintuie, soos ook die ope blou rus van die see…” En so meer.

En dan vertel hy nou hulle op die bus klim, hulle stap na die agterste deel van die bus waar hulle mag sit. Dit is reeds oorvol, behalwe vir 'n paar staanplekke. Dit is agter die gestreepte X, voor die X is daar 'n plekke gereserveer vir blankes daar mag hy of sy vrou wat ses maande swanger is, nie sit nie. Ons het hierdie goed nie gelees nie, later van tyd het ons dit dalk wel gelees. Maar ons het hierdie goeters gesien, hierdie goed het ons aan deelgeneem. Ons het ook op hierdie busse gery, blankes het hier gesit, swartes het daar gesit.

Elsa: Ons was so gewoond aan dit dat 'n mens dalk maar jou skouers geskud het, dis hoe dit gedoen word. Ek weet nie of ons regtig op daai stadium besef het dat dit so verkeerd is nie.

Naomi: Soos dit nou deurgekom het van die apartheid, dink ek nou onmiddellik hoe daar spottenderwys verwys word na donker groenes en ligte groenes. Die ligtes die blankes, en die donkeres die swartes, waar mens hierdie *double-decker* busse kry met die donker groenes bo en die lig groenes onder. Uit die gesondheidsaspek, op professionele vlak is dit asof ek die gevoel kry dat mense wat regtig hulp soek, blankes meer vertrou met hulle emosies as wat hulle 'n swart persoon in dieselfde beroep gaan vertrou. Hulle kom liewerste na my met hulle diepste ervaringe as wat hulle na 'n ander persoon sal gaan. Ek weet nie of dit bloot is om die vertroulikheid daarin en of sy dink en glo sy gaan beter hulp kry van die blanke persoon of wat nie.

Karin: Toe hierdie regeringsprosesse begin het, het ek saam met 'n swart maatskaplike werker gewerk, waar ons op een vlak gewerk het, en ons het baie oor politiek gepraat en daaroor baklei. Nie dat een van ons aktief in die politiek gestaan het nie, maar dit is wel so hulle skep baie vertroue in die hulp van 'n blanke, maar die vertroue van die mense op gemeenskapsvlak, daar kom ook tye wat jy nie seker is of hulle jou regtig vertrou nie. Ek het byvoorbeeld al ervarings gehad dat ek vooraf bestellings met dokters gemaak het, ek kan nie van Welkom af ry en van half sewe af in 'n tou in Bultfontein gaan sit en wag vir 'n dokter wat ek dan eers twaalfuur sien nie. Ek het nie tyd daarvoor nie. Dan maak ek 'n bestelling en gaan haal my pasiënt wat nie vervoer het nie, en as ek daar inkom en gaan sit en gaan na die tweede pasiënt in, dan skel hulle die "legoa" uit. Dit is nou mense wat my nie ken nie, maar ek het al vergaderings gehad by 'n huis waar ek gereeld kom, waar die ma die kinders bang maak met my. Dis toe die kind straat toe hardloop wat ek vir haar vra, waarom maak jy jou kind bang met my? Dis mos nie reg nie. En toe het die gestremdes haar betig en gesê sy mag dit nie weer doen nie. Maar aan die ander kant, ook met mense van buite, as hulle elkeen eers hulle mening gelug het, dan wil hulle eers weet wat sê "onse ma". Dan moet onse ma eers sê – die wat jou ken, wat vertrou in jou het. Daar is baie onderstrominge ook. Maar die mense wat van Qwaqwa af kom sê dat waar die blanke nie is nie, is daar chaos en ongerymdheid. Sy het nou weer vir my gesê: sien jy, wat het ek jou gesê?

Elsa: Ek dink hulle is so gebreinspoel; hulle is so afgekraak en minderwaardig dat hulle al begin glo, of party van hulle glo dat net die witmense kan orde skep. Ek glo nie dit is 'n algemene gevoel nie.

Karin: Weet jy Elsa, op maatskaplike vlak is daar baie senior leiers wat baie sterk uitkom met baie selfvertroue. Ek weet nie of ons op daai vlak anders is as julle nie, maar en dis nie vir my of hulle minderwaardig teenoor my is nie.

Naomi: Inteendeel, party het te veel selfvertroue. Ek kry amper die gevoel dat hy voel hy is te goed om met daai swakkeling te werk. Hetsy dit wit of swart is. Hy werk met iemand wat op sy vlak kan kommunikeer, hy sal nie laer afgaan nie. Waar ek as persoon nie omgee watter stand hy is nie, en watter stand hy is nie, as hy hulp nodig het, het hy hulp nodig.

Karin: 'n Swart gestremde leier in die Goudveld area, eintlik in die hele SA, het op 'n geleentheid gesê die swart *social workers* sit net in hulle kantore. Toe sê ek maar jy jok mos nou. Toe sê hy, maar jy is nie so nie, hulle moet jou 'n ander naam gee. Toe praat hy van Departement Welsyn se swart maatskaplike werkers wat weier om in die makoekoes in te gaan. Ek gaan daar in. Hulle bereik daai trappie dan sien hulle self op ander neer. Ek het 'n maatskaplike werker en 'n maatskaplike hulpwerker gehad en die hulpwerker het partymaal baie gekla, want sy moet die gestremde wat in die huis lê uitdra kar toe – hulle het die ander maatskaplike werker *madam* genoem – want *madam* verwerdig haar nie om uit die kar uit te klim nie. So dit is eintlik snaaks. Ek sal sê mens kry goeie mense wat wit is, en goeie mense wat swart is en gemengde persoonlikhede by al die groepe.

Isak: Dit is so dat van hulle hulle nie verwerdig om te daal na 'n vlak van hulle eie mense nie. Dit is so 'n opkomende sterk middelklas onder hulle wat besig is om uit te styg. Jy sien hulle oral, by al die vergaderings, by al die seminare, jy sien hulle in elke departement, veral in die staatsdiens, want dit is waar hulle rykdom, hulle welvaart lê.

Albert: Ons is dus besig om van 'n rasse stryd te skuif na 'n klasse verdeling, dat ons 'n blanke en swart middelklas gemeng gaan hê en laer klas wat swart en blank, maar hoofsaaklik swart gaan wees.

Hanlie: Ek sou so hoop. Maar ek wil net graag iets sê Albert: Ek dink ons is nou glad nie meer by die onderwerp nie.

Albert: Ons is so 'n bietjie ver van die punt af, maar …

Hanlie: Ons is besig om te praat oor die hier en nou en nie oor hoe hulle destyds gevoel het nie.

Albert: Ek het gehoor jy wou netnou iets lees.

Hanlie: Ek weet nie, maar wat ek gedoen het is, ek het net gaan kyk… Ek glo dat hoe mense voel kom uit in die volk se letterkunde. Behalwe dat ek met die ouens by die skool gepraat het, het ek gedink waar anders sal ek kan weet hoe hulle gevoel het? Want ek stem saam met Ben as hy sê ons was so ver verwyder dat ons nie sal weet hoe hulle gevoel het nie. En toe het ek maar net gaan kyk na 'n paar van die baie digters en skrywers, maar omdat hierdie een so goed aangesluit het, het ek gedink dat as iemand nie iets besonders nog het wat hulle wil vertel nie, dan kan ons hieruit presies sien hoe die mense gevoel het. As ons dit lees, sien ons hoe het die mense gevoel. As ons wil weet hoe het hulle gevoel.

Albert: Maar dit is 'n wit vrou wat dit geskryf het.

Hanlie: Dit is die enigste een wat 'n wit vrou geskryf het, die ander is almal swart mense of gekleurde mense. Maar ek dink dat sy dit presies uitbeeld soos wat dit was. Wat ek graag sou wou doen, is om 'n ma en 'n seun te hê wat die goed sal lees. Dan is dit vir my sinvol. Ek sal enige tyd ou Bet wees as ek 'n seun sal kry. Wil een van julle nie my seun wil wees nie? A, kom lees jy. Ons begin sommer daar bo. (Begin met voorlesing uit Daleen Matthee se "Judasbok". Hanlie lees ma en A lees seun)

> Ma: En nou wil jy trou met 'n witte omdat dit teen die Afrikaner se wet is?
>
> Seun: Ek sal die Afrikaner wys dat hy my nie van sy land kan hou nie, en ook nie onder sy wette nie.
>
> Ma: Die woord van God sê duidelik dat ons mekaar moet vergewe en dat ons moet bid sodat ons mekaar kan liefhê. Ons moet die wit man met die swart hart liefhê en vir hom bid totdat sy hart ook wit is. Haat en *spite* het nog nooit iets reggemaak nie en dit sal ook nie. Trou met 'n witvel sal ook nie jou hart wit maak en hare ook nie.
>
> Seun: Wolwedans het ma voorwaar leer dans op hulle wysie.
>
> Ma: En wie het jou miskien laat leer?

Seun: Ma het daarvoor gewerk.

Ma: Nie 'n pennie van my loon is daarvoor gevat nie.

Seun: Nie direk nie. [dan kom die sussie uit die kamer uit] Kan ma nie kyk dat Nossie tande kry nie.

Ma: Los jy Nossie se tande uit. As daar geld is, sal die tande ook daar wees.

Seun: Ek neem aan sy werk in die opstal se kombuis.

Ma: Sy wou nie leer nie, mies Hettie is goed vir haar en leer haar allerhande fênsie kos maak, sodat sy eendag in 'n goeie hotel sal kan gaan kook. Mies Hettie sê die kind se hande staan vir niks verkeerd nie. [Dan vertel sy nou dat ou Bet in die koerant was omdat sy haar eie huis gebou het en haar eie stene gemaak het en so aan.]

Seun: Ja, maar in die oë van die wit Afrikaner bly ma net 'n meid, die oomblik wat ma ma se voet oor die streep sit is ma vyand, opstoker, kommunis, is ma gemerk soos ek. Ek kan aanloop maar ma nie… Ek sal die wit Afrikaner haat tot die dag dat ek gesterf het.

Ma: Mag God jou genadig wees soos wat hy ons genadig moet wees. Vervloek 'n man en jy maak sy wapens skerp, sê mies Hettie; *bless* hom en jy maak sy wapens stomp. Ons moet vir mekaar bid anders gaan die wapens nie stom kom nie en anders gaan ons mense ook nie bo uitkom nie. (Maar hy wil haar laat knak en haar laat insien dat die witmense haar gebruik volgens hom. Middel van p147). Hoe moet ek aan jou bewys dat die boere op daai plaas se harte wit was? (En dan kyk hy op sy horlosie).

Seun: Dis Sondag, oor 'n uur of 'n uur en 'n half gaan hulle vir die aanddiens kerk toe op die dorp. Die wittes, die Afrikaners. Gaan trek ma aan dan neem ek ma tot by die kerk en dan gaan ma in en dan woon ma die diens saam met hulle by.

Ma: Is jy van jou kop af?

Seun: Ma sê dan…

Ma: Se moer! Dink jy ek weet nie wat in die wêreld aangaan nie? Dink jy koerant kom nie tot op Wolwedans nie?

Seun: Maar hierdie mense reken dan vir Ma. Hulle respekteer Ma, hulle ken Ma dan so goed. Die gevalle waaroor daar in die koerant geskryf was, was vreemdes vir mekaar. Ma sê mos die meeste van hulle se harte is wit. As Ma dan vanaand saam met hulle in die kerk gaan sit …

Ma: Dis nie my plek nie, en dis nie onse kerk nie.

Seun: God is tog almal se God, dis tog sy huis.

Ma: Hoe praat jy dan nou met my tong? Of praat jy soos die wind, dan hier en dan daar?

Seun: Nee, Ma. Al wat ek vra is dat Ma moet bewys dat Ma vir hulle mens is. Bewys dit aan my en aan Nossie en bo alles aan Ma self.

Hanlie: Hulle bly redeneer en bly redeneer. Hy sê later vir haar sy is net bang. Bang om oor die lyn te trap wat hulle vir haar getrek het.

Ma: Sy bid. God my Vader, hou vas my hand solank ek hierdie beker vanaand drink. Gaan my vooruit en berei vir my 'n plek sodat ek nie voor hom val nie. En laat mies Hettie en baas Piet nie vanaand kerk toe gaan nie. Spaar hulle dit. Amen. (Dan ry hy haar en dan stop hulle nou by die kerk en sê hy vir haar.)

Seun: Belowe my net een ding ma, nie agter teen die muur nie, maar reg in die middel.

Ma: Sy kyk nie links of regs nie, haar voete vat haar in die paadjie tot waar haar liggaam moet gaan sit. Here help my dan. Sy hoor nie die druising wat deur die kerk gaan nie. Deur die newels van haar brein sien sy die goue letters "God is liefde". Die mense kug, die gemeente is in beroering, sy ruik haar eie angssweet in die lug en hou haar oë brandend op die goue letters. Uit die toring weergalm 'n

enkele slag en daarna is dit stil. Sy sien hom kom uit die hoek van haar oog. Die koster.

Koster: Ou Bet. Die kerk is vir wit mense, jy sal moet loop.

Ma: (Dan stap sy uit.) "My God, waarom het u my verlaat"? Onder die trap wag Karel vir haar.

Hanlie: Dit wat vir my baie duidelik van hoe hierdie mense gevoel en gedink het. Al hierdie ander goeters.

Elsa: Die ouer mense was so gewoond aan dié goed dat hulle nie regtig besef het dit is verkeerd nie. Toe die arme vrou nou in die kerk kom. Daar is nog steeds mense wat so dink.

Isak: 'n Maand terug ry ek na een van die dorpies hier in die omgewing om 'n lokaal te kry. Die skole in die swart gemeenskappe is nie veilig nie. Ek soek 'n plek om my rekenaars te sit. Die prinsipaal van die wit skool in die dorp, hy is angstig want hy weet die skool het min kinders, die skool gaan agteruit. As daai R200 000 se rekenaars daar staan kan hulle dit in die oggend gebruik, ek wil net in die middag swart studente, volwasse swart student inbring dat hulle in daardie tyd die klaskamers kan gebruik. Ek moet 'n brief skryf, die bestuursliggaam laat weet vir ons as die swart studente in die middag op die skoolgrond kom, is daar van die ouers wat hulle kinders uit die skool sal haal. Ek kan dit verstaan.

'n Senior lektor by my is 'n swart vrou, baie bekwaam. Sy praat Afrikaans so vlot soos wat ons dit hier praat. Sy praat Engels en van die ander tale ook. Sy bestuur die projek vir ons, sy doen die bemarkingswerk ook. Ek en sy ry nou soontoe. Ons het klaar die groot geveg geveg. Dit is nie vir my 'n probleem nie, ek is verby dit …

Albert: Sy sit voor in die kar…

Isak: Sy sit voor in die kar. Langs my. Saam met my. 'n Paar jaar terug is dit ongehoord. Jy moet kyk hoe kyk daai boere in hulle bakkies my aan. Hier is 'n groot liberalis, kommunis. Nou soek ons 'n plek in die dorp wat ons kan huur. Ons het die geld. Dit is RDP geld. Geld is nie die kwessie nie. Ek soek 'n plek wat ek kan huur en kan opgradeer op die projek te loods. Ek kry druk van die departement af. Uiteindelik

kom ons by hierdie swart stadsklerk uit. Ons moes hom eers laat verstaan wat is 'n *estate agency*. Is hier iewers in hierdie dorpie 'n eiendomsagent. As ek dan iewers 'n gebou kan kry om te huur, dan huur ons dit. Ja, daar is een. Nou ry ons soontoe. Ons kom daar, maak die deur oop. Die dame is agter haar lessenaar besig op die telefoon. Nou sit ons maar en wag dat sy klaarmaak op die telefoon dan kan ons nou met haar praat. Sy het klaar gepraat, die telefoon neergesit, na my gekyk en gesê kan ek julle help? Oor so 'n afstand. Toe staan ons op, toe gaan staan ons voor haar lessenaar waar daar twee stoele is. Sy het ons nou nog genooi om te sit. En sy het net met my gepraat. Sy het nie met die swart vrou lang my gepraat nie. Toe sy ons telefoonnommers neem om ons te skakel, sê ek maar neem gerus mev W se telefoonnommer ook dat jy haar kan skakel want ek is baie minder op kantoor as sy. O ja, wat is jou selfoonnommer? Ons het daar uitgestap en in die motor geklim. Toe sê sy: meneer kyk, hierdie mense hierso moet nog 'n bietjie verander! Daar is nog mense wat so dink.

Mike: Daai stuk wat julle gelees het, as jy nou nog met die ouer geslag praat sal hulle sê die jonger geslag het nie vir hulle respek nie. Die mense sê die ouer geslag het beheer oor die jonger geslag verloor, daarom dat die jeug nou so rebels is ens. Dis niks anders as daai nie. Hierdie seun het al klaar gerebelleer omdat sy ma in die guns van die blankes probeer bly, dis die *comfort zone* waarin hulle gelewe het – moenie doen wat verkeerd is nie, dan bly jy uit die moeilikheid uit. En die kinders het daai tyd al gesê maar ma hoekom praat jy saam met die blankes. Dit het verander oor die jare. Nou, dink ek het die jeug 'n paar dinge aan hulle kant : skoolopleiding, die media en so meer, en nou sê hulle, nee kyk, ons ouers was miskien die witman se vloerlap, maar ons gaan nie wees nie. So dit kom die heeltyd terug na wat daar gebeur het, gebeur nou nog. Nou het die jeug net gesê ons ouers was basies slapgat maar ons gaan nie wees nie.

Albert: Hou sou jy gereageer het as jy swart was in hierdie storie? As jy Karel was in die storie? Dis altyd my vraag. Ek dink as ons daai vraag eerlik kan antwoord sal ons baie meer begrip hê vir wat Karel byvoorbeeld gesê het in die storie. Iets daarvan tel ek wel op by ons blankes. Karel hier in die storie is die benadeelde en hy rebelleer teen hierdie benadeling van homself. Ek hoor dit by my eie mense as ons praat oor Afrikaans op TV, ons weier om TV lisensies te betaal, want hulle gee nie meer ons programme nie. Al hierdie goeters wat ons as vanselfsprekend aanvaar het oor die jare wat nou nie meer so vanselfsprekend is nie. Ons rebelleer soos wat ek vir Karel hoor rebelleer in hierdie storie. Presies dieselfde ding hoor ek nou, omdat ons ten opsigte

van sekere goeters nou uit ons oogpunt gesien aan die "benadeelde" kant staan. Het julle ook al die droom gedroom al die blankes is swart en al die swartes is blank. Is dit nie min of meer wat gebeur het nie?

Mike: Ek dink nie dit is moontlik om jou regtig in te dink in hulle sitasie nie. Ek dink dit is *impossible*. Dis dieselfde as wat ek my nou indink ek in die Gestapo en ek vermoor Jode, ek kan myself nie daarin indink nie. Waarin ek wel myself kan indink, is die manier waarop ons hulle behandel het … Ek meen hoe kon ek nou anders opgetree het in die busstorie met die streep. As hy nie in my skool mag wees nie, nege-uur in die aand moet hy uit die dorp wees. Hoekom sal 'n streep in 'n bus nou vir my snaaks wees. Die res van die goed is erger, hy mag nie eers vanaand in die straat wees nie. Nou moet ek *worry* oor 'n bus. En dit is hoekom ek sê, daai busstorie, en net blankes op die stoele… Ek kan dit nog onthou. Laat daar nou net 'n flappie op daai bank loop sit, dan moet jy sien hoe word hy daar afgeneuk.

Isak: Ek stem met jou saam. Ons het dit gehad as standaard praktyk vir jare. Ons het dit so aanvaar. Die gemiddelde wit Afrikaner, by name die blanke Afrikaner, het dit aanvaar. Dit is reg so, dit is goed so. Niemand van ons het ooit gedink dit is verkeerd nie. As jy jouself nou moet vat, op jou ouderdom, afgesien van jou intellek, jou ouderdom, wat ook al, net omdat jy wit is moet jy nou vir 'n swart persoon, 'n kleintjie sê "my kleinbaas". Verstaan jy. Al die jare het ons dit aanvaar.

Elsa: Ons weet nou eers dit was verkeerd.

Albert: Dis is wat hulle gisteraand vir my vra, die wit mens lees sy Bybel, maar glo hy aan God, want God is dan 'n God van liefde, en hierdie goeters, ons weet dan nie dis verkeerd nie. Een ou vertel hy was 'n polisieman in Hammanskraal. Daar was 'n kennisgewing teen 'n muur "elke blanke polisieman is die meerdere van 'n swart polisieman, ongeag sy rang". As 'n wit ou vir 'n swarte, selfs wat 'n hoër rang het, iets sê, dan moet hy dit doen. Wil jy vir my sê, ons het nie geweet dit is verkeerd nie? Iemand het gepraat van ou Bet se *comfort zone*. Was dit nie ook maar ons *comfort zone* gewees nie? Ek lees Antjie Krog se boek *The country of my skull*. Dit gaan oor die WVK, sy skryf van 'n professor wat iewers hier uit Sentraal-Afrika kom. Hy praat nie van *victims of apartheid* en "*perpetrators of apartheid*" nie, maar hy praat van *victims* en *beneficiaries*. Bevoordeeldes. Ons kan miskien onsself troos en sê maar ons het nooit iemand doelbewus benadeel nie. Ons was nie Eugene de Kok of die BSB nie, dit is weliswaar waar, maar daai *beneficiaries* spook by ons. Is ons nie maar só gemaklik

in daai *comfort zone* gewees, want jy het goedkoop arbeid in die huis, in die myne, jy het alles wat jy wil hê. Die wêreld is vir ons gemaak.

Isak: Hoe lank gaan ons nou nog loop met die skuldgevoel? Gaan ons, soos iemand gesê het, soos 'n bobbejaan sit en al jou derms uitgrawe hieroor? Die grootste stuk bevryding vir my is, behandel die mense nou as jou gelyke. Hulle moet dit verwerk. Maar lank moet ons mense nou aanhou om ons te verwyt daaroor?

Mike: Die aanhou is nie die probleem nie, wat is die gevolge daarvan? Die gevolge van die swartes se ondergedruktheid was dat hulle 'n swak selfbeeld gehad het. As ek en jy mekaar so afkraak en sê ons was darem so sleg, en so sleg, dan gaan ons naderhand so 'n swak selfbeeld hê dat ons naderhand die onderdrukte volk sal word. Ons kritiseer onsself nou so vreeslik om so min van onsself te dink, want ons het hulle dan nou so sleg behandel. Ons is nou so bleddie wreedaards. Wat gaan jy aan die einde van die dag doen? Wat gaan jy word.

Albert: My probleem lê nie daar nie. My probleem lê by die ou wat in sy lewe nog nooit sê daar was 'n probleem met apartheid nie. Vir die blanke wat net doodeenvoudig sê, apartheid was miskien 'n fout gewees, maar dis nou oor en verby. Ek het geen voordeel daaruit gehad nie. Ek het niks om oor sleg te voel nie. En hy gaan maar net so aan. Dis vir my 'n groter probleem. Iewers langs die pad moet 'n mens dit ten minste een keer sê.

Hanlie: Ek het 'n idee, dat die hoeveelheid blankes in die land so min is, dat die klompie wat nou nog sê soos wat jy nou gesê het, vir die swart mense nie veel van 'n probleem is nie, want hulle is so min mense. Maar wat my pla, is dat ek gereeld in die koerante nou nog lees dat hulle nie genoeg vertroue het in mense wat maak of hulle vreeslik jammer is nie. Hulle moet 'n lang pad eers saam met jou loop voor hulle jou "glo". Dan wil ek weer vir jou aanhaal wat Adam Small sê "moenie vir jou misgis in die Engelse pers as jy 'n pragtige koerantuitknipsel sien van 'n blanke geestelike met wat swart kindertjies omhels nie, moenie sonder meer dink dit is christelike liefde wat daar verkondig word nie – dit mag deel wees van die bedrog".

Mike: Dit bring ons terug na wat ons voorheen gepraat het van rassisme, die werklike haat van rasse teenoor mekaar. Dit word nie verander deur beleid nie, daai rassisme is ingebore. Ek ken mense wat vandag nog sê, ek is 'n Christen, ek stem nou ANC, maar intussen haat hy 'n swarte met 'n intense haat.

Hanlie: Dit moet 'n hartsverandering wees. Jy moet 'n besluit maak, en dan groei jy.

Johan: My vraag is net, as jy nou iets weggevat het, wat sit jy in die plek daarvan. Ons het nou apartheid weggevat, wat sit ons in die plek daarvan? Die *one rainbow nation* waarvan ons praat? Dit klink vir my hier in ons gesprek erken ons nie meer dat daar verskillende groepe bestaan nie, nie die een beter as die ander nie, maar verskillende groepe wat ander kulture het, wat ander tale het, wat ander gewoontes het, wat nie noodwendig by mekaar wil wees nie. Ons ontken dit lyk my.

Hanlie: Nee, waar kom jy daaraan dat ons dit ontken?

Johan: Nou wat sit ons in die plek van dit wat ons weggevat het?

Hanlie: Christenskap hoop ek.

Johan: Ja. Noudat ons klaar jammer is oor apartheid, en dit wat ons gedoen het, want ons het vreeslike dinge gedoen. Wat kom ons in sy plek?

Albert: Gelykheid, in plaas van ongelykheid in die verlede. Hoop ek. Dis die een ding wat dwarsdeur kom, dit was maar net nie gelyk nie. Die speelveld was nie gelyk nie. Ons behandeling en die behandeling wat swartes gekry het, waar ook al, het net eenvoudig verskil. Al wat die teendeel kan wees van wat daar was, lyk my, is die gelyke behandeling van mense. Ons moenie na die anderkant toe oorval nie, dis die gevaar. En ek dink ons het sekerlik iets daarvan in SA op hierdie stadium. Dat die swartes nou weer 'n meerdere posisie wil inneem teenoor die blankes se mindere posisie, wat ook nie die oplossing is nie. Daarom praat die grondwet van die gelykheid van mense. Dis waarby ons sal moet kom.

Mike: Rassisme moet nou nie omgekeerd raak nie. Dit is besig om sterk deur te kom in hierdie plaasmoorde, waar die blanke boere net omdraai en sê nou het ons genoeg gehad. En wat is die gevolge daarvan, omgekeerde rassisme en haat; waar die boere gaan omdraai en sê tot hier toe en nie verder nie.

Albert: Maar is dit nie omdat ons alles deur 'n kleur-prentjie wil sien nie?

Mike: Dit is presies wat ek sê. Ons het apartheid mee weggedoen, maar rassisme doen jy nie mee weg deur wetgewing of wat ook al nie. Rassisme moet van binne af regkom, hopelik deur geloof en geestelike verandering.

Johan: Rassisme soos in haat. Maar wat word van die kwessie van groepe?

Mike: Apartheid wat geforseer was, as wetgewing. Want ons voel dit hoort nie meer nie. Maar selfgekose apartheid, is my eie keuse. As ek wil nie saam met jou kuier nie, is dit my keuse, en dit gaan nie oor of jy swart of wit is nie.

Albert: 'n Skemerpartytjie, wat gebeur daar? Die mans staan op een plek en gesels rugby, die vrouens staan op 'n ander plek en praat, ek weet nie waaroor nie, maar hulle praat oor iets. Maar as die gasheer sê vrouens móét daai kant, mans móét daai kant, julle mag nie meng nie. Dis die dilemma.

Mike: As ons kyk na die Engelse woord vir apartheid – want hulle kon nog nooit 'n Engelse woord vir hom kry nie omdat die Engelse nie wou glo dat hulle ooit iets met apartheid te make gehad het nie – die regte Engelse woord was *separation*. *Separation* van mense het niks te doen met die woord apartheid nie. Apartheid was 'n instelling deur 'n Staatsdepartement. Dis hoekom daar nooit 'n Engelse woord vir apartheid was nie. Gaan kyk maar in die Engelse koerante. Hulle praat maar van Apartheid – en dan spel hulle dit nog verkeerd ook. Ek het niks teen Engels nie, ek het Engelse in my familie, so moet my nie verkeerd verstaan nie. Apartheid was 'n vloekwoord wat op die blanke Suid-Afrikaner geplaas was as gevolg van wette. Dis 'n totale ander *issue* as die swart mense wat uit die kerk uitgejaag was, daai swart dame, omdat die mense daar gedink het sy stink, en 'n swarte hoort nie in daai kerk nie. Of was sy uitgejaag omdat daai kerk, en die wetgewing van daai kerk was dat swartes nie in daai kerk mag kom nie.

Hanlie: Natuurlik was dit laasgenoemde.

Mike: As die dominee sê in my kerk kom nie swartes nie.

Elsa: Al is die wetgewing nie meer so nie, is daar nou nog mense wat uit die kerk uit loop en sê swart mense hoort nie in die kerk nie.

Albert: Jy sê nou apartheid was 'n stelsel wat half op ons afgeforseer was, dis die indruk wat ek nou kry, dit was 'n baie passiewe ding. Dit voel vir my of jy sê ons was uitgelewer aan apartheid.

Isak: Ons het gestem vir die regering. Ons het Nasionaal gestem.

Mike: Nee, nee, nee. In die vroeër jare wat ons nie kon stem nie, wat ons as kinders grootgeword het, het ons in daai ding grootgeword, en ons het niks anders geken nie.

Albert: Hoeveel keer in jou lewe het jy gestem?

Mike: Ek twyfel of ek ooit in my lewe gestem het tot die nuwe regering gekom het. (groot reaksie in groep – onduidelik)

Johan: Al het jy Nasionaal gestem, het jy nie elke keer vir dieselfde ding gestem nie. Dit het tog ontwikkel. Die Nasionale Party se beleid byvoorbeeld, elke vier of vyf jaar vorentoe het jy gedink ons is op die regte pad daarom stem ek weer vir hulle.

Elsa: A, wat jy gesê het oor die *comfort zone*: ons het geweet in ons agterkoppe, dit was verkeerd, maar dit was gerieflik en gemaklik vir ons. Ek wil graag iets sê van Desmond Tutu in die Rapport Sondag oor die WVK. Hy sê wat hom verskriklik hartseer maak van die hele storie is dat ons wit mense sê ons is jammer, maar… Ons kan nie net sê ons is jammer nie, ons wil alles probeer regverdig, maar die geskiedenis kom van daai tyd al af, of dit was die regering, daar is altyd 'n rede oor hoekom ons iets gedoen het. Ons kan nie net sê "ekskuus" nie. Ons wil dit probeer regverdig deur 'n maar. Deur te sê daar was nog altyd rassisme of daar sal altyd rassisme in die wêreld wees. Ons moet altyd daai maar bysit.

Hier is 'n stukkie wat in die Sarie was oor 'n swart vrou wat 'n boek geskryf het oor die moord op Amy Bihl. Sy het dit geskryf asof sy die ma van die moordenaars was, die seun wat die wit meisie doodgemaak het. En wat sy onder andere sê, wat baie swartmense sê, is dat daar is so 'n verskriklike ophef daaroor gemaak omdat dit 'n wit meisie was, as dit 'n swart meisie was wat op dieselfde manier daar doodgemaak is, sou geen haan omtrent daarna gekraai het nie. Daar was gister op Punt radio 'n bespreking oor die bomontploffing by die Waterfront, toe het daar 'n swartman en 'n kleurling ingebel wat sê hulle voel vere daarvoor, vir die mense wat dood is of wat seergekry het, daar word elke dag honderde swartmense doodgemaak, ook deur

kriminele. My bediende sê vir my in Thabong word daar elke naweek omtrent drie of vier mense doodgemaak. Ons steur ons net nie daaraan nie, dit pla ons nie. Maar dat daar nou 'n wit boer doodgeskiet word, of 'n wit mens doodgemaak word, dan is dit op die voorblaaie van die koerante vir weke lank en dis op die nuus elke dag. So die mense beleef nog steeds die storie dat ons onsself sien as superieur.

Mike: Ek kan nou ongelukkig nie saamstem nie. Laat ek jou vertel. Laat daar 'n swart vrou vandag in Welkom vermoor word deur 'n blanke man, en kyk wat gebeur dan. Jy praat van hoe word tientalle in Thabong vermoor; hulle word deur hulle eie mense vermoor. Daai swartes wat gebel het oor die bomontploffing, as daar een van sy familielede daarin dood was, was dit 'n ander saak. Ons kan ook nie sê daar word 'n bohaai gemaak as 'n boer doodgemaak word nie, daar word dink ek twaalf boere word elke maand vermoor. Hoeveel swartmense word deur blankes doodgemaak vanaand.

Hanlie: Ons kom maar net nie weg van kleur af in hierdie land nie.

Mike. Dit is absoluut wat ek sê.

Elsa: Ons bly dink in terme van wit en swart. Ons dink nie aan mense nie.

Mike: Hier skryf Tutu homself dat die blankes kan nie net sê hulle is jammer nie, hulle moet sê maar. Hoeveel van daai swartes wat al vermoor het, het al gesê, *sorry* ek is jammer, en hulle sê nie ook maar nie? Ek dink ons moet dit nie uit verband ruk nie. Ek sê rassisme is verkeerd. Dit is absoluut uit. Maar ek sê ook moenie nou die blanke maak asof hy die enigste een is wat altyd 'n rassis wil bly die res van sy lewe nie. Dis onwaar.

Hanlie: Kom ons haal nou die woordjie blank en swart uit ons sinne uit, ons mag dit glad nie gebruik nie. Dan sou jy nou sê die persoon van Thabong voel dat daar 'n bohaai gemaak word as die persoon van Colesberg dood is, maar terwyl in Thabong baie mense sterf, word daar nie 'n bohaai oor gemaak nie.

Naomi: Dit is die mense van Thabong wat hulle eie mense doodmaak.

Johan: Dan ontken jy die verskil tussen mense. Dat ons 'n eie taal het, dat ons almal verskillend is; nie beter as die ander een nie…

Hanlie: Dit het mos nou niks daarmee te doen watter taal ek praat of ek vermoor word of nie.

Johan: Maar jy is wit of swart. As ek 'n Xhosa is kan ek tog nie wit wees nie.

Albert: Kan ons moedswillig wees… Julle hoor dat ek vanaand baie moedswillig is.

Hanlie: Dit is vir my besonder belangrik.

Albert: As jy nou dieselfde argument net anders hanteer, is dit 'n Zoeloe, 'n Xhosa, 'n Sotho en 'n Tswana en wat ook al. As 'n mens dan nou almal volgens hulle rasgroep of taalgroepe gaan verdeel. Ons praat nooit so nie. Ons klassifiseer in twee groepe, wit en nie-wit. En dis soos ons daaroor dink. Dat almal mense is sekondêr, ek glo nie dis so belangrik nie, maar dis is weliswaar sekondêr in hoe ons praat oor die goeters.

Hanlie: Dit gaan nog baie lank vat.

Karin: Kan ek net hier inkom. Ek het 'n konflik situasie hanteer tussen 'n Sotho en 'n Xhosa. Toe ek later met die Sotho alleen is, sê ek vir haar: sê nou vir my eerlik – want ek het 'n baie goeie verhouding met die vrou – wat is regtig agter hierdie bakleiery ban julle? Toe sê sy vir my: jy weet, daai vrou is 'n Xhosa, hulle is diep skelms. So, onder hulle, kry jy dit tog ook wel.

Hanlie: Hoor jy dan nie wat ons nou doen nie? Ons sê omdat die Xhosas en die Zulu's mekaar ook moor, of omdat hulle ook verkeerde dinge sê, daarom is dit seker maar so dat ons dit ook mag sê. Met ander woorde, as hulle dit doen is hulle ook verkeerd. As hulle dit doen, is hulle ook rassisties. Maar dit maak nog nie vir my rassisme goed nie.

Karin: Maar gaan dit ooit verdwyn? Nee, rassisme is nie goed nie…

Hanlie: Maar jy is klaar rassisties as jy sê dit net wit boere wat deur swart mense doodgemaak word. Dan is jy klaar rassisties. Want rassisties beteken net jy heg sekere rasse-eienskappe aan sekere groepe mense, en jy wil daarmee beweer dat dit alleen swartmense is wat moordenaars is. As jy dit sê, dis hulle eie mense wat hulle doodmaak, dis maar *oraait*. Maar hulle eie mense moet nie ons boere doodmaak nie. Dan is dit mos rassisties.

Johan: Jou definisie kom iets kort. Jou definisie kom daai emosie kort van haat of liefhê. Rassisme is gekoppel aan emosie.

Hanlie: Jy gaan tog seker nie iemand doodmaak en niks voel nie.

Karin: Weet jy, dit is vir my interessant. Die een vrou by ons vertel hulle het iewers hier 'n swartman doodgesteek vir twee brode. Daar het 'n jongman by hom verbygeloop en gesê gee vir my jou brood, toe sê hy ek kan nie, dis my gesin se kos. Toe steek hy hom net daar dood en hy vat sy brood en hy loop …

Hanlie: Ja, ek sal dit doen. As ek honger is, sal ek dit doen. Dit is die kultuur van vat en doodmaak.

Karin: Toe sê ek vir haar hoekom? Toe sê sy, wel as hy nie het nie, dan vat hy.

Hanlie: Maar dit het niks met sy swart vel te doen nie, dit het met sy agtergrond en wat hy gesien het en wat hy beleef het terwyl hy grootgeword het, dit het daarmee te doen.

Mike: Ek dink dit is die regte antwoord daai. Dit het niks met sy velkleur te doen nie. Dit het te doen nie met rassisme nie, maar met emosionele optrede ...

Hanlie: Hoe hy grootgeword het, wat hy geleer het.

Mike: As jy dit in jou het …

Hanlie: Dis nie aangebore nie. Dis definitief nie aangebore nie, daar gaan ek kwaai met jou verskil.

Mike: Wat leer jou om 'n wreedaard te wees? Omstandighede?

Hanlie: Dis nie aangebore nie. Dit is omstandighede negentig persent sou ek sê.

Albert: Kom ons top eers op hierdie punt. Dit is al laat. Ek moet vir julle sê, ek is baie opgewonde oor wat besig is om te gebeur in die groep. Ek was nou moedswillig gewees 'n paar keer vanaand. Dis goed. Maar hier is goeters gesê waarin ons mekaar begin konfronteer. Goed waarin ons verskil van mekaar. En ek dink dit is belangrik. Ons gaan by mekaar nog góéd leer op hierdie paadjie wat ons loop. Aanvaar dit as nie

persoonlik nie. Ek dink nie enigeen het iemand iets persoonlik probeer sê nie. Ek dink die goed wat gesê word, moet gesê word. Ons kan van mekaar verskil. Dis OK. Ons kan sinvol van mekaar verskil. Ons is op pad om mekaar te help om beter te leef in hierdie land van ons. En hierdie goed wat ek met die swart mense praat en wat julle met julle praat en die goeters wat ons kry en om op die tafel te sit, dit moet alles deel wees van help ons as blankes om beter te leef in die nuwe SA: Ek dink ons is goed op pad. Ek hoop julle is net so tevrede soos ek is. Party mense het min gesê. (Onderbreking in die band – die groep vra na my gesprekke net swart mense. Skakel band weer aan).

Ons moet oor swartmense se name praat. Wat is julle huisbediendes se name? (Elkeen vertel) Dit is interessant. Die eerste ou met wie ek gesels... ek vra hom wat is sy naam. Hy sê Michael. En onmiddellik gaan hy aan en praat met my oor wat sy naam beteken. Sy naam is eintlik Mokake. Dis sy naam. Maar kleintyd het hulle hom gedoop Michael, want die wit mense kon nie sy swart naam sê nie. Vat sy ma hom dokter toe, want hy is siek, dan vra die dokter wat is sy naam? Mokake. Nee heng ek kan nie daai naam sê nie. Jy is Michael. En wat dit aan daai jong man doen. Dit is 'n outjie so 'n paar jaar jonger as ek. Hy het seker 'n goeie twee, drie, vier minute gepraat oor sy naam. Hy wil nie Michael wees nie, want hy is nie Michael nie. Hy is Mokake.

Die ander ding is die onderwys. Die een het vertel, hy was in 1976 tydens die onluste en die studente-opstande was hy 'n student by die universiteit. Hy sê hoekom hulle in opstand gekom het teen Afrikaans – soos wat hy dit nou verstaan, dit is sy mening – hulle moet Afrikaans leer sodat hulle 'n opdrag van 'n blanke in Afrikaans kan verstaan en gaan uitvoer. Ons is weer by die punt dat die swarte maar net 'n instrument van arbeid is. Goed, kom ek lees gou vir julle wat ds. P geskryf het.

*Siening van Apartheid as swartmens, hoe ek dit beleef.*

*Wat ek hierso sê is met een doel as Christen: om foute van die verlede te herstel en ook mekaar te kan vergewe. Sodat ons mekaar kan versoen en kan leef soos Christene wat deur die bloed van Christus gewas is.*

*Die blankes het nie apartheid beleef nie. Dit sal nie maklik wees vir hulle om te verstaan hoe het apartheid die swartmense seergemaak nie, om te sien dat dit boos was. Dit was die beleid van die regering van die dag. Dit was op die wetboek en die blankes het dit aanvaar. Gelowiges het die Woord van God gelees maar nie*

*geluister nie. Liefde was nie daarso nie. Apartheid het die blankes verblind. Hulle het dit 'n norm vir hulle lewe gemaak in plaas van die woord van God. Hulle het volgens die wil van apartheid geleef, nie volgens die Woord van God nie. Die Bybel is gedraai om net apartheid te verdedig.*

*Apartheid het die blankes geleer om die swartmense te verklein. Blankes het gedink dat hulle altyd beter as swartmense is. Swartmense is nie mense soos hulle nie. Hulle het nie gevoelens soos hulle nie. By die platteland: as swartmense siek is, bly hulle buitekant by die spreekkamers. By die plase: koffie uit 'n blikbeker wat iemand se mond verbrand. Swartmense kan nie hulle opinies lug nie. Die standaard van onderwys was nie dieselfde nie, die blankes s'n was hoër as die swartmense s'n. Die finansies wat help, het ook verskil. Die pensioen het ook verskil. Blankes het baie gekry. Jy kan 'n swartmens vloek, dit maak nie saak nie. As jy nie sy naam ken nie, jy kan hom noem soos jy wil. Jy kan nie by die voordeur inkom nie.*

*Ek het darem net paar genoem wat skade gedoen het aan die lewe van ons as swartmense.*

Hanlie: Hy is 'n dierbare man daai.

Mike: Dit is basies alles wat ons gesê het. Maar ek wil graag praat oor daai ou wat oor sy naam gepraat het. My naam op die plaas is my hele lewe lank Gauteng. Want hulle kon nie (my naam) uitspreek nie. Ek is Gauteng genoem, en ek is nie Gauteng nie. So, is ek nou gediskrimineer teen? Hoekom het hulle my Gauteng genoem? Omdat ek van die Goudvelde af gekom het. So, my hele lewe, tot vandag toe, sê die swartes vir my Gauteng. En dit is presies dieselfde ding omdat ek vir hom sê Josef omdat sy naam Mojakisane is en ek kan dit nie uitspreek nie.

Naomi: En nou werk jy vir Mike??

Mike: Ek het nie daarvan gehou nie, maar dit het my nie laat slegter voel nie, want ek verstaan sy kultuur is anders, hy kan nie my naam uitspreek nie.

Albert: Ons sal volgende week weer oor daai ene praat.

Mike: Daar is baie ander goed waaroor ek sê ons onsself mee kruisig maar wat beide kante toe gewerk het.

915

916 {Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid** – Gesprek 4: 10 September 1998

Albert: Ek het gedink ons moet vanaand bietjie praat oor dit wat agter apartheid gelê het soos wat ons tot dusver daaroor gepraat het. Ons het nou in 'n sekere sin gepraat oor die goeters wat bekend staan as klein apartheid, goeters soos jy mag nie voor in die bus sit nie, jy moet agter die streep in die bus sit want jou velkleur is anders, en so aan. Maar wat lê daar agter? Wat is ten diepste die grondslag, die onderliggende rede vir ons hele beleid van apartheid? Kan 'n mens onderskei tussen apartheid en rassisme, en hoe as mens wel kan? Die motief van apartheid, was dit boos, was dit net 'n fout, hoe moet ons daaroor oordeel? En wat is die rol van vrees? Dit is maar hoe my gedagtes geloop het, ons sou kon kyk na dit wat in die Insig is, ek weet nie wie van julle het dit al gelees nie. Hier is 'n hele paar artikels oor rassisme. Hier is 'n aanhaling van 'n swart skrywer wat ek later sal aanhaal, wat ook baie sê. Die lys van aanhalings wat ek uitgedeel het, dit laat 'n mens ook nogal dink. Ons sal van hulle aanspreek soos ons by hulle kom. Elsa, jy het voor ons begin gesê jy was die afgelope week geskok deur dinge wat mense doen.

Elsa: Ek het tot die slotsom gekom dat die meeste witmense nog die swartmense haat, na wat ek gehoor het. Ek het verskriklike goed gehoor, mense wat vertel het van 'n swartman wat hulle gekry het wat in die water-drein gebly het. Die hond het daar gestaan en blaf, toe kry hulle nou die swartman wat daar onder bly met sy primus en sy slaapgoed en alles. Toe sê die een vrou: 'n mens moet sommer een van hierdie groot vragmotors met grond kry en hom begrawe daar onder. Ek was verskriklik geskok daaroor. 'n Vooraanstaande vrou wat by die bestuur van 'n groot vroue-organisasie betrokke is, het gesê sy wens sy kan 'n geweer vat en al die straatkinders doodskiet. Dit het my verskriklik ontstel. 'n Onderwyseres by 'n hoërskool in Riebeeckstad het gesê: dit nie so erg met die swart kinders in die klas nie, dis eintlik 'n goeie ding want as ons hulle nou kan kry en ons kan hulle reg leer om soos ons te dink, dan is daar dalk hoop vir die toekoms. Sulke goed, 'n vrou wat vir ons gewys het, ook foto's, oor wat swartmense sê uit die apartheidsera en haarself dan nou ook verskoon van die aandeel van die apartheidsera en die aandeel wat sy daarin gehad het, deur te sê dat toe haar seun in standerd 9 was, het eenkeer 'n swartman gejaag wat iets gesteel het. Hy het hom toe gevang en toe die ander mense by hom kom vra hulle hoekom het hy nie die man bietjie geslaan nie, toe sê hy die man het niks aan hom gedoen nie. Toe is sy ma so trots op hom dat hy nie die swartman verskriklik geslaan het nie, om daardeur te wys hoe goed is hulle teenoor die swartes. So ek het tot die slotsom gekom: die

meeste witmense met wie ek die afgelope tyd in aanraking was, sien nog steeds nie die swartes as mense nie. Ek is geweldig ontsteld daaroor.

Albert: Is dit algemeen? Dink jy jy het nou maar toevallig met 'n klompie ekstreme voorbeelde te maak gekry, of dink jy dis baie meer algemeen?

Elsa: Ek weet nie, ek het die idee gekry dat die grootste groep op daai trant dink, miskien nie so erg dat almal die swartman sou toegooi, of die straatkinders doodskiet nie, maar ek meen dat 'n vrees of 'n rassehaat, baie lewendig is.

Albert: Is daar dan enigsins hoop, as dit die houding is?

Elsa: Ek het die idee gekry dat as dit is hoe blankes nog dink in hierdie land, sien ek geen hoop vir die volgende 20, 30 jaar dat dinge gaan verander nie.

Albert: Dan my volgende vraag: Hoe skuif mens daai ouens se koppe? Hoe kry mens mense om anders te dink.

Johan: Ek wil net aansluit by die Elsa: Ek wil nie die persoon se naam noem nie, maar 'n gesiene vrou wat baie werk met swart manne. Sy het oor die naweek gesê as gevolg van dit wat sy waarneem in haar werk, waarneem in SA, is sy besig om 'n rassis te word, wat sy in haar lewe nog nooit was nie. Haar agtergrond, sy is 'n Hollander van afkoms, hulle is gewoonlik meer liberaal as ons. Sy was meer liberaal in haar denke. Dit is 'n stelling van so 'n persoon. Sy is besig om 'n rassis te word, ook as gevolg van hulle houding.

Danie: Ek kan aansluit daarby. Dit is iets wat ek baie maande gelede al geïdentifiseer het. Ek moet ook sê, my persepsie is dat rassisme nou baie erger is as ooit. Ek het met my skoonpa ook al oor die bekommernis in my hart gepraat, want ek het nooit gepraat van 'n "kaffer" nie, ek het nooit sleg gepraat van die ander persoon, van die anderskleurige nie. Maar dit is wat ek orals optel, en selfs my skoonpa wat 'n afgetrede predikant is, sê dit bekommer hom geweldig, dat nou in hierdie nuwe omstandighede, raak mense baie meer sterker uitgesproke, baie meer rassisties. Om die vinger op die pols te lê, weet ek nie wat die rede is nie. By my in die werk, XX is seker die maatskappy wat die vinnigste beweeg wat regstellende aksie betref. By ons in die gebou werk daar geweldig baie swart dames en swart mans. My hoof is 'n regstellende man, en hierdie swart dames en mans, ons kom uitstekend oor die weg. Maar soos wat

jy 'n blanke kry wat sulke kru uitlatings maak, so kry jy die swart man wat saam met my werk, wat dit reguit vir jou sê: hy haat die blanke. Watter kant toe mens nou daaroor wil redeneer. Ek dink ons sit met mense, ons moet ophou om in kleur vas te kyk. Dit is vir my belangrik. As ons daardie bruggie kan oorkom, dan dink ek gaan ons baie ver kom met mekaar. Dit het met ons gebeur. Ek werk nou al van 1976 saam met anderskleuriges, ek is nou al gewoond daaraan om hom of haar as jou gelyke te sien. Fyn opgevoede mense, uiters beskaafde maniere, praat 'n baie goeie Engels, baie keer beter as wat ek dit kan doen. So ek dink ons moet die kleur uithaal.

Albert: Hoe? Hoe gaan ons dit doen? Ons het verlede keer ook daaroor gepraat dat ons altyd dink in terme van kleur, ons dink nie anders as in terme van wit en swart nie. Hoe gaan ons dit stopsit?

Ben: Ek dink dit gaan van die klein kindertjies tot so by vier jaar gaan dit maklik vorentoe wees.

Albert: As ons as ouers hulle reg grootmaak. Dit is wat my baie bekommer deesdae, dat ouers hulle kinders nog steeds in daai kategorieë grootmaak. DANIE, jy het die opmerking gemaak so 'n paar gesprekke terug, wat kinders sê as hulle met swart mense praat. Hierdie artikel in Insig waarna ek verwys het, Vusi Mona is die ou wat skryf, hy was 'n oud onderwyser, en tans die redakteur van die tydskrif Tribune. Hy skryf daaroor dat rassisme iets is wat mens aanleer, dit is aangeleerde gedrag. Ek wil vir u twee paragrafies lees, ons het ook al hieroor gepraat: "Die verhouding tussen rassisme en sosialisering" hy bedoel jy leer rassisme aan deur sosialisering, by jou ouers en dit wat jy sien en so aan, "beteken egter nie dat die mense hulpelose pionne is met geen gewete of persoonlikheid nie, want dit sal neerkom op die versaking wat die rol wat menslike optrede speel. Dit is waarom baie van ons 'n probleem het met die argumente wat wit mense opper dat hulle nie bewus was van die ellende wat apartheid onder miljoene swartmense veroorsaak het nie, of dat daar nie veel was wat hulle kon doen om die ellende te stop nie. Dit is naïef om te dink dat 'n mens slegs optree op die manier waarop hy of sy gesosialiseer is, met geen onafhanklike denke of gewete nie."

Danie: Ek sal daarmee saamstem, en ek hou nou al by 'n vorige geleentheid gesê dat hoe jy jou kinders grootmaak. Vir my as 'n Christen ouer, en ek het met my kinders gepraat daaroor en dit is iets interessants wat ek besef het, dat ons praat nie met ons kinders oor apartheid en oor wat gebeur het nie, die geskiedenis rondom dit en van die ontstaan hier in ons land nie. Ek as Christen ouer maak my kind groot dat hy respek

het vir alle mense, en dat alle mense regverdig behandel moet word. En dit is vir my belangrik. Vanmiddag het ek vir my seun gesê, hy het besef dat hy vir swart mense oom en tannie gesê het, tot op 'n stadium dat hy sosiaal opgeneem is in die skool en maats, en daar het hy weer ander insette gekry, wat dit laat ophou het, wat veroorsaak het dat hy nie meer vir swartmense oom en tannie sê nie. Dit was insette van buite af, hy tree nog steeds met respek op teenoor die wat by ons in die huis werk, en ander swart mense wat hy raakloop. Maar met die sosialisering met ander, het dit sy gedrag definitief beïnvloed.

Hanlie: Kan ek iets antwoord hierby en 'n bietjie teruggaan ook. Net nou het ons gesê, hoekom dink ons is daar nou amper meer rassisme, spreek mense hulle nou dalk sterker uit as vroeër. Ek dink van die wit kant af is dit omdat mense meer bedreig voel nou as vroeër. Baie blankes is bewustelik of onbewustelik meer bedreig, hulle besef dat hulle nie meer die baas is nie, en dit volgens my speel 'n rol wat maak dat hulle makliker miskien hulle humeur verloor, wat vir hulle dalk vroeër nie nodig was nie.

Albert: Was dit dalk vroeër nie nodig om sulkes goeters te sê nie, want die hele sisteem was so.

Hanlie: Ja, of almal het buitendien gedink almal dink saam met jou. Jy het gedink die ander ou voel ook maar soos ek, en nou kom jy dalk agter, of by jou werk is jy dalk in 'n situasie. En dan dink ek al die frustrasies rondom finansies op die oomblik, rondom korrupsie, mense wat hulle werk verloor het, of mense wat aangestel is wat nie goed gekwalifiseer is nie, en al daardie dinge. Dit het ook gemaak dat mense wat nou met daardie omstandighede gekonfronteer word, sê nou word ek rassisties, ek was nooit een nie, maar nou word ek een. Nou sit ek miskien in omstandighede waar ek moet saamwerk met iemand wat dieselfde salaris as ek verdien, of meer, en wat ek sien kan nie die werk doen nie, en ek het nie genade of geduld meer nie. Ek dink dit is 'n baie groot frustrasie. Die nuus is 'n baie groot frustrasie omdat ons, al weet ons dat daar vroeër jare baie korrupsie was en ons nou besef dat SA, veral finansieel, is in 'n baie groot gemors. Iemand moet 'n mens blameer.

Karin: Ek sien dit weer heeltemal uit 'n ander perspektief. Waar ek vir die afgelope tien jaar betrokke was in gemeenskapsontwikkeling in die swart gemeenskappe, waar ons hard gewerk het, ons het in 'n garage vergadering gehou, onder bome vergadering gehou, aan die gang gekom, regtig hard gewerk om iets te bereik. Ek het ook baie negatiewe belewenisse gehad, ek praat nou van my eie gevoelens. Waar jy absoluut

uitgehaal en gewys het, waar hulle jou aanvaar het, waar hulle gesê het jy is die ma van ons. Onse ma. Jy het jou Sotho naam gekry en alles. En na 'n sekere aantal jare, hoe hulle jou nog steeds nie vertrou nie, en hulle basies teen jou draai, en as omstandighede nie reg uitwerk nie, dat hulle dan sê, dis jou skuld. So, my eie gevoel is, daar sal nooit werklik wedersydse vertroue sal wees nie, daar is altyd soos hulle sê die *inside politics*.

Hanlie: Dit is tragies, ek dink dit is wat sy bedoel het.

Karin: Ek is op 'n stadium, dat ek nie meer bereid is om gemeenskapsontwikkeling te doen nie. Ek praat van in 'n makoekoe te begin.

Hanlie: Jy voel nou amper soos Fransisco: *you give and give and give, and it's never enough*. Dit is wat ek bedoel het, dit wat van die wit kant af gebeur het, is weer 'n ander faset van "ek doen dan nou alles, ek het dan nou gedink ek doen vir jou alles, en hoekom?"

Karin: Dit is nie ek wat alles gedoen het nie, ons het saam besluit, en saam gedoen. Ons en hulle saam. Met gemeenskapswerk werk dit so, dat jy op dieselfde vlak inval as wat hulle is, vir hulle leiding gee, maar dat hulle self besluitneming moet doen. Die Engelse woord wat baie gebruik word, is *empowerment*. Jy vat iemand en jy *empower* hom.

Hanlie: So jy is nog altyd die leier van die groep. Jy staan nog altyd bo, *want you are busy with empowering*.

Karin: *But if you empower, you let them lead.*

Hanlie: *To hopefully one day where they will reach the same thing…*

Albert: Daai ding wat jy gesê het, Hanlie, dat jy hoop hulle sal omkeer, dat hulle wel wedersydse vertroue gaan kry, hoe in die lewe gaan ons dit regkry? Dawid Bosch skryf in 'n ding "ons as Christene is nie in die eerste plek *bridge builders* nie, ons is *bridge crossers*. Die brug is klaar daar. Hy praat spesifiek van die brug wat Christus vir ons geslaan het, tussen alle mense. Dit is klaar daar, ons moet daai brug net oorsteek. En veral as mens praat binne 'n kerkgemeenskap, 'n Christelike gemeenskap. Nie

noodwendig kerk nie, maar Christene onderling, waarvan 70 persent van die land sê hulle is …

Hanlie: Daai syfers moet jy nou maar ophou noem, want ons weet almal mos dit is nie so nie.

Albert: 'n Baie groot persentasie van ons land is dan ten minste nominaal Christene.

Hanlie: Ja, maar soos wat ons nou al gehoor het, ook uit gesprekke hier beteken dit blykbaar nie dat jy iemand as jou gelyke beskou nie.

Danie: Kan ek net iets sê ten opsigte wat die bedreig betref. Ek praat nie politiek nie, en ek kyk ook nie na kleur nie, kom ons speel kleurblind. Wat is jou kanse om verkrag te word, beroof te word? Dat as jy nou hier uitstap dat jou motor gesteel is, dat as jy by die huis kom dit rot en kaal besteel is? Ek dink dit is die feite van die dag, en ek luister in die oggende, is hier 'n Polisie spesialis wat realistiese statistieke gee oor die goed. Ons is baie bevoorreg om hier in hierdie omgewing nie so bedreig te wees soos wat die mense in Gauteng area is nie. Dit is vir my die essensie van die dag, jy word gekonfronteer nie deur teorieë nie, maar deur feite. Ek is gekonfronteer. Ons het hierdie week in die werksituasie 'n skrywe gekry, wat sê dat alle bevorderings, dit wil sê van 53 000 personeel, vir 'n blanke, bestaan nie meer nie, slegs swartes sal bevorder word. Nou kan ek ook net sê dat na 28 jaar se uiters lojale diens, uiters harde werk, studie. Op 'n 45-jarige ouderdom, moet ek myself konfronteer deur te sê jy het nie meer 'n toekoms nie. En baie dinge wat emosies opwek wat hiermee saamgaan. As jy in Gauteng reis, kom jy by paaie uit waar daar torings is, in die nag is daar mense wat sit met masjiengewere om jou te help dat jy nie beroof word van jou motor nie. Daar word ook gesê dat as jy in Gauteng rondry, jy stop nie by 'n vier rigting kruising nie, jy ry net. Dis beter om in 'n ongeluk om te kom, as wat 'n ou 'n rewolwer teen jou kop hou. As jy 'n koerant oopmaak, nou praat ons weer van die media, die TV, op die voorblaaie, ons sien dit, dis feite wat gebeur. As ons kyk na die statistiek. Dit is alles wat in 'n tregter in afloop na 'n punt toe, en daardie punt kom dan nou ongelukkig uit in 'n kleur situasie. Ek veronskuldig nie die blanke nie, want die blanke is deel van die misdaad, maar ongelukkig, dis die verkeerde woord, maar dit wat gebeur, die feite van die dag, dit wat aan die orde van die dag is, is ek moet dit ook vir myself dit sê, die moontlikheid is baie groot dat ons in die nag wakker word en hier is rowers in ons huis wat ons in die eerste plek wil doodmaak. Want as jy kyk die plaasmoorde, hoe bisar is dit. Dan haal ek my hoed af vir die vrou van die mense wat hier op George so 'n ruk

terug vermoor en verkrag en verbrand is, daardie vrou vergewe haar verkragter. Dit is feite.

Hanlie: Dit is presies wat ek bedoel het, ek het gesê ons het dit nie geken nie, en nou is al hierdie dinge, al hierdie frustrasies van finansies, moord, al hierdie dinge, ek het net probeer sê dit is een van die redes waarom mense nou nog in die tregter se punt, rassisties optree. Omdat hulle volgens my – foutiewelik dan – net soos wat ons verlede keer gepraat het, sê maar dit is dan net swart mense wat misdaad pleeg. Hulle koppel dit aan kleur. En ek sê, ons moet kyk na die land se bevolking, en as ons moet sê hier kom 10 mense in, 9 van hulle is swart, 1 van hulle is 'n moordenaar, dan is die kans tog 90 persent dat hy swart sal wees. Dit is maar al wat aan die gang is. Dit is nie omdat hy swart is dat hy die moordenaar is nie, dit is net vanweë die hoeveelheid mense dat hy per toeval swart is. En al hierdie selfde angste en vrese het die swart mense ook, indien nie nog erger nie.

Albert: Ek wil duiwelsadvokaat speel en vra, die goed wat DANIE noem wat realiteite is waarmee ons gekonfronteer word, dit is ook waar van alle gemeenskappe, maar was dit nie ook 'n deel van die ou bedeling, van die ou SA nie? Ons is gelukkig daarvan weerhou, of dit is van ons weerhou, maar is dit nie maar deel van die ou SA gewees nie? Dat dit maar die patroon was soos dit in die swart woonbuurte gegaan het met die aanrandings en die moorde en die goeters nie?

Hanlie: Dit is nie vir hulle so nuut soos vir ons nie.

Danie: Ek wil net twee dingetjies gou stel. Dit wat ek nou hier opgenoem het, sien ek afkomstig, geïnisieer, geïnisieer deur die duiwel. Satan geïnspireer.

Hanlie: Trouens alles boos is deur satan geïnspireer.

Danie: Goed, so kom ons stem ten minste daaroor saam. Daarmee saam sny ons ook kleur uit, dan besef ek as Christen waar my sendingwerk moet lê. Waar my sentimente wat dit aanbetref moet lê. Die tweede dinge wat ek net wil noem, is van my personeel wat in Thabong woon, in van die meer gegoede dele van daardie area, weier om in die nag uitgeroep te word na satelliet-sentrales wat 500 meter van sy huis af is. Hy sê vir my hy is doodbang. As die son sak, kan hy dit nie waag uit sy huis uit nie. So ek gee toe, dit wat daar gebeur, het nou oorgespoel. Daar is nou meer 'n vryheid wat oorbeweeg het na die wat het. 'n Ander interessante mening wat ek net miskien in u

midde wil laat: 'n Vrou van Johannesburg en haar dogter het as vlugtelinge na Australië toe gegaan, waar haar saak nou aangehoor is deur 'n tribunaal, waar sy nou vertel het hoe sy beroof is, en haar motor twee keer verhoor is. Toe stuur hulle haar terug na haar land toe, want hulle sê toe dit is as gevolg van 'n situasie van mense wat het, en ander wat nie het nie. Ek laat maar die gedagte by julle.

Ben: Daar is nou baie bitterheid ook oor die saak van Huis Ougoud. Die swarte mense het R350 miljoen wat vir bejaarde huise sorg, het hulle weggeneem. En Huis Ougoud het nou vir drie maande geen subsidie gekry nie. En so ook ander, baie ouetehuise gaan nou moet sluit. Dan ook van mense wat hoë poste in die regering het, wat so die geld steel en verkwis. En hoe dat voertuie wat met duisende der duisende rande op die pad beroof word en wagte geskiet word. Mense is baie bitter.

Albert: Dit is so, maar ek dink …

Hanlie: Die swartmense is daarmee saam ook baie bitter en kwaad oor die top struktuur wat geld steel en korrupsie …

Albert: Ek dink regtig ons sal 'n skuif moet maak in ons manier van dink, om dit nie noodwendig te koppel aan ras meer nie. Jy het die stelling gemaak dat 9 uit 10 mense swart is, wat sal maak dat 90 persent van die misdadigers swart is. Maar as mens ander kategorieë sou aanwend en sê kom ons praat van ekonomiese kategorieë, rykes en minder rykes. Wie is die ouens wat by misdaad betrokke gaan wees? Dit speel ook 'n rol.

Hanlie: Tensy jy nou van die groot witboordjie-misdaad, die werklike groot, miljoene rande se goed praat

Johan: Ek wil aansluit by die bedreiging en daai punte wat jy vanaand net so wou aanraak: Dit is vir my interessant dat die kwessie van bedreiging nou ter sprake kom noudat apartheid van die wetboeke af is. Die hele rede waarom apartheid op die wetboeke gekom het, was bedreiging: die witman het bedreig gevoel dat hy nie meer geleenthede in hierdie stuk grondgebied gaan hê nie. Dit het 'n lang aanloop gehad, maar ons was bedreig en daarom het hulle gesê liewers ons op ons eie. Nou het daar 40 jaar verloop, dit was nie 'n sukses nie, nou is dit weer afgeskaf. Nou is daar weer bedreiging. So wie wen?

Danie: Dit sal nooit ophou nie. Ek lees Paul Kruger se verkiesingsmanifeste, waar hy praat van die Naturelle probleem. En hy sê daarin, die persoon wat hierdie naturelle probleem kan oplos, moet nog gebore word. So selfs hy het daardie tyd al besef, die geweldige omvang van die hele probleem.

Hanlie: Tyd, ons het nie baie daarvan nie, maar dis al wat dit kan verander.

Elsa: As mens kyk na Amerika, hoe lank terug is klein apartheid nou al by hulle afgestel, en daar is nog steeds rasse wrywing …

Hanlie: Maar daar is die blankes die grootste hoeveelheid, daarom kon dit aangaan. Maar hier in hierdie land gaan jy as blanke, as jy nie aanpas nie, het jy nie 'n kans nie.

Danie: In Amerika dink ek, praat hulle van 2 persent.

Elsa: Die mense daar is nog steeds in wrywing met mekaar.

Hanlie: Maar daarom hou dit aan, omdat die een groep soveel groter is as die ander. Nou hier by ons sal dit ook aanhou as die klein groepie nie aanpas nie. Ons sal soos 'n Amerika wat teenoorgesteld is, word. Ek stem saam met Ben as hy sê vir ons kinders gaan beter wees, en hulle kinders gaan dit makliker vind, veral as ons skole nou vinnig verander. In ons gebied, die tyd gaan nog kom dat Riebeeckstad 50/50 of dalk baie meer swart gaan word. Daai tyd gaan kom.

Albert: Dis die een scenario. Die ander een is dat daar al hoe meer polarisasie gaan kom, en dis waarvoor ek bang is. Dat mense al hoe meer gepolariseer gaan word rondom rasse lyne en dat ons 20 jaar van nou af nie in vrede met mekaar gaan saamleef nie, maar in 'n permanente staat van burgeroorlog.

Danie: Maar dit bring my by 'n baie interessante ander onderwerp uit, dit is die dinamika van groepvorming. Ek het vir u gesê dat van 1976 af is by ons anderskleuriges aangestel. En dan hou ons 'n geleentheid in werksure of na ure, of in 'n gewone vergadering, teetyd, dan vorm die groepe spontaan. Hoekom? Ons weet nie. Ons nooi hierdie mense uit na geleenthede na ure. Wat gebeur? Daar is sitplek vir almal. Hulle gaan sit nog steeds in groepe. Ek kan lekker met Piet gesels, ek gaan sit nog steeds by Piet. En so is daar blanke groepe en so is daar swart groepe. Daarom sê ek, die dinamika van groepvorming moet ons nie buite rekening laat nie.

Albert: Dit hoef nie 'n probleem te wees nie. Die dilemma het gekom toe ons destyds besluit het jy mag nie daar gaan sit nie, of jy moet daar gaan sit. Ek wil graag terugkom na die vraag wat ek aan die begin gevra het, rondom groot en klein apartheid. Wat sit daar agter? Op daai bladsye wat ek uitgedeel het, het ek aanhalings, byvoorbeeld daar is twee aanhalings, die een ou praat van *The monstrous evil of apartheid*. Net twee aanhalings ondertoe praat iemand van "daardie bona-fide blaps". Verwysende na die stelsel van apartheid. Tussen-in is daar die stelling *it was this (the major apartheid laws) that convinced me that apartheid was not just a political deviation or an error, but something so fundamentally evil as to be a blasphemy*.

Elsa: As jy kyk na wie dit gesê het: *The monstrous evil of apartheid* is sekerlik gesê deur iemand wat aan die lydende party van apartheid was, en die "bona fide blaps" een van die bevoorregtes. Ons het nie apartheid so sleg beleef nie, dit het ons nie sleg geraak nie, ons was aanmekaar die bevoorregtes. Die swartmense het die "evil" van apartheid beleef.

Albert: Die laaste aanhalings *the very nature of all separation of people of different races, denies fundamental biblical teaching that all humanity is a creative image of God, teaching so central to a Christian's faith, that it cannot be denied by Christians without denying their Christian commitment*. Dis kwaai goete hierdie.

Hanlie: Wat wil jy hê moet ons daarvan sê?

Johan: My eerste reaksie op die laaste een is, nou sal iemand dit vir my sekerlik teologies kan verklaar. Ek stem heeltemal saam met wat daar staan. Maar hoekom is daar dan verskillende mense gemaak? Hoekom is daar verskillende rasse? Hoekom is daar verskillende tale?

Hanlie: Hoekom is alle blomme nie wit nie?

Johan: Nou maar presies. Dit moet tog 'n rol speel ook, dat ons kan apart wees in 'n sin. Nie beter nie, maar apart.

Hanlie: Al die blommetjies kan maar deurmekaar groei.

Danie: Ek wil daarby aansluit, kyk maar in die Ou Testament: die Israeliete, hoe suiwer moes hulle wees. Waar moes hulle vir hulle gaan vrouens soek het?

Albert: Dit was om godsdienstige redes, nie om rassistiese redes nie.

Hanlie: Omdat hulle nie met afgodsaanbidders as vrouens trou nie.

Danie: Was die Moabiete nie ook 'n donker vel nie?

Hanlie: Wil julle 'n groot klip hê? Ek dink die Here was baie donker van kleur, en ek dink sy hare was werklik soos wol, soos dit in die Bybel beskryf word.

Danie: Ek het baie daaraan ook al gedink, hoe visualiseer ons God? Ons het tog 'n pretjie van die Opperwese en aanvanklik het ek nooit gedink dat God byvoorbeeld swart kan wees nie. Die swartman dink God is swart. Die witman dink Hy is wit.

Hanlie: Mag ek vir jou sê: die swart kinders in die *RI* (*religious instruction*) klasse wat ek mee gepraat het, hulle het grootgeword met ons Engelse Kinderbybels waarin Christus wit is. En eers wanneer hulle geweldig ouer word en hier by graad 11 kom, of hulle het 'n politiese huis gehad, wat polities standpunt ingeneem het, dan het hulle eers die vrae begin vra. Ook wat dít betref het ons sendelinge Christus ingedra in Afrika dat hy wit is. Ons het vir hulle prentjies gewys asof hy wit was.

Danie: Ek dink nie dit was met opset gedoen nie.

Hanlie: Natuurlik nie, dit is die manier waarop jy in jou binneste gedink het.

Johan: Wat sou realisties wees? Hoeveel swart Jode is daar? Die geslag van Dawid wat ons lees, was rooi van gelaat gewees. Dis nie vir my belangrik nie, maar … (Almal praat saam – onduidelik).

Albert: Ek hoor wat jy sê, dat God ons wittes en swartes en geles en rooies en sulke kleure gemaak het. God het ons so gemaak in sy alwetendheid en sy wysheid. Die dilemma lyk vir my, het ingekom toe ons hulle uitmekaar gedwing het. Nou vra ek weer die vraag, wat lê aan die grondslag van apartheid? Ek neig nou in 'n ander rigting. Jy het laas week die woord gebruik “verontmens”, die Engelse “*dehumanising*”. Ds. Skosana se M-skripsie wat hy vir my gegee het, beklemtoon juis weer daai punt. Die

feit dat swart mense nie as mense gesien is nie. Ek het nou die dag 'n gesprek gehad met twee mense wat vir my iets soortgelyks gesê het, dit was hulle ervaring uit die anderkant van die kleurgrens. Hulle is nie as mense, as gelyke mense gereken nie. Dit is waarom 'n mens die aanhalings kry van dit is nie net 'n bona-fide blaps nie, hierdie ding is 'n kettery. Wat is 'n kettery? 'n Kettery is 'n standpunt wat jy inneem wat so in stryd is met die kern van jou geloof, dat jy nie aan altwee kan vashou nie, dit is twee teenstrydige goeters. En daai laaste aanhaling wat ek gelees het kom van die Wêreldbond van gereformeerde Kerke, wat 'n baie behoudende wêreldliggaam is. Ons sou nou sê iemand soos die Wêreldraad van kerke is baie liberaal. Hierdie ouens is alles behalwe liberaal, hulle is baie meer behoudend in baie opsigte. Hulle sê jy kan nie vashou aan Christus se verdienste wat vir alle mense daar is en in dieselfde tyd 'n onderskeid tref tussen mense dat een ras hoër is, beter is as 'n ander ras nie. Jy kan nie altwee doen nie. Dit is kettery. Dit was vir ons 'n geweldige ding toe ouens dit gesê het. En dit is nog steeds. Dis is 'n groot *issues* by ons as blankes. Hoe kon die kleurlingkerk dit destyds van ons gesê het?

Danie: Hier staan in hierdie laaste een *force separation*, so dit is *forced*. Daarom bly ek nog steeds by my standpunt van groepvorming sal ons nooit kan keer nie. Dit gaan hier oor *forced separation*. En daarmee  stem ek saam.

Albert: Dit is wat apartheid was. Dit wás *forced separation*.

Johan: Dit oplossing vorentoe, om mense bymekaar of meer lief vir mekaar te laat kry, is dan nou om groepvorming vrywilliglik toe te laat. Dan moet daar juis nie nou wetgewing wees wat my wil verplig om my kind in 'n Engelse skool te sit, terwyl ek wil hê hy moet in 'n Afrikaanse skool wees. Gemengde skole gaan tog uiteindelik Engels as 'n spreektaal hê. Die oplossing is dan, laat vrywillige assosiasie plaasvind, wat nie nou gebeur in die na-apartheid era nie.

Danie: En dis reeds die minderheidsgroepe wat daaronder ly, en dit wat ek nou sê was vir my deel van die vrees gewees, die minderheidsgroepe. Want die Vryheidsfront gaan ook nou aan oor die internasionale regte van die minderheidsgroepe. So dit is deel van die bedreiging. Ek wil tog net hê dat ons die persepsie in ons agterkoppe moet hou as ons vra waar kom die vandaan, die motief van apartheid. Ek hou daarvan om dit verder terug te vat. Selfs die effek van die 2de wêreldoorlog op die huisgesinne, die liberalisme binne huisgesinne. Dit is soos 'n vloedgolf wat aangespoel kom, en

iewers is jy op daardie brander wat aangevoer kom totdat dit op die strand uitgespoel kom.

Albert: Dan is ons weer terug by wat Vusi Mona in daai artikel sê dit is goed en wel, hierdie dinge wat hy noem sosialisering, dit speel 'n rol, die nagevolg van die 2de wêreldoorlog, die armblanke vraagstuk, al daai goed speel 'n rol om ons in 'n bepaalde manier ingedruk het sodat ons by die beleid van apartheid uitgekom het.

Danie: Onthou net, apartheid het in 1660 begin.

Albert: Rassisme. Die werklike beleid van apartheid, was 'n wetgewing van '48 af.

Danie: Nee, die wetgewing was al vroeër gewees. Dit het ek bewys.

Albert: Die feit van die saak is, ons het in 'n situasie beland waar ons doelbewus gediskrimineer het, in die negatiewe sin van die woord, tussen mense, bloot op grond van die velkleur wat die persoon gehad het. Ons het so grootgeword, ons het die redes daarvoor aangevoer in die eerste twee gesprekke, wat maak 'n mens met hierdie ding wat Vusi hier sê: elkeen van ons het tog 'n eie manier van dink daaroor gehad? Dit krap my om as mens sulke goeters lees. Hier is van die anders goeters wat die kerk byvoorbeeld gesê het: "apartheid het op so 'n wyse begin funksioneer, dat 'n gedeelte van die landsbevolking dit ervaar het as 'n onderdrukkende sisteem, 'n gedwonge skeiding tussen mense in werklikheid een groep onregmatig bo die ander bevoordeel". Dit het ons eers in 1990 gesê.

Hanlie: Is ons nou by die kerk? Waarheen is jy nou op pad?

Danie: Oor die aan die slaap van die kerk, dit wil ek nou op 'n baie mooi en respekvolle wyse sê, en ek weet nie hoe om dit uit te druk nie, maar die kerk is vir my op baie, baie terreine vas aan die slaap. Met elke keer as daar iets, 'n ontploffing plaasvind, dan sê die kerk maar dit moes so gewees het. As daar iets is oor aborsie, skrik die kerk te laat wakker. As daar iets is oor pornografie, skrif die kerk te laat wakker. Dis my persoonlike ervaring hoe ek die kerk ervaar, dis altyd net te laat.

Albert: Hanlie, om jou vraag te antwoord, nee, ek is nie by die kerk as sulks nie, maar in die breë.

Hanlie: Ek volg nie vanaand so lekker jou gedagtegang nie. Ons praat 'n bietjie so. (beduie deurmekaar).

Danie: Hanlie is vanaand haastig.

Elsa: Jy wil weet wat daar agter sit, Albert, en dat ons elkeen ook ons eie denke gehad het. Maar ek dink dit is maar ons mense se inherente gierigheid, of boosheid of wat ook al. Ek meen as jy in 'n bevoorregte posisie is staan jy dit nie sommer so maklik af vir iemand anders nie. Ons het in ons agterkoppe geweet dit is verkeerd, maar ons het die bevoorregte posisie gehad. Ons het lekker gelewe, en dié mense het vir ons al die werk gedoen, en al die voorregte wat daarmee gepaard gaan, hoekom sal ons dit nou wil afstel dan? Hoekom sal ons dan wil prysgee wat ons het?

Albert: Die eerste aanhalings gaan juis daaroor, oor die goedkoop arbeid, die stryd tussen die mielieboere en die mynbase. Dan is ons terug by wat Johan vroeër gesê het: die vrees, die angs, die bedreiging. Destyds was die bedreiging aanvanklik dat ons Westerse beskawing in SA oorspoel sou word deur swart mense. Later van tyd het ons gedink dat as ons sou ingee of verander, dan verloor ons dit wat ons het. Ek hoor nog steeds by baie van ons witmense dat ons nog steeds nie wil saamstem nie en sê daar was ook iets verkeerd nie.

Johan: Ek wil nog steeds sê, jy het my nou aan die lees. Boeke wat ek nie wil lees nie, ek is veronderstel om te studeer. Ek het 'n boek gelees "Verwoerd aan die woord", wat my Broederbond oupa lank terug vir my gegee het, wat al sy toesprake van 1948 tot '62 in het. Daai man het nie sleg bedoel met apartheid nie, nêrens is daar gesê hulle is so sleg of so nie. Dit was vir die behoud van Suid-Afrikaner gewees wat self deur die tweede vryheidsoorlog is, wat deur die depressie is, wat gewerk het vir wat hy geword het. Wat nie *hand-outs* gevra het nie. Hy het nooit sleg bedoel nie, die sleg het later gekom. Dis 'n ander ding wat ek wil sê, het iemand al ooit – ek het dit nog nie hier gehoor nie – die invloed van die kommunisme op ons beeld van dat apartheid so sleg is, gaan bepaal. As ons nou vat dat kommunisme deur die duiwel geïnspireer is …

Danie: En die Amerikaners …

Hanlie: Ek wil jou dadelik opponeer, die suiwer kommunistiese filosofie is vir my heeltemal aanvaarbaar.

Johan: Soos wat hy toegepas is in Suid-Afrika van 1960 af, die tyd toe ons begin het met die bos oorlog. Hoekom ek dit nou sê: Albert Letuli (dink ek) het in 1948 al vir Malan gesê toe hy aan bewind gekom het, ons moet gaan sit en ons moet hierdie land van ons verdeel dat hierdie verskille tussen ons uitgesorteer kan word. Toe het Malan vir hom gesê aikôna, hierdie land is die blankes s'n. Toe vra die skrywer – ek weet nie wie was dit nie, maar sy opmerking was: as Malan maar net daardie kans gebruik het was ons nou baie mooi opgesplit gewees. Maar juis die weerstand wat die swartman toe, na verloop van tien, veertien jaar, opgehoop het, na '48, aangevuur deur die kommunisme wat toe vreeslik verrys. Vergeet ons dit? Vergeet ons dat die duiwel ook agter hierdie … Apartheid is verkeerd, ek wil nie sê apartheid is reg nie, maar die feit dat dit so opgeblaas is, dat ons, die Afrikaners so duiwels is soos wat hierdie aanhaling sê … Ons moenie die ou duiweltjie se rol in hierdie ontevredenheid in SA …

Albert: Sê jy met ander woorde, as daar nie iets was soos kommunisme nie, sou ons anders gekyk het na apartheid, sou ons vanaand anders teruggekyk het na apartheid.

Johan: Sou daar dalk baie minder geweld gewees het in die land, sou ons dalk eerder om 'n ronde tafel gesit het en die land verdeel het of dan saamgestem het, ek weet nie.

Elsa: *No ways*. Ons is reeds bang gemaak met hierdie verskriklike kommunistiese monster, ek meen, dit was hoekom ons ons grense verdedig het. Want hierdie verskriklike kommunistiese monster gaan ons land kom verswelg. Ek meen nou is apartheid afgestel, en wat het nou van kommunisme geword? Wat het van daai verskriklike bedreiging geword?

Danie: Dit is wat nou interessant is. As jy kyk hoeveel kommuniste sit vandag in hoë kapitalistiese posisies. En nou word daardie kommunis, (wat is hierdie vakbondleier se naam tog) kyk net in watse snyerspakke hy per geleentheid opdaag, en besigheidsklas vlieg. So hulle proe ook nou die kapitalistiese stelsel en hulle sal dit nooit laat los nie.

Hanlie: Ek dink kommunisme in SA was buitendien nooit dieselfde as in Rusland nie. Kan ek net gou vir julle iets vra. Kan ek net so 'n klein bietjie afwyk. Ek wil net graag weet, ek is nie 'n filosoof of 'n geskiedkundige nie, maar toe jy jonger was, wat het die woord kommunisme vir jou beteken? Toe jy op skool was, of op *varsity*, of jonk gewerk het. Wat het die woord kommunisme vir jou beteken? Waaraan het jy gedink as jy die woord gehoor het.

Elsa: Vir my was dit die Antichris wat ons moes beveg, wat ons Christendom bedreig.

Johan: Dit was 'n verbode onderwerp in die eerste plek. Jy het nie daaroor gepraat nie.

Hanlie: Wat het in jou kop aangegaan as iemand gesê het "kommunisme"?

Johan: Ek het nie in die eerste plek gedink aan 'n ekonomiese stelsel nie.

Hanlie: Het ons nie almal gedink, deur ons NG Kerk ingegee, dit is iemand wat nie aan God glo nie. 'n Kommunis is iemand wat nie in god glo nie. Negentig persent van die kinders waarmee ek gepraat het in my hele skoolloopbaan, beteken kommunisme voor "jy glo nie in God nie".

Albert: En vir my daarmee saam: 'n baie negatiewe konnotasie. Uiteraard as jy nie in God glo nie sou dit vir ons as blankes Suid-Afrikaners negatief wees. Maar ek bedoel die *label* kommunis. Sias het laas keer daarna verwys toe hy sê waar hy ry in Wesselsbron met die swart vrou voor in die kar by hom en dan kyk die boere vir hom uit hulle bakkies en dan sê hulle seker "daar ry 'n groot liberalis, kommunis."

Hanlie: Kommunisme het net een *label* gehad in SA, of net twee: dit was goddeloos of die monster wat ons land gaan oorneem, dit was waaroor baie van ons jong seuns en manne op die grens gaan veg het, terwyl hulle nie eers geweet het wat kommunisme regtig is nie. Ek is nou nie baie lus om Karl Marx se Manifes te gaan soek en lees nie, julle wat so oulik lees, kan dit gerus doen. Dit is nou net vir my nog een van die wanopvattings waaronder ons grootgeword het en ons jongmense geleef het, en dit is 'n baie eensydige eng … Dis soos met alles, as jy nie kennis het van iets nie, as jy nie werklik 'n studie gemaak het daarvan nie, en jy het maar net daarvan gehoor by iemand, jou pa of jou ouma of jou oom kommunisme is van die duiwel af, 'n kommunis glo nie in God nie, dan hou jy net die een feit-jie in jou kop en jy vergeet van al die ander aspekte van kommunisme.

Danie: Dit is waarop die meeste mense hulle standpunte handhaaf. Ek sê vanaand vir my vrou: Dis wat my irriteer as mense net praat oor dit wat hulle gehoor het. Sulke halwe waarhede en dan maak hulle dit 'n volle waarheid.

Albert: Dit is van die mites waarmee ons grootgeword het, ons het altyd iets gehad om teen te wees. Ons kan dit baie goed doen. Ons is téén kommunisme, téén die swart gevaar, téén misdaad. As ons iets het om téén te wees, dan is ons amper gelukkiger.

Danie: Is dit nie deel van 'n mens se oorlewing nie?

Albert: Maar in die proses is mens totaal en al misbruik, ons het hierdie, kommunisme is vir ons geteken as hierdie bedreiging, in die proses is die legitieme besware van swartmense wat gewoonlik met kommunisme geassosieer was, wat hulle teen die stelsel gehad het, is van die tafel afgevee. Dit is nie raakgesien nie. Dit is alles ingekleur onder die noemer "kommunisme". As ouens beswaar maak teen die gedwonge verskuiwing van mense byvoorbeeld, dan het ons die etiket daaraan gesit: dit is kommunisties geïnspireerd, of dit is kommuniste wat dit doen. En daarmee is dit afgehandel, nou hoef jy nie verder te dink daaroor nie, daar is klaar vir jou gedink. Einde van die storie.

Danie: Ons moet net 'n feit beklemtoon, dat kommunisme, sosialisme, kapitalisme, al hierdie -ismes is finansiële instellings, in die eerste plek. Dit moet ons besef. Dit was vir my 'n openbaring gewees. En nie in die eerste plek 'n politieke of godsdienstige instelling nie.

Albert: Hoekom het die swartes aanklank gevind by kommunisme? Juis omdat hulle aan die agterspeen gesuig het, ekonomies gesproke.

Elsa: Ek weet nie veel van kommunisme nie, maar ek wonder of hierdie kommunisme nie vir die swartmense 'n rytuig was, 'n sisteem om hulle te help met hulle vryheidstryd. Dat dit nie vir hulle regtig oor die kommunisme gegaan het nie, hulle het iemand gesoek om hulle te help, finansieel en op watter manier ook al.

Johan: Ek sê juis die teenoorgestelde, die kommuniste het apartheid gebruik om 'n atmosfeer in hierdie land te skep. Ek meen, wat was hulle beleid gewees? Dit was ekspansionisme, hulle wou hierdie land vat vir sy grondstowwe. Dit is presies waarop dit neerkom. Ekonomies van aard ja, maar … Hulle het die stelsel wat hier was, 'n baie nuttige rytuig gevind om te gebruik. Ek kan nie glo, na al my jare in die weermag, om te hoor dat kommunisme aanvaarbaar is vir Suid-Afrika nie.

Danie: Julle het albei vir my 'n goeie standpunt wat dit betref.

Hanlie: Na watter regering verwys jy? Rusland, Kuba?

Johan: Wat ook al. Die politieke stelsel van kommunisme, uiteindelik was dit almal, want hulle het apartheid gebruik. Rusland, Kuba, China. Wie was nie almal betrokke in Angola nie?

Hanlie: Die kapitalisme wou Suid-Afrika hê. Of Amerika, of Frankryk wou *Reunion* hê. Enige politieke stelsel wou 'n land hê en het daarvoor gaan veg, maar nou dwaal ons ver af. Die feit as jy sou sê "kommunisme wou SA vat", ek meen kapitalisme wou in 1900 SA vat.

Johan: Dit was mense van buite af. Ons wou maar net dit wat ons het, verdedig teen iemand van buite af wat dit wou vat.

Hanlie: Die iemand het van buite af gekom, ja, maar kapitalisme wou in 1900 SA van buite af vat. (Danie: Dit was Britse imperialisme.) Of imperialisme, maar dit is kapitalisme.

Danie: Die vryemark stelsel, dit is kapitalisme. En op 'n breë grondslag werk dit, behalwe waar …

Hanlie: … waar die mens by betrokke raak. Julle het net nou gesê van wie het wie gebruik, logies het die swartmense aanklank gevind by kommunisme, ook vanweë 'n halwe waarheid of 'n kwart waarheid, wat weer gesê het almal sal ewe veel hê, en logies daarom, daarom glo Cosatu nou nog hierdie mense.

Danie: Net soos wat die mense geglo het daar sal yskaste uit die hemel uit reën.

Hanlie: Ja, net so. En net soos wat ons ander dwaashede geglo het.

Albert: Was dit nie 'n handige instrument in die hande van óns leiers om hulle volgelinge, óns, agter hulle geskaar te kry nie? In die proses ons almal te verenig teen hierdie bedreiging van die kommunisme wat ons gesê het op die noordgrens van Namibië was; waar ons gaan oorlog maak het: Angola en die plekke. En in die proses het ons maar weer bo-oor die eintlike probleem gekyk. Ons kleur hom in en ons veg teen hierdie prentjie wat ons ingekleur het, maar die eintlike prentjie wat daaragter sit,

ons totaal en al mis kyk. As daar nie 'n rede was waarom mense aangetrokke gevoel het tot byvoorbeeld kommunisme nie, dan sou dit mos nooit 'n *issue* gewees het nie. Maar daar was iets daaragter, maar in die proses dat ons kommuniste kon baklei, het ons nie nodig gehad om vrae te vra oor die dinge wat daaragter lê nie.

Hanlie: Ek dink enige regering doen dit, en ek dink die huidige een sal dit ook doen. Op die oomblik gebruik hulle nou weer die ou apartheid, hulle ry nou weer op daai rug, totdat daar weer iets anders sal gebeur. Enige regering gebruik 'n stelsel of 'n ding om agter te skuil, om die gewone mens te beïnvloed, dat hy verkieslik so min as moontlik moet dink.

Albert: Dit was jy nou sê is geweldig belangrik. Ons as blankes, Afrikaners, is nie denkende mense nie. Dit klink nou baie hard om sulke goed van onsself te sê, maar ek dink ons dink min oor goed.

Hanlie: Ons kinders glad nie. Die swart kind is geweldig voor met politieke kennis en met redenasie vermoë by die blanke kind. Oor die hele verlede en alles weet hulle baie meer.

Elsa: Dit is oor ons ou skool stelsel, ons het nie geleer om te dink nie. Ons moes soos papegaaie dit leer en dit opsê en dit neerskryf om jou standerd deur te kom. Jy mag nie verskil het van 'n onderwyser of 'n grootmens nie, so jy mag nooit self gedink het nie.

Albert: 'n Grootmens vertel my nou die dag, as hy eksamen geskryf het, dan moes hy rekening hou met die vak, hy moes uiteraard sy werk ken, maar hy moes ook rekening hou met watter dosent dit is, en sy goeters so skryf dat hy daai dosent se manier van dink kan akkommodeer, anders is hy benadeel. Is dit nie dalk deel van ons oplossing nie, dat ons ons kinders en onsself moet leer om krities te kyk na goeters en krities en analities te dink oor goeters wat ons doen.

Danie: Ek sal ook net objektief daar wou byvoeg.

Albert: Vir sover objektiwiteit enigsins moontlik is, want elkeen van ons kyk maar vanuit sy gegewe situasie. Ons sal vir die res van ons lewens met 'n blanke oog daarna kyk, en die swart mense anders, want dit is hoe ons op hierdie stadium dink. Dit is 'n groot uitdaging om daarby verby te kom.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid** – Gesprek 5: 6 Oktober 1998

Albert: Ons het nou 'n lang breek gehad, wat sleg is, maar wat ook dalk goed was, dat ons kon loskom van die proses en weer kon gaan dink het oor die goed. Ek weet nie of julle daaroor gedink het nie.

Ek was intussen Pretoria toe en ons het lang ure gespandeer aan hierdie goed. Elkeen het een uur gehad om te praat oor sy navorsing. Op die ou end het ons het twee ure oor hierdie navorsing gepraat – 'n baie sinvolle gesprek. Ek hoop om volgende week as ek weer in Pretoria is by die Algemene Sinode, dan weer te gaan praat met 'n paar ouens. Ek hoop om goeie terugvoer te kry.

Ek het vir julle geskryf dat ons moet praat oor hoeveel keer ons nog bymekaar moet kom. My beplanning is dat ons nog vier sessies moet hê, ag altesaam. En dan moet ons praat oor maniere waarop ek vir julle kan deurgee wat ek besig is om te skryf. Julle raak mede-outeurs. Al word julle name nie by die naam genoem nie, raak julle mede-verantwoordelik, mede-aanspreeklik vir dit wat op die ou end op papier kom. Ek sal graag wil hê dat julle op 'n manier betrokke moet wees daarby. Ons sou kon dink daaraan om iewers in die loop van volgende jaar, dalk aan die einde van die eerste kwartaal, 'n geleentheid te kry waar ons weer bymekaar is vir 'n opvolg gesprek; wat ook al, net soos julle wil.

Het julle gedink oor die pad vorentoe? Ek wil julle graag betrek by dit wat ek skryf, want ek skryf oor dit wat in hierdie groep gebeur. Dit wat julle gesê het, gaan 'n baie groot deel uitmaak van wat in die proefskrif staan op die ou end. As ek daar goed sê, moet ek myself gaan verantwoord teenoor julle oor hoekom ek dit sê. En julle het dan die reg om van my te verskil.

Elsa: Kan jy nie maar soos jy nou maak met die gesprekke, deur uitdrukke te maak en vir ons te gee nie? Dan kan ons daar deurgaan en vir jou terugvoering gee. Soos wat ons op die oomblik maak.

Albert: dit sou dalk die maklikste wees.

Hanlie: Ek neem aan dit is 'n redelike lywige ding. Dit is nog in wording, nè?

Albert: Ja. Ons praat waarskynlik in die orde van so 250 bladsye.

Hanlie: En ons name word nie daarin genoem nie?

Albert: Nee, julle staan net bekend as Albert en Ben ens.

Hanlie: Ek gee regtig nie om wat jy daarin aan my toedig nie.

Naomi: As ek 'n idee mag gee, dan dink ek 'n mens moet dit in die dieselfde trant doen as wat ons tans doen met die gesprekke. Dat ons wel die geleentheid kry om dit deur te gaan en dan by so 'n groepsbespreking terugvoering te kan gee as daar enige verskil is.

Albert: Dan kan ek nog nie van datums praat nie.

Naomi: Ja dit sal dan pro-rata moet geskied.

Albert: Ja, ons moet maar kyk hoe ver ek geskryf het en dit dan maar hoofstuk vir hoofstuk hanteer. Dan moet ons maar daaroor praat, of individueel, of in 'n groep. Ek wil net die opening ook laat dat julle ook kan voel dat julle betrokke kan bly by die proses. Julle rol is nie klaar as ons die ag sessies agter die rug het nie. Ek sou julle insette ook graag verder wou hê.

Johan: Ter wille van die gesprek vorentoe: het die navorsing al 'n titel? Weet ons eintlik wat doen ons hier?

Albert: Ja. 'n Titel is ook weer 'n ding wat kan verander. Ek gaan die proefskrif in Engels skryf ook ter wille van 'n wyer leserskring, ook internasionaal. *Moving forward from Apartheid* Dit is die kern, die strekking van die tema. Ek fokus op hoe maak blankes 'n sukses van die toekoms, gegewe ons geskiedenis. *Moving forward from Apartheid* – dit is die sentrale lyn wat deurloop, ook in die proefskrif.

Met dit in gedagte het ek gaan kyk na die goed wat ek gesê het ons moet afhandel voor ons klaarmaak. Die dinge wat nou vinnig op die tafel moet kom is skuld. Ons het al daaroor gepraat, maar wat maak ons met persoonlike skuld? Waar staan ons in terme van persoonlike skuld en persoonlike aanspreeklikheid? En ons reaksie daarop. Dan praat jy oor belydenis en dan natuurlik oor restitusie. Is dit goed wat ons identifiseer? Kan ons? Wil ons? Goed soos regstellende aksie – wat maak ons

daarmee. My gedagte vir vanaand is dat ons ernstig sal begin praat oor persoonlike skuld. In watter mate beskou ons onsself as skuldig? Ek het in die brief wat ek vir u gestuur het, vertel van een van die medewerkers wat 'n blanke vrou aanhaal wat sê die verandering het te vinnig gekom. En dan verwys die medewerker na 'n verhaal voor die WVK (wat deur Antjie Krog aangehaal word) van die swart vrou wat dat deur blanke polisiemanne aangerand word. En dan die vraag: Vir wie het die verandering te gou gekom?

Ek sê weer dat dit mag lyk of ons sommer so in die rondte praat, maar daar kom sin daaruit. Ek weet nie of julle iets ander het wat julle wil hê ons oor moet praat hier aan die begin nie?

Frans: So jy tel tog 'n lyn op in die gesprekke. Ek het twee gesprekke nie bygewoon nie, ek lees maar die transkripsies. Maar ek wonder dan ook: beweeg onsin 'n rigting, os dit sinvol?

Albert: Ek dink dit is baie sinvol. Ons beweeg nie altyd so duidelik in 'n rigting nie, maar ek dink die goed waaroor ons praat is wesenlik belangrik. Dit wat ons hier vir mekaar sê is wat gewone gemiddelde Afrikaners vir mekaar sê. Ons praat nie akademies oor 'n klomp temas nie, maar ons verwoord , dink ek, wat in die harte van 'n klomp mede-Afrikaners leef. En dit is belangrik. Ons het dalk in die begin 'n bietjie lank stilgestaan by sekere sake, maar in die proses verwoord ons wat ’n klomp ander mense ook dink en nooit die geleentheid kry om te sê nie. En dit is juis wat 'n mens wil hê. Dit is goed wat jy nie 'n boeke kry nie, jy kry dit net hier. Iets anders wat iemand hier wil sê?

Hanlie: Die tweede paragraaf van jou brief. Jy vra daar dat ons moet praat of ons besoekers wil nooi ens.

Albert: Hoe voel julle daaroor? Dalk sal dit help as ek weer verduidelik wat ek doen. Ek praat tussendeur met swart mense en ander oor die gesprekke – en ek het nou weer 'n paar gesprekke wat voorlê. Dan reduseer dan maar wat hulle vir my sê en kom bied dit dan vir julle aan. Moet ons nie dalk van hulle self kry om met ons te kom praat nie? Dat ons met mekaar in gesprek gaan. Dat ons sê vertel vir ons wat is jou belewing. Hoe dink jy oor die pad vorentoe. Dit is tog op die ou end waarby ons wil uitkom, die pad vorentoe.

Hanlie: As ek iets kan sê: Ek dink dit is die logiese uitvloeisel van 'n groep mense wat praat oor die pad vorentoe na apartheid. Dit kan vir my nie anders dat dit uitloop op 'n gesprek tussen gemengde kulture nie. Vir my persoonlik maak dit nie saak wat jy aan my toedig wanneer jy skryf nie, want ek het gehoor wat almal hier gesê het. Maar vir my sal die oefening futiel wees as ons hier stop en ons gaan nie aan nie. Dit beteken nie almal voel so nie, maar vir my eie gevoel sê dit dat die groei wat moet plaasvind tussen ons gedurende die ag sessies, sal moet uitloop op so 'n gesprek tussen verskillende kulture. Aan die nader kant het jy aan die begin gesê dat jou doel nie noodwendig was om ons te beïnvloed nie, maar om te hoor wat ons voel. Dit is vir my nogal 'n probleem. Ons kom as groep hier bymekaar om vir jou materiaal te gee om oor te skryf oor hoe ons of sekere mense in die samelewing voel. Maar as die bedoeling ook is dat ons daaruit iets moet haal, as dit vir ons ook iets moet beteken, dan moet ons op 'n punt kom waar ons met 'n gemengde groep hier dit en gesels.

Albert: Ek het aan die begin gesê dat ek vir myself twee doelwitte gestel het vir hierdie gesprekke. Die een is om stof bymekaar te maak, maar die ander een is terapeuties. Dit moet ook vir ons sinvol wees om hier bymekaar te wees en te gesels.

Hanlie: As dit vir my terapeuties moet wees, kan dit nie net stop by ons hier rondom die tafel nie.

Elsa: Ek stem saam met Hanlie. Ek sal dit ook graag wil hê, al is dit dan net een of twee keer dat ons saam met swartmense hier kan sit en gesels.

Naomi: As ek my mening kan lug. Ek voel dit was nodig dat ons eers met mekaar kon uitpluis hoe voel ons oor daaroor voordat ons werklik ander groepe en anderskleuriges kan betrek. Ek stem ook saam dit kan die gesprek in 'n positiewe of negatiewe rigting lei as ons hulle hier kry.

Isak: Ek het nie 'n probleem nie. Ek dink dit kan interessant wees.

Albert: een van die redes hoekom ek dit pertinent hier vra, is omdat ons nie die ander storie ken nie Ons ken die blanke storie, maar ons ken nie die ander storie nie. Ons kan aanhaal uit wat Antjie Krog skryf, ons kan aanhaal uit daai ander boeke wat jy nou so baie lees, Johan. Ons kan van hulle aanhaal, maar as ons dit uit die perd se bek kan hoor, is dit soveel beter.

Karin: Ek voel eerlik dit waarmee ons nou hier besig is, is ek al lankal verby. Ek voel regtig so. Ek het hierdie pad al klaar geloop. Ons het ag jaar gelede al *cross-cultural counselling* gehad. So ek is al klaar daar verby.

Albert: Almal van julle is in 'n besondere posisie. Almal van julle is op 'n manier daar deur. Dit het ek met die tyd eers agter gekom, maar ons deursnee lidmaat is nog nie eers op die punt waaroor ons nou hier praat nie, omdat ons in totaal aparte wêrelde leef.

Frans: Ek het nie 'n probleem dat ons dit doen nie. Ek wil net vra, hoe gaan jy die ander groep kies, hoe gaan jy hulle identifiseer. Daar is ook 'n ander punt dat ons met so 'n gesprek sal moet waak, as dit die regte woord is, dat dit nie 'n beskuldigende gesprek raak nie: Jy het dit gedoen en jy het dat gedoen. As die gesprek in daardie rigting loop, gaan dit nie terapeuties wees nie.

Albert: Nee, my bedoeling is dat ons as groep moet besluit wie ons hier wil hê. Ek dink nie aan 'n groep nie, maar een of hoogstens twee op 'n slag as ons dit meer as een keer gaan doen. Dat jy een of twee ouens kry om hulle kant te kom stel en dat ons met dié persoon in gesprek gaan daaroor en hy met ons.

Hanlie: Ek wil net sê dat as jy net een persoon of twee wil kry, dan sal jy twee mense moet kry wat baie seker van hulle saak is, anders ... Stel jou nou voor jy word genooi. En jy is die enigste wit mens wat daar moet sit en hier dit die magdom swart mense. En elke vraag wat hulle vra, voel jy of jy in die beskuldigde bank sit. Ek hou glad nie van die idee van een of twee nie. Ek sou sê dan ten minste drie mense. Ten minste.

Isak: Ons werk met getalle in die nuwe SA: Hulle werk spesifiek met getalle.

Hanlie: En dan sou ek nogal graag 'n kleurling persoon wou by hê.

Albert: Het julle iemand in gedagte?

Isak: Ek het mense in gedagte, maar dit is mense wat saam met my werk. Dit kan dalk 'n probleem wees.

Hanlie: Dit is met my dieselfde. Almal wat ek in gedagte het, is van my kollegas.

Frans: By ons op die stadsraad het ons 'n swart man dieselfde politiese oortuiging het en ons het 'n kleurling dame ook.

Elsa: "Wat dieselfde politiese oortuiging het" – wat bedoel jy?

Frans: Wat ons het. Laat ek dit anders stel...

Hanlie: Hoe weet jy wat ons oortuigings is? (Gelag en geskerts in die groep)

Frans: Laat ek dit baie duidelik stel: Wat aan dieselfde politieke party behoort as ek. En ek noem dit vir wat die werd is.

Hanlie: Ja, en ek het vir jou 'n hele klomp ANC ouens.

Frans: Ek ken ook 'n klompie van hulle.

Hanlie: Ek dink nie ons moet ons laat lei deur politieke affiliasies nie.

Frans: My bedoeling was nie om dit polities te konnoteer nie.

Albert: Kan ek maar soos ons by die kinderkrans maak: Bring elkeen volgende keer 'n maatjie saam. (Goedige gelag van die groep)

Hanlie: Ons kan dit ook doen, dit kan miskien baie oulik werk. Ek het 'n baie wyse ou dominee-man wat op ons beheerraad is, wat dierbaar is. Hy is so 'n wyse man. Maar dit is miskien nogal 'n idee dat elkeen iemand saambring. Dit is nie te sê dat hulle sal wil kom nie.

Albert: Ek dink 'n mens moet dit vir hulle baie mooi stel waaróór dit gaan. Ek sou dit vir hulle so verduidelik: Ek wil graag vir ons as blankes wil help om van die nuwe SA 'n sukses te maak. Ons kan nie almal Australië toe gaan nie – ons wil in elk geval nie gaan nie.

Hanlie: Die mense met wie jy nou praat, stel hulle nie belang om by ons uit te kom nie? Die swartmense met wie jy praat.

Albert: Ja, moontlik sou ek van hulle kon kry...

Hanlie: Omdat hulle nou al 'n agtergrond het oor die dinge wat ons alreeds gesê het, terwyl as ons nou iemand inbring wat nog glad nie weet waaroor ons al gepraat het nie, dan kan ons dalk begin om alles weer van voor af te herhaal.

Isak: Ek dink dat dit 'n baie goeie voorstel is. Dit is mense wat reeds die agtergrond het.

Albert: Ek sal kyk of ek ten minste twee van hulle kan kry wat die vrymoedigheid sal hê om te kom om hier te praat. Maar moet ons nie dalk maar so maak dat ons elkeen vra om iemand saam te bring nie? Ons het genoeg plek hier.

Hanlie: Kan ons nie kyk wat is die posisie en dan die 22ste daaroor praat nie? Dan kan ons sê wie wil kom en so meer. En dat ons dan dit maak vir die volgende byeenkoms.

Albert: Goed kom ons maak dan so dat ons by die 22ste vir mekaar sê wie het ons wat bereid is om met ons te kom praat en dan reël ons dit vir die keer daarna. Dit gaan vir ons dan die kans gee om te gesels oor die sake wat wesenlik belangrik is en ons nog nie aangespreek het nie. Dit is die kwessie van persoonlike skuld, persoonlike aanspreeklikheid dan en die rol van die kerk. Daaroor het ons nog baie min vir mekaar gesê. Is daar nog 'n tema of 'n ding wat ons moet aanspreek?

Elsa: Ons moet praat oor die pad vorentoe.

Albert: Ja. My gedagte was so dat ons vanaand by die vyfde sessie praat oor skuld en dan volgende week oor die kerk. Dat julle dan spesifiek gaan kyk na die rol van die kerk en by name die NG kerk, maar ook die ander en dat ons dan volgende keer net daaroor praat. Dit is dan die sesde sessie. En dat ons dan by die sewende sessie van die swart mense en die kleurlinge kry om met ons te praat. En dan kan ons die agtste sessie wy aan die pad vorentoe.

Frans: Gaan ons die aand van die sewende sessie, wanneer ons ander mense hier het, aan op ons trant? Want dit kan problematies wees.

Albert: Ek dink dit gaan belangrik wees om daar te fokus op die pad vorentoe. Ek wil weer terugkom na ons eie tema: Hoe sien hulle die blankes se rol vorentoe, gegewe ons rol in die verlede. Want dit is die lyn wat ek dwarsdeur wil trek, ook in die proefskrif,

ons het 'n rol te speel in die toekoms. Maar ons het ook 'n stuk bagasie uit die verlede, en hoe maak ons daarmee. Laat ons dit pertinent vir die mense sê: Ons wil in daai rigting praat, kom help julle vir ons. Dit is regtig wat hulle gaan doen. Hulle gaan ons help deur vir ons te sê hoe gaan ons vorentoe.

Ek het net voor die vakansie toe ek Pretoria toe was, 'n afspraak gehad met professor Piet Meiring. Hy is dosent by die Teologiese Fakulteit daar en hy was nou vir twee jaar aan die WVK gesekondeer. Hy sê daar kom voor die einde van die jaar 'n boek uit wat hy geskryf het oor die WVK wat ek dink baie interessant behoort te wees. Hy het op 'n stadium oor skuld gepraat by die WVK en toe haal hy vir Karl Jaspers aan. As ons oor skuld praat en die dinge wat rondom skuld gesê word, dan is die een groot insident natuurlik die Duitsers en die Tweede Wêreldoorlog. En in daai tyd is daar vreeslik baie daaroor geskryf. Professor Meiring haal vir Jaspers aan en verwys na sy vier kategorieë van skuld. Hy onderskei tussen vier soorte skuld: Daar is kriminele skuld – die een wat die sneller getrek het, wat die wreedhede gepleeg het. Dan is daar politieke skuld – hulle wat die politieke opdragte gegee het. Dan is daar morele skuld – ek is skuldig want ek het nie genoeg gedoen nie en die laaste is metafisiese skuld. Dit is diegene wat die oorlog oorleef het, terwyl baie ander gesterf het. Hulle kon daai mense probeer red het; hulle sou waarskynlik in die proses gesterf het, maar hulle is skuldig omdat hulle leef. Dit is die kategorieë van skuld waaroor Jaspers praat. Maar daar is ook ander maniere om hierna te kyk. Paul Tillich, 'n ander Duitse teoloog onderskei vyf kategorieë wat, eenvoudig gestel, op 'n glyskaal werk van heeltemal onskuldig – ek het niks om oor te bieg of te bely nie, tot heel aan die nader uiterste – die ou wat die sneller getrek het. En hy sê iewers tussenin bevind ons elkeen onsself. Ek sou graag wou hoor wat julle daarvan sê.

Een van die goed wat een van my medewerkers oor geskryf het is dit: In ons gesprekke het ons elke keer die verantwoordelikheid vir apartheid buite onsself geprojekteer: apartheid se wette, die Engelse, die algemene rassisme wat daar in die wêreld is, noem maar op. Ek wil hê dat ons vanaand met onsself besig sal wees. Wat sê ek daarvan? Wat van my?

Isak: Ek het dit 'n vorige keer gesê. As ek so luister na wat jy lees wat Jaspers sê, was my eerste gevoel, maar dan is daar nie een van ons wat kan sê dat hy onskuldig is nie. Jy kan dit maar self uitwerk, maak nie saak in watter kategorie jy val nie. Vir my is dit net: hoe lank gaan jy nog loop met die skuld? Ek kan nou sê op een of ander manier het ek skuld gehad aan die verlede. Moet ek dit nou bely? Teenoor wie moet ek bely?

Moet ek teenoor God bely ek het skuld? Teen wie? Waar moet ek gaan staan om te bely? Teenoor wie moet ek dit nog erken en bely om my deel skoon te kry? Moes ons almal gaan toustaan by die WVK? Vir my is dit, ek moet aanvaar ek was deel daarvan, ek het 'n deel gehad daaraan. Al was dan nou net omdat ek aanhou stem het vir die Nasionale Party. Maar vandat daai oorgang gekom het, lewe jy mos vorentoe. Ek weet nie, hoe gaan ons van die skuld ontslae raak, op watter manier gaan jy kan sê maar nou is dit verby? As gelowige gaan jy en jy bely jou skuld voor God en jy word vergewe. Maar in hierdie geval nou – is dit 'n eenmalige ding? Hoe gaan ek dit nou doen? Moet ek eers gaan selfondersoek doen en sê ek dink ek val nou in daai kategorie nou gaan ek op 'n oggend in die kerk of by 'n vergadering opstaan en bely ek was skuldig, en nou is dit verby? Ek weet nie. Vir my is dit 'n geval van besef ek het op een of ander manier bewustelik of onbewustelik daaraan skuld gehad, maar van ons hierdie oorgang gehad het, leef ek vorentoe. Ek werk elke dag tussen anderskleuriges en ek behandel hulle niks anders as wat ek ander mense van my eie kleur sou behandel nie.

Albert: Kan ek net vra: Hoe is dit anders as die ou wat net sê nou is dit verby, kon ons vergeet dit, kom ons praat net nie meer daaroor nie. Hoe verskil dit dan?

Naomi: Ek wil graag antwoord daarop. Ek dink dit het met elkeen se gesindheid te doen. As jy voel dat jy op pad vorentoe is, maar jou gesindheid bly nog wat dit in die apartheidsjare was, dan is jy mos nie op pad vorentoe nie. Dan hou jy nog steeds van aan die verlede, maar jy sê jy gaan vorentoe. Jou gesindheid het nog niks verander nie. Persoonlik voel ek ek was ook skuldig. As ek myself moet beoordeel volgens Jaspers, val ek onder die morele skuld. Omdat my ouers so was, was ek so. Dit maak my nie skoon van enigiets nie en ek voel net omdat ons in 'n situasie gekom het waar jy ... Die eerste keer dat ek kon getem het, was in die referendum. En daar dink ek het ek die regte stem uitgebring, want dit het die pad vorentoe gebring. So dit het baie te doen met 'n mens se gesindheid. En daai gesindheid kan jy net kry as jy jouself vergewe het deur God se vergifnis.

Hanlie: Kan ek iets byvoeg? Ek stem saam met wat sy gesê het en ek voel ook die meeste van ons onder daai morele skuld indeel. Ek voel skuldig oor die dinge wat ek nie gedoen het nie en dat ek baie gou na my huwelik betrokke geraak het by werk, huis en kinders, dat dit my hele ewe so gevul het dat ek niks daadwerkliks daaromtrent gedoen het nie, al het ek ongelukkig gevoel daaroor, of al het ek selfs met iemand daaroor gepraat. Maar dit is my skuld: Die niks wat ek gedoen het nie. Ons het nou die

geleentheid om deur ons dade te wys wat ons voel. En dit is vir my amper 'n bietjie soos godsdiens. As jy sê jy glo in die Here, maar jy doen niks nie, al hang jou geloof nie af van jou dade nie, dan kom jou geloof nie tot uiting in jou dade nie. Ons wat sê dat ons gelukkig is met die basiese begrip van die nuwe SA, moet deur die dinge wat ons doen, moet ons dit wys. En dit is as't ware die manier waarop ek probeer om – dit wat jy gesê het: waar moet ek gaan staan, vir wie moet ek dit sê – ek probeer deur wat ek doen, te sê ek is jammer. En dan gebeur dit dat jy in jouself dinge agterkom wat jy doen, wat jy nooit vantevore gedoen het nie, al was jy teen apartheid gewees, miskien omdat die geleentheid nie daar was nie, omdat jy in 'n ander aparte wêreld geleef het. En dat ek nou agterkom dat ek baie maklik fisiese kontak kan hê met 'n persoon wat 'n swart persoon is. En dit gebeur net op 'n dag spontaan sonder dat ek daaroor gedink het. Maar dit hang van 'n mens se omstandighede af. As jy werk met siek mense het jy meer fisiese kontak met hulle. Terwyl in sommige ander beroepe het ons net nog nie daartoe gekom nie.

Albert: Ek het laas keer vir julle gesê van die twee, drie outjies wat net voor die sluitingsdatum by die WVK ingestorm het en gesê het hulle wil aansoek doen om amnestie omdat hulle niks gedoen het nie. Die aand van die afsnydatum het die ouens, swart mense, in die kroeg gesit en praat oor wat gebeur het. En net daar het hulle hulle vorms ingevul om amnestie want hulle het 'n aandeel aan die verlede juis deurdat hulle niks daarteen gedoen het nie.

Elsa: By my is daar geen twyfel dat elkeen van ons skuld het nie. Of ons nou iets probeer doen het of nie. Ons is almal op 'n manier skuldig. Maar my gevoel is, en dit het met my geaardheid te make, dat 'n mens half iets moet doen, of iets moet afstaan om daai skuld van jou los te koop. Ek weet dit is seker onbybels, die Here straf ons nie vir wat ons verkeerd gedoen het nie. Ek en Frans het amper vanoggend 'n argument daaroor gehad, want ek sê ons moet op 'n manier boete doen. Daaroor is daar by my geen twyfel nie. En miskien doen ons dit al klaar, omdat ons manier van lewe heeltemal verander het en dit miskien nie heeltemal so lekker gaan soos in die verlede nie. Frans voel anders daaroor, maar dit voel vir my nog steeds ek moet op 'n manier boete doen. En ek dink as dit op die ou end werklik van my gevra word, gee jou huis af, of gee een van jou motors, of so iets, dan sal ek dalk anders voel daaroor. Frans sê vir my as daar nou regstellende aksie is en hy word afbetaal en hulle stel 'n swart persoon in sy plek aan, hoe sal ek dan daaroor voel? Vir seker sal dit nie vir my lekker wees nie. Maar ek voel ons moet iets teruggee.

Albert: Dit is jammer Danie is nie hier nie, want hy het by sy werk so 'n situasie beleef.

Frans: Interessant wat Naomi gesê het. Ek het nog nie so daaraan gedink nie. Toe jy praat van die referendum, toe kliek dit skielik. Eintlik het ons alreeds die pad vorentoe begin loop. Meer as twee-derdes van die mense het "ja" gestem en in die daaropvolgende verkiesing het die grootste gedeelte van die blankes gestem dat die proses moet voortgaan. Onbewustelik het die individu deel geraak van die proses wat nie noodwendig 'n boetedoeningsproses was nie. Miskien moet ons in ons harte besef dat ons besig is met 'n proses en dat ons nie werklik besef wat daai proses regtig te weeg sou bring nie. Dit pad vorentoe het ons dus lankal begin loop. Dit is die een ding. Ek verskil met Elsa oor wat sy sê van boetedoening. Ek as persoon is moreel skuldig. Dit is nie altemit nie. Maar ek het op 'n punt in my lewe gekom waar ek dit voor God bely het en gesê het dit is sonde gewees en ek erken dit. Vir my aandeel. Al was dit dan nou net 'n indirekte of morele aanspreeklikheid wat ek gehad het, ek het daarvoor vergifnis gevra. En nou moet 'n ou jou gesindheid verander en 'n ligdraer wees waar jy ook met ander omgaan. Ek het 'n kleintjie daaraan door, en dit het ek al aan die begin ook gesê, om elke dag voor my kop gegooi te word jy is skuldig, sy is skuldig, jy is skuldig. Dit is nie vir my die proses van vergifnis nie. Dis nie wat ek in die Woord van God leer nie. As ek as individu my sonde bely, sê die Here, dan begin ek op 'n skoon, wit bladsy en Hy dink nie eers weer daaraan nie. Maar goed, daar is voorwaardes daaraan. Ek moet omdraai en 'n ander pad loop. Die pad waar jy die ligdraer moet wees.

Albert: Ek wou nou juis vir jou rondom daardie ander pad vir jou vra: Sou dit kon beteken dat 'n mens werklik op 'n punt in jou lewe kom en sê nou bely ek my skuld voor die Here en ek aanvaar sy vergifnis daarvoor soos wat Hy in sy Woord belowe en nou is dit klaar. 'n Ou wat van oorkant die straat staan en kyk, vir hom leef ek nog presies dieselfde lewe as voorheen: Ek is nie uitgesproke rassisties nie, ek doen nie ooglopend goed wat verkeerd is nie, maar ek leef vir alles praktiese doeleindes dieselfde lewe as wat ek verlede week nog geleef het. Ek lees vanmiddag 'n klompie toesprake van dr. Emelio Castro, die hoof van die WRK en dan praat hy ook van vrugte dra wat by die bekering pas en dan trek hy dit deur na SA: Dan sê hy ons het nou op 'n punt gekom dat as ons sê ons het 'n aandeel gehad aan die verlede, 'n verkeerde aandeel, en ons bely dit, dan moet ons nou vrug dra wat by daardie bekering pas. Hy spel dit nie uit wat dit presies beteken nie, maar ek wonder daaroor.

Isak: As hy nou sê ons moet vrug dra wat by die bekering pas, wat moet ek as individu dan doen? Moet ek maak soos Elsa sê, moet ek 'n motor gee? Moet ek 'n deel van my huis gee? Wat moet ek gee? Moet ek 'n deel van my salaris afstaan? Dit is my vraag. Al wat ek ervaar het, en my pad loop in Thabong reeds van 1987 af … Na wat ek ervaar het, het ek telkens weer teruggegaan. Ek is uitgejaag en ek het teruggegaan. Ek kon al op tien verhoë gestaan het… Dit oggend wat Mandela vrygelaat is, het ek in 'n saal gestaan. Ek kon daardie oggend gesê het "ek is jammer". En ek kan op tien ander verhoë gestaan het en gesê het "ek is jammer", bly "ek is jammer" of wat ook al. Maar dit wat ek gedoen het van daardie tyd tot nou toe, waar ek 80 tot 90% – ek kan nie sê ek word onvoorwaardelik aanvaar nie – maar waar ek wel aanvaarding geniet binne daai gemeenskap waar ek werk. Ek dink net as gevolg van my gesindheid, my *commitment* vir die werk wat ek in daai gemeenskap wil doen tot voordeel van daardie mense. Ek dink ek het meer bereik as sou ek op tien verhoë staan en sê "ek is jammer" of as ek tien motors gehad het, nog tien motors ook geskenk het. Dis hoe ek voel. Wat word dan van ons verwag? Ek is nie aggressief daaroor nie, dit is net "wat word van my verwag?"

Johan: En wie gaan nou besluit dit is nou genoeg?

Isak: Dit is reg ja.

Johan: En wie is daardie persoon?

Hanlie: Jy self?

Johan: Nee, maar iemand wil nou al ons karre en ons geld hê. Wie gaan nou besluit "julle het nou genoeg betaal"?

Albert: Daar was op 'n stadium voorgestel dat ons in Suid-Afrika sogenaamde *wealth-tax* moet hê: 'n Rykdomsbelasting, welgesteldheidsbelasting. Die syfer wat genoem is, is 30%. Dit is een ding wat byvoorbeeld al op die tafel is. Sou dit kosmeties wees, of sou dit waarde hê?

Isak: Ek sou sê dat dit kosmeties is. Op die oomblik is daar 'n swart middelklas wat ontstaan het, en daai ouens is meer welgesteld as wat ek en jy is, of kan hoop om te wees. Waar kry hy in hierdie kort tydjie daardie tipe welstand? Gaan hy dit betaal?

Naomi: … as hy dan so onderdruk was.

Isak: Gaan hy dit betaal?

Hanlie: Ek dink die gewone swartmens verwag nie dit nie. Ek stem saam met jou as jy sê, deur dit wat jy doen soos jy nou gesê het, deur jou *commitment* en die besluite wat jy geneem het, en dit is wat ek bedoel het met my dade, dit is waardeur 'n mens aanvaarding probeer kry, alhoewel ek aan die begin gesê het dat dit nog baie lank gaan vat om aanvaarding te kry.

Albert: Ek hoor wat jy sê, maar my vraag wat ek net-nou gevra het, bly nog steeds dieselfde. Die ou wat oorkant die straat staan en kyk na my wat skuldbelydenis afgelê het, wat gesê het ek gaan nie doelbewus meer rassisties wees in my hele lewensuitkyk nie, hy kyk na my oor die straat en sien ek leef nog presies dieselfde as wat ek laas week geleef het.

Hanlie: Wat betref wat? Jou finansiële toestand?

Albert: Onder andere my finansiële posisie. My "bevoorregte" posisie in die samelewing, die feit dat my kinders in 'n beter posisie is as die swart eweknie s'n wat anderkant die spoorlyn woon. Daar het wesenlik niks verander in my lewe nie, behalwe op die meeste – 'n intellektuele skuif van rassisties optree na nie-rassisties optree nie.

Hanlie: Solank dit intellektueel bly, is dit volgens my nie genoeg nie. As jy sê dat die ou leef net soos wat hy voorheen geleef het, hoekom is dit dan tog so dat 'n mens skaars 10 min in 'n gesprek kan wees en jy weet presies wie is die ouens wat al die skuif gemaak het, en wie is die ouens wat dit nog nie gemaak het nie. So dink ek dat die swartmense dit ook kan aanvoel, so ek dink nie dit is moontlik om te lewe presies net soos wat dit was nie, dan verwys ek nie na geld gee of iets van dié aard nie, ek verwys na die gewone praktiese dinge van die lewe. Die gewone daaglikse manier waar jy optree teenoor ander mense.

Albert: Dit is jy wat vroeër in 'n gesprek gesê het, om bloot net ordentlik te wees en vir swartmense ordentlik te behandel gaan nie iets verander nie, dit gaan nie maak dat hulle skielik vir ons lief word nie.

Hanlie: Dit hang vir my baie af wat word met die woord ordentlik bedoel. As ordentlik beteken ek vloek nie hulle nie, en ek skel hulle nie, is dit vir my 'n ander iets as om hulle werklik as mense hulle te leer ken en kontak te maak. Ek voel net as mens nie iemand leer ken het as mens nie, hoe kan jy met hom kontak maak?

Naomi: Aan die een kant is dit vir moeilik en aan die ander kant is dit vir my maklik, want ek sit in 'n moeilike situasie want ek sit in die situasie van 'n psigiatriese veld. Ek kry swartmense wat liewer na my toe kom as wat hulle na my swart kollega toe gaan. Wat die rede is, weet ek nie. Of hulle dink hulle gaan beter hulp kry, dat ek hulle beter gaan verstaan, weet ek nie. Ek kan net sê hulle kom met openlikheid na jou toe, hulle kom met die diepste emosies na jou toe en vra dat jy daai pyn moet weg vat.

Hanlie: Ek dink wat dit betref is twee moontlikhede. Die een is dat hulle nog miskien dink dat omdat jy wit is jy miskien dalk meer vir hulle iets kan doen, of is jy beter opgelei. Want by ons as jy vir die kinders vra, gaan geweldig baie van hulle sê hulle wil by 'n blanke onderwyser klas hê omdat hulle miskien nog glo, of sien, dat ons die voorreg gehad het om beter geskool te wees, of iets van dié aard. En verder dink ek dit is 'n vrye keuse. Hulle vind dalk net beter aansluiting by jou as met die ander persoon. Dit is interessant vir my, want taalgewys sou mens tog dink dat hulle hulle beter in hulle eie taal sou kon uitdruk, veral oor sulke diep seer dinge.

Karin: Ek dink in my en jou beroepe gaan die baie oor vertroue, want as jy eenmaal 'n swart persoon gehelp het, en hy is tevrede daarmee dan loop die riemtelegram. Hulle het absoluut vertroue, en hulle soek iemand wat vertroue inboesem. By my het ek die ervaring gehad, dat as niks werk nie, dan kom hulle na my toe.

Isak: Dit gaan oor gesindheid.

Elsa: Ons gesindheidsverandering, is dit nou genoeg restitusie vir wat in die verlede gebeur het? Ek sou graag wou weet hoe voel die groep oor regstellende aksie? Mense wat hulle grond moet terugkry wat van hulle weggevat is, dit is mos 'n manier van boetedoening om vir die mense terug te gee wat van hulle weggevat is, en wat hulle nie gegun is in die verlede nie.

Albert: Kom ons hou net daai ding vas, dit is dinge wat op 'n groter vlak lê, 'n wyer vlak, as persoonlik. Dit lyk my hier is 'n redelike mate van eenstemmigheid wat ons

gesindheid betref. Johan, jy het nog min gesê. Is jy tevrede? Moet ons jou kans gee om iets te sê?

Johan: Hier word so baie dinge gesê waarmee ek myself vereenselwig, dit is net bloot die aanvaarding van ons skuld, dit wat ons moreel skuldig voel, ons as groep – want ek dink nie een van ons het iets doelbewus gedoen nie, 'n mes uitgehaal en iemand gesteek nie, en daai tipe goed, so morele skuld – maar die aanvaarding daarvan lê nou buite ons, en dis nou weer waar 'n opmerking soos daai De Castro kom, waar opmerking van ANC leiers kom. Hulle gaan nie tevrede wees voor die laaste stukkie bloed uit ons as blankes of Afrikaners uitgetap het nie. Aan die ander kant het ek ook nou al begin agterkom: Hier is van jou gemiddelde swartman wat nou al amper jammer begin voel vir ons blankes omdat ons so gery word. En dit is 'n feit. Die aanvaarding van die skuld lê buite ons, lê verder as ons en al gee jy nou wat gaan daar iemand wees wat nie tevrede gaan wees nie. Want daar is die radikales, soos waarskynlik die meneer van die Wêreldraad van Kerke. En dit is wat ek wil weet, waar gaan dit ophou, is my skulderkenning van die laaste paar jare, wanneer gaan dit genoeg wees?

Frans: Die vrugte van die apartheidsbekering is moeiliker vir die individu as vir party van ons wat daagliks met dié mense kontak het. Die ander sy van die saak is, ons sal nie regtig weet hoe daai ou wat oorkant die straat bly, wat tot die besef kom dat hy het 'n fout gemaak, al sien jy dit nie, ons weet nie hoe hanteer hy die Martha's of Benjamin's wat vir hom werk nie. 'n Interessante ding, toe hierdie vier direkteure nou aangestel is by die Raad, het hulle onder andere vir 'n persoon wat aansoek gedoen het 'n vraag gevra, hoe tree jy op teenoor jou huisbediendes, hoe spreek hulle jou aan. Toe vra hulle die vraag, noem hulle jou op die naam of meneer of mevrou? Wat is die situasie? Toe sê hy nee, Martha sê nog steeds baas en so. Toe sê hulle vir hom met ander woorde jy hang nog aan apartheid, jy is nog 'n rassis. Daai ou het nie die werk gekry nie. 'n Ander ou het weer vir my gesê, en dit het my nogal geraak, toe ons deur die prosesse van skuldbelydenis gegaan het, het hy die swartes wat vir hom gewerk het ingeroep – en dit is die goed wat nie sigbaar is na buite toe nie – en vir hulle gesê luister ons is nou in 'n nuwe era, my naam is sê maar Frans en Elsa, julle hoef nie meer baas en miesies te sê nie; alternatiewelik kan julle sê meneer of mevrou. Hulle het die aanspreekvorm meneer en mevrou verkies, en dit het my geraak. Maar dit pla ons, ek en Elsa praat daaroor, ek kan nie dink dat Martha vir my moet Frans noem nie, dit nog iets waarmee ek moet worstel, daar is tog mense waarvan ek weet, wat dit werklik gedoen het, wat gesê het kom ons vat die baas en die miesies storie weg.

Albert: Ek wil net gou 'n brief lees. Antjie Krog skryf van 'n brief wat Tutu gelees het, 'n brief in Afrikaans: "Dan huil ek vir dit wat gebeur het, al kan ek niks daaraan verander nie. Dan soek ek in my binneste om te verstaan hoe is dit moontlik dat daar niemand eenvoudig geweet het nie. Hoe is dit moontlik dat so min iets daaraan gedoen het, dat ek ook maar baie keer net toegekyk het. Dan wonder ek hoe is dit moontlik om met daardie skuld en skande in die binnekant te lewe. Ek weet nie wat om te sê nie, ek weet nie wat om te doen nie, ek vra u hiermee om verskoning. Ek is jammer vir al die pyn en die hartseer, ek sê dit nie maklik nie, ek sê dit met 'n hart wat stukkend is, met trane in my oë". Dis 'n blanke iewers wat dit verwoord, wat baie van ons ook dalk sê. Ek wou net nou al die opmerking maak: Dit wat dalk 'n probleem is by baie mense om op die punt te kom dat hulle suksesvol vorentoe kan aangaan, is dat hulle maar nog steeds nie 'n oog het vir die diepte van die seer, van hoe mense werklik seergekry het in die ou bedeling nie. En dan maklik hulleself regverdig – en dit is hoekom ek aanmekaar die vraag vra – deur te sê ek praat nie meer van 'n kaffer of 'n meid nie. Asof dit dan genoegsaam sou wees om te herstel dit wat verkeerd gegaan het. Dit plaas onmiddellik Elsa se vraag op die tafel: wat van die grondeise, wat van regstellende aksie, ander goed soos die kwota stelsel; die nuwe arbeidswetgewing wat sê as 'n maatskappy groter as 'n sekere aantal is, dan moet hy die bevolkingsamestelling weerspieël, met ander woorde 80%, 90% swart en die res blank. Wat maak ons daarvan? Wat maak ons met 'n kwotastelsel by die Universiteit, as ons kinders aansoek doen by die Universiteit, dan sê hulle jou punte van 80% is goed, maar ons kan net vyf blankes vat, daar is 'n klompie swartes wat se punt net 70% is, hy kry toelating en jy nie.

Isak: Dit kan die vergeldingsgevoel – en ek sê dit nie negatief nie – regstel, aanspreek in 'n mate, Maar jy kan nie op grond daarvan vorentoe 'n samelewing bou nie, jy kan regstellende aksie hê en baie mense wat nie voorheen werk gehad het nie, het nou werk. En baie blankes wat voorheen net kon instap en maklik werk kry, kry dit nie meer so maklik nie – dit is reg, ons kan dit doen. Maar ons kan nie 'n samelewing vorentoe bou wat vir swart, blank en Indiër in hierdie land welvaart gaan skep, waar ons almal materieel goed kan lewe nie. Want welvaart is nie iets wat jy kan uitdeel nie. Al is daai stukkie huis so groot, is dit welvaart, dit is nie iets wat vir jou uitgedeel word nie, dit is iets wat jy moet verwerf. As Frans sy welvaart kon verwerf met 'n drie verdieping huis wat tien keer groter is as myne wat ek kon verwerf op my meriete, dan het ons 'n samelewing geskep. Maar as daar welvaart geskep word, 'n gemeenskap geskep word, om nou reg te stel wat verkeerd is, deur *hand-outs*, deur uitdeel, op daai manier word mense aangestel, kry mense grond, *by all means*. Een van die hartseerste dinge

is wat 'n Distrik Ses gebeur het. Ons gaan vorentoe 'n gemeenskap hê, 'n samelewing hê waarin mense gaan dien wat vir ons almal tot niet gaan laat gaan, blankes, swartes, Indiërs, dit is soos ek voel. Op die korttermyn kan ons 'n paar sake regstel, maar op die langtermyn gaan niemand daarby baat nie. Dit is 'n pad wat al ons groepe in die land moet loop, ek het dit besef. Hier waar ek sit gaan ek nie weer bevordering kry nie, dit is 'n feit. Maar die volgende ou wat in die posisie aangestel gaan word as gevolg van regstellende aksie, en ons sien mos reeds die effek daarvan – dis nie 'n politieke ding wat ek sê nie – tot wie se voordeel is dit? Wie kry die voordeel uit hierdie regstellende aksie? Ons kan regstellende aksie hê en ons kan nog HOP belasting op die middelklas lê, soos wat dit nou gaan, en vir 'n jaar lank paar mense daaruit voordeel kry. Maar ek kan vir julle sê daar in nog 'n groot gros van hierdie mense, van die ouer swart gemeenskap en die jongeres, hulle lewe vandag nog nie beter as wat hulle in 1994 gelewe het nie. Geen regstellende aksie gaan daai mense beter laat lewe nie.

Elsa: Ek hoor wat jy sê, maar ek wil op 'n manier van jou verskil, want as 'n mens hierdie hele proses oorlaat aan 'n soort van 'n natuurlike proses, dat mens mense van onder af ordentlike opleiding gee, kan ek jou amper verseker niks gaan verander in ons land nie. Of vir baie jare nie, ons witmense sal nie verander tensy ons gedwing word nie. Ek en Frans het byvoorbeeld oor die rugby gestry. Hy sê dit is belaglik om te sê daar moet 'n kwota kom vir die rugby, soveel swartmense en so, maar ek is oortuig daarvan as hulle dit nie doen nie, sal dit maar net wit spanne bly. Ek het Saterdag rugby gekyk, WP en Noord Transvaal wat gespeel het, en daar was 'n swartman wat uitstekend gespeel het, hy het drie drieë gedruk. Ek is oortuig daarvan dat as dit nie vir regstellende aksie was nie, was daai man tot vandag toe nog nie in die span nie. So gaan dit by die werke ook wees. Ons sal die mense daar uit hou solank ons die hef in die hand het, as ons nie gedwing word om te verander nie, sal ons nie verander nie.

Albert: Dit is makliker om in die Stadsraad 'n kwota te hê as in die rugby.

Frans: Wat my bekommer oor die regstellende aksie en die kwotastelsels en al hierdie goed, wat bring dit te weeg? Ek tel negatiwiteit op by mense. Ons praat nou oor die pad vorentoe, ons praat spesifiek oor apartheid, my bekommernis is, ek kom agter dat mense meer rassisties raak as wat hulle vantevore was, omdat dit nader aan sy lyf kom. Byvoorbeeld ons getroue seun bly in Engeland, tydelik vir 'n jaar of twee, en ons was daar gewees en hulle het swart vriende en dis 'n natuurlike proses, maar ons dogter wat by die korrektiewe dienste werk is definitief nie so grootgemaak nie, maar sy is vandag 'n rassis. Ek tel dit nie net by haar op nie, ek tel dit op baie ander plekke

op, by die polisie, verpleegkunde, by die onderwys, orals waar dit aan mens se lyf raak. Ek sê nie dat dit alles per se reg is nie. Dit is wat besig is om te gebeur.

Albert: Twee vrae daaromtrent. Wat sou, as ons vanaand swartmense gehad het wat in die wit stoele gesit het (goedige gelag van die groep), wat sou hulle gesê het van dit wat jy nou gesê het, wat sou hulle belewenis gewees het van regstellende aksie na apartheid en sou hulle ook so geoordeel het as ons. Sou hulle anders geoordeel het, dalk minder in terme van kleur. Dit klink vir my of die dilemma nie gaan oor kleur nie, maar oor bekwaamheid. Die ander vraag is, as ons nie so iets soos regstellende aksie gehad het nie, wat was ons dan anders as die ou bedeling, behalwe in naam?

Johan: Regstellende aksie behoort op meriete gebaseer te word. Het ons nou al daaraan gedink, ek lees dit nou die dag toevallig, hierdie wetgewing – laat ek eers dit sê: Ons het gedink en aanvaar dat die nuwe regeerders sou leer uit die hartseer van die verlede, wat alles op ras gebaseer was – nou, wat gebeur nou met die nuwe wetgewing, dit word alles op ras gebaseer. Want hoe kan hulle nou 'n ou bepaal vir *Employment Equity* as hulle nie sê jy is 'n witte, of 'n swarte of 'n Indiër nie. So wat leer ons nou uit die verlede. Dit sluit aan by hierdie ding van dit maak baie van ons blankes weerstandig alhoewel jy met ernstige intensies wil vorentoe gaan in die nuwe SA is jy absoluut net negatief, inteendeel daar is nie lesse geleer uit die verlede nie.

Karin: Ek wil graag 'n grappie vertel, sy kom die oggend in en haar hare is mooi gevleg. Ek sê, jitte maar jy lyk mooi, ja sê ek kort nog net *skin lightener*, dan kan ek vir die parlement gaan staan, ek het 'n diploma en matriek en die ander het nie eers nie. En sy skater dit uit van die lag. Ons het dit vreeslik geniet. Sy sien dit ook raak, dat van die ministers wat ons kom besoek, het nie eers die bekwaamheid en die intelligensie nie.

Elsa: Ek sou graag 'n klip in die bos wil gooi. As ons 'n paar jare teruggaan toe die Afrikaner aan bewind gekom het hier in ons land, het daar ook regstellende aksie plaasgevind. Ons het vir die Afrikaner werk geskep in die staatsdiens en orals. Ek meen toe was dit goed, want dit was tot ons voordeel, ek is seker as mens sou praat met die meer Engelsgesinde regime van daardie tyd, sou hulle voel soos wat ons nou voel, want hierdie boere weet niks nie, hulle is nie behoorlik opgelei, hulle kry nou al hierdie poste. Ons praat nog steeds vanuit 'n bevoorregte posisie. Ons praat so omdat ons nie regtig graag iets wil afstaan nie, maar as ons in die swart mense se posisie was, sou ons heel anders gevoel het, want dan was ons in die ontvangposisie.

Johan: Maar dan moet ons nie sê ons is nie-rassisties nie. As ek nou 'n swart leier is, dan moet ek erken ek is 'n rassis as ek wil voortgaan met hierdie tipe wetgewing, dan moet ons nie oneerlik wees oor die hele storie nie.

Albert: Wat is die verskil tussen regstellende aksie en omgekeerde rassisme, of is die twee dieselfde.

Johan: Met ons wetgewing is daar geen verskil nie, dit is nie gebaseer op meriete nie, dis gebaseer op ras.

Karin: Vir my leer ons nie uit mekaar se foute nie, die boere het nie by die Engelse geleer dat as jy 'n volk onderdruk, dan kook daai pot oor nie. En ons het dit nie geleer nie, en die swartes het dit ook nie van die situasie met die Engelse en nou met die situasie met die boere geleer nie. So daai pot gaan weer oorkook.

Isak: Ons kan dalk in die toekoms wetgewing kry wat sê dat blankes dalk 'n pos gaan kry, minderheidsgroepe se regte ook beskerm word. Dit is vir my 'n geval, ons leer nie uit mekaar se foute nie. Ons loop nou 'n pad wat vir niemand iets in die sak gaan bring nie. Moet ons dit nou aanvaar, my kinders is nog in die bevoorregte posisie, hulle is nog in 'n bevoorregte skool, wat moet ek as individu doen? Moet ek hulle uit die skool uithaal, dis vir my die probleem. Ek dink elkeen van ons hier, net soos die swartmense, moet die pad vorentoe loop. Diskriminasie is veronderstel om weg te wees, maar dit het op 'n manier weer ingekom. Maar wat jy sê is reg, die eerste groot regstellende aksie het in '48 begin. Ons moet die pad begin loop met mekaar, dit gaan nie help ek gaan nog 'n R10 of R20 per maand afstaan wat ek in elk geval nie het nie. Ek sien 'n oplossing daarin dat ons as gelyke mense die pad kan loop.

Naomi: Ek glo nie dit het veel te doen met dit wat ons hier bespreek nie, maar ek het net 'n opmerking wat ek wil maak, en dit gaan oor ons bedelaartjies op straat. Hoekom bedel hulle nie in Thabong nie? Hoekom is ons strate vol swart bedelaars, wit bedelaars? Want dit is die witmense wat vir hulle gee. Ek het al by 'n winkelsentrum gesit en gekyk, hulle gaan vra nie vir hulle eiekleuriges nie, maar die blanke kom vra by die blanke en die swarte kom vra by blanke. Hulle skud net hulle koppe en loop verder.

Albert: Ek het nou die dag iewers gelees van 'n ou wat skryf, oor die swart koerantverkopertjies in die Kaap. Hulle is hoofsaaklik kleurlinge, maar hy sê hy het daar 'n swart seuntjie gesien wat koerante verkoop. Hy het toevallig by die outjie

gestop en gepraat met hom. Toe vra hy hom hoekom hy koerante verkoop – veral omdat dit 'n swarte is, die ander is almal kleurlinge. Toe sê hy hy is die enigste broodwinner in die gesin, ek kan nie onthou of sy ouma by hulle bly nie, maar sy ma is kreupel, die hele *sad* storie, en met sy koerantverkopery onderhou hy die hele gesin. Hy het sy naam ook gekry en waar hy bly en so aan. Toe 'n dag of twee later lees hy 'n berig in die koerant van 'n swart koerantverkoper wat doodgery is, hy gaan doen toe navrae en dit is toe presies die outjie. En hy gaan kyk toe waar bly die outjie en kom toe agter dit wat hy hom vertel het is regtig waar, hy was die enigste broodwinner gewees in die gesin in hierdie moeilike omstandighede. Toe maak hy die opmerking, dat as dit wit kinders was wat so koerante verkoop het, sou die VLU en wat ook al, al wat 'n vroue aksie en 'n koeksister-tannie was, al lankal iets daaraan gedoen het. Enige laaste opmerkings?

Frans: Miskien is hierdie gesprek van vanaand nie klaar nie. En miskien moet ons as ons van ons ander vriende hier het, die gesprek voortsit.

Albert: Dit is belangrik, dit is onvermydelik dat hierdie gesprek sal voortgaan as die swart mense hier is, want dit is die goed waaroor die toekoms gaan. Kan ons dit voorlopig op die eis hou sodat ons volgende week uit en uit praat oor die rol van die kerk, watter leiding het die kerk gegee in dié verband, die alternatiewe stemme wat daar was. As julle iets soek om daaroor te lees, kan julle met my praat. Ek het hordes boeke om te lees in die verband.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid** – Gesprek 6: 27 Oktober 1998

Albert: Baie welkom, dis verskriklike warm. Ek het sedert ons die laaste vergader het, vanoggend om die waarheid te sê, het ek 'n boodskap teruggekry van een van my medewerkers, die ou wat in Windhoek sit by die Universiteit. Hy het vir my goed geskryf oor die eerste vier gesprekke. Dis interessant die goed wat hulle raaksien. Al die korrespondente, almal tel dieselfde tipe van goeters op. Hy werk nou weer heel uit 'n ander perspektief, synde in Namibië, het hulle ook hierdie pad geloop, of is hulle besig om hierdie selfde pad te loop. En hulle het ook weer ander goeters raakgesien, daar is die hele ding van kolonialisme, 'n baie sterk diskoers wat by ons minder is. Apartheid is by ons die groot saak waaroor dit gaan, maar by hulle is kolonialisme, *colonising the mind* en sulke sake. Hy het ook vir my drie artikels gestuur van swart teoloë gelewer het, twee van hulle is referate wat by 'n kongres gelewer is, wat verskyn het by die Instituut vir Reformatoriese Studies van Potchefstroom, die ander een is 'n deel uit 'n boek van De Cruchy-hulle. Dit is die goed wat ek mettertyd sal inwerk in dit wat ek op skrif sal stel.

Party van die ouens het verskoning gemaak: Isak, Danie, Linda en Frans. Ek weet nie waar ons moet afskop nie. Ek het vir julle die blaadjies uitgedeel en die artikel uit Die Beeld, waar die NG Kerk is soveel woorde gesê het dat apartheid nie net in terme van dit wat gebeur het nie, maar in terme van wat die wese van apartheid was, sonde was. Miskien is dit 'n goeie afskop punt. Wat was julle reaksie toe julle daai berigte in die koerant lees?

Johan: Daai artikel het ook 'n definisie oor wat is sonde. Die definisie kon net sowel anders gewees het, dan het ek totaal en al nie saam met my kerk gestem nie. Dit wat hulle gesê het is …

Albert: *Apartheid, that is the force separation of people of different races, denying the fundamental biblical teaching that all humanity is equally created to the image of God.* Dit is die definisie wat aan apartheid gegee is deur die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke. Hulle het in 1996 weer bevestig.

Johan: Daar was 'n aanhaling in Afrikaans in een van die artikels. Vir my is belangrik daai stukkie van die *forced separation* wat dan mense sou seermaak. Omdat ek 'n voorstander is, en ek dink dit het die hele tyd hier geblyk, en nog steeds glo in groepsregte, dat mense vrywilliglik nog steeds aan sy eie groep kan behoort. Daar is

nog steeds van ons, veral dan van die swart kant af wat nie daarmee sou saamstem nie, ons moet 'n regte *rainbow nation* wees, en dit moet verpligtend wees.

Albert: Jy meen dat mense wat staan by die standpunt in die verlede van gedwonge skeiding, dat dit nou gedwonge integrasie moet wees.

Johan: Dit was my heel eerste vraag, dit klink nou half laf, maar as ons nou sê apartheid is sonde, ons kerk, wanneer gaan ons dan nou sê *affirmative action* is ook sonde. Gaan ons op daai stadium ook kom? As een sonde is, moet die ander ook sonde wees.

Albert: Hierdie ou van Namibië skryf in sy brief, as dinge aangaan soos dit nou aangaan, kan dit lyk asof die blanke kerke binnekort die belydenis van Belhar kan aanvaar omdat ons dan in die verdrukte posisie is, dat ons dit dan met oop arms sal aanvaar.

Mike: Ek het nie 'n probleem met wat hulle daar sê nie, ek dink net dit is 'n bietjie 'n wilde stelling om te sê apartheid is sonde. Wat hulle liewers moes sê is wat apartheid van mense gemaak het, is sonde. Mense het apartheid gebruik om ander te misbruik ens. Apartheid beteken vir verskeie mense verskillende dinge. As die woord apartheid (en daar is nie eers 'n Engelse woord daarvoor nie), dis iets wat gestig was, wat basies omskryf het die slegte gedeelte van apartheid, en dit is wel sonde, as ek iemand anders vervloek en uitdryf uit 'n samelewing en hom nie toelaat om deel te hê aan die dinge wat vir ons almal geskenk was van Bo af, dan is dit sonde. Dit is net vir die NG sinode 'n woord wat hulle moes doodmaak, ek dink hulle kon verder gegaan het deur te sê, die dade wat in die apartheidsera gepleeg het, was wel sonde.

Albert: Dit is juis wat die kerk nié weer wou doen nie. Dit het ons al vantevore gesê. In Kerk en Samelewing staan daar dat onder die stelsel van apartheid het daar sekere dinge gebeur wat sonde was. As mens onderskeid tussen die dade, die goed wat gebeur het in die naam van apartheid, dit is lankal reeds veroordeel, omdat dit uit en uit op rassisme neerkom, dit het die kerk lank terug veroordeel. Maar wat nou gebeur is dat die kerk gesê het, ook die uitgangspunte, die hele beleid, die hele vertrekpunt van die beleid van apartheid is sonde, omdat, en dit is waar die definisie inkom, omdat apartheid werk met 'n manier van dink oor mense, wat hulle hul menswaardigheid ontneem, dat 'n mens se uitgangspunt is hierdie mense is minderwaardig. En dan sê hulle *denying the fundamental biblical teaching that humanity is equally created to the*

*image of God*. Dit is interessant, die swartmense met wie ek praat, dit is van die eerste dinge wat hulle opper. Ek het verlede week met 'n man van Sanlam gepraat, mnr PM, hy is seker naby sy 60's. Hy het ook gesê apartheid het twee groepe mense geskep, mense en minder mense, mense en nie-mense. Dit is wat die kerk nou sê, hierdie uitgangspunt dat sommige mense minderwaardig is, dit is verkeerd.

Mike: Dit is basies wat ek wil sê, of probeer sê, om apartheid wetgewing te maak, het jy dinge op mense afgeforseer, wat hulle normaalweg dalk nie sou doen nie, maar onder die dekmantel van apartheid het hulle 'n verskoning gehad om dit te regverdig. Dit is hoekom ek sê apartheid homself, die hele beleid van aparte ontwikkeling was uit verband uit geruk met die apartheidsbeleid wat toe ontstaan het. Ek dink nie in die begin was die idee heeltemal om mense totaal af te breek en te vernietig nie. Ek dink nie ons voorouers was almal sulke wrede mense nie, ek dink apartheid het ontstaan uit 'n idee vir aparte ontwikkeling, en dis toe misbruik deur politici en allerhande mense en wat die NG kerk nou sê, is dat wat apartheid voor gestaan het, was sonde.

Ben: Daar was darem vreeslik baie wreedhede, wat ons as gewone mense nie van geweet het nie, verskriklike ongeregtigheid.

Mike: Van alle kante af.

Elsa: Behalwe die dade wat daar nou gebeur het, Mike sê nou apartheid op sigself is nie sonde nie, maar apartheid soos wat dit hier in ons land voorgekom het, dit was nie bloot net groepvorming nie, die was nie net elke groep hou hom by homself nie. Ons het die mense basiese menseregte ontneem in hierdie land, hulle het geen sê gehad in hierdie land nie, en as dit nie sonde is nie… Dit sê mos die mens is minder as ons, wat hy mag nie sê nie. So ek het regtig nie 'n probleem hiermee dat apartheid sonde is nie, ek bevestig dit heelhartig.

Albert: 'n Vinnige woordjie tussenin. Wat baie na aan die kern van die saak kom, is die vraag moet 'n mens praat van "anderskleuriges" of "anderkleuriges". Daar was 'n groot debat 'n paar jaar gelede. Watter woord gebruik julle?

Karin: Ons gebruik nie meer die woord nie.

Albert: Die interessante is ons het tradisioneel gepraat van anderskleuriges, daar was op 'n stadium 'n sterk oorweging vanuit die swart geledere dat ons moet wegkom

daarvan en praat van anderkleuriges, want sodra jy praat van anderskleuriges dan het jy 'n norm, in die geval blank, en alles wat nie blank was nie sou dan anders wees, m.a.w. nie volgens die norm wees nie. Terwyl as jy praat van anderkleuriges sou jy dit op 'n gelyke vlak kon hanteer, swartes, Indiërs, kleurlinge, blankes. Dan is dit net ander kleure, dis nie anders as die norm nie.

Mike: Ek dink die verskil tussen anderskleuriges en anderkleuriges is wie dit gebruik. As ek praat van anderskleuriges of anderkleuriges het ek nie eintlik gepraat vanuit 'n blanke oogpunt, want jy praat van al die ander wat nie dieselfde kleur as jy is nie. Maar ek dink as ek swart was, het ek ook van die anderskleuriges gepraat, met ander woorde almal wat nie swart is nie, ek dink dit is *semantics*.

Albert: Ek dink nie dit is so nie. Ek dink 'n swartman sou ook van anderkleuriges wou gepraat het, maar hy sou baie meer sensitief gewees het om nie die "s" daar in te sit nie.

Mike: Daai era ja, omdat hulle was dalk te bang was. Vandag sal hulle vir jou sê, die wittes of die bruines en ek dink nie dit het 'n politieke konnotasie nie. Ek dink as jy van 'n ander ras of 'n ander kleur gepraat het, dan dink ek nie dit was polities nie, vir my, ek praat van myself.

Albert: Ek dink net dis 'n outomatiese uitleef van dit wat ons internaliseer het. Hanlie, jy het nog niks gesê nie.

Hanlie: Miskien is dit omdat ek te veel te sê het, dat ek eers stilgebly het. Daar is soveel verskillende dinge gesê waar ek iets wou oor vra, moet ek eers vra of eers sê wat ek dink. Ek weet nie waar ek moet heen nie.

Albert: Enige iets. Die tema waaroor ons praat is wat is die rol van die kerk?

Hanlie: Dit verstaan ek, ek wil nou net iets sê oor die *anderskleurige*-storie. Ons vergeet dat hierdie mense ook 'n "ons" het waaroor hulle praat, soos wat ons nog steeds sit en praat van ons en hulle. En solank dit, volgens my, sal aanhou so, veral dan in ons kerk, sal ons nog steeds met 'n tipe van apartheid sit. Maar hulle sal nie praat, vandag nog nie, van anderskleuriges nie, *they will talk about, us, Africans and the pale faces*. Veral as hulle Afrikaanssprekend is, "die boere" veral, dit word minder gebruik deur die gemiddelde gematigde swartman. Dit is eerder dié wat bietjie

moeilikheid soek. Maar die Afrika-konsep is geweldig sterk. Wat ek waarneem is dat hulle met Afrika kan identifiseer en dat die een ding wat almal saambind "Afrika" is. Wat ons tot 'n groot mate nie het nie, ek dink dat die mense wat maak asof hulle dit het, die blanke mense, probeer hard, maar in werklikheid sit ons *roots* êrens anders, al beweer ons ons *roots* sit hier. Maar dit was maar net my mening. Toe die twee menere begin het, wou ek vir hulle vra, maar nou het jy verder gegaan en verder verduidelik, want ek dog toe eintlik julle stem met punt 5 saam. (*Verwys na uitgedeelde lys met aanhalings)*. Daar gesê is as 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling met naasteliefde en regverdigheid toegepas word, kan dit Bybels beantwoord word, of is dit *oraait*. Ek sou graag wou hoor wat verwys na wat jy nou net gesê het, die NG Kerk het lankal gesê, vir die dade is ons jammer, ons het nog nooit gesê vir die hele beleidsrigting is ons jammer nie. Nou daar by nommer vyf, ek sal graag wil weet hoe die mense almal daaroor voel of beleid van afsonderlike ontwikkelings vandag nog kon plaasvind, naasteliefde en regverdigheid, sou hulle dit verkies het as dit liewer so kon gewees het.

Mike: Ek kan miskien antwoord, aparte ontwikkeling is vir my 'n irrelevante ding.

Hanlie: Moenie my vraag ontwyk nie, want ek sê, indien dit móóntlik sou wees, vandag, sou jy dit liewers verkies het?

Mike: Aparte ontwikkeling? Ek het geen idee om dit te doen nie. Ek was op kollege my hele lewe lank saam met swartes gewees, ek het saam met hulle ontwikkel. Aparte ontwikkeling beteken nie saam bly nie. So aparte ontwikkeling doen ek al my hele lewe lank, ons groei saam, ons was saam skool toe, ons het saam ontwikkel, ons het mekaar stories vertel daarmee het ek nie 'n probleem nie. As ek moet saam bly, dan het ek 'n probleem. Dis vryheid van keuse saam met wie ek wil kuier, en saam met wie ek wil bly. Ontwikkeling het ek geen probleem nie, ek het nog nooit 'n probleem gehad nie, dis my persoonlike gevoel. As mense saam ontwikkel na 'n kultuur, na 'n sekere vlak van intelligensie, geen probleem nie.

Hanlie: So jy sê, selfs al word dit met liefde en regverdigheid gedoen, sou jy dit nie verkies nie.

Mike: Hoe gaan jy met liefde… Hier het jy 'n klomp mense, hier op universiteit het jy 'n klomp swart mense en hier het jy 'n klomp wit mense op universiteit, hulle is vreeslik lief vir mekaar ….

Hanlie: Ek vra die vraag so snaaks, omdat ek dink 'n baie groot persentasie mense nog steeds dit sou verkies ……

Johan: Ek sou graag hier wou inkom, want ek is een van daai. Ek praat nie van verpligte segregasie nie, waar die een minder geleenthede het as die ander een nie, ek praat van, gun my die geleentheid om in Afrikaans skool te gaan, gun my die geleentheid om in Afrikaans kerk toe te gaan, dit is my taal, dit gaan nie oor swart en wit nie.

Hanlie: So dit gaan oor die taal by jou.

Johan: Dit gaan oor die kultuur. Ek is nie 'n Zoeloe nie, wat wil ek met Zoeloe kultuur maak? Gun my om 'n Westerse opera in die Staatsteater te gaan kyk, moet dit nie wil wegvat net omdat ek die minderheid in SA is nie. Dit is net so verkeerd as wat ons gehad het, wat jy dit noem weet ek nie, dit is seker *obviously* nie aparte ontwikkeling nie. Maar gun my wat ek is, om ook te wees in die nuwe land. Ek wil net iets noem, ek weet nie of mense hierdie ding gesien het van die Hervormde Kerk. Ek gaan vir elkeen enetjie gee, dit bly by die kerk. Toe ek dit lees, toe sê ek ja dit bevestig my punt.

Albert: As ek net die eerste paragraaf kan lees: “Dit maak nie sin vir die Hervormde Kerk om te bely oor apartheid nie, want Afrikaners voel doodgewoon nie skuldig nie” skryf die Hervormer as amptelike spreekbuis van die Hervormde Kerk na aanleiding van die debat wat ontstaan het. Wat sê julle daarvan?

Johan: Veral hierso, party mense voer aan dat hulle nie bewus was van die moorde en menseregte skendings en dat hulle afsonderlike ontwikkeling ondersteun het, en nie moord nie. Die destydse gebeure moet gesien word teen die agtergrond van 'n burgeroorlog. Al hierdie dinge wat ons nou hoor voor die WVK, wreedhede, dit is nie alles as gevolg van apartheid gepleeg nie. Daai ouens het uitgerafel omdat hulle iets anders verdedig het as apartheid. Ons het laas ook oor die kommunistiese bedreiging gepraat, waar party ouens gesê het dit is nie so erg nie.

Albert: My vraag is net, as ouens hierdie tipe van teen-argumente voer, van die moorde, die mense regte skendings en so aan, ek stem 100% daarmee saam want ek was ook nie bewus van die goed nie. Maar wat 'n mens wel tog moet sê is dat ons sommige van daai goeters, ten minste vermoed het. Al het ons nie bewyse gehad nie, was daar die gerugte van die goed. Dit aan die een kant. Maar dit is vir my om die punt

te mis. Ek dink ouens wat dit sê mis die hele punt van die storie. Dit gaan nie oor goed wat ons aanmekaar gedoen het nie, dis sekondêr. Dit gaan vir my, en dit kom elke keer uit my gesprekke met die swartmense, ons hier, in my gesprekke met al die mense, in die goed wat ek lees, ons mis die uitgangspunt wat al verkeerd neig, ons vertrek van 'n bepaalde punt wat mense in kategorieë sit, van wit en al die ander, en dan kan jy ook maar sê van beter en slegter, dit is hoe ons gedink het daaroor. En as ons dan nou praat oor moorde en menseregte skendings en sulke goed, dan is dit alles maar simptome van 'n dieper liggende siekte, en ek dink ons, by name die Afrikaners, die blanke gemeenskap, is geneig om in daai simptome vas te kyk en te sê daarvan het ons niks geweet nie. Maar ons was elkeen ten diepste deel van die siekte as ons daardie beeld wil gebruik. Ek sou graag meer daaroor wou hoor, want dit lyk my dis 'n kardinale ding wat ons in hierdie hele proses van versoening, die proses van mekaar vind in die nuwe SA, wat ons mis, ons praat rondom die punt.

Mike: Ek wil daarop antwoord. Ek dink om te sê dat jy die punt mis, en verby die dade moet kyk en net kyk na die stelsel, dán mis 'n ou die punt, want, apartheid was 'n beleid wat gevorm was deur 'n party en ons het blindelings saamgeloop, maar daar was wel diegene, ek dink hier is onder ons van hulle wat nooit vir daai party gestem het nie, ek sê nie dis ek nie, maar ek dink hier is van hulle, wat wragtig sy bes probeer het, ouens soos Beyers Naudé. En om nou om te draai en te sê, luister jy het gesondig want jy was 'n blanke, en nou moet al wat blanke is sê, apartheid was sonde en ons het almal nou gesondig. As ek sê ek het geen deel gehad aan daai beleid nie, ek het dit nie gemaak nie, as ek iemand te na gekom het en sê voertsek hier uit, dis my skool, dis my bus, ja. Maar jy kan nie volgens my, kan jy nie net na een ding kyk, apartheid, jy moet sê wat was die sondes van apartheid.

Hanlie: Ek wil iets daarop antwoord. Ek dink dat as ons nou eendag saam praat met swartmense, en ons begin by hierdie punt, gaan ons nooit verder kom nie. Want ek wil saamstem met wat Albert gesê het, dit is vir die swartmense die heel belangrikste. Nou die aand het ek 'n TV program gekyk, en in daardie program was een van die hoof temas wat almal gesien het… Ek praat met my wit vriende, en almal van hulle sê ek het nie deel daaraan gehad nie, ek het niks gedoen wat verkeerd was nie en dan kom hy op ou end weer tot “*the fact that you did nothing, makes you guilty”. “You were in the system and you did nothing...”* Natuurlik, mense soos Beyers Naudé, sal niemand van verwag dat jy nóú moet sê hy is jammer nie, want hy het dit klaar gesê die dag toe hy besluit het om om te draai, sy dade het dit gesê. En ek dink nie dit moet gaan

daaroor dat elke ou moet sê jammer dat hy wit is nie, ek dink glad nie dit is in die prentjie nie. Dat mense verwag dat almal wat wit is nou moet sê hulle is jammer nie.

Mike: Ek praat onder die standpunt van as 'n mens nie kyk na die *evils* wat gepleeg was nie. Jy sê apartheid was nou 'n fout, jy is vreeslik jammer, dit was 'n sonde. Maar ek voel nie sleg omdat ek daai swarte so behandel het nie, jy kan nie sê jy kyk verby die punt as jy net kyk na die dade nie. Die dade is 'n uitvloeisel. Ek kan maklik verkeerd verstaan word. Ons moet hom as 'n geheel uitbring, en dit sluit in die dade van alle kante af. Ou Dingaan het daar in sy kraal gebly, hy het geen blankes gehad wat in sy kraal gebly het nie, so hy het apartheid gehad. Hy het toe die boere wat ingekom het vermoor, maar die dade wat hy gepleeg is niks nie, die feit dat hy nie witmense in sy kraal gehad het nie, dit was sonde. Kan julle sien? Ek sien die ding as 'n geheel, wat gebeur het en die beleid wat ons gehad het, het veroorsaak dat mense minderwaardig behandel is, miskien van alle kante vermoor was, ens.

Elsa: Is dit nou nie juis die beleid wat dan die sonde is nie? Ek is oortuig daarvan dat as jy met swartmense praat en hulle moet vir jou sê wat hulle die seerste gemaak het, sal dit nie wees omdat hulle in hulle eie woongebiede gebly het of na hulle eie skool toe moes gaan nie. Dit sou wees die feit dat ons gemaak het asof hulle minder mens is as ons.

Mike: Ja, dan is jy weer by die dade.

Elsa: Nee, juis nie die dade nie Mike. Die hele idee dat hulle minder is as ons, dat hulle nie dieselfde tipe mense is nie, deur ons hele houding en ons manier van lewe.

Mike: Dis hoe ons opgetree het, dit is nie apartheid nie. So dit is nie die sisteem nie.

Hanlie: Dan is jy inderdaad weer terug by, indien die sisteem *oraait* was …

Mike: Die sisteem was ook nie *oraait* nie …

Hanlie: Alles was verkeerd, ons baklei dan nou net oor wie was die eier en wie was die hoender.

Mike: Ons kom terug na die stelling wat sê deur net te kyk na die dade, mis ons die punt. (Onduidelik).

Albert: Mnr X vertel my, as hy 'n wit man sien rondry in 'n bakkie, met 'n hond wat langs hom sit, dis een van die goed wat hulle die seerste maak, hy moes agterop gesit het, die hond mag voor sit. Met ander woorde, A + B = C, die hond is beter, is meer werd as hy as swartmens. Vir ons klink dit miskien belaglik, dit was hulle belewenis gewees daarvan.

Mike: Dit staaf my punt. Het die apartheidsbeleid gesê 'n swartman mag nie voor in 'n bakkie sit nie?

Albert: Nee, dis hoe ons gedink het oor swartmense wat so besluit het.

Mike: Presies. Dit is hoe ons opgetree het, dis nie die beleid nie.

Albert: Mens sou natuurlik die vraag kon vra, waar sondig jy, sondig jy met jou hande of met jou kop. Lê die sonde in dit wat ek doen, of in dit wat ek dink.

Hanlie: Kan ek nog iets van die TV program sê. Wat my geruk het, was ook 'n onderhoud wat hulle gehad het met 'n jongerige persoon, hy sê toe, hy noem 'n klomp goed op wat vir hom baie slegs was in die verlede, toe sê hy *we never had our mothers at home, I was always alone at home, sometimes no one else in the surrounding, because my mother was looking after the white people's children the whole day*. Ons het dit almal geweet, maar ons het miskien nie besef hoe erg dit was vir 'n kind om te weet my ma gee al die aandag, sy dra op haar rug, sy stoot in die stootkarretjie, wat ook al, die witmense se kinders, maar daar is nie tyd vir my nie. Toe gaan jy verder aan, en toe na omtrent 17 jaar, dat daardie jong seuns wat grootgemaak is deur die swart vrouens was dieselfde seuns wat in die weermag was, en wat nou die verskillende opstande op ons en ons ouers en kinders gevoer het. Dan weet julle ook hoe geweldige sin hulle het vir, almal is almal se pa en almal is almal se ma. In werklikheid wil hy dan sê, die kinders wat die swart ma grootgemaak het, word deur omstandighede in 'n posisie geplaas waar hulle hulle eie ma's geskiet het, dan sal hy nou die voorvalle noem. Dan het hy gesê, ons het die paaie gebou, maar ons het nie die motors gehad om daarop te ry, ons het die elektrisiteit help installeer, ons het nooit ligte in ons huise gehad nie, so het hy aangegaan. Totdat ek later daar verwese gesit het, omdat ek gevoel het, ek het nie die vaagste benul hoe dit vir hierdie mense moes gevoel het nie. Nie die vaagste benul nie. Dieselfde idee van ek kan nie in die bakkie ry nie, hier werk ek die hele dag om elektrisiteit in hierdie huis te installeer, maar as ek

huis toe gaan is daar net 'n kers. Dit is nou nie in verband met die kerk nie, maar ons het nou daarnatoe gegaan met jou verwysing na die bakkie en die hond.

Albert: Dit is belangrik, die saak waaroor dit gegaan het is baie belangrik, en dit lê vir my persoonlik baie na aan die kern van die suksesvolle versoening vorentoe. As ons nie op daai punt bymekaar kan kom nie, gaan ons mekaar mis. Kom ons praat oor die rol van die kerk, in die verlede, die hede en vorentoe. Watter rol het die kerk gespeel?

Mike: Dit hang af watter kerk. Die NG Kerk het 'n standpunt ingeneem van kyk dit is die land se wette, maklik ons gaan volgens die wette. En sommige ouens het daarvan weggebreek en gesê maar nee ons stem nie saam met die wet nie. Maar ek dink die kerk het daai jare eenkant gestaan.

Elsa: Het die kerk nie vir die regering voorgeskryf wat om te doen nie?

Mike: In 'n mate het die kerk gesê dit is reg wat julle doen, want dit staan so in die Bybel. In 'n groot mate het die kerk dit gedoen.

Albert: Ek het op 'n stadium met 'n ouer kollega, 'n ander predikant, 'n debat, 'n argument gehad oor dié vraag, want hy het gesê die kerk het nog nooit apartheid goedgepraat, geregverdig nie. Ek het van hom verskil. Ek weet nie of julle met hom saamstem nie?

Elsa: Nee, ek kan nie met hom saamstem nie.

Mike: Ek dink tog in 'n mate is dit baie wyd om te sê die NG Kerk. Ek sal vir jou sê, ons het in sekere kerke, hang af waar jy in die NG Kerk was, ons het baie jare terug 'n ou dominee gehad wat dit nie kon verdra dat jy ander mense afkraak nie. Hy was in murg en been 'n Christen. En die NG Kerk se beleid en die beleid van die regering was vir hom irrelevant. Hy het sy hele lewe geglo in menseregte en hy het dit voorgeskryf en hy het dit ook gepreek van die kansel af. Dit maak nie saak in watter beleid jy in glo, en in watter kerk jy is nie, jy het nie die reg om mense minderwaardig te behandel nie. Daai man was 'n prediker in die NG kerk. Nou, dit is baie gevaarlik om te sê die NG Kerk het dit nie gedoen nie. Ons moet liewers sê sommige dominees en sommige gemeentelede van die NG Kerk het dit of dat gedoen.

Albert: Mens kan op twee vlakke werk, mens kan vra na die amptelike standpunte van die kerk en dan kan mens kyk na wat in individuele mense se lewens gebeur het.

Mike: Het die NG Kerk die regering ondersteun, of was hulle anti, dit is die vraag wat jy vra. In 'n mate het die sinode. Daar het selfs mense uit die NG Kerk padgegee omdat hulle nie saamstem met die beleid nie. Maar oorwegend dink ek, soos ek grootgeword het, het die NG kerk het hom al gedistansieer van politieke besluite.

Johan: Dit sal interessant wees, die 380 afgevaardigdes by die sinode, stem al 380 saam of aanvaar hulle dit nou maar eenmaal omdat die meerderheid dit besluit het. Weer eens elke ou gaan sy lewe lank 'n persepsie verskil het van die ou langs hom.

Albert: Ek kan nie spesifiek onthou wat die stemming se uitslag was nie, maar dit was met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar. Daar sal ouens wees wat anders dink daaroor, maar…

Johan: Ons lewe lank sal daar ouens wees wat anders dink daaroor, hy diskrimineer nie omdat hy wil seermaak nie, maar hy sien dit nie as sonde nie. Hy stem nie saam met die definisie nie, vir een of ander rede is hy daarteen.

Albert: Ek het julle mos vertel van die ou oom by wie ek gekom het op huisbesoek wat al in die 70 is, wat nog steeds kwaad is vir die Engelse oor destyds. Daar sal altyd sulke mense wees. Maar as die kerk, binne-in die kultuur waarin hulle beweeg het, waarin die lidmate beweeg het, was dit seker 'n gangbare ding. Hoekom het dit ons so lank gevat om op die punt te kom waar ons twee weke gelede gekom het, hoekom het die kerk so lank gevat om in die openbaar te kom sê maar ons benadeel mense in hierdie land van ons. In daai stukkie wat ek vir julle uitgedeel het, die 5de paragraaf, daar staan ook "Die NG Kerk het baie jare lank al te teoreties na die saak bly kyk." Hoekom het die kerk dan vir jare der jare net so aangegaan. Gaan dit maar saam met die feit dat ons die bevoorregtes was?

Hanlie: Ja, ek dink so. Net nou toe ons begin het, het jy gesê hoe jy gevoel het toe jy die artikel gelees het, nou ek het dit gevoel wat jy nou vra. Ek het gevoel, uiteindelik, moes dit julle so lank gevat het om net soos Tutu gesê het *simply to say I'm sorry*. Het dit julle nou wragtig so lank gevat om dit te sê? En gelukkig moet ek sê stem ek baie saam met wat hy gesê het dat individue in die kerk het almal verskillend opgetree deur die afgelope klomp jare en daar was mense wat die saak en nog in die toekoms die

saak verskillend gaan interpreteer, maar ten minste het die kerk nou 'n beleidsrigting stap geneem. Ek wou net graag dit sê, ek dink die onderwerp is vir my die swaarste van al die onderwerpe wat ons ooit aangeraak het. Want my persoonlik raak dit geweldig, ek het totale kontak met my kerk verloor, en dit is een van die redes. Ek het gevoel dat ek elke keer dat ek oor sulke onderwerpe praat, in doodloopstrate uitkom, en miskien het ek dit baie moeilik gevind om te besef dat elke ou sy eie opinie moet hê en dat ek gevoel het, ek kan nie meer maak, saam in die kerk sit en maak asof alles reg is, terwyl ek weet dit is nie reg nie. En nou was dit ironies so dat ek gisteraand by iemand iets moet gaan afgee, 'n lidmaat van ons kerk, en ek bloot sê, o ek sien jy't ook M-Net, ja want ek kan die bleddie kafferprogramme nie kyk nie, dis 'n persoon wat gereeld by ons in die kerk sit. Ek sê nou vir julle ek kan nie meer na Welkom-Suid se kerk toe kom nie, ek weet ek is verkeerd, maar ek bely net dit is op die oomblik my probleem. A weet van baie dinge, ek kan al jare nie meer daar kom sit en hoor hoe pragtig sing die mense en hoor hoe wonderlik doen mense baie dinge vir barmhartigheid wat ek nie eers doen nie, en ek weet dieselfde mense kyk met 'n ander oog na hulle bediendes. Ek het baie ernstig daaroor gevoel, dis hoekom ek jou net-nou oor taal uitgevra het, ek stem saam dat ek ook graag die Here se woord in my taal hoor. Ek wil sê dat daar min kerke is waar ek op die musiek terrein enigsins tuis voel, omdat ek baie klassiek georiënteerd is, is dit vir my moeilik om by baie ander kerke die Here te prys op die manier waarop hulle dit doen, alhoewel ek dit doen omdat ek dit saam met kinders by die skool doen. Ek sou die Here graag met Bach en Händel wou prys, ek is nou maar Europees georiënteerd wat by kultuur betref. Ek het meer gesien van duidelike bewyse teen apartheid by ons ander kerke as wat ek in ons NG kerk gesien het, en ek voel nog steeds daar is baie mense wat bediendes het, wat Afrikaans magtig is, en wat geen moeite doen om hulle bediendes saam kerk toe te bring nie. En ek voel baie sterk oor die feit dat ons selfs 'n aparte, dat op ons programmetjie op 'n stadium gestaan het biduur vir huisbediendes. Nie biduur vir Sotho vroue byvoorbeeld nie, of biduur vir vroue nie. Ek weet julle sê dit is omdat dit bedoel was om die mense te help, maar dit is reg en goed, maar sien julle hoe sensitief het ek nou geword, dat ek is so bewus van apartheid, ek leef in so 'n ander wêreld dat as ek in ons kerk instap, dan dink ek hel maar dit is wit, is hier dan niemand wat eers 'n bietjie kleur het nie?

Mike: Iemand het eendag vir my gesê, jy kan vir die res van jou lewe doodstil staan, niks doen nie, eenkant. Die kans is goed dat niemand jou sal raaksien nie, maar gee een tree, dan is die kanse goed dat mense jou gaan kritiseer dat jy in die verkeerde rigting geloop het. Wat ek sê, dit is baie maklik om opsy te staan en te sê ek bly uit hierdie ding uit, want as ek dit daar doen dan doen ek dit verkeerd, ek voel net dat wat

jy ook al doen of enige mens doen, die tree wat jy gee, gaan daar mense wees wat jou gaan kritiseer dat jy in die verkeerde rigting loop.

Hanlie : Ek wil net graag sê, lank terug het ek baie gesprekke gehad oor moet ek nie weg uit hierdie kerk van Welkom-Suid nie, en toe het ek gesê nee ek wil 'n verskil maak. Ek het met geweldig baie mense gepraat en baie dinge gedoen maar jy kan net, ek kan tog nie in die middel van die kerk opstaan en 'n *speech* afsteek nie, asseblief nie. Nou as ek met die dominees praat en hulle sê vir my die tyd is nog nie reg nie, briewe rig aan die kerkraad en geen antwoord daarop kry nie. Watter tree moet ek tree? Toe gee ek my tree terug.

Mike: Dis wat ek sê, die wat 'n bietjie werk doen wat jy sê wat werk vir die kerk, maar hy het M-Net want hy kyk nie die kafferstasies nie, daai man behoort dan nie in die kerk nie, was dis hoekom jy weg is.

Hanlie: Nee, hy behoort by die kerk. Ek wil hê hy moet daar wees, maar dis 'n kwessie van eie opinie.

Mike: Dankie Vader, dat ons glo ten minste dat dit ons vergewe word vir die dinge wat ons … (onduidelik).

Albert: So jy sê met ander woorde, ons kan nou as kerk daai belydenis kry op koerante se voorblaaie, maar dit leef dit nie in lidmate se harte nie.

Hanlie: Natuurlik leef dit in baie lidmate se harte, ek het dit net so ondervind, dit was my persepsie, en miskien as ek nou weer 'n tree terug gee, is dit heel anders.

Johan: Hanlie, baie dankie vir wat jy nou gesê het. Ek wil dit net sê, ek weet nie hoekom dit net Welkom-Suid is nie, die hele NG Kerk is so. Ek dink, nou wil ek amper sê, skelm politieke mense het nou met haar reggekry wat hulle beoog het om te doen. Ek weier om jammer te wees omdat ek 'n witmens is, ek weier om te sê dat ek 'n Afrikaner is. Ek is jammer dat mense ander mense benadeel het, ek is nie jammer omdat ek 'n Afrikaner en 'n blanke is nie, ek is so gebore. God het die verskeidenheid geskep, nie ek nie.

Hanlie: Dis glad nie wat ek bedoel het nie, ek is nie jammer dat ek wit is nie.

Johan: Ons gaan sien hoe jammer gaan ons Donderdag wees as die WVK se verslag kom. Dan gaan ons sien hoe jammer is ons omdat ons wit is.

Hanlie: Ek is nie jammer dat ek blank is nie.

Albert: Dit gaan nie oor wat ons is nie, die vraag gaan eerder oor… En dit is jammer wit verteenwoordig in sommige mense se gedagtes ’n bepaal manier van lewe, wat nie ons almal se keuse was nie, dit gaan oor goed wat gedoen is deur blanke mense, bepaalde styl van lewe van blanke mense, wat tot ernstige probleme aanleiding gegee het. Dis waaroor mens jammer behoort te wees.

Elsa: As mens nou hierdie stukkie lees oor die kerk, dan kry ek die idee, hulle sê nou hier hulle is jammer oor goeters, maar daar kom elke keer die "maar" by. Maar die bedoeling met hierdie beleid was nie regtig om mense seer te maak nie, hulle sê nog nie ons is jammer nie

Johan: Maar dit was tog nie die bedoeling nie.

Mike: Ek wil jou 'n vraag vra op daai, dink jy persoonlik dat as die regering van die dag nie verander het nie, dink jy die NG Kerk sou hierdie geskryf het. Wat het hulle gedryf om dit te doen, Albrt het gevra, hoekom het ons so lank gevat voor ons dit agtergekom het, wat het hulle gedryf om dit te doen, hulle gewete, of die verandering in politiek.

Elsa: Ek dink die verandering in politiek het eerste gekom en die kerk se gewete agterna, toe kom hulle agter, maar o…

Albert: Ek het 'n vraag of dit waar is, want, julle onthou vir dr. Pierre Rossouw, hy was vir jare lank die NG Kerk se direkteur van Inligting by die Algemene Sinode, hy is nou al mooi bejaard. Hy het gesê: in 1989 het die NG gevra vir die Staatspresident dat Nelson Mandela vrygelaat moes word, hy is wel in 1990 vrygelaat. Dit het hy pertinent gesê, dat die kerk al in '89 dit gevra, dis 'n baie algemene opvatting dat mense sê die kerk sê maar net hierdie goed omdat die regering van die dag verander het, ek dink dis 'n oorvereenvoudiging van 'n baie ingewikkelder saak. Ek dink nie dis is so nie.

Elsa: A, hoekom het hulle nie toe Beyers Naudé omgedraai het en vir hulle gesê het maar mense julle is besig met 'n sondige ding, hoekom het hulle nie toe dit agtergekom nie.

Mike: Kyk wat het hulle met Beyers Naudé gemaak.

Elsa: Hulle het hom uit die kerk uit geskop.

Mike: Dis hoekom ek sê, dis baie maklik om te sê, die kerk het nou besluit dis verkeerd. Ek sê mense het tot bekering gekom, nie die kerk nie. Mense wat skuldig was aan een of ander misdryf, wat ek met hom saamstem, as ek nie aan 'n misdryf skuldig was nie was ek dalk skuldig as ek deel was van 'n sisteem, en *sorry* as daai sisteem nou nie reg was vir ander mense nie, dan is ek ook jammer. Maar mense het dalk in hulle harte tot bekering gekom en gesê maar ek het doelbewus dit en dat gedoen, ek het gepreek apartheid is reg, want dit staan in die Bybel, mense wat hulleself dalk bekeer het as gevolg van buite invloed. Ek weet nie of daar nou ewe skielik op die sinode 'n hele klomp mense sit wat besef, jislaaik ek het gisteraand nou 'n boodskap gekry wat sê dit is sonde. Ek dink dit is gedryf deur omstandighede wat mense se oë oopmaak vir die dinge wat verkeerd is. Ek dink dis nie sommer so 'n skielike klomp mense wat ….

Elsa: Steeds is dit nog nie almal in die NG kerk, die kerk se struktuur of hoofliggaam voel almal nog nie soos wat hier staan nie. Ek is verstom, ek hoor wat Hanlie sê, in 'n mate voel ek baie soos sy. Ek het ook op 'n stadium weggebly maar ek kom nou weer terug, maar so onlangs as verlede Dinsdag, iemand wat saam met ons by die vroue Bybelstudie was, 'n groot Christen mens, sy gaan doen sendingwerk by die hospitale, wel as jy haar nou so beleef dink jy sy is 'n diep gelowige Christen mens. Toe maak sy 'n stelling, soos hierdie swartetjies wat in die straat loop en groente verkoop, mens moet hulle sommer onderstebo ry, doodry. Sulke goed maak nie vir my sin, hoe kan 'n mens wat sê hy is 'n kind van die Here, hy lewe so, hy ken omtrent die Bybel uit sy kop uit, hy is by elke kerkgeleentheid, by elke bybelstudie, hy gaan doen sendingwerk, maar dan sê hy hy wil sommer die swart smouse in die straat doodry. Sulke goed verstaan ek nie.

Mike: Ek dink dit is baie swaar om vir 'n Christen om 100% reg te lewe. Ek dink dit is geweldig moeilik. Ek lees van dissipels in die Bybel, ek lees van koning Dawid se dinge, mense wat saam met Jesus geleef het en die dinge gesien het, hoe moeilik was dit nie vir hulle nie. So wat jy sê is waar, weer eens sê ek ons het die genade van Bo om daai foute vir onsself te vergewe. As die kerk, hierdie Welkom-Suid, net moes

bestaan uit absolute 100% mense wat geen sonde het nie… Ek weet regtig nie, of ek daar sou kon inkom nie.

Elsa: Maar ons basiese geloofsbelydenis, die kern daarvan sê, jy moet die Here jou God liefhê en jou naaste soos jouself.

Mike: Jy moet hard probeer.

Karin: Wat nou so deur my kop gegaan het rondom die kerk: Onlangs het ons vereniging se swart koor hier by die kerk opgetree, en op 'n stadium het ek negatiewe *vibes* opgetel, en toe dink ek, ek soek net nie 'n debakel op my kop nie. Baie keer het 'n mens nie die vrymoedigheid gehad om die mense met wie jy elke dag mee saamwerk… want vir my, ek sien dit nie meer raak nie. Ek word nog met situasies gekonfronteer soos wit vroue wat sê ek ry nie saam met 'n swarte in 'n voertuig alleen nie, dan moet ek ry. Dit maak dit moeilik, Daar sal altyd dit bly, of een van my swart kollegas wat sal kom sê, hulle het my alweer hier onder vier oë gehad, want hulle sê ek eet saam met die wittes. So is so kompleks, al wat ek al baie keer gewonder het, toe een van die maatskaplike werkers van 'n ander organisasie saam met my gery het, wat dink jy is die oplossing van die land, toe sê ek apartheid moes nooit daar gewees het nie, want in die Bybel staan daar geskrywe daar sal altyd rykes wees, daar sal altyd armes wees. Dan sal die rykes met die rykes, die middelklas by die middelklas en die armes by die armes gebly het, die wat wou gemeng het sou, en die wat nie wou nie, sou nie, en dan sou al hierdie dinge nie gebeur het nie. Dis my eie persoonlike mening. By my huis is my werksmense welkom, hulle kom by die voordeur in, en hulle kom sit en drink tee saam met my, dit is normale praktyk. Johan wil nie 'n inslaap bediende hê nie, reeds as gevolg van die feit dat die ma moet by haar kinders by die huis wees, so ons is besorg oor daai sake. Ek sien nie meer kleur as sulks raak nie, een middag het ek by die huis gekom, toe sien ek my bediende is glad nie lekker nie toe vat ek haar in hospitaal toe, toe trek die swart suster rang op my en sê ek moes haar kliniek toe gevat het en nie hospitaal toe gebring het nie. Ek het toe niks verder gesê nie en rustig geluister na haar storie, en toe het ek vir haar gesê van die gevare dat sy 'n "stroke" in die straat kon gekry het. Maar baie beleefd vir haar gevra. Dit is 'n groot proses wat besig is om te gebeur van alle kante af, tot die mense jou leer ken en jou eie handel en wandel aanvaar.

Albert: In hierdie proses waardeur jy is die afgelope tyd, in terme van jou werk en so aan, watter rol het die kerk daarin gespeel. Het jy ooit van die kerk se kant boodskappe

in daai rigting gehoor, of was die onderwerp net vermy? Watter rol het die kerk daarin gespeel om jou te bring waar jy nou is. Dat jy vandaar af kom waar jy vandag is, want jy het tog sekerlik 'n paar skuiwe gemaak, het die kerk daarin 'n rol gespeel of staan die kerk op die rand van hierdie goeters.

Karin: Nee, ek dink wat 'n groot rol gespeel het is my pa wat my geleer het om respek te hê vir alle mense, as Gesondheidsinspekteur het hy baie met die swart gemeenskappe gewerk en het saam met hom gewerk en dit was nie snaaks vir my gewees om my pa 'n koppie tee saam met 'n swart vrou te sien drink nie, ek het so grootgeword en ek weet die eerste jaar wat ek gewerk het, was ek op die rooi mat gewees omdat ek gaan kla het dat daar te min waterkrane en toiletgeriewe was in die bruin gemeenskap, en ek was ingeroep. Ek het 'n afspraak gemaak met die Stadsklerk en heel ordentlik gaan verneem wat om te doen want die lewensomstandighede was chaoties gewees, drie tot vier gesinne in een huis, met geen fasiliteite. Ek was deur die Bestuur ingeroep, en toe was ek weer in die moeilikheid omdat ek 'n Indiërvrou op die Bestuur laat verkies het, toe moes hulle haar 'n addisionele lid maak, maar ek was kort-kort in die moeilikheid. Ek praat van die sewentiger jare. Dis was nie met opset nie, dit het net natuurlik gekom.

Albert: Maar jy sê in hierdie proses het die kerk 'n minimale rol gespeel, indien enige.

Hanlie: In my geval ook, nee.

Albert: Dis my vraag, die kerk het wel 'n bepaalde standpunt gehad, en die kerk het stelselmatig, veral oor die laaste 10 jaar, redelik dramaties van sy standpunt verander. Maar was die kerk instrumenteel om by lidmate daai verandering te bewerk of het die verandering vanuit ander kante gekom. Die antwoord op hierdie vraag gaan ook bepaal wat gaan die rol wees van die kerk vorentoe? Is die kerk in 'n posisie om mense te help om te verander of wat?

Hanlie: Dis by my 'n probleem dat die kerk niks gedoen het nie, en dat hy volgens my nog steeds nie genoeg doen nie. Ek wil graag hoor van die kerkleiers, want miskien is ek in 'n groot mate 'n volgeling, omdat ek nie iemand is soos byvoorbeeld Beyers Naudé nie, en ek verwag van my kerk leiers, direkte, duidelike standpunte, ongeag vrees dat 'n gemeente kritiek op hulle sal hê of iets van die aard.

Albert: Ek wil net iets sê wat vir my verskriklik snaaks was, ons het laas keer gepraat oor die twee kleurlinge wat in die kerk kom sit het en twee mense wat toe amper langs hulle gaan sit het. Ek het na die tyd, terwyl ek wag dat die mense uitstap, het ek na die twee kleurlinge toe gestap omdat dit mense wat ook deelneem aan die kerk. Ek het met hulle gepraat, en later deur die week het 'n kerkraadslid my kom sien, en hy was onder andere baie ongelukkig daaroor gewees, hy en 'n klompie van die ander kerkraadslede, dat ek afgegaan het en hulle met die hand gaan groet het en verwelkom het in die kerk.

Elsa: Ben het hier aan die begin vertel van die mense in Winburg se kerk, wat nou uit die kerk uitgegaan het omdat daar swart kindertjies in die Winburg kinderhuis is, en hulle woon nou die Sondagskool in die kerk by, is daar mense wat die kerk verlaat het. Die kinderhuis was nou onlangs hier by ons gewees, en ek was betrokke by die dag wat ons vir hulle gereël het, daar is 'n hele paar swart seuntjies en hier was nou 'n insident gewees, die kinders het maar hier rondgespeel en die alarm het 'n paar keer afgegaan, en een van die kinders het die knoppies gedruk en op die ou end het die sekuriteitsfirma hierna toe gekom, twee mans, en die maatskaplike werker wat saam met hulle gekom het, het 'n swart seuntjie nadergeroep, en vir die mans wat daar staan met hulle knuppels en hulle boeie gesê dit is nou dié outjie wat die knoppies gedruk het en hulle moet hom sommer nou bietjie toesluit. Ek was so ontsteld daaroor, dis 'n kind. Sy sou dit nie met 'n wit kind gedoen het nie. Ek het dadelik na haar geloop en vir die man gesê los hierdie kind uit.

Mike: Dan moet jy my ook in die strafkas sit. Ek het bo-op die galery gesit en twee seuntjies het hier voor my gesit, en hulle was soos twee *Jack in the boxes* gewees, en ek probeer die dominee sien, en ek bly sê sit stil, naderhand tik ek hom op die skouer en sê "ek is 'n poliesman, jy moet nou stilsit." Plat op die stêre die res van die preek. Toe sê hulle ma vir my, ek moet net vir haar daai vinger gee, sy wil hom huis toe vat. Baie keer doen 'n mens dinge, of hy nou swart of wit was dit maak nie saak nie, ek dink ons koppel rassisme aan doodeenvoudige mense. Die vrou wat gepraat het van die klein kindertjies in die strate, ek voel baie keer lus om die wit boemelaars in die straat dood te ry, wat hier by my venster kom en my pla, dit is nie rassisties nie, dis 'n pyn in die nek, hierdie mense wat jou so alewig "nag". Ek is nie 'n welsynwerker nie, so ek het nie die opleiding om vir hulle jammer te voel in die sin van hier is vir jou 'n 10c, daar hol hy en koop 'n pakkie sigarette. Ek dink ons is partymaal besig om 'n rassistiese ding te koppel aan dood menslike optrede.

Elsa: Ek hoor wat jy sê, miskien is ek net baie fyngevoelig oor sulke goed.

Mike: Ek dink nie jy is nie, ek dink jy is soos 'n roker, wat opgehou rook het. Hy haat dit as iemand langs hom staan en rook.

Albert: Net so kortliks, het die kerk 'n rol in die pad van versoening, ek dink ons is dit eens ons moet 'n manier van versoening kry sodat ons nie op 'n burgeroorlog of op chaos afstuur nie. Die vraag is het die kerk 'n funksie, wat is sy funksie, hoe moet hy hierdie rol speel.

Ben: Hier is nog baie mense in ons gemeente wat nie gelukkig is om te sê dit was verkeerd nie, hulle het allerhande redenasies en die Bybel, hulle praat nou meer van die Ou Testament.

Albert: Hoe gaan mens daai ouens se koppe gedraai kry? Dit is soos wat jy gesê het 'n ruk terug met jou koor wat hier gesing het, Unitas se koor het ook 'n tyd gelede hier gesing, lank terug.

Hanlie: Ek het mos nou-die-aand vir jou gevra, of ek iemand kan bring, en nou toe sy praat toe dink ek nee dankie, ek sal nie.

Karin: Ek wil vir jou die positiewe belewenis gee van na die tyd, toe koor nou uitgegaan het bussie toe, het baie van die gemeente rondom hulle saamgedrom en hulle bedank en gehoor wie het hulle afgerig, dit was regtig vir hulle 'n positiewe belewenis. Hulle het my na die tyd bedank vir die voorreg dat hulle kon kom. Ek was baie teleurgesteld dat hulle nie uitgekom het en voor gaan staan het nie, maar toe het ek besef dat hulle het miskien te bedreig gevoel, dat hulle eerder bymekaar gebly het en vorentoe gesing het. Die gemeente se reaksie na die tyd was baie positief gewees.

Albert: Ek is baie bly daaroor, maar ek is nog baie bekommerd oor die anderkant van die reaksie, die negatiewe reaksie, toe Unitas se koor 'n paar jaar terug gesing het, was daar nog maar minder swartmense in die koor as wat daar nou is. Toe was daar kerkraadslede wat ongelukkig was daaroor en beswaar gemaak het daaroor. Ons het wel al die reaksie gehad, maar dit was jare terug, dat blanke lidmate uitstap wanneer daar swart persone die erediens inkom, maar ek dink daar is nog 'n klomp lidmate is wat nie vrede het as die swart mense die kerk inkom nie.

Hanlie: Jy het net-nou gevra hoe moet 'n mens dit doen. Ek dink dat die leiers sterk moet standpunt stel, en is daar miskien blootstelling. Miskien is dit omdat ons nie geleentheid gehad het in die verlede om te meng met Christene van ander kleure nie, miskien moet ons juis uitgaan van die standpunt dat ons sulke dae of byeenkomste moet reël, wat vrywillig bygewoon word deur ons gemeente se mense, waar ons dan ander mense nooi om te kom, en hoe meer ons dan blootstelling het en met mekaar kommunikeer, dink ek sal dit tog dalk 'n invloed hê. Miskien moet ons van anderskleurige predikante gebruik maak wat Afrikaans is, want daar is wel tog pragtige mense wat net so 'n wonderlike diens kan doen. Ek voel dat die apart hou, ek het baie begrip vir wat hy gesê het van die taal en die formaat van die diens, die manier waarop dit gedoen word, maar daar is tog maniere waarop 'n mens meer blootstelling aan lidmate kan gee om hulle soort van gewoond te maak dat hulle kan agterkom, daar is nie so 'n verskil nie, daar is nie so 'n verskil tussen die dinge waarvoor ons bid nie, daar is nie so 'n verskil tussen die dinge wat ons nodig het nie, my emosionele toestand is miskien te wyte daaraan, ons het vanmiddag 'n *memorial service* gehad vir 'n Standerd sewe kind wat homself geskiet het, en ek het gesit en kyk na die familie. Daar is nie 'n verskil in die smart en die seerkry en in die hartseer en die ma-wees of pa-wees nie. Ons het te min blootstelling.

Albert: Weer die ding van die twee wêrelde waarin ons lewe wat gelukkig nader aan mekaar kom, maar nog ver vanmekaar af is.

Hanlie: Ek weet nie hoe gaan die mense reageer as hulle Sondag-oggend in die kerk inkom en jy het 'n swart ds. wat preek nie. Ek weet nie hoe gaan hulle reageer as twee kerke besluit ons doen 'n spesiale diens vanaand, want was vir my ook baie erg was, is ek het altyd gegaan na die afsluiting van die Pinksterdienste wat dan NG kerk afsluiting was. En die hoeveelheid wit mense wat gekom het was baie min, en wat my erg gepla het, die predikante wat dit bygewoon het was geweldig min en in baie gevalle het sommige gemeentes hulle aanddienste gekanselleer maar dan is die afkondiging byvoorbeeld gemaak, daar is 3 uur 'n diens, by dit en dit se gemeente, maar ons finale afsluiting van ons reeks, vind nog vanaand om 7 uur plaas. Ek het gedink dit was verkeerd gedoen, dan sien ek omtrent 5 mense uit ons gemeente en dan sien ek nie ons predikante nie.

Mike: Ek wil net gou antwoord op die vraag, wat kan die kerk doen. Hier sit ons, ons is sewe mense, en ek dink nie twee van ons stem saam oor dieselfde ding nie, oor alles. Ons sal oor punte verskil, dit is logies ook. En wanneer die kerk wil voorskryf, volgens

wat die koerante sê of volgens wat die ouens besluit van die preekstoel af begin preek, elkeen gaan sy eie *flavour* gee, elkeen gaan sy eie opinie gee die mense gaan naderhand sê, maar die kerk het nou-die-dag gesê ons mag sê kaffer want die Bybel sê so, nou sê die kerk ons mag nie. Wat ek sê is wat kan die kerk doen, die kerk, die leraars het die Woord van God waaruit hulle moet werk, as hulle bly wat daar staan en ophou om sommige predikante wat opstaan op 'n *soapbox* en sê ek sê nou so, dit *confuse* mense meer as wat ons, ons praat nou oor dinge wat uit ons hart kom, maar wat is die regte ding? Waar gaan ons dit kry, sekerlik uit die Bybel uit, en wanneer mense sy eie smaak en eie *flavour* aan prediking sit, dis wanneer jy hierdie uitmekaartrek van mense kry. Jy's nog in die NG Kerk vir 'n bepaalde rede, ek is dalk hier vir 'n ander rede.

Albert: Is dit nie wat die kerk byvoorbeeld nou gedoen het rondom apartheid is sonde nie, dat die kerk in sy breë, maar op grond van die Woord van die Here is ons daarvan oortuig daarvan dat dit sonde is om mense anders te behandel, sekere mense anders te behandel bloot omdat hulle velkleur anders is, nou het die kerk dit gesê op grond van die Woord, sonder dat ons kan sê elke ou het sy eie interpretasie. Ons het vanaand gehoor dat almal hier nie eers saamstem nie

Mike: Nou sê die kerk dit is nie reg om mense verkeerd te hanteer, maar hy sê nie vir jou hoe moet jy hom hanteer nie. Dit is die ding, jy moet volgens wat die Bybel vir jou voorskryf, daai ding gaan lees dit in so en so, dit sê tog dit is nie reg nie. Maar wanneer jy omdraai en sê, ek voel dit is nie reg nie, en ek voel dit en dat, sonder om dit te staaf uit die Bybel uit, gaan jy 'n verskillende klomp menings kry.

Albert: Maar as die kerk byvoorbeeld heel konkreet raak en sê op grond van die feit dat ons nie mense anders mag behandel nie, sê ek nou vandag van die preekstoel af moet jy kyk na die salaris wat jy jou bediende betaal byvoorbeeld, betaal jy haar 'n billike salaris, of betaal jy haar 'n hongerloon, en dan sou die dominee so ver kon gaan om 'n syfer te noem en te sê as jy haar soveel betaal dan is jy eerlikwaar in stryd met die wil van die Here. Dis vir my prakties.

Mike: En dan sê ek, waar in die Bybel staan ek moet haar R20 betaal en dan sê jy dit staan nie in die Bybel nie, maar dit klink so dat hulle nie moet honger kry nie. Dan sê ek eerder, sê dan eerder dat jou bediende nie moet hongerly nie. Maar moenie jy gaan goed insit wat jy dink nie, R100 is genoeg of sy is bietjie ryker, jy behoort jou bediende R700 te gee, ek kan net 'n R100 gee.

Hanlie: Ek weet ons moet nou afsluit. Ek wil net sê, kan ons nie êrens die Belhar-Belydenis kon deurgaan nie, dit sou interessant wees.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid** – Gesprek 7: 4 November 1998

Albert: Kan ek miskien net weer sê wat ek aan die begin gesê het, ons groep weet dit nou al, maar ter wille van ons besoekers. Ons neem alles op band op, as dit reg is, wanneer ek die bande transkribeer verander ek al die name sodat niemand weet wie wat gesê het nie, daar is net 'n Albert, Ben of Charlie in, so daar is geen identifiseerbare getuienis nie. Is dit goed so?

Ek het aanvanklik gesê toe ek ons besoekers genooi het, dat ons oor twee goeters gaan praat, eers oor apartheid, veral uit die swart en bruin perspektief oor apartheid, wat het apartheid aan julle gedoen, wat was julle belewing daarvan. En dan gaan ons in die tweede gedeelte praat oor die pad vorentoe, hoe gaan ons 'n sukses maak van hierdie nuwe SA waarin ons almal deel het. Ek het al in die groep een en ander gesê oor my gesprek wat ek en Quincy gehad het. Die een ding waaroor ons gepraat het, julle sal onthou van die hond wat in die bakkie ry. Daardie storie wat jy vertel het, dit het nogal 'n indruk op my gemaak. Waar gaan ons afskop, wil iemand iets sê?

Frans: Ek het nou agtergekom jy het reeds met Quincy gepraat. Wat van Rose? Hoe ingelig is hulle oor waaroor ons regtig praat, het hulle 'n bietjie agtergrond?

Albert: Miskien moet ek eers 'n bietjie verduidelik, ek het nou al vir Rose en haar man, van ons transkripsies gegee van die eerste vier gesprekke. (Steve sluit by die groep aan en word voorgestel aan elkeen in die groep). Welkom aan Steve. *Can we use Afrikaans and if you want to say something you are welcome to do it in English, or if you don't understand we can say it in English.* (Steve is tevrede met so 'n reëling).

Rose-hulle het nou al iets gelees van die begin van die gesprekke, so hulle is redelik op hoogte, en ek het al iets van hulle ervarings aan julle deurgegee. Ek het met Quincy gesels, hy het nog nooit van die transkripsies gelees nie, maar ek het vir hom redelik breedvoerig vertel en wat my indrukke was tot op daardie stadium, Steve het ook al van die transkripsies gelees en ek het gisteraand ook met hom 'n gesprek gehad en verduidelik dat ons darem al heelwat verder is as wat ons in die eerste paar gesprekke was. So dis wat ons besoekers weet. Miskien moet ons dan nou maar voor begin met die vraag, vanuit hulle eie perspektief, as jy dink aan die woord "apartheid", wat dink jy? Ons het ons idees, maar ons sal graag julle idees wil hoor.

Quincy: I think I must just kick off, it can be a very, very long story, before I say what I think of it now, I just want to say if I was not interested in seeing South Africans moving closer to one another, I wouldn't have participated in this discussion. I am here because I am a committed Christian, I'd like to see people moving towards one another finding each other. That is why I am here. Thinking of apartheid, the human dignity, black people were not treated with dignity, were treated like animals. You mentioned that black people will not sit with a white person in a car for an example, but you will see a dog in that car, but not a black person. This is how I perceive apartheid. The whole humanity was not there, we were not treated with respect, we were de-humanised, and this is how I see apartheid. There are instances where as one would be working, you will see people getting out of a car in into an office where they have a meeting with a white manager, after some 10 minutes they come and pick you up and take you for questioning, politically. Those were things which in fact made me in particular unhappy. There were many other instances; we had a white *dominee* in Thabong, *dominee* Z. He was in our church, and I use to do some interpreting for his sermons and my brother there (indicating Steve) was one of the guys who stood up when I was pulled up. In fact the reasons why I was chased out of that church is simply because I had questioned monies that were mismanaged of youth as I was the chairman there. And after giving a report to the church – if I had not questioned him on those funds, then the youth league would ask me why didn't your question him, maybe these funds are with you, what happened to it. So I had to raise that concern. Then he said he was going to investigate. Instead of going to investigate and come and give the feedback the following week, that is when some of the church council members were influenced against me and I was charged with trespassing. On numerous occasions I was actually taken out of the church and thrown out of that church and he (indicating Steve) had to intervene. He can witness to this occasion.

Albert: So you were physically removed from the church

Quincy: Physically removed from the church service, simply because I had questioned this white minister who actually came to our church and delivered sermons every Sunday. This is my perception, that simply because I was able and brave enough to question this white minister I am now being chased out of the church. Those are my perceptions, and this is part of the things that we view apartheid as having de-humanised us and we were not treated with respect. And if you had to question – we all know these things and please, I am saying these things because at the end of these meetings here we should be able to say, this is how apartheid treated people, but now

what is the way forward? Now that we are here, what is the way forward? I feel bad when I think of apartheid. This question of trespassing I was charged with. The senior prosecutor said you cannot charge a person for trespassing when he goes to church. He assisted and on the third occasion than the senior prosecutor said maybe there is something we don't understand, the court had to resolve the matter, and I was found not guilty. And the court had to tell him, don't you think that you are the man who are actually trespassing by attending a black church in Thabong. The very same man, after all those things happened – I was working for the Old Mutual then – he went to Head Office General Management in Cape Town and said here in Quincy, you are having a terrorist and this man is terrorising the church and you must get rid of him in your employment if you don't want to see people being terrorists. This is the experience that we have gone through. Many of us. But let me stop here.

Steve: Sorry I am late, one thing that I know is that apartheid was bad and if you put it into context it was theoretically right, taken out of the Bible but it was separating people within justice and oppression, and de-humanising them. As Quincy mentioned of reverent Z. There was a minister of Education, somebody. He, reverent Z, reported me to the minister that I am a terrorist and communist, because I was a communist in the church. I as a liberation theologian, I did not compromise anything, I remember a policeman, for he has gone out of the church, we shall not question him because he is above the law. What Martin Luther King always says, if a government is bred on violence there is social integration to the third generation. What is happening here in SA, what happened in the election is the result of what people have learned during the apartheid era. Because they were living in a state of fear, that fear bred in them violence. Now for the third generation we have to leave that. Furthermore, if you look at what apartheid did, as Tutu says, we must reconcile. He is biblically right when he say we must reconcile. He is right but it doesn't meet the requirements of a Biblical reconciliation.

Hanlie: What do you mean when you say it doesn't meet the Biblical requirements?

Steve: It doesn't meet the Biblical requirements. Let's take the story of Zachariah. He says to Lord Jesus, I am prepared, half of my wealth I shall give to the poor, all of those I have defrauded I give back four times. And the Lord says today salvation has come to this house, because this one also is a son of Abraham. With us it is useless papering on the wall when it has a crack and saying it the crack will close, because wounds of the past will resurface again when they have not been treated well. Truth and

reconciliation today have gone straight to the matter. When apartheid was done there were laws, I obeyed it – lawfully or unlawfully – that defrauded people that made us what we are, and when you take that into context, you come back and say let us reconcile. Reconcile our what? We must reconcile on basic issues. Sometimes when I preach as a liberation theologian I know one thing when God has created humanity the first job that he gave them, he said all right took Adam by the hand and put him in the garden. He said look at it, it is yours. Now, when I, being a bona-fide of this country don't have (onduidelik), there shall never be peace, unless the basic issues of life are pressed head on. That's why I say if Mandela was a good president he should have made a radical change; this country should have been right by now.

Hanlie: Wasn't there to little time for that?

Steve: No, no. If he was radical he should have done all major things, it is now that they are approaching the elections in 1999 that they are trying to approach the problem of land. When they are removed from that position, who is going to address it again?

Albert: Can we just hold that a little bit, we will get back to the reconciliation and what needs to be done. Let's just get more of the background of what the experience was. Thanks for your input. Rose, wat was jou ervaring, jy kom nou uit 'n ander gemeenskap uit.

Rose: Apartheid gaan vir my gepaard met, as 'n ou dink aan apartheid dan is dit onmiddellik verdrukking. En verdrukking in die apartheidsjare het beteken minder: minder mens, minder werker, wat jy ook al aan minder kan sit, dit is apartheid. Nou nog steeds. As jy 'n wit hoërskool sou vergelyk met 'n kleurling hoërskool, dan is daar 'n baie groot verskil, en dit is weer 'n verskil in minder. Ons het 'n ding wat veronderstel is om 'n laboratorium te wees. Al wat daarin is, is 'n glaskas en wasbakke met die krane. Dis 'n laboratorium by 'n kleurlingskool. Dis waar ek praat van die minder. Tot en met 1983 was 'n kleuring onderwyser, swart onderwyser se salaris nog minder, bykans die helfte minder as 'n wit onderwyser s'n. (Onduidelike opmerking van Hanlie) Kan ek net noem, onder korreksie, is die etnies swart onderwysers se salaris nou met die nuwe regering aangepas. Voor 1994 het hulle minder gekry as wit en bruin.

Hanlie: Ek het gedink dit hang af van die opleiding. Ek het aangeneem dat baie minder van hulle onderwysers die geleentheid gehad het om byvoorbeeld 'n vierjarige kursus

te voltooi. Ek het geweet daar is baie van hulle wat moes uithelp wat maar net 'n matriek gehad het. Ek het gedink dit is omdat hulle minder gekwalifiseerd is.

Rose: Nee wat die regering ook daar gemaak het is, hulle het die kleurlinge laat kom skoolhou met matriek en twee jaar, dan kon ons kom skoolhou. Terwyl hulle die wit ou verplig om matriek en drie jaar en later vier jaar te doen. Maar selfs die bruin ou met matriek en vier jaar het nog steeds minder gekry as die wit ou met matriek en vier jaar. Wat nog onregverdig is, en as ek enigsins nog iewers matriek vraestelle in die hande kan kry van die departement van die Raad van Verteenwoordigers en die ou Volksraad, was ons matriek eindeksamen so opgestel dat die minimum van ons moet slaag. Vergelyk jy 'n standerd agt Raad van Verteenwoordiger-vraestel (die bruin vraestel), is die gelykstaande aan 'n wit matriek vraestel. Dis waarom daar in die wit skole 'n 100% slaagsyfer was, was daar in die bruin skole 'n 80% slaag en die swart skole 'n 40% slaag.

Hanlie: Rose, jy sien, dit is nou 'n stelling wat ek onmiddellik voel jy moet dit vir my bewys.

Rose: Wat jy moet ook onthou as jy enige kennis het daarvan, in onse tyd, in die 70 jarige, bestaan daar nie 'n ding soos 'n bruin of swart inspekteur nie. Dit was net wit, en die wit ou wat vir ons wiskunde inspekteur was, het dit pertinent genoem dat ons vraestel baie meer stywer opgetrek is as die wittes s'n.

Hanlie: Tot wanneer was dit so.

Rose: My kollega wat Biologie gee het nog die vraestelle, ek kan dit vir A bring en dan kan u daarna kyk.

Hanlie: Ons moet praat daaroor, dit is geweldig interessant, eintlik ontstellend vir my, want ek het gedink die standaard het hoeka nóú vir my gesak.

Rose: Kom ek sê vir u, die kleurling standaard het geweldig gesak. Terwyl u nou besig is met Afrikaans, ons vraestel het gevra hoekom kry "geëet" 'n deelteken, en "toe-eien" 'n koppelteken, wat jy baie min in 'n wit Afrikaanse vraestel kry. M.a.w. die wetenskap van die vak is vir ons gevra, terwyl die gebruik van Afrikaans in die ander vraestel gevra is.

Hanlie: Ek en jy sal later daaroor praat, want ek dink hulle sal nou vir ons begin kwaad word.

Albert: Dit is interessant, want wat jy sê is dat die vraestel doelbewus so opgestel is dat minder kleurlinge en nog minder swartes hom gaan slaag op die ou end.

Hanlie: Dit was dus in jou geval ook Afrikaans eerste taal.

Danie: Is dit vandag nog so?

Rose: Nee, ons skryf vandag dieselfde vraestel.

Danie: Het die slaagsyfer enigsins verbeter?

Rose: Ja, die afgelope twee jaar is die slaagsyfer baie beter.

Albert: Bedoel jy omdat die standaard vanuit die bruin perspektief, makliker is vir die bruin kinders.

Hanlie: Ja, maar die vraestelle is baie makliker as wat dit 10 jaar gelede was vir ons ook. Dit hang ook van mens self af. Die spesifieke vraag wat jy nou gevra het is vir my 'n gewone vraag. Ek sê nie hy was al in 'n matriek eindeksamen so gevra nie, maar dit was al in my vraestelle. Dis twee baie lekker voorbeelde daai.

Quincy: May I just add something. We should actually go a little bit backward. Let's take the legislation that was passed in 1953, I think; who said let us give them, that is blacks, the type of education that will keep them subservient to whites. In other words a type of education that they will only be able to interpret, they should not be able to do things for themselves, to do manufacturing themselves. And this is why I think only after 1976 some Technical Colleges and schools coming up. We were just there to be trained as nurses, policemen, interpreters and ministers of religion. Now why did we have the uprising so in 1976? We had the uprising now simply because Afrikaans was forced upon people as a medium of instruction. Those are the thing that when we think of apartheid, we think about. In particular when they say let's give them the type of education that will keep them subservient. This is why you will find that one white man will actually be a foreman of some 100 blacks, when he leave for the office or town, they all stand there and when he comes back he finds that he started working and so

on, it is because of the type of education that was given to people. I must mention all this.

Albert: That exact situation there, when another white man leaves they sit down and relax, another white person will drive past and say "that is typical". You say it's because of their education that they have had.

Quincy: It is because of the education that we have received and also we were actually taught that there is nothing as blacks that we can't do without the involvement or instruction of the white man.

Albert: Amper soos in die *army*.

Hanlie: I also think that people who did have the drive to want to do something, decided not to do it because they didn't see a future in doing it.

Quincy: The thing is, you are only trained to do certain things, only when the white boss say, go and do that thing, we were taught to be instructed, unless you were instructed, you were not able to do something or use your own initiative, because that is how we were taught.

Hanlie: I understand what you mean, there are many people of all races who will easily also just be sitting if nobody tell me what to do, I will do nothing. I am sure amongst the people, history proves it, came the people who rose above it and did take care of their own education and did lead their people to where we are today. But I was wondering if people also did not feel why shall I bother to do something, there is no future for me in this country. Did you ever have that feeling among you?

Quincy: That might have contributed to the situation, but the major point is that people were taught to do things only when they are instructed to do it. Unless you come and say... For instance the girl that is the help in your house, if you don't tell her to go and do that thing, I know it is something of the past now, but if you don't say come now and wash the dishes, she will not do it, or come now and make the bed, she will not do it. It was a question of instructions all the way. Unless the misses or the boss tells you to do something, you don't do it.

Hanlie: And what did parents advise their children as far as that is concern. Like in your house, was it also told to your children, you just do what the white boss tells you.

Quincy: That was sort of a culture,

Steve: Let me just jump in there. We have been taught, I in particular come from a very conservative background, my grandpa, when he saw a white man passing, he will take off his hat. I come from that kind of situation. We come from a background where we were just to receive, if you question something the security police will take you out. I have been taken out as school principle more than ten times by Y; he is in the security police. If you try to skip the country they go and question the school principle. We come from that state of terror, that is why sometimes when you talk about apartheid, you don't know what you are talking about, you don't know what you are talking about. You talk about the black terror, when we saw a policeman you go to the nearest room. I remember when I got to London on my way to study in America. We saw a policeman, there were five of us from South Africa, some of us wanted to run away. Somebody said hey man this is London, you can forget about the things of SA: At least we are educated, but still that fear was there, fear was instilled in us. That is why in the black community when we talk about the policeman we talk about the worst enemy.

Danie: Ek wil net 'n opmerking maak oor wat Quincy gesê het oor die skoolstelsel. Dit klink of ons uit dieselfde mond praat, want ek sê nou dieselfde van die huidige skoolstelsel. Die huidige skoolstelsel is vir my ook onderdrukkend vir my wit kind. Want in die boeke onderstreep hulle, hulle sê vir die kind jy leer dit, dan slaan hulle 'n paar woord oor, dan onderstreep hulle dit weer en dan sê hulle vir die kind jy leer dit. Dis hoekom ek voel die huidige skoolstelsel is vir my so onderdrukkend. Verstaan jy wat ek sê?

Quincy: Maybe I should say, people are all saying "reconciliation", and we are all for reconciliation. And you know when you think back at the situation in 1953 that I have just mentioned to you. You will find that indirectly, those are sort of retaliatory type of things. When people do something they still remember where they come from, and they start doing things in trying to transform, particularly the black community given the opportunity of self actualisation and so on. Actually in a way they are saying this is how it should be done. I think the generations that will have it better in this country are our daughters and sons, and children of our children, our grandchildren. Those will not see a white or black person; they will just be seen as a person. So I think that from the point

you make about learning now, yes it might be an oppressive type of education to a white child, but I think these are the results of the past. These are the results of the past.

Danie: The point that I would like to make is this. I see that the same situation for the white child in the schools still exists, even in my time. But if we can pass on that point, when do we start to see each other as a dignified person and not on a colour basis? I think we will start it, because we are responsible for our children...

Quincy: Can I interrupt here? He's making a very important point. What kind of Christians do we have today? Are we hypocrites in terms of Christianity or are we genuine Christians? I believe Christians are the people who must start and I want to say that unless we seem to be doing something actively, to try and bring the community together, we will not succeed. But Christians are the people who must actually lead the way.

Hanlie: Amen.

Danie: That is for sure. Daarmee kan ek saamstem.

Albert: Maar ek weet nie, ons sou miskien saamstem daaroor, maar die ding wat Quincy nou byvoorbeeld na verwys, en dit het uit ons gesprek gekom, hierdie gesamentlike dienste wat ons byvoorbeeld gehad het na Pinkster, dat al die lidmate hier van Welkom-Suid moet optrek en masse na Thabong toe en ons gaan hou 'n erediens daar saam.

Hanlie: Christians are not showing at all, as far as I am concerned, they are not showing that they want it. I'm just talk about the whites, actually.

Steve: Hear the point; unless the Christians use the weapon that God has given to them, the weapon of unity, we unite for one Lord, Jesus Christ, finished. And if we can unite beyond colour, then we can really change, and the second weapon that we need to use, is the working of prayer. If I cannot change SA by my attitude, I can change it by prayer. Are we willing to do so?

Hanlie: Too few are willing to do so.

Elsa: Kan ek net iets sê hier. 'n Mens moet net onthou, ons kom van 'n agtergrond af, die geskiedenis wat ons in die skool geleer het, het ons geleer swartmense is barbare. Die Zoeloes het die babatjies se koppies teen die wawiele stukkend geslaan. *We were brainwashed*. Baie van die witmense vandag nog, is bang vir swartmense want dit is hoe ons grootgeword het. Ons het van kleins af gedink swartmense is barbare. Daar bestaan nog steeds 'n soort van 'n vrees by baie witmense. 'n Groot klomp van ons het nou al beweeg, 'n hele paar trappe geklim, maar baie witmense is nog steeds bang vir swartmense. Ek is ten gunste daarvan, ons moet nader aan mekaar beweeg, ons moet meer van mekaar weet, die swartmense weet meer van ons witmense, omdat hulle in ons woongebiede gewerk het en in ons kantore, maar ons witmense weet nie regtig veel van swartmense af nie. En dit is 'n proses, dit sal tyd vat. Daar is van ons wat nou al baie nader aan mekaar beweeg, maar daar is mense wat baie tyd nodig het, en wat twee of drie geslagte verder eers sal begin om mekaar te vertrou, wedersyds, swart en wit.

Albert: Ek dink jy is reg as jy sê dit is 'n proses wat oor tyd loop en so aan, Die vraag is net hoe kan mens die proses aanhelp? Baie mense besef daar moet 'n proses plaasvind van verandering en so aan, en hulle weet in watter rigting dit behoort te gaan, maar hulle hou ten alle koste vas en hulle leef ten alle koste asof ons nog in die ou SA leef met alles soos wat dit tien jaar terug was. Asof niks nog verander het nie. Hoe gaan mens mense se koppe gedraai kry, anders laat kyk na die werklikheid?

Linda: As ons net kan dinge saamdoen, ons het 'n manier van dinge doen, ons is meer statig en rustig en jy hou van geweldige orde, Calvinisties. Dit is soos ons geaardhede is. Terwyl in jou swart gemeenskappe, toe ek met my huishulpe begin het jy moes loskom van daai statigheid, jy moes gemaklik raak, wat lekker is, maar dit het 'n proses gevat. Hulle het dit vir my geleer. Niemand het vir my gekyk nie, dit was net ek en hulle, dit was lekker om los te kom, dit is 'n proses waardeur jy moet gaan, dit is vir party mense ongemaklik. Ek kan die ongemak verstaan van almal, dit is mos lekker om te sing, en daar is baie beweging as hulle sing, en dit is nie wat ons aan gewoond is nie.

Albert: My vraag is, wil blanke mense dit hê?

Linda: Dit is die ding van saamwees, ons het ons manier en hulle het hulle manier, dit is soos hulle aanbid, hulle gee hulle alles.

Rose: Ons moet eers besef maar ons verskil definitief. As ons beginne besef ons verskil, dan moet ons saamstem om te kán verskil, met ander woorde soos Linda sê, ons moet onse verskille begin oorkom, dan eers kan ons mekaar sien as mens. Soos wat sy gesê het, die wit ou het 'n manier waarop hy 'n ding doen, die kleurling het 'n manier waarop hy 'n ding doen en die swarte het 'n manier waarop hy 'n ding doen. Ek dink op die stadium is ek bietjies te oud om my manier van doen te verander, en dan gaan ek nie van 'n volgende ou verwag om sy manier van doen te verander nie, ek gaan wel van hom verwag om my manier van doen voor begrip te hê en te aanvaar.

Danie: As ek daarby kan aansluit, ek stem 100% met u saam, maar dan moet ons die raakpunte waar ons bymekaar kan uitkom, kan raaksien, en daarop voortbou, dit is wat vir my belangrik is.

Linda: Jy kan die susters uitnooi om na my groep toe te kom, dat julle kan leer waar die raakpunte is. Jy leer dit net deur mekaar te ken.

Albert: Is dit nie waar die antwoord lê, of deel van die antwoord, kontak in sulke klein groepies? Ek dink nou die heeltyd aan dit wat Quincy sê, die hele Welkom-Suid gaan nou saam en ons gaan hou in een van die gemeentes in Thabong kerk. Nou is die vraag: is dit wat ons lidmate wil hê? Iemand het op 'n stadium gepraat van *different but not too different*, is dit nie dalk *too different* nie? Kan mens nie dalk in kleiner groepie verskil, maar minder verskille hê nie?

Hanlie: Dit gaan nie vir my oor *different* of *too different* nie, want ek dink as 'n mens in 'n groot groep gaan, dan bly daai groep nog steeds 'n kliek. Dan het jy twee aparte groot groepe bymekaar, en hierdie groep sit nog steeds bymekaar en ek dink dat blootstelling aan mekaar in die gewone daaglikse lewe, dat hoe meer ons met buurman en kind op die skool in kleiner groepies mekaar regtig leer ken, want jy leer nie mekaar ken in groot groepe nie. Maar praat jy nou spesifiek van die kerk as jy praat van die groot groepe?

Albert: Nie noodwendig nie, maar dit is die voorbeeld wat ons genoem het.

*Quincy: Yes we need to do it in smaller groups, there is nothing wrong with say two or three families visiting me at home, and we do this likewise. But we need a radical change. The whole congregation must come to Thabong, and worship with us there,*

*now the next time the whole congregation from Thabong as well as Bronville arrange a day and say we are meeting at this particular church and have a service there.*

Albert: Ons gaan dan nie eers St. Helena toe, wat ons buurgemeente is nie. As ons sê ons het 'n gesamentlike diens by St. Helena, dan bly die ouens by die huis.

Hanlie: *The leaders, people who want to solve the matter, they must work together.*

*Quincy: That is a good point. A, I think you were there at the other church meeting, where I said the leadership here must play a role. We were discussing this question of the church getting together, the whole Dutch Reformed church getting together. We were saying unless the leadership does not decide for people, we create a situation where debates can take place within churches, they must actually lead the congregation towards unity. I am saying the bigger the group, when we get there, leadership should say – I don't want to see any member of the church in town, sitting next to each other, lets mingle, you must be sitting next to a person, totally unknown to him, and that is what we need to do. And that will be historical.*

*Hanlie: How far is language going to play a role? Or shall we use...*

*Quincy: I use to interpret for* dominee *Z. We use the same process. If we could tolerate... People say it takes too long. I say, yes, this is the price we have to pay.*

Albert: Frans wil al lankal iets sê.

Frans: Ek wil net bietjie terugbeweeg om die gesprek verder te vat. Die vraag is twee keer hier gevra – wil ons wit mense dit doen? Die vraag wat ek graag beantwoord wil hê van die deursnee swartman of kleuring is wil hulle ons graag daar hê, of word ons as witmense wat deel was van die proses, word ons ook nog gesien as 'n bedreiging, as deel van die ou regime se onderdrukkers? Ja dit is maklik om so 'n groepe so 'n probleem te probeer oplos, onthou die getalle, die verhouding van wit teenoor swart teenoor bruin dan wonder ek, ek vra myself die vraag af, ek het nie in beginsel 'n probleem met wat Quincy gesê het nie, ek dink dit is 'n goeie idee. Maar wil die deursnee ou ons daar hê.

Albert: Is ons nie dalk in 'n ... (einde van die band)

*Steve: One thing that we must have and focus on, I want a country, you want a country, when we die our children will live together as brothers and sisters, number one. Number two you and I must start now preparing for those children of us, I don't want when I die my child must take a gun and chase your child, then we will all die, because war has proved that it is futile. If we are willing to pay the price, I preach reconciliation, you don't reconcile with cheap things. You do it with expensive things. When God wanted us to reconcile with him, he made Christ die for us. Why are we not prepared to let our past die with us, so that my child and your child can live in a country acceptable to each other, that is my point. When we go, all white guys like to sing, all black guys like to sing, all black women like to sing, all white women like to sing. One thing that unites us in that church is the music, you start there and then you can move to other things.*

*Albert: You said earlier on...*

Hanlie: Ek wil gou 'n vraag vra, *I don't think he understood or there is a misunderstanding about the question.*

*Frans: The point I was making, and maybe you didn't specifically want to answer my question. The point I was trying to make, are we really and truly welcome in the black community. I'm not talking about the church, I'm talking in general. If you take the ratio, black to white, and the point I was making is we the white people were part of the oppressor, we oppressed the people because we were part of the white regime. Now the situation has changed, the question is, the majority of blacks or coloureds, do they really want us there or do they still see us as the enemy of the past?*

*Steve: No, perspectives need to be changed, and you don't change a perspective by standing* daar by die draad en sê ek gaan nie daaroor spring nie*. The point is that if perspectives must change, leadership must play a role, we need them, they need us. Right now I need you and you need me. I see no point in you not going to my house, and I see no point of not greeting you when passing on the street, that's the thing. If leadership can make a constructive engagement, I must be seen of part to be bringing change, not preaching change. Preaching here and bringing change are two different things; Jesus Christ said this scripture is fulfilled in your hearing, in Hebrew hearing goes with action.*

Ben: Hierso by Toronto is daar 'n klomp kindertjies, wit en swart, hulle eet saam, hulle speel saam, hulle is nie hier wittes en daar swartes nie, hulle speel saam, en by die skole, dit gaan vir die kinders baie makliker wees, vernaam vir die kleiner kindertjies, hulle doen als saam. So ook by die skole, dit word vir daai kinders baie makliker.

*Steve: Let me just help you, if you can check it, the march of the farmers, I was there. I do not have a farm, but those people did not chase me away, they welcomed me, because I support the common vision of this country. Why do we kill them, what have they done? Do you see, that is a constructive engagement, I will not stand there and say they have killed another farmer, but I will stand up when he says* dit is seer hierso." *Then I say yes* dit is seer daarso *to give comfort.* Daardie mense het nie gesê ons soek jou nie, jy is 'n swartman, jy het nie 'n plaas nie. Hulle het gesê kom*. That is how we work in this country. I feel hurt when a white man is killed, regardless by whom, I feel hurt, he is my countryman.*

*Albert: So even if we're not welcomed with open arms by every single person, we need to change that perspective by being there and doing the change, not just preaching the change. I find within the black community there is a whole lot more acceptance of whites than the other around.* Dit is werklik my ervaring, dat as mens met swartmense praat en lees wat hulle skryf, dan is daar baie meer vergewensgesindheid ook, in terme van wat in die verlede gebeur het. Hulle is baie meer bereid om dit af te skryf, en te sê kom ons vergeet dit, kom ons gaan vorentoe. Dit is nie altyd so by die blankes nie.

Linda: 'n Belangrike ding as jy wil hande vat, is mens moet van posisies vergeet, jy moet jou sien as 'n gewone mens, jy het 'n werk, maar as ons hier saam is, is ons gewone mense, en jy moet onderskei, daar moet nie neergekyk word nie, almal is gelyk. Wat ek gesien het, dit het vir my drie jaar gevat om die groep vroue te kry om van my te verskil, dis 'n proses wat plaasgevind het, daar was opregtheid en eerlikheid. Dit was amper soos 'n kleuter, hy lees jou lyftaal en nie wat jy sê nie, so jy moet jou alles gee. Jy moet eerlikheid en vertroue en respek inboesem om daai proses te kan laat plaasvind.

Albert: Die ideale voorbeeld daarvan is byvoorbeeld die vrou wat in die kerk werk. Hier by ons is sy die vrou wat die kerk skoonmaak. Ons as blankes is geneig om baie sterk in die hiërargie te dink van waar staan jy op die lys: burgermeester heel bo en skoonmaker heel onder, by wyse van spreke. Maar as mens nou gaan hoor, in haar kerk speel sy 'n baie leidende rol. Sy is een van die voorvroue in die kerk. Ons sien

haar as die "ousie" wat die kerk skoonmaak, met alle respek gesê. Ons sien haar bloot in daardie rol, terwyl sy op 'n ander plek buite haar werk, kom ons sê 'n vrou van aansien is, sy speel 'n prominente rol.

Linda: Dis wat ek sê, jy moet jou werk hê, maar as ons bymekaar is, dan is ons mense.

Albert: Dis baie sterk by ons blankes teenwoordig dat ons in terme van daai hiërargie dink, 'n posisie iewers, en dan val dit ook baie sterk saam met kleur, blank bo, bruin en Indiërs in die middel, swartes heel onder. Dit was ons perspektief.

Johan: Daai perspektief bestaan onder ons wittes ook. Dit gaan oor rasse en kleurgrense.

Albert: Ja, dit bestaan ook onder blankes.

*Quincy: I just want to say, we need people sitting around, this discussion here, we need to start from somewhere, that is active involvement in trying to bring people together, by doing, by wanting to see this reconciliation. I just want to mention, this man has done so much, that some people tend to forget God now and sort of respect this man more than God. This man Mandela, when he comes out of jail people thought he would be the first person to say, take your guns and kill the white. But instead of saying that, he said let us forget the past, let us move on and see how we can reconcile. We must actually be seen to be doing it. And this is the man that actually avoided a civil war in this country. If we can be seen to be actively involved, let me give an example: if you enter into a business situation, you do not see a white or black there, we are all equal, but once we leave our work environment, and start our social responsibilities, then that whole thing starts again. These are now white and these are blacks. That should be something of the past, we must move away from that situation. The relationship, the friendliness that we have in our respective businesses, if that could filter down, even when we have our social activities. That is how we must try to turn the situation around. Are the whites different the moment they leave their workplace? I said, when we are a Christian and going to church, are we different from the working environment? Why, when you are in church you feel that it is very difficult to unite because of the different cultures, but at work we are able to co-operate and understand one another so on? I am saying, we are the people as leaders of our respective communities who must take the lead. Unless we accept the past, our different cultures and so on, the separate way and not turn around and move closer to each other ... I*

*understand that the whites are more quiet in their way of singing in the church and so on, everybody enjoys singing, we dance, we do all sorts of things, we enjoy that. Unless we start getting together and not trying to change, but understand our various cultures, how we praise God and so on and learn about those things, we will not be able to have unity soon.*

Rose: Waarom dit seker moeilik is om in die kerk 'n eenheid te vorm, is dat die NG Kerk spesifiek, al die jare die *backbone* was van apartheid. Die NG Kerk het apartheid op Bybelse gronde geskoei, m.a.w. hy het teksies uit die Bybel uitgevat, en apartheid is daarmee geregverdig. Uit my eie persoonlike ervaring, toe ek begin het by die skool in Bronville, was ons die helfte blank en die res was kleurling, en seker vyf of ses jaar het ek nie my oë toegemaak as ons as personeel saambid nie, eenvoudig omdat ek nie op daai stadium vir myself kon uitmaak wie is my naaste nie. Is my naaste net kleurlinge? Of is dit swart? Uit die aard van die saak het ek nie 'n probleem met swart nie, maar hoe kan ek saam bid en die ou hier langsaan is nie my naaste nie. Hy, sy kan my beskou as haar naaste nie, want ek is minder mens, of liewer ek is nie mens nie. So hoe kan ek haar naaste wees. Dis waarom mense in die apartheidsjare ateïste geraak het. Ek het 'n persoonlike vriend wat gevra het, as God 'n God is van regverdigheid en geregtigheid, waar is hy as hy apartheid toelaat? Die mense wat nou werklik die rigting moet aangee, moet juis die kerkmense wees. Gelukkig kon ek na vyf, ses jaar my oë toemaak, want ek het besluit dat die Christus wat ek aanbid het gesterf vir my sonde, en of Frans glo hy het nie gesterf vir my sonde nie is Frans se saak, maar as hy sy oë toemaak en ek my oë toemaak en bid, dan bid ek vir Christus. Die Christus wat volgens my regverdig en geregtig. Soos wat nou genoem is, nadat mens meer met jou wit kollega te doen gekry het, het jy besef daar is nie werklik soveel verskille tussen ons nie, die een is maar net wit, en die een is swart. Ons het sekere lewenswyses, ons verskil op sekere dinge wat ons doen, maar ons voel dieselfde oor goed, ons ervaar goed dieselfde. Ons is mens, God het ons almal gemaak.

Albert: Die feit dat die NG kerk nou twee weke gelede by sy Algemene Sinode vir die eerste keer in sy bestaan in soveel woorde gesê het dat apartheid in sy wese sondig was... Hoe het julle dit ontvang? Was julle bly daaroor? Wat was julle reaksie gewees?

Rose: My reaksie was, dis nou hoog tyd. Ek gaan nou baie eerlik wees: Dit is hoog tyd, hulle begin darem seker nou Christene raak.

*Steve: My response was, I had mentioned it anyhow that unless the white church comes to terms of apartheid, this country will never reconcile, because the greatest supporters of apartheid was the white Dutch Reform. And in so doing, God is standing there and waiting for them to say, forgive us, this was wrong. Now we shall take books and go back to our brothers and sisters and say, let us reconcile. It is like the words of Ruth "Your people shall by my people, and my people your people, where you die, I shall die". Because now the truth has finally surfaced. Because people were denying that apartheid was wrong. It was a Biblical injustice, because the reconciling work of Jesus and the unity that Jesus was bringing, it was destroyed in total.*

*Quincy: Thinking about this situation, I said to myself, is it because people have now come to their senses, or is it because people are forced by circumstance? This is what I had in mind...*

*Albert: Was is words spoken from the heart or was it just words?*

*Quincy: Was it just to say, what can we do, we must follow soot. This is what came to my mind. It was said in so many words that we are for unity, but there are certain issues that are outstanding. In my own ways, unless you get into the real situation and fight from within, you will not be in a position to change whatever you dislike, you must get in there and then when you are in there, then this confession should be discussed. The two parties will then be within that meeting resolving the issue, but once we sit down, and you argue your point and I argue my point, we will reach consensus. Whatever you are not happy with, it can be changed. But once you stand outside and say "I am for unity, but I am not comfortable with one, two three". How do you talk to those who you negotiate with, they are out there, you are on the other side of the wall, you don't actually sit down and say I am not happy with this, I am not happy with that. How can we move forward? Let's unite, and within this united body we say, we am not happy with this, and the other party says yes it is because you people supported apartheid. Now we sit down and we consensus. The whole thing will be peacefully resolved, buy if people are saying we will keep our confessions and others say we are not satisfied with Belhar, when are we going to meet?*

Frans: Die gesprek is baie interessant, ons het nou al gehoor van al die negatiewe goed van apartheid. Ek wonder wat was die persepsie oor hoe het ons besoekers en die mense daar buite, bedoelende die kleurlinge en swartmense dit waargeneem toe daar 'n referendum in '83 was: moet die proses verander of nie. Of met '89 se

verkiesings, '91 die referendum, en uiteindelik in '94. Het hulle gedink op 'n stadium daar is hoop? Het hulle geglo daar sal verandering kom, dis wat ek wil weet? Die ander ding wat ek wil sê is oor wat Quincy gesê het van President Mandela. Ek het die voorreg gehad om hom te ontmoet en ek het saam met hom ontbyt geëet. Ons het ook vir Thabo Mbeki ontmoet op 'n ander geleentheid in Welkom, ek het die grootste respek en waardering vir daardie twee persone en die vergewingsgesindheid na 27 jaar in die tronk en daai tipe van goed. My vraag is egter, hoekom ek dit vra is om aan te sluit by wat Steve gesê het, toe hy verwys het na Martin Luther King, *and the changes that take place over two or three generations*: My ander vrae wat ek myself vra is, as die Nelson Mandela's en Thabo Mbeki's nie meer daar is nie, as daai geslag verbygaan en jy kyk na die jeug wat opkom, en dat ons dit vir mekaar sê, op 'n stadium was die perspektief gewees dat 'n militante groep van die swart jeug, wat skole afgebrand is en met klippe gegooi is. My vraag is net *in relation to what you said about Martin Luther King, how do you feel about the upcoming generation?* Gaan dit twee of drie geslagte vir hulle ook vat om te verander, het ons tyd, is die tyd aan ons kant?

Albert: Ons het nou al klomp vrae in die lug wat ons net op die tafel moet kry. *"You said something in the beginning Steve about the basic issues that need to be addressed, one of them is the land issue. If you get a chance to speak again, I would like you to expand on that. What are the other basic issues that need to be addressed in the new SA:* Daar is 'n klomp vrae wat nou nog moet beantwoord word. (Onduidelik, almal praat saam)

*Steve: I was answering the other question: we still have time on our side. Time is on our side when we act now. Die Bybel sê altyd nóú. Now, not tomorrow, if we don't act now we shall be too late. That thing is moving very fast, and the youth come from a militant culture. They are going to produced fathers and mothers that are militant, and what will happen? Do you want another war? Do we want another Bosnia? We don't want it. The Bible says if you want to repent, do it now, not tomorrow, now. If you want to do something, do it now, because if you don't use the time now, you don't know what will happen next time.*

*Albert: What about the referendum and elections in the past, how did you perceive it?*

*Quincy: I had to address a meeting after Pres De Klerk announced that there was a referendum, I thought it was a positive move, and I even commented and congratulated him on that particular decision, and everyone wanted to know from me how could you*

*congratulated him, and I said but this is a positive step towards change, and we need to support it, because that was a good move. And most people actually appreciated that. I think it was good because we were now moving towards the right direction. People believed that there was change coming.*

*Albert: But there is also another perspective...* Elsa, jy wou sê:

Elsa: Ek wil net 'n opmerking maak oor wat Quincy gesê het oor kerkeenheid, dat ons bymekaar en al ons probleme uitsorteer. Ek wil net vir hom sê dit sal maar swaar gaan met die Afrikaners daar binne, want die Afrikaners onder mekaar kan nie saamstem oor goed nie, as jy maar kyk hoeveel Afrikaanse kerke het ons en hoeveel Afrikaanse politieke partye het ons. Om te dink dat die kerk ooit gaan verenig en saamstem oor goed, ek weet nie, maar ek kan dit amper nie glo nie.

*Quincy: This is where we say, those who believe in change and want to see a positive change must actually now make (up) their minds and say this is what is good for us, this is what is good for our country, good for our children. And you must seem to be moving along with those who are wanting a positive change, and leave those who are not actually for a positive change. If in this church there are people who say, we are not for unity, why not stand even if it is alone and say – I am for unity, and this is what I am going to do now, I am going to move for a change towards unity. We must be seen to be bold enough. We shouldn't be too scared for the world when they criticise us, we must go for a certain mission, that is reconciliation, and we must bring the people together.*

*Steve: Let me must help him here. This country will not have passed the abortion bill if the Christians had one voice. Now because we are divided... (onduidelik). The Americans stand united as is, because Christians have one voice. There is the Christian Coalition there that talks with one voice. They say we shall not be ruled by a President who is not a Christian, amen. And no other thing. That is why it is so important, all the TV stations in America, CBS, when it starts with a C it is a Christian TV station. Where in our country, they want to close down the Christian voice, because it is critical, about corruption, about everything, about abortion. If we don't act now, we shall never have one voice as Christians, we serve one Christ, but we don't have one voice.*

*Hanlie: But don't you think politics is playing such a strong part, I'm sorry if I sound negative, but I don't see it happening politically. I can see it on humanitarian grounds that churches and people get together, but I cannot see that everybody who's a Christian, for instance deciding we will vote for the ACDP and we will all then be once voice.*

*Steve: No, one voice this way, if government say, we wants to pass a bill that affects our conscience as Christians, such as abortion, the Lord say be fruitful and multiply, He never said go and do abortion, my child come to me today and say I want to make an abortion because it is my human right. But this is the point, where are we as Christians? The move of some to take it to court, was just to save the face of Christianity, but if we stood up to government and say, remember we voted you in as Christians, because 78% of this country is Christians. Now government cannot listen to so many Christians?*

*Hanlie: There are too many issues that people are worried about, they are worried about just still being alive, just surviving, that it wouldn't hurt the government if a very big group, say if you carry on with that kind of thing, we wouldn't go on paying taxes.*

*Quincy: I just want to follow up on your comment, who are actually the voters? The majority people of voters in this country are Christians.*

*Hanlie: I don't know. They will say they are Christians, but are they? The fact that they belong to a Christian church, I don't know whether that really mean that they are Christians.*

*Quincy: If you approach it from that point of view, it is a different story, but what is their job preaching to us every Sunday?*

*Hanlie: I'm not talking about the leaders, I'm talking about the average person, if you make the statement that 70 – 80% of voters in SA are Christians, and I'm saying I don't think so. I think they are Christians in name, that they belong to a certain church. I think if you take any group of people, in your business, in school and you just take 20 people out, you will find that there are people for example doing the things we are not suppose to do, which does not mean they don't believe in Christ, but to whom abortion is not an issue.*

*Quincy: From that perspective, I was thinking that if we as Christians could stand together, the so-called Christians and people believing, it would be a dream.*

*Albert: We need to start winding up. Our time is running out.*

Rose: Die mense hier wat werklik iets aan die beweging moet sit om te *reconcile*, dit moet die Christene wees, en as so luister na Hanlie dan moet ons natuurlik sê die opregte Christen, dis al ou wat werklik hier 'n verskil gaan maak.

Linda: 'n Mens is so geneig om te sê ander mense moet begin om 'n ding te doen, my uitgangspunt is dit wat ek daagliks doen, moet 'n verskil maak. So wat jy doen uit jou Christenskap, uit jou getuienis, moet 'n verskil maak. En as jy nie verskil maak nie, gaan terug en kyk na wat jy verkeerd gedoen het. Al het jy net een mens geraak, het jy al veel meer reggekry as wat jy net teruggesit het en gewag het dat die kerkleiers iets moet doen. Nog 'n punt, is dat ek dink ons vroue kan die ding doen.

*Steve: She's right, in the African community they say, teach one man, you have taught one man, teach one woman and you've taught millions.*
*Hanlie: I just wanted to ask one more thing, they were talking about school and the new generation and about possibility of violence. I pick amongst the young people, a feeling of really no specific admiration for Mandela. Am I wrong? I'm talking about school going children.*

*Steve: There is a problem there. The problem is, what they thought he would let them do was warfare. He did not say that, he said go to school and do warfare with your books, our children go into the street and say toi-toi or go and kill so and so, they will do it very quickly, but if you say "boekevat" then they have a problem.*

*Hanlie: To me it was upsetting, that the man that I only now recently realised was the biggest hero in SA, is not that to the youth of his own people. "*Daardie ou man, hy kan loop..." *sê hulle vir my.*

*Steve: The problem is it is the Mokaba generation, he stands there in Parliament and toi-toi.*

*I: That is still my concern.*

*Steve: But I and you can still reform the government as a church. If we act now and not wait for the generation of Mandela to pass, because when that generation has passed, there will be no more voice of sanity, because Mandela can say "you stop that".*

*Albert: We must see that the next generation is right by the time they move off. Mandela and the others.*

*Quincy: I have had an opportunity about three weeks ago when they were launching the tourism board here and Peter Mokaba was actually a speaker that evening. What a changed person! He has now matured, he was so constructive, because of his background, some white people made a noise about crime and that, he responded to them in a professional manner. A very cultured and polished man. He is completely different now. I am saying beyond the Mandela and Mbeki era, there will emerge other leaders who will be in a position to say we do things in a responsible way and this is how things is to be done. It is just a question of the Mandela-era now, because of this situation we have just gone out of, he is seen as a hero but let me tell you, let him go next year and Thabo Mbeki take over, in a year or two standing in his position as President will also be seen as a hero, so will leaders as generation go on. So we must not ask what happens after the Mandela, Mbeki era, that is not a problem. As they develop, there are other responsible emerging leaders who will then be coming up.*

*Hanlie: We must make them, the teachers of our country.*

*Quincy: You are right, and also the approach of the succession plan of, which Mandela himself has done with Mbeki. If people could embark on that succession plan with ongoing education then we will not have that type of problem*.

Rose: Ek het dieselfde *concern* as wat Frans het, omdat selfs onder ons, die sogenaamde Kleurlinge is die vrees vir die opstand tussen die jongmense. Dit gaan oor, soos hy gesê het, Mokaba het volwasse geraak en sy siening het verander. Vir die jongmense gaan dit nog steeds oor hulle het nie dit wat die ou in die dorp in het nie, dit gaan nog steeds oor die een het minder as die ander, en dis waarom die opstand nog steeds daar is, en dis waarom daai disrespek vir Mandela daar is. Want hulle het ook gedink as Mandela oorneem gaan ons onmiddellik ook soos die blankes in die land van melk en heuning beland, en dit gebeur nou nie...

Hanlie: Dis nou die Kaap waarvan jy praat, die land van melk en heuning. (Onderlinge reaksie van die groep)

Linda: Dit is perspektiewe wat hulle het van die dorp. Hulle moet na my toe kom dan gaan wys ek vir hulle die dorp, hoe sleg kan dit gaan.

Rose: Dit is omdat daar nie kontak tussen die twee groepe is nie. Vir hulle lyk dit net asof dit beter gaan.

Albert: Nog 'n laaste opmerking?

Elsa: Quincy het nou gepraat van "heroes". Dis vir my wonderlik dat hulle "heroes" het wat opkom. Vir my is dit skielik 'n vreeslike leemte in my lewe. Ons het grootgeword van kleins af met die leiers van ons volk, hulle was ook ons "heroes" gewees. Ons het so geglo, ons het nie anders geweet op daai stadium nie. En skielik nou dat ek 'n grootmens is, na alles wat gebeur het in ons land, voel dit vir my die mat is onder my voete uitgetrek. Ons het nie meer "heroes" onder ons volk nie: Verwoerd, De Klerk, almal het voete van klei gehad. Dit voel vir my ek is half in 'n woestyn, hier is nie meer van my eie mense, in wie ek kan glo, en na wie ek kan opsien in hierdie land nie. Dis vir my 'n vreeslike slegte gevoel.

Albert: Ek dink die blankes het daai behoefte op hierdie stadium. 'n Mens sou natuurlik die skuif kon maak, die vraag moet vra, moet daai helde noodwendig uit die blanke geledere kom.

Hanlie: Van nou af nie.

Elsa: Nie noodwendig nie, maar dit is vir my sleg. Die gevoel dat ons helde, die mense na wie ons opgesien het al die jare, is niks.

Hanlie: Dit is vir ons kinders ook 'n groot probleem, selfs in 'n skool waar almal deurmekaar is. Die wit kind voel hy het nou nie voete om op te staan nie. Ek vind dat die wit kind en die kleurling kind, omdat die taal dieselfde is, geweldig 'n invloed vorm by ons.

Albert: Hulle vind mekaar makliker.

Hanlie: Baie maklik. En hulle gaan staan baie maklike apart ook.

Elsa: Ek wil graag vir Rose nog iets vra en ek wil terug gaan heel na die begin toe. Het daar nie onder die kleurlinge, was daar nie ook 'n soort rassisme teen die swartmense nie. Het julle nie ook gedink julle is beter as die swartmense nie. Was daar nie sulke trappies in ons samelewing nie?

Rose: Definitief, ek het dit ook aan die begin opgehad (op my lysie). Dit wa ook een van die mikpunte van apartheid, om ons ook te skei. Hulle het dit baie goed reggekry. Jy het gepraat van die Kaap, in die Kaap gaan jy dit definitief voel, dis wit, dis kleurling en hy sê hy is 'n Kaapse Kleurling, en dis swart, dis soos ons opgegroei het.

Albert: Ben, opmerkings van jou kant? Jy het nou die eerste dele gemis, maar dankie dat jy teruggekom het.

Ben: Ek het grootgeword op 'n plaas, vir my is daar nie so vreeslik probleme nie, ek het saam met die swartes gespeel, ons het 'n haas doodgemaak en saam geëet. Soos ek julle gesê het, ek het sewe en veertig swart busbestuurders hier in Welkom gehad, en dit was nie vir my moeilik om belangrike mense en verantwoordelike mense raak te sien nie. Ek glo dit vat 'n bietjie tyd maar ek glo daar is 'n toekoms vir ons.

Johan: Ek was nou baie stil, want ek het gekom om te luister. Ek het baie mooi dinge gehoor, wat vir my hoop gee. As ons in hierdie klein forumpie kon gesels het, dan hoop ek ons kan mekaar in die groter groep vorentoe ook mekaar vind. Die boodskap wat ek kry, *respect and understanding* dit is waarop ons hele toekoms gebou moet wees. Respek vir mekaar se verskillend wees, of begrip dan eerder vir mekaar se verskillend wees, dat ons nie almal dieselfde sal wees nie, maar nie dat die een minder as die ander een sal wees nie. As ons daardie respek en *understanding* het, sien ek net mooi dinge, Ek hoop maar net die toekomende geslagte sal ook so daaroor dink soos ons hopelik daaroor dink.

*Quincy: I think in conclusion, I want to say, the problem is, we look at situations externally. Where we should probably be looking at our own selves and say what can I do to make the difference, It start with self, it really starts with the self. Let's not look out there and say, this is what they do, this is what they have been, but what is it that I, as an individual, am doing to make sure that the question of reconciliation works. Active involvement, it starts with self.*

*Danie: Iets wat ek van die begin af gehoor het hier in ons gesprekke en wat ons ook met mekaar gedeel het, van die begin af, is die menswaardigheid van mense. To have a mutual feeling for the dignity, self-respect of people, respect for each other and self-respect. Ek kan net vir Quincy sê, ek het baie goed met hom geïdentifiseer toe hy gepraat het van ds. Z. Daar is darem ook goeie ds. Z's. Linda se pa is een. Wat interessant is, and I've also been worked out by a white dominee, I can share that feeling with you.*

*Steve: In summing up what I want to say, the winds of the past unless properly addressed now, will re-surface again. The land issue, people that were dispossessed of their land by the law of 1913, the land act, should be given their land as soon as possible. As soon as that is done, we have closed the past with dignity, when that is done we have given the people what belongs to them rightfully. I think that the government must buy that land from somebody but do so and give it to those people and then reconciliation will come. I can tell you right now, but do so, and reconciliation will come, because I can tell you right now a lot of people is frustrated, because they say the government is very slow, it does not address the immediate needs, but what confronts us now is the economic needs of this country. It doesn't say you are white, or black or coloured, or Indian, it says you are equal. And if that issue of land can be addressed quickly, some can work on the land so that there can be food and not go and steal from the farmers. If you look at the situation differently: there is no land, we will take what is ours from the farmers. Forty sheep were stolen in one night, that means in two days it is more than 100. People are very angry. But when people go out and steal they say we take what is rightfully ours. Because our land was taken we are prepared to go out and take back.*

*Hanlie: Yes, and even the criminals go and use it as an excuse.*

*Steve: That is the issue, let us go and address all critical issues as matters of urgency. When there is urgency you do it quickly and close the chapter. We cannot go and close the chapter after the election of 1999, and still say were are going to re-evaluate the restoration of land when it was supposed to have been done in this five years. Let us look at the situation in Zimbabwe, the thing they should have done in the first five years of Mugabe's office, they are doing it now. Now they say the white man has too many farms, let us go and take them. Now I don't want that to happen here, because when that happens here whites will say let us go and fight, "dit is ook ons vaderland". That is*

*why I say, as peacefully as it was, whites was still prepared to sell their land, for what, it was for government to act very quickly, it was supposed to be a radical change. Whites were prepared to say if I have 7 farms, I am prepared to give 3 and keep 4. So now, when that is not done, the wounds of the past will resurface again, and other problems steps up, if you can look at the killing of the farmers now, it is a issue that the government should long ago addressed, they go there and say, there is money there, these people are rich, they enrich themselves and this is part of our land, now we are going to kill them. Now I say, let us go and address the issues of consent with urgency.*

*Hanlie: But we can't address it, we that are sitting here we cannot address that issue.*

*Steve: No, but your voice counts, it is a democratic country …*

*Hanlie: But I mean, when will my voice count?*

Danie: Julle sal onthou dat die aand toe ek die apartheidsinligting aan julle deurgegee het, waarom apartheid ontstaan het, was dit presies nou wat Steve sê, het ek daardie aand gesê. Een van die grootste probleme van apartheid, was die 1913 grond wet, die grond hervormingswet, dis presies wat ek gesê het.

Frans: Al wat ek wil sê is dat ek bly is dat Rose en Steve en Quincy hier was vanaand. Dit was vir my baie insiggewend gewees om te hoor hoe het hulle dinge ervaar en beleef, en hoe hulle die toekoms sien. Mens kom tot die slotsom, ons as hierdie groep het werk om te doen, ons as Christene het werk om te doen, ons sal werklikwaar drastiese dinge moet doen om die raakpunte te identifiseer en by 'n land, 'n situasie, 'n volk van eenheid uit te kom wat op 'n gladde see of gladde water vaar, ek dink ons het 'n lang pad om te gaan.

Albert: Ek wil aansluit by wat jy daar sê, ek dink ons het 'n langerige pad om te loop, maar daai pad gaan nie vanself geloop word nie, ons sal moet voorloop, ons sal moet ook die pas aangee op 'n manier. Ek het dit aan die begin gesê, en ek gaan dit weer sê, ek dink, ek hoop dit wat in die groep doen met mekaar, dat dit deel sal wees van die proses tot 'n meer suksesvolle toekoms vir hierdie land waarin ons is. Rose, Steve, Quincy, baie dankie vir julle almal wat gekom het, ek dink dit was een van ons lekkerste gesprekke gewees, baie sinvol. Ek kom al hoe meer tot die oortuiging soos wat ek nou die proses deurloop het, ook na aanleiding van my gesprek met Beyers Naudé dat dit wat ons hier doen net die begin is, vir myself in elk geval. Dit is maar net

'n leerskool vir iets wat ek nog vorentoe sal doen, maar ek het 'n behoefte daaraan dat ons bymekaar moet uitkom, by mekaar moet hoor en dan op 'n manier vorentoe kan gaan. Baie dankie vir vanaand. Baie dankie dat julle bereid was om tot nege uur hier te sit. Gelukkig het ek 'n tweede band saamgebring. Ek is net jammer vir my tikster.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid** – Gesprek 8: 19 November 1998

Albert: Ons het nou uiteindelik by die einde gekom, dit is nou vanaand amptelik ons laaste byeenkoms, ons het ons agt gehad soos oorspronklik beplan. Ek het nog nie die transkripsies van die vorige twee geleenthede nie, dit is nog by die tikster. Sy was siek en daarom is dit nou agter. Ek het notas gemaak, daar is vier sake wat ek neergeskryf het wat ek dink ons nog aandag aan sal moet gee. Op 'n stadium het ons 'n beplanning opgestel oor wat ons nog gaan doen met al die sessies, en die goed wat beplan is vir die laaste sessie, vanaand se sessie, is twee sake. Die een is die vraag oor regstellende aksie en die ander een is, hoe nou vorentoe? Nou dit bly nog steeds ons oorwegende gedagte, maar ek wil drie ander sake ook noem, dit is wat ek kry uit die terugvoer. Uit die terugvoer wat ek kry van my een medewerker in Johannesburg, en van die sake wat ek optel en mettertyd neergeskryf het, is daar drie ander sake waaraan ons ook aandag moet gee. Wat beteken dit en wat gaan dit vorentoe beteken om Afrikaner te wees, en daarmee saam die vraag om blank te wees in die nuwe SA: Ons het gister hier gesit en onderhoude voer, en dit laat mens die vraag vra wat beteken dit om Afrikaner te wees waar ons 'n klein minderheid is en gewoond was aan ’n beter posisie. Die ander saak, wat ons al in 'n mate aandag aan gegee het, is die vraag oor kollektiewe verantwoordelikheid. Nou wil ek graag vir julle die paragrafie lees wat een van my medewerkers skryf. “’n ander kwessie wat teenwoordig is, maar nog onderontwikkel is in die gesprek, is die kwessie van kollektiewe verantwoordelikheid vir apartheid, met ander woorde het die blankes as 'n groep, 'n verantwoordelikheid teenoor die swartes as 'n groep. Dit is trouens die beginsel waarop regstellende aksie berus, my indruk is dat die groep dit nog nie goed deurdink het nie”. Die sake wat daarmee saamhang is regstellende aksie en gelyke geleenthede. Ek sou graag wou hê dat ons daaraan ook moet aandag gee. Enigiets anders wat ons nog moet sê voordat ons aangaan? 'n Paar ouens het verskoning gemaak vanaand: Hanlie, Danie en Linda het elkeen 'n funksie aan vanaand en Ben het ook gesê hy kan nie hier wees nie.

Elsa: Ek sou graag wou sê oor regstellende aksie, ek voel dit moet daar wees, maar in hoe 'n groot mate, en hoe dit regtig moet wees kan ek nie self vir my persoonlik uitmaak nie. My gewete sê vir my daar moet regstellende aksie wees, en tog maak dit mens seer ook, ek meen jou kinders en kleinkinders en jyself kom in gedrang. So in hoe 'n mate dit toegepas moet word weet ek nie regtig nie, maar dat dit daar moet wees, dit glo ek.

Isak: (Onduidelik) … teikens in 'n spesifiek 100% raamwerk nie, ek kan nogal… ek stem saam, dit maak seer, dit het ons almal al op een of ander manier geraak. Daar is 'n ander sy ook, ek weet nie of jou kollektiewe verantwoordelikheid teenoor die swartes hier inkom nie, ons gaan nou onderhoude hou vir drie poste. Een pos is nie 'n probleem nie, daar is net swart kandidate. Ander pos gaan dit oor mense met rekenaar opleiding, daar is baie min swartes wat oor die vaardigheid besit om rekenaar opleiding te doen. Daar kan 'n blanke dalk die pos kry en kan geen vrae vra nie. Maar die derde een is daar volop aansoekers, dit gaan oor taal, en daar is volop kandidate van die swart gemeenskap. Een van die aansoeke is 'n blank persoon, en in ons terme is hy definitief die beste persoon vir die pos, dan is daar drie, vier ander swart persone wat nog jonk is, wat hierdie jaar begin onderwys gee het. As jy kyk uit 'n swart perspektief, kan ek verstaan hoekom sal die mense regstellende aksie wil hê, want die blanke persoon kom met 'n duur Duitse motor kollege toe elke dag, dis 'n getroude vrou, en sy het tien teen een nie die pos nodig nie, of sy het dalk, ek weet nie. Terwyl die ander mense almal jonk is, almal het uit die sogenaamde *deprived communities* gekom en die verwagting, en ek kan verstaan as die swart gemeenskap sê maar hoe kan julle vir haar die pos gee, sy het dit nie nodig nie. Terwyl die ander mense wat 'n loopbaan moet bou in die nuwe SA, wat min geleenthede gehad het, dit is waar mens dinge sien binne-in 'n raamwerk, dit is wat hulle van ons verwag ook. As jy moet voluit gaan weet jy wie is die beste persoon, maar daar is ander emosies wat ook bykom, en dit maak dit moeilik.

Frans: Om aan te sluit dit is wet, dit gaan deur Wetgewing op ons afgedwing word. Dit is klaar daar, dit moet nog net geïmplementeer word, waar die groot maatskappye moet sê wat is hulle plan van aksie, hoe gaan hulle dit implementeer. Hoe ons dit gaan hanteer is 'n ander probleem.

Mike: Daar is egter baie wat saamgaan met regstellende aksie. Dit is in die begin, soos enige iets anders, is dit teen-produktief, en dit sal nog so wees vir nog lank. Ek werk vir 'n maatskappy wat al vir seker twintig jaar regstellende aksie as deel van hulle beleid het, en dit het hulle 'n groot klomp geld gekos, want opleiding vir anderskleuriges het hulle baie geld gekos. En omtrent 80% van daai mense wat opgelei is deur die maatskappy, is opgeraap deur buite maatskappye wat hulle meer geld aangebied het, sodat hulle kan sê ons het ook regstellende aksie as beleid, maar hulle was nie bereid om die opleiding daarvan te betaal nie. So dit gaan, as die groot maatskappye nie bereid is om die opleiding te doen nie, wat hulle geld gaan kos nie, dan gaan gebeur wat ons groot vrees is, dat mense in poste ingesit gaan word sonder die nodige

opleiding, bloot om regstellende aksie te doen. En dan kry jy dat vir 'n lang termyn, gaan jou produktiwiteit lei daar onder, want daai mense moet eers op 'n vlak kom waar die mense was wat hulle vervang het. Dit is die negatiewe kant, vir 'n hele ruk gaan dit die land se produksie affekteer. Maar daar is geen ander uitweg nie. Hoe gaan jy dit anders hanteer, dit is nie prakties moontlik om hulle eers almal op te lei en dan in poste in te sit nie. Dit is die lewe waarin ons lewe, dit gaan lank vat en die mense wat wel bereid is om die opleiding te doen, gaan betaal daarvoor en die mense verloor. Want jy kry die ander *pirate companies* wat sê ek het 'n swart ingenieur in my diens, maar gaan vra wie het hom opgelei, dan sal hy sê ek *worry* nie wie het hom opgelei nie, solank ek hom net het.

Karin: Dis die probleem wat ek met regstellende aksie het, is dat baie van hierdie goed is nie opreg nie. Die mense doen dit om te kan sê, dan is dit mos nie reg en regverdig nie. As mens iemand in 'n pos aanstel, moet hy daai tipe werk kan doen en hy moet voluit gaan. Dan is dit 100% reg en regverdig en dan word daai persoon ook nie uitgesluit van die groep nie. Want as iemand aangestel word as 'n *figurehead*, dan bly het net dit, hy raak nie deel van die groep nie.

Albert: Wat maar net *tokenism* is op die ou end, dit is seker altyd 'n gevaar met iets soos regstellende aksie. Ek dink Mike wat jy daar gesê het dat julle al 20 jaar daarmee besig is, miskien was dit meer gelyke geleenthede, 'n *equal opportunies company*. Hoe dink ons aan regstellende aksie? Dink ons aan regstellende aksie as vergelding om die blankes terug te kry, of verstaan ons regstellende aksie anders?

Johan: Ek het verlede week 'n werkswinkel bygewoon oor die nuwe *Employment Equity Act*, wat deur die kamer van mynwese se *HR manager* aangebied is. Die persoonlike ervaring wat ek daar gehad het toe die man die definisie van *Designated Groups* behandel, wat nou vroue, swartes en gestremdes is – ewe skielik is ek 'n nonentiteit, ek bestaan nie, 'n wit man bestaan nie meer nie. My gevoel is ja, dit is vergelding wat gebeur het. Dit laat my glad nie goed voel nie. Dit laat die meeste Afrikaner wit mans wat nog ver van aftrede is, geweldig bekommerd word. Ek kry 'n arme besigheidsman jammer wat sy eie besigheid het wat meer as 50 werksmense het, hy moet nou (mense) aanstel wat miskien glad nie eers geskik is nie, maar hy moet omdat die Wet so sê. Ja, ek dit maak seer. Nou kan 'n mens seker dink hoe seer het dit die ander mense nie gemaak nie. Maar is dit 'n manier om dit dan nou reg te stel?

Mike: As 'n mens na praktiese voorbeelde kyk soos in Zimbabwe, wat nou weer gebeur het, waar Mugabe 181 plase by die blankes weggevat het en vir die swart boere gegee is, is dit regstellende aksie of is dit absoluut beroof... Ek sien regstellende aksie in sy werklike … – seker nie in *the real world* nie – as geleentheidskepping vir ander mense en dan die opbou van die minder bevoorregte mense om hulle op te bring na 'n vlak toe. Maar vir my, om mense wat klaar bo is, af te breek om dié daar in te sit, maak jy totale land se breinkrag nie beter nie, jy breek af. Hoeveel mense verlaat die land as gevolg hiervan, ons verloor breinkrag en jy sit ander in sy plek, so die land se gemiddelde breinkrag word nie meer nie, dit word net verskuif van een groep na 'n ander groep. Dis nie regstellende aksie nie, vir my is regstellende aksie, as ek soveel kan produseer en deur ander te help en hulle op te lei, kan ek my produksie vermeerder sodat die inkomste meer is, dan stel ek dinge reg. Maar as ek nou mense inbring wat my produksie laat val, wat die inkomste van die land verminder, wat stel ek reg?

Isak: Maar jy sien Mike, ek dink die hele ding van regstellende aksie, hoekom dit vir die nuwe regering so belangrik is en hoekom dit van die begin op hulle agenda was – en op sekere vlakke kon hulle dit regkry en ek kan net praat van die onderwys en nie van die ander staatsdepartemente nie. Maar as dit kom by die ouer garde, mense wat 25 en 30 jaar diens gehad het, hulle kon net nie die druk en verandering aanvaar nie. En hulle is uit met pakkette en so aan. Maar op ons vlak, die laer of middel bestuursvlak, hulle sê "julle wil nie transformeer nie", “julle wil nie verander nie”. Daarom gaan ons julle dwing om te verander. Op ons vlak is daar baie wit bestuurders, en nou sê hulle jy is wit en jou topbestuurmense is wit, julle persepsie van swartmense is hulle is nie goed gekwalifiseer en bekwaam nie en julle gaan julle nooit aanstel nie. As julle in bestuursposte net blankes gaan hê, dan gaan dit nie werk nie. Nou kom hulle en sê nou gaan ons julle dwing. Ons is gedwing om transformasie te doen binne drie maande. Hulle gaan daai wet ook op ons toepas, totdat ons nou besef ons moet 'n swart persoon vat. 'n Prominente kollege in Pretoria, hulle het vir ons hulle beleid gestuur oor *Employment Equity*. Hulle personeel is ook tradisioneel wit, tot tyd en wyl hulle personeel die *demographics* van die samelewing gaan reflekteer moet hulle daardie beleid volg, hulle gaan nie noodwendig die beste kandidaat aanstel nie, hy moet net aan die vereistes voldoen en die potensiaal hê om die werk te doen. Ons sal moet vrede maak daarmee, die boodskap is duidelik, as jy dit nie self gaan doen nie, gaan hulle dit op jouself afdwing.

Naomi: Ek wil net iets sê oor die gesondheidsaspek by die Staatsdiens, daar by ons het verskriklik baie skuiwe plaasgevind, op so 'n manier dat dit 80 – 20% is, 80% swart, 20% wit. En my persoonlike gevoel is, dat swartmense wat in 'n magsposisie geplaas is, daai mag baie maklik verkeerdelik gebruik teenoor die blankes. Dit is nie net my gevoel nie, dit is reg deur die Staatsdiens waar ek nou op die oomblik werk. Ons voel dit aan ons en ons het elke dag daarmee te doen. Ons word bedreig en ons word gedreig. Jy word uitgewerk uit jou posisie uit, dat jy nie meer daar wil werk nie, jy is half gedwing om ander werk te gaan soek.

Mike: Ek kan simpatiseer met wat Naomi sê, want regstellende aksie wat te ver gedryf word is gevaarlik. Ek het dit beleef by my. Ek het 'n voorman onder my wat ons ingesit het reeds deur regstellende aksie. Hy is nou twee jaar daar, en sy hele werkspan is swart. Hy het seker gemaak dat hulle uitgewerk is en party van die blankes het nie daarvan gehou om vir hom te werk nie en daarom het hulle noodwendig uitgeskuif. Hy het nou wat hy wou gehad het, so wanneer hulle regstellende aksie te ver dryf, dat die meerderheid nou weer 'n ander ras is, is die kanse baie groot dat die blanke heeltemal verstoot word. Maar die teenoorgestelde is by ons ook waar, ek vind dat in laer klasse van werk, wat altyd tradisioneel net swart was, dat ons nou blanke, werkloses kinders uit die skole uit, kinders wat miskien op skool nie so goed kon vorder nie, in daai posisies aangestel, met ander woorde daar was regstellende aksie in die teenoorgestelde rigting. So regstellende aksie is nie net van blank na swart nie, dit kan ook in die teenoorgestelde rigting wees. As die regering se redes vir regstellende aksie edel is, behoort dit nooit 'n probleem te word nie. Maar ons weet nie of van die mense wat in hoë posisie is, soos by Naomi, dalk nou doelbewus die blankes so probeer afbreek dat hulle noodwendig uit die gesondheidsbedryf sal probeer padgee, en dit word naderhand 'n swart bedryf.

Elsa: As ek nou so luister na ons almal, is dit ironies, as ons vat wat vroeër jare gebeur het. Ons het vir ons eie mense gesorg, ons het nie swartmense toegelaat in posisie nie, en noudat hulle dieselfde doen – goed ons het nou so 'n halwe meerderwaardige houding, en seker met reg ook, want ons mense is wel beter opgelei – maar dit is nie vir ons lekker nie, en ons kla nou daaroor, maar die mense doen nou eintlik wat ons vroeër jare gedoen het.

Mike: Jy is 100% reg, maar die groot verskil is dit het verander, ons wil net nie hê dit moet na die teenoorgestelde verander nie, want dan gaan die land maar presies wees waar hy was, miskien net erger. Wat ons sê is die balans moet gehandhaaf word. Ek is

nou 30 jaar in die bedryf waarin ek is, en in daai tyd was daar baie meer swart ingenieurs universiteit toe gestuur as blankes. Hulle is opgelei as ons ingenieurs, en hulle sit vandag oorsee, en by ander plekke soos Eskom, Iscor. So dit is nie so dat hulle nie die geleentheid gehad het om daai posisies te bereik nie. Ons het miskien privaat, in ons privaat lewe, of in die onderwys gesê julle is nog nie reg nie. Maar ek stem nie met jou saam dat ons nou presies wat ons gedoen het, nou bekommerd is dat hulle dit gaan doen nie. Ek glo nie die doel is dieselfde nie, ek dink nie hulle is van plan om …

Albert: Ek is nou moedswillig. Dink jy regtig ons was so edel gewees?

Mike: Ek praat van maatskappye.

Albert: Ja. Bedoel jy regtig maatskappye was so edel gewees?

Mike: Waarom het hulle dit destyds gedoen? Waarom het Anglo dit destyds dan gedoen?

Elsa: Anglo het dit gedoen om sy eie bas te red, en op die oomblik is Anglo besig om te onttrek uit die land uit, want hulle is so bang dat hulle op die ou end van hulle rykdom sal moet oorgee aan die regering. So hulle het jare terug hierdie tipe aksies begin doen om hulleself …

Mike: Dis 'n persoonlike opinie, jy weet dalk meer van Anglo af as ek, ek gaan nie met jou stry nie.

Elsa: Dit is my opinie van buite af.

Mike: Jou man sal vir jou kan sê Anglo is die grootste maatskappy in die wêreld en al wat ek sê is dat as daai mense 20 en 25 jaar terug swartes opgelei het vir sekere poste, was dit dan omdat hulle onder druk was van die staat of die regering of vir watter rede was dit? As dit dan nie was omdat hulle gevoel het ons moet doen wat reg is nie?

Elsa: Goed, maar jy praat nou van een maatskappy in die land, dit het nie in die algemeen so gegaan nie.

Albert: Ek wil nou net vra, as ons nou die besoekers van verlede keer, die swart mense, sou vra om kommentaar te lewer op wat ons nou hier sê, dan wonder ek nogal wat hulle reaksie sou wees.

Johan: Dis juis wat ons probleem is, ons stem almal saam rassistiese wetgewing was foutief. Ons het sover gegaan om te sê dit was sonde. Nou, 'n stuk wetgewing wat uit en uit rassisties is, is nou ewe skielik reg. Dit is uit en uit gebaseer op rasseklassifikasie. Ek glo dit nie.

Karin: Ek het in hierdie week 'n finansiële instelling gebel om werk te soek vir 'n gestremde, toe is daar reguit aan my gesê hulle het vakatures, maar dit is slegs vir swartes. Toe sê ek hierdie persoon is gestremd en sy is 'n vrou, dit is 'n regstellende aksie aanstelling, gaan lees jou wet. Toe sê sy jy hoor nie wat ek vir jou sê nie, ons mag slegs swartes aanstel.

Albert: Dis hoekom ek die vraag gevra het, want dit lyk vir my belangrik om daaroor te praat: is regstellende aksie bloot 'n vergelding, of is daar 'n stuk restitusie, 'n stuk regstelling van 'n ding wat oor jare verkeerd geloop het in regstellende aksie. As jy 'n situasie het wat verkeerd geloop het, en jy moet hom regstel, dan is dit 'n moeiliker storie.

Isak: Dis 'n belangrike ding… (Band baie onduidelik rondom iets van rassisme) … daar is ou swart mans wat in goeie Afrikaans vir Verwoerd uit die Hansard sal aanhaal, maar op die oomblik is dit vir ons wat daaronder lei 'n baie traumatiese ervaring. Vir hoe lank gaan dit wees voordat dit alles reggestel is?

Albert: Nou kom die argument in, van ja dit is diskriminasie want dit is uit en uit op ras gebaseer, nou word die frase gebruik, regverdigbare diskriminasie, *justifiable discrimination*.

Mike: Kan dit ooit geregverdig wees?

Johan: Daai tyd was daar ook geglo dat dit geregverdig is. Wat het nou verander?

Mike: Ek hoop net oor 50 jaar gaan hier 'n groep swartes sit en sê, het ons regtig die regte ding gedoen om die blankes so uit te werk, om wetgewing te maak van *affirmative action,* dink julle nie ons het ’n fout gemaak nie? Dan sit hulle net soos ons

en sê dit is hoekom dinge is soos dit is. Want mense leer nie. Jy kry die mense wat deur wetgewing of deur sterker geaardhede dinge beheer. Die oomblik as hulle nou begin oud raak, of nie meer aan bewind is nie, of daar kom 'n ou aan bewind wat sterker is, dan bepaal hulle weer die norme en die wette. Hierdie ding wat ons nou deurgaan, as dit reg en regverdig gedoen word, dan kan dit nie weer *backfire* soos wat dit met ons ge-*backfire* het nie.

Albert: Het ons as blankes nie 'n kollektiewe verantwoordelikheid teenoor die swartes as groep nie? Dit is 'n vraag wat een van die medewerkers gevra het. Dit lyk my dit is belangrik dat 'n mens daaroor praat.

Mike: Kollektiewe skuld of kollektiewe verantwoordelikheid?

Albert: Nee ons praat spesifiek van 'n kollektiewe verantwoordelikheid. Die Bybel sê as jy drooggemaak het moet jy om vergifnis gaan vra, maar die Bybel sê ook dat as ek iemand benadeel moet ek gaan regmaak, die gedagte van restitusie, van herstel wat verkeerd is. Nou is die vraag: het ons as blankes nie 'n kollektiewe verantwoordelikheid teenoor die swartes as 'n groep om dit wat ons as blankes verkeerd gedoen het dalk, reg te stel in 'n nuwe situasie nie.

Onbekend: Moet ons politiek doen?

Albert: Is dit nie wat daar besig is om te gebeur nie, dat ons deur wetgewing dit gedoen word nie. Of dit nou vrywillig is, of dit per wetgewing afgedwing word nie, is dit nie… Dink julle het ons daai verantwoordelikheid?

Elsa: Ek dink definitief ons het 'n verantwoordelikheid tot restitusie as 'n groep, maar vir ons blankes kom dit nie, 'n mens gee nie maklik af wat joune is nie. Dis maklik om te sê ons het die verantwoordelikheid daarvoor, maar as dit jouself begin raak is dit bietjie moeiliker, solank dit ander raak, is dit goed. As ander moet weggee of afstaan…

Albert: Solank jy net nie jou werk verloor nie.

Elsa: Dis baie moeilik, maar my persoonlike siening is dat ons tog 'n verantwoordelikheid het.

Mike: Ek sekondeer dit, ons het 'n verantwoordelikheid vir die opbou proses. Dit is ons Christelike plig om mense wat minder bevoorreg is, te help. Vir my om te sê, ek het 'n verantwoordelik om dit waarvoor ek gaan leer het op skool, op universiteit, en dit wat ek bereik het en die werk wat ek nou hard voor werk, om dit nou op te offer vir iemand anders, dis nie my verantwoordelikheid om dit wat ek het weg te gee, suiwer omdat ek iemand anders iets skuld nie. Ek moet dit liewer my verantwoordelikheid maak om hom 'n geleentheid ook te gee as wat ek gehad het. Hoe kan ek omdraai nou en sê alles wat ek voor gewerk het, verdien ek nie, want daai man het dit nie ook gehad nie. 'n Plaasboer wat op die plaas grootgeword het, wat nooit miskien op die dorp gekom het nie, wat nooit gestem het nie, hier kom hulle en vat sy plaas weg en gee dit vir 'n swartman, watse verantwoordelikheid het hy teenoor daai man? Die verantwoordelikheid wat ons het is om te kyk dat die ander mense wat swaar kry en minder gegoed is, dat ons as Christene hulle ophelp, nie ek gaan nou sy *job* vat en 'n ander in jou plek sit, so jy kan nou maar gaan swaarkry, dis nou jou beurt om swaar te kry. Dit maak vir my geen sin nie. Breek af en gee vir hulle sodat hulle weer kan opbou.

Elsa: Dit maak nie vir ons sin nie, maar ek is oortuig daarvan die ou wat aan die ander kant staan, dit maak vir hom sin.

Mike: Is dit logika om te sê ons moet hierdie mense wat nou hierdie ontwerp doen van 'n sekere ding, vat hulle nou weg en sit ander mense in dat hulle weer voor begin, dit maak geensins sin nie.

Karin: Ek dink nou aan my pa-hulle waar hulle grootgeword het, dat hulle as laerskoolkinders oor 'n binnelandse meer moes roei om by die skool uit te kom, van 3km. Dan vat ek waar hy staan vandag, waarheen hy ons 5 kinders gelei het en dan luister ek na hierdie goed, dan sê ek vir myself, waar daar 'n wil is, is 'n weg. As baie van die mense net vir hulleself wil optel, en iets wil saamdoen. Ek het ook die ondervinding van waar ek vir 10 jaar saamgewerk het met mense, as jy vir hulle sê los dan val alles plat, dan is tien jaar se werk niks. Dit geen jou 'n ander perspektief, dan besef jy jy gee vir iemand 'n geleentheid wat hy nie gebruik nie, en dan dink ek hoe swaar het ons gekry, en my ouers het nooit die Engelse of iemand geblameer daarvoor nie, hulle het eenvoudig geklim en bo uitgekom. My oupa was 'n plaasarbeider gewees, dit was dieselfde as die swartes vandag

Elsa: Ek hoor wat jy sê, maar ek onthou spesifiek, dit was Quincy wat gesê het, die swartmense mag nie gedink het nie. Hy mag nie die koppie opgetel en geskuif het as

die wit baas nie vir hom gesê het hy moet dit optel en skuif nie. Hulle het nie die verwysingsraamwerk soos ons nie, hulle het nie die vrymoedigheid nie, hulle het nie die selfbeeld nie. As jy geleer is van kleins af jy is niks nie, jy is nie 'n mens nie, jy mag nie dink nie, jy mag net iets doen as die baas of miesies so gesê het. Waar kry so 'n persoon, tensy dit regtig 'n verskriklike uitsonderlike mense is en met baie genade van bo af, waar kry hy die innerlike krag om daar op te staan en uit te styg. Daar is mense wat dit gedoen het, wat bitter swaar gekry het en iewers gekom het. Maar die deursnee mens, ek is in my hart oortuig daarvan dat die deursnee blanke, Afrikaner in hierdie land, as hulle in daardie selfde omstandighede grootgeword het, hulle mag niks gedoen het tensy iemand sê hulle mag nie, sou hulle presies dieselfde gewees het.

Karin: Maar daai ouens was so onder die Engelse.

Albert: Ek wil net gou 'n vraag vra, is die swartes se situasies nou in '98 werklik vergelykbaar met die armblanke situasie in '48. Ek wonder nou daaroor.

Isak: Ek dink nie 'n mens kan 'n gemeenskap radikaal in 'n kwessie van twee of drie of vyf of tien jaar verander nie. Die regstelling is besig om te gebeur. Ek kan nie dink dat regstellende aksie vir die ouer swart generasie wat in die harde tye van apartheid grootgeword het, regtig iets kan verander nie. Ek dink ook nie dat regstellende aksie en kollektiewe verantwoordelikheid… Al hoe hulle dit werklik sal kan regkry – die blankes kan nie vrywillig van besittings, eiendom, geld en so meer nie – al hoe hulle dit kan doen is wat hulle nou doen, is deur wetgewing. Hulle sê ons stop julle. Soos ons hier sit, het ons die plafon bereik. Kom ons aanvaar dit. Op 'n stadium het ons HOP belasting betaal, so ons is kollektief besig om by te dra, wat hulle daarmee doen is die regering se saak, ons is in 'n demokrasie. Toe ons, toe ek matriek gemaak het en my ouer broers matriek gemaak het, het jy nie 'n probleem gehad om werk te kry nie. Toe my broer matriek geskryf het, het ons gaan vakansie hou in die Kaap en na drie weke toe sê hy hy wil tekenaar doen, hy weet net nie waar hy moet gaan aansoek doen nie, by die poskantoor of die spoorweë, of waar ook al. Hy het aansoek gedoen by die poskantoor. Hy het Vrydag aansoek gedoen en Maandag bel hulle hom en sê jy het die werk gekry. Ek het net so maklik werk gekry, ons kinders kry nie so maklik werk nie, want die speelveld is nou gelyk gemaak. Dieselfde frustrasie wat die swartmense al die jare gehad het om toegang te kry tot werk te kry, het ons kinders ook nou. Ek dink die saak daar is nou reggestel, die deursnee blankes kinders is nou dieselfde bootjie as die swartmense. Ek dink wat ons daaruit kan leer is dit: die geleenthede is net nie meer daar nie. Ek kan sien hoe oorleef ons kinders. Wat dit aanbetref is daar nie meer

rassisme nie. Dit is 'n proses. Die ou man in die plakkerskampe, daar is geen regstellende aksie wat hom gaan help nie, niks wat ons kan opoffer kan nou iets aan die saak doen nie, maar oor 20 of 50 jaar dalk.

Albert: Is die situasie rondom die kinders wat sukkel om werk te kry en so meer – is daai situasie *per se* goed of sleg. Hoe dink jy daaroor?

Isak: Uit 'n blanke en swart perspektief is dit sleg. In die sin dit is baie moeilik vir gegradueerde swartes en blankes kry nie werk nie.

Albert: Dit is werkloosheid in die algemeen.

Isak: Dit is werkloosheid in die algemeen. Dit is goed in die algemeen. Die blankes moes bietjie leer om nie staat te maak op die bevoorregte posisie nie. Ons moet leer om vir onsself iets te doen. Ons moet ons eie inisiatief gebruik.

Naomi: Dit kom weer neer dat waar daar 'n wil is, is 'n weg. Ek het ook op 'n plaas grootgeword, ons het twee kleurling families op die plaas gehad, en hulle was my maatjies gewees. Die een familie het agt kinders gehad en die ander het twee kinders gehad. Ons was van sewe-uur vanoggend tot sewe-uur vanaand in mekaar se geselskap. Ek het niks anders geken as daai kleurling kinders nie. En toe ek 18 jaar oud is kom ek in die stad en ek sien vir die eerste keer swartes, en ek kan nie met hulle vereenselwig nie. Want hulle is net nie dieselfde as die kinders waarmee ek grootgeword het nie. En dit was vir my 'n aanpassing gewees.

Mike: Ek kan verstaan hoekom Elsa sê wat sy sê. Die geleentheid wat die kleurling kinders op die plaas gehad het, teenoor die geleentheid wat julle gehad het om skool toe te gaan, dit is nie dieselfde nie, Dit aanvaar 'n mens. Dit betwyfel ek geensins nie. Dis ook nie die argument wat ons nie sê nie. Hulle het minder geleenthede gehad, hulle het gesukkel. My argument is, om 'n koek te vat en hom weg te vat by die een en vir die ander een te gee, is totaal verkeerd. Om daai koek in kleiner stukke te sny, elkeen het nou minder maar almal het iets. Hoekom nie twee koeke bak nie? En dit weier ons om te doen in die land. Ons weier om meer produktief te raak, om werksgeleenthede te skep, want die besighede word bedryf deur die blankes. Dan vra ek vir 'n swartman met 'n besigheidsgraad, 'n swartman, waarom begin jy nie 'n besigheid nie? Dan vra hy waar moet ek hom begin, begin ek hom in die dorp, moet ek kompeteer met die blanke man wat al jare lank 'n besigheid het, begin ek hom in die

lokasie, word hy afgebrand binne 'n week. Hy sê ek is nie bereid om my geld te belê en dit net te verloor nie. So wie bedreig nou sy besigheid, is dit die blanke? Nou *backfire* hierdie hele ding op die manne wat wil vorder in die lewe, hulle eie mense bedreig hulle, en ek glo ons verantwoordelikheid, is om mense, entrepreneurs, mense wat wil sy eie besigheid wil begin, te ondersteun.

Albert: Die beeld is goed en wel om te sê kom ons bak nog 'n koek, die dilemma is net in die praktyk is dit nie moontlik nie. Jy kan mettertyd die koek groter maak, maar jy kan nie 'n groter skep oornag nie. Nou is die vraag, tot tyd en wyl daai koek nou groter is en daar vir elkeen 'n stukkie is, het die swartmense niks. Hy sal eerder die koek in kleiner stukkies sny dat elkeen ten minste iets het, as om dit steeds te hou vir een groep, die blankes.

Mike: 'n Tipiese denkrigting vir mense wat nie in groei belangstel nie, maar in ander mense se eiendom belangstel. Ek sê nog steeds, jy sê dis nie maklik om 'n nuwe koek te bak nie, hoekom nie. Omdat die blanke die koek gebak het in die verlede? Het daai mense nog nie geleer om 'n koek te bak nie? Hoeveel geld is nie in hierdie swart besighede nie, hoeveel geld is daar nie in Soweto nie. Daar is 'n studie gedoen van hoeveel skatryk swartes bly in Soweto, wat nie hulle geld belê in besighede nie. Hoekom nie.

Isak: Dit is goed en wel om die beginsel van politieke verantwoordelikheid en restitusie te aanvaar. Al hoe dit uitgeoefen gaan word, om dit prakties te laat werk, gaan om 'n *top down* aksie uitkom. Die regering gaan ons net swaarder belas, of hulle sal moet kom soos in Zimbabwe en vat net jou eiendom van jou weg. As iemand sê ons moet in politiek bydra, hoe moet ons in politiek bydra?

Albert: As ons nou sê daar moet 'n kollektiewe verantwoordelikheid wees, het die blankes dit al geïnternaliseer, of is dit 'n eksterne ding – daar sal 'n kollektiewe verantwoordelikheid wees, soos jy net nou gesê het, daar is 'n HOP belasting en so meer. Ons betaal dit, daar is wette… Maar dit is half buite ons. Die regering dwing ons met die wet op indiensneming en so aan. Die vraag is steeds: is kollektiewe verantwoordelikheid geïnternaliseer, of is dit 'n ding wat op ons afgedwing word? En ons is half uitgelewer, want dit is die regering van die dag s'n.

Mike: Hoe kan jy as die man op die straat, hoe kan jy daai verantwoordelikheid persoonlik doen. Moes ek, toe die wetgewing verander het, dadelik na 'n swart

weeshuis toe gegaan het en 'n paar swart kindertjies in my huis ingevat het en hulle opleiding gegee het. Sommige blankes het dit gedoen, dit is iets prakties wat jy kon doen. Wat kan jy doen? Ons vat die verantwoordelikheid finansieel, dat die mense wat ons wil uitjaag, miljarde rande gaan spandeer op die weermag, wat nie nodig was tot nou toe nie. Watse verantwoordelikheid, kollektief, vat die mense van die land? Vergeet wat vat die blankes. Watse verantwoordelikheid vat die mense van hierdie land wat ons finansies, ons skole en al daai goed. Hoe kan ek die staat anders laat dink oor hoe hy sy geld moet bestee? Hoe kan ek nou op die oomblik, vir wie kan ek stem om die beleid te verander? Ek kan niks doen nie. Vir wie kan ek stem? As iemand vir my kan sê hoe kan ek dit doen, deur te sit en sê ek is jammer, ek kan dit doen, ek kan op die straat gaan sit en sê ek is vreeslik jammer oor die foute wat ek gemaak het.

Albert: Maar hoe gaan ons vorentoe?

Karin: Ek het op 'n stadium 'n voorstel vir een van die ministers gemaak, dat hulle al die welsynsorganisasies wat besig met opbou in die verskillende gemeenskappe, kry nie genoeg geld om die werk te kan doen nie en hulle doen 'n absolute uitstekende werk. Toe sê ek kry plaaslike besighede dat hulle uitgaan as die *expert*, 'n maatskaplike werker kan nie 'n finansiële adviseer, besigheidsontwikkelaar en al daai goed wees nie. Kry 'n besigheid en sê vir hom vat hierdie skool en lei entrepreneurs op, raak betrokke, spandeer geld aan die opleiding, maar maak 'n toegewing op sy belasting, dit kom dan mos nie uit die staat se kas uit om die opleiding te doen nie, jy het klaar die *expertise*, om die twee verskillende groepe bymekaar te kry, leer hulle mekaar ook sommer ken en leer hulle mekaar vind. Dit gaan jy mos nou vinniger kom, toe was die antwoord aan my, daar is te veel onreëlmatighede dat die besighede die staat verneuk met belasting, so hulle kan nie dit ook nog toelaat nie. Nou lees ek 'n paar maande later in die koerant, in Amerika word dit so gedoen, besighede raak betrokke by gemeenskapsopbou-projekte, hulle kry belastingkorting daarop, maar die staat betaal nie vir die opleiding nie, die besigheid doen die opleiding en hy dra die uitgawe.

Isak: Amerika se besighede is seker baie eerliker as hierdie land s'n.

Albert: Dis net hulle president wat bietjie lieg.

Isak: Welvaart in die sin om iets te hê, dit is iets wat jy verdien, dis nie iets wat vir jou gegee kan word nie, en ek dink die hele politieke verander het nou die mense wat nie voorheen die geleentheid gehad het om dit te verdien nie, het nou die geleentheid, en

dit klink nou of ek nou sê ons gaan nie verder *worry* oor julle nie, maar die kerk en die NP en al wat 'n politieke party wat verskoning gemaak het en bely oor apartheid, nou kan ons verder gaan en sê ons aanvaar kollektiewe verantwoordelikheid daarvoor, hoe gaan jy dit prakties uitvoerbaar maak, behalwe deur te sê die speeltafel is nou gelyk, daar is baie swartmense wat baie meer bevoorreg is as ons wat hier sit, daar is baie van hulle wat uit 'n agtergrond uitgekom het, dit wat hulle het, het hulle verdien. Ek kan net nie die praktiese uitvoerbaarheid daarvan sien nie, wat kan ons daaraan doen.

Albert: Jy het nou gesê die kerke en partye en almal het nou al skuld bely, my vraag van netnou maar oor die internalisering is weer ter sprake. Ek wonder byvoorbeeld oor die NG kerk wat nou bely het dat apartheid as gedwonge skeiding, sonde was. Ek wonder hoeveel van ons lidmate gaan hulle daarmee identifiseer. As ons Sondag-oggend 400 mense in die kerk sou vra, identifiseer jy jou daarmee, stem jy saam, is dit ook jou belydenis, wonder ek watter persentasie gaan ja sê.

Isak: Nou word die NG kerk in elk geval ook daaroor aangevat.

Albert: Ek hoor die Hervormers is glad nie gelukkig daaroor nie. Hulle is moedswillig.

Frans: Die pad vorentoe, nou dat almal oor die verlede om verskoning gevra het, die speelveld is gelyk in meer as een opsig. Nou moet ons begin keer vir ons eie *wickets*. Ek wil nou nie politiek hierby insleep nie, maar as jy gaan kyk na volgende jaar se algemene verkiesing, dink ek dit is van kardinale belang, maak nie saak vir wie jy stem nie, maar ons moet probeer keer dat daai ouens nie 'n twee-derdes meerderheid kry nie, anders gaan hulle ons nog meer verder in die grond in druk. In ag genome alles wat gesê is, maar as ons nie as kerke kan saamstem oor goeters nie, en jy kyk na die splinterpartye in ons Afrikaner geledere, dan sien ek nie baie hoop vir ons nie.

Mike: Ek stem, dis waarom ek aan die begin gesê het, regstellende aksie is reg, as hy nie oordryf word nie, ek dink gee enige groep mense vrye teuels, en sê maak nou wat julle wil, en kyk wat gebeur. Kyk of daar 'n balans gehandhaaf word. *Never*. Die nasionaliste het dit nie gedoen toe hulle aan die mag was nie, wat maak die ANC soveel beter dat hulle dit nie gaan misbruik nie. Nou kort daar 'n balans, anders gaan die teenoorgestelde gebeur, en ons gaan oor 'n klompie jare 'n klomp vrek arm *squatter* blankes hê, en wat gaan dit help vir die samelewing.

Frans: Die pad vorentoe moet mens bietjie gaan teruggaan. Ek het die geleentheid om partykeer in Zimbabwe en Botswana te kom vir my werk, die Botswana is nou nie deur dieselfde proses as Zimbabwe met 'n oorlog nie, dit is veral interessant in die ingenieursbedryf, dat daar mense in sleutelposisies is, in dieselfde maatskappy waarvoor ons werk maar wat nou ons Zimbabwe afdeling is, het jy witmense in sleutelfigure. 'n Wit mynkaptein en 'n swart skofbaas, sulke dinge, so die breinkrag, mense het ook uit Zimbabwe padgegee, net so baie het teruggegaan. In Botswana praat ek en 'n kollega Afrikaans, dan kom 'n swartman dan kom praat hy met jou Afrikaans. Waar kom jy vandaan, van Welkom af. Dan is dit dag my baas, dag my kroon, Dan is dit skielik nie meer Frans nie. Van my mense gaan hierdie naweek weer soontoe jy kan saam ry en dit ervaar. Dan sit jy in Harare in die vyf ster hotel, dan kyk jy oor die swart woongebied, dan is daar groot dele van die woongebied wat nie beligting het nie, waar die rook ook maar hang, dit na agtien jaar van onafhanklikheid. Waarmee is ons besig? Ons is met 'n proses besig. Ons het nog skaars die onderpunt van die leer bereik, maar ek dink daar is hoop aan die einde van die tonnel.

Mike: 'n Groot klomp van ons wil nou sê ons is nou so vrek jammer, julle kan ons maar in die grond in trap, want ons is so jammer oor die kwaad wat ons gedoen het. Ek sal liewers omdraai en so ek het 'n fout gemaak, kom ons probeer die ding uit-*figure*. Daar in die plek waarvan hy praat, is een van Afrika se mees produktiefste besighede, en hy was deur Anglo bestuur, De Beers eintlik, maar die regering het daar wette neergelê dieselfde as hier, dit was besigheidsbesluite wat niks met politiek te make het nie. Ons wil hier politieke besluite in die besigheid neem, in plaas dat ons besigheidsbesluite in die besigheid neem.

Albert: Frans het gesê hy sien 'n lig aan die einde van die tonnel, hy het hoop. *Spoken like a true politician.*

Isak: Ek dink daar is hoop, as al die mense in die land mekaar kan behandel met dieselfde menswaardigheid as wat ek verwag waarmee hy my moet behandel. Dis al wat vir my lekker is in die nuwe SA, daai persoon is op dieselfde vlak as jy, omdat hy verdien om daar te wees. Jy gaan hom op dieselfde vlak behandel, maar jy gaan ook van hom dieselfde verantwoordelikheid verwag as wat van ons verwag word. Ek was van Maandag tot Woensdag was ek by Kwa Maritana gewees, ek het Dinsdagaand 'n bosbraai gehad op die soustrein, en ek het tussen bruinmense van die Weskaap gesit en ons het heerlik saam gekuier, omdat ons op dieselfde vlak is. As ons mekaar kan help ophef en met respek behandel gaan ons iewers kom.

Mike: Mense moet mekaar nie gebruik as *stepping stones* nie, dit is wat gebeur. Jy kan 'n mens met respek behandel, maar as wetgewing jou ontneem van jou regte, is dit baie moeilik om hom met respek te behandel, en dit is die omgekeerde van wat gebeur het jare terug. As wetgewing nou vir my sê jy kan nou nie meer in daai pos werk nie, ek wil nou swartes in jou plek sit, gaan dit vir my baie moeilik wees om respek te hê vir daai een wat my benadeel het vir sy eie voordeel. Dit is net die omgekeerde van wat hier gebeur het in die verlede.

Albert: Daar is sulke goed, regstellende aksie is daar, sou dit beter wees om bloot net 'n blanke se bevordering te stop en te sê jy het jou plafon bereik, dat die swartes by jou verbygaan en bevordering kry terwyl jy bly waar jy is. Sou dit beter wees as om te sê jy moet nou 'n pakket vat sodat ons 'n swarte in jou plek kan aanstel?

Frans: Hierdie wet het sekere waarborge, en dit is een van hulle, niemand mag sy werk verloor as gevolg van regstellende aksie nie. Maar ek meen, hy maak die lewe vir jou so moeilik. Dis die inkom poste wat gevul moet word met regstellende aksie. Daar is 'n beskerming, maar hoe dit toegepas gaan word is 'n ander vraag.

Mike: Maar om jou vraag te antwoord, die verskil tussen die twee, dis 'n besluit wat by elke ou gelaat moet word. As jy vir my sê, wil jy liewers 'n pakket hê en loop of moet ek jou hou en die ander by jou verby stuur? As ek 'n ambisieuse mens is, en jy hou my terug, gaan ek die land verlaat. Ek gaan definitief nie hier bly nie, ek wil groei, en as ek nie in die land kan groei nie, gaan groei ek op ŉ ander plek. As jy vir my 'n pakket offer, en ek kan dit gebruik om te groei, my eie klein besigheid begin, dan sal ek dit doen, as ek 'n ruggraatlose mense is wat maar bly is om te bly op my vlak, dan sal ek sê hou my maar waar ek is, dat die ander by my verbygaan. Dis 'n persoonlike keuse.

Albert: Laaste opmerkings? Iets oor die pad vorentoe?

Mike: Die pad vorentoe, ek wens iemand, ek kan in 'n positiewe kant sê, die pad vorentoe gaan bleddie moeilik swaarder wees as die pad agtertoe.

Albert: Jy bedoel nou van '94 se verkiesing af. Jy bedoel nie van '48 af nie.

Mike: Maar moenie dink die boere het dit maklik gehad gedurende die groot trek en daai dinge nie, ons het dit miskien maklik gehad in ons leeftyd.

Frans: Ek dink as Christen het ons eerstens die plig om ons medemens menswaardig te behandel, ongeag wat die situasie is. Ek het simpatie met wat Mike sê, maar allereers is jy 'n Christen. As ons maar net 78% Christene in hierdie land was, het ons dalk nie hierdie probleme gehad nie, of ons het dit dalk makliker hanteer, maar ons is nie. Maar ons wat hier is, wat dit is, ons moet ons Christelike beginsels en pligte uitleef ten opsigte van ons medemens.

Johan: Ek sien lig, as mens die tegniek van empatie en terapie gebruik, dan sê die boeke vir jou empatie beteken niks nie. Dit moet gekommunikeer word, vir my lê die toekoms daarin. Ons het reeds gesê ons is jammer, ons het reeds gewys, ons weet net nie eintlik hoe om dit te wys nie. Die sukses van die land vorentoe lê wat my aanbetref in die manier waarop die swart mense, die ANC gaan reageer teenoor ons. Gaan hy vir my sê, ja ek erken jou vrese, eerlik, nie lippetaal of op politieke verhoë nie. Ek erken jou vrese, ek erken jou reg om 'n Afrikaner te wees. As hier sukses moet wees, as hulle eerlikwaar gaan probeer, dan kan ons saamwerk.

Naomi: Ek sit en dink aan hierdie pad vorentoe, weereens uit my werksopset, ek sit objektief, ek word nie so geraak as die mense wat nou spesifiek in die klinieke werk nie. Byvoorbeeld daar is blanke mense uit hulle posisies uitgehaal, nie op vlak nie, maar uit die werk wat hulle gedoen het, is hulle uitgehaal. Hulle het dit goed gedoen en swartmense is in hulle plekke ingesit. Hulle het nie die verantwoordelikheid nou wat die witmense gehad het nie, hulle daag net nie op by die werk nie, blankes is op nagdiens gesit sodat die swartes daar kan wees vir dagdiens. Daar is nie genoeg mense om die dagdiens behoorlik te *run* nie, hulle daag net nie op nie, as die mense op nagdiens kom is daar net nie 'n verpleegkundige op diens nie, dan moet 'n blanke uitkom en die nagdiens kom vat, want daar is net nie 'm swarte om dit te doen nie. Daai verantwoordelikheid het hulle net nie, en hulle skuif dit net af. Ek sit in 'n beroep waar ons werklik daarmee sit, ek diskrimineer nie teen hulle nie, dis 'n werklikheid waarmee ons sit. Hulle het net nie die verantwoordelikheid teenoor hulle werk, hulleself en hulle mense nie. Ek wil sê hulle kry die geld en *that's that*.

Mike: Miskien 'n laaste opmerking. Wat ons doen, en hoe ons dit hanteer, maar die regering se optrede, onthou wanneer jy geletterde mense iets vertel, jy kan vir ons vertel ons was 'n klomp omdat ons die swartes so slegs behandel het, en ons kan almal op ons knieë val en alles. As ons van niks beter geweet het nie, of ons eie wil of idees gehad het nie. Elsa kan vir my sê hoe sy voel en dis haar opinie, maar ek gaan

nog steeds my opinie hê. Maar wanneer dit kom by landsake en beleid, het ons nie veel sê wat dit aanbetref nie, en as daai manne onverantwoordelik gaan optree, iemand het anderdag gesê dat Peter Makaba het openlik, op verhoë gestaan en gesê *kill the farmer, kill the boer*. En die vraag was gevra, hierdie klomp wat nooit skool toe gegaan het nie en wat nie hulle eie idee het nie en wat nooit mag gedink het nie, en wat nie toegelaat was om te dink hulle hele lewe lank nie, hier staan 'n staatsman en hy sê *kill a farmer, kill a boer* en wat is nou die reaksie van hulle wat nooit anders kon doen as wat die witman vir hom sê nie. Nou doen hy wat die staatsman vir hom sê. En as die regering nie ook daai kollektiewe verantwoordelikheid gaan vat nie, gaan vernietig hulle die hele blanke samelewing.

Elsa: My persoonlike siening, is dat daar vir ons 'n swaar pad voorlê. Ek wil aan die een kant sê ons het dit verdien, dat dit ons straf is op die verlede, maar ek dink oor baie jare sal dinge tog regkom, ek hoop so. Maar dat dit baie lank sal vat om hierdie haat en skuld wat tussen mense is, heeltemal uit te roei, is so, dit kan nie oornag gebeur nie. 'n Mens kan nie verwag apartheid is nou verby en almal het nou gelyke regte en nou moet alles vorentoe reg loop nie. Dit gaan 'n lang tyd vat. Dit gaan 'n ruk lank sleg gaan voor dit beter gaan.

Albert: Dan is dit dit, dankie.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid 2012** – Gesprek 9: Opvolggesprek met Elsa en Frans

Elsa: Het jy toe almal in die hande gekry van destyds?

Albert: Julle is die eerstes. Ek dink ek sal nog by die meeste van hulle kan uitkom. Johan en Karin is nog daar in Welkom, en Danie en Linda. Mike en Naomi sal ek ook nog kry. Hulle bly nou in Prieska. Hanlie is so ver ek weet nog in Welkom. George is Odendaalsrus toe. Isak is nog daar. Wie is daar nog? Ek dink dit is omtrent almal.

Frans: Was daar nie by een van die sessies ook ’n *muruti* gewees nie?.

Albert: O, die swart mense wat daar was. Ek gaan nie weer met hulle gesels nie, want my fokus is op die blankes se belewing daarvan en so aan. So ek nie probeer om met die swart mens ook te gaan gesels nie. Die ouens wat deel was van die groep dink ek sal ek almal kan opspoor.

Frans: Die goed wat ons nie nou kan antwoord nie moet ons maar ’n ander dag op skrif sit.

Albert: Nee, julle is welkom en ek sal dit baie waardeer as julle dalk vir my iets op skrif wil sit. Dit sal vir my baie help, dankie. Ek sit dit heel bo-aan, die bedoeling van die proefskrif is om te praat hoe pas blankes aan in die nuwe Suid-Afrika. Dit is die *bottom line* waaroor dit eintlik gaan. Ons het ’n bepaalde geskiedenis, ons het bepaalde bagasie wat ons saamdra. Nou wil ek kyk wat maak ons daarmee. Wat ek nou gaan doen is dit wat ons destyds gedoen het, wat veertien jaar terug was. Dit is verskriklik as jy dit hardop sê. Wat ons daai tyd gesê het, wil ek vergelyk met wat ons nou sê. In watter opsigte is ons nog dieselfde en in watter opsigte het ons verander? Wat het intussen met ons gebeur wat ’n invloed gehad het en so aan. So wat daar uitkom weet ek nou nog nie. Ons sal maar sien, maar dit sal iewers gebeur. So dit is die eerste ding... O, laat ek net eers sê die temas is steeds soos destyds rondom apartheid, ons siening van apartheid, rondom skuld en restitusie of herstel van skuld. Dan die rol van die kerk. Vergifnis het ek nie spesifiek hier op die lys nie, maar vergifnis gaan ook waarskynlik iewers rondom skuld ’n plekkie kry. Ons hoef nie volgens die vrae te gaan nie, maar dit gee tog vir ons ’n riglyn. So as julle dalk vir my kan sê wat het die afgelope veertien jaar met julle gebeur? Wat is julle siening oor die nuwe Suid-Afrika? Hoe het dit julle beïnvloed en op ’n manier affekteer dit julle.

Elsa: Ek persoonlik moet vir jou sê Albert... ek kan dit regtig nie vir jou sê dat my lewe enigsins dramaties negatief beïnvloed is vandat ons 'n swart regering het nie. 'n Mens sien nou wel party plekke, hier by ons minder, maar by party plekke is die paaie in 'n swakker toestand. Maar in my persoonlike lewe kan ek regtig nie agterkom dat daar 'n verskil is vandat ons 'n swart regering het.

Albert: So in 'n groot mate gaan die lewe nog aan soos altyd.

Elsa: My lewe gaan aan soos altyd. En ek moet ook sê, ek het in 'n mate begrip vir sekere goed waar dit nou slegter met mense gaan onder die nuwe regering. Want ons was gewoond aan 'n sisteem wat die grootste gedeelte van die geld op die blanke mense gespandeer het. Terwyl dit nou 'n baie groter area moet dek. So ek het begrip daarvoor dat mense nie by al die paaie kan uitkom nie en nie by al die rioolwerke.

Albert: Die geld is dieselfde maar die aantal goed wat gedoen moet word daarmee is meer.

Elsa: So ek kan regtig nie sê my lewe het verander nie.

Albert: Die feit dat julle geskuif het van die Vrystaat af hierna toe, het dit iets verander? Het julle goed anders begin raaksien?

Elsa: Ek persoonlik het op 'n meer persoonlike vlak by die bruin en swart mense betrokke geraak as gevolg van 'n interkerklike vroue groep, *Women Aglow*, by wie ek aangesluit het toe ek hier aangekom het. En dit was die eerste mense wat na my toe uitgereik het. En daar is geen diskriminasie van ras of stam of wat ook al nie. So of jy nou kleurling is of pikswart is almal omhels mekaar en gee mekaar 'n drukkie en so. Dit het ek op 'n baie persoonlike manier beleef. In Welkom het ons in die hoër kringe, hoe sou ek sê baie meer met swart mense te doen gehad, net op 'n ander manier. Ons beweeg nie meer in dieselfde kringe as waar ons vroeër beweeg het nie.

Albert: Frans, en met jou, wat het gebeur die afgelope tyd?

Frans: Nee kyk, ek wil jou vertel dat ons amper 'n kleurling skoonseun gehad het. Ek gaan net vinnig daaroor praat. [Ons dogter] A is onlangs geskei en toe het sy nou hierdie ander ou in haar lewe gekry en ons het nie geweet wie, waar en wat nie. Toe hoor ons later dit is H, en H is 'n kleurling ou wat saam met haar werk. Ten spyte

daarvan dat ek ons kinders – ek dink ek het dit die vorige keer ook gesê – redelike liberaal grootgemaak het om mense te respekteer. Maar skielik toe dit naby aan my bas kom, toe is dit ’n ander storie. Elsa het dit makliker aanvaar as ek.

Elsa: Ja jy was baie ontsteld daaroor.

Frans: Ek was baie ontsteld gewees daaroor want ek het nie verwag dit gaan gebeur nie. Toe een dag op ’n reën dag is ons in die Kaap en ek bel vir A en vra is julle by die huis, ons kom tee drink. Toe het ek maar besluit dit gaan nou gebeur. Ek wil jou nie die hele lang storie vertel nie, maar ek het binne die eerste halfuur ontdek dat hierdie man is anders as wat ek gewoond was. Hy is welbelese, hy weet van ’n klomp dinge en goete en so aan. En toe H dood is, hy is nou twee jaar gelede dood in ’n motorongeluk tussen Malmesbury en Kaapstad, by Plattekloof afrit, toe het ek gehuil. Ek het fisies gehuil oor hierdie mens so lief was ek vir hom gewees met sy bruin kindertjies wat hy het en hulle het vir my en Elsa ouma en oupa genoem. En ek het so onlangs soos twee weke gelede het ek toe nou sy eks vrou en die seuntjie, wat ’n klein seuntjie was toe ons hom in die Kaap gesien het, en ons was baie bly om mekaar te sien. En tot vandag toe nog is daai deur se naam H want dit was H se plan om daai deur te maak. So wat ek vir jou wil sê is, ek dink ’n ou is versigtig as dit na jou kant toe kom want jy weet nie hoe om dit te hanteer nie. Maar as jy eers in die ding inkom dan sal jy sien dit is nie so erg nie. Dit is net nog ’n mens.

Albert: Ek dink dit was vir ons ’n vreemdheid omdat ons mekaar nie geken het nie.

Elsa: Ons het mekaar nie geken nie.

Frans: En dan nou die ander aspek wat ek hier ontdek het – ons het ook nou mense hier leer ken – en ek weet nie Elsa moet dalk maar dit netnou herhaal of wat ook al. Maar wat ons nou begin beleef het hier is dat mense baie rassisties optree en soos Elsa gesê het nog praat van *kaffers* en *meide* en *hotnots*. Ten spyte van dit... Ek het vir jou dokumentasie gegee het oor hoe die mense gestem het [Ontleding van hoe mense in die kiesafdeling gestem het – LMF]. So hulle stem nie noodwendig rassisties nie. Mense kon verwag het dat as dit nou regtig ’n klomp regse ouens is wat regte rassiste is dat hulle miskien regs sou stem, maar dit word nie verteenwoordig in die stem nie. So die mense stem meer liberaal in daai opsig, maar op grond vlak blyk dit dat rassisme maar nog steeds daar is.

Albert: Ek dink met verkiesings kry ’n mens iets van teen die ANC stem en die een [party] wat die beste teen hulle skop is heelwaarskynlik die DA. Mense stem maklik DA, maar dit beteken nie hulle is heeltemal DA nie.

Frans: Ja, maar hier is tog... Elsa as jy nou dink aan C en die groep manne, Christen mans wat hier is en die biduur wat hulle hou. Hhulle is nou weer almal ACDP ouens, of die meeste van hulle behoort ook dan aan ander kerke, maar hulle ondersteun die ACDP as dit nou by stemmery kom. Maar nog steeds, dit is nie ’n verregse stem nie.

Elsa: Nee dit is nie ’n wit party nie.

Frans: En dan nou die ander ding wat Elsa gesê het, is dat ons nader gekom het aan die kleurlingmense. Ek het my so ’n bietjie begeef in die bou-rigting in toe ons nou daai huis daaronder gebou het en die afdak en so het hulle my ook al ’n paar keer gehelp. Ons het agtergekom die verhoudings... dit is makliker in ’n werksverhoudings vir ons en die tipe beroep wat ons gedoen het om met die swart mense klaar te kom wat van die Transkei en Oos-Kaap af kom, as met die kleurlinge. Die kleurlinge is in ’n baie moeilike situasie hier in die Kaap. Hulle sien die swart nasie as ’n bedreiging en hulle sê ook die swartes is skelms.

Elsa: Daar is baie rassisme onder die kleurlinge.

Frans: Hulle is baie rassisties, die kleurlinge teenoor die swartes.

Albert: So dit is nie net ons alleen nie.

Frans: Nee, nee dit is nie net ons nie. En dan sê baie van hulle, die swartes en kleurlinge, dat dit het baie beter gegaan voor 1994. Daar was meer duidelike strukture gewees en het geweet nee is nee en ja is ja. Vandag is daar nou hierdie groot grys gebied van ’n hoër groep swartes wat daar bo leef en op grondvlak waar nou basis niks verander het nie. Dit is nou dit. Ten opsigte van die werksituasie is die kleurling ’n bietjie meer uitgesproke, miskien ’n bietjie meer arrogant, miskien ’n bietjie meer dit en dit.

Elsa: Ek dink die probleem, as jy dit sê, is die probleem eintlik aan jou kant want jy is nie gewoond daaraan om met swart en bruin mense te werk nie, wat nie hulle opinie mag uitspreek nie. Ek meen jy het vir hom gesê doen dit en hy het dit gedoen.

Frans: Ja maar kyk dit gaan nou verder as dit, ek kom nou daarby. Ook dat as hulle byvoorbeeld op ’n Vrydag of op ’n Maandag... Vrydag werk hulle nie langer as halfdag nie en Maandag werk hulle ook nie, as gevolg van die wyn. Twee dinge, hulle sowel as die swartes, hulle sê nie meer vir jou oubaas nie, die manier hoe hulle jou aanspreek is meneer en die swartes sal vir jou sê oubie wat eintlik maar oubaas beteken. Dit darem nie heeltemal baas nie al het ek nou al vir Happy en vir Paulus gesê hulle moet my naam sê, maar hulle glo maar nog in oubie en die kleurlinge se meneer. Wat ons ook nou agtergekom het en waarvoor ek deesdae baie meer begrip het as vroeër. Ons het nog altyd gehoor van die dop stelsel en die dop stelsel. Die kleurlinge is alkoholiste. Maar wie het hulle alkoholiste gemaak?

Albert: Nee daar is ’n groot probleem daar.

Frans: En dit gaan aan. Self hierdie toe jy nou die dag gebel het en vir jou sê van die kleinding wat dood is... Ek meen die ouma se man het op plase gewerk en hy is vandag ’n alkoholis. Hy bly nou in die dorp en kort-kort moet sy nou ’n interdik teen hom kry of ’n hofbevel of ’n dit of ’n dat. Maar ek het begrip daarvoor dat hy so drink, dit is nie sy skuld nie. Hy sit net in ’n posisie waar dit vir hom baie moeilik is om op te hou.

Albert: Ja dit is ’n kultuur wat gevestig is oor ’n baie lang tydperk wat jy nie oornag gaan verander nie.

Elsa: Dit is nou onwettig, daai dop-stelsel, maar daar is steeds boere wat dit toepas.

Albert: Ja dit is altyd vir my vreemd dat ’n mens nog steeds sulke stories hoor dat ouens nie verstaan maar jy doen jouself en niemand ’n guns as jy so is nie.

Elsa: Ek het nou een dag met ’n boer gepraat daaroor. Toe sê hy vir my ja hy hoor nou van die dop stelsel maar hy nou op ’n Vrydag vir sy werker op die plaas ’n vyf liter kan wyn persent gee, sodat hy ook darem nou iets het om te drink oor die naweek, is dit dan nou dieselfde as die dop-stelsel. Ek meen vyf liter is baie wyn vir een ou om op te drink oor ’n naweek.

Albert: Ja daai storie is ’n lelike ding wat nog lank gaan vat om uit te sorteer. Maar as ek nou hoor wat julle sê, dan sê julle vir my by die blankes het daar nog nie rêrig baie gebeur in terme van transformasie nie. Dit is asof ons nog in die ou bedeling leef.

Elsa: Ja. Ek wil sê op ’n oppervlakkige manier, as jy nou kyk in die winkels en so aan, waar jy nou deur bruin of kleurling mense hoofsaaklik bedien word en wat saam met jou meestal in die rye staan, kom ek nie regtig agter dat mense, jy weet volgens ras diskrimineer nie. Of dit ’n kleurling is wat jou help of ’n swart man is dit reg so. Maar onderling nou as jy soos julle onder mekaar praat daar is oppervlakkig ’n bietjie vordering, maar onderlangs is mense maar nog steeds rassisties.

Albert: Ek hoor wat jy sê, ’n mens kry nog daardie ding, dit pla jou nie rêrig wie jou help nie, tensy die persoon natuurlik onbekwaam is, al is dit wit, swart of pienk, maar onbekwaamheid in onbekwaamheid. Maar ja jy is reg, ons het iets daarvan maar dit is minder van ’n *issue*. Want ons moet aanvaar dat 90% van die mense in Suid-Afrika is nie wit nie.

Elsa: Ek het in die onlangse verlede gehoor van iemand wat êrens heen geskakel het vir een of ander departement en toe daar nie iemand was wat met hom Afrikaans kon praat nie, het hy ’n verskriklike bohaai opgeskop en briewe geskryf en ek weet nie wat nog alles nie. Want hy dring daarop aan dat, dit is een van die land se tale, hy moet in Afrikaans bedien word. So jy weet, jy kry nog dit.

Albert: Ja maar ek dink dit gaan oor ’n ander kwessie rondom die taal want ek dink agter dit sit daar nog steeds ’n groot stuk rassisme. Ek weet nie of jy die koerant gelees het nie, maar daar was so ’n tyd terug daar by ’n lughawe ’n ouma wat gearresteer is oor wat sy gesê het, dat daar ’n bom in haar bagasie was of so iets. Ek ken nou nie die hele storie nie, maar dit klink nou net vir my of dit ook net ’n tannie is wat op ’n stadium haar heeltemal ge*strip* het vir hierdie persoon van ’n ander kleur wat haar nou bly vra het oor haar bagasie en so aan. Daar is definitief meer agter die storie. Sy het nou maar net uit pure malligheid dit gesê het.

Frans: Daar is die ou wat die lugwaardin gaan verkla het, want sy het op die vlug van Johannesburg na Kaapstad het sy nou die veiligheids*drill* gedoen en hy het by die nooduitgang gesit en hulle mos altyd as jy daar by die nooduitgang sit, indien wel sal jy kans sien om ander mense te help en toe dring hy daarop aan dat sy met hom Afrikaans praat. En SAA se taalbeleid is dat hulle nie Afrikaans praat nie, hulle praat Engels. En toe het hy iets gesê, dit, dit en dit en toe het sy hom gaan verkla by die hoof van die kajuitbemanning en toe is die ou in hegtenis geneem toe hy daar afklim. Nou is daar ook weer ’n saak. Maar dit is soos jy sê, dalk is daar ook iets anders by. ’n Ander

ding wat ek ook vind hier, maar ek glo dit is nie net hier nie, dit is dalk omdat ons nader is aan die grondvlak is – dat dit kan dalk ook onder dieselfde opskrif deurgaan as rassisme – is dat die mense wat mense in diens neem met ander woorde die werkgewers, nie die regmatige lone die werknemers betaal nie. Die houding is kyk daai ou hy is *hard-up* vir geld.

Elsa: Hy het nie werk nie, hy moet nou maar tevrede wees met die R50 per dag.

Frans: As ek jou R50 gee en ’n stukkie brood dan moet hy *happy* wees, jy weet. Ek meen al is die minimum loon wat ook al. So dit is ook ’n ding, ek glo nie dit is net hier nie.

Albert: Goed kom ons praat oor apartheid as sulks. As julle nou terug dink – dit is nou ver terug in die geskiedenis – onthou julle nog so beleid? As julle nou terug dink, wat sou julle nou sê wat was die probleem met apartheid, wat was die hart van die probleem met die beleid? As julle nou terugdink, hoe sal julle dit beskryf?

Elsa: Ek dink apartheid, en veral klein apartheid, het mense heeltemal ontmens. Dit het van mense diere gemaak, of goed. Hulle was nie mense nie. Ek dink dit is die verskriklikste ding en ek glo nie noodwendig vir die groot hoeveelheid bruin of swart mense het dit regtig gegaan oor of het hulle stemreg of regeer hulle die land nie. Ek dink dit gaan daaroor mense... dat hulle absoluut as niks... Jy doen wat hierdie wit mens vir jou sê of jy word geslaan of jy word in die polisie se vangwa gegooi en tronk toe gevat.

Frans: Ek stem basies saam met wat Elsa gesê het en as jy gaan stil sit en mooi oor al hierdie goeters gaan dink, dan kan ek nie glo dat ek so naïef was, so dat ek dit op ’n stadium ook gesteun het nie. Ek praat nou van apartheid. Nog onlangs soos destyds toe Van Zyl Slabbert oorlede is, daar was ’n huldeblyk oor RSG gewees wat hy hier in die laat tagtiger jare... by die Parlement... was daar ’n verbatim van hom waar hy sou gesê het hierdie land kan getransformeer word en daar kan suksesvol onderhandel word. En dit is afgeskiet en op grond daarvan het hy, kom ons sê maar, gatvol geraak en sy goed gevat en geloop. Hy is klaar en weet jy, hy was reg. Maar hy was daardie ’n PFP gewees en waar was ek? Hy was reg, hy was verseker reg en ek was naïef en ek dink baie van ons was naïef. Want daar is baie ouens wat nou sal sê, veral ouens en vriende wat in die weermag was en in Angola was, wat ook hier is Malmesbury bly en ook hierdie een boere vriend van ons was die hoof van een die kommando’s. En daai

ouens stem saam ten spyte van hulle spreukwyse ten tye en dit sê dat die onderhandelings moes 10 of 12 jaar vroeër al begin het as toe dit begin het. So ja ons het met oogklappe geloop.

Albert: Daar was ’n baie goeie aanhaling of opmerking wat iemand gemaak het destyds toe hy weg is uit die parlement toe vir hom gesê het dat hulle is bitter jammer dat hy parlement verlaat, want hy het absoluut die verstand om daar ’n verskil te maak en al die *guts* om weg te gaan. Toe sê hy ja dit is juis die probleem met die parlement is al die *guts* maar geen verstand. Dit was eintlik vir my ’n baie goeie opmerking wat hy gemaak het. Dit was eintlik hoe die parlement daardie tyd gefunksioneer het, ons luister nie, *don’t confuse me with the facts, my mind is made up*. Dit is nogal so dat ons nog ’n bietjie anders... Ek dink ons het dalk net nie gedink nie. Ons is net voorgesê en ons was tevrede daarmee. Maar dit is vir my goed dat julle nou presies dit sê. Dit is wat my aanbetref ook die kern van die ding. Ek luister nou weer na die onderhoude wat ons destyds gevoer het, die gesprekke, ek het dit op ’n CD in my kar. Nou die oggend toe ek vieruur uit Welkom uit weg ry te ry na Bloemfontein om ’n vliegtuig te gaan haal, want Mango vlieg maar vroegoggend, twintig minute voor sewe. Ek is al sesuur op die lughawe. Nou ry ek in die donker nag, maar dit is mooi. Dis donkermaan, daar is nie ’n maan van ’n dag oud nie. Ek stop daar so tien of twintig kilometers van Bultfontein af. Ek stop in die middel van *nowhere* en nêrens en sit die bakkie se ligte af. Ek gaan staan buite die bakkie en kyk hierdie sterre. Ongelooflik. Jy sien dit nie op ander plekke nie. In elk geval nou luister ek weer na die gesprekke en dit is net vir my so ontstellend opvallend hoeveel van die ouens nie sou sê wat julle nou gesê het nie. Vir hulle het apartheid gegaan oor ‘hy mag nie voor in die bus gesit het nie’ en al hierdie klein apartheid reëltjies, jy weet die reëls wat gesê het hy is swart en hy mag nie hier swem nie. In plaas daarvan om raak te sien dat agter dit sit daar ’n onderliggende beginsel wat sê ek is beter as jy en daarom mag jy nie hier sit nie, of daar swem nie, mag jy nie dit doen nie en mag jy nie dat doen nie. Maar dat ons absoluut oogklappe aan het om daai dinge raak te sien. Nou wil ek vra hoeveel blankes dink julle sien dit raak of sien dit so? Of is ons drie nou die uitsondering, of in die minderheid?

Frans: Soos ek gesê het die mense met wie ek gepraat het, het saamgestem dat ons eerder moes begin het as later begin het. En ek wil nou vir jou sê dat byvoorbeeld as ek met my buurman gesels hier agter of dit of dat dan sal hy vir my sê – ek wil nou nie baie dramaties klink nie – *maar ek het nooit so daaraan gedink nie*. Maar eintlik is jy reg. En wat ek probeer doen as ek met sulke mense praat is om duiwelsadvokaat te wees en die ding anders te sien. Net om ’n slag aan die ander kant van die tafel te

gaan sit en van daai kant af hierna toe te kyk. Want ons is gewoond om net hierdie kant toe te kyk. Ja ek weet nie, ons ken seker ook nie so baie mense nie. Ek dink tog daar is ’n paar ouens wat se oë oop gegaan het.

Elsa: Daar is ’n klomp mense wie se oë oop gegaan het, maar daar is nog steeds baie wat...

Frans: Ja, die meerderheid is nog nie daar nie.

Albert: Dit is vir my heel interessant, ek sal waarskynlik in die gesprek optel maar julle is nou die eerstes, maar uit die groep wat ons destyds gehad het was daar ’n groot klomp – as ek nou weer luister na dit wat hulle daai tyd gesê het – hulle sien daai deel nie raak nie. Vir hulle is apartheid bloot sekere reëls wat sê hier swem en daar swem en hier eet en daar eet. Jy weet, sulke goeters. Maar dit is belangrik. As ’n mens dit nie raak sien nie dan het ’n mens nie begrip vir hoekom mense in opstand gekom het nie. Wat maak dit nou saak? Ek het ’n strand en jy het ’n strand. Kyk, dat my strand nou rêrig baie beter is as jou strand, is nou nie regtig hier ter sake nie. Maar dit is nie waaroor dit gaan nie, dit gaan daaroor dat ek nie as mens erken word nie. Die hele debat oor name... Ek dink ek het dit al in een van gesprekke gesê, dat ’n man met die naam van Michael wat met my gepraat het. Sy noemnaam is Michael. Maar hy sê toe vir my sy naam is eintlik Mukake, maar die blankes kon toe nie daai naam uitspreek nie. Hulle besluit toe sommer net op Michael en hulle noem hom dit.

Frans: Het julle hierdie storie gehoor van die waar jy mag swem en nie mag swem nie. Waar die outjie van Johannesburg wat nou daar in Durban kom, dan sit hy nou daar in Durban se hoofstraat en oorkant die strand is daar die *Beach Hotel* nou sit hy daar op die stoep. Nou help die Indiër man hom en vra of hy vir hom ietsie kan bring om te drink of dit of dit. En dan bring die ou vir hom en hy kyk so uit en nou vra die ou vir die Indiër *is that the Indian ocean over there?* Die Indiër ou was baie skerp en hy sê toe *no no the Indian ocean is on your left hind side close to the snake park, this is the white ocean.* Jy verstaan. So die Indiër was *wide awake*, as jy nou Durban ken weet jy dit was daar by die slangpark.

Elsa: Weet jy Albert, wat vir my die verskriklikste in die onlangse verlede wat ek beleef het oor hoe mense... Ek probeer ’n ander woord daarvoor kry... verontmens is... Die kleurlingmense, die vrou werk nou een keer ’n week vir my, hulle het nou so agt maande terug, het die dogter ’n babatjie gehad en dit is nou ’n lang storie. Ek het die

kind gevang, die naelstring geknip en die hele werke. Maar in elk geval, die babatjie is verlede Vrydag, kyk Saterdag is die begrafnis, die vorige Vrydag is hy dood. Daai mense kan nie emosie toon nie. Hulle, die ma, die dogter wie se kind dit is, het so 'n bietjie trane geloop. Die ma, die ouma en die pa die mense is soos standbeelde. Hulle kan nie emosie toon nie, want hulle so gewoond daaraan om nie te mag sê hoe jy voel nie of te wys hoe jy voel nie. Jy is *rubbish*, jy is hier om vir my te werk en jy doen wat ek vir jou sê. Dit was vir my verskriklik. Dit was rêrig vir my 'n verskriklike ervarings. En ek is oortuig in my hart dit is nie net dat hulle onemosionele mense is... ek meen dit is 'n groot ding as jou babatjie of kleinkind dood gaan. Ek het my morsdood gehuil maar hulle kan nie emosie toon nie.

Frans: En die agtergrond van die ouma en oupa, dit is nou die F wat ek nou sê die alkoholis is. So wat ek wil sê is die ouma is totaal ongeskool, sy kan nie lees of skryf nie. Ons het nog so 'n groot horlosie wat ek nog persent gekry het by my Welkom personeel toe ek weg is. Sy sit die horlosie in ons kamer onderstebo, sy het nie 'n *cooking clue* hoe om 'n horlosie te lees nie. Nou hulle was hier gewees, en ek het met F gepraat. F is vir my 'n bietjie slimmer, maar hulle is ongeskool en het van plaas tot plaas getrek daar was nie tyd gewees vir die klein meidjie om skool te gaan nie. Maar F weet tot van die krisisse in Griekeland maar hy sit nou die hele dag en TV kyk as hy nou nie drink nie. Maar ons staan nou daar voor die graf en ouma staan daar en die oupa staan daar en die vroutjie wie se kind dit is. Ek vra vir haar S is jy oraait, en ek vat so aan haar skouer. Ja meneer ek is OK. Elsa het later met haar in die kar gaan sit. Daar is geen emosie nie.

Albert: So hulle is oor jare so geleer.

Frans: Jy weet Albert, ek en Elsa het daaroor gepraat nog voor ons geweet het van hierdie gesprek. Ek sê vir Elsa, weet jy dit gaan 'n hele paar geslagte neem, geslagte, alvorens daai mense op 'n vlak gaan kom waar hulle menswaardigheid herstel gaan word. Uit die aard van die saak nie daai mense nie maar ek praat nou van agter... die evolusionêre proses.

Albert: Ja, want jy tel nog iets by jou pa en jou oupa op van onsekerheid.

Frans: Hier kom hulle en ons is daar in die hospitaal en daar is ander ma's met vroeggebore babas. Toe sê daai een vrou ook vir ons hulle ken nie van om so behandel te word nie, soos kerk toe ry en sulke dinge. Toe sê ek vir haar maar ons

doen dit nie ter wille van... nie. O ja sy sê want God sal jou seën as jy al daai goed doen. Ons doen dit daaroor nie. Ons doen wat ons moet doen, wat van jou verwag word, wat 'n ou behoort te doen. Wat sou 'n normale ou doen? Ons kom uit so 'n abnormaal agtergrond.

Albert: Ek dink ons besef nie eens hoe abnormaal dit is nie. Ek luister nou 'n tyd terug in die oggende op die radio, of is dit nou SAFM? Dan het hulle nou 'n voorlesing oor sokker, die geskiedenis van sokker in Suid-Afrika. Aanvanklik was dit 'n gemengde klub en toe het die regering kom inmeng en gesê maar dit kan nie gemeng wees nie, dit moet net wit of net swart wees. Die toeskouers mag nie gemeng wees nie. En sulke goeters en toe was dit SASCO die sportliggaam wat gekom het en gesê het geen normale sport in 'n abnormale samelewing nie. Wat ons as blankes nie rêrig verstaan het nie maar hoekom is dit nou abnormaal, totdat 'n mens nou half op 'n afstand kan terug kyk en sê maar ons kon eintlik dinge anders hanteer het.

Albert: Is mense nou meer rassisties as vroeër of is mense nou meer uitgesproke as vroeër. 'n Mens kry baie keer mense wat die opmerking maak van ek was nooit 'n rassis nie, maar nou is ek, of ek was nog nooit 'n rassis nie maar hulle maak dit vir my so moeilik. Iets in daai lyn. Is ons meer rassisties as vroeër?

Elsa: Ek glo nie Albert. Volgens my is mense net meer uitgesproke daaroor. Ons almal wil ek sê was, en is in 'n seker mate nog almal rassisties. Ek glo nie mense is meer rassisties as wat hulle was nie, hulle het nou net iemand om te blameer en hulle praat meer daaroor. Ek meen destyds toe dit net 'n blanke regering was, het daar ook baie goed verkeerd gegaan. Maar dit mag nie in die koerante geskryf geword het nie. As die minister van binnelandse sake in Namibië gaan jag het en hele polisie vangwa vol koedoes huis toe gebring het... Ek meen dit is nie openlik vertel nie, dit was nie algemene kennis nie. Vandag kom die goed meer in die oopte. So die mense praat nou meer daaroor en hulle word nou kwater, want dit is mos nou die swart mense wat so verskriklik is. So ek glo nie mense is meer rassisties nie ek dink hulle praat net meer daaroor.

Frans: Dit is nou jammer [ons dogter] is nie hier nie, want toe ons nou vanmiddag terug kom het ek vir haar gevra of sy wil bestuur. Toe het daar nou weer die tipiese gevalle gebeur, ons kan dit maar so noem. 'n Paar taxi's wat voor jou indraai wat daar in Tabelview in die dorp se gebied ry en dan kry jy nou die ander ouens wat 60km ry op die oop pad. Die mense in die Kaap, ons bly lekker hier, maar hulle bestuur swakker as

die Vrystaat en Transvaal. Maar toe sê sy vir my, sy het vanmiddag vir my gesê, pa ek word al hoe meer en meer 'n rassis. Toe sê ek vir haar Fransien maar hoekom. Toe sê sy pa die mense wil nie lewe nie, hulle wil nie aangaan nie, hulle wil nie by die reëls en regulasies hou nie. En toe vertel sy ons ook daar op die boot waar sy nou werk is hulle partykeer saam in 'n kajuit met 'n *Jamaican* of iemand van *Puerto Rico* of wat ook al. Sy sê pa daai mense kan skaars Engels praat en hulle is eintlik useless. Hulle word maar net gevat om die getalle vol te kry. Sy sien hulle nou weer op 'n ander vlak. Maar sy het swart vriende ook, moet nou nie die fout maak nie. Ons het foto's wat sy nou hand om die nek met 'n swart man, hierdie ou was die sjef daar of dit was dit. Maar tog is daar daai stukkie van jy kan nie so vinnig dink soos ek nie of jy stap nie so vinnig soos ek nie. Of jy ry voor my in en ek haat jou vir dit, ek is rassisties. Dit het sy vanmiddag vir my gesê. Maar ek wil met Elsa saamstem dat die mense is net meer uitgesproke.

Albert: Is dit dalk 'n kwessie van onder die ou bedeling was dit nie nodig om iets daaroor te sê nie, want ons het nie kontak met mekaar gehad nie?

Frans: Ons het minder kontak gehad, ja.

Albert: Swart mense het dáár gebly en ons het hier gebly. In 'n sekere sin het hulle hul eie winkels gehad en in hulle eie wêreld geleef. Ons het in ons wêreld geleef en hulle in hulle wêreld en nou is daai twee wêrelde een. Nou het ons net baie meer swart mense om ons as wat ons nog in ons lewe gehad het. Ek wonder nogal daaroor. Want 'n mens hoor dikwels mense sê ek was nooit 'n rassis nie maar... Dan is my vraag altyd is dit reg, was jy rêrig nooit 'n rassis nie of was dit net nie 'n kwessie gewees nie?

Frans: Eugene Terre'Blanche het ook gesê hy was nie 'n rassis nie, maar daar was 'n paar praktiese voorbeelde in sy lewe. Dit is nou jammer hy is op so 'n manier dood maar.

Elsa: Ek dink in ons almal se lewe. As ek myself as 'n voorbeeld noem. Ek wil met my hele hart en met my hele diepste wese wil ek nie rassisties wees nie. Ek wil nie iemand anders sien as minder as ek self nie. En tog daar nog partykeer, voor jy jou kon kry, partykeer is daar net iets wat jou laat dink, ag dit is nou net 'n swartes wat dit kan doen.

Albert: Nee ek kan heeltemal daarmee identifiseer Elsa. Ek betrap myself veral in die kar.

Elsa: Ek moet sê ek skel baie wit mense ook wat in die kar ry.

Frans: Maar een van my vriende hier, die een wat in die weermag was, hy wil 'n *zirts* masjientjie maak, hy wil hom net so *zirts* agter die oor dat hy kan lewe kry of kan pad gee.

Albert: Baie keer het hulle 'n selfoon hier teen die oor. Gister weer hier voor my ry 'n vrou in 'n kar, maar die kar kan nie weg kom nie, jy kan 'n honderd ry maar ons ry net so oor die sestig. En op 'n stadium toe gaan sy na die regterbaan en weer terug. Toe ek 'n kans kry om verby te gaan is dit toe 'n ouerige vrou wat toe sit met 'n selfoon en sit lang stories en gesels. Sy kan nie konsentreer op die pad nie, ry al hoe stadiger.

Elsa: Dit is nou net daar wat 'n mens wens daar moet nou 'n verkeers ou dit sien jy weet.

Albert: Daai zirts masjientjie sou gewerk het.

Frans: Maar nou verder as dit. Nou vra jy praat ons nou net anderste of sê ons dit net anderste. Maar daar gebeur ook dinge in ons land wat maak dat ons meer daaroor praat. Soos byvoorbeeld die voorbeeld wat die agbare president vir ons stel. Die voorbeeld dat hy ook liedjies sing van bring my masjiengeweer en daai tipe goed. En dan natuurlik die Julius Malema's van die lewe wat regtigwaar rassehaat aanwakker en veral na Eugene se dood. Dit is my tragies – is daar ooit 'n regte tyd – want dit het op 'n baie slegte tyd gebeur voor die wêreldbeker sokker, voor baie dinge.

Elsa: Kyk ek persoonlik dink die mense maak te veel daarvan. Dit is hoekom dit 'n groot ding word op die ou einde van die dag.

Albert: Die media is natuurlik ook skuldig aan hierdie hele ding. Dit is 'n lekker storie. Al hierdie stories is baie lekker.

Elsa: Ek meen ek het nou begrip vir Mnr Zuma met hierdie liedjie wat hulle sing. Hy sê dit is 'n ou liedjie waarmee hulle van kindsbeen af saam kom. Nou as jy nou maar dink aan liedjies wat ons maar gesing het. Siembamba. Ja draai sy nek om, gooi hom in die sloot, trap op sy kop dan is hy dood. Nou ek meen geeneen van ons wat daai liedjie gesing het, het gedink om 'n baba se nek om te draai en hom in die sloot te gooi en op

sy kop te trap nie. Dit is ’n liedjie waarmee ons saam groot geword het. Goed miskien het hulle aanvanklik, het daai liedjie so in die *struggle* ontstaan.

Albert: Maar dan sal die vraag wees, het die tyd dalk nie al verby gegaan nie? Moet ’n mens nie maar sê, daar was ’n tyd en ’n plek wat ons dit dalk moes gesing het, of dalk gesing het. Maar daai tyd en plek is nou verby. Dit is my frustrasie met daai tipe van goeters. Goed ek verstaan dat dit nie noodwendig dat – daai een wat Zuma ook gesing het – dit beteken maak apartheid dood. *Fine*, maar gegewe die konteks waarin ons nou is sou dit beter wees om dit nie te sing nie. Wat wen jy deur dit te sing? Al wat jy reg kry is om ’n klomp wit ouens wat gematig kon wees het, jy nou de hel in gemaak het. Moenie gaan roer waar dit rustig is nie.

Elsa: Maar Albert ek moet vir jou sê as ek as ’n swart mens in hierdie land moes groot geword het sou ek baie meer rebels gewees as baie van hulle.

Frans: Hy meen die nag van die lang messe kan dalk waar word?

Elsa: Ek sal baie kwater gewees het. Want ek meen ek het in my hart persoonlik begrip vir ’n Julius Malema. Ek sou net so kwaad gewees het. Ek sou net so graag wou hê hierdie wit mense wat van ons iets gemaak het wat anders is as ’n mens, ek sou ook graag iets aan hulle wou doen.

Albert: Dink jy dit is ’n algemene standpunt of is hy in die minderheid. Of is daar meer mense wat soos hy dink, of is daar meer mense wat sê, ja dit was sleg maar kom ons probeer om aan te gaan?

Elsa: Ek kan nie vir jou sê of dit meer of minder is nie, maar as ek nou moet skat sal ek sê die helfte-helfte. Daar is baie swart mense wat regtig nie ’n vreeslike *issue* meer het met apartheid of die wit mense nie. Maar ek dink tog daar is nog van hulle wat baie kwaad is vir ons

Frans: Ek weet nie, dit is nou moeilik om ’n getal persentasie of wat ook al daaraan te koppel. Maar ek kan amper sien soos jy vandag nog Afrikaans sprekende ouens kry wat kwaad is vir die Engelse oor wat hulle aan ons gedoen het in die Boere-oorlog nè. En ons ken sulke mense, en jy ken hulle ook, maar kom ons los die name net daar. So dink ek is die Malema’s. Want ek meen wanneer is Malema gebore? Hoe oud was hy in 1994... behoort hy eintlik ’n heeltemal nuwe geslag wees. Maar hy dra ook ’n klomp

oorgeërfde bagasies dink ek. So ek weet nie of dit helfte-helfte kan wees nie, dit mag so wees. Maar dat dit bestaan, is wel so.

Elsa: Ek dink van die jonger mense, veral nou die, ek sal nou nie sê die skoolgaande of miskien selfs nie die wat nou op universiteit is nie, maar van die jonger swart mense is wrewelrig omdat hulle ouers so 'n *ja baas, nee baas* houding nog steeds het. Dit is dalk hoekom hulle meer uit-reageer want pa en ma doen niks nie hulle aanvaar nou maar...

Albert: Die ander ding wat deesdae 'n rol speel is die geweldige verskil in rykdom tussen wit en swart in Suid-Afrika. 'n Geweldige klomp swart mense wat werkloos is, dan sien hulle dit lyk asof die blankes meer as genoeg geld het, hulle het werke en so aan wat ook weer 'n stuk wrewel op sigself na vore bring.

Frans: Maar ek dink dit gaan verder as dit, dit is enersyds waar. Ek dink hulle dieselfde wrewel ook met hulle *upper class*. Ek meen daar is ryk, ryk swartes wat absoluut in weelde leef terwyl op grondvlak... Nou sê die president nou die aand, waar was hy gewees? Waar hy gaan besoek aflê het en in die plakkers huisies was en skielik spreek hy homself daarteen oor uit. Ek dink dit is omdat ons nader aan die verkiesing kom, maar wat het hy en sy trawante die afgelope jare gedoen?

Elsa: Maar nou aan die ander kant die mense kan dalk nou kwaad wees daaroor en daar kan ook dalk mense wees wat trots is, want kyk waar het ons mense uitgestyg wat eers niks was nie. Want kyk hoe het hulle die trappies geklim. Kyk hoe goed gaan dit met party van ons swart mense.

Frans: Maar voel hulle dalk soos hoe ek voel oor Anton Rupert hulle? Hy het baie verder gestyg as ek? Ek wil net sê so 'n tyd gelede het ouens hier by die swart hoërskool, het hul klaskamers aan die brand gesteek. Dit was nou weliswaar tydelike klaskamers. Nou is daar al hoe lank beloof deur die groot onderwys departement en ander politici van die ANC dat die skool kom. Nuwe klaskamers kom. Dit is tydelike strukture, maar dit is tydelike strukture wat oor tien, twaalf jaar hier staan. So staan daar al toilette wat nie chemiese werk nie, met ander woorde dit is net toilette wat opgekoppel moet word soos hulle by die skoue en daai tipe van goed. Die goed staan al drie jaar daar en word net nie opgekoppel nie. So ek het ook begrip vir daai frustrasie. Ek sê nie 'n mens moet vernietig nie, allermins. Dit werk nie so nie, maar dit trek aandag. Skielik was hier hooggeplaasde ouens gewees en die toilette is gekoppel ten minste.

Albert: Jy is reg, in ons agtergrond sou jy sê om nie te vernietig om aandag te kry nie, maar dit lyk my dit is wat werk. Kyk, dit is my frustrasie, vra ek altyd hoekom vat dit eers so iets voordat 'n eenvoudige ding gebeur soos 'n loodgieter wat kom en die pype opkoppel? Hoekom moet 'n mens altyd so ver gaan voordat ouens hulle werk gaan doen?

Frans: Jy sien en daar kom daai stukkie, ek wil amper sê, rassisme in my nou weer na vore. As ek nou sien hierdie stakings van die vullis ouens wat die dromme so omkeer in Kaapstad in die hoofstraat of waar ook al, dit is dieselfde ouens wat dit weer op 'n kol moet gaan skoon maak. Of hulle steek treinwaens aan die brand wat derduisende rande kos wat vir my en jou geld kos. Ons is die belastingbetalers en daai ou betaal nie belasting nie. Jy weet sulke goeters verwerk ek moeilik. Maar dit is nie nou so dat ek 'n lang mes kan uithaal en, jy weet dit kom by jou op. Jy weet dit maak jou net vies, maar more dan voel jy weer 'n bietjie beter.

Albert: Ja, maar hierdie dinge werk kumulatief, dit bou op.

Frans: Ja en die ding is met hierdie laaste stakings, nou praat die mense hulle eis 15% en ons dink 15% is vreeslik. Ek meen dit is nie wat jy gaan eis by jou werkgewer as jy dit nou sou kon doen of wat ook al nie. Maar dan moet 'n mens ook gaan kyk na die verwysingsraamwerk. Wat is 15% op sy minimum loon? Versus 15% op die skaal waar jy is of ek is of wat ook al. 'n Mens moet daarvoor ook begrip hê.

Albert: Gaan ons ooit wegkom om met 'n wit/swart bril na die wêreld te kyk? Ons kyk ons na die wêreld en as iets gebeur dan sê ons nee maar dit is weer 'n swart man, of die wittes is mos nou maar so. Gaan ons ooit op daai punt kom? Of kry ons dit al reg om na mense as mense te kyk, of kyk ons nog na mense as wit mense of swart mense?

Frans: Miskien moet ons die vraag anderste vra. Waar in die wêreld kyk hulle nie met 'n swart/wit bril na mekaar nie? Kom ons vra die vraag, het dit in Amerika heeltemal gewerk? Ek glo nie.

Albert: Nee uiteraard. Daar is seker orals nog iets van daai rassisme.

Elsa: Ek glo nie ons sal ooit heeltemal daarvan kan weg kom nie.

Albert: Is ons al beter daaraan toe as agtien jaar terug?

Elsa: Ek dink ons is beter as agtien jaar terug.

Albert: Kyk ons het op ’n tyd gekom waar jy dit nie anders kan doen nie. Byvoorbeeld in die koerant daar was ’n ongeluk, daar was tien mense dood, daar staan nie daar is tien mense dood nie, daar staan daar is tien wit mense dood. En ook as ons hoor daar was ’n ongeluk en daar is tien mense dood dan vra ons ook of was dit wit mense of swart mense. Tot ’n skande moet ons dit herken.

Elsa: Wel, as ek lees van ’n groot ongeluk en hulle het nou ’n lys name wat daarby is. As ek sien dit is swart name wat daar is, dan lees ek dit nie. Maar as ek sien dit is wit mense dan lees ek dit vir ingeval dit iemand is wat ek ken. En dit is so dit is my tragies dat ’n klomp swart mense dood is, maar ek is meer bekommerd oor die wittes wat dalk naby my kan wees.

Albert: Dit kan ’n mens verstaan, maar bloot die feit dat ’n mens vra was dit wit mense of was dit swart mense. En as dit swart mense was dan gaan ek aan na die volgende berig toe. Ek dink ons het nog iets daarvan. Maar soos julle sê ons is al minder so as vroeër.

Frans: Ek het ’n ander voorbeeld, ek weet nie of ’n mense dit kan deur trek na dieselfde ding nie. Maar as jy nou [op TV] gaan kyk op Sondae aande... Wie is dit? Is dit Charmaine Harris wat nou hierdie program aanbied? *Fokus*, wat Freek Robinson eers aangebied het. Wat ek eintlik wou sê is, sy is nou ’n kleurlingvrou, sy bied dit baie goed aan. Op die nuus SABC2 in die oggende die swart man daar wat al jare daar is. Ek dink in daai opsig aanvaar ons dit dalk makliker.

Elsa: Maar jy praat nog van ’n swart man en ’n bruin vrou.

Frans: Ja maar dit pla my nou nie meer nie as daardie persoon, die swarte, die nuus lees of ’n aktuele program aanbied nie.

Albert: Ek hoor wat Elsa sê, ons identifiseer nog dit is ’n swart man, maar dit is nie ’n *issue* nie. Of dit nou hy is of Rian Cruywagen wat die nuus lees, dit is OK. Hy lees mos

die nuus. So goed, ons is al ’n bietjie verder dat ons nie meer deur ’n wit/swart bril kyk nie. Dit is goed.

Elsa: Ek dink daar is nog baie mense wat nog nie daar is nie.

Albert: Nee, ek dink daar is ’n klomp ouers wat sal dood gaan in apartheid, al is die vyftig jaar van nou af. Ek wil ’n bietjie praat oor skuld. Elsa ek onthou jy het destyds toe ons in die groep gepraat het, het jy op ’n stadium gesê maar jy voel skuldig oor dit wat gebeur het en wat gedoen is en so aan. En dat jy voel dat die blanke moet hier restitusie doen of eers vergoed. Hoe dink julle nou daaroor? Hoe dink julle oor skuld in ons aandeel in apartheid?

Elsa: Ek persoonlik voel nog steeds dat ons skuld het daaraan en dat dit baie jare gaan neem om ’n restitusie te doen. En dit frustreer ons almal hierdie regstellende aksie dat ons wit kinders nie werk kry nie. Maar as ’n mens kyk na hoeveel jare dit al aankom, dit is nie net vandat die NP regering aan bewind gekom het nie. Dit is van Jan van Riebeeck hier geland het. Hoeveel jare is die wit mens bevoorreg bo die swarte. Dan dink ek tog het ons nog steeds ’n skuld om te betaal. Ek glo nie ons het al klaar betaal aan ons skuld nie.

Albert: Hoe gaan ons hierdie skuld betaal? Hoe gaan ons daai restitusie doen?

Elsa: Dit is ’n moeilike ding. Ek dink regstellende aksie is een van die goed. Dit is wat ons as blankes die meeste raak in hierdie land dat ons kinders veral nie werk kry nie en baie mense die land uitgaan. En ek persoonlik dink, jy weet dit is nou baie moeilik ’n mens wil nie graag van jou geld weggee nie en minder te kry wat jy sou gekry het nie. Ek weet nie of so iets sou nie kon werk dat hulle verskillende belasting heffings het op swartes as op wit mense. Ek voel tog ons moet op ’n manier betaal en miskien moet ’n mens dit liewer ’n persoonlike ding maak dat jy meer van jou goed en meer van jou tyd gee.

Albert: Dat dit meer ’n persoonlike ding is waar ek my vrywilliglik aanbied van my bates of wat ook al aanbied as wat dit van die regering se kant af kom en sê maar nou moet almal so of so maak.

Frans: Dit voel vir my of die regstellende aksie, die BEE moet iewers stop. Ek voel persoonlik daaroor ek het geestelik lankal boete gedoen daarvoor en vergifnis gevra.

Ek het by ’n punt gekom ek wil nie meer elke dag herinner word daaraan nie. Ek dink na agtien jaar wat ’n goeie gedeelte van ’n geslag verteenwoordig, behoort ons nou op ’n punt te kom wat ons sê ons het nou baie regstellende aksie gedoen in die werksplaas, maar iewers moet dit nou stop. Ons moet mense gebruik wat geskik is vir die werk, want ons almal het tien duisend voorbeelde van mense wat net aangestel is. Ons het nou die aand weer gehoor van mense wat rioolwerk doen wat net pakkette gekry het en gegaan. So baie mense het die pakket uitweg gevat en gevlug en ons het die mense net agtergelaat om aan te gaan. En hulle is in posisies aangestel. Dit voel vir my dit moet stop, want ek stem saam met Elsa ’n mens moet liewer in ’n persoonlike hoedanigheid kom. Maar hier is ons by die stories van die Transnets, Eskoms wat nou al gesê het, en die polisie self. Ons vra ons ou mense terug, nie oumense, ou hande terug want ons sien nou ons het ’n boggeroppie gemaak. Ons moet dit regstel so daar kom ietsie terug dit lyk of die pennie nou begin te *drop*. So ek dink regtigwaar selfs in die sport ook, waar daar regstellende aksie in die sport is. Dit voel vir my ons behoort nou by dit verby te wees. As ’n ou in agtien jaar se tyd wou rugby gespeel het, sou hy rugby gespeel het en dan sou hy nou al ’n Springbok kon gewees het. En dieselfde met sokker en dieselfde met alles. Alhoewel was die geleenthede nie vir hom daar gewees nie in die swart woongebiede nie, maar dit kan ’n mens nou baie die kant toe of daai kant toe praat. Maar om slegs ’n kunsmatige regstelling daar te stel daar moet soveel ouens in die rugby span en daar moet soveel in die krieket span wees. Ek dink dit is ’n klomp nonsens.

Elsa: Nou dink jy, jy as mens kan honderde jare se skuld terug betaal in agtien jaar?

Frans: Elsa jy kan nie, maar hoe gaan jy dit doen. Ek weet nie ek vra myself die vraag hoe gaan jy dit doen.

Albert: Is die manier waarop die goed op die oomblik gedoen word nie dalk vir ’n paar mense tot voordeel maar vir die grootste meerderheid tot nadeel nie. Soos ek gaan nou ’n eenvoudige voorbeeld vat soos die ouens wat weet van rioolwerk. Daar kom nou mense wat afgelê kom ons sê nou tien mense in regstellende aksie so vir daai mense is dit wonderlik want hulle het nou werk. Maar vir die honderd-duisend wat geaffekteer word deur die rioolwerk wat nou nie werk nie, vir hulle is dit nou weer ’n nadeel. Nou moet ’n mens seker begin ’n balans trek en sê maar regstellende aksie bevoordeel sekere maar benadeel nog meer.

Elsa: Ja maar Albert nou moet jy weer kyk daarna dat baie blanke mense het nie hulle poste verlaat omdat hulle moes nie. Hulle het gegaan omdat hulle weier om saam met swartes te werk. Ek werk nie onder ’n swart baas nie, of ek werk nie saam met ’n swart persoon in my kantoor nie. So baie van hierdie ouens met die kennis het net eenvoudig geloop omdat hulle nie saam met swartes kan werk nie en wat ’n groot deel van die probleem veroorsaak het.

Albert: Dit help tog om die toepaslike ouens wat weet wat daar aangaan daar te hê.In Welkom... kyk op ’n stadium was daar totale chaos by die rioolplaas. Dit was mos in die nuus gewees en goeters. Die hartseer is dan kom die minister daar aan en sy sê vir die burgemeester nee drie maande dan moet hier planne op die tafel wees wat werk. Nou ja, ons praat van ’n paar jaar later en daar is nog nie ’n plan op die tafel nie.

Frans: En nou daai *grand* rioolwerke, ek het nog die voorreg gehad om dit te open. Dit is die enigste plek in Welkom waar my naam op ’n koperplaatjie verewig is. Maar die koperplaatjie het nie lank daar gebly nie. So die verewiging het nie lank geduur nie. En daai selfde rioolwerke, wat ek die dag genoem het die dag in my *speech* is dat daar nog ’n fase twee, drie en vier beplan is. Die infrastruktuur of die fondasie van die goeters is gegooi. Hulle moes net die infrastruktuur opsit en uitbrei en goete.

Albert: Ek het oor die nuus gehoor daar was blykbaar weer in die parlement vrae gevra het daaroor. By die polisie is daar 52 poste vir polisievlieëniers waarvan net agt of dertien gevul is, want die ander ouens wat gekwalifiseer het en aansoek gedoen het is blank en hulle het net geweier om hulle aan te stel. So die poste is liewer vakant.

Elsa: Ja dit is vir my baie sleg. Ek meen dat daar regstellende aksie moet wees, maar op ’n meer verantwoordelike manier sou ek dink. Ek meen jy kan nie almal wat iets weet weg gooi en nuwe ouens in sit nie.

Albert: Maar dit is presies wat ons in die ou bedeling gedoen het, jy kan nie dit doen nie want jy is swart. Ons dink nie eens aan jou nie, so gaan. Nou is dit ’n kwessie van ons dink nie eens aan jou om hierdie werk te doen nie, want jy is wit. Dan wen niemand mos nie dan leer ons mos nie uit ons foute nie.

Frans: Dit is soos daai polisievrou wat die polisie hof toe gevat het. Maar ek wil net gou iets sê. Baie wit mense het ’n hengse *bubble* gehap soos Elsa netnou gesê het, wat nie onder swartes wil werk nie. En hulle het so groot *bubble* gehap en hul pakkette gevat

en van hulle is vandag arm blankes. So baie van hierdie goeters het hulle oor hulle self gebring.

Albert: Ja, dit is baie jammer. Kom ons praat gou oor die kerk. Die kerk, as ons nou baie eerlik met mekaar is dan weet ons mos dat die kerk het in die verlede gesê apartheid is reg en sommige ouens sê die kerk het dit nooit gesê nie. Dit is natuurlik nie waar nie. Die kerk het oor jare die apartheid ondersteun. En toe op 'n stadium besef maar dit is nie reg nie, ons kan nie so sê nie en toe het ons dit gestop. Hoe sien julle die rol van die kerk? Dink julle die kerk speel 'n rol in terme van versoening? Wat is julle belewing daarvan?

Frans: Ek wil net sê dat die twee mense wat hier sit, wat jy in hele ander hoedanigheid geken het, gaan glad nie meer kerk toe nie. Nee, ons gaan glad nie meer kerk toe nie. Ons is op 'n baie anderste plek en ek voel dit is dalk 'n gesprek vir later.

Albert: Kom ek vra spesifiek die NG Kerk. Dink jy die NG Kerk speel 'n positiewe rol in terme van versoening.

Frans: Nee hulle doen nie.

Elsa: Ek glo nie regtig so nie.

Frans: Nee, hulle doen nie. Soos wat die NG Kerk gekom het met baie goeters oor jare terug, van hoede dra en mans wat pakke klere dra en die gay issue en die dit en die dat, hak hulle vas by die belydenis van Belhar. En as die kerk nie voor loop nie, en die mense wat nog in die kerk glo wat nog gaan, en gelyk maak nie... So ek glo nie die kerk speel 'n rol nie. Ek dink die kerk trap water. Die NG Kerk trap water.

Albert: Is kerk dan basies irrelevant in hierdie hele storie?

Elsa: In die hele apartheid storie?

Albert: Nee waar ons nou is. Speel die kerk dan glad nie 'n rol, 'n regtig positiewe rol nie.

Frans: Ek dink nie so nie.

Elsa: Ek beleef nie rêrig so iets nie. Frans sê nou vir jou ons gaan nie meer kerk toe nie, maar in die tye wat ek in die kerk gekom het, gaan jy soontoe en dit is die gewone ritueel, daar word uit die Bybel gelees en daar word vir jou gepreek. Ek het bitter min gehoor oor hoe ons onself moet verander teenoor ander rasse en moet versoen met die mense. Wat daar vir ons gesê is apartheid is 'n euwel, ek het dit nie van die kansel af gehoor nie.

Albert: Met ander woorde die kerk is nog soos altyd, dis *business as usual*.

Elsa: Weet jy hoe voel ek oor die kerk deesdae? Dit is 'n klub. Die NG Kerk hier is 'n klub waaraan sekere groepe mense behoort wat graag soontoe wil gaan. Dit is nie oop vir enige ou nie. Die swart mense gaan nog steeds nie na ons kerk toe nie. Die bruin mense gaan nog steeds nie na ons kerk toe nie. Ten spyte daarvan dat die kerk jare gelede oopgestel is. Daar is nie... die gesindheid is nog nie oop nie. Ek meen die NG kerke is nog nie een nie, daar is nog steeds verskillende NG kerke vir die swartes en die bruines en die wit mense. Ek meen, wat wys dit vir die lidmate van apartheid.

Albert: Nee ek hoor jou, nou daar is seker uiteraard baie wat 'n mens daaroor kan sê, maar ek dink jy is reg om te sê die gesindheid binne die kerke nog nie oop nie. Op papier is die kerke oop. Dit is interessant, ek het nou die Sondag gepreek... Ek preek vanjaar uit en uit volgens die leesrooster wat veral by die Engelse kerke gebruik word. Die gedeelte nou die Sondag was Johannes sewentien van vers twintig waar Jesus vir die dissipels bid. Dan bid Hy pertinent vir eenheid, want hy sê dat julle eenheid sal maak dat die wêreld glo. Toe noem ek dit as 'n voorbeeld dat die kerk in sy gesindheid 'n oop ontvanklike houding moet hê vir mense anders is as ons. Want die eenheid in die kerk het niks te make met die eendersheid dat almal soos ek moet wees nie. Ons moet 'n eenheid met Christus wees wat na vore moet kom en so aan. Maar toe ek daaroor preek toe dink ek ook daaroor maar ons is nie baie oop daaroor nie.

Elsa: Kyk ek het vir 'n tyd lank 'n Bybelstudiegroep hier bygewoon. En nou luister ek maar so waaroor die vrouens praat. Ek bly liewers deesdae weg, ek kom te sterk oor met wat ek wil sê. Mense neem aanstoot daaroor. Maar dat... die groot storie vir die mense, die groepie wat ek nou daar bygewoon het, hoekom hulle nie wil hê die kerke moet saamsmelt nie. Want dan gaan die swartes ons kerke oorstroom. So dit is nog steeds hulle houding. Maar ek meen, goed wie is nou eintlik die kerk maar dit is die sinode wat op die ou einde die besluit moet neem. Ek meen die sinode bestaan maar uit lidmate en uit predikante uit. So maar dit is nog steeds die mense se houding. Hulle

wil nie hê ons moet saam smelt nie want die swartes gaan oorneem. En dan is daar natuurlik ander ouens wat sê die NG Kerk se groot storie is geld. Hy wil nie sy geld deel met die swartes en die kleurlinge nie, want die NG Kerk is ryk en het baie besittings. Hulle is bang en ook om die beheer te verloor. Om hulle baasskap te verloor met ander woorde. My persoonlike siening is dat die kerk nie 'n verskil maak nie.

Albert: Dit is nogal 'n aanklag teen die kerk dat ons dit nie doen nie. Ons is darem seker veronderstel om die een instansie, nee verkeerde woord, een groepering van die samelewing te wees wat juis iets daarvan kan sigbaar maak. Net gou 'n vraag, destyds het die... aanvanklik van die NG Sendingkerk op 'n stadium gekom dat as ek nou my geskiedenis reg het dat apartheid is 'n kettery. Nou kettery is 'n sterk woord, dit is 'n ding wat sê as jy dit glo kan jy nie ook die evangelie van Jesus Christus se verlossing glo nie. Dit wat jy glo is 'n kettery, want dit plaas die evangelie op die spel. Nou is my vraag hoe dink julle daaroor as 'n mens nou terug dink? Dink julle dit is 'n regte beskrywing?

Elsa: Ek dink verseker so. Ek dink verseker so Albert.

Albert: Hoekom sê jy so? Wat laat jou so sê dat apartheid so... Kyk, in een van die gesprekke het ek aangehaal van een ou wat gesê het... dit was 'n dominee van 'n buurdorp wat gesê het maar apartheid was net 'n blaps. Teenoor ouens wat sê maar apartheid is kettery.

Elsa: Albert, ek kan net... vir my maak dit absoluut nie sin dat ek doen en glo wat die Bybel sê jy moet jou Here jou God liefhê en jou naaste soos jouself. As jy daai goed nie doen nie, as jy mense nie beskou as mense nie, dan kan jy mos nie vir God rêrig liefhê nie.

Frans: Met ander woorde dit is mensgemaakte strukture wat dan eintlik keer dat jy die evangelie suiwer kan geniet. En daai mensgemaakte struktuur, die kerk, vroeër jare... ek het nou die dag 'n gesprek met iemand gehad, was baie dominees, baie skoolhoofde en baie ouens was Broederbond-ouens gewees. En so was jou parlementslede gewees. En die kerk het eintlik die staat regeer op 'n stadium, op 'n baie subtiele wyse. Daar is 'n groot kruisbevrugtiging tussen die twee goed gewees. So daai struktuur wat die staat daar gestel het, is toe geregverdig uit die kerk uit en dit het verhoed dat die evangelie suiwer bedien kan word. So ek het begrip daarvoor vir daai ou wat gesê het dit is kettery, nou in aanhalings tekens né.

Albert: Laaste goed. Hoe dink julle oor die toekoms? Wat hou die toekoms van Suid-Afrika nou in vir ons.

Frans: Ek is baie positief oor die toekoms ten spyte daarvan dat daar nou baie ouens is wat nou hana-hana en stories het oor baie dinge. As jy gaan kyk na die situasie in die land en watse ontwikkeling het daar nou gekom met die wêreldbeker, met die bou van die stadions en die nuwe lughawens. Terwyl die goed om jou verval, die paaie en die rioolsisteem en hierdie ander goete, dat jy ten spyte van dit, nog hierdie ander dinge tot stand kon gebring het wat nou uitstaan dan sê ek vir jou dit is goed. En dit is goed wat nou agtergelaat is wat nou reg bestuur moet word. En dit klink tog vir my as 'n mens nou terug kom na die politieke kant toe... Die ouens wat nou so stadigaan begin sien dat daar moet ander mense, ander strukture in plek kom. Dit klink tog of daar meer *checks and balances* kom in die regering en daai tipe van goed. So ek is positief daaroor. Ek dink die potensiaal is hierso. Ons het dit. Ons is 'n ryk land in meer as een opsig. Ek dink net daar vind wanbestuur plaas. En as ek sê wanbestuur dan dink ek van voetsool vlak af. Ek dink die regering kan die arm mense beter bestuur. Dit klink nou amper soos 'n kibboets stelsel of so 'n tipe van ding. Maar dink daaroor as 'n mens daai tipe mense kon gebruik het om te plant en te dit en te dat, om selfvoorsienend te wees. En soos Elsa vroeër in die gesprek gesê het, nog niks het in my lewe verander nie. Ek eet nog my broodjie, ek bly nog waar ek bly en ek meng met wie ek wil meng en ek kan dit sien dat dit gaan beter word vorentoe.

Albert: In terme van verhoudings tussen die verskillende rasse?

Frans: Albert met wat ons gesê het, of wat ek gesê het, wat my ondervinding was. Ons beweeg nou wel in 'n klein kringetjie, maar ek dink dit sal beter word in die toekoms. Ek dink byvoorbeeld, sommer die heel eerste ding.. die groot internasionale rugby-wedstryd wat in Soweto plaasgevind het. Ek wens ek kon daar gewees het.

Albert: Is daar nie 'n stukkie goddelike humor daarin nie? Want jy kry nou hierdie erge verregse *Blou Bul* ondersteuners wat Soweto toe gaan om rugby te kyk.

Frans: Ek dink dit is magic.

Albert: Ja ek dink Hy *smile* al die pad.

Frans: Ek sê weer, ek wens ’n mens kon in daai treine en busse ry voor die tyd en dan moet jy daar stop en ’n restaurant of klub van hulle gaan en gaan drink nou maar ’n Black Label of ’n Castle daarso saam met hulle en gaan kyk hoe is dit. Ek wil ook vir jou sê, ek was so ’n paar weke gelede toe die Stormers en Crusaders gespeel het was ek daar gewees. Iemand het my genooi, ons het op die hoofpaviljoen gesit. Ek was aangenaam verras gewees om te sien – onthou dit was hoofpaviljoen, nie staanplekke nie, dis dié *seats* – oor hoeveel kleurlinge en swart mense daar is. Nou kyk ek weer deur daardie swart/wit bril. Ek was aangenaam verras gewees om te sien hoeveel van hulle is daar. Wat vir die Stormers kom *cheer*. Ek kon dit nie glo nie. So ek het definitief hoop. Ek sal werklikwaar... ek wens ek kon een van die sokkerwedstryde gaan bywoon het.

Elsa: Nee ek het ook definitief hoop vir die toekoms van ons land. Dat daar baie tandekry probleme is en seker nog sal wees, is so. Maar ek dink tog die mense begin agterkom waar die probleme is en dit is wat hulle maak het. En ek glo ons het die *know how* om dit reg te stel. Dit sal miskien nooit weer heeltemal wees soos in die tyd toe die blankes regeer het nie. Ek weet ook nie, miskien sal dit, dit kan dalk beter wees. Maar ek het nog steeds hoop vir die toekoms en ek is seker daarvan die regering het ’n wil om dit te laat wil werk. Ek glo nie ons sal ooit ’n eenparty staat word nie, dat ons ’n diktator sal kry en so nie. So ek het regtig hoop vir ons.

Albert: Goed, kom ons stop daar. Dankie vir julle eerlike antwoorde.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid 2012** – Gesprek 10: Opvolggesprek met Mike en Naomi

Albert: Ek wil begin dat ons eers iets sê oor wat met julle gebeur het sedert 1998, sedert die eerste reeks gesprekke. Die feit dat julle geskuif het, en wat is julle ervaring hier… Ook die vraag hoe ervaar julle die mense hier, is hulle julle mense oor die algemeen? Ons praat spesifiek oor wit Afrikaanse Christene, is hulle meer rassisties, is hulle minder rassisties? Dink julle ons koppe het ’n bietjie geskuif? Ek wil praat oor apartheid self: Hoe dink julle nou as julle nou met die voordeel van *hind sight* kan terugkyk… Hoe dink julle nou daaroor? Ons moet praat oor skuld: Hoe dink julle nou oor skuld en so aan? Ons het in die eerste reeks gesprekke daaroor ’n bietjie gedagtes gewissel. Die rol van die kerk is vir ons belangrik. Ek wil graag hoor hoe julle dink oor die kerk. Speel die kerk ’n positiewe rol? Wat kan die kerk anders doen en so meer. En laastens oor die pad vorentoe: Hoe dink julle oor die pad vorentoe? Die tema, sê ek weer, is hoe leef wit Afrikaanse Christene in die nuwe Suid-Afrika, gegewe ’n baie spesifieke agtergrond wat ons gehad het. Ons was die bevoordeeldes in die ou bedeling. Sommige sal sê dit was nou maar toevallig, ander ouens sal erken ja dit was vir ons baie goed gewees, of wat ook al. Die feit is ons was aan die bevoordeelde kant. Nou het dinge ’n bietjie omgedraai. Die situasie is nou ’n bietjie anders. Kom vertel my nou net gou wat het sedertdien gebeur. Hoe ervaar julle die mense waar julle nou is?

Mike: Wel ek het netnou daaraan geraak toe ons gesels het, toe het ek gesê dit is ’n spesifieke Noord-Kaap gemeenskap, ’n boere gemeenskap wat hard gewerk het vir dit wat hul bereik het. En nog steeds hard werk. Ek dink die kerk is hulle middelpunt. Alles draai om dit. Dit het ek beleef orals waar ek gegaan het; hoe kleiner die gemeenskap hoe verder jy weg van die stede af gaan, hoe meer intens is die mense rondom hulle godsdiens. Want hulle is so afhanklik van die natuur, van die reën, van al daardie goed. Ek vind – in hierdie area waar ons nou is – vind hulle is baie intense mense. Wat ek wel vind, in die negatiewe kant, is die opbreek van kerke. Net in die tyd wat ons hier is, het hier nuwe kerke onstaan wat weggebreek het van die NG Kerk. En hulle het ’n sekere groepie mense saam met hulle gevat. En ’n kerk gebou hierso wat beteken hier is kerke wat half leeg is, maar daar is nou meer kerke.

Albert: Dit is ’n algemene ding.

Mike: Ja, dit vind ek hierso. Baie keer praat ons en dan vra ons eintlik wat is die boodskap, hoekom sal mense wegbreek van kerk af? Gaan dit oor die dominee, gaan dit oor ek hou nie van daardie mense nie, is dit die ryk en arm, jy weet daardie tipe van

ding. Ek het nie regtig ’n antwoord daarvoor nie, maar albei groepe, waarin ons is en die ander gemeente, is baie aangename mense, goeie Christenmense. Of hulle persoonlike voorkeure het, of as hulle nie hou van ’n sekere groep – ons wil liewers ons eie groep stig – dan gaan dit nie vir my oor God nie. Dan begin dit gaan oor menslike voorkeure.

Albert: Baie keer gaan dit lyk my oor persoonlik voorkeure. Die mense hier, oor die algemeen, hoe beleef julle die mense? Is hulle meer rassisties hier? Is hulle minder rassisties as byvoorbeeld in Welkom?

Naomi: Kyk, dit is ’n kleurlinggemeenskap en die kleurlinge oor die algemeen is drank-misbruikers. En dit wat die mense frustreer is die feit dat Maandagoggend kom en hulle het al klaar gereël Vrydag vir ’n lorrievrag, soos my pa sou sê. Werkers, arbeiders wat nou moet gaan saad pluk. Dan kan die mense nie werk nie, want hulle totaal en al onkapabel. Hulle kan dit net nie doen nie. So dit is daardie frustrasie. Nou moet hierdie ou weer sy werk uitstel na Dinsdag toe totdat hulle nugter geword het. So die werk is van Dinsdag tot Vrydag middagete, want dan *clutch* hul al weer uit, want Vrydagaand lê voor. So dit is ’n kwessie van meer frustrasie van met die kwaliteit van wat jy hier het waarmee jy werk. Mike het nou die kerke aangeraak… In Prieska, moet ek sê, het ek hierso is ’n samehorigheid tussen predikante. Hulle praat van hulle *jel*. Hulle *jel* lekker saam en dit het ons regtig ondervind. Want hierso het hulle ’n Hadasa-konferensie aangebied. Hulle het ’n Ester-konferensie aangebied, ’n Daniël-konferensie. Ons het net nou verlede jaar September ’n groot gesinskonferensie gehad waar van Moreletapark se sprekers gekom het. En dit word baie, baie sterk ondersteun deur die gemeenskap. En wat ook gebeur het by die gesinskonferensie is wanneer so iets hier plaasvind, word ander kerke betrek. Dit is ’n interkerklike konferensie wat dan plaasvind. Ja, want soos die Ester-konferensie was ook ’n interkerklike een, en die mense wat dan nou die Volle Evangelie of by die Christen Netwerk Sentrum betrokke is, hulle woon dit ook by. Hulle is deel daarvan, en ons maak hulle ook deel van die sanggroepe. Wat die sang betref dit is alles gemeenskaplik. Al die kerkgroepe word betrek. Tot die VGK word betrek. En hulle het die gesinskonferensies bygewoon.

Albert: Hoeveel kontak het julle met die kleurling en die gemeenskap of is dit maar bloot in terme van werkers?

Mike: Daar is sekere tye wat ons kontak het op ’n ander vlak. Dankie tog vir Naomi se bydrae. Sy word na die skole toe genooi om musiek te gaan afrig. Sy word genooi om

konserte te reël, so dit is uitreiking van individu na hulle toe. Die kontak wat die breë blanke publiek het, dink ek is maar baie min. Daar is sekere redes seker daarvoor. Om aan te gaan wat Naomi gesê het van die kleurling gemeenskap: Jy het dit basies in alle dorpe en stede. Wat hier gebeur is... dis ’n klein besigheidsentrum en dit is die boere se werkers en dit is die manne wat inkom van buite af op ’n naweek in daardie dorpie. Maar as jy ’n stad het, waar ons was, het jy ’n groot keuse van waar jy wil gaan koop. Hier het jy dit nie. Met ander woorde jy voel vertrap.

Naomi: Ja, want dit is in jou gesig.

Mike: Daar is nie ander winkels nie. Jy kan nie na ’n *mall* toe gaan en so nie jy moet dit aanvaar. Dis wat dit is.

Albert: Dit was nog altyd so Prieska, nè?

Mike: Dit is ’n leefwyse wat al die jare so is. As ek jou moet antwoord op oor hoe het die mense verander, die blankes teenoor… hoeveel verdraagsaamheid het hulle aangeleer, dan moet ek vir jou sê die boeregemeenskap vind dit baie moeilik om te verander. Die breër kerkgemeenskap sal ek sê, die groepies wat saam kom, die vrouevereenigings en daai tipe goed, reik uit. Hulle doen moeite.

Albert: Het die feit dat die boerdery gemeenskap ’n bepaalde opset het, kom ons sê jy het die boer, die plaaseienaar, en jy het die werkers. So daar is altyd ’n werkgewer-werknemer verhouding, en dis gewoonlik tussen die verskillende rasse. Dit het nie verander nie.

Mike: Geensins nie.

Albert: Daar is natuurlik mense wat sê daar is ’n klomp witmense in Suid-Afrika wat leef nog leef asof dit voor 1994 is, asof niks verander het nie…

Mike: Ek moet sê wat ek hier beleef het, soos ons net nou gepraat het… Die skema-mense bring in ’n honderd mense op ’n slag. Hulle gaan nou stroop, of hulle gaan nou dit doen, of hulle gaan pluk dit, en dit is deeltydse werkers.

Naomi: Maar hulle het kos op die tafel vanaand…

Mike: Ja, maar wag eers, wat ek wou sê: Die verhouding wat jy met so werker het, kan nie noodwendig wees soos wat jy het as jy twee of drie op die plaas het wat jy ken en wat jy al jare mee saamwerk nie. Dan kry jy hierdie klomp onbekendes hulle moet net 'n *job* kom doen vir betaling. Nou, die boere voel oor die algemeen, as gevolg van die diefstal wil hulle nie 'n verhouding bou nie, want dan ken die ouens die plek en een van die dae het jy 'n probleem, 'n groter probleem. So hulle klou nog vas. Die feit dat jy sê daar is seker mense – ek sal nie net sê boere nie, ek sal sê sekere blankes – wat nog glad nie 'n tree vorentoe beweeg het van daardie jare af nie. Glad nie. En wat die redes daarvoor is, is uiteenlopend…

Albert: Maar daar is 'n klomp sulkes?

Mike: Daar is definitief. Jy kry die mense wat sê ek kan jou nie verdra nie, ek hou net nie van jou nie.

Albert: Dit is vir my interessant. Dit lyk my daar is tog 'n klomp ouens is wat... witmense wat net nie aanbeweeg het nie. Op die een of ander manier probeer hulle nog hul lewe so inruim dat dit nog kan wees soos dit in die apartheidjare was.

Mike: En dalk hoop dit gaan weer so word. Maar ek dink jy moet jou kop laat lees as jy so dink. Jy kan nooit weer teruggaan nie. Ons besef dit, maar daar is vanaand van die ouer garde wat sê kyk ek lewe al 60, 70 jaar so. So moenie van my verwag om die laaste vyf jaar van my lewe te verander nie. So ek dink ook dat die verandering gaan meer geslagsgebonde wees as wetgewing…

Albert: Met ander woorde die volgende geslag gaan dit makliker vind en die gelag daarna nog makliker.

Mike: Verseker. Ons seun speel rugby vir die dorpspan, en in die dorpspan is daar 40% kleurlinge. Ek het al vir hom gevra, as julle nou na 'n wedstryd is so bymekaar kom, sit hulle nou eenkant? Dan sê hy nee, hulle is deel van ons. En mense wat hulle skeef aankyk moet met die span te doen kry.

Albert: Want dit is daardie jongmense se leefwêreld. En as ons praat ook ons geslag, ons ouderdom?

Mike: Ons geslag vind dit dalk bietjie makliker as die geslag bo ons. Ons het met albei kante te doen gehad. Ons kan oordeel volgens wat ons ken en dit wat ons nou belewe…

Naomi: Ek dink dit het tog te doen met die feit dat Mike, toe ons in Koffiefontein gebly het, het hy ’n swart ingenieur gehad wat sy prakties wou doen om sy *ticket* te kry. En hulle het by ons aan huis gekom, Ek meen dit was… soos ek en jy nou praat het ons gepraat. Ek het die *gym* aangebied in Koffiefontein en sy vrou was deel van ons *gym*-klas. En sy het haar vriendinne ook saamgebring en ons het almal saam ge*gym*.

Albert: Het dit iets te make met blootstelling, dat ’n mens mekaar beter leer ken as jy meer aan mekaar bloot gestel word?

Mike: In hierdie geval wat sy nou genoem het, moet ek vir jou sê het dit vir my baie meer te doen met… Daardie persone is bereid om ook hulle lewenspatroon en standaard te lig. In plaas van dat hulle net gebly het waar hulle is en kla oor alles, het hulle gekom en gesê ek kan ’n verskil maak. Ek kan my *ticket* kry. Ek kan ook ’n ingenieur word. Dan kry jy respek vir sulke mense. Maar wat die breër publiek dalk sien is die klomp wat net suip, en almal dan oor dieselfde kam skeer. Wat verkeerd is. Ek kan vandag vir jou sê daar is blankes mense wat ek nie graag mee wil assosieer nie. Vir watter rede ook al. Miskien omdat ek voel wat hulle sê en hoe hulle lewe, is nie dieselfde ding nie.

Naomi: Maar nou moet nou vir jou sê Albert, met ’n tong in die kies. My bediende is siek en nou het ek iemand nodig om te kom werk, hier vir net een dag. Ek was by haar huis gewees en sy is nie daar nie, en langsaan is so opgeskote meisietjie en sy sê toe sy is 20 en sy soek werk. En ek vra toe of sy my kan kom help vir die dag. Dis nou ons seun se geslag. Vir hulle is dit niks snaaks om saam met… Die ou langs hom in die skoolbank gesit het, was dalk ’n blanke kind, maar in elk geval wat toe nou gebeur het hier by ons was vir ons twee skreeusnaaks en het ons nie geweet hoe om dit te hanteer nie. Dis my opinie, ek weet nie hoe het Mike gevoel op daardie stadium nie. Jy was ook maar ongemaklik. Die situasie het hom toe nou so afgespeel: Sy is toe nou klaar gewerk en dit is nou etenstyd en ek is besig om my kos in te skep. Ek sien toe sy het haar glas water gevat en kom sit toe nou hier en Mike het daar op die bank gelê en was nie bewus van haar wat hier sit nie. Hy sit toe en televisie kyk en sy kyk ook televisie. Ek roep haar toe en sê hier is haar kos, sy kan dit maar kom kry. En hy besef toe hierdie persoon wat hier opstaan, dis nie nou ek wat hier kom sit nie maar dit is nou

sy wat hier kom sit het. En hy kyk toe so om en sien hier staan sy op met die verbasing en gee toe vir haar die kos en vra toe waar moet sy nou sit en eet, want sy is toe bang vir die hond. Ek sê toe sy kan by daai tafel sit. Oudergewoonte sit ons voor die televisie en eet. Dit was nou die situasie waarin ons geplaas is. Maar dit was vir ons skreeusnaaks op die ou einde want ek sê toe vir hom ek het nie geweet hoe om dit te hanteer nie. Dit is vir ons vreemd. Dit is nie iemand wat ek ken nie. Sy het nou vir my gewerk in die huis, maar dit is nog daai werkgewer werknemer situasie. Dit was rêrig vreemde omstandighede. Ek het nog gevoel as werknemer kan sy nie hier saam met ons sit en eet nie. Wat sal dit nou aan my gedoen het? Sy kon maar. Dit was maar ongemaklik.

Mike: Wat daaruit gekom het, is die feit dat ons sê dat ons geen probleem daarmee nie, maar as dit in jou huis gebeur weet jy vir ’n oomblik nie hoe om dit te hanteer nie, want jy is nie gewoond daaraan nie.

Albert: Ek wil nou juis vra – en dis nou ’n ongemaklike vraag – is wit mense oor die algemeen rassisties? Is ons nog rassisties?

Mike: Weet jy ek sal vreeslik graag die woord rassisme wil probeer ontleed in die sin van rassisme word baie keer gebruik in die konsep van ek haat jou. Baie blankes is groepsgebonde. Noem dit apartheid as jy wil. Baie blankes sal onder hulle vriende gemaklik kuier ensovoorts. Hulle het nie noodwendig anderkleur vriende nie. Hulle het nie Duitse vriende nie, hulle het nie Portugese vriende nie, hulle het nie Sotho vriende nie. Nou word jy gesien as jy wil nie saam met ander mense meng nie, maar dit het niks te doen met rassisme nie. Ons het mense geken wat vriende was, wat by ons aan huis gekom het, wat Sotho’s was en hulle was ons vriende. En vir my was dit nie… As ander mense vir my sou sê hoe kan jy dit toelaat dat hul by jou aan huis kom, dan sal ek... (opname onduidelik).

Albert: As ’n mens kon definieer as rassisme is die sin van ek behandel iemand van ’n ander ras anders as wat ek iemand van my eie ras sou behandel. Dink julle dat wit mense nog so ’n manier van dink het dat ons sê alle swart mense is skelm, of wat se woord jy daar wil byvoeg.

Mike: Nee die ou gesegde: As wit seun sien met ’n *smart* fiets dan het hy ’n ryk pa, as jy ’n swart seun met ’n mooi fiets sien dan sê jy hy is gesteel.

Naomi: Dit is seker maar nog daar.

Mike: My opinie is dat ’n groot gedeelte van mense nog so is. Ek dink regtig geen wetgewing sal dit verander nie. Mense sal moet op ’n emosionele en ’n status-basis kom, op ’n vlak kom in hul lewe wat die basiese behoeftes gevul is. Sodra die basiese behoeftes gevul is en jy kom op daardie vlak wat jy kan begin groei en daardie goeters. Dan groei mense maklik maar nou…

Albert: So jy sê op die ou einde is dit nie so seer ras nie, maar baie meer met klas te make het, met vlakke in die samelewing.

Mike: Ek sal dink dit albei kante toe werk. Wanneer ’n seker groep, rassegroep, nog besig is om te veg vir basiese behoeftes, het hy glad nog nie die idee om saam met blankes wat klaar op ’n middelklas is, saam te werk nie. En daarom sien die middelklas blanke… Dan kyk hy na hierdie klomp en sê weet julle is net hier op die aarde gesit om ons te beroof en te besteel. Tot daardie bevolkingsgroep hulle basiese behoefte begin kry het… Ek dink baie keer hierdie mense wat hier by my gebou het… dan bou hulle hier dan gaan hulle huis toe. Dan bly hulle in ’n sinkhuisie dan dink hulle daai man bou ’n huis waar hierdie hele familie kan gaan in bly, want waaruit sien hy dit? Uit sy tekort aan basiese behoeftes. Dit het niks te doen met rassisme nie.

Albert: Kom ons praat gou oor apartheid self. As julle nou moes terugdink aan die beleid wat ons tot 1994 toe gehad het, wat sou julle nou sê was die probleem met apartheid as daar ’n probleem met apartheid was.

Naomi: Ek dink dit was die uitspel van die blank en nie-blank. Dit was sigbaar gemaak.

Albert: Iemand het destyds in die groep gesê ons fout was dat ons dit op die wetboeke geplaas het. Dit was in elk geval daar; ons het net ’n wet daarvan gemaak en toe is almal ongelukkig daaroor.

Mike: Ek dink dit is absoluut die waarheid. Ons het vanmôre daaroor gepraat dat ’n blanke man en ’n anderskleurige vrou mag nie saam voor in ’n bakkie gery het nie. Hoekom nie? Dit was wetgewing. Hoe prakties was dit uitvoerbaar en vir watter rede was die wet daar? Ek dink dit is totaal *ridiculous*, die wette wat gemaak was. Ons het daarmee saamgelewe en al kon ons die wette verander, want jy kon nie teen die wet optree nie. As jy byvoorbeeld gekom het en daar staan slegs blankes dan was dit vir

ons blankes baie lekker, want ons hoef nie te *deal* daarmee nie. Hoe totaal verkeerd was dit. Dit stem ons absoluut saam en die meerderheid blankes wat ek mee te doen gekry het, het gesê die wetgewing van daardie jare het ons totaal uitmekaar geskeur.

Albert: Dink julle die kerk was met ander woorde reg toe hul in 1986 skuld bely het en gesê het apartheid is in sy wese verkeerd en daarom moet ons skuld daaroor bely?

Mike: As jy sê die kerk was verkeer of die kerk was reg of om te sê ons is jammer, dan moet ek presies dieselfde sê, want ek moet vir jou ook by sê dat alhoewel ek gedink het… Ek het op die plaas groot geword met swart kinders en ons het gespeel en ons was pelle en alles, maar die wetgewing kon ek nie verander nie. Ek kon nie in die dorp in gaan en daar staan *slegs blankes* en ek vat swart mannetjie aan die hand en sê kom saam hier in nie, want hulle sou my en hom uitgegooi het. So alhoewel jy kon sê dit was verkeerd, kon jy nie veel daaraan doen totdat die wetgewing verander het nie. Ek kon dit nooit doen nie, ek kon nie met my swart vriende van skool dit doen nie…

Albert: Wou wit mense dit doen?

Mike: Jy het nie daaraan gedink nie, want die wet sê dan dit is so, die kerk sê dit is so.

Naomi: En jy het grootgeword dis waar hy bly en dis waar jy bly. Dis waar jy mag in gaan en dis waar hy mag ingaan. Jy het daarmee grootgeword.

Albert: Ons het nooit verder as dit gedink nie. Ek dink jy is heeltemal reg dat ons… Ons het so grootgeword en ons is in ’n sekere sin so oortuig daarvan dat dit die enigste manier is wat jy na hierdie ding kan kyk.

Naomi: Ons was ge-*box* daaroor. Ons was in ’n boksie gesit.

Mike: Ons was vertel van skape en beeste en bokke hoort nie bymekaar nie.

Albert: Nou as die kerk nou sê ons bely dat apartheid verkeerd was. Dink julle die deursnee wit lidmaat stem daarmee saam? Of is dit iets wat lidmate sê: Ja, laat julle tog nou maar sê daar by die sinode. Ek hoef nie noodwendig saam te stem met wat julle sê nie.

Naomi: Ek dink dit gaan eintlik oor hartsoortuiging. Dit is ’n persoonlike ding wat jy in jou self moet uitklaar. En dit is waar die vertikale verhouding kom. As jy sê ek is ’n kind van God en ek is gehoorsaam aan die wette van God, maar – daai maar – ek ken my plek en hy moet sy plek ken. Dan het jy nog nie jou verhouding met God reggemaak nie, want God het ons nie geskape met die idee van jy moet kleur raaksien nie. Hy het ons almal dieselfde gemaak, want ons het almal… As jy daai vel weg vat dan het ons almal net in benige skelet. Ons sal weet dit is ’n man se skelet of ’n vrou se skelet, maar jy gaan nie weet was dit ’n wit man se skelet of ’n swart vrou se skelet nie. Ons almal lyk dieselfde.

Mike: Ek wil ’n teenvraag vra. As ons almal nou glo dat die kerk verkeerd was en dat ons jammer is daaroor, hoekom is daar in ons kerk net blanke mense?

Albert: Dit is nou my volgende vraag, Mike. Die kerk het nou gesê ons is oortuig dat apartheid verkeerd was en ons bely ons skuld daaraan en so aan. Maar nou is die vraag, hoe dink julle? Dink julle dat die kerk enigsins ’n bydra lewer om reg te maak wat al die jare verkeerd geloop het? Sien julle iets daarvan of sit die kerk – spesifiek nou die NG Kerk – maar net die patroon voort soos dit al die eeu was en ons volstaan daarby.

Mike: Ons het gesê *sorry*, nou *worry* ons nie verder daaroor nie en gaan aan.

Naomi: Ons het nou hier begin met ons Bybelskool en verlede jaar het ons die hele jaar gedoen en die VGK was deel daarvan gewees. Een persoon wat as ouderling in die VGK opgetree het, hy het dit so mooi gestel want ons het ook gepraat oor hierdie ding, van voel jy gemaklik om saam met hierdie klomp mense te sit. Voel ek as blanke gemaklik om saam met hulle hier te sit. Voel hulle gemaklik om saam met my hier te sit, weet jy wat was sy woorde aan ons? Hy sê toe as jy my nooi om by jou te kom eet dan gaan die atmosfeer totaal en al anders wees as wat jy my nooi om te kom praat oor wat in die Bybel staan. En dit het uit ’n kleurling se mond uit gekom en weet jy dit het eintlik vir ons wat daar betrokke was so ’n groot vraagteken verklaar. Kom eet by my is ’n totaal ander vlak van wat jy nou van my verwag as wanneer jy vir my sê kom na my toe maar ons gaan oor die Bybel praat. Nou sit ons op dieselfde vlak, maar as jy sê kom eet by my dan plaas jy my in ’n ongemaklike situasie.

Albert: Ek wonder aan die anderkant of ons nie dalk ook makliker by die veilige goeters hou nie. Dit is makliker om saam met ’n klomp kleurlinge Bybelstudie te doen of ’n

Bybelskool by te woon en so aan. Om te praat oor iets wat ons deel, ons deel iets van buite onsself. Ons deel iets daar rondom die Bybel. Dit is iets heeltemal anders as om daai mense fisies in jou huis te nooi en te sê kom eet saam met my, of ons kuier vanaand saam.

Mike: Nee, dit is absoluut so. Wat sy gesê het maak vir my absoluut sin, want nou moet ons ook besef… Ons moet ook nie vergeet dat vir die kerk, of die leiers van die kerk wat gesê het ons is jammer, ons sal dit nie weer doen nie. Om die gemeenskap te kry, om die gemeente te kry om te sê luister ons is jammer vir wat ons gedoen het. Sal ek jou sê die breë gemeenskap gaan sê maar ek het hulle nooit skade aangedoen nie. Ek was geforseer om dit te doen.

Albert: So jy wil sê ’n groot groep van die lidmate identifiseer glad nie daarmee nie.

Mike: Dit was ’n sinodebesluit en dit was deur die dominees besluit en die ander mense sê ag wel ek gee nie om as hy in die kerk kom sit, hier langs my nie. Dit is nie vir my ’n probleem nie. Maar nog steeds kom hulle nie. Nou gaan die lidmate hulle nooi?

Naomi: Maar gaan ons na hulle kerk toe?

Mike: Nou wil ek reeds net verder gaan om vir jou te sê ons sien dit in ’n kerkverband. Ons het nou gepraat van as jy my nooi om by jou te kom eet is dit ’n heel anders as jy my nooi om saam met jou te kom bid. Hoeveel reik ons uit? Wat sê julle dominees? Julle sien baie mense. Ons gemiddelde mens, ook na die blanke mens wat swaar kry in jou omgewing, hoeveel reik ons uit? Nou omdat die kerk gesê het ons is jammer verwag die meeste mense ons moet nou uitreik na die swartes. Ons reik nie eers uit na ons eie mense nie. Hoeveel vriende het ek gemaak vandat ek in Prieska is? Net die paartjies reg rondom my. Ons is nie mense wat op ’n groot maat vriende maak en almal nooi en dit nie, maar omdat die dominees gesê het ons is jammer moet ons nou meer uitreik. Dit maak nie vir my sin nie.

Albert: Maar ons is gemaklik waar ons is.

Mike: Moet ek nou daar na die swart woonbuurt gaan en gaan sê luister jy en jy en jy kom eet Saterdag by my ek gaan braaivleis hou. Maar ek doen dit nie met my bure in die straat nie. Ek gaan glad nie oor die ras nie.

Albert: Het dit op die ou end te make met die feit dat ons nog steeds in ’n baie groot mate in verskillende wêrelde beweeg? Hulle het ’n wêreld waarin hulle beweging en ons het ’n wêreld waarin ons beweeg en ons raakpunte is baie min. Is dit nie iets daarvan nie?

Mike: Maar daai wat ons in ons eie lewe kies, is uit vrye keuse gedoen. Jy besluit wat jou vriendekring gaan wees. Ons het gelewe met ’n vriendekring wat swart mense ingesluit het. En ons het geen probleem daarmee gehad nie. Ek en hy het die lekkerste golf saam gespeel. Ek en my werkers op die plaas het amper elke middag op die *pool*-tafel op my stoep op die plaas gespeel. Ons het die grootste kompetisies aan gehad terwyl hulle vrouens daar op die stoep gesit het en baie keer koeldrank gedrink het. Die werkskring en die vriendekring is uit vrye keuse gemaak en elke mens behoort dit te doen. Jy kan nie nou vir die mense sê die kerk het gesê ons is jammer ons moet nou uitreik na hulle toe nie. Ons kan help, ons kan finansieel help, ons kan geestelik help, as jy iemand kry wat swaar kry of jy kry iemand in die straat wat bedel en hy kry swaar dan kan jy uitreik na hom toe, maar om hulle in te sluit in jou gemeenskap is nie so maklik nie.

Albert: Daar is nog twee goed waaroor ek wil vra. As ons sê goed witmense is in die ou bedeling bevoordeel… Ons het in die vorige groep baie gepraat oor die vraag het ons skuld en as ons skuld het op watter manier moet ons dit aanspreek nou in die nuwe Suid-Afrika? Hoe dink julle daaroor? Het wit mense skuld aan apartheid en indien wel hoe moet ons nou daarmee maak? Moeilike vraag. Nou kom goed soos regstellende aksie op die tafel…

Mike: Ek en die meeste deursnee blanke mense sal vir jou sê, as hulle eerlik is, ek het nooit iemand teruggehou nie. Nooit teruggehou om te gaan studeer nie. Het wetgewing hulle teruggehou? Mag hulle na blanke skole toe gegaan het?

Albert: Maar nou is die teenvraag daarop, as ek vir ’n oomblik duiwelsadvokaat mag speel: Ja, maar daar sal mense wees wat sal sê daar was wetgewing wat gesê het ek mag nie in ’n blanke skool skoolgaan nie. So jy het ’n voordeel gehad. Jy was in ’n beter skool as ek. Jy kon beter presteer. Jy kon universiteit toe gaan. My opleiding was van so ’n aard ek kon nie.

Mike: Dis wat ek nou eintlik na toe gaan. Was dit ons as gemiddelde mens wat hulle terug gehou het of was dit wetgewing.

Albert: Ja, maar ons het gestem vir daardie ouens wat die wetgewing moes instandhou.

Mike: Met ander woorde jy kan nie sê ek staan onskuldig van die hele besluit rondom die politiek nie, want ek het daardie mense in mag gehou. Met ander woorde jy kan nou omdraai en sê gedurende daardie tyd was daar derduisende mense wat professore geword het, swartes, ander kleuriges, wat dokters geword het, wat onmiddellik na die regering verander het… toe is daar skielik professore en mense wat dadelik in magsposisies sit. Hulle het die hele regering vervang met ministers en goed wat grade en dit gehad het. Hulle het nog steeds die geleenthede gehad om dit te doen. Wie het vir hulle gehelp om dit te doen? Dit is my vraag. Ek ken boere mense wat ’n hele gesin… Die vriend van my wat ons van praat, hy het drie broers en al drie van hulle het professies. Een is ’n minister vandag, ander een is ingenieur en ander een is hoof van veiligheid. ’n Groot pos. Daardie drie is gestuur om te gaan leer deur die boer. Die boer het hul gestuur. Dit is geïsoleerde gevalle. As jy as boer, of as jy as mens, kon nie die hele land help nie. Jy kon net die bietjie doen wat jy wil. Waaroor ons jammer oor behoort te wees, is nie dat ons nou vreeslik droog gemaak ons het, hulle nou afgeskeep en alles nie. Wat ons jammer behoort te wees oor is wanneer ons ’n regering ondersteun het wat volgens ons Christelike beginsels nie reg gemaak het nie. Dis moes ons gestop het.

Naomi: Ek stem heeltemal saam. Jy was onder die keiser gewees en wat die keiser gesê het, moes jy doen. Dis wat die Bybel sê gee die keiser wat hom toekom. So wetgewing het vir ons ’n riglyn gegee. So wat sou jy as individu – wat nie indruk sal maak in ’n regeringsgebied of in ’n parlement nie – wat sou my stemmetjie kon maak as ek gesê maar ek stem nie saam nie. Daar was miljoene ander wat teen my sou gestem het.

Albert: Hoekom? Was dit omdat dit vir hul voordelig was of omdat hulle nie verder gedink het daaroor nie? Hoekom het wit mense aangehou vir amper 50 jaar vir die Nasionale Party te stem?

Mike: Want dit was lekker. Want jy hoef nie te ge*worry* het oor daai kompetisie nie. En dit is hoe ek voel. Ons het die voordeel daaruit geskep. Net soos die nuwe regering

nou die voordeel vir hul swart nasie skep en die blankes word nou in dieselfde bootjie gedompel as die swartes destyds. So dis nie onrealistiese ding wat gebeur of ’n onwerklike ding nie. Dit gebeur nog steeds. Dit gebeur nou net omgekeerd.

Naomi: Dis ’n realiteit.

Albert: Die pad vorentoe. Hoe voorsien julle, hoe dink julle gaan dit gaan in Suid-Afrika vorentoe? Gaan dit beter gaan? Gaan dit moeiliker gaan? As ’n mens nou dink aan ouens soos die president wat sê bring my masjiengeweer en Julius Malema wat sê ons wil die grond hê en sulke goed. En al die ander goed wat in die land gebeur. Hoe dink julle oor die pad vorentoe?

Naomi: Dit is wat ek en Mike gisteraand gepraat het, want ons dink aan jou wat kom en ek sê toe vir hom vir my het die feit dat in 1994 ’n swart regering ingekom het, het my as persoon nog nie geraak nie. Want my lewe gaan nog steeds aan. Ja, ek sien raak dat soos die universiteite meer nie-blankes, of swart mense word toegelaat op universiteite. En jy hoor oor radio – dit is nou weer Afrikaanse radio – wat sê maar daar is diskriminasie teenoor jou opgeleide persoon wat dan nou blank is teenoor jou nie-blanke wat dan nou nie opleiding het nie en dan wel die pos kry. So ja daardie regstellende aksies is daar, maar vir my persoonlik het dit nog enigsins my lewe geraak nie. Nee nou jok ek. Dit het my lewe geraak. In 2003 toe ons weg is uit Welkom uit, en dit was ook grotendeels deel van ons beplanning gewees, het klinieke geïntegreerd geraak. Nie swart en wit integrasie nie, dit was al klaar daar gewees, dat daar blankes en nie-blankes dieselfde klinieke kon bywoon. Maar ek het gevoel die werk wat ek en my swart kollega gedoen het, was besig in die afgrond te gaan en dit was om die gemeenskap van psigiatriese pasiënte op ’n pad te gekry het waar hulle kon *cope* en hulle normaal kon aangaan in die samelewing. En met die integrasie daarvan, by die klinieke waar eintlik verskillende dissiplines – jou moeder en kind, jou gesins-beplanning, jou psigiatriese pasiënt, jou algemene siek pasiënt – almal dieselfde kliniek bygewoon het. Dit is wat my dwars in die krop gesteek het. Dit was toe nou die swart regering wat daardie besluit geneem het. Ek is nie weg omdat dit ’n swart regering is of dat ek ’n swart werkgewer gekry het nie. Dit het gegaan oor die integrasie, die wetgewing wat veroorsaak het dat ek gesien het dat my werk ten gronde gaan.

Mike: My toekoms visie is dié van ’n draadsitter. Maar dit hang absoluut af watter rigting die regering gaan op ’n geloofsplan. Geen regering wat anti Christus is sal kan regeer en almal baat vind daaronder nie.

Albert: Maar Zuma is dan ’n pastoor by een of ander kerk.

Mike: Ja dit is weer een van *if I can not believe what you do, how can I believe what you say*. Daardie gesegde. My vrese is net een ding: Die geslagte gaan dit verander. Wanneer die jong blanke geslag ontneem word van werklik groei en die meeste van hulle se werkloos… Ons seun gaan nou Australië toe omdat hy nie werk kan kry in Suid-Afrika in dit wat hy wil doen nie. En die mense ons soek vir Maart-maand vyftig jong seuns wat uit die landbouskool uit kom. En hulle moet nou Australië toe gaan want hulle kry nie werk hier nie. Wat ek nou vir jou wil sê is dit: wanneer die geslagte daar kom dat hulle verbind moet wees en hulle het nie hierdie blanke outjies saam met hulle gevat nie, dan gaan die *skill* vlak, blanke *skill* vlak gaan uitsterwe en dan gaan nie ’n blanke opvolggroep wees nie, want hulle het almal pad gevat. En dit is die vrees. Ek sê nie Zuma moet my vandag oppas of vir my sorg nie. Ek het my lewe lank vir myself gesorg. Hulle moet vir die jeug van hierdie land, beide swart en wit, sorg dat hulle saam kan opgaan. Want nou die dag het ’n swart mannetjie vir my gesê daar waar ek gewerk het: Ek gaan die enigste een wees wat die baas se *job* gaan kry. En dan gaan ek van die wit outjies wat my so rondneuk, onslae raak. So wat sê jy? Hy raak van die ouens op dieselfde vlak ontslae en hulle kom in. En dis my vrees. My vrees is glad nie oor die politiek nie, maar hoe gaan die mense die jeug hanteer dwarsdeur die lewe.

Albert: Ek dink ons moet net daar stop. Baie dankie.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid 2012** – Gesprek 11: Opvolggesprek met Johan en Karin

Albert: Ek wil net hê ons moet maar weer oor dieselfde goed praat as wat ons destyds oor gepraat het. Kom ek sê dit so voor ons nou in detail begin. Ek wil graag net in die begin vra wat nou anders is, wat het sedertdien gebeur? Hoe het julle lewe geloop? Watter draaie het julle geloop? Watter ervarings het julle byvoorbeeld gehad? Blootstelling aan swart mense, bruin mense en so aan. Dan die vraag hoe beleef julle julself en ander Wit Afrikaanse Christene? Ek praat dwarsdeur die proefskrif van WAC (Wit Afrikaanse Christene). Dit is nou maar die teikengroep. Hoe beleef julle wit Afrikaanse Christene? Is hulle meer rassisties, minder rassisties? Dit gaan rondom die vraag oor rasisme. Dan, daar is mense wat se daar is ouens wat so leef asof dit nog voor 1994 is. Ons gaan daaroor iets sê. Dan gaan ek vir julle die vraag weer vra; as julle nou terugkyk na 1994, wat dink julle nou as julle nou moet sê wat was fout met apartheid as daar iets fout was met apartheid. Hoe sou julle dit definieer? Dan gaan ons praat oor die pad vorentoe: Hoe dink julle daaroor? Ons moet praat oor die toekoms, die rol van die kerk. Apartheid is op ’n stadium deur die NG Kerk ondersteun. En later het hulle gesê, nee dit is verkeerd. Toe het hulle gesê maar apartheid is in sy wese verkeerd. Skuldbelydenis van die kerk se kant af. Stem julle saam, dink julle die kerk was reg om dit te doen? Aanvaar lidmate dit? Dink lidmate ook so? Wat ek oorgeslaan het, ons moet eers praat oor skuld. In die groep is daar destyds gesê ons het skuld aan apartheid en daarom moet daar bepaalde regstelling kom. Ons praat oor regstellende aksie en daai tipe van goeters. So ’n halfuur, miskien ’n bietjie meer, veertig minute as dit moet. Maar dis dit. Kom ons kyk net gou wat het sedert 1998 gebeur, want dit is die jaar toe ons die eerste groepsgesprekke gehad het. Wat het sedertdien in julle lewens gebeur wat dalk belangrik is.

Johan: Dit is soveel jare terug, dit is veertien jaar terug.

Albert: Het dinge verander in terme van julle werk? So julle het nog al twee nog min of meer dieselfde werk.

Johan: Ja ek doen nog dieselfde werk. Daar het jy ’n baie geleidelike verandering begin sien as ons van die rasse-ding praat. In die eerste plek het ons baie meer kontak gehad, ons wat wit is, met die swartes. Dit is nie meer daai skeiding van kantore byvoorbeeld, daai tipe van ding nie. Dit het vinnig verander in saam werk, saam toilette deel, jy weet. Dit was iets twintig jaar terug, wat jy nie eens aan gedink het om

dieselfde toilet te gebruik nie. Ja daar het baie dinge verander wat dit aanbetref. Seker maar ons wat moet aanpas by die storie.

Albert: Maar klink my nie dit is altyd maklik nie, dié aanpas.

Johan: Die probleem is wat dit nog altyd was met rassisme, ons is gewoond, ons geslag of ons ouderdom, was gewoond aan 'n leefwyse wat vir jou dié leefwyse was. Jy het nie daaroor gedink nie, dit is hoe dit was. En ons moes 'n doelbewuste verandering maak, nou het jy iets om mee te vergelyk, met in die verlede. Terwyl die nuwe geslag wat nou deurkom, ek meen, dit is weer... hopelik sal hulle dit makliker kan doen. Dit is al wat hulle ken. So ja, dit was nie vir ons maklik nie. Ek dink as 'n ou vir my sê dit is vir hom maklik om 'n *baby boomer* te wees in Suid-Afrika, dan het hy 'n lekker lewe gehad. Maar dit was nie alles negatief nie. Ek sê ook nie alles is negatief nie. Dit was net van dag tot dag partykeer moeilik om alles te aanvaar en daarmee saam te leef.

Albert: Dit was groot aanpassing.

Johan: Baie groot aanpassing.

Albert: Karin jy?

Karin: Wel van 1998 ja ek dink daar was 'n redelike veranderinge gewees wat my persoonlike lewe aanbetref op daardie stadium. Want natuurlik het dit so gebeur met my maatskaplike loopbaan het ek van die begin af het ek saam met swartes gewerk. En dit was omdat my pa somtyds die inspekteur was wat van die klinieke hanteer het in die swart gemeenskappe, was dit nie rêrig vir my vreemd gewees nie. Ek was al in die sewentiger jare meer in die moeilikheid as uit die moeilikheid uit en omdat ek gevra het vir water en daardie tipe van goed. So, ek was semi-permanent in die moeilikheid en ek het partykeer die bestuur lelik in die verleentheid gehad. Daardie tyd was ek by Kindersorg en ek het sommer 'n kleurlingvrou laat koöpteer op die vergadering en eintlik was dit toe nog nie in hulle regulasies, dat dit mag gebeur nie. Maar vir my was dit die mens gewees, en die behoefte van die mens, wat ek raak gesien het daai tyd. En dit is hoe my pa ook maar gewerk het alhoewel my pa ook maar baie vir aparte ontwikkeling was. Ek dink toe ons begin het met hierdie storie was ek in 'n baie kwaad fase gewees.

Albert: Waaroor?

Karin: Ek het regtig gevoel, waar ek gewerk het met die gestremdes en waar ek merendeels met die swartes gewerk het, en waar hulle selfs vir my 'n toekenning gegee het en my 'n swart naam toegedig het en alles. Later het hulle opruiend geraak by die werkswinkels omdat hulle nie 'n salaris verdien nie alhoewel hulle almal ongeskiktheidstoelaag gekry het, en ek gevoel hulle is verskriklike ondankbare mense. Want ek meen, ons het die span wat ons daar gewerk het, was so 'n *committed* gewees. Ons het tot in die oggende toe gewerk, self spyseniering gedoen om salarisse te betaal en voorsiening te maak, want ek meen al daardie fasiliteite is opgerig uit fondswerwing uit. Dit is nie geld wat die staat vir ons gegee het nie. Ons het sewe jaar gewag vir die staat vir 'n subsidie. En dit was eintlik vir my – en dit was net nadat ek my vrywillige aflegging aanvaar het sonder 'n pakket – dit het net vir my gevoel hierdie mense vir wie jy altyd moeite gedoen het, het vir jou aan die hakskeen gebyt. Maar al die jare van maatskaplike werk was dit seker die wil van die Here gewees dat ek daar so moet wees, land ek in die swart en die bruin gemeenskap en dit is waar ek werk in die gemeenskap. Ek wou nooit weer in my hele lewe maatskaplike werk doen nie. Ek was rêrig klaar ek wou 'n besigheid begin en ek wou aangaan want as ek kan geld inbring vir welsyn kan ek so geld vir myself ook inbring en so het die here my 'n bietjie aarde toe gebring en vir my gewys dit is my *calling* hierdie. Jy sal maar moet terug gaan en jy sal maar daar gaan werk vir daai *peanuts* wat jy daar kry. Jou deel is om 'n bydrae te maak tot die mense. 99,9% van die mense beleef ek as verskriklik respekvol. Ek beleef hulle as hulle kyk op na my. Baie van hulle noem my ook ma. Ek het geweldig baie van die swart en bruin gemeenskappe geleer. Johan kan ook sê, hier is 'n swart meisie wat gereeld vir my inspirerende sms'e stuur, want sy weet hoe moeilik is ons werk. En dit is vir my wonderlik om die groei te sien. Maar ongelukkig is daar nog 'n groot persentasie van ons blanke Christenmense wat praat van *hulle* en af praat op en nie elke individu se talente raak sien nie. Partykeer raak ek ook self kwaad vir party van hulle en dan is daar swart mense wat presies dieselfde is. Ek het hierdie jaar vir die eerste keer vir die afgelope 26 jaar wat ek in die Goudveld is, het dit beleef, rassisme teen my beleef met swart mense wat ek probeer help het deur 'n publieke beampte. En dit is vir my baie sleg en ons is besig om dit aan te spreek.

Albert: Ja dit is nogal sleg. Kan ek gou terug gaan na iets wat jy gesê het oor jou pa as gesondheidsinspekteur. Sê vir my of ek reg is, ek het die idée hy het en die mense van sy geslag het vir swart mense goeters gedoen half in die sin van ons help julle want ons weet wat reg is en wat goed is vir julle. Half 'n stukkie paternalisme. Nie

noodwendig in 'n negatiewe sin nie, in die sin van ons is aangestel om vir die swart mense ook op te hef en so aan. Iets daarvan.

Karin: Ek was bietjie klein in daardie tyd om dit so te kan verstaan, maar ek meen my pa en die swart suster wat saam met my pa gewerk het, het saam met my pa in die kantoor gesit en tee drink. Dit was vir my niks snaaks nie. So ek weet nie hoe nie my pa was baie betrokke by die sub-ekonomiese behuising vir die swartes en hy was baie gesteld daarop dat dit nie minderwaardig moet wees nie, maar dat dit goed gebou moet wees. Maar ek dink hy het ook die behoefte raak gesien van skole en so aan, want baie van die goeters het die raad dat hy die planne trek en dit deurgee vir die raad vir goedkeuring vir die bou daarvan in die verskillende gemeenskappe. So nee, wat dit aanbetref weet ek nie heeltemal so nie.

Johan: Maar ek wat haar pa nou ken, ek meen ons moet nou onthou weer hy is jou lekker geharde nasionalis gewees wat die beleid uitgevoer het. En die beleid was na die beste van sy vermoë aparte geriewe. Hy het geglo daaraan en omdat hy so 'n perfeksionis is om vir hulle die beste te gee, maar apart. So hy het die beleid uitgevoer.

Albert: Hoekom ek vra, ek kry soms die idée by van die swart mense is daar nog iets van daai gesindheid van ons die wit mense sal vir ons die beste doen. Daarom 'n groot afhanklikheid van wat die wit mense vir ons gaan doen partykeer. Miskien is dit nie oral so nie maar miskien, ek vra maar net.

Karin: Eintlik is dit *sweet*. Hulle het daai nederigheid en daai minderwaardigheid. Dit is hoekom ek daardie program geskrywe het ook om vir hulle te laat weet julle is koningskinders. Nou is dit vir my te *sweet* ek vra altyd of kan julle my hare tel want God weet as daar een haar van jou kop afval. So kan julle my hare tel? En toe nou die dag is daar 'n seuntjie in my kantoor en ek sê toe tel 'n bietjie my hare dat ek sien. En hy vat so en vryf so aan my hare en gaan sit en hy *smile* so. Ek sê jy het gevoel hoe voel my hare, jy wou weet hoe voel gladde hare nè en hy sê ja. Maar ja dit is *sweet*. Daar is 'n sekere minderwaardigheidsgevoel by sommige van hulle. By party is daar meer 'n arrogante van ek sal jou wys gevoel. Maar die meeste mense soos ek kan sê 99,99% is baie respekvol en ek probeer om elke mens menswaardig te laat voel en ek dink dit kom deur.

Albert: As ons net die rolle omdraai en vra is jy nou sê daar is van die swart mense wat nog steeds half minderwaardig voel en so aan. Is die ander kant van die munt ook

waar? Hoe beleef julle wit Afrikaanse Christene, wit mense in die algemeen? Dink julle ons is daar is ’n klomp rassisme onder ons? Of selfs meer as rassisme, ’n meerderwaardigheid.

Karin: Ja baie.

Johan: Ek dink dit hang meer van die ouderdomsgroep af of dit meer of minder is.

Albert: Dink jy ons oueres is dalk meer? Is ons dalk nog meer rassisties nog op hierdie stadium?

Johan: Ja, maar nie die krenkende soort rassisme nie. Ek dink ons wil graag nog die ou dae hê soos dit was, sonder om seer te maak of sulke goeters. Ons is rassisties want dit is hoe ons is. Maar net die woord rassisme het ’n eindelik negatiewe konnotasies. Maar as ek nou vat my kinders wat nou op universiteit is saam met die swart mense. Vir hulle is dit net nog ’n mens. Hulle sal mekaar spot en sleg sê oor swart en wit sonder om rassisties te wees. Hulle sien die verskille in mekaar raak sonder om rassisties te wees daaroor. Hopelik sal dit beteken dat dit goed sal wees vorentoe dat niemand meer so sensitief sal weer oor ’n grappie dalk of oor verskille nie.

Albert: Maar die ouer geslag is dalk nog nie daar nie.

Johan: Nee ons is nog nie daar nie. Ek glo nie ons gaan wees nie.

Karin: Wat ek voel is die skeidslyne wat daar nog is. Daar is nie begrip vir mekaar meer nie. En daar is geweldig baie mites. Daar is verskriklik baie mites. Soos ek wat van kleins af blootgestel is en so was ek was in die begin vrek bang om in ’n swart gemeenskap alleen in te gaan wat vreemd is, want ek meen ek was gewoond het om saam met my pa in te ry. Hulle het my uitgenooi om babaskoue te kom beoordeel. Maar ek was tuis daar, maar toe ek in Zululand, in Natal, is en ek moet in die swart gemeenskap toe... Daai hartklop en veral hier na 1994 was ek bang om in te gaan totdat ek weer later aan rustig geraak het en hulle my leer ken het. Maar ek dink die probleem van wit mense is, en dit het ’n tannie van Welkom-gemeente vir my so mooi saamgevat. Hulle gaan nou Bybels vir swartes en bruines gee en ek moet nou hierdie dag vir hulle reël. Hulle gaan nou gee en hulle gaan hulle nou bietjie iets leer. En toe ons daar kom, op die einde het daai tannie afgesluit deur te sê sy het gekom om vir hulle iets te leer en vandag het sy die meeste geleer wat sy nog in ’n lang tyd in haar

lewe geleer het. En sy wil net vir hulle sê baie dankie. Ons het saam ge-koek en ge-tee. Ek het begin dat elkeen ietsie van hulleself en hulle gesinne en hulle families en hulle agtergrond vertel. So het almal vertel, dit het twee ure gevat en toe het ons ge-koek en ge-tee. En toe het ons nou begin by volksliedjies. Dan sing hulle nou byvoorbeeld Sarie Marais, die blankes soos wat hulle dit sing en dan sing die kleurlinge dit met hulle eie woorde soos wat hulle dit sing. En op die einde van die tyd het hulle gelangarm met Sarie Marais. Die een klomp wat nie kan langarm nie het gesing en die ander het gelangarm. En dit was vir my 'n fantastiese positiewe belewenis. Die Bybels is ook gegee. Maar die tannie wat voor sit het, het gely aan kanker. Hulle het haar by haar huis besoek tot die dag van haar dood. Hulle was almal by die kerk die dag van haar begrafnis.

Albert: Is dit nie deel van ons probleem dat ons mekaar net totaal en al nie ken nie. Dat ons so in twee wêrelde geleef het dat ons... Ons weet nie hoe hulle leefwêreld is nie en hulle weet dalk 'n bietjie meer, maar ook nie regtig wat in ons wêreld aangaan nie.

Karin: Ja dit is so hulle weet nie wat in ons wêreld aangaan nie.

Albert: En ons nog meer dink ek amper.

Karin: Hulle voel ons het alles maklik gehad wat onwaar is. Ekskuus ek praat te veel en weet nie of jy saamstem of nie. Dit is van uit my maatskaplike perspektief en dit is al wat ek te sê het. So tot op datum toe.

Albert: Is mense nou meer rassisties as wat ons voor 1994 was?

Johan: Ja, jy weet ek hou ook nie van daai woord rassisties nie. Ek dink ons is meer ja, wat sal ek nou sê, ons is minder krenkend daaroor, ons maak minder seer daaroor. maar met dit wat gebeur het in Suid-Afrika... Ons wit mense dink ek het nie na 1994, nou weer ons geslag, ons gee dit 'n *go,* ons probeer. Ons het nie 'n keuse nie. Ons gaan kyk om saam te werk. Dié wat nie oorsee is nie. Ons kyk of ons nie 'n sukses daarvan kan maak nie. Maar soos dit nou aangegaan, met die korrupsie met die negatiewe dinge wat ontstaan het, dink ek dis asof ons nou begin wonder maar hoekom was ek blind om nou.... Maar ek wil dit nie as rassisme beskou nie dit is net dat ons het nou 'n twyfel...

Albert: Moet ons die vraag anders vra: Is ons meer kleurbewus? Kom ons weg daarvan om deur ’n wit-swart bril na die wêreld te kyk?

Johan: Ek dink dit is so. Ons wit mense leef baie meer na binne nou. Ons trek weer laer. Dit is so.

Albert: Ervaar julle dat dit meer so is as wat dit op ’n stadium was?

Johan: Ek dink so.

Albert: Dink jy ons was na 1994 dalk meer optimisties, meer oop, dat ons nou steselmatig weer begin toemaak.

Johan: Mens kry die idée. Weereens het dit seker met getalle-oorwig te doen. Ons sien ons word al hoe minder en die ander word al hoe meer. So om ons kultuur eie te bewaar, en ja, ’n mens kry die gevoel dat ons weer besig is om laer te trek.

Karin: Weet jy, ek voel uitgelewer. Ek voel uitgelewer. Nou val dit so dat ek op ’n publieke plek al my besonderhede gaan voltooi wat dit vir julle moontlik maak dat hulle kan op-*link* met my hele familie se persoonlike besonderhede, nè? En daar gebeur daar is iets soos *fraud* met hom in die Kaap, jy verstaan. En dan wonder ek nou, en raak ek agterdogtig. Soos hy sê, ek raak paranoïes.

Albert: Wantrou jy die mense?

Karin: Ek begin mense wantrou vanweë die geweldig baie bedrog. Van mense wat in vertrouensposisies is.

Albert: Die vraag wat ek wou vra, wat maak ons van hier af vorentoe. Daar is altyd die *worse case scenario* ons word Zimbabwe nommer twee, of die ander kant wat sê ons maak hierdie land iets wat laat werk. Wat is nodig van ons kant af, van wit mense se kant af, om die ding te laat werk. En dit is regtig my laaste vraag.

Johan: In die eerste plek dink ek ons geslag is amper verby. Ons tipe denke is nou amper verby en ek hoop dit het nie te veel afgevryf op die op die toekomstige geslag nie, want hulle moet dit laat werk. Ek dink ook hulle uitkyk is seker heeltemal anderste soos ons s’n was, soos die ekonomie, want hulle weet ook jy moet meer entrepreneurs

wees want hy gaan nie ’n werk kry by die staat nie. Ek is maar net hoopvol dat die nuwe geslag, wit kinders en swart kinders gaan mekaar vind, kan saamwerk en dat ons nie soos die res van Afrika gaan word nie. Maar as persoon is ek maar bang daarvoor. Ek sê weer Afrika leer vir ons ’n ander les. Maar ’n mens kan net hoop en bid dit is nie in ons hande nie.

Karin: Dit is nie meer in ons hande nie.

Albert: Jy sê ’n interessante ding, is ons verplaasde Europeërs? Of is ons mense van Afrika?

Johan: Ons is verplaasde Europeërs maar ons het soveel te bied vir Afrika sonder om te wil hê Afrika moet Europees raak. Ek meen, wat is ons? Ons, ek en jy is van Afrika. Ek was nog nooit in Europa nie.

Albert: Maar dit is my vraag Johan, of ons rêrig van Afrika is en of ons denke nie so ongelooflik Europees-gesentreerd of Westers-gesentreerd is nie. Vat ’n eenvoudig ding Afrikatyd, wat ’n baie *flexible* ding is. Ons natuurlike aanvoeling is iets anders terwyl die mense in Afrika vir jou sal sê maar ontspan. Waaroor stres jy so? As dit nie vandag gedoen word nie, doen ons dit môre. En ons kan ’n klomp ander voorbeelde doen. My vraag is of ons regtig... pas ons in in Afrika? Of het ons vir ons ’n Europese enklawe hier in die suidpunt van Afrika gevestig en ons is so gemaklik daarin dat dit vir ons amper onmoontlik raak om daar uit te beweeg en te sê ons is rêrig mense van Afrika.

Johan: Nou wat is mense van Afrika? Ek meen nou gaan dit oor definisie. Hulle aanvaar dan sekere goed van die Weste, soos Johnny Walker whiskey, wat hulle op Mangaung se *party* gedink het. Hulle drink niks anders as dit nie. Sulke goeters. Ek voel net hoekom kan ons nie die goeie van al twee die kante deel en dalk iets nuuts maak nie? En dit is wat ek sê ek hoop dat die toekomstige geslagte sal wel iets kan maak van die beste van al twee kulture. Ja op hierdie stadium lyk dit seker of ons vasklou op die Europese. Maar ons het tog goeie eienskappe ook wat ons kan bied vir die wêreld en ek sal dit graag wil sien in Afrika dat hulle darem... Hulle sien dit in. Dit is ’n kwessie van Afrika wil dit nie erken op hierdie stadium nie.

Albert: Karin?

Karin: Weet jy, op hierdie stadium dink ek ons blankes het ’n groot rol te speel in Afrika. En ek dink ons speel dit. Van ons. Van ons speel dit. Maar ek dink... Ek gaan nou iets baie omstrede sê. Ek dink die mense van Suider-Afrika, ons swart mense en ons blankes, is geweldig bederf.

Albert: Bederf? Hoekom sê jy so?

Karin: My niggie se dogter gee skool in Zambië, sy hou skool in Zambië. Sy sê die skool is ’n fees. Almal wil graag leer. Almal wil graag skoolgaan. Almal wil graag alles, maar dit is na daai swaar tydperk toe die kolonialiste daar uitgetrek het. Sy het byvoorbeeld gesê die geboue wat daar was... Soos die ou gesit en boek gelees het en sy brilletjie daar gelos het, so het dit daar bly lê. En so het hulle uitgetrek. Alles staan net so. Sy sê dit is een vet fees. Maar sy doen onsettend werk en sy hou skool daar. Die ouens word in Worcester opgelei, slegs in Worcester, en hulle word gekeur voordat hulle mag gaan. En dit is God eerste en die mens tweede. So met ander woorde jy moet die Here jou God liefhê met alles wat jy het en jou naaste soos jouself. Met daai houding gaan hulle daar in en hulle is besig om met rasse skrede daar te vorder. Baie van ons mense hier het nog nie ingeskop nie. Baie het ingeskop. Baie besef. Baie het nog nie. Baie is dankbaar. Baie is baie ondankbaar, so dit is baie moeilik. Maar vir ons om te gaan terug sit en te sê wel dit is *anyway* ’n Zimbabwe wat nou oppad is, so stop alles. Dit is nie God se opdrag vir ons nie. God se opdrag vir ons is, hou aan Ek is in beheer en dit is wat ons almal moet doen.

Albert: Jy praat nou van ons tyd is nou amper verby hierso, maar ons het nog so veertig jaar om te gaan hierso, dit is nog lank. Hierdie ding beter werk.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid 2012** – Gesprek 12: Opvolggesprek met Hanlie

Hanlie: My gedagtes is nog nie geformuleer nie.

Albert: Ja, ons praat totdat dit geformuleer is.

Hanlie: Maar ek het gewonder hoe jy voel oor die kerk se verandering in dié tyd. Want jy behoort nou beter as ek te weet wat het nou alles op sinodale vlak en by mense gebeur, of nie gebeur nie.

Albert: Dit is een van die temas waaroor ek nou juis wil skryf. Kyk dit gaan nou maar oor die gewone goeters, rassisme hoe dit nou lyk. Weer die vraag oor apartheid, as jy nou terug dink, nog veertien jaar verder, en jy nou terug dink wat dink jy daarvan? Skuld en daarmee regstellende aksie en so meer. Maar die hele ding gaan op die ou end oor versoening tussen rasse. Ek dink dit is maar ons krisis. En die rol wat die kerk daarin speel of nie speel nie. Nou spot ek dalk oor wat die kerk nie doen nie, maar my aanvoeling is baie keer in die kerk, ons is nog waar ons al die jare was. Bitter min het nog verander by ons. Ek weet jy het netnou van die kerk gepraat. Waar gaan jy deesdae kerk?

Hanlie: Ek is kort na, of ek was al... Was ek toe nog by jou in die kerk, of was ek al weg?

Albert: Nee jy was al weg.

Hanlie: Want ek wil sê ek is baie... of ek wil sê ek is min of meer daai tyd al na dominee A se kerk toe en ek was darem nog al die tyd daar.

Albert: Hoe werk dinge daar wat ras aanbetref?

Hanlie: Weet jy wat vir my wonderlik was, in die begin, hulle was mos daar in ’n winkelsentrum en toe het ons drie eredienste op ’n oggend gehad en ek het per toeval die swart *reverent* M geken, want hy was op die beheerraad by [die skool] en dan het ons ’n Engelse diens gehad, ’n Afrikaanse diens en ’n Sotho diens. Al drie so na mekaar, maar nie op dieselfde tyd nie. En die Bybelstudie het daar nogal heelwat van die swart vrouens – dit was gewoonlik Woensdae oggende – het heelwat van die swart vrouens bygewoon. Die Bybelstudie vir die vrouens wat ek, toe ek nou ophou werk,

kon gaan doen het. Ek het nou nog nooit iemand daarmee gekonfronteer nie, maar die Sotho-diens het volgens my toe verdwyn. Dit bestaan nie meer nie. En nou is daar net twee dienste, 'n Engelse diens en 'n Afrikaanse diens. Daar is baie min, baie min swart mense wat die Engelse diens bywoon. So daar het nie 'n ding gebeur dat daar skielik 'n verandering van ras was wat die dienste bygewoon het nie. En ek weet nie of taal en die kultuur tog 'n baie groot rol speel nie. Kyk hier as 'n mense werklik jou gemeente kies waar jy tuis voel...

Albert: Ja, dit is een ding om 'n erediens by geleentheid te gaan bywoon.

Hanlie: Ja, of 'n gesamentlike byeenkoms te hou op 'n spesifieke biddag. Ek weet, as ek hier is, woon ek dikwels van die goed by wat HB van die gebedshuis inisieer of hoe jy dit ook wil noem. Maar ek meen as ek nou hier waar ek sit en hier was drie kerke voor my deur en een was 'n Afrikaanse diens, dan sou ek tog nog steeds baie graag in my moedertaal wou gaan. En ek dink dit is wel by baie mense so, dit speel 'n baie groot rol.

Albert: Ek dink nogal... ek stem nogal met jou saam daar. Die ander ding wat – nie orals nie – maar ons woonbuurte is nog in 'n baie groot mate ras gebaseer. Ek sien nou daar by ons daar al hoe swartes wat intrek in Naudeville, maar die oorgrote meerderheid is maar nog in die omgewing van ons kerk is maar nog witmense. Ons het byvoorbeeld op die oomblik een swart vrou wat gereeld kerk toe kom. Ons het 'n kleurling egpaar gehad wat ook gereeld gekom het, maar hulle het getrek lyk dit vir my maar die swart vrou, sy bly hier in Uitbreiding 19, kom nogal gereeld. Maar sy praat vlot Afrikaans en so aan.

Hanlie: Maar nou ja dit is so. Maar Engels is vir die meeste swart mense makliker omdat hulle kinders ook na Engelse skole gaan. So ek neem aan as jy gaan kyk hier by *St. Lukes Methodist* of by die *Anglican* kerk of so gaan jy baie meer dit kry omdat daar Engelse dienste aangebied word of omdat dit nader is miskien vir iemand. Maar as jy nou in Thabong bly weet ek nie hoekom sal jy nou juis spesifiek hierheen kom vir 'n diens as jy daar 'n diens in jou eie taal kan hoor nie.

Albert: Maar dink jy nie baie van dit wit lidmate is maar eintlik te goddank bly is dit so nie?

Hanlie: Ja ek dink tog. Eerlik dink ek so en ek dink ons mis uit omdat ons die meer dikwels ’n gesamentlike ding doen nie. Ek dink nie ’n mens kan dit forseer nie.

Albert: Nee, maar weet jy wat tel ek op? Daar is mense wat byvoorbeeld in hulle werksituasie met swart mense te doen kry op ’n ander vlak. Kyk, in die ou bedeling was ons kontak met swart mense in terme van huisbediendes, tuinwerkers en ondergeskikte rolle gewees.

Hanlie: Ja, ek dink dit het geweldig verander.

Albert: Dit het wel verander. Waar mense in so ’n werksituasie ’n swart persoon leer ken as ’n mens, meer as net ’n arbeidsmiddel, het daar tog regtig groot dinge gebeur, maar ek dink so baie van ons doen dit nie. Ons kies nie om in sulke situasies te kom nie. Ons lees sekere boeke, ons kyk sekere soorte televisieprogramme, en daarmee per implikasie, sekere ander nie.

Hanlie: Maar een groot ding wat ek dink wat sal help – en dit is vir my baie snaaks dat dit nog nie meer deur die onderwys-departement afgeforseer is nie – want so baie ander dinge voel die mense is afgeforseer. Dit is dat ons moet baie meer aandag gee aan ’n derde taal. Dit is net vir my vreemd as ek by my kleinkinders kom. R is nou al in Graad 7. So hy maak nou al klaar by die laerskool en ek dink dit verskil van provinsie tot provinsie, maar hy het onder in die Kaap, die skool waar hy daar was, het hulle begin met Xhosa, maar hy neem geen derde taal tot op hede nie. So, sy tyd is amper verby. Ek het nou vir T gesê, met hierdie nuwe kleinding van haar, sê jou bediende moet – want haar man sal nie so voel nie – maar sê vir jou bediende sy moet Zulu met hom praat. Jy praat met hom Afrikaans en G praat met hom Engels. G het glad nie gedink ek is oulik nie. Maar as jy van kleins af kan grootword en dit optel soos wat mense dit miskien vroeër op die plase opgetel het... Dit is vir my groot ding vir my persoonlik en ek dink vir 90% van die Afrikaanssprekende mense kan nie verstaan nie as die ander mense praat nie. Selfs in hulle werkplek, as twee of drie kollegas daar sit en hulle praat dan Sotho dan is ek uit die gesprek uit. Heeltemal. En as dit nie soort van offisieel gesê word goed by die vergadering praat ons Engels sodat ons almal mekaar kan verstaan nie, maar as dit op vriendskapsbande kom en ons praat nie dan doelbewus almal Engels nie, dan verloor ons mekaar.

Albert: So in ’n groot mate het ons nog steeds daai ding wat ons in die apartheidsjare gehad het van twee wêrelde waarin ons leef.

Hanlie: Ja, in werklikheid wel.

Albert: So rondom taal en in ’n seker sin woonbuurte. Woonbuurte minder so, maar definitief wat taal aanbetref.

Hanlie: Kyk skool het oneindig mos ’n baie groot rol gespeel. Ek meen, ek praat nou ook weer klein. Die dingetjies wat ek noem is maar klein. Soos, die oudste seun van T, sy beste maat is ’n swart seun.

Albert: Hulle was heelwaarskynlik saam op skool.

Hanlie: Hulle was saam op skool en trouens hy gaan nou – hy was toe in ’n ander hoërskool – hy gaan nou terug Hillcrest toe. En toe ek sê wat is een van die redes, toe sê hy sy maats is daar. Toe sê ek maar is Mpho daar? Ja, hy is daar. So hulle slaap oor en weer en hy gaan saam met hulle, die gesin, saam met vakansie as hulle hom nooi en dan gaan hy saam met hulle vir ’n maand weg met vakansie. So vir hom is totaal niks snaaks nie. Maar, hulle, die gesin, die swart gesin praat – om een of ander rede het hulle besluit – hulle praat Engels met hulle kinders seker ook om hulle Engelse skool makliker te maak. Ek neem aan hier en daar praat hulle onder mekaar Zulu, maar 90% is Engels so daarom is die taal nie ’n probleem nie. So ek voel, ek voel die onderwysstelsel moet op een of ander manier met al sy baie foute wat hy het en al die probleme moet ons begin, ek wil sê vanaf graad 1 af.

Albert: [My vrou] het nou gesê, hulle moet nou vir die kinders ook Afrikaans leer. Kyk hulle voertaal is Engels, almal swart Sotho-sprekende kinders, meeste van hulle Sotho, maar hulle moet nou ook onder andere ook Afrikaans leer in die skool. Die arme goedjies kan nog nie eens Engels praat nie, want hulle kom uit ’n ander agtergrond, so iewers gaan daar dalk iets daarvan gebeur. Maar jy is reg.

Hanlie: Jong ek dink ons misgis ons met die brein van ’n kind, hulle sê eintlik mos, die geleerdes, tot sewe jaar toe kan jy vir ’n kind enige iets leer. En daar bestaan nie iets soos moeilik nie. ’n Woord is nie vir hom moeilik nie, ’n som is nie vir hom moeilik nie. So as jy vir jou kind sê... voor hy sewe word kan jy vir hom die moeilikste som leer, moet net nooit vir hom sê maar hierdie een is nou ’n bietjie moeilik nie, want daar bestaan nie vir hom iets soos moeilik nie. En ek dink ’n kind se brein kan maklik drie tale optel voor skool. So as jy dit voorskool kon doen is dit nog beter, maar al is dit net

'n mondelinge ding, al word daar nie daaroor eksamen geskryf nie. Al kom dit nie in jou gemiddelde berekening op die laerskool nou nie. Ek dink dit is ons grootste probleem.

Albert: Nee, jy is reg. Destyds, toe ek diensplig gedoen het in Pretoria, stap ek in die straat af, onthou nou dit was in 1987 en 1988, dit is jare terug, stap ek in Pretoria van alle plekke – die hartklop van Afrikaner – stap ek by 'n motorparkeergarage verby en daar is 'n groot kennisgewingbord net soos jy nou indraai, daar teen die muur. Ek kyk die bord so, daar is verskillende tale, en ek kan nie een van die tale verstaan nie. Almal verskillende swart tale en daai dag het ek vir S gesê jy weet ons gaan nog vreemdelinge in hierdie land word, want ons kan nie die taal praat nie.

Hanlie: En ek dink net ons moet begin besef dat, goed ek het met die ouderdom baie stiller geword, ek is baie minder uitgesproke as wat ek miskien daai tyd met die eerste onderhoude geword het. Ek dink 'n mens word 'n bietjie wyser, 'n bietjie stadiger met wat jy sê as jy ouer word. Maar ons moet besef ons is die minderheid in die land. Ja. En die land kan nie net gevorm word vir die Afrikaanssprekende persoon nie. En so kyk ek self soms programme op die televisie wat in 'n ander taal is as daar onderskrifte is indien dit 'n interessante ding is. Soos partykeer het hulle hierdie geskiedenis programme wat dan terug wys van hoe dinge was. Ek het gisteraand nog 'n klein stukkie gekyk, ek dink dit is *90 Plein Street* of iets van die aard. Dan kyk ek dit, want ek voel dit gee vir my kennis oor wat het gebeur in die verlede en hoe het die mense dit ervaar en so aan. En daarom dink ek.. maar ek neem myself verskriklik kwalik dat ek nie 'n derde taal het nie. Dit is nou goed om te sê... jy weet die verskonings het ons mos nou baie: Om nou te sê goed ek leer nou Sotho en wat help dit nou ek kan 'n bietjie Sotho praat en dan trek ek Natal toe en wat dan. Nou dit is alles net nonsens. Ja dit is net onsin.

Albert: Dink jy die gemiddelde wit Afrikaner wil dit doen of dink jy ons ... dit gaan vir my oor die vraag is ons Europeërs, ons is westerlinge, of is ons Afrikane, mense van Afrika. Ek dink my persoonlike aanvoeling is dat ons so graag, ons hou so vas, ons is Europeërs, ons is Westerlinge. Ons sê ons is van Afrika, ons is eintlik nie van Afrika nie.

Hanlie: Nee want die 400 jaar of wat dit ook al is, is nog te kort. Vir die beskawing dink ek is dit nog te kort voor. So ek dink nog ons is meestal Europees in ons gewoontes en in ons manier van dink. Maar ek meen as jy in enige Europese land kom, kan die

meeste mense drie tale praat van die verskillende lande rondom hulle. Ek weet hulle kan Duits praat en Frans praat en Engels praat en dan nog hulle Hollands.

Albert: Ja dit is nie vreemd daar nie.

Hanlie: Dit is dit niks snaaks nie. Ek dink dit is een van ons groot foute en dit kan net by in die nuwe geslag regkom en reggestel word. Ek dink dit gaan onsettend help met sosiale verkeer en met respek vir iemand anders as jy sy taal kan praat.

Albert: Dink jy die jong geslag gaan ons daarin kan help, dink jy hulle gaan.

Hanlie: Ek hoop so, maar dit kan net kom met 'n weereens 'n besluit van bo af. Want selfs as ek vir C sê maar jy moet vir N sê hy moet met jou net Zulu praat dan lag hulle vir my. Want dit is soveel makliker om net in Engels te kommunikeer. So dit moet half 'n verpligte ding kom in die onderwys stelsel sodat ons mense kan begin oplei want die swart mense is ons voor, baie voor. Die meeste van hulle kan hulle help met Afrikaans en party van hulle is weer baie goed Engels en dan dikwels ook twee of meer ander tale praat. Nou ja wil ons sê ons is nou slegter as hulle, dommer as hulle of net meer soos jy sê halsstarrig wil vashou aan dit.

Albert: Want dit is gemaklik. En dink ons is nog te gemaklik.

Hanlie: Tog nog te gemaklik in die land wat vir ons so ongemaklik is. Ek het gister 'n koerant gekoop. Ek doen dit omtrent nooit nie, maar per toeval en toe ek nou gisteraand deur blaai toe is daar 'n paar interessante goedjies in om vir jou te noem. Jy het netnou ook gesê van die werksituasies en mense wat poste verloor en afgelê word en dat sulke dinge 'n probleem is. En dat ons nog steeds die BEE poste het en so aan en dat mense dus onveilig voel in hulle situasie by die werk. Gaan ek hom behou as ek aansoek doen vir 'n hoër pos, gaan ek dit kry? Moet ek maar liewer buiteland toe nie, ensovoorts. En toe sien ek nou hierdie opsomming van hoe mense voel by hulle werk. Emosioneel, veilig en dit is vir my ongelooflik. Ek kan dit glad nie glo nie. Kyk na Swede ek het gedog Swede gaan 'n 100% veilig voel.

Albert: Ja 45%.

Hanlie: En ons kyk waar lê ons, dieselfde. Sjoe. Ek kan dit net nie glo nie, ek het die syfers bekyk, bekyk en bedink.

Albert: Dit is interessant.

Hanlie: En ek kon dit glad nie glo. Ek het nou gedink, ek het gedink jy weet Argentinië en gedink Spanje en ek het ook ’n bietjie Ooste-rig gedink. Hulle het nou nie veel oor die Midde-Ooste se situasie nie.

Albert: Maar selfs Italië wat 66% het.

Hanlie: So is dit ’n wêreldwye tendens, ’n globale tendens geword omdat die wêreld ook ekonomiese krisisse globaal beleef. Dat mense dus onveilig en onseker voel oor die verloor van hulle poste en ons dink miskien ja die res van wêreld, daar is dit so wonderlik.

Albert: En ons skryf dit toe aan swart ekonomiese bemagtiging. Ja. Dit is maar die realiteit.

Hanlie: En dan het ek nog ’n ding gekry hier wat ons kan na kyk so vinnig wat toe nou ook vir my so snaaks is dat dit in gister se koerant was. Waarheen is ons oppad?

Albert: O, ek het glad nie gister koerant gelees nie.

Hanlie: Nou jy moet dit amper eintlik saamvat want as jy sal sien, kyk nou byvoorbeeld, waarna sal ons kyk? Kom ons kyk na onderwys.

Albert: Moorde per dag 71 af na 44.

Hanlie: Ja. Dit is wat ek nou bedoel die goed is vir my enorm interessant. Ek kon dit nie glo nie.

Albert: Ja jy is reg.

Hanlie: Onderwyser gekwalifiseerd, dit is nou natuurlik omdat die hele samelewing, die hele bevolking nou reg het tot onderwys... So het ek wil nou sê moet ek nie ’n bietjie... die mens nie ’n bietjie meer positief raak nie. Ok, daar is nog ’n geweldige agterstand natuurlik ook omdat die bevolking so vinnig groei is daar ’n geweldig behuising agterstand. Maar daar is tog ’n groot verbetering al kla ons oor die oop toilette wat

hopeloos en verskriklik is. Hierdie MIV was ’n bietjie vir my erg. Jy sien ons het baie naby aan vier jaar daarna gepraat en dit is tog nou al baie beter onder beheer. Maar daar is nog steeds meer infeksies as beheer. Dit is nogal so. En dan die ander ding wat vir almal nou sleg is in die ekonomie, daai tyd en omtrent 4,9 gespaar en nou net nog meer minder. Niemand kan meer spaar nie. Maar dit is vir baie interessant gewees. Werkloosheid, kyk nou daar. Dit was 31% en dit is nou 35%. *Is it that much of a difference?* Want ons voel almal verloor hulle werke, almal gaan oorsee, almal gaan weg...

Albert: Hierdie is baie meer positiewe prentjie as wat ons die samelewing optel elke dag.

Hanlie: So dit was vir my, misdaad was vir my ongelooflik. Ek kon dit nie glo nie.

Albert: Ek het nou juis vanoggend navraag gedoen oor ’n artikel wat Albert Venter van Potch geskryf het oor wat die situasie was in – dink hy het gesê in – 1986. Hy het nou verlede Woensdag op Monitor daaroor gepraat. Ons vergeet hoe sleg dit was.

Hanlie: Omdat ons dit eintlik nie geweet nie.

Albert: Presies. Dit is daardie twee wêrelde deel, ons het ons deel gesien, daar was paaie, daar was ligte waar ons bly. Maar ons het nie wyer gesien nie en nou beleef ons iets anders en nou dink ons anders. Ons vergelyk dit met ons goeie tye. Maar as jy ’n bietjie breër daarna kyk is ons...

Hanlie: Ja omdat ons ook nie daardie tyd deur die media ingelig is nie, nie ’n televisie gehad het nie, nie gekonfronteer is met elke verskriklike ding wat gebeur nie. Nou gebeur die moord, of die diefstal of die korrupsie en miskien is dit dan nou iets positief om te sê dat ons nou ten minste daarvan weet. Dat ten minste openbaar gemaak word.

Albert: Ek dink in daardie opsig is die twee wêrelde besig om minder geïsoleerd te word of te wees as vroeër. Maar ons het vroeër.. Daar was ander koerante ook maar ons het gekies om dit nie te lees nie. Ons was so dood tevrede om *Die Burger* en die *Volksblad* te lees. Ja, daar is ’n klomp sulke goeters wat nou ’n bietjie anders is, maar nou ja... Daai is interessant. ’n Mens het nou ’n baie anderste prentjie. Miskien praat ons onsself baie keer in ’n gat in. Ek dink regtig ons praat onsself in ’n gat in omdat ons

net fokus op die goed wat verkeerd is. Daar is meer as genoeg om te wys wat verkeerd is, maar dit is nie die enigste prentjie nie, daar is ’n groter prentjie as dit.

Hanlie: Ja en waarvoor ek bang is as jy dan nou mense en wat ek vreeslik by my kinders probeer inskerp is dat onthou wat jy sê wat uit jou mond uit kom gaan by jou kind sê ore in. So as jy nou die hele tyd net oor Malema besig is in jou huis, en net jy weet, as daar nou iets leliks gebeur, of iets... Zuma, dan word jou kinders nou groot en hy het nou geen... hy weet nou net die president van hierdie land is nou niks, treurig en hopeloos. Ek praat nou van jong kinders. As jy nou later groter is kan jy nou self die informasie lees en hoor. Maar ek dink ook ons praat nou ons kinders in die meeste Afrikaanse huise in ’n negatiwiteit in deur die goed wat ons sê omdat dit so onmiddellik in jou gesig is. Dit so *in your face* in elke keer as jy die televisie aanskakel.

Albert: Dink jy grootmense oor die algemeen is meer rassisties as vroeër of net so baie of minder. Hoe dink jy?

Hanlie: Ek dink dit is ’n moeilike vraag. Ek wil tog, ja ek dink ek wil tog positief antwoord en ek wil tog sê ek dink daar is tog ’n verandering aan die gebeur in die sin dat daar genoeg mense is wat sê, of wat ondervind dat die omstandighede waarin hulle werk byvoorbeeld hulle kollegas en so aan, dat daar wel mense is wat briljant is en wat goed opgelei is.

Albert: So die stereotipiese beeld wat ons het of gehad het van swart mense is tog besig om te verander.

Hanlie: Ek dink so. Ek wou nie sê dat dit ’n groot stap is nie. Vir my was dit interessant toe ons so vinnig deurgaan en blaai deur die aantekeninge hoeveel keer ons gesê het dit gaan nog ’n lang pad vat. En daar was ook interessant, ek weet nie of dit, dit was ’n Sam, Sam iemand wat baie klem gelê het en gesê het voordat die grondkwessie nie aangespreek word nie sal dit nooit heeltemal reg kom nie.

Albert: In terme van wat ons vandag hoor...

Hanlie: En dit was vir my baie interessant om dit te sien. Om te sien dat in werklikheid die grondkwessie vir die mense nog nie aangespreek is nie.

Albert: En dit is ’n baie belangriker kwessie as wat ons dit dalk mag maak, as wat ons dit sien. Ek kry die idee dit is rêrig een van daai kern sake vir hulle. Seker op ’n emosionele vlak ook, maar dit vind aanklank by ’n klomp van hulle.

Hanlie: Maar daar is tog dat ons die ander voordeel van die media ook sien. Daar is wel ook sukses stories wat ’n mens wel tog optel op die televisie. Seker doelbewus deur seker programme wat dit wil uitlig, maar van nuwe verhoudings tussen sê nou maar ’n wynboer en sy werkers. Dan sal hulle fokus daarop. En dan sal hulle vir jou die program wys van hoe dit werk en hoe die mense hulle eie gedeelte nou het en hoe hulle nou self daar nou boer ens. Dit word tog ’n bietjie uitgelig in die media en dan gryp ’n mens daarna. Dit is wat ons nodig het.

Albert: Ja ons het meer as genoeg ander stories.

Hanlie: Ons het goeie stories nodig.

Albert: Ja ons het die goeie stories ook nodig. Jy is reg. My bekommernis is baie keer dat ouers oor wat jy netnou gesê het oor wat die ouers sê voor die kinders dat die ouers nog so in rassistiese taal praat en rassistiese terme dat die kinders daardeur beïnvloed word.

Hanlie: Ja absoluut, absoluut. Dit glo ek.

Albert: Maar nou aan die ander kant die kinders wat byvoorbeeld in ’n gemengde skool skoolgaan word blootgestel aan ander kinders waarmee hulle nie normaalweg sou meng nie. Terwyl jou... ek is baie keer daaroor bekommerd dat ’n kind in net ’n blanke skool skoolgaan, want dit is nie die werklikheid waarin die kind gaan leef nie.

Hanlie: Dit is waar, dit is absoluut waar wat jy sê.

Albert: Ons leef in ’n anderste wêreld as in daardie dae. Dit maak my bekommerd oor baie goed wat jy in koerante lees, briewe wat mense skryf. Dit is asof ek by mense hoor maar niks het nog verander nie, ons kan nog hier leef soos ons voor 1994 geleef het. Asof dit nog enigsins moontlik is. Ek dink nie jy kan nie.

Hanlie: Ja dit is ’n totale *denial,* absolute *denial.* Daar is soveel dinge wat mense in hierdie veral in die ekonomiese omstandighede en in korrupsie wat ’n mens van bewus is wat mense so ontstel dat hulle kan amper nie meer die goeie kan raaksien nie.

Albert: Maar is daai ontsteltenis... Ons maak baie keer die fout dink ek om te dink dat die ontsteltenis net by wit mense is, terwyl dit dwarsdeur die bank is. Jy kry net soveel swart mense in Suid-Afrika wat net so ontsteld is oor bedrog en korrupsie en goeters terwyl ons half nog steeds geneig is om dit in ’n wit-swart terme te sit. Ons wittes, ons is bekommerd want die swart mense pleeg bedrog en steel.

Hanlie: Ja, iets wat nou glad nie nodig is vir jou tesis nie, maar my sus se seun gaan gister die *Bulle* kyk, ag ek bedoel Saterdag middag die Bulle kyk. Kyk ek is nou glad nie ’n *Bul* nie, maar speel daai *Bulle*! En ek dog ek moet gou vir J ’n boodskap stuur. Ek stuur vir hom jy weet ek is nie ’n *Bul fan* nie maar nou speel jou *Bulle* darem. En hy stuur vir my toe ’n foto’tjie terug van die veld, hy is toe daar. Tannie ek sê net whoa! En omtrent vier ure daarna kry ek ’n oproep. Hy het uit die losie gestap waar hy gesit het aan die einde van die wedstryd en ’n man het hom aangeval en hom absoluut aangerand, hy is in die hospitaal. Hy ken die man van geen aard af nie, hy het nie sy mond oop gemaak nie. Buitendien almal wat daar was, was tog seker *Bul* ondersteuners dit is tog nie ’n wedstryd tussen die *Bulle* en die *Stormers* of die *Sharks* nie. Die man is gearresteer deur die polisie en later toe ek nou praat so besef ek dit is ’n wit man wat hom aangeval het en ons is so geneig om te dink as jy hoor van enige *mugging* of aanval of wat ook al, diefstal, dan dink jy dit is swart. Dit is in ons al van ons kinderdae af. En dit was ’n wit man wat hom so aangeval het. En nou die dag was op die nuus van die stropers van die renosters. Hier wys hulle die hofsaak, hier wys hulle die ouens wat gearresteer is, sewe van hulle dink ek – meeste van die Kruger Wildtuin en van hier in die Vrystaat – staan voor in die beskuldigingsbank, al sewe wit manne. Ek sit en dink hoekom het ek so gedink dit is die wildbewaarders, die swart wildbewaarders wat seker omgekoop is om vir een of ander sindikaat te sê waar is die renosters vandag. Hier staan die ouens. So tog nog steeds ’n totale wanpersepsie.

Albert: Daai ding is so in ons in dat ons eerste gedagte is, is dit wit of swart?

Hanlie: Ja, maar jy neem dit so half aan.

Albert: Ek was nou die dag by ’n vergadering toe praat ’n man daar, professor M, ’n ou vir wie ek baie respek het. Hy sê toe ons doen dit almal. Dan lees jy in die koerant daar wat ’n ongeluk, daar is tien mense dood, jou eerste gedagte is dit wit of swart.

Hanlie: Ja, ek dink altyd dit is ’n taxi.

Albert: Maar wat hy sê, ons het nog steeds daai ding, ons vra die vraag wat is die ras van die mens wat dood is in plaas net te sê dit is ’n mens. En dit is so, jy dink nie eers daaraan nie. Dit is so, dit is deel van hoe ons groot geword het. Daarteen moet ons die hardste stry van seker van al die goed.

Hanlie: Dit is dit wat ek bedoel het toe ek gesê het die lengte van die tyd, miskien is dit ’n geslag, miskien is dit twee geslagte.

Albert: Maar dit is die vraag, ons geslag, nou daarby bedoel ek wit mense wat voor 1994 al verstand gehad en geleef het en gestem het en so aan. Dink jy rêrig ons gaan anders... ons gaan verander voor ons dood gaan. Of gaan ons... moet hulle ons maar verdra tot ons dood is?

Hanlie: Wel nee, ag ek weet nie dit hang seker af van waar jy groot geword het of wat jou siening was. En ja wat jy nou ervaar het, in watter omstandighede hy nou is, waarmee jy gekonfronteer is...

Albert: Watter blootstelling jy gehad het.

Hanlie: ...watter blootstelling jy gehad het. Ek dink dit speel ’n baie groot rol, ’n baie baie groot rol.

Albert: Dan is ons weer terug by die ding wat ons netnou gesê het. Ek wonder baie keer waaraan stel ons onsself bloot en of ons nie maar half probeer hou wat jy van weet nie.

Hanlie: Dat ons nie moet waag om ’n bietjie breër blootstelling te kry nie en veral ter wille van ons kinders.

Albert: Soos in Soweto, rugby in Soweto is vir my is ’n goeie voorbeeld daarvan. Ek dink dit was ’n skitterende idée gewees, hierdie stoere *Blou Bul* rugby ondersteuners

wat ’n wedstryd in Soweto gaan kyk het. Ek glo 90% van hulle was in hulle lewe nog nooit daar nie.

Hanlie: Wel ek was nog nooit. Ek was nog seker net drie keer in Thabong in my lewe en dit was saam met ander onderwysers om vergaderings daar by te woon of begrafnis daar te gaan bywoon. Ek was nog nooit op my eie daar nie. So jy gaan mos nou maar, jy ry nie noodwendig daai kant toe nie. Dan kom ons nou, as jy dan nou sê wat moet ons kerke dan nou doen. Moet ons kerke ons mense help deur te sê ons gaan nou ’n uitreik doen na dit of dat nie en die bus vertrek so laat en almal wat wil kan saam ry en gaan help daar om te verf of om die kerk daar te gaan mooi maak, of die kleuterskool te gaan verf. Want as jy in ’n groep gaan dan is dit makliker dan begin jy darem al ’n bietjie want as jy as ’n individu is dit moeiliker om daai blootstelling te gaan soek. Dit is trouens wat ek dink ons buitendien nie genoeg doen nie, is om, ek weet miskien nie van wat ander kerke doen nie. Grappig genoeg vertel my sus nou vir my van die kerk wat C nou aan behoort in Nieu-Seeland, hulle was eers daar in ’n Afrikaanse gemeente in Auckland, maar hulle het toe later by ’n groot Engelse massakerk aangesluit. Maar een van die wonderlike goed wat hulle doen is een keer ’n maand dan het hulle ’n spesifieke dag, sê nou maar die Saterdag of die Sondagmiddag self, en kom daar tot 500 tot 1000 mense bymekaar en elke ou kry ’n opdrag. Hierdie gesin gaan byvoorbeeld na ’n gesin toe waar daar, of na ’n ou tannie toe wat alleen bly en wat nie meer haar vensters kan was nie... Kyk hulle het mos nie bediendes of tuinmense nie. ’n Ander gesin gaan maak vir iemand die tuin skoon, saag bome af, sny gras doen dit en doen dat. So hulle doen geweldig baie uitreike na die gemeenskap toe. Dit is, ek dink nie dit is oor kleurgrense nie. Dit is nie daarop gebaseer ook nie. Maar hulle doen praktiese uitreike soos al is dit om ’n muur te gaan verf, die mans nou, of so iets. Ek weet nie hoe organiseer hulle dit nie, jy weet hoe kry hulle die behoeftes nie, ek het nou die besonderhede nie. Toe ek dit nou met my sus bespreek en so toe dink ek maar almal sal sê ons is hier vir julle, as gemeente moet ons mekaar leer ken, ons moet aan klein groepies behoort en ons moet belangstelling hê en ons moet mekaar help as daar ’n probleem is. Dit is so dat as daar werklike tragedies plaasvind dat mens uitreik. Maar daar is nie iemand wat ek nie, ek kan mos nou nie gaan sê, luister ek het nie en daar is nou drie *light bulbs* uit by my huis. Is hier nie iemand wat vanmiddag dit vir sal kan kom insit nie? Dit is nou iets, dit is nou heeltemal niks met die kleurgrens te maak nie maar dit is ’n algemene gevoel wat ek het is dat ek nog nie geleer het in die kerke wat die praktiese doodgewone behoeftes van mense noodwendig na te kyk nie. Maar as ons nou gaan oor die swart en wit situasie... Dit sal dalk help, as ’n mens, dit hoef nie die arme dominee te wees wat dit inisieer nie, maar dit sal dalk help as ’n mens in groepies

dinge kon doen wat prakties is. Soos ek sê 'n mens sien dit mos nou in die nuus en jy sien dit op die televisie. Jy moet 'n bietjie geld kan uithaal om daai kleuterskool gaan uitverf en 'n klomp nuwe speelgoed daar neer te sit, of daai biblioteek en dit behoort te help om stadigaan die *human* gevoel daar te kry.

Albert: Iets om hierdie twee wêrelde te deel...

Hanlie: ...om die twee nader aan mekaar te bring. Daar is mos nou die enkeles daar buite, die kunstenaars soos hier *Shout*-groepie en so dat jy dan voel hulle het bymekaar gekom, want hulle voel almal ewe sterk oor misdaad. Koop hulle CD, ondersteun hulle. Jy doen iets vir misdaad. Maar onder die gewone ou vind dit nog eintlik nie plaas nie. Almal is miskien nie bemagtig genoeg om iets te doen nie.

Albert: Ek wonder nogal hoeveel lidmate sou inskakel by so iets. Of lidmate nie half gaan... die oomblik wat jy oor die kleurgrens gaan dan sê lidmate nee, maar ons het genoeg behoeftig wit mense vir wie ons dieselfde kan doen. Dat lidmate vir jou sal sê maar ons het genoeg arm wit mense vir wie ons kan help. Moenie nog bodder met swart mense nie, ons kan ons eie mense help. Maar goed dit is waar maar ek dink daar is meer te sê ons het juis die behoefte is Suid-Afrika om wit en swart nader aan mekaar moet kom. Dat wit en swart mekaar meer gaan leer ken en meer gaan vertrou en so aan. Wat van regstellende aksie, ons het netnou net so 'n bietjie geraak daaraan. Dink jy daar is nog 'n plek daarvoor. Dink jy dit werk? Dink hy dit help mense regtig. Destyds in die groepe en ons gepraat oor ja wit mense het skuld, miskien moet ons daar begin. Watter skuld het ons en hoe hanteer ons die skuld? Kan ons iets doen met die skuld? As jy die koerant berigte lees dan hoor ek hulle praat oor 'n verlammende skuld wat half ondermynend is op die ou end terwyl ander ouens sê nee maar jy moet juis skuld aanspreek of wat ook al. Het ons iets om oor skuldig te voel?

Hanlie: Ja natuurlik maar dit, kyk ek wil nou weer sê... 'n rukkie gelede was daar ook een aand op televisie 'n program oor 'n Joodse man. Hy het in Suid-Afrika, sy ouers het na Suid-Afrika toe geïmmigreer. En hy het toe hier groot geword. Maar hy het die land verlaat in die tyd van so die begin van apartheid sal ek nou maar sê. En hy het in Australië gaan woon. Hy het nou terug gekom met sy seun, want hy gaan sy lewe lank nog onder 'n skuldgevoel... en loop hy nog sy hele lewe lank oor hoekom het hy nie iets gedoen nie, of hoekom is hy weg. Hoekom het hy die land verlaat? Hoekom het hy nie standpunt ingeneem nie? En nou vat hy... die program was geweldig interessant, besluit hy nou hy gaan op 'n reis en hy gaan na verskillende plekke toe waar hy was

toe hy jonk was. Onder andere hou hy ook ’n reünie. Hy was op Ikeys op Universiteit. Hy was ’n mediese dokter, hy is ’n spesialis, hoog, ander goeters... Nou maar hy het daar gestudeer en nou probeer hy ’n reünie reël met die studente was saam met hom in daardie jaar was. En hy soek al die plekke op waar hy was. En hy ry weer met ’n bus en vertel vir sy seun alles oor hoe dit was. Gaan sit op ’n bankie en vertel vir sy seun hoe skuldig hy voel daarvoor. Hy gaan besoek mense in ’n swart gebied en bely sy skuld en praat met hulle daaroor, kan glad nie verstaan dat hulle so maklik kan sê maar dit is nou verby, ons vergewe jou. Jy moet nou... ons waardeer dit dat jy hier is. Dit is nie mense aan wie hy persoonlik iets gedoen het nie en jy moet nou aangaan met jou lewe en so aan. Sy seun kan glad nie verstaan nie wat is dit met sy pa nie. Hy sê dit het gebeur, almal het gesê hulle is jammer, jy het nou al ’n honderd keer gesê jy is jammer. Skud dit nou van jou af, kom ons gaan swem weer in die see by Kampsbaai. Maak nou ’n simboliese afwassing van hierdie goed sodat ons net weer kan terug gaan na ons lewe toe na en na ons huis toe. Die vergadering met die reünie mense is daar onder andere net een Afrikaanssprekende student, ’n dokter wat ’n student was en wat toe vertel hoe verskriklik uitgesluit hy gevoel het, omdat al die Engelse studente het ’n groepie gevorm, die paar Joodse student het ’n groepie gevorm en hy was die enigste Afrikaans sprekende daar. En hy vind ’n bietjie aansluiting by hom en hulle vra vir mekaar om verskoning omdat hulle nie mekaar in ag geneem het nie. En hy doen hierdie hele, ek wil amper sê, reis na Mekka of reis na Jerusalem, hierdie hele reis om van sy skuldlas ontslae te raak. So ek dink by party mense, miskien is hy ook kunstenaaragtig of wat ook al wat by mense soos die, ag wat is die baie bekende man wat die voete gaan was het...

Albert: Dit is Adriaan Vlok.

Hanlie: Ja, Adriaan Vlok. Sommige mense wil ’n sigbare ding doen om te kyk of hulle daarvan kan onslae raak, of hulle daarvan kan wegkom. So ek dink seer sekerlik is daar nog baie mense wat erns maak en wat skuldig voel. Ek dink weereens dat die volgende geslag gaan vryer wees. Dit gaan werklik die vryheid wees van wat hulle dan het in hierdie land of meer kan geniet.

Albert: Ek het ’n vraag oor hoeveel mense, wit Afrikaanse Christene, het nou werklik nou al skuld bely het, as ek daai word moet gebruik. Om op ’n punt van hulle lewe te kom en te sê as ek nou kyk na wat gebeur het in die vorige bedeling dan besef ek ons het mense te na gekom. Wat net intellektueel vir hulle op daardie stadium net hardop

gesê het. Ek wonder hoeveel mense dit regtig doen. Baie mense sê vir jou ons het klaar bely oor apartheid en dan bedoel hy nie hy het bely nie...

Hanlie: ...ja die NG Kerk het gesê hy is jammer of wat ook al.

Albert: My vraag is of individuele mense op 'n punt al gekom het om te sê maar weet jy dit wat ons gehad het, was verkeerd. Ek kry so 'n idee dat ouens wil daardie stappie spring en sê man kom ons vergeet dit wat verby is, kom ons gaan nou net aan.

Hanlie: Ja moet net nie apartheid weer noem nie. Ja. Daarom moet ons aanhou praat daaroor.

Albert: Maar ek wonder of dit nie deel van 'n ontkenning van die werklikheid is, eerder as om self te sê, om vir homself te erken ek het 'n beleid ondersteun wat mense benadeel het en die feit dat ek dit nou kan erken maak dat ek nou anders kan kyk en anders kan leef.

Hanlie: Dit sou 'n interessant wees 'n statistiek om manier te probeer vasstel. Ek weet nou net nie of 'n mens dit in die kerk kan doen nie en of jy dit by 'n koerant kan doen, dat jy 'n vraelysie het en dat ouens net moet sê ja of nee. Hulle kan dit naamloos instuur, want 'n mens sou dit in 'n gemeente kon doen. Teenoor wie bely jy? Teenoor jouself, teenoor God of jou intieme mense met wie jy praat?

Albert: En wat daarmee saamgaan; wat nou? Want skuldbelydenis opsig self is goed en wel, maar as dit nie lei na 'n lewensverandering of 'n herstel van dit wat ek verkeerd gedoen het nie...

Hanlie: ...dan is ons by restitusie, daai moeilike vraag. Baie baie moeilike.

Albert: Dit is baie moeilik as 'n mens daai goeters begin praat. Sê gou vir my oor die pad vorentoe, hoe dink jy, is jy positief oor die pad vorentoe, meer so as veertien jaar terug of is jy minder. Hoe dink jy?

Hanlie: Weet jy ek dink dit wissel geweldig. Ek was onsettend opgewonde en positief oor die moontlikhede wat geskep is in daai tyd. Ek het miskien 'n bietjie in 'n amper 'n droomwêreld... Ek het gedink dit gaan makliker gaan. Ek het gedink dit gaan beter gaan. Ek het gedink... hoe sê Martin Luther King, *I have a dream.* Nou ek het "*I had a*

*dream*". Nou het ek agtergekom dat dit nie so maklik is nie, want ek dink dat ek met baie dinge geweldig teleurgesteld is. Ek weet nie of my drome of visie heeltemal onrealisties was nie. Of ek nie moes geweet het dat die volgende generasie net soos ons dit ingekry het, het hulle dit ingekry ook. Sekere kultuur gebruike, sekere maniere van doen, sekere uitsprake en hoekom het ek dan nou gedink hulle moet so vinnig verander? Hoe kon ek dit nou verwag het? Veral 'n teleurgesteldheid in die senior, in die leiers, omdat ek werklik gedink het daar gaan 'n geweldige ommeswaai in die armoede in ons land kom. So dit is vir my baie teleurstellend. Ek weet dat daar baie gedoen is. Ek het nou die dag weer geluister na die toespraak van President Zuma wat hy getalle noem, statistieke noem, wat tog positief is as jy dink hoeveel daar tog gedoen is. Maar ek het nie gedink dat so baie geld gaan gemors word nie. So ek dink dat ek aan die een kant geweldig teleurgesteld is in die beheer van die finansies en die verspreiding van hulpbronne.

Albert: Dink jy die... amper wil ek sê die klimaat vir versoening is nou beter as wat dit in 1998 was of is dit nou minder?

Hanlie: Kyk ek dink almal het met Mandela se vrylating op 'n soort van 'n *high* gegaan. En toe was die klimaat miskien ook baie hoog, 'n baie hoe persentasie. Toe dink ek het dit 'n geweldige laagtepunt bereik deur die verskillende, kom ons sê nou maar, deur die regstellende aksie, deur dinge wat ons geweet het moet gebeur, maar nie gebeur het soos ons dit graag sou wou gehanteer sou wou gesien het nie. Miskien dikwels verkeerdelik gebeur het ens. Ek wil my tog verbeel dat ek hoe meer ekonomiese druk op ons, op al die mense van Suid-Afrika is, maar hoe moeiliker dit is om nie iets daarvoor te blameer nie. Dan blameer jy óf die regering óf jy blameer regstellende aksie, óf jy blameer die wit mense, óf jy blameer jy weet die *colonial* wat nog bly. Die swak dienstelewering byvoorbeeld dink ek gaan mense nader aan mekaar bring. Daar is vir my 'n moontlikheid dat almal saam gaan besef dat ons sekere goed in gemeen het waaroor ...

Albert: Ons is oor dieselfde goed kwaad.

Hanlie: So dit behoort 'n positiewe uitwerking te hê op *all humans*.

Albert: 'n Laaste vragie, ons moet nou klaar maak. As jy nou terug dink aan die apartheid. Ons het in die groep baie daaroor gepraat, wat sou hy sê as jy dit nou kort

moet saamvat, wat sou jy sê was die fout van apartheid. Waarin lê die probleem met apartheid.

Hanlie: Dit is te verskriklik wyd, hoekom vra jy nou so ’n wye vraag, maak hom ’n bietjie meer definitief.

Albert: As ’n mens met mense praat oor apartheid dan het almal sekere sienings oor apartheid en dan het ’n baie klein deel van apartheid hulle sien as die probleem. Wat was fout met apartheid, hoekom kon ons nie daai beleid gehad het nie?

Hanlie: Vra mense sulke goed?

Albert: Ja, as jy koerante lees dan vra mense. Ek het nou die dag ’n teoloog se goeters gelees wat hy geskryf het in 2005 waar hy nou uitvaar oor die kerk wat nou belydenis van skuld gedoen het en dan so aanmekaar, aanmekaar net sê dat die beleid was niks meer verkeerd nie. Dit is asof hy sy oë toemaak en sê ons het hierdie beleid gehad wat sê ons gaan vir wit mense alles gee wat hulle nodig het dáár. En ons gaan vir swart mense alles gee wat hulle nodig het dáár, op ’n ander geografiese plek. So wat is fout daarmee? En hy is oortuig daarvan dat hy is reg. Dit maak nie vir my sin nie.

Hanlie: Nee dit maak geen sin vir my nie. Dit is nie demokrasie nie, dit is nie demokraties nie. Dit is vir my die grootste. Almal moet dieselfde regte hê en dieselfde geleenthede hê en dieselfde moontlikhede hê. Maar om met ons land se bevolking, so ’n groot land, wat is ons land oor die 50 miljoen, is die armoede vraagstuk en die werkloosheid vraagstuk is die grootste uitdaging wat enige regering sou hê wat ’n land regeer. En dan dink ek ook ’n mens moet maar besef dat wêreldwyd is dit die vraagstukke. Maar ek kan nie dink dat iemand nog so iets kan vra hoekom moet ons nou wat...

Albert: Dit is asof, ’n mens stel dit ’n hele debat rondom Belhar.

Hanlie: Ja jy sal nou lekker daaroor kan gesels, want ek het net maar geluister Sondae aande na die besprekings wat hulle op die radio het.

Albert: Dat ouens sê nou hoekom was dit dan nou so verkeerd? Maar persoonlik dink ek die wese van apartheid lê daarin dat die menswaardigheid van swart mense misken is.

Hanlie: Ja ek stem volkome saam.

Albert: Dit gaan nie oor jy sit in daai trein of daai wa van die trein of ek gaan by die deur in en jy by daai deur in. Dit is maar simptome en jy het baie mense wat daarteen vaskyk maar die eintlike ding is daar was onderliggende uitgangspunt om te sê ek is wit, ek is goed. Jy is swart, jy is sleg. Per definisie is jy sleg omdat jy swart is en die menswaardigheid word aangetas en dit is die hele grondslag waaruit Belhar ontstaan het. Die ouens van die VGK sê julle wit mense wat sê julle is Christene, maar verkondig die evangelie wat sê ek is nie 'n gelykwaardige mens aan jou nie en dit stry tog teen alles wat die Bybel ons leer. Baie mense kom nie by daai punt nie en daarom is dit vir hul onmoontlik om Belhar te aanvaar.

Hanlie: Ja ek kan nog steeds nie, dit is so dat daar nog kerke is wat dit nie aanvaar nie, nè? Worstel die Hervormers nog daarmee?

Albert: Dit is nie vir hulle 'n *issue* nie. Hulle praat nie regtig daaroor nie. Maar die NG Kerk se Algemene Sinode het nou gesê ons wil nou die pad loop om Belhar aanvaar te kry, maar dit is nog die begin van 'n pad. Die Kerkorde... net soos die grondwet van die land, sekere goed kan jy net verander met 'n 75% meerderheid. By die kerk is dit so alle gemeentes, alle kerkraad moet Belhar aanvaar met 'n 2/3 meerderheid. En dan moet al die sinodestreke dit aanvaar met 'n 2/3 meerderheid en dan eers kan die Algemene Sinode sê, goed die NG Kerk aanvaar Belhar as 'n volwaardige belydenisskrif.

Hanlie: Is daar nou enige datums vas gestel wanneer hierdie sogenaamde stemme gaan plaasvind.

Albert: Hierdie ding is nou in proses, ons wag nou daar is 'n taakspan aangestel om die ding te bestuur. Ons wag nou om in hierdie dae nou te hoor hoe ons nou moet te werk gaan. Kyk die volgende Algemene Sinode is einde volgende jaar, Oktober 2013. Nou hopelik is ons teen daai tyd op daai punt. Maar ek sien swarigheid, ek weet nie hoeveel van kerkrade Belhar gaan aanvaar nie, want ek luister maar hoe van my kollegas daaroor praat.

Hanlie: Maar die ding is dit het ’n naam gekry, want ek bedoel as jy hom lees, wat is nou daar wat jy nie hoef te aanvaar nie? Dit het net ’n woord geword, ek wil amper soos die woord kommunisme, dit het ’n *label* gekry.

Albert: Ek dink die groot rede hoekom die meerderheid lidmate ongemaklik is om Belhar te aanvaar omdat daarmee saam ’n stuk skulderkenning moet wees. Want as ek Belhar aanvaar, dan moet ek sê ek was verkeerd in my politieke uitgangspunt die afgelope jare. Ons is nog nie daar om dit te sê nie.

Hanlie: Dit is vir my tragies.

Albert: Jy is reg dit is tragies. Maar ek is in my hart 100% oortuig daarvan dit is die enigste rede hoekom mense nie Belhar wil aanvaar nie. Goed ons baie ander redes wat ons aanvoer. Ten diepste, volgens my, is daar net een rede en dit is ek wil nie erken dat ek ’n aandeel gehad het aan ’n beleid wat verkeerd was en mense benadeel het nie. Ek wil nie sê apartheid was verkeerd nie want dan voel ek...

Hanlie: Maar selfs in die veertien jaar wat verloop het sedert ons hierdie gesprekke gehad het na nou was nog te kort. Daar is vir jou nog te min goed wat verander het.

Albert: Daar het te min dinge verander. Ek dink daar is te min mense blootgestel aan swart mense. Ons het nog steeds te veel van daardie aparte wêrelde waarin ons leef, veral hier, veral in Welkom. Ek aanvaar in die stede is dit baie anders, want ons is baie kosmopolitaans, baie meer gemengde samelewing as by ons. Hanlie, baie dankie vir jou tyd. Ek waardeer dit.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid 2012** – Gesprek 13: Opvolggesprek met Danie en Linda

Albert: Ek sal graag met julle wil praat oor julle ervarings vandag rondom rassisme. Hoe het julle dit beleef, of dit meer of minder is en of dit anders is as destyds en so aan. Weer die hele storie van as ’n ou terugkyk wat was eintlik fout met apartheid, kon ons nie maar net aangegaan het nie. Die kwessie van skuld in die groep het baie ter sprake gekom en daarmee saam regstellende aksie. Ek sal graag daarvan by jou wil hoor Danie. En dan die rol van die kerk. Ons groot behoefte in Suid-Afrika is versoening tussen wit en swart want dit was ons krisis oor jare. En nou is die vraag kom ons nader aan mekaar, is daar versoening, waar sien julle dit en waar sien julle dit nie? En speel die kerk ’n rol daarin? Die kerk het rol gespeel in apartheid, aanvanklik met die verdediging van apartheid, en toe gekom op ’n stadium dat ons sê nee dit was verkeerd en skuldbelydenis gedoen en so aan. Maar nou in 2012, sien julle iets van die kerk, dink julle die kerk speel ’n rol, hetsy positief of negatief daarin? Spesifiek nou die NG Kerk, maar ook wyer as dit. Dan miskien laastens net oor die pad vorentoe. Hoe sien julle die pad vorentoe, wat gaan gebeur? Hoe dink julle? Dit is maar min of meer die tema. Kom ons begin voor by die rassisme deel. Wat is julle ervarings? Is wit mense meer rassisties as destyds of minder. Hoe moet ’n mens sê.

Danie: Ek dink mense wat nie rassisties was nie, het rassisties geword.

Albert: Hoekom se jy so?

Danie: As gevolg van die omgekeerde diskriminasie wat nou baie sleg is. Ek ervaar dit in my werksituasie omdat ek baie met die vakbonde ook te doen kry. Die vakbonde wil niks... hulle gun vir die blanke niks nie. Dit regtig baie erg hoor. So by so, ons het baie goedgekwalifiseerde personeel en hulle het die hele persoonlike ontwikkeling jy weet – man wat noem jy dit in Afrikaans – *performance* jy weet wat jy jaarliks op gemerk word vir jou prestasie. Daai hele, die Patterson stelsel wat onderskei het in sekere kwalifikasievlakke, het hulle alles in mekaar ingedruk en almal getrek na gelyke vlak toe. Nou sit ek met ouens wat hoog gekwalifiseerd is en ek sit nou met ouens wat swak gekwalifiseer is wat nou dieselfde salaris kry.

Albert: So die ervarings en opleiding is nie meer ’n faktor nie.

Danie: Hulle is reeds besig daarmee in die sin dat ’n persoon wat sê nou al vyf jaar diens het, hulle wil dit blokkeer dat ’n persoon wat 30 jaar diens het enige salaris-

vorderings kry en hulle wil dit hê dat die persoon wat vyf jaar diens het versnelde aanpassing kry. Daar is alreeds sulke goed in plek. Sodat die persoon vat vyf jaar diens binne ’n sekere tydperk dieselfde salaris kry as die persoon wat 30 jaar diens het.

Albert: So daar is nie voordeel daarin om lank daar te wees nie.

Danie: Niks. Die blankes is net in ’n oorlewingsstryd in en daarmee saam weet jy, ek kry regtig van my swart kollegas wat jy uitstekend mee saam werk. Maar wanneer hy moet kies tussen integriteit en die vakbond, dan sal hy lieg ter wille van die vakbonde. Dit het met my persoonlik gebeur in die sin van die klag van rassisme wat teenoor my geloods is. Ek het vir ’n persoon... as bestuurder het ek vir hom gewys daarop, vriendelik met hom gepraat daaroor, oor ’n oortreding wat hy begaan het wat dissiplineerbaar is. Ek het vir hom gevra of hy bewus is daarvan. En toe begin hy net onmiddellik aggressief raak. Ek sê toe vir hom ek is jammer as dit sy houding is, want dan sal ek genoodsaak wees om dit verder met sy bestuurder sal moet opneem. Hy klim toe daar is sy voertuig en hy ry en hy kry sy vakbond indoenas bymekaar en hulle fabriseer toe ’n infaamste leuen met die vieslikste k-woorde en f-woorde wat jy aan kan dink. En hulle lê ’n klag van rassisme teen my. En dit was op ’n mespunt of ek het my werk verloor as gevolg van liegstories. So ons sukkel regtigwaar met hierdie ouens wat hulle glad nie aan gesag onderwerp nie en as jy hul daarop wys kom die vakbond op jou af.

Albert: Dit moet dit moeilik maak om enigsins beheer en bestuur toe te pas.

Danie: Ja want met voertuie eien hulle die reg toe om met daai werksvoertuig net te doen wat hulle wil. Hulle doen inkompies, hulle laai mense af. Dit is amper so asof jy sit met twee groepe mense in een maatskappy is. Vir die een ou is hierdie goed van toepassing en vir die ander is dit nie van toepassing nie. Hy maak net soos wat hy wil. Want hulle beskou hulle net verhewe van bo. Jy weet om net verder vir jou te verduidelik dat... Ons het almal aandeel in die maatskappy in. Ek meen ons verstaan tog almal hoe werk aandele, as jy aandele het. Hulle sal byvoorbeeld by my in die kantoor instap en sê hulle wil die rekenaar gebruik of die telefoon, want jy gebruik dit nie, want hy het aandele in die maatskappy en kan doen net wat hy wil. So jy weet daar is ’n arrogansie wat hartverskeurend is. Aan die een kan probeer ek dit regtigwaar verstaan as jy kyk waar het die groepe vandaan gekom.

Albert: Maar jy sê dit lei daartoe dat wit mense wat nooit rassisties was nie meer rassisties is as vroeër.

Danie: Absoluut. Byvoorbeeld, jy sien die hele arbeidsinstelling is van so aard dat 'n groep mense staan en gesels en die een persoon gebruik of die k-woord of hy praat van 'n lokasie, daai ou bly in 'n lokasie. Of hy gebruik die *koelie* woord, daai ou is ontslaan. En dit is nie enigste geval nie. Dit het in die Noord-Kaap / Vrystaat area gebeur, daar is verskeie gevalle gewees. 'n Persoon stap verby die groep net om te hoor, net om dit beter te illustreer, hy hoor hierdie ou praat van hulle bly in die *location*, daai ou is ontslaan. Die ou wat gepraat het in die Noord-Kaap van die *koelie*-woord, 'n persoon het verby gestap en dit gehoor, daai ou is ontslaan. So dit kom verskriklik jy weet, dit is hoekom agter geslote deure dan kom hierdie aggressie uit van die ouens. Ek erken daar is definitief blankes wat ook rassisties is. Ek dink rassisme kom die hele wêreld voor. Jy kry dit in Amerika, ek sien nou op *Sky News* daar in Engeland, ek het nou nie mooi gesien wat met daai seuntjie gebeur het nie, maar daar is weer probleme in Engeland wat met rassisme te doen het. Jy kry rasisme onder swartes, jy kry dit onder Indiërs, jy kry dit onder kleurlinge. Rassisme is wêreldwyd. Ek dink my ervarings is regtigwaar dat die een groep gun die ander groep nou absoluut niks nie. En as jy kyk na die aanhitsers wat nog deur die media nog as spreukbuise gebruik word, opgehemel word dit maak die ouens regtig, dit ontsteld hulle en daar is geen bevorderings geleenthede nie, jy kan maar aansoek doen vir poste.

Albert: So daar waar hy nou is, dit is waar jy gaan bly.

Danie: Wel dit is wat met my gebeur het. Ek het in 1996 was my posbenaming assistent-direkteur gewees. Hulle het landwyd het hulle daardie vlak gevat en dit afgeforseer na die onderste vlak toe, onderste bestuurvlak toe en in daardie vlak het hulle swart bestuurders gaanaanstel. En die ironie is, sover dit my kennis strek is daar nie een van daai ouens oor nie, hulle het... hulle almal kon net nie, hulle was nie gekwalifiseerd nie, hulle kon nie die druk vat nie, hulle was nie opgelei nie.

Albert: So dit is daai tokenisme.

Danie: Ja dit het in 1996 gebeur en ek sit nog steeds op daardie vlak. So vir my was daar geen vooruitsigte vorentoe nie. Ek het bevordering op 'n baie jong ouderdom, ten minste tien jaar voor my kollegas gekry. So van 1996 moet ek my self motiveer en aan die gang hou om vir my gesin te sorg.

Albert: So dit is net ’n kwessie van jy gaan maar net werk toe.

Danie: Dit is wat ek as gelowige, doen ek wat in Kolossense in staan dat dit wat ek doen, doen ek vir die Here. Of ek nou met ’n swart kollega werk en of ek met ’n wit kollega werk en dit is wat my aan die gang hou en dit is my primêre taak om die personeel te motiveer en aan die gang te hou. En my ervarings is dit dat hulle is lojaal teenoor die maatskappy as gevolg van my. Maar daar is geen bevorderings-moontlikhede vir die blankes nie.

Albert: Ek onthou destyds in die groep het iemand gesê, ek kan nie onthou wie dit gesê het nie, maar dalk gaan die witmense se verantwoordelikheid of se taak in die nuwe Suid-Afrika bloot wees om die ou wat in jou plek aangestel is op te lei sodat hy die werk goed genoeg kan doen.

Danie: Ja dit klink baie kere na die geval. Maar sien dan begin daar individuele arrogansie in te tree, dan wil hy niks meer met jou te doen hê nie. Ja want dan onttrek die blanke persoon hom en die swartes wil ek amper sê foeter voort. Ons sit hier met van my kollegas wat dit baie moeilik maak, jy weet. Dit is baie sleg. So in die werk situasie is dit baie erg. Ek werk met ’n kollega, sy kantoor is in Phuthaditjhaba, en as jy met hom praat, jy weet, sy houding is so dat as jy sy naam verkeerd uitspreek, en dit is nie, sy naam is *Sheli* en die eerste keer wat ek met hom praat toe praat ek van *Shuli* dan trap hy jou uit, jy weet. Dit is asof dit so ’n minderwaardigheidskompleks is waaraan die persoon ly. So ek dink ook maar dit is ’n groeiproses, ek weet nie of dit in ons tydperk regtig gaan verander nie. En ervarings is dat met jou jonger garde is dit tien maal erger.

Albert: Regtig?

Danie: By jou ouer garde, ek sal sê vyftig en op wat deur hierdie gemors van apartheid dan nou gekom het, hulle baie meer gematig as jou jonger garde wat nie eens gebore is in daai tydperk nie. So my gevoel is dat jou jonger garde... want as ek nou maar kyk waar ek in die poskantoor staan, dan staan daar so agtien in ’n tou en dan kom daar net ’n jong man of ’n vrou en hy klim oor die tou en hy kom staan voor jou en dan sê die een net ek het vir hom plek gehou, maar hulle ken mekaar van geen kant af nie. So jou jonger groep is vir my verskriklik. Jy sal sien die jong meisies ook wat in die dorp en

*mall* rondbeweeg. Jy weet 'n mens verwag tog respek van die jeug af teenoor 'n ouer persoon en hulle jou uit die pad uit loop.

Linda: Maar hulle het nie eens vir hulle eie ou mense respek nie.

Danie: Ja, daaroor kan jy baie praat. Maar dit is vir my regtig baie sleg. Ek het nie die gevoel nie, ons het groot geword met anderskleuriges, dit was jou speelmaats gewees. My pa het kleurlinge, Indiërs en swartes in ons huis ontvang en hulle het in die sitkamer gesit en 'n glasie wyn gesit en drink saam. Dit is waarin ek groot geword het.

Albert: Ek onthou van die eerste groep gesprekke daai tipe voorbeelde wat jy genoem het destyds.

Danie: En skielik het dit net lelik geraak. En ek het op hierdie stadium jy weet, ek praat met die grootste respek as ek met hulle praat. Dit kom vir my ook... partykeer kom hierdie aggressie uit, want ek sien mos wat gebeur. Ek sien mos daar is nie meer wit gesigte nie. Dit gaan nie eers oor verhoudings nie. Daar is net nie meer nie, gaan kyk by jou Edgars-e, gaan kyk by die poskantore, gaan kyk by soveel besigheidsplekke en gaan kyk by jou eetplekke. Daar is nie meer wit kelners nie. Jy weet daar is nie verhoudingsgetalle nie. Die mense word net voorkeur gegee ek dink ten spyte van, en ten alle koste.

Albert: Linda, jou ervaringe. Dink jy ons is meer rassisties?

Linda: Ek dink nie dit is ons nie, dit het gedraai. Ek dink die blanke het nog altyd, hoe moet ek sê, jy probeer die standaarde en goed handhaaf, maar dit is net vir my asof... Gaan kyk nou maar met ons hofsaak, daar is net geen respek vir die reg nie. So ek dink dit... dit gaan nie meer ons blankes nie, dit gaan oor baie ander dinge. Ons is maar net 'n teiken. Ek voel ons is 'n teiken. Want wat maak hulle? Hulle kan nie hulle voorvaders gaan beskuldig nie. Hulle kan nie hulle oupas of oumas beskuldig nie, want dan het hulle moeilikheid. Jy bly die teiken, maar ons is al lankal nie meer die oorsaak nie.

Albert: So die wit mense bly die teiken vir goeters wat verkeerd loop in die land terwyl ons lankal nie meer daarvoor verantwoordelik is nie.

Linda: Dit is soos die een ou nou die dag vir my gesê het, ja maar julle het ons nie opgelei nie. Toe vra ek maar hoe het jy gekom waar jy is? Toe sê hy ja maar daai meneer het my... Toe sê ek ja maar is dit nie nou jou verantwoordelikheid om ander te gaan oplei ook nie. So ek het vandag 'n interessante ding gehad wat 'n swart persoon vir my kom om verskoning vra oor dit wat nou aan ons toegedig word. In die sin van ongeregtigheid. Hulle redenasie is dat sou daar iets beter gekom het, dan het hulle dit verstaan. Dit is veral nou jou ouer garde. Baie van die gesprekke by ons in die wagkamer gaan maar oor die jeug wat nie dissipline en respek het nie maar daarvoor is ons nou die rede. Maar dat gesagmense soos by die departement, soos by die hof, soos waar ons ook beweeg jou misken terwyl jy doen wat respekvol is teenoor hulle. En dit kan hulle nie... daar is baie wat dit nie kan verdra nie. Wat vir my gesê het hulle is baie jammer vir jou te sê en ek wil sommer namens hulle vir jou om verskoning vra. Dit is die minderheid, maar dit is... jong hierdie goed is nie meer... daar is baie polities. As ons nou dink aan al die aanstellings by die departement, dit is politieke aanstellings, wat glad nie gekwalifiseerd is nie. Daar is van hulle wat nie eens Standard 8 het nie, so verstaan jy? Maar hierdie hele ding kom oor goed wat ons nie eers beheer oor het nie. Dit is goed wat gekom het oor die vaderlose generasie. Want wat vertel jy jou kind, jy vertel vir jou kind soos Danie nou vanaand het, ons seun gaan nou Amerika toe. Seun, asseblief moet nie jou gaan besmet met goed nie, moenie... jy weet daai vaderlike gesprekke wat jy met jou kind het, en daardie vaderlike gesag wat jy vir hom sê en wat hy sien maar dit is wat my vader doen, dit is nie daar nie. Dit is vir generasies nie daar nie.

Danie: Dit skryf hulle ook aan apartheid toe.

Linda: Ek het vandag iets interessant gelees, ek wil weer uitvind waar het ek dit gelees, dit was vir my...

Danie: Jy ken vir M wat by die kerk was. Haar man het net pad gegee. Die dame wat hier by ons werk, dit is 'n vrou van karakter, haar man het net pad gegee. Hy het net sy dogters, hoeveel dogter het hy Linda?

Linda: Sy het drie dogters.

Danie: Hulle het drie dogters en ek meen ons sorg vir hulle. Hy het soos 'n sleg ding net pad gegee.

Linda: Maar die ding is net hulle aanvaar nie verantwoordelikheid nie. Nou sit hulle met hulle kulturele goed wat hulle moet doen en hulle sit met die Westerse goed. Nou, kultureel mag ek as vrou nie teenoor daai man praat nie, en vir hom aanspreek nie, en wat ook nog nie nè?

Albert: Maar nou verwag jou werk van jou van jou dit.

Linda: Ja jy moet dit doen. So verstaan jy, daar is konflik. Ek praat baie reguit met hulle. Reguit is reguit. En wat ek vir hulle sê wat hulle van hulle verantwoordelikhede mis, want veral as hulle nou weer trou dan los hulle mos die ander kinders. Jy weet dit is, behalwe vir kinders wat nie hulle pa ken nie, is dit verlate kinders. Ek weet waar sy pa is maar hy kan nie daarheen gaan nie want hy is weer getroud en dit. So dit is hierdie oumas en tannies wat hierdie generasie aanmekaar probeer hou. So dit is regtig en ons moenie net kyk na die ander generasies nie, ons moet kyk na ons eie generasie. Wie neem deesdae regtig verantwoordelikheid van die kinders? Dit is die oumas en oupas, grootouers. So ons sit in daai generasie van daar is nie rolmodelle nie. Daar is nie die vaderlike figuur nie en dit word tog bewys in 'n kind nog voor hy gebore is, dat as hy sy pa se stem hoor weet hier kom lekker, ons gaan lekker speel. Die mamma is die versorger. Daar is niks, niks sulke goed nie.

Albert: En die rolmodelle wat hulle op televisie sien is ook nou nie altyd die..

Linda: Hulle kan nie altyd daarmee saampraat nie. Ek het vandag iets gelees, was in die koerante of 'n *e-mail,* ek kan nou net nie lekker onthou nie, waar iemand gepraat het en gesê het... Dit was in 'n artikel of 'n ding van die regering sal begin pa staan vir dit wat daar verkeerd loop. Want hulle kan nie sê die kinders moet skool toe gaan as daar goeters verkeerd loop nie. So dit sal van bo-af, nie van onder nie van bo-af sal hierdie goeters moet reg kom want die kinders ken nie dissipline nie. Hulle weet wat is reg en verkeerd maar hoe moet ek dit ken want ek weet ek gaan daarmee weg kom. Ek voel al lankal ons is nie meer die teiken nie, die punt is net ons doen nog gehalte goeters en hulle kan net nie daarby kom nie. Want soos ek vir die jeug sê, hy leer nie by jou meerdere nie. So as jy nie leer nie het jy nie die *skill* nie en gaan jy nie vir jou kind leer nie. Want onthou van generasie tot generasie, gaan kyk maar, gaan dit erger en erger.

Albert: Kan ek die vraag vra wat ek aan die einde sou wou vra. Hoe dink julle lyk die pad vorentoe. Wat dink julle wat gaan gebeur, watter pad gaan Suid-Afrika loop.

Linda: Ek dink ons jeug gaan opstaan en sê genoeg is genoeg.

Albert: Jy sê ons jeug, wit jeug, swart jeug of almal?

Linda: Ek dink die jeug, ek praat van oor die algemeen. Want hier is van die jeug wat sê ek kan nie saam gaan met dit nie.

Albert: Iets soos die Arabiese lente? Die jong werklose mense wat net opstaan en sê hier is nie vir ons ’n toekoms as dit so aangaan nie. Ons soek iets anders.

Linda: Ek glo regtigwaar dat... wat my gevoel is hier gaan wonders gebeur in hierdie Suid-Afrika rondom wat hulle noem die Benjamin generasie. Om te sê dat die Here rêrig gaan werk in die jeug se harte. Dit gaan nie van ons af kom nie. Ons het nie die antwoorde nie, maar Hy gaan en ek glo met my hele hart Hy gaan in die jeug werk en ek glo met my hele hart die jeug gaan opstaan, nie opstandig nie, maar gaan opstaan en hulle posisie en outoriteit vat want kyk hier is pragtige jong mense wat ten spyte... Ek sê nou die dag vir ’n meisietjie, alhoewel, ten spyte van jou omstandighede staan jy soos ’n paal bo jou vriende uit. Sy sê sy gaan haar nie met daai goed, sy gaan nie om met daai goeters nie. Sy het niemand gehad wat dit vir haar geleer het nie. Nie haar oom nie, nie haar tannie nie, inteendeel hulle het haar net verkleiner, maar sy het net. So wie het haar laat staande bly, dit is mos nie mense werk nie.

Albert: Danie, oor die pad vorentoe?

Danie: Ek glo dat ons hier in die Suidpunt van Afrika geplaas is, dat hier geestelik groot dinge gaan gebeur. Ek dink net die blanke het sy geestelike taak versaak. As ek kyk na die pad wat Israel geloop het en dan is daar vir my baie ooreenkomste met die swart bevolking van Suid-Afrika. Ek glo ook dat as jy kyk God plaas mense in beheer en hy neem die mag ook weg. Ek dink dit is wat in Suid-Afrika gebeur het. En my oortuiging daarvan is dat die blanke het presies wat die swartes nou mee besig is, selfsugtig, alles gaan oor homself, alles gaan oor om homself te verryk. Gierigheid is die wortel daarvan. En in plaas daarvan dat die blanke dit oopgemaak het... Iewers wat my betref, want in die sestigerjare was daar kleurlinge in Kimberley waar ons grootgeword het, op die stadsraad gewees. Daar het kleurlinge en blankes langs mekaar gebly. Iets het in die sewentigs gebeur en ek kan nie my vinger daarop lê nie, en daarvan af het alles net verkeerd geloop. Maar ek glo in die toekoms van Suid-Afrika dat God uitkoms sal

gee. Ons sit met korrupsie, die hoogste in die wêreld, ons sit met moord en doodslag, die hoogste in die wêreld. Maar ek glo nog steeds dat die Here ’n uitkoms kan en sal gee in Suid-Afrika sodat Suid-Afrika die lig nog steeds uit die Suidpunt van Afrika versprei sal kan word.

Linda: En daai ding waar dit staan die jongmense sal drome droom en gesigte sien, daai professie. Ek glo, ek glo met my hele hart dat God gaan hier, en in Welkom, gaan Hy nog groot dinge laat gebeur, want ons sit op goud, ons sit om edelgesteentes.

Danie: Ons was nou, verlede jaar, was ons by ’n konferensie gewees, so ’n aand-konferensie in Erfdeel-gemeente. Dit was net voor die Vredesmars verlede jaar, dit was in Junie/Julie. En by daai geleentheid by Erfdeel was daar jong kinders, ek dink 16, 17 miskien 14 swart kinders wat so vol is van die Here. Dit was so wonderlik om dit met my eie oë te kan sien, want ek weet hier is ’n groot demoniese aanslag in Thabong self en van dit wat ek gehoor het wat mense vir ons vertel het. So ek glo ons is nie van plan om iewers heen te gaan nie want jy moet hier leef, jy moet hier oorleef en jy moet hier regmaak en hier... En dit is hoekom ons al die jare glo jy begin by jou huis. Jy begin by die man wat in jou tuin werk, jy begin om hom ’n billike loon te betaal en hom menswaardig begin behandel, as ’n gelyke. Jy begin by die vrou wat by jou huis werk. En daarom by ons as jy nie apartheid van koppies en borde onder die wasbak nie, sy gebruik ons eetgerei want sy eet ons kos. Daar is nie onderskeid nie sy word behandel... My seuns toe hulle klein was het hulle gepraat van oom en tannie. En hoe groter hulle geword het, het hulle ook ingetrek geword en dit het hulle ook verander. Maar dit is soos ons ons kinders groot gemaak het, jy het respek en jy praat van oom en tannie, of dit wit en of dit swart is. So ek glo regtigwaar as ek kyk na die huidige regering en die goed wat daar aangaan dan maak dit my as mens bekommerd. Maar in die gees glo ek dat dinge kan nog goed uitwerk vir ons in Suid-Afrika.

Albert: Speel die kerk ’n rol daarin in terme van die positiewe toekoms. Of hoe beleef julle die kerk se rol op hierdie stadium.

Danie: Ag weet jy ek dink die kerk het nie ’n rol gespeel in die tye van apartheid nie en die kerk speel nie ’n rol...

Linda: Ja maar kyk ons moet nou net onderskei.

Danie: Ons lees die *Kerkbode* en al wat ek daar sien en wat ek al so *fed-up* is, is die Belhar belydenis. Hulle mors die tyd om siele te wen met die Belhar beleid. En daar is 'n eenvoudige spreekwoord wat sê soort soek soort. Nou dit sien jy orals. Jy sien dit by ons. Ons het saam vergaderings, saam konferensies maar as die groep opstaan uit hulle stoele uit daar gaan staan groepe bymekaar. As ek 'n swart man ken dan gaan staan ek by hom en gesels. So dit is nie diskriminerend altyd nie, maar soort soek soort. Dit is 'n natuurlike feit.

Linda: Ja maar miskien moet ons kyk, kyk na die kerk.

Danie: Ja maar ek praat nou van die strukture, ons praat nou van die NG Kerk, ja as denominasie. Ek dink die kerk speel geen rol nie. Ek weet nie wat hulle doen nie. Hulle mors die spasies in die koerante met sinodes en dit gaan maar weer oor Belhar belydenis. Maar ek sien geen...ek weet van niks nie. Ek lees die *Kerkbode* en ek sien al hierdie dinge, van ontbloting van onwaarhede wat deur die wat noem hulle dit, die moderator. Maar kom ons praat van die instelling as die NG Kerk. Geen rol nie!

Albert: Die feit dat die kerk destyds skuld aan apartheid bely het, dink jy dit raak lidmate enigsins? Dink jy hulle dink daaroor, stem saam daarmee, dink ander daaroor?

Linda: Kom ek sê vir jou, jy kan bely... Maar waarna kyk die jong mense elke dag? Hulle kyk na wat ons doen. Hulle luister nie na ons woorde nie, hulle luister nie na ons geskryfde stukke nie. Hulle kyk na wat ons doen. Kan ons dit, maak dit sin, ons het woorde en leefstyl.

Albert: Nou wat sien julle by die kerk as julle nou so sê. Sien jy 'n voortsetting van voor 1994 in die kerk of is dit 'n kwessie dat die kerk net bloot irrelevant is?

Danie: Wel weet jy ek dink... Kom ek sê vir jou wat ek byvoorbeeld, wat my baie seer gemaak het, is dat in plaas daarvan om mense te akkommodeer, bou hulle *devil's fork* [heinings] om die kerke. In plaas daarvan om daai geld te gebruik om mense te voed of Bybels te koop of iets op 'n geestelike vlak, bou hulle R100 000 se *devil's fork* [heinings] rondom die kerk. Daar waar ons was, was daar 'n poging van 'n inbraak gewees en die alarm het af gegaan en die sekuriteitsmaatskappy [was daar] en daar het niks gebeur nie en hulle gaan sit oor 'n R100 000 se *devil's fork* [heinings] op. Nou vra ek vir my, die goed maak mos nie sin nie. Wat is die rol van die kerk. En in Johannesburg het daar vir my so 'n mooi ding gebeur dat die ouens het toe nou 'n hawe

gevestig vir die ou vir huisvesting in die nag en gee vir hom ’n bord kos en die volgende oggend moet hy uitgaan. En hulle het die mense geakkommodeer en geestelik en fisies gevoed. So nee ek dink rassisme binne die kerk... ek sien niks nie. Ek sien, daar waar ons nou is, sien ek uitreike, daar is uitreike na kleuterskole toe. Daar gebeur groot dinge wat dit aanbetref. Ons het in die gemeente daar het ons een swart lidmate, AM, en met wie ek goed bevriend was en ons betrek hom in ons aktiwiteite saam, self as ons konferensies het dan vat ek hom saam. Maar AM het in ’n blanke omgewing groot geword. Hy pas nie in by sy eie kultuur nie en dit is hoekom AM daar is. Hy woon gereeld die eredienste by, hy sing saam lekker Afrikaans en hy het eintlik ’n baie mooi uitspraak. Maar AM is die uitsondering. Want rondom die kerk woon daar baie swart mense. Maar hy voel hom net nie tuis in daardie kultuur nie.

Albert: Is dit ’n kwessie van soort soek soort of is dit ’n kwessie van die kerk laat hom nie welkom voel nie.

Danie: Ek dink beide. Ons het byvoorbeeld ’n situasie gehad waar ’n boemelaar, ek sal dit baie kort sny want dit was ’n wonderlike gebeurtenis. ’n Boemelaar die kerk ingestap het, dit het verskriklik gereën buitekant en vreeslik interessant die teksverse, dit was ’n aflos dominee wat daar gepreek het, ’n ou dominee. Sy eerste woorde was gewees hy weet nie hoekom hy vandag oor hierdie tekste preek nie. Hy het dit nog nooit gedoen nie, maar hy doen dit. En die volgende oomblik kom hier ’n boemelaar die kerk ingestap, hy is deurdrenk, ’n swart man. Hy is nat gereën, hy het nie skoene aan sy voete nie. Die water drup so waar hy loop. Dit stroom teen hom af en almal bek af en goed dit gaan nie oor my nie, maar ek het... Hy het by my kom sit. Ek het hom gaan haal en hy het by my kom sit. Ek sê Here wat wil U vandag hê moet ek doen. En in elke geval, lang storie kort, na die diens toe staan ek op en stap na die dominee toe en ek sê dominee as jy vandag bedoel het wat jy bedoel het, dit en dit en dit. Maar hy skrik hom asvaal, hy weet nie wat om te doen nie. Maar in elke geval, daar het van die mense gereageer en huise toe gery en klere, vir hom nuwe klere kon gee, skoene aan sy voete en kos. Ons het hom versorg. Maar die oorgrote meerderheid van die mense het gemaak dat hulle wegkom en tog net nie betrokke wees nie.

Linda: Weet jy wat interessant is? Ons het hom gaan aflaai en ons het hom nog nooit weer gesien nie. Hy het verdwyn. Jy weet dit was soos ’n engel wat daar ingestap het en hy is weg. Jy weet jy sien altyd daai ouens weer, ons het hom nog nooit weer gesien nie. Ons het hom gaan soek, ons het hom gaan opsoek.

Danie: Ek was vyf uur in die oggende daar waar hy gesê het hy slaap, hy is weg. Maar in elke geval jy weet ek dink soort soek soort. Kultuur, ek sien nou baie maal in die groot stede die vermenging en wat groot aanpassings is. In ons familie is daar vermengings. Ek hoor die probeer en ek hoor die konflikte. 'n Neef van my se seun is met 'n Indiër vrou, 'n Moslem, getroud. En ek hoor hierdie kernoorlog wat tussen hulle plaasvind, die botsing. Want as die seksuele en daai goed verby is, dan pop hierdie goeters uit. So ek nog steeds soort soek soort, jy voel tuis in jou kultuur en in jou taal in. Wat is die ander ding wat ons gesê het.

Albert: Oor die kerk van Welkom jou ontuis laat voel.

Danie: Mariaan onthou jy daar by ons was die swart man en vrou wat die kerk ook gebruik en ek sien hulle ook nie meer daar nie. Hulle word ingeskakel, daai ouens word ingeskakel. Hulle name is op die gebedslys. Hulle sit saam in die kerk hulle sing saam, hulle bid saam. Maar dit is die uitsondering. So ek sê weer ek dink daar waar ons is, is daar 'n vryheid en 'n openheid wat ek nog nooit in my hele lewe ervaar het nie. Maar ek glo as ek kyk na, ek het baie kennis van die Hervormde kerk, *no go*. Gereformeerde kerk, baie NG Kerke wat ek mee te doen oor swart mense... Ek meen, die ouens sukkel nog om vrouens in die ampte aan te stel, hulle verstaan dit nog nie eers nie wat die Skrif dit vir ons verduidelik nie. So die sukkel met kultuurgroepe is... ek dink die kerk laat hom nie... ek kyk ook nou hier in [Welkom-]Suid ook wat daar blatante rassisme is wat ek nog nooit gesien het nie.

Linda: Kyk die punt is net Albert, en ek is so dankbaar dat die Here my dit laat ervaar het, want dit is ook 'n groeiproses waardeur jy moet gaan. Dit is nie iets wat omdat dit van jou verwag word, dit daar is nie. Dit is 'n groeiproses, dit is 'n hartsaak ja, maar dit is ook van val en opstaan en seer kry en... Maar daar is goed wat jy kan saam oor praat en een van die goed is jy kan oor die Woord saam praat. As jy met 'n swart gelowige, wit gelowige maak nie saak nie, as jy met 'n kind van die Here praat het jy die Woord wat vir julle saambind. Die ander goed is half nie belangrik nie, want om mekaar te vind in die Woord is so wonderlik, want hulle verstaan dit so eenvoudig dan ek dink by myself hoekom het ek die hele tyd hieroor gewonder en dit is maar net so eenvoudig. En hulle leef dit so.

Albert: Wat sal die kerk moet doen as hy 'n groter agent vir versoening in Suid-Afrika wil wees?

Linda: Ek dink ons moet ophou versoen. Ek dink ons moet begin om lig te wees.

Danie: Vir my is dit ’n hartsverandering. Kyk na die Metodiste kerk, hoe het hulle die dienste geïnkorporeer met mekaar en elkeen het sy plek. En die kerk word oorbenut deur die verskillende dienste. Maar hulle het ook maar hulle goeters maar waar die Woord bymekaar kom daar vind hulle mekaar.

Linda: Maar ek dink ons moet ophou begin met versoening ons moet begin om lig te wees.

Danie: Ja nee ek stem met jou saam daar en ons praat baie daaroor en het ook gesê dat as mense nie die Bybel lees nie dan lees hulle my. En ons moet in ons dade bewys en dit... maar dit is ’n hartsverandering.

Linda: Want ’n ou sien gou as jy nie eerlik is nie.

Danie: Ons was gister by ’n begrafnis van ’n baie goeie vriend van ons. Hy was ook in die – soos Wouter Basson – in die chemiese gedeelte van die weermag gewees. En dit wat hy vertel wat op die grens gebeur het, is grusaam. Maar dit wat hy ook gesien het, het hom ’n haat in die swart mens gegee. Onverbiddelike haat. En nou omtrent in 2009 het die Here hom kom leer wat vergifnis is en kon hy swart mense, vier jaar gelede toe hy 56 jaar oud was, toe kon hy swart mense vergewe. En dit is ’n hartsaak. Dit is die Heilige Gees wat hom kom aanraak het. En dit is hoekom, ek wil nie in ’n arrogante verhewe posisie kom sê maar die kerk se hart is nie reg nie.

Albert: Maar ek hoor jy sê, julle sien dit min.

Danie: Maar ek wonder of dit nie so is nie.

Linda: Ek wil nie dit uitspreek nie, want weet jy wat net vir my die wonder is van ons wil hierdie groot goed doen, maar ons is nie getrou in die klein goedjies nie. Net daai van omgee, barmhartigheid, die een hand wat nie weet wat die ander hand doen nie en dan is dit ook nie ’n beskuldiging nie, dit is regtigwaar nie. Dit wat ek gesien het, het die Here vir my gewys. Dit is elke ou se uitmaak met die Here wat moet ek doen. Ek kan nie hoogmoedig wees en sê ek doen dit en jy doen dit nie. Dit het niks met my te doen nie, maar al wat ek weet en wat ek en Danie weet is toe ek vir die Here gesê het, Here jy moet klomp bruin lêers van my af wegvat dit is te veel ek kan dit nie hanteer nie. Toe

maak hy dit meer. Toe sê Hy vir my maar dit is nie jou werk nie maar dit is jou bediening. En toe het dit verander want toe sien jy nie meer al dit foute, ja jy sien die foute maar jy sien die siel wat verlore gaan. Ek sien hoe satan, generasie na generasie afbreek, omdat hulle verstaan nie van God en my kultuur van voorvaders nie. Hulle verstaan nie God is groter as hierdie beeste en goed wat geslag moet word vir voorvaders nie. Dit is in stryd en wanneer ek net besef God is groter as dit, want Hy... hierdie klomp is mos nou klaar.

Albert: As ons net gou teruggaan, het wit mense iets om oor skuldig te voel as ons terug kyk na apartheid? Wat was fout daarmee? Hoe dink julle nou daaroor? Ons praat amper van twintig jaar van 1994 af.

Danie: Kom ek begin deur vir jou te sê dat Jan van Riebeeck was die eerste stigter van apartheid in Suid-Afrika. Hy het paal laning geplant in die Kaap en hy het gesê die straatlopers daai kant, en as julle wil handel dryf kom julle by daai laning bymekaar. Die ouens wat die skuld moet kry kyk van apartheid, verontskuldig hulle in moedertjie Engeland. Tydens die Engelse bewind in Suid-Afrika in 1913, die grondhervorming wat daar plaas gevind het, daar het die grootste fout gekom wat gebeur het. En dit is die Engelsman wat apartheid gevestig het. Ek het baie navorsing daaroor gedoen, wat gepraat het van 'n *a bloody stinking kaffer* en van *locations*. Waar het *locations* vandaan gekom? Die Engelse het dit kom vestig in Suid-Afrika. Waar het die mynkampongs en die hostelle vandaan gekom? Die Engelse het dit kom vestig in Suid-Afrika in. Die hartseerste is toe die Afrikaner in bewind kom het hulle die mag in die land oorgeneem en het hulle aangegaan daarmee. Jy weet dit is soos my seun wat grootword in my eie huis en as hy uitgaan dan gaan doen hy dieselfde in sy huis. En dit is wat die hartseer is dat die Afrikaner nie daar die land hervorm het nie, want ons het die geleentheid gehad. Maar die ou wat die skuld moet kry, ek voel geensins skuldig in enige sin vir apartheid nie. Die ou wat die skuld moet kry sit handjies gevou in Engeland in.

Linda: Ek sê nou 2000 jaar terug het die Here vir my gesterf aan die kruis en wat ek gedoen... en wat ek gekry het, dit is vergifnis. En as jy vergifnis gekry het, dan het jy mos nou vergifnis. Ek moenie vergifnis kry van MM of ek moenie vergifnis kry van dié nie. Ek moet vergifnis van God kry. Dit is die belangrikste. Ons is so gefokus op die mense dat ons vergeet God het ons gemaak, God het vir ons Jesus gestuur vir die kruis en ek...

Danie: Vir my tekortkominge.

Linda: Ja wel ek is vry. Ek is veilig voor God. Ek staan nie voor enige mens om te sê ja wat, ek kan nie onthou as kind of sulke goed daar was nie maar as jy vergifnis gesê het, dan het jy mos nou vergifnis gesê. En as jy voor God vergifnis gevra dan is dit mos nou klaar.

Albert: En dit is my vraag of wit mense oor die algemeen wel op daai punt gekom het dat hulle iewers gesê het en dalk by die Here gaan skuld bely het en gesê het maar op 'n manier het ek dalk deel gehad in 'n sisteem wat mense benadeel het en so aan en dan nou die vergifnis waarvan jy nou praat vir hulle self toegeëien het. En of hulle bloot net sê maar ons praat nie daaroor nie, of ons...

Linda: Nou dit is waar die hartsaak kom en ek en jy kan vir mense gaan skryf, maar dit is die persone, maar dit is ook 'n proses... want nou loop jy weer 'n nuwe proses in Suid-Afrika wat jou bekommerd en jou kwaad maak en wat maak jy? Nou trek nou weer daai baadjie aan waarvoor jy nou vergifnis gevra het. Nou gaan haal jy dit weer en jy kom trek weer vir jou daai baadjie aan. En dit is nonsens. Jy het vergifnis gekry. Here hier is dit, ek gaan aan ek gaan doen wat U wil hê ek moet doen en ek doen dit, nie volmaak nie maar ek doen dit.

Danie: Ek dink die publieke vergifnis ook het vir die ander groep 'n stok gegee om mee te slaan. En dit is wat my ondervinding is in die werke dat die blanke is futloos, hy het nie meer 'n stem nie, hy weet nie meer waar om wat te doen om reg te maak nie, want dit wat probeer is, werk nie. En ek dit is die publieke vergifnis. Ek verstaan die publieke vergifnis maar die moderator wat daar staan en hy kan vergifnis vra. Maar as dit nie 'n hartsaak is tot op grondvlak by elke persoon nie, dan beteken sy openbare vergifnis ook niks nie.

Albert: Maar ek hoor ook jy sê hierdie vergifnis kan ook daartoe lei dat dit 'n verlammende effek kan hê.

Danie: Dis die woord wat ek soek.

Linda: Jy moet elke keer gaan sê...

Albert: Jy moet elke keer gaan sê ek is jammer, maar jy kan nie daar verbykom nie.

Danie: Kyk as ek die Skrif reg verstaan dat Jesus Christus ook vir my foute... Kom ons sê nou maar apartheid, want dit is die fout wat Hendrik Verwoerd gemaak het. Hy het die ding 'n naam gegee. Maar as ek die saak met die Here uitmaak en ek vra vir Hom vergifnis dan sê Hy vir my in Romeine 8 vers 1 daar is dan geen veroordeling nie, alles is verby. En daar moet 'n punt kom wat daar gesê word dit is nou alles verby. Ons kan nie meer op die Belhar beleid nie, want dit maak... dit is weer 'n verlammingseffek. Dit is meer 'n teenreaksie as 'n samewerkingsreaksie.

Albert: Wat sou jy wil hê moet die kerk doen met Belhar? Hoe dink julle persoonlik daaroor.

Danie: Hulle moet dit los, dit is 'n afgeforseer belydenis wat vir my niks beteken nie.

Linda: As almal nou dalk sê kom ons kry die ding en ons stem almal daarvoor en niemand gebruik dit nie wat is die nut daarvan?

Danie: Want hulle kan nie Belhar... ek dink jy slaan die spyker op die kop, kom ons veronderstel die kerk neem nou die Belhar belydenis aan, dink jy dit gaan enige iets verander?

Linda: Dit is 'n belydenis wat deur mense geskryf is en ons bely 'n lewende God. Verstaan jy? En dit is die punt. Ons wil mekaar tevrede stel en dan kry ons dit nie reg nie.

Albert: Laaste vraag, die hele ding van ons is wit mense wat in Afrika bly ons is in Afrika. Hoe is julle ervarings daar rondom? Is ons 'n – kom ek sê – 'n Europese Westerse enklawe hier in Afrika of is ons rêrig deel van Afrika?

Danie: Ek is 'n Afrikaner, ek het vanmiddag daaroor gepraat, ek is 'n Afrikaan, my voorgeslagte het in 1688 in hierdie land aangekom. Die meerderheid van die swart mense weet nie waar hulle vandaan kom nie en as ek dit reg verstaan, het die mense aan die Suidpunt, het die mense uit die Noorde en midde Afrika omtrent gelyk hier aangekom en die land begin infiltreer. Ek is 'n Afrikaan en dit ontsteld my as hulle vir my vra wat is my bevolkingsgroep dan sê ek ek is swart of ek is 'n Indiër of ek is 'n kleurling. Die diskriminasie teenoor bevolkingsgroepe is vir my 'n onding. Want dit is net

weer waarmee jy ge-*label* word en waarmee jy uitskei word waar daar dan teen jou gediskrimineer word. Ek is ’n Afrikaan.

Albert: Maar ek sal graag vir jou wil invra, hoe sien jy jouself as ’n Afrikaan? Die rede hoekom ek hierdie goed vra, ek hoor by die wit mense wat vir my goed sê soos ons doen dinge anders as die mense van Afrika. Dan is die vraag onmiddellik is ons dan nou deel van Afrika of is ons... Hoe pas ’n mens die goed bymekaar in? As jy sê Danie jy sien jouself as ’n Afrikaan wat sê dit vir jou en hoe is dit anders as ’n verplaasde Europeër.

Danie: Nee my wortels, hierdie van ons moet terug gaan na Engeland toe deur hierdie, wat is hierdie groot twakprater? Dit is die grootste nonsens. My wortels, my geboortereg is in hierdie grond in. Hierdie mense hier langs my, van dieselfde velkleur, wat hemelsbreed van my verskil. Daar bly mense langs my wat hemelsbreed van doen en late verskil en ons is dieselfde velkleur. So ek dink nie ’n mens moet gaan kyk... My ander verstaan daarvan is ook dat dit uit ’n ander kultuurgroep die doen en late uitkom. En ek probeer regtigwaar vir my uitmaak om die aksies te verstaan deur vir myself te sê maar nie so baie jare gelede was hierdie mense nog baie ver verwyderd van die Westerse beskawing, as ek dit so kan stel. Maar ek dink daar is ruimte vir alle groepe in Suid-Afrika en dit gaan nie soseer, dit wat ek probeer verduidelik tussen ons blankes.

Albert: Maar dit is ’n doelbewuste keuse wat jy maak deur te sê ek is ’n Afrikaner, ek is van Afrika.

Danie: My kollega wat ook my ouderdom is miskien so drie jaar jonger as ek. Sy ma en pa kom van Holland af. So hulle is vars in die land in. Hy beskou hom as ’n Afrikaan, hy wil nie terug gaan Holland toe nie. Elke twee jaar gaan kuier hy daar by familie daar. Hy weier, hy wil nie terug gaan nie.

Albert: Dit is wat Dirk Herman ook sê in sy boek, *Basta ons voetspore lê in Afrika* en wat jy sê ons kan onsself terug vat tot 1688.

Linda: Wat ken ons anderste?

Danie: Ek het my stamlyn nagespoor in die argiewe, so niemand kan dit betwyfel nie.

Albert: Ek kan nie sover teruggaan nie. Ek kan net tot by 1883 gaan, ons is die vyfde geslag hier. Goed kom ons stop daar want ek dink ons het nou meer as genoeg gesê. Tensy daar ’n laaste opmerking is wat julle dink wat nog belangrik is wat julle wil noem.

Linda: Ek dink vir Welkom... wanneer is hierdie nuwe mars? In Junie. Ek dink baie mense is ongemaklik daarmee. Maar weet jy wat? Verlede jaar met die mars, daai vredesmars, toe was M-hulle en klomp van my vrywilligers saam. Ek vra toe wil julle nie saam kom nie. Weet jy, hulle het uitgesluit gevoel omdat dit is ook hulle stad. En hulle wil daai deklarasie wat daar gemaak is, wil hulle ook uitleef en dit is iets wat ’n eenheid kan bring.

Danie: Kyk net ek dink die oorgrote meerderheid kom baie goed oor die weg met mekaar. As jy kyk na die mense wat in ons huise werk, daar is ’n verandering. Mense wat in ons tuine werk. Die petroljoggies. Dit is die wonderlikste mense, dit wat ons mee saamleef. Ons groet mekaar soos ons in ons tale praat as ek daar kom. Jy kry, soos in alle groepe kry hy die moeilikheidmakers. Onder die wit Afrikaners is daar hierdie verregse ouens wat vir my brugbou opfoeter. Vir hom die moord op Eugene Terre’Blanche, dit foeter verhoudinge op. Dit mors alles wat ons probeer op bou, dit mors sulke goeters op. Die uitsprake van sekere mense, dit mors hierdie verhoudings op en die media speel daarmee saam want hulle gee prominensie daaraan.

Linda: Maar wat ek bedoel met hierdie ding is dat dit kan eenheid bring, want dit is iets waarin almal glo. Daar is nie ’n verskil nie. Ek dink dit kan vir Welkom...

Albert: Nou maar, ek sê vir julle baie dankie ek waardeer regtig dat julle eerlik gesels het oor dit wat julle beleef en so aan. Ek sê weer dit word heel anoniem gedoen, maar dit is nogal vir my goed om te hoor hoe mense se ervarings is.

Linda: Nee al wat ek net kan sê is dat as ons nie ’n verhoudings met Jesus Christus en ons lewende God het nie, ek vir jou sê gaan jy net donker sien.

Albert: Ja, nee dit is ongelukkig so. Daar is baie sulke ouens.

Linda: Ja maar dan gaan dit net oor *pretending* en dan gaan dit nie oor daai lewende verhouding, daai intense hartsverandering nie.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid 2012** – Gesprek 14: Opvolggesprek met Isak

Albert: Ons doen dit weer op dieselfde manier as laas keer. Ek neem die gesprek op maar alle identifiseerbare materiaal word later uitgehaal. So niemand weet wie jy is nie; jy kry 'n skuilnaam en jou skuilnaam is Isak. Ek het dit bloot alfabeties toegeken. Ek het eerste gepraat daarom is ek Albert en so het ek bloot op die alfabet af gegaan. Ek het gedink ons moet weer dieselfde temas aanspreek as destyds. Ons moet 'n bietjie praat oor rassisme hoe jy dit beleef op hierdie stadium. Miskien eers voordat ons dit doen net eers wat het met jou gebeur die afgelope veertien jaar, min of meer en dan oor rassisme. Ons moet praat oor skuld en saam met skuld, of ook nie noodwendig saam met dit nie, maar oor regstellende aksie. Dit bly maar 'n *issue*. Ek wil graag hê ons moet oor die kerk praat, en versoening. Dit is die temas en daar is nie 'n vaste patroon nie, net jou gedagtes daaroor. Miskien net gou om te begin, wat het sedert ons laaste gesprek veertien jaar gelede met jou gebeur? Watter ervarings het jy gehad?

Isak: Ja, kyk ons het met my werk self, het ons... waar ek prinsipaal was by die kollege het hulle in 2001 en 2002 begin met 'n hele samesmelting van kolleges. So die kollege waar ek 'n prinsipaal was, X, en toe hierdie kollege het toe saam gesmelt. Toe het L wat prinsipaal hier was, het toe prinsipaal geword van die nuwe kollege. Daai hele samesmelting proses was baie traumaties. Dit was 'n baie politiese ding gewees.

Albert: En baie regstellende aksie goeters?

Isak: Ja ons het baie gehad, daar was 'n hele klomp. Dit was vir my op 'n manier baie traumaties gewees. Ek en L moes die hele proses bestuur. Ons moes soort van leierskap neem terwyl ons self, jy weet, onder baie politieke druk was. Ek het deur dit gekom en sy het prinsipaal geword, dit is baie interessant. Ek en sy het 'n besonderse verstandhouding gehad en samewerking so ek het nooit 'n *issue* gehad omdat ek nie prinsipaal geword het nie. Ek het die een vise-prinsipaalspos gekry. Ek en L het saam begin as 'n lektor by X. So het ek maar rondgehang en die een pos na die ander pos gehad en 'n werk gehad. Op 'n manier moes jy daardie emosies verwerk, want jou loopbaan het gestop, en dit was in 2002.

Albert: So jy het op daardie stadium geweet jy gaan nie verdere bevordering kry...

Isak: Dis klaar.

Albert: ...of bereik wat jy sou bereik het nie.

Isak: Ja. Intussen het ons nog twee vise-prinsipale gekry, een in die finansies en een in die *student support*. Verlede jaar twee, drie weke voor die *Campus to Campus* [padwedloop] moes ek uit my kantoor uit trek vir die nuwe vise-prinsipaal, want dit was al groot kantoor wat daar was. Maar weet jy ek het gesê ek trek, want ek wil nie die bagasie hê nie. My prinsipaal wil nog sê kom ons maak 'n plan jy kan nie net elke keer uitgeskuif word nie. Ek het vir haar gesê ek trek uit daai kantoor uit, want in die eerste plek ek wil nie die bagasie dra nie jy weet van... en ook nie vir haar bagasie laat dra nie, want op een of ander stadium word dit 'n sensitiewe ding. Rondom die werk moet ek vir jou sê, het daar 'n klomp... daar was 'n klomp teleurstellings, frustrasie en trauma gewees. Ek moes in 'n pos ingaan vir goed wat ek nie voor opgelei is nie, hierdie bemarking het ek gedoen. Gelukkig verlede jaar het heelwat verskuiwings gekom. Verlede jaar Junie maand, eintlik was dit voor Junie maand, het ons 'n klomp poste bygekry om te adverteer op my vlak. Die prinsipaal het gekom met wat ek sê 'n meesterskuif, die werk wat ek nou doen wou hulle gehad het ek moet doen, maar hulle kon nie die pos adverteer nie want dan sou ek nie die pos gekry het nie as gevolg van regstellende aksie. So hulle het 'n ander pos geadverteer wat soortgelyk is en die persoon wat daardie pos gekry het, hoor toe 'n week na die tyd hy neem die bemarking ook oor een hulle het my in die pos ingesit. Ek koördineer nou net die hele strategiese operasionele beplanning en ons het 'n groot ding *monitoring evaluation* so ek doen kwartaalverslae wat na ons departement toe gaan en dan doen ek sulke los goed soos die *Campus to Campus*. Loopbaan-gewys, jy weet jy is in daardie stadium wat jy in elke geval nie bevordering kry nie. Ek gaan in elke geval nie werk by 'n ander plek kry nie, miskien so iets soos 'n konsultant of een van daai. Maar tien jaar terug het ek geweet dit is verby. Ek sal nooit weer prinsipaal wees nie. Maar weet jy Albert die Here het vir my genade gegee om my vry te maak daarvan. Ek het geen bitterheid daaroor nie. Ek is vir niemand kwaad nie. Ek geniet geweldige respek by die mense waar ek werk.

Albert: Maar ek onthou jy het destyds al gesê... juis oor die respek, het jy destyds al daai respek ook van die studente se kant af gehad het. Jy het vertel van die *father of the house.*

Isak: Ja, ek het glad nie meer kontak met die studente nie, en ek werk net my kantoor. Dis so drie by drie meter, 'n klein kantoortjie. Ek werk alleen. hoofsaaklik die laaste ses maande, voor dit het ek met die bemarking een of twee mense onder my gewerk het

en so aan. Maar jy weet, ja loopbaan gewys... en ek is baie bly, as ek sien die druk waaronder die prinsipale werk is ek bly ek het nie prinsipaal geword nie. Want die geld wat ek daar sou verdien het, sou nie opmaak vir die verlies wat ek het in my huwelik nie. Die nege-en-twintigste van die maand is ek en my vrou nege-en-dertig jaar getroud. En die kwaliteit van die tyd wat ek aan my gesin kon spandeer het... So loopbaan gewys, ek dink dit is maar 'n pad wat 'n klomp ouens om my, wit mans en wit vrouens in my ouderdomskategorie geloop het, veral in die staatsdiens.

Albert: Ek wil nou juis vra, was daar by jou ander wit personeel wat ook maar sulke skuiwe moes maak of het hulle maar hulle goed gevat en geloop?

Isak: Nee, nee daar is ouens wat geloop het, daar is ouens wat gegaan het, wat ander geleenthede gekry het. Maar ek is half, en ek sê dit nou, ek is half 'n voorbeeld van iemand wat getransformeer is en geprosesseer is en wat nogal... By die ander kolleges weet ek daar is ouens wat met baie bitterheid weg is en nog steeds met bitterheid sit en wat nog steeds kwaad is. My getuienis is die Here het my vrygemaak daarvan.

Albert: Jy werk nou half in 'n swart wêreld, hoeveel wit personeel is daar nog by jou?

Isak: Ons is baie min hoor. In die kantoor waar ons nou sit is daar seker so 30 of 35 mense. L is wit, ek is wit, H is wit, E is wit en S is wit. So ons is vyf.

Albert: Die blootstelling wat jy daar kry... jy skuur daagliks skouers met mense wat op 'n professionele vlak werk, jou gelyke en self jou meerdere wat swart is, wat vreemd was in die ou bedeling. Het dit vir jou... sê iets daaroor. Hoe het dit jou geaffekteer? Het jy iets anders beleef van swart mense wat jy vroeër dalk nie geweet het nie.

Isak: Albert weet jy, as ek nou kyk waar ek werk elke dag nè, dan kan ek vir jou sê... Kyk daar is altyd 'n kultuurverskil. Daar is 'n kultuurverskil tussen my en my skoonseun wat Frans is, jy weet. Maar as dit kom by menslikheid hê of ordentlikheid hê en oor kwaliteit kommunikasie dan is daar nie 'n verskil nie hoor. Daai mense is... die manier waarop ons kommunikeer daar is geen... daai saamwerk daar uiteindelik verloor jy jou kleur jy weet. Jy sien die mense se hart, jy sien die mense se gesindheid, jy sien die mens se intellek en jy sien nie meer die kleur raak nie.

Albert: Ek is bly jy sê dit want ek kry die idee dat daar is baie van ons wit mense in Suid-Afrika wat sukkel om op daai punt te kom om mense as mens te sien en nie as wit mens of swart mens nie.

Isak: Ja dit is net so, vir my is dit nou tweede natuur. Jy aanvaar nie noodwendig as jy by 'n plek byvoorbeeld by ons in stap hierdie ou is swart hy moet in die tuin werk. En hierdie ou is swart hy moet vir ons tee maak. Ek meen die een wat by ons tee maak is my grootste pal want ons praat oor kerk en sy is baie betrokke by haar kerk. En sy het gesien eendag daar ek het 'n *Book of blessings* en sy vra waar is hare? Ek moet vir haar ook een gaan maak. Sy maak die tee dan kan ons 'n diep geestelike gesprek hê. Vir my, wat dit aanbetref het, die kleur verdwyn in daai werksomstandighede. Ek kan vir jou in realiteit... CB werk daar, ons kantore was lank langs mekaar gewees, sy noem my *big brother* en ek noem haar *little sister*. En ek het voor verlede jaar het ek 'n konfliksituasie het 'n swart dame wat vir my gewerk het, aan my gerapporteer het... Sy het 'n opmerking oor my gemaak en toe ons daar uitstap toe vra CB *did you hear what she said?* Ek sê vir haar nee ek het nie gehoor nie. En toe stap sy in die dame se kantoor en sê *we heard what you said about Mr Isak and you are going to pay the consequences.* Dit is die verhoudings wat ons het. Maar vir my, wat dit aanbetref het die wit/swart verdwyn. En ek sê dit nie net om dit te sê nie. Ek sal met daai mense enige tyd assosieer. Die studente is anders, want hulle kom uit 'n ander dimensie. En ons het 'n soortgelyke ervarings gehad in 2009 toe ons na Amerika gegaan het. Toe ons daar by [ons dogter]-hulle gekom het, die Saterdagmiddag geland en die Sondagoggend toe sê sy vir my ons is uitgenooi vir ete by haar dogtertjie se beste vriendin. En ons ry daar en dit is 'n redelike *upscale* omgewing waar hulle gebly het en ons ry daar in 'n *Golf Estate* in en dit is net groot huise en groot karre. En toe ons by die huis stilhou toe is die 'n *African-American* gesin. Die man is ek dink die CEO van Benetton, daai maatskappy, in Florida jy weet. Ons het die hele dag daar gekuier en jy het nie by swart mense gekuier nie. Dit het verdwyn. As jy so ver kan kom om verby... selfs daai ou in die tuin, as jy hom so kan behandel soos wat jy... die kleur verdwyn. Daar is gebruike, daar is 'n manier van doen wat altyd anderste as ons sal wees. As dit by kos kom en daar is 'n funksie met kos dan moet jy weet hulle het 'n ander *attitude* oor kos as wat ons het. Of hy nou 'n tuinwerker is of 'n *deputy director* is. Daar is nog steeds daai kultuurverskille. Maar as dit kom by integriteit en as dit kom by gesindheid en intellek, dan steur ek my nie aan kleur nie.

Albert: Dink jy wit Suid-Afrikaners is meer rassisties, minder rassisties as voor 1994? Dalk net meer uitgesproke?

Isak: Kyk ja en nee. Ja in die sin van ek dink daar is nog steeds mense wat bitter is, want hulle sien al die korrupsie, hulle sien al die misdaad. Dit is nog steeds die swart mense. Dan nee sou ek sê as jy kyk na die omgewing waar ek nou in werk... By die gholf sal H vir my sê – H is 'n *boilermaker* en hy werk ondergrond – dan sal hy vir my sê – dit is die interessante goed wat jy kry – hy sal vir my sê jy werk met die opgeleide mense, ek werk saam met die ouens wat soos diere is. Ek dink dit is 'n ander milieu wat hy in werk. Maar hierdie jong wat elke Saterdag sy gholfstokke vir hom dra, wat van die plaas af kom, H gee vir C sy kar se sleutels, H betaal vir C en as H daar is sal C vir niemand anders werk as vir H nie. Dan vra ons hom hoekom dink hy C is so erg oor hom? So daar verdwyn H se rassisme. Ek dink dit is die situasie waarin ons is, wat ouens nog steeds rassisties laat voel. Partykeer kom ons nog steeds in situasies waar ouens op 'n verhoog sal staan en praat oor apartheid en dan sal sê haai jy is 'n rassis. Vir my, die omgewing waarin ek beweeg... ek dink nie dit gaan oor rassisme as sulks nie, ek dink dit gaan eerder oor die situasie waarin ons bly, die agteruitgang van die infrastruktuur en so aan en dit projekteer op wit mense of swart mense.

Albert: Is dit nie die probleem nie? Ons maak maklik assosiasies. Ons sê dit is swart mense wat misdadigers is. Maar as 90 % van die bevolking swart is, is die kans nege uit tien dat die misdadiger swart gaan wees.

Isak: Presies. Nege-en-neëntig persent van die mense wat in die tronk sit vir verkragting, is mans. Daar is nog steeds daai stereotipes. Jy kom op 'n plek, ek het nou die afgelope paar dae so 'n geval gehad... jy kom by 'n plek en jy parkeer en die klomp staan en gesels en hier kom 'n swart ou aan en groet en die wit ou vra *o, kom jy ons kar oppas?* Hy sê *nee, ek is nie 'n sekuriteitswag nie, ek werk hier*. So jy het nog altyd daar persepsies, daai stereotipering. Ek dink daar is 'n seksie ouens wat nog vol rassisme is, wat daar bly, wat nog glad nie geskuif het nie of nie gaan skuif nie, want hulle wil nie skuif nie. Ek dink in die diepste wese gaan daar altyd 'n mate van rassisme wees.

Albert: Ek het vanmiddag vir my vrou gesê ek dink ons almal is eintlik nog rassiste maar solank jy nie 'n praktiserende rassis is nie... As jou rassisme in remissie gegaan het, dan is dit iets anders. Ons het uit so 'n wêreld gekom, ons is so grootgemaak dat jy amper nie anders na die wêreld kyk as wit/swart nie. Dit is al die primêre ding hoe jy na die wêreld kyk. Maar 'n mens moet iewers op 'n punt kom wat jy sê 'n mens moet dit transendeer en daar verbybeweeg.

Isak: By ons... ons is geleer as jy by ’n funksie kom... toe ek skool gehou het was dit amper ondankbaar dat ’n jong onderwyser nie maklik langs ’n prinsipaal sal sit. Ons het funksies en as ons gaan sit en eet dan is ek tussen die dienswerkers of hulle sal by my kom sit en gesels. Ek dink tog daar is ’n groot mate van bevryding in, waar jy met integriteit kan tussen mense beweeg en nie skuldig hoef te voel omdat jy wit is nie.

Albert: Die volgende vraag, juis oor die skuld. Hoe dink jy oor skuld, wit mense se skuld oor apartheid? Hoe het jy persoonlik daarmee gemaak of dink jy moet ons maak daarmee?

Isak: Ek dink... toe ek nog al die tyd hierdie goed begin het, toe dit op ’n agenda begin kom oor die rassisme en die verandering en die demokrasie wat moet kom en die apartheid wat verkeerd was... Ek glo apartheid was nog altyd verkeerd. Ons het groot geword as apart, apartheid is reg en dit is hoe dit moet wees. Maar ek dink daar is ’n proses rondom 1994, die aanloop na 1994 en net na 1994 dit was ’n vreeslike ding oor die skuld gewees en die kerke het bely en ander ouens het bely en party het namens ander bely en die ouens het kwaad geword vir dié wat bely het. Ek dink ons moet dit nou los, dit is verby. Ons het dit gedoen. Wat jy kon bely, het jy klaar bely. Dit is my opinie dat... apartheid was nog altyd verkeerd gewees. Daar is nie ’n manier hoe jy mense kan behandel soos ons met die swart mense gemaak het nie. En om te gaan krap en te sê maar dit het eintlik deur die Britte gekom en so aan... Solank ons gestem het daarvoor, en nie aktiviste was teen dit nie, was ons skuldig gewees. Maar ek dink nou daai skuldig wees... dit is nou verby, want as jy gaan aanhou... en ek dink die swart gemeenskap ook moet ook op ’n stadium kan sê die wit mense *was* skuldig, ons is nou demokrasie...

Albert: Dit is nie meer apartheid se skuld nie.

Isak: Dit is nie meer apartheid se skuld as sekere goed nie werk nie. En van hulle sê dit.

Albert: Nou die dag het die openbare beskermer, Thulisile Madonsela dit self gesê.

Isak: Ek loop nie meer met die skuld rond nie. Wat ek wel doen is, ek bly sensitief. Sensitief in die sin van jy sê nie net wat in jou gedagtes opkom nie. Almal rondom ons is sensitief daaroor. Maar as dit kom by skuld, ek dink die tyd van skuldig voel en

skuldig wees is verby. Tyd vir bely is verby. Want solank as die blankes gaan skuldig voel en skuldig bly en al hoe meer in jou dop kruip in plaas daarvan... Ek meen dit is moeilik, want regstellende aksie gaan nog altyd... ons kinders gaan met regstellende aksie... [my seun] se hele loopbaan is al seker agt of tien jaar en die ouens wat onder hom gekwalifiseer het, is al vol kolonel en hy is maar eers 'n kaptein. Daaroor kan jy kwaad wees, of jy het 'n keuse, jy gaan. Maar om te gaan skuldig voel vir my, ek kyk byvoorbeeld glad nie na hierdie programme wat hulle op televisie het... Ek het *Invictus* gekyk, dit het ons in Amerika gekyk. Ons het 'n klomp Suid-Afrikaners daar gesit en kyk en gesê ja dit goed en dit is verby. Maar ek dra nie meer daai las aan die skuld nie. Ek voel ek het my prys betaal; ek het my loopbaan gegee. Ek het baie ingesit in die gemeenskap en toe nog met hokkie het ek geweldig baie ontwikkeling gedoen tot 2006. Ek het ure gespandeer in Thabong. Ek was daar. Ek het die voorreg gehad om daar te wees.

Albert: Ek dink rondom die skuld is daar vir my twee gevare. Die een is wat jy ook nou noem, so 'n verlammende skuld dat ons vir die res van ons lewe met geboë skouers moet loop en 'n kop wat hang en hande wat jy wring oor ons is nou so skuldig oor wat ons verkeerd gedoen het. Dit is die een uiterste wat ek dink nog 'n groot probleem kan wees omdat dit verlammend inwerk. Die ander gevaar vir my is dat mense bloot net sê maar dit is nou verby, kom ons beweeg aan, sonder dat hulle self op 'n punt gekom het om vir hulle – self al is dit nie voor iemand anders nie – vir hulleself te herken daar was iets fout met apartheid. As ek nou koerante lees, ek kyk veral die laaste tyd op die internet, wat mense... hoe mense reageer op berigte of iets. Daar is ongelooflike rassisme wat daar uitkom. Ek hoor by baie van hierdie ouens in totale ontkenning dat daar ooit iets was wat verkeerd was. Soos wat jy nou self gesê het, bloot die feit dat jy gestem het vir die behoud van apartheid, maak jou skuldig. Ons het destyds daaroor gepraat dat skuld lê mos op 'n kontinuum van minimum skuldig wees tot Eugene de Kock wat mense gaan dood maak het bloot omdat hulle swart is en die tipe van ding. Maar om jouself heeltemal te verontskuldig en te sê maar ek het niks om oor skuldig te voel nie, dink ek is heeltemal eenvoudig ..

Isak: Jy sien ek dink jy kan altyd terug gaan en sê apartheid was goed en reg gewees, want dit was goed en reg *vir ons* gewees. Op 'n manier, maak nou nie saak nie, as ek terug dink en sê maar julle weet nie hoe arm het ek grootgeword nie, dan het ek nog nie so arm grootgeword nie soos die armstes van die armstes in die townships nie. Die mens wat uitgaan en sê maar daar was niks verkeerd met apartheid nie, kyk hoe goed

het dit met ons gegaan. Maar dit was goed gewees *vir ons*. Daar is ouens wat in totale ontkenning leef en dit gaan jou ook nie help om aan te beweeg nie.

Albert: Nee, iewers gaan jy moet... Dit is mos soos enige sonde in ’n ou se lewe, iewers moet jy dit bely en dan kan jy aan beweeg. Maar solank jy nie herken dat daar fout is daarmee nie, dan sit jy vas.

Isak: Vir my self het ek nog altyd die standpunt gehad wat sê dit was verkeerd, al was dit self goed gewees vir die meerderheid, al is daar nou baie swart mense wat nou baie slegter af is as wat hulle was onder apartheid. Daai ding was verkeerd. Maar ek dink ook as jy tot die punt gekom het en sê dit was verkeerd, ek het gesê dit was verkeerd. Ek weet byvoorbeeld nie as ’n individu by moet ek gaan skuld bely nie. In ons gesprek kan ek sê dit was verkeerd ek kan my nie assosieer met AWB, Eugene Terre’Blanche en daai tipe van denkrigtings nie. Ek kon my nog nooit geassosieer het daarmee nie.

Albert: Maar om te sê iets was verkeerd beteken nie noodwendig jy moet iets soos Adriaan Vlok gaan en Chikane se voete gaan was nie. Dit is ook nie nodig nie, ek dink net ’n ou moet in jou manier van leef... nadat jy daai kopskuif gemaak het, moet jy totaal anders leef. Mense met menswaardigheid hanteer dit sou die basiese begin punt wees vir so iets.

Isak: Ons onderskat ons harte en partykeer onderskat ons onsself en ons wil dit nie erken teenoor onsself nie. My oudste broer het nou die politiek gelos, maar hy was baie bedrywig en heftig in die regse politiek gewees, diep ver in die regse politiek gewees. Hy kry ’n hartomleiding en dit is swart verpleegsters wat hom verpleeg. En hy kry die wonderlikste behandeling en hy gaan terug na die klinieke toe en hy vat vir hulle, vir die kliniek ’n koek om vir hulle dankie te sê in Bloemfontein vir sy opvolg besoeke. Hy sê hy sit die koek neer en die swart suster gryp hom daar en hy sê hy kyk net rond dat iemand hom net nie moet sien nie. Hy praat nog steeds met lof van die behandeling. Hy staan in Parys – hy is nou afgetree vir ’n hele paar jaar nou en hy bou altyd waentjies wat hy registreer en goed – en hy staan by die registrasiekantoor en daar is ’n jong wit outjie voor wat verskriklik lelik praat oor mense en hulle sleg behandel en tipies daai meerderjarigheid en toe hy voor kom toe sê hy vir die swart klerk ek is regtig jammer. Jy weet, so ver regs as wat hy is, ek is jammer want... ek vra verskoning vir daai persoon se gedrag. Hulle het dit so waardeer, as hy nou daar instap dan word hy gegroet en hy word voor in die ry gehelp en alles. Ek dink ook eerder as om te gaan skuld bely, dit is maar hoe jou leefwyse is, ek het almal vertel ek

is ’n Christen, ek sit heel voor in die kerk, maar kyk hoe lewe ek Maandag. Ek hoef nie daar voor te gaan skuld bely nie, maar ek kan sien deur jou optrede dit is presies wat jy uitleef.

Albert: Kom ons praat gou oor kerk en dan versoening. Die kerk – jy het netnou daarna verwys – die kerk het op ’n stadium skuld bely, meer spesifiek die NG kerk, skuld bely oor apartheid, maar jare lank het ons die beleid gesteun, en toe aanvanklik gesê die beleid was verkeerd en die steun daarvan is verkeerd en toe later gesê in sy wese was hierdie beleid van apartheid verkeerd en sonde en daarom bely ons dit. Twee goed daaroor. Dink jy dat lidmate daarmee identifiseer? Of is dit ’n ding wat op ’n sinode gesê is en wat nie regtig by lidmate tuiskom nie? En dan nou daarmee saam, watter rol speel die kerk op hierdie stadium in terme van versoening en dies meer? Hoe dink jy daaroor?

Isak: Ek dink destyds was dit ’n goeie ding. Ek meen... dit het met *Kerk en Samelewing* begin, daar het hierdie dokument gekom, ons het nog destyds in hierdie einste konsistorie het ons ook ons eie dramatjies gehad wat oor *Kerk en Samelewing* gegaan het. En die ouens wat weggespat het, is dit nie waar die APK kerk begin het nie? Die kerk het standpunt ingeneem. Ja ek dink daar is nog steeds mense nou wat in die NG kerk sit, en in kerke sit, nie net die NG kerk nie, omdat die NG kerk al die jare so prominent was, het die NG kerk die slaansak vir die media geword in ’n groot mate... wat in elke geval nie saamgestem het met enige beleid as die kerk gaan bely het nie. Want die kerk se belydenis is een ding, en my belydenis is iets anders. Die kerk se skulderkenning, is nie noodwendig my persoonlike belydenis nie. Maar ek dink die feit dat die kerk dit gedoen het is goed en wel en reg dat die kerk kan aan beweeg. Ek het nou die dag, kom ek op die plaas ek is nie diep in met hierdie goed rondom die Belhar belydenis nie. Ek dink die Belhar belydenis is besig om ’n ding te dryf in die kerk wat onnodig is. Dit is vir my baie simplisties gestel, maar ek kom nou by my swaer wat aan die anderkant en hy is in die A gemeente en hy bly daar op die plaas. Hy is ook al tagtig en hy het ook al deur sy fases gegaan en het al baie kalmer geword oor al hierdie goeters. Nou vra hy vir my en dit is hoe ek voel oor die kerk. Nou vra hy vir my wat dink ek nou sal die ouens van die kerk en goed nou die Belhar belydenis aanvaar. Ek sê weet jy ek is regtig nie eers op hoogte daarvan nie. Maar my vraag aan hom wat net as daar nou van die 1ste Mei af geen belydenisskrif is nie, daar is nie meer Belhar belydenis nie en daar is nie ’n Nederlandse Geloofsbelydenis nie, as daar niks van daai goed was nie wat gaan van die kerk word? Gaan A se gemeente nog bestaan? Hy sê ja vir seker hy dink so. So ek sien hele ding rondom Belhar belydenis, oor die eenheid

wat dit ook maar gaan oor... maar vir my gaan dit daaroor hulle gebruik dit om eenheid te probeer kry. Dit is amper ’n sweep om die NG Kerk mee te slaan. Kyk, julle gaan buig of so iets en dit is ook verkeerd. Ek dink as ’n kerk gesê het ons bely... en die kerk in daad moet wys ons leef die evangelie uit, ons verkondig die evangelie en ons bewys die liefde en die vergifnis en die versoening. As jy dit uitleef nè, dan het... ek meen die deur is oop as hier nou ’n swart of gekleurde persoon dalk besluit hulle wil gaan kan hulle gaan. Vir my, as die kerk iets wil doen, dan moet die kerk dit doen nie net omdat dit die regte ding is om te doen nie. Die kerk moet nie met ’n aksie kom omdat dit die regte ding is om te doen nie. En die kerk moet nie kom ag ek sê mos alles draai rondom... as ons iets wil doen moet ons dit net vir swart mense doen. Maar baie keer wat die kerk doen, selfs daar by ons gaan dit oor as die kerke nou uitreik ja maar dit gaan net oor swartes. As die kerk ’n uitreik doen moet hy dit doen omdat dit die regte ding is om te doen, omdat hy gelei is om dit te doen. As die kerk iets wil doen vir versoening dan moet dit wees... nie kosmeties nie, maar omdat die Here die gemeente lei en sê jy moet dit doen. Maar ek dink tog die kerk het gesê ons bely en dan moet jy uitleef... Ek weet dit is nog moeilik, want baie mense sien die kerk nog as *my* kerk. Daarbuite is die swarte baas, maar hier in *my* kerk, dit is my kerk hierdie jy weet. Ek wil jou nie in my kerk hê nie, maar dit is eintlik nie my kerk nie...

Albert: Ek stem met jou saam daar is nog baie daarvan in die kerk, daai ding van orals verander dinge, kom ons los dit in die kerk, kom ons verander nie by die kerk nie. Dit is so half ’n laaste bastion waar ek kan terugtrek uit ’n wêreld wat dalk nie meer so gemaklik is nie, maar by die kerk is dit darem nog ons mense.

Isak: En dit is juis die kerk wat ’n verskil moet maak.

Albert: Is dit nie juis die ding uit die Nuwe Testament nie? Jy het ’n nuwe gemeenskap wat rondom die geloof gevorm word. Wat nie gekoppel is... soos Paulus sê of jy Griek is of barbaar, man of vrou, slaaf of vry, dit is irrelevant. Die gewone sosiale norme is nie veronderstel om in die kerk te tel nie.

Isak: Ek dink net die kerk het op ’n manier ’n groot geleentheid laat verbygaan dalk om regtigwaar ’n verskil te kan maak. Dit is moeilik ook want ek meen jy trek die rondtes, party het die rondtes getrek, my broer het die rondte getrek uit die NG kerk. Hy is Afrikaans en sy kind was lank in hierdie CVO skool gewees tot hulle gesien het sy vorder nie. Toe is hulle Parys toe. Hy is in die gereformeerde kerk en hy word kwaad, toe is hy na die Hervormde kerk toe en hy word toe kwaad, toe is hy na die APK kerk

toe. Hy het daar gebly en gebly en Januarie het ek gehoor hy is nou terug in die NG kerk. Jy kan nie, soos jy sê, daardie bastion kry nie. Ons in E gemeente wil uitreik daar en JN versoek en hy is omtrent 67, ook al 'n lang pad geloop en 'n pad met die Here geloop, en hulle soek uitreike na die kleuterskole in Thabong. Hulle ontdek toe daar 'n kleuterskool in Thabong in die *shacks* daar en hulle vat 'n klomp speelgoed en hy en sy vrou gaan en iemand wat by die kerk werk en hulle gaan saam soontoe. Hy sê hulle kom daar en die kleintjies storm op hulle af hy sê hulle het 'n kruiwa water aangery, want daar is letterlik niks. Hulle vat speelgoed en ander goed soontoe. Hy sê toe hulle daar aankom toe storm daai klein swartetjes op hom af en hy sê hierdie ou blanke man, wit man en hy sê hulle staan rondom hom net om aan hom te vat en later draai hy om en sê vir sy vrou hoor hierso ons moet nou ry anders gaan ek begin huil. En sy sê vir hom, hoor hier, jy staan al vir 10 minute hier en huil. As jy daai hartsverandering – dit beteken nie jy moet gaan kruip en jy moet gaan smeek en jy moet guns gaan soek nie – as die kerk doen wat reg is om te doen, as daar 'n wit gesin is wat hulp nodig het wat nood het, doen dit, as dit 'n swart gesin is wat op jou pad kom, dan doen jy dit. Maar ek dink net daar is die... maar soos jy sê, ek het dit nooit rêrig so gesien nie, die ouens het soveel verandering ondergaan en hier wil hulle veilig wees. Hier moet jy my nie kom hamer met 'n ander taal nie en kom hamer met 'n ander kultuur nie. Ek weet die mense van A is bang as die kerk oop is en al hierdie swart mense gaan in die kerk inkom, wie gaan betaal, want hierdie mense betaal mos nie. En wie gaan nou die kerk bestuur? Hoe gaan ons nou sing? Hoe gaan ons nou al hierdie goed doen? En dit is al daai vrese wat jy het. Dit is mense wat... almal het nie dieselfde blootstelling nie.

Albert: Nou daar is 'n belangrike woord. Ons het nie altyd dieselfde blootstelling nie. Baie ouens se blootstelling is beperk tot... nog soos in die ou bedeling, tot werkers wat in jou tuin of in jou kombuis werk, maar min het dieselfde blootstelling soos byvoorbeeld wat jy nou by jou werksituasie het. En dan maak dit dit moeilik want dan is jou ervarings van swart mense bloot as ondergeskiktes, onderdane eerder as gelykes. Ja dit maak dit nogal moeilik. En daarmee saam het ons ook in die kerk grootgeword dit is soos kerk is. En nou, vir daai mense om 'n skuif te maak is, nie heeltemal so eenvoudig nie. Net gou 'n laaste ding, versoening. Dink jy ons vorder in terme van versoening in Suid-Afrika? Dink jy dit gaan beter met ons?

Isak: Polities nè, gaan dit glad nie beter nie, inteendeel, want dit bly nog die politici se slaanstok om daarna te gryp. Maar dis nou weer my ervarings op die grond... Ek dink tog so. Ek dink ons vorder met versoening, want daar waar mense saamwerk en 'n gemeenskaplikheid het rondom soos wat ons met ons werk ervaar, daar is versoening

en sulke goed nie eers ter sprake nie. Ons het nie swart vriende nie, ons het baie min wit huisvriende, maar as jy gaan kyk na die nuus dan lyk dit nie of daar versoening is nie. As jy gaan kyk na Malema dan lyk dit nie of daar ooit versoening gaan wees. En as jy luister na die ouens... nou die dag praat iemand oor die Suidlanders ek weet nie of jy van hulle weet nie. Wat 'n *sad case* jy weet. Want ek meen, ek het vir nou vir my 'n groter motor gekoop, maar ek sou nie ver weggekom het met my Corsa en die *trailer* nie as die *pawpaw* die *fan* slaan nie. Maar as jy na daai ouens luister gaan daar ook nie versoening wees nie, hulle nag van die lang messe, jy weet. So as jy na al hierdie bangmaakstories luister, gaan daar nie versoening wees nie, maar daar waar ons werk is daar.

Albert: As 'n ou in die dorp loop, kyk die hele dorp lyk nou anders as wat hy twintig jaar terug gelyk het. Ek voel in 'n groot mate voel ek heel gemaklik. Dit is nie asof ek bedreig voel nie. Sekere dele van die dorp is nou nie ons plek nie, want daar is swart mense daar wat dinge anders doen en so aan, en jy is by verre die minderheid daar. Maar selfs daar voel 'n ou nie bedreig nie.

Isak: Jy weet, kyk daar by die poskantoor... ons gebruik maar die poskantoor hier onder in St. Helena. Dit is kleiner en ons het so 'n klein spaarrekening daar en toe kom daar 'n bejaarde vrou daar en sê sy was laas by die poskantoor in die dorp en hulle het haar handsak gegryp en gesteel. My blootstelling is so... ek stap met gemaak buite om die dorp. Ek sal nie aanbeveel my vrou moet alleen daar gaan stap nie. Wat dit aanbetref, jy sien dit is nou maar deur my blootstelling, ons het ek was tot in 2006 was ek redelike betrokke by die hokkie. Ek het 'n hele hokkie ontwikkelingspan gehardloop uit my huis uit, en my kantoor uit, van twintig skole van Welkom tot in Kutlwanong, Thabong en in Bronville en in Virginia in daardie township daar gehad het. Op die ou einde was tot 'n duisend kinders betrokke gewees. Ons het in weeksaande wat hulle *indoor* hokkie gespeel het, het ek en [my vrou en dogter] wat nog op skool was, het ons elfuur op die aand het ek drie tot vier swart ouens in die kar gehad en ek het hulle in die verste hoeke van Thabong gaan aflaai. Daai bedreiging voel ek nie, ek meen dit is nie vir my... Ek bedoel ons het nou die dag toe ons die waterpunt moes skuif vir die wedloop, sê ek vir J, verduidelik net vir hierdie mense op die ander kampus waar is hierdie plek. En ek sê toe dit is in hierdie straat, dit is reg lang die Polisie dit is reg waar Lebogang skool is toe sê hulle *we know exactly where the place is*. Maar versoening op grondvlak dink ek is 'n bietjie moeilik want dit gaan oor gesindhede. Totdat jy die politici hoor. Totdat die ouens praat oor regstellende aksie en daar is nog te veel maatskappye wat nie deel is nie, en oor die grond. Die plaasboere is gedurig onder

bedreiging, want dit gaan oor hulle veiligheid, en dit gaan oor hulle grondhervorming. So hulle ervaar baie moeilik versoening en ek dink in daai opsig kan die swart politici baie meer doen. Maar ’n politikus is anderste, hy sal vandag versoen en môre sal hy moor net om die groen sitplek in die parlement te kry en die mag te hê. En tog nè, dit lê net so op die oppervlak. Ons het ’n situasie gehad by die kollege, dit was na 2009, toe was daar een *rumour* gewees oor een ou wat die k-woord gebruik het en daai hele personeel het almal net so, ouens wat iemand anders gehoor wat dit gesê het nè en hulle het nege maande uit L se lewe uit geneem. En dan wonder jy of is daar rêrig versoening. Maar weer ’n keer as ’n ding kollektief gedoen is, van daai mense oor hom wat eintlik die aansitters van die klagte was, ek weet nie of hulle net aangehits is of iets nie, in daai tyd wat daai hele ding gemaal het om afgehandel te word het van daai mense nog die mees vriendelikste met daai selfde ou gepraat, so is dit nog steeds daai diep gewortelde vooroordele wat daai totale versoening gaan onmoontlik maak.

Albert: Dit is maar nog ’n brose versoening wat ons in die land het, hy moet baie mooi vertroetel word vir baie jare nog voordat hy sterk gaan staan.

Isak: Solank as die wit mense bedreig gaan voel, solank as wat daar gevoel word daar word gediskrimineer, solank as wat jy voel dat regstellende aksie en ons plase gaan gevat word, jy weet, ek nou wil hulle kom met hierdie *wealth tax* nè, dat hulle ook die wit mense... die veronderstelling is as jy wit is, het jy geld. Solank dit nog daar is gaan jy nooit werklik versoening kry nie.

Albert: Jy het netnou ’n interessante ding genoem, die politici kan baie meer doen om versoening te bewerk. Maar as jy aanmekaar uitsprake kry soos rondom nasionalisering en die goed wat jy nou genoem het, in plaas daarvan dat dit mense nader aan mekaar bring, dryf dit mense uitmekaar uit. In daai opsig het ons ’n groter behoefte van iemand soos Mandela wat doelbewus gefokus het op die versoeningsaspek eerder as iemand soos Thabo Mbeki wat baie meer oor die verskille, daarop gefokus het.

Isak: Eintlik wat dit ’n tipe keerpunt in die bou van die nuwe generasie toe Mbeki daai standpunt begin inneem het. En toe Zuma begin het, het dit gelyk asof jy uitreik, maar...

Albert: Ja, hy is ’n anderste karakter. Ek dink ons het ons het netnou gepraat oor kerke en hereniging. Ek dink ons het in Mandela se tyd ’n baie sterker kans gehad om

kerkeenheid te laat gebeur, op strukturele vlak praat ek nou, van as ooit daarna. Ek dink daai tyd is verby. Ek het self groot vrae of ons kerk hereniging gou gaan regkry en of ons dit nie maar moet los vir die volgende geslag om dit te doen nie.

Isak: Ja ek voel ook oor die kerk eenheid... Dit is net so interessant, daar is soveel *ministries* en bedieninge in kerk in Thabong en in Bronville. Want ek meen al is daar kerkeenheid self binne die NG kerk, is daar nog steeds hierdie verskillende aanslag van bediening. Die een ou voel tuis in hierdie bediening en die ander ou voel nie tuis in hierdie bediening nie. Ek dink ook daai vrese wat by daai ouens is as dit gaan oor kerk is jy weet die swart mense gaan ons kerke oorneem en sulke goed. Ek dink nie dit is rêrig so nie. Hulle hou anderste kerk as ons kerk... maar dit is iets anderste. Daai is ’n moeilike storie. Ons is nou die aand by die Metodiste kerk, want ons het so ’n manne bedieninge by die kerk waar ons Saterdae oggende bymekaar kom, Saterdae oggende sesuur, en ou PD – verlede jaar was hy die groot dryf agter daai mars gewees – en daar is alweer ’n mars wat hy nou beplan en toevallig het hy toe klaar die datum en die tyd bespreek gehad met die munisipaliteit en toe is daar mense van die Metodiste kerk wat ook by die munisipaliteit was om ’n datum te kry vir ’n mars en hulle s’n is klaar goedgekeur waarby julle kan inskakel. Die Metodiste kerk, St. Luke's, kom hier en sê hulle het in die oggend twee dienste en dan kom die swart kerke vir hulle diens, ek dink van elfuur tot tweeuur of drie-uur hou dit aan, en hulle het nog steeds daai behoefte om op hulle eie manier kerk te hou. Maar dit is ’n ander gesprek daai.

Albert: Baie dankie ek waardeer jou tyd vreeslik.

{Einde van die gesprek}.

**Lewe na apartheid 2012** – Gesprek 15: Opvolggesprek met George

Albert: ’n Belangrike lyn gaan wees een van versoening, want in ons ou bedeling het ons op ’n bepaalde manier gelewe, die wit / swart groepe, in aparte wêrelde. Dit sien ons baie duidelik. Ons het nie geweet wat in hulle wêreld aangaan nie en hulle het ’n bietjie meer geweet wat in ons wêreld aangaan, want hulle het hier by ons gewerk. Daar wat ’n politieke sisteem en so aan. En nou is ons op ’n nuwe sisteem en nou moet ons op ’n manier met mekaar saam leef. Versoening is vir ons met ander woorde ’n kardinale vraag. Leef ons versoenend? Speel die kerk enigsins ’n rol daarin? Watter rol speel die kerk? Want in die ou bedeling het die kerk aanvanklik ’n baie negatiewe rol gespeel. Die kerk het aanvanklik gesê maar apartheid is reg, die Bybel sê dit is reg. En toe later van tyd hier in 1986 en toe in 1990 weer het die kerk nou verander en gesê maar rassisme soos hy wat neerslag vind in apartheid is nie aanvaarbaar nie, ons bely ons skuld daaraan en so aan. Dan die hele vraag sê lidmate dieselfde, voel hulle dieselfde? En dink hulle hulle is enigsins skuldig? So dit is die temas wat ons op die tafel sit. Maar kom ons begin voor, George. Sê eers wat is jou ervarings die laaste veertien jaar min of meer. Jou werksituasie was ook nie net in ’n wit wêreld nie nè? Praat ’n bietjie vir my daaroor.

George: My werksituasie van seker omtrent die afgelope agt jaar was oorwegend met swart skole. Daar was blanke skole ook by betrokke en dan nou uit die aard van die saak ook gemengde skole betrokke, verskillende kulture in een skool. Maar wat die werksopset betref het ons geleidelik Sotho-sprekende kollegas ingekry in alle afdelings van ons werk. Daarmee bedoel ek nou die ouens soos wat ek nou gedoen het, die leerondersteuning vir leerders met leerprobleme en dan die maatskaplike werkers. Dit is die twee groot groepe en dan ook in ’n mindere mate terapeute, en as ons praat van terapeute dan bedoel ek nou spesifiek spraakterapeute. Ek weet nie hoeveel gekwalifiseerde swart, of Sotha-sprekende of ander taal sprekende spraakterapeute daar is spesifiek nie. Ek het op ’n kol geweet van één hier by Bongani Hospitaal maar dié een is ook alweer weg en ek dink dit is nogal ’n probleem vir ons.

Albert: So die mense met wie jy gewerk het, die kliente, en dan nou die kollegas met wie jy gewerk het, het die laaste tyd aansienlik verander. Voorheen was dit hoofsaaklik ’n wit omgewing nè?

George: Ja, ons het die eerste keer ’n swart kollega, ’n Sotho sprekende kollega gekry, laat ek nou net my kop in trurat sit, seker omtrent hier in 1995,96 ek dink hy praktiseer

nou nog hierso. En dit was vir ons almal... ek weet nie of dit van ons 'n aanpassing geverg het nie, want ek dink dit het nogal redelike gemaklik oorgegaan met die ou wat ingekom het by ons. Ek wil nie sê dit was 'n proses van assimilasie van die een in die ander een opgeneem of gelykgemaak nie, maar hy was redelik gemaklik aanvaar. Toe het die tweede en ook bygekom, hulle het al twee ons nou weer verlaat. Die een praktiseer in Bloemfontein en die een praktiseer hierso privaat. En so dan maar met verloop van tyd... ons het eers twee kantore gehad, net om vir jou daai agtergrond te gee, een in Odendaalsrus en een in hierso. En toe het hierdie mense wat spesifiek die leerondersteuning met die onderwysers gedoen het, hulle was in Odendaalsrus gesetel en toe, ek weet nie eens meer om watter rede nie, het dit nou net een kantoor geword. Daar was aanvanklik meer onderwysdistrikte en toe later hierdie vyf wat ons in al die staatsafdelings het, gereduseer tot daardie vyf. Ja, ek dink dit was met daardie oorgang toe hulle nou deel van ons geword het. Maar die inskakeling en die onderlinge verhoudings het nogal redelike goed verloop en het goed gegaan ook. As ek na myself kan verwys, ek dink as 'n mens nou vir hulle in my afwesigheid moet gaan vra wat was my kollegiale verhoudings met hulle en afgesien van kollegiaal, die menslike verhoudings met hulle en hulle verhoudings met my ook... Dit gaan positief wees. Ek kan vir jou een insident noem maar dit het ek ook genoem die dag toe ek nou amptelik afgetree het. Ek het 'n vroulike Xhosa-sprekende kollega – ek kan nou nie meer onthou in watter jaar het sy tot ons diens toegetree nie – maar by 'n geleentheid van vakansie wat sy gehad het, toe sien sy 'n stalletjie langs die pad of 'n plek want sy kom van die Oos-Kaap af, 'n fiets in 'n hout raampie en dan staan daar op, drie goedjies ag as ek dink ek kan dit nie nou visueel herroep nie. *Love much, Laugh often* en *Live well* iets in dié lyn. En toe sy van vakansie af terugkom toe oorhandig sy vir my die ding, want sy sê toe sy die ding daar gesien hang het, toe dink sy aan my want ek is 'n ou wat hou van fietsry en ek lag baie. Ek meen hierdie inskripsies daar het sy nou net met my geïdentifiseer en sy het kom vir my kom gee. Die dag toe ek nou finaal klaarmaak, het ek nou na die insident ook verwys jy weet net om te sê of 'n aanduiding te gee wat my interaksie met hulle was. En C het 'n traan of twee weggepik. Nee regtig, ek het nie enige vooraf veroordelings gehad of beoordelings gehad nie van hoe ek moet optree en hoe ek gaan optree en wat is die goed wat vir my aanvaarbaar gaan wees en wat sal vir my nie aanvaarbaar wees nie.

Albert: Die feit dat julle as kollegas, met ander woorde, as gelyke professionele ouens bymekaar gekom het, speel dit tog nie maak 'n rol in julle verhoudings nie. In die ou bedeling het ons as wit mense swart mense hoofsaaklik in 'n ondergeskikte posisies

beleef. Hulle was ons huisbediendes, ons tuinwerkers. Hulle was gewoonlik in sulke onderskikte posisies.

George: Ek dink dit speel seker uiteraard ’n rol. As ’n mens dit nou in aanhalings tekens gaan sit, dit maak jou seker maak gelyk. En dit vergemaklik baie ander dinge. Maar as ek nou moet dink aan ons werker wat ons daar het, die *cleaner*, die skoonmaker selfs met hom, ek meen sommer informele gesprekke as ek hom in die kombuis raakloop byvoorbeeld sal ons hê. Jy weet, dit was heel gemaklik.

Albert: Dink jy dieselfde ding gebeur in die samelewing in die breë? Hierdie gemaklike oor kleurgrens heen skakeling.

George: Ek weet nie... Dit gebeur. Ek meen dit is nou net op waarneming wat ek dit sê. Dit gebeur ek meen ek sien baie keer ’n ou wat in gesprek met iemand is, ek meen van verskillende etniese of rasse groepe. En ek sien self ook dat daar, ek weet nou nie of hulle ’n vooraf kennis met mekaar gehad het nie, maar hulle groet mekaar met die hande. Ek het al gesien dat ’n wit man en ’n swart man mekaar sal druk, jy weet, as hulle mekaar vir ’n lang tyd nie gesien het nie en dit het al met myself ook gebeur. Ek probeer nou die mees onlangse insident probeer ek nou herroep. Dit is ’n prinsipaal by een van die groot skole hier in die Wes-Vrystaat en in vergeleke met my is hy nog relatief ’n jong man en toe ek Januarie-maand by die skool kom toe sê hy vir my dit is ’n lang tyd wat hy my nie gesien het nie en hy staan agter sy lessenaar op en hy kom gee my ’n handdruk en hy gee my ’n druk.

Albert: Dit sou in die ou bedeling nie gebeur het nie.

George: In die ou bedeling sou dit jou met ’n – hoe wil ek vir jou sê – jy sou dit met ’n bietjie terughouding gedoen het. Ek glo ook nie dit sou... ek het nie so ’n ondervinding met die ou bedeling gehad nie. En ek dink van die ander kant af gesien ook... as ons net kan teruggaan na daardie eerste demokratiese verkiesing. Ons het met allerlei vooraf bedinkte *issues* gehad van sê nou maar net dit kan gebeur en daar was baie ouens wat daarop voorbereid was. Ek meen jy weet self hoeveel mense het kos versamel en wapens gekoop en al sulke dinge. En ek dink toe die ratwerk nou in werking tree na daai aanvanklike verkiesing en soos wat tyd verloop het, dink ek grense tussen mense nie met beplande dinge afgebreek is nie. Ek meen ek het dit so beleef. Dit is ’n ding wat spontaan gebeur het, dit was nie gedwonge nie.

Albert: Met ander woorde daar is ’n spontane nader beweeg aan mekaar, mekaar aanvaar as mens, as medemens.

George: Jy weet ons het as ek nou vat na my opgroei jare, my kinderjare, altyd maar of meeste van die tyd ’n swart huishulp gehad. Jy altyd gegroet, as sy jou groet het jy terug gegroet. In ons opset was daar nie die idee of die praktiese belewing daarvan dat hierdie een was ’n... Hierdie ding moet jy in die regte lig net sê. Ek meen dit is maar net ’n huishulp en ons was nou weer... Daar was nie ’n neersien van die een op die ander een nie. En ek onthou nog hoe het ons vir ou M poetse gebak en al sulke tipe dinge nie. Maar daar was nie gesosialiseer nie en elkeen het sy plek gehad, ek meen soos dit nou nog in baie opsette gaan. By ons byvoorbeeld sal die huishulp nie saam met ons aan tafel eet nie en sy gebruik nog steeds die buitetoilet en sulke tipe dinge. Maar wat kommunikasie betref en deel hê aan gesprekvoering, dink ek dat daar ’n groot verandering plaasgevind het. Dit is nou bloot op my waarneming. Ek sal sê, ek wil nie sê die oorgrootte meerderheid nie, maar ’n groot groep van blankes en dan sal ek meer spesifiek terugkom na die Afrikaner toe, hy is... in die werksopset werk hy saam met hulle, in die openbare opset deel hy seker al die goeters met hulle, maar wanneer dit by sosialisering kom dit gaan nog nie so maklik gebeur nie. Ek sal byvoorbeeld nog seker selektief wees as ek nou by my huis ’n sosiale byeenkoms, byvoorbeeld ek verjaar, dan sal ek seker nie al my swart kollegas ook genooit het na die verjaardag-partytjie toe nie. So daar gaan ek nog steeds selektief wees. Maar ek dink dit het nog in ’n groot mate met kultuur te doen. Ek byvoorbeeld hou daarvan dat my persoonlike ruimte moet nie te diep binne gedring word nie ek bedoel daar moet ’n fisiese afstand tussen ons wees. Ag daar is seker ..

Albert: Maar daai onderskeid het nie te make met die feit primêr dat die persoon swart is en jy wit is nie. Dit gaan nie daaroor nie.

George: Nee dit gaan nie oor kleur nie.

Albert: Ons het tog daar al ’n bepaalde skuif gemaak.

George: Ja daar is ’n groot skuif gemaak, definitief ’n groot skuif gemaak. Ek dink dit gaan maar meer oor die kultuuraspekte. Wat ek nou byvoorbeeld ervaar jy het nie altyd ’n aanknopingspunt, ’n gemeen deler wat jy met die ander een ’n gesprek kan voer nie. Soos byvoorbeeld met sosiale byeenkomste. My ondervinding was waar ons nou werkswinkels aangebied het, werkswinkels bygewoon het, of provinsiale vergaderings

of wat ook al ons is almal een, ons groet almal mekaar. Maar dit gaan seker soos dit my die skole gaan as daar ’n breuk tussen in is, soos ’n koffie of etensbreuk of wat ook al, gaan jy nog steeds vind jou blanke groepe gaan oorwegend saam wees, jou ander groepe gaan saam wees. Jy gaan hier en daar gaan jy wel mense in gesprek met mekaar sien van oor die grense heen. My ondervinding van myself en my waarneming van die ander is dat daai gesprekke is werklik hartlik. Ek het byvoorbeeld ’n kollega in Bloemfontein, J, ek nie onthou wat is J se van nie. Maar ons het altyd hierdie hekelry oor taal gehad, want hy het ook ’n groot voorliefde vir Afrikaans en dan het hy nou baie keer aangehaal van die vroeë geskiedenis van die Afrikaans taalbeweging van dat Afrikaans maar net ’n huistaal, ’n kombuistaal, ’n hotnotstaal, ’n taal net goed genoeg vir ’n half-geleerde ou, jy weet. Ek meen ons het daarna verwys en dan het ons lekker humor daaroor gehad. Waar ek en ou J, hy is een van die ouens, dat as ek hom sien en ons groet mekaar by ’n vergadering van al die distrikte dan sal ou J, hy is een van die ouens wat jou sal kom *hug* en sê George maar ek het jou lanklaas gesien, jy weet.

Albert: Kom ons gaan gou terug na die voor 1994 tyd in Suid-Afrika. As jy nou moes terug dink wat was die probleem met die beleid van apartheid as daar ’n probleem was? Hoe sou jy dit saamvat, wat is die kern probleem van apartheid gewees?

George: Ek dink die feit dat dit op die wetboek gestaan het, dat dit ’n soort van ’n ding was wat op die wet gestaan het, dit moet so gedoen word. Daar is aparte geriewe, daar is aparte banke en daar is aparte ingange en daar is dit en dat... Dat jy ook nie... ek meen daar was ’n wet teen gemengde huwelike, die ontugwet en al sulke tipe dinge. Ek het nou hierdie trilogie gelees van Irma Joubert en ek ding die laaste een wat ek gelees het was Persomi, die bywonerskind. Daai hele verhaal, daai hele roman is gebaseer op... dit is fiktiewe name, maar dit is feitelik korrek. Van toe apartheid in 1948 ingestel is hoe het sekere blankes, ek meen dit is nou volgens die storielyn, dit was vir hulle onaanvaarbaar dat hierdie ouens... dit het nou gegaan oor ’n groot konsentrasie van Indiërs in ’n sekere gemeenskap. Toe die wette op die boeke begin kom, toe is hierdie ouens vir hierdie gedwonge verskuiwing gehad van uit die blanke gemeenskappe waar hulle winkels en blyplekke was na ’n ander gebied toe. Daar was blankes wat tot daai ouens se hofsaak gedryf het teen die instelling van hierdie nuwe bedeling. Ek het ook, ek meen, baie ouens het ’n... en nou nog, ek het ’n hengse jammer gevoel vir ouens wat minder as ek het. Vir ouens wat byvoorbeeld nie dienstegeriewe het nie, wat nie mediese sorg het nie, wat nie ordentlike behuising het nie. In die vroeë jare ek meen in die apartheidsjare het jy nie gemaklik gevoel om mense se situasie te gaan verlig nie want wat gaan die mense sê? Dit was seker een van die dinge ook jy weet ’n ou dink

mos altyd jy oordeel mos altyd self nou wat sal die mense sê as ek... Ek het by geleentheid, dit is net om vir jou te demonstreer, toe het ek vir 'n kollega van my, hy doseer nou by die Vrystaatse Universiteit, toe sê ek vir hom want as ek uit hierdie kleurlinge gebiede uitgekom het en ek het uit die swart gebiede uitgekom, hemel dan is ek geraak deur daai armoede. Maar later stomp 'n ou 'n bietjie af, hoe meer jy daaraan blootgestel word, hoe meer stomp jy af. Toe het ek vir hom gesê, as ek nou in – waar is dit nou – ek dink hier by 1 Johannes 3 vers 17, 18 lees. As iemand wat aardse besittings het en hy sien sy broer het nood, dit kom daarop neer en hy het nie 'n hart nie hoe kan sy sien dat die liefde van God in hierdie ou is. Maar dit is nie omdat die Skrif dit vir my sê nie, dit is 'n innerlike oortuiging. Toe sê ek vir K as ek nou al my goed gaan verkoop en ek gaan om 'n bietjie verligting te gaan bring in daardie gemeenskap. Toe sy hy ja maar wat gaan dan gebeur? Jy gaan vir hoeveel mense met jou bates wat jy het, gaan jy 'n bietjie verligting bring vi hoe 'n kort tyd dan is jy ook deel daarvan. Met ander woorde jy gaan daai armlastigheid net vermeerder in plaas van verlig. Ek het by geleentheid hier in die Wes-Vrystaat, 'n plek met die naam Boshoff, het ek by 'n skool gewerk baie kere. Ons het een keer met 'n kinderweek het ek en die K kollega van my 'n hele week by die skool gewerk. Oueraande gehou en leerders geevalueer en so aan en berading gedoen en al sulke tipe dinge. Maar ek was altyd geraak as ek van daai skool af kom, en van daai gemeenskap af kom, deur die hengse armoede en ook deur die feit, ek kan nou nie meer onthou nie, ek het nie statistiek daarvan wat ek nou vir jou kan gaan aanhaal nie. Ek het tientalle der tientalle kinders daar geevalueer en ek kan hulle seker op die een hande se vingers aftel dié wat uit 'n volledige gesin uitgekom het. Hulle het almal by 'n oompie, by 'n ouma of by iemand gebly. Die ma het iewers gewerk, hulle het nie altyd geweet waar nie, en hulle weet nie waar is die pa nie. So ek dink, nou gaan ek seker na 'n ander deel toe wat nie ter sake is nie. Maar die afwesigheid van 'n gesinstruktuur en die geborgenheid, van sekuriteit, van omgee vir mekaar of wat ook al, dra ook by tot die probleme wat 'n mens in so 'n gemeenskap kry. En by geleentheid, die skool het 'n klomp leerders verwys en ek het hulle met die skoolhoof en betrokke personeel gaan bespreek en toe nou 'n klompie geïdentifiseer wat ek toe moes evalueer vir moontlike hulpverlening of wat ook al. Toe ek die een dag weer by die skool terug kom toe sê ek vir die prinsipaal ek wil vandag met hierdie, hierdie en hierdie werk, toe sê hy vir my nee, sê nou maar Antonie, hy is nie meer met ons nie. Ek vra toe het Antonie die skool verlaat? Toe sê hy nee Antonie is vermoor en hy gee toe vir my die besonderhede. Nou dit is net om vir jou 'n indruk te gee van armoede wat ek daar beleef het. Hulle het skool geslip, die kinders, en hulle het 'n konka vuurtjie gemaak, dit was in die winter het hulle 'n konka vuurtjie gemaak en met goed soos aartappelskille en wortelskille en uie het hulle kos op daai konkatjie op daai

buitevuurtjie. Toe het daar 'n argument ontstaan nou wie moet almal nou deel in daardie kos wat hulle nou gaar maak, van daai voorraad wat ek nou vir jou genoem het. Die argument het toe later 'n woordewisseling en toe nou lateraan in 'n fisieke geveg. Hierdie ou is met 'n mes in sy nek gesteek en toe in daai paniek wat ontstaan toe hardloop hy toe terug huis toe, en in plaas van om die mes in sy nek te los en hulp te gaan soek, toe trek hy die mes uit en toe bloei hy hom dood. 'n Seun van sewentien jaar. En dit is hoe hulle daar geleef het. Daar was 'n sekere onderwyser ek gaan sy naam noem Mnr M, so 'n jong kleurlingman en ek het altyd as ek nou uitgediende klere het van my wat ek nou uitgegroei het, of wat 'n bietjie verweer het, dan het ek dit in 'n sak gesit en dit vir Mnr M gegee. Mnr M het Sondae ook 'n aktiewe rol gespeel en het dit nou vir daai ouens verdeel. Ek praat nou seker onsamehangend. Die tweede swart kollega wat ons hier gekry het, wat ek netnou genoem het. Een dag toe is ek en die twee kollegas saam in Thabong en toe ons ry in of uit die gemeenskap ek kan nou nie meer onthou nie, toe sê hy vir my Mr. B sien jy al die armoede hier? Ek sê toe ja, dit is vir 'n kontras van waar ek nou vandaan kom en wat ek nou hierso sien. Hy sê weet jy ek sien dit ook, maar dit raak my nie meer nie, want ek hier opgegroei. Ek is gewoond daaraan. Dit is nou hier in 1995,96 toe is dit nou die eerste keer wat ek toe in, want ons het altyd het die leerders eers na ons kantoor toe gekom en ons het later toe uitbeweeg skole toe, nou is jy in daai gemeenskap en nou beleef jy alles daar.

Albert: Onthou jy, jy het dieselfde storie vertel in ons aanvanklik gesprekke, jy het ook presies dieselfde gesê van die armoede en die tipe van goed. Ons kom terug by die apartheidstyd. Die kerk het op 'n stadium skuld bely daaroor. Nou is my vraag vir jou as gewone lidmaat van die kerk, hoe voel jy oor skuld? Wit mense se skuld aan apartheid? Kom ons praat gou 'n bietjie daaroor. Dink jy die wit mense het iets om oor skuldig te voel? Indien wel waaroor moet ons skuldig voel en uiteraard wat maak 'n mens nou met daardie skuld?

George: Jy weet oor skuldig voel, dit is 'n bedeling waarin ek gebore is en ek groot gemaak is. So apartheid was vir my 'n ding waarmee ek in die wêreld gekom het. Ek meen dit was nie vir my 'n ding wat gekom het nadat ek reeds daar was nie. So ek het maar in daai bedeling ingekom.

Albert: So dit was wat jy geken het.

George: Dit is wat ek geken het, en dan het ek by baie geleenthede en by baie vergaderings – kom ons sê dan nou liewers by 'n paar geleenthede – het ek gehoor dat

die sprekers, en by name dan baie keer predikante, het skrifgedeeltes aangehaal om te bewys dat apartheid geregverdig is. Iewers in Openbaring – ek is nie seker of dit nou in die ’53-vertaling, seker nog in die ‘53 vertaling – waar die verskillende koninkryke, waar die verskillende kom ons sê nou maar leiers of konings, ek kan nie die presiese bewoording onthou nie, bring hulle volke, as ek dit nou so kan stel in die hemel in. So met ander woorde hulle het sekere gedeeltes in die skrif gebruik om die standpunt of die bedeling van apartheid te regverdig. Ek het ook partykeer daaroor gewonder. Nou hoe kan dieselfde kerk dan nou wat die Skrif gebruik het om apartheid te regverdig, dan nou weer kom en dieselfde Skrif weer gebruik en nou vir my sê dat apartheid is nie reg nie. Skriftuurlik is dit nie reg nie, dit hoort nie so nie.

Albert: Wat het jy jouself daaroor geantwoord?

George: My antwoord daarop was ek my ek wil nie sê redenasie nie, maar my gevoel, my oortuiging daar rondom was maar ons is almal gelyk voor God, Hy het ons almal gemaak en ek het dit altyd gekoppel en die feit van apartheid – askies ek spring nou rond – daar was selfs liedjies wat ons gesing het wat nou nie spesifiek FAK liedjies was nie. As ek die melodie kan herroep dan sal ek op die woorde ook kom, *het vir ieder volk sy taal, sy land, sy tyd bepaal.* Dit is waarop dit neerkom, dit is wat ons gesing het en ons het dit met oortuiging gesing. Toe nou die skuif na weg van apartheid af. So vir my gaan dit daaroor ons is almal van een Skepper, deur een Skepper gemaak en hy het ’n verskeidenheid volkere gemaak en Hy het nie die een meerderwaardig teenoor die ander een gemaak nie. Daar het seker, ek weet nie eens as gevolg van watter faktore nie, het sekere groepe van mense, ek praat nou maar spesifiek van die Europeërs teenoor Afrika het hierdie ouens meer ontwikkel. Ek meen hulle het seker meer poging of *effort* ingesit om te ontwikkel. Askies tog as ek nou nie by die punt bly nie, maar dit is soos dit in my gedagte gaan. Daar is een aspek of ’n paar aspekte wat ek nie altyd kan verstaan nie, en wat my partykeer sommer kwaad maak. As daar nou ongelukkigheid is oor een of ander aspek, kom ons sê nou maar skole wat ons nou weer daar in Grabouw gehad het. Ek kan nie verstaan daar is ’n tekort aan infrastruktuur, aan skool geboue en so aan van die tipe goeters, hoekom vernietig hulle die bestaande goed ook? Dit is nou net so ter wille van... As daar metro trein probleme is, dan steek hulle metro treine aan die brand. Dit verstaan ek ook nie. Met ander woorde jy benadeel die situasie net nog verder deur dit wat wel daar is nog ook tot niet te maak. En toe is daar nou weer ’n nuusberig oor skole en my skoonma het by ons gekuier, toe sê sy, dit het weer gegaan oor een of ander taal wat hulle ’n sekere groepering maak nou aanspraak daarop dat hulle wil ook nou by die skool inskakel.

Maar hulle het mos hulle eie skool en die tipe van goed. Ek weet nie wat was die onderwerp van ongelukkigheid nie. Toe sê ek ma ek dink jy het daar die dinge heeltemal aan die verkeerd kant beet. Ek sê in die ou bedeling was daar 'n onregverdige toedeling van die begroting, alhoewel hulle in die meerderheid was het hulle 'n baie meer geringe, toe daar nog verskillende onderwysdepartemente was, het hulle 'n baie kleiner deel van die onderwysdepartement se begroting gekry om in hulle behoeftes te voorsien in vergeleke met ons. Ek dink dit is 'n feit wat jy kan staaf. Ten spyte daarvan, ek weet nou nie wat is die demografiese verdeling, hoeveel vir hoeveel nie, vier tot een, of ses tot een, of agt tot een nie. Maar dit was 'n onregverdige toebedeling daardie tyd gewees en daarom het hulle nie dieselfde geriewe as wat ons nou het nie. Hulle het nog steeds daardie agterstand en hulle is in die meerderheid, met hulle praat ek nou van die tyd van hulle nè. Dit moes eintlik andersom gewees het, hulle moes die groter deel van die begroting gekry het omdat hulle meer gehad het aan wie hulle moes voorsien. Terwyl dit in die apartheidspraktyk het dit net andersom gewerk.

Albert: Beteken dit nou met ander woorde dat 'n mens goed soos regstellende aksie moet steun? Is dit die logiese gevolg daarvan? As dit was soos dit in die ou bedeling was dan moet daar bepaalde regstelling kom daar rondom.

George: Regstelling ten opsigte van...?

Albert: Kyk jy noem nou getalle van die verdeling van...

George: Ja, ja regstellende aksie in die sin dat die nodige geriewe of infrastruktuur moet seker daar gestel word. Ek dink nie *moet* nie, dit *behoort* daar gestel te word. Maar is dit nou ongelukkig 'n ding wat nie oornag kan gebeur nie en ek dink dit lei ook tot ongelukkigheid, en tot opstandigheid op die ou einde.

Albert: En as 'n mens dit verder sou vat in terme was werksituasies waar ons nou sê maar die swart mense in die ou bedeling agtergeblewenes was ons moet hulle nou *fast track* sodat hulle kan bevorderings kry en dit vir die wit ou sê *sorry* maar jy het bereik wat jy kan jy gaan nêrens bevordering meer kry nie en dies meer.

George: Ja dit is 'n moeilike saak. Dit is so 'n bietjie 'n moeiliker saak. OK nou kan 'n mens sê dit raak jou nie meer nie want jy is nou veilig, jy het die verpligte aftree-ouderdom bereik so jy staan aan die ander kant van die kantlyn. Jy is nie meer deel

van die speelveld nie. My gevoel daaroor, of my ingesteldheid ten opsigte daarvan is, as die ou kwalifiseer en hy het bewys gelewer, jy het netnou die ding van *fast track* genoem, ek weet nie of *fast tracking* die oplossing gaan wees nie. Want dan is dit soos ’n vruggie jy gaan voel elke dag of die perske ryp genoeg is en op die ou einde druk jy hom pap. So ek weet nie as ’n ou nie deur die *ranks* gegaan het nie, weet ek nie of hulle geskik is om die ding te kan doen nie. Ja, ek het nou, die werker het seker dan eers met vooraf opleiding ook te doen gehad, dit het daarmee te doen. Nou kan ek net, ek weet nie of ek nou Professor Jonathan Jansen reg gaan aanhaal van so ’n paar weke of ’n paar maande gelede nie. Maar hierdie, ek koppel dit nou aan *fast tracking* nè, of om nou meer mense die geleentheid te gee om te kwalifiseer met ander woorde die standaarde word verlaag om ouens gereed te maak vir sekere dinge. Soos byvoorbeeld die matriekvrystelling. Ek het nou ’n artikel onlangs twee weke gelede gelees wat professor Jansen gesê het hy sal nie sy kind in ’n Suid-Afrikaanse skool sit nie en dit is die rede. Ek dink die standaarde val om ’n seker verwagtinge te kan ontmoet en of dit op die ou einde ’n oplossing gaan wees glo ek nie.

Albert: Dit kan dalk meer probleme skep.

George: As ’n ou nou net kyk daar is die afgelope hierdie week is daar nou drie munisipalebestuurders of burgermeesters in een van die provinsies afgedank omdat hulle nie die werk doen nie. Ek weet nie of dit is of hulle die werk nie kán doen nie of maar bloot net nie die werk dóén nie. Ek dink dit het ook weer te doen met mense wat nie heeltemal... of amptenare wat nou nie heeltemal geskik is vir die pos nie, omdat hulle miskien nie die nodige agtergrond het en die kwalifikasies nie. Maar nou net omdat dit gaan ter wille van regstellende aksie om die bevolkingsamestelling in die bestuur van ’n munisipaliteit of van ’n staatsdepartement of wat ook al te verteenwoordig daarom moet die ou nou daar wees. En ek glo nie dit is die oplossing nie. So regstellende aksie om dinge wat in die verlede verkeerd was reg te stel, is ’n ding wat oor tyd... dit is ’n ding van die bestaande ou eers moet uitfaseer. Die ouens sal moet opleiding en ervarings moet deurgaan om uiteindelik daar te kan kom as ons die ding produktief wil laat werk. Dit is my gevoel daaroor. Want ek meen jy hoor net, hy hoor net iemand het gistermiddag op een of ander inbel radioprogram gesê nou reël dan ’n onderhoud net vir klagtes sodat die ouens net kan inbel en op een program net kan kla sodat ’n mens kan hoor waaroor kla die mense. Want jy kan watter onderwerp ook al vat vir die besprekings van die dag, op die ou end kom daar ’n klomp klagtes deur. So maak een dag net vir klagtes. Askies tog man, ek praat nou baie rond en bond, maar dit is soos my gedagtes kom. Die klagte ding kom nou oor hierdie

dienslewering. Daar is sekere verwagtinge by mense geskep van wat gaan gebeur en dit gebeur nie. Ek onthou nog in 1994 as ek nou kan teruggaan, ons het 'n spraakterapeut gehad, hulle was redelike polities regs. En sy het by geleentheid vir ons gesê maar hulle huishulp het nou vir hulle gesê dat na hierdie verkiesing dan gaan hulle ook nou in 'n huis soos hierdie nou bly. Toe sê die kollega vir haar ja maar onthou waarheen dit gaan, dit is nie die *government* wat dit vir my gee nie, ek moet betaal, ek en my man, haar man was 'n predikant, ons moet betaal vir hierdie huis, ons het nie die huis vir *mahala* gekry nie dit is nie vir ons gegee nie, ek moet betaal daarvoor. En ek dink daar is onrealistiese verwagting by mense geskep en dit gebeur nog steeds. As jy nou kyk na die jongste tema wat nou so 'n bietjie holrug gery word is infrastruktuur wat geskep gaan word. Ek glo nie, ek is nie 'n ekonoom nie, ek weet nie hoe werk daai magte en kragte en daai dinamieke nie, maar die beloftes wat gemaak word strook nie met dit wat die ekonomie vir ons sê nie. En ek dink dit skep matelose frustrasie by ouens. Waar dan nou die goeters ontwikkel en uiteindelik ontaard is van dag tot dag wat ons op die nuus beleef.

Albert: George kom ons praat gou oor die kerk. Ons het netnou so 'n bietjie daaraan geraak. In die ou bedeling het die kerk apartheid ondersteun en soos jy nou self gesê het teksgedeeltes aangehaal en gesê om hierdie rede is die beleid van apartheid vir ons reg en aanvaarbaar en Bybels en so meer. Toe het die kerk nou verander. Nou is my vraag, in die nuwe Suid-Afrika, speel die kerk 'n positiewe versoenende verhouding of rol? Hoe beleef jy die kerk? Kom ek vra dit net so, hoe beleef hy die kerk in die nuwe Suid-Afrika in terme van goed soos rasseverhoudinge, versoening tussen volke en so aan.

George: As jy nou vra die kerk, bedoel jy nou die beleid wat bepaal word.

Albert: Ja maar ook op praktiese vlak. Dit is gewoonlik een ding om 'n bepaalde beleid te hê, maar dit is nie noodwendig dat dit dieselfde lyk op grondvlak nie. Kom ons praat oor al twee. Ek praat spesifiek oor die NG kerk maar ook ander kerke in die breë.

George: Dit is 'n bietjie vir my 'n wye en 'n vae...

Albert: Nou kom ek vra jou direk hoor jy by die kerk, hoor jy in die kerk in preke en dies meer kwessies van die dag pertinent aangespreek word? En van die goed is juis versoening tussen mense. Dink jy dat die kerk genoeg praat daaroor met die lidmate, dat die kerk 'n bepaalde voorbeeld stel, dat die kerk 'n bepaalde rol speel daarin?

George: Bedoel jy nou ten opsigte van uitreik aksies om...

Albert: Nie noodwendig so, maar bloot in terme van gesindheid.

George: Ja ek dink die gesindheid is reg, ek dink daar is definitief so ’n gesindheid, ’n positiewe gesindheid, maar of dit wat op die beleid staan, sê nou maar by wyse van ’n sinodebeslissing of ’n sinodebesluit of dit waarheen ons mik wat ons graag in die samelewing wil hê en of die paaie van die praktyk daarheen loop dit weet ek nie. Ek dink, dit is my praktiese belewenis daarvan nè, askies tog ek wyk nou af. Jy weet hierdie jaar het Paasnaweek vir my gekom en gegaan seker omdat ons nie ’n predikant het nie en toe het ek jy weet daar was altyd daai ses weke lydingstyd in die kom ek sê die vroeër jare wat jy intens bewus geword het van hoe het Christus gely die hele aanloop daartoe nè. OK dit is seker nou ’n meer krasse vergelyking, maar ek sien nie sulke tematiese aksies van die kerk om daai ding in die praktyk te laat onwikkel nie. Ek weet nie, my bewoording en my uitdrukking is nou seker nie reg nie. Maar daar is nie wat my betref om daai... as ons nou van apartheid moet afwyk en regstelling moet doen en versoenend moet optree... Ek dink die bereidheid tot versoening is daar. Maar ek weet nie watter praktiese bewegings of aksies moet nou dan in werking kom om versoening te bewerk nie, om hom te praktiseer nie. Dit weet ek nie. Dit gaan vir my, die kerk is ’n kolleksie van ’n klomp individue, van individuele lidmate en ek dink die oorgrootte meerderheid, dit is nou net ’n gedagte by my net dit is hoe ek daaroor dink jou eerste verwysings raamwerk is maar jouself, en dan dink jy maar die ander ouens dink ook seker maar soos ek dink. Ek weet nie of ek spesifiek as ’n lidmaat van die kerk nou moet werk ten opsigte van versoening nie, want ek dink ek leef versoenend as ek dit so kan stel. In die opsig ek het nie ’n aksie teen ouens van ’n ander ras, of ’n ander kultuur groep of wat ook al ten opsigte van die kerk nie. Maar as ons nou weereens by die praktiese deel kom, jy weet taal het baie simboliek en ek weet net nie altyd of ouens van ander etniese groepe en taal groepe – kom ons praat nou van ’n ding soos erediensbywoning – of hulle dieselfde boodskap uit dieselfde diens gaan kry as wat ek gaan kry nie, as gevolg van taal. En daarmee sê ek nou nie ek is daarteen nie. Dit gaan weer vir my oor kultuur en oor taal. Dit gaan my nie pla, kom ons wees naby prakties, dit gaan my nie pla as ek môre-oggend die erediens gaan bywoon en hier is ’n anderskleurige mede-Christen kom langs my sit nie. Dit gaan my geensins pla nie. Wat my wel gaan pla is dat hy nie my taal kan verstaan nie, maar hy kom sit hierso net omdat hy nou mag hierna toe kom, omdat daar nou nie meer die apartheidsgrense is nie.

Albert: En dan die omgekeerde aanvaar ek is dan ewe waar, dat jy ook nie sou wou gaan inskakel in ’n Sotho gemeente, al sou jy die taal kon verstaan, gebrekkig maar jy sou dalk iets kon volg, hy gaan nie want dit is nie jou wêreld daai nie.

George: Kom ek gee jou ’n praktiese voorbeeld van ’n ander kant. Ons het baie ouervergaderings gereeld nè, want ons het verskillende afdelings, byvoorbeeld ons afdeling het in die verlede, dit het nou weer ons het nou meer en ons het weer meer praktiese daarby betrokke geraak sedert die begin van verlede jaar is hierdie ding van HIV en Aids. Nou moet ons die ouers gaan inlig daaroor. Maar nou het ek ’n klomp ’n hele klomp swart skole. Maar die vergaderings van die ouers, en nou verwys ek na verskeie gemeenskappe toe net weer nè, baie ek gaan nie sê die meeste nie, maar baie van daardie ouers is ongeletterd. Hulle kan byvoorbeeld nie eens hulle kinders wat nou in ’n Engelse skool is nou help met hulle huiswerk nie. OK, maar nou praat ek suiwer van ’n Sotho skool. Ek kan nie op ’n Sondagoggend, dit was hierso by Nyakallong gewees, nou moet ek die vergadering, nie moet nie maar ek meen dit was deel van my werksverpligtinge ek moet die vergadering gaan bywoon en ek moet die ouers gaan inlig.  Maar ek kan nie hulle taal praat nie, so ek kan hulle nie direk gaan inlig nie. Nou wat moet nou gebeur, nou moet ek dit wat ek vir hulle wil sê moet ek nou daar stel en vir iemand vra om dit nou in Sotho oor te sit om dit nou vir hulle te gaan deel. Ek dink as ek dit nou kan verplaas na ’n erediens bywoning in ’n ander taal en ’n ander kultuur, dan gaan ek dieselfde vreemdheid daar ervaar.

Albert: Dink jy, net ’n laaste vraag oor die kerk, dink jy daar is genoeg leiding van die kerk se leierskap af. Hoor ’n mens genoeg praktiese konkrete goed? Ons hoor net die sinode se besluite, ons gaan nou vra dat Belhar aanvaar word, ons gaan werk in die rigting van kerkeenheid en so aan. Maar dink jy die gewone lidmaat hoor genoeg praktiese goeters?

George: Nee dit is wat ek netnou gesê het, die aksie om daai versoening te bewerkstellig is nie daar nie. Ek meen soos jy tereg sê as ek nou die regte woord daarvoor het, die beleid wat die kerk daaroor wil het, dit is daar. Die sinode het besluit, die sinode het kommissies en dies meer, so dit is in plek, maar die praktiese deur na my vlak toe dit gebeur nie, daar is nie voldoende leiding in die verband nie. Nou wonder ek ook, kom ons sê nou maar daar gaan so ’n tema wees en daai tema word nou gepreek en hy word nou verkondig, nou moet hy praktiese geïmplementeer word. En ek dink enige ding wat as ’n verpligting kom, gaan ’n bietjie weerstand kry. As daai

verpligting nie strook met my verpligting nie, wat my oortuiging ook al gaan wees soos ek vir jou gesê het kultuur en taal nè, dit is ’n bietjie vir my van ’n remskoen, dan gaan ek nie my volle gewig ingooi om die ding in plek te kry nie.

Albert: Is dit waarskynlik een van die probleme wat in die pad staan van kerkhereniging? Dat ouens sê maar daardie goeters gaan ons te veel prakties en..., op konkrete grondvlak gaan dit ons te veel affekteer. Omdat mense dalk dink in terme van ons gaan eenword, dan beteken dit ons gaan nou almal in een kerk sit en die dienste in Engels moet hou of wat ook al, en dit is nie vir ons lekker nie. Dat dit deel van die weerstand is, dit hoor ek in elke geval by mense.

George: Dit kan een van die praktiese redes wees ja.

Albert: Net gou terug, die probleem in die ou bedeling was een van rassisme. Ons het op ’n bepaalde manier opgetree teenoor swart mense en nou is die uitdaging in die nuwe Suid-Afrika dat die kerk ook moet leiding gee daaroor. Wat beteken dit as ek nie rassisties sou wou optree nie? Hoe moet ek dit konkreet doen? En ek wonder of die kerk genoeg daaroor met mense praat? Maar goed kom ons praat gou laastens oor die pad vorentoe. Hoe dink jy oor Suid-Afrika en die pad vir ons vorentoe en die rol wat ons as Christene daar kan speel. Is jy bekommerd, is jy positief of is jy negatief?

George: Ek is nie bekommerd nie, ek meen ek het nou al hoeveel, agtien, negentien jaar se praktiese ondervinding van hierdie nuwe bedeling en dit het my nog nie nadelig geraak nie. So as ek myself nou weer as ’n verwysing moet gebruik, nee ek het geen probleem daarmee nie. Ek is positief. Maar ek dink daar moet nie verwagtinge geskep word dat die dinge oornag of binne ’n sekere... daar moet seker nie ’n *time frame* daarvoor gegee word nie en sê maar nou moet al die dinge reg wees nie. Ek dink dit is ’n soort van ’n... ek ken nou nie die regte vergelyking nie, maar ’n evolusie, ’n ontwikkeling wees wat oor tyd gaan plaasvind. Ek dink daar gaan altyd maar by mense ten opsigte van sekere praktiese goed gaan daar altyd ’n bietjie weerstand wees. En ek dink soos wat die een geslag uitgefaseer word die ander net aangaan met dit. Die jonger mense wat in hierdie nuwe bedeling gebore is en daarmee groot geword het, vir hulle is die hele proses... maar hulle dink nie eens daaroor nie, want dit is vir hulle outomatiese gebeure van dag tot dag. Want ek meen vir my was dit aanvanklik vreemd en het nog ongemaklik gevoel om een van ’n groepie kom ons se nou maar vyf of sewe blankes te wees wat in ’n skool ingaan en met die personeel te praat en te hoor wat is hulle probleme. En ek het baie keer dan kom ek tot die besef maar hoor hier so, soos

ek gaan werk ek in Hertzogville, dan is ek die enigste blanke ou in daai hele swart gemeenskap. Dit pla my nie ’n sekonde lank nie. Ek het partykeer het ek gedagtes daaroor gekry, sê nou maar net my ek kry ’n praktiese probleem met my motor, maar my belewenis daar met van die mense wat ek daar te doen gehad het, het ek geen rede gehad om enigsins bedreig te voel nie. Dit is my oortuiging dat dit is ’n ding wat... hy moenie geforseer word en gedwing word en gedruk word in ’n rigting nie. Dit is ’n proses wat moet verloop en oor tyd sal hy wel kom waar ons hom graag wil hê. En dit is dan nou heeltemal... dat die oorsake wat wrywing en spanning en ongelukkigheid kan veroorsaak, sal verwyder wees. Jy weet en ’n ander ding wat my altyd pla... Ek het altyd toe ek nog prakties skool gegee het, dit is so tien en ’n half jaar wat ek in die klaskamer gestaan het, het ek baie keer vir die kinders gesê Jesus het gesê toe Maria die salf op sy voete smeer en die nardus olie op sy kop gegooi het gesê die armes sal julle altyd by my hê, maar vir My sal julle nie altyd by julle hê nie. Ek dink dit is ’n gegewe ons gaan nooit, seker heeltemal volkome kan wegdoen, wat ook al ons doen met armoede. Ek dink dit is ’n universele verskynsel, dit kom orals voor jy kan mense ontwikkel, maar daar is baie faktore wat dit belemmer wat ek nie kan aanspreek nie, wat jy nie kan aanspreek nie wat die ouens wat dit moet aanspreek soos die regering en privaat sektor kan dit ook nie regtig aanspreek nie. So ek dink dit is ’n deel en dit gaan altyd tot ongelukkigheid lei. ’n Vriend van my, ’n groot vriend hy sê vir my, en ek is geneig om met hom saam te stem, ons is te veel mense vir ons beskikbare hulpbronne. Hoe stop jy daai probleem?

Albert: Ek deel daai gedagte heeltemal.

George: Dit is daai basiese... jy weet partykeer kan ek nie verstaan nie. Jy het genoem van 1994 van Rwanda. Ek meen ons onthou daai beeldmateriaal. Maar dan sit daai vrouens daar omtrent nakend geklee, maar dan is daar nou ’n suigeling aan die bors jy weet. Ek meen ten midde van en ten spyte van daai haglike omstandighede waaronder hulle leef, is daai primêre drang, daardie primêre behoefte, hy word altyd vervul. En ek dink soos wat ontwikkeling kom word daardie prioriteite ’n bietjie omgeruil. En ek dink is daar meer hoe wil ek sê beheersde aksies ten opsigte daarvan. Kom ons sê nou maar ten opsigte van voortplanting. Ek kan nie ’n kind in die wêreld gaan bring as ek weet ek kan nie in hierdie kind se behoeftes voorsien nie, ek meen watter doel dien dit.

Albert: As jy nou nugter en rasioneel daaroor gaan dink...

George: Ek het een keer in ’n gemeentevergadering van ons het ek aangehaal, en miskien is dit ’n verkeerde interpretasie, toe Jesus die dissipels uitgestuur het aanvanklik daai twee-en-sewentig, het Hy vir hulle gesê gaan eerste na die kinders van Israel toe. Miskien as ’n teruggryp na, en daarmee verkondig ek nou nie apartheid nie, daar is ’n spreekwoord wat sê die hemp is nader as die rok, en bloed is dikker as water. So ek dink daar gaan altyd by mense wees om eerste na jou eie om te sien en in hulle behoeftes te voorsien voordat jy gaan uitreik na ander toe. En ek weet nie of dit eg menslik is nie.

Albert: George goed kom ons stop net daar, ek dink ons het ’n goeie klomp goeters gedek. Dankie ek waardeer jou moeite. Ek sal nou die gesprek gaan transkribeer en dan moet ek dit nou in ’n hoofstuk verwerk. Maar dat ons ’n uitdaging het in die nuwe Suid-Afrika is wel waar. Jy het in die begin gepraat dat ons grootgeword het in apartheid, ons het nie iets anders geken nie. Dit was nie of ons een sisteem gehad het en toe verander hy nie.

George: Ek voel nie ek het skuld aan apartheid nie, omdat ek in daai bedeling was is dit vir my normaal. Ek het daarmee grootgeword. Ek het my skool gehad, hulle het hulle skool gehad. Ek het my woongebied gehad, hulle het hulle woongebied gehad. Ek het my parke gehad, hulle het hulle parke gehad.

Albert: Dit was ten minste in teorie die idee.

George: Dit was in teorie die idee, maar my oorlede skoonpa, my oorlede vrou se pa, het gesê en ek dink ek het dit ook vanoggend by geleentheid gesê. Die groot probleem met apartheid – want mense sal hulle altyd self in groepe groepeer weens watter gemene delers of wat ook al nè – maar die probleem was omdat dit verpligtend was, omdat dit op die wetboek gestaan het. Hierdie Irma Joubert, daar boek wat ek gelees het, dit het my regtig geroer jy weet, want nou het hierdie Indiër gemeenskappe, *Mister Musa* of wat ook al, wat nou verplig was... en hoe het hulle nie na *Miss Persomi* toe gekom om van haar raad te kry en hoe het sy werklik, hoe het sy teen haar owerhede en haar eie familie weet jy verskil, van die onreg wat teen hierdie mense gedoen was.

Albert: Ek moet daai boeke lees, dit klink vir my interessant.

George: 'n Ding wat my pla en ek weet nie hoe moet ek hierdie, ek voel so magteloos oor hierdie armoede. Jy weet as ek hier by Bronville verby kom en ek sien hoe grou die vrouens daar op die ashope vir kos.

Albert: Die armoede vraagstuk in ons land is dramaties groot en hy word nie kleiner nie. En dit is dan wanneer hierdie korrupsie waarvan 'n ou hoor en bedrog en so aan en ouens wat miljoene net mors of vir hulle self toe eien wat soveel verligting kon bring maar wat op die ou end wanbestee word, dit is nogal 'n probleem.

George: Dit is 'n tamaai probleem, 'n kolossale probleem.

Albert: Ek dink persoonlik net ons groot probleem as 'n ou nou terugkyk na apartheid en vra dan nou hoe nou, van daar na nou toe, is die hele ding van mense se menswaardigheid wat misgekyk is of gemisken is. 'n Swart mens is nie gereken as gelykwaardige mense nie en as 'n mens dit dan nou vat vir vandag en nou sê goed nou hoe maak ons reg wat verkeerd was, dan is dit so eenvoudig soos om alle mense as menswaardig, gelyke mense te aanvaar en te hanteer. Maar dit is ook so moeilik soos dit. Om weg te kom van daai ding van jy is wit en daarom is jy beter as die ou wat swart is. Jy gaan in 'n kantoor in en daar sit twee mense en een van hulle moet jou nou help, na wie gaan jy? As wit mens is die geneigdheid om na 'n ander wit mens te gaan. Goed daar is nou faktore soos taal en dies meer ook, maar is daar onderliggend nie meer die ding van die wit ou is waarskynlik beter is sy *job* as die swart ou nie?

George: Ons het hier in Juniemaand verlede jaar, het ons 'n kom ek sê dit vir jou om te verstaan en nou nie die ou se posbenaming te noem nie. Hy bestuur nou drie afdelings nè, maar sy kantoor is toe nou by ons, ou AK. Weet jy ek sê vir my vrou ek kan met oortuiging sê ek is lief vir ou AK. Want OK, hy is nie my gelyke nie, hy is bo my, ek bedoel ten opsigte van akademiese opleiding en al sulke tipe dinge, maar net die manier waarop hy 'n mens hanteer. Ek meen hy is in ten opsigte van posvlakke is hy in 'n posvlak bokant my onmiddellike supervisor gewees. Maar ek het meer vrymoedigheid gehad om met 'n kwessie na AK toe te gaan as na my eie supervisor toe. Ek het altyd spanning opgebou as ek 'n kwessie met my supervisor moes gaan bespreek het. Dan was ek geneig om liewer na AK toe te gaan, want hy was meer toeganklik vir my as my onmiddellike supervisor. So net om vir jou te, vroeër dae sou ek moeilik by daai ondervinding gekom het dat... ek is so openhartig en ek is so gemaklik met hierdie ou, en ek is so... – ek soek nou 'n woord – dat ek met oortuiging

kan sê dat ek hou nie net van AK nie, ek is lief vir hom. Regtig. En weet jy ons twee sekretaresses R en E. Hulle sê as AK nie die dag daar is nie, dan mis hulle hom.

Albert: Ek dink daar is 'n klomp sulke voorbeelde in Suid-Afrika van hierdie skuif wat gekom het waar mense mekaar as mense aanvaar ongeag van jou velkleur, ongeag jou kultuur, maar dat ons as medemens by mekaar uitkom. Presies dit wat jy nou gesê het.

George: Ek kry nou... ek het 'n prinsipaal gehad hier by die skool in Nyakallong, ag wat is die vrou se van, haar man is een van die SMGD's, ag dit maak nou nie saak nie. Maar ek het daar te doen gehad met 'n kind wag vigs gehad het. Die outjie is verlede jaar April dood. Maar die vrou toe sy nou sien maar hierdie outjie, ag daar was probleme met sy ouma by wie hy gebly het hulle kon nie sekere dinge vir hom gedoen het nie omdat die ouma se inligting vir 'n ID was verkeerd ingesleutel by die departement van binnelandse sake. Nou het daai ding hulle van baie dienslewering ontneem en die mevrou S, sy het hierdie kind op haar eie koste aangery na haar dokter toe in Welkom. Sy het sy medikasie betaal. Sy het vir sy begrafnis betaal. Sy het vir sy grafsteen betaal en die *support educator*, die ondersteuningsonderwyser daar, sy het tot op 'n Saterdagaand dan bel sy my en sê is sy bang sy onthou nou nie hierdie ding as sy my by die skool sien en ek moet tog net 'n aantekeninge daarvan maak dat as sy nie by die skool is nie ek dit net moet opvolg. Net om vir jou te wys die samewerkings-verhoudings wat ons gehad het. En met een van hierdie petrolstygings gaan vul ek die aand my motor se brandstof aan hier in Odendaalsrus, daar by die Caltex vulstasie. Hier sit mevrou S met haar kar en meneer met sy kar. Toe het hy al afgetree, ek het hom vir 'n lang tyd nie gesien nie. Weet jy, ons het mekaar so hartlik gegroet dat... ek het nie daai ding van in die ou bedeling sou ek gedink het hemel wat sal die mense sê. Hier loop ek nou na S toe ek groet hom met die hand en gee hom 'n druk, tot die ou tannie ook, jy weet nou groot rondborstig, ek het geen ongemak daarmee nie. Maar nou, en jy het dit netnou aangeraak, op kollegiale vlak is dit nou maklik, want ons het nou meer... ons is mekaar se gelyke. So die kontak daar is makliker en die omgang, ook die samesyn, is ook makliker as wat jy nou teenoor 'n – ek wil nie sê 'n minderwaardige nie, want ek glo nie daar is so iemand nie – maar wat nie dieselfde ontwikkelingspeil as jy het nie, wat in 'n ander situasie leef as jy.

Albert: Ek dink juis die blootstelling wat 'n mens kry op hierdie vlak wat jy nou van praat kollegas en so aan, juis dit maak vir ons as wit mense moontlik om ander swart mense

te sien as mense. Dit maak tog dat jy anders kyk na swart mense en nie maar bloot net hierdie minderwaardig meerderwaardige houding elke keer te sien nie.

George: Weet jy Albert, my skoonma is ook baie geneig om daardie k-woord te gebruik en veral met ’n nuusberig of nuusbulletin op die televisie. Weet jy dan voel dit vir my of ’n ou ’n dolk in my hart steek as ek daai woord hoor. OK as dit dan nou ’n skelnaam is boere of wat ook al, dit pla my nie, ek is trots om een te wees, maar dit klink net nie vir my... dit is ’n woord wat... vir my swaar klink op die oor, of dit klink dit is vir my dieselfde gevoelswaarde min of meer as iemand die Here se naam misbruik. Dit het dieselfde effek jy weet op my gemoed.

Albert: Daar is gelukkig ’n klomp mense wat by daai punt gekom het wat nie meer sulke taal gebruik nie. Maar dit was vir my opvallend toe ek nou onlangs in die Kaap was verlede jaar of die vorige jaar, hoe baie jy daai woorde in die Kaap hoor. Ons dink altyd die Kaap is meer liberaal, om daai taal te gebruik, en daar gaan jy minder daarvan kry. En dit was in ’n gegoede area waar ek was en so aan en dit het my opgeval. Ek hoor aanmekaar dat daar word daarvan gepraat die k-woord, *hotnot* word gebruik waar ons sou sê, ek praat van ’n bruin man of wat ook al, is dit nie snaaks nie. Dit is asof dit nie vreemd is om te verwys na hulle as *hotnots* nie. Dit was vir my baie vreemd. Ek het ’n opmerking daaroor gemaak en toe kon jy sien die ou is nou half ongemaklik omdat ek nou so iets sê jy weet. Maar dit was net vir my vreemd. Ek kan nie dink dat ons dit nog so doen nie.

George: Ek dink ’n groot probleem wat ons ook het in die praktyk is om te veralgemeen. Ek meen omdat hulle in die meerheid is, *hulle,* ek praat nou weer van *hulle*. OK kom ons sê nou maar die swart mense kom ons praat nou van my kollegas. Hulle is nie altyd, dit is my waarneming nè, hulle het nie altyd ’n trots op hulle werk nie. Hulle is nie altyd pligsgetrou nie, hulle is die ouens graag gou ’n *gap* sal wil vat, nou veralgemeen ek nè. As ons dit in persentasies moet gaan omsit dan dink ek ’n ou gaan dieselfde persentasie onder blankes kry, dan dink ek nou dit is ’n erg menslike verskynsel. Dit is net omdat hulle in die meerheid is, is dit meer opvallend.

Albert: Ja jy sien presies dieselfde ding by misdaad. As daar ’n misdaad was of wat ook al, dan is die eerste ding, dit is swart mense. Maar as nege uit elke tien mense in Suid-Afrika nie wit is nie, dan is die kans dat nege uit elke tien misdadigers nie wit gaan wees nie.

George: Dit het alles met die demografiese verspreiding te doen, dit word net daarin weerspieël.

Albert: Ons maak maklik die sprong van so iets na alle swart mense is skelms en hulle maak weer ’n klomp ander spronge oor wit mense. Wit mense is ryk, alle wit mense is... ek weet nie wat se idees ons oor mekaar het nie.

George: Ek is so bly nou dat jy daai term noem van ryk. Ek is so sensitief, as ek vir my ’n nuwe kledingstuk koop, sê nou maar ek koop vir my ’n hemp. Ek haal die etiket af en sit dit in die snippermandjie van die badkamer wat uit ons kamer uit gaan. Ek is so sensitief dat ek wil nie hê die huishulp moet sien wat betaal ek vir ’n hemp nie. Ek skeur hom so fyn dat sy nie die prys kan sien nie. Omdat ek weet hulle is ook mense, hulle wil ook graag sulke goeters hê, maar hulle kan dit nie bekostig nie so daarom vernietig ek dit. En dit is regtig, dit is my oortuiging ek kry hulle jammer maar ek meen ek kan nie almal vir wie ek jammer is gaan finansieel of materiaal kan ophef nie. Ek kan nie. Dit is vir my onmoontlik.

Albert: Ja ’n mens kan net soveel doen. George baie dankie.

George: Dankie dit was vir my lekker om die gesprek met jou te voer.

{Einde van die gesprek}.

**Korrespondensie van Isak**

**Onthou: Die navorsing gaan oor hoe wit Suid-Afrikaners aanpas in die nuwe SA gegewe hulle verlede soos dit o.a. by die WVK uitgekom het.**

## 1 INLEIDEND

### 1.1 Watter betekenisvolle gebeure was daar in jou lewe sedert 1998?

i) My oudste kinders, dogter en seun is getroud en ek en my vrou is die trotse grootouers van 5 kleinkinders. Dit bring ŉ nuwe dimensie in jou lewe. My twee jonger kinders (seun en dogter) is uit die skool en besig om te vestig in loopbane in Gauteng. Dit bring ook groot verligting!

ii) Met die oudste dagter en skoonseun wat tot en met Januarie 2010 vir ŉ tydperk van 8 jaar in die VSA gewerk en gebly het, het ons die voorreg gehad om 4 Desember vakansies daar deur te bring en so ŉ smakie van en kykie in die “American Dream” te ervaar.

iii) Dit was goed om in ŉ gemeenskap met ŉ gevestigde demokrasie en menseregte te beweeg. Dit was elke keer interessant om te sien hoe my kleinkinders optree in ŉ gemeenskap wat nie (hulle as gesin ten minste) ras en kleur georiënteerd is nie soos by ons nie. Ons was bv. verlede Desember genooi vir ŉ Sondag ete by die dogter (10 jaar oud) se beste maatjie se ouers. Hulle (ŉ gesin met 5 kinders) bly in ŉ golflandgoed, wat sekerlik vergelyk kan word met Sandton of Bryanston. Met ŉ verdiepinghuis en motors wat by die omgewing pas. Die pa is ŉ hoë uitvoerende beampte van die internasionale maatskappy Benetton van Italië. My dogter wat toe as assistent by die Parkridge Baptist Church se kleuterskool gewerk het, en die seun wat ŉ dagwerk en ŉ 2de werk moes inpas, was duidelik “geoutclass”. Na ons eerste gewaarwordinge het die verskil in kleur totaal en al verdwyn, en ons het ŉ wonderlike samesyn gehad.

En tog is rassisme en diskriminasie steeds teenwoordig. Een van die kinders in Renette se klassie se ouers was “gemeng” – die pa “wit” en die ma “Afro American”. Ook in die welaf/ryk sosiale klas. Die pa het teenoor Renette opgemerk dat hy sy lewe lank in daardie streek van Florida woon, en dat hy graag na ŉ ander streek (Tampa Bay) sou wou trek, maar dat die mense daar meer konserwatief is en nie somer sy “gemengde” huwelik so maklik soos in Coral Springs sou aanvaar nie.

Die skole se dokumente bv. skoolrapporte, dra steeds die boodskap om ouers in te lig oor die owerhede se beleid en wetgewing teen enige vorm van diskriminasie op grond van ras, kleur, geloof of seksuele oriëntasie, en dat enige sulke insidente aangemeld moet word.

iv) Wat my loopbaan betref, het redelik dramatiese dinge gebeur. Die kollege waarvan ek prinsipaal was, het met die kollege in die dorp saamgesmelt, en ’n prinsipaal is vir die nuwe kollege aangestel. Die twee vise prinsipale wat aangestel is, is ’n swart man en swart vrou wat effektief hulle loopbane by die kollege onder my prinsipaalskap begin het. Ek rapporteer nou aan hulle aangesien ek nie vir een van die twee vise prinsipaalsposte oorweeg is nie. My loopbaan het in ’n groot mate reeds in 2002 tot stilstand gekom, en ek het reeds ’n verskeidenheid van portefeuljes (so op die randakker van die kollege) beklee. So ek is nogal drasties “getransform” en geprosesseer.

**1.2 Watter blootstelling het jy aan swart mense gehad sedert 1998 en hoe het dit jou beïnvloed?**

i) Deur my werk by die kollege het ek elke dag blootstelling aan swart mense. My onmiddellike seniors is swart mense en my ondergeskiktes is swart mense. Ons kollege se studentegetalle is 99% swart. Beamptes van die Departement van Onderwys is hoofsaaklik swart.

ii) Ek het tot en met 2002 tot 2006 weens my betrokkenheid by die Noord Vrystaat Hokkie ’n ontwikkelingsprogram vir skole in die swart woongebiede van Thabong, Kutlwanong (Odendaalsrus) en Meloding (Virginia) gekoördineer. Was ook nou betrokke by ’n senior mans hokkiespan in Thabong, en het die stigting van hokkie strukture vir ontwikkeling gekoördineer. In totaal was 20 skole betrek met ongeveer 500 leerlinge. Baie tyd, energie en ook geld is hieraan bestee.

iii) My blootstelling strek oor van die middelklas, die hoë vlak staatsamptenare, sekere vlak van kontak met die politici, tot by die werkloses, die armes wat in “schaks” bly. Kinders wat potensiaal het, maar nie geleenthede kry nie. Jong mense wat nie gereed is vir Verdere onderwys en opleiding (graad 10 en verder) omdat hulle basiese onderwys net nie op standaard is nie. Onderwysers en staatsamptenare wat (volgens ons ou Suid-Afrika se persepsies en maatstawwe) nie toegewyd is of bekwaam is nie.

iv) Ek het ook blootstelling met swart mense met integriteit, verantwoordelikheid, wat nie skaam is om op te staan vir wat hulle glo nie, en nie skaam is om te getuig van hulle geloof in Jesus Christus die Here nie. Met my broer se hartomlynings operasie in 2008 het ek tydens 'n gesprek met 'n swart kollega 'n SMS boodskap gekry dat dit sleg gaan met hom. Die swart kollega het my onsteltenis gesien en vir my en my broer 'n gebed gedoen. Ek koester dit nog steeds as 'n besondere ervaring.

v) Bogenoemde is net 'n kort samevatting, dit sal heelwat tyd en spasie neem om al my ervarings en blootstelling volledig in besonderhede weer te gee.

vi) Hoe dit my beïnvloed het tot nou toe? Met gemengde gevoelens. Ek dink ek het 'n redelike begrip en verstaan van die stryd van die arme mense in die swart gemeenskappe om te oorleef. Die opofferings wat ouers doen om vir hulle kinders geleenthede te gee. Die frustrasie as die regering en staatsdepartemente nie altyd aan die verwagtinge voldoen nie. Ek sien die verspeelde potensiaal van jong mense en kinders. Potensiaal wat net nooit ontgin en tot voordeel van die kinders en die gemeenskap aangewend sal word nie.

vii) Ek sal moeilik vrede maak met die gebrek aan verantwoordelikheid en leierskap van persone in verantwoordelike posisies.

viii) As al die negatiewe aspekte die gevolge van die land se verlede apartheid is, dan kan ek net wonder hoe lank gaan dit neem om dit om te swaai?

ix) Ek het 'n doelbewuste besluit geneem om te probeer om nie oor die negatiewe dinge in terme van ras te dink nie. Mens kan nie stereotipeer en almal onder dieselfde kam skeer nie.

x) Ek het ook besluit om nie bitter en vol haat te wees nie. Dit gaan my niks in die sak bring nie.

**1.3 Dink jy dat daar al genoeg transformasie was by die Blankes?**

Ek beskou myself nie as 'n transformasie kenner nie, maar as gevolg van my blootstelling het ek in baie opsigte nie 'n keuse gehad om ten minste uiterlik te transformeer nie. Hiermee bedoel ek om vrede te maak met die huidige bestel soos ek

dit polities en in my werk ervaar. Ek dink in hierdie opsig was daar al ’n betekenisvolle transformasie by blankes.

Die rugby in Orlando en die ondersteuning (of totale afsydigheid) van die nasionale sokkerspan met die wêreldbeker toernooi is dalk ’n aanduiding van transformasie in gesindheid.

Uitsprake van politici rondom grondhervorming, regstellende aksie ens. maak dit seker ook nie makliker om te transformeer nie.

Ek glo dat in baie opsigte daar nog nie genoeg transformasie van die hart was nie. Hoe sien ek anderskleuriges? Hoe dink ek oor hulle? Sien ek hulle as mense, geskep deur God, met dieselfde verwagtinge, uitdagings, hartseer en ambisies as ek? Of as minderwaardig, onbekwaam en onbevoeg, eenvoudig net sleg omdat dit al is wat ek hoor in die nuus en van my vriende? In hierdie opsig dink ek het blankes nog nie genoeg getransformeer nie.

## 2. APARTHEID

### 2.1 Het jou siening oor apartheid verander in die afgelope veertien jaar?

Net meer bevestiging gekry dat daar nooit regverdiging vir apartheid was nie en dat dit nooit moes gewees het nie. Daarmee veroordeel ek nie die leiers van die verlede nie, hulle het sekerlik geglo dit is reg en ons het hulle al die pad ondersteun.

Hoe meer inligting deurkom en “gedeklassifiseer” word, hoe meer kom ek agter dat daar ’n groot prys aan albei kante vir die instelling en behoud van apartheid betaal is.

Hoe kon ons dit regverdig om te sê: “Jy is swart, gebruik die ander (agter) deur? Hoe kon ons so dom (en onmenslik) wees?

### 2.2 Hoe dink jy nou oor apartheid?

Dankie dit is nie meer nie en ons hoef nie meer iets wat nooit reg was te verdedig nie. Die redenasies dat apartheid nie net sleg was nie, soos dat ons nou ’n land het met infrastruktuur en so meer, hou seker water. Maar nie genoeg om die negatiewe te kanselleer nie.

Maar ek is in 1950 gebore en die groot apartheid het omstreeks daardie tyd (1948) sy beslag gekry. Die leiers van die dag het seker geglo dat dit die beste stelsel is. Dalk sou die land baie anders gelyk het as daar nie apartheid was nie, beter of slegter vir ons almal.

Maar ek glo die tyd het aangebreek dat ons, blankes en swartes, apartheid en die negatiewe daarvan agter ons sit en saamwerk na die “Better life for all” gebaseer op die beginsels van ons veel gerespekteerde Grondwet. En seker maak dat die foute van die verlede nie herhaal word, en dat ons omgekeerde apartheid en diskriminasie toepas nie.

**2.3 Wat was volgens jou die probleem met (of die hart van) Apartheid? Wat was “fout” van Apartheid? Waarom het die beleid soveel weerstand ontlok?**

Praat ek nou met swart mense en van hulle sal erken dat baie dinge in die apartheidjare beter was as nou, bv. minder misdaad, beter onderwys, beter hospitale, minder armoede.

Maar die wegneem van jou menswaardigheid (“dignity”), die tweede klas burgerskap, die diskriminasie op grond van my ras/velkleur – dit is wat die weerstand ontlok het.

Die “Whites only”, die agterdeur, die lokasie, in meeste gevalle handearbeid as die enigste opsie vir ’n beroep (behalwe onderwysers en verpleegsters), die aanklokreël, die Baas en die Nooi, sommer ook die Kleinbaas en die Kleinnooi. Daar is ook die ekonomiese uitsluiting vir swartes, en bevoorregting vir die blankes.

**2.4 Is jy nou meer rassisties as vroeër? Hoekom?**

Ek sou genoeg redes kon vind om rassisties te wees, en om meer rassisties te word.

Ek het doelbewus besluit om my gedagtes en denke nie deur rassisme te laat oorheers nie.

Ek wil nie my lewensvreugde laat wegneem omdat mense van ’n ander kleur die land regeer en administreer nie.

Ek wil my medemens met respek behandel.

Swak dienslewering, korrupsie en misdaad is nie 'n ras probleem nie, dit is 'n politieke of werksetiek of bestuursprobleme. Want hierdie dinge is nie net beperk tot 'n sekere ras nie.

En buitendien, nie alle swart mense is moordenaars, verkragters, bedrieërs en rassiste nie!

Ek sou sê ek is minder rassisties as vroeër.

**2.5 Hoekom is sommige mense nou meer uitgesproke rassisties?**

Ons sien die effek van misdaad, korrupsie, swak dienslewering, politici se uitsprake. Die plaasboere is onder bedreiging en onveilig. Regstellende aksie.

Die skuld word voor die deur van die regerende party (en volk) gelê.

Dit gee skietgoed vir die sogenaamde regses, die wat nog steeds glo aan en hunker na die "goeie dae", bv. AWB, die Suidlanders. Kyk net die emosie wat die moord om Eugene Terre'Blanche (en dit was wreed en onmenslik) opgewek.

**2.6 Het jou taalgebruik verander? Praat jy byvoorbeeld van *kaffers* en *hotnots*?**

Ek het weereens doelbewus besluit om nie die K en die H woorde te gebruik nie. Ek praat van my studente (of my swart studente as die geselskap dit nodig het) en my kollegas.

'n Ruk gelede by die golf klub verwys iemand na swart vrouens ("meide"), maar kyk toe na my en sê: "Jy sou seker gesê het: "ousies". Dit was ten minste bewys dat ek "practice what I preach", hoewel selfs "ousie" nie deel van my gebruikswoordeskat is nie.

**2.7 Slaag ons daarin om weg te kom van die ras-bril waarmee ons na alles gekyk het?**

Nee. Ten spyte van alles wat ek hierbo gesê het, is die ras-bril maar altyd daar. En in ons land met sy reënboog samestelling en rassistiese verlede sal dit nog lank so wees.

Die uitdaging is om doelbewus vorentoe te beweeg. Totdat ons samelewings strukture (politieke partye, kerke, sport, ens.) kry wat op gedeelde waardes gebaseer is, en nie ras nie.

**2.8 Hoekom het ons nooit anders gedink oor Apartheid as die gangbare siening nie?**

Dit is my siening, natuurlik baie simplisties gestel:

Die blanke Afrikaner se vroegste geskiedenis is gekenmerk deur sy strewe na onafhanklikheid en selfbeskikking – vry van die kolonialistiese oorheersing en onderdrukking. Ons het dit gekry.

Die swart mense is gesien as die bedreiging – die “kafferoorloë”, en ons het hulle oorwin.

Intellektueel, tegnologies (beskawingsgewys) was die blankes, met hul Europese afkoms, die meerdere.

Met die Afrikaner se politieke bevryding was daar dus nie sprake van gelykheid met die swart bevolking nie.

Die stryd van die opheffing van die armblanke sou nie nog die bevryding en die opheffing van die swart bevolking kon akkommodeer nie.

Het die blankes dalk gedink dat as gevolg van die kultuurverskille (die Europeërs teenoor die onbeskaafde Afrikane) dat hulle nie dieselfde behoeftes het nie? Was daar die vrees vir oorheersing, hierdie keer ’n getalle oorheersing? Het ons onsself beskou as ’n uitverkore volk hier in Afrika, deur God geplaas met ’n doel, en dat ons onsself apart van die anderskleurige volke moes hou?

Ek herinner my aan ’n slagspreuk van ’n regse politieke party in my jonger jare: “Bly blank my volk”.

Was die alternatief van apartheid, 'n bestelling soos ons dit nou het, eenvoudig net te onaanvaarbaar vir 'n volk wat trots was op sy nasionaliteit, onafhanklikheid en strewe om sy kultuur ten alle koste te behou?

Of ook die siening dat die swart mense eenvoudig nie die vermoë het om te regeer, besigheid te bestuur, dokters, advokate, ingenieurs en rekenmeesters te word nie.

## 3. SKULD

### 3.1 Hoe dink jy nou oor jou skuld aan Apartheid?

Ek het nie apartheid uitgedink en ingestel nie, ek het daarin grootgeword en is geleer dat dit reg is. Ek is op 17 jarige ouderdom opgeroep om weermag diensplig te doen. Daar is ons geleer dat die kommuniste en die terroriste ons land bedreig. Ek is opgelei om ons land te verdedig.

Toe ek onderwys begin gee het ons Jeugweerbaarheid en Skool Kadette ('n vertakking van die Weermag) as deel van die kurrikulum gehad. Alles gefokus op ons beskerming en oorlewing teen die aanslag van die kommunis en die terroris.

Ek het toe reeds stemreg gehad, en vir die regerende party gestem. Ek het dieselfde minagting vir die organisasies wat teen die regering se beleid, diensplig ens. was, gehuldig.

Ek het sekerlik ook apartheids- en rassistiese dade gepleeg.

So, ek het skuld aan apartheid, kollektief en individueel.

Maar ek het ook besef apartheid is nie reg nie en sal dit nou nie meer verdedig nie.

### 3.2 Verwag jy vergifnis? Hoe moet dit gebeur?

Teenoor wie moet ek bely om vergifnis te kry?

Ek verwag nie vergifnis nie, in elk geval nie van mense nie.

Al wat ek kan doen is om met eerlikheid, respek, integriteit en ’n positiewe gesindheid teenoor swart mense op te tree, net soos ek teenoor enige iemand sou optree, en daardeur kan die mense insig in my hart kry.

**3.3 Wys jou lewe ’n skuif van Apartheid na die NSA?**

Ek wil so glo.

**4. RESTITUSIE**

**4.1 Hoe dink jy nou oor regstellende aksie?**

Dit is ’n realiteit en ’n gegewe in die NSA. Teen die agtergrond van apartheid is regstellende aksie ’n logiese (hoewel steeds diskriminerende) praktyk.

Ek het dit persoonlik ervaar en vrede daarmee gemaak. Miskien makliker omdat ek nader aan aftrede en aan die einde van my loopbaan is.

Die jonger geslag blankes word meer negatief daardeur geraak. Ek sien dit met my kinders.

Ons sal moet sien wanneer eendag die balansstaat van die verlede met die hede gaan klop, wat dalk die einde van regstellende aksie sal beteken.

**4.2 Hoe dink jy oor boetedoening vir die skuld van Apartheid?**

Weereens, as individu, teenoor wie moet ek bely en boete doen? Kollektief het sekere politici, kerke en kerkleiers bely en boete gedoen.

Ek dink die tyd van belydenis en boetedoening is verby. Dit is nou tyd om aan te beweeg en die regte dinge te doen, hetsy ek as individu, die politici, die regering, die kerk.

**4.3 Wat van vergifnis. Moet ons net alles vergeet / agterlaat wat onder Apartheid gebeur het?**

Ons Afrikanervolk moes self ’n pad van vergewe en vergeet loop. Kyk net die emosies wat vir jare deur ons vroegste digters opgewek is oor die Anglo Boereoorlog en die verlies van ons vrouens en kinders in die konsentrasie kampe.

Ons sal nie sommer gou van apartheid kan vergeet nie, die politici gaan ons elke jaar daaraan herinner. En dit is met my reg so. Solank ons dit gebruik om seker te maak dat so iets nooit weer gebeur nie. En dit plaas ’n verantwoordelikheid op die meerderheidsregering.

Ek het onlangs na ’n program op die DSTV netwerk gekyk (TBN) wat mense gemaak het oor vergifnis in Rwanda. Baie van die menseslagting moordenaars is uiteindelik vrygelaat nadat hulle bely het en vergifnis gevra het. Die regsproses was blykbaar net te lank uitgerek en die owerhede het besluit om so ’n pad te stap. Mense is terug na die “villages” toe waar hulle sou gaan woon tussen en saam met gesinne waarvan hulle gesinslede uitgemoor het. Die gesinne van die vermoordes het doelbewus uitgereik na die moordenaars en vergifnis aangebied, en daar is verhale waar hulle nou in vrede saamleef. ’n Sekere pastoor het tronke besoek om moordenaars van sy familielede op te soek om vir hulle te sê hy vergewe hulle.

Oud-minister Adrian Vlok het gaan voete was. Dit is goed so, as dit hom bevryding van sy skuld oor sy aandeel aan apartheidsdade bring. Maar dit is ’n baie persoonlike ding om te doen.

’n Kollektiewe gebaar kan maklik betekenis verloor.

Is dit korrek om te sê dat ons ook ’n betekenisvolle vergifnis van die swart bevolking ontvang het? Dit kon baie anders gewees het.

**4.4 Lyk jou lewe / optrede teenoor swart mense nou anders as veertien jaar gelede? Voorbeelde?**

Ek glo ek is deur ’n redelik drastiese en emosionele proses die afgelope jare.

Wat met my loopbaan en my werk gebeur het, het my laat besef hoe tydelik en broos baie van die dinge is wat ons as so belangrik in ons lewens beskou. Die regstellende aksie, en sommer massa aksie in ’n paar gevalle, het my seer gemaak. Maar ek het nie

bitterheid of haat nie. En as sulke gedagtes opkom, bestuur ek dit uit my sisteem uit. Daar is ’n wonderlike lewe buite my werk.

My optrede teenoor swart mense by die werk, hetsy meerderes, gelykes of selfs die dienswerkers, baseer ek op respek en menswaardigheid. En ek geniet dieselfde respek. Ek is gemaklik met fisiese kontak, soos ’n broederlike/susterlike omhelsing (die gebruiklike “hug”), ek is gemaklik met ’n swart man/vrou wat langs my sit in die motor, in ’n vergadering, in die kerk, by die gholfbaan. Ek het nie swart huisvriende nie, maar ek het opregte swart kollegas wat my ‘uncle Isak” of “Big Brother Isak” noem.

Ek dink ek het gegroei in die afgelope veertien jaar om meer gemaklik te wees en minder bedreig, gefrustreerd en bitter te wees.

Ek is baie meer bewus van die nood onder die mense, die armstes van die armes, en ek het baie meer begrip en empatie met hulle. Hulle word nou ook deur hierdie regering in die steek gelaat.

## 5. KERK

### 5.1 Dink jy die kerk was reg om Apartheid destyds te bely as sonde?

JA.

Die hartseer vir my is dat die kerk so lank apartheid op ’n manier ondersteun of regverdig het. Was Beyers Naude en Dr Nico Smit (wat onlangs oorlede is) en al die ander kerkleiers van die ander kerke se stemme nie hard genoeg nie? (verskoon as my feite nie 100% korrek is nie). En ek wil weer nie veroordeel nie, ons het maar almal saam gestap en in die koor gesing.

### 5.2 Hoe dink jy oor die kerk se rol die afgelope veertien jaar t.o.v. versoening?

Die Gereformeerde kerke – NG Kerk – spook steeds met die Belhar belydenis en die kerkeenheid. Ek dink dit is jammer. Steek die kerk, wat by uitstek die boodskap van versoening, vergifnis ens. moet uitdra, nie ’n bietjie af teen ander instellings en strukture in ons land nie?

### 5.3 Wat verwag jy moet die Kerk doen in die nuwe SA?

Kerk wees soos wat Christus dit van die begin af bedoel het, en soos wat die apostels dit in die vroegste tye (Handelinge) gedoen het. Die evangelie van Jesus Christus, die Here verkondig.

Kerkeenheid eerder beoefen as bespreek en debatteer.

'n Stem wees vir dit wat reg is in die gemeenskap.

Uitreik na mense in nood, ongeag kleur.

**5.4 Dink jy dat Apartheid 'n "kettery was, m.a.w. iets wat die evangelie op die spel plaas?**

Ek wil dit so verstaan. Die blankes en veral die Afrikanervolk het homself daarop beroem dat hulle die beskawing, en daarmee saam die Evangelie van Jesus Christus (of dalk andersom) na Afrika gebring het. Ons was dus die verteenwoordigers van God en boodskappers van Christus in Afrika. En niemand kan die werk van die kerk in die geskiedenis van Afrika en Suid-Afrika wegredeneer of ontken/misken nie.

Maar toe eindig ons op met Apartheid, wat geen Bybelse gronde gehad het nie. En vir al die jare praat die Kerk en die Staat saam.

Hoe sou die (swart) mense wat deur apartheid onderdruk was, maar deur dieselfde mense aan die evangelie van Jesus Christus bekendgestel is, dit kon verstaan? In Jesus Christus is ons almal gelyk, maar in Suid-Afrika se regering, skole, besighede, hospitale en kerke is ons nie gelyk nie. Vandaar die vryheidsteologie en die Belhar Belydenis?

Ek weet nie of ek genoeg kennis het om te sê apartheid was "kettery" nie. In die sin van my verstaan hierbo, tog wel. Ek wil egter glo dat apartheid die kerk in 'n integriteits- en geloofwaardigheidskrisis gedompel het.

**6. TOEKOMS**

**6.1 Is jy nou meer of minder optimisties oor die toekoms as veertien jaar gelede?**

Veertien jaar gelede was ek in ’n groot mate nog nuut, onseker en amper oorweldig deur die hele omwenteling in die politiek en die samelewing.

Ek kan nou terug kyk en sien hoe die politiek ontwikkel en bedryf word, en die manier waarop die regering op alle vlakke funksioneer (en selfs nie funksioneer nie). Ek dink ons het nou ’n meer realistiese uitkyk oor wat ons kan verwag. Baie van die “doom en gloom” wat voorspel is het nie gebeur nie. Aan die ander kant het ons sekerlik nie verwag dat misdaad, en ineenstorting van dienslewering op plaaslike vlak, korrupsie ens. op so ’n groot skaal sou manifesteer nie.

Ek kan nie optimisties wees oor die toekoms soos wat die land nou regeer en administreer word nie.

Die gebeure en ervarings rondom die bewegings soos die Mighty Men van Oom Angus, dus op geestelike vlak, ook binne die kerk, waar mense al hoe meer besef dat as ’n volk ons moet terugkeer na God, maak my meer opgewonde en optimisties. Ons moet besef dat die blanke se heil nie in politieke mag lê nie (ons sal dit sekerlik nooit weer hê nie), en terugkeer na God beteken ook nie dat ons meer mag sal hê nie. Ons moet leer bid vir ons regering en leiers, op alle vlakke, hoe moeilik dit ook al is. Hierdie tema maak my meer optimisties. Ek is optimisties as ek sien hoe middeljarige/senior burgers blanke mans en selgroepe van die kerk met passie uitreik na die armes, ongeag kleur. “ Selgroep wat ’n kleuterskool en crèche in Thabong aanneem en ondersteun maak my optimisties. Ons gewone mense kan meer doen met nasiebou as al die politici, akademici, en wie ook alewig in die debatte betrokke is.

**6.2 Watter positiewe verhale is daar om te vertel uit jou eie ervaring van die nuwe Suid-Afrika?**

Hokkie Span: Ongeluk in 2002

Tydens my termyn as President van die Noord Vrystaat Hokkievereniging in 2002, het ’n mans hokkie span aan ’n toernooi op Klerksdorp gaan deelneem. daar was 2 blanke mans en 9 swart mans in die span. Hulle was almal relatief jonk, eerder seuns as mans. Een van die blanke mans het sy ouers se 4 x 4 Toyota dubbelkajuit bakkie as vervoer vir die span gebruik. Hulle het die Sondag met groot opgewondenheid vertrek, met die toernooi wat Maandag begin.

Hul eerste wedstryd is Maandag gespeel. Die Maandag aand het hulle, met die Toyota as vervoer, saam met ander spanne by ’n restaurant in Klerksdorp gaan eet en sosiaal verkeer. Laat die aand het hulle terug gery na hulle blyplek, met sommige spelers voor in die dubbelkajuit, en ander agter op die bakkie. Om een of ander rede (wat nie hier belangrik is nie) het die bakkie by ’n afrit, van die pad afgegaan, die bestuurder het beheer verloor, en die bakke het omgeslaan. Twee van die swart spelers is op die toneel dood verklaar, en ’n derde is in die intensiewe eenheid van die hospitaal opgeneem. Al die ander spelers was in ’n mindere of meerdere mate beseer.

Ek is eers die volgende oggend in kennis gestel en het toe na Klerksdorp gehaas om hierdie hartseer en tragiese, maar ook potensieel plofbare insident te bestuur: ’n Blanke bestuurder met swart spelers agter op die bakkie. Die swart spelers is noodlottig beseer (hoewel die een blanke speler ook agter op was en ernstige beserings, wat ’n lewenslange letsel sou laat – hy het effektief sy oor verloor.

Ek kon eers ongeveer 19:00 die aand, saam met twee van die swart spelers, wat nie ernstig beseer was nie, die ouers van die twee swart spelers inlig oor die ongeluk en hul kinders se dood.

Soos met sulke insidente was daar ook maar die kwota sensasie. Die gerugte dat die blanke bestuurder die ongeluk veroorsaak het, dat hy verkwalik word en dat hy en ander blankes nie welkom en veilig by die begrafnis sou wees nie.

Ek was nou betrokke met die reëlings van die twee seuns se begrafnis. Hulle is saam begrawe. Veral met die een speler wie se ma ’n enkelouer was en finansieel behoeftig was. Die hokkievereniging het bygedra vir die begrafnisse. Ek het die geleentheid gehad om saam met die ma en familie in die sink “shack” agter die huis swart tee en koekies te geniet terwyl ons die begrafnis bespreek het. Daar was geen sprake van haat of verwyt nie, of enige rassisme nie.

Die ander speler se pa was ’n prominente figuur in die Taxi organisasie, en het veel meer finansies – en ‘politieke” invloed gehad. By ’n roudiens wat ons by die kollege vir die twee spelers gehou het die week voor die begrafnis (een van hulle was ook ’n student by die kollege) het hierdie pa dit duidelik gestel dat die blanke speler/bestuurder van die voertuig en alle blankes welkom is by die begrafnis. Hy het dit duidelik gestel dat dit ’n ongeluk was, dat daar nie plek sou wees vir enige

politiekery nie, en dat daar waardering was vir die wyse waarop die hokkievereniging die hele insident bestuur het. Dit was ’n doelbewuste uitreik na die blankes.

En ons het die begrafnis bygewoon, met sterk verteenwoordiging van die blanke hokkie mense en ons het saam getreur oor ons hokkie maats wat ons verloor het, sonder enige verwyt of bedreiging.

Toevallig is die derde speler wat ernstig beseer was en in die intensiewe eenheid opgeneem was, die Vrydagaand voor die eerste begrafnis ook oorlede. Daar was dus ’n tweede begrafnis die volgende week. Hierdie speler en die blanke speler/bestuurder was van dieselfde klub. Met die begrafnis het die swart spelers doelbewus uitgereik na die wit speler, hom ingetrek by hulle proses om afskeid te neem. Dit was ’n besondere geleentheid vir “healing” vir die blanke speler, hom laat besef daar is geen verwyt of beskuldiging nie. Inteendeel, ek het later gehoor dat ’n goeie vriendskap buite die hokkie tussen die wit speler en twee van die swart spelers was.

Ek het geleer dat ons dikwels mense se vermoë om oor kleurgrense heen uit te reik onderskat. Die swart gemeenskap (of net ’n sektor in hierdie geval) het gesê: “ Moenie bang wees nie. Julle is welkom”. En die blanke hokkie mense het gesê: ‘Al was ons nog nooit in Thabong nie, en al is ons gewaarsku dat dit nie veilig is nie, hier is ons, want ons deel saam in julle verlies”. En ons kon sommer ’n kykie kry in die wyse waarop ons swart medeburgers en gelowiges begrafnis hou.

Ons Kollege se ‘Campus 2 Campus’ padwedloop.

Ek en my kollega van ons studente ondersteuning/sportorganiseerder het vir geruime tyd die gedagte gehad om die wedloop tussen die Tosa kampus (net buite Thabong) en die Welkom Kampus in die dorp te reël. So in die lyn van ’n mini Comrades / Soweto [maraton].

Ons het potensiaal in die konsep gesien, met die gedeelte van die roete deur die swart woongebied as ononderhandelbaar.

Afgesien van die tegniese aspekte om ’n kwaliteit wedloop aan te bied, was daar ook die element van ’n wedloop deur die swart woongebied. Dit was in elk geval nie vreemd vir die gevestigde padwedloop atlete nie, die meeste het al die Soweto gehardloop.

Ons was maar onseker oor hoe die atlete, en die Thabong gemeenskap, dit sou ervaar.

Tog was daar met die eerste wedloop in 2009, en veral ook met die tweede een in 2010, navrae of dit veilig sou wees ens.

Die eerste wedloop in 2009 was ’n sukses (hoewel ons net 81 atlete gehad het), met die gevolg dat die tweede wedloop in 2010 die mooi getal van 161 inskrywings gehad het.

Ons het geweldige positiewe terugvoer van die atlete gekry. Van die atlete was vir die eerste keer in Thabong, en het vir ons gesê dat dit ’n goeie ervaring was en dat baie van hulle persepsies verkeerd was. Die Thabong gemeenskap het die wedloop ten volle ondersteun, en wit en swart atlete is ondersteun. Ons word wyd aangemoedig om dit ’n jaarlikse instelling te maak, met meer borge wat deel wil wees.

Ek dink dit is miskien nie groot nie, maar ’n betekenisvolle brug wat gebou word tussen die twee gemeenskappe. Heel ekstreem gestel, ek dink van ons mense kon sien dat dit net gewone mense is wat in Thabong bly, en dat daar nie net “*gangsters*” en misdadigers is nie.

Ons is nie bewus, buiten die Soweto maraton, van ’n soortgelyke wedloop nie, in elk geval nie in die Vrystaat nie.

Miskien was ons ook die rugby by Orlando so ’n bietjie vooruit.

**6.3 Dink jy wit en swart sal mekaar ooit vertrou?**

Ja. As ons mekaar leer ken en aanvaar as mense, met dieselfde waardes en as medegelowiges, geskep deur dieselfde God, maw. die eendersheid van mekaar waardeer en respekteer.

Solank as wat ons mekaar as anders gaan beskou, met al die vooroordele van die verlede, is daar nie veel hoop nie.

**6.4 Sou ons anders gekyk het na wit-swart as ons misdaad uit die prentjie haal?**

Ja, ek glo so. Want al die nuus wat ons hoor is misdaad deur swart mense: Plaasmoorde, ander moorde, motorkapings, verkragtings, rooftogte en korrupsie. Miskien het ons misdaad ook al ’n ras etiket gegee, al beteken dit nie dat wit mense nie dieselfde misdade pleeg nie.

{Einde van korrespondensie}.

**Korrespondensie van Johan**

**Onthou: Die navorsing gaan oor hoe wit Suid-Afrikaners aanpas in die nuwe SA gegewe hulle verlede soos dit o.a. by die WVK uitgekom het.**

## 1 INLEIDEND

### 1.1 Watter betekenisvolle gebeure was daar in jou lewe sedert 1998?

Drie kinders voltooi skool. Beleef hulle tienerjare en alles wat daarmee gepaard gaan. Tans nog twee op Universiteit. Lee nes sindroom omdat kinders huis moes verlaat om te studeer. ’n Paar rondtes afleggings oorleef. Skoonma en ander ouer lede van uitgebreide familie verloor. Finansies maar druk a.g.v. ekonomie en kinders se studies. Persoonlik regstellende aksie aan my bas gevoel. Ek weet hoe dit is om bestuurders te hê wat nie in die poste is oor hulle vermoëns nie.

### 1.2 Watter blootstelling het jy aan swart mense gehad sedert 1998 en hoe het dit jou beïnvloed?

Werk daagliks saam en met en onder hulle. Weer onder die indruk gekom hoe rustig hulle die lewe vat en dat daar nie veel dringendheid is in vergelyking met die westerlinge nie. A.g.v. die eienskap kan ek nie sien hoe hulle alleen bv. die ekonomie kan bedryf nie. Tog beleef ek dat hulle baie eise stel en baie dinge as ’n reg beskou, sonder om veel in ruil daarvoor terug te gee. Ek dink vanaf 1994 het my houding deur ’n kurwe gegaan: aanvanklik ’n “kom laat ons kyk wat gebeur”-houding; daarna een van matige positiwiteit en daarna weer baie afwaarts as gevolg van misdaad en veral korrupsie. Dit wil lyk asof korrupsie, omkopery ens. maar inherent is aan hulle en van bo af is daar altyd regverdiging vir dade.

### 1.3 Dink jy dat daar al genoeg transformasie was by die wit Afrikaners?

Transformasie tot wat? Die meerderheid wittes van my ouderdom het veranderings as onvermydelik aanvaar en daarby probeer aanpas. Die houding en mooi praatjies sonder dade van die regeerders teen minderheidsgroepe veroorsaak egter dat ons baie skepties en sinies na die toekoms kyk. Van Apartheid se slegte eienskappe word maar net onder ander name voortgesit. Hoekom moet ek daarmee tevrede wees? Dus as ek ook iets by die transformasie kan baat kan ek dit ondersteun – anders wat is die sin? Gelukkig lyk dit of die jonger geslag makliker daarby aanpas en kan ’n mens maar

net hoop dat hulle geleenthede sal gegun word om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van ons mooi land. Indien nie is hierdie maar net nog 'n snuifgetrapte Afrikaland in die toekoms.

## 2 APARTHEID

### 2.1 Het jou sienings oor Apartheid verander in die afgelope veertien jaar?

Nee, inteendeel.

### 2.2 Hoe dink jy nou oor Apartheid?

Ek neem aan as ons praat van "apartheid" bedoel ons daardie kwetsende, diskriminerende maatreëls waar een bevoordeel was bo 'n ander bloot op grond van sy velkleur. Dit was verkeerd en moes baie seergemaak het. As dit egter gaan oor die beskerming en uitbouing van minderheidsregte dan is my siening nog dieselfde. 'n Reënboognasie is 'n illusie. Daar is verskillende groepe wat afsonderlik onderskei en gebind word deur gemeenskaplike taal, kultuur, geloof ens. Gun hulle om hulleself te wees. Gun hulle dieselfde geleenthede in die arbeidsmark deur kompetisie gebaseer op vermoëns en vaardighede en nie op grond van sg. "agtergeblewendheid" nie. Orals in die wêreld word groepe se individualiteit erken sonder diskriminasie. Hoekom moet dit hier anders wees?

### 2.3 Wat was volgens jou die probleem met (of die hart van) Apartheid? Wat was die "fout" van Apartheid? Waarom het die beleid soveel weerstand ontlok?

Omdat dit mense be(ver)oordeel het op grond van velkleur. Kwetsende maatreëls van klein apartheid het tot in die diepste deel van mense se siele seergemaak, omdat die een groep nie die ander gegun het wat hy homself gegun het nie. Om mense deelname aan die regering van die dag te ontse op grond van velkleur, het net haat laat ontstaan. Die sosiale eksperiment van aparte ontwikkeling het ontaard in apartheid. As dit by aparte ontwikkeling met gelykwaardige geleenthede gebly het, het dit dalk nooit so seergemaak nie.

### 2.4 Is jy nou meer of minder rassisties as vroeër? Hoekom?

Weereens is die vraag: as ek dan nou 'n rassis is, hoekom moet net ek verander? Is swart mense dan nie net sulke groot rassiste nie en wat van hulle? Regstellende aksie

is regeringsbeleid en dit is niks anders as rassisme nie. Ek is nie ’n rassis nie. Ek wil egter net vir my en mense soos ek, dieselfde hê wat ander hulle self toe-eien en gun. Mense en groepe beskik nie oor dieselfde eienskappe nie moontlik a.g.v. ontwikkelingsvlak ens. Hoekom is dit rassisme as ’n mens besef en erken dat daar verskille is solank die een homself net nie beter as die ander beskou nie?

**2.5 Hoekom is sommige mense nou meer uitgesproke rassisties?**

Soos reeds genoem. Mense was bereid om die nuwe SA ’n “go” te gee, maar omgekeerde bevoorregting en oneerlikheid is aan die orde van die dag. Hoekom moet wittes alles prysgee – ook sy siel en hart?

**2.6 Het jou taalgebruik verander? Praat jy nog byvoorbeeld van kaffers en hotnots?**

Ek het nooit kwetsende taal teenoor mense gebruik nie. Ook nie nou nie. Soms sal ek steeds in my binnekring na bv. kaffers verwys maar dan bloot as verwysing na ’n groep of as ’n mens weer kwaad is oor iets wat gebeur het. Ek probeer om dit egter nie te doen nie

**2.7 Slaag ons daarin om weg te kom van die ras-bril waarmee ons na alles gekyk het?**

Is dit regtig moontlik? Ons is geskep as verskillende volke en tale met verskillende eienskappe. Swart is nie wit nie en gekleurd is nie swart of wit nie. Afrikaner is nie Zulu nie en is ook nie Kleurling nie. Het die Skepper dit dan verkeerd gehad? Om bewus van klasseverskille te wees is ’n wêreldwye verskynsel. Moet dit noodwendig negatief wees of mag ek trots wees omdat ek is wat ek is?

**2.8 Hoekom het ons nooit anders gedink oor Apartheid as die gangbare siening nie?**

Dit is die gevolg van geskiedenis, gewoonte, oorlewering ens. Dit is maar hoe dit was en wat ons vir geslagte geken het. Die regering en die kerk het gesê dit as gangbaar. Hoekom sou die gemiddelde persoon verskil? Dit was die norm.

**3 SKULD**

**3.1 Hoe dink jy nou oor jou skuld aan Apartheid?**

As ’n mens praat van skuld dan impliseer dit dat apartheid ’n sonde was (die woord apartheid is misbruik en het ’n vloekwoord geword – ek praat liewers van afsonderlike ontwikkeling). Ek sal nooit erken en daarom nooit bely dat afsonderlike ontwikkeling ’n sonde was nie en daarom het ek nie skuld nie. Niemand het ook die reg om namens my skuld te bely nie. Afsonderlike ontwikkeling was ’n eerlike poging om ’n samelewing te skik. In “*hindsight*” het dit egter heeltemal misluk en baie sonde is in die proses gepleeg(liefdeloosheid). Daarvoor moet elkeen van ons wat hom aan liefdeloosheid skuldig gemaak het individueel sy eie skuld bely.

**3.2 Verwag jy vergifnis? Hoe moet dit gebeur?**

Vergifnis van wie? As dit van die Here is ja, as ek bereid is om my skuld te bely soos ons geleer word. As dit teenoor ’n persoon is vir iets wat ek hom aangedoen het, ja. Ek kan hom egter nie verplig om my te vergewe nie. Maar daar kan nie verwag word dat ek moet vergifnis vra vir wat bv. Dr Verwoerd gedoen het nie. Ek kan hoogstens erken dat dit ’n fout was net soos wat ’n Duitser kan erken dat Hitler verkeerd was. Hy kan tog nie daarvoor skuldig staan nie. Net soos Tshabalala wat saam met my werk nie verantwoordelik gehou kan word omdat Shaka ’n moordenaar was nie. Te veel skuldgevoelens is by ons mens gefabriseer en geskep. Dit moet ophou.

**3.3 Wys jou lewe ’n skuif van Apartheid na die nuwe SA?**

Seer sekerlik het ’n mens baie geleer in die laaste 2 dekades oor ons menseverhoudings. Vir dinge waar jy gesondig het moes jy dit erken en vergifnis vra en probeer om jou lewe reg te lewe en dit nie te herhaal nie. ’n Mens het nie ’n keuse as om by die NSA aan te pas ter wille van ’n geordende samelewing nie. Ek het aanvaar dat baie dinge verkeerd was. Hoe langer die NSA egter aangaan onstaan die vraag dikwels hoekom voel dit asof daar net van my en mense soos ek verwag word om aan te pas en toegewings te maak terwyl die ander net wil hê en eise stel nie. Hoekom word ons niks gegun nie? Ons kan tog nie die verlede uitwis nie want dit het gebeur – die vraag moet eerder wees wat gaan ons in die toekoms doen om almal ’n plek te gun.

**4 RESTITUSIE**

**4.1 Hoe dink jy nou oor regstellende aksie?**

As apartheid 'n sonde was is regstellende aksie ook. Mense word nou gepenaliseer en seergemaak vir iets wat in die verlede verkeerd was. Is alle mense in die aangewese groepe (blanke mans) noodwendig voorheen bevoordeeldes? Is almal wat nou in die nie-aangewese groepe (swartes) is noodwendig voorheen agtergeblewenes? Wat van die wat in privaatskole was, wat gestudeer het, wat geld gemaak het vanweë entrepreneursvaardighede ens? Regstellende aksie is niks anders as diskriminasie nie (miskien omdat sekere groepe dalk onseker is of hulle op gelyke voet kan kompeteer a.g.v. inherente onvermoëns) Hoe kan dit reg wees?

**4.2 Hoe dink jy oor boetedoening vir die skuld van Apartheid?**

Nie namens die individu of as groep nie. Ek moet verantwoordelik vir my eie dade gehou word. Nou kan ons maar net erken dat wetlik afdwingbare afsonderlike ontwikkeling, waar party bo ander bevoordeel is, horribaal verkeerd was en nooit weer herhaal moet word nie.

**4.3 Wat van vergifnis. Moet ons net alles vergeet / agterlaat wat onder Apartheid gebeur het?**

Ons sal nooit kan vergeet nie, maar om in die verlede te bly leef en dit as 'n verskoning te gebruik sal niks regmaak nie. Ons het erken dit is verkeerd maar nou moet ons vorentoe kyk ter wille van almal.

**4.4 Lyk jou lewe / optrede teenoor swart mense nou anders as veertien jaar gelede? Voorbeelde?**

Ja. 'n Mens groei in hoe jy teenoor mense optree. Ons wat uit die ou RSA kom het sekerlik gevestigde maniere gehad hoe om teen swartmense op te tree. Dit sou nie meer van pas wees nie. Ek dink ek is gemakliker in my optrede en sien hulle nou maar net as nog 'n medemens en hanteer hom ook so.

**5 KERK**

**5.1 Dink jy die kerk was reg om Apartheid destyds te bely as sonde?**

Ek neem aan ons praat van die NG Kerk as ons sê "kerk" Sover ek weet het geen ander kerk skuld bely nie. Nee, die NG Kerk was verkeerd om dit as sonde te bely. Apartheid was verkeerd en moes in "hindsight" nooit gebeur het nie en vinniger

reggestel gewees het. Dit kon die kerk erken het. Maar was dit “sonde”? Ek stem nie saam nie – dan is Regstellende Aksie ook sonde.

**5.2 Hoe dink jy oor die kerk se rol die afgelope veertien jaar i.t.v. versoening?**

Hoe meet mens versoening en wat verwag ons moet gebeur as ons die woord gebruik? Nie veel het gebeur, behalwe lippetaal, tensy dit op individuele gemeentevlak gebeur het nie. Daar sal ook nie veel gebeur as ons woordspelers soos Prof Strauss in leiersposisies het nie.

**5.3 Wat verwag jy moet die kerk doen in die nuwe SA?**

Die kerk se taak is om die liefde van Christus te verkondig en te leef. Ons moet nou ophou wroeg oor die verlede, ophou by die “politiek” betrokke wees en in jou onmiddellike omgewing kyk waar ons die liefde van Christus kan uitleef.

**5.4 Dink jy dat Apartheid ’n “kettery” was, m.a.w. iets wat die evangelie op die spel plaas?**

Nee. Die oorspronklike doel van Apartheid was nie om seer te maak nie, maar dit het ontaard. Ons moes dit vroeër raakgesien het.

**6 TOEKOMS**

**6.1 Is jy nou meer of minder optimisties oor die toekoms as veertien jaar gelede?**

My optimisme fluktueer. Hier is soveel mooi dinge wat gebeur, ons het so mooi land met baie potensiaal. Dit lê in die hande van die ANC of hy ander in hierdie land ’n regverdige, gelyke kans gaan gee.

**6.2 Watter positiewe verhale is daar om te vertel uit jou eie ervaring van die nuwe SA?**

**6.3 Dink jy wit en swart sal mekaar ooit vertrou?**

Nie as daar nog Malemas rondloop nie. Alle versoening en toegewings kan nie net van die wittes af kom nie.

### 6.4 Sou ons anders gekyk het na wit-swart as ons misdaad uit die prentjie haal?

Dit gaan nie net oor misdaad nie. Is dit so moeilik om te verstaan dat ons verskillende mense is? Hoekom is ons swart en wit geskep? Hoekom is ons Zulu of Duitser? Die een is nie beter as die ander nie – net verskillend. Laat ons saamwerk oor dit wat gemeenskaplik is maar laat ons ook erken, aanvaar en toegee dat ons verskillend in sekere opsigte is. As almal dit net kan aanvaar dat dit nie diskriminerend is nie, is daar hoop

{Einde van korrespondensie}.

**Korrespondensie van Karin**

**Onthou: Die navorsing gaan oor hoe wit Suid-Afrikaners aanpas in die nuwe SA gegewe hulle verlede soos dit o.a. by die WVK uitgekom het.**

## 1. INLEIDING

### 1.1 Watter betekenisvolle gebeure was daar in jou lewe sedert 1998?

Ten tye van 1998 was ek redelik negatief en nog besig om my vrywillige aflegging by my werk te verwerk. Intussen is ek weer tien jaar werksaam in my beroepsveld. My kinders is almal uit die huis, twee nog op Universiteit en hopelik persoonlikheidsgroei en meer wysheid.

Betreffende verhoudinge tussen swart en wit mense was daar ongelooflike groei in sekere sektore van die samelewing maar ook ongelooflike agteruitgang van dienslewering, toename aan korrupsie, aggressiewe misdade, sinlose moorde van bejaardes en boere, unies wat die septer probeer swaai, kostes wat die hoogte inskiet, die resessie en groeiende agterdog tussen verskillende kulture.

### 1.2 Watter blootstelling het jy aan swart mense gehad sedert 1998 en hoe het dit jou beïnvloed?

Ek is as kind in die sestiger jare al bloot gestel aan verskillende rasse en kulture. Sedert die sewentiger jare het ek saam met swart kollegas gewerk in die Kleurling gemeenskap, waar swart mense ook betrokke was en in die laat tagtiger jare hoofsaaklik in die swart gemeenskappe.

Sedert 2000 het was ek voltyds in diens in die tradisionele Kleurling gebied waar ’n derde van my Kliënte aan die drie verskillende kultuur groepe behoort.

Ek sien alle mense ongeag van ras of geslag as mensekinders wat deur God geskape is en dra die boodskap ook baie sterk uit. Daar is weliswaar net ’n klomp baie stout kinders wat nie gehoor gee aan die wense wat vir ons het nie.

Die afgelope paar jaar het ek baie ambivalente gevoelens gehad. Aan die eenkant het ek geweldig baie groei aanskou van individue, groepe en gemeenskapsontwikkeling en

aan die anderkant het ek die ervaring van skeptisisme van senior swart Kollegas beleef in die werkplek.

Daar is nie tyd en plek vir agterdog, voorbeoordeling en maatreëls wat die uitvoering van pligte, wat mense se lewens raak, striem nie. Dit verplig jou om alternatiewe oplossings te soek en voort te gaan. M.a.w. ten opsigte van die negatiewe het ek my lyf eend gehou en ten opsigte van die positiewe het ek probeer om al die geleenthede te benut.

**1.3 Dink jy dat daar al genoeg transformasie was by die Blankes?**

Daar het in baie opsigte meer betrokkenheid van die Blankes se kant gekom maar alles is nie altyd met ope arms deur ander rasse en kulture ontvang nie.

Voorts het swak dienslewering en onbevoegde bestuursvaardighede en die gevolge daarvan aanleiding gegee tot wantroue deur alle rasse. Sommige swart en kleurling mense is van mening dat hulle beter af was in die apartheidsjare as nou. Aan die ander kant raak blankes moeg vir swak dienslewering, korrupsie en onbevoegde hantering van sake. Bv. Ons eens trotse brandweer bestaan slegs in naam: met gebrekkige, onvoldoende, afwesigheid en stukkende toerusting is hul nie paraat in nood situasies om hulp te verleen nie. Dus is wantroue ’n realiteit.

Onsekerheid, wantroue en so meer, is ’n realiteit onder alle rasse en kultuurgroepe. Tog is daar stadig maar seker vordering. Onlangs is ’n Kleurling seun byvoorbeeld bang gemaak oor hoe “die boere” nou sy sake vir hom gaan werk. Na toewyding en baie harde werk het hy egter die waarheid ontdek en presteer nou goed.

Eers wanneer mense betrokke raak, breek dit voor oordele en agterdog af. Daar is nog ongelooflik ruimte vir groei.

**2. APARTHEID**

**2.1 Het jou siening oor apartheid verander in die afgelope veertien jaar?**

Nee.

**2.2 Hoe dink jy nou oor Apartheid?**

Dit is ’n baie ongelukkige situasie dat apartheid gewettig is. Ek het nog nooit belangstelling in die politieke geskiedenis van ons land gehad nie, dus ken ek nie die werklike motivering agter die wettiging van Apartheid nie. Soos ek verstaan was daar voor die wetgewing ’n natuurlike skeiding wat ontstaan het. My enigste vermoede rondom die motief vir wetgewing is moontlik die armblanke-vraagstuk en dat die regeerders van die tyd nie oor die nodige middele beskik het om aan al die Kulture/rasse, gelyke geleenthede te bied nie en op grond daarvan besluit is om eers hul eie volk uit te lig, onder die dekmantel van Apartheid en soos hulle vorder begin om die ander kultuur/rasse groepe se fasiliteite te verbeter. Daar is in beide wit swart en ander rasse voorsiening gemaak vir die bou van skole en sub-ekonomiese behuising deur onderskeie Munisipaliteite. Selfs bruin en swart mense verklaar tans dat hulle beter af was in die apartheidsdae. Ongelukkig is ek a-polities en moedig nie hierdie tipe gesprekke aan nie. Ek gee wel advies oor hoe hul die probleem kan aanspreek.

**2.3 Wat was volgens jou die probleemmet (of die hart van) Apartheid? Wat was “fout” van Apartheid? Waarom het die beleid soveel weerstand ontlok?**

Apartheid het die vooruitsig (“hoop”) op algehele ontwikkeling, veral vir die kinders beperk en in sommige gevalle selfs uitgesluit. Dit het aanleiding gegee tot ongelukkigheid, aggressie en moedeloosheid, vir die onregverdige benadeling. Voorts is stemreg aan bande gelê wat die waardigheid aangetas het, weens afwesigheid van deelname in die land. Bogenoemde het aanleiding gegee tot gevoelens van onderdrukking en uitsluiting. Vanweë swak skolastiese agtergrond was hul aangewese om die laagste vlak van arbeid, nl. ongeskoolde arbeid terwyl sommige veel meer potensiaal gehad het. (Dit het ’n drukkoker effek geskep wat een of ander tyd moes ontplof.)

Dit is my persoonlike mening dat dit ’n baie ondeurdagte en/of stiksienige besluit was. Indien daar gelyke geleenthede en ontwikkeling vir almal se kinders was; ongeag ras en geslag, sou ons nie nou met uiterse uitdagende omstandighede gekonfronteer gewees het, op alle vlakke van die samelewing nie.

Die sogenaamde agtergeblewe gemeenskappe het in ’n bevolkingsontploffing ontaard, waarskynlike a.g.v. onkunde/druk en so meer. Dit het daartoe aanleiding gegee dat daar nou nie net rasse aangeleenthede is wat aangespreek moet word nie, maar uiters oorweldigende maatskaplike verval.

Ek is persoonlik 'n voorstander van gelyke geleenthede en ontwikkeling. Dit het al gebeur dat 'n visehoof van 'n skool my skakel en versoek om nie bemarking te doen vir die leerders (in die gemeenskap waar ek werksaam is) om by hul skool in te skryf nie. Hoe belaglik! Ek het geantwoord dat alle ouers net die beste vir hul kinders wil hê. Hy moet maar weier om hul in te skryf.

**2.4 Is jy nou meer rassisties as vroeër? Hoekom?**

Nee, nie noodwendig nie. Die pogings om die een verkeerd, met 'n ander verkeerd te probeer regmaak is eintlik vir my baie humoristies. Diens bly in die slag omdat daar mense in poste aangestel word, wat onbevoeg is om dit te behartig. Dit laat egter 'n spoor van verwoesting agter.

**2.5 Hoekom is sommige mense nou meer uitgesproke rassisties?**

Soos bo genoem. Die ervaring is dikwels 'n ervaring van omgekeerde rassisme. Die Sotho assistent, het al 'n paar voorvalle aangespreek waar daar onregverdige oordele was.

In 'n koerant berig het ek vroeër jare 'n berig gelees wat 'n blywende indruk op my gemaak het: Mnr. Van Rooyen van Pep Stores faam het in 'n media onderhoud gesê dat 'n gegradueerde familie-lid by sy besigheid begin werk het. Hy het hom versoek om sy pak klere met 'n oorpak te vervang en in die pakkamer te begin werk, ongeag sy graad. Hy was van mening dat hy al die fasette van die besigheid en die mense moes leer ken alvorens hy dit kon bestuur. Uitstaande! Deelnemende bestuur, kennis van al die fasette van 'n onderneming en insette van selfs die skoonmakers is van kardinale belang. Jou "Titel" kan nie bestuur nie, maar wel jou kennis en insig.

Tans is daar onbevoegde Regstellende Aksie aanstellings wat 'n suksesvolle mislukking is.

Onbevoegde mense met 'n Titel en arrogante houding is besig om die betekenis van bestuur en dienslewering 'n ander benaming te gee, nl. Chaos. Dit laat die bevoegde lede van ons samelewing koud , maar warm onder die kraag. Hul verloor vertroue en ja, mites keer terug maar erger as erg. 'n Goeie resep vir konflik as daar nie daadwerklik aandag gegee word nie.

Dit maak dit moeiliker vir bevoegde anderskleurige professionele en nie-professionele mense, wat 'n passie vir hul werk het, om 'n vloedgolf negatiwiteit te akkommodeer wat hulle nie toekom nie.

**2.6 Het jou taalgebruik verander? Praat jy byvoorbeeld van *kaffers* en *hotnots*?**

Nee, dis nie my algemene taalgebruik nie. Ek het al uit woede, frustrasies en teleurstelling die woord gebruik. Dit het al gebeur dat iemand spottenderwys verneem, hoe dit met my en my snotneus kaffertjies gaan?

**2.7 Slaag ons daarin om weg te kom van die ras-bril waarmee ons na alles gekyk het?**

Wanneer jy aktief in die gemeenskappe werk sien jy net die mens raak, nie die ras nie. Mense wat nie blootstelling geniet nie, sal stadiger aanpas. Ek ervaar dat daar nog baie vooroordele, vrese en wantroue is. Daar is nog baie mans wat nie toelaat dat hul vroue sekere paaie ry nie, omdat die pad verby 'n swart woon gebied loop en dies meer.

Ongelukkig is dit waar dat halsmisdade en die handel in dwelms in 'n groter persentasie in die gemeenskap plaasvind waar ek werk. Van die jongmense met wie ek gewerk het, het halsmisdade gepleeg. Sommige verkeer steeds in die gevangenis terwyl van hulle op parool is.

Inherent het ek seker 'n stukkie apartheid in myself; ek kan myself byvoorbeeld nie indink dat een van my kinders met iemand van 'n ander ras of kultuur trou nie.

**2.8 Hoekom het ons nooit anders gedink oor Apartheid as die gangbare siening nie?**

As kind het ek nie werklik die omvang daarvan besef nie. Dit was normaal dat swart en wit mense in aparte woonbuurte woon en skoolgaan.

Alhoewel apartheid nou nie meer geld nie, verkies onderskeie rasse en kulture om in groepe saam sit en saam kuier op vergaderings en/of byeenkomste.

## 3. SKULD

### 3.1 Hoe dink jy nou oor jou skuld aan Apartheid?

Met hierdie vraag moet ek mooi dink wat was my aandeel om Apartheid daar te stel en/of in stand te hou? Ek is in die vyftiger jare gebore en was nog ’n blote kind met die ontstaan van Apartheid. Dus kan ek nie ja antwoord op bogenoemde vraag nie. Ek kon onthou dat my Ouma nie ten gunste van anderskleuriges was nie, aangesien haar eerste man vermoor is deur ’n kleurlingman wat wederregtelik besig was om skape te neem/steel . My ouma het kort daarna haar tweede kind aan die dood afstaan. Dit was ’n dubbele trauma wat sy moeilik verwerk het en definitief nie vergeet het nie.

Ek dink daar het verskeie vergrype in die verlede van verskeie kulture en rasse teenoor mekaar plaas gevind. Indien ons mekaar die hand wil gee, is dit nodig dat almal hulself teenoor die Here verootmoedig en onvergifnis vra vir hul eie sondes, asook die sondes van hul voorvaders.

### 3.2 Verwag jy vergifnis? Hoe moet dit gebeur?

Vergifnis is ’n persoonlike saak tussen God en elke individu. Die Kerke kan ’n aktiewe rol speel deur ’n gesamentlike interkerklike organisasie daar te stel tussen Leraars om saam te bid, te beplan en te werk. Onderskeie gemeentes se Leraars kan hul gemeentelede begelei tot vergifnis, onderlinge samewerking en ondersteuning. Ons is veronderstel om saam hande te vat en op te bou, nie af te breek nie.

### 3.3 Wys jou lewe ’n skuif van Apartheid na die NSA?

Ek vertrou so!

## 4. RESTITUSIE

### 4.1 Hoe dink jy nou oor regstellende aksie?

Ek is glad nie ten gunste van regstellende aksie nie. Ek is wel ten gunste van gekwalifiseerde mense (enige ras, kultuur/geslag) wat gebegelei word (Pep Stores manier) om in poste aangestel te word. Daar is reeds ’n groot aantal Professionele Swart, Kleurling en Indiër mense wat respek afdwing, met die passie en bekwaamheid vir hul werk.

As almal van ons bereid is tot opofferings ten einde met die minste tot ons beskikking innoverend te dink en uitstaande diens by uitnemendheid lewer. Ek het gelees van 'n Pediater in die Kaap wat te min broeikaste beskikbaar het in die Hospitaal: Keuse laat babas sterf met 'n goeie verskoning en 'n klagte of dink innoverend en gebruik die biologiese moeder as 'n broeikas vir haar baba (Kangaroesorg). Puik! Hy slaan twee vlieë met een klap; red 'n baba en bevorder emosionele binding tussen moeder en baba. 'n Boer maak 'n plan. Dit is mos wat ons nodig het in SA nie 'n geklaery oor alles wat fout is nie.

**4.2 Hoe dink jy oor boetedoening vir die skuld van Apartheid?**

Hoeveel keer en deur wie moet daar almal boetedoening wees? Sien 3.2. Daar is nou 'n hele nuwe geslag wat apartheid skreeu terwyl hul in 'n nuwe era gebore is. Wanneer stop dit, sodat daar aan die toekoms gebou kan word? Wanneer Jesus Christus vergewe, vergewe hy deur ons sondes so vers soos die Ooste na die Weste van ons te verwyder, maar mense vergeef om dit more weer af te stof en onder jou neus te vryf. Apartheid begin nou 'n nasionale en internasionale bemarkingsfoefie raak. Wanneer iemand verantwoordelikheid moet neem vir hy/sy dade kan hy/sy maar net die rassekaart speel. Selfs professionele mense in leiersposisies maak misbruik van die rasse kaart. Ek het al vele kere gehoor: *"You know where I came from ……..."* Dit is hoog tyd dat apartheid as 'n trapklip onder ons voete gesit word as trapklip ten einde saam na groter hoogtes te reik. Daar moet met omsigtigheid daarmee gehandel word, ten einde te voorkom dat dit 'n remskoen raak vir vooruitgang.

**4.3 Wat van vergifnis. Moet ons net alles vergeet / agterlaat wat onder Apartheid gebeur het?**

Ek wens Ntate Justus Tsungu kon hierdie vraag beantwoord. Sien Antwoord 3.2 & 4.2. Voorts kan ek net sê dis jammer alles wat sleg en lelik was gedurende die apartheidjare word aan die groot klok gehang. Wat van al die positiewe goeie goed wat gebeur het? Een van my Kollegas, 'n plaasmeisie se moeder het hul huishulp en plaaswerker se tweeling as deel van die gesin grootgemaak nadat hul moeder met hul geboorte oorlede is (die tweeling is nou ongeveer in hul laat veertigs – hul het haar oorlede ma ook ma genoem – sy het hul immers groot gemaak). Hulle het naweke saam met hul pa spandeer.

Wat van Ntate Justus Tsungu? Wat van baie sulke positiewe voorvalle waarvan daar nooit gehoor word nie. Geen wonder daar is sulke verwronge idees van “die Boere/die Witmense” nie.

**4.4 Lyk jou lewe / optrede teenoor swart mense nou anders as veertien jaar gelede? Voorbeelde?**

Nee, dertien jaar gelede het ek ’n Siseswe eerbewys ontvang vir dienste gelewer in die swart gemeenskappe in die Goudveld.

In 2009 het [naam verwyder] Kleuterskool net voor moedersdag vir my kom sing om dankie te sê vir die ondersteuning. Hulle registrasie as Kleuterskool het gerealiseer. Ons huishulp vertrou ons met ondersteuning van haar persoonlike probleme. Jong volwasse swart dames (vorige pleegkinders) kom stel hul mans voor en wys hul kinders vir my. Hierdie blyke van waardering gee weer inspirasie om verder voort te bou, al voel dit soms tevergeefs. In alle nederigheid moet ons te alle tye poog om Jesus Christus se liefde op aarde uit te leef. Ons moet die saad saai, Hy sal dit self op ’n gepasde tyd laat groei.

**5. KERK**

**5.1 Dink jy die kerk was reg om Apartheid destyds te bely as sonde?**

Ja, die onderdrukking en ander vergrype wat gepaard gegaan het met apartheid was sonde. Te midde van apartheid was daar ook positiewe gebeurtenisse.

**5.2 Hoe dink jy oor die kerk se rol die afgelope veertien jaar t.o.v. versoening?**

Die Kerk het ’n aktiewe rol gespeel in bemiddeling rondom versoening. Dit is egter vir baie mense belangrik om hul godsdiensbeoefening in hul eie kultuur en taal in hul eie kerk uit te oefen. Sommige gemeentes is meer aktief betrokke by uitreike na ander rassige gemeenskappe ten einde mekaar te leer ken en begrip vir mekaar te ontwikkel. Hulle fokus veral op die Jeug.

**5.3 Wat verwag jy moet die Kerk doen in die nuwe SA?**

Die kerk moet sy lidmate begelei om Jesus se liefde in hul daaglikse omgang met mense uit te leef. Deur hande te vat deur saam te bid vir leiding deur God en om mekaar geestelik te ondersteun.

**5.4 Dink jy dat Apartheid ’n “kettery was, m.a.w. iets wat die evangelie op die spel plaas?**

Dit het nie Ntate Justus Tsungu en vele ander swart/kleurling Leraars van stryk gebring nie? Ek het werklik te min kennis oor die saak om ’n sinvolle antwoord te gee. Dit is egter my ervaring dat daar baie gelowiges is onder ander rasse.

**6. TOEKOMS**

**6.1 Is jy nou meer of minder optimisties oor die toekoms as veertien jaar gelede?**

Wanneer mens al die verval in die wit, bruin en swart gemeenskappe sien en gedurig gekonfronteer word met die grusaamste misdade, korrupsie en verval, kan mens nie anders as om te wonder wat die toekoms werklik vir ons inhou nie. Veral wanneer mens nou naby jou aftree-ouderdom kom en die chaos om jou groei lustig voort. Ons kan hartlik lag vir ’n doringboompie wat ongestoord in die middel van ’n eens heel teerpad groei of die onbegaanbare paaie tussen plattelandse dorpe. Dit verbeter egter nie die diens nie en maak nie die paaie veilig nie.

Die Assistent wat saam met my werk konfronteer die Munisipale Kliniek suster wat eers 9:00 by die Kliniek kom en om 10:00 ’n tee breek neem, met die swak diens. Sy was alreeds 7:00 met haar baba daar vir die normale ondersoek. Sy word geroskam deur die suster en aangese om na Medi-Clinic te gaan, waar sy vir ’n beter diens kan betaal. Daar is talle voorbeelde van uiters patetiese diens, arrogansie en Babelse verwarring.

Ek verkies om rustig te raak en te weet God bly in beheer. Waar daar goeie diens is, deel ek mildelik komplimente uit. Ek probeer om die rede vir swak diens te verstaan en spreek dit so diplomaties moontlik aan. Dit gebeur soms dat ek my humeur verloor en baie direktief kommunikeer. Tog bly God in beheer, wat ook al gebeur.

**6.2 Watter positiewe verhale is daar om te vertel uit jou eie ervaring van die nuwe Suid-Afrika?**

Sien 4.4

**6.3 Dink jy wit en swart sal mekaar ooit vertrou?**

Ja, veral tussen mense wat mekaar lank ken en wat al ’n pad saam gestap het, ontstaan daar definitief ’n vertrouensverhouding. Daar is al blankes wat in die diens van swart Besigheidsmanne is en die onvoorwaardelike vertroue wat ek en my assistent teenoor mekaar het. Daar is talryke voorbeelde.

**6.4 Sou ons anders gekyk het na wit-swart as ons misdaad uit die prentjie haal?**

Ja, beslis.

Misdaad, swak dienslewering, loongeskille, stakings, chaotiese beplanning en so meer, waar Apartheid dikwels as oorsaak geblameer word. Dit is vir my persoonlik ’n swak verskoning vir ’n mens wat elkeen met sy eie brein en eie talente geseën is deur God.

Is daar gedurende die arm blanke vraagstuk in SA gemoor, gesteel, verkrag en geblameer?

Daar is harde hande arbeid verrig, planne gemaak, met die minste klaar gekom en aan God vasgehou. Gedurende daardie tyd was Blankes arbeiders op plase en het kinders selfs op vyfjarige ouderdom opgetree as touleiertjies van die perde, sodat hul pa die handploeg kon hanteer. (Vandag sou dit as kindermishandeling beskou word). Tog was dit ’n tyd van tradisie vaste, trotse, godvresende mense wat hoe morele norme en waardes probeer handhaaf het.

Snaaks genoeg is daar ’n dramatiese verskil tussen Sotho mense wat op ’n plaas en in ’n swart woonbuurt groot geword het. ’n Sotho omie vertel my onlangs, hy is ’n algemene bouer en weinig sonder werk vanweë die gehalte diens wat hy lewer. Hy het sy skoolloopbaan in ’n plaas skool voltooi en alles op die plaas geleer wat hy vandag weet. Hy besit drie huise, ’n motor, al sy kinders is geleerd, hy is gesond en leef vanuit God se genade. Pragtige getuienis. Die man is in sy vyftigs.

{Einde van korrespondensie}.

**Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid**

Posbus 1561, Welkom, 9460

Beste ____

Jy word genooi om te kom deelneem aan die besprekingsgroep **"Hoe leef ons in die nuwe SA?"**

In die jongste Kerkbode skryf die redakteur in die hoofartikel die volgende:

> Moderne Afrikaners het in sommige gevalle probleme met hulle verlede, is in baie gevalle ontevrede met hulle hede en is in die meeste gevalle onseker oor hulle toekoms. As daar 'n tyd was dat Afrikaners diep en ernstig oor hulleself moes nadink, is dit seker nóú... Gaum, F, Die Kerkbode 17 Julie 1998, pp.4.

Ek reël 'n reeks byeenkomste om te praat oor hierdie baie aktuele saak. Die doel van die vergadering is om lidmate te begelei om 'n sukses van die "nuwe" Suid Afrika te maak. Dit proses sal ook opgeteken word en sal, met die goedkeuring van die lede van die groep, die basis vorm van my doktorale navorsing. Die **eerste byeenkoms** vind plaas op 30 Julie om 6.50 vir 7nm in die Koffiekamer. Hierdie geleentheid sal gebruik word vir die volgende:

Uiteensetting van die doelwitte vir die byeenkomste.

Beplanning vir die res van die byeenkomste.

Vasstelling van reëls vir die gesprek.

Geleentheid om mekaar te leer ken as mense wat elkeen 'n unieke belewenis het in die nuwe SA.

Tydens die **daaropvolgende sewe byeenkomste** sal ons aandag gee aan die volgende sake (nie noodwendig in hierdie volgorde nie):

Hoe het apartheid in jou lewe gekom en watter rol het dit gespeel?

Hoe het ons in die verlede gedink oor apartheid?

Hoe dink ons nou daaroor?

Hoe het ons gedink het swart (d.i. nie-blanke) mense gedink oor apartheid?

Waarvan het ons geweet of nie geweet nie (of wou ons nie weet nie) in die ou Suid-Afrika?

Was daar stemme binne-in jou wat jou gepla het oor apartheid?
Wat het jy gedoen met hierdie stemme? Hoekom?
Hoe het die onthullings voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie jou siening van apartheid geraak?
Het ons enige skuld aan apartheid en indien wel, hoe moet ons daarop reageer?
Is daar 'n parallel met die situasie van die Christene in Duitsland voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog?
Watter beelde word deur apartheid by ons opgeroep? Met watter metafore sou ons apartheid wou beskryf?
Wat was die rol van die kerk en godsdiens in die ou suid-Afrika? Watter rol speel dit, of behoort dit te speel in die nuwe Suid Afrika?
Hoe het ons die rol van die politici in die apartheidsjare gesien?
Watter rol het ons bevooroordeeldheid gespeel in ons siening van apartheid?
Wat is die plek van regstellende aksies en hoe moet ons daarop reageer?
Enige ander saak wat relevant mag wees.

Die voorgestelde datums van byeenkomste is 30 Julie, 13 en 27 Augustus, 10 en 24 September, 8 en 22 Oktober en 5 November. Elke byeenkoms sal ongeveer een uur duur van 7nm tot 8nm.

Ons **werkswyse** by hierdie byeenkomste sal wees om die tema vir die aand aan die orde te stel en dan die gesprek daarvolgens vry te laat loop. Lede van die groep sal vooraf ingelig word oor die tema vir die volgende geleentheid sodat hulle daaroor kan gaan nadink. Hulle is ook welkom om hulle gedagtes oor die onderwerp neer te skryf. Die volledige gesprek sal op band opgeneem word en later getranskribeer word. Die lede se toestemming sal gevra word om dit te kan gebruik.

Ek is seker dat as jy dit kan bywoon, jy 'n besondere bydrae sal kan lewer. Ek sal jou graag Donderdag-aand daar wil sien.

Groete

Leon M Foot

**Studiegroep: Hoe leef ons in die nuwe Suid Afrika?**

**Toestemming van mede-navorsers**

Ek het die inligtingstuk deurgelees en met die studieleier deurgepraat. Ek het op hierdie stadium nie verdere vrae oor die projek nie.

1. Ek verstaan en stem in dat ek vrywilliglik deel neem aan hierdie studieprojek en dat ek te enige tyd kan onttrek sonder benadeling.

2. Ek verstaan en stem in dat die gesprekke op band opgeneem en getranskribeer sal word.

3. Ek verstaan en stem in dat hierdie transkripsies die basis sal vorm van Leon M Foot se navorsing vir sy doktorale proefskrif.

4. Ek verstaan en stem in dat die transkripsies so aangepas sal word dat geeneen van die deelnemers geïdentifiseer sal kan word nie.

5. Ek gee my toestemming dat hierdie inligting gebruik mag word in enige toekomstige proefskrif of publikasie onderhewig aan punt 4 hierbo.

Geteken te Welkom op hierdie _____ dag van _____ 1998.

Handtekening: _____

Naam voluit: _____

## Verkorte biografieë van mede-navorsers

**Albert** is ’n 37-jarige getroude man. Leraar van ’n NG gemeente.

**Ben** is ’n 85-jarige wewenaar. Hy het vroeër die busdiens in Welkom bestuur.

**Charlie** het verkies om nie deel te neem aan die proses nie.

**Danie** is in 47-jarige senior tegnikus. Hy is getroud met Linda.

**Elsa** is ’n 48-jarige huisvrou. Sy is getroud met Frans.

**Frans** is ’n 51-jarige tegniese beampte. Hy dien op die stadsraad van Welkom en is getroud met Elsa.

**George** is ’n voorligting-sielkundige. Hy is ’n wewenaar en is 51 jaar oud.

**Hanlie** is ’n 54-jarige geskeide onderwyseres.

**Isak** is ’n 48-jarige getroude man. Hy is die adjunk-hoof by ’n tegniese kollege.

**Johan** is ’n maatskaplike werker in die mynbedryf. Hy is 45 jaar oud en getroud met Karin.

**Karin** is ook ’n maatskaplike werker. Sy is 42 jaar oud en getroud met Johan.

**Linda** is ook ’n maatskaplike werker. Sy is 45 jaar oud en getroud met Danie.

**Mike** is ’n elektriese ingenieur in die mynbedryf. Hy is 48 jaar oud en getroud met Naomi.

**Naomi** is ’n 37-jarige verpleegkundige. Sy is getroud met Mike.

**Peter** is ’n swart leraar van die NGKA.

**Quincy** is ’n swart man. Hy is ’n onafhanklike makelaar.

**Rose** is ’n onderwyseres in Afrikaans aan die plaaslike kleurlingskool.

**Steve** is ’n leraar van ’n onafhanklike kerk. Hy is ’n swart man.

THEOLOGY
TEOLOGIE
UFS·UV

**Departement Praktiese Teologie**
**Department of Practical Theology**
**Lefapha la Thutatshebetso**

**INGELIGTE TOESTEMMING: 'n Riglyndokument**

(14 Junie 2011)

'n Brief/vorm waarin ingeligte toestemming gegee word, is 'n regsdokument wat die Departement Praktiese Teologie en sy navorsers beskerm teen moontlike regsaksie na aanleiding van die verspreiding van navorsingsresultate.

Daar word van navorsers verwag om 'n gedragskode te onderskryf wat die regte van medenavorsers respekteer, kommunikasie in die navorsingsveld fasiliteer en geleenthede bied vir verdere navorsing.

Wanneer navorsingsprojekte onderneem word wat mense en die samelewing betrek, moet die navorser alle etiese kwessies noukeurig ondersoek. Die beginsels van etiese korrektheid waarop die meeste van hierdie riglyne gegrond is, vervat eenvoudige oorwegings van byvoorbeeld regverdigheid, eerlikheid en 'n openheid ten opsigte van voorneme. Geen persoon behoort gevra te word om aan enige navorsing deel te neem wat 'n gevoel van selfverguising, verleentheid of 'n skending van etiese of morele standaarde of beginsels tot gevolg het nie. Elke navorser moet aan die ondernemings voldoen wat aan medewerkers in die navorsing gemaak is met betrekking tot die navorsingstrewe. Geen navorsing moet ooit onderneem word in omstandighede waar die openbaarmaking van die oogmerke en doelstellings van die navorsing nie gedoen kan word nie – verkieslik skriftelik. Ook moet geen proefpersoon gelok word om aan enige navorsingsonderneming deel te neem sonder om volledig ingelig te wees oor wat deelname aan die projek sal behels en watter eise aan daardie proefpersoon gestel mag word nie.

✉ 339 Interne Posbus UV 93, Bloemfontein 9300 — 🕭 +27 (051)4013508
Prof Kobus Schoeman (Departementshoof) — ☎ +27 (051) 4012668 — schoemanw@ufs.ac.za
Prof Jan-Albert van den Berg — ☎ +27 (051) 4019066 — vdbergja@ufs.ac.za
Ds Martin Laubscher — ☎ +27 (051) 4012672 — laubscherm@ufs.ac.za
Ds Joseph Pali — ☎ +27 (051) 4017037 — palikj@ufs.ac.za
Me Annelize Dreyer (Sekretaresse) — ☎ +27 (051) 4013430 — dreyera@ufs.ac.za

**Voorgestelde inhoud: Brief/vorm waarin ingeligte toestemming gegee word**

'n Dokument waarin ingeligte toestemming gegee word, moet die volgende inligting bevat:

1. 'n **Opskrif**, wat die naam en adres van die departement en instelling, die navorser(s) se naam(e) en kontakbesonderhede moet insluit. (Dit moet op 'n briefhoof wees.)
2. **Titel** van die studie.
3. **Doel** van die studie.
4. **Prosedures**: verduideliking van die prosedures wat gevolg moet word en die oogmerke daarvan; die aard van aktiwiteite soos kliniese toetse en die invul van vraelyste; die tyd wat benodig word, die skedule van deelname; die duur van die studie, ens.
5. **Risiko's** en ongemak, bv. mediese risiko's; uitputting.
6. **Voordele**: enige persoonlike of samelewingsgewin. Dit sluit ook finansiële gewin of die gebrek daaraan in.
7. **Regte van deelnemers**: deelname is vrywillig; hulle mag te enige tyd van deelname aan die studie onttrek sonder negatiewe gevolge.
8. **Vertroulikheid**: die versekering dat alle inligting as vertroulik hanteer word; dat anonimiteit verseker word; dat die data vernietig sal word indien die proefpersoon sou onttrek. Alle persone wat toegang tot die navorsingsdata het, moet ook geïdentifiseer word.
9. Die proefpersoon (of in die geval van 'n minderjarige, die ouer/voog) se **reg van toegang tot die navorser** moet gevestig word, en die werkswyse moet duidelik uiteengesit word, ten einde duidelikheid oor enige kwessie te gee, sou enige onsekerheid ontstaan.

✉ 339 Interne Posbus UV 93, Bloemfontein 9300 — 🔔 +27 (051)4013508
Prof Kobus Schoeman (Departementshoof) — ☎ +27 (051) 4012668 — schoemanw@ufs.ac.za
Prof Jan-Albert van den Berg — ☎ +27 (051) 4019066 — vdbergja@ufs.ac.za
Ds Martin Laubscher — ☎ +27 (051) 4012672 — laubscherm@ufs.ac.za
Ds Joseph Pali — ☎ +27 (051) 4017037 — palikj@ufs.ac.za
Me Annelize Dreyer (Sekretaresse) — ☎ +27 (051) 4013430 — dreyera@ufs.ac.za

**Algemene riglyne**

Die brief/vorm waarin ingeligte toestemming gegee word:

- moet op 'n briefhoof wees
- moet in 'n styl of register geskryf wees wat duidelik, eenvoudig en ondubbelsinnig vir oningeligte persone is;
- moet geen verontskuldigende taal gebruik waardeur die proefpersoon gedwing word om van sy/haar wetlike regte afstand te doen of waar dit voorkom asof hy/sy van sy/haar regte afstand doen nie of om die instelling of navorser van aanspreeklikheid vir nalatigheid vry te stel nie;
- vereis die handtekening van die proefpersoon (of die ouer/voog in die geval van 'n minderjarige) en die van die navorser, asook die plek en die datum van ondertekening en dit moet deur die navorser geliasseer word;
- moet aan elke proefpersoon gegee word.

✉ 339 Interne Posbus UV 93, Bloemfontein 9300 🔔 +27 (051)4013508
Prof Kobus Schoeman (Departementshoof) ☎ +27 (051) 4012668 schoemanw@ufs.ac.za
Prof Jan-Albert van den Berg ☎ +27 (051) 4019066 vdbergja@ufs.ac.za
Ds Martin Laubscher ☎ +27 (051) 4012672 laubscherm@ufs.ac.za
Ds Joseph Pali ☎ +27 (051) 4017037 palikj@ufs.ac.za
Me Annelize Dreyer (Sekretaresse) ☎ +27 (051) 4013430 dreyera@ufs.ac.za

**Lewe na apartheid: Lidmate se narratiewe vanuit ’n longitudinale pastorale betrokkenheid**

## Opsomming

Hoe leef wit Afrikaanse Christene in die post-apartheid Suid-Afrika? Dit is die vraag wat in hierdie longitudinale navorsing ondersoek word. Die mede-navorsers is ’n groep wit lidmate van die NG Kerk Welkom-Suid wat oor ’n tydperk van veertien jaar (1998-2012) twee keer die geleentheid kry om hulle self-narratiewe te vertel. Die studie gebruik die onthullings voor die WVK as agtergrond waarteen die mede-navorsers hulle eie verhale kan vertel. Die temas wat prominent na vore kom is wit mense se siening van apartheid, skuld en skuldbelydenis, versoening en die rol van die Kerk. As gevolg van die narratiewe aard van die verslag word dit volgens die ABDCE-model aangebied.

Hoofstuk een is die verhaal van aksie. Dit vertel van die 1994 politieke oorgang en die daaropvolgende WVK. Die verslag word hier geplaas binne die praktiese teologie en wel binne ’n postmoderne paradigma. Die sosiale konstruksie diskoers word bespreek asook die metodologie wat gevolg word. Die metode wat gevolg is in die aanvanklike- en opvolgnavorsing, word verduidelik asook die oorsprong van die transkripsies wat as bylae aangeheg word.

Die tweede hoofstuk is ’n verhaal ter agtergrond en fokus op die agtergrond en oorsprong van apartheid soos gesien deur die mede-navorsers. Hierna word gekyk na die veertien jaar voor die opvolgnavorsing. Aan die hand van die woorde *onseker, ontnugter, opgewonde en oneerlik* word die mede-navorsers se sienings weergegee. Die posisie van die Kerk word ook in twee afdelings weergegee: eers die tydperk voor 1998 en dan wat sedertdien gebeur het. Laastens word twee modelle beskryf as lense waardeur die transformasieproses beskou kan word.

In hoofstuk drie (’n verhaal van ontwikkeling) kom die mede-navorsers baie meer direk aan die woord. Aan die hand van korter en langer uittreksels uit die transkripsies word elkeen se posisie beskryf. Die vraag word pertinent gevra na die kernprobleem van apartheid soos gesien deur wit oë. Die deelnemers reageer

dan ook op die onthullings voor die WVK. Vyf tipiese reaksies word beskryf. Laastens word daar weer na die rol van die Kerk gekyk tot op daardie tydstip.

Hoofstuk vier vertel ’n verhaal van ’n klimaks. Hier word geluister na die mede-navorsers in 2012. Dieselfde temas as in die vorige hoofstuk word hier aangeraak. Die deelnemers deel hulle menings oor die twee wêrelde waarin ons steeds leef in Suid-Afrika en die rassisme wat steeds deel van die daaglikse lewe is. Die kwessie van skuld oor apartheid, versoening en regstellende aksie word bespreek. Dieselfde sake word ook vanuit die oogpunt van die Kerk bekyk.

Die laaste hoofstuk vertel ’n verhaal van ’n einde. Eers word die impak van die WVK ondersoek. Die hart en die nalatenskap van apartheid word bespreek. Hierna word gefokus op die pad van skuld en versoening en die rol wat die Kerk daarin behoort te speel. Die bevrydende van vergifnis word uitgelig teenoor ’n verlammende skuldgevoel. Laastens word gekyk na die pad vorentoe vir wit Afrikaanse Christene in Suid-Afrika. Die uitdagings en die hoop word voorgehou.

In hierdie navorsing is gekyk hoe wit Afrikaanse Christene leef in post-apartheid Suid-Afrika. Die WVK is gebruik as alternatiewe verhaal van dit wat dikwels vanuit wit geledere voorgehou word. Die mede-navorsers toon min insig in wat apartheid aan swart mense gedoen het, en daarom is kwessies soos skuldbelydenis en regstellende aksie so kontroversieel.

**Living beyond apartheid: narratives of church members from a longitudinal pastoral involvement**

## Abstract

How do white Afrikaans Christians live in post-apartheid South Africa? This is the question that is investigated in this longitudinal research. The co-researchers are white members of the Dutch Reformed Church (Welkom South congregation). Over a period of fourteen years (1998-2012) they were twice given the opportunity to tell their self-narratives. The study uses the Trust and Reconciliation Commission's (TRC) revelations as a backdrop for their stories. The themes include white people's idea of apartheid, guilt and confession of guilt, reconciliation and the role of the church in all of these. The report is presented according to the ABDCE narrative research model.

Chapter one is a story of action. This tells of the 1994 political transition and the following TRC. The report is placed within practical theology and specifically in a postmodern paradigm. Social construction discourse is discussed as well as the methodology used. The method used in the initial and follow-up research is explained as well as the origin of the transcriptions that is included as attachments.

The second chapter is a story of the background and focuses on the background and origins of apartheid as seen through the eyes of the co-researchers. Then the fourteen years before the follow-up research is examined. The opinions of the co-researchers are given under the headings of uncertain, disillusioned, excited and dishonest. The role of the church are portrayed in two sections: first the period before 1998 and the time since 1998. Lastly two models are suggested as lenses through which transformation can be viewed.

In chapter three (a story of development) the co-researchers are given a bigger voice. With the use of longer and shorted extracts from the transcription the position of each is described. The pertinent question is how they viewed apartheid through their white eyes. The co-researchers then react to the TRC disclosures.

Five typical reactions are described. In the final part of the chapter the role of the church up to that stage is discussed.

Chapter four is a story of a climax. Here we hear the co-researchers in 2012. The same themes as in the previous chapter are discussed. The participants give their opinion regarding the two worlds we still live in as well as the racism that is still part of their daily lives. Guilt, reconciliation and affirmative action is discussed. The same themes are the discussed from a church point of view.

The last chapter is a story of an ending. First the impact of the TRC is discussed. The focus then falls on the heart and legacy of apartheid. Then the path of guilt and reconciliation and the role the church need to play, is examined. The liberating forgiveness is highlighted in contrast to the paralysing guilt that many seems to have. The chapter ends with a look at the road ahead for white Afrikaans Christians. The hope and the challenges are presented.

This research looked at how white Afrikaans Christians live in post-apartheid South Africa. The TRC is used as an alternative story to the one usually told by white people. The co-researched unfortunately show little insight into the effects apartheid had on black people and therefore issues of guilt, confession and affirmative action remains controversial.

**Kernwoorde**

Apartheid

Longitudinaal

Narratief

Nederduitse Gereformeerde Kerk

NG Kerk

Rassisme

Skuld

Versoening

Welkom, Vrystaat

Wit

WVK

**Key words**

Apartheid

DRC

Dutch Reformed Church

Guilt

Longitudinal

Narrative

Racism

Reconciliation

TRC

Welkom, Free State

White